BLOEMFONTEIN GEDURENDE DIE BEWIND VAN PRESIDENT F.W. REITZ, 1889-1895: ’N KULTUURHISTORIESE STUDIE

deur

SUSANNA MARIANNA BOTES

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Geskiedenis

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof. A. Wessels, UV

Mede-promotor: Prof. O.J.O. Ferreira, UP

Januarie 2014

VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die kwalifikasie Philosophiae Doctor aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir ’n graad aan ’n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

31 Januarie 2014

S.M. Botes

Datum

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord xiv
Lys van illustrasies xxiv

HOOFSTUK 1
DIE KULTUURBODEM, STAATKUNDIGE
EN EKONOMIESE KONTEKS

1. Inleiding 1
2. Bloemfontein as kultuurbodem 13
2.1 Kultuurbodem 13
2.2 Topografie 13
2.3 Klimaat 15
2.4 Plantegroei en dierelewe 17
2.5 Bloemfontein as gesondheidsoord 19
3. Die staatkundige konteks 21
3.1 Staat en regering 21
3.2 Reitz se eerste ampstermyn, 1889-1893 24
3.2.1 Reitz se verkiesing tot staatspresident 24
3.2.2 Politieke en ekonomiese gebeure tydens Reitz se eerste ampstermyn 25
3.3 Reitz se tweede ampstermyn, 1894-1895 28
3.3.1 Reitz tot staatspresident herkies 28
3.3.2 ’n Reis na Europa 29
3.3.3 Reitz se siekte en bedanking 29
3.4 Munisipale / Plaaslike regering 31
3.5 Polisiediens 31
3.5.1 Staats- en munisipale polisie 31
3.5.2 “Rijdende Dienstmacht” 35
3.6 Regspleging en howe 36
3.7 Gevangenisdiens, strawwe en teregstellings 38

3.8 Militêre mag 42
3.8.1 Burgermagte en wapenskoue 43
3.8.2 Vrystaatse artillerie 46
3.8.3 President Brand Rifles 50
3.9 Die ekonomiese konteks 51
3.9.1 Handelsaktiwiteite 51
3.9.2 Die mark 55
3.9.3 Bloemfontein se sakesentrum 57
3.9.4 Winkels en ander sake-ondernemings 57
3.9.5 Banke 60
3.9.6 Ander finansiële instellings 61
3.9.6.1 Die Bloemfonteinse Eksekuteurskamer 61
3.9.6.2 Die Vrystaatse Kamer van Koophandel 62
3.9.7 Afslaers 62
3.9.8 Bedrywe en ambagte 62
3.9.8.1 Haar- en skeersalonne 62
3.9.8.2 Boubedryf 63
3.9.8.3 Klere- en modebedryf 63
3.9.8.4 Voedselbedryf 64
3.9.8.5 Vervoerbedryf 64
3.9.8.6 Ander bedrywe 64
3.9.9 Nywerhede 65
3.9.10 Versekeringsmaatskappye 66
4. Slot 66

HOOFSTUK 2
DIE KULTUURGROEPE VAN BLOEMFONTEIN EN HULLE BYDRAE TOT DIE STAD SE ONTWIKKELING

1. Inleiding 68
2. Bevolkingsgetalle en verspreiding 69
3. Die verskillende kultuurgroepe 72
3.1 Blankes 72
3.1.1 Afrikaners 72

3.1.2 Duitsers 76
3.1.3 Engelssprekendes 82
3.1.4 Jode 88
3.1.5 Nederlanders 93
3.1.6 Kleiner blanke kultuurgroepe 99
3.2 Nie-blankes 100
3.2.1 Bruin mense 110
3.2.2 Indiërs 112
3.2.3 Swart mense 120
4. Die verhouding tussen die kultuurgroepe 127
4.1 Verhouding tussen die verskillende wit kultuurgroepe 127
4.2 Die taalkwessie 128
4.3 Verhouding tussen blankes en nie-blankes 132
5. Die ontwikkelingsvlak en karakter van die inwoners 135
6. Slot 137

HOOFSTUK 3
DAAGLIKSE LEWENSWYSE VAN DIE INWONERS VAN BLOEMFONTEIN

1. Inleiding 139
2. Kleredrag, mode en bykomstighede 141
2.1 Mans- en seunsdrag 141
2.2 Dames- en dogtersdrag 146
2.3 Nie-blankes se kleredrag 151
3. Huisinrigting, meublement en gebruiksvoorwerpe 154
3.1 Inleiding 154
3.2 Stylkenmerke van interieurs in die Laat-Victoriaanse tydperk 155
3.3 Interieurs van Bloemfontein in die 1890's 159
3.3.1 Ingangsportaal 163
3.3.2 Sitkamer 164
3.3.3 Woonkamer 168
3.3.4 Eetkamer 169
3.3.5 Slaapkamers 171

3.3.6 Biljartkamer 173
3.3.7 Studeerkamer 174
3.3.8 Kombuis 175
3.3.9 Huisinrigting van ander kultuurgroepe 176
4. Eetgewoontes en tabakgebruik 177
4.1 Dinees en onthale 177
4.2 Voedsel en gebak 179
4.3 Drank 184
4.4 Tabak en sigarette 187
5. Huishoudelike en alledaagse lewe 189
6. Tradisies en gebruike 196
6.1 Huweliksgebruike 196
6.2 Begrafnisgebruike 204
6.3 Ander tradisies en gebruike 211
7. Maatskaplike probleme 213
7.1 Verstedeliking 213
7.2 Armoede 213
7.3 Oorbevolking en plakkers 215
7.4 Boemelaars 216
7.5 Drank- en dwelmmisbruik 217
7.6 Selfmoord en poging tot selfmoord 220
7.7 Sedelike verval 221
7.7.1 Onsedelikheid en prostitusie 221
7.7.2 Sabbatsontheiliging 222
7.7.3 Dobbelary 222
8. Misdaad 223
9. Gesondheidstoestande, siektes en sterftes 230
9.1 Gesondheidstoestande in Bloemfontein 230
9.2 Siektes en epidemies 231
9.2.1 Ingewandskoors 232
9.2.2 Verkoue, griep en longinfeksies 233
9.2.3 Hartsiektes 233
9.2.4 Kranksinnigheid 233
9.2.5 Melaatsheid 234

9.2.6 Pokke 237
9.2.7 Tering 238
9.2.8 Witseerkeel 239
9.2.9 Ander siektes 240
9.3 Sterftes 241
10. Slot 243

HOOFSTUK 4
BLOEMFONTEIN AS STOFLIKE KULTUURMILIEU

1. Inleiding 249
2. Dorpsuitleg en verbeteringe 250
2.1 Dorpsgrense en -ingange 250
2.2 Dorpsmeent en dorpsgrond 254
2.3 Openbare ontspanningsterrein 254
2.4 Ander sportterreine 255
2.5 Pleine 256
2.6 Begraafplase 258
3. Watervoorsiening 261
3.1 Inleiding 261
3.2 Fonteine en watervore 261
3.3 Spruite 263
3.4 Waterputte en boorgate 266
3.5 Reënwater-tenks 267
3.6 Damme 268
3.7 Waterskema 270
3.8 Swembaddens 272
4. Groen areas 274
4.1 Heuwels 274
4.2 Parke en openbare tuine 275
4.3 Tuine 277
4.4 Wilde bome en boomaanplanting 283
5. Verkeersweë en vervoer 286
5.1 Strate en paaie 286

5.1.1 Strate 286
5.1.2 Straatbeligting 288
5.1.3 Sypaadjies 289
5.1.4 Driwwe en brûe 290
5.1.5 Paaie 293
5.2 Vervoermiddele 294
5.2.1 Inleiding 294
5.2.2 Perde 295
5.2.3 Openbare vervoer 295
5.2.3.1 Poskarre en poskoetse 295
5.2.3.2 Huurrytuie of kebs 297
5.2.3.3 Ander openbare vervoer 298
5.2.4 Rytuie 299
5.2.4.1 Pres. Reitz se amptelike rytuig 300
5.2.4.2 Karre 301
5.2.4.3 Waens 301
5.2.4.4 Die phaeton-familie 302
5.2.4.5 Private koetse 303
5.2.5 Fietse 304
5.2.6 Spoorwegontwikkeling en treine 305
5.2.7 Vervoermiddele van swart mense 307
5.3 Verkeerstoestande 308
5.3.1 Verkeerstoename en probleme 308
5.3.2 Verkeersregulasies 309
5.3.3 “Woest rijden” 309
5.3.4 Ongelukke 310
6. Sanitasie 312
7. Elektrisiteitsvoorsiening 315
8. Brandbestryding 315
9. Kommunikasiewese 316
9.1 Posdiens 316
9.2 Telegraafdiens 320
9.3 Telefoondiens 321

10. Mediese dienste 322
10.1 Gesondheidsorg 322
10.2 Mediese praktisyns 324
10.2.1 Geneeshere 324
10.2.2 Tandartse 325
10.2.3 Verpleegsters 326
10.2.4 Aptekers 327
10.3 Genees- en skoonheidsmiddels 328
10.4 Hospitale 333
10.4.1 St. George's Cottage-hospitaal 333
10.4.2 Melaatse inrigting 335
10.4.3 Sielsiekehospitaal 336
10.4.4 Volkshospitaal 338
11. Woongebiede, akkommodasie en verblyf 340
11.1 Blanke woonbuurte en huise 340
11.2 Hotelle en losieshuise 346
11.3 Nie-blanke woonbuurte 348
11.3.1 Waaihoek 350
11.3.2 Kafferfontein 353
11.3.3 Huise en hutte 354
12. Argitektuur, geboue en gedenktekens 356
12.1 Inleiding 356
12.2 Boumateriaal 358
12.3 Nuwe geboue tydens die Reitz-tydperk 359
12.3.1 Regerings-, munisipale en openbare geboue 359
12.3.1.1 Spoorwegstasiegebou 359
12.3.1.2 Poskantoorgebou 360
12.3.1.3 Polisiekantoor 362
12.3.1.4 Vierde Raadsaal 363
12.3.1.5 Nuwe gevangenis 367
12.3.2 Kerkgeboue 370
12.3.2.1 Baptiste-kerkgebou 370
12.3.2.2 NG-sendingkerk, Waaihoek 371
12.3.2.3 St. Philip-kerk, Waaihoek 371

12.3.2.4 St. Patrick-kerk, Waaihoek 372
12.3.3 Skoolgeboue 374
12.3.3.1 'Upper House' van Damesinstituut (Eunice) 374
12.3.3.2 Grey-kollegegebou 375
12.3.3.3 St. Margaret-skool 377
12.3.3.4 Goeie Herder- en St. Philip-skool 378
12.3.3.5 St. Joseph-skool 378
12.3.4 Klubgeboue 378
12.3.4.1 Bloemfontein-klub 378
12.3.4.2 Spoorweginstituut 379
12.3.5 Hospitaalgeboue 380
12.3.5.1 Volkshospitaal 380
12.3.5.2 Melaatse-hospitaal 381
12.3.6 Militêre geboue 382
12.3.6.1 Fort 382
12.3.7 Handelsgeboue 383
12.3.7.1 Marksaal 384
12.3.7.2 Mutualgebou 385
12.4 Geboue verander en vergroot tydens die Reitz-tydperk 386
12.5 Monumente en gedenktekens 389
12.5.1 Grafsteen van pres. Brand 389
12.5.2 Standbeeld van pres. Brand 390
12.5.3 Marmerkruise as gedenktekens 391
13. Slot 391

HOOFSTUK 5
BLOEMFONTEIN AS GEESTELIKE KULTUURTUISTE

1. Inleiding 394
2. Godsdiens en kerke 394
2.1 NG Kerk 398
2.2 Anglikaanse Kerk 400
2.3 Wesleyaanse Metodiste Kerk 405
2.4 Rooms-Katolieke Kerk 407

2.5 Lutherse Kerk 409
2.6 Baptiste Kerk 410
2.7 Heilsleër 410
2.8 Joodse gemeente 412
2.9 Ander kerkgenootskappe en godsdienste 413
3. Onderwys en opvoeding 414
3.1 Blanke onderwys 414
3.1.1 Taalkwessie in die onderwys 419
3.1.2 Tegniese onderwys 421
3.1.3 Musiekonderrig 422
3.1.4 Openbare eksamens 423
3.1.5 Skole 425
3.1.5.1 Grey-kollege 425
3.1.5.2 Damesinstituut Eunice 427
3.1.5.3 St. Andrew-kollege 429
3.1.5.4 St. Michael-skool 430
3.1.5.5 Greenhill-kloosterskool 431
3.1.5.6 Elizabethstraat-skool 432
3.1.5.7 Bewaarskool 433
3.1.5.8 Skool vir behoeftige kinders 434
3.1.5.9 St. Margaret-spoorwegskool 434
3.1.5.10 Artillerieskool 435
3.2 Onderwys vir bruin en swart mense 435
3.2.1 St. Gabriel en Cathedral Day School 437
3.2.2 Skole van die St. Patrick-sending vir swart mense 437
3.2.3 Goeie Herder- en St. Philip-skool 438
3.2.4 Industriële skool vir swart dogters 439
4. Kulturele instellings 439
4.1 Nasionale Museum 439
4.2 Openbare biblioteek 442
5. Pers en koerantwese 444
5.1 *The Friend of the Free State and Bloem Fontein Gazette* 445
5.2 *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad* 446
5.3 *De Burger* 446

5.4 Verhouding tussen die onderskeie koerante 447
5.5 Tydskrifte 448
6. Organisasies 448
6.1 Bloemfontein Benevolent Society 448
6.2 Orde van St. John 449
6.3 Boys' Brigade 450
6.4 Landbougenootskap 451
6.5 Spoorweginstituut 453
6.6 Vrymesselaars 453
6.7 Matigheids- of afskaffersverenigings 455
6.7.1 International Order of Good Templars (IOGT) 455
6.7.2 Independent Order of Rechabites 457
6.7.3 Matigheidsverbond 456
6.7.4 Church Temperance Society 458
6.7.5 World's Woman's Christian Temperance Union 459
6.7.6 Wesleyan Band of Hope 459
6.8 Onderlinge hulporganisasies 460
6.8.1 Independent Order of Oddfellows 460
6.8.2 Royal Antediluvian Order of Buffaloes (RAOB) 460
7. Georganiseerde kultuur en vryetydsbesteding 461
7.1 Sosiale omgang en onthale 461
7.1.1 Inleiding 461
7.1.2 Afskeidsgeselligheide 464
7.1.3 Verwelkoming en afskeid van die president en ander belangrike besoekers 465
7.1.4 Vertrek van die aandtrein 466
7.1.5 Besoekers 467
7.1.6 Onthale en dinees 468
7.1.7 Danse en bals 470
7.2 Feesdae, gedenkdae en feesgeleenthede 471
7.2.1 Godsdienstige feesdae 472
7.2.1.1 Christelike feesdae 472
7.2.1.1.1 Kersfees 472
7.2.1.1.2 Paasfees en Hemelvaart 473

7.2.1.2 Joodse feesdae 474
7.2.1.2.1 Rosh Hashanah (Joodse Nuwejaar) 474
7.2.1.2.2 Yom Kippur (Groot Versoendag) 474
7.2.1.2.3 Sukkot (Loofhuttefees) 475
7.2.2 Vrystaatse feesdae 475
7.2.2.1 Inhuldiging van die president 475
7.2.2.2 Pres. Reitz se verjaardag 477
7.2.2.3 Herdenking van pres. Brand se dood 478
7.2.2.4 Opening van die eerste spoorlyn 478
7.2.2.5 Vrystaatse Onafhanklikheidsdag 481
7.2.3 Kulturele feesdae 483
7.2.3.1 Geloftedag (Dingaansdag) 483
7.2.3.2 St. Andrew-dag 484
7.2.3.3 St. Patrick-dag 484
7.2.3.4 Ander kulturele feesdae 484
7.2.4 Ander feesdae 485
7.2.4.1 Nuwejaarsdag 485
7.2.4.2 Pres. Kruger se verjaardag 486
7.2.4.3 Guy Fawkes-dag 486
7.3 Sport en ontspanning 487
7.3.1 Sport 487
7.3.1.1 Atletiek 488
7.3.1.2 Biljart 489
7.3.1.3 Fietsry 490
7.3.1.4 Gholf 490
7.3.1.5 Krieket 491
7.3.1.6 Perdewedrenne 492
7.3.1.7 Rugby 494
7.3.1.8 Skyfskiet 495
7.3.1.9 Sokker 496
7.3.1.10 Stapbyeenkomste 497
7.3.1.11 Tennis 497
7.3.1.12 Swem 499
7.3.1.13 Ander sportsoorte 500

7.3.2 Klubs 501
7.3.2.1 Bloemfontein-klub 501
7.3.2.2 Duitse klub 502
7.3.2.3 Working Men's Club 502
7.3.2.4 Spoorweginstituut 503
7.3.2.5 St. George-klub 503
7.3.3 Ontspanning en tydverdrywe 504
7.3.3.1 Pieknieks 504
7.3.3.2 Rolskaats 505
7.3.3.3 Ander ontspanning en tydverdrywe 506
7.4 Kuns en vermaak 507
7.4.1 Algemene vermaak 508
7.4.1.1 Basaars en kermisse 508
7.4.1.2 Besoekende vermaakkunstenaars 508
7.4.1.3 Landboutentoonstelling 509
7.4.1.4 Ander uitstallings, tentoonstellings en vertonings 510
7.4.2 Kultuur-, kuns- en musiekverenigings 511
7.4.2.1 Caledonian Society 511
7.4.2.2 Toneelverenigings 512
7.4.2.3 Koorvereniging 512
7.4.2.4 Literary and Scientific Society 513
7.4.2.5 OFS Fine and Industrial Arts Society 513
7.4.2.6 Young Men's Literary Society 514
7.4.2.7 Orkesvereniging en ander orkeste 515
7.4.2.7.1 Orkesvereniging 516
7.4.2.7.2 Ander orkeste 516
7.4.3 Lesings en debatte 517
7.4.4 Toneelopvoerings en ander vertonings 518
7.4.4.1 Plaaslike amateurtoneelopvoerings 518
7.4.4.2 Besoekende toneelgeselskappe 519
7.4.4.3 Besoekende sirkusse 520

7.4.5 Musiekuitvoerings en konserte 520
7.4.5.1 Musiekuitvoerings en konserte deur plaaslike kunstenaars 521
7.4.5.2 Musiekuitvoerings deur besoekende sangers en musikante 522
7.4.5.3 Skoolkonserte en verskeidenheidskonserte 525
8. Slot 527

HOOFSTUK 6
SLOTPERSPEKTIEWE 530

Bronnelys 550
Opsomming 607
Summary 609

VOORWOORD

Francis William Reitz (1844-1934) was vanaf 10 Januarie 1889 tot 11 Desember 1895 die vyfde staatspresident van die Boererepubliek Oranje-Vrystaat (OVS). Hierdie proefskrif handel oor die tydperk in die Vrystaatse hoofstad vanaf 1889 tot en met die bedanking van Reitz aan die einde van 1895. Dit bied ’n omvattende, holistiese beeld van die Bloemfonteinse gemeenskap gedurende die Reitz-tydperk, ontleed die lewenswyse van die inwoners en gee ’n nuwe kyk op die samelewing van destyds deur die rol van wit, swart en bruin mense te verreken. Die proefskrif handel dus nie oor die persoon van F.W. Reitz[1] en sy rol as staatspresident nie, maar laat die klem val op Bloemfontein en die inwoners van dié stad tydens die bewindstydperk van Reitz. Dit gaan hier in die eerste plek oor die kultuurlewe en lewenswyse van die gewone inwoners en daarom word nie so sterk op politieke gebeure gekonsentreer nie. Die verhouding en interaksie tussen die verskillende kultuurgroepe in Bloemfontein word ook ontleed.

Die woord “kultuur” is afgelei van die Latynse woord *colere*, wat beteken bebouing en bewerking van die aarde om dit vir die mens diensbaar te maak. Mettertyd is die betekenis van hierdie begrip verruim tot *cultura animi*, dit wil sê die bewerking en verdeling van die menslike gees.[2] Daar bestaan verskillende definisies van kultuur, maar kortliks kan dit soos volg saamgevat word: Kultuur is ’n omvattende begrip, wat in ’n mindere of meerdere mate elke aspek van die mens se bedrywighede omvat. Kultuur omvat alles wat tot die natuur bygevoeg word – dus alles wat deur die mens self tot stand gebring of uit die natuur omvorm is. Kultuur omvat die waardes, norme, verbande, instellings en ander stoflike en geestelike skeppinge van ’n betrokke gemeenskap en behels dus die totale lewenswyse en skeppinge van ’n gemeenskap.[3]

---

1 Daar is reeds ’n volledige studie oor die persoon van pres. F.W. Reitz gedoen. Kyk J.C. Moll, “Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 36. Pretoria: Die Staatsdrukker, 1978.

2 P.G. Nel, C. Pretorius en O.J.O. Ferreira, “Kultuurgeskiedenis as wetenskap”, *Handhaaf* 19(2), November 1981, p. 7; D.A. van der Bank, *Die stryd om die behoud van die identiteit van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie, 1902-1910* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Junie 1993), p. 1.

3 P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die Afrikaner: die verhaal van ons volkskunde*, p. 6; M.J. Swart, “Wese van kultuur met besondere verwysing na die Afrikaner”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 1(4), Desember 1987, p. 338. Vergelyk ook P.J. Coertze (red.), *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p. 56 en P.W. Grobbelaar, “Dit is Kultuurgeskiedenis”, *Die Kultuurhistorikus* 5(1), 1990, p. 54.

Kultuurkomponente kan in geestelike en stoflike of materiële kultuur ingedeel word. In hierdie studie word die term stoflike kultuur gebruik. Met geestelik word bedoel nie-tasbaar en met stoflik word bedoel tasbaar. Ofskoon die stoflike kultuurproduk nooit geskei kan word van die geestelike proses waardeur dit tot stand gekom het nie, kan daar tog ’n onderskeid getref word tussen produkte wat tasbaar en nie-tasbaar is. Nietemin is dit uiters belangrik om die verband tussen die geestelike en stoflike kultuur te beklemtoon.[4] Hierdie studie beoog om stoflike en geestelike kultuurelemente in die Bloemfontein-gemeenskap van die tydperk 1889 tot 1895 na te vors, terwyl die verbande tussen die verskillende kultuurkomponente nie uit die oog verloor word nie.

In die verlede is Kultuurgeskiedenis as vak op die meer “verhewe” kultuuruitinge soos kuns en wetenskap toegespits, maar deur middel van die moderne, ruimer begrip van kultuur is die domein van Kultuurgeskiedenis verbreed om die studie van alle menslike aktiwiteite en lewenswyses in te sluit.[5] Net soos die hedendaagse begrip van kultuur, is Kultuurgeskiedenis ’n omvattende vakdissipline – die vergestalting van die mens se totale leefwêreld, en is dit kompleks en kaleidoskopies van aard. Dit is dus ’n vakgebied wat in ’n mindere of meerdere mate elke aspek van die mens se lewenswyse en bedrywighede beskryf, ontleed of aanraak.[6] Kultuurgeskiedenis ondersoek nie die verskillende kultuurkomponente of -verskynsels ter wille van hulleself nie, maar probeer juis om die verband tussen die onderskeie kultuurkomponente binne ’n bepaalde kultuurperiode te ondersoek.[7] Die doel met die skryf van Kultuurgeskiedenis is in die eerste plek om ’n integrale beeld van ’n bepaalde kultuurperiode te gee, dit wil sê uiteenlopende verskynsels of kultuurkomponente in ’n samehangende verband saam te voeg. Ware Kultuurgeskiedenis moet die lewensvorme, skeppinge, kuns en denke van ’n bepaalde kultuurtydperk bevat. Kultuuruitinge moet dus in konteks bestudeer word.[8]

Die breë teoretiese benadering waarbinne die navorsing vir hierdie studie gedoen word, is prof. Matilda Burden se metodologiese model vir Kultuurgeskiedenis soos uiteengesit in ’n

---

4 M. Burden, “Die metodologie van Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), November 2000, p. 20; P.S. Dreyer, “Verband tussen geestelike en stoflike kultuur”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 1(1), Maart 1987, pp. 1-4.

5 O.J.O. Ferreira, “Kultuurgeskiedenis by ’n kruispad”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 11(2), November 1997, p. 117; P. Burke, *What is Cultural History?*, pp. 2-3, 7-9, 29.

6 A. Wessels, “Vervoer: ’n dinamiese kultuurverskynsel”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 12(1), Mei 1998, p. 98.

7 J. Romein, *In de hof der historie: kleine encyclopaedie der Theoretische Geschiedenis*, p. 119; P.G. Nel, “Kultuurgeskiedenis as wetenskap”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(1), Januarie 1984, p. 4.

8 Nel, p. 4; Ferreira, pp. 117-120. Vergelyk ook J.M. Kirsten, “Verskuiwinge in die eietydse kultuurbegrip”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(1), Januarie 1985, p. 5.

belangwekkende artikel van haar wat in die jaar 2000 gepubliseer is.[9] Dit moet in samehang met haar opvolgartikel oor ’n klassifikasiestelsel vir Kultuurgeskiedenis gesien word waarin sy die AB-as van die model verder ontleed.[10] Volgens Burden is “die model ’n driedimensionele voorstelling van die vlakke of dimensies waarbinne Kultuurgeskiedenis funksioneer”.[11]



Figuur 1: Skematiese voorstelling van Burden se model vir Kultuurgeskiedenis. Uit M. Burden, “Die metodologie van Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), November 2000, p. 21.

---

9 M. Burden, “Die metodologie van Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), November 2000, pp. 13-30.

10 M. Burden en B. Ekermans, “ ’n Klassifikasiestelsel vir Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 15(2), November 2001, pp. 21-40.

11 *Ibid*., p. 20.

Bogenoemde model kan soos volg kortliks opgesom word:

- Die model bestaan uit drie asse wat mekaar reghoekig sny. Die onderskeie asse word deur ’n sirkel omring sodat die geheel ’n bal vorm. Buite-om hierdie sirkel verskyn nog twee sirkels wat die natuurlike en bonatuurlike omgewing voorstel.
- Die vertikale as word die AB-as genoem met die geestelike of nie-tasbare kultuur by punt A en die stoflike of tasbare kultuur by punt B aan die onderste punt van die as. Die as wat punte A en B verbind beklemtoon die verband tussen geestelike en stoflike kultuur.
- Die horisontale CD-as beeld die verskillende vlakke uit waarop kultuur geskep kan word, met punt C as verteenwoordigend van die patrisiër- of formele kultuur, terwyl D na volks- of informele kultuur verwys, met verskeie vlakke tussenin. Volgens Burden en Grobbelaar word volks- of informele kultuur nie noodwendig aan ’n bepaalde groep gekoppel nie, maar verwys dit eerder na enige persoon of groep wat kultuur skep op terreine waarin hulle nie akademies opgelei is nie. Patrisiër- of formele kultuur daarenteen verwys na kultuur wat deur akademies-opgeleide persone in hulle vakgebied geskep word, byvoorbeeld ’n opgeleide musikus of argitek.[12]
- Die skuins EF-as in bogenoemde model gee diepte en is ’n tydsas met tradisionele en eietydse kultuur as pole. Tradisionele kultuur verwys na iets wat reeds as tradisie gevestig is, terwyl eietydse kultuur na hedendaagse kultuur verwys; dit wil sê, dít wat nog nie as tradisie erken en gevestig is nie.
- Die twee sirkels of sfere wat met stippellyne rondom die bal van die model aangebring is, dui die natuurlike en die bonatuurlike omgewing aan. Dit omhul die model, omdat dié twee nie-mensgemaakte dimensies kultuur in sy totaliteit beïnvloed en ’n invloed op die skep van kultuur en kultuurprodukte uitoefen. Soos Burden dit stel: “Die natuurlike omgewing en die bonatuur is die verwysingsraamwerk van die mens waarbinne hy dink, leef en skep.”[13]

Net soos bogenoemde model stoflike en geestelike kultuurelemente ter wille van bruikbaarheid en handigheid van mekaar skei, word Bloemfontein as stoflike kultuurmilieu en as geestelike kultuurtuiste in hierdie studie ter wille van die hantering van kultuurelemente en leesbaarheid in twee afsonderlike, opeenvolgende hoofstukke (hoofstukke 4 en 5) bespreek, terwyl die wisselwerking en eenheid van die stoflike en die geestelike nie uit die oog verloor word nie.

---

12 P. W. Grobbelaar, *Volkslewe van die Afrikaner*, p. 23; Burden, pp. 23-24.
13 Burden, p. 26.

Trouens, die verband tussen stoflike en geestelike kultuurelemente het juis daartoe gelei dat dit soms noodsaaklik was om sekere sake in meer as een hoofstuk te herhaal. Daar is egter deurgaans teen onnodige herhaling gewaak en waar dit wel onvermydelik was, is daar vooraf, met behulp van ’n volledige studieraamwerk, besluit in watter hoofstuk die onderwerp in meer detail bespreek sou word, terwyl die onderwerp in ander hoofstukke slegs weer genoem word. Kyk ook die kruisverwysings in hierdie verband.

Wanneer daar na bogenoemde model van Burden gekyk word, blyk dit dus dat hierdie proefskrif ook daarna streef om verbande tussen die verskillende kultuurelemente te lê, aangesien daar nooit ’n waterdigte skeiding tussen stoflike en geestelike kultuurkomponente en -dimensies kan wees nie. Dit ondersoek ook die samehang van kultuurhistoriese elemente binne ’n afgebakende periode, naamlik die Reitz-tydperk, 1889 tot 1895. Kultuurelemente word dus in breër verband geplaas wat belangrik is om ’n geheelbeeld van ’n tydperk te verkry.[14] Die aanbieding van die studie is tematies-chronologies, dit wil sê die gegewens is volgens temas georden, maar die chronologie binne die temas is ook nie uit die oog verloor nie.

Soos aangedui, word hierdie studie afgebaken tot die regeringstyd van pres. F.W. Reitz. Tydens sy bewind het veral twee groot historiese gebeurtenisse ’n belangrike invloed op Bloemfontein en die inwoners van dié hoofstad gehad, naamlik die aanlê van ’n spoorlyn deur die OVS wat tot verskeie veranderinge gelei en ook die bevolkingsamestelling en lewenswyse van die inwoners ingrypend beïnvloed het, asook die aanvaarding van die ordonnansie wat bepaal het dat geen Indiërs of ander Asiërs hulle permanent in die OVS kon vestig om handel te dryf of te boer nie.

Met bogenoemde ontwikkelinge in ag genome en uitgaande van die standpunt dat kultuur nie losgemaak kan word van die politieke, ekonomiese en maatskaplike bestel nie, streef die studie onder meer om die volgende vrae te beantwoord:

- Watter invloed het die koms van die spoorlyn op die ontwikkeling van Bloemfontein en die lewenswyse van die inwoners van die Vrystaatse hoofstad gehad?
- Het die lewenswyse, waardes en norme van die inwoners gedurende die tydperk verander en indien wel, hoe het dit verander en watter faktore het dit teweeggebring?
- Hoe vergelyk die verskillende kultuurgroepe se lewensomstandighede en lewenswyse gedurende die tydperk?

---

[14] O.J.O. Ferreira, “Taak van die kultuurhistorikus”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 2(2), April 1988, pp. 97-98.

- Wat was die verhouding tussen die verskillende kultuurgroepe?
- Hoe het bogenoemde ordonnansie oor die Indiërs die belange van die gevestigde Indiërs in Bloemfontein geraak en watter gevolge sou dit vir die toekoms inhou?
- Het Bloemfontein as stoflike kultuurmilieu en geestelike kultuurtuiste voldoen aan die vereistes van die hoofstad se inwoners?

Hierdie is nie suiwer stads- of streeksgeskiedenis nie, hoewel dit raakpunte met dorps- of stadsgeskiedenis het. Dit is in die eerste plek ’n kultuurhistoriese studie van ’n afgebakende tydperk in Bloemfontein en konsentreer dus op ander terreine as stads- of streeksgeskiedenis. Aangesien die studie kultuurhistories van aard is, beweeg dit verder op ’n heel ander vlak as net die politieke en staatkundige.

Hoewel sekere aspekte van hierdie proefskrif in verskeie boeke, publikasies, artikels, brosjures, verhandelinge en proefskrifte aangeraak en bespreek is, is daar nog nie ’n omvattende, kultuurhistoriese studie van die betrokke tydperk gedoen nie. Die bekende skrywer Karel Schoeman het ’n hoofstuk van 37 bladsye aan die Laatrepublikeinse tydperk (1890-1899) in sy bekende boek oor Bloemfontein[15] gewy, maar alle kultuurhistoriese elemente is nie sistematies en georden beskryf nie. A.R. Badenhorst het ’n studie oor Bloemfontein tydens die vroeë Brand-tydperk (1864-1871) gedoen,[16] terwyl A.C. Groenewald ’n M.A.-verhandeling oor Bloemfontein tydens die Steyn-tydperk (1897-1899) geskryf het.[17]

Hierdie proefskrif oor Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk is gebaseer op navorsing uit tydgenootlike koerante, argivale navorsing en ’n literatuurstudie. Tydgenootlike koerante, soos *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette*, *De Burger – Een Onafhankelijk Oranje Vrijstaatsch Nieuwsblad* en *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad*, was uiters belangrike bronne omdat dit die daaglikse lewe in Bloemfontein beskryf en waardevolle inligting oor feitlik elke aspek van die lewe in die Vrystaatse hoofstad uit die Reitz-tydperk bevat. Veral *The Friend*, wat reeds in 1850 tot stand gekom het, is ’n goudmyn van inligting. *De Burger* het net vanaf 1894 bestaan, terwyl *De Express* ’n weeklikse koerant was, maar ook ’n dagblad in die vorm van *The Daily News* en later *The Daily Express* uitgegee het. Terwyl die

---

15 K. Schoeman, *Bloemfontein: die ontstaan van ’n stad, 1846-1946*, pp. 113-150.

16 A.R. Badenhorst, “Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871”, *Memoirs van die Nasionale Museum* 12, April 1979.

17 A.C. Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Mei 1989.

weeklikse uitgawe van *De Express* veral vir plattelandse lesers bedoel was, was die dagblaaie meer op Bloemfontein self gemik. Dikwels is berigte wat in die dagblaaie voorgekom het, woordeliks in die weeklikse *De Express* herhaal.

Vanselfsprekend is argivale bronne ook vir ’n studie van dié omvang benut. Argivale bronne wat hier van besondere belang was, was veral die argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL) en burgemeestersverslae; aanwinste en versamelings van Karel Schoeman (A507), asook versamelings van oudinwoners soos Abraham Fischer (A59), dr. John Brebner (A6) en die President M.T. Steyn-versameling (A156) by die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein, sowel as die argief van die Anglikaanse Kerk by die afdeling Historical Papers van die William Cullen Biblioteek aan die Universiteit van die Witwatersrand wat heelwat inligting oor die swart en bruin inwoners van Bloemfontein bevat. Die F.W. Reitz-versameling in die Vrystaatse Argiefbewaarplek het teleurstellend min inligting oor Bloemfontein en sy inwoners tydens die Reitz-tydperk opgelewer.

Verder was letterkundige bronne, soos reisbeskrywings, dagboeke en herinneringskrifte, asook foto’s, vir hierdie studie van besondere belang. Foto’s is ’n belangrike kultuurhistoriese bron, omdat ’n foto, veral wat die stoflike kultuur betref, soveel meer inligting as net teks deurgee en ’n visuele beeld van die betrokke onderwerp bied. Natuurlik is daar baie illustrasies wat gebruik kon word, maar weens die akademiese aard van die studie, die omvangrykheid van die tema en beperkte ruimte, word net enkele voorbeelde ter illustrasie van die teks gebruik en dan ook net waar dit noodsaaklik is om die teks verder te verduidelik en aan te vul. Daar word dus slegs van illustrasies in sommige hoofstukke gebruik gemaak, terwyl ’n aantal kaarte, tabelle en skematiese voorstellings ook ingesluit is. Die belangrike uitvoukaart van Bloemfontein, ca. 1896, in hoofstuk 4 is baie groot en het onleesbaar geword wanneer dit geskandeer is. Daarom is net die sentrale stads- of dorpsgedeelte waaruit Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk bestaan het, geskandeer en tot A3-grootte verklein, sodat dit as uitvoukaart in die A4-grootte proefskrif kon inpas (kyk figuur 31 op p. 251a).

Uiteraard is verder ruim van toepaslike sekondêre bronne soos boeke, tydskrif- en koerantartikels en brosjures gebruik gemaak. In die huidige tydsgewrig is elektroniese bronne ook belangrik, veral om sekere name en sake te verifieer en aan te vul.

Die navorsingsmateriaal is opgeteken, ontleed en geïnterpreteer ten einde die navorsingsresultate in ’n sinvolle geheel te kon verwerk en waardeur antwoorde verskaf word op vrae wat hierbo gestel is.

Hierdie proefskrif bestaan uit ses hoofstukke:

Hoofstuk 1 dien as inleiding en handel oor Bloemfontein as kultuurbodem, asook die staatkundige en ekonomiese konteks van Bloemfontein waarteen kultuur afspeel.

Hoofstuk 2 bespreek die verskillende kultuurgroepe van Bloemfontein en hulle bydrae tot die stad se ontwikkeling. Omdat Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk so ’n kosmopolitaanse bevolking gehad het, is dit belangrik om die verskillende kultuurgroepe van nader te bekyk. Hier moet daarop gelet word dat die kultuurgroepe in alfabetiese volgorde bespreek is.

Hoofstuk 3 beskryf die daaglikse lewenswyse van die inwoners van Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk en sluit onder meer kleredrag, interieurinrigting en meubilering, voedsel en drank, tradisies en gebruike, maatskaplike probleme, gesondheidstoestande en siektes in.

Hoofstuk 4 bespreek Bloemfontein as stoflike kultuurmilieu met kultuurelemente soos dorpsuitleg en -verbeteringe, watervoorsiening, groen areas en tuine, verkeersweë en vervoer, sanitasie, kommunikasie, mediese dienste, brandbestryding en woongebiede, asook argitektuur, geboue en gedenktekens.

Hoofstuk 5 kyk na Bloemfontein as geestelike kultuurtuiste, dit wil sê kultuurelemente soos godsdiens en kerke, onderwys en skole, sport en ontspanning, sosiale lewe, die pers en koerante, feesdae, kulturele instellings en organisasies, kultuur- en kunsverenigings, kuns, musiek, vryetydsbesteding en vermaak.

Hoofstuk 6 verskaf ’n oorkoepelende kritiese evaluering van Bloemfontein as stoflike kultuurmilieu en geestelike kultuurtuiste en van die tydsgees, asook die inwoners van dié stad se karakter en lewenswyse tydens die Reitz-tydperk.

Ter wille van bondigheid en die leesbaarheid van die proefskrif, word daar in die teks dikwels na die “1890’s” verwys. Wanneer voorgenoemde term gebruik word, word daar na die hele Reitz-tydperk, dit wil sê 1889 tot 1895, verwys en impliseer dit dus ook die jaar 1889, aangesien daar nie groot kultuurverskille tussen die vroeë 1890’s en die jaar 1889 was nie.

Die doel van hierdie studie is om ’n oorkoepelende, holistiese kultuurbeeld van Bloemfontein en sy inwoners tydens die Reitz-tydperk te skep en daarom is daar eksemplaries te werk gegaan. Uiteraard sou sommige van die omvangryke temas wat in hierdie studie aangespreek word ’n afsonderlike, in-diepte studie regverdig. Waar moontlik word bronne aangedui waar die leser meer inligting oor ’n sekere aspek of tema kan bekom.

Ofskoon Bloemfontein die hoofstad van die OVS was, was dit in die 1890’s nie veel meer as net ’n groot dorp nie. Aangesien Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk nog nie

stadstatus in die moderne sin van die woord geniet het nie, word daar, ter wille van historiese korrektheid, meermale na Bloemfontein as ’n “dorp” verwys.

Min inligting kon oor sekere aspekte van die lewe van die swart en bruin mense (en ook die Asiërs) van die tydperk gevind word. Dit wil voorkom asof inligting oor hulle wat betref sekere sake eenvoudig nie bestaan nie. Dit was deel van die probleem van hierdie studie, naamlik dat daar nie veel oor Bloemfontein se bruin en swart inwoners tydens die Reitz-tydperk geskryf is nie. Gelukkig is sekere aspekte van die lewe van swart en bruin mense wel beter gedokumenteer, veral wat hulle kerklike lewe betref waarby veral die Anglikaanse kerk betrokke was. Let ook daarop dat wanneer in hierdie studie soms noodsaaklikerwys na swart en bruin persone (en soms ook Asiërs), as “nie-blankes” verwys word, geen negatiewe konnotasies geïmpliseer word nie. Die noodsaak om die term “nie-blankes” te gebruik, word in die teks verduidelik.

In die proefskrif word daar soms na historiese plekke verwys waarvan die naam dalk intussen verander het, of wat vandag nie meer bestaan nie en waarvan die oorspronklike naam vandag as aanstootlik beskou kan word, byvoorbeeld Kafferfontein, maar dit moet om vanselfsprekende redes hier in historiese konteks verstaan word omdat dit nie verander of weggelaat kan word nie.

In die studie is sovêr moontlik probeer om rolspelers wat in die studie vermeld word, nader te identifiseer. Wanneer slegs vanne van persone gebruik word, is hulle voorletters of name nie bekend nie of kon dit nie opgespoor word nie.

In historiese dokumente en tydgenootlike koerante word ou maateenhede soos voet, duim, pond (massa) en die Britse geldeenhede (ponde, sjielings en pennies) aangetref, aangesien hierdie eenhede ook vroeër in Suid-Afrika gebruik is. In hierdie studie is die ou eenhede gebruik soos wat dit in die dokumente gevind is, maar waar moontlik is benaderde omrekenings na hedendaagse eenhede in hakies aangedui. Die uitsondering hier is die Britse geldeenhede wat net so behou is. Omdat die waarde van die Suid-Afrikaanse rand teenoor die Britse pond gedurig wissel (aan die begin van 2014 was een Britse pond (£) gelykstaande aan ongeveer R17-00), is ponde, sjielings en pennies dus nie omgereken na rand en sent nie.

* * *

Graag maak ek van die geleentheid gebruik om die personeel van die volgende instansies vir hulle hulpvaardigheid tydens my navorsing te bedank: Die biblioteekpersoneel, veral Liz de Villiers en Ina Marais, asook Elmar du Plessis en Sudré Havenga van die Departement Versamelings, van die Nasionale Museum in Bloemfontein vir die verskaffing en skandeer van historiese foto's; die Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein; die Openbare Biblioteek, Bloemfontein; die afdeling Historical Papers aan die William Cullen-biblioteek, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, asook die SASOL-biblioteek en Argief vir Eietydse Aangeleenthede, beide aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. 'n Woord van dank ook aan mnr. Mark Gevisser, bekende skrywer, vir die geleentheid om van sy navorsingsmateriaal oor die Joodse inwoners van Bloemfontein te kopieer en vir my navorsing te gebruik.

'n Besondere woord van dank aan die direkteur, mnr. Rick Nuttall, en die Raad van die Nasionale Museum vir toestemming om hierdie navorsingsprojek vir graaddoeleindes aan te bied, asook dr. Hannes Haasbroek van die Departement Geskiedenis van die Nasionale Museum vir taalversorging, proefleeswerk en opbouende kritiek, en mev. Loudine Philip vir hulp met tegniese aspekte, akademiese gesprekke en steun. Graag bedank ek ook my ander kollegas, soos Derek du Bruyn en Gerda Coetzee, vir hulle belangstelling.

Finansiële bystand deur die Navorsingstrust van die Erfenisstigting word hiermee met dank erken. Menings in hierdie navorsingswerk uitgespreek en gevolgtrekkings is dié van die outeur en moet nie as dié van die Erfenisstigting beskou word nie.

Graag betuig ek ten slotte my opregte dank teenoor my promotor, prof. André Wessels, en my medepromotor, prof. Cobus Ferreira, sonder wie se toegewyde leiding, advies en geduld hierdie projek nie deurgevoer sou kon word nie. Aan my vader, moeder, my suster Amanda, ander familielede en vriende, veral Adri en Jannie, ook 'n besondere woord van dank vir al hulle aanmoediging, steun, geloof en gebede.

Aan Hom die eer.

Marianna Botes
Bloemfontein
Januarie 2014

ILLUSTRASIES

Figuur 1: Skematiese voorstelling van Burden se model vir Kultuurgeskiedenis xvi
Figuur 2: 'Plan van Bloemfontein, 1848', opgestel deur A. Bain 5
Figuur 3: 'Plan van Bloemfontein, 1850', opgestel deur J. Hopkins 6
Figuur 4: Die parade-uniform van die Vrystaatse artillerie in 1895 49
Figuur 5: Die Fichardt-seuns van Bloemfontein, ca. 1890 142
Figuur 6: Die Homburg-hoed 144
Figuur 7: 'n Sondagskool-piekniek naby Bloemfontein, 1893 144
Figuur 8: Gesinsdrag, 1890-1900 145
Figuur 9: Vrystaatse gesinsdrag, 1890-1900 147
Figuur 10: Die kleiner, byna manstipe dameshoed 148
Figuur 11: Damestewels van swart leer wat met knopies vasgemaak is, 1890's 149
Figuur 12: Die Innes-gesin van Bloemfontein, agter hul woning in Kerkstraat 150
Figuur 13: 'n Swart Vrystaatse kindermeisie met 'n wit baba op haar skoot 152
Figuur 14: Die swart gemeente van St. Mary Magdeline op Bishop's Glen, laat 1890's 153
Figuur 15: Arthur Tolkien, met sy gesin en bediendes, 1892 154
Figuur 16: 'n Gedekte tafel in die eetkamer van die Presidensie, ca. 1900 162
Figuur 17: 'n Gedeelte van die voorportaal van die Presidensie, ca. 1900 164
Figuur 18: Die sitkamer van die Presidensie tydens die verblyf van pres. Reitz, ca. 1893 167
Figuur 19: Sitkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustav en Caroline Fichardt, 1890's 168
Figuur 20: Woonkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustav en Caroline Fichardt, 1890's 169
Figuur 21: Eetkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustav en Caroline Fichardt, 1890's 170
Figuur 22: Slaapkamer van Caroline Fichardt in Kaya Lami, 1890's 171
Figuur 23: Slaapkamer van mej. Reitz in die Presidensie, ca. 1893 173
Figuur 24: Biljartkamer van G.A. Fichardt, ca. 1900 173
Figuur 25: Studeerkamer van pres. Reitz in die Presidensie, ca. 1893 175
Figuur 26: 'n Voorbeeld van 'n mezuzah, versier met die Ster van Dawid 176
Figuur 27: 'n Bloemfonteinse huweliksgroep tydens die huwelik van Charlie Fichardt, 1895 197
Figuur 28: 'n Goeie voorbeeld van huweliksdrag uit 1895 199
Figuur 29: 'n Swart, Wesleyaanse huwelikspaar van Bloemfontein met hulle gevolg, 1895 203
Figuur 30: Ligging van Waaihoek en Kafferfontein 251
Figuur 31: Sentrale dorpsgebied van die "Generaal plan van de stad Bloemfontein, 1896" 251a
Figuur 32: Kaart van die middestad van Bloemfontein omstreeks 1900 ..... 251b
Figuur 33: Kaart van Bloemfontein en omgewing, ca. 1910, met aanduiding van heuwels 253
Figuur 34: Detail van 'n kaart van Bloemfontein, 1900, met ligging van damme 269
Figuur 35: Roostuin van dr. B.O. Kellner by hulle woonhuis in Aliwalstraat, ca. 1900 278

Figuur 36: Die voortuin van die Presidensie, ca. 1893 280
Figuur 37: Agtertuin en kroukiebaan van Kaya Lami, huis van G.A. Fichardt, ca. 1894 281
Figuur 38: Die agtertuin van Rose Lodge, woning van Carl Borckenhagen, ca. 1893 282
Figuur 39: Die brug oor Gordonstraat, ca. 1894 291
Figuur 40: Kaya Lami, die woning van G.A. Fichardt, ca. 1894, nadat dit vergroot is 343
Figuur 41: Kelvedon, woonhuis van Alfred Barlow, ca. 1895 344
Figuur 42: Die swart woonbuurt Waaihoek gesien vanaf die fort, 1905 351
Figuur 43: Wasvroue naby die swart woonbuurt Kafferfontein, ca. 1902 353
Figuur 44: 'n Gedeelte van Waaihoek, ca. 1902 355
Figuur 45: Die stasiegebou voordat dit vergroot is, ca. 1900 359
Figuur 46: Vixseboxse se poskantoor aan Markplein, ca. 1894 361
Figuur 47: Die polisiekantoor in Maitlandstraat agter die poskantoor, ca. 1900 362
Figuur 48: Die Vierde Raadsaal in President Brandstraat, ca. 1895 364
Figuur 49: Die deftige interieur van die Vierde Raadsaal 366
Figuur 50: Die nuwe Bloemfontein-gevangenis net na voltooiing, ca. 1893 368
Figuur 51: Bloemfontein-gevangenis nadat die ringmuur en wagtorings aangebou is 369
Figuur 52: Die Baptiste-kerk in Hangerstraat, ca. 1895 370
Figuur 53: Die St. Philip-kerkgebou in Waaihoek, ca. 1914, na die vergroting daarvan 371
Figuur 54: Interieur van die St. Philip-kerk in Waaihoek, ca. 1890 372
Figuur 55: Die tweede St. Patrick-kerk agter die St. Philip-kerk in Waaihoek 373
Figuur 56: Die nuwe "Upper House" van die Damesinstituut Eunice, ca. 1894 375
Figuur 57: Die nuwe Grey-kollege in Douglasstraat, ca. 1896 376
Figuur 58: Die Bloemfontein-klubgebou aan Markplein, ca, 1892 379
Figuur 59: Die Volkshospitaal teen die oostelike hang van Naval Hill, ca. 1894 381
Figuur 60: Queen's Fort op die fortheuwel in Bloemfontein, ca. 1897 383
Figuur 61: Die markgebou met sy kloktoring op Markplein 384
Figuur 62: Die Mutualgebou aan die noordwestekant van Markplein, ca. 1895 385
Figuur 63: Grafsteen van pres. J.H. Brand en sy vrou, Johanna Sibella 389
Figuur 64: Die standbeeld van pres. J.H. Brand voor die Goewermentsgebou 390
Figuur 65: Skematiese voorstelling van die proefskrif se hooftemas volgens Burden se model 537

Tabelle

Tabel 1: Oorsake van sterftes onder Bloemfontein se blanke inwoners, 1888-1895 247
Tabel 2: Sterfgevalle van Bloemfontein se blanke inwoners per jaar, 1888-1895 248

Hoofstuk 1

DIE KULTUURBODEM, STAATKUNDIGE EN EKONOMIESE KONTEKS

1 Inleiding

Die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier het aanvanklik as die Transoranje bekend gestaan.[1] Dié streek met sy volop wild en standhoudende waterbronne was aan die begin van die 19de eeu die jagveld van groepies swerwende San.[2] Vroeg in die 19de eeu het verskillende groepe byna tegelykertyd begin om die gebied binne te dring. Vanuit die weste het ’n groep van die Griekwas[3] onder leiding van Adam Kok II (ca. 1760-1835) hulle naby die latere Philippolis gevestig. Die sogenaamde Difaqane of uitroeiingsveldtogte van Shaka (ca. 1787-1828), koning van die Zulu, en Mzilikazi (ca. 1790-1868), stigter en eerste koning van die Matebele, het veroorsaak dat vlugtende swart groepe die Transoranje ná 1820 vanuit die ooste binnegekom het. In 1824 het opperhoof Mosjwesjwe (ca. 1786-1870) hom op die bergvesting Thaba Bosiu gevestig en begin om die Basotho-nasie uit die verstrooide stamme in die streek op te bou. In 1833 het die Barolong hulle onder leiding van opperhoof Moroka II (1795-1880) by die latere Thaba Nchu gevestig.[4]

Weens droogtes en sprinkaanplae in die Kaapkolonie het wit veeboere sedert 1821 oor die Oranjerivier getrek op soek na weiveld vir hul vee.[5] Trekboer Johan Nicolaas Brits (1789-1875) het hom tussen 1820 en 1826 in die Transoranje gevestig,[6] op ’n gunstig geleë plek met

---

1 K. Schoeman, *Bloemfontein: die ontstaan van ’n stad 1846-1946*, p. 1; J.F. Midgley, The Orange River Sovereignty (1848-1854), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 12(2), 1949, p. 1.

2 W.J. St. John, *The Bloemfontein Diary of Lieut. … 1852-1853* (red. K. Schoeman), p. 103: Bylae 2: “Description of the Orange River Sovereignty in 1852” deur L.H. Meurant; C.J. Uys, *Rouxville (1863-1963): eeufeesgedenkboek van die suidoostelike Vrystaat*, p. 32.

3 Die Griekwas was ’n groep mense wat deur bloedvermenging tussen Khoi en wit mense, sowel as Maleise en swart slawe aan die Kaap ontstaan het.

4 P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek*, p. 249; Schoeman, pp. 1-2; Midgley, p. 6.

5 H.P.N. Muller, *Oude tyden in den Oranje-Vrystaat; naar H.A.L. Hamelberg’s nagelaten papieren beschreven*, p. 3; J. Walton, *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat*, p. 7.

6 Vir meer besonderhede, raadpleeg S.M. Botes, *Van Residensie tot Presidensie: ’n kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein, 1846-1900* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1993), p. 4; Schoeman, p. 1.

voldoende water in die vorm van ’n sterk, standhoudende fontein[7] en ’n groot spruit.[8] Na bewering was die plek waar Brits hom gevestig het, oorspronklik ’n bymekaarkomplek vir jagters en die swart mense het die plek Mangaung[9] (plek van die groot katte of jagluiperds) genoem. Later het dit as Bloemfontein bekend geraak. Oor die oorsprong van die naam bestaan daar verskeie teorieë, maar heel waarskynlik is dit bloot ’n beskrywende naam wat na die bodemgesteldheid verwys, naamlik blomme by die fontein. Toe Brits hom op die plek gevestig het, was die fontein omring deur blomme (wilde klawer) en blykbaar het die familie Brits die plaas *Bloemfontein* genoem. ’n Ander oorlewering lui dat die naam voorgestel is deur ’n buurman van die Britse, ene Griesel, na aanleiding van mev. Brits se blomtuin.[10]

Brits het vir hom ’n pioniershuisie[11] naby die fontein gebou. George Horatio Warden skryf in sy herinneringe dat sy vader, maj. H.D. Warden, die plaas Bloemfontein in 1846 van ene J. Britz [sic] oorgeneem het, “die toen er woonde in een hartebeeshuis”. Tydens en na die Groot Trek van die 1830’s het al hoe meer Voortrekkers hulle ook in dié gebied gevestig. Aangesien die Trekkers en die trekboere uit die Kaapkolonie afkomstig was, het die Britse regering die boere in die Transoranje tot in 1854 as Britse onderdane beskou.[12]

Omdat daar mettertyd geskille en botsings oor grondgebied tussen die uiteenlopende bevolkingsgroepe in die Transoranje ontstaan het, is kapt. (later maj.) Henry Douglas Warden (1800-1856) aan die begin van 1846 as Britse resident in die Transoranje aangestel. As Britse resident was dit Warden se feitlik onmoontlike opdrag om die vrede tussen die verskillende bevolkingsgroepe te bewaar en ’n administrasie in die lewe te roep.[13] Warden het opdrag ontvang om so gou moontlik ’n residensie op ’n sentrale plek tussen die gebiede van Adam Kok en Mosjwesjwe te vestig.[14]

Warden het blykbaar toevallig op ’n sterk standhoudende fontein tussen die Riet- en Modderrivier afgekom. Uit ’n militêre oogpunt beskou, was die plek by die fontein in elke

---

7 Dit is die plek waar Bloemfontein later aangelê sou word. B.J. Barnard, “Die stigting en stigter van Bloemfontein”, *Bloemfontein se eeufees 1846-1946, bylae tot Die Volksblad*, 22.3.1946, p. 22.

8 Dié spruit het later as Bloemspruit bekend geraak.

9 Vandag word die munisipale gebied van die groter Bloemfontein weer Mangaung genoem. Jagluiperds staan vandag algemeen as cheetahs bekend – vandaar die naam van die Vrystaatse rugbyspan.

10 D.A. van der Bank, “Bloemfontein se stigtingsdatum”, *Culna* 39, Oktober 1990, p. 29; B.J. Barnard, “ ’n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 11(1), 1948, p. 351.

11 Waarskynlik ’n hartbeeshuisie. Vir meer besonderhede oor hartbeeshuise, raadpleeg J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, pp. 357-358; E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou* (D-Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1988), p. 91.

12 Van der Merwe, p. 380.

13 P.M. Snyman, *Die grondslae van die historiese aardrykskunde en die toepassing van die ‘spesifieke periode’-metode op die historiese aardrykskunde van Bloemfontein tot 1900* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1969), p. 114; Schoeman p. 2.

14 J.H. Malan, *Die opkoms van ’n republiek*, pp. 51-52; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 2.

opsig geskik vir die aanlê van ’n residensie, want die klein vallei was aan alle kante ingesluit deur koppies wat die omringende gelyk vlaktes oorheers het en verder was die gebied vry van perdesiekte.[15] Volgens Warden is die plek ‘Bloem Fontein’ genoem.[16] Aangesien die plek so sentraal geleë is, sou transportryers waarskynlik hier verbygegaan het en sou hulle die nuwe Britse nedersetting dus van handelsware kon voorsien.[17]

Warden se afdeling soldate, die *Cape Mounted Riflemen*,[18] het op 26 Maart in Bloemfontein aangekom en Warden kort daarna.[19] Warden was baie ingenome met die ligging van die nuwe residensie. Op 2 April 1846 skryf hy aan sir Peregrine Maitland (1777-1854), die Kaapse goewerneur: “… I am very much pleased with the site of this Residency; it is in point of position as near as possible as His Excellency wishes it to be and possesses many local advantages.”[20]

Toe Warden vroeg in 1846 op die plaas ‘Bloem Fontein’ aangekom het, het die familie Brits in ’n “small mud house”[21] naby die fontein gewoon. Voor die huisie was ’n blomtuin en ’n vrugteboord wat natgelei is uit ’n sloot wat tussen die fontein en spruit en die tuin gegrawe is.[22] Warden het die plaas van Brits oorgeneem en hom 500 riksdaalders (£37/10/-) betaal vir die uitleg en verbeterings wat hy daar aangebring het.[23]

Een van die afdelings van Warden se soldate het begin met die bou van ’n klip- en klei-fortjie net noord van die fontein, wat Fort Drury genoem is na geneesheer Charles Drury, die garnisoen se dokter en onderwyser van die resident se kinders. Terwyl nog ’n afdeling van die *Cape Mounted Riflemen* besig was met die bou van ’n geskikte ampswoning of Residensie[24] vir die resident aan die bopunt van die huidige St. Georgestraat, het Warden en sy gesin tydelik die huisie van Brits betrek. ’n Derde afdeling van die garnisoen het kleihutte vir die soldate en stalle vir die perde gebou.[25] Hiermee het die nedersetting van Bloemfontein tot stand gekom.

---

15 Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna: KAB), GH10/1: H.D. Warden – B. Maitland, 23.3.1846; Barnard, “ ’n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden”, p. 351.

16 Warden se spelling van die plaasnaam. KAB, GH10/1: H.D. Warden – B. Maitland, 28.3.1846.

17 A.R. Badenhorst, “Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871”, *Memoirs van die Nasionale Museum*, vol. 12, April 1979, p. 7.

18 Het ook as die Cape Corps bekend gestaan. Dié Kaapse Korps het oorwegend uit berede Khoi-troepe, onder wit offisiere, bestaan. Schoeman, p. 6; Snyman, p. 118.

19 KAB, GH10/1: H.D. Warden – B. Maitland, 2.4.1846; Schoeman, p. 3.

20 KAB, GH10/1: H.D. Warden – B. Maitland, 2.4.1846.

21 *Ibid*.

22 “Mr. Salzmann’s Memoirs. Origin of the name of ‘Bloemfontein’. Reminiscences of early Bloemfontein”, *The Friend*, 89th year, 19.9.1938, p. 9.

23 Barnard, “ ’n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden”, pp. 279-280; J.A. Steenkamp, “Prys van die plaas Bloem Fontein”, *Argiefnuus* 15(4), Oktober 1972, p. 23.

24 Vir meer inligting oor Brits se huis en die Residensie, raadpleeg Botes, pp. 5-45.

25 Barnard, “ ’n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden”, p. 352.

Rondom die nuwe nedersetting het toestande tussen die verskillende bevolkingsgroepe gespanne gebly. Voortdurende geskille tussen die bevolkingsgroepe, veral oor grondbesit, was een van die moeilikste probleme van die gebied. Ten einde die probleme in die Transoranje te probeer oplos, annekseer sir Harry Smith (1787-1860), goewerneur van die Kaapkolonie, dié gebied tot Britse gebied onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit.[26] Na die slag van Boomplaats[27] in 1848, waar die Britse mag van sir Harry Smith die Boere wat ontevrede was met die anneksasie van die Transoranje verslaan het, is ’n sterker garnisoen bestaande uit 400 man in Bloemfontein agtergelaat om die resident by te staan.[28] Verder is die ondoeltreffende Fort Drury met ’n nuwe fort op ’n meer strategiese plek vervang. Die nuwe fort, wat Queen’s Fort genoem is, is vroeg in 1849 teen die heuwel aan die bopunt van die latere Monumentweg[29] voltooi. Aan die voet van die fort is huisies vir die offisiere en barakke vir die soldate gebou, asook stalle vir die perde en die kommissariaatdepot.[30]

Aanvanklik het Bloemfontein se inwoners hoofsaaklik uit Engelssprekendes bestaan en is feitlik al die huise en geboue suid van die spruit opgerig, op die sogenaamde watererwe.[31] Geleidelik het die nedersetting groter geword en kerke en skole is gestig, sodat ander kultuurgroepe na die jong dorpie gelok is.[32] Van die ander kultuurgroepe wat in die vroegste pioniersjare na Bloemfontein gekom het, was onder meer Nederlanders, Duitsers, Jode en Afrikaners. Die vinnige ontwikkeling van die dorp het ook swart en bruin mense gelok wat in Bloemfontein kom werk soek het en vroeg reeds is daar van die aanwesigheid van “Bechuanas, Fingoes, Hottentots and emancipated Slaves”[33] melding gemaak. Ander groepe wat ook vermeld word, is onder meer Griekwas, Boesmans, Khoi en Basotho’s.[34]

Daar is met die behoorlike uitlê van die opkomende dorp begin en Andrew Hudson Bain (1819-1894) het die eerste erwe opgemeet. Deur Bain se opmeting het ’n aantal lang, reguit strate ontstaan wat parallel met die spruit geloop het, suid en noord daarvan, reghoekig deurkruis deur korter dwarsstrate. Ontwikkeling het nou ook noord van die spruit uitgebrei. Bain se plan van 1848 (kyk figuur 2, p. 5 *infra*) toon die dorp net so ver noord soos St.

---

[26] Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (hierna VAB): OSH13: Proclamation by his Excellency Lieutenant General Sir Henry George Wakelyn Smith, 8.3.1848; Malan, pp. 95-96.
[27] Tussen die huidige dorpe Trompsburg en Jagersfontein.
[28] Midgley, pp. 125-131; Malan, pp. 103-107.
[29] Vandag die verlenging van Kerkstraat.
[30] H. O’Connor, *Bloemfontein*, pp. 2-3; Schoeman, p. 6.
[31] *Ibid*.
[32] A.C. Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1989), p. 1; Badenhorst, pp. 7-8.
[33] “Bloemfontein Methodist centenary, 1850-1950: souvenir brochure” soos aangehaal deur Schoeman, p. 10.
[34] Schoeman, p. 10.

Andrewstraat (dit wil sê twee strate noord van die spruit).[35] J. Hopkins se kaart van Bloemfontein net twee jaar later, toon dat vyf verdere strate noord van die spruit uitgelê is (kyk figuur 3, p. 6 *infra*), want dit dui die noordelike grens van die dorp in 1850 aan as St. Johnstraat (die latere Voortrekkerweg en vandag Nelson Mandela Rylaan).[36]

↑ **N**



Figuur 2: 'Plan van Bloemfontein, 1848', opgestel deur A. Bain.VAB: Kaartversameling, kaart 1/35.

---

[35] 'Plan van Bloemfontein, 1848', opgestel deur A. Bain. VAB, Kaartversameling, kaart 1/35; Schoeman, pp. 6-7.

[36] 'Plan van Bloemfontein, 1850', opgestel deur J. Hopkins. VAB, Kaartversameling, kaart 3/31; Schoeman, pp. 6-7.

↑ N



Figuur 3: 'Plan van Bloemfontein, 1850', opgestel deur J. Hopkins. VAB: kaartversameling, kaart 3/31.

Naby Warden se Residensie in St. Georgestraat is in 1849 'n eenvoudige, langwerpige pioniersgebou van roustene met 'n grasdak en misvloer gebou om as goewermentskool en vergadersaal van die Wetgewende Raad van die Oranjerivier-Soewereiniteit te dien.[37] Hierdie gebou, wat later as die Eerste Raadsaal bekend sou staan, is ook as kerk en algemene vergaderplek gebruik. Die eerste NG-gemeente van Bloemfontein is in 1848 gestig en die eerste NG Kerkgebou[38] is in Mei 1852 aan die bopunt van Kerkstraat in gebruik geneem. Die Rooms-Katolieke, Anglikaanse en Wesleyaanse kerke het ook gedurende die tyd van die

---

[37] Hierdie gebou is een van die oudste geboue in Bloemfontein wat behoue gebly het, staan vandag bekend as die Eerste Raadsaal-museum en is 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein en 'n satelliet van die Nasionale Museum.

[38] Dié kerkie is in 1880 vervang met Bloemfontein se bekende Tweetoringkerk, wat op dieselfde terrein opgerig is.

Soewereiniteit gemeentes in Bloemfontein gestig en al die denominasies het aanvanklik in die goewermentskool (die latere Eerste Raadsaal) dienste gehou. Die Wesleyaanse predikant wat in 1850 na Bloemfontein gekom het, het hoofsaaklik onder die bruin en swart groepe gearbei, met ’n hut wat as kerk gebruik is.[39] In 1852 is die eerste Rooms-Katolieke kerkie ook in St. Georgestraat naby die goewermentskool gebou.[40]

Etlike sake-ondernemings is in Bloemfontein gevestig en geleidelik het die nedersetting in ’n dorpie ontwikkel. In Junie 1850 is die eerste munisipale kommissarisse aangestel. Hoewel Bloemfontein toe nog nie volle munisipale status geniet het nie, kon dié kommissarisse die sake van dorp beheer en amptenare soos ’n stadsklerk, ’n markmeester en ’n waterfiskaal aanstel.[41]

Wat die posdiens in die vroeë jare betref, was dit aanvanklik primitief en as gevolg van swak vervoermiddele het pos Bloemfontein in daardie tyd ongereeld bereik. Die eerste posroete was dié tussen Bloemfontein en Colesberg, wat net na die stigting van die nedersetting in 1846 deur Warden ingestel is. Alle voorraad moes deur transportryers met ossewaens vanaf die naaste hawens by Port Elizabeth en Oos-Londen aangery word, sodat boumateriaal, klere, meubels en gebruiksvoorwerpe moeilik bekombaar en die lewe hier duur was. Op 10 Junie 1850 het die eerste uitgawe van die Transoranje-gebied se eerste koerant,[42] *The Friend of the Sovereignty and Bloemfontein Gazette*, verskyn.[43]

Gedurende Warden se ampstydperk het toestande in die Soewereiniteit gespanne gebly. Die uitbreiding van Britse gesag het nie die verwagte uitwerking gehad nie en geskille tussen bevolkingsgroepe het voortgeduur.[44] As gevolg van voortdurende probleme en grootskaalse ontevredenheid in die Oranjerivier-Soewereiniteit is Warden ontslaan en op 23 Julie 1852 deur Henry Green (1818-1884) as resident opgevolg.[45]

Tydens Green se residentskap het Bloemfontein verder uitgebrei en in 1853 is Kerkplein en Markplein (vandag Hoffmanplein) uitgelê. In die 1850’s was Bloemfontein steeds net ’n klein dorpie[46] wat redelik geïsoleerd van die res van Suid-Afrika was. Die grense van die dorp het toe gestrek tot by Charlesstraat in die noorde, Kerkstraat in die ooste en Markgraaff

---

39 O’Connor, pp. 3-5; Schoeman, pp. 7-12.
40 H.H.A. Groenewald en A.D. Herholdt, *Bloemfontein tot 1900: ’n argitektuur-historiese studie*, p. 42.
41 Schoeman, pp. 13-14; O’Connor, pp. 4-5.
42 Dié koerant is gedeeltelik in Nederlands en gedeeltelik in Engels gedruk en is ook gebruik om regeringskennisgewings in te publiseer. Na republiekwording het dit as *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette* bekend gestaan.
43 O’Connor, pp. 4-5; Schoeman, pp. 13-14.
44 Schoeman, p. 16-17.
45 VAB, OSH 9: C.M. Owen – G. Cathcart, 3.7.1852, C.M. Owen – G. Cathcart, 19.08.1852.
46 S. Leviseur, *Memories* (red. K. Schoeman), p. 23.

Plek[47] (vandag Markgraaffstraat) in die weste (kyk figuur 3, p. 6 *supra*). Teen 1851 het die burgerbevolking[48] van Bloemfontein uit ongeveer 300 siele bestaan en was daar sowat 60 huise.[49]

Hoewel Bloemfontein relatief vinnig uitgebrei het, was die geskille tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die omringende gebied nog lank nie opgelos nie. Algaande het dit duidelik geword dat Brittanje nie die onkoste wou aangaan om ’n toereikende gewapende mag in die Oranjerivier-Soewereiniteit in stand te hou nie. Sir George Clerk (1800-1889), voormalige goewerneur van Bombaai, is in Augustus 1853 as spesiale kommissaris na Bloemfontein gestuur om die nodige reëlings in verband met die Britse ontruiming van die Soewereiniteit te tref.[50]

Op 15 Februarie het verteenwoordigers van oor die hele Soewereiniteit in die skoolgeboutjie[51] in St. Georgestraat saam met Clerk en sy gevolg vergader om die voorwaardes vir die ontruiming van die gebied te bespreek. Op 23 Februarie 1854 is die Bloemfontein-konvensie onderteken, ingevolge waarvan die Transoranje sy onafhanklikheid verkry het. Hierna het die afgevaardigdes ’n voorlopige regering verkies met Josias Philippus Hoffman (1807-1879) as voorsitter en William Collins (1803-1876) as sekretaris. Die nuwe regering sou ’n bedrag van £10 000 van die Britse regering ontvang om hulle deur die eerste jaar van hul administrasie te help.[52]

Op 11 Maart 1854 het Clerk, die personeel van die Britse administrasie en die troepemag uit Bloemfontein vertrek en die Oranjerivier-Soewereiniteit is nou in ’n onafhanklike republiek omskep.[53] Die amptelike naam van die nuwe republiek sou “Oranje-Vrijstaat” wees en Bloemfontein het die hoofstad geword.[54] Die voorlopige regering het die “schoone erf en gebouwen” van die voormalige resident as ampswoning vir die Vrystaatse president aangekoop.[55] Warden se voormalige Residensie het tot in 1861 as presidentswoning gedien.[56] Daar is met die opbou van die nuwe staat en administrasie begin deurdat ’n Volksraad verkies en ’n nuwe grondwet opgestel is. In Mei 1854 is J.P. Hoffman tot eerste

---

47 Markgraaff was ’n ou matroos wat ná skipbreuk aan die Kaapse kus in Bloemfontein beland het en was blykbaar ’n interessante karakter. O’Connor, p. 5.
48 Dit sluit dus nie die soldate, militêre personeel en amptenare in nie.
49 O’Connor, p. 5; Schoeman, p. 12.
50 J. Haasbroek, “Die rol van die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat 1848-1859”, *Memoirs van die Nasionale Museum* 15, Desember 1980, pp. 33-34.
51 Die latere Eerste Raadsaal.
52 Malan, pp. 192-193, 204-208; Schoeman, pp. 18-19.
53 Haasbroek, p. 45; Botes, p. 48.
54 *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette* (hierna: *The Friend*), 3.6.1854, p. 1.
55 *Ibid*., 25.2.1854, p. 3.
56 VAB, GS105: Kontrak vir die oprigting van ’n Goewermentshuis te Bloemfontein, 13.7.1861; Botes, pp. 71-84.

staatspresident verkies, hoofsaaklik vanweë sy goeie persoonlike verhouding met Mosjwesjwe.[57]

Met die vertrek van die Britse garnisoen in 1854 het Bloemfontein die helfte van sy inwoners verloor en die grotendeels Engelse gemeenskappie is verslae agtergelaat. Volgens Sophie Leviseur het daar net sowat 1 000 inwoners in die dorp agtergebly.[58] Vir ’n ruk na die onttrekking van Brittanje het die vooruitgang van Bloemfontein verstadig. Geleidelik het meer Duitsers, Jode, Nederlanders en Afrikaners[59] hulle in Bloemfontein gevestig.[60] Die dorp het toe bestaan uit ’n aantal eenvoudige, reghoekige eenverdieping-huisies met ongepleisterde rousteenmure en strooidakke en ’n klompie winkels wat rondom Markplein gesentreer was.[61]

Hoffman is in Augustus 1855 deur J.N. Boshof (1808-1881) as president opgevolg. Ten spyte van talle probleme in die jong republiek het Boshof daarin geslaag om die staatsdiens op ’n stewige grondslag te plaas en dit meer doeltreffend te maak.[62] Bloemfontein het gedurende Boshof se bewind stadig maar seker gegroei. Teen 1858 het die behoefte aan ’n munisipaliteit of dorpsraad vir Bloemfontein al hoe sterker geword en in April 1859 is vyf munisipale kommissarisse verkies met James Cameron as die eerste stadsklerk, belastinggaarder en markmeester. Met die instelling van die dorpsraad of munisipaliteit is daar ook onmiddellik reëlings vir ’n gereelde mark getref. Die mark het in April 1859 begin en was spoedig ’n lonende kommersiële instelling en ’n belangrike bron van inkomste vir die Vrystaatse hoofstad.[63]

Boshof is in 1860 deur M.W Pretorius (1819-1901) opgevolg, hoofsaaklik as gevolg van die Vrystaters se strewe na nouer samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Op ekonomiese en handelsgebied het die Oranje-Vrystaat (OVS) geleidelik begin ontwikkel namate meer dorpe gestig is en ’n toenemende aantal buitelandse immigrante hulle in die jong republiek gevestig het. Gedurende Pretorius se ampstydperk is Bloemfontein se ontwikkeling voortgesit. Warden se voormalige Residensie is gesloop en in 1862 is ’n nuwe, groter presidentswoning in die plek daarvan opgerig.[64]

---

57 *The Friend*, 1.4.1854, p. 2 en 17.6.1854, p. 1; Malan, pp. 223-228.
58 Leviseur, p. 24.
59 Die Afrikaners was toe reeds ’n volk in wording. Waar hier van die Afrikaner melding gemaak word, word bedoel mense wat in Suid-Afrika gebore is en Nederlandssprekend was, of reeds ’n vereenvoudigde vorm van Nederlands gepraat het, in teenstelling met die Nederlanders, wat immigrante uit Nederland was en nie in Suid-Afrika gebore is nie.
60 W.A. Wright, *The Bloemfontein Pictorial*, p. 12; Schoeman, pp. 27-29.
61 Leviseur, pp. 24-28; Schoeman, p. 21.
62 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, pp. 105, 107.
63 Schoeman, p. 34.
64 VAB, GS105: kontrak vir die oprigting van ’n Goewermentshuis te Bloemfontein, 13.7.1861; Botes, pp. 71-84.

Tekenend van die Vrystaatse hoofstad se vooruitgang het Bloemfontein in 1860 sy eerste markgebou gekry, asook in 1861 sy eerste behoorlike hotel, die Vrystaat-hotel, wat geleë was aan die oostekant van Markplein, langs die Goewermentskantoor. Tydens Pretorius se bewind het Bloemfontein ook drie banke ryker geword, naamlik die Bloemfontein-bank (gestig 1862), en takke van die Standard-bank en die London and South African Bank (beide in 1863). In 1862 kom die nuwe Nederlandse weekblad, *De Tijd*, tot stand.[65]

Pretorius is in 1864 deur J.H. Brand (1823-1888) as staatspresident opgevolg en hy is vyf keer as president herkies tot met sy dood in Bloemfontein in 1888. Gedurende sy ampstydperk van bykans 25 jaar het hy die regering en staatsdiens gereorganiseer, en het die Vrystaat en dus ook Bloemfontein op feitlik elke gebied ongekende bloei en vooruitgang beleef. Danksy Brand se leiding en die vooruitgang het ’n samehorigheidsgevoel en nasionale trots onder die Vrystaters ontstaan en die Oranje-Vrystaat het tot ’n modelrepubliek ontwikkel.[66] Gedurende Brand se bewind het die Tweede Vrystaat-Basotho-oorlog (1865-1866) plaasgevind waardeur ’n einde aan die voortdurende bedreiging deur die Basotho gemaak is. In 1868 is die destydse Basotholand (vandag Lesotho) onder Britse beskerming geplaas.[67]

Die ontdekking van diamante tussen 1867 en 1871, asook die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886, het tot ’n algemene opbloei in die handel gelei en het verdere stimulus aan Bloemfontein se ontwikkeling verleen. Met die ontdekking van diamante naby Hopetown in 1867, in 1869 by Jagersfontein en kort daarna ook langs die oewers van die Vaalrivier en in die omgewing van Dutoitspan, het fortuinsoekers uit alle dele van die wêreld na die streek rondom en tussen die Oranje- en Vaalrivier gestroom. In 1871 is diamante ook by die latere Kimberley ontdek.[68]

Na die ontdekking van diamante in die gebied is die Vrystaat se regmatige aanspraak op die gebied by die samevloeiing tussen die Vaal- en Oranjerivier deur Griekwa-kaptein Nicolaas Waterboer betwis, wat beweer het dat dit Griekwa-eiendom was. Na langdurige maar tevergeefse samesprekinge tussen pres. Brand en sir Henry Barkly[69] (1815-1898) oor die

---

65 N. Mansvelt, *De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen*, p. 176.

66 M.C.E. van Schoor, “OVS presidente het luister aan die modelrepubliek verleen”, *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 37; O’Connor, p. 8.

67 *The Friend*, 6.4.1866, p. 2; T.B. Barlow, *President Brand and his times*, pp. 42-44.

68 M.C.E. van Schoor, “Die Oranje-Vrystaat”, in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 247; L. Philip, *Phase 1 impact assessment of the dormant Jagersfontein mine (Free State) in terms of archaeological and other heritage sites* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Museum, Bloemfontein), 31.3.2009, p. 4.

69 Die nuwe Kaapse goewerneur en Britse hoë kommissaris.

diamantveld-kwessie het Barkly in Oktober 1871 ’n proklamasie uitgevaardig waarvolgens die gebied bekend as Griekwaland-Wes tot Britse gebied verklaar is.[70] Brand het in Maart 1876 na Brittanje vertrek om die verlies van die diamantvelde met die Britse regering te bespreek, waar ooreengekom is dat Brittanje ’n bedrag van £90 000 as skadevergoeding aan die OVS sou betaal. Hoewel bogenoemde bedrag nie naastenby vir die verlies van die diamantvelde kon vergoed nie, was dit tog ’n erkenning dat die Vrystaat ’n onreg aangedoen is en kon die republiek die geld nuttig vir verdere ontwikkeling gebruik.[71]

Tydens Brand se lang ampstydperk het Bloemfontein verder ontwikkel en vooruitgegaan, aangesien die diamantvelde nuwe markte geskep en die handel baie toegeneem het. In 1866 is die Anglikaanse katedraal in St. Georgestraat geopen en in 1875 is beide die Wesleyaanse en die Lutherse kerkgeboue voltooi. In 1871 is die Basotho-monument op die koppie naby die fort onthul, ter ere van die burgers wat tydens die Basotho-oorlog van 1865-1866 gesneuwel het. Die jare 1874-1876 was jare van groot vooruitgang, veral op onderwysgebied, danksy die aanstelling van dr. John Brebner (1833-1902) as eerste superintendent van onderwys en die stigting van verskeie nuwe skole.[72]

In 1874 het telegraafdienste ’n aanvang geneem en stelselmatig is Bloemfontein telegrafies met Vrystaatse dorpe en ander plekke in Suid-Afrika verbind. In 1875 is Bloemfontein se eerste hospitaal, die St. George’s Cottage Hospitaal in St. Andrewstraat, geopen en in dieselfde jaar is die eerste landbouskou gehou. ’n Rondreisende biblioteek is in 1867 begin en is sedert 1875 omskep in Bloemfontein se openbare biblioteek en leeskamer wat in ’n vertrek aan die agterkant van die stadsaal[73] gehuisves is.[74] In 1877 is die Nasionale Museum gestig en in die voormalige Eerste Raadsaal ingerig. In dieselfde jaar is die Goewermentsgebou (wat die Derde Raadsaal ingesluit het) aan die bopunt van Maitlandstraat voltooi en die Nasionale Bank gestig. Gedurende die 1870’s het Bloemfontein ook ’n paar ander banke en hotelle ryker geword.[75]

Tydens die 1880’s het die handel in Bloemfontein afgeneem weens ’n langdurige droogte en depressie wat die Vrystaat geteister het. Na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het die handel weer ’n groot oplewing beleef. In 1880 het Bloemfontein ’n inwonertal van 2 567 bereik en volle munisipale status verkry met Robert Innes (1823-1896)

---

70 *The Friend*, 9.11.1871, p. 1; Muller, p. 247.
71 *The Friend*, 3.2.1876, p. 5, 16.3.1876, p. 5, 24.8.1867, p. 4, 28.9.1876, p. 3 en 19.10.1876, p. 3; Schoeman, p. 60.
72 O’Connor, p. 10; Groenewald en Herholdt, pp. 46-47.
73 Dit was die ou Wesleyaanse kapel wat sedert 1873 as Bloemfontein se stadsaal gebruik is. Groenewald en Herholdt, p. 46.
74 O’Connor, p. 10; Groenewald en Herholdt, pp. 46-47.
75 *Ibid*.

as eerste burgemeester. Veral na die ontdekking van diamante het die bevolking van Bloemfontein vinnig toegeneem en in 1883 was daar reeds sprake van ’n behuisingstekort in die dorp.[76] Tussen 1880 en 1886 het Bloemfontein ’n hele aantal nuwe geboue bygekry, onder meer die Tweetoringkerk (NG) (1880), die Church of the Sacred Heart (nuwe Rooms-Katolieke kerkgebou) (1881), nuwe markgebou (1882), ’n gestig vir kranksinniges[77](1883) en die nuwe stadsaal in Maitlandstraat (1883). Die Anglikaanse katedraal is in 1885 heelwat vergroot en ’n nuwe, deftiger presidentswoning (die Derde Presidensie) is in 1886 in die plek van die ou Tweede Presidensie, wat nog uit 1862 dateer, opgerig.[78] In 1883 is Bloemfontein se strate saans vir die eerste keer deur middel van 40 paraffienlampe verlig, wat vir die inwoners ’n groot verbetering was.[79]

Op Saterdagaand 14 Julie 1888, nadat Brand ’n potjie skaak met sy seun gespeel het, het hy onverwags ’n hartaanval gekry. Hoewel drr. C.J.G. Krause (1825-1889) en B.O. Kellner (1836-1918) dadelik na die Presidensie ontbied is, kon hulle niks vir die president doen nie. Drie dae later het nagenoeg 2 000 mense Brand se staatsbegrafnis bygewoon en Bloemfontein is in rou gedompel.[80]

Dit sou moeilik wees om ’n opvolger vir iemand soos Brand te vind. Hoewel verskeie ander kandidate ook vir die amp van staatspresident oorweeg is, het die Volksraad besluit om Francis William Reitz (1844-1934), wat in 1874 die Vrystaat se eerste hoofregter geword het, as sy kandidaat in die komende presidentsverkiesing te benoem. Reitz het die benoeming aanvaar, is in Desember 1888 tot vyfde staatspresident van die OVS verkies en het die presidentswoning in Januarie 1889 betrek.[81]

2 Bloemfontein as kultuurbodem: omgewing, topografie, klimaat en bodemgesteldheid

2.1 Kultuurbodem

Om Bloemfontein se inwoners en hulle leefwyse te verstaan, moet ondersoek na dié dorp as kultuurbodem ingestel word. Besoekers en reisigers het van Bloemfontein se boomrykheid en skoonheid melding gemaak. Volgens Karel Schoeman was “netheid, vriendelikheid en

---

[76] Snyman, p. 155.
[77] Die latere Oranje-hospitaal, wat vandag as die Vrystaatse Provinsiale Psigiatriese Kompleks bekend staan en wat op die vlakte tussen die latere verlenging van President Brandstraat en Kolbelaan gebou is.
[78] Groenewald en Herholdt, pp. 48-49; Botes, p. 167.
[79] Groenewald en Herholdt, p. 49; Schoeman, p. 98.
[80] *The Friend*, 18.7.1888, p. 3 en 25.7.1888, p. 3; Barlow, p. 239.
[81] *The Friend*, 9.1.1889, p. 3; Schoeman, p. 109;

toenemende waardigheid en selfvertroue" die eienskappe wat Bloemfontein in die 1880's gekenmerk het en was die indruk wat Bloemfontein in dié tyd gemaak het, een van "voorspoed, welvaart en opgewektheid".[82] Verwysings na Bloemfontein se vrugteboorde en blomtuine was in hierdie jare volop.[83]

Bloemfontein was vir sy inwoners 'n tuiste en kultuurbodem waar hulle kon woon en werk en dus ook daagliks kultuur kon skep. Die mens se kultuur word nie in 'n lugleegte geskep nie, maar deur sy inwerking op die natuur en omgewing, asook sy sosiale interaksie met sy medemens – en omgekeerd. Gevolglik is daar voortdurend 'n magdom invloede – positief en negatief – wat op die persoon inwerk en bydra tot die aard van sy/haar leefwyse en kultuurprodukte. Die vernaamste invloede is: (a) die kultuurbodem of omgewingsfaktor, (b) die geestesgesteldheid van die mens, of oorerwingsfaktor (volksaard) en (c) die algemene lewensomstandighede van 'n kultuurgroep of -groepe.[84]

Die invloed wat die kultuurbodem of omgewingsfaktor op sy inwoners uitoefen, word onder meer bepaal deur die ligging van 'n plek of land, asook die klimaat, topografie en plantegroei. Die mens skep sy kultuur op die besondere deel van die aarde of land wat hy bewoon en 'n gemeenskap moet dus ook vanuit sy kultuurbodem verstaan word. Die kultuurbodem kan 'n negatiewe invloed op sy bewoners hê deurdat dit sekere beperkings op hulle plaas. Gunstige omgewingsfaktore daarenteen kan weer positiewe invloede op die inwoners uitoefen.[85]

2.2 Topografie

Bloemfontein as kultuurbodem se presiese ligging is 29°6′15″S.B. en 26°11′0″O.L., bykans in die middel van die Vrystaat en Suid-Afrika, op 'n hoogte van 1 370,4 meter (4 568 voet) bokant seevlak.[86] Die Vrystaatse hoofstad is op die groot Suid-Afrikaanse Hoëveld geleë. Volgens Snyman is die plaaslike topografie van Bloemfontein 'n baie goeie weerspieëling van die algemene topografie van die Vrystaatse Hoëveld en is dit golwend met dolerietkoppies en lae heuwelreekse wat die gebied in alle rigtings deurkruis. Die hoogste en bekendste van hierdie heuwels is Naval Hill[87] (1 476,9 meter bokant seevlak), wat voor 1900 bloot as

---

82 Schoeman, pp. 101-102.
83 *Ibid*., p. 101.
84 P.W. Grobbelaar, "Kultuur en beskawing" in P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land*, pp. 14-18.
85 *Ibid*., pp. 14-15.
86 B. Newman, *South African Journey*, p. 106; Snyman, p. 120; *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 2, p. 366.
87 So genoem na die Britse besetting van Bloemfontein in 1900 toe 'n afdeling van die Britse vlootbrigade met 'n aantal vlootkanonne op die heuwel geplaas is om die dorp teen die Boeremagte te beskerm. M. Botes, " 'n Naval Hill in Bloemfontein?", *Culna* 59, November 2004, p. 3.

Bloemfonteinberg bekend gestaan het, hoewel name soos Tafelkop en Platberg ook soms gebruik is. Die laagste gebied in Bloemfontein word langs Bloemspruit in die sentrale, laerliggende gedeelte van die stad aangetref.[88]

Bloemfontein het dus aanvanklik voldoende water gehad in die vorm van sy standhoudende fontein en die sterk spruit wat deur die suidelike deel van die dorp gevloei het. Dié spruit het aanvanklik ’n diep, kronkelende loop gehad en is eers na die groot vloed van 1904 gekanaliseer en reguit gemaak.[89] Die water van die fontein en spruit is deur die natuurlike reënval aangevul, maar wanneer dit hewig gereën het, het die spruit in ’n vloed afgekom en skade aan huise en eiendom veroorsaak. Verder is die loop van die spruit ook van tyd tot tyd deur die oorstromings gewysig.[90]

Met die oorvloedige reëns van 1868 het Bloemspruit sy walle oorstroom, deur die tuine van die watererwe suid van die spruit gestroom en skade aangerig. Die houtbrûe oor die spruit is meegesleur, terwyl die wilgerbome wat langs die spruit gestaan het, ook deur die watermassa ontwortel en weggevoer is.[91] Die vloed van November 1874 het net soveel skade aangerig. Verskeie brûe is weer eens weggespoel, terwyl winkels en huise ook beskadig is.[92] Tydens so ’n vloed was die driwwe in die spruit vir ure lank onbegaanbaar en die suidelike deel van die dorp van die noordelike deel afgesny. Mense wat probeer deurkom het, is dikwels met rytuig en perde weggespoel, soms met noodlottige gevolge.[93] In November 1891 het Bloemspruit weer sy walle oorstroom en aansienlike skade veroorsaak,[94] maar die bekendste en grootste vloed was dié van Januarie 1904, toe 60 mense dood is, 175 geboue verwoes, skade van sowat £250 000 aangerig en ongeveer 3 000 mense dakloos gelaat is.[95]

Bloemfontein se sentrale ligging, sowel as sy standhoudende watervoorraad, was uiters belangrik vir die dorp se ontwikkeling en het ook ’n bepalende invloed op die inwoners se lewenswyse gehad. Die fontein en spruit se water is benut vir huishoudelike gebruik, vir besighede en nywerhede, sowel as vir ontspanningsdoeleindes vir die inwoners. Die water van die spruit was nie altyd so skoon nie, aangesien sommige inwoners hulle wasgoed daar gewas het en daar dikwels ook vullis in die spruit gestort is.[96]

---

88 Snyman, pp. 120-121; Schoeman, p. 162.
89 Leviseur, pp. 28-29; O’Connor, p. 9.
90 Snyman, p. 124.
91 *The Friend*, 28.2.1868, p. 2.
92 *Ibid*., 26.11.1874, p. 3.
93 Schoeman, p. 49.
94 VAB, A2.108: Notice. Public Meeting, 19.11.1891.
95 Schoeman, pp. 184-186.
96 Leviseur, p. 28.

2.3 Klimaat

Die klimaat van Bloemfontein word deur ’n redelik lae reënval, baie sonskyndae en aansienlike daaglikse temperatuurwisselinge gekenmerk. Die somers is warm met reën, dikwels in die vorm van donderstorms, terwyl die winters gewoonlik koud en droog is, dikwels met ryp snags. In die winter ryp sommige plante in Bloemfontein dood, sodat alle tipe plante nie hier aard nie.[97] Soms sneeu dit ook in Bloemfontein, soos in Julie en Augustus 1891.[98] Haelstorms kom ook gereeld in en om Bloemfontein voor, soms selfs in die winter. Die wisseling tussen somer- en wintertemperature is aansienlik, soos tipies van die Hoëveld se klimaat. Julie is gewoonlik die koudste maand, terwyl Desember en Januarie die warmste maande is.[99]

Die reënval vir Bloemfontein is sedert 1881 by die Ou Grey-kollege in St. Georgestraat aangeteken.[100] Die reënvalrekord toon dat periodes van goeie reënval in die OVS met periodes van erge droogtes afgewissel is,[101] wat weer ’n invloed op die handel, die mark en selfs op die inwoners se eetgewoontes gehad het, aangesien sommige landbouprodukte in droogtetye skaars en duur was. Dikwels is droogtes deur tye van hewige reën gevolg. Na die droogte in 1889 het daar byvoorbeeld in Februarie en Maart 1890 so baie reën in Bloemfontein geval dat die aanhoudende reën handel bemoeilik en sommige bedrywe in die wiele gery het. Boere kon vanweë die swaar reën en verspoelde paaie nie na die hoofstad kom om voorrade te koop en landbouprodukte te verkoop nie en die vloei van geld is beperk deurdat ambagslui slegs ’n paar dae per week kon werk. Steenmakers kon vanweë die reën glad nie werk nie. Die manne in die Spoorwegkamp,[102] wat in tente gewoon het, het ’n moeilike tyd beleef, want alles was sopnat.[103] Soms was die donderstorms só erg dat daar groot slote in die strate gespoel is en die kinders selfs in die slote visgevang het, veral in die strate naby die spruit.[104]

Die gemiddelde jaarlikse reënval in Bloemfontein is ongeveer 527mm (20.77″).[105] Droogtes het dus gereeld voorgekom en die uitwerking daarvan is vererger deur stofstorms en plae soos sprinkane, wat landbougewasse, gras en ander plante opgevreet het. Verskeie biddae om reën is gedurende die 1890’s in al die kerke gehou.[106] Bloemfontein is bekend vir sy

---

97 *The Friend*, 31.5.1895, p. 3.
98 *Ibid.*, 21.7.1891, p. 2 en 11.8.1891, p. 2.
99 *Ibid*., 9.10.1891, p. 2, 29.6.1894, p. 3 en 11.9.1894, p. 2; Snyman, pp. 125-126.
100 Snyman, p. 126.
101 “Bloemfontein’s rainfall statistics over half a century”, *The Friend*, 1.1.1934, p. 6.
102 Vandag die woonbuurt van Hilton aan die oostekant van Bloemfontein.
103 *The Friend*, 26.03.1890, p. 2.
104 *Ibid.*, 2.1.1889, p. 2; J. Crawford, “When boys caught fish in St. John Street”, *Bloemfontein’s Centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 39.
105 “Bloemfontein’s rainfall statistics over half a century”, *The Friend*, 1.1.1934, p. 6; Snyman, p. 126.
106 *The Friend*, 23.10.1889, p. 3 en 1.11.1895, p. 3; Schoeman, p. 124.

verblindende stofstorms, veral in tye van droogte en sterk wind. Waaiende sand en stof het dan die dae verdonker en daar is spottenderwys na “Bloemfontein rain” verwys. Omdat Bloemfontein voor 1900 nog grondstrate en groot stukke oop veld gehad het, het dit die situasie vererger.[107] Gelukkig het die stofstorms gewoonlik net ’n paar uur geduur. Stofstorms wat ’n hele dag lank geduur het, het selde voorgekom.[108] Sterk winde het soms ook geboue se dakke afgewaai en skade veroorsaak.[109]

Sprinkaanplae was voor 1900 ’n groot probleem in die Vrystaat en het Bloemfontein ook gereeld geteister. Die voetgangers het die gras, blomme, plante en selfs jong bome in die tuine opgevreet, terwyl die vlieënde insekte oor en deur die dorp gevlieg en selfs by die vensters van die huise ingevlieg en die gordyne en die klere in die kaste opgevreet het.[110] In Oktober 1894 was daar heelwat klagtes omdat die stadsraad geen stappe gedoen het om die sprinkane uit te roei nie.[111] Na so ’n ‘besoek’ van sprinkane het melk, botter, eiers en selfs vleis ’n slegte bysmaak gehad as gevolg van die voetgangers wat deur die koeie en hoenders gevreet is.[112] Soms het die sprinkane in sulke digte swerms oor Bloemfontein gevlieg dat hulle die lug verdonker en skaduwees op die strate gegooi het. Die sprinkane het dikwels veroorsaak dat treine laat was, omdat hulle in sulke groot getalle op die spoorlyn gaan sit het. Die spoorlyn was soms só glad dat twee lokomotiewe gebruik moes word om een trein te sleep. Dikwels het sprinkaanvoëls tot die dorp se redding gekom deurdat hulle die insekte opgevreet het.[113]

Ander plae wat die inwoners geteister het, was muise, wat groot skade aan die voer, graan en ander voedselvoorraad aangerig het,[114] terwyl swaeltjies wat hulle neste veral onder die dakrand van die stadsaal in Maitlandstraat en in die torings van die Tweetoringkerk aan die bopunt van Kerkstraat gebou het, blykbaar destyds ook as ’n plaag beskou is.[115]

2.4 Plantegroei en dierelewe

Wat natuurlike plantegroei aanbetref, is Bloemfontein in ’n oorgangsone van woestynstruike en gemengde gras geleë. In ’n suidwestelike rigting word meer karooagtige bossies en minder gras aangetref. Hoewel die natuurlike plantegroei vandag grotendeels binne die stedelike gebied

---

[107] *The Friend*, 9.10.1889, p. 3, 19.2.1892, p. 3 en 22.10.1895, p. 3; Schoeman, p. 13.
[108] A. Fuller, *South Africa as a health resort, with special reference to the effects of the climate on consumptive invalids, and full particulars of the various localities most suitable for their treatment, and also the best means of reaching the places indicated*, p. 34; *The Friend*, 2.10.1889, p. 3 en 4.12.1891, p. 3.
[109] *The Friend*, 18.11.1890, pp. 3-4 en 22.10.1895, p. 3.
[110] Leviseur, p. 24; Schoeman, p. 14.
[111] *The Friend*, 30.10.1894, p. 3 en 2.11.1894, p. 3.
[112] Schoeman, p. 80.
[113] *The Friend*, 13.10.1891, pp. 2-3, 5.1.1892, p. 2, 19.1.1892, p. 2, 30.10.1894, p. 3 en 27.11.1894, p. 3.
[114] *Ibid.*, 17.7.1891, p. 2 en 1.4.1892, pp. 2-3.
[115] *Ibid.*, 14.11.1890, p. 3 en 18.11.1890, p. 6.

verdwyn het, was dit nie die geval voor 1900 nie. Omdat Bloemfontein toe nie so dig bebou was nie, het dit ’n landelike karakter gehad sodat die natuurlike plantegroei redelik behoue gebly het. Na die koms van die spoorlyn in 1890 het ’n redelik snelle bevolkingstoename en gevolglike residensiële uitbreiding tot gevolg gehad dat die natuurlike plantegroei in ’n toenemende mate begin verdwyn het. Bloemfontein se natuurlike plantegroei het nie net uit gras en Karoo-struike bestaan nie. Wes van die fontein waarvandaan Bloemfontein sy naam gekry het, was aanvanklik ’n groot vlei met ’n digte bodembedekking van biesies, fluitjiesriet en lang gras. Bloemspruit was nog in sy natuurlike staat en het volgens Snyman nogal ’n skilderagtige voorkoms gehad, danksy die mooi wilger- en ander bome op sy walle.[116]

Soos reeds genoem, het besoekers van die boomrykheid van Bloemfontein melding gemaak. Die meeste bome het langs en suid van die spruit gegroei, terwyl die gebied noord van die spruit redelik boomloos was. Langs St. George- en Douglasstraat het akasiabome gegroei, terwyl die munisipaliteit ook sering- en bloekombome aangeplant het.[117] Daar is vroeg reeds vir die aanlê van damme voorsiening gemaak. In 1856 is daar bokant die fontein met behulp van bandiete ’n dam gebou en in die 1860’s is ’n groot dam agter die Presidensie gebou, blykbaar net noord van die huidige kruising van Eerstelaan en Parkweg en tussen die huidige Markgraaffstraat en Eerstelaan.[118] ’n Gedeelte van die damwal is vandag nog op die suidwestelike deel van die Presidensie-terrein sigbaar. In 1860 is £130 ingesamel vir die uitleg en beplanting van ’n stuk grond bokant die fontein. Hier, aan die westekant van Bloemfontein, is ’n aantal wilgebome geplant en mettertyd het daar ’n ontspanningsplek ontstaan wat “The Willows” genoem is en waar daar gereeld pieknieks gehou is.[119] Vandag staan die woonbuurt wat later daar tot stand gekom het, steeds as Willows bekend.[120] Buiten die natuurlike plantegroei en boomaanplanting was Bloemfontein vroeg reeds bekend vir sy vrugtebome, veral perskebome.[121] Later is al hoe meer blomtuine aangeplant.[122]

The Friend het Bloemfonteiners voortdurend aangemoedig om bome te plant en in Oktober 1878 is berig: “Bloemfontein is now looking at its best. The beautiful light green of the trees among its red and white houses make strangers speak in glowing terms of the lovely appearance with which the town presents to the weary eye.”[123] Danksy die Bloemfontein-

---

116 Snyman, p. 128; Schoeman, p. 3.
117 Snyman, pp. 128-129.
118 F. Shaw, “Bloemfontein sixty years ago”, *Orange Free State Centenary: supplement to The Friend* 23.2.1954; Schoeman, p. 49.
119 VAB, E.N. Roberts, “The Bloem Fontein” (Ongepubliseerde artikel), p. 15; Schoeman, p. 49.
120 Snyman, p. 128.
121 Die tuine en parke word in hoofstuk 4 meer breedvoerig bespreek.
122 Schoeman, pp. 13, 23, 69 en 101.
123 *The Friend*, 24.10.1878, p. 3.

munisipaliteit is al meer bome aangeplant. In 1877 word berig dat die munisipaliteit besig is om bome aan beide kante van Monumentweg en rondom die marktafels aan te plant.[124] Volgens ’n munisipale kennisgewing van 1882 kon huiseienaars bome gratis kry, op voorwaarde dat hulle dit gereeld natgooi en versorg.[125] In 1894 het die stadsraad besluit om Wardenplein in ’n kwekery te omskep wat Bloemfontein en ook die res van die Vrystaat sou bedien.[126]

Wat die dierelewe aanbetref, was die onmiddellike omgewing van Bloemfontein in die vroegste jare ’n paradys van allerlei soorte wild en die vernaamste vorm van ontspanning in hierdie tyd was jag.[127] In sy herinneringe dink W.W. Collins met heimwee terug aan die oorvloedige wild van die 1840’s en 1850’s wat later as gevolg van die uitbreiding van die dorp verdwyn het: “ ... black and blue wildebeeste, ‘gnu’, blesbok, quagga, roebuck, springbuck, ostriches, hares, wild pigs, and a few hartebeest, besides large and small birds of many kinds: ... the mahem, the blue crane, the paauw, the wild turkey (a beautiful dark green bird with a long red bill), the korhaan, the big white locust bird, the flamingo, the heron – where are they now? Only a few of these are left.”[128]

Leeus en jagluiperds was volop net buite die dorp, sodat die posmeester die pos voor vieruur smiddags moes wegstuur uit vrees vir die posryers se lewe. Wildehonde en wildekatte was bedags op die rante en vlaktes rondom Bloemfontein sigbaar.[129] Wildebeeste en springbokke het van tyd tot tyd die dorp binnegedring en is dan deur Bloemfontein se rondloperhonde verwilder. Soms is van die inwoners selfs deur van die wildebeeste gejaag.[130] Soos die dorp uitgebrei het, het die wild, voëls en roofdiere in sy onmiddellike omgewing uiteraard al hoe minder geword.

2.5 Bloemfontein as gesondheidsoord

’n Gunstige ligging, lang, ononderbroke dae van sonskyn en droë, versterkende vars lug[131] het daartoe bygedra om van Bloemfontein ’n gesondheidsoord te maak wat oor die hele wêreld

---

[124] Groenewald en Herholdt, p. 70.
[125] *The Friend*, 27.7.1882, p. 2.
[126] *Ibid.*, 2.3.1894, p. 3.
[127] Schoeman, p. 15.
[128] W.W. Collins, “*Free Statia”; or, reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, South Africa,* pp. 18-19.
[129] C.D. Lynch, “Mangaung: place of the great cats”, *Nasionale Museum Nuus* 33, September 1987, p. 3; Collins, p. 19.
[130] S. Leviseur, “Chased by a wildebeest across Hoffman Square”, *Bloemfontein’s Centenary 1846-1946, supplement to The Friend,* 21.3.1946, p. 35.
[131] Wright, p. 65.

bekend geword het vir sy genesende eienskappe, veral vir mense wat aan longkwale ly.[132] Volgens die Britse mediese tydskrif *Lancet* het Bloemfontein die 'ideale' klimaat – "one of the healthiest in the world" – gehad.[133] Die gesonde klimaat het selfs wondere gedoen vir die herstel van teringlyers mits hulle na Bloemfontein gekom het voordat die siekte te ver gevorder het.[134] Volgens Fuller is selfs die koue, maar sonnige wintersdae van Bloemfontein baie voordelig vir siekes met longkwale, veral omdat die lug dan baie droog is. Die winternagte is baie koud, dikwels met ryp, maar word nie vergesel van mis en motreën soos dit dikwels in Brittanje en ander dele van Europa die geval is nie. Die kwaai stofstorms wat soms, veral in die somer, woed, was die enigste nadeel van Bloemfontein se klimaat en teringlyers is aangeraai om dan liewer binnenshuis te bly.[135]

Heelwat van hierdie siekes het hulle ter wille van hul gesondheid permanent in Bloemfontein gevestig. So skryf ene W. Creighton, 'n telegrafis, in Mei 1890 aan pres. Reitz om 'n salarisverhoging te versoek, aangesien hy met sy koms na Bloemfontein 'n junior pos moes aanvaar ter wille van sy suster en vrou se gesondheid. Volgens hom was Bloemfontein die enigste plek in Suid-Afrika wat met sy suster akkordeer en het sy vrou se gesondheid ook baie verbeter vandat hulle hul in dié dorp gevestig het.[136] Selfs bekendes, soos J. Salter-Whiter, skrywer en sakeman in die sy-handel, was baie beïndruk deur Bloemfontein se klimaat omdat dit hom van 'n ernstige longkwaal genees het. Norman Salmond, 'n bekende sanger in die 1890's, was van mening dat Bloemfontein se ideale klimaat en skoon, vars lug baie heilsaam vir sy stem was.[137]

Ofskoon Bloemfontein in die 19de eeu nie oor al die geriewe en luukshede van Europese stede beskik het nie, was die standaard en beskikbaarheid van hotelverblyf redelik goed en kon siekes ook in verskeie losieshuise in die stad tuisgaan.[138] Verblyf in Bloemfontein se hospitale het teen 1896 vyf sjielings per nag vir 'n bed in 'n algemene saal en tien sjielings vir 'n bed in 'n privaat kamer gekos.[139] Na die koms van die spoorlyn in 1890 het Bloemfontein se ontwikkeling met rasse skrede vooruitgegaan en vanweë die beter kommunikasie- en vervoerstelsel was selfs luukshede meer bekombaar. Wat buitelanders nie

---

[132] *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad* (hierna: *De Express*), 23.12.1890, p. 2; *The Friend*, 13.10.1894, p. 2.
[133] *The Friend*, 26.10.1873, p. 3.
[134] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; G.G. Eyre, "Orange Free State" in W.C. Scholtz (red.), *The South African climate: including climatology and balneology, and discussing the advantages, peculiarities and capabilities of the country as a health resort – more particularly with reference to affections of the chest*, pp. 143-153.
[135] Fuller, pp. 34-38.
[136] VAB, GS187: W. Creighton – F.W. Reitz, 10.5.1890.
[137] *The Friend*, 28.5.1895, p. 3 en 20.12.1895, p. 3.
[138] J.W. Dalgleish, "Bloemfontein" in Scholtz (red.), *The South African climate*, p. 186; Fuller, pp. 41-42.
[139] Eyre, p. 146.

altyd besef het nie, is dat die lewe in Bloemfontein baie duur was, selfs in vergelyking met oorsese stede en dat siekes dus óf heelwat geld moes hê om gemaklik in die Vrystaatse hoofstad te kon lewe, óf dat hulle genoodsaak is om werk te soek, wat weer dikwels hul gesondheid benadeel het. Daar was dus ’n dringende behoefte aan ’n spesiale hospitaal of inrigting vir teringlyers en ’n tehuis vir herstellendes in Bloemfontein.[140] In Mei 1890 is ’n poging aangewend om ’n maatskappy te stig met die doel om ’n sanatorium en hotel vir teringlyers en ander pasiënte met longkwale op te rig en te bestuur,[141] maar hierdie ideaal is blykbaar nooit verwesenlik nie.

Hoewel die dorp in die 19de eeu deur verskeie siektes en epidemies geteister is,[142] is Bloemfontein se lof as ’n gesondheidsoord veral in die 1890’s deur buitelanders met longkwale besing. *The Friend* berig in November 1892: “During the last few months many people suffering from chest complaints have come from Europe to sojourn here; and it is very remarkable how much the majority of them seem to have improved in health and appearance. Several of those afflicted have expressed their admiration for our light, dry air and healthy climate, and say that the Free State should be beter known as a health resort than it is at present on the continent of Europe.”[143] Baie mense wat met ernstige longkwale na Bloemfontein gekom het, is volkome genees of het soveel verbeter dat hulle nuttige, besige lewens kon lei.[144] Soms het siekes na Bloemfontein gekom wanneer hulle siekte reeds te ver gevorder is en dan het hulle dikwels kort na hul aankoms hier gesterf.[145]

Weens die geweldige uitbreiding van Bloemfontein in die 1890’s was daar reeds teen 1896 klagtes dat die dorp se lug besoedel word deur duisende inwoners, die vullis van huise, besighede en bedrywe, die rook van fabrieke en huise en die stof van die grondpaaie en -strate. Siekes met longkwale is toe aangeraai om liewer verblyf op omliggende plase te gaan soek, waar die lug skoner is.[146]

---

[140] *The Friend*, 3.4.1894, p. 2 en 23.10.1894, p. 2.
[141] VAB, GS187: Bloemfontein Investment Company: Draft Prospectus, Mei 1890.
[142] Kyk hoofstuk 3 vir meer besonderhede hieroor.
[143] *The Friend*, 29.11.1892, p. 3.
[144] *De Express*,23.12.1890, p. 2.
[145] *The Friend*, 30.10.1894, p. 3; Schoeman, p. 81.
[146] Dalgleish, p. 182.

3 Die staatkundige konteks

Dit is nie net die kultuurbodem wat ’n invloed op die inwoners het nie, maar ook die staatkundige en ekonomiese konteks van die staat of land waarin die dorp geleë is.

3.1 Die staat en regering

Reeds tydens Brand se bewind is die administrasie van die republiek dermate hervorm en verbeter dat die OVS teen 1881 bekend gestaan het as die bes bestuurde deel van Suid-Afrika en ’n “modelrepubliek” genoem is. Reitz het op Brand se goeie werk voortgebou en die Vrystaat het gedurende sy bewind verder vooruitgegaan.[147] Die Britse staatsman en regsgeleerde burggraaf James Bryce, wat die Vrystaat in 1895 besoek het, het in sy reisbeskrywing geskryf: “In the Orange Free State I discovered, in 1895, the kind of commonwealth which the fond fancy of the philosophers of last century painted. It is an ideal commonwealth ... ”[148]

Volgens die grondwet van die OVS kon net wit mans wat aan sekere vereistes voldoen het, burgerskap verkry en net burgers ouer as 21 jaar het stemreg gehad om Volksraadslede en die president te verkies. Buitelanders wat hulle permanent in die Vrystaat gevestig en aan sekere vereistes voldoen het, kon ook burgers word en het dus ook stemreg gehad.[149] Swart en bruin mans, asook vroue van alle bevolkingsgroepe, het glad nie stemreg gehad nie. Die staatspresident is vir ’n termyn van vyf jaar verkies, maar kon herkies word.[150]

Die grondwet van die republiek het die pligte en magte van die staatspresident en Volksraad bepaal. Die president was vir alles wat hy gedoen het aan die Volksraad verantwoordelik.[151] Hy moes die Volksraad van raad en advies bedien en kon wetsontwerpe indien, maar het geen vetoreg gehad nie. Die grondwet het verder bepaal dat hy met elke sitting van die Volksraad ’n verslag oor die toestand van die republiek en die staatsdiens moes lewer – die sogenaamde presidensiële aanspraak. Met toestemming van die Volksraad kon hy oorlog verklaar of vrede sluit en traktate aangaan.[152] Selfs wanneer die president buite die Vrystaat wou reis, moes hy toestemming hiervoor by die Volksraad verkry.[153] Die sterk konstitusionele posisie van die Volksraad was tekenend van die demokratiese gesindheid van die Afrikaners.

---

147 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 4, *1881-1899*, p. 138.
148 J. Bryce, *Impressions of South Africa*, p. 314.
149 *Het Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, p. 129.
150 *Ibid.*
151 G.D. Scholtz, *Die konstitusie en staatsinstellings van die OVS 1854-1902*, p. 117; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, p. 129.
152 *OVS Wetboek 1854-1891*: Reglement van orde voor de Volksraad van den OVS, 1884.
153 *OVS Volksraadsnotule*, 30.5.1892.

Omdat die Vrystaatse burgers die lede van die wetgewende mag aangewys het, was die Volksraad aan hulle wil en goedkeuring ondergeskik. Deur middel van die Volksraadslede (hul verteenwoordigers) het die burgers dus eintlik self hul republiek bestuur.[154] Die Volksraad het gewoonlik jaarliks gedurende Mei in Bloemfontein vergader, maar die president kon ’n verdere spesiale sitting van die raad byeenroep, indien hy dit nodig geag het en daar dringende sake was om te bespreek.[155]

Die feit dat die president wetsontwerpe kon indien, het besondere magte aan hom verleen. Die Vrystaatse presidente het heelwat wetsontwerpe ingedien. Omdat die president ten volle vertroud was met die behoeftes van die land en ook as skakel tussen die wetgewende en die uitvoerende mag gedien het, het wetsontwerpe wat deur die staatshoof ingedien is, meestal besondere gewig gedra en is dit slegs by hoë uitsondering deur die Volksraad verwerp.[156]

Die staatspresident was die hoof van die uitvoerende raad, wat hom met advies moes bedien. Dié raad het nie oor veel magte beskik nie en dit is aan die president se diskresie oorgelaat watter aangeleenthede hy na die uitvoerende raad wil verwys. Die president kon aanbevelings van die raad aanvaar of verwerp. Volgens die bepalings van die grondwet is die uitvoerende raad saamgestel uit die landdros van Bloemfontein, die goewermentsekretaris en drie lede wat deur die Volksraad benoem is en wat nie staatsamptenare was nie.[157] In 1893 en 1894 was die lede van die uitvoerende raad pres. F.W. Reitz, S.P. de Beer (landdros van Bloemfontein), P.J. Blignaut (goewermentsekretaris), asook C. van der Wath, C.H. Wessels en G.A. Fichardt. Die sekretaris was H.W. Bell.[158]

Die president was ook die hoof van die staatsdiens en het die mag gehad om amptenare aan te stel, te verplaas en af te dank, indien nodig.[159] Elke staatsdepartement het verder sy eie departementshoof gehad en in die 1890’s is alle staatsamptenare verplig om sekere openbare eksamens te slaag of opleiding te ontvang voordat hulle in ’n pos aangestel word. Die doel hiervan was om hulle beter vir hul werksaamhede toe te rus.[160] In die winter het die staatskantore ’n uur vroeër gesluit, te wete om 16:00, terwyl die kantore in die somermaande tot 17:00 oop was. Alle staatsamptenare het Woensdag net ’n halwe dag gewerk, sodat hulle die geleentheid gehad het om Woensdagmiddae sport te beoefen.[161]

---

154 Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 4, p. 139.
155 *The Friend*, 8.5.1889, p. 3 en 14.11.1890, p. 3.
156 Moll, p. 83; Scholtz, *Die konstitusie en staatsinstellings van die OVS*, p. 116.
157 *OVS Wetboek 1854-1891*, p. 244; Moll, p. 92.
158 *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 141; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, p. 106.
159 Scholtz, *Die konstitusie en staatsinstellings van die OVS*, p. 111.
160 *The Friend*, 2.3.1894, p. 2.
161 *Ibid.*, 23.1.1889, p. 6 en 3.4.1889, p. 3.

Die belangrikste staatsamptenaar was die goewermentsekretaris wat direk aan die president verantwoordelik was. Hy het alle amptelike korrespondensie namens die president behartig en was ook die skakel tussen die president en die staatsamptenare aan wie hy instruksies en opdragte moes oordra. Omdat hy in beide die Volksraad en die uitvoerende raad sitting gehad het, was hy ten volle op hoogte met alle aspekte van die staatsadministrasie. So was Reitz bevoorreg om deur P.J. Blignaut, een van die bekwaamste goewermentsekretarisse wat die Vrystaat ooit gehad het, bygestaan te word. Die tesourier-generaal was ook ’n belangrike staatsamptenaar, aangesien hy met die finansiële sake van die republiek belas was en die jaarlikse begroting moes opstel. Hy moes die land se rekenings volgens instruksies van die president hanteer en kon slegs uitgawes betaal wat deur die Volksraad goedgekeur is.[162]

Bloemfontein, as hoofstad van die “modelrepubliek”, was die setel van die regering en administrasie, die woonplek van die Vrystaatse staatspresident en ook die hoofkwartier van die Vrystaatse handel en onderwys. Sedert die 1870’s het Bloemfontein ’n uiters belangrike rol in die politieke konteks, nie net van die Vrystaat nie, maar die hele Suid-Afrika gespeel.[163]

Die Vrystaatse staatshoofde en hul gesinne het in die Presidensie gewoon en in die Reitz-tyd was dit die Derde Presidensie,[164] die ampswoning van die Vrystaatse staatspresidente in President Brandstraat wat in Julie 1886 voltooi is.[165] Die sentrale regering van die Vrystaat was geleë in Bloemfontein as hoofstad, met kleiner kantore op die plattelandse dorpe. Die staatsamptenare se kantore was meestal in die Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat. Buiten sy feitlik daaglikse kontak met verskillende staatsamptenare in Bloemfontein het die staatspresident jaarliks die platteland besoek om sodoende ’n wakende oog oor die staatsadministrasie in alle dele van die republiek te hou en probleme en behoeftes direk van die burgers aan te hoor.[166] Al die Vrystaatse presidente, ook Reitz, was dus besonder toeganklik vir die gewone burger en het ’n baie bedrywige sosiale lewe gelei.

---

[162] Moll, p. 95.

[163] *The Friend*, 2.01.1891, p. 2; A. Macmillan, *The city of Bloemfontein: an historical, commercial and general review*, p. 5.

[164] Daar was agtereenvolgens drie presidentswonings op die terrein van die huidige Presidensie. Vir meer inligting hieroor, raadpleeg S.M. Botes, *Van Residensie tot Presidensie: ’n kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein, 1846-1900*. M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria, Julie 1993.

[165] VAB, GS1117: G. Hallé – goewermentsekr., 21.6.1886; *The Friend*; 12.8.1886, p. 2.

[166] Moll, pp. 96-97.

3.2 Reitz se eerste ampstermyn, 1889-1893

3.2.1 Reitz se verkiesing tot staatspresident

Soos reeds genoem, is F.W. Reitz in Desember 1888 tot vyfde staatspresident van die OVS verkies.[167] Francis William Reitz is op 5 Oktober 1844 op Swellendam gebore. Hy het ná skool in die regte gaan studeer by die Inner Temple in Londen, waar hy in 1867 as advokaat toegelaat is. In 1868 het hy as advokaat in die hooggeregshof in Kaapstad begin praktiseer en in 1873 word hy as verteenwoordiger van Beaufort-Wes tot lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering verkies.[168] In dieselfde jaar het pres. Brand hom die pos as voorsitter van die nuwe Vrystaatse appèlhof aangebied. Kort voor sy vertrek na Bloemfontein is hy met Blanca Thesen getroud. Uit dié huwelik is sewe seuns en een dogter gebore. Reitz het aan die begin van Augustus 1874 in Bloemfontein aangekom en op 17 Augustus is die appèlhof geopen.[169] Reitz het ’n besondere bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse regstelsel gelewer, wat later vêrreikende implikasies vir die Vrystaat en sy hoofstad sou hê.[170] As voorsitter van die appèlhof het hy met ’n reeks regshervormings begin. In 1875 is ’n rondgaande geregshof en ’n hooggeregshof in die Vrystaat tot stand gebring. Reitz is as hoofregter aangestel, terwyl nog twee regters vir die Vrystaat aangewys is. Vanweë sy positiewe gesindheid teenoor die Afrikanerbond is Reitz reeds in 1883 versoek om hom vir die amp van staatspresident beskikbaar te stel, maar eers na Brand se dood in 1888 was hy bereid om hieraan gehoor te gee.[171]

Gedurende Reitz se ampstydperk as staatspresident van die OVS (1889-1895) het groot ontwikkeling op die gebied van die landsekonomie, ontginning van die mineralerykdom en die landbou plaasgevind. In Reitz se tyd is ’n tolooreenkoms met die Kaapkolonie aangegaan en is die eerste spoorlyn in die Vrystaat aangelê. As kampvegter vir Afrikaans het Reitz as kultuurleier ’n belangrike rol gespeel en as digter en skrywer het hy ook ’n bydrae tot die Afrikaanse letterkunde gelewer.[172]

Om op al hierdie gebiede ’n leiersrol te kon speel, moes Reitz noodwendig oor sekere uitstaande karaktereienskappe beskik. Volgens J.C. Moll het die norme van liefde vir God en die naaste, wat in Reitz se ouerhuis grondbeginsels was, ’n lewenslange stempel van

---

[167] Vir meer inligting oor die presidentsverkiesing, raadpleeg J.C. Moll, “Francis William Reitz en die republiek van die Oranje-Vrystaat”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1973, pp. 63-76.
[168] W. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 2, pp. 592-593.
[169] Moll, pp. 13-15.
[170] Vir meer besonderhede, kyk slothoofstuk (hoofstuk 6).
[171] *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 2, pp. 593-594.
[172] *Ibid.*, pp. 594-597.

ongekunsteldheid en eerlike opregtheid op Reitz afgedruk. Hy maak ook van Reitz se liefde vir die bodem, sy wetenskaplike ingesteldheid, sy skryftalent en fyn taalaanvoeling melding. Reitz se studiejare in die buiteland het tot gevolg gehad dat sy siening oor sosiale en kulturele aangeleenthede baie verbreed is. Dit het weer by hom ’n drang na ontwikkeling en vooruitgang aangewakker wat hy dwarsdeur sy lewe en op alle gebiede waar hy ’n betekenisvolle rol gespeel het, sou openbaar.[173] *De Express* beklemtoon Reitz se getrouheid en sy liefde vir sy land en sy mense.[174]

’n Jaar voordat Reitz tot president verkies is, het sy Noorweegse eggenote, Blanca, hom ontval. Twee seuns en sy dogter het vroeër aan witseerkeel beswyk en Reitz is agtergelaat met vyf jong seuns om te versorg. Hy sou sy eerste ampstermyn as staatspresident dus sonder ’n vrou aan sy sy moes begin.[175] Op 10 Januarie 1889 is die nuwe president in sy amp beëdig[176] en dit was vir Bloemfontein ’n groot feesgeleentheid.[177] In Desember 1889 trou Reitz met Cornelia Maria Theresa Mulder (1864-1935), die waarnemende direktrise van die Damesinstituut[178] in Bloemfontein. Na die huwelik was daar ’n onthaal by die skool waarna die presidentspaar op hul wittebrood na Kaapstad vertrek het. Vir die Bloemfonteiners was dit ’n heuglike dag, want nou sou die Vrystaat weer ’n presidentsvrou hê.[179]

3.2.2 Politieke en ekonomiese gebeure tydens Reitz se eerste ampstermyn

Gedurende Reitz se eerste termyn as staatspresident sou daar heelwat belangrike ontwikkelings op staatkundige en ekonomiese gebied plaasvind. Die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 tussen Brittanje en die ZAR het die sluimerende nasionale gevoel en eenheidstrewe onder Afrikaners in beide die ZAR en die OVS aangewakker. Pres. Brand was nie ’n vurige ondersteuner van nouer samewerking met die ZAR nie, maar ekonomiese oorwegings en ’n toenemende aantal versoekskrifte van burgers wat die eenheidstrewe ondersteun het, het die Volksraad genoop om die saak te ondersoek. Gedurende 1887 het samesprekings oor nouer samewerking tussen die Boererepublieke in Pretoria en Bloemfontein plaasgevind, maar geen definitiewe ooreenkoms is bereik nie. Hoewel die Vrystaatse Volksraad begerig was dat

---

[173] Moll, pp. 3-9.
[174] *De Express*, 19.11.1895, p. 3.
[175] Moll, pp. 79-80.
[176] *The Friend*, 16.1.1889, p. 2.
[177] Die inhuldiging van Reitz as staatspresident word in hoofstuk 5 in die afdeling oor feesdae en feesgeleenthede meer breedvoerig bespreek.
[178] Dié bekende meisieskool in Bloemfontein het later as Eunice bekend geword.
[179] *The Friend*, 11.12.1889, p. 3; Schoeman, pp. 109-110.

onderhandelinge oor die saak hervat moes word, het die skielike dood van Brand in Julie 1888 dit in die wiele gery.[180]

In teenstelling met sy voorganger, was Reitz ten gunste van nouer vereniging tussen die twee Boererepublieke en selfs ’n verenigde Suid-Afrika, op voorwaarde dat die Vrystaat sy selfbeskikking behou. Twee maande na sy inhuldiging het die nuwe president en ’n kommissie van Vrystaatse afgevaardigdes na Potchefstroom vertrek vir gesprekvoering met pres. S.J.P. (Paul) Kruger (1825-1904) van die ZAR. In Potchefstroom is spoorweg- en doeanekwessies bespreek, terwyl ’n politieke verbond tussen die twee republieke gesluit en ’n traktaat van handel en vriendskap onderteken is. Reitz en die kommissie het op 15 Maart 1889 na Bloemfontein teruggekeer en is feestelik deur die inwoners van die Vrystaatse hoofstad verwelkom.[181]

Vanweë die geografiese ligging van die OVS was die republiek ekonomies gesproke, veral wat in- en uitvoer betref, afhanklik van die seehawens van Natal en die Kaapkolonie. Die Britse kuskolonies het alle doeanegelde vir hulself opgeëis en gevolglik het die Vrystaat se invoerbelasting in die kolonies se koffers beland. Ofskoon die opeenvolgende Vrystaatse presidente hulle bes gedoen het om die republiek se regmatige deel van die invoerbelasting te bekom, het die kuskolonies geweier om dit aan die Vrystaat oor te betaal. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, die aanleg van spoorlyne na die Rand en die feit dat die spoorlyne noodgedwonge oor Vrystaatse grondgebied moes loop, het die Vrystaatse aansprake op ’n tolverbond met die ander Suid-Afrikaanse state geweldig versterk. Gevolglik het Reitz ’n tolkonferensie in Bloemfontein belê.[182]

Die ZAR wou nie aan die tolkonferensie deelneem nie, maar op 19 Maart 1889 het afgevaardigdes van Natal en die Kaapkolonie in Bloemfontein aangekom en gedurende hulle verblyf in Bloemfontein is talle sosiale funksies vir hulle aangebied. Op 20 Maart het die eerste samesprekings in die Presidensie plaasgevind. Tydens die konferensie het die OVS en die Kaapkolonie ’n tolooreenkoms gesluit, waardeur die Vrystaat ’n gedeelte van die invoerregte verkry het. Natal het besluit om buite die tolooreenkoms te bly. Die aanvaarding van die tolooreenkoms het vir die Vrystaat op ekonomiese gebied groot voordele ingehou aangesien die staatsfinansies hierdeur baie verbeter het wat weer tot uitbreiding en ontwikkeling op byna alle gebiede van die Vrystaatse volkslewe gelei het.[183]

---

[180] Moll, pp. 114-116.
[181] *The Friend*, 20.3.1889, pp. 2-3.
[182] Moll, pp. 128-134.
[183] *The Friend*, 27.3.1889, pp. 2-3 en 3.4.1889, p. 2; Moll, pp. 134-136.

Die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die Vrystaat gedurende Reitz se bewind was waarskynlik die aanlê van die spoorlyn vanaf die Kaapkolonie tot by Bloemfontein. Ofskoon pres. Brand hom voortdurend vir die bou van ’n spoorlyn deur die Vrystaat beywer het, was daar aanvanklik soveel teenstand teen die idee dat die Vrystaatse Volksraad die aanlê van ’n spoorlyn oor Bloemfontein na die Vaalrivier eers in Januarie 1889 goedgekeur kon kry. Die amptelike opening van die hoofspoorlyn van Norvalspont tot by Bloemfontein op 17 Desember 1890 was een van die grootste sosiale geleenthede[184] wat Bloemfontein se inwoners nog ooit beleef het en heelwat belangrike besoekers uit alle dele van Suid-Afrika het die opening bygewoon.[185] Afgesien van die groot ekonomiese en handelsvoordele wat die aanlê van die spoorlyn vir die Vrystaat meegebring het, het dit ook die jare lange isolasie van die OVS en sy hoofstad op baie gebiede verbreek en Bloemfontein is na bykans vyftig jaar regstreeks met ander belangrike dorpe in Suid-Afrika verbind. ’n Nuwe era het nou vir die republiek en sy hoofstad aangebreek.

Reeds in 1889 was daar sprake van ’n verlenging van die spoorlyn vanaf Bloemfontein na die Vaalrivier en Johannesburg. Aanvanklik was pres. Kruger gekant teen verdere spoorwegaanlegte in die OVS totdat die Pretoria-Delagoabaai-lyn voltooi kon word. Ná onderhandelinge tussen Reitz en Kruger het die twee Boererepublieke tot ’n vergelyk gekom en is daar met die beplanning van die spoorverlenging vanaf Bloemfontein na die Vaalrivier voortgegaan. Die aansluitingspunt tussen die Vrystaatse en Transvaalse gedeeltes van die spoorlyn sou by Viljoensdrif aan die Vaalrivier wees. Die bou van bogenoemde spoorlyn het vinnig gevorder en op 20 Februarie 1892 is die spoor voltooi tot by Kroonstad, terwyl die opening van die lyn na Viljoensdrif op 21 Mei 1892 by die Vaalrivier plaasgevind het.[186] In September 1892 is die spoorlyn na Johannesburg oopgestel en op 1 Januarie 1893 het die eerste trein vanaf die Kaap Pretoria binnegestoom.[187] Die spoorwegverbinding met die Kaap en die ZAR het opwindende nuwe handelsmoontlikhede geskep en groot ekonomiese voorspoed vir die Vrystaat en ook vir Bloemfontein meegebring.

Intussen is ’n begin gemaak met ’n spoorverbinding tussen Harrismith op die Vrystaatse grens en Ladysmith in Natal en op 13 Julie 1892 is dié spoorlyn feestelik geopen. Hierdie spoorlyn was nie betalend nie en dit het gou duidelik geword dat die lyn net

---

[184] Die amptelike opening van die spoorlyn word in hoofstuk 5 in die afdeling oor feesdae en feesgeleenthede meer breedvoerig bespreek.
[185] *The Friend*, 19.12.1890, p. 2; Schoeman, pp. 111-112.
[186] *De Express*, 24.5.1892, p. 2; Moll, pp. 159-174.
[187] Moll, p. 175.

winsgewend sou word indien dit met die hooflyn verbind kon word. Dit sou egter nie in die republikeinse tydperk plaasvind nie, maar eers in 1903.[188]

3.3 Reitz se tweede ampstermyn, 1894-1895

3.3.1 Reitz tot staatspresident herkies

In November 1893 het Reitz se eerste ampstermyn ten einde geloop en moes daar weer ’n presidentsverkiesing gehou word. Die Vrystaatse Volksraad het Reitz as hul enigste kandidaat vir die verkiesingstryd benoem. Ds. A.A. van der Lingen en landdros S.P. de Beer het as onafhanklike kandidate gestaan. Reitz het die benoeming aanvaar en op 22 November 1893 het die verkiesing plaasgevind. Toe die eerste verkiesingsuitslae bekend gemaak is en dit blyk dat Reitz ’n oorweldigende meerderheid in die kiesafdeling van Bloemfontein behaal het (319 stemme vir Reitz teenoor slegs een stem vir Van der Lingen en 29 stemme vir De Beer), het ’n groot groep opgewonde Bloemfonteiners dié aand op Markplein bymekaargekom vanwaar hulle na die Presidensie is om Reitz met sy sukses in Bloemfontein geluk te wens. Nadat Reitz die inwoners in ’n kort toespraak vir hulle lojale steun bedank het, het die skare hom toegejuig en hierna is die Vrystaatse volkslied met groot geesdrif gesing.[189]

Ten spyte van die feit dat die verkiesing voorafgegaan is deur ’n redelik vurige verkiesingsveldtog en die beswaddering van Reitz deur sy opponente, het die volledige verkiesingsuitslae getoon dat Reitz met ’n groot meerderheid van stemme tot staatspresident van die OVS herkies is. Volgens die volledige, finale verkiesingsuitslag het Reitz 4 917 stemme behaal teenoor 1 802 vir sy naaste teenstander, Van der Lingen, en slegs 730 vir De Beer.[190] Die spanning en onaangenaamheid tydens die verkiesingsveldtog het ’n nadelige uitwerking op Reitz se gesondheid gehad en vroeg in Desember 1893 het die president en sy gesin met vakansie na die Kaapkolonie vertrek. Danksy die vakansie het Reitz se gesondheid baie verbeter en op 1 Januarie 1894 het die Reitz-gesin na Bloemfontein teruggekeer waar hulle deur ’n groot aantal van die inwoners terug verwelkom is.[191] By hulle aankoms is die presidentsgesin deur ’n erewag van die artilleriekorps na die Presidensie vergesel.[192] ’n Paar dae later, op 10 Januarie 1894, is F.W. Reitz vir die tweede keer as staatspresident van die

---

[188] *Nelson Evening Mail*, 9.3.1903, p. 2; Mol, pp. 175-180.
[189] *The Friend*, 24.11.1893, pp. 2-3; Moll, pp. 199-206.
[190] *Gouvernements Courant*, 22.12.1893, p. 219; S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse republiek*, p. 187.
[191] *The Friend*, 2.1.1894, p. 2; Moll, pp. 206-207.
[192] *De Burger, een onafhankelijk Oranje Vrijstaat Nieuwsblad* (hierna: *De Burger)*, 3.1.1894, p. 3.

republiek OVS ingehuldig en net soos in 1889 was dit ’n dag van groot feesvieringe in Bloemfontein.[193]

3.3.2 ’n Reis na Europa

Voordat hy ingestem het om hom weer as president verkiesbaar te stel, het Reitz versoek dat drie maande se verlof aan hom toegestaan word, aangesien hy graag na Europa wou reis. Dit sou hom in staat stel om te rus en te ontspan, terwyl sy eggenote haar familie in Nederland sou kon besoek. Teen die einde van Mei het Reitz amptelike verlof van die Volksraad ontvang om dié reis te onderneem. Soos gewoonlik het die bekwame goewermentsekretaris, P.J. Blignaut (1841-1909), as waarnemende president opgetree.[194]

Hoewel dit ’n plesierreis in sy private hoedanigheid was, sou hy steeds as verteenwoordiger van die Vrystaat optree en het die Volksraad die hoop gekoester dat sy besoek aan die buiteland ook vir die republiek iets sou beteken.[195] Dit was wel die geval, want Reitz se teenwoordigheid in Europa het heelwat belangstelling uitgelok. Tydens sy reis het hy onder meer Engeland, Nederland, België, Duitsland, Frankryk en Skotland besoek.[196]

’n Spesiale komitee is benoem om reëlings vir die president se verwelkoming te tref en met hulle terugkeer na Bloemfontein op 3 Oktober 1894 het ’n helde-ontvangs die Reitz-gesin te beurt geval.[197]

3.3.3 Reitz se siekte en bedanking

Die buitelandse reis het nie die gewenste uitwerking op Reitz se gesondheid gehad nie en kort na sy terugkoms het hy boonop ’n aanval van geelsug gekry, wat sy reeds oorwerkte gestel verder verswak het. Weens sy verswakte toestand was hy verplig om vroeg in Januarie 1895 met vakansie na Kaapstad te gaan en op 17 Januarie het hy en sy eggenote na Bloemfontein teruggekeer. ’n Paar weke later was dit duidelik dat Reitz se gesondheid steeds agteruitgaan en in Maart het hy, vergesel van sy private sekretaris, weer na Kaapstad vertrek. Die geneeshere daar het die diep terneergedrukte president aangeraai om ’n lang seereis te onderneem.[198]

Langverlof van ses maande is deur die Volksraad aan Reitz toegestaan en in Mei 1895 het hy op ’n seereis na Europa vertrek om spesialiste daar te raadpleeg. Die spesialiste kon

---

[193] *The Friend*, 12.1.1894, p. 2; *De Express*, 12.1.1894, p. 3. Reitz se inhuldiging word in hoofstuk 5 in die afdeling oor feesdae en feesgeleenthede meer breedvoerig bespreek.
[194] Moll, p. 209; D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, p. 75.
[195] *The Friend*, 22.6.1894, p. 3; Moll, pp. 209-210.
[196] *The Friend*, 4.9.1894, p. 3; Moll, pp. 210-211.
[197] *The Friend*, 11.9.1894, p. 3, 2.10.1894, p. 2 en 5.10.1894, p. 3. Die ontvangs van die presidentsgesin word in hoofstuk 5 meer breedvoerig bespreek.
[198] Moll, p. 214.

geen organiese fout vind nie, maar omdat Reitz aan slaaploosheid en neerslagtigheid gely het, het hulle hom aangeraai om kort reise deur Europa te onderneem.[199]

Hoewel Reitz se gesondheid sodanig verbeter het dat hy sy ampspligte op 2 September 1895 kon hervat, was hy nog geensins heeltemal gesond nie. Teen November het Reitz verplig gevoel om te bedank omdat hy nie meer sy ampspligte na behore kon nakom nie. Op 11 Desember 1895 het die Volksraad Reitz se bedanking met leedwese aanvaar en op 16 Desember het hy en sy gesin die Vrystaat verlaat.[200] Hy is in Maart 1896 deur M.T. Steyn as staatspresident opgevolg, wat die presidentskap tot met die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) sou beklee.[201]

Na Reitz se bedanking het hy in Junie 1896 weer ’n reis na Europa onderneem waartydens sy gesondheid sodanig verbeter het dat hy na vyf maande na Kaapstad kon terugkeer. In Julie 1897 vestig hy hom in Pretoria, waar hy as advokaat begin praktiseer en in Februarie 1898 as Transvaalse regter ingesweer word. In Junie 1898 word hy verkies tot die uiters belangrike pos van staatsekretaris van die ZAR en dus die belangrikste lid van die uitvoerende raad van die Transvaalse regering naas pres. Paul Kruger. Na die Anglo-Boereoorlog vestig Reitz hom in Seepunt naby Kaapstad en in 1910 word hy tot die eerste president van die senaat van die Unie van Suid-Afrika verkies.[202]

Hy bly senator tot in 1929 waarna hy hom aan die openbare lewe onttrek en hom tot aan die einde van sy lewe met skryf- en vertaalwerk besig hou. Hy sterf op 27 Maart 1934 in Kaapstad en word ook daar begrawe. Reitz het dus ’n belangrike rol in die hoogtepunte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis van sy tyd gespeel. Sy loopbaan was veelsydig en sy invloed wyd omdat hy waardevolle bydraes op regterlike, politieke en kulturele gebied in die OVS, die Transvaal en die Kaapkolonie gelewer het.[203] Vir die Vrystaat was sy nalatenskap van die uiterste belang aangesien hy ’n groot rol in belangrike regterlike, politieke, ekonomiese en staatsgebeure in die Vrystaat gespeel het. Reitz se rol op politieke gebied, veral tydens sy eerste ampstermyn voordat hy siek geword het, is reeds bespreek. Tydens sy bewind was daar ook groot vooruitgang op staatkundige, militêre, regs- en ekonomiese gebied, soos duidelik uit die volgende afdelings sal blyk.

---

[199] *De Express,* 9.4.1895, p. 3 en 3.9.1895, p. 3; Moll, pp. 214-216.
[200] *De Express*, 19.11.1895, p. 2, 13.12.1895, p. 2 en 17.12.1895, p. 4. Vergelyk ook Moll, pp. 216-217.
[201] K. Schoeman, *In liefde en trou, die lewe van president M.T. Steyn en mev. Tibbie Steyn met ’n keuse uit hulle korrespondensie*, pp. 26-27; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 132-133.
[202] *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 2, pp. 598-599.
[203] *Ibid.*, p. 599.

3.4 Munisipale / Plaaslike regering

Bloemfontein se status as ontwikkelende dorp is amptelik bevestig toe die munisipale raad in 1880 tot volwaardige stadsraad verhef is. Die stadsraad, wat uit tien lede bestaan het, het op 6 September 1880 vir die eerste keer vergader en die eerste burgemeester was die Skotse sakeman Robert Innes, wat sedert 1866 in Bloemfontein woonagtig was. Die hoofstad is in wyke opgedeel en stadsraadslede is deur belastingbetalers verkies. Deur hulle verteenwoordigers in die stadsraad het Bloemfontein se inwoners dus inspraak in die besluite van die stadsraad gehad. Die stadsraad het beheer uitgeoefen oor verkeer, sekere geboue, sanitêre aangeleenthede, die dorpsgrond en alle ander munisipale sake. Hulle het ook munisipale regulasies uitgevaardig.[204]

Om aan sy nuwe munisipale waardigheid gestalte te gee, het Bloemfontein in 1882 sy eie stadswapen en in 1883 ’n nuwe stadhuis in Maitlandstraat gekry. Die stadswapen het bestaan uit twee horings van oorvloed – een gevul met blomme en een gevul met water, op ’n skild gedra deur ’n wildebees en ’n blesbok, met die leuse “Floreat” (Mag hy/sy of dit floreer of gedy). Die nuwe stadhuis was ’n eenvoudige, maar tog waardige dubbelverdieping-gebou waar die munisipale en ander kantore gehuisves is, asook ’n ruskamer vir dames en die elegante raadskamer waar die stadsraad vergader het. Dit het ’n saal bevat wat 550 mense kon huisves, asook ’n bykomende 150 op die galery. Die stadsaal is met ’n verhoog, ’n Broadwood-vleuelklavier en ’n Amerikaanse kabinet-orrel, asook twee kleedkamers, toegerus. Omdat dit die grootste saal in die dorp was, is dit vir opvoerings, bals, dinees, basaars en ander openbare funksies gebruik.[205]

3.5 Polisiediens

3.5.1 Staats- en munisipale polisie

Die regering van die Oranjerivier-soewereiniteit het nie ’n groot polisiemag in stand gehou nie. Die Britse regering in die gebied het grootliks op hulle militêre mag gesteun om die rus en orde te handhaaf.[206] Daar is wel in die 1850’s naby die fort in St. Georgestraat ’n klein gevangenis opgerig en twee konstabels in diens geneem. In die tyd van die Soewereiniteit moes gevaarlike gevangenes deur ’n afdeling soldate bewaak word.[207] Na die onttrekking van die Britse mag en

---

[204] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 96; Macmillan, p. 7.
[205] Macmillan, p. 7; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 96-97.
[206] A.P.J. van Rensburg, *Die rol deur landdroste, vrederegters en veldkornette in die distrik van Bloemfontein vanaf 1854-1880 gespeel* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1952), p. 196.
[207] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 8.

die totstandkoming van die republiek OVS in 1854, moes die Boere terugval op ’n vorm van regspleging en was die stigting van ’n polisie- en militêre mag noodsaaklik vir die handhawing van wet en orde in die jong republiek. Veral in die hoofstad was ’n polisiemag weens toenemende misdaad broodnodig.[208]

Die landdros van Bloemfontein kon reeds in 1856 die direkteur van polisie en polisielede aanstel. Hoewel Bloemfontein reeds voor 1861 blykbaar ’n aantal konstabels gehad het, is daar eers in 1861 regulasies vir die Bloemfonteinse polisie uitgevaardig.[209] O’Connor beweer dat ene W.G. Every in 1862 die kommandant van polisie was.[210] Die 1861-regulasies het bepaal dat die polisiemag uit ’n superintendent en 15 konstabels of manskappe sou bestaan. Blykbaar was die konstabels swart of bruin mense en die superintendent wit. Drie polisiemanne moes bedags die dorp patrolleer en drie was by die Goewermentskantoor aan diens. Drie ander het nagdiens gedoen, terwyl twee elke Sondag veiligheid by die kerk moes handhaaf. Die swart konstabel Hartzeer, wat 32 jaar lank diens gedoen het, het ’n bekende figuur in Bloemfontein geword.[211] In 1862 is daar verbeterings aan die tronk in St. Georgestraat aangebring en teen die einde van 1880 is tenders vir die bou van ’n muur om die tronk gevra.[212] Eers in 1895 is ’n nuwe gevangenis aan die Dewetsdorppad opgerig.[213]

Die polisiemag in Bloemfontein was nooit baie groot nie en vroeg in 1889 was daar reeds klagtes dat die polisiemag onder hoofkonstabel (later sersant) W.H. Hawley ontoereikend was om die hoofstad se inwoners te beskerm, veral omdat daar toe baie boemelaars in die dorp rondgeloop het. *The Friend* was van mening dat ekstra polisiemanne dringend benodig word en met die inhuldiging van pres. Reitz op 10 Januarie 1889 is daar selfs van Bloemfontein se inwoners as spesiale polisiemanne vir dié dag aangestel, maar hulle het klaaglik misluk omdat hulle nie orde kon handhaaf nie.[214]

Hawley skryf in Julie 1889 aan die landdros van Bloemfontein dat die Volksraad in die begroting van 1889/90 slegs voorsiening gemaak het vir twee wit konstabels vir Bloemfontein – een vir bedags en een vir snags.[215] N.P.C. Raaff (1846-1929), die balju van Bloemfontein, bevestig die probleem. Hy skryf in September 1889 aan die landdros dat daar in die 1889/90-begroting voorsiening gemaak is vir ’n staatspolisiemag vir Bloemfontein bestaande uit een

---

[208] Groenewald en Herholdt, p. 313.
[209] Van Rensburg, pp. 226-227; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 37.
[210] O’Connor, p. 10.
[211] D.A. van der Bank, “Polisiemagte van die Vrystaatse republiek 1854-1900”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 20(2), April 2004, pp. 24-25; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 37.
[212] Groenewald en Herholdt, p. 315.
[213] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.
[214] *The Friend*, 16.1.1889, p. 6 en 10.4.1889, p. 6.
[215] VAB, GS184: W.H. Hawley – landdros, Bloemfontein, 1.7.1889.

sersant, twee wit konstabels en 13 swart konstabels. Bogenoemde polisiemanne is soos volg aangewend: bedags moes een konstabel by die tronk waghou en snags twee. Konstabel Hartzeer moes bedags by die landdroskantoor diens doen en drie konstabels moes toesig hou oor die bandiete wat besig was om in die dorp te werk. Bedags was sersant Hawley aan diens by die polisiekantoor en was daar dus slegs een wit en twee swart konstabels om die strate te patrolleer. Hierdie drie konstabels moes ook beskuldigdes tydens hofsake bewaak, wat tot gevolg gehad het dat daar tydens hofsittings soms geen polisieman op straat diens gedoen het nie. Snags moes een wit en drie swart konstabels vir die inwoners en hul besittings se veiligheid sorg. Met die bouwerk aan die spoorlyn het die misdaad in Bloemfontein baie toegeneem en Raaff het versoek dat die polisiemag dringend met vier wit en sewe swart konstabels vergroot moes word.[216]

In 1890 het inwoners van Bloemfontein weer in die pers oor die ontoereikende polisiemag gekla, veral nadat daar met die konstruksie van die spoorlyn begin is en al hoe meer spoorwegwerkers na Bloemfontein gekom en in die dorp vir kos begin bedel het. Bloemfontein se bevolking en misdaad het heelwat toegeneem en die polisiemag het vanselfsprekend meer werk gehad. Daar is ook gevra vir beter salarisse vir die Bloemfonteinse polisie, aangesien hulle uiters swak betaal is.[217]

Die Bloemfonteinse polisie en tronkbewaarders het ook nie altyd hulle werk na behore gedoen nie en dikwels het van die gevangenes ontsnap. Daarby het die sersant van die polisie en die sipier van die gevangenis nie altyd saamgestem oor hoe die beskikbare arbeidsmag verdeel moes word nie. Verder was die lede van die polisiemag weens karige salarisse nie altyd die beste mensemateriaal nie.[218] Daar was dikwels gevaarlike of langtermyn-misdadigers in Bloemfontein se tronke soos die McKeone-broers wat kort-kort gevang is en dan weer ontsnap het. In Oktober 1890 het McKeone II byvoorbeeld ontsnap terwyl hy in voetboeie buite onder toesig gewerk het. Hierna is twee swart konstabels en die sipier van die tronk ontslaan, aangesien daar vermoed is dat hulle aan die misdadiger hulp verleen het.[219]

In 1890 en 1891 was daar weer klagtes dat die polisiemag te klein en ondoeltreffend was. Volgens die 1890/91-begroting het die Volksraad vir een sersant, twee wit konstabels en tien swart konstabels vir Bloemfontein begroot. Bykomend is daar voorsiening gemaak vir konstabel Hartzeer, wat hoofsaaklik as tolk by die landdroshof aangewend is en twee nagwagte

---

[216] VAB, GS185: N.P.C. Raaff – landdros, Bloemfontein, September 1889.
[217] VAB, GS187: memorie over salaris van Sergeant Hawley, Bloemfontein Police, Mei 1890; GS188: sersant Hawley – landdros S.P. de Beer, 28.7.1890; *The Daily News*, 11.1.1890, p. 3; *The Friend*, 2.9.1890, p. 3.
[218] VAB, GS191: sipier – goewermentsekr., 10.5.1891 en balju Raaff – landdros van Bloemfontein, 12.5.1891; *The Daily Express*, 4.10.1890, p. 2.
[219] *The Friend*, 30.10.1890, p. 3, 3.10.1890, pp. 2-3, 10.10.1890, p. 3 en 17.10.1890, p. 3.

by die tronk. Soggens moes die sersant en drie polisiemanne die beskuldigdes na die landdroskantoor vergesel en daar bewaak, sodat die polisiekantoor gesluit moes word totdat die hofsittings verby was.[220] Die polisiekantoor was in Maitlandstraat geleë, aan die agterkant van die poskantoor aan Markplein.[221]

Bloemfontein se stadsraad het op hulle koste addisioneel ’n sersant aangestel, wat ook as straatopsigter en dorpsopsigter diens gedoen het, sowel as twee swart polisiemanne, wat ook as verkeerspolisie gedien het en moes toesien dat munisipale regulasies nagekom word.[222] In 1891 en 1892 was daar klagtes dat die munisipale polisie ’n skande vir die hoofstad is omdat hulle klere flenters is en hulle nie hul pligte na behore nagekom het nie. Die munisipale polisiemanne is ook baie min betaal, wat verhinder het dat bekwame mense aangestel kon word. Hoewel daar nie ongewoon baie misdaad in Bloemfontein was nie, kon dit volgens *The Friend* eerder toegeskryf word aan die wetsgehoorsaamheid van Bloemfontein se inwoners eerder as aan doeltreffende polisiëring.[223]

Al hierdie klagtes van die inwoners het nie op dowe ore geval nie, want reeds in Junie en Julie 1891 is berig dat die Volksraad in die begroting voorsiening gemaak het vir die vergroting van die polisiemag en dat daar nou bedags en snags ses konstabels die dorp gepatrolleer het.[224] Die wit polisiemanne se uniforms het bestaan uit baadjies van blou serge met koordwerk, swart broeke van koordstof, swart helms en stewels, terwyl die swart konstabels uniforms bestaande uit baadjies en broeke van swart koordfluweel gedra het, met swart pette en stewels.[225]

In 1894 was daar groot verbeteringe in die polisiediens – ’n bekwame kommissaris van polisie is aangestel, die polisiemag is heelwat vergroot, meer doeltreffend aangewend en beter georganiseer. Verder is die staatspolisie en munisipale polisie albei onder beheer van komm. J.A.E. Markus geplaas. Tog is die polisie steeds swak besoldig.[226]

---

[220] VAB, MBL3/1/2:*Verslag van den burgemeester, 1890*, p. 7; *The Friend*, 9.1.1891, p. 2 en 10.2.1891, p. 3.
[221] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 121.
[222] *The Friend*, 9.1.1891, p. 2.
[223] *Ibid.*, 9.1.1891, p. 2, 9.6.1891, p. 2 en 12.8.1892, p. 3.
[224] *Ibid*., 12.6.1891, p. 2 en 10.7.1891, p. 2.
[225] *Ibid.*, 5.1.1894, p. 2.
[226] *Ibid.*, 19.1.1894, pp. 2-4, 23.1.1894, p. 3, 21.6.1895, p. 2 en 3.9.1895, p. 3.

3.5.2 "Rijdende Dienstmacht"[227]

Aanvanklik het 'n onderafdeling van die Vrystaatse staatsartillerie, bekend as die Berede Diensmag, in die Vrystaatse distrikte en op die grense van die republiek diens gedoen. Omdat die artilleriste te min was om gelyktydig in Bloemfontein en die Vrystaatse distrikte diens te doen, is daar tydens die Volksraadsitting van Mei 1889 besluit om 'n afsonderlike berede polisiemag, die sogenaamde "Vrijstaatsche Rijdende Dienst Macht", onder bevel van kapt. F.W.R. Albrecht (1848-1926), kommandant van die Vrystaatse artillerie, in die lewe te roep. Ofskoon dié mag hoofsaaklik polisiëring gedoen het, het dit tog 'n sterk militêre karakter gehad.[228] Volgens ordonnansie no. 16 van 1889 het die berede diensmag aanvanklik slegs uit 20 wit mans bestaan en ofskoon hulle oor die hele Vrystaat ontplooi kon word, sou hul hoofkwartier Bloemfontein wees. Hulle taak was om smokkelhandel en onreëlmatighede teë te gaan, diefstalle te voorkom, orde te handhaaf en die vrede te bewaar, ook op die grense van die staat. Die berede polisiemag het dikwels ook swart mense sonder passe aangekeer.[229]

Volgens tenders wat in Oktober 1892 aangevra is, het die berede polisiemanne uniforms gedra wat bestaan het uit baadjies en rybroeke van swart koordfluweel, swart rystewels en swart vilthoede met oranjekleurige bande. Op elke baadjie is twee Vrystaatse wapens van brons aangebring.[230]

Die Rijdende Dienstmacht was só doeltreffend dat daar in 1890 besluit is om dit te vergroot. Die aanlê van spoorlyne en die arbeidsvraagstuk het ook 'n groter diensmag genoodsaak. Aangesien artilleriste uiteraard oor militêre ondervinding beskik het, is heelwat manskappe wat voorheen in diens van die artilleriekorps was, in die Dienstmacht opgeneem.[231] Teen 1894 het die berede polisiemag reeds uit 87 lede bestaan, waarvan ses in Bloemfontein gestasioneer was.[232] Die berede polisiemag het dus die staats- en munisipale polisie aangevul en hulle in die uitvoering van hul pligte gehelp. Hulle was deurgaans suksesvol en het onskatbare dienste vir die republiek gelewer. In Julie 1896 is die Dienstmacht onder die bevel van komm. Markus van die polisie geplaas en het dit meer van 'n "polisie-karakter" aangeneem.[233]

---

[227] In Engels as die Mounted Police bekend.
[228] T.P.E. Swemmer, *Die geskiedenis van die Vrystaatse artillerie* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1953), pp. 110-119.
[229] *Gouvernements Courant*, 21.6.1889, p. 2; *The Friend*, 19.6.1889, p. 3, 3.7.1889, p. 3 en 9.9.1892, p. 2.
[230] *The Friend*, 9.4.1895, p. 2.
[231] Swemmer, pp. 120-122; Van der Bank, p. 35.
[232] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, p. 145; Van der Bank, p. 34.
[233] Swemmer, pp. 121-124.

3.6 Regspleging en howe

Net soos vanaf 1652 in die Kaap de Goede Hoop, is die Vrystaatse regspleging op die Romeins-Hollandse reg gebaseer.[234] Toe die OVS in 1854 ’n republiek geword het, was die hele gebied in vyf distrikte verdeel, naamlik Bloemfontein, Smithfield, Winburg, Harrismith en Fauresmith, wat elkeen oor ’n magistraat beskik het. Die grondwet van 1854 het voorsiening gemaak vir landdroshowe en ’n hof van landdros en heemrade wat slegs laerhofstatus gehad het.[235] Daar is beperkings geplaas op die sake wat deur landdroste verhoor kon word en strawwe wat by skuldigbevinding opgelê kon word. Die hof van landdros en heemrade se jurisdiksie was net effens meer uitgebreid.[236] Teen 1891 het die landdroshof in Bloemfontein reeds so baie werk gehad dat ’n ekstra landdrosklerk aangestel moes word, aangesien die eerste klerk ook as openbare aanklaer moes optree en soms as landdros moes waarneem.[237]

Die regspleging van die Vrystaatse hoër howe was nog in hulle kinderskoene. Die rondgaande hof van verenigde landdroste was eintlik ’n voortsetting van die “Combined Magistrates’ Court” uit die tyd van die Oranjerivier-soewereiniteit. In April 1854 het die Volksraad besluit dat die hof van verenigde landdroste twee maal per jaar in elke distrik moes sit, op voorwaarde dat daar minstens ses sake op die rol was. By sittings van die rondgaande hof moes drie landdroste die sittings bywoon en die landdros in wie se distrik die sitting plaasgevind het, sou as voorsitter daarvan optree. Kragtens ordonnansie no. 1 van 1856 het die hof van verenigde landdroste uitgebreide siviele en strafjurisdiksie gehad, op voorwaarde dat ’n jurie in ’n kriminele saak die beskuldigde skuldig moes bevind.[238] Eers sedert Mei 1895 is voorsiening gemaak vir verblyfkoste en vergoeding vir jurielede, veral persone wat vir ’n bepaalde hofsaak uit die platteland na Bloemfontein moes kom.[239] Mettertyd het daar ’n behoefte aan ’n onafhanklike professionele hooggeregshof ontstaan.[240]

Die Vrystaatse grondwet het geen voorsiening gemaak vir ’n appèlhof nie en as ’n tydelike reëling het die uitvoerende raad onder voorsitterskap van die staatspresident as hof van appèl teen uitsprake van die hof van verenigde landdroste gedien. Dit was nie ideaal nie, omdat

---

234 D.J. Joubert, “Die ontwikkeling van die juridiese en die judisiële stelsel in Suid-Afrika” in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 280-282; Venter, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel, 1652-1958*, pp. 6-8 en 83.

235 A.N. Oelofse, “Die Vrystaat 1843-1909” in J.E. Knoll *et al*. (reds.), *Ons regserfenis*, pp. 65-66; *The Friend*, 13.4.1894, p. 3; Vergelyk ook Joubert, p. 290 en Moll, p. 16.

236 *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 39; Moll, p. 16.

237 VAB, GS190: W. Robertson – goewermentsekr., 26.12.1890; *The Friend*, 16.6.1891, p. 3.

238 Moll, p. 16; Oelofse, p. 68.

239 *The Friend*, 21.5.1895, p. 3 en 25.6.1895, p. 3.

240 Oelofse, p. 68; Moll, p. 16.

daar tot met die koms van pres. Brand geen regsgeleerde op die uitvoerende raad was nie. Dié raad het nooit ’n belangrike rol as regsinstelling gespeel nie. Nadat Brand in 1864 president van die Vrystaat geword het, het hy daarna gestreef om die regstelsel te verbeter. In April 1872 stel hy voor dat ’n appèlhof ingestel word om alle appèlsake vanaf die hof van verenigde landdroste aan te hoor en in Oktober 1873 oortuig hy die Volksraad om adv. F.W. Reitz as regter aan te stel. Soos Brand voorgestel het, is ’n appèlhof in die lewe geroep en in Augustus 1874 het die hof sy eerste sitting gehad, met Reitz as voorsitter en met twee assessore, W.W. Collins en C.W. Hutton.[241]

Ten spyte van die instelling van die appèlhof was daar nog leemtes in die Vrystaatse regstelsel. In Oktober 1873 word ’n kommissie van ondersoek na die Vrystaatse regstelsel onder voorsitterskap van Brand aangestel met die opdrag om verbeterings en hervormings aan te beveel. Dit het in 1875 tot die stigting van die onafhanklike en professionele Vrystaatse hooggeregshof gelei.[242] In die OVS was dit ’n vereiste dat enige gekwalifiseerde advokaat of prokureur eers toegelaat word om in die republiek te praktiseer nadat hy ’n eksamen van die Vrystaatse regseksamen-kommissie geslaag het. In Mei 1880 is die regseksamen-kommissie deur ’n algemene kommissie van openbare eksaminatore vervang wat ook ander openbare en staatseksamens hanteer het.[243]

Die hof van verenigde landdroste is in 1875 met die rondgaande geregshof, bestaande uit een regter, vervang. Hy het sake buite die jurisdiksie van die landdros en heemrade aangehoor, asook appèlle teen beslissings van voorgenoemde. Daar is ook voorsiening gemaak vir ’n hooggeregshof, bestaande uit die hoofregter en nog ’n regter. Die hooggeregshof sou in Bloemfontein gesetel wees. Drie regters was nodig om al die take van die nuwe howe te verrig. Reitz is as hoofregter aangestel met James Buchanan (1841-1893) en Melius de Villiers (1849-1938) as regters. Die hooggeregshof het feitlik onbeperkte jurisdiksie gehad en het dikwels ernstige kriminele sake verhoor, maar siviele sake kon ook voor dié hof dien.[244] Die eerste sitting van die hooggeregshof het op 1 September 1876 plaasgevind. Die feit dat die Vrystaatse regbank nou in die hande van hoogs opgeleide en kundige regsgeleerdes was, was ’n groot verbetering en die Vrystaters kon met reg trots op hulle regstelsel wees. In 1875 is ’n kommissie onder leiding van hoofregter Reitz benoem om alle ordonnansies, raadsbesluite en wette wat in die Vrystaat gemaak is, te versamel, te orden en vir die eerste keer in ’n bundel saam te bind. In 1877 het die *Ordonnantie Boek van den Oranje Vrijstaat* verskyn, waardeur

---

[241] Moll, pp. 17-22; Oelofse, pp. 68-72.
[242] Oelofse, pp. 68-72.
[243] Moll, pp. 11, 35.
[244] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 39; Oelofse, p. 72.

die probleem van die ontoeganklikheid en gebrek aan kennis van die wette en ordonnansies van die republiek uit die weg geruim is. Dit sou verhoed dat teenstrydige besluite in die toekoms geneem word en Volksraadsbesluite ongesiens teëgegaan word.[245] In 1891 is al die bestaande ordonnansies en wette deur ’n kommissie onder voorsitterskap van hoofregter De Villiers saamgevat en as die *Wetboek van die Oranje-Vrystaat* gepubliseer.[246]

In 1880 het regter Buchanan bedank en R. Gregorowski (1856-1922) is in sy plek aangestel. Na Brand se dood word Reitz staatspresident en Melius de Villiers hoofregter van die Vrystaatse hooggeregshof, R. Gregorowski eerste strafregter en A.E.J. Krause (1856-1900) tweede strafregter. Adv. M.T. Steyn (1857-1916), wat later tot staatspresident verkies sou word, is in Krause se plek as staatsprokureur aangestel. Nie lank na sy aanstelling nie, het Krause as regter bedank om die pos as staatsprokureur in die ZAR te aanvaar. In Augustus 1889 is M.T. Steyn as tweede strafregter en A.J. McGregor (1864-1946) as staatsprokureur aangestel. In 1892 is McGregor as regter aangestel, maar hy het in Junie 1895 weens gesondheidsredes bedank. Die bekende J.B.M. Hertzog (1866-1942) is in Julie van dieselfde jaar in McGregor se plek as tweede strafregter van die Vrystaatse hooggeregshof aangestel.[247]

Aanvanklik het die hooggeregshof die Derde Raadsaal in die Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat gebruik. Wanneer die Volksraad in sitting was, moes die hooggeregshof die stadsaal gebruik. In 1893 is die indrukwekkende Vierde Raadsaal in President Brandstraat deur die Volksraad in gebruik geneem en tot aan die einde van die Anglo-Boereoorlog het die sittings van die hooggeregshof in die Derde Raadsaal plaasgevind. Eers in 1906 is ’n afsonderlike gebou, ook in President Brandstraat, vir die Vrystaatse hooggeregshof gebou.[248]

3.7 Gevangenisdiens, strawwe en teregstellings

Aangesien Bloemfontein die hoofstad van die republiek was, was dit ook die sentrum van die Vrystaat se gevangenisstelsel. Soos reeds genoem, is daar in die 1850’s ’n eenvoudige klein tronkgebou naby die fort in St. Georgestraat in Bloemfontein opgerig. Omdat die gevangenis uit die tyd van die Soewereiniteit ondoeltreffend was en gevangenes gereeld daaruit ontsnap het, het pres. M.W. Pretorius in sy openingsrede van 1861 melding gemaak van die noodsaaklikheid om ’n beter tronk vir Bloemfontein op te rig. In 1863 is ’n kommissie aangestel om die toestand van die ou gevangenis uit die tyd van die Soewereiniteit te

---

[245] Moll, pp. 29-33.
[246] *The Friend*, 8.5.1889, p. 3 en 21.8.1889, p. 3; Oelofse, pp. 72-73.
[247] *The Friend*, 21.6.1895, p. 2, 16.7.1895, p. 3 en 23.7.1895, p. 3.
[248] Oelofse, pp. 73, 75; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 192.

ondersoek. Volgens die kommissie se verslag het die selle van die tronk in ’n ellendige, bouvallige toestand verkeer – gevangenes kon maklik daaruit ontsnap en dit het selfs ’n gevaar vir die gevangenes se lewens ingehou. Op hulle aanbeveling is veranderings en verbeterings aan die gevangenis aangebring.[249]

Klagtes oor die swak toestand van die tronk het voortgeduur en daar is veral kritiek uitgespreek oor die gebrek aan ruimte, slegte ventilasie en “ongediertes”.[250] In ’n verslag wat die distriksgeneesheer, dr. C.J.G. Krause (1825-1889), in Mei 1878 aan die Volksraad voorgelê het, wys hy op die “ellendige toestand” van die gevangenis en noem dit “een schreeuwend onrecht”.[251] Die gevangenis het in daardie stadium agt selle gehad waarvan die meerderheid nie voldoende lig of ventilasie gehad het nie. Boonop was die selle te klein vir die aantal gevangenes (dikwels sewe tot agt per sel) wat dit moes huisves en sanitêre toestande was haglik weens ’n gebrek aan toiletgeriewe. Twee van die selle was bedoel vir wit mans en een vir vroue.[252]

Die vroulike prisoniers het ’n klein binnehof gehad en “hunne excreta maken zij op den grond en bedekken hen met iets grond”.[253] Afgesien van die geweldige stank, het dié gebruik volgens dr. Krause gesondheidsgevare ingehou. Die manlike gevangenes het in hulle eie, effe groter binnehof ’n onbedekte balie gehad wat as toilet gedien het en wat slegs op aanbeveling van dr. Krause een maal per dag leeggemaak is. [254] Bedags het die son op die oop balie gebak sodat “een pestachtige lucht”[255] oor die hele tronk gehang het.

Op grond van Krause se verslag het pres. Brand in sy openingsrede by die Volksraadsitting van 1878 daarop gewys dat die raad, weens die haglike toestand van die republiek se tronke, dringend aan die saak aandag behoort te gee. Hy het verder die hoop uitgespreek dat die Volksraad ten minste geld sou bewillig vir die oprigting van ’n nuwe, goeie gevangenis vir die hoofstad. Omdat die Volksraad nie voldoende geld wou bewillig nie, is weer eens slegs toevoegings en verbeterings aan die bestaande ou gebou aangebring.[256] Teen die einde van 1880 is tenders gevra vir die bou van ’n muur om die tronk.[257] Gevangenes het

---

[249] Venter, pp. 85-86.
[250] Die “ongediertes” was waarskynlik luise, muise, rotte, spinnekoppe, vlooie en dalk selfs slange.
[251] C.J.G. Krause, “Rapport ... aangaande den toestand van het Gevangenis te Bloemfontein (1 Mei 1878)”, *VR-stukke 1878 (deel 2)* soos aangehaal deur Schoeman, *Bloemfontein*, p. 51.
[252] Venter, p. 86; Schoeman, p. 51.
[253] Krause, soos aangehaal deur Schoeman, *Bloemfontein*, p. 51.
[254] Venter, p. 88; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 51.
[255] Krause, soos aangehaal deur Venter, p. 88.
[256] Venter, p. 87.
[257] Groenewald en Herholdt, p. 315.

steeds gereeld uit die bouvallige, ou gevangenis ontsnap.[258] Hierdie ou tronkgebou sou diens doen totdat die reeds genoemde nuwe, groot staatsgevangenis[259] in 1893 aan die Dewetsdorppad naby die swart woonbuurt Waaihoek voltooi is.[260]

Wat die behandeling van gevangenes betref, is dit uit die voorafgaande gegewens duidelik dat die gevangenes in haglike toestande moes oorleef en dat daar nie voldoende voorsiening vir sanitêre geriewe gemaak is nie. Ten spyte van dr. Krause se verslag en aanbevelings, is daar geen stappe deur die Volksraad gedoen om toestande in die gevangenis te verbeter nie. Dit kan enersyds dui op ’n ongevoeligheid van die samelewing uit daardie tyd, maar daar moet in ag geneem word dat die staatskas en beskikbare fondse van die republiek in dié jare beperk was en dat die regering die beperkte fondse so voordelig moontlik moes aanwend.[261] Die aaklige lot van gevangenes was dus waarskynlik nie ’n prioriteit vir die Vrystaatse wetgewer nie.

Buiten die ontoereikende fasiliteite in die Bloemfonteinse tronk, is die gevangenes beslis ook nie met handskoene behandel nie. Anders as vandag, is beskuldigdes voor hulle verhoor as skuldig beskou en moes met die hande agter die rug geboei slaap. Van die gevangenes moes selfs met ysters en kettings aan hulle bene slaap, wat hul enkels op pynlike wyse geskaaf het. Soms is beskuldigdes maande lank aangehou voordat hulle verhoor is. In die winter was dit bitter koud in die tronk wat met klip uitgevoer is. Wat voedselrantsoene aanbetref, het die gevangenes nie veel afwisseling van spyse gekry nie. Hulle het daagliks slegs vleis en mielies of vleis en brood gekry om te eet, wat tot die uitbreek van siektes gelei het omdat hulle dieet nie gebalanseerd was nie. Die gevangenes het geen groente of vrugte gekry nie en ook geen leesstof nie.[262] Reeds in 1880 het van die gevangenes by regter Reitz gekla dat die vleisrantsoen hoofsaaklik uit bene bestaan. Reitz het in 1885 aanbeveel dat die gevangenes ten minste een keer per week een of ander soort groente moes kry. In stede van die hoofregter se advies te volg, het die Volksraad die gevangenes se vleisrantsoen gesny en aanbeveel dat hulle voortaan net elke tweede dag of slegs twee keer per week moes vleis kry, want dit sou besparing vir die staatskas meebring.[263]

---

[258] VAB, GS190: rapport van den landdrost van Bloemfontein omtrent het ontvluchten van 3 gevangenen Williams, Mason en Belmore, 31.12.1890; *The Friend*, 24.7.1891, p. 3.

[259] Die nuwe tronkgebou word meer breedvoerig in hoofstuk 4 onder die afdeling regerings-, munisipale en openbare geboue bespreek. Dié gevangenis staan vandag as die Ramkraal-tronk bekend.

[260] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.

[261] Venter, p. 90; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 51.

[262] *The Friend*, 3.9.1895, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 52.

[263] Moll, p. 37; Venter, p. 91.

Strawwe vir groot misdade was meestal swaar en dikwels is lyfstraf (veral vir swart mense) en dwangarbeid opgelê. Selfs die vroulike gevangenes moes dwangarbeid verrig.[264] So is ene Philip, 'n swart man, tot 18 maande hardepad in kettings gevonnis en Jonas, ook 'n swart man, tot drie maande tronkstraf en 25 houe met die kats, albei vir diefstal.[265] Lyfstraf is soms deur lede van die publiek bygewoon. *The Friend* het gesuggereer dat vonnisse vir sekere misdade nie altyd eenvormig toegepas is nie en dat swart en bruin mense meestal swaarder as wit mense gestraf is.[266] Vir kleiner oortredings is gewoonlik 'n keuse tussen tronkstraf of 'n boete gegee.[267]

Teregstellings deur middel van die galg het volgens 'n Volksraadsbesluit van 1854 ook in die openbaar plaasgevind, eers aan die agterkant van Fortheuwel en daarna teen die hang van die huidige Seinheuwel. Ten spyte van die bepaling dat teregstellings in die openbaar sou geskied, is die tyd en datum van teregstellings nie aan die publiek bekend gemaak nie. Maar omdat Bloemfontein voor 1900 nog 'n klein dorp was, kon selfs die strengste geheimhouding nie altyd voorkom dat nuuskieriges van die gebeurtenis te hore kom en dit bywoon nie.[268] In Sophie Leviseur se herinneringe beskryf sy hoe sy een oggend vroeg, op pad na haar musiekles in St. Georgestraat, oor die dorp heen gekyk het "and saw a crowd collected round the execution spot".[269]

Ofskoon teregstellings in Bloemfontein voor 1900 nie so gereeld plaasgevind het nie, is daar tog van 'n paar melding gemaak.[270] Selfs in die tagtigerjare het teregstellings steeds in die openbaar plaasgevind, alhoewel dit na 'n plek verder weg van die dorp, agter Naval Hill verskuif is, wat hierna heel gepas Hangmanskloof gedoop is.[271] In 1883 is twee swart mans, Fire en Hoffman, ter dood veroordeel vir die moord op 'n ander swart man met die naam Kantien. 'n Galg is onder die grootste geheimhouding by Hangmanskloof opgerig, maar hoewel die teregstelling baie vroeg die oggend plaasgevind het, is dit steeds deur nagenoeg 200

---

264 VAB, GS185: Hermanus – pres. Reitz, 2.11.1889.
265 VAB, GS186: Philip – staatspresident, 31.3.1890, GS190: landdros De Beer – goewermentsekr., 9.1.1891.
266 *The Friend*, 19.2.1892, p. 2.
267 *Ibid.*
268 Venter, p. 84; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 52.
269 Leviseur, "Chased by a wildebeest across Hoffman Square", *Bloemfontein's Centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 35-36.
270 Die bekendste hiervan was dié van Charles Leo Cox, 'n Engelse immigrant, wat aan moord op sy vrou en twee kinders skuldig bevind en 1856 aan die suidekant van Fortheuwel gehang is. In 1868 word melding gemaak van die teregstelling van twee swart mans, Goliath en Kieviet, wat deur baie mense bygewoon is. Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 30, 52.
271 Leviseur, "Chased by a wildebeest across Hoffman Square", *Bloemfontein's Centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 36; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.

nuuskieriges bygewoon.[272] Met die ingebruikneming van die nuwe gevangenis aan die Dewetsdorppad in 1893 is die galg permanent daar opgerig.[273]

Die grondwet van die OVS het bepaal dat gevangenes dwangarbeid met pik, graaf, koevoet en ander dergelike werktuie onder toesig in die openbaar sou verrig. Gevangenes het dikwels aan strate, paaie, brûe of geboue gewerk. Die werksure sou strek van sonop tot sononder met een uur elk vir ontbyt en middagete. Saterdagmiddae moes aangehoudenes hulle klere was. Ten einde ontsnappings te voorkom, is daar verder bepaal dat gevangenes wat dwangarbeid verrig, kettings met ysters om hul bene moes dra.[274] Gevangenes het dikwels vertoë gerig dat die kettings verwyder moes word, maar dit is net weens gesondheidsredes of op grond van bewese goeie gedrag en op aanbeveling van die landdros en die uitvoerende raad toegestaan.[275] Soms het gevangenes op grond van goeie gedrag kwytskelding vir ’n deel van hulle vonnisse gekry.[276] Volgens die grondwet kon gevangenes wat weier om hulle aan die tug en dissipline van die tronk te onderwerp, deur die landdros tot lyfstraf van hoogstens 25 houe gevonnis word. Die owerhede het nie graag wit mans met lyfstraf gestraf nie en in 1890 is die jonger McKeone-broer byvoorbeeld tot 14 dae eensame opsluiting met net ryswater elke tweede dag gevonnis nadat hy gedreig het om ’n tronkwag aan te rand.[277]

3.8 Militêre mag

Die veiligheid van ’n staat berus nie net by die regspleging en polisie nie, maar om sy onafhanklikheid te behou, het ’n land ook ’n militêre mag nodig. Met die onafhanklikwording van die OVS in 1854 is die Britse troepe uit die gebied onttrek, met die gevolg dat daar ’n groot leemte op militêre gebied ontstaan het en die jong republiek eintlik sonder militêre beskerming gelaat is. Dit het die Vrystaatse regering genoop om aan die opbou van ’n militêre mag aandag te gee. Die Voortrekkers se tradisionele verdedigingstelsel was die kommandostelsel en dit sou in die Boererepublieke uitgebou en gewysig word om by die eise

---

[272] *The Daily News*, 14.3.1883, p. 3; Venter, p. 85.
[273] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.
[274] Venter, p. 90; VAB, GS184: kapt. Albrecht – landdros, Bloemfontein, 28.6.1889.
[275] VAB, GS183: R.N. Benade – pres. Reitz, 16.5.1889; GS184: dr. C.J.G. Krause – goewermentsekr., 24.6.1889; VAB, GS186: J. Brown – pres. Reitz, 8.1.1890, kapt. Albrecht – landdros van Bloemfontein, 9.1.1890.
[276] VAB, GS184: Lucas – pres. Reitz, 31.8.1889; GS185: T. Parker – pres. Reitz, 28.9.1889.
[277] *The Friend*, 31.10.1890, p. 3; Venter, p. 92.

van die tyd en omstandighede aan te pas. Veral die Basotho was ’n groot bedreiging vir die Vrystaat en daarom is die eerste kommandowet reeds in Mei 1854 gepubliseer.[278]

3.8.1 Burgermagte en wapenskoue

Die Krygs- en Kommandowet sit die bepalings van die krygstelsel van die OVS en die magte van die staatspresident en krygsoffisiere uiteen. Hiervolgens was alle burgers vanaf ouderdom 16 en alle mans wat op ’n latere leeftyd burgerreg verkry het, tot en met hulle 60ste jaar aan kommandodiens onderworpe en kon hulle dus in oorlogstyd opgeroep word. Vir elke wyk is ’n veldkornet deur die burgers van ’n betrokke wyk verkies, terwyl ’n veldkommandant ook vir elke distrik verkies is. Die veldkornette en veldkommandante moes in hulle eie distrikte woonagtig wees en moes grond in die bepaalde distrik besit het. Die veldkornette en veldkommandante wat op kommando byeenkom, het dan in oorlogstyd ’n kommandant-generaal of hoofkommandant uit eie geledere verkies, wat dan direk onder die gesag van die staatspresident gestaan het. Die veldkornette en veldkommandante het die mag gehad om die kommandant-generaal weens grondige redes te ontslaan en iemand in sy plek te verkies.[279]

Die Vrystaatse burgers op die plase was gewoonlik goeie skuts en het gereeld wapens hanteer en gebruik, maar om alle burgers op hoogte te hou met die krygskuns en wapenhantering, is gereeld in elke distrik sogenaamde wapenskoue gehou. Die woord *wapenskou* het waarskynlik sy oorsprong in die Skotse woord *wapinschaw* gehad en Skotse gebruike het wel ’n invloed op die Vrystaat gehad. Die wapenskoue in die Vrystaat is aanvanklik op plaaslike vlak deur kommandante en landdroste vir ’n bepaalde distrik gereël. Omdat ’n wapenskou lede van ’n kommando bymekaargebring het, was dit ’n goeie geleentheid om krygsoefeninge te doen en militêre dissipline te bevorder. Dikwels is daar ook by sulke geleenthede in kompetisies, soos skyfskiet, meegeding.[280]

Aanvanklik het die Volksraad verwag dat elke burger sy eie geweer en ammunisie moes koop, maar in die 1890’s is daar twyfel oor die paraatheid en wapenvaardigheid van die Vrystaatse burgers uitgespreek. Sommige burgers kon nie ’n goeie geweer en ammunisie bekostig nie en aangesien die Vrystaat-Basotho-oorloë verby was, was daar nie meer soveel nodigheid om die skietkuns te beoefen nie. Die burgers wat in die dorpe gewoon het, het ook

---

[278] C.M. Bakkes, “Die kommandostelsel met spesiale verwysing na die historiese ontwikkeling van sy rangstruktuur”, in P.G. Nel, *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 300-301 en 306; J. Ploeger, “Op brandwag – drie eeue militêre geskiedenis van Suid-Afrika”, *Militaria: Tydskrif vir Militêre Geskiedenis* 1(4), 1969, p. 10.

[279] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 39; Bakkes, pp. 306-307. Vergelyk ook Ploeger, p. 10.

[280] *The Daily News*, 17.2.1890, p. 4; P.H. Kapp, “Ons volksfeeste” in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur* 3, p. 192.

nie dikwels die geleentheid gekry om aan skietoefeninge deel te neem nie. Gevolglik was die burgers nie meer sulke goeie skuts as gedurende die Voortrekker- en pionierstyd nie.[281] Dus was die wapenskoue belangrik om die burgers se skietvermoë en krygskuns op te skerp.

Volgens ordonnansie 29 van 1890 is veldkornette verplig om gereeld wapenskoue vir elke wyk te reël. Alle burgers tussen 18 en 40 jaar moes die wapenskoue uitgerus met saal, toom, perd en geweer bywoon. Indien ’n burger aanvaarbare verskonings soos ongesteldheid, gebrek aan arbeiders en onvoldoende finansies of toerusting kon aanvoer, was hy nie verplig om die wapenskou by te woon nie. Daar is ook besluit dat ammunisie vir wapenskoue deur die staat verskaf sou word.[282]

Nadat kapt. F.W.R. Albrecht in 1880 as bevelvoerder van die Vrystaatse Staatsartillerie aangestel is, het gereelde wapenskoue in Bloemfontein op die vlakte suid van die dorp plaasgevind.[283] Later het wapenskoue op Markplein plaasgevind en in November 1890 het *The Friend* opgemerk dat baie min burgers die wapenskou bygewoon het en dat slegs ’n klein aantal van hulle gewere gehad het. In Februarie 1891 was daar groter geesdrif en het ongeveer 1 500 burgers uit die distrik Bloemfontein die wapenskou bygewoon. Ammunisie is deur die regering voorsien, die dag is tot openbare vakansiedag vir die distrik verklaar en die regeringskantore is vir die dag gesluit.[284] Na die wapenskou van Februarie 1891 kon die veldkommandant van die distrik Bloemfontein rapporteer dat die wapenskou ’n groot sukses was en dat die burgers van die distrik steeds krygsvaardig en goeie skuts is.[285]

Die pers het nie altyd saamgestem nie en in 1894 berig *The Friend* dat by die wapenskou en skyfskietoefening wat in Desember van dieselfde jaar by die Bloemfonteinse perdewedrenbaan[286] gehou is, ongeveer 50% van die skote die teiken gemis het. Daar is ’n beroep op burgers van jonger as 40 jaar gedoen om die wapenskoue by te woon, maar omdat deelname vrywillig was, het alle burgers nie noodwendig daaraan deelgeneem nie.[287] Hoewel ordonnansie no. 29 in 1895 deur die Volksraad herroep is, is daar tot in 1900 nog jaarliks ’n wapenskou in Bloemfontein gehou.[288]

Wapenskoue en die gereelde patriotiese toesprake deur die staatspresident, kommandant of ander leiersfigure het beslis bygedra om die volks- en nasionaliteitsgevoel

---

[281] *De Express*, 14.7.1890, p. 2; *The Friend*, 10.2.1891, p. 2 en 1.3.1892, p. 2.
[282] *The Daily News*, 17.2.1890, p. 4; Kapp, p. 192. Vergelyk ook Swemmer, p. 108.
[283] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 99.
[284] *The Friend*, 11.11.1890, p. 3, 21.11.1890, p. 3 en 17.2.1891, p. 3.
[285] VAB, GS191: J. Prinsloo – staatspresident, Maart 1891.
[286] Dit was die terrein tussen Aliwal-, Wes-Burger- en Zastronstraat waar die bekende Ramblersklub in 1896 gestig is.
[287] *The Friend*, 14.12.1894, pp. 3-4 en 21.12.1894, p. 3.
[288] *The Daily News*, 17.2.1890, p. 4; Kapp, p. 192.

onder die Vrystaatse burgers aan te wakker. Pres. Reitz het dikwels die wapenskoue bygewoon. Wapenskoue wat in Bloemfontein gehou is, is ook deur burgers uit die distrik Bloemfontein en soms ook uit ander Vrystaatse distrikte bygewoon. Ofskoon die wapenskoue in die eerste plek militêr van aard was, was dit in die Vrystaat ook ’n gemeenskapsgeleentheid met ’n feestelike element. Die wapenskoue in die Vrystaat het gewoonlik twee tot drie dae geduur en die burgers is dikwels deur hulle gesinne vergesel, met die gevolg dat daar ’n groot aantal waens op die kampterrein saamgetrek was. By die kampterrein het ’n vrolike en gesellige atmosfeer geheers en ou bekendes het weer bande hernu. Terwyl die kinders en jongmense hulleself met speletjies vermaak het, het die ouer mans saans om die kampvuur vertel van die pioniersdae en veldslae waaraan hulle deelgeneem het.[289]

G. Reeler, wat in April 1891 tot veldkornet van Bloemfontein verkies is, beveel in Junie 1891 aan dat alle Bloemfonteinse burgers verplig word om vir militêre diens te registreer. Elke geregistreerde burger moes self vir ’n perd, saal, toom, geweer en ammunisie voorsiening maak sodat hulle gereed sou wees indien die regering hulle vir kommandodiens moes oproep.[290] Later is gekyk na moontlikhede om gewere teen kosprys aan burgers te voorsien. In Oktober 1891 maak pres. Reitz bekend dat die staat 500 Martini-Henry-karabyne in voorraad het wat burgers teen £4/5/- elk kon aankoop. Daar was ook rewolwers met holsters beskikbaar.[291] Aangesien dit vir die republiek belangrik was dat sy burgermag goed bewapen moes wees, het die Volksraad in Mei 1895 besluit om gewere en ammunisie aan te koop en teen kosprys aan die Vrystaatse burgers beskikbaar te stel.[292]

In Februarie 1895 is daar ’n vergadering van burgers in Bloemfontein gehou om die moontlikheid van ’n uniform vir die burgermagte te bespreek. Dié uniform sou dan deur burgers by wapenskoue en ander geleenthede gedra word. Voorheen het burgers in ’n bonte verskeidenheid klere en pette of hoede by die wapenskoue opgedaag. Veldkornet Raaff het ’n voorbeeld van die beoogde uniform, bestaande uit ’n kaki-baadjie, kaki-rybroek en ’n veldhoed en pet met die Vrystaatse wapen daarop, aan die burgers vertoon. Die uniforms sou nie veel kos nie en daar is van burgers verwag om dit self aan te koop. Die burgers was oorwegend ten gunste van die voorgestelde uniform.[293] In die praktyk is uniforms egter steeds nie gedra nie.

---

289 *The Friend*, 29.1.1892, p. 2 en 4.3.1892, p. 2; Kapp, p. 192.
290 VAB, GS191: G. Reeler – J. Prinsloo, 6.6.1891; *The Friend*, 28.4.1891, p. 3.
291 *Gouvernements Courant*, 23.10.1891, p. 3; *The Friend*, 27.10.1891, p. 2.
292 Wet no. 12 van 1895, *OVS Wetboek 1895*, pp. 17-18.
293 *The Friend*, 21.12.1894, p. 3, 19.2.1895, p. 3 en 22.2.1895, p. 3.

3.8.2 Vrystaatse artillerie

Buiten die burgermagte is daar ook in 1857 ’n staatsartillerie vir die republiek OVS in die lewe geroep, maar dit was aanvanklik nie ’n baie sterk mag nie.[294] ’n Aantal kanonne is aangekoop en reeds deur die kommando’s in die Vrystaat-Basotho-oorlog van 1858 gebruik.[295] Die fort wat in 1849 deur Warden se soldate op die hoogte van Monumentweg opgerig is, is deur die artilleriste beman en het ook as barakke vir hulle gedien.[296] Toe Brand tot staatspresident verkies is, het hy stappe gedoen om die staatsartillerie, wat toe net uit sewe lede bestaan het, op ’n beter grondslag te plaas. Derhalwe is daar in 1864 deur die Volksraad besluit om ’n bedrag van £10 000 op die begroting te plaas vir ’n “rijdende artillerie” van 20 manskappe wat vir die beskerming en die veiligheid van die staat se inwoners aangewend kon word.[297]

Die Vrystaatse artillerie sou in Bloemfontein gevestig wees. Kapt. John Goodman, voorheen van die Britse Royal Artillery, is as bevelvoerder aangestel en in 1865 is daar manskappe vir die artillerie gewerf. Rekrute moes 16 jaar of ouer wees, fiks en ongetroud. Die manskappe was dus meestal baie jonk en dit was grotendeels boereseuns uit die platteland wat by die artillerie aangesluit het. Twee nuwe en meer moderne twaalfponder-kanonne, een Whitworth en een Armstrong, is ook in 1864 vir die artillerie aangekoop.[298]

Die artilleriste moes aanvanklik in uiters primitiewe toestande in die fort lewe, maar mettertyd is die geboue verbeter en die grondslag van ’n doeltreffender verdedigingstelsel gelê. ’n Groot verbetering in dié tyd was dat die voorraad kruit wat voorheen op lewensgevaarlike wyse in die fort self bewaar is, na ’n afsonderlike kruithuisie op ’n veilige afstand aan die voet van Fortheuwel verplaas is. Die artilleriste het aan die Vrystaat-Basotho-oorloë van 1865-1869 deelgeneem en die ledetal van die korps is gedurende dié tydperk verder vergroot. In 1869 het Goodman bedank en is hy deur adj. J.A.J. van Rensburg as bevelvoerder opgevolg.[299]

’n Nuwe era van bloei en vooruitgang het vir die artilleriekorps aangebreek toe kapt. (later maj.) F.W.R. Albrecht in November 1880 as bevelvoerder van die korps aangestel is.[300] Albrecht was ’n Duitse soldaat wat aan die Frans-Pruisiese Oorlog van 1870-1871 deelgeneem het. Onder bevel van Albrecht is die artilleriekorps baie uitgebrei, gereorganiseer en volgens die Pruisiese metode opgelei en gedissiplineer. Korpsregulasies is reeds in 1876 opgestel, maar

---

294 J.R. Williams, “A little bit of Prussia on the veld”, *Kaiserzeit* 9(3), 1980, p. 16.
295 A.B. Walmsley, “Staatsartillerie van de OVS: uniform and organization”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 16(4), Desember 1964, p. 143.
296 *De Express*, 23.12.1890, p. 3.
297 Walmsley, p. 143; Ploeger, p. 10.
298 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 46; Walmsley, pp. 143, 145.
299 Walmsley, pp. 143-145; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 46, 74.
300 Ploeger, p. 10.

is in 1886 en weer in 1889 gewysig en aangevul.[301] Albrecht het die Vrystaatse staatsartillerie tot ’n militêre mag uitgebou waarop die Vrystaat met reg trots op kon wees. ’n Reisiger wat Bloemfontein in 1891 besoek en die artillerie in aksie gesien het, was uiters beïndruk deur die korps se dissipline en doeltreffendheid. Volgens hom het die Vrystaatse artillerie baie goed met die Britse berede artillerie vergelyk.[302]

Die Vrystaatse artillerie het in 1871 sy eie blaasorkes van 11 lede gekry met instrumente wat uit Duitsland ingevoer is. Nadat die artillerie-orkes in 1874 onder leiding van die bekende Sam Barratt geplaas en tot 18 lede vergroot is, het dit ’n gewilde instelling geword wat by verskillende geleenthede, soos konserte, onthale, lesings, pieknieks, huwelike en amptelike funksies opgetree het.[303] Na die aanstelling van kapt. Albrecht in 1880 is die musiekkorps verder vergroot en verbeter. Beter instrumente is aangeskaf en onder leiding van kapelmeester August Grader het die artillerie-orkes in ’n knap militêre orkes ontwikkel.[304] In 1890 het E.R. Landgraf as beide orkesleier en onderwyser vir die artillerie opgetree.[305] In 1892 het Landgraf egter bedank en is ene mnr. Hand (voorheen orkesleier van die President Brand Rifles) as kapelmeester en J.J. Herfst as onderwyser van die Vrystaatse artilleriekorps aangestel.[306]

Verder is die ontoereikende militêre geboue in Bloemfontein na Albrecht se diensaanvaarding ook opgegradeer, aangesien daar teen 1880 in die ou Queen’s Fort net twee vertrekke was, waarvan een as klaskamer en die ander as eet- en slaapruimte benut is. Daar was nie eers genoeg slaapplek vir al die artilleriste nie. Die fort self is vergroot en versterk, terwyl die Volksraad £2 500 vir ’n nuwe kaserne met vyf groot slaapsale, ’n klaskamer en ’n kombuis bewillig het.[307] Die kaserne is oorkant die fort in Monumentweg opgerig en in 1883 deur pres. Brand geopen. In 1888 is ’n stal vir 40 perde net suid van die fort opgerig en later is ’n nuwe kruitmagasyn op die vlakte suid van die dorp gebou, naby die nuwe gestig vir geestelik versteurdes, terwyl daar ook bergplek vir die kanonne voorsien is.[308]

Behalwe al die militêre oefeninge het die jong artilleriste bedags vir drie ure elementêre onderwys in vakke soos Nederlands en Engels, asook skrif, rekenkunde, opstel, Bybelgeskiedenis en geskiedenis ontvang. In 1887 is ’n seinkorps in die lewe geroep en in die

---

301 Williams, p. 17; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 99. Vergelyk ook Swemmer, pp. 77-87.
302 *The Friend*, 27.11.1891, p. 3.
303 Walmsley, pp. 143-145; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 46, 74.
304 *OVS Volksraadsnotule*, 19.6.1889; Swemmer, p. 101.
305 *Daily Express*, 27.6.1890, p. 2.
306 *The Friend*, 3.5.1892, p. 3 en 10.5.1892, p. 3.
307 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; Swemmer, pp. 95-97.
308 Swemmer, pp. 95-98; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 99.

gebruik van die heliograaf[309] onderrig.[310] Daar is ook van tyd tot tyd krygs- en skietoefeninge op die skietplek agter die fort gehou, wat soms deur Reitz en van die Volksraadslede bygewoon is.[311] Teen 1890 is die Vrystaatse artillerie vergroot tot ’n militêre eenheid bestaande uit die kaptein, ’n luitenant, ’n sersant, vier korporaals, vier bombardiers en 45 manskappe, asook 40 perde.[312] In 1893-1894 het die artillerie oor ses 75mm Krupp-kanonne, vyf negeponder Armstrong-kanonne, een sesponder Whitworth-kanon en drie drieponder Whitworth-bergkanonne, asook 1 403 gewere beskik.[313] In Julie 1894 het die Volksraad ’n bedrag van £800 begroot om twee Maxim-kanonne aan te koop.[314]

Die artilleriste het beslis nie honger gely nie. ’n Uittreksel uit die 1876-korpsregulasies gee ’n goeie idee van die voedselvoorraad wat aan die artillerie uitgereik is: “Elk officier, onder-officier en Artillerist zal ontvangen: 1¼lb. vleesch, 1lb. brood, dagelijks; en per week, ½lb. koffij, 1lb. suiker, 1 lb. rijst, ½ bottel azijn en ½lb. gort, wordende zout, peper, hout en groenten voor officieren en manschappen overigens gezamentlijk aangekocht, zullende de aangekochte groenten en andere voedingsmaterialen hierin niet gespecificeerd gelijkelijk worden verdeeld en niet meer kunne bedragen dan £2 sterling per week voor het geheele Corps.”[315] In Februarie 1890 het die artilleriste gekla dat hulle voedsel nie goed voorberei word nie en oneetbaar is, maar dit is deur kapt. Albrecht ontken, waarna die president persoonlik na die kaserne is om die probleem op te los.[316]

Die uniforms van die Vrystaatse artillerie het van tyd tot tyd verander. In 1880 het die artillerie nuwe uniforms gekry, op die uniforms van die Britse koninklike veldartillerie geskoei.[317] In 1885 het die groottenue of parade-uniform van offisiere uit ’n blou tuniek en broek bestaan, versier met goue koord, asook ’n blou helmet in Britse styl met ’n brons wapen en bykomstighede. Die groottenue van die manskappe was dieselfde as dié van die offisiere, maar is met oranje koord versier. Die kleintenue of velduniform van offisiere is van blou sersje gemaak en met swart koord afgewerk, terwyl ’n Britse pet van blou materiaal versier met goue koord gedra is. Die velduniform van die manskappe daarenteen is van bruin Bedford-

---

309 Die gebruik van die heliograaf sou ’n belangrike rol in die Anglo-Boereoorlog speel.
310 Walmsley, p. 144; Swemmer, pp. 98-100.
311 VAB, GS183: kapt. Albrecht – pres. Reitz, 21.5.1889; *Daily Express*, 13.6.1890, p. 2.
312 *De Express*, 13.12.1890, p. 3; F.W.R. Albrecht, *Rapport van den kaptein der artillerie, 1892-1893*, p. 3.
313 *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, p. 145; F.W.R. Albrecht, *Rapport van den kaptein der artillerie, 1892-1893*, p. 3; *The Friend*, 11.5.1894, p. 2.
314 *The Friend*, 10.7.1894, p. 2.
315 Ordonnantie no. 3, 1876. Ordonnantie, Regulatien voor het Oranjevrijstaatsch Artillerie Corps, soos aangehaal deur Swemmer, p. 189. Een pond gewig (1lb.) = 450g.
316 VAB, GS186: rapport van dr. J.W. Krause (distriksgeneesheer) – goewermentsekr., 5.2.1890.
317 VAB, A534: J.R. Williams – *Crown Imperial*, Maart 1981, p. 5; Walmsley, pp. 146-147.

koordfluweel gemaak en met swart koord versier.[318] In 1889 het die artilleriste ook ’n wit uniform gedra, maar omdat dit nooit baie gewild was nie, is dit later afgeskaf.[319]

Terwyl kapt. Albrecht die artilleriekorps op Pruisiese grondslag georganiseer het, is daar ook geleidelik van die Britse tipe uniform na die Pruisiese uniform oorgeskakel en teen 1895 het die artilleriste ’n volledige Duitse uniform gedra – soortgelyk aan die uniforms van die Duitse artillerie uit dieselfde tydperk.[320] Tot met die Anglo-Boereoorlog het artilleriste en offisiere ’n Pruisiese leerhelm by ’n blou uniform met oranje koordversiering gedra. As deel van die velduniform het die Vrystaatse artilleriste wit lyfbande skuins oor die bors en om die middel gedra. Hulle was verder met ’n hoë stafpet, asook ’n ligte diensuitrusting met ’n slaprand-hoed toegerus.[321] Offisiere se tuniek is met goue koord versier. Die helmplaat het uit ’n agtpuntige ster met die Vrystaatse wapen in die middel bestaan. Die helm van die parade-uniform is van ’n ligte oranje, slap verebos aan die helmknop voorsien[322] (kyk figuur 4).



Figuur 4: Die parade-uniform van die Vrystaatse artillerie in 1895 (Uit: A.B. Walmsley, “Staatsartillerie van de OVS: uniform and organization”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 16(4), Desember 1964, p. 154.)

Die aanstelling van kapt. Albrecht in 1880 en die reorganisasie van die artilleriekorps het ’n vêrreikende invloed op die verdedigingstelsel van die Vrystaat gehad en uiteindelik ’n groot verbetering op militêre gebied meegebring. Nogtans was die Vrystaatse Staatsartillerie nie werklik ’n sterk militêre eenheid nie, aangesien die artillerie en burgermagte net vir verdedigingsdoeleindes gebruik is en nie bedoel was vir aggressie-doeleindes, soos die uitbreiding van die republiek se grense nie.[323] Selfs in 1895 het die artillerie nog net uit 48 lede bestaan – die kaptein, ’n luitenant, sersant-majoor, sersant, twee bombardiers, ’n onderoffisier

---

318 Swemmer, p. 101; Walmsley, pp. 147-150.
319 *OVS Volksraadsnotule*, 19.6.1889.
320 Vir meer besonderhede oor die uniform van die Vrystaatse artillerie, raadpleeg A.B. Walmsley, “Staats Artillerie van die OVS: uniform and organization”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 16(4), Desember 1964, pp. 143-156.
321 VAB, A534: J.R. Williams – *Crown Imperial*, Desember 1981, p. 4; Swemmer, p. 102.
322 J.R. Williams, “Orange Free State Artillery Corps, circa 1895”, *Dispatch* no. 95, Lente 1981, p. 10; J.R. Williams, “A little bit of Prussia on the veld”, *Kaiserzeit* 9(3), 1980, p. 17.
323 Swemmer, p. 128.

en 41 manskappe, asook 38 perde.[324] Eers met die Jameson-inval in die ZAR in Desember 1895 en die gepaardgaande bedreiging wat dit vir die OVS se toekomstige onafhanklikheid ingehou het, sou daar hierin ’n verandering kom.[325]

3.8.3 President Brand Rifles

Die President Brand Rifles was ’n vrywilligerskorps wat in 1888 na die dood van pres. Brand tot stand gekom het. By die stigtingsvergadering van die korps in Bloemfontein op 10 September 1888 het 60 persone by die korps aangesluit[326] en daar is op dié naam besluit ter ere van die Vrystaat se geliefde pres. Brand wat in Julie van dieselfde jaar oorlede is. Die Rifles het jaarliks in Julie tydens ’n plegtige seremonie ’n krans op die graf van wyle pres. Brand gaan lê. Hierdie militêre eenheid het aanvanklik onder bevel van kapt. J.W.G Steyn gestaan en is volgens Britse weermag-styl in Engels gedril deur drilinstrukteur T. Geary, ’n voormalige sersant-majoor uit Ierland.[327]

Die Rifles se driloefeninge is in hulle drilsaal in Fonteinstraat gehou, in die gebou wat voorheen as die “Orange Free State Pioneer Lodge” bekend gestaan het. Kort na die stigting van die korps het hulle reeds komplimente vir hul drilwerk ontvang. In Februarie 1889 het die korps ’n deftige nuwe uniform uit Duitsland gekry, waarvoor elke lid self ’n finansiële bydrae moes lewer.[328] Ofskoon die Rifles ’n vrywilligerkorps was, is streng militêre dissipline toegepas en manskappe wat nie die driloefeninge bygewoon het nie of regulasies oortree het, is in rang verlaag of uit die eenheid geskors. Die korps het maandeliks ’n kerkparade op Markplein gehou waartydens hulle blaasorkes, onder leiding van orkesleier Charles Acton, musiek gemaak het.[329]

In Januarie 1890 het Steyn weens werksverpligtinge as bevelvoerder van die korps bedank en is hy deur ene kapt. Hughes opgevolg. Die blaasorkes onder leiding van die nuwe orkesleier, ene Edwards, het dikwels promenadekonserte in die goewermentstuin gegee, waartydens die tuin soms met Chinese lanterns verlig is.[330] In Februarie 1890 is kapt. J.F.G. Davis as die onderbevelvoerder van President Brand Rifles, wat toe reeds meer as 70 man sterk was, aangestel.[331] In Maart 1890 versoek Hughes die regering om 80 gewere aan die President Brand Rifles te leen om mee te oefen, terwyl hy pres. Reitz verseker dat die korps binnekort

---

[324] *Rapport van den kaptein der artillerie over het dienstjaar 1894-1895*, p. 3.
[325] Swemmer, p. 128.
[326] H.H. Curson, “President Brand Rifles”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 11(2), Maart 1954, p. 48.
[327] *The Daily Express*, 14.7.1890, p. 3; *The Friend*, 20.2.1889, p. 3. Vergelyk ook Curson, p. 48.
[328] *The Friend*, 13.2.1889, p. 3 en 20.2.1889, p. 3.
[329] *The Daily Express*, 5.8.1890, p. 2; *The Friend*, 13.3.1889, p. 3, 17.7.1889, p. 3 en 14.8.1889, p. 3.
[330] *The Daily News*, 9.1.1890, p. 3, 4.2.1890, p. 3, 11.2.1890, p. 3 en 15.2.1890, p. 3.
[331] *De Express*, 18.2.1890, p. 3; *The Daily News*, 27.2.1890, p. 2 en 4.3.1890, p. 3.

hulle eie gewere sal aanskaf. Hughes se versoek is deur kapt. Albrecht, bevelvoerder van die Vrystaatse Staatsartillerie, goedgekeur.[332] In Mei 1890 is kapt. Davis in die plek van kapt. Hughes as bevelvoerder van die korps aangestel.[333]

In Augustus 1890 het die President Brand Rifles die Vrystaatse regering versoek om die korps oor te neem, op voorwaarde dat hulle voortaan staats- en finansiële ondersteuning sou geniet.[334] Nadat die lede van die korps die eed van getrouheid aan die republiek OVS afgelê het, het die regering onderneem om voortaan ’n jaarlikse toelae aan die korps te betaal vir die onderhoud van die eenheid en die aankoop van toerusting en wapens.[335] Die Rifles het dus nou onder die gesag van die regering gestaan en in November 1890 het die veldkornet van Bloemfontein, S. Goddard, die korps en hulle toerusting geïnspekteer.[336]

In November 1890 het kapt. C.A. Hanger die bevelvoerder van die Rifles geword en hy is in Julie 1891 deur maj. G. Reeler opgevolg.[337] Die President Brand Rifles was steeds tot ’n groot mate ’n selfonderhoudende korps en was nie altyd tevrede met die behandeling wat hulle van die regering ontvang het nie. So was hulle in September 1892 baie ongelukkig omdat die gebou wat hulle as drilsaal gehuur het, verkoop is en hul net 24 uur kennis gekry het om dit te ontruim.[338] Daar was ook klagtes oor die onbelangstellendheid wat Bloemfontein se jong mans teenoor die korps getoon het en ’n paar keer was die voortbestaan van die Rifles selfs in die weegskaal.[339] Ten spyte van bogenoemde probleme het die President Brand Rifles voortbestaan[340] en het dié eenheid baie tot die liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die hoofstad se jong mans bygedra, terwyl sy orkes ’n aanwins vir Bloemfontein was.

3.9 Die ekonomiese konteks

3.9.1 Handelsaktiwiteite

Ofskoon die staatkundige konteks baie belangrik vir die republiek OVS en sy hoofstad was, het die ekonomiese konteks en handelsbedrywighede net so ’n belangrike rol in die ontwikkeling van Bloemfontein gespeel. Hoewel Bloemfontein uiters sentraal en feitlik in die middel van Suid-Afrika geleë is, het die handel en nywerheid in die vroeë jare nie so ’n groot rol in die

---

[332] VAB, GS186: kapt. Hughes – goewermentsekr., 20.3.1890.
[333] *De Express*, 27.5.1890, p. 4; *The Daily Express*, 31.5.1890, p. 2.
[334] VAB, GS189: President Brand Rifles – pres. Reitz, 18.9.1890; *The Daily Express*, 16.8.1890, p. 3.
[335] VAB, GS189: die waarnemende landdros – goewermentsekr., 28.11.1890; *The Daily Express*, 28.11.1890, p. 2.
[336] *The Daily Express*,16.9.1890, p. 3 en 18.11.1890, p. 3.
[337] *Ibid.*, 18.11.1890, p. 3; *The Friend*, 7.7.1891, p. 3.
[338] *The Friend*, 2.9.1892, p. 3.
[339] *Ibid.*, 13.3.1891, p. 3 en 26.5.1891, p. 3.
[340] Klaarblyklik tot met die Anglo-Boereoorlog.

ontwikkeling van die Vrystaatse hoofstad gespeel nie. Omdat Bloemfontein hoofsaaklik om administratiewe redes gestig is, het sy ligging aanvanklik nie veel tot die ekonomie bygedra nie. In der waarheid was Bloemfontein in die beginjare baie geïsoleerd en het die dorp ook nie oor minerale rykdom beskik wat groot bevolkingsgetalle, soos in die geval van Johannesburg of Kimberley, tot gevolg sou hê nie.[341]

Aangesien mense kultuurskeppers en -draers is, speel die inwoners ’n groot rol in die ekonomiese ontwikkeling van ’n staat. Die aard van ’n land of selfs ’n dorp se ekonomiese ontwikkeling word grootliks deur die karakter van sy inwoners bepaal, dit wil sê deur die gedrag van die betrokke kultuurskeppers.[342]

Voor 1846 was die wit gemeenskap in die Transoranje merendeels veeboere en het die smouse die handelsektor verteenwoordig. Selfs waens en rytuie is deur die smouse uit die Kaapkolonie gebring en goedere is vir skape, beeste en ander landbouprodukte verruil.[343] Met die stigting van Bloemfontein en die vestiging van Warden en sy klein garnisoen in dié nedersetting in 1846 het daar ’n groter vraag na allerlei handelsware en landbouprodukte ontstaan. Die nedersetting het geleidelik in ’n klein dorp ontwikkel en teen die middel van 1848 was daar buiten die soldate ongeveer 42 burgerlike manspersone, asook nagenoeg 200 vrouens en kinders in Bloemfontein. Toe die Britse mag in 1854 onttrek is, het daar naastenby 400 burgerlikes in Bloemfontein gewoon en daarom is daar reeds so vroeg soos 1848 winkels soos dié van R. Innes, M. Leviseur en G.A. Fichardt gevestig.[344]

Teen 1852 het Bloemfontein reeds oor 12 winkels beskik en is daar hoofsaaklik ruilhandel bedryf. ’n Gebrek aan bankgeriewe in Bloemfontein het aanvanklik kontanthandel belemmer en boere het landbouprodukte by die winkels vir handelsgoedere verruil. Die ossewa was aanvanklik die enigste vervoermiddel. Goedere is per transportwa vanaf hawestede (hoofsaaklik Oos-Londen, Port Elizabeth en Durban) na Bloemfontein aangery. ’n Reis met ’n transportwa tussen Bloemfontein en Durban het ongeveer 20 dae geduur en tussen Bloemfontein en Port Elizabeth enigiets van 30 dae tot twee maande. Hierdie faktore het die handel in die beginjare baie gestrem.[345] Op 20 April 1859 is ’n gereelde mark ingestel en omdat die handelsaktiwiteite van die Vrystaat aanvanklik grotendeels tot landbouprodukte

---

341 Snyman, p. 130.
342 G.J. Lamprecht, *Die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 tot 1899* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1953), p. 23; A.L. Müller (red.), *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika*, p. 148.
343 J. Prinsloo, “ ’n Terugblik oor die handel in die Vrystaatse hoofstad”, *Die Volksblad feesuitgawe*, 22.3.1946, p. 58.
344 Snyman, p. 130.
345 Groenewald en Herholdt, p. 451; Snyman, pp. 130-131.

beperk was, het Bloemfontein se mark ’n belangrike rol vervul.[346] Die eerste bank in Bloemfontein, die Bloemfontein-bank, het vroeg in 1862 tot stand gekom,[347] waarna ander banke gevolg het.

Die totstandkoming van Bloemfontein se mark en die eerste banke het die handel op ’n stewiger grondslag geplaas en namate die bevolking in die Vrystaatse hoofstad toegeneem het, het allerlei ander ontwikkelings op handelsgebied gevolg. In 1868 het die Bloemfonteinse Eksekuteurskamer tot stand gekom, terwyl die Vrystaatse Kamer van Koophandel in 1883 gestig is, met sy hoofkantoor in Bloemfontein. Verskeie versekeringsmaatskappye het ook takke in Bloemfontein oopgemaak of agente aangewys om hulle belange in die hoofstad te behartig. ’n Verdere stimulant vir die handel was die driemaandelikse Nagmaal van die NG Kerk in Bloemfontein. Baie boere van die platteland het gewoonlik reeds die Vrydag voor die Nagmaal in Bloemfontein aangekom. Plaasprodukte is dan aan die winkels verkoop en noodsaaklike inkopies is op die Vrydag en Saterdag en selfs op die daaropvolgende Maandag en Dinsdag gedoen voordat hulle teruggekeer het plaas toe. Handelaars en afslaers het hulle deeglik op hierdie toestroming van boere voorberei, want dit het goeie besigheid beteken.[348]

Die Vrystaat-Basotho-oorloë van 1858 en 1865-1869 het groot druk op die Vrystaat se staatskas geplaas. Nadat Basotholand (vandag Lesotho) in 1869 onder Britse beheer geplaas is, het daar ’n tydperk van vrede en groter voorspoed gevolg.[349] Droogtes en sprinkaanplae wat gereeld voorgekom het, het ’n nadelige invloed op die landbou-opbrengs gehad, wat weer die handel in Bloemfontein benadeel het. Die Vrystaatse ekonomie was dus aanvanklik grotendeels op landbou en veeteelt gebaseer en handel in wol en wolprodukte was ’n belangrike deel hiervan. Om die wolhandel op ’n meer georganiseerde grondslag te laat plaasvind, het pres. Brand ’n jaarlikse wolmark vir die Vrystaat ingestel, waarvan die eerste in Maart 1865 in Bloemfontein gehou is. Verder het Bloemfontein se handelaars ook wol teen goeie pryse gekoop en dan is dit per transportwa na die hawestede vervoer. Bloemfontein was dus die middelpunt van ’n florerende wolhandel en dit het tot gevolg gehad dat daar reeds in 1871 ’n wolwassery op die plaas Tempe van J. Allison opgerig is. Wol was dus ’n belangrike uitvoerproduk van die Vrystaat en selfs in Europa was Vrystaatse wol baie gesog onder Europese handelaars.[350]

---

[346] Snyman, pp. 132, 135.
[347] *The Friend*, 10.1.1862, p. 1 en 24.1.1862, p. 1.
[348] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 43, 98; Snyman, pp. 133-134, 136-137.
[349] Groenewald en Herholdt, p. 453; Lamprecht, pp. 369-370.
[350] *The Friend*, 2.2.1894, p. 3; Snyman, pp. 138-139.

Die koms van die spoorlyn in 1890 het die vervoer van wol na die seehawens baie vergemaklik en bespoedig. In 1890 is daar daagliks ’n wolmark op Markplein gehou, direk na afloop van die gewone produktemark in die oggend.[351] In 1891 is ’n spesiale oordekte wolskuur naby die goederestasie opgerig om wolprodukte in te berg.[352] In 1894 is die wolmark na die gewone produktemark oorgeplaas.[353]

Die ontdekking van diamante langs die Oranjerivier in 1867 het voornemende prospekteerders uit alle dele van Suid-Afrika na die gebied laat stroom. Hierna is ’n gereelde passasiersverkeer tussen Bloemfontein en die diamantvelde begin en is ’n nader afsetgebied vir Vrystaatse produkte geskep wat uiteraard die handel in die Vrystaatse hoofstad geweldig gestimuleer het.[354] Die behoefte aan akkommodasie vir reisigers het ook binne ’n kort tydsbestek tot die oprigting van ’n hele aantal hotelle en losieshuise in Bloemfontein gelei.[355] Landbou in die Vrystaat is eers na die ontdekking van diamante intensief beoefen.[356] Die ontdekking van diamante en veral die Witwatersrandse goudvelde in 1886 het die hele aard van ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika verander vanaf ’n ekonomie wat grootliks op landbou en veeteelt gebaseer was, tot ’n meer nywerheidsgedrewe ekonomie.[357] Die ontdekking van goud het uiteraard ook ’n groot invloed op die handelsontwikkeling en vervoerdienste van die Vrystaat en Bloemfontein in die besonder uitgeoefen en daar het ’n al groter wordende vraag na landbouprodukte ontstaan.[358]

Deur die verbeterde ekonomiese toestande het die staatsfinansies toegeneem en is meer geld vir ontwikkeling en die uitbreiding van openbare dienste bewillig. Meer en groter staatsgeboue is opgerig, inwoners se salarisse en inkomste is verhoog en op elke denkbare staatsterrein was daar ontwikkeling en verbetering. Die ontdekking van diamante en goud, wat die handel gestimuleer het, het ook die aanleg van ’n spoorlyn deur die Vrystaat bespoedig, want ten spyte van aanvanklike teenkanting teen die spoorlyn, was ’n doeltreffende vervoerstelsel tussen Bloemfontein en die markte van die goud- en diamantvelde noodsaaklik. Die aanleg van die spoorweg en die feit dat die Vrystaat ’n gedeelte van die invoerregte ontvang het, het ’n nog groter inkomste aan die staat besorg, wat weer groter welvaart geskep

---

351 *The Friend*, 4.11.1890, p. 1 en 2.1.1891, p. 1.
352 *Ibid.*, 20.1.1891, p. 3 en 13.2.1891, pp. 2-3.
353 *Ibid*., 2.2.1894, p. 3; Snyman, pp. 138-139.
354 C. Bundy, *The rise and fall of the South African peasantry*, pp. 198-203; Lamprecht, pp. 370-375.
355 Lamprecht, pp. 370-375; Snyman, pp. 145-146.
356 F.L. Coleman (red.), *Economic history of South Africa*, p. 57; Müller, pp. 152-153.
357 Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 4, p. 33.
358 J.J.H. Bester, *Die ekonomiese ontwikkeling van die Oranje-Vrijstaat 1888-1899* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1946), p. 298; Snyman, pp. 139-142. Vergelyk ook Groenewald en Herholdt, p. 452.

en nog verdere ontwikkeling aangemoedig het. Sedert 1890 is Bloemfontein geleidelik per spoor met al die omringende state en kolonies verbind en is die Vrystaatse hoofstad se vroeëre isolasie beëindig.[359]

Die koms van die spoorweg en verbeterde vervoergeriewe het handelsaktiwiteite in Bloemfontein geweldig gestimuleer en omdat nuwe werksgeleenthede geskep is, het die bevolking ook met rasse skrede toegeneem. Die aanbou van die spoorwegstasie, kantore en spoorweg-werkswinkels het meer werksgeleenthede vir die inwoners verskaf. As gevolg van die vinnige toename in die bevolking het die handel toenemend gegroei en ’n wye reeks handelsbedrywe is in Bloemfontein gevestig.[360]

3.9.2 Die mark

Bloemfontein se munisipale produktemark het in April 1859 tot stand gekom,[361] gou ’n lonende kommersiële instelling geword en spoedig as die beste mark noord van Grahamstad bekend gestaan. Terwyl die instelling van die mark in ’n belangrike behoefte van die Vrystaatse hoofstad voorsien het, was dit ook voordelig vir die boere in die nabye omgewing, want nou kon hulle hul surplus plaasprodukte hier verkoop. Die produktemark het in die hele gemeenskap se basiese behoeftes voorsien en hier is alles en nog wat verkoop: allerlei vars groente en vrugte, asyn, brandewyn, tabak, seep, wildsvleis en ander soorte vleis, biltong, pluimvee, botter, eiers, melk, suiker, heuning, mielies, koring, sorghum, meel, brood, beskuit, snoek en ander vis, hout, steenkool, vee, huide en velle, kraalmis, veevoer, gars, hawer, geelhoutplanke en selfs grafstene.[362] Produkte vir die mark is ook nie net van die Vrystaat ontvang nie, maar van regoor Suid-Afrika. In die winter of tye van droogte, haelstorms of oordadige reën was vars groente en vrugte, vleis en selfs botter dikwels skaars en duur.[363]

Die mark sou tot 1900 nog ’n uiters belangrike rol in die dorp se handel speel en jare lank was dit die Bloemfontein-munisipaliteit se vernaamste bron van inkomste.[364] Volgens die munisipale markregulasies van 1859 kon alle produkte buiten wol en velle op die mark opgeveil word, maar elke produsent moes inskrywingsgeld van nege pennies aan die

---

[359] Lamprecht, pp. 370-375; Snyman, pp. 145-146.
[360] Snyman, pp. 144-145.
[361] *The Friend*, 29.4.1859, p. 2 en 6.5.1859, p. 3.
[362] M. Botes, “ ’n Emmervol wortels vir twee sjielings. Bloemfontein se mark”, *Culna* 50, April 1996, p. 26; *The Friend*, 15.5.1889, p. 3, 29.5.1889, p. 3, 10.7.1889, p. 3, 7.8.1889, p. 3, 25.6.1890, p. 3, 20.2.1891, p. 3 en 19.5.1891, p. 3.
[363] *The Friend*, 17.3.1891, p. 3, 17.3.1891, p. 3, 15.5.1891, p. 3, 19.5.1891, p. 3, 24.7.1891, p. 2 en 16.10.1891, p. 2.
[364] Bloemfontein Corporation, *Mayor’s minute, from the 1st September, 1892, to the 31st August, 1893*, p. 3; Groenewald en Herholdt, p. 453. Vergelyk ook Snyman, pp. 182-183.

markmeester betaal voordat hy sy produkte daar kon verkoop.[365] Bogenoemde markfooie het in die munisipale koffers beland. Die markfooie, en daarmee saam die markinkomste, het natuurlik met die verloop van tyd heelwat toegeneem en is deur die munisipaliteit aangewend om noodsaaklike verbeteringe aan die hoofstad aan te bring.[366] Gedurende die tydperk September 1891 tot Augustus 1892 het die markfooie byvoorbeeld die aardige bedrag van £2 989/0/6 beloop.[367]

In 1860 het die munisipaliteit ’n eenvoudige klein markgebou op Markplein opgerig, wat ook as stad- en vergadersaal moes dien en selfs ’n vertrek gehad het wat as biblioteek en leessaal gebruik is.[368] In 1882 is ’n nuwe en meer waardige markgebou, met twee skoorstene en ’n kloktoring, op Markplein gebou. Dit is ontwerp deur boumeester Richard Wocke en het ’n biblioteek en leeskamer ingesluit, terwyl die nuutgestigte Bloemfonteinse spaarbank ook uit die markgebou bedryf is.[369] Hierdie gebou is in 1890 aangevul deur ’n groot oordekte marksaal, met ’n ysterdak wat op ysterpilare gerus het en ’n koffiehuis vir die boere ingesluit het.[370] Nuwe marktafels is vir die marksaal laat maak en die verkoop van produkte het sedert Januarie 1891 daar plaasgevind. Boere en agente kon stalletjies met marktafels binne die marksaal huur, waar hulle hul produkte kon verkoop.[371]

Markaktiwiteite het aanvanklik slegs op Saterdae plaasgevind en op ’n bedrywige Saterdagoggend is tot 40 wavragte voorraad verkoop.[372] Die lui van die markklok om 07:00 het die opening van die mark in die winter aangekondig. In die somer het die mark selfs vroeër begin.[373] Volgens Sophie Leviseur het die mark soms so vroeg soos 05:00 begin en dan was Markplein ’n lewendige en lawaaierige plek, met ossewaens volgelaai met produkte, osse en ander vee en natuurlik die kopers en verkopers, terwyl die markmeester se stem bo die geraas uitdreun terwyl hy die produkte opveil.[374] In die 1890’s het meer as 100 waens op ’n Saterdagoggend op Markplein en in die nabye omgewing saamgetrek.[375] Teen 1890 is die oggendmark klaarblyklik daagliks gehou en nie net meer op Saterdae nie.[376]

---

365 *The Friend*, 1.4.1859, p. 2.
366 Groenewald en Herholdt, p. 453; Snyman, pp. 182-183.
367 Stadsraad, Bloemfontein, *Verslag van den burgemeester van den 1sten September 1891, tot 31sten Augustus 1892*, p. 3.
368 J.A. Mouton, *Die geskiedenis van Bloemfontein*, p. 19; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 34.
369 Botes, “ ’n Emmervol wortels ...”, p. 26.
370 *The Friend*, 15.8.1890, p. 4 en 26.9.1890, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 98.
371 VAB, GS189, Memorie van 31 boere aan uitvoerende raad, 24.11.1890; *The Friend*, 10.10.1890, p. 4 en 12.5.1891, p. 3.
372 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 98; Mouton, p. 19.
373 *The Friend*, 8.5.1889, p. 3, 25.9.1889, p. 3 en 31.10.1890, p. 3.
374 S. Leviseur, *Ouma looks back*, p. 15.
375 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 146.
376 *The Friend*, 4.11.1890, pp. 1-3, 2.1.1891, p. 1 en 27.3.1891, p. 3.

3.9.3 Bloemfontein se sakesentrum

Die Markplein en onmiddellike omgewing was vanaf die vroegste jare van Bloemfontein se bestaan reeds die belangrikste handelsbuurt van die dorp. Sedert die ontstaan van Bloemfontein sou boere hier uitspan om hulle produkte van die hand te sit en kon handelaars met die boerebevolking in aanraking kom. Met die stigting van die munisipale mark in 1859 het Markplein en omgewing nóg belangriker as sakesentrum geword. Spoedig is Markplein aan alle kante met winkels en hotelle omring. Aan Markplein was daar ook ’n ry besighede wat as die “Kolonnade” bekend gestaan het. Later is die sakekern van die dorp ook na Maitlandstraat en Onder- en Bo-Kerkstraat uitgebrei, maar handelaars en agente het steeds gepoog om hulle ondernemings in die omgewing van Markplein op te rig. Vyftig jaar na Bloemfontein se ontstaan was die Vrystaatse hoofstad se sakekern nog grootliks tot Maitland-, St. Andrew- en Kerkstraat beperk.[377] Geleidelik het die sake-ondernemings na die oostekant in die rigting van die spoorwegstasie begin uitbrei.[378]

3.9.4 Winkels en ander sake-ondernemings

In die 1890’s was daar ’n groot verskeidenheid sake-ondernemings in Bloemfontein, wat algemene handelaars sowel as spesialis-handelaars ingesluit het. Die bekendste algemene handelaar was G.A. Fichardt se winkel[379] op die hoek van Charles- en Bo-Kerkstraat (oorkant die Tweetoringkerk), wat reeds in 1848 tot stand gekom het. Dié firma het later ook ’n vertoonkamer in Maitlandstraat gehad en was die eerste winkel wat ’n voorraad Engelse meubels ingevoer en uitgestal het. Teen 1892 het die vertoonkamer in Maitlandstraat tot ’n volwaardige meubelwinkel onder die naam G.A. Fichardt, Beck & Co. ontwikkel.[380] Ander bekende algemene handelaars was die winkel van Moritz Leviseur by Markplein op die hoek van Maitland- en Bo-Kerkstraat, C.W. Champion se winkel by Markplein in Maitlandstraat,[381] Otto Fraundorfer s’n in Maitland- en Adderleystraat,[382] W. Ehrlich se winkel aan Markplein oorkant die poskantoor en E. Pavey se winkels in Maitland- en Douglasstraat.[383]

---

377 *Die Volksblad feesuitgawe*, 22.3.1946, p. 34; *The Friend*, 3.7.1891, p. 2. Vergelyk ook Snyman, pp. 146-148.
378 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 142.
379 Fichardt se winkel was die oudste besigheid noord van die Oranjerivier. “Familie vereer vir sy rol in ‘dorp’ ”, *Ons Stad*, 8.10.1987, p. 5.
380 *The Friend*, 2.1.1889, p. 1, 11.9.1889, p. 3, 24.11.1891, p. 1 en 8.4.1892, p. 1.
381 *Daily News*, 3.1.1890, p. 2; *Daily Express*, 17.4.1890, p. 4 en 24.7.1890, p. 2.
382 *Daily Express*, 12.7.1890, p. 3; *The Friend*, 22.5.1894, p. 1.
383 Macmillan, p. 57; *The Friend*, 23.10.1891, p. 2.

'n Gewilde vrugte- en groentehandelaar was J. Desimony in Douglasstraat.[384] Daar was ook kruidenierswinkels soos Alfred E. Gill in Maitlandstraat en bakkers soos C.F. Drieschner op die hoek van Fontein- en Gordonstraat, H.J. O'Brien in St. Andrewstraat en J. Gilbert in Douglasstraat.[385] Soos die inwoners in Bloemfontein toegeneem het, het die aantal slaghuise ook toegeneem. Van die belangrikste slaghuise was dié van E.C. Beckley in Kerkstraat, A.J. Austin in Douglasstraat, C. Phillips agter die Nasionale Bank, James McKenzie in Gordonstraat en W. Olds in St. Andrewstraat.[386] E. Daniel het in 1894 'n slaghuis naby Waaihoek[387] geopen wat hoofsaaklik swart mense bedien het.[388] Inwoners kon drank by hotelle koop, terwyl C. Schanz 'n drankwinkel in St. Andrewstraat en George Reeler een in Maitlandstraat naby die spoorwegstasie bedryf het.[389]

Omdat Bloemfontein voor 1900 nie so 'n groot bevolking gehad het nie, moes sommige van die spesialis-besighede ook ander produkte aanhou ten einde goeie wins te kon maak. So was daar die Barlow Brothers aan Markplein wat hoofsaaklik boek- en skryfbehoefte-handelaars en drukkers was, maar ook ander benodigdhede, soos toiletware, medisyne, muurpapier en tuinsaad aangehou het. Hulle het klaarblyklik ook in sporttoerusting vir alle sportsoorte gespesialiseer. Barlow Brothers het die nuusblad *The Friend* uitgegee.[390] Twee Joodse inwoners, Rosenblatt en Levy, het in 1890 'n interessante onderneming aan Markplein begin, naamlik die "Bloemfontein Temperance Palace" wat 'n kafee en biljartkamer ingesluit het en waar snuisterye, tabak, sigarette en sigare gekoop kon word.[391] Dit is klaarblyklik as vermaaklikheidsentrum bedoel.

Bloemfontein het verskeie fotograwe gehad, waarvan die Deale Brothers in Maitlandstraat waarskynlik die bekendste was. Nie alleen het hulle foto's geneem nie, maar hulle was ook boek-, musiek- en skryfbehoefte-handelaars. Hulle het selfs 'n oogkundige gehad wat inwoners se oë getoets en brille gemaak het. Ander bekende Bloemfonteinse fotograwe was Ernest Ross, ook in Maitlandstraat, en O. Mönnig, langs die poskantoor, by Markplein.[392] Die Duitser Carl Borckenhagen se firma aan Markplein was veral bekend vir die verkoop van skryfbehoeftes, horlosies, juwele en ornamente, asook luukse gebruiksvoorwerpe.

---

384 *Daily Express*, 17.4.1890, p. 3, 10.6.1890, p. 2 en 25.9.1890, p. 2.
385 *Ibid*., 31.5.1890, p. 2, 28.6.1890, p. 2, 18.7.1890, p. 2, 5.8.1890, p. 1 en 28.11.1890, p. 2.
386 *The Friend*, 2.1.1891, p. 1, 5.6.1891, p. 1, 3.7.1891, p. 2 en 2.7.1895, p. 2; *Daily Express*, 24.10.1890, p. 3.
387 Bloemfontein se oudste swart woonbuurt.
388 *The Friend*, 20.4.1894, p. 3.
389 *Daily Express*, 29.11.1890, p. 3; *The Friend*, 21.6.1892, p. 3 en 1.5.1894, p. 1.
390 *The Friend*, 29.5.1889, p. 1, 25.6.1890, p. 1, 29.5.1891, p. 2, 23.10.1894, p. 2 en 27.12.1895. p. 1.
391 *Daily Express*, 4.12.1890, p. 1.
392 Macmillan, p. 31; *The Friend*, 4.12.1891, p. 1, 25.3.1892, p. 1, 5.1.1894, p. 1, 9.11.1894, p. 1 en 8.3.1895, p. 1.

Borckenhagen was ook die redakteur van die tweetalige Bloemfonteinse weekblad *De Express*.[393] Bekende apteke was onder meer dié van B.G. Lennon aan Markplein, N. Coaker in Laer-Kerkstraat en A. Müller in Maitlandstraat.[394]

Sedert 1890 het Bloemfontein ’n hele aantal haarkapper- en skeersalonne ryker geword, waarvan die twee bekendstes dié van Alfred Aaronson en Whelan & Dovale, albei aan Markplein. Albei firmas was ook tabak- en parfuumhandelaars en het verder warm en koue baddens vir hulle klante aangebied.[395] Frank Dovale het in April 1891 alleeneienaarskap van die firma Whelan & Dovale bekom.[396] Bloemfontein se bekende wapen- en ammunisiehandelaars in die 1890’s was G.B. Attwell & Co. in Maitlandstraat. Hulle het ook gewere herstel en verder skryfbehoeftes, sigare en seep verkoop.[397]

Van die bekendste klerewinkels was onder meer dié van J.A. Christie in Maitlandstraat (verskuif in Junie 1891 na Oos-Burgerstraat oorkant die Bloemfontein-hotel),[398] E.E. Watkeys aan Markplein, Cleghorn & Harris in Maitlandstraat, Edward Yoxall in Maitlandstraat, J.C. Keast in Laer-Kerkstraat, Sowden, Mitchell & Stoddart (later net Sowden & Stoddart) in Maitlandstraat[399]en Hepworth’s aan Markplein.[400] Baie van bogenoemde klerewinkels het ook kleremakers in hulle diens gehad. Juweliers en horlosiemakers van formaat was C. Fischer in Maitlandstraat, Hamm & Brunner aan Markplein en J. Huber in Bo-Kerkstraat.[401] Die Firma C. Moeller in Maitlandstraat was ’n bekende musiekhandelaar wat ook musiekinstrumente verkoop het. Die belangrikste produktehandelaars en transportagente was Frank Oldfield & Co., De Kock & Wedderburn, Moritz Leviseur, W.J. Sharpe en Gasson & Co.[402]

Bloemfontein het oor twee huurstalle beskik waar inwoners en besoekers perde en rytuie kon huur. Hulle het karweiwerk in die Vrystaatse hoofstad onderneem en inwoners kon ook hulle eie perde teen ’n billike tarief daar laat ‘loseer’. Die twee huurstalle was

---

393 *Daily Express*, 17.7.1890, p. 3; Macmillan, p. 93.
394 *The Friend*, 9.10.1891, p. 1, 27.5.1892, p. 1, 22.5.1894, p. 1 en 17.7.1894, p. 1.
395 Omdat huise en hotelle in Bloemfontein voor 1900 nie lopende water gehad het nie, is dié baddens waarskynlik deur inwoners en besoekers benut.
396 *The Friend*, 24.10.1890, p. 4, 30.1.1891, p. 4, 10.4.1891, p. 4, 28.4.1891, p. 2 en 3.7.1891, p. 2; *Daily Express*, 9.10.1890, p. 3.
397 *De Express*, 20.5.1890, p. 1; *Daily Express*, 16.5.1890, p. 2; *The Friend*, 1.12.1891, p. 4.
398 *Daily Express*, 3.1.1890, p. 4 en 28.6.1890, p. 2; *The Friend*, 2.6.1891, p. 2 en 27.5.1892, p. 1.
399 *De Express*, 12.8.1890, p. 2; “Bloemfontein in die jare 1800: handel en ekonomie in die ou dae”, *Die Republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 38.
400 *The Friend*, 10.7.1891, p. 2, 2.1.1894, p. 1, 6.3.1894, p. 1 en 9.7.1895, p. 2.
401 *Daily Express*, 30.5.1890, p. 1; *The Friend*, 5.9.1890, p. 4 en 8.1.1892, p. 2.
402 *The Friend*, 4.11.1890, p. 2, 24.3.1891, p. 1, 19.5.1891, pp. 3-4 en 7.12.1894, p. 2; *Daily Express*, 19.4.1890, p. 2.

Bloemfontein Livery and Bait Stables Company in Fonteinstraat en J. Green's Livery Stables in St. Andrewstraat.[403]

In die 1890's het Bloemfontein selfs oor 'n aantal restaurante en kafees beskik. In Januarie 1890 word daar melding gemaak van die Mechanics restaurant en bakkery wat F.C. Hundermark by Markplein oopgemaak het en in September van dieselfde jaar word Whelan se restaurant in die markgebou, ook op Markplein, vermeld.[404] Met die koms van die spoorlyn was die bekendste eetplek die stasiekafee of -restaurant, wat deur die Spoorweë aan J.D. Logan verhuur is, in Julie 1891 geopen is en veral vir verversings vir treinpassasiers voorsiening gemaak het.[405] Dan was daar 'n paar teekamers of koffiehuise, soos Rosenblatt & Co. se "The Little Wonder" aan die stasiekant van Markplein, asook ene mev. Emsley se koffiehuis, ook by Markplein.[406] Verder was daar 'n paar eetplekke of koffiehuise vir swart mense, waarvan die bekendste die een langs die Baptiste Kerk in Hangerstraat was.[407]

3.9.5 Banke

Aanvanklik het die handel in die Vrystaat hoofsaaklik deur ruilhandel geskied en die eerste bank, die Bloemfontein Bank, is eers in 1862 gestig. Buitelandse banke het hierna ook in die Vrystaat begin sake doen en in September 1863 het 'n tak van die Standard Bank in Bloemfontein tot stand gekom, kort hierna gevolg deur 'n tak van die London & South African Bank, wat maar 'n kort leeftyd in Bloemfontein gehad het.[408] Deur 'n Volksraadsbesluit van Januarie 1866 waarvolgens alle buitelandse banke die Vrystaat moes verlaat, het Standard Bank sy sake in 1868 in die Vrystaatse hoofstad afgesluit. In die 1870's is weer besluit om buitelandse banke in die Vrystaat toe te laat en in 1876 is 'n tak van die Oriental Bank in Bloemfontein geopen. Die Oriental Bank is in die 1880's deur die Bank van Afrika oorgeneem wat 'n nuwe gebou op die hoek van Maitland- en St. Andrewstraat opgerig het. Die hoofkantoor van hierdie bank was in Londen.[409]

Daar het lank reeds 'n behoefte aan 'n staatsbank vir die OVS bestaan en die vergoeding wat die republiek in 1876 vir die verlies van die diamantvelde van Brittanje ontvang het, het die oprigting van so 'n bank in 1877 moontlik gemaak. Die hoofkantoor van die nuutgestigte Nasionale Bank van die OVS was op die hoek van St. Andrew- en Wes-

---

403 *Daily Express*, 24.6.1890, p. 4 en 7.7.1890, p. 3.
404 *Ibid.*, 3.1.1890, p. 3, 11.1.1890, p. 3 en 22.9.1890, p. 2.
405 *The Friend*, 26.6.1891, p. 3 en 9.10.1891, p. 1; Groenewald en Herholdt, p. 521.
406 *Daily Express*, 15.11.1890, p. 4; *The Friend*, 20.7.1894, p. 2.
407 *The Friend*, 20.7.1894, p. 2.
408 Lamprecht, pp. 313-320.
409 *The Friend*, 26.6.1891, p. 3 en 9.10.1891, p. 1; Lamprecht, pp. 321-334.

Burgerstraat in Bloemfontein gevestig en hierna is takke in ander Vrystaatse dorpe gestig. Die Nasionale Bank het deels met staatsgeld en deels met fondse van private aandeelhouers tot stand gekom. Die ouer Bloemfontein Bank het ’n integrale deel van die Nasionale Bank geword.[410] Die Nasionale Bank is aanvanklik vir slegs 21 jaar opgerig, maar weens die geweldige groei van die staatsbank het die Volksraad in 1895 besluit dat die bank se termyn met nog 21 jaar verleng kon word.[411]

’n Ander bank wat in die 1890’s in Bloemfontein sake gedoen het, was die Bloemfonteinse Spaarbank,[412] terwyl daar in 1894 ondersoek ingestel is na die moontlikheid om, soos in die ander Suid-Afrikaanse state, ook in die Vrystaat ’n posspaarbank tot stand te bring. Omdat bestaande posspaarbank-wetgewing vir die Vrystaat aangepas moes word,[413] is die ideaal van ’n posspaarbank in die OVS eers in 1897 verwesenlik.[414]

Die bankwese in die Vrystaat was dus baie nou met die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat vervleg. Met die medewerking van banke kon groter ontwikkelingsprojekte aangepak word. Gedurende Reitz se bewind het die republiek oor redelik uitgebreide bankgeriewe beskik wat baie bygedra het tot die uitbreiding van die handel en die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat en Bloemfontein as sy hoofstad.[415]

3.9.6 Ander finansiële instellings

3.9.6.1 Die Bloemfonteinse Eksekuteurskamer

Buiten die onderskeie banke was daar ook ander finansiële instellings in Bloemfontein, soos die Eksekuteurskamer en die Vrystaatse Kamer van Koophandel. Die Bloemfonteinse Eksekuteurskamer het reeds in 1868 tot stand gekom en was die eerste Eksekuteurskamer in Suid-Afrika noord van die Oranjerivier. Die Eksekuteurskamer was geleë in Maitlandstraat en het onder meer boedels, trusts, beleggings en versekering geadministreer, terwyl hulle ook eiendom gewaardeer en die koop en verkoop daarvan behartig het. Die Eksekuteurskamer is deur ’n raad van direkteure beheer en het ook oor ’n spaarbank beskik. Bogenoemde finansiële

---

[410] VAB, GS185, verslag van C.J. Tate, hoofbestuurder van die Nasionale Bank, 15.11.1889; *Daily News*, 31.3.1890, p. 3; *De Express*, 23.12.1890, p. 3.
[411] *Gouvernements Courant*, 7.6.1895; *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 11.1.1895, p. 2.
[412] *The Friend*, 30.4.1895, p. 1.
[413] *Ibid.*, 8.5.1894, p. 2; L.J. Conradie, *Spaanders wat vlieg: die romantiek van die poskantoor*, p. 137.
[414] Conradie, p. 137.
[415] Lamprecht, p. 344.

instelling het dus ’n belangrike rol in die ontwikkeling van die OVS en Bloemfontein gespeel.[416]

3.9.6.2 Die Vrystaatse Kamer van Koophandel

Die Vrystaatse Kamer van Koophandel is in 1883 gestig en het ten doel gehad om die handelsverwante aangeleenthede in die OVS en ook tussen die republiek en die ander Suid-Afrikaanse state te bevorder. Die hoofkwartier van die Vrystaatse Sakekamer was in Bloemfontein en sy bestuur het van die raadskamer in die stadsaal in Maitlandstraat gebruik gemaak. Belangrike aangeleenthede waarin die Kamer van Koophandel in die 1880’s en 1890’s ’n rol gespeel het, was onder meer spoorwegaanleg, spoorwegtariewe, landbou, die Bloemfonteinse landbouskou en die stigting van die Bloemfonteinse landbougenootskap, asook die totstandkoming van ’n posspaarbank en die instelling van ’n telefoondiens vir Bloemfontein.[417]

3.9.7 Afslaers

Inwoners van Bloemfontein kon allerlei goedere op veilings koop, wat deur afslaers J.W.G. Steyn en J.G. Fraser in Maitlandstraat en Cunningham & Acton by Markplein opgeveil is. Boeke, meubels, vee, rytuie, klere, gebruiksgoedere, huise en selfs plase en eiendom is opgeveil.[418]

3.9.8 Bedrywe en ambagte

3.9.8.1 Haar- en skeersalonne

In die 1890’s is ’n hele aantal bedrywe en ambagte in Bloemfontein beoefen. Wat haarkappers en skeersalonne aanbetref, was daar die reeds genoemde Alfred Aaronson en W. Whelan, beide aan Markplein, wat gesorg het dat die Bloemfonteiners se hare en baarde netjies bly. Aandag is ook aan die sny van kinders se hare gegee.[419]

---

[416] *De Express*, 21.1.1890, p. 1; “Bloemfontein Board of Executors and Trust Company Ltd.: valuable part played in the development of the province”, *Bloemfontein’s Centenary 1846-1946*, *supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 68; “Bloemfontein Board of Executors & Trust Company Limited”, *Supplement to The Friend*, Februarie 1954, p. 36.

[417] *De Express*, 23.12.1890, p. 3; “How Chamber of Commerce has served the Free State for 63 years”, *Bloemfontein’s Centenary 1846-1946*, *supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 63.

[418] *The Friend*, 13.3.1889, p. 4, 11.9.1889, p. 1, 30.7.1890, p. 6, 7.11.1890, p. 1 en 9.3.1894, p. 1; *Daily Express*, 4.7.1890, p. 2 en 11.7.1890, p. 2.

[419] *Daily Express*, 16.6.1890, p. 2 en 3.7.1890, p. 4.

3.9.8.2 Boubedryf

Die boubedryf in Bloemfontein het gefloreer, veral in tye van finansiële voorspoed. Na die koms van die spoorlyn tot by Bloemfontein in 1890, het groot ontwikkelings gevolg wat die boubedryf geweldig gestimuleer het. Geld en besoekers het die land ingestroom en verskeie nuwe geboue en hotelle is in die Vrystaatse hoofstad opgerig. Gevolglik was die ambagsmanne in die dorp baie bedrywig.[420]

Wat bouers en timmermanne aanbetref, word daar in die 1890's melding gemaak van die volgende firmas: A. Webb, W.G. Molony, A. Snel, Robinson & Stevenson en J.J. White.[421] G. Coleman en E.S. Hanger het opgesaagde hout vir bou- en vuurmaak-doeleindes aan Bloemfontein se inwoners verskaf.[422] Bekende klipwerkers en grafsteenmakers in Bloemfontein was W. Burns, R. Cane & Seuns en Owen Davies.[423] Die firmas Johnson & Saunders, Jacobson & Osborne en McGehan & McQueen was verwers, binneversierders en letterskilders.[424] Die Bartle Broers in Oos-Burgerstraat was metaalwerkers, terwyl A. Frazer in Aliwalstraat en S. Boswell in St. Georgestraat metaal- en loodgieterswerk gedoen het.[425] Mnre. Long, Butler en Howard het op verskillende plekke aan die buitewyke van Bloemfontein stene gemaak. Die steenmakers het werk aan ongeveer 50 swart mense verskaf wat met hulle gesinne op die steenmakerye se persele gewoon het.[426] Klaarblyklik het die steenmakerye in die 1890's gefloreer, want toe is 20 lisensies maandeliks in dié bedryf deur die stadsraad uitgereik.[427]

3.9.8.3 Klere- en modebedryf

Bloemfontein het in die 1890's ook nie 'n tekort aan ambagsmanne in die klere- en modebedryf gehad nie. Bekende kleremakers was P. Greger en T. Baer in Maitlandstraat, Thomas Thomas (later bekend as Thomas & Bennet) aan Markplein en B. Solomon in Hangerstraat.[428] Verder het die firmas Sowden, Mitchell & Stoddart en J.A. Christie ook kleremakers in diens gehad.[429] Enkele Bloemfonteinse dames was ook betrokke by die klerebedryf, want mev. Gladwell het damesklere gemaak, terwyl mev. Prager van Londen 'n

---

[420] *The Friend*, 17.3.1891, p. 3 en 26.5.1891, p. 3; Groenewald en Herholdt, pp. 528-529.
[421] *Daily News*, 11.2.1890, p. 3; *De Express*, 17.6.1890, p. 10; *Daily Express*, 24.6.1890, p. 4. Vergelyk ook Groenewald en Herholdt, p. 533.
[422] *Daily News*, 3.4.1890, p. 3; *The Friend*, 22.5.1891, p. 3.
[423] *The Friend*, 12.2.1892, p. 2, 24.5.1892, p. 1 en 5.3.1895, p. 2.
[424] *Ibid.*, 25.12.1889, p. 4; *Daily Express*, 20.1.1890, p. 3, 7.10.1890, p. 3 en 24.10.1890, p. 2.
[425] *Daily Express*, 31.7.1890, p. 2 en 22.9.1890, p. 3; *The Friend*, 17.12.1895, p. 2.
[426] *The Friend*, 6.7.1894, p. 3 en 6.9.1895, p. 2.
[427] Stadsraad, Bloemfontein, *Verslag van den burgemeester, 1890*, p. 3.
[428] *Daily Express*, 17.4.1890, pp. 3-4 en 14.10.1890, p. 3; *The Friend*, 28.9.1894, p. 1 en 4.1.1895, p. 2.
[429] *Daily Express*, 16.8.1890, p. 2 en 4.9.1890, p. 2.

besigheid aan Markplein begin het waar volstruisvere bewerk en gekleur is.[430] Professionele skoenmakers was M. Loser met sy "Bloemfontein Boot Factory", H. Eggington met sy "London Boot and Shoe Shop", albei in Maitlandstraat, asook M. Wright in Kerkstraat.[431] Gewilde horlosiemakers in die Vrystaatse hoofstad was C. Fischer in Maitlandstraat en J. Huber in Kerkstraat, asook Hamm & Brunner, A. Hennhofer en H. Rosenberg, al drie by Markplein.[432]

3.9.8.4 Voedselbedryf

Die voedselbedryf het werk aan verskeie ambagsmanne in Bloemfontein verskaf. Bekende meulenaars was Daniel & Hyman, wat reeds in 1868 'n stoommeule op die terrein net suid van die ou Fort Drury tussen St. Andrewstraat en die fontein opgerig is.[433] Hornby & Daubney in Harveyweg, naby die spoorwegstasie, het hulle meule in 1892 in gebruik geneem, gevolg deur die S.A. Milling Company in 1895.[434]

3.9.8.5 Vervoerbedryf

Omdat daar in die 1890's nog grootliks van vervoermiddele soos perde, waens en rytuie gebruik gemaak is, was verskeie vakmanne in Bloemfontein aan die vervoerbedryf verbonde. J. Daly en Green & Lincoln was grof- en hoefsmede, terwyl James Ensor veral bekend was vir die maak en herstel van rytuie en waens. W.A. Davis in Maitlandstraat was 'n saal- en tuiemaker, maar het ook waens en rytuie herstel en geverf.[435]

3.9.8.6 Ander bedrywe

J. Theile was 'n geweersmid wat gewere, masjiene, ens. in sy besigheid in Oos-Burgerstraat naby Markplein herstel het.[436] Bloemfontein het ook in 1895 sy eie private wassery by Haldon oorkant die dorpsmeent gehad, geopen en bestuur deur mejj. Little. Die wassery het heel gepas die naam van The "Little" Laundry gehad. Hierdie wassery het aan 'n groot behoefte voldoen, aangesien daar in die 1890's nog nie lopende water in Bloemfontein was nie en baie inwoners hulle wasgoed by die spruit laat was het, wat nie baie higiënies was nie.[437] Klaarblyklik het die meeste van bogenoemde bedrywe en besighede wit, bruin en swart mense in diens gehad.

---

[430] *Ibid.*, 4.9.1890, p. 2.
[431] *Ibid.*, 5.9.1890, p. 1 en 29.11.1890, p. 3; *The Friend*, 12.3.1895, p. 3.
[432] *Daily News*, 3.3.1890, p. 2; *Daily Express*, 9.5.1890, pp. 1-2, 9.9.1890, p. 1 en 30.9.1890, p. 4.
[433] S.M. Botes, "Die stoommeule en bierbrouery op die terrein van Fort Drury, Bloemfontein, 1868-1920", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 15(2), November 2001, pp. 9-14.
[434] *The Friend*, 30.8.1892, p. 1 en 18.10.1895, p. 3.
[435] *Daily Express*, 17.4.1890, p. 4, 4.7.1890, p. 3 en 29.11.1890, p. 2; *The Friend*, 11.9.1891, p. 3.
[436] *Daily Express*, 4.7.1890, p. 3.
[437] *The Friend*, 31.5.1895, pp. 2-3.

3.9.9 Nywerhede

Aanvanklik het Bloemfontein nie juis noemenswaardige nywerhede gehad nie. Struikelblokke wat nywerheidsontwikkeling in die Vrystaatse hoofstad gestrem het, was onder meer stadige vervoermiddele, gebrek aan elektriese krag en swak watervoorsiening. Ten spyte van bogenoemde struikelblokke het Bloemfontein wel enkele nywerhede gehad. Voor 1890 word daar reeds melding gemaak van ’n wolwassery en leerlooiery op die plaas Tempe digby Bloemfontein, ’n ystergietery, twee lekkergoedfabrieke, ’n lemonadefabriek, asook ’n asynbrouery.[438]

Na die opening van die spoorweg in 1890 en gevolglike beter vervoermoontlikhede, het ’n aantal nuwe nywerhede in Bloemfontein tot stand gekom. Die reeds genoemde “Waterfall”-wolwassery van J.J. Allison op die plaas Tempe het reeds in 1865 tot stand gekom en die besigheid het klaarblyklik goed gevaar, want in 1890 het Allison ook ’n vennoot, W. Andrews, gehad.[439] Ene Krawehl het in 1890 ’n bierbrouery in Burgstraat geopen.[440] Reeds in 1891 het W. Pringle van die Cape Milling Company ondersoek ingestel na die moontlikheid om ’n stoommeule, koekie- en lekkergoedfabriek naby die stasie op te rig. Hierdie meule en fabriek is klaarblyklik eers in 1895 opgerig en het brood, koekies, konfyt en lekkergoed vervaardig sodat dit aan ’n hele aantal wit en swart mense werk kon verskaf.[441]

In die 1890’s het Bloemfontein drie koeldrankfabrieke gehad. W. Reid het ’n koeldrankfabriek in Laer-Kerkstraat gehad waar onder meer lemonade, sodawater, gemmerlim, hop- en gemmerbier vervaardig is. Dié fabriek het later na Wes-Burgerstraat verskuif. Die Gunning-broers het sodawater en allerlei koeldranke by “The Buffalo”-koeldrankfabriek aan Markplein vervaardig, terwyl W.H. Riddell in 1891 ook ’n koeldrankfabriek, die “Railway Steam Aerated Water Manufactory”, in Maitlandstraat naby die spoorwegstasie geopen het.[442] Hierdie koeldranke is gemaak deur ’n proses waartydens koolsuurgas deur ’n gegeurde vloeistofmengsel gestuur is, baie soos ons gaskoeldranke van vandag. Dit het blykbaar nie so goed met Riddell se besigheid gegaan nie, want in 1894 was hy bankrot en moes die fabriek en voorraad verkoop word.[443]

---

438 Snyman, pp. 148-149.
439 *The Friend*, 1.1.1890, p. 3; Snyman, p. 148.
440 *De Express*, 8.7.1890, p. 2.
441 *The Friend*, 23.6.1891, p. 3, 20.8.1895 en 6.9.1895, p. 2.
442 *Daily Express*, 5.6.1890, p. 3; *The Friend*, 29.9.1891, p. 1, 9.10.1891, p. 1 en 5.1.1894, p. 1.
443 *The Friend*, 13.10.1891, p. 4 en 24.4.1894, p. 2.

3.9.10 Versekeringsmaatskappye

Bloemfontein se vooruitgang en bevolkingstoename het tot gevolg gehad dat sy inwoners en besighede versekering nodig gehad het. Gevolglik het verskeie korttermyn- en lewensversekeringsmaatskappye kantore, verteenwoordigers of agente in Bloemfontein gehad. Lewensversekeringsmaatskappye wat in Bloemfontein verteenwoordig was, was onder meer die SA Mutual Life Insurance Society, die Mutual Life Insurance Company of New York, die Equitable Life Assurance Company of the USA, die Royal Insurance Company, die Star Life Assurance Society, die Standard Life Insurance Company, die Imperial Life Insurance Company, die Commercial Assurance Company, die Gresham Life Assurance Society en die Southern Life Association.[444]

Korttermyn-versekeraars in Bloemfontein wat inwoners en besighede se geboue, meubels en voorraad teen brand en ander risiko's verseker het, was onder meer die Guardian Assurance & Trust Company of Port Elizabeth, die New Zealand Insurance Company, die Equitable Fire Assurance and Trust Company, die London & Lancashire Fire Insurance Company en die Commercial Assurance Company.[445] Baie van hierdie versekeringsmaatskappye het hulle hoofkantore in die buiteland of in Kaapstad gehad.

4 Slot

Bloemfontein het in 'n bestek van 45 jaar ontwikkel van 'n klein militêre nedersetting in 1846 tot 'n waardige, welvarende hoofstad van die modelrepubliek van die OVS in die 1890's. Bloemfontein was die middelpunt van alle politieke en ekonomiese gebeure in die Vrystaat en ook die hoofsentrum van die Vrystaatse handel, regstelsel en onderwys. Die Vrystaatse staatshoof en regering, asook die militêre mag, was in Bloemfontein as hoofstad gesetel en die Volksraad het jaarliks hier byeengekom.

Die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika tussen 1860 en 1890 het nuwe markte geskep wat Bloemfontein se ontwikkeling en handel bevorder het en die beter vervoergeriewe wat die koms van die spoorlyn na Bloemfontein in Desember 1890 meegebring het, het verdere stimulus aan die ontwikkeling van Bloemfontein verleen. Die spoorverbinding het Bloemfontein se vroeëre isolasie verbreek en tot groter kontak met ander Vrystaatse dorpe, buurstate, die res van Suid-Afrika en selfs die buiteland gelei. Groter voorspoed vir die

---

[444] *Ibid.*, 22.8.1890, p. 3, 6.2.1891, p. 3, 28.4.1891, p. 2, 22.5.1891, p. 1, 15.3.1892, p. 4, 2.1.1894, p. 4, 22.3.1895, p. 2 en 23.4.1895, p. 2.
[445] *Ibid.*, 10.7.1889, p. 4, 21.8.1889, pp. 2-3, 22.8.1890, p. 4, 15.3.1892, p. 4 en 29.3.1892, p. 1.

Vrystaat het meegebring dat Bloemfontein in die 1890's op alle terreine vooruitgegaan en ontwikkel het.

Die inwoners van die Vrystaatse hoofstad het uiteraard in die nuwe ekonomiese voorspoed gedeel en hul inkomste het dienooreenkomstig vergroot. Ten spyte van tekortkominge het Bloemfontein met sy sentrale ligging, voldoende waterbronne, gesonde klimaat, verskillende kerke en skole, uitstekende mark, relatief wye verskeidenheid winkels en besighede, finansiële, militêre en politieke instellings, bedrywe en nywerhede, as kultuurbodem vir sy inwoners in die betrokke tydperk baie gebied om hulleself te kon uitleef en 'n redelike hoë lewenstandaard te kon handhaaf. Vervolgens gaan daar aan die inwoners van Bloemfontein as kultuurdraers en -skeppers, die verskillende kultuurgroepe en hulle daaglikse lewenswyse aandag geskenk word.

Hoofstuk 2

DIE KULTUURGROEPE VAN BLOEMFONTEIN EN HULLE BYDRAE TOT DIE STAD SE ONTWIKKELING

1 Inleiding

Met sy stigting in 1846 was Bloemfontein ’n militêre pos of nedersetting met hoofsaaklik Britse soldate en amptenare. Soos die nedersetting in ’n dorp ontwikkel het, het dit ook ander bevolkingsgroepe gelok wat hier kom werk soek het en is daar reeds vroeg van die aanwesigheid van “Bechuanas,[1] Fingoes, Hottentots[2] and Emancipated Slaves”[3] melding gemaak. Teen 1851 het die burgerlike bevolking van Bloemfontein uit ongeveer 300 mense bestaan.[4]

Nadat die republiek Oranje-Vrystaat (OVS) in 1854 tot stand gekom het, het Bloemfontein se inwoners meer kosmopolities geword – al hoe meer Engelssprekendes, Afrikaners, Duitsers, Nederlanders, Jode, swart en bruin mense en selfs enkele persone van ander kultuurgroepe, soos Portugese, Grieke, Indiërs en Amerikaners, het hulle in die ontwikkelende dorpie gevestig. In die 1870’s het Bloemfontein reeds ’n blanke inwonertal van nagenoeg 1 000 mense gehad.[5] Die OVS is beskryf as ’n modelrepubliek en sy stemreg was liberaal vir die tyd in dié sin dat alle blanke inwoners as burgers aanvaar is en stemreg gehad het. Hier was dus nie ’n uitlandervraagstuk soos later in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) nie en sy “uitlander”-inwoners het geen griewe gehad nie.[6] Ook in Bloemfontein is die verskillende kultuurgroepe ten volle in die gemeenskap geïntegreer.

---

1 Dit was die mense wat vandag as die Batswana bekend staan.

2 Terme soos “Boesman”, “Hottentot”, “Kafir”, “Kaffer”, “half-caste” en “Bastard” is historiese terme wat in die 19de eeu algemeen in literatuur, koerante en dokumente voorkom. Wanneer dit in hierdie studie gebruik word, is dit slegs vir historiese doeleindes en geen negatiewe konnotasie word daaraan geheg nie.

3 *Bloemfontein Methodist centenary, 1850-1950: souvenir brochure*, soos aangehaal deur K. Schoeman, *Bloemfontein: die ontstaan van ’n stad 1846-1964*, p. 10.

4 Schoeman, p. 12.

5 *Ibid.*, pp. 12, 34, 69.

6 A. Davey, *The British pro-Boers 1877-1902*, p. 54.

2 Bevolkingsgetalle en verspreiding

In Mei 1880 is die eerste sensus in die OVS gehou en hiervolgens het Bloemfontein ’n totaal van 2 567 inwoners gehad, waarvan 1 688 blankes en 879 swart en bruin was.[7] Die dorp het oor 297 huise beskik,[8] maar daar word nie melding gemaak van die hutte waarin swart en bruin mense gewoon het nie.

In Mei 1890 is die volgende algemene sensus in die Vrystaat gehou en toe het Bloemfontein ’n totaal van 3 319 inwoners gehad, waarvan 2 017 blankes en 1 302 nie-blankes[9] was. Van die blankes was 1 005 manlik en 1 012 vroulik, terwyl daar 818 manlike en 484 vroulike nie-blankes was.[10] Volgens die 1890-sensus was 162 inwoners professionele mense, wat klaarblyklik staatsamptenare ingesluit het, terwyl 120 by die handel betrokke was, 253 ’n ambag beoefen het en daar 434 bediendes was. Daar het in 1890 ook ses afgetrede boere in Bloemfontein gewoon, terwyl die dorp oor 402 huise en 17 hutte beskik het. Van die blankes is 852 in die Vrystaat gebore, 537 in die Kaapkolonie, 15 in die Transvaal of ZAR, agt in Natal, 12 in Griekwaland-Wes, 535 in Europa en 58 in ander wêrelddele.[11]

Uit die voorafgaande blyk dit dat ongeveer 29% van Bloemfontein se wit bevolking van die buiteland afkomstig was. Bloemfontein het dus in die 1890’s blanke inwoners van ’n wye verskeidenheid nasionaliteite gehad: Engelse, Skotte, Iere, Afrikaners, Nederlanders, Duitsers, Jode, Grieke,[12]asook enkele Franse, Dene, Australiërs, Oostenrykers, Belge, Kanadese, Hongare, Switsers, Roemeniërs, Russe, Portugese, inwoners van die eiland Man[13] en selfs Amerikaners.[14] Wat die nie-blanke inwoners betref, was daar onder meer Batswana, Fingo’s, Basotho, Barolong, Khoi, bruin mense, asook enkele Zulus, Xhosas, Tembo’s, Griekwas, Korannas en Indiërs.[15]

---

7 *The Friend*, 14.4.1891, p. 3.

8 Schoeman, p. 89.

9 In die republikeinse tydperk is nie altyd onderskeid tussen swart en bruin mense gemaak nie. Daar is meestal melding gemaak van “gekleurden”, “coloureds”, “natives” of “blacks” waarby swart en bruin mense en selfs Indiërs ingesluit is. Die term “nie-blanke” word dus in hierdie studie uit noodsaak gebruik omdat historiese bronne dikwels nie onderskeid tussen bogenoemde bevolkingsgroepe tref nie. Geen negatiewe konnotasie word hieraan geheg nie.

10 *The Friend*, 14.4.1891, p. 3; *De Express*, 23.12.1890, p. 2.

11 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (hierna VAB), Census 1890, Schedule A: stad Bloemfontein; *De Express*, 23.12.1890, p. 2. Die totale aantal blankes word in hierdie sensusopname foutief as 2 077 in plaas van 2 017 aangegee.

12 G. Katoleon en A. Wessels, “Bloemfontein’s Greek community: historical background, emigration and settlement, ca. 1885 – ca. 1985”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 23(2), November 2009, p. 32.

13 *The Friend*, 23.1.1889, p. 1, 30.10.1889, p. 3, 19.9.1890, p. 4 en 17.1.1893, p. 2; *Daily Express*, 6.9.1897, p. 2. Die eiland Man is naby Groot-Brittanje geleë.

14 *The Friend*, 14.7.1891, p. 2 en 9.8.1892, p. 2; *De Burger*, 6.7.1895, p. 2.

15 Schoeman, pp. 10, 23, 35, 59, 82-87, 115, 118, 130-131.

Verder word vermeld dat daar volgens die 1890-sensus 544 skoolgaande kinders was. Hiervan was 424 wit en 120 swart en bruin kinders.[16] Teen April 1891 was Bloemfontein se bevolking reeds heelwat meer as wat in die Mei 1890-sensus weerspieël is, aangesien die voltooiing van die spoorlyn van Kaapstad na Bloemfontein in Desember 1890 die bevolking van die Vrystaatse hoofstad met rasse skrede laat toeneem het. 'n Hele aantal spoorwegwerkers en -beamptes het hulle naamlik nou in Bloemfontein gevestig.[17]

Die wit en swart woonbuurte en dorpsgrense word meer breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek. Hier word net kortliks genoem dat die eerste huise rondom die spruit in St. Georgestraat en St. Andrewstraat, asook rondom Markplein, gebou is en dat die dorp geleidelik noordwaarts uitgebrei het. Vanaf 1890 het die dorp se blanke residensiële gebied meer na die weste begin uitbrei, na die woonbuurt wat as "West End" en nog later as Westdene bekend sou staan. Enkele huise is ook rondom die suidelike verlenging van Kerkstraat, wat aanvanklik as Monumentweg bekend gestaan het, opgerig.[18]

Nadat die Vrystaatse Volksraad in Januarie 1889 die aanbou van 'n spoorlyn vanaf Norvalspont by die Oranjerivier oor Bloemfontein na die Vaalrivier goedgekeur het, het dit 'n ongekende oplewing en dorpsontwikkeling in die Vrystaatse hoofstad tot gevolg gehad. Met die bou van die spoorlyn is 'n kamp vir blanke spoorwegwerkers langs die Winburgpad, noordoos van Bloemfontein, uitgelê. Die inwoners van die Spoorwegkamp[19] was die Engelssprekende werknemers van die Kaapse Spoorweë wat vir die aanlê van die spoorlyn deur die Vrystaat verantwoordelik was. Nadat besluit is om die stasiegebou aan die oostelike end van Maitlandstraat te bou, het Bloemfontein na die ooste begin uitbrei en erwe in die omgewing van Hangerstraat het toe gesog geword.[20]

Die swart en bruin mense het aanvanklik tussen die blankes in die dorpsgebied gewoon, maar in 1861 is besluit dat hulle hul op etniese grondslag in drie lokasies[21] moes vestig: "voor de Fingoes en Barolong by de berg op het rechte zijde van Kaffirfontyn, in deze kant van Slypsteen berg, voor de Hottentoten en Bastards, voor het dorp na het zijde van Thaba Nchu en voor de overige Naturellen, blyft thans de locatie by de Schut Kraal."[22] In Julie 1872

---

16 VAB, Census 1890, skedule A; *De Express*, 23.12.1890, p. 2.
17 *The Friend*, 14.4.1891, p. 3.
18 P.M. Snyman, *Die grondslae van die historiese aardrykskunde en die toepassing van die 'spesifieke periode'-metode op die historiese aardrykskunde van Bloemfontein tot 1900*, pp. 151, 154-156; Schoeman, pp. 6-7,12, 67-68.
19 Die Spoorwegkamp was geleë aan die oostekant van Bloemfontein en het later as die woonbuurt Hilton bekend geword. Schoeman, pp. 111, 113, 253.
20 *Ibid*., pp. 110-111, 113.
21 Lokasie is ook 'n historiese term wat vroeër vir swart woonbuurte gebruik is. Vandag word dié woongebiede meestal "townships" genoem.
22 Notuleboek, Munisipaliteit van Bloemfontein, 3.6.1861, p. 90, soos aangehaal deur Schoeman, p. 35.

het die munisipaliteit besluit dat daar voortaan net twee lokasies sou wees, naamlik Waaihoek en Kafferfontein,[23] terwyl die lokasie naby die Skutkraal noordwes van die dorp aan die voet van Seinheuwel, gesloop sou word. Waaihoek, wat aan die suidoostelike rand van die dorp net agter die fort geleë was, het mettertyd Bloemfontein se vernaamste en grootste swart woonbuurt geword.[24] Die ander swart woonbuurt, Kafferfontein, was suid van Waaihoek en oos van die Kimberley-spoorlyn geleë en was dus verder weg van die blanke deel van die dorp.[25]

Hoewel ’n algemene sensus van die OVS net elke tien jaar gedoen is, is daar tussenin deur die munisipaliteit ’n sensus van Bloemfontein opgeneem, wat ook kinders ingesluit het. Volgens die Augustus 1892-sensus het Bloemfontein toe in totaal 5 817 inwoners gehad – 3 115 wit en 2 702 swart, bruin en Indiër. Hiervan was 2 043 kinders onder 16 jaar oud. Die dorp self het 3 361 inwoners gehad, die Spoorwegkamp 802, Waaihoek 1 131 en Kafferfontein 523.[26]

Die koms van treine en dus beter vervoergeriewe het die handel gestimuleer en Bloemfontein meer toeganklik vir persone uit ander Suid-Afrikaanse state gemaak, wat verdere bevolkingsgroei aangewakker het. Hoewel die nie-blanke bevolking in die beginjare van Bloemfontein heelwat minder as die blankes was, het hulle geleidelik in getalle toegeneem. Volgens die 1880-sensus het daar slegs 879 nie-blankes in Bloemfontein gewoon, teenoor 1 688 blankes. Tien jaar later, in 1890, het die getalle van die swart en bruin mense tot 1 302 toegeneem.[27] Die koms van die spoorweg en spoorwegwerkswinkels, en die gevolglike toenemende werksgeleenthede, het groot getalle nie-blankes na Bloemfontein gelok, in so ’n mate dat die swart en bruin mense teen 1895 vir die eerste keer die wit bevolking oortref het.[28] Vervolgens word die grootste kultuurgroepe[29] waaruit Bloemfontein se bevolking in die 1890’s bestaan het, bespreek.

---

[23] Dit was die historiese naam van dié nie-blanke woonbuurt of lokasie wat suidwes van Waaihoek geleë was, aan die buitewyke van die destydse dorp. Dié ou woonbuurt vorm vandag deel van die huidige swart woonbuurte Batho en Bochabela. Die historiese swart woonbuurte van Bloemfontein word in hoofstuk 4 bespreek.

[24] A.M. Sekete, *The history of the Mangaung (black) township*, p. 3; Snyman, p. 158.

[25] C.J.P. le Roux, “Rol van die naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948”, *Contree* 25, 1989, p. 5.

[26] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 125; Bloemfontein Corporation, *Mayor’s Minute, September 1891 – August 1892*, p. 7.

[27] *The Friend*, 14.4.1891, p. 3; VAB: Census 1890, schedule A.

[28] Snyman, p. 158; Schoeman, p. 130.

[29] Die rangskikking van kultuurgroepe is in alfabetiese volgorde omdat presiese getalle vir elke kultuurgroep nie vasgestel kon word nie. In hierdie studie word slegs die getalsrykste kultuurgroepe in Bloemfontein bespreek.

3 Die verskillende kultuurgroepe

3.1 Blankes

3.1.1 Afrikaners[30]

Hoewel Bloemfontein aanvanklik hoofsaaklik ’n Engelssprekende nedersetting was, het meer Afrikaners hulle gaandeweg in Bloemfontein gevestig. Teen 1848 was slegs twee van die meer as 30 gesinne in Bloemfontein Afrikaans.[31] Na die totstandkoming van die OVS as republiek in 1854 het al hoe meer Afrikaners in Bloemfontein kom woon.[32] As gevolg van droogtes, sprinkaanplae, runderpes en ’n gebrek aan grond is talle Boere in die 1890’s gedwing om hulle plase te verlaat en in die dorpe en stede ’n heenkome te soek. Toe die Afrikaners se lewensomstandighede so begin verander dat hulle nie meer deur boerdery ’n bestaan kon maak nie, het baie van hulle nie die nodige opleiding of geleerdheid gehad om ’n ander beroep te beoefen nie. Dit het weer gelei tot armoede en die opkoms van behoeftiges in ’n gemeenskap waar armoede voorheen feitlik onbekend was.[33]

Daar is in hierdie tyd dikwels in die koerante van die “arme blanken” melding gemaak en Bloemfontein het ook sedert ongeveer 1890 met hierdie probleem kennis gemaak. Die werksgeleenthede wat die koms van die spoorlyn gebied het, het baie Afrikaners na Bloemfontein gelok. In 1892 word daar melding gemaak van drie arm wit gesinne wat in Douglasstraat in ’n huis van pakkiste gewoon het en geleidelik het al hoe meer ontwortelde, verarmde Boere na Bloemfontein gestroom.[34] Met die koms van die spoorlyn is heelwat Afrikaners ook by die Spoorweë in diens geneem.[35]

In die *Gouvernements Courant* van Augustus 1889 verskyn ’n lys van onafgehaalde briewe by die Bloemfonteinse poskantoor. Dit gee mens ’n blik op Afrikaanse vanne in Bloemfontein en distrik in 1889: As, Aswegen, Berg, Bezuidenhout, Borstlap, Botha, Botes, Bothma, Buys, Cilliers, Cloete, Coetzee, Combrink, De Wet, Du Toit, Duvenhage, Enslin, Erasmus, Fick, Grobler, Hartman, Hendricks, Jacobs, Joubert, Karstens, Kasselman, Kriel,

---

[30] Vir meer inligting oor die herkoms van die Afrikaner, kan H. Giliomee, *The Afrikaners: biography of a people*; “Die herkoms van die Afrikanervolk” in P.W. Grobbelaar (red.), *Mens en land*, pp. 51-83 en S.J. du Toit, “The Afrikaans-speaking section”, in G.H. Calpin (red.), *The South African way of life*, p. 8, geraadpleeg word.

[31] Schoeman, p. 10.

[32] F.A. van Jaarsveld, “Die Afrikaners se Groot Trek na die stede 1886-1976” in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 162-192; A.C. Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Mei 1989), p. 57.

[33] *De Express*, 27.6.1893, p. 2 en 16.3.1894, p. 3; G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 4*: 1881-1899*, pp. 65-67.

[34] *The Friend*, 5.8.1892, p. 3; Van Jaarsveld, pp. 172-173. Vergelyk ook Schoeman, p. 136.

[35] *De Burger*, 24.10.1894, p. 2.

Labuschagne, Maartens, Myburgh, Oosthuizen, Pienaar, Pretorius, Roodt, Roos, Slabbert, Smit, Snijman, Steenkamp, Swanepoel, Theron, Van der Merwe, Van der Walt, Van der Westhuizen, Van Rensburg, Van Wijk, Van Zijl, Venter, Viljoen, Weyers en Wiese.[36] Ander Afrikaanse vanne wat dikwels teëgekom is, is Blignaut, Brand, Bruwer, De Beer, De Villiers, Du Plessis, Engelbrecht, Hoffman, Hofmeyr, Koen, Muller, Potgieter, Steyn, Swart, Vos en Wessels.[37]

Wat beroepe aanbetref, was die Afrikaners nooit baie by die handel betrokke nie. Hulle het meestal in die staatsdiens, spoorweë of in die Vrystaatse Artillerie diens gedoen.[38] Daar het ook baie Afrikaners op plase in die omgewing van Bloemfontein geboer. Heelwat Afrikaners, veral diegene wat die geleentheid gehad het om verder te studeer, was betrokke in regsberoepe, soos landdroste (S.P. de Beer), prokureurs (Abraham Fischer) en regters (F.W. Reitz, M.T. Steyn en J.B.M. Hertzog).[39] Vervolgens word gekyk na van die heel bekendste Afrikaner-families in Bloemfontein gedurende die Reitz-tydperk.

Een van die bekendste Afrikaners in Bloemfontein gedurende die Reitz-tydperk was natuurlik pres. F.W. Reitz[40] (1844-1934) self. Hy is in Swellendam gebore en het sy regsopleiding aan die South African College in Kaapstad en die Inner Temple in Londen ontvang. In 1868 het Reitz hom as advokaat in Kaapstad gevestig en in 1874 is hy as hoofregter van die Vrystaat aangestel. Hy is in Junie 1874 met Blanca Thesen, wat van Noorweegse afkoms was, getroud. Sy is in Oktober 1887 oorlede na ’n siekbed van ses maande. Reitz is in Desember 1889 met sy tweede vrou, Cornelia Mulder, toe waarnemende direktrise van die Damesinstituut, in die huwelik bevestig. Teen die einde van 1888 is Reitz tot staatspresident verkies en in 1893 herkies. Sedert 1894 het Reitz se gesondheid geleidelik verswak sodat hy in 1895 verplig gevoel het om te bedank.[41] As hoofregter en staatspresident het hy goeie verhoudinge met alle kultuurgroepe in die Vrystaat en sy hoofstad probeer handhaaf, maar as vurige republikein en Afrikaner het hy hom uiteraard vir die Afrikanersaak en die Afrikaanse taal en kultuur beywer. Met sy gedig *Klaas Geswind en sy perd* het Reitz in 1870 waarskynlik die eerste volwaardige Afrikaanse digter geword en in 1888 het sy eerste versameling gedigte in

---

[36] Dit is moontlik dat sommige van hierdie mense dalk Nederlanders of van ander nasionaliteite was. *Gouvernements Courant*, 16.8.1889.

[37] *The Friend*, 10.7.1889, p. 3, 17.7.1889, p. 3, 11.9.1889, p. 3, 23.7.1890, p. 3, 28.3.1893, p. 2, 3.8.1894, p. 3 en 30.7.1895, p. 2; *De Burger*, 10.2.1894, p. 3, 13.2.1894, p. 3 en 23.5.1894, p. 3.

[38] VAB: GS192, kapt. Albrecht – goewermentsekr., 26.6.1891; *Gouvernements Courant*, 9.8.1889 en 16.8.1889; *The Friend*, 3.1.1891, p. 3 en 28.3.1893, p. 2; *De Burger*, 23.5.1894, p. 3.

[39] *Gouvernements Courant*, 16.8.1889; *The Friend*, 23.1.1889, p. 2 en 24.7.1895, p. 3.

[40] Vir meer inligting oor Reitz se lewe, asook sy bydrae as hoofregter, staatspresident en kultuurleier, raadpleeg J.C. Moll, “Francis William Reitz en die republiek van die Oranje-Vrystaat” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 36. Kyk ook onderafdeling 3.2.1 van hoofstuk 1.

[41] Moll, pp. 1-21, 63, 76, 79, 80-81, 205-207, 209, 214-217.

Afrikaans,[42] *Vyftig uitgesogte gedigte*, verskyn. Hoewel dit geen hoë kuns was nie, het sy gedigte getoon waartoe Afrikaans in staat is en het dit beslis die Afrikaanse taal bevorder en die Afrikaners se nasionale bewussyn versterk.[43]

Marthinus Theunis Steyn (1857-1916) is op die plaas Rietfontein naby Winburg gebore en het hom aan die Inner Temple in Londen in die regte bekwaam. Hy kom in 1884 as advokaat na Bloemfontein waar hy mettertyd ’n groot regspraktyk opbou en in 1889 as regter aangestel word. Hy trou in 1887 met Rachel Isabella (Tibbie) Fraser (1865-1955) wat self ’n belangrike rol in die Afrikaner se geskiedenis speel. Na Reitz se bedanking in 1895 word Steyn in Februarie 1896 staatspresident van die Vrystaat en beywer hom vir die bevordering van die Nederlandse taal en nouer bande met die ZAR. Tydens die Anglo-Boereoorlog speel hy ’n groot rol om die Vrystaatse burgers aan te moedig om tot die bitter einde te veg. Steyn se toegewydheid tot die behoud van die onafhanklikheid van die Boererepublieke ooreis mettertyd sy liggaam en teen die einde van die oorlog doen Steyn ’n verlammende siekte op. In 1902 vertrek hy na Europa om behandeling vir sy siekte te kry, vestig hom in 1905 op sy plaas Onze Rust naby Bloemfontein, en ten spyte van sy verswakte gestel lewer hy steeds ’n bydrae tot die herstel van die Afrikaner.[44]

Abraham Fischer (1850-1913), wat in Kaapstad gebore is, het homself as ’n Afrikaner beskou en was ’n ware republikein, hoewel hy ’n Duitse stamvader gehad het. Na suksesvolle studie in die regte aan die South African College, word hy prokureursklerk en in 1873 begin hy sy eie praktyk as prokureur en notaris in Kimberley. Fischer trou in 1873 met Ada Robertson, ’n dame van Skotse afkoms, en vestig hom in 1875 as prokureur en advokaat in Bloemfontein. As Volksraadslid en lid van die uitvoerende raad het Fischer ’n belangrike politieke rol in die republiek gespeel en hom veral vir spoorwegontwikkeling en nouer samewerking met die ZAR beywer. Na die Anglo-Boereoorlog was hy ’n stigterslid en die eerste voorsitter van die Afrikaners se politieke organisasie, die Orangia-unie. Toe die Oranjerivierkolonie verantwoordelike bestuur verkry, word hy in 1907 eerste minister van dié kolonie en in 1910 ’n minister in genl. Louis Botha se Uniekabinet.[45]

James Barry Munnik Hertzog (1866-1942) is in Wellington gebore. Hy promoveer in 1892 in die regte aan die Universiteit van Amsterdam, vestig hom in 1893 as advokaat in Pretoria en trou in 1894 met Mynie Neethling. In 1895 word hy as regter in die Vrystaat

---

42 Hoewel Afrikaans teen 1888 nog nie ten volle ontwikkel was nie en nog ’n taal in wording was, was dit beslis nie meer Nederlands nie en kon dit reeds as ’n afsonderlike taal onderskei word.

43 *Ibid*., pp. 58, 181-182, 187, 195, 219.

44 N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, ’n lewensbeskrywing* 1, pp. 1-100; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 2, pp. 727-735.

45 *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 2, pp. 302-304.

aangestel en betrek ’n huis in Goddardstraat in Bloemfontein. Sy jare as regter tussen 1895 en 1899 was baie suksesvol, maar sy grootste rol as Afrikanerleier speel hy tydens en na die Anglo-Boereoorlog. In Junie 1900 word Hertzog ’n generaal in die Boeremagte en in 1907 die Vrystaatse prokureur-generaal en minister van onderwys in Abraham Fischer se kabinet. Met Uniewording in 1910 het Hertzog hom vir gelyke regte vir Afrikaans en Engels in die Uniegrondwet beywer. In 1914 word Hertzog hoofleier van die pasgestigte Nasionale Party en van 1924 tot 1939 eerste minister van Suid-Afrika.[46]

Cornelis Hermanus Wessels (1851-1924), later sir Cornelis en ’n neef van pres. Steyn, is in die distrik Winburg gebore. Hierdie suksesvolle boer van Boshof koop in 1892 die bekende plaas Quaggafontein net buite Bloemfontein. Wessels het ook ’n woonhuis in Aliwalstraat sowel as ’n aantal ander erwe in Bloemfontein besit. Hy is in 1876 met Christina Magdalena (née Wessels) getroud en een van hul dogters was die bekende sangeres Cecilia Wessels. Danksy C.H. Wessels se sterk leierseienskappe het hy jare lank ’n belangrike rol in die openbare en politieke gebeure van die OVS gespeel en veral Afrikaner- en boerderybelange bevorder. Hy was onder meer Volksraadslid (1885-1899), lid van die Vrystaatse uitvoerende raad, voorsitter van die Volksraad (1897-1899), direkteur van die Nasionale Bank, minister van openbare werke, lande en mynwese in die Oranjerivierkolonie (1907-1910) en administrateur van die Vrystaat (1915-1924).[47]

Wat die karaktertrekke van die Afrikaners as kultuurgroep betref, is dit ’n feit dat ’n volk of kultuurgroep uit individue bestaan en dat tipering altyd subjektief is.[48] Tog was daar sekere karaktertrekke of waardes wat algemeen in die 19de eeu onder die Afrikaners voorgekom het en wat dikwels deur buitelanders of volksgenote opgemerk en geboekstaaf is. Die bekende J.H. (Onze Jan) Hofmeyr (1854-1909) het in Desember 1894 tydens ’n lesing in Stellenbosch die volgende karaktertrekke van die Afrikaner uitgelig[49] wat ook deur ander skrywers bevestig is: Afrikaners was gewoond aan die onafhanklike, selfversorgende lewe op die plase. Daarom was dit vir baie Afrikaners wat hulle grond verloor het moeilik om vir iemand anders te gaan werk en het hulle ’n ambag en om handearbeid te doen, as benede hulle waardigheid beskou. In Bloemfontein was daar ook ’n sekere deel van die inwoners, veral die sogenaamde hoër klas, wat neergesien het op persone wat ’n ambag beoefen het.[50] Uit die

---

46 *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, pp. 382-395.

47 J. Haasbroek, “Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat 1885-1924”, *Memoirs van die Nasionale Museum* 15, Desember 1980, pp. x, 1, 9-13, 65, 251-252, 174-176, 231, 264-265, 267, 291, 334; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, pp. 857-858.

48 P.S. Dreyer, “Tipering van Afrikanerskap” in P.G. Nel, (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 37.

49 *De Burger*, 5.12.1894, p. 3.

50 VAB, A6: Onderhoud deur die *Dundee Advertiser* met dr. John Brebner, 20.9.1897; *The Friend*, 18.11.1892, p. 3, 27.11.1894, p. 2 en 11.4.1895, p. 3; *De Burger*, 3.2.1894, p. 3 en 17.11.1894, p. 2.

Afrikaner se landelike agtergrond het ’n liefde vir die natuur en jag ontwikkel, terwyl verlies aan landbougrond ook ’n waardering vir geleerdheid laat ontstaan het.[51]

Die Afrikaners se godsdiens was vir hulle uiters belangrik en daarom het die kerk, veral die NG Kerk, ’n groot rol in hul lewe gespeel. Hulle sterk Calvinistiese beginsels[52] het ’n konserwatisme en ’n groot mate van onbuigsaamheid en koppigheid by die Afrikaner tot gevolg gehad.[53] Volgens Bryce was die Afrikaner stadig en uiters konserwatief in beide hul idees en gewoontes, maar sterk van karakter met besliste oortuigings.[54] Ander karaktertrekke van die Afrikaner wat ook genoem is, is sy sterk onafhanklikheidsin, sy gasvryheid, sy liggelowigheid, nuuskierigheid, vasberadenheid, spaarsamigheid en sy luimigheid of gemoedelikheid.[55] Teenoor lede van ander kultuurgroepe of volke was die Afrikaner hoflik, maar weens gebeure in sy geskiedenis, terughoudend, geslote en selfs tot ’n mate agterdogtig.[56]

Ten spyte van die natuurlike mate van agterdogtigheid en terughoudendheid wat tussen die verskillende kultuurgroepe in Bloemfontein bestaan het, het die groepe mekaar in ’n mindere of meerdere mate aanvaar en geleer om saam te werk.

3.1.2 Duitsers

’n Verdere belangrike kultuurgroep in Bloemfontein was die Duitsers. Duitssprekendes het hulle reeds sedert die vestiging van Jan van Riebeeck en die stigting van Suid-Afrika aan die Kaap gevestig. Die Duitsers het nooit werklik ’n afsonderlike groep gevorm nie en is redelik gou in die Nederlandse gemeenskap in die Kaap opgeneem. Meer as ’n kwart van die voorouers van die Boere of Afrikaners was Duitsers.[57]

Sendelinge van verskeie Duitse sendinggenootskappe[58] het regoor Suid-Afrika sendingstasies gestig. Later het Duitsers hulle in die nuutgevormde Boererepublieke in die binneland gevestig. Sommige van hierdie Duitsers het ’n leidende rol in die Boererepublieke

---

51 *The Friend*, 26.6.1889, p. 3 en 5.10.1894, p. 4; *De Burger*, 17.11.1894, p. 2; Dreyer, p. 46.

52 Veral die Bybel as hoogste norm en Goddelike beskikking in die lot van die Afrikanervolk was baie belangrik. Afrikaners het hulleself met die volk Israel in die Ou Testament vergelyk. *The Friend*, 15.3.1892, p. 2; Dreyer, pp. 40-41.

53 VAB, A59/7/1: Open brief, J.C. Smuts – W.T. Stead, 4.1.1902; *De Burger*; 5.12.1894, p. 3; *The Friend*, 15.3.1892, p. 2 en 18.11.1895, p. 3. Vergelyk ook Dreyer, pp. 40-41.

54 J. Bryce, *Impressions of South Africa*, p. 379.

55 VAB, A749/1.5: H. Fischer – P. Fischer, 17.9.1899; *De Burger*; 5.12.1894, p. 3; *The Friend*, 6.4.1894, p. 2. Vergelyk ook Dreyer, pp. 42-45.

56 *The Friend*, 27.10.1891, p. 2; Dreyer, pp. 42-44.

57 C. Groenewald, “Die Duitse bydrae”, *Suid-Afrikaanse Panorama* 28(11), November 1983, pp. 12-14; J. Schubert, “Germans in South Africa: an introduction”, <http://www.safrika.org/intro_en.html>, geraadpleeg 14.7.2010.

58 Die Morawiese, Rynse, Berlynse en Hermannsburgse genootskappe.

gespeel en in die Vrystaat het hulle ook ’n belangrike bydrae tot die opbou van die staat gelewer. Teen 1889 was daar reeds ongeveer 350 Duitsers in die Vrystaat.[59]

’n Klein groepie Duitsers het hulle kort na die stigting van Bloemfontein in dié dorp gevestig. Onder die eerste Duitsers was daar die bekende Fichardt-familie, sowel as dr. C.J.G. Krause (1825-1889), ’n Berlynse sendeling met mediese ervaring wat in 1854 na Bloemfontein gekom het. Carl Eberhardt Fichardt (1820-1889), voormalige sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap, het die eerste handelsaak noord van die Oranjerivier naby die sendingstasie Bethanie begin en dit in 1848 na Bloemfontein oorgeplaas.[60] Met die totstandkoming in 1862 van die eerste bank in Bloemfontein, die Bloemfontein Bank, is C.E. Fichardt tot voorsitter van die direksie verkies. Kort daarna het hy die Fichardt-winkel aan sy jonger broer Gustav Adolph Fichardt (1834-1900) oorgelaat en is hy terug na Duitsland waar hy tot met sy dood konsul-generaal vir die Vrystaat in Berlyn was.[61]

In 1853 het die 19-jarige Gustav Adolph Fichardt hom vanuit Duitsland by sy ouer broer aangesluit om in die winkel te kom werk. Hy sou mettertyd een van die mees vooraanstaande inwoners van Bloemfontein word en het ’n groot rol in die ontwikkeling van die Vrystaatse hoofstad gespeel. Onder sy leiding het G.A. Fichardt ontwikkel tot een van die grootste firmas in Bloemfontein en is takke ook in ander Vrystaatse dorpe geopen.[62] Toe die Vrystaatse regering in 1877 ’n staatsbank vir die republiek in die lewe roep,[63] is Gustav Fichardt tot voorsitter van die direksie van die nuutgestigte Nasionale Bank verkies. In 1898 het hy aan die Bloemfonteinse stadsraad ’n milde skenking gegee vir die bou van ’n nuwe biblioteekgebou, die Fichardt-biblioteek.[64] Na die dood van Gustav Fichardt het sy vier seuns met die bestuur van die familiebesigheid voortgegaan.[65]

’n Duitser wat ’n belangrike rol op argitektoniese gebied in Bloemfontein gespeel het, is Richard Wocke (1831-1890), wat in 1862 na Bloemfontein gekom het. Hy was verantwoordelik vir die ontwerp en bou van ’n hele paar Bloemfonteinse geboue, onder meer die Anglikaanse katedraal[66] (1866), die Wesleyaanse kerk (1868) in St. Andrewstraat, die

---

59 J. Schubert, “Germans in South Africa: an introduction”, <http://www.safrika.org/intro_en.html>, geraadpleeg 14.7.2010; Groenewald, “Die Duitse bydrae”, pp. 15-16.

60 “Vrystaat se oudste besigheid”, *Die Volksblad*, 19.5.1931, p. 5; Schoeman, pp. 9, 28.

61 M. Bidwell en C.H. Bidwell, *Pen pictures of the past* (red. K. Schoeman), Vrijstatia-reeks nr. 5, p. 27; G.P.J. Trümpelmann, *Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat: Festgabe zur Feier des 75-jahrigen Bestehens der deutsch-lutherishen Gemeinde zu Bloemfontein* (bylae by *Die Eiche*, Beilage 8, 1950), p. 15.

62 “G.A. Fichardt Beperk: ’n eeu van eerlike en getroue diens”, *Die Volksblad*, 20.3.1948, pp. 3-4; “Vrystaat se oudste besigheid”, *Die Volksblad*, 19.5.1931, p. 5.

63 Kyk hoofstuk 1, afdeling 3.8.5.

64 “Vrystaat se oudste besigheid”, *Die Volksblad*, 19.5.1931, p. 5; Trümpelmann, p. 15. Die Fichardt-biblioteek, wat in 1905 geopen is, is gesloop om plek te maak vir die huidige openbare biblioteek.

65 “Vrystaat se oudste besigheid”, *Die Volksblad*, 19.5.1931, p. 5.

66 Wocke het die oostelike gedeelte van die huidige gebou in St. Georgestraat ontwerp.

Goewermentsgebou[67] (1877) aan die bopunt van Maitlandstraat, die stadsaal (1883) in Maitlandstraat en die bekende Tweetoringkerk (1880), asook die Basotho-monument en ’n aantal woonhuise.[68]

Heelwat van Wocke se familielede het hulle ook in Bloemfontein gevestig en was eweneens by die boubedryf betrokke. Een van Wocke se seuns, R.C.A. (Albert) Wocke, is in Duitsland opgelei en het hom in die vroeë 1880’s as boumeester in Bloemfontein gevestig. Hy het onder meer toesig gehou oor die Departement van Openbare Werke se bouwerk aan die Vierde Raadsaal[69] in Bloemfontein. G. Wocke is in 1892 aangestel as die bou-opsigter met die bou van Bloemfontein se Volkshospitaal en E.O.H. Wocke is in 1897 as klerk deur die Vrystaatse Departement van Openbare Werke in diens geneem.[70]

Drie van Bloemfontein se bekendste geneeshere uit die republikeinse tydperk, naamlik dr. B.O. Kellner (1836-1918), die reeds genoemde dr. C.J.G. Krause en dr. Max Stollreither (1852-1916), was Duitsers wat diep spore in Bloemfontein se geskiedenis getrap het. Krause het hom in 1854 in Bloemfontein gevestig. Weens gebrek aan ’n plaaslike dokter tydens Bloemfontein se pioniersjare, het Krause se mediese kennis goed te pas gekom. Ofskoon Krause nie ’n gekwalifiseerde geneesheer was nie, is hy as kundige op die gebied erken sodat amptelike geneesheer-status in 1856 deur die Vrystaatse regering aan hom toegeken is.[71] Hy was vir geruime tyd die enigste dokter in Bloemfontein en het ook as distriksgeneesheer opgetree. Krause was ’n ontwikkelde man met ’n wye algemene kennis en het soos baie van die Duitssprekende inwoners ook ’n aktiewe rol in die openbare lewe gespeel. Hy was voorsitter van Bloemfontein se dorpsraad van 1863 tot 1866, Volksraadslid, medestigter en kurator van die Nasionale Museum, medestigter van die Lutherse gemeente in Bloemfontein, stigterslid van die Bloemfontein-klub, asook kurator van beide Grey-kollege en die Damesinstituut (Eunice-skool).[72] Na sy dood in 1889 is Krause deur sy seun, dr. W.J. Krause, as distriksgeneesheer opgevolg.[73] Een van Krause senior se ander seuns, O.C.H. (Otto) Krause (1852-1941), was ook

---

67 Dit is die gebou wat tans die tuiste van NALN is. Dit is in 1877 voltooi en later vergroot, maar het in 1908 afgebrand waarna dit in 1911 herbou is met ’n veranderde voorkoms.

68 *Daily Express*, 26.4.1890, p. 2 en 28.4.1890, p. 2; Trümpelmann, p. 15.

69 Voltooi 1893.

70 VAB, GS187: brief van Albert Wocke – goewermentsekr., 4.6.1890; “Wocke, Richard Colnor Albert” <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes.php?archid=1924>, geraadpleeg 14.2.2011. Vergelyk ook Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 51.

71 *The Friend*, 4.9.1889, p. 2; J. Haasbroek, “Die rol van dr. B.O. Kellner in Bloemfontein 1863-1918”, *Navorsinge van die Nasionale Museum* 20(4), November 2004, p. 69.

72 *The Friend*, 4.9.1889, p. 2; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5, p. 452.

73 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.

'n bekende geneesheer wat onder meer in Bloemfontein, Fauresmith en Philippolis gepraktiseer het.[74]

Dr. Kellner het in 1863 Bloemfontein se eerste gekwalifiseerde dokter geword en het mettertyd so 'n belangrike rol op mediese gebied gespeel dat hy tereg die "vader van die geneeskunde" in die Vrystaat genoem is. Kellner het ook 'n apteek geopen.[75] Hy het 'n groot rol in die oprigting van die sielsieke inrigting, die Volkshospitaal (later die Nasionale Hospitaal), die melaatse inrigting en die Nasionale Museum in Bloemfontein gespeel. Hy was nege jaar lank Volksraadslid en net so lank burgemeester van Bloemfontein – die langsdienende burgemeester ooit. Soos dr. Krause, was hy ook as kurator by Bloemfontein se spogskole, te wete Grey-kollege en die Damesinstituut, betrokke en het hy as Volksraadslid die onderwys bevorder. Daarby het Kellner van 1874 tot 1883 as Duitse konsul in Bloemfontein diens gedoen. Hy het voortdurend die vooruitgang van die Vrystaatse hoofstad en die welstand van die inwoners se belange op die hart gedra.[76]

Ander bekende Duitsers was J. Ohlsen, die eerste bierbrouer van die Vrystaat, die handelaars E. Niemeyer en Otto Fraundorfer, die regsgeleerde Matthey, die kanselbouer E. Schmidt, die landmeter Muhl en die loodgieter Mönnig.[77] Ds. F.G.T. Radloff was vanaf 1869 vir 'n ruk lank hoof van Grey-kollege en het daar onderrig in Latyn en Grieks gegee. Later het hy predikant van die NG-gemeente geword en het 'n groot aandeel in die oprigting van die Tweetoringkerk gehad.[78] Bloemfontein se eerste hotel, wat in 1856 deur W.H. Futcher geopen is, word later die eiendom van die Duitssprekende Oostenryker, Ferdinand Neubauer, en sy broer Heinrich. Hulle het hul hotel, heel gepas, die Germania genoem,[79] maar dié hotel het nie 'n baie goeie reputasie gehad nie.[80]

In die 1870's het nog 'n groep Duitsers hulle in Bloemfontein gevestig, waaronder Friedrich Schermbrücker (1833-1904), stigter van die "Oranje Vrijstaatsche Nieuwsblad Maatschappij" en redakteur van die nuwe taamlik anti-Britse koerant, *De Express*, wat in 1875 tot stand gekom het. In 1877 neem nog 'n Duitser, die bekende Carl Borckenhagen (1852-1898), dié koerant,[81] wat sterk republikeinsgesind was, oor en onder sy leiding word die koerant een van die grootste en invloedrykste koerante in die Vrystaat. Borckenhagen se drukkery was gou die grootste in die Vrystaat en hier is amptelike verslae, die staatskoerant, die OVS

---

74 VAB, A45: dr. Otto Krause-versameling; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, p. 493.
75 Haasbroek, pp. 70; 74-75.
76 *Ibid.*, pp. 75, 76-77, 87-89, 92-93,107-110.
77 Trümpelmann, p. 15.
78 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 64; Trümpelmann, p. 15.
79 Trümpelmann, p. 16.
80 Bloemfontein se hotelle word in hoofstuk 4 meer breedvoerig bespreek.
81 Daar word in hoofstuk 5 aandag aan die pers en koerante gegee.

Wetboek en ander geskrifte vir die regering gedruk. Borckenhagen en sy koerant het ’n belangrike politieke invloed op die Vrystaatse burgers uitgeoefen en baie bygedra om die republikeinse ideaal in die Vrystaat te versterk.[82]

F.W. Salzmann (1820-1902), ook ’n Duitser, was twee keer burgemeester van Bloemfontein. Reinhold Gregorowski (1856-1922), seun van ’n Berlynse sendeling, wat in 1881 regter van die Vrystaatse hooggeregshof geword het, was op 24 die jongste regter in Suid-Afrika. Hy was regter van 1881-1892 en van 1892-1896 prokureur-generaal van die Vrystaat.[83]

Die bekende maj. F.W.R. Albrecht, ’n voormalige Pruisiese offisier wat aan die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871) deelgeneem het, het ’n belangrike rol in die hervorming en uitbouing van die Vrystaatse Staatsartillerie[84] gespeel. Albrecht was afkomstig van Berlyn, waar hy sy opleiding in die Brigadeskool ontvang het. Deur bemiddeling van C.E. Fichardt is Albrecht se dienste vir die Vrystaat bekom en in 1880 is hy as bevelvoerder van die Artillerie aangestel. Albrecht het ’n bekende inwoner van Bloemfontein geword en onder sy leiding is die Artilleriekorps en sy wapentuig uitgebrei en versterk. Albrecht het die artilleriste volgens die Pruisiese patroon opgelei en ook die uniforms is na die Pruisiese model verander.[85] Hy het dus ’n deurslaggewende rol in die opbou van die Vrystaatse verdedigingstelsel gespeel.

Hoewel die Duitsers in die Vrystaat hulle nuwe vaderland volkome aanvaar en toegewyd sy belange op die hart gedra het, het hulle steeds hul eie kultuur en tradisies behou en doelbewus beoefen.[86] In 1871 was daar reeds 20 Duitse gesinne in Bloemfontein en ’n *Liedertafel*[87] onder leiding van dr. Kellner is in die lewe geroep, wat in G.A. Fichardt se tuin vir Duitse bier en musiek bymekaargekom het. In 1884 het die Bloemfonteinse Duitsers hul eie klubgebou met ’n kegelbaan in Fonteinstraat opgerig.[88]

In 1869 is die eerste Duitse kerkdiens in Bloemfontein gehou en teen die einde van 1875 is die eerste Lutherse kerkgebou op die hoek van St. Georgestraat en Monumentweg ingewy.[89] Die volgende Duitssprekendes met hulle families het ook aan die gemeente behoort: B.O. Kellner, F.W. Salzmann, C. Matthey, G.A. Fichardt, C. Krause, E. Niemeyer, F. van der Heyden, C. Diederichsen, L. Rascher, C.F. Stock, G.L. Jonas, E.F. Wocke, A. Kettelson, W.

---

82 K. Schoeman, “Die dood van ’n legende”, *Die Volksblad*, 17.3.1983, p. 5; Trümpelmann, p. 16.
83 Trümpelmann, pp. 16, 19; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 65.
84 Die Vrystaatse Artillerie word in hoofstuk 1 in meer besonderhede bespreek.
85 D.G. Friend, “The presence of German influence in the military history of South Africa”, *Die kultuurhistoriese bydrae van die Duitssprekendes in Suid-Afrika*, (bundel met kongresreferate, SAVK Kongres, Genadendal, 27-28 Augustus 1992), pp. 236-237; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 99.
86 Trümpelmann, p. 18.
87 *Liedertafel* is ’n term wat gebruik is vir enige klub of vereniging wat sang en musiek beoefen en bevorder het. *Liedertafeln* was baie gewild in Duitsland tydens die 19de en vroeg 20ste eeu.
88 Bidwell, p. 32; Trümpelmann, pp. 18-19, 21-22.
89 *Ibid*., p. 19; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 65.

von Hofe, F. Drude, Reimer, Ohlsen, C. Borckenhagen, asook mev. pres. Brand en haar suster, mej. Von Zastrow.[90] Ander bekende Duitse vanne in Bloemfontein was Radloff, Schreiner, Gruetzner, Höhne, Fleck, Dewald, Schmidt, Falck, Bergh en Faustmann.[91]

'n Duitser wat 'n belangrike rol op kerklike gebied in Bloemfontein gespeel het, was die Berlynse sendeling J.G. Grosskopf. Hy het P. Winter in 1879 as predikant van die jong Lutherse gemeente opgevolg en was 28 jaar lank predikant van dié gemeente. Onder Grosskopf se leiding het die Lutherse gemeente gegroei en vooruitgegaan. Mettertyd het Grosskopf begin om ander Vrystaatse dorpe te besoek en daar kerkdienste te hou. Hy het ook sendingwerk in Bloemfontein gedoen, later bygestaan deur die sendeling J. Arndt.[92]

Daar was in die 1890's 'n sterk Duitse element in Bloemfontein en die meeste van hulle was gekultiveerde, belese en goed opgeleide persone.[93] Die Duitse kultuurgroep het 'n reuse aandeel aan die ekonomiese en kulturele opbou van die OVS en sy hoofstad gehad en groot invloed op die openbare lewe uitgeoefen. Hulle het op feitlik elke lewens- en werkterrein 'n belangrike rol gespeel: op mediese, kerklike en godsdienstige gebied, die ekonomie en handel, die pers en koerantwese, die regstelsel, boukuns, musiek, die onderwys, militêre en polisiediens, die staatsdiens en selfs die spoorweë.[94] Pres. Reitz het besondere respek vir Bloemfontein se Duitse inwoners gehad en C. Borckenhagen, die reeds genoemde redakteur van *De Express*, was 'n vertroueling van Reitz. Die president se geneeshere in Bloemfontein was ook Duitsers, naamlik drr. W.J. Krause en M. Stollreither.[95] Die besondere bydrae van die Duitsers in Bloemfontein is deur hulle medeburgers erken en waardeer. Daarom dra verskeie strate hulle name, onder meer Kellnerstraat, Fichardtstraat, Krausestraat, Albrechtstraat, Salzmannstraat, Zastronstraat en Borckenhagensingel.[96]

'n Aansienlike deel van die Duitse gemeenskap in Bloemfontein het uit Duitse Jode bestaan, waaronder die bekende Baumann-, Leviseur-, Ehrlich- en Haarburger-families.[97] Omdat die Jode ook 'n baie belangrike rol in Bloemfontein gespeel het, word hulle as 'n afsonderlike kultuurgroep bespreek (kyk onderafdeling 3.1.4, *infra*). Maar eers word daar na 'n ander belangrike kultuurgroep in Bloemfontein gekyk, naamlik die Engelssprekende inwoners.

---

90 Trümpelmann, p. 19. Die Duitse van Von Zastrow is in Suid-Afrika mettertyd na Zastron verander. Pres. Brand se vrou, Johanna Sibella Zastron, was ook van Duitse afkoms.

91 VAB, A13/21: J. Fleck – L. Fleck, 18.6.1892; A2/251: Letters and documents regarding railway official O.M. Bergh, 1894-1897; *The Friend*, 20.1.1891, p. 3, 3.2.1891, p. 3, 4.11.1892, p. 2, 4.4.1893, p. 3, 15.1.1895, p. 2 en 29.1.1895, p. 2.

92 Trümpelmann, pp. 20-21.

93 *The Friend*, 31.12.1894, p. 3.

94 *Ibid*., 23.1.1889, pp. 4-5, 4.9.1889, p. 3, 11.9.1889, p. 3, 20.1.1891, p. 3 en 4.11.1892, p. 2; *Daily News*, 22.3.1890, p. 3; *De Burger*, 30.1.1895, p. 2. Vergelyk ook Friend, pp. 236-237.

95 Moll, pp. 49, 58, 211, 214.

96 Trümpelmann, pp. 17-18.

97 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 65; Haasbroek, p. 69.

3.1.3 Engelssprekendes

Soos in hoofstuk 1 genoem, is Bloemfontein in 1846 as Engelse militêre nedersetting deur die Britse resident in die Transoranje, maj. H.D. Warden, gestig. Die Engelssprekendes was dus verantwoordelik vir die stigting van die latere Vrystaatse hoofstad en dit het tot die totstandkoming van die eerste werklike Engelse gemeenskap in die gebied noord van die Oranjerivier gelei.[98]

Met die besetting van die Transoranje deur Brittanje en die totstandkoming van die Oranjerivier-Soewereiniteit in Februarie 1848, het al hoe meer Engelssprekendes hulle in die gebied gevestig, hoofsaaklik as handelaars. Anders as die Afrikanerboere, het die Engelssprekendes hulle hoofsaaklik in dorpe gevestig en in 1848, toe daar reeds meer as 30 gesinne in Bloemfontein gewoon het, was die oorgrote meerderheid hiervan Engelssprekend. Die Engelssprekendes het dus reeds sedert die stigting van Bloemfontein ’n belangrike rol in die geskiedenis van die Vrystaatse hoofstad gespeel en voor die totstandkoming van die Boererepubliek in 1854 was Bloemfontein die hoofkwartier van die Britse militêre en burgerlike administrasie noord van die Oranjerivier.[99] Die eerste predikant noord van die Oranjerivier was ds. Andrew Murray junior (1828-1917), seun van die bekende Skotse predikant van Graaff-Reinet. In Mei 1849 het hy hom in Bloemfontein gevestig, met verantwoordelikheid vir die hele Transoranje.[100]

Vanweë die getalle-oorwig van die Engelssprekendes het Bloemfontein, selfs in die republikeinse tydperk, ’n sterk Engelse karakter gehad. Omdat Afrikaners nie tradisioneel dorpsmense was nie, het meer Afrikaners op Vrystaatse plase gewoon as in die dorpe, sodat Bloemfontein se Engelse karakter behou en selfs versterk is met die totstandkoming van Engelse kerke en skole en in die besonder met die koms van die Engelse biskop en sy gevolg. Selfs met die eerste Vrystaatse sensus van Mei 1880 was Bloemfontein steeds ’n oorwegend Engelse gemeenskap. Geleidelik het die Engelssprekendes Bloemfontein as hulle tuiste aanvaar en het hul verbondenheid aan Brittanje verminder. Teen die 1890’s was daar reeds baie Engelssprekendes wat geen ander vaderland as die Vrystaat geken het nie en mettertyd het daar onder die Engelse inwoners van Bloemfontein ’n besondere liefde vir en lojaliteit teenoor die republiek ontwikkel. Ofskoon die Engelssprekendes in Bloemfontein hul eie taal, kultuur en tradisies gehandhaaf het, was die meeste Engelssprekendes wat hulle voor 1890 in

---

[98] J. Haasbroek, “Die rol van die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat 1848-1859”, *Memoirs van die Nasionale Museum* 15, Desember 1980, p. 2.
[99] G.B.A. Gerdener, *Ons kerk in die Transgariep*, pp. 162-163; Haasbroek, “Die rol van die Engelse”, pp. 3, 5.
[100] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 10.

Bloemfontein gevestig het, ook in ’n mate Afrikaans-Nederlands magtig, aangesien dit onontbeerlik was om vir handelsdoeleindes met die Boere Afrikaans te kon praat.[101]

Na 1890, met die koms van die spoorweg na Bloemfontein, het die Vrystaat geleidelik begin verstedelik en het al hoe meer mense van ander kultuurgroepe hulle in Bloemfontein gevestig, veral swart mense en Afrikaners op soek na werksgeleenthede. In 1890 is die Engelse element in Bloemfontein verder versterk deur die koms van die Engelssprekende werknemers van die Engelstalige Kaapse spoorweë, wat met die bou van die spoorlyn en spoorwegwerke belas was. Die spoorweë was ’n groot bedryf en het aan meer as 200 mans, swart en wit, werk verskaf. Vir die blanke werknemers is ’n nuwe woonbuurt aan die oostekant van Bloemfontein uitgelê, die sogenaamde Spoorwegkamp[102] met sy sinkskakelhuisies. Vir die Engelse spoorwegwerkers het die Anglikaanse Kerk die St. Margaret-kapel en -spoorwegskool in Langstraat gestig, terwyl die Katolieke Kerk vir hulle die St. Josef-skool in Oranjestraat opgerig het.[103]

Die Engelssprekendes het persone afkomstig van Ierland, Wallis en Skotland ingesluit.[104] Die tydgenootlike koerante dui aan hoe volop Britse vanne in die Bloemfontein van die 1890’s was, byvoorbeeld Alcock, Antill, Armstrong, Atherstone, Attwell, Austin, Bain, Ball, Bannister, Barlow, Barrett, Beard, Bevan, Bell, Blackadder, Blake, Boswell, Bramley, Brebner, Bridger, Brounger, Brown, Cameron, Carley, Champion, Coleman, Collins, Corbitt, Crawford, Creighton, Crisp, Croghan, Cunningham, Davis, Delahunt, Dominy, Drinkwater, Edwards, Elliott, Ensor, Fawssett, Fraser, Gibbs, Gill, Gladwell, Glenn, Goddard, Godley, Goodale, Grimsley, Hall, Hamilton, Harker, Harvey, Hawthorne, Hepburn, Howard, Higgs, Hutchins, Hudgson, Hurford, Innes, Irons, Kaine, Keast, Kelly, King, Maclagan, McCann, McHardy, McIntosh, Peacock, Mauchline, Maurice, McGregor, Mellet, Moorshead, Morgan, Mowbray, Mulligan, Northcroft, Norton, Oldfield, Palmer, Peeters, Phillips, Poultney, Pryce, Rapson, Reeler, Reid, Richardson, Robertson, Rose, Ross, Scott, Screech, Shaw, Silversides, Simmons, Skirving, Smith, Sowden, Steele, Stephenson, Stock, Stockdale, Tucker, Vernon, Wiley, Williams, Wilson, Wood en Woodward.[105]

---

[101] VAB, A75/2: Aantekeninge oor Bloemfontein se inwoners deur regter Melius de Villiers; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 89-91.

[102] Die latere woonbuurt Hilton.

[103] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 113.

[104] G. Baumann, “Recollections. Personal reminiscences of the Orange Free State. Village of Bloemfontein”, *The Friend*, 10.11.1911, p. 4; *Rose’s Buzz and Bubbler* 32, Oktober 2008, p. 4.

[105] Vergelyk onder meer *The Friend*, 10.7.1891, p. 2, 22.9.1891, p. 1, 1.4.1892, p. 3, 3.1.1893, p. 3, 12.6.1894, p. 2, 24.5.1895, p. 2, 5.7.1895, p. 2, 6.8.1895, p. 2 en 22.11.1895, p. 2; *Daily News*, 17.1.1890, p. 3, 13.3.1890, p. 3, 11.12.1891, pp. 1-3 en 18.3.1892, p. 1; *De Express*, 17.6.1890, p. 4 en 19.8.1890, p. 4; *Daily Express*, 4.8.1890, p. 2, 15.8.1890, p. 2, 30.10.1890, p. 3, 29.11.1890, p. 3 en 23.12.1890, p. 2; *De Burger*, 30.1.1895, p. 2.

Een van die bekendste Engelse skrywers, J.R.R. Tolkien[106] (1892-1973), is op 3 Januarie 1892 in Bloemfontein gebore, waar sy vader, Arthur Tolkien, die bestuurder van die Bank van Afrika was. Vier jaar later is Arthur aan ingewandskoors dood en het die jong J.R.R. saam met sy moeder en jongste broer na Engeland teruggekeer.[107]

Die Engelssprekendes het ’n groot aandeel in die ontwikkeling van die Vrystaat en veral sy hoofstad gehad. Hulle het ’n meer gevestigde en vooruitstrewende lewenswyse na die jong republiek gebring en het ’n groot aandeel gehad aan die bevordering van die handel en ekonomie, die uitvoer van wol en meer geld wat in eiendom, geboue, besighede en aandele belê is.[108] Aangesien die Engelssprekendes tot ’n meer politiek-bewuste volk behoort en ’n breër opvoeding as die deursnee Hollands-Afrikaanssprekende geniet het, het hulle ook ’n aktiewe rol in die politiek van die Vrystaat gespeel en dus ’n belangrike politieke invloed in die republiek en veral sy hoofstad uitgeoefen.[109]

Verskeie Engelssprekende inwoners van Bloemfontein was belangrike rolspelers in die 1890’s. Een van die bekendstes was die Skot dr. John Brebner (1833-1902), wat in 1874 as die eerste inspekteur van onderwys aangestel is en ’n reuse-invloed op onderwys in die OVS en veral in Bloemfontein gehad het.[110] Brebner word beskou as die grondlegger van die Vrystaatse onderwysstelsel omdat hy, ten spyte van moeilike omstandighede, ’n onderwysstelsel tot stand gebring het wat uitstekend aan die besondere behoeftes van die ontwikkelende jong republiek voldoen het.[111] Brebnerweg in die woonbuurt Westdene, sowel as Brebner-skool, is na hom vernoem.

Die Skotse sakeman Robert Innes (?-1896) het in 1880 die eerste burgemeester van Bloemfontein geword nadat die Vrystaatse hoofstad volle munisipale status gekry het.[112] Die bekende Inneslaan in Waverley is na hom vernoem. Nog ’n Engelssprekende, J.G. Fraser (1840-1927), die seun van ’n bekende Skotse predikant in Beaufort-Wes, het in 1871 na Bloemfontein gekom en verskeie regeringsampte beklee voordat hy sy eie regspraktyk begin het en tot Volksraadslid en later tot voorsitter van die Vrystaatse Volksraad verkies is. [113]

---

[106] Die skrywer van onder meer *The hobbit* en *The lord of the rings*.

[107] *The Friend*, 5.1.1892, p. 1; “J.R.R. Tolkien: a biographical sketch”, <http://www.tolkiensociety.org/tolkien/biography.html>, geraadpleeg 31.11.2010.

[108] J.G. Fraser, *Episodes in my life*, pp. 173, 420; K. Schoeman, Voorwoord, in Bidwell (Preface).

[109] M.C.E. van Schoor, *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in die Transgariep tot 1854*, p. 137.

[110] Moll, pp. 193-194.

[111] *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, p. 121.

[112] “Bloemfontein – history”, <http://www. africatravelling.net/south_africa/bloemfontein/bloemfontein_history.htm>, geraadpleeg, 3.12.2010.

[113] Fraser, pp. 62-66; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 61, 109, 119, 160.

Op mediese gebied was dit nie net die Duitsers wat geneeshere vir Bloemfontein opgelewer het nie. Ook Engelssprekende geneeshere, soos drr. W.R. Scott, C.H. Bidwell, A.E.W. Ramsbottom en S.R. Savage, het in die 1890's Bloemfontein hulle tuiste gemaak.[114]

Op kerklike en godsdienstige gebied het die Engelssprekendes van Bloemfontein gedurende die Reitz-tydperk eweneens 'n groot en belangrike rol gespeel. Enkele voorbeelde wat hier genoem kan word, is onder meer eerw. James Scott (1835-1911) van die Wesleyaanse Metodiste Kerk, ds. C.S. Morgan en die reeds genoemde ds. Andrew Murray (jr.) van die NG Kerk, eerwaarde D.G. Croghan, aartsdeken W. Crisp (1842-1910), biskoppe G.W.H. Knight-Bruce (1852-1896) en J.W. Hicks (1840-1899), kanunnike W.H.R. Bevan (1840-1919) en W.A. Holbech (1850-1930) van die Anglikaanse Kerk. Sommige van voorgenoemde geestelikes het ook 'n belangrike rol in die openbare lewe en ontwikkeling van Bloemfontein gespeel, soos biskop A.B. Webb (1839-1907) wat 'n aandeel in die stigting van die Nasionale Museum, die Cottage-hospitaal en die St. Andrew- en St. Michael- skool gehad het.[115]

In die 19de eeu was buitelandse argitekte in groot aanvraag in Suid-Afrika omdat daar in hierdie tyd nie plaaslik opgeleide argitekte was nie. Die Britse argitekte het 'n belangrike rol in die Vrystaatse boukuns[116] gespeel. Een van die begaafste buitelandse argitekte was Francis Lennox Canning (1856-1895), wat in Londen gebore en opgelei is, maar later na Suid-Afrika gekom het en in vennootskap met Frederick Goad die argiteksfirma Canning & Goad in Queenstown gestig het. Hy was onder meer verantwoordelik vir die ontwerp van beide die Derde Presidensie[117] (1886) en die Vierde Raadsaal[118] (1893) in Bloemfontein, wat albei hoogtepunte van die republikeinse boukuns in die Vrystaat is. Tydens die werk aan die Presidensie het Canning hom tydelik in Bloemfontein gevestig om oor die bouwerk toesig te hou, waarna hy in 1886 na die pas gestigte Johannesburg verhuis het waar hy ook etlike geboue ontwerp het.[119]

Nog 'n buitelandse argitek was W.H. Stucke (1865-1931) wat in Engeland gebore is. Hy het in 1889 na Johannesburg geïmmigreer en in 1890 na Bloemfontein verhuis. Die eerste

---

[114] *The Friend*, 9.8.1895, p. 2; J. Haasbroek, "A.E.W. Ramsbottom, eerste administrateur van die Oranje-Vrystaat 1910-1915", *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 8(2), Maart 1992, pp. 79, 135.

[115] W. Crisp, *Some account of the Diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863 to 1894*, pp. 31, 41, 45, 83, 97, 107, 112, 114; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 77-78, 81, 86, 88, 94, 103, 134-135, 141.

[116] Bloemfontein se argitektuur gedurende die Reitz-tydperk word in hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek.

[117] Dit is vandag die Museum Ou Presidensie in Pres. Brandstraat. Hoewel die Derde Presidensie as die "Ou Presidensie" bekend staan, was daar in der waarheid agtereenvolgens drie presidentswonings op dieselfde terrein. Die eerste twee presidentswonings is gesloop om vir Canning se Presidensie plek te maak. Vir meer besonderhede, raadpleeg S.M. Botes, *Van Residensie tot Presidensie: 'n kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein, 1846-1900.*

[118] Daar was agtereenvolgens vier raadsale op verskillende terreine in Bloemfontein wat vir die vergaderings van die Vrystaatse Volksraad gebruik is. Canning se ontwerp, wat in Pres. Brandstraat opgerig is, was die vierde en laaste raadsaal van die republiek Oranje-Vrystaat.

[119] Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 99-101.

gebou wat hy in die Vrystaatse hoofstad ontwerp het, was die nuwe Bloemfontein-klubgebou by Markplein in 1892. In 1893 het hy die kantoorgebou van die Mutual-maatskappy ontwerp, wat die eerste drieverdieping-gebou in Bloemfontein was. In 1895 het nog ’n Britse argitek, J.E. Harrison (1870-1945), by hom aangesluit. ’n Paar jaar later het Stucke na Johannesburg teruggekeer.[120] As vennoot van die argiteksfirma Stucke & Harrison het Stucke ook ’n aandeel in die ontwerp van verskeie ander geboue in Bloemfontein gehad, waarvan die bekendstes die ou Grey-kollege[121] in Douglasstraat, die vergroting van G.A. Fichardt se woonhuis Kaya Lami in Bo-Kerkstraat en Moritz Leviseur se woonhuis Halevy[122] was.[123]

Stucke se vennoot in Bloemfontein, Harrison, het hom weens gesondheidsredes vroeg in 1895 in die Vrystaatse hoofstad gevestig. Harrison het onder meer die Fichardt-biblioteek, die Lennons-apteek, die kragsentrale en eerste Joodse sinagoge, sowel as ’n aantal huise in Bloemfontein ontwerp, terwyl hy ook planne vir ’n aantal geboue op die Vrystaatse platteland geteken het. Verder het hy ook in Bloemfonteinse komitees gedien en was hy tot 1906 een van die assessors wat vir die waardasie van geboue in die Vrystaatse hoofstad verantwoordelik was.[124] Sy eie woonhuis, Freshford[125] in Kellnerstraat 31, wat hy self ontwerp het, staan vandag nog in Bloemfontein. Harrison sou sy vernaamste werk in Bloemfontein na die Anglo-Boereoorlog tydens die Vrystaat se koloniale tydperk lewer en was onder meer verantwoordelik vir die ontwerp van die Imperial-, Grand- en Russel-hotel, die Fichardt Chambers in Maitlandstraat, asook die Eksekuteurskamer in Maitlandstraat. Laasgenoemde geboue is almal gesloop.[126]

Heelwat Engelssprekendes was in die 1890’s ook in ander afdelings van die boubedryf betrokke. J.C. Tully (1855-1929) was werksaam as toesighouer oor die oprigting van verskeie Bloemfonteinse geboue, waaronder die Vierde Raadsaal, die nuwe gevangenis langs die Dewetsdorppad, die Melaatse-hospitaal en die “Upper House” by die Damesinstituut Eunice.[127] Bouaannemers T.W. Robertson en J.J. Kirkness was betrokke by die bou van die Vierde Raadsaal, terwyl H. Heath vir die oprigting van die Spoorwegburo verantwoordelik was. Die

---

120 *Ibid.*, p. 105.
121 Later die Bloemfontein Tegniese Kollege en vandag die Motheo-kollege.
122 Sedertdien vergroot en verander en is vandag die Halevy House Heritage Hotel.
123 Schoeman, *Vrystaatse erfenis,* p. 105.
124 M. Briedenhann en J. Haasbroek, “J.E. Harrison, argitek en eerste bewoner van Freshford en sy gesin se lewe in Bloemfontein (1895-1902)”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 9(7), Augustus 1993, pp. 217-220.
125 Die huis is vernoem na Harrison se geboorteplek, die dorpie Freshford, naby Bath in Engeland. Freshford, wat in 1897 voltooi is, is in die 1980’s deur die Nasionale Museum gerestoureer en in 1986 as die Freshford-huismuseum vir die publiek oopgestel.
126 Schoeman, *Vrystaatse erfenis,* pp. 105-107.
127 “Tully, John Collingwood”, <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/arch_det.php?archid=1753&orderby=&initial=&source=1>, geraadpleeg 24.2.2011.

Vierde Raadsaal is deur 80 Britse arbeiders gebou. Die Engelssprekende ambagsmanne was onder meer bouers, timmermans, klipmesselaars, skilders, steenmakers, pleisteraars en klipkappers.[128]

Die Engelssprekendes het beslis op die gebied van Bloemfontein se straatname hulle stempel afgedruk, veral in die middestad wat voor 1900 ’n groot deel van die dorp uitgemaak het. Om maar net enkele straatname te noem wat óf deur Engelssprekendes gegee is, na Engelssprekendes vernoem is, óf een of ander verband met die Engelse gemeenskap het: Aliwal-, Charles-, Fraser-, Henry-, Maitland-, Douglas-, Gordon-, Hanger-, Harvey-, St. George-, St. Andrew, Goddard-, Elizabeth-, Poultneystraat[129] en nog vele meer.

Die Engelssprekendes wat langer tydperke in Suid-Afrika bly woon het en selfs hier gebore is, het mettertyd ’n eiesoortige karakter en selfs fisiese voorkoms ontwikkel. Omdat Suid-Afrikaanse Engelssprekendes gewoonlik ’n moeiliker lewe gehad het en ’n veel droër, meer sonnige klimaat moes trotseer, was hulle gewoonlik bruiner gebrand en minder bleek as hulle Britse volksgenote. Die Suid-Afrikaanse Engelssprekende van die 19de eeu was meer gehard en energiek met baie moed en deursettingsvermoë, vasberadenheid en standvastigheid. Ofskoon hulle minder opgewek en simpatiek was as Engelssprekendes in ander lande en kolonies, het hulle in Suid-Afrika ’n sekere gehardheid en beslistheid ontwikkel wat goed te pas gekom het in die pioniersomstandighede aan die suidpunt van Afrika.[130]

In vergelyking met die Afrikaners wat vanaf die 17de eeu vanaf Europa na Suid-Afrika gekom het en oor geslagte lank hier gebore is, was die Engelssprekendes meer onlangse immigrante. Die meeste van hulle het eers in die 19de eeu na Suid-Afrika gekom. Deels as gevolg hiervan en omdat die Engelssprekendes baie tradisievas was, het hulle selfs in die laat 19de eeu grootliks hul Engelse karakter behou, beide ten opsigte van taalgebruik en idees. Hulle het ook hulle eiesoortige lewenswyse en gebruike gehandhaaf. Tog is hulle volgens James Bryce deur die Afrikaners beïnvloed sodat hulle die Afrikaners se afkeer aan hande-arbeid en hul mening oor swart mense gedeel het. Volgens Bryce het die Engelssprekendes in sommige dele van Suid-Afrika ’n sorgelose en selfs vervelige temperament gehad. Tog het hulle meermale ondernemingsgees en inisiatief as die meer besadigde Afrikaners aan die dag gelê en het hulle dus ’n groter rol op handels- en nywerheidsgebied gespeel.[131]

---

[128] Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 107-108.
[129] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 7, 97.
[130] VAB, A75/2: Aantekeninge oor Bloemfontein se inwoners deur regter Melius de Villiers; *The Friend*, 4.9.1889, p. 3.
[131] Bryce, pp. 380-381.

Aangesien die Engelssprekendes tydens die 1890's steeds 'n getalleoorwig in Bloemfontein gehad het, moes die Afrikanerregering met hulle saamwerk en omdat hulle 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van Bloemfontein gelewer het, het pres. Reitz en sy regering hulle kundigheid gerespekteer. Reitz het deurgaans probeer om goeie verhoudinge met die Engelssprekende inwoners te handhaaf, maar as vurige Afrikaner en pleitbesorger van die Nederlandse en Afrikaanse taal, het hy by meer as een geleentheid met Engelssprekendes soos J.G. Fraser gebots, veral wanneer hulle die Engelse taal in Bloemfontein ten koste van Nederlands en Afrikaans probeer bevorder het.[132]

3.1.4 Jode

Net soos die Engelssprekendes, het die Joodse gemeenskap ook 'n groot aandeel in die ekonomiese lewe van Bloemfontein gehad. Geringe getalle Jode het sedert die 17de eeu reeds na die Kaap gekom en is deur die Kompanjie in diens geneem. Met die Britse besetting van die Kaap in 1806 het 'n klein aantal Joodse immigrante vanaf Duitsland en Brittanje na die Kaap gekom, gevolg deur 'n groep van 18 Jode wat in 1820 saam met die Britse setlaars na Suid-Afrika gekom het.[133] Geleidelik het 'n klein aantal Jode dieper die binneland inbeweeg en teen 1870 was hulle reeds wyd verspreid oor Suid-Afrika.[134]

Die Joodse gemeenskap in Bloemfontein het met die aankoms van een man begin – Isaac Baumann (1813-1881), 'n horlosiemaker, wat in Hesse-Kassel, Duitsland gebore is. Hy het in 1838 na Suid-Afrika gekom om by sy skoolvriend, ene Mosenthal, se firma in Graaff-Reinet aan te sluit.[135] In 1848 het hy sy tent in die omgewing van die jong nedersetting van Bloemfontein opgeslaan.[136] Baumann was die eerste burgerlike handelaar in Bloemfontein en het aanvanklik vanuit sy tent handel gedryf. In 1852 is Baumann terug na Duitsland, waar hy met Caroline Allenberg (1832-1897) getroud is, waarna die egpaar na Bloemfontein teruggekeer en hulle as die eerste Joodse familie in die latere Vrystaatse hoofstad gevestig het. Caroline Baumann was 'n goeie musikant en haar klavier, wat sy vanaf Duitsland laat kom het, was die eerste in Bloemfontein.[137] Kort na haar aankoms het Caroline Baumann met leeskringe

---

[132] Moll, pp. 187-189, 209.
[133] G. Saron, "The Jews in South Africa", *Lantern* 6(1), September 1956, p. 31.
[134] S.M. Aronstam, *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein Jewish community with special reference to the conceptions of Jewish welfare work, community with special reference to the conceptions of Jewish welfare work.* (D.Soc.Sc.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Januarie 1974), p. 55.
[135] M. Pencharz, "The history of the Bloemfontein Jewish community", *Hashomer*, September 1953, p. 17; S.M. Aronstam, "South African Jewish communities: Bloemfontein. A history of the Jewish community archives", <http://www.jewishgen.org/SAfrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 30.9.2010; Aronstam, "South African Jewish communities: Bloemfontein", p. 1.
[136] G. Baumann en E. Bright, *The lost republic*, p. 205.
[137] S. Leviseur, *Sophie Leviseur Memories* (red. K. Schoeman), pp. 19-20; Aronstam, *A historical and socio-cultural survey*, p. 56.

vir die dames van Bloemfontein begin.[138] Sy was ook betrokke by welsynswerk (veral onder swart mense) aangesien daar toe nog geen welsynsorganisasie in Bloemfontein was nie.[139]

Isaac Baumann se suksesvolle vestiging in Bloemfontein het familielede en vriende aangemoedig om ook na die Vrystaat te kom.[140] Isaac se twee broers, Jacob en Louis Baumann, het by hom in Bloemfontein aangesluit en so is die firma Baumann Brothers gestig. Isaac het ’n belangrike inwoner van Bloemfontein geword en ’n aktiewe rol in dorpsake gespeel. Hy was een van die munisipale kommissarisse en ook voorsitter van die Bloemfontein munisipale raad van 1862-1863. Isaac het ook ’n belangrike rol op Joodse godsdienstige gebied gespeel, aangesien hy rabbi Samuel Rappaport al die pad van Port Elizabeth laat kom het vir belangrike Joodse seremonies, omdat daar toe nog geen Joodse gemeente of sinagoge in Bloemfontein was nie.[141] Baumannplein is na hierdie Joodse pionier van Bloemfontein vernoem.[142]

Een van Isaac Baumann se seuns, Gustav Baumann (1858-1930), wat in Bloemfontein gebore is, het ook ’n belangrike rol in die Vrystaatse hoofstad gespeel. Hy het homself as landmeter bekwaam en het sedert die 1880’s baie van Bloemfontein se nuwe strate en erwe opgemeet en uitgelê. Later is hy tot landmeter-generaal van die OVS bevorder en het daarvoor gesorg dat plase in die republiek vir die eerste keer behoorlik opgemeet is.[143] Gustav Baumann was in 1880 medestigter van die Bloemfontein-klub en was die eerste president van die Vrystaatse tak van die Landmetersunie. Sy biografie, *The lost republic, the biography of a land surveyor*, wat in 1937 verskyn het, gee ’n goeie beeld van die lewe in die Vrystaat voor die Anglo-Boereoorlog.[144]

Voor 1880 was die Joodse kultuurgroep in die Vrystaatse hoofstad, waarvan die meeste lede van Duitsland afkomstig was, nog klein. Tog het die vroegste Joodse families, soos die Baumann’s, die Leviseur’s en die Ehrlich’s ’n uiters belangrike pioniersrol in die Bloemfonteinse gemeenskap gespeel, veral op kulturele, ekonomiese en politieke gebied. Gevolglik is die Joodse inwoners van Bloemfontein ten volle in die gemeenskap geïntegreer en

---

[138] D.L. Sowden, “Sophie Leviseur: a symbolic figure”, *Jewish affairs*, Januarie 1962, p. 25; Marianna Botes Privaat-versameling: Notes on early Bloemfontein by Mrs. Sophie Leviseur, 27.2.1952, p. 1.

[139] Leviseur, *Sophie Leviseur Memories*, p. 39; M. Pencharz en D.L. Sowden, “In the Orange Free State”, in G. Saron en L. Hotz (reds.), *The Jews in South Africa: a history*, p. 322.

[140] J. Brauer, “Bloemfontein has landmarks of Jewish origins”, *Jewish Affairs*, September 1980, p. 115.

[141] S. Aronstam, “South African Jewish communities: Bloemfontein. A history of the Jewish community archives”, p. 3, <http://www.jewishgen.org/SAfrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 30.9.2010.

[142] Die Joodse sinagoge in Bloemfontein (die eerste in die Vrystaat) is eers in 1904 in gebruik geneem. Marianna Botes Privaat-versameling: Notes on early Bloemfontein by Mrs. Sophie Leviseur, 27.2.1952, p. 1; Pencharz en Sowden, p. 321.

[143] *The Bloemfontein Pelican*, 24.6.1905, p. 8; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 4, pp. 22-23.

[144] *Men of the times: old colonists of the Cape Colony and Orange River Colony*, p. 526; R. Ehrlich, “Recollections of early days in Bloemfontein”, *Jewish Affairs*, Junie 1963, p. 20. Vergelyk ook *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 4, pp. 22-23.

is daar geen onderskeid tussen die Jode en die ander burgers gemaak nie. Bloemfontein se Jode was ook baie lojaal teenoor hulle nuwe tuiste.[145]

Omdat die meeste Jode wat hulle in Bloemfontein gevestig het, mans was, het sommige van die vroeë pioniers tydelik teruggegaan na hulle land van herkoms om geskikte Joodse vroue te vind, waarna die pasgetroude egpare hulle weer in Bloemfontein gevestig het.[146] Soms het van die Joodse mans in die Vrystaatse hoofstad met dames van ander blanke bevolkingsgroepe in die Vrystaat getrou, soos George Israel, wat met ’n dogter van P. Fourie, landdros van Boshof, getroud is.[147]

Nog ’n belangrike Joodse pionier, Moritz Leviseur (1842-1923), het in 1877 met Isaac Baumann se dogter, Sophie, in die huwelik getree. Leviseur, wat in Duitsland gebore is, het in 1862 na Bloemfontein gekom, hom by die firma van twee ander Joodse broers, Herman en Julius Jordan, aangesluit en later hul suksesvolle handelsaak by hulle oorgeneem. Net soos baie van die ander Duitse Jode, het Leviseur ook ’n groot rol in die kulturele, ekonomiese en sosiale lewe van Bloemfontein gespeel. Hy was ’n stigterslid van die OVS Kamer van Koophandel en het in die bestuur van die St. George’s Cottage- en die Sielsieke of Oranje-hospitaal, asook die latere Volks- of Nasionale Hospitaal, gedien, terwyl hy ook ’n groot rol in die stigting van die Nasionale Museum in Bloemfontein gespeel het en jare lank sekretaris van dié instansie was. Tot met sy dood in 1923 was Moritz Leviseur by feitlik elke kulturele, sosiale en ekonomiese projek in Bloemfontein betrokke. Leviseurstraat in Bloemfontein is na hom vernoem as erkenning vir sy dienste aan die Vrystaatse hoofstad.[148]

Moritz se vrou, Sophie Leviseur (1857-1962), was net so ’n gesiene inwoner en het ’n belangrike rol in die gemeenskapslewe van Bloemfontein gespeel, veral op sosiale en politieke gebied. Sy was in sekere opsigte die dryfkrag agter haar man se gemeenskapsaktiwiteite. Sophie het tereg onder ’n latere generasie Bloemfonteiners die eretitel “Ouma of the Free State” verwerf. Sy het haar herinneringe aan ou Bloemfontein opgeteken en omdat sy die grootste deel van haar lewe in Bloemfontein gewoon het, vorm dit ’n belangrike bron vir Bloemfontein se kultuurgeskiedenis.[149]

---

[145] R. Ehrlich, “Recollections of early days in Bloemfontein”, *Jewish Affairs*, Junie 1963, p. 23; Pencharz en Sowden, p. 324.

[146] Marianna Botes Privaat-versameling: Notes on early Bloemfontein by Sophie Leviseur, 27.2.1952, p. 1.

[147] *De Burger*, 22.8.1894, p. 3; Aronstam, “South African Jewish communities: Bloemfontein. A history of the Jewish community archives”, <http://www.jewishgen.org/SAfrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 30.9.2010.

[148] Aronstam, *A historical and socio-cultural survey*, pp. 63-66; Pencharz, “The history of the Bloemfontein Jewish community”, pp. 17-18. Vergelyk ook *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 4, p. 326.

[149] Sowden, pp. 24, 27; K. Schoeman, “Voorwoord” in Leviseur, *Sophie Leviseur Memories*, pp. 5-7.

Die ontdekking van diamante in 1869 en goud in 1886 het meer Jode vanaf Duitsland, Brittanje, die VSA en Oos-Europa na Suid-Afrika gelok.[150] In 1876 het ’n Joodse tandarts, Ernest R. Moses (?-1905), vanaf Kimberley na Bloemfontein gekom en klaarblyklik tot na die Anglo-Boereoorlog hier gepraktiseer. Hy was ook betrokke by die sosiale en kulturele lewe van die Vrystaatse hoofstad en het lesings oor literêre en wetenskaplike onderwerpe aangebied. Hy was die eerste redakteur van die *Daily Express* en ook die eerste president van die Bloemfonteinse Hebreeuse gemeente.[151]

’n Ander belangrike Joodse inwoner, Wolff Ehrlich (1855-1924), het om gesondheidsredes vanuit Duitsland na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het hom in 1877 permanent in Bloemfontein as handelaar gevestig en gou as een van die Vrystaat se mees dinamiese sakemanne bekendheid verwerf. Hy het die eerste skoenwinkel in Bloemfontein begin en in 1884 was hy ook stigterslid van die OVS Kamer van Koophandel, wat ’n stukrag vir Bloemfontein se ekonomie en handel was.[152] Wolff Ehrlich was ’n gewilde gemeenskapsleier wat veral vir die Joodse gemeenskap baie beteken het, maar ook in dorpsake ’n bydrae gelewer het. Hy het op verskeie spoorweg- en ander kommissies gedien, was jare lank stadsraadslid en in latere jare burgemeester sowel as president van die Hebreeuse gemeente in Bloemfontein (1902-1924). Na die Anglo-Boereoorlog is hy vir drie termyne tot burgemeester van Bloemfontein verkies. Die woonbuurt Ehrlichpark en Ehrlichstraat is na hom vernoem.[153]

Wolff Ehrlich is in 1880 met Helene Baumann, dogter van die bekende Duitse Joodse Bloemfonteinse pionier en sakeman, Isaac Baumann, getroud.[154] Helene Ehrlich was by baie van die hoofstad se aktiwiteite betrokke en was ’n ywerige leser, terwyl sy ook ’n goeie gasvrou was en graag onthaal het.[155]

Ivan Haarburger (1869-1933), wat veral op musiekgebied ’n groot rol sou speel, het in 1886 weens borsprobleme vanaf Duitsland na Bloemfontein gekom. Hy het aanvanklik as klerk in die winkel van sy oom, Moritz Leviseur, gewerk en later in die besighede van Deale Bros. en C. Borckenhagen. Haarburger het ’n musiek- en kunshandelsaak bedryf, was ’n uitstekende violis en klavierspeler en het dikwels aan musiekkonserte in Bloemfontein deelgeneem. Hy was in 1893 die stigter van die Bloemfonteinse Orkesvereniging en tussen

---

150 Saron, p. 32.
151 Pencharz, “The history of the Bloemfontein Jewish community”, p. 21; Aronstam, *A historical and socio-cultural survey*, p. 67.
152 J. Haasbroek, “Die rol van Wolff Ehrlich in Bloemfontein”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 22(3), Julie 2006, pp. 77-82.
153 Haasbroek, “Die rol van Wolff Ehrlich”, pp. 86-87, 89, 94-95, 103-104, 106-107; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5, pp. 246-247.
154 Haasbroek, “Die rol van Wolff Ehrlich”, pp. 77-82.
155 Ehrlich, p. 23.

1893 en 1902 het hy ook as dirigent van die Orkesvereniging opgetree. Die uitvoerings van die Orkesvereniging het ’n belangrike rol in die vroeë musieklewe van Bloemfontein gespeel en ’n verhoging in die standaard van musiek in die Vrystaatse hoofstad meegebring. Haarburger het ook by die openbare lewe betrokke geraak en was by vyf geleenthede president van die Vrystaatse Kamer van Koophandel, voorsitter van die Bloemfonteinse Eksekuteurskamer, president van die Joodse gemeente en later burgemeester van Bloemfontein (1912-1914). Haarburgersingel is na hom vernoem.[156]

In 1880 was daar slegs 28 Jode in Bloemfontein,[157] maar na 1888 het die Joodse gemeenskap in die Vrystaatse hoofstad uitgebrei en is dit aangevul deur nuwe immigrante uit Oos-Europa, veral uit Litaue, maar ook die res van Europa en Ierland.[158] Volgens die Maart 1890-sensus het die Bloemfonteinse Joodse gemeenskap toe reeds uit 37 lede bestaan[159] en teen 1900 was daar 150 Jode in Bloemfontein woonagtig. Voorbeelde van hierdie nuwe Joodse intrekkers was Joseph Friedman, G. Hailparn, Barnett Levy, Woolf Lewin, Lionel Nathan, Louis Shapiro en Fred Shtein. Hulle was meestal in die handel betrokke – hoofsaaklik winkeliers, kleinhandelaars en hoteleienaars. Dr. J.J. Friedman was een van die eerste Joodse geneeshere in Bloemfontein.[160]

Hoewel daar reeds vanaf 1877 kerkdienste vir Jode in privaat huise en later in Bloemfontein se stadsaal gehou is, is ’n volwaardige Joodse gemeente eers in 1893 in Bloemfontein gestig, met tandarts Ernest Moses as die eerste president en eerwaarde Urdang as eerste rabbi van die gemeente. Urdang is opgevolg deur rabbi Zitran en in 1896 deur M.L. Cohen.[161] In die 1890’s het die Bloemfonteinse Jode ’n Filantropiese Vereniging vir dames gehad, wat hoofsaaklik welsynswerk verrig het, asook ’n *Chevra Kadisha* of Begrafnisvereniging.[162]

Volgens Mendelsohn en Shain is die meeste Suid-Afrikaanse Jode van Anglo-Duitse herkoms en het hulle die waardes en norme van Engelse liberales beliggaam: lojaliteit, gehoorsaamheid, burgerlike deugsaamheid, mededeelsaamheid en ondernemingsgees.[163] Wat

---

156 Brauer, “Bloemfontein has landmarks of Jewish origin”, p. 117; Pencharz, “The history of the Bloemfontein Jewish ...”, pp. 23-24. Vergelyk ook *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5, p. 334.

157 Pencharz, “The history of the Bloemfontein Jewish ...”, p. 17.

158 Ehrlich, p. 26; Aronstam, “South African Jewish communities: Bloemfontein. A history of the Jewish community archives”, p. 3; <http://www.jewishgen.org/SAfrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 30.9.2010. Vergelyk ook Pencharz, “The history of the Bloemfontein Jewish communities”, p. 21.

159 VAB, Census 1890, schedule A.

160 Aronstam, “South African Jewish communities”, p. 3; Pencharz, “The history of the Bloemfontein Jewish communities”, p. 21. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 135.

161 Pencharz, “The history of the Bloemfontein Jewish community”, pp. 17, 21; Aronstam, “South African Jewish communities”, p. 3.

162 Pencharz en Sowden, p. 329.

163 R. Mendelsohn en M. Shain, *The Jews in South Africa: an illustrated history*, pp. 26-27.

die ontwikkelingsvlak en karakter van die vroeë Joodse inwoners van Bloemfontein betref, was die meeste van hulle dinamiese, intelligente, belese, goed opgeleide mense wat ’n reuse bydrae tot die opbou van die Vrystaat en sy hoofstad gemaak het. Baie van die Jode was betrokke by die handel sowel as by die openbare lewe en het gehelp om die inwoners van Bloemfontein se lewenstandaard te verhoog. Die meeste Bloemfonteinse Jode was welgesteld, invloedryk en gerespekteerd.[164] Net soos baie Afrikaners, het pres. Reitz die Jode ook as die uitverkore volk van God gerespekteer[165] en was hy en sy eggenotes bevriend met sommige van die Joodse inwoners, soos Moritz en Sophie Leviseur, asook Moritz se vader, Elias Leviseur, en het hulle oor en weer gekuier.[166]

Die invloed van die Jode in Bloemfontein en hulle rol op maatskaplike en sosiale gebied word treffend geïllustreer deur die feit dat Joodse inwoners dikwels as burgemeesters en stadsraadslede diens gedoen het. Hulle was baie lojaal teenoor hulle nuwe vaderland en het hulle bes gedoen om Bloemfontein en sy inwoners se belange te bevorder.[167] Sommige van die Jode, soos Isaac en Caroline Baumann, was ook betrokke by welsynswerk en hulp aan die armes, veral onder die nie-blanke inwoners van Bloemfontein. Ofskoon die Joodse gemeenskap in Bloemfontein aanvanklik klein was en daar in die begin nie veel sprake van ’n georganiseerde Joodse gemeenskapslewe was nie, het die Jode in die Vrystaatse hoofstad tog hul eie gebruike, tradisies en godsdiens behou en soos hulle getalle toegeneem het, is hulle gemeenskapslewe ook versterk.

3.1.5 Nederlanders

’n Verdere bevolkingsgroep wat ’n beduidende rol in Bloemfontein gespeel het, was die Nederlanders. Daar was sedert die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap in 1652 reeds heelwat Nederlanders aan die Kaap, maar geleidelik het van hulle dieper die binneland inbeweeg. Reeds voor die totstandkoming van die republiek OVS in 1854 was daar ’n aantal Nederlanders in die Oranjerivier-Soewereiniteit. Van hierdie Nederlanders, soos Jacobus Groenendaal, ds. D. van Velden op Winburg en die onderwysers Van der Meer en Sluiter in Bloemfontein, het baanbrekerswerk gedoen.[168]

---

[164] VAB, A156/7/1c: The South African republics – C.D. Pierce, “The Orange Free State”; P.S. Joshi, *The tyranny of colour*, p. 34.
[165] Moll. p. 208.
[166] Leviseur, pp. 56, 57, 69.
[167] Marianna Botes Privaat-versameling: Notes on early Bloemfontein by Mrs. Sophie Leviseur, 27.2.1952, p. 3; Pencharz en Sowden, pp. 322, 324-325.
[168] *Nederland – Oranje-Vrystaat: uitgegee ter herdenking van die Nederlandse fees te Bloemfontein 30 September – 1 Oktober 1942*, p. 9.

Jacobus Groenendaal was een van Bloemfontein se vroegste Nederlanders. Hy emigreer vanaf Nederland na Suid-Afrika, vestig hom in 1850 as onderwyser in die distrik Fauresmith en later in Bloemfontein. As lid van die eerste Vrystaatse Volksraad in 1854 het Groenendaal, in samewerking met die Ier, J.M. Orpen (1828-1923), 'n groot aandeel in die opstel van die eerste grondwet van die republiek OVS gehad. Kort daarna is hy ook as eerste staatsekretaris en tesourier-generaal van die Vrystaat aangestel.[169]

Ander Nederlanders wat 'n groot rol gespeel het, was onder andere landdros W.H. van Beest van Andel, C. de Jongh Bloem (1816-1898) wat tesourier-generaal en weesheer in Bloemfontein was, asook W.H Canisius (oorlede 1890), wat in die 1880's posmeester-generaal en later konsul-generaal vir Nederland in Bloemfontein was. H.J. Hofstede (1837-1881) was 'n onderwyser, staatsamptenaar, redakteur van *De Express* en historikus. Hy het onder meer klas gegee aan Grey-kollege en die Artillerieskool in Bloemfontein en het as staatsvertaler opgetree. As skrywer van die oudste geskiedkundige werk oor die Vrystaat, *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat* (1876), het hy 'n belangrike bydrae tot die vroeë Suid-Afrikaanse historiografie gelewer. J.F. van Iddekinge (1837-1890) was 'n drukker en uitgewer in Bloemfontein, waar hy onder meer die Nederlandse weekblad *De Tijd* uitgegee het. As staatsamptenaar het hy verskeie poste beklee, onder meer sekretaris van die Volksraad, registrateur van die hoër howe en beëdigde taksateur. Hy was ook drie jaar lank Volksraadslid.[170] 'n Bekende Nederlandse inwoner van Bloemfontein was J.J. Langelaan (1807-1890), wat jare lank in die Vrystaatse staatsdiens werksaam was.[171] Nog 'n Nederlander, C.J. Vels (1829-1885), het sedert 1871 as prokureur in Bloemfontein gepraktiseer, was later staatsprokureur en Volksraadslid. Hy was ook een van die stigterslede van die Damesinstituut (Eunice) in Bloemfontein.[172]

'n Nederlander wat op kerklike gebied in Bloemfontein 'n groot rol gespeel het, was die bekende ds. Gilles van de Wall (1828-1896), na wie 'n straat in vernoem is. Hy was 'n predikant wat van 1862-1870 aan Bloemfontein se NG-gemeente verbonde was en is tot moderator van die eerste Vrystaatse sinode verkies. Hy het hom veral op die opvoedingstaak en sendingwerk van dié kerk toegespits en was 'n invloedryke persoon in Bloemfontein.[173]

'n Ander gekwalifiseerde Nederlandse predikant, ds. R. de Jongh van Arkel, het nie as predikant diens gedoen nie, maar was die Nederlandse redakteur van die nuusblad *De Express* en het gereeld vir dié koerant, sowel as vir die godsdienstige publikasie *De Fakkel*, artikels

---

[169] *Nederland – Oranje-Vrystaat*, pp. 9, 14; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, pp. 347-348.
[170] *Nederland – Oranje-Vrystaat*, pp. 14-15; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5, pp. 376-377; 864-865.
[171] *Daily Express*, 14.10.1890, p. 4.
[172] *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 4, p. 763; *Nederland – Oranje-Vrystaat*, p. 15.
[173] *Nederland – Zuid-Afrika*, p. 93; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, pp. 858-859.

geskryf.[174] Hy was dus ’n invloedryke persoon in Bloemfontein. In November 1890 het hy ’n beroep na ’n gemeente in Nederland aanvaar.[175] In Februarie 1893 is die Nederlander ds. A.G.J. Schoevers as hulpleraar van die NG Kerk (Tweetoringkerk) in Bloemfontein bevestig om ds. C.S. Morgan in die bediening by te staan.[176]

Die skrywer C.W.H. van der Post (1856-1914) het op driejarige ouderdom uit Leiden saam met sy ouers na Suid-Afrika gekom en is later as onderwyser aan die Grey-kollege in Bloemfontein aangestel. Hierna het hy in die regte begin belangstel en as prokureur gepraktiseer, terwyl hy in die 1880’s ook een van die leiersfigure van die Afrikanerbond was en ’n groot rol in die nasionale ontwaking van Afrikaanssprekendes in die Vrystaat gespeel het. Hy was Volksraadslid van 1887-1900 en na 1896 konsul van Nederland en vise-konsul van Frankryk in die OVS. Van der Post het op letterkundige gebied ’n belangrike bydrae gelewer. Behalwe ’n aantal kortverhale en gedigte het hy ook twee historiese publikasies oor Piet Uys en Ignaas Prinsloo[177] geskryf, wat in ’n mate die leemte aan vaderlandse geskiedenis en leesboeke in die era voor 1900 gevul het.[178]

Twee van die mees vooraanstaande lede van Bloemfontein se Nederlandse gemeenskap was beslis H.A.L. Hamelberg (1826-1896) en dr. Johannes Brill (1842-1924). Hamelberg, wat hom in 1856 in die Vrystaatse hoofstad gevestig het, was vir ’n tyd lank die enigste gekwalifiseerde regsgeleerde en het mettertyd ’n florerende regspraktyk opgebou.[179] Hy het ook as Volksraadslid en lid van die uitvoerende raad gedien. Hamelberg het hom volkome met die nasionale strewe van die Vrystaters vereenselwig, soos geïllustreer word met die skryf van die woorde van die amptelike Vrystaatse volkslied, *Heft burgers ’t lied der vrijheid aan* (1866), wat deur die Nederlandse komponis W.F.G. Nicolai getoonset is. Na sy vertrek uit Bloemfontein word hy in 1872 tot konsul-generaal van die Vrystaat in Nederland benoem en sluit hy onder meer verdrae met België, Nederland en Portugal. Pres. Reitz het na Hamelberg as “een vader van den Vrijstaat” verwys[180] en Hamelbergstraat in Bloemfontein se middestad is na hom vernoem. Ander Nederlandse regsgeleerdes in Bloemfontein in die 1890’s was onder meer I.C.G. Kampfraath en W.C. Peeters.[181]

---

174 *Daily Express*, 11.9.1890, p. 4 en 6.11.1890, p. 2.
175 *De Express*, 7.11.1890, p. 5; *De Burger*, 6.6.1894, p. 4.
176 R.M. Britz, *Waaksame skans: die Tweetoringkerk, Bloemfontein 1848-1998*, p. 64.
177 *Piet Uijs; of lijden en strijd der Voortrekkers in Natal* (1897) en *Ignaas Prinsloo; of volharding bekroond* (1899).
178 *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 4, pp. 726-727; *Nederland – Zuid-Afrika*, p. 91.
179 G. Baumann, “Recollections”, *The Friend*, 1.11.1911, p. 6; *Nederland – Oranje-Vrystaat*, pp. 21-23.
180 *Nederland – Oranje-Vrystaat*, pp. 12, 21-25; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, pp. 364-365.
181 *The Friend*, 7.1.1894, p. 4; *De Burger*, 24.11.1894, p. 2.

Deur bemiddeling van advokaat Hamelberg het die bekende Nederlandse onderwysman dr. Johannes Brill in 1873 na Suid-Afrika gekom om die rektorskap van Grey-kollege in Bloemfontein te aanvaar. Onder moeilike omstandighede slaag Brill daarin om Grey-kollege van ’n sukkelende skooltjie met 40 leerlinge te omskep in ’n uitmuntende seunskool met 222 leerlinge in 1898. Baie bekende Vrystaters word onder sy leerlinge getel en as hoof van dié modelskool het Brill ’n groot aandeel gehad in die bevordering van die kulturele en beskawingspeil in Bloemfontein. Dit is aan Brill se vêrsiendheid te danke dat uit Grey-kollege ’n universiteitskollege ontwikkel het wat tot die huidige Universiteit van die Vrystaat sou uitgroei. Behalwe sy werk op onderwysgebied het Brill ook talle toesprake en lesings oor ’n wye verskeidenheid onderwerpe gehou, waarvan sy lesing in Mei 1875 oor “De landstaal” waarskynlik die bekendste is. Tydens bogenoemde lesing het hy betoog dat Afrikaans en nie Nederlands nie, die werklike landstaal van die OVS is. Hy was verder een van die stigterslede en eerste sekretaris van die Afrikanerbond-tak wat in 1881 in die Vrystaat tot stand gekom het en op sy inisiatief is die Vrystaatse Onderwysersvereniging in 1894 gestig. Brill was een van die mees gerespekteerde Nederlanders in die Vrystaat[182] en Brillstraat in die woonbuurt Westdene is na hom vernoem. ’n Ander Nederlandse onderwyser waarvan melding gemaak kan word, is Adriaan Francken, wat volgens die goewermentsekretaris se amptelike dokumente in 1891 as hoofonderwyser in talle vakke by Grey-kollege aangestel is.[183]

Ook op argitektoniese gebied het Nederlanders ’n groot rol in Bloemfontein gespeel. Omdat daar teen die einde van die 19de eeu in die OVS ’n groot behoefte aan opgeleide argitekte was, is die begaafde J.E. Vixseboxse (1863-1943), ’n argitek en bouaannemer uit Almelo, Nederland, op 10 September 1890 as staatsargitek in die Vrystaat aangestel.[184] Vixseboxse het ’n hele aantal geboue in Bloemfontein ontwerp, onder meer die nuwe skoolgebou van die Damesinstituut Eunice (die Upper House) in 1890, die stasiegebou (1891), die Bloemfontein-klub (ook 1891), die Volkshospitaal (1892) en die Greenhill-kloosterskool (1892). Vixseboxse het tussen 1890 en 1893 toesig gehou oor die bouwerk van die Vierde Raadsaal, wat deur die argitek Lennox Canning ontwerp is.[185] Saam met D.E. Wentink (1867-1940) het Vixseboxse die poskantoorgebou op Hoffmanplein (1892) ontwerp. In April 1893 het Vixseboxse as staatsargitek bedank en na Kaapstad verhuis.[186]

---

[182] *Nederland – Zuid-Afrika*, p. 87; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, pp. 122-124.
[183] VAB, GS191: J. Brill – goewermentsekr., 28.4.1891.
[184] VAB, A507/6: Enkele gegevens over J.E. Vixseboxse, p. 1; *De Express*, 13.9.1890, p. 4. Vergelyk ook *Gouvernements Courant*, 19.9.1890.
[185] Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 101-102; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5, p. 900.
[186] *The Friend*, 17.3.1893, p. 3 en 7.4.1893, p. 2.

D.E. Wentink, nog ’n Nederlander, het ook ’n groot invloed op die Vrystaatse boukuns uitgeoefen. Tog is daar minder oor sy lewe bekend. Hy is blykbaar in Junie 1891 by die Departement Openbare Werke as tekenaar en later as boukundige assistent aangestel.[187] Hoewel hy nooit tot staatsargitek bevorder is nie, het hy na Vixseboxse se vertrek uit die Vrystaat in 1893 dieselfde werk as Vixseboxse gedoen en kan aangeneem word dat alle openbare geboue wat tussen 1893 en 1899 in die Vrystaat opgerig is, die werk van Wentink is. Van die bekendste geboue in Bloemfontein wat deur Wentink ontwerp is, is onder meer die gevangenis[188] (1893) langs die Dewetsdorppad in Batho, asook die Spoorwegburo (1899). Dan het hy ook in sy private hoedanigheid huise vir Bloemfontein se inwoners ontwerp.[189]

In 1889 is die Nederlander Eduard Thiange (1853-?) as staatsingenieur aangestel om die konstruksie van die Vrystaat se eerste spoorlyn tussen Norvalspont in die Kaapkolonie en Bloemfontein te behartig. Thiange is in 1890 tot inspekteur-generaal van die Vrystaatse Departement Openbare Werke benoem.[190] In Bloemfontein was dié departement tussen 1890 en 1899 vir die oprigting van onder meer die Vierde Raadsaal, die vergroting van die Goewermentsgebou aan die westelike eindpunt van Maitlandstraat, die poskantoor, die nuwe Grey-kollege, die Volkshospitaal, die melaatse-inrigting en die gevangenis verantwoordelik. Omdat die Vrystaatse Volksraadslede nie tevrede was met Thiange se bestuur van die departement nie, het hy in 1895 verplig gevoel om te bedank.[191]

Ander bekende Nederlanders in die Vrystaatse staatsdiens in Bloemfontein was onder meer H.D. Papenfus, P.E. Kampfraath,[192] J.J. Langelaan (oorlede in 1890) W.M. van Gorkum (posmeester van Bloemfontein en later landdrosklerk),[193] D.N.R. van Hoytema,[194] J.F. van Iddekinge en sy seun, J. van Iddekinge (jr.),[195] asook ene Van Blommestein wat die adjunk-balju was.[196]

In die Vrystaat, net soos destyds in die ZAR, was Nederlanders nooit baie gewild nie.[197] Interessant genoeg het ’n Nederlandse professor, C.B. Spruijt, in Januarie 1892 by ’n

---

187 *The Friend*, 8.11.1892, p. 3; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 102-103.
188 Staan vandag as die Ramkraal-tronk bekend, maar is in 1994 ontruim toe die nuwe Grootvlei-gevangenis in gebruik geneem is.
189 “Wentink, Dirk Egbert”, <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes.php?archid=1867>, geraadpleeg 13.2.2011; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 102-103.
190 “Thiange, Eduard”, <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/arch_det.php?archid=1698&bldgorder=%60tblbldg%60.%60name%60&orderby=&initial=&source=1>, geraadpleeg 13.2.2011; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 93-94.
191 Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 94-97.
192 VAB, GS192: H.D. Papenfus – goewermentsekr., 27.7.1891; *The Friend*, 14.4.1891, p. 3.
193 *The Friend*, 7.10.1890, p. 3, 1.5.1891, p. 3 en 9.6.1891, p. 3.
194 VAB, GS188: D.N.R. van Hoytema – pres. Reitz, 23.7.1890; *The Friend*, 4.5.1889, p. 3.
195 *The Friend*, 11.9.1889, p. 3; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5, p. 864-865.
196 *Daily Express*, 14.11.1890, p. 2.
197 *The Friend*, 23.10.1891, p. 2; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 94.

byeenkoms van die studente-afdeling van die Nederlands–Zuid-Afrikaansche Vereeniging in Delft, Nederland, 'n lesing oor Suid-Afrika en Nederland se betrokkenheid by Suid-Afrika gehou. Tydens die lesing het hy bevestig dat Nederlanders nie baie gewild was in Suid-Afrika nie: "De Nederlanders moet breken met de verkeerde gewoonte om jonge mannen, die hier absoluut niet willen deugen, op een schip te zetten en met heel weinig geld naar Indië of de Kaap te zenden. De gewoonten heeft ten gevolge gehad dat 'Hollander' in Zuid-Afrika een zoort scheldnaam is geworden."[198]

Daar is in *The Friend* genoem dat jong Nederlanders na die Vrystaat immigreer en dan by die regering aansoek doen om sonder vergoeding in verskeie afdelings van die staatsdiens te werk om ondervinding op te doen. Omdat hulle uiteraard voorkeur geniet het wanneer daar vakatures sou ontstaan, het baie Nederlanders poste in die Vrystaatse staatsdiens bekom, wat die Vrystaatse burgers gegrief het omdat hulle van mening was dat jong Vrystaters voorkeur moes kry in die vul van staatsdiensposte.[199] Ten spyte van probleme met sommige Nederlandse staatsamptenare, was daar wel bekwame Nederlanders wat hul werk goed gedoen het.[200] As staatshoof het pres. Reitz ook van tyd tot tyd probleme met Nederlandse amptenare ondervind, maar oor die algemeen het hy goed met die Nederlandse inwoners en amptenare oor die weg gekom en besef dat hy die steun en kundigheid van die Nederlanders in die staatsdiens nodig het, ook in die stryd om die bevordering van die Nederlandse en Afrikaanse taal. Hy het veral groot respek vir die standpunte en bekwaamheid van die Nederlandse onderwysman en rektor van Grey-kollege, dr. J. Brill, gehad, omdat Brill hom ook vir Afrikaans beywer het.[201]

Die Nederlanders van Bloemfontein was ywerige tuiniers en landdros C. van Dijk van Soelen was baie bekend vir sy groot tuin aan die noordekant van Douglasstraat met heelwat vrugtebome en druiwestokke.[202] Wat beroepe betref het hulle grotendeels in die Vrystaatse staatsdiens gewerk, maar daar was ook 'n paar predikante, regsgeleerdes, onderwysers, argitekte en boumeesters.

Volgens *The Friend* was die Nederlanders in Suid-Afrika beide aristokraties en outokraties; twee karaktertrekke wat hulle gou ongewild gemaak het. *The Friend* beweer dat die Nederlandse immigrante in Afrika op die Afrikaners neergesien het. Die Nederlanders was bewus van die feit dat hulle, as Europeërs, 'n beter opleiding en opvoeding as die gewone Boer ontvang het en daarom het hulle hul as verhewe bo die Afrikaners beskou. Die Nederlandse immigrante het gewoonlik probeer om hul standpunte op Suid-Afrikaners af te dwing. Wanneer

---

198 *The Friend*, 12.1.1892, p. 2.
199 *Ibid*., 14.5.1889, p. 3; *De Burger*, 8.9.1894, p. 2.
200 *De Express*, 22.4.1890, p. 3.
201 Moll, pp. 95, 183, 186, 189, 190.
202 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 23.

die Nederlanders besef het dat die Afrikaners hulle eie, vaste oortuigings en idees gehad het, het hulle die Afrikaners dom en onbeskaafd genoem. Dit het die Nederlanders natuurlik baie ongewild gemaak. Verder het die Nederlandse immigrante in die Vrystaat nie baie ondernemingsgees getoon nie en het hulle nie juis veel tot die handel en nywerheid bygedra nie.[203]

Benewens die vyf groot blanke groepe wat hierbo bespreek is, was daar in die 1890's in Bloemfontein ook enkele persone van ander kultuurgroepe, soos Grieke, Franse, Portugese, Belge en Amerikaners.

3.1.6 Kleiner blanke kultuurgroepe

Grieke het weens verskeie redes (soos werkloosheid en armoede, oorloë en hongersnood) in die 19de en 20ste eeu na Suid-Afrika geïmmigreer. Nuus oor die ontdekking van goud en diamante in Suid-Afrika in die 19de eeu het die verbeelding van baie uitlanders aangegryp. Die Griekse immigrante het na Suid-Afrika gekom met die hoop om 'n beter lewe vir hulle en hulle gesinne te skep. Aanvanklik het die Grieke hulle in Kaapstad gevestig, maar later ook noordwaarts na die Boererepublieke versprei. Enkele Grieke het hulle tussen 1885 en 1900 ook as winkel- of kafee-eienaars in Bloemfontein gevestig.[204]

Die eerste Griekse immigrante wat tussen 1880 en 1890 via Kaapstad na Bloemfontein gekom het, was die drie Trupos-broers: Haralampos, Polyhronis en Xenofon. Hulle was afkomstig van Mpampaku, 'n dorpie naby Sparta in Peloponnesus. Nog 'n Griek, Manolis Kolovos, het in 1896 van die dorpie Vurla, naby Izmir in Klein-Asië na Kaapstad gekom en is daarvandaan na Bloemfontein. Na 1900 het nog etlike Grieke hulle in Bloemfontein gevestig. Die Grieke het meestal besighede in die Vrystaatse hoofstad geopen, gewoonlik in die vorm van klein winkels waar vrugte, groente en kruideniersware verkoop is, terwyl klante soms ook koffie of tee daar kon drink. Dikwels het hulle vroue en kinders ook in die familebesighede gewerk.[205]

Inwoners van **Franse** afkoms het veral in die Vrystaatse staatsdiens gewerk. Een van die bekendste Franse amptenare in Bloemfontein was I. Bisseux, die ouditeur-generaal wat in 1893 reeds sy 30ste diensjaar in die staatsdiens gevier het.[206] Ander Franse amptenare was J.F.

---

[203] *The Friend*, 23.10.1891, p. 2.
[204] G. Katoleon en A. Wessels, "Bloemfontein's Greek Community: historical background, emigration and settlement, ca. 1885 – ca. 1985", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 23(2), November 2009, pp. 19-25, 30, 32.
[205] Katoleon en Wessels, pp. 32- 35.
[206] *The Friend*, 23.1.1889, p. 1 en 17.1.1893, p. 2.

le Clus, wat in verskeie staatsdepartemente werksaam was[207] en E. Bourdillon, goewermentslandmeter, wat later as regeringswaardeerder vir die dorp en distrik van Bloemfontein aangestel is.[208] H. Cordeaux was ’n Franse argitek en landmeter wat in 1890 in Bloemfontein werksaam was.[209]

Klaarblyklik was daar enkele **Amerikaners** wat in die 1890’s in Bloemfontein gewoon het,[210] want in 1895 berig *De Burger* dat die VSA se vlag op 4 Julie by die Amerikaanse konsulaat en ’n paar Amerikaanse burgers se wonings gewapper het.[211] E.R. Landgraf was die Amerikaanse konsul in Bloemfontein.[212]

Bloemfontein het ook ’n paar **Portugese** inwoners gehad. Die enigste verwysing wat opgespoor kon word, is na Antonio Pereira, wat in Portugal gebore is en in Oktober 1889 in Bloemfontein oorlede is. Pereira was blykbaar die eerste persoon wat ’n groentewinkel in Bloemfontein geopen het.[213]

Daar was waarskynlik ook nog enkele buitelanders van ander blanke kultuurgroepe wat in Bloemfontein woonagtig was, maar geen spesifieke verwysings na hulle kon gevind word nie. België het wel ’n konsul in Bloemfontein gehad, maar dit was die Engelssprekende A.W. Beck.[214] Buiten die wit kultuurgroepe van Europese afkoms wat tot dusver bespreek is, was daar uiteraard in Bloemfontein ook verskeie kultuurgroepe wat as “nie-blank” oftewel “gekleurd” geklassifiseer is.

3.2 Nie-blankes[215]

Die nie-blankes in die OVS het swart mense, bruin mense en ’n klein aantal Indiërs of Asiate ingesluit.[216] Die blankes in die republiek, en selfs die Vrystaatse Volksraad, het verskillende benaminge vir bogenoemde groep mense gebruik wat erg verwarrend kan wees, aangesien dit nie altyd duidelik is watter kultuurgroep bedoel word nie. Dikwels is die algemene term “kleurling”, “coloured” of “native” gebruik vir alle persone wat nie wit was nie, veral in wette wat op dié omvattende groep van toepassing was. Dit verskil dus van die huidige kultuurgroep

---

[207] *Ibid*., 1.5.1894, p. 3 en 15.1.1895, p. 2.
[208] *De Burger*, 21.11.1894, p. 2; *The Friend*, 20.8.1895, p. 3.
[209] *Daily Express*, 10.6.1890, p. 2.
[210] *The Friend*, 14.7.1891, p. 2.
[211] *De Burger*, 6.7.1895, p. 2.
[212] *The Friend*, 9.8.1892, pp. 2-3.
[213] *Ibid*., 30.10.1889, p. 3.
[214] *Ibid*., 19.9.1890, p. 4.
[215] Soos genoem, is daar in die republikeinse tydperk meestal nie onderskei tussen swart en bruin mense nie. Daar is gewoonlik melding gemaak van “coloureds”, “kleurlinge”, “natives” of “blacks” waarby swart en bruin mense en selfs Indiërs ingesluit is. Daarom word die groepnaam “nie-blankes” hier uit noodsaak gebruik omdat sekere wette en beleide op al bogenoemde groepe van toepassing was. Geen negatiewe konnotasie word hieraan geheg nie.
[216] *De Burger*, 16.1.1895, p. 3.

bruin mense wat vandag ’n spesifieke bevolkingsgroep aandui. In feitlik alle wetgewing ten opsigte van mense met ’n gekleurde vel is alle nie-blankes oor dieselfde kam geskeer.[217]

In Bloemfontein se munisipale regulasies van 1889, sowel as wet no. 8 van 1893, artikel 8, is die begrip “kleurling” soos volg deur die Vrystaatse Volksraad omskryf: “De uitdrukking ‘kleurling’ of ‘kleurlingen’ in deze wet voorkomende tenzij de lezing of tekst zulks duidelijk verbiedt of verhinderd, moet worden uitgelegd en genomen toepasselijk te zijn op en in te sluiten den man of mannen, zoowel als de vrou of vrouwen, boven den ouderdom of vermoedelijken ouderdom van 16 jaren, van alle inboorlinge van Zuid-Afrika en ook van alle gekleurde personen en allen die volgens de wet of gewoonte kleurlingen of gekleurde personen genoemd of as zulks behandeld worden, van welk ras of van welke nationaliteit zij ook zijn mogen.”[218]

Deur ordonnansie 5 van 1876 is nie-blanke grondbesit in die Vrystaat vir die eerste keer in ’n wet omskryf en is beperkinge op sodanige grondbesit geplaas om te verhoed dat hulle vir die blanke ’n bedreiging word. Hierdie ordonnansie het kortliks daarop neergekom dat bruin mense grond en vaste eiendomme kon koop en verkoop, onderhewig aan sekere voorwaardes. Swart mense wat voor 1876 vaste eiendom besit het, kon dit behou en hulle kinders sou die reg hê om die eiendomme van hulle ouers te erf en op hul name te registreer. Die besitreg van swart mense wat wel grond besit het, is dus gerespekteer. Die ordonnansie het verder bepaal dat swart mense wat nie voor 1876 in besit van vaste eiendom was nie, nie die reg sou hê om eiendom te koop, in hulle naam te laat registreer of selfs te huur nie.[219] Daar was egter nie ’n groot aanvraag van swart mense om grond of geboue te koop of te huur nie.[220]

Nie-blankes van die OVS is as onderdane van die republiek beskou en was dus aan die staat se wette onderhewig, maar hulle het geen burgerregte gehad nie.[221] Hulle kon nie burgerskap van die Vrystaat of stemreg verkry nie. In die oë van die wit republikeine was die blankes beslis die meerdere van die nie-blankes. Daarom het die blankes vir die nie-blankes verantwoordelik gevoel en hulle dikwels soos kinders behandel. Baie van die wette is gemaak om die blanke te bevoordeel en wedywering met nie-blankes uit te skakel.[222] Verder het wit

---

[217] J.E. Mathewson, *Policies and practices of native participation in municipal government in Southern Africa*; p. 238; H.J. van Aswegen, “Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 34(1), 1971, pp. 4-5.

[218] Regulasies voor de stad Bloemfontein, *Gouvernements Courant van den OVS*, 13.9.1889.

[219] *OVS Volksraadsnotule*, 16.5.1876; *The Friend*, 22.7.1892, p. 3.

[220] Van Aswegen, p. 188.

[221] H.R.F. Bourne, *Blacks and whites in South Africa: an account of the past treatment and present condition of South African natives under British and Boer control*, p. 61.

[222] *The Friend*, 17.1.1884, p. 2; H.J. van Aswegen, “Die posisie van die nie-blankes in die Oranje-Vrystaat”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 5, November 1973, pp. 41-43.

mense op die swart mense neergesien en daar is geglo dat hulle vuil en ’n bron van aansteeklike siektes was.[223]

Die redakteur van die republikeinsgesinde *De Express* het in 1893 die posisie van die Vrystaatse nie-blankes baie raak beskryf: “De positie van blanken en zwarten in het algemeen is en blijft eens voor altoos die van bazen tegenover dienstknechten. ... De hoogste belangen van de kleurlingen worden bevorderd wanneer zij in ons goede heeren vinden en hunne eer er in te stellen om goede diensboden uit te maken ...”.[224] Hieruit blyk dit duidelik dat nie-blankes in die Vrystaat in die 1890’s in die eerste plek arbeiders was, en onderdanig aan die blankes op politieke, sosiale en ekonomiese gebied. Die nie-blankes in die republikeinse tyd was nog baie ongesofistikeerd ten opsigte van die Westerse kultuur en politiek en het klaarblyklik blanke oorheersing en hulle eie onderhorige posisie sonder protes aanvaar.[225] Tog het daar onder die meer geleerde nie-blankes stemme opgegaan teen hulle behandeling in die Vrystaat, soos blyk uit hulle briewe wat nou en dan in die koerante verskyn het. Van die briefskrywers het veral beswaar aangeteken teen die regulasie dat hulle passe moes dra, veral in die dorpe waar hulle gewoon het.[226]

Baie van die regulasies en wette in die republikeinse tyd van die Vrystaat is gemaak met die doel om die nie-blankes te verplig om te werk en sodoende arbeiders aan die blankes te voorsien, asook om leeglêery en misdaad deur nie-blankes te voorkom. Een van die metodes wat hiervoor aangewend is, was die heffing van belasting op nie-blankes wat nie gewerk het nie. In 1865 en weer sedert 1871 is ’n hutbelasting van 10/- per hut per jaar gehef, terwyl nie-blankes wat by blankes in diens was, daarvan vrygestel is. Dit het ook gegeld vir nie-blankes wat in dorpslokasies gewoon het. So ’n hut kon ’n hele aantal mense huisves.[227]

In 1878 is besluit dat alle manlike nie-blankes in die Vrystaat tussen 18 en 70 jaar oud ’n hoof- of kopbelasting van 10/- per jaar moes betaal. Dit het nie die hutbelasting vervang nie en nie-blankes wat nie in diens van ’n blanke was nie, moes dus hoof- en hut-belasting betaal.[228] Omdat te veel nie-blankes nog nie ’n vaste werk gehad het nie en om leeglêery en rondlopery deur nie-blankes te beperk, is hoofbelasting deur Ordonnansie no. 19 van 1890 soos volg gewysig: nie-blankes wat vir 12 maande of langer by blankes in diens was, sou geen

---

[223] VAB, A507/12: Brief van “a mother” – redakteur, *Daily News*, in plakboek van G. Edmond, gewese stadsklerk van Bloemfontein, 1881-1886; Bryce, pp. 352-353. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 84-85.

[224] *De Express*, 10.2.1893, p. 2.

[225] I. Schapera (red.), *The Bantu-speaking tribes of South Africa*, p. 347; Van Aswegen, “Die posisie van die nie-blankes in die Oranje-Vrystaat”, pp. 49-60.

[226] *The Friend*, 19.6.1889, p. 3.

[227] Van Aswegen, “Die verhouding tussen blank en nie-blank”, pp. 257-258, 309; Ordonnansie 2 van 1871 in *Ordonnantie-Boek van den OVS 1854-1884*, p. 220.

[228] Ordonnansie 15 van 1878 in *Ordonnantie-Boek van den OVS 1854-1884*, p. 438; Van Aswegen, “Die verhouding tussen blank en nie-blank”, p. 270.

hoofbelasting betaal nie, nie-blankes wat vir minder as 12 maande werksaam was, moes ’n hoofbelasting van 10/- per jaar betaal en nie-blankes wat glad nie gewerk het nie, moes £1 betaal.[229]

Daar is in briewe aan *The Friend* kritiek teenoor die beginsel van belastingbetaling deur nie-blankes uitgespreek omdat hulle geen staatsonderwys in ruil vir hul belasting ontvang het nie. Dit was waar, want die onderwys van nie-blankes is deur die verskillende kerkgenootskappe behartig.[230] Baie van die blankes in die Vrystaat was van mening dat nie-blankes nie te veel onderwys en godsdiensonderrig moes ontvang nie, aangesien dit glo luiheid, ongehoorsaamheid en parmantigheid by die nie-blankes bevorder het. Die blanke werkgewers se standpunt was dat hulle diensure, waarvoor hulle betaal het, verloor het terwyl nie-blankes skool of kerk toe gaan.[231]

Die nie-blankes se vryheid van beweging is vroeg reeds aan bande gelê en in 1860 is bepaal dat hulle in besit van ’n geldige, geseëlde pas moes wees wanneer hulle in of deur die Vrystaat reis, anders kon hulle in hegtenis geneem word. Passe kon deur werkgewers, opperhoofde, sendelinge, veldkornette of magistrate uitgereik word. Bogenoemde regulasies is geformuleer ter voorkoming van misdaad, landlopery en die gepaardgaande veediefstal wat dikwels in die Vrystaat voorgekom het. Ook in dorpsgebiede is daar beperkinge op die beweging van nie-blankes gelê en was streng regulasies van krag.[232] Protes wat stedelike nie-blanke leiers oor die streng paswette by die munisipale owerhede aangeteken het, het op dowe ore geval.[233] Sedert 1895 is geen treinkaartjie aan nie-blankes uitgereik indien hulle nie oor ’n geldige pas beskik het nie.[234] Daar was dus in die republikeinse tydperk redelik doeltreffende beheer oor die beweging van nie-blankes binne die Vrystaat.

Sedert 1872 is alle manlike nie-blankes in die Vrystaatse hoofstad verder verplig om ’n gedrukte kaart of pas van hulle werkgewers by hulle te dra as bewys dat hulle ’n vaste werk het. Die gedrukte passe kon teen ses pennies by die stadsklerk verkry word.[235] Om leeglêery te bekamp, is nie-blankes wat sonder ’n pas of verlofbriefie binne die munisipale gebied van

---

229 *OVS Volksraadsnotule*, 17.6.1890 en 19.6.1890.
230 *The Friend*, 22.5.1889, p. 5.
231 *Ibid*., 14.8.1889, p. 2 en 10.3.1893, p. 3; *Daily Express*, 7.8.1890, p. 3.
232 *The Friend*, 10.4.1894, p. 3; Van Aswegen, “Die posisie van die nie-blankes in die Oranje-Vrystaat”, pp. 41-46.
233 J.C. Wells, “The war of degradation: black women’s struggle against Orange Free State pass laws, 1913” in D. Crummey (red.), *Banditry, rebellion and social protest in Africa*, p. 254.
234 VAB, A2 4/2/1: OVS Wetten 1895, Wet no. 4 – 1895.
235 *The Friend*, 1.8.1872, p. 2; J.F. Venter, *Die ontwikkeling van die stelsel van bewegingsbeheer ten opsigte van nie-blankes in Suid-Afrika 1652-1910* 2, p. 414.

Bloemfontein gevind is, as plakkers aangehou en gestraf.[236] Teen 1894 kon gedrukte passe op kaartjies in pakke van 25 elk teen nege pennies by Barlow & Kie in Bloemfontein aangekoop word.[237]

Met die vinnige ontwikkeling van Bloemfontein as nedersetting, het mense van kleur ook hier kom werk soek en reeds in die tyd van die Soewereiniteit is daar van "Bechuanas, Fingoes, Hottentots and Emancipated Slaves"[238] melding gemaak. Van vroeg af is daar beperkinge op die nie-blankes van Bloemfontein geplaas. Aanvanklik het nie-blankes verspreid tussen die blankes se huise en ook aan die rand van die dorp in hutte gewoon.[239] Na die totstandkoming van die munisipaliteit van Bloemfontein in 1859 is daar geleidelik meer aandag aan nie-blankes bestee en is hulle sedert 1861 verplig om op etniese grondslag in drie lokasies te woon.

Ooreenkomstig regulasies vir nie-blankes wat in 1864 uitgevaardig is, is hulle slegs toegelaat om op plekke wat deur die munisipale kommissarisse bepaal is, te woon.[240] Vanaf 1872 was daar net twee lokasies of woonbuurte waarin nie-blankes kon woon, naamlik Waaihoek en Kafferfontein. Waaihoek het mettertyd die belangrikste lokasie geword, maar in 1895 het daar steeds tussen 700 en 800 mense in Kafferfontein gewoon.[241] Soms het nie-blanke werkers en bediendes ook op hulle werkgewer se perseel gewoon en selfs by sommige steenmakerye hutte gebou, maar dit is later deur Bloemfontein se dorpsregulasies verbied.[242]

In Augustus 1892 was daar in die stadsraadsvergadering klagtes dat verskeie nie-blanke families op erwe in die dorpsgebied gewoon het – op een erf het daar selfs sewe nie-blanke families gewoon. Hoewel bediendes volgens regulasies toegelaat is om op hulle werkgewer se erf te woon, is hulle families nie daar toegelaat nie. Die eienaars van die betrokke erwe is dus gelas om die nie-blanke families van hul erwe te verwyder.[243] Nie-blankes wat naby Bloemfontein aan die spoorlyn gewerk het, het ook in groepe in hutte gewoon, maar omdat dié grond vir spoorwegdoeleindes onteien is, het die stadsraad van Bloemfontein nie jurisdiksie daaroor gehad nie.[244] Nie-blankes wat in Bloemfontein wou woon, moes bewys kon lewer dat

---

[236] *Regulasies voor de stad Bloemfontein,* 1881, pp. 37-38; VAB, MBL7/1: Stadsraad kennisgeving no. 16 van 1885.
[237] *De Burger*, 4.7.1894, p. 1.
[238] Soos aangehaal deur Schoeman, *Bloemfontein*, p. 10.
[239] Volgens vroeë skilderye, veral dié van Thomas Baines, en beskrywings was dit meestal matjieshutte, 'n ronde, tydelike struktuur gemaak van 'n raamwerk van riete en met dierevelle en gras bedek. T.J. Lucas, *Camp life and sport in South Africa*, pp. 213-214.
[240] Schoeman, Bloemfontein, p. 35.
[241] Sekete, p. 3; *The Friend*, 9.8.1895, p. 2
[242] *The Friend*, 22.4.1892, p. 3, 6.1892, p. 3 en 7.10.1892, p. 3.
[243] *Ibid*., 5.8.1892, p. 3.
[244] *Ibid*., 13.2.1891, p. 3, 22.4.1892, p. 3 en 3.6.1892, p. 3.

hulle vir ten minste drie maande by ’n blanke inwoner werksaam was.[245] Nie-blankes en hul lokasies was onderworpe aan gesondheidsondersoeke soos en wanneer deur die stadsraad nodig geag, byvoorbeeld toe die nie-blankes in die 1890’s ook teen pokke ingeënt is.[246]

In 1880 was daar net 879 nie-blankes binne die dorpsgebied van Bloemfontein woonagtig.[247] Luidens die burgemeestersverslag het daar in 1889 ’n totaal van 1 183 nie-blankes in 264 hutte en huise in Bloemfontein se twee dorpslokasies gewoon – in Waaihoek 894, in Nuwe Kafferfontein 158 en in Ou Kafferfontein 131.[248] In 1890 het die getal nie-blankes in die Vrystaatse hoofstad tot 1 302 aangegroei[249] – 818 manlik en 484 vroulik.[250] Dit het dus swart mense, bruin mense en enkele Indiërs ingesluit. In 1890 was daar nog heelwat minder nie-blankes as blankes in Bloemfontein. In 1892 het die burgemeester van Bloemfontein, dr. B.O. Kellner, weer ’n sensus van die Vrystaatse hoofstad laat doen. Volgens dié sensus was daar in 1892 ’n totaal van 2 702 nie-blankes[251] in Bloemfontein, waarvan 674 in die dorp self gewoon het, 1 131 in Waaihoek, 523 in Kafferfontein en 374 in die Spoorwegkamp.[252] Hiervan was 1 459 manlik en 1 243 vroulik. Interessant genoeg was daar net 602 vroulike volwassenes teenoor 975 volwasse mans, terwyl daar 641 nie-blanke meisies en 484 nie-blanke seuns was.[253]

Volgens regulasies was die stadsraad verplig om ’n register te hou van alle nie-blankes wat binne die munisipale dorpsgebied gewoon het. In 1889 is Bloemfontein se munisipale regulasies hersien en die verpligting dat nie-blankes van albei geslagte wat binne die munisipale gebied woon ’n werk moes hê en passe moes dra wat dit bevestig, is weer bekragtig.[254] Nadat die pasregulasies ingestel is, is nie-blankes van tyd tot tyd deur die polisie voorgekeer wanneer hulle soggens op pad werk toe was en indien hulle nie ’n pas by hulle gehad het nie, is hulle beboet of tronk toe geneem.[255] Soms is klopjagte op die lokasies van Waaihoek en Kafferfontein uitgevoer en is mense wat nie oor die nodige passe beskik het nie, in hegtenis geneem en beboet. Die nie-blankes was van mening dat die klopjagte op die lokasies uitgevoer

---

245 Regulatien voor de gekleurde bevolking binnen de gronden der Bloemfonteinsche municipaliteit, *Gouvernements Courant van den OVS*, 7.5.1861.
246 *Regulasies voor de stad Bloemfontein*, 1881, p. 35; *The Friend*, 9.8.1895, p. 2.
247 *The Friend*, 14.4.1891, p. 3.
248 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute. Year ending 31 August 1889*, pp. 6-7.
249 Hierdie syfers sluit net die aantal nie-blankes in die dorpsgebied van Bloemfontein in en nie dié in die distrik Bloemfontein nie.
250 VAB, *Census*, 1890, skedule A.
251 Bogenoemde syfers het volwassenes sowel as kinders ingesluit.
252 Stadsraad, Bloemfontein, *Verslag van den burgemeester, 1 Sept. 1891 - Aug.1892*, p. 7.
253 VAB, MBL3/1/3: Bloemfontein Corporation, *Mayor’s minute, 1 Sept. - Aug. 1892*, p. 7.
254 *Daily News*, 13.2.1890, p. 3; The *Friend*, 19.2.1890, p. 5 en 19.8.1892, p. 3.
255 *The Friend*, 9.7.1890, p. 3 en 21.4.1893, p. 3.

is telkens wanneer die owerhede geld nodig gehad het om ’n nuwe gebou op te rig.[256] Tydens hierdie klopjagte is daar terselfdertyd sommer op vuurwapens en gewere in besit van nie-blankes beslag gelê.[257] Daar was kritiek oor die wyse waarop die pasregulasies afgedwing is, aangesien nie-blankes sonder passe dikwels uiters swak deur nie-blanke polisiemanne behandel is.[258]

Bogenoemde regulasies het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Soos Bloemfontein verder ontwikkel en uitgebrei het, het die vraag na nie-blanke diensbodes, arbeiders en huisbediendes al groter geword. Geleidelik het meer en meer nie-blankes hulle in die Vrystaatse hoofstad gevestig, wat weer tot gevolg gehad het dat Bloemfontein se lokasies oorstroom is, ook deur rondlopers en leeglêers wat nie bereid was om te werk nie. Volgens *De Express* het dit weer maatskaplike probleme soos luiheid, onhigiëniese toestande en siektes, dronkenskap en onsedelikheid in die hand gewerk.[259] Luidens die tydgenootlike koerante het dronkenskap, oproerigheid, aanrandings en gevegte dikwels onder die nie-blankes in die lokasies en selfs in Bloemfontein se strate voorgekom.[260] Ofskoon daar ’n streng drankwet in die Vrystaat was wat die verkoop van sterk drank aan nie-blankes sonder ’n brief van hul werkgewers verbied het, het hulle wel op onwettige maniere drank in die hande gekry. Sommige blankes het hulle nie aan dié wet gesteur nie en klaarblyklik uit ongeoorloofde drankhandel met nie-blankes geld gemaak.[261]

Die munisipale regulasies van Bloemfontein in 1881 het bepaal dat elke nie-blanke wat ’n hut of woning in ’n lokasie besit en dit bewoon, ’n maandelikse bedrag van 1/6- aan die Stadsraad moes betaal. ’n Nie-blanke wat iemand anders se huis gehuur het, moes ’n maandelikse bedrag van 1/- betaal. Vir elke addisionele hut of huis moes ook 1/- betaal word. Alle nie-blankes wat hutbelasting betaal het, was geregtig daarop om drie stuks horingvee of dieselfde getal perde, muile of donkies op die dorpsgrond of meent te laat wei. Hierdie bepalings is in die hersiene munisipale regulasies vir Bloemfontein in 1889 bevestig.[262] In 1892 is die munisipale regulasies effens gewysig en moes daar by diensbeëindiging ook ’n “verlof

---

256 *Ibid*., 9.7.1890, p. 3, 3.2.1892, p. 2 en 21.4.1893, p. 2; *Daily Express*, 1.8.1890, p. 3.
257 VAB, A507/12: “A raid upon the Pass-less” in plakboek van G. Edmond, gewese stadsklerk van Bloemfontein, 1881-1886; *The Friend*, 9.7.1890, p. 3.
258 VAB, A507/12: Kommentaar van *The Friend* op ’n burgemeestersverslag in plakboek van G. Edmond, gewese stadsklerk van Bloemfontein, 1881-1886.
259 *De Express*, 14.1.1890, p. 2; *The Friend*, 18.4.1893, p. 2.
260 *Daily News*, 16.1.1890, p. 4; *Daily Express*, 25.7.1890, p. 2; *The Friend*, 28.4.1891, p. 3.
261 *The Friend*, 18.3.1892, p. 2 en 16.12.1892, p. 3.
262 *Regulasies voor de stad Bloemfontein*, 1881, pp. 36-37; Regulasies voor de stad Bloemfontein, *Gouvernements Courant van den OVS*, 13.9.1889.

briefje" of pas aan die betrokke nie-blanke uitgereik word. Verder het die passe ook verskillende kleure gehad wat 'n aanduiding was in watter lokasie nie-blankes gewoon het.[263]

Omdat al hoe meer probleme met nie-blankes binne dorpsgebiede ondervind is, is wet 8 van 1893 deur die Vrystaatse Volksraad gepromulgeer om nie-blankes in lokasies en binne die jurisdiksie van munisipale besture te hanteer. Artikel 3 van die wet het bepaal dat alle nie-blankes wat in munisipale lokasies wou bly, óf in diens van 'n blanke werkgewer moes wees, óf indien hulle vir hulleself werk, teen 'n bedrag van 5/- per maand 'n sertifikaat van die munisipaliteit moes verkry wat die aard van hulle werk aandui. Alle nie-blankes woonagtig in die lokasies moes ook die gewone pas of verlofbrief van hul werkgewer by hulle dra en is slegs toegelaat om in lokasies te woon, mits hulle êrens in diens was. Volgens artikel 4 sou alle nie-blankes ouer as 16 jaar wat langer as twee dae sonder 'n verblyfpermit in 'n lokasie vertoef, as landlopers beskou word en 'n boete van £2 of twee weke gevangenisstraf opgelê word. Hierdie wet is ook in Bloemfontein toegepas en het vir mans sowel as vroue gegeld.[264] Reeds in die 1870's is 'n aandklokreël vir Bloemfontein ingestel waarvolgens nie-blankes, nadat die aandklok om 20:00 gelui het, nie in die dorpstrate toegelaat is nie. 'n Paar jaar later is die kloktyd verleng na 21:00. In 1894 het die stadsraad verder bepaal dat nie-blankes wat in die lokasie woon, nie later as 22:00 saans buite die lokasie mag wees nie. Hierdie regulasie is ingestel om misdaad in die blanke deel van die dorp snags te voorkom.[265]

Die nie-blankes wat in die dorpsgebied en lokasies van Bloemfontein gewoon het, is dus deur verskeie regulasies en die betaling van belasting feitlik verplig om te werk en nie ledig rond te lê nie. Hoewel sommige nie-blankes as onafhanklike ambagsmanne 'n bestaan gemaak het, was die meeste in diens van blanke inwoners – in huise as bediendes, kokke, skoonmakers en tuiniers, of in besighede, bedrywe en nywerhede as arbeiders; dikwels teen 'n karige loon.[266] Nie-blankes is ook in diens geneem om stene te maak, bouwerk te doen of vir die Spoorweë[267] te werk. Die spoorlyn vanaf Norvalspont wat Bloemfontein in Desember 1890 bereik het en daarna na Johannesburg verleng is, is grotendeels deur nie-blankes (meestal swart mense) gebou.[268] In 1891 was daar 2 000 mense wat aan die spoorverlenging tussen Bloemfontein en die ZAR gewerk het, waarvan twee derdes nie-blankes was. Indien nie-blankes by die

---

263 Venter, p. 418.
264 Wet no. 8 van 1893: "Over kleurlingen in dorpen en steden", *Gouvernements Courant*, 30.6.1893.
265 *The Friend*, 7.11.1894, p. 2 en 16.11.1894, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 70, 131.
266 *The Friend*, 7.8.1890, p. 3 en 19.8.1892, p. 3; H.J. van Aswegen, "Die verstedeliking van die nie-blanke in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 2, November 1970, pp. 33-34.
267 Die koms van die spoorlyn en treine word meer volledig in hoofstuk 4 bespreek.
268 *The Friend*, 20.11.1889, p. 2, 10.10.1890, p. 3 en 22.4.1892, p. 3; *Daily News*, 16.1.1890, p. 4.

Spoorweë en openbare werke in diens geneem is, het hulle beter lone verdien. Nie-blanke arbeid was altyd in aanvraag en dikwels was daar te min arbeiders vir al die werk.[269]

Die meeste wit Bloemfonteiners het nie-blanke werkers, huisbediendes en kinderoppassers in hul diens gehad en van die meer welgesteldes het selfs kokke in diens geneem.[270] Daar was ook blanke vroue uit die buiteland wat as bediendes en kokke diens gedoen het.[271] Die blankes het dikwels gekla dat hulle nie-blanke werkers en bediendes lui is en nie goeie werkers is nie[272] en sommige van hul werkers was dus nie lank by hulle in diens nie. Tog was daar ook blankes wat tevrede was met hulle nie-blanke werkers. Een van hulle is die Jodin Sophie Leviseur wat haar familie se nie-blanke werkers soos volg beskryf het: "They were excellent, faithful servants, the Coloured ones, Fingoes, Barolongs and Basutos, but the best workers, I used to feel, were the yellow people, Griquas, Korannas and Bastards."[273] Mev. Tibbie Steyn, regter (later pres.) M.T. Steyn se vrou, was ook baie tevrede met 'n nie-blanke vrou, ene Martha, wat sy as kombuishulp in diens geneem het,[274] terwyl mev. Fleck, die moeder van die bekende Maynie Fleck, só tevrede was met haar huishulp dat sy haar na 'n swangerskap met ope arms terug verwelkom het.[275]

Oor die algemeen is nie-blanke werkers in die Vrystaat en ook in Bloemfontein goed deur hulle blanke werkgewers behandel, maar nou en dan het daar tog gevalle van slegte behandeling deur werkgewers voorgekom. Sodanige werkgewers het gewoonlik gesukkel om weer werkers te bekom.[276] Die nie-blankes wat aan die spoorlyn gewerk het, is soms nie goed deur die kontrakteurs behandel nie. Dikwels het nie-blankes hulle werk by die Spoorweë verlaat omdat hul nie deur die kontrakteurs betaal is nie en soms is nie-blanke arbeiders in oop treintrokke, met net 'n seil as beskerming teen die koue winternagte, na hulle werkplek vervoer. Volgens *The Friend* is die spoorwegwerkers erger as beeste behandel, want beeste is gewoonlik in toe trokke vervoer.[277]

Tog het die kontak met die blankes en hulle kundigheid en kennis ook voordele vir die nie-blankes van Bloemfontein ingehou. Geleidelik, hoofsaaklik weens die werk van die verskillende kerkgenootskappe en kerkskole, het die nie-blankes van Bloemfontein

---

269 *De Burger*, 11.7.1894, p. 4; *The Friend*, 10.11.1891, pp. 2-3 en 13.7.1894, p. 3. Vergelyk ook E.H. Brookes, *The history of native policy in South Africa from 1830 to the present day*, p. 414.
270 *Daily Express*, 1.8.1890, p. 3; *The Friend*, 21.4.1893, p. 2.
271 VAB, A156/1/1/18: Briewe van mev. Fraser – Tibbie Steyn, 1.9.1888, 14.12.1888, 16.2.1889 en 23.2.1889.
272 *Daily Express*, 1.8.1890, p. 3; *The Friend*, 11.10.1892, p. 2.
273 Hiermee het sy waarskynlik bruin mense bedoel. Leviseur, *Sophie Leviseur Memories*, p. 37.
274 VAB, A156/1/1/18: Briewe van mev. Fraser – Tibbie Steyn, 1.9.1888, 14.12.1888, 16.2.1889 en 23.2.1889.
275 VAB, A13/2: mev. Fleck – Maynie Fleck, 9.8.1897.
276 *De Express*, 1.11.1890, p. 7; *The Friend*, 17.5.1892, pp. 2-3, 27.3.1894, p. 2 en 24.12.1894, p. 2. Vergelyk ook E.H. Brookes, *White rule in South Africa 1830-1910: varieties in governmental policies affecting Africans*, p. 97.
277 *The Friend*, 28.7.1891, p. 3, 18.8.1891, p. 3 en 31.5.1892, pp. 2-3.

vooruitgegaan en meer bewus geword van hulle regte. Baie van hulle het leer lees en skryf en meer en meer verwesters, sodat die inwoners van Waaihoek in 1892 die stadsraad versoek het om ’n stuk grond aan hulle toe te ken waarop hulle ’n tennisbaan kon aanlê. Die stadsraad het die versoek as voorbarig beskou en dit is nie toegestaan nie.[278]

Verder het die nie-blankes dikwels gratis mediese en voorkomende behandeling van Bloemfontein se geneeshere ontvang, veral tydens ’n epidemie van aansteeklike siektes, soos pokke. Nie-blankes wat siek was tydens so ’n epidemie is in ’n kwarantynhuis of lazaretto opgeneem en in 1895 is Kafferfontein vir ’n paar maande lank in kwarantyn geplaas om die verspreiding van pokke te beperk. Gedurende hierdie tyd is die inwoners van Kafferfontein deur die stadsraad van Bloemfontein van voedsel voorsien en het siekes daagliks gratis mediese behandeling ontvang. Die koste hiervan is gedeeltelik deur die blanke belastingbetalers in Bloemfontein gedra, terwyl die staat 50% van die koste gedek het. Verder het die Bloemfonteinse distriksgeneesheer Waaihoek en Kafferfontein gereeld besoek om vas te stel of daar enige gesondheidsprobleme onder die nie-blankes is en waar nodig mediese behandeling verleen.[279]

Die redakteur van die swart Oos-Kaapse nuusblad, *Imvo Zabantsundu*, J.T. Jabavu, wat Bloemfontein in 1894 besoek het, skryf dat die stadsraad van die Vrystaatse hoofstad ’n voorbeeld stel deur ’n mate van selfbestuur aan die nie-blankes van Bloemfontein toe te ken. Hy beweer dat die swart woonbuurte of lokasies ’n “stadsaal” en ’n “dorpsraad” van hul eie gehad het. Hierdie raad in die lokasies het uit nie-blankes bestaan onder voorsitterskap van die burgemeester van Bloemfontein. Volgens *The Friend* het die nie-blanke bestuur of raad van Waaihoek uit die veldkornet en ses blokmanne bestaan.[280] Waaihoek is blykbaar in blokke of wyke verdeel, met ‘blokmanne’ in beheer van ’n blok of wyk. Hulle was vir die praktiese bestuur en die handhawing van orde in die lokasie verantwoordelik.[281]

Vervolgens word die verskillende nie-blanke kultuurgroepe[282] bespreek. Die eerste kultuurgroep waaraan aandag gegee word, is die bruin mense.

---

[278] *De Burger*, 4.7.1894, p. 3 en 29.9.1894, p. 2; *The Friend*,11.11.1892, p. 2.
[279] *The Friend*, 9.8.1895, p. 2.
[280] *Ibid.*, 1.5.1894, p. 3; 9.8.1895, p. 2.
[281] J. Haasbroek, “The native advisory board of Bloemfontein 1913-1923”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 19(4), Julie 2003, p. 67; C.J.P. le Roux, “Rol van die naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948”, *Contree* 25, 1989, p. 5;
[282] Slegs die getalsrykste nie-blanke groepe in Bloemfontein word bespreek. Daar sou ook enkele Khoi, Zulu’s, Xhosa’s, ens. in Bloemfontein gewoon het. Rangskikking van groepe is in alfabetiese volgorde.

3.2.1 Bruin mense

P.J. Beyleveld is van mening dat baie van die bruin mense[283] in die Vrystaat se voorouers afkomstig is uit ander dele van Suid-Afrika en die afstammelinge is van groepe soos die Kaapse bruin mense, Maleiers, Korannas en Griekwas, maar dat hulle getalle verder versterk is deur persone uit gemengde huwelike tussen bruin mense, swart mense en San of Boesmans.[284] Nie-blanke grondbesit in die Vrystaat is deur ordonnansie 5 van 1876 omskryf. In voorgenoemde ordonnansie is bruin mense gedefinieer as nie-blankes wat uit ’n wettige huwelik van ’n blanke vader en ’n nie-blanke moeder, of ’n nie-blanke vader en ’n blanke moeder voortgespruit het.[285]

Volgens Karel Schoeman het die bruin- of kleurlinggemeenskap in Bloemfontein klaarblyklik kort na die koms van Warden en sy soldate ontstaan uit ’n vermenging van blankes, swart mense, Griekwas en Khoi wat hulle kort na die stigting van die militêre nedersetting in Bloemfontein en omgewing gevestig het.[286] ’n Afdeling van Warden se soldate, die Cape Mounted Riflemen of Cape Corps, het uit bruin[287] en wit troepe bestaan, onder wit offisiere.[288] Daar het ook bruin mense, Khoi en Griekwas saam met die trekboere en Voortrekkers getrek wat hulle op plase in die omgewing van Bloemfontein gevestig het.[289]

Skynbaar was Waaihoek oorspronklik as woonplek vir bruin mense bedoel, maar omdat daar in die vroegste jare van Bloemfontein se bestaan nie ’n duidelike grens tussen die verskillende kultuurgroepe was nie, het bruin mense aanvanklik dikwels tussen die blankes in die dorp self gewoon, terwyl bruin en wit mense soms ook vermeng het. Gertruida Scharpnord was ’n bruin vrou wat as “Ou Grietjie” bekend was, 107 jaar oud geword het en in 1897 oorlede is. Beide haar dogter en kleindogter is blykbaar met blankes getroud en haar nasate is volgens Sophie Leviseur ten volle in die wit gemeenskap van Bloemfontein opgeneem.[290] Arthur Barlow, wat in 1876 gebore is, skryf dat Abraham Fischer se woning in Fonteinstraat tussen die huise van twee bruin gesinne, die Kendalls en die Hennekers, was.[291] Hy noem verder dat dr. Kellner se buurman, oudsoldaat William Patmore, met ’n Khoi-vrou getroud was. Sulke

---

283 Vir meer inligting oor die herkoms van die bruin mense in Suid-Afrika, raadpleeg T.J. de Vos, *Maatskaplike ontwikkeling van die stedelike kleurlingbevolking van Bloemfontein*, p. 7; R.E. van der Ross, “The coloured people’s place in the sun”, *Optima* 11(3), September 1961, pp. 143-144. Vergelyk ook P.J. Coertze, *Die Afrikanervolk en die kleurlinge*, p. 109.

284 P.J. Beylefeld, *’n Sosiologiese ondersoek na die maatskaplike vraagstukke van die kleurling-gemeenskap van die OVS*, p. 21.

285 *Ordonnantie-Boek van den OVS 1854-1877*: Ordonnansie 5 van 1876, pp. 272-273.

286 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 87.

287 Hoofsaaklik Khoikhoi.

288 W.W. Collins, *“Free Statia”; or, reminiscences of a lifetime in the Orange Free State*, p. 21; J.F. Midgley, “The Orange River Sovereignty (1848-1854)” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 12(2), 1949, pp. 125-131.

289 Joshi, p. 31; J.M. Mentor, *Die histories-geografiese politieke ontwikkeling van Heidedal, Bloemfontein*, p. 8.

290 Leviseur, *Memories*, p. 39; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 85-87.

291 A.G. Barlow, *Almost in confidence*, p. 12.

gemengde huwelike het nie dikwels voorgekom nie, maar is klaarblyklik destyds deur die Bloemfonteinse gemeenskap aanvaar.[292] Sophie Leviseur maak verder melding van Truikie Mayhew, 'n bruin vrou wat met 'n wit man getroud was, asook Annie Taylor, die dogter van die Engelse messelaar Taylor wat met 'n bruin vrou getroud was.[293] In 1890 het 'n wit kinderoppasser saam met 'n jong bruin man weggeloop, maar hulle is voorgekeer en die meisie is na haar werkgewer teruggebring.[294]

Meestal het die bruin mense hulle in 'n geïsoleerde posisie tussen wit en swart bevind[295] en daar is nie dikwels oor hulle geskryf nie. Volgens genoemde ordonnansie 5 van 1876 het bruin mense[296] wat reeds vyf jaar in die OVS woonagtig is en 'n ambag beoefen het, die reg gehad om erwe en geboue op Vrystaatse dorpe as hulle eiendom te laat registreer, op voorwaarde dat hulle van die landdros van die distrik en van "minstens vijf respectabele burgers, zelve grondbesitters zijnde" getuigskrifte van goeie gedrag kon voorlê.[297] Hierdie wet is in Mei 1894 aangepas sodat bruin mense steeds eiendom in dorpe op hulle naam kon registreer mits hulle van die landdros van die distrik sowel as van die plaaslike stadsraad of dorpsbestuur sertifikate van goeie gedrag en aanbeveling aan die staatspresident kon voorlê.[298] Ten opsigte van bruin mense was die skeidslyn tussen blank en nie-blank dus nie so skerp nie. Vir pres. Reitz, wat in die Kaapse samelewing gewoond was aan 'n besonder goeie verhouding tussen blankes en bruin mense, was die situasie van Bloemfontein se bruin mense en die toegeeflikheid teenoor hulle blykbaar nie vreemd nie en het hy dieselfde standpunt teenoor hulle ingeneem.[299]

Hoewel die meeste van Bloemfontein se bruin mense Afrikaanssprekend was, het niemand aanvanklik vir hulle verantwoordelikheid aanvaar nie en het die blankes dikwels op hulle neergesien en hulle gewantrou. Baie van hulle was brandarm.[300] Later het die Anglikaanse Kerk wel na die bruin mense begin omsien en teen 1870 was daar reeds 'n dagskool vir die

---

[292] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 85-87; Bryce, p. 353.
[293] Leviseur, p. 39; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 87.
[294] *Daily News*, 6.2.1890, p. 3.
[295] E.J. Doman, "The in-betweeners: a look at the coloured people of South Africa", *Optima* 25(3), September 1975, p. 132.
[296] Die bruin mense is in die republikeinse tyd dikwels "bastards" of "half-castes" genoem. Hulle is ook as nie-blankes beskou en daar is soms na hulle as "Coloureds" verwys – die algemene term wat vir alle nie-blankes gebruik is.
[297] *OVS Wetboek 1854-1881*, p. 266.
[298] *De Burger*, 16.6.1894, p. 3; *The Friend*, 19.6.1894, p. 3.
[299] Moll, p. 100.
[300] *The Quarterly Paper of the Orange Free State Mission* (hierna *Quarterly Paper*), 15.1.1890, pp. 204-205; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 87-88.

"half-caste children".[301] Goeie vordering is gemaak nadat die Anglikaanse Kerk in 1876 die Goeie Herder-skool vir bruin kinders gestig het en in 1888 het die skool 60 leerlinge gehad.[302]

Teen Januarie 1888 is die Anglikaanse Kerk se werk onder die bruin mense uitgebrei om volwassenes in te sluit en so het die St. Philip-sending begin. Elke Sondag is dienste vir die bruin mense gehou, gedeeltelik in Afrikaans, en daar is ook aandag aan Bybelonderrig gegee. Bruin kinders in dié skool is ook opgelei om self later as onderwysers op te tree.[303] In 1889 word melding gemaak van suster Maria Burton en 'n vrywilliger van die Anglikaanse Kerk, ene mnr. Hulbert, wat betrokke was by die Goeie Herder-skool, maar ook siek en melaatse bruin mense in Waaihoek versorg het.[304] In Julie 1890 het suster Maria in die pers 'n beroep op die inwoners van Bloemfontein gedoen om haar te help om 'n bedrag van £300 vir die onderrig van bruin mense in te samel.[305] In November 1892 het suster Maria verdere fondse vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou vir bruin mense ingevorder.[306]

In die 1890's was die bruin mense van Bloemfontein hoofsaaklik in diens van blankes en het hulle in besighede en bedrywe gewerk, of as huisbediendes.[307] Sophie Leviseur maak byvoorbeeld van die Baumanns se bruin huishulp, Mina, melding.[308] Van die bruin mense het ook as kelners by hotelle gewerk.[309] Omdat daar baie min oor Bloemfontein se bruin mense geskryf is, kon min verwysings na hulle karaktertrekke opgespoor word. Suster Maria het geskryf dat hulle oor die algemeen "docile, devout and affectionate" was.[310] Net soos in die geval van die bruin mense, kon daar ook nie baie inligting oor die volgende kultuurgroep, die Indiërs in Bloemfontein, opgespoor word nie.

3.2.2 Indiërs

Reeds tydens die Nederlandse koloniale tydperk is persone van Asiatiese of Oosterse afkoms as slawe na Suid-Afrika gebring. Sedert 1860 het twee nuwe groepe Asiate, hoofsaaklik afkomstig van Indië, na Suid-Afrika gekom. Die eerste groep was kontrakarbeiders[311] wat op versoek van suiker- en katoenboere van Natal ingevoer is om 'n tekort aan handearbeiders in die suikerriet-

---

301 *Quarterly Paper*, Junie 1871, p. 4.
302 *Ibid*., 15.10.1888, p. 153; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 87-88;
303 *Quarterly Paper*, 16.7.1888, p. 110 en 15.10.1888, p. 153.
304 *Ibid*., 15.7.1889, p. 110.
305 *De Express*, 26.7.1890, p. 3; *Daily Express*, 1.8.1890, p. 3.
306 *The Friend*, 11.11.1892, p. 3.
307 Bryce, p. 348; Joshi, p. 32.
308 Leviseur, p. 38.
309 *Daily News*, 6.2.1890, p. 3.
310 *Quarterly Paper*, 15.1.1890, p. 204.
311 Vir meer inligting oor die Indiër-kontrakarbeiders, raadpleeg F. Meer, *Portrait of Indian South Africans*; P.J.J. Bredenkamp,*'n Sosiologiese studie van sekere aspekte van die Indiërbevolking in Suid-Afrika*. Vergelyk ook South African History Online, "The history of Indians in South Africa", <http://www.sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/culture%20&%20heritage/indian-history/index.htm>.geraadpleeg 22.11.2010.

plantasies aan te vul. Die tweede groep Indiërs was die sogenaamde vry of "passenger Indians",[312] hoofsaaklik handelaars wat na nuwe handelsgeleenthede op soek was en hul eie reiskoste na Natal betaal het.[313]

Aanvanklik het die Indiërs net in Natal gebly, maar hulle het spoedig ook na die Kaapkolonie versprei. Na 1881 het al hoe meer Asiate[314] ook na die ZAR verhuis, terwyl enkeles na die OVS gegaan het om handelsmoontlikhede in die republiek oorkant die Oranjerivier te ondersoek. Presies wanneer die eerste Indiërs die OVS binnegekom het, is nie bekend nie. Daar is reeds in 1882 melding gemaak van twee Indiese intrekkers in Bethlehem. Twee jaar later het nog 'n groep Indiërs na die Vrystaat gekom en besighede in Bethlehem en Harrismith geopen.[315]

Volgens ordonnansie 18 van 1884 is die algemene hoofbelasting van 10 sjielings per jaar, wat alle nie-blankes moes betaal, ook op die Indiërs van toepassing gemaak.[316] In 1885 het 13 Gujarati Moslems uit Indië, wat in die Vrystaat handel gedryf het, by die Volksraad beswaar teen bogenoemde ordonnansie aangeteken. Hulle het versoek dat hulle status na burgers verander word, in plaas daarvan dat hulle as nie-blankes geklassifiseer word. Hulle het ook daarop gewys dat hulle Britse onderdane is en in ander lande soos Europeërs behandel word.[317]

Reeds in 1876 het die Vrystaatse Volksraad bepaal dat geen Indiërs grond mag koop of eiendom in hulle naam mag registreer nie.[318] Ordonnansie no. 1 van 1885 het bevestig dat Asiate of Indiërs in die Vrystaat ook van eiendomsreg uitgesluit is, net soos alle ander nie-blankes.[319] Hoewel Indiërs nie vaste eiendom kon besit nie, kon Indiër-handelaars aanvanklik in die Vrystaat handelspersele huur mits hulle vooraf verlof van die regering verkry het. Enkele

---

[312] Vir meer besonderhede oor die Indiër-handelaars, raadpleeg A.J. Arkin, *The contributions of the Indians to the South African economy 1860-1970* (I.S.E.R. nr. 14); G. Pienaar, "Indiër- en Kleurlingstemreg in Suid-Afrika: geskiedenis en riglyne wat daaruit voortvloei", *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 31(4), Oktober 1980, pp. 136-145.

[313] South African History Online, "Indian South Africans. From bondage to freedom – The 150th anniversary of the arrival of Indian workers in South Africa", <http://www.sahistory.org.za/pages/cultural-groups/indian.htm>, geraadpleeg 22.11.2010; G. Cronjé, *Afrika sonder die Asiaat: die blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiate-vraagstuk*, p. 9.

[314] In die Vrystaat is verskillende benamings vir die Asiate gebruik. Hulle is onder meer "Arabieren", "Chinesen", "Aziatische Kleurlingen", "Indianers" en "Koelies" genoem. Daar kan aangeneem word dat die Asiate Indiërs was, ten spyte van die feit dat die Vrystaatse Volksraad na hulle as Arabiere en Chinese verwys het. H.J. van Aswegen, "Die Oranje-Vrystaat en die Asiate", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 1, November 1969, p. 43.

[315] Van Aswegen, "Die Oranje-Vrystaat en die Asiate", pp. 29-30.

[316] *OVS Ordonnansies 1882-1885*: Ordonnansie 18 van 1884, art. 22, p. 6.

[317] VAB, VR4 no. 277 1885, pp. 166-168; S. Bhana en B. Pachai (reds.), *A documentary history of Indian South Africans: black and white perspectives on South Africa* 2, pp. 31-32.

[318] Kyk Ordonnansie 5 van 1876; Moll, p. 103.

[319] Ordonnansie 1 van 1885, art. 2.

Indiërs het hierdie geleenthede benut en sake-ondernemings in die Vrystaat geopen.[320] Omdat hulle net toegelaat is om handelspersele te huur, het hulle geen permanente verblyfreg in die Vrystaat gehad nie.[321] Hulle is dus nie as blankes beskou nie en het ook geen aanspraak op burgerskap of stemreg in die OVS gehad nie.[322] Pres. Brand het aan bestaande Indiër-besighede in die Vrystaat toestemming verleen om tot die einde van 1886 te bly handel dryf. In Mei 1887 het Aboobaker Amod en drie ander Gujarati Moslem-handelaars van Indië weer by die Volksraad beswaar aangeteken teen ordonnansie 1 van 1885, aangesien hulle reeds handelslisensies vir 1887 uitgeneem het en daar nou kragtens die bogenoemde ordonnansie beperkinge op hulle gelê is.[323] Hulle het hulle daarop beroep dat hulle Engelse onderdane is en dat die naam "Vrystaat" gelykheid vir alle inwoners impliseer.[324]

Weens hulle sakevernuf en eenvoudige leefwyse was Indiër-handelaars in staat om hulle goedere teen sulke lae pryse te verkoop dat blanke handelaars dit moeilik gevind het om met hulle mee te ding. Die blankes in die Vrystaat, veral die blanke handelaars, was dus vanuit die staanspoor wantrouig teenoor die nuwe Indiese intrekkers. Die Indiërs was vir hulle 'n uitheemse nasie, met vreemde kultuurgebruike en godsdiens wat vir die blankes 'n bedreiging op ekonomiese, maatskaplike en selfs staatsregtelike gebied kon inhou indien hulle ongehinderd toegelaat sou word om die Vrystaat binne te stroom. Verder het die blankes (volgens hulle eie norme en waardes) die Indiërs ook as onsedelik en onhigiënies beskou.[325]

Omdat daar net 'n klein groepie Indiërs na die Vrystaat gekom het, het die Volksraad aanvanklik min aandag aan die koms van die Asiate gegee. Volgens artikel 2 van genoemde ordonnansie 1 van 1885 kon hulle net erwe of geboue huur indien dit deur die uitvoerende raad van die Vrystaat goedgekeur is.[326] Omdat toestemming nie maklik verleen is nie, het van die Indiërs begin om eiendom in die naam van 'n blanke te huur en sodoende die wet op eiendomsreg ontduik.[327]

---

[320] P.J.J. Bredenkamp,*'n Sosiologiese studie van sekere aspekte van die Indiërbevolking in Suid-Afrika*, p. 21. Dit was nie moontlik om vas te stel presies hoeveel Indiërs of Asiate hulle tussen 1880 en 1890 in die Vrystaat en veral in Bloemfontein gevestig het nie, omdat daar blykbaar geen amptelike of nie-amptelike syfers vir dié bevolkingsgroep bestaan nie. Die 1880- en 1890-sensus maak ook geen spesiale vermelding van die Indiërs nie.

[321] Van Aswegen, "Die Oranje-Vrystaat en die Asiate", pp. 32-33; Arkin, p. 49.

[322] S. Bhana en J.B. Brain, *Setting down roots: Indian migrants in South Africa 1860*-1911, p. 96; Pienaar, p. 137.

[323] J.G.H. Badat, *South African Indians and the right to freedom of movement*, p. 50; S. Bhana en B. Pachai, pp. 32-33.

[324] VAB, VR 3 no. 301, 1887, pp. 50-53; Bhana en Pachai, pp. 32-33.

[325] *OVS Volksraadsnotule*, 20.5.1885 en 24.5.1887; Van Aswegen, *Die Oranje-Vrystaat en die Asiate*, pp. 30-31, 42.

[326] Arkin, p. 49; Van Aswegen, "Die Oranje-Vrystaat en die Asiate", pp. 32-33.

[327] Moll, pp. 103-104.

Ofskoon daar in 1890 net nege Indiërs in die Vrystaat was,[328] het daar spoedig ’n sterk protes teen die aanwesigheid van die Indiërs, veral die Indiër-handelaars, in die Vrystaat ontstaan. Veral die blanke handelaars was teen die Indiërs gekant omdat dit vir hulle ’n bedreiging ingehou het. Die Bloemfonteinse Kamer van Koophandel het die Vrystaatse regering versoek om die Asiate-handelaars in die Vrystaat te verbied.[329] Voorgenoemde finansiële instelling is oorwegend deur Britse en Duitse sakemanne in Bloemfontein beheer. Ook die koerante het toenemend by die saak van die Indiërs in die Vrystaat betrokke geraak. Terwyl *The Friend* die Indiërs aanvanklik meer simpatiek gesind was,[330] was *De Express* baie sterk teen die nuwe intrekkers se koms na die Vrystaat gekant.[331]

Sedert 1885 het die Vrystaatse burgers se verset teen die Indiërs toegeneem en verskeie versoekskrifte is aan die Vrystaatse regering gerig om protes teen die koms van die Asiate aan te teken. Die Indiërs, daarenteen, het geagiteer om gelyke regte met die blankes in die Vrystaat te bekom en in ’n versoekskrif aan die Volksraad het hulle onder meer gekla oor die feit dat hulle nie vaste eiendom kon besit nie. Die Asiate het selfs ’n beroep op die Britse hoë kommissaris en goewerneur aan die Kaap gedoen om hulle te help. Ofskoon die Britse regering en Kaapse goewerneur probeer ingryp en namens die Indiërs by die Vrystaatse regering beswaar aangeteken het, kon hulle nie veel uitrig nie omdat die OVS ’n onafhanklike staat was. Pres. Reitz het dit duidelik gemaak dat hy geen verdere inmenging in die Vrystaat se sake sou duld nie.[332]

Die Indiërs se optrede het die blankes se verset teen hulle verder versterk en in 1889 is 12 memories of versoekskrifte teen die instroming van “Arabiere” met meer as 800 handtekeninge aan die Volksraad voorgelê.[333] Die Indiërs het nou selfs op landbougebied vir die Vrystaatse boere ’n bedreiging geword, aangesien hulle graan goedkoop in Basoetoland (vandag Lesotho) gaan koop en dit dan as Vrystaatse graan teen ’n groot wins in Johannesburg gaan verkoop het.[334] Dit het uiteraard die Vrystaatse boere se graanverkope benadeel en verdere versoekskrifte teen die Indiërs is weer by die Volksraad ingedien.[335] Selfs *The Friend*, wat

---

328 VAB, GS1523; F.W. Reitz – Britse hoë kommissaris, 5.8.1890, p. 457; Arkin, p. 49.
329 *The Friend*, 5.2.1885, p. 3.
330 *Ibid*., 29.1.1885, p. 2 en 30.4.1885, p. 3.
331 *De Express*, 29.1.1885, p. 2.
332 VAB, GS1523, F.W. Reitz – goewerneur, Kaapkolonie, 5.8.1890; *Daily Express*, 10.6.1890, p. 3, 24.6.1890, p. 4 en 26.8.1890, p. 4. Vergelyk ook *The Friend*, 2.6.1893, p. 2.
333 *OVS Volksraadsnotule*, 28.5.1889.
334 *The Friend*, 5.6.1889, p. 3; Van Aswegen, “Die Oranje-Vrystaat en die Asiate”, pp. 36-37.
335 *The Friend*, 22.5.1889, p. 3.

voorheen redelik simpatiek teenoor die Indiërs was, het nou teen hulle standpunt ingeneem en beweer: "Asiatics are not a desirable class to have in a white man's country."[336]

Kort na Reitz se verkiesing tot staatspresident moes hy aandag skenk aan probleme wat deur die Indiërs in die OVS veroorsaak is. Weens toenemende verset teen die vestiging van Indiërs in die Vrystaat het raadslid J.P. Roux reeds in 1889 'n wetsontwerp in die Volksraad ter tafel gelê met die strekking dat die instroming van Asiate beheer moes word, dat alle Asiate dieselfde status as nie-blankes moes kry en hulle van handel uitgesluit moes word.[337] Hoewel pres. Reitz aanvanklik ten gunste van vryhandel was en teen klassewetgewing gekant was, het die vele memories en versoeke van Vrystaatse burgers hom genoop om in te stem dat dit wenslik was om "maatregelen te nemen ter betengeling [*sic*] van arabieren winkels". [338] Die wetsontwerp het 'n vurige debat onder Volksraadslede ontlok, maar omdat die meeste lede ten gunste van beperkinge op die Asiate was, is die wetsontwerp na 'n kommissie, bestaande uit regter R. Gregorowski, hoofregter M. de Villiers en die staatsprokureur, vir ondersoek en wysiging verwys.[339]

Die volgende jaar, toe die wetsontwerp met betrekking tot die Indiërs weer deur die Volksraad bespreek is, was die oorgrote meerderheid lede ten gunste daarvan. Omdat daar besware teen enkele drastiese bepalings was, is dit weer na 'n kommissie verwys en op 2 Julie 1890 is dié wetsontwerp met enkele wysigings as ordonnansie 29 van 1890 aanvaar. [340] Dié ordonnansie "om de instroming in dezen Staat van Arabieren, Chinesen, Koelies en ander Aziatische kleurlingen te beperken" is op 11 Julie 1890 in die *Gouvernements Courant* gepubliseer en het twee maande na die publikasie daarvan wet geword.[341] Dié wet het ingrypende en drastiese beheermaatreëls bevat wat beslis die instroming van Asiate na die OVS beperk het. Bogenoemde ordonnansie is in 1890 as wet 29 van 1890 in die wetboek van die OVS opgeneem.[342]

Volgens dié wet kon "geen Arabier, Chinees, Koelie of andere Aziatische kleurling" hulle in die Vrystaat vestig of langer as twee maande in die republiek vertoef sonder verlof van die staatspresident nie. Geen Indiër wat reeds in die Vrystaat woonagtig was, of wat wel

---

336 *Ibid.*, 5.6.1889, p. 3.
337 *Gouvernements Courant*, 23.8.1889; *OVS Volksraadsnotule*, 15.5.1889 en 28.5.1889. Vergelyk ook *The Friend*, 22.5.1889, p. 3 en 29.5.1889, p. 3.
338 *OVS Volksraadsnotule*, 28.5.1889.
339 *Gouvernements Courant*, 23.8.1889; *OVS Volksraadsnotule*, 28.5.1889.
340 *OVS Volksraadsnotule*, 4.6.1890, 1.7.1890, en 2.7.1890. Vergelyk ook *De Express*, 15.7.1890, p. 7.
341 *Gouvernements Courant*, 11.7.1890.
342 South African History Online, "South African History Timelines. Anti-Indian Legislation 1859-1960" <http://www.sahistory.org.za/pages/chronology/special-chrono/governance/anti-indian-legislation.html>, geraadpleeg 9.6.2010; R.A. Huttenback, *Gandhi in South Africa: British imperialism and the Indian question, 1860-1914*, p. 100.

toestemming gekry het om hom of haar in die Vrystaat te vestig, sou toegelaat word om vaste eiendom en grond aan te koop, of handel te dryf of te boer nie.[343] Die enigste beroepe wat Indiërs voortaan wel in die Vrystaat kon beoefen, was diensbodes, huisbediendes en kokke[344] – dus is hulle wel toegelaat om in diens van blanke persone te wees. Bogenoemde wetgewing was só doeltreffend dat 'n grootskaalse instroming na en vestiging van Indiërs in die Vrystaat verhinder is.[345] Hoewel die Vrystaatse wetgewing die ingrypendste en drastiesste was, het die ZAR en selfs Natal later ook beperkinge op die Indiërbevolking geplaas.[346]

Luidens bogenoemde wet moes alle Asiate wat reeds in die Vrystaat gewoon het, binne 12 maande die republiek verlaat, tensy hulle toestemming van die regering kry om langer te bly.[347] Indiërs in die Vrystaat het dus 'n jaar grasie gekry om hul handels- of boerderybelange te beëindig.[348] Alle Indiese besighede moes volgens wet teen 11 September 1891 gesluit wees en die eienaars is sonder vergoeding uit die Vrystaat gedeporteer.[349] Die Indiërs het wel die geleentheid gehad om al hulle voorraad en goedere uit die land te neem.[350] *The Friend* was van mening dat dit onregverdig was teenoor Indiërs wat reeds gevestigde belange in die Vrystaat gehad het en dat die wet vir diegene voorsiening moes maak.[351] Die meeste Indiërs, behalwe dié wat bereid was om as arbeiders en huisbediendes te werk, het die Vrystaat dus na 1890 verlaat om elders 'n heenkome te soek.[352]

In Bloemfontein self was daar klaarblyklik in 1890 net enkele Indiërs en geen verdere besonderhede kon oor hulle gevind word nie. Na bewering het Indiërs in die 1890's pondokkies in die swart woonbuurt Waaihoek[353] opgerig wat hulle teen 'n bedrag van £3/15- aan swart of bruin mense verhuur het.[354] Twee jaar later, in Februarie 1892, is daar melding gemaak van 20 Indiërs wat, ten spyte van bogenoemde wette wat hulle verbied het om in die Vrystaat handel te dryf, in Bloemfontein onder die naam van blankes sake doen en sodoende onwettige handelslisensies bekom het. Lede van die publiek het gesien hoe Indiërs daagliks by die

---

343 *Gouvernements Courant*, 11.7.1890.
344 *The Friend*, 9.7.1890, p. 3, 16.7.1890, p. 2 en 2.2.1894, p. 2.
345 Bredenkamp, p. 31.
346 *Daily Express*, 6.6.1890, p. 4, 10.6.1890, p. 3 en 25.11.1890, p. 2; *The Friend*, 25.11.1890, p. 2, 4.7.1893, p. 2 en 13.12.1895, p. 6. Vergelyk ook Meer, pp. 44-48.
347 *Gouvernements Courant*, 11.7.1890; *The Friend*, 16.7.1890, p. 2. Vergelyk ook Erasmus, p. 93.
348 *The Friend*, 8.9.1891, p. 2; G.M. Naicker, *A historical synopsis of the Indian question in South Africa*, p. 23. Vergelyk ook Arkin, p. 49.
349 *The Friend*, 24.3.1891, p. 3 en 8.9.1891, p. 2; South African History Online, "South African History Timelines. Anti-Indian Legislation 1859-1960", <http://www.sahistory.org.za/pages/chronology/special-chrono/governance/anti-indian-legislation.html>, geraadpleeg 9.6.2010.
350 Van Aswegen, "Die Oranje-Vrystaat en die Asiate", p. 39.
351 *The Friend*, 9.7.1890; p. 3 en 16.7.1890, p. 2.
352 Bredenkamp, p. 21.
353 Die woonbuurte van Bloemfontein in die 1890's word in hoofstuk 4 meer breedvoerig bespreek.
354 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 130.

spoorwegstasie handelsware gaan afhaal. Hierdie Indiër-handelaars is toe deur die owerhede verplig om Bloemfontein te verlaat.[355]

In 1893 het die Indiër-handelaars weer die Britse regering versoek om namens hulle te beding vir vergoeding vir die verliese wat hulle moes ly omdat hulle nie deur die Vrystaatse regering vergoed is toe hulle hul besighede in die Vrystaat moes sluit nie. Die Vrystaatse Volksraad het pres. Reitz versoek om die Britse hoë kommissaris daarop te wys dat die Indiër-handelaars nie op vergoeding geregtig was nie, aangesien hulle ’n jaar kennis gekry het om hulle besighede op te ruim.[356]

Ten spyte van die optrede teen hulle, was daar in Julie 1893 weer klagtes dat Indiër-handelaars in die naam van blankes in Bloemfontein handel dryf en dat hulle vinnig besig is om te vermeerder. Sommige blanke inwoners van Bloemfontein het blykbaar toegelaat dat Indiërs teen geringe vergoeding in hulle naam handel dryf. Die blanke handelaars van die Vrystaatse hoofstad het gekla dat hulle nie met die Asiate kon meeding nie omdat hulle duurder lisensies moes betaal en ook ander uitgawes gehad het wat die Indiërs nie gehad het nie.[357] In Oktober 1895 is ’n Indiër deur die landdros van Bloemfontein tot ’n boete van £10 of twee maande tronkstraf gevonnis omdat hy sonder toestemming in die Vrystaat gewoon het.[358]

Wat betref die karaktereienskappe van die Indiërs, is daar reeds melding gemaak van hul skerp sakevernuf, maar ’n sekere mate van oneerlikheid en skelmheid is ook aan die Indiër-handelaars toegeskryf, somtyds gegrond op ’n wanpersepsie. Volgens die *E.P. Herald* van April 1890 was die Indiërs “the most successful cheats and liars known to civilization”.[359] Hoewel enkele gevalle van oneerlikheid wel voorgekom het, wys Müller daarop dat die Asiate as ’n groep relatief wetsgehoorsaam was.[360] Indiërs het ook aanleg getoon as ambagsmanne en kommersiële boere,[361] wat hulle verder in kompetisie met die blankes gebring het. Volgens Joshi was die Indiese kontrakarbeiders harde werkers.[362] J. Slater skryf dat die Indiërs deur lang tydperke van onderdrukking, armoede en ’n moeilike lewe tot mense met ’n geduldige uithouvermoë en hardwerkendheid gevorm is.[363] Fatima Meer meld dat die Indiese immigrante in Suid-Afrika baie spaarsamig geleef het, omdat hulle ekonomies graag suksesvol wou wees

---

355 *De Express*, 23.2.1892, p. 2; *The Friend*, 9.2.1892, p. 3 en 23.2.1892, p. 2.
356 *The Friend*, 18.7.1893, pp. 2-3.
357 *Ibid.*, 21.2.1893, p. 3.
358 *Ibid.*, 1.10.1895, p. 3.
359 Soos aangehaal deur *The Daily Express*, 22.4.1890, p. 2.
360 Müller, p. 145.
361 Arkin, p. 81.
362 Joshi, p. 45.
363 *The Daily News*, 3.1.1890, p. 3.

ten einde hul onafhanklikheid en selfstandigheid te herwin wat hulle of hul voorouers in Indië verloor het.[364]

Omdat die Indiërs Oosterlinge was, met Oosterse kultuurgebruike en ’n Oosterse godsdiens, is hulle as ’n vreemde en andersoortige groep en selfs as indringers en lasposte deur die blanke inwoners van die twee Boererepublieke beskou.[365] Sedert hulle aankoms in Suid-Afrika is die Indiërs aan die Westerse kultuur blootgestel en het hulle deur ’n akkulturasieproses geleidelik begin om Westerse kultuurkonsepte en lewenswyses te aanvaar en met aanpassings hulle eie te maak. Hulle het dus by hul veranderende omstandighede aangepas. Tog het hulle belangrike elemente van hul eie kultuur en tradisies behou en daarop voortgebou. Ten opsigte van godsdiens, huwelikseremonies en selfs voedselgebruike is meer weerstand teenoor verandering ondervind.[366]

In die jare na 1890 het enkele Asiate aansoek gedoen om as arbeiders in die Vrystaat toegelaat te word en hulle versoeke is goedgekeur. Indiërs is dus nie heeltemal die Vrystaat belet soos dikwels beweer word nie, maar dit is duidelik dat die Vrystaatse regering die binnekoms van Indiërs wou reguleer en voorkom dat hulle enigsins handel- of boerderybelange bekom.[367] Daar was in die 1890’s ook in en om Bloemfontein Indiërs wat as huisbediendes en kokke diens gedoen het. So is daar in Februarie 1894 in *The Friend* geadverteer vir ’n Indiër-kok by Bishop’s Glen, net buite Bloemfontein.[368]

In 1895 is die wet op hoofbelasting op nie-blankes, hoofstuk 71 van die OVS Wetboek, gewysig en is daar benewens hoofbelasting op alle manlike nie-blankes tussen die ouderdomme van 18 en 70 jaar teen £1 per jaar, ook ’n hutbelasting van 10 sjielings per jaar gehef vir alle hutte deur nie-blankes bewoon. “Arabiere, Chineezen en Koeliebevolking” is vir doeleindes van bogenoemde wetswysiging ook as nie-blankes of “kleurlingen” beskou en Indiërs wat in die Vrystaat gewoon en gewerk het, moes ook hierdie belasting betaal.[369] Soos gemeld is alle kultuurgroepe wat as “nie-blank” beskou is, soos die bruin mense en Indiërs, deur Vrystaatse wetgewing verskeie beperkings opgelê. Dit het uiteraard ook vir die swart mense gegeld.

---

[364] Meer, p. 24.
[365] *Daily Express*, 27.5.1890, p. 3.
[366] R. Ramphal, “Social transition” in A.J. Arkin, K.P. Magyar en G.J. Pilay (reds.), *The Indian South Africa: a contemporary profile*, pp. 73-74.
[367] Van Aswegen, “Die Oranje-Vrystaat en die Asiate”, p. 40.
[368] *The Friend*, 2.2.1894, p. 2.
[369] *De Burger*, 16.1.1895, p. 3.

3.2.3 Swart mense[370]

Weens verskeie redes, onder meer droogtes, gebrek aan voldoende beskikbare grond en toenemende aanraking tussen blank en swart, kon baie swart mense nie meer op die tradisionele wyse in al hulle ekonomiese behoeftes voorsien nie. Hulle is dus gedwing om in die dorpe, wat deur wit mense gestig en bestuur is, te gaan werk soek om ekonomies te oorleef. 'n Toename in verstedeliking het dus plaasgevind, ook onder die swart mense wat gewoond was aan 'n tradisionele bestaansekonomie en meer landelike lewenswyse. Hierdeur het die swart mense dus begin om by die oorheersend blanke ekonomiese stelsel op plase en in dorpe in te skakel, wat weer van hulle sekere aanpassings geverg het.[371] In die 1890's het al hoe meer swart mense ook na Bloemfontein gekom om werk te kom soek.

Kort na die ontstaan van die republiek OVS en veral na die totstandkoming van die Bloemfonteinse munisipaliteit in 1859 is verskeie regulasies en beperkings ten opsigte van swart en bruin mense ingestel. Swart mense is net toegelaat om in Bloemfontein te woon indien hulle vir die blankes nuttig kon wees en hulle is as handearbeiders gebruik, meestal om die swaar en vuil werk in en om huise, in besighede, bedrywe en nywerhede te doen. Hulle moes water gaan haal, swaar voorwerpe skuif of dra, hout kap, waens laai, koring stamp, tuin- en stalwerk doen, skoonmaak en wasgoed was, meestal vir 'n karige loon. Swart mans en vroue is dikwels as huisbediendes, kokke, kinderoppassers en drywers gebruik. Swart mans is ook in die polisiediens aangewend.[372]

Baie van die blankes het dus die swart mense as hul diensknegte beskou, maar klagtes oor die swart arbeiders en huisbediendes het nie agterweë gebly nie. Daar is meestal gekla dat hulle nie goeie werkers is nie en lui en parmantig is.[373] Tog was sommige inwoners, soos Sophie Leviseur, tevrede met hulle swart werkers en het hulle beskryf as "excellent, faithful servants".[374] Ten spyte daarvan dat die blanke Bloemfonteiners die swart mense nodig gehad het om die handearbeid te doen, het baie van die inwoners op die swart mense neergesien en daar is geglo dat hulle vuil en die bron van aansteeklike siektes was.[375] Omdat Reitz uit die Kaapkolonie afkomstig is, was hy daarop gesteld om die regte van swart mense te alle tye te

---

[370] Vir meer inligting oor die herkoms en agtergrondgeskiedenis van die verskillende swart kultuurgroepe kan verskeie bronne geraadpleeg word, byvoorbeeld W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*; J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*; P. Becker, *Inland tribes of Southern Africa* en S.B. Ngcobo, "The Bantu peoples" in G.H. Calpin (red.), *The South African way of life*.

[371] E.F. Potgieter, *'n Volkekundige ondersoek na die proses van integrasie van die bantoe by die blanke ekonomiese stelsel in Suid-Afrika*, pp. 242-250.

[372] VAB, A45: Life history of old Rachel Thoka; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 82-83, 126.

[373] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, 14.12.1888; *The Friend*, 27.2.1889, p. 6 en 12.6.1889, p. 5.

[374] Leviseur, p. 37.

[375] VAB, A507/12: Brief van "a mother" – redakteur, *Daily News*, plakboek van G. Edmond, gewese stadsklerk van Bloemfontein, 1881-1886; *The Friend*, 18.8.1891, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 84-85.

beskerm. Hy was veral bewus van die morele verpligting om die Barolong-nasie billik en regverdig te behandel, omdat die vriendskap en hulp wat opperhoof Moroka teenoor die Voortrekkers betoon het, nog nie vergete was nie. Aanvanklik het Reitz as hoofregter wetgewing op grond van kleurverskil as baie meer onregverdig en ontoelaatbaar beskou as wetgewing wat op klasseverskil berus het. Hy was wel van mening dat dit onprakties en selfs gevaarlik vir die blankes sou wees om aan alle swart mense stemreg te gee.[376]

Mettertyd het Reitz se kennis van swart mense en rasseprobleme toegeneem en teen die tyd dat hy staatspresident was, het hy klaarblyklik sy siening oor bogenoemde saak verander. In 1891 het hy die breë riglyne van ’n moontlike Suid-Afrikaanse rassebeleid geformuleer en dit in November van dieselfde jaar uiteengesit in ’n artikel wat in die *Cape Magazine* verskyn het. Die kern van hierdie beleid wat Reitz opgestel het, is dat nie-blankes en veral swart mense van alle regte ontneem moes word en totaal onderhorig en diensbaar aan die blankes moes wees – ’n feitlik totale ommekeer van sy vroeëre standpunt. In sy beleidsdokument het hy beklemtoon dat geen gelykheid tussen blankes en swart mense moontlik kan wees nie, want dan sou die blankes ondergaan. Hy wou tradisionele instellings soos die stamstelsel, opperhoofskap, sekere tradisies en rituele, asook afsonderlike woongebiede vir nie-blankes afskaf en vernietig en die swart mense onder die Romeins-Hollandse reg en Engelse regsprosedures tuis bring.[377] Reitz se siening het heelwat kritiek van persone met ’n diepgaande kennis van swart mense en selfs koerante soos *The Friend* uitgelok en binne die OVS het hy weinig steun hiervoor ontvang, sodat sy voorgestelde rassebeleid nooit geïmplementeer is nie.[378] Ten spyte van sy latere siening van swart mense en die rasseprobleem, het Reitz hoflik teenoor swart mense en gemeenskappe opgetree en as staatshoof ook die nie-blankes in die OVS se behoeftes in ag geneem.[379]

Die koms van die spoorweg na Bloemfontein teen die einde van 1890 het ook vir swart mense meer werksgeleenthede gebied. Dit het groot getalle swart mense na die Vrystaatse hoofstad gelok, sodat daar in 1895 vir die eerste keer meer swart mense as blankes in Bloemfontein was.[380] Onder dié swart mense is lede van verskillende kultuurgroepe aangetref.

---

[376] Moll, pp. 74, 100.
[377] *De Express*, 15.12.1891, p. 2 en 22.12.1891, p. 3. Vergelyk ook Moll, pp. 100-102.
[378] *The Friend*, 25.3.1892, p. 3 en 14.6.1892, p. 3; Moll, pp. 102-103.
[379] *The Friend*, 1.5.1894, p. 2; Moll, p. 103.
[380] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 130.

Die swart mense van Bloemfontein was hoofsaaklik Basotho,[381] Batswana,[382] Fingo's[383] en Barolong,[384] maar enkele Zulu's, Xhosa's en selfs Tembo's het ook die Vrystaatse hoofstad hul tuiste gemaak.[385]

Die invloed van die sendelinge, onderwys en die blootstelling aan die Westerse beskawing en waardes het tot geleidelike kultuurverandering of akkulturasie onder swart mense in tradisionele stamverband gelei, wat veroorsaak het dat sommige van hulle na dorpe en stede gelok is en loonarbeid begin verkies het. Die Europese kultuur het swart mense ook aan nuwe gebruiksartikels bekend gestel, wat hulle aangemoedig het om te werk om vir hierdie nuwighede te betaal. As gevolg van bevolkingstoename, asook die vasstelling van grense en plaasafbakening deur blankes en gevolglike gebrek aan genoeg landbougrond en weiding vir hulle vee, is meer en meer swart mense in die loop van die 19de eeu gedwing om in die dorpe en op die myne te gaan werk soek, waar hulle toenemend aan die Westerse beskawing en kultuur blootgestel is.[386] Dit was dan ook die geval in Bloemfontein, waar die swart bevolking met verloop van jare stelselmatig toegeneem het.

Die lewe vir swart mense in Bloemfontein was nie maklik nie. Hulle moes die swaar, vuil en eentonige werk doen. Volgens reisigers Trollope en Bryce is alle ongeskoolde arbeid deur swart mense gedoen.[387] Tradisioneel het swart vroue in die lande gewerk en huise gebou, terwyl die mans oorlog gemaak, gejag en die vee versorg het. Swart mans het handearbeid dus tradisioneel as vrouewerk beskou.[388] In die blanke dorpe en plase moes die swart mans nou op lande en tuine werk, water by putte of die fontein gaan haal, hout kap, swaar goedere ronddra

---

381 Vir meer besonderhede oor die herkoms en agtergrondgeskiedenis van die Basotho, raadpleeg "People of South Africa: Sesotho", <http://www.sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/culture%20heritage/cultural-groups/sesotho.htm>; "The Basotho", <http://www.roediger.co.za/Touring%20Documents/ basotho.pdf>.

382 Vir meer inligting oor die Batswana, raadpleeg "The Tswana people", <http://setswana.blogspot.com/2005/10/tswana-people.html>, en L. Ngcongco, "Origins of the Tswana", <http://archive.lib.msu.edu/DMC/African%20Journals/pdfs/PULA/pula001002/pula001002003.pdf>.

383 Die naam 'Fingo' is 'n verwesterde naam vir Mfengu. Vir meer besonderhede oor die Fingo, raadpleeg "Mfengu", <http://www.britannica.com/EBchecked/topic/379579/Mfengu>; "This day in history – 14 May 1836: Fingo leaders gather at Peddie", <http://www.sahistory.org.za/pages/chronology/thisday/_1835-05-14.html>.

384 Vir meer inligting oor die Barolong kan die volgende bronne geraadpleeg word: G.M.K. Schüler, *Die Barolong van Thaba Nchu, OVS: 'n studie van kultuurverandering*; Z.K. Matthews, "Marriage customs among the Barolong", *Africa: Journal of the international Institute of African languages and cultures"* 13(1), Januarie 1940, en "Rolong tribe",<http://en.wikipedia.org/wiki/Rolong_tribe>.

385 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 10, 35, 82, 84, 86.

386 L. Marquard en J. Lewin, *The native in South Africa*, pp. 2-3; A.A. Dubb, "The impact of the city" in Hammond-Tooke, *The Bantu-speaking people of Southern Africa*, pp. 444-445. Vergelyk ook South African History Online, "People of South Africa. Cultural groups in South Africa: Tswana",<http://www.sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/culture%20heritage/cultural-groups/tswana.htm >, geraadpleeg 9.6.2009.

387 A. Trollope, *South Africa*, pp. 239-240; Bryce, p. 348.

388 South African Native Races Committee (red.), *The South African natives; their progress and present condition*, p. 3; C.J. Uys, *Native life in South Africa*, pp. 5, 17.

en waens laai, terwyl die vroue skoonmaak- en kombuiswerk moes doen, wasgoed was en stryk en die blankes se kinders oppas. Daarby moes mense wat aan die tradisionele stamlewe in die platteland gewoond was en nog redelik na aan die natuur geleef het, nou skielik by die dorpslewe, Westerse standaarde en die meer gesofistikeerde Westerse kultuur en lewenswyse aanpas. Baie swart mense het ook as assistente in besighede gewerk en sommige was polisiemanne.[389] Swart mense is toegelaat om hulle eie besighede te begin en bedrywe soos steenmakery te beoefen, terwyl hulle ook as markagente kon optree.[390]

Swart mense is volgens munisipale regulasies nie toegelaat om tradisionele sorghum- of ander bier binne die munisipale grense van Bloemfontein te brou nie. Indien hulle dit wel gedoen het, is hulle deur die landdros beboet.[391] Hulle is dus nie net aan die positiewe elemente van die Europese kultuur blootgestel nie, maar het ook kennis gemaak met euwels, soos sterk drank waaraan hulle nie gewoond was nie.[392] Gevolglik het hulle baie sosiale probleme ondervind, wat vroeër nie dikwels onder swart mense voorgekom het nie. Dronkenskap, wanordelike gedrag op straat, ’n toename in misdaad, nuwe siektes en epidemies en selfs selfdood het onder die swart mense begin toeneem.[393] Joshi skryf krities hieroor: “The encroachment of white civilization has broken the domestic life of the natives, shattered their traditions, and destroyed their religious enthusiasm. Their racial pride has been humbled, and they have become the victims of immorality and evil conduct. The moral degradation of the natives has been accompanied by their economic downfall.”[394]

Hoofsaaklik as gevolg van verstedeliking en hulle kontak met die wit inwoners, het die swart mense in Bloemfontein deur ’n proses van akkulturasie en kultuurbeïnvloeding geleidelik verwesters.[395] Deur die werk van die verskillende sendinggenootskappe en kerkskole het baie van hulle die Christelike godsdiens in ’n mindere of meerdere mate aanvaar, Engels en Nederlands leer praat, leer lees en skryf, en was hulle getroue kerkgangers. Baie van die swart mense was gretig om onderrig te ontvang, en die kontak met die blanke beskawing en kultuur en nuwe idees het as stimulus vir hulle vooruitgang en ontwikkeling gedien.[396] Die onderrig en vooruitgang van nie-blankes het soms tot ontduiking van die wette gelei deurdat nie-blankes wat kon skryf, hulle eie passe uitgeskryf het en ook verlofbriewe vir die aankope van drank vir

---

389 Uys, pp. 5, 17; Brookes, *The history of native policy*, pp. 412-414. Vergelyk ook Bryce, p. 350.
390 *The Friend*, 21.8.1891, p. 3.
391 *De Burger*, 31.10.1894, p. 2.
392 S.T. van der Horst, *Native labour in South Africa*, p. 100.
393 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 82-84; “The Basotho”, <http://www.roediger.co.za/Touring%20Documents/basotho.pdf>, geraadpleeg 8.1.2010. Vergelyk ook P.O. Stoddard, “Culture of Lesotho”, <http://www.everyculture.com./Ja-Ma/Lesotho.html>, geraadpleeg 30.7.2010.
394 Joshi, p. 20.
395 *De Burger*, 29.9.1894, p. 2.
396 *Ibid.*, 24.3.1894, p. 2; South African Native Races Committee, pp. 2-3. Vergelyk ook Bryce, p. 350.

ander swart mense geskryf het.[397] Sommige van die sendingskole het swart mense nie net leer lees en skryf nie, maar het ook vakopleiding vir bedrywe soos skrynwerk, bouwerk en huishoudkunde verskaf, wat swart mense vir die beroepswêreld toegerus en nuwe horisonne vir hulle laat oopgaan het.[398] Uit briewe wat swart mense aan die tydgenootlike koerante geskryf het, blyk dit daar in die 1890's etlike swart mense was wat Engels goed magtig en redelik geleerd was.[399]

Met verloop van tyd het die swart mense by die dorpslewe en die Westerse beskawing aangepas en het daar by hulle 'n groot aanvraag na Europese klere, komberse, voedsel en gebruiksvoorwerpe ontstaan.[400] Westerse gebruiksgoedere was gerieflik en maklik verkrygbaar in die dorpe en het geleidelik die plek van tradisionele swart kultuurartikels begin inneem. Dit was nie net die stoflike of materiële kultuur wat deur die Westerse kultuur beïnvloed is nie, maar swart mense se hele lewensuitkyk en lewenswyse het veral in die dorpe verander. Ook tradisionele gebruike en tradisies, soos byvoorbeeld huweliksgebruike, het geleidelik 'n verandering begin ondergaan.[401] Grobler beskryf die swart mense in die dorpe en stede se situasie baie raak wanneer hy verklaar dat "daar by die stadswartes 'n vorm van dubbelkultuur merkbaar geword het",[402] dit wil sê komponente van hul tradisionele kultuur verweef met elemente van die Westerse kultuur.[403]

Wat die karakter van swart mense betref, is hulle dikwels met kinders vergelyk en dus ook so deur die blankes behandel. Volgens Davis het swart werknemers streng, maar regverdige werkgewers gerespekteer, maar 'n teken van goedhartigheid en toegeeflikheid by 'n werkgewer is dikwels uitgebuit en soms is so 'n werkgewer met agterdog bejeën en het hulle sy diens verlaat. Baie swart mense was lojaal en eerlik teenoor hul werkgewers. Eienskappe waarvoor swart mense blykbaar nie juis bekend was nie, is dankbaarheid, maar tog het baie van hulle respek vir gesag gehad en was wetsgehoorsaam omdat hulle in die tradisionele stamlewe daaraan gewoond was. Davis beweer dat swart mense dit as 'n deug en 'n voorreg beskou het om te jok, omdat dit in hulle kultuur as hoflik beskou is om 'n leuen te vertel en 'n persoon te

---

397 *De Burger*, 20.2.1895, p. 3.
398 Brookes, *White rule in South Africa 1830-1910*, p. 199; P. Becker, *Tribe to township*, p. 135.
399 *The Friend*, 11.4.1893, p. 3 en 20.6.1893, p. 3.
400 A. Davis, *The native problem in South Africa*, p. 17; South African Native Races Committee, p. 11.
401 E. Hellmann, "The native in the towns", in I. Schapera (red.), *The Bantu-speaking tribes of South Africa*, p. 406; J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, pp. 189, 190-191.
402 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse swart gemeenskap: 'n kultuurhistoriese perspektief", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 1(4), Desember 1987, p. 333.
403 Dubb, p. 441.

vertel wat hy/sy graag wou hoor.[404] Omdat swart mense werk in hulle kultuur uit ’n heeltemal ander oogpunt benader het,[405] is hulle dikwels deur die blankes as lui beskou.[406]

Verwysings na individuele swart mense in die 1890’s is seldsaam en groot leiersfigure was gedurende dié tydperk skaars, terwyl foto’s van individue nog skaarser was. Enkele swart mense wat wel uitgestaan het, is onder meer die Krause’s se familie-bediende Rachel Thoka, wat klaarblyklik meer as 111 jaar oud geword het. In haar opgetekende herinneringe[407] beweer sy dat sy ’n gewese slavin uit die Kaapkolonie was, om en by 1823 gebore is, die Groot Trek meegemaak en ’n Zulu-aanval na die moord op Piet Retief oorleef het. Sy het heelwat later na Bloemfontein gekom en was jare lank die Fraser-familie se huisbediende. Rachel is in die Lutherse Kerk in Bloemfontein getroud, met een van die Krause-dogters as bruidsmeisie. Thoka het jonger swart vroue touwys gemaak om as huisbediendes te kon werk en was volgens haar eie getuienis ook ’n ervare vroedvrou en die eerste nie-blanke wat in die Bloemfontein se Cottage-hospitaal werksaam was.[408]

Op kerklike gebied was daar in Bloemfontein heelwat swart mense wat leiding geneem het. Beide die Wesleyaanse en Anglikaanse Kerk in Bloemfontein het swart evangeliste of kategiste opgelei. Een van hulle was die Anglikaanse kategis en evangelis Gabriel David, wat van Batswana-afkoms was. Hy het sy aanvanklike opleiding in Grahamstad ontvang, maar is in 1871 op 23-jarige leeftyd deur biskop Webb na die Vrystaatse hoofstad gebring om by die Anglikaanse St. Patrick-sending te werk. David het kerkdienste by die katedraal vir nie-blankes gehou en ook vier keer per week ’n aandskool vir swart mans by die katedraal in St. Georgestraat. In 1890 is hy tot priester in die Anglikaanse Kerk georden. Hy is in 1898 in Bloemfontein oorlede.[409]

’n Bekende swart evangelis van die Wesleyaanse Kerk in die 1890’s was Job Mosieleng. Hy was ’n merkwaardige Barolong wat blind was, maar sy gestremdheid wonderlik oorkom het. Hy het die gesangeboek uit sy kop geken en kon hoofstuk vir hoofstuk uit die Nuwe Testament voordra. Sy seun Phillip moes vir hom uit die Bybel voorlees. Dan het hy die Bybelverse gememoriseer en sy preek vir die volgende dag voorberei.[410] ’n Ander swart evangelis van Bloemfontein was Mokalake Modisapodi, ’n Motswana verbonde aan die

---

404 Davis, pp. 19-27.

405 Tradisioneel het swart mense gewoonlik in gesellige groepe saamgewerk en individuele werk is as moeilik, veeleisend en eentonig beskou. Becker, *Tribe to township*, p. 127.

406 Leviseur, p. 37; Davis, pp. 19-27.

407 Die betroubaarheid van Rachel Thoka se herinneringe kan bevraagteken word, aangesien die chronologie en feite van sommige van haar herinneringe nie korrek is nie.

408 VAB, A45: Life history of old Rachel Thoka; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 85.

409 W. Crisp, *Some account of the Diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863 to 1894*, pp. 27,73, 103-104; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 85-86.

410 VAB, A507/11: Herinneringe van J.H. Hornebrook, Wesleyaanse sendeling-predikant van Bloemfontein, p. 5.

Wesleyaanse sendinggemeente in die 1890's. Dié gemeente was klaarblyklik redelik kosmopolities en het lidmate van verskeie swart groepe bevat – Batswana, Barolong, Zulu's en Fingo's. Modisapodi het gereeld briewe oor sake in die gemeente aan die Tswana-koerant *Mahoko a Becwana* (News/Words of Batswana) geskryf. Dit is 'n nuusblad wat tussen 1883 en 1896 deur sendelinge van die Londense Sendinggenootskap van Kuruman in die Tswana-taal vir Batswana-lesers gepubliseer is.[411]

Die nie-blanke woonbuurt Waaihoek het ook sy kwota leiers in die 1890's opgelewer. Ene Jacob Lavers, 'n Tembo uit die Kaapkolonie, is in 1882 deur die inwoners van Waaihoek tot "veldkornet" verkies. Die stadsraad van Bloemfontein het hom as swart leier van Waaihoek erken en was tevrede met sy optrede en leiding, maar hy het nie veel gesag by die Vrystaatse regering gehad nie.[412] Hy het na die Anglo-Boereoorlog steeds 'n leiersrol in die swart gemeenskap gespeel en is in Maart 1909 in Bloemfontein oorlede.[413] Lavers is deur Jan Mocher, 'n messelaar, as nie-amptelike veldkornet van Waaihoek opgevolg.[414] Hy het in die ZAR opgegroei as die seun van 'n slaaf, maar het weggeloop en is by 'n sendingstasie in die Kaapkolonie gekersten en het daar geleer lees en skryf. In Bloemfontein het Mocher by die werk van die Wesleyaanse sendingkerk betrokke geraak en vir die Wesleyaanse sendeling J.H. Hornebrook in Bloemfontein as bediende en drywer gewerk.[415] Net soos Lavers was hy ook na 1900 steeds 'n leiersfiguur in die swart gemeenskap en was een van die stigters van die South African Native National Congress (die latere African National Congress, ANC). Mocher is in Augustus 1924 in Bloemfontein oorlede.[416] Beide Lavers en Mocher is vereer met strate in die swart woonbuurte wat na hulle vernoem is.

Nog 'n swart persoon waarvan daar melding gemaak is, was polisiekonstabel Hartseer, wat 32 jaar lank in die Bloemfonteinse polisiemag diens gedoen het. Hy het algaande 'n bekende plaaslike figuur en vooraanstaande lid van die swart gemeenskap geword. Hartseerstraat, een van die groot strate wat van noord na suid in Waaihoek geloop het, is na hom vernoem.[417]

---

411 P.T. Mgadla en S.C. Volz (reds.), *Words of Batswana: letters to Mahoko a Becwana, 1883-1896*, pp. 81-83, 101-102, 348; VAB, A507/11: Herinneringe van J.H. Hornebrook, Wesleyaanse sendeling-predikant van Bloemfontein, p. 5.

412 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.

413 J. Mancoe, "List of names of some of the deceased in reference to Bloemfontein", *Bloemfontein Bantu and coloured people's directory*, first edition, <http://www.sahistory.org.za/pages/library-resources/onlinebooks/Bloem/bantu-List%20of%20Some%20Deceased%20people.html>, geraadpleeg 27.3.2011.

414 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 130.

415 VAB, A507/11: Herinneringe van J.H. Hornebrook, Wesleyaanse sendeling-predikant van Bloemfontein, p. 2.

416 J. Mancoe, "List of names of some of the deceased in reference to Bloemfontein", *Bloemfontein Bantu and coloured people's directory*, first edition, <http://www.sahistory.org.za/pages/library-resources/onlinebooks/Bloem/bantu-List%20of%20Some%20Deceased%20people.html>, geraadpleeg 27.3.2011.

417 *The Friend*, 3.7.1891, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 37, 84.

In die nywerhede, myne en industrieë het swart mense goed by die nuwe werksomstandighede aangepas en op bepaalde gebiede was hulle selfs uitstekende arbeiders.[418] Omdat swart mense die handearbeid in Suid-Afrika gedoen het, het hulle baie bygedra tot ontwikkeling in Suid-Afrika en dus ook in die Vrystaat en Bloemfontein. Ofskoon die blankes die kundigheid en kapitaal verskaf het, het swart mense fisies die geboue, dorpe, paaie en spoorweë gebou en was hulle betrokke by die werk op plase en in die myne. Hul handearbeid het dus gehelp om die fondamente van die huidige ekonomiese en industriële stelsel van die land te lê. In der waarheid het die swart mense gehelp om die Westerse beskawing in Suid-Afrika op te bou. Ook op kultuurgebied het hulle ’n invloed gehad deurdat sekere woorde van swart tale in beide Afrikaans en Engels opgeneem is, terwyl verskeie plekname in Suid-Afrika hulle oorsprong by swart mense gehad het.[419]

4 Die verhouding tussen die kultuurgroepe

4.1 Verhouding tussen die verskillende wit kultuurgroepe

In enige gemeenskap is daar voortdurend kontak en interaksie tussen inwoners en in ’n kosmopolitiese gemeenskap soos Bloemfontein in die 1890’s was daar uiteraard ook interaksie tussen die lede van ’n hele aantal kultuurgroepe. Die verhouding tussen die inwoners het ’n belangrike invloed op hulle leefwyse en sosiale struktuur gehad. Soos vermeld, is blankes van alle kultuurgroepe in Bloemfontein verwelkom en as deel van die gemeenskap aanvaar.[420] Daar was dus nie sprake van ’n “uitlander-probleem” in die Vrystaat en sy hoofstad nie.[421] Die Engelse, Afrikaners, Nederlanders, Duitsers, Jode en ook lede van kleiner wit kultuurgroepe het in vrede saamgeleef en tot voordeel van Bloemfontein en die gemeenskap saamgewerk. Die Europese immigrante het die OVS en Bloemfontein as hoofstad volkome as hulle tuiste aanvaar.[422] Inwoners van verskillende kultuurgroepe het saam in kommissies, verenigings of besture van instansies soos die stadsraad gedien, terwyl die gemeenskapsleiers van Bloemfontein ook van verskillende nasionaliteite afkomstig was. Lede van verskillende wit kultuurgroepe was ook in die staatsdiens werksaam.[423] Alle wit inwoners het dieselfde

---

418 Bruwer, p. 189.
419 S.T. Plaatje, *Native life in South Africa*, pp. 36-37; D.H. Houghton, “The process of economic incorporation” in W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*, pp. 397-403. Vergelyk ook Ngcobo, p. 60.
420 Bidwell, p. 18.
421 VAB, A6: Koerantknipsel uit *The Dundee Advertiser*, 20.9.1897: Onderhoud met dr. J. Brebner.
422 *The Friend*, 30.10.1891, p. 2; Trümpelmann, p. 22. Vergelyk ook Scholtz, p. 326.
423 *De Burger*, 30.1.1895, p. 2; *The Friend Almanac* 1893, p. 1.

geleenthede gehad en kon in die staatsdiens werk, maak nie saak van watter kultuurgroep of geloof hulle was nie.[424]

Sommige Europese immigrante, veral Nederlanders en Engelssprekendes, was tog geneig om op Afrikaners neer te sien omdat hulle van mening was dat hulle as Europeërs van meer beskaafde lande afkomstig is.[425] Die Afrikaners, daarenteen, het weer geglo dat hulle eerliker en meer betroubaar as die Europeërs is.[426] Hoewel Nederlanders nie besonder geliefd by Afrikaans- en Engelssprekendes was nie[427] en immigrasie van Nederlanders nie aangemoedig is nie,[428] het baie van hulle, soos dr. J. Brill, C. de Jongh Bloem en D.E. Wentink[429] 'n belangrike rol in die Bloemfonteinse gemeenskap en kultuurlewe gespeel.

Omdat die Joodse immigrante deur die Afrikaners gerespekteer is as "die mense van die Bybel" (spesifiek die Ou Testament), is die Jode in die Vrystaat met agting en vriendelikheid behandel.[430] Die goeie verhoudinge tussen die Jode en Bloemfontein se ander blanke inwoners word geïllustreer deur die feit dat toe een van Isaac Baumann se dogters, Bertha Baumann, in 1874 met Henry Adler getroud is, dié dag tot halwe vakansiedag verklaar is omdat sy die eerste Bloemfontein-gebore meisie was wat in die Vrystaatse hoofstad in die huwelik bevestig is. Haar troue is deur pres. Brand en al die Volksraadslede bygewoon, aangesien die Vrystaatse Volksraad juis toe in sitting was. Die Joodse gemeenskap het ook besonder goeie betrekkinge met presidente Brand en Reitz gehandhaaf.[431]

4.2 Die taalkwessie

'n Interessante aspek van die verhouding tussen die inwoners was die stryd tussen Nederlands en Engels. Reeds in 1854 is bepaal dat Nederlands die amptelike landstaal van die OVS sou wees. Die invloedryke Engelssprekende inwoners van die republiek was egter vasbeslote om hulle Engelse identiteit te behou. Omdat baie van die handelaars, onderwysers en staatsamptenare in die Vrystaat Engelssprekend was, het die Engelse taal in die jare na 1854 voortdurende vordering gemaak as handels-, skool- en selfs omgangstaal. Engels is deur die meeste blanke kultuurgroepe in Bloemfontein verstaan en gepraat en daarom het dit die

---

[424] VAB, A59/9/13: Ongeïdentifiseerde manuskrip oor die Oranje-Vrystaat, p. 22.
[425] *The Friend*, 23.10.1891, p. 2.
[426] VAB, A6: Koerantknipsel uit *The Dundee Advertiser*, 20.9.1897: Onderhoud met dr. J. Brebner; *Daily Express*, 14.8.1890, p. 2.
[427] *The Friend*, 16.10.1891, p. 3 en 23.10.1891, p. 2.
[428] VAB, GS216: Brief , A.M.N. de Villiers, sekretaris van die Volksraad – goewermentsekr., 20.2.1896; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 135-136, 189.
[429] Vir meer besonderhede oor die Nederlanders, kyk 2.3.5, *supra*.
[430] B.M. Casper, "The growth of Jewish community life and its contribution" in *Aspects of Jewish life in South Africa*, p. 6.
[431] R. Mendelsohn en M. Shain, *The Jews in South Africa*, p. 19; Pencharz en Sowden, p. 324.

onderlinge omgangstaal geword.[432] Ofskoon die Vrystaatse Volksraad tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog verskeie ordonnansies uitgevaardig het om die Nederlandse taal te bevorder, is hierdie regulasies nie altyd in die praktyk toegepas nie, met die gevolg dat Engels bly veld wen het. Daarby het die Vrystaatse regering ’n baie verdraagsame houding teenoor die Engelse gedeelte van die bevolking ingeneem en het Engelssprekendes, vanweë hulle bekwaamheid en gevorderde beskawingspeil, belangrike poste in die Vrystaatse staatsdiens en ekonomie beklee.[433]

Sedert sy ontstaan het Bloemfontein, wat deur die Engelse gestig is, ’n sterk Engelse karakter gehad. In die 1890’s was Bloemfontein se karakter steeds oorwegend Engels, hoewel die amptelike taal Nederlands was.[434] Terwyl pres. Brand nie ’n sterk voorkeur aan Nederlands as landstaal gegee het nie,[435] was Reitz ’n groot voorstander van Nederlands en staatsamptenare is verplig om Nederlands as amptelike taal in dokumente te gebruik.[436] Volksraadsvergaderings is in Nederlands gehou en die Volksraadsnotules is in Nederlands geskryf, terwyl dienste in die NG Kerk, wat ook die staatskerk was, in Nederlands gehou is.[437] Volgens Engelssprekende briefskrywers in die koerante het die meeste inwoners van Bloemfontein Afrikaans-Nederlands redelik goed verstaan, maar suiwer Nederlands was vir baie van hulle onverstaanbaar. ’n Voorbeeld wat hier genoem kan word, is pres. Reitz se tweede huwelik in Desember 1889, toe al die verrigtinge in Nederlands gehou is en ’n gedeelte van die huweliksgaste nie kon verstaan wat aangaan nie.[438] Daar was ook klagtes omdat daar in die 1890’s Engelse dienste vir Engelssprekendes in die Bloemfonteinse NG Kerk gehou is.[439]

Die herlewing in die belangstelling in die Nederlandse taal onder Afrikaans- en Nederlandssprekendes was die gevolg van ’n oplewing van nasionalisme onder die Afrikaners, asook pres. Reitz se standpunt oor Nederlands en Afrikaans.[440] Dat daar in die Vrystaatse hoofstad baie kampvegters vir Nederlands was, blyk uit die feit dat daar in 1891 ’n vergadering in Bloemfontein gehou is om wyses te bespreek waardeur die Nederlandse taal bevorder kon word. Dit het gelei tot die stigting van ’n kultuurvereniging, die Vereniging ter Bevordering van die Hollandse Taal en Letterkunde.[441] Deur bemiddeling van baron W.A. van Ittersum, ’n

---

[432] *The Friend*, 10.7.1891, p. 2; J.H. Coetzee, *Die Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys, 1848-1900*, p. 35.
[433] Coetzee, p. 35.
[434] Schoeman, pp. 29-30, 33, 89-91; Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, pp. 58-59.
[435] Coetzee, p. 158.
[436] *The Friend*, 16.12.1892, p. 2; *OVS Wetboek, 1854-1891*, Hoofstuk XXXVII: artikel 1 en 2, pp. 272-273.
[437] Schoeman, p. 89.
[438] *The Friend*, 19.6.1889, p. 3 en 18.12.1889, p. 3.
[439] *Ibid*., 16.7.1890, p. 3.
[440] Scholtz, p. 198.
[441] *The Friend*, 17.4.1891, p. 3.

Nederlandse besoeker aan die Vrystaat in 1891, het bogenoemde vereniging hom beywer vir die skenking van ’n aantal Nederlandse boeke vir Bloemfontein se openbare biblioteek, ten einde inwoners van Bloemfontein in staat te stel om meer Nederlandse boeke te lees.[442] Ofskoon baie mense Afrikaans in die 1890’s steeds as ’n “kombuistaal” beskou het wat nie tot ’n skryf- en leestaal in eie reg sou ontwikkel nie, was daar ook heelwat kampvegters vir Afrikaans wat dié nuwe, ontwikkelende taal se potensiaal in hierdie vroeë dae besef het, soos blyk uit briewe wat in dié tyd aan die koerante geskryf is.[443]

Hoewel Nederlands nog as skryf- en kerktaal gebruik is, kon die meeste Afrikaanse inwoners nie meer suiwer Nederlands praat nie, maar het ’n vereenvoudigde en veranderde vorm van Nederlands gepraat[444] wat besig was om in Afrikaans te ontwikkel. Afrikaans is toe nog nie algemeen as skryftaal gebruik of erken nie.[445] Baie Nederlandssprekendes oftewel Afrikaanssprekendes in Bloemfontein, veral die beter opgeleide mense, het met mekaar in Engels gekorrespondeer en ook met mekaar Engels gepraat. Die Engelssprekende inwoners het uiteraard Engels gepraat, terwyl stadraadsvergaderings dikwels in Engels gehou is. Die spoorwegdepartement is aanvanklik deur die Kaapse Spoorweë beheer en die spoorwegpersoneel was oorwegend Kaapse amptenare van wie die meeste Engelssprekend was. Die voertaal van die spoorweë was dus Engels.[446]

Ook op onderwysgebied is daar ’n stryd tussen Nederlands en Engels gevoer. Volgens die Vrystaatse onderwyswet kon kinders tot standerd twee (vandag graad vier) in die taal van hul ouers se keuse onderrig ontvang. Daarna is hulle in beide tale onderrig, met die voorwaarde dat die helfte van die vakke in Nederlands aangebied moes word. In die praktyk het dit nie altyd gerealiseer nie, omdat daar nie altyd geskikte Nederlandse handboeke vir die betrokke vakke beskikbaar was nie.[447] Die Afrikaans- en Nederlandssprekendes het gemor omdat hulle kinders in Engels onderrig word en gevolglik net Engels lees en skryf. Kinders het dus nie in Nederlandse boeke belanggestel nie.[448] Baie Afrikaans- of Nederlandssprekende kinders het ook op skool Engels gepraat.[449]

---

442 *Ibid*., 10.11.1891, p. 2.
443 *De Burger*, 21.4.1894, p. 3, 2.5.1894, p. 3, 5.5.1894, p. 2, 23.5.1894, p. 4 en 26.5.1894, p. 3.
444 Ook bekend as Kaaps-Hollands. Scholtz, p. 234.
445 VAB, A75/2: “Onze Afrikaans-Hollandse spreektaal”, artikel deur oud-regter Melius de Villiers; *De Burger*, 23.6.1894, p. 4 en 11.7.1894, p. 3.
446 VAB, DFR: *Inventory of the archives of the Director-General of the Free State Government Railways, 1878-1908*, introduction, p. ii.
447 *OVS Wetboek, 1854-1891*, Hoofstuk XLIX: artikel 104, p. 327; *The Friend*, 10.7.1891, p. 2.
448 *De Express*, 21.1.1890, p. 3 en 28.1.1890, p. 3.
449 Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, p. 60.

Daar was veral klagtes oor die Bloemfonteinse skole Grey-kollege en die Damesinstituut, waar Engels dikwels bo Nederlands voorkeur geniet het.[450] Daarenteen het die Engelssprekendes weer gekla oor die bevordering van Nederlands deur die wet omdat hulle van mening is dat Engels as ’n wêreldtaal in die toekoms dié taal van ’n verenigde Suid-Afrika sou word.[451] Die Vrystaatse onderwyskommissie het aanbeveel dat Nederlands op gelyke voet met Engels in die Vrystaatse skole gestel word, maar die stryd tussen die tale op onderwysgebied het voortgeduur.[452]

Nederlands sowel as Afrikaans het baie kampvegters in die Vrystaat en sy hoofstad gehad. In 1890 het Hendrick Fouché, ’n stadsraadslid wat net Nederlands kon verstaan, versoek dat die vergaderings in Nederlands gehou word, wat daartoe gelei het dat die Engelssprekende onderburgemeester, S. Goddard, sy bedanking ingehandig het omdat hy nie kon verstaan wat aangaan nie. Goddard het later sy bedanking teruggetrek,[453] maar daar was ’n voortdurende stryd oor watter taal tydens stadraadsvergaderings gebruik moes word. Soms is die tale afgewissel sodat almal tevrede gestel kon word.[454]

Die stryd tussen Engels en Nederlands, of dan Afrikaans, as spreektaal is ook in die plaaslike pers[455] gevoer met voor- en teenstanders van elke taal wat gereeld briewe aan die koerante geskryf het.[456] *The Friend*, wat die oudste koerant in die Vrystaat was, was pro-Engels, terwyl sy grootste teenstander, *De Express*, ’n groot kampvegter vir Nederlands was. *The Friend*, wat tot in 1893 beide Nederlandse en Engelse berigte in elke uitgawe bevat het, het van 1894-1897 ’n afsonderlike Nederlandse koerant, *De Burger*, uitgegee in ’n poging om meer Nederlandse en Afrikaanse lesers te trek. Ofskoon *De Burger* ’n Nederlandse koerant was, het dié susterkoerant van *The Friend* en die pro-Nederlandse *De Express* nie langs dieselfde vuur gesit nie. Die weeklikse *De Express*, wat hoofsaaklik vir lesers op die Vrystaatse platteland bedoel was, het ook ’n daaglikse susterkoerant, naamlik eers *The Daily News* en sedert 1890 *The Daily Express* uitgegee. Laasgenoemde twee koerante was spesifiek vir Bloemfontein bedoel en het grootliks Engelse berigte bevat omdat die meeste inwoners van Bloemfontein Engels magtig was. Waar *De Express* kon, het hy Nederlands as taal probeer bevorder, terwyl

---

[450] *The Friend*, 16.12.1892, p. 2; I.S.J. Venter, *Die geskiedenis van die Damesinstituut Eunice*, p. 137. Vergelyk ook Coetzee, p. 154.
[451] *The Friend*, 19.6.1889, p. 3 en 16.12.1892, p. 2; *Daily News*, 11.2.1890, p. 4, 18.3.1890, p. 3 en 5.4.1890, p. 4.
[452] *The Friend*, 24.7.1891, pp. 2-3.
[453] *De Express*,28.9.1890, p. 6 en 28.1.1896, p. 3; Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, p. 58.
[454] *The Friend*, 21.8.1891, p. 3; Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, pp. 60-61.
[455] Die plaaslike pers en koerante word in hoofstuk 5 meer breedvoerig bespreek.
[456] *De Express*, 21.1.1890, p. 3; *Daily News*, 11.2.1890, p. 4, 18.3.1890, p. 3 en 3.4.1890, p. 3; *The Friend*, 11.11.1890, p. 2 en 28.11.190, p. 2.

The Friend weer Engels se deugde as internasionale taal besing het. Dit was dus nie vreemd dat die koerante venynig tenoor mekaar was en mekaar selfs openlik aangeval het nie.[457]

Omdat Bloemfontein so ’n kosmopolitiese bevolking gehad het, was die taalkwessie nie so maklik om op te los nie en dit het voortgeduur totdat die Britse besetting van Bloemfontein in Maart 1900 tydens die Anglo-Boereoorlog die Engelse in beheer van Bloemfontein geplaas het. Nederlands sou sy dominante posisie as skryftaal in Suid-Afrika tot aan die einde van die 19de eeu behou, terwyl Afrikaans eers na 1902 met rasse skrede sou veld wen.[458]

Dit was nie net die verhouding tussen die verskillende blanke kultuurgroepe onderling wat die lewenswyse van die inwoners van Bloemfontein beïnvloed het nie, maar die voortdurende kontak en interaksie tussen blanke en nie-blanke inwoners het ook ’n groot invloed op die rassegroepe gehad. As gevolg van noodsaaklike ekonomiese integrasie het die interaksie veral tot groot kultuurverandering onder nie-blanke groepe gelei.

4.3 Verhouding tussen blankes en nie-blankes

In die Vrystaat, en ook in sy hoofstad, Bloemfontein, was daar ’n streng skeiding tussen blank en nie-blank op sosiale gebied.[459] Hoewel die twee groepe op ekonomiese gebied baie nou verweef was, is residensiële segregasie streng gehandhaaf. Ook wat treinvervoer betref, is skeiding gehandhaaf, aangesien nie-blankes net derde klas kon reis.[460] Hoofsaaklik weens groot kultuurverskille, asook in ontwikkelings- en beskawingspeil, het sosiale omgang buite werkverband feitlik nie bestaan nie en gemengde huwelike het selde voorgekom, ofskoon daar geen wet was wat sodanige huwelike verbied het nie. Veral Afrikaners het geglo dat God verskillende rasse gemaak het en dat dit verkeerd was om rasse te vermeng. Die feit dat die gemeenskap gemengde huwelike afgekeur het en dat daar vooroordele ten opsigte van nie-blankes was en op hulle neergesien is, het waarskynlik daartoe bygedra.[461]

Die vooroordeel teenoor swart mense en die kloof tussen wit en swart op sosiale gebied in Bloemfontein blyk duidelik uit die gebeure tydens die besoek van die Amerikaanse vermaaklikheidsgroep die “Jubilee Singers”. Hulle het Bloemfontein in Augustus 1891 as deel van hul Suid-Afrikaanse toer besoek en oral groot lof vir hulle optrede ontvang. Omdat dié groep uit swart mense bestaan het, was ’n deel van Bloemfontein se blankes van mening dat

---

457 *De Express*, 21.1.1890, p. 3; *The Friend*, 14.11.1890, p. 2; Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, pp. 61-63. Vergelyk ook: Scholtz, pp. 98-99, 216-217.
458 Scholtz, pp. 234-237.
459 *The Friend*, 11.11.1892, pp. 2-3.
460 *De Burger*, 12.1.1895, p. 2.
461 J. Fisher, *The Afrikaners*, pp. 302-304; J. Mackinnon, *South African traits*, pp. 61, 274-275.

hulle konserte nie ondersteun moes word nie. Toe die Bloemfonteinse Lawn Tennis Club die sangers nog boonop vir tee en tennis nooi, was daar groot ongelukkigheid onder die meer konserwatiewe inwoners van die Vrystaatse hoofstad.[462] Toe die nie-blankes van Waaihoek in 1892 by die stadsraad aansoek gedoen het om ’n gratis stuk grond vir ’n tennisbaan, was die meeste blanke inwoners van Bloemfontein verontwaardig omdat hulle van mening was dat as nie-blankes tyd en geld het om tennis te speel, hulle nie hard genoeg werk nie en te veel betaal word.[463]

Terwyl die liberalisme in Brittanje opgang gemaak en gelykheid tussen blankes en nie-blankes verkondig het, was die Afrikaners en selfs die Engelssprekende blankes in die Vrystaat en sy hoofstad meer bewus van die groot beskawings- en kultuurverskille tussen blank en nie-blank in 19de-eeuse Suid-Afrika.[464] Verskille in beskawings- en ontwikkelingspeil het in Suid-Afrika oor eeue heen aan die kleur van mense se vel verbonde geraak.[465] Die Afrikaner het vas geglo dat die beginsel van gelykheid tussen wit en swart die einde van die Westerse beskawing in Suid-Afrika sou beteken en reeds in die 1890’s is besef dat die rassekwessie in die Vrystaat (en die hele Suid-Afrika), asook mededinging tussen blank en nie-blank, in die toekoms ’n groot probleem sou word.[466]

Sommige blankes het geglo dat nie-blankes nie hard gewerk het tensy hulle ’n blanke toesighouer gehad het nie en was gekant teen te veel onderwys en kerkbesoek vir nie-blankes, aangesien hulle van mening was dat hulle dan ’n tekort aan bediendes en huiswerkers sou hê en geleerdheid hulle werkers lui, asook meer opstandig en parmantig, gemaak het.[467] Boonop is gevoel dat blanke werkgewers deur die onderrig van hulle nie-blanke werknemers benadeel word, aangesien hulle skole tydens werktyd bygewoon het.[468] Ander blankes was weer van mening dat nie-blankes geregtig was op onderwys en kerkbesoek en dat hulle toegelaat moes word om enige beroep te beoefen, veral omdat hulle belasting moes betaal.[469] Die blankes het uit ondervinding geleer dat hulle hul nie-blanke werkers streng, maar regverdig moes behandel en respek moes afdwing indien hulle goeie werk verlang.[470]

---

462 *The Friend*, 18.8.1891, p. 3, 25.9.1891, p. 3, 6.10.1891, p. 3 en 9.10.1891, p. 2.
463 *Ibid*., 11.11.1892, pp. 2-3.
464 *De Burger*, 12.12.1894, p. 3; B.F. Nel, *Naturelle-opvoeding en onderwys* 1, pp. 8-11. Vergelyk ook Scholtz, p. 298.
465 Coertze, p. 102; B.F. Nel, p. 11.
466 *De Burger*, 29.9.1894, p. 2, 13.10.1894, p. 3, 17.10.1894, p. 3 en 12.12.1894, p. 3; *Daily Express*, 19.7.1890, p. 2. Vergelyk ook Scholtz, p. 175.
467 *The Friend*, 26.1.1892, p. 3, 16.6.1893, p. 3, 20.6.1893, p. 3 en 8.12.1893, p. 3; *Daily Express*, 19.7.1890, p. 2.
468 *De Burger*, 29.9.1894, p. 2; *The Friend*, 24.4.1889, p. 5 en 8.9.1891, p. 3.
469 *Daily Express*, 19.7.1890, p. 2; *De Burger*, 1.12.1894, p. 3.
470 *De Burger*, 23.5.1894, p. 2; *De Express*, 3.5.1895, p. 3.

Die nie-blankes daarenteen het geglo dat hulle deur die blankes uitgebuit word en dat die wit mense nie vertrou kon word nie, want daar is byvoorbeeld geglo dat die paswette deur die blankes misbruik is om geld by die nie-blankes te kry wanneer 'n nuwe staatsgebou opgerig moes word.[471] Swart mense het ook in die koerante beswaar gemaak teen die gebruik van die woord "Kaffer", aangesien baie wit mense dit vir alle swart mense gebruik het omdat hulle geglo het dat dié woord "swart" beteken.[472]

Streng skeiding is ook op kerklike gebied gehandhaaf – nie-blankes is meestal nie toegelaat om blanke kerkdienste in Bloemfontein by te woon nie. Dit is veral streng by die NG Kerk toegepas.[473] Hoewel die meeste kerkgenootskappe in Bloemfontein en omgewing kerkdienste vir nie-blankes gehou en sendingwerk gedoen het, was die dienste gewoonlik afsonderlik en dikwels ook in verskillende kerkgeboue. Die Anglikaanse Kerk daarenteen het die standpunt gehandhaaf dat sy kerkdienste in die katedraal toeganklik was vir kerkgangers van enige ras of kultuurgroep, op voorwaarde dat hulle gedoop is.[474]

Ofskoon wit Vrystaters nie-blankes as hulle diensknegte beskou het, het die meeste blankes in Bloemfontein tog 'n mensliewende gesindheid teenoor die nie-blankes openbaar en hulle goed behandel. Die nie-blankes is dikwels as 'kinders' beskou en die blankes het vir hulle nie-blanke werkers verantwoordelik gevoel. As bediendes en werkers in huishoudings het hulle nie hoë lone gekry nie, maar hulle het volop kos en ook klere van hulle werkgewers gekry. Werkgewers het dus oor die algemeen goed vir hulle nie-blanke werkers gesorg.[475] Interessant genoeg het die Afrikaners hulle nie-blanke bediendes beter hanteer as die Engelssprekende inwoners, aangesien die Afrikaner swart mense beter verstaan het. Volgens die tydgenootlike koerante was die nuwe Engelssprekende immigrante baie minder simpatiek teenoor swart mense as die reeds gevestigde Bloemfonteiners.[476]

Daar was soms ook rassevoorvalle tussen swart en wit in Bloemfontein. In Mei 1889 het die swart Anglikaanse evangelis Gabriel David aan pres. Reitz geskryf om te kla oor 'n voorval toe wit lede van die Vrystaatse Artillerie nie-blanke kerkgangers van die St. Patrick-

---

471 *Daily Express*, 1.8.1890, p. 3.

472 Ofskoon die woord "Kaffer" of "Kafir" aanvanklik 'n neutrale woord was wat vir swart mense van Afrika gebruik is en nie die huidige negatiewe konnotasie gehad het nie, stam die woord van 'n Arabiese woord af wat "ongelowige" beteken en vir alle mense wat nie Christene, Jode of Moslems was nie, gebruik is. Swart mense wat in die 19de eeu die Christelike geloof aanvaar het, het dus toe reeds 'n negatiewe betekenis aan dié woord geheg en daarteen beswaar gemaak. *The Friend*, 11.4.1893, p. 3; "Kafir (racial term)", <http://en.wikipedia.org/wiki/Kaffir_(racial term)>, geraadpleeg 23.7.2010.

473 J.F. Venter, *Die ontwikkeling van die stelsel van bewegingsbeheer ten opsigte van nie-blankes in Suid-Afrika 1652-1910* 2, pp. 313-314.

474 VAB, A507/9: Classified digest of the records of the society for the propagation of the gospel, p. 351.

475 *The Friend*, 24.4.1889, p. 5; Scholtz, pp. 174-175.

476 *Daily Express*, 22.8.1890, p. 3 en 14.10.1890, p. 3.

sending naby die katedraal na afloop van ’n kerkdiens op ’n Sondagaand geslaan het. Reitz het die optrede van die artilleriste ten sterkste afgekeur en kapt. Albrecht versoek om teen die skuldiges op te tree. Nadat Albrecht die saak ondersoek het, het dit geblyk dat die swart mense die artilleriste maande lank voor bogenoemde voorval aanhoudend beledig, gespot en uitgetart het, veral wanneer die artilleriste in uniform en met krygsoefeninge of kerkparade besig was en hulle hulleself dus nie kon verweer nie. Op dié spesifieke Sondag het die swart mense die manskappe weer beledig en hulle het dus besluit om die teisteraars ’n les te leer.[477]

Wat die verhouding tussen die blankes en die Indiërs betref, was daar, soos reeds gesê, baie min Indiërs in Bloemfontein omdat die blankes hulle eintlik glad nie daar wou gehad het nie, behalwe as bediendes of kokke. Die blankes, en veral die Afrikaners, het die Indiërs as onhigiëniese indringers met ’n vreemde kultuur en as oneerlike handelaars beskou.[478] Die blankes het geglo dat die Indiërs draers van siektes soos cholera was, soos in Augustus 1890 toe daar ’n cholera-epidemie in Natal was en die Boererepublieke bang was dat die siekte ook na hulle grondgebied sou versprei. Die ZAR het selfs in ’n stadium sy grense gesluit om die verspreiding van cholera te probeer voorkom.[479] Daarom is hulle in 1890 ook verbied om in die Vrystaat te woon en handel te dryf, behalwe as hulle bereid was om as bediendes te werk. Omdat die Indiërs nie grond en besighede in die Vrystaat kon besit nie, het die meeste van hulle die Vrystaat verlaat.[480]

Die verhouding tussen die blanke en nie-blanke inwoners van Bloemfontein was dus hoofsaaklik een van baas teenoor kneg, maar tog het die meeste blankes hulle nie-blanke werkers en bediendes redelik goed behandel. Geen inligting kon gevind word oor hoe die verhouding tussen die onderskeie nie-blanke groepe onderling was nie. Geen negatiewe voorvalle is vermeld nie. Buiten die verhoudings tussen die verskillende kultuurgroepe van ’n stad of dorp, het die ontwikkelingsvlak en karakter van die inwoners ook ’n bepalende invloed op die ontwikkeling en karakter van die betrokke dorp of stad.

5 Die ontwikkelingsvlak en karakter van die inwoners

Omdat die ontwikkelingsvlak en karakter van die onderskeie kultuurgroepe in kosmopolitiese Bloemfontein reeds bespreek is, word hier net ’n aantal algemene opmerkings oor die inwoners gemaak. Baie van die blankes was hoogs ontwikkelde, geletterde mense afkomstig uit Brittanje en ander dele van Europa met ’n hoogs beskaafde en ontwikkelde kultuuragtergrond. Hulle het

---

477 VAB, GS183: G. David – pres. Reitz, 27.5.1889; kapt. Albrecht – goewermentsekr., 28.5.1889.
478 Fischer, pp. 308-309.
479 *Daily Express*, 17.10.1894, p. 3.
480 *De Burger*, 17.10.1894, p. 3.

hierdie kultuurwaardes vanselfsprekend met hulle saamgebring en hul bekwaamhede tot die voordeel van Bloemfontein en sy inwoners aangewend. Baie van hierdie mense het ook hulle kultuurbande met hul stamlande behou.[481]

In die 1890's het die blanke inwoners van Bloemfontein graag gelees – beide fiksie en nie-fiksie, terwyl baie van die swart en bruin inwoners deur die werk van die verskillende kerkgenootskappe leer lees en skryf het. Die hoofstad se biblioteek en boekwinkels is dus goed ondersteun en 'n wye verskeidenheid boeke was beskikbaar, terwyl 'n hoë standaard ook op musiek- en sosiale gebied gehandhaaf is.[482] Terwyl die ontwikkelingsvlak van die wit Bloemfonteiners redelik hoog was,[483] het die ontwikkelingsvlak en lewenstandaard van die nie-blanke inwoners ook langsamerhand toegeneem.[484]

Vervolgens word spesifieke karaktertrekke van Bloemfontein se inwoners, soos deur tydgenootlike bronne vermeld, kortliks genoem.[485] Baie Bloemfonteiners was onkundig en bygelowig ten opsigte van die oorsake en voorkoming van aansteeklike siektes soos witseerkeel en plae soos sprinkane.[486] Sommige van die inwoners se optrede by konserte, toneelopvoerings en lesings was ook nie altyd gepas nie, waarskynlik as gevolg van onkunde. So is daar tydens ernstige musiek- of toneelopvoerings deur gehoorlede gefluit of onvanpas gelag, sodat dit ander toehoorders en die musici of akteurs gepla het.[487] Waarskynlik was sommige van die toneel- en musiekopvoerings wat in Bloemfontein op die planke gebring is, te diepgaande en te ernstig vir die gemiddelde teaterganger. *The Friend* vermeld in 1889 dat die Bloemfonteinse mans nie altyd hoflik teenoor dames opgetree het nie.[488] Verder was die blanke inwoners baie nuuskierig, maar oor die algemeen eerlik en bedaard, en ten gunste van nuwe idees en vooruitgang.[489] Daar is ook van die Bloemfonteiners se gasvryheid, hulpvaardigheid en vriendelikheid melding gemaak.[490] Hulle het 'n gebrek aan spaarsamigheid getoon, maar integriteit, eerlikheid en lojaliteit is hoog geag.[491]

---

[481] *The Friend*, 28.5.1895, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 127-128.
[482] *Daily Express*, 23.8.1890, p. 3; *The Friend*, 6.1.891, p. 3, 14.6.1892 en 23.1.1894, p. 4. Meer hieroor in hoofstukke 3 en 5.
[483] *The Friend*, 19.6.1894, p. 2.
[484] Sister Frances Louisa, *Gleanings in sunny Africa, 1873-1901*, p. 17; *The Friend*, 11.4.1893, p. 3 en 24.7.1894, p. 4.
[485] Hier het die tydgenootlike koerante spesifiek na die wit inwoners van Bloemfontein verwys.
[486] *The Friend*, 8.5.1889, p. 2 en 2.12.1892, p. 2.
[487] *Daily Express*, 23.8.1890, p. 3; *The Friend*, 18.9.1889, p. 3, 27.3.1889, p. 6, 18.9.1889, p. 3, 18.12.1889, p. 3, 26.8.1890, p. 3, 14.11.1890, p. 3, 7.4.1891, p. 3 en 17.12.1895, p. 3.
[488] *The Friend*, 18.12.1889, p. 3.
[489] *The Friend*, 7.5.1890, p. 3 en 12.7.1892; *Daily Express*, 28.7.1890, p. 2.
[490] Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), PV522/2/1/2: E.N. Roberts, "History bits. We move to the capital, Bloemfontein", p. 7; *The Friend*, 26.8.1892, p. 3 en 30.9.1892, p. 2.
[491] *The Friend*, 23.1.1894, p. 2, 19.6.1894, p. 3 en 29.6.1894, p. 2.

6 Slot

Bloemfontein se inwoners in die 1890's was dus baie kosmopolities en het uit 'n groot verskeidenheid kultuurgroepe bestaan. Elke kultuurgroep het sy eie, betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling en kultuur van die Vrystaatse hoofstad gelewer en elke groep het sy eie leiersfigure gehad.

Afrikaners het in die 1890's reeds 'n eie identiteit gehad en het veral 'n groot rol in die staatsdiens, regering, regstelsel en spoorweë gespeel. Omdat die OVS 'n Boererepubliek was, was al die staatspresidente, wat in Bloemfontein as hoofstad gewoon het, uiteraard Afrikaners.

Die Duitse inwoners van Bloemfontein het op feitlik elke lewens- en werkterrein 'n belangrike rol gespeel. Hoe groot die Duitsers se invloed in Bloemfontein was, word uitmuntend geïllustreer deur die feit dat in die ongeveer 50 jaar van die bestaan van die Boererepubliek, 'n handjievol Duitsers amper vir altesaam 20 jaar lank burgemeester van die Vrystaat se hoofstad was.

Die Engelssprekende inwoners was nie net vir die stigting van Bloemfontein verantwoordelik nie, maar het ook 'n belangrike bydrae tot die handel en ekonomie, die boukuns, die onderwys en die politiek, asook op kerklike en godsdienstige gebied gelewer.

Die meeste Joodse inwoners van Bloemfontein was van Duitsland afkomstig en het 'n belangrike bydrae tot die handel en ekonomie gemaak, maar het ook by dorpsake en op musiekgebied betrokke geraak. Omdat die Joodse intrekkers 'n vernuwende burgerlike en sosiale stimulus verleen het, het hulle die kulturele en ontwikkelingsvlak van die Bloemfonteinse gemeenskap verryk.[492]

Hoewel die Nederlandse immigrante dikwels ongewild was in die Vrystaat en sy hoofstad, het hulle veral 'n groot rol in die staatsdiens, argitektuur, die onderwys en die plaaslike pers gespeel.

Die Britse en Europese argitekte en ambagsmanne met hulle opleiding, vaardighede en ondervinding in die buiteland het nuwe argitektuurstyle ingevoer en groot, indrukwekkende geboue het in die Vrystaatse hoofstad verrys.[493] Die buitelanders of "uitlanders" wat Bloemfontein in die 1890's hulle tuiste gemaak het – veral die Britte, Duitsers en Nederlanders – het dus letterlik die Vrystaatse hoofstad opgebou omdat hulle so 'n groot rol in die boukuns van Bloemfontein gespeel het.[494]

---

[492] Pencharz en Sowden, p. 322; Leviseur, p. 39. Vergelyk ook G.H. Calpin (red.), *The South African way of life*, p. 39.
[493] Kyk hoofstuk 4 vir meer besonderhede.
[494] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 121; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 108.

Aanvanklik het Bloemfontein nie baie nie-blanke inwoners gehad nie, maar met die vinnige ontwikkeling van die Vrystaatse hoofstad en veral na die koms van die spoorlyn het al hoe meer nie-blankes daar kom werk soek. Nie-blanke arbeiders, diensbodes en bediendes was altyd in aanvraag.

Hoewel die bruin mense van Bloemfontein hulle in ’n soort lugleegte tussen wit en swart bevind het, het daar soms vermenging met beide die wit en swart inwoners plaasgevind. Die Anglikaanse Kerk het geleidelik meer betrokke geraak by die werk onder bruin mense en het kerkdienste vir hulle gehou en onderrig aan hulle verskaf.

Weens drastiese wetgewing en beperkings op die Vrystaatse Indiërs in die 19de eeu het Bloemfontein in die 1890’s nie ’n groot Indiërbevolking gehad nie. Hulle het dus nie ’n groot rol in Bloemfontein gespeel nie.

Omdat swart en bruin mense die handearbeid in die Vrystaat en sy hoofstad gedoen het, het hulle baie tot die ontwikkeling van Bloemfontein bygedra. Ofskoon die blankes die kundigheid en kapitaal verskaf het, het bruin en swart mense fisies geboue, paaie en spoorweë gebou. Hul handearbeid het dus gehelp om die fondamente van die huidige ekonomiese en industriële stelsel van die land te lê. In der waarheid het bruin en swart mense gehelp om die Westerse kultuur en beskawing in die Vrystaat en die res van Suid-Afrika op te bou.

Die aanraking tussen wit en swart in Bloemfontein het vêrreikende gevolge vir beide wit en swart gehad. Dit het tot groot kultuurveranderings gelei, veral vir die swart mense, aangesien hulle aan die Europese of Westerse kultuur blootgestel en grootliks daardeur beïnvloed is. Op feitlik alle kultuurgebiede was die swart mense aan kultuurverandering en -beïnvloeding onderworpe en is hulle gedwing om aanpassings te maak.[495] Die blankes se kultuur is ook deur die kontak met nie-blankes beïnvloed, hoewel meer indirek. Die blankes het hulle ekonomie op die ongeskoolde arbeid van bruin en swart mense gebou en het sodoende afhanklik van nie-blankes se goedkoop arbeid geword.[496] Hierdie ekonomiese integrasie tussen blank en nie-blank het ’n proses begin wat later ’n groot invloed op Suid-Afrika se geskiedenis sou uitoefen en uiteindelik tot ingrypende veranderinge in die land gelei het.[497]

Aangesien die kultuurgroepe, die verhouding tussen die verskillende kultuurgroepe en die karakter van Bloemfontein se inwoners tydens die Reitz-tydperk in hoofstuk 2 bespreek is, word daar in die volgende hoofstuk gekyk na die lewenstyl en daaglikse leefwyse van die inwoners. Hier word onder meer hulle kleredrag, interieurinrigting en meubels, voedsel en drank, tradisies en gebruike, sosiale probleme, misdaad, asook siektes en sterftes, bespreek.

---

[495] A.L. Müller (red.), *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika*, pp. 160-163.
[496] South African native races committee, p. 4.
[497] Brookes, *The history of native policy*, p. 415; South African native races committee, p. 4.

Hoofstuk 3

DAAGLIKSE LEWENSWYSE VAN DIE INWONERS VAN BLOEMFONTEIN

1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar na die uiterlike of materiële sy van die inwoners, naamlik hulle daaglikse lewenswyse, gekyk. Hier word onder meer hulle kleredrag, huisinrigting, eetgewoontes, voedsel en drank bespreek. Die tydsgees en stylkenmerke van die Reitz-tydperk, wat saamgeval het met die Laat-Victoriaanse tydperk in Bloemfontein, word ook in hierdie hoofstuk onder die loep geneem. Die inwoners se tradisies en gebruike, siektes en sterftes, misdaad en die sosiale probleme wat in die 1890's in Bloemfontein ondervind is, word ook kortliks bespreek.

Die 1890's vorm deel van die Victoriaanse tydperk, vernoem na koningin Victoria (1819-1901), wat van 1837 tot 1901 in Brittanje op die troon was. Dié styl het ook in ander wêrelddele, soos Suid-Afrika, 'n groot invloed gehad en styltendense is nagevolg. Dié stylperiode word in drie subtydperke onderverdeel, naamlik: Vroeg-Victoriaans, ca. 1830-1850; Middel-Victoriaans, ca. 1850-1880 en Laat-Victoriaans, ca. 1875-1900.[1] Geen duidelike skeidslyne tussen die subtydperke bestaan nie en verskillende Victoriaanse tydperke het mekaar oorvleuel deurdat kenmerke van een periode steeds in die daaropvolgende een aangetref is. Daarom oorvleuel die datums.[2] Ander bronne meld dat die Laat-Victoriaanse tydperk reeds teen 1890 sy kenmerkende karakter begin verloor het en

---

1 R. Swedberg en H. Swedberg, *Victorian furniture: styles and prices*, p. 16; R. de Wet, "Die Laat-Victoriaanse interieur 1880-1890", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(1), Januarie 1984, p. 24.

2 S. Loubscher, *Middle and Late Victorian furniture* (Referaat gelewer tydens die Oos-Kaapse Konferensie van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging in Queenstown, 6-9 Oktober 1991), p. 1.

dui 1890 aan as die datum waarop die Edwardiaanse tydperk[3] begin het.[4] Die Edwardiaanse tydperk in Brittanje word deur sommige bronne tussen ca. 1890 en 1914 vasgestel,[5] maar die invloed daarvan was waarskynlik enkele jare na 1890 eers in Suid-Afrika en veral in Bloemfontein merkbaar. Die tydperke het in Suid-Afrika klaarblyklik later begin en langer as in Brittanje geduur.[6]

Tydens die bewind van koningin Victoria, en veral in die 1890's, het 'n uitsonderlike nywerheidsopbloei groter welvaart vir Brittanje meegebring. In Suid-Afrika het die Laat-Victoriaanse tydperk, en dus ook Reitz se presidentskap in die Vrystaat, saamgeval met die welvaart wat die ontdekking van diamante en goud meegebring het.[7] Die Victoriaanse tydperk is deur streng morele waardes maar terselfdertyd ongekende materialisme gekenmerk. Dit het 'n invloed op woningbou en interieur gehad wat in oordadige versierings en huise oorlaai met meubels en ornamente tot uiting gekom het.[8]

Die oorheersende geestestroming van die 19de eeu was die Romantiek wat weer op kultuuruitinge, soos onder meer argitektuur, woningbou, interieur en binnenshuise inrigting, sowel as kleredrag, 'n invloed gehad het. Die gees van die Romantiek is gekenmerk deur 'n belangstelling en teruggrype na die verlede, veral wat historiese boustyle soos die Gotiek en Klassisisme betref, asook 'n verlange na en ontvlugting in die natuur, wat tot uiting gekom het in die gebruik van binnenshuise potplante soos varings, rankplante en aspidistras, asook blomme in staanders, potte en bakke.[9]

'n Verdere kenmerk van die Romantiek is die verlange na verre, onbekende plekke wat in 'n ongekende versamelingsdrang tot uiting gekom het. Die Victoriane het graag gereis en voorwerpe soos potte, porselein, erdewerk, koperware en veral Oosterse voorwerpe is ywerig versamel en in huise uitgestal. Jagtrofees soos bokkoppe en horings teen die mure was 'n statussimbool.[10] Oosterse invloed in Bloemfontein se huise uit die 1890's blyk duidelik uit die gebruik van Chinese skerms, vase, waaiers, Chinese porselein, lakwerk, rottangmeubels en

---

3 Die Edwardiaanse tydperk is vernoem na koningin Victoria se troonopvolger en seun, Edward VII (1841-1910), wat van 1901 tot 1910 regeer het.

4 Loubscher, p. 1; J.B. Priestly, *The Edwardians*, pp. 24, 83. Vergelyk ook P. Garner, *The world of Edwardiana*, p. 6.

5 Garner, p. 6.

6 Loubscher, p. 1.

7 C.W. Cunnington, *English women's clothing in the nineteenth century*, p. 367; De Wet, p. 23.

8 G. Weaver (red.), *Antiques in the home: a guide to period design and price*, pp. 29-36; J. Miller en M. Miller, *Period style*, p. 216.

9 W.E. Houghton, *The Victorian frame of mind, 1830-1870*, p. 314; De Wet, p. 23.

10 De Wet, p. 23.

-skerms, Oosterse matte en selfs Oosterse materiale soos Chinese en geborduurde sy.[11] Ten opsigte van kleredrag in die Laat-Victoriaanse tydperk was die mode (veral wat damesdrag aanbetref) ook effe oordadig, maar tegelykertyd tog elegant en romanties.

2 Kleredrag, mode en bykomstighede

Mev. Blanca Marais (née Borckenhagen) het die 1890's onthou as 'n tyd waarin die meeste inwoners van Bloemfontein netjies in hoofsaaklik Europese modes geklee was.[12] Plaaslike kleremakers het die Europese modes (veral Britse en Franse modestyle) nagevolg, sodat inwoners meestal deftig geklee was. Die feit dat baie van die wit inwoners van Europese afkoms was en dat Bloemfontein baie Europese besoekers ontvang het, het ook die modes beïnvloed.[13]

Bloemfontein se winkels het 'n wye verskeidenheid klere, skoene, hoede en ander bykomstighede aangehou, meestal van die buiteland af ingevoer,[14] maar daar was ook plaaslike kleremakers, soos Thomas en Thomas.[15] Van die klerewinkels het hulle eie kleremakers in diens gehad.[16] Die meer welgestelde dames het van hulle klere ook in die buiteland laat maak.[17] Vir alledaagse drag het mev. R.I. (Tibbie) Steyn vir haar en regter (later pres.) M.T. Steyn klere by kleremaaksters op Philippolis laat maak. Haar moeder, mev. Fraser, wat op Philippolis gewoon het, het die klere dan met 'n geleentheid na Bloemfontein aangestuur.[18] Tydens oorsese reise is klere ook aangekoop, veral in Brittanje, sodat Bloemfontein se inwoners redelik op hoogte met die nuutste kleremodes gebly het.[19]

2.1 Mans- en seunsdrag

Tussen 1880 en 1900 het mansdrag min in snit en styl verander. Deurdat die skouers van die baadjie en mantel mettertyd meer hoekig gemaak is, is die manlike silhoeët heelwat sterker

---

[11] *Daily News*, 3.1.1890, p. 4, 10.1.1890, p. 4, 27.1.1890, p. 4 en 25.1.1890, p. 3.
[12] Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (hierna VAB), A507/6 (toevoeging A519), Korrespondensie met ou inwoners van Bloemfontein: B. Marais – K. Schoeman, 12.5.1979.
[13] *Daily Express*, 14.6.1890, p. 2; A.C. Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Mei 1989), pp. 57, 93.
[14] *Daily News*, 31.12.1889, p. 1 en 3.1.1890, p. 4; *The Friend*, 27.9.1892, p. 1 en 24.3.1893, p. 1.
[15] *The Friend*, 19.1.1890, p. 1 en 19.2.1890, p. 5; *Daily Express*, 3.6.1890, p. 3.
[16] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 112; *De Express*, 12.8.1890, p. 2.
[17] VAB, A156/6/1 (toevoeging A532.101): Manuskrip: "Ouma dikteer" (Memoirs van mev. R.I. Steyn).
[18] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – mev. R.I. Steyn, Julie - September 1888.
[19] *Ibid*.: mev. Fraser – mev. R.I. Steyn, Julie - November 1893.

beklemtoon. Omdat vroue in die 1890's stadig geëmansipeerd begin raak het en sekere mansmodes, soos snyerspakke en die rewersbaadjie, deel van damesmodes geword het, was dit nodig om só die man se manlikheid en forsheid te aksentueer. Snitte van manspakke en baadjies was eenvoudig en die kleure was gedemp, terwyl mansklere van baie swaarder materiaal as vandag s'n gemaak is. Tweed was steeds 'n gewilde materiaal vir die maak van manspakke sowel as informele drag vir sport en ontspanning.[20] Sersje, veral donkerblou sersje, het geleidelik meer gewild geword vir die maak van mansklere, terwyl kamstof, flanel, alpakka, ferweel en koordstof ook gebruik is. Vir somerdrag was wit, grys of bruin pakke in dunner materiaal soos dril, seildoek, tussah-sy en selfs glanssatyn beskikbaar.[21]

In September 1888 het mev. Tibbie Steyn byvoorbeeld vir regter Steyn 'n pak klere van 'n baie ligte materiaal volgens maat by haar moeder se kleremaker op Philippolis laat maak.[22] Van Volksraadslede is verwag om swart pakke en klere tydens sittings te dra.[23] Manel- en aandpakke is saans en vir formele geleenthede gedra.[24]

Manspakke het gewoonlik uit 'n baadjie, onderbaadjie en langbroek bestaan (kyk figuur 5). Baadjies het effens langer geword en aan die voorkant geronde punte gehad. Deftige pakke het gewoonlik uit 'n baadjie en broek van dieselfde kleur en materiaal bestaan.[25]

Figuur 5: Die Fichardt-seuns van Bloemfontein, ca. 1890. Van links na regs: Herbert (Bertie), Everard, Arthur en Charles (Charlie). Let op hulle kleredrag: Baadjies, onderbaadjies met horlosiekettings, hemde met gestyfde boordjies, dasse en langbroeke. Foto: Nasionale Museum: 01/2135.

---

[20] *Daily News*, 10.1.1890, p. 4 en 20.3.1890, p. 2; *The Friend*, 24.3.1893, p. 1, 3.4.1894, p. 2 en 22.3.1895, p. 2; D.H. Strutt, *Fashion in South Africa 1652-1900: an illustrated history of styles and materials for men, women and children, with notes on footwear, hairdressing, accessories and jewellery*, pp. 349, 357.

[21] VAB, A507/6 (toevoeging A519): B. Marais – K. Schoeman, 12.5.1979. Vergelyk ook *The Friend*, 29.1.1890, p. 1 en 14.3.1893, p. 3; *De Burger*, 19.1.1895, p. 1.

[22] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – mev. R.I. Steyn, 7.9.1888.

[23] Groenewald, p. 94.

[24] T. Kestell, *Ons volksdrag en iets oor die kleredrag van ons voorgeslagte* (Die Tweede Trek-reeks nr. 19), p. 45.

[25] Strutt, p. 351; Nasionale Museum, Bloemfontein (hierna NMB), foto: 01/5998.

Broeke is met kruisbande vasgemaak en wit langbroeke is gewoonlik in die somer of tydens sport gedra.[26] 'n Gestreepte baadjie is saam met 'n effekleurige broek gedra en gestreepte broeke saam met effekleurige baadjies.[27] Hemde was eenvoudig van snit met hoë, gestyfde boordjies waarvan die punte dikwels ondertoe gevou is.[28] Eenvoudige wit hemde was gewild, maar gestreepte hemde en ander kleure hemde was ook beskikbaar.[29] Strikdasse of wye, losgeknoopte dasse, gemaak van 'n ander materiaal as die hemp, is hierby gedra.[30] As bykomstighede het mans horlosiekettings, wandelstokke en sambrele gedra. Horlosiekettings was veral gewild en selfs seuns het dit saam met hulle beste klere gedra (kyk figuur 5 *supra*).[31]

Sondae is deftig aangetrek en gestyfde hemde is gedra om by die gewyde atmosfeer van die dag te pas.[32] Tog was daar in die 1890's klagtes dat sommige mans Sondae wit krieketbroeke aangetrek het en dat dit nie by die Sabbatdag gepas het nie.[33] In die winter het mans die koue weer met warm baadjies, jasse en reënjasse getrotseer, terwyl handskoene van wol, sy of leer ook gedra is, veral vir reisdoeleindes of deftige geleenthede.[34] Ofskoon mans en seuns in die 1890's fabrieksvervaardigde en ingevoerde skoene gedra het (kyk figuur 5 *supra*), het ouer mans steeds aan stewels voorkeur gegee. Skoene en stewels was gewoonlik swart of bruin van kleur, terwyl taankleur[35] skoene as spoggerig beskou is. By die skoene of stewels het mans sokkies van bokhaar of wol gedra. Spesiale dansskoene, tennisskoene, -hemde en -baadjies, asook wit kriekethemde en -baadjies vir mans, was beskikbaar.[36]

---

[26] Strutt, p. 351; T. Kestell, *Wat het hulle gedra? 'n Baie kort handleiding in verband met kleredrag sedert 1652 tot 1910*, pp. 27-28.

[27] Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna AREA), PV522/2/1/3: E.N. Roberts, "Social life in pre-Boer War Bloemfontein", p. 2; *Daily News*, 3.1.1890, p. 4.

[28] A. Buck, *Victorian costume and costume accessories* (The Victorian Collector Series), p. 191.

[29] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – mev. R.I. Steyn, 7.9.1888; *Daily News*, 10.1.1890, p. 4 en 27.1.1890, p. 4; *The Friend*, 16.7.1895, p. 2.

[30] Strutt, p. 351; Groenewald, p. 95.

[31] *Daily Express*, 22.8.1890, p. 2; Kestell, *Wat het hulle gedra?*, p. 28. Vergelyk ook NMB, foto's: 01/5985, 01/5998, 01/6000 en 01/6026.

[32] VAB, A507/6 (toevoeging A519), brief: B. Marais – K. Schoeman, 12.5.1979.

[33] William Cullen Biblioteek en Argiefbewaarplek (WCB), Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg: AB2259/I12: "A charge addressed by William Crisp, archdeacon of Bloemfontein, to the clergy, churchwardens and sidemen in the archdeaconry".

[34] *Daily Express*, 17.4.1890, p. 2, 23.5.1890, p. 1, 15.7.1890, p. 1 en 18.7.1890, p. 2; NMB, foto: 01/6996.

[35] Die taankleur van die 1890's was 'n geler kleur as die taankleur van vandag.

[36] *Daily News*, 31,12.1889, p. 1 en 9.1.1890, p. 1; *Daily Express*, 17.4.1890, p. 1, 4.7.1890, p. 2, 21.7.1890, p. 2 en 29.8.1890, p. 2; Strutt, p. 351.

Figuur 6: Die Homburg-hoed. Foto: "Miller Hats",< http:// www.millerhats.com/homburg_ index/homburgindex.html>, geraadpleeg 1.1.2012.

Wat hoofbedekkings betref, is die sogenaamde homburg-hoed in navolging van prins Albert Edward van Wallis (1841-1910) veral in dorpe gedra. Omstreeks 1890 het die prins (later koning Edward VII) by Bad Homburg 'n vilthoed met 'n opgerolde rand en lint gedra waarvan die bol in die middel effens ingeduik was (kyk figuur 6) – en daarna het dit mode geword. Strooihoede, panamahoede, Stetsons[37] en pette gemaak van tweed, vilt en sersje is ook gedra.[38] In 1890 was hoede van Christy's[39] baie gewild in Bloemfontein.[40] Pluiskeile van swart of grys sy of vilt (kyk figuur 7) is steeds tydens formele geleenthede en soms Sondae gedra, terwyl die hardebolkeil baie gewild onder Volksraadslede was.[41]

Figuur 7: 'n Sondagskool-piekniek naby Bloemfontein, 1893. In die middel onder die boom sit pres. Reitz met sy vrou en hul baba langs hom. Let op die president se kleredrag, baard en pluiskeil. Die man reg op die voorgrond by die twee vroue het 'n "cheese-cutter"-hoed (manstrooihoed) op. Dié foto toon ook dames- en kinderdrag. Foto: Nasionale Museum: 01/2224.

---

37 'n Stetson-hoed is die cowboy-styl vilthoede met 'n wye rand.

38 *Daily* News, 9.1.1890, p. 1; *The Friend*, 14.3.1893, p. 3 en 27.9.1895, p. 2; Strutt, pp. 353-354. Vergelyk ook Kestell, *Ons volksdrag*, p. 45 en NMB: foto: 01/6996.

39 Christy's is 'n Londense maatskappy wat reeds in 1773 gestig is en steeds modieuse hoede in verskeie ontwerpe en materiale vervaardig. "Christy's' Hats", <www.christys-hats.com/>, geraadpleeg 4.7.2011.

40 *Daily Express*, 22.8.1890, p. 2.

41 *The Friend*, 14.3.1893, p. 3; *Daily Express*, 1.7.1890, p. 3. Vergelyk ook Buck, p. 194 en Groenewald, p. 95.

Manshaarstyle was kort en is meestal plat teen die kop gekam. Hare is of met ’n middelpaadjie of met ’n paadjie aan die kant van die kop gedra. Sommige mans het wel ’n kort kuif gedra wat skuins oor die voorkop weggekam is (kyk figuur 5, p. 140 *supra*). Die meeste mans in die 1890’s het ’n snor en/of baard gekweek, aangesien dit vir hulle ’n simbool van manlikheid was. Die snor was gewoonlik welig en swaar en het soms by die punte opgekrul.[42] Baarde was dikwels kort ken- of bokbaardjies, maar langer baarde het ook voorgekom, soos dié van presidente Reitz en Steyn (kyk figuur 7 *supra*).[43]

Figuur 8: Gesinsdrag, 1890-1900. Let op die matroospakkies wat al die kinders dra. Die seuns dra kniebroeke met kouse en stewels, terwyl die dogtertjie in die middel in ’n romp geklee is. Foto: Nasionale Museum: 01/6015.

In die 19de eeu is kinders soos klein grootmensies aangetrek, hoewel kinderdrag geleidelik gemakliker geword het.[44] Baba- en kleuterseuns tot ongeveer ouderdom vier het rokkies of tunieke en hempbaadjies oor geplooide rompe gedra. Sedert 1860 het seuns tussen die ouderdom van vier en tien jaar bedags kniebroeke (kyk figuur 8) saam met tunieke of hemde, onderbaadjies en baadjies van serge, linne, melton, koordstof of wasbare materiale soos dril gedra.[45]

Vir beste drag het seuns swart Eton- of Norfolk-pakke van tweed of donkerblou serge gedra.[46] Seuns het ook skoene en selfs stewels gedra, net soos die mans. Vir aktiewe seuns was daar spesiale sterk stewels vir skool. Van die ouer seuns het hoede en pette van veral tweed en vilt en in dieselfde styl as die mans gedra.[47]

Matroospakkies van tweed, serge, fluweel en dril in veral wit en vlootblou was baie gewild, veral vir jong seuns.[48] Selfs dogters het matroospakkies gedra (kyk figuur 8). Wanneer

---

42 Strutt, p. 353; NMB, foto’s: 01/2080, 01/2113, 01/2114 en 01/2232.
43 Groenewald, p. 96; NMB, foto’s: 01/935, 01/2113, 01/4066 en 01/6815.
44 Kestell, *Ons volksdrag*, pp. 50, 52.
45 *Daily Express*, 17.4.1890, p. 1 en 29.8.1890, p. 2*; Daily News*, 3.1.1890, p. 4 en 10.4.1890, p. 3; J. Nunn, “What Victorian children wore”, <http://www.victorianweb.org/art/costume/nunn14.html>, geraadpleeg 27.4.2011; “Victorian boy’s wear”, <http://www.logicmgmt.com/1876/shopping/boyswear. htm>, geraadpleeg 27.4.2011.
46 *Daily News*, 3.1.1890, p. 4 en 29.8.1890, p. 2; *The Friend*, 16.7.1895, p. 2 en 18.10.1895, p. 2;A.A. Telford, *Yesterday’s dress: a history of costume in South Africa*, p. 169. Vergelyk ook Strutt, p. 349.
47 *Daily News*, 10.1.1890, p. 1; *Daily Express*, 23.5.1890, p. 1; NMB-foto’s: 01/6026 en 01/6807.
48 Strutt, p. 349; NMB, foto’s: 01/6015 en 01/6302.

seuns tien jaar oud geword het, het hulle begin langbroeke dra en het hulle klere soos dié van die volwasse mans s'n gelyk. Seuns het die winterkoue ook met truie, warm baadjies en jasse getrotseer.[49]

2.2 Dames- en dogtersdrag

In die 19de eeu het die styl van Britse damesdrag, en veral rokke, feitlik elke dekade heelwat verander, maar selfs van jaar tot jaar was kleiner verskille merkbaar.[50] Aangesien die meer ontwikkelde dames van Bloemfontein baie modebewus was, het hulle oorsese tydskrifte geraadpleeg om op die hoogte van die nuutste buitelandse en veral Britse modes te bly. Omdat dié tydskrifte per skip na Suid-Afrika gestuur en dan van die Kaap eers deur transportryers en vanaf 1891 per trein na Bloemfontein vervoer is, het die tydskrifte eers 'n hele paar maande na hul verskyning in Bloemfontein opgedaag. Gevolglik was die klere en modeneigings wat daarin verskyn het, soms al weer klaar oudmodies.[51]

Om bogenoemde probleem op te los, het modebewuste, vooraanstaande dames hulle klere in Brittanje en Europa laat maak deur hulle mate op 'n vorm in te vul en dit vir 'n buitelandse kleremaakster te stuur. Bestellings vir 'n nuwe tabberd is gewoonlik in die somer en weer in die winter geplaas. Uitrustings vir spesiale geleenthede, soos trourokke, is dikwels ook in Brittanje volgens mate laat maak.[52] 'n Voorbeeld hiervan is mev. Tibbie Steyn (die latere presidentsvrou), wat haar trourok spesiaal in Aberdeen, Skotland, laat maak het.[53] Een van Bloemfontein se mees vooraanstaande Joodse dames, Caroline Baumann, het ook van haar klere in Europa laat maak.[54]

---

49 *Daily Express*, 17.4.1890, p. 2; "Victorian boy's wear", <http://www.logicmgmt.com/1876/shopping/boyswear.htm>, geraadpleeg 27.4.2011.

50 Hier word slegs 'n kort oorsig oor die vernaamste stylkenmerke van kleredrag tydens die Reitz-tydperk gegee. Uiteraard sou die kleredrag van die tydperk 'n afsonderlike studie regverdig. Damesonderklere en haarstyle, asook bykomstighede soos skoene, hoede en juweliersware, is op sigself omvangryke temas wat weens beperkte ruimte nie in hierdie studie in besonderhede bepreek word nie. Vir meer inligting oor die kleredrag van die 1890's, kan C.W. Cunnington, *English women's clothing in the nineteenth century*, pp. 367-427 en D.H. Strutt, *Clothing fashions in South Africa*, pp. 347-396 geraadpleeg word.

51 Strutt, p. 357; Groenewald, p. 97.

52 VAB, A507/6 (toevoeging A519): K. du Preez – K. Schoeman, 19.4.1979; Groenewald, p. 97.

53 VAB, A156/6/1 (toevoeging A532.101): Manuskrip: "Ouma dikteer" (Memoirs van mev. R.I. Steyn).

54 Sophie Leviseur, ... *memories* (red. K. Schoeman), p. 25.

Tussen 1870 en 1890 was damesrokke met nousluitende lyfies of bostukke en wye rompe, voller agter as voor, baie gewild. Die rompe is gemaak deur voue materiaal oor die heupe na agter te drapeer en te plooi, sodat ’n kort sleep gevorm is. Die sleep is met behulp van ’n boesel (tournure) of krinolien[55] in posisie gehou. Moue was lank en noupassend om die arms. Die boesel het teen ongeveer 1887 begin krimp en teen 1889 het dit verdwyn.[56] Tussen 1875 en 1889 was die romp met sy draperings, voue en versierings van valle, belegsels en platplooie die hoof stylkenmerk. Sedert 1886 het versierings op die rompgedeelte van die tabberd geleidelik begin verminder en teen 1890 het daar ’n klemverskuiwing vanaf die romp na die lyfie plaasgevind. Die romp is nou gestroop van oordadige versierings en draperings en was klok- of sambreelvormig met ’n effense sleep na agter. Die rompgedeelte het uit ’n aantal bane bestaan wat nousluitend om die middel en heup was en daarna tot op die grond uitgeklok het.[57]

Figuur 9: ’n Voorbeeld van Vrystaatse gesinsdrag, 1890-1900. Die vrou se tabberd is ’n goeie voorbeeld van damesdrag in dié tydperk. Let op die versierde, nousluitende lyfie, eenvoudige romp wat na onder uitklok en die “leg of mutton”-moue. Die dogtertjie dra ’n korter rokkie met ’n wit kragie. Foto: Nasionale Museum: 01/6021.

Die lyfie is nou byna oordadig versier – met plooie, knope, opnaaisels, chiffon, kantvalle of borduurwerk. Die lyfies van rokke was nousluitend en die neklyn van dagrokke hoog (kyk figuur 9). Indien die neklyn laag was, is ’n moulose onderlyfie van kant of chiffon daaronder gedra om ’n hoër, opstaande kraag te vorm. Die neklyn van aandrokke was gewoonlik effe laer. Aandrokke is van luukse materiale soos sy, kant en Russiese net gemaak en spesiale aandskoene is daarby gedra, soos satynskoene en aandskoene met kraletjies.[58] Die rokontwerp het die fokus op dames se dun middeltjies laat val en meestal is dit deur ’n gordel of versiering in ’n kontrasterende kleur verder beklemtoon. Dikwels het die pakkie uit ’n

---

55 Ook bekend as ’n hoepelonderrok.

56 S. Havenga en A. Wessels. “Die veranderende silhoeët van bruidsuitrustings, 1830-1930”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 23(4), September 2007, pp. 136-138; Telford, pp. 161-169.

57 T. Kestell, “Modegrille wat vrouens se koppe laat draai het”, *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 25; Havenga en Wessels, p. 138.

58 *Daily Express*, 7.5.1890, p. 2, 22.5.1890, p. 1, 8.7.1890, p. 2 en 21.7.1890, p. 2; Havenga en Wessels, pp. 169-170. Vergelyk ook Kestell, *Ons volksdrag*, pp. 46-47.

afsonderlike lyfie en romp bestaan, terwyl rompe en bloese in dieselfde styl as die rokke ook gedra is. Na 1890 was die moue groot en gepof vanaf die skouer tot by die elmboog en dan nousluitend tot by die pols. Dié moue is baie treffend as "leg of mutton"-moue beskryf[59] (kyk figuur 9, p. 147 *supra*).

Tabberds is van 'n verskeidenheid materiale gemaak. In die somer is ligte materiale soos dun sersje en Chinese sy in pienk, koraal, roomkleur, wit, geel en ligblou gebruik. Skotse wolgeruit (Tartan), bokhaar-materiaal (Cashmere), satyn en glanssatyn was ook gewild vir die maak van tabberds en mantels.[60] In November 1893 skryf mev. Fraser vanuit Londen aan Tibbie Steyn dat sy hopsak-rokmateriaal in die nuwe modekleur Petunia aangekoop het, terwyl Emeline Fraser in Skotland 'n "electric blue" rok gekoop het wat met swart fluweelkant afgewerk is.[61] Ander gewilde kleure vir die winter was onder meer swart, bruin, rooi, vlootblou en grys. In die winter is tabberds van dik stowwe gemaak en skouermantels, mantels, sjaals, jasse en baadjies van sy, tweed, wolfluweel, bokhaar, wolstof of pels is gewoonlik teen die koue gedra, veral buitenshuis. Mantels is dikwels met pels en fluweel afgewerk en het soms kappies gehad.[62]

By die rokke is 'n verskeidenheid hoede en kappies gedra. Strooihoede met 'n wye rand of 'n kleiner, byna manstipe hoed van tweed, vilt, kant of bokhaar met 'n baie smal rand was rand was gewild, gewoonlik meer vroulik gemaak met 'n lint of veer as versiering (kyk figuur 10).[63] Dames het selfs met hul lang rokke en 'n hoed op die kop tennis en kroukie gespeel. Terwyl hulle hul lang rompe met een hand opgehou het om 'n mate van bewegingsvryheid te verkry, het hulle met die ander hand die tennisraket vasgehou om hulle teenstander se bal oor die net terug te slaan. (In die

Figuur 10: Die kleiner, byna manstipe dameshoed. Uit: A.A. Telford, *Yesterday's dress: a history of costume in South Africa*, p. 170.

---

[59] Havenga en Wessels, pp. 169-170; *Daily Express*, 7.5.1890, p. 2, 22.5.1890, p. 1, 8.7.1890, p. 2 en 21.7.1890, p. 2. Vergelyk ook Kestell, *Ons volksdrag*, pp. 46-47.

[60] *Daily News*, 31.12.1889, p. 1; *Daily Express*, 7.6.1890, p. 2 en 31.7.1890, bylae; VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – mev. R.I. Steyn, 29.9.1893, 6.10.1893 en 8.11.1893.

[61] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – mev. R.I. Steyn, 29.9.1893 en 8.11.1893.

[62] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – mev. R.I. Steyn, Julie 1888 en 29.9.1893; *Daily News*, 20.2.1890, p. 1, 17.3.1890, p. 3, 22.3.1890, p. 1 en 10.4.1890, p. 3. Vergelyk ook Kestell, *Ons volksdrag*, p. 46.

[63] *Daily News*, 20.2.1890, p. 1 en 29.8.1890, p. 2; Havenga en Wessels, p. 138; Vergelyk ook Kestell, "Modegrille ...", p. 25.

19de eeu is dit as uiters onhoflik beskou vir ’n man om ’n tennisbal hard vir ’n dame te slaan.)[64]

Beide dames en dogters het bokhaar-, wol- of katoenkouse, meestal swart van kleur, onder hulle lang rokke gedra.[65] Damestewels wat met veters of knopies vasgemaak is, is dikwels deur dames en dogters gedra. Skoene en stewels was by die meeste Bloemfonteinse klerewinkels te koop, maar spesialis-skoenwinkels soos H. Egginton in Maitlandstraat het ’n groot verskeidenheid skoene en stewels aangehou en in 1890 is die Bloemfontein-skoenfabriek in Maitlandstraat geopen, waar allerlei skoene, stewels en selfs velskoene vervaardig is. Die “K”-maak skoene en stewels was in die 1890’s baie bekend vir goeie kwaliteit en is deur beide mans en dames gedra. Dames het ook skoene en stewels van bokhaar gedra. Binnenshuis is dikwels pantoffels gedra, veral in die winter.[66]



Figuur 11: Damestewels van swart leer wat met knopies vasgemaak is, 1890’s. Uit: D.H. Strutt, *Fashion in South Africa*, p. 378.

Bykomstighede was syserpe in pastelkleure, handsakke van swart leer of wolfluweel (plush) en handskoene van sy of kidleer (kid glove). Lang handskoene was ook gewild, veral saans.[67] ’n Groot verskeidenheid goue en silwer juweliersware was by Bloemfontein se juweliers te koop, onder meer goue en silwer kettings, armbande borsspelde, oorkrabbertjies, diamantringe, goue en silwer horlosies, hangertjies en haarversierings. So het mev. Cornelia Reitz[68] in 1890 ’n haarversiering met 114 diamante as huweliksgeskenk van sir Donald Currie[69] ontvang.[70]

---

64 E. Fischer, “Introduction” in M. Bidwell en C. Bidwell, *Pen pictures of the past* (red. K. Schoeman), pp. 18-19; “The history of sport is almost as old as city itself”, *Supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 67; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak, 1893*, p. 128c.

65 AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts, “Social life in pre-Boer War Bloemfontein”, p. 2; *Daily News*, 22.3.1890, p. 1 en 29.4.1890, p. 1; *Daily Express*, 31.7.1890, bylae.

66 *Daily News*, 10.3.1890, p. 1; *Daily Express*, 17.4.1890, p. 1, 22.5.1890, p. 1 en 5.6.1890, p. 1.

67 *Daily News*, 31.12.1889, p. 1, 9.1.1890, p. 1 en 14.2.1890, p. 3.

68 Cornelia Mulder was Reitz se tweede vrou.

69 Sir Donald Currie was die skenker van die bekende Curriebeker aan Suid-Afrikaanse rugby.

70 *Daily News*, 3.3.1890, p. 2; *Daily Express*, 3.5.1890, p. 4, 7.6.1890, p. 2 en 21.6.1890, p. 2.

Dogters se rokke was korter, ongeveer kuithoogte en teen die einde van die eeu het hulle jurkrokke gedra. Hulle het dikwels voorskootrokke (pinafores) of andersins voorskote bo-oor hul rokke gedra (kyk figuur 12), asook stewels met knopies of bandjieskoene en swart kouse.[71] In die winter het handskoene en warm truie, baadjies, jasse, mantels of kapmantels bo-oor hul rokke hulle warm gehou.[72] Ella Fischer skryf dat hulle as kinders in die winter Sondae kerk toe gegaan het met noupassende dik sersje-rokke wat tot teen die nek toegeknoop is met ’n warm baadjie of jas bo-oor. Swart wolkouse is hierby gedra.

Figuur 12: Die Innes-gesin van Bloemfontein, agter hul woning in Kerkstraat, die dag voor Katie Innes se huwelik met Charlie Fichardt, 1895. Let op die twee dogters in die middel se kuitlengte voorskootrokke en die “leg-of-mutton”-moue van die dames en dogters. Die man en seun heel regs voor het verskillende hoofbedekkings. Foto: Nasionale Museum: 01/6756.

In die somer is beide seuns en meisies se kerkklere, veral die hemde en kniebroeke, gestyf sodat dit maar erg ongemaklik was.[73] Maude Bidwell, ’n dogter van Gustav en Caroline Fichardt, onthou dat sy as kind ’n spierwit syrokkie met ligblou kolle daarop vir beste drag gedra het, waarvan sy baie gehou het. Sy skryf verder dat die meisies in Bloemfontein se koue winters warm skouermantels en wolhandskoene of handmoffies[74] skool toe gedra het.[75] Vir hoofbedekkings was strooihoede, hoede van fluweel of wolfluweel en kappies gewild.[76]

Klaarblyklik was daar nie veel onderskeid tussen die kleredrag van die verskillende wit kultuurgroepe van Bloemfontein nie en het almal die heersende modestyle van die tydperk 1890-1900 gedra. Die enigste uitsondering hier was klaarblyklik die geestelikes van die

---

71 *Daily News*, 11.1.1890, p. 1; 27.1.1890, p. 4 en 22.3.1890, p. 1; *Daily Express*, 17.4.1890, p. 1; Telford, p. 167. Vergelyk ook Kestell, “Modegrille ”, p. 25.
72 *De Express*, 18.3.1890, p. 2 en 22.4.1890, p. 1; *Daily News*, 17.3.1890, p. 3.
73 E. Fischer in Bidwell, pp. 20-21.
74 Handskoene sonder afdelings vir vingers of met halwe vingers.
75 Bidwell, p. 49.
76 *Daily Express*, 17.4.1890, p. 1; *Daily News*, 20.2.1890, pp. 1, 4 en 10.4.1890, p. 3.

Engelse Anglikaanse en Katolieke kerke, wat volgens ’n Engelse besoeker, G. Nicholson, in “vreemde hoede en priesterlike gewaad” rondgestap het, terwyl hulle hul gebedsrieme in die wind rondgewaai het. Nonne was ook in die tradisionele nonnedrag geklee.[77] Volgens ’n foto van ’n Anglikaanse Kerksinode in Bloemfontein in die 1880’s was die Anglikaanse priesters geklee in ’n swart priesterkleed (cassock) met die kenmerkende wit priesterboordjie, terwyl van die hoër geestelikes, soos biskop Allan Becher Webb (1893-1907) en kanunnik Henry Beckett,[78] elkeen ’n wit kleed gedra het.[79] ’n Foto van St. Michael’s Home in Bloemfontein toon die susters van die Anglikaanse Kerk in tradisionele nonnegewaad: ’n swart tuniek, bedek deur ’n wit skouerlap met ’n wit kruis op die bors en ’n wit of swart sluier.[80]

2.3 Nie-blankes[81] se kleredrag

Die swart en bruin mense van Bloemfontein het reeds vroeg begin om Westerse klere te dra. In Mei 1890 het die Volksraad ordonnansie 1 van 1890 aanvaar waarvolgens alle manlike en vroulike nie-blankes in Vrystaatse dorpe, sowel as op paaie of ander openbare plekke verplig is om behoorlik gekleed te gaan. Dié ordonnansie is opgestel om naaklopery deur nie-blankes te voorkom. Indien hulle nie hieraan voldoen het nie, kon hulle beboet of gevangenisstraf opgelê word.[82] Swart mense is dus nie toegelaat om hulle tradisionele drag in Bloemfontein te dra nie. Omdat die term “gekleed” nie behoorlik omskryf is nie, het dit tot heelwat misverstande gelei. Volgens die staatsprokureur kon die begrip “gekleed” klere beteken, maar dit kon ook bedekking slegs met ’n kombers insluit.[83] Met die toepassing van bogenoemde ordonnansie het dus heelwat probleme ontstaan en in 1895 is wet 10 van 1895 aanvaar waarin bepaal is dat nie-

---

77 G. Nicholson, *Fifty years in South Africa: being some recollections and reflections of a veteran pioneer*, p. 130.

78 Allan Webb was die tweede biskop van Bloemfontein, terwyl kanunnik Henry Beckett vir die stigting van die St. Augustine-sending by Modderpoort naby Ladybrand verantwoordelik was.

79 NMB, 01/2103: foto van Anglikaanse bisdomsinode in Bloemfontein, 1880’s.

80 NMB, 01/2808: foto van Anglikaanse susters en twee lekehelpsters voor St. Michael’s Home, ca. 1877.

81 Soos genoem, is daar in die republikeinse tydperk is nie altyd onderskeid tussen swart en bruin mense gemaak nie. Daar is meestal melding gemaak van “gekleurden”, “coloureds”, “natives” of “blacks” waarby swart en bruin mense en selfs Indiërs ingesluit is. Kyk Hoofstuk 2, afdeling 2 en 3.2, *supra*. Die term “nie-blanke” word dus in hierdie studie uit noodsaak gebruik omdat historiese bronne dikwels nie onderskeid tussen bogenoemde bevolkingsgroepe tref nie. Geen negatiewe konnotasie word hieraan geheg nie.

82 Ordonnansie No. 1—1890: Tegen het naaktlopen in den Oranje Vrijstaat, *Gouvernements Courant*, 30.5.1890, no. 1743; *De Burger*, 14.4.1894, p. 3.

83 *OVS Volksraadsnotule*, 18.5.1891, p. 165.

blanke mans minstens ’n broek en hemp moes dra en vroue ’n rok wat die hele liggaam bedek. Kinders jonger as agt jaar was nie hieraan onderworpe nie.[84]

Reeds vroeg in Bloemfontein se bestaan het die meeste nie-blankes in Bloemfontein se dorpsgebied en omgewing Europese klere gedra en soms het hulle, ten spyte van hulle karige lone, selfs deftig gekleed gegaan. ’n Engelse besoeker aan die Vrystaat het opgemerk dat veral die jong nie-blanke vroue van Bloemfontein en ander dorpe goed geklee is. Nie-blanke vroue en dogters het rokke in die klerestyl van die 1890’s gedra[85] (kyk figuur 13).

Figuur 13: ’n Swart Vrystaatse kindermeisie met ’n wit baba op haar skoot. Let op haar kleredrag: ’n Westerse rok uit die 1890’s, met gepofte moue en kopdoek. Foto: Nasionale Museum: 01/6229.

Sondae het die nie-blanke mans gewoonlik hulle beste klere gedra; dikwels hemde met gestyfde boordjies, ’n netjiese baadjie, leerstewels, hoede en soms selfs pluiskeile[86] (kyk figuur 14 *infra*). Daar bestaan byvoorbeeld ’n beskrywing van die swart Anglikaanse kategis en priester, Gabriel David, wat hom uitbeeld “in the smartest of patent leather boots, and gold watch-chain”.[87] In 1891 het ’n verslaggewer van *The Friend* berig oor ’n konsert wat deur ’n aantal lede van die nie-blanke Anglikaanse Kerk aangebied is en hy het opgemerk: “The Hall was well filled by a large number of the native population, all being nicely dressed [...].”[88]

Kyk ’n mens na verskeie foto’s van swart gemeentes in die onmiddellike omgewing van Bloemfontein, blyk dit dat die vroue en dogters vir kerkdrag rokke met kopdoeke in plaas van hoede gedra het, terwyl die mans en seuns pakke klere of ten minste ’n netjiese hemp en/of baadjie gedra het (kyk figuur 14 *infra*). Swart mans het skoene

---

84 Wet 10 van 1895, *OVS Volksraadsnotuleboek*, 1895 (ingebind – wette agter in die bundel), pp. 14-15.
85 Nicholson, pp. 222-223.
86 K. Schoeman, *Bloemfontein: die ontstaan van ’n stad 1846-1946* (hierna *Bloemfontein),* pp. 83-84.
87 *Quarterly paper of the OFS Mission*, soos aangehaal deur Schoeman, *Bloemfontein*, p. 86.
88 *The Friend*, 22.12.1891, p. 3.

gedra, terwyl sommige seuns kaalvoet was. In die winter het swart vroue en dogters truie, tjalies of ’n kombers bo-oor hulle rokke gedra.[89]

Figuur 14: Die swart gemeente van St. Mary Magdeline op Bishop’s Glen, net buite Bloemfontein, voor hulle kerkgebou, laat 1890’s. Let op die kleredrag, veral op die hoede en pette van die mans en seuns en die kopdoeke van vroue en dogters. Foto: Nasionale Museum: 01/2695.

Spesiale drag is dikwels deur huisbediendes tydens diensure gedra. Galatea (’n gestreepte katoenstof) is gebruik om rokke vir diensmeisies te maak, terwyl hulle ook voorskote of voorskootrokke bo-oor hulle klere gedra het om hulle rokke skoon te hou. Diensmeisies het hoede van fluweel, wolfluweel en vilt, kopdoeke of kappies gedra.[90]

---

89 NMB, foto 01/2695: swart gemeente van St. Mary Magdeline by Bishop’s Glen, laat 1890’s; foto 01/2697: swart gemeente van St. George’s kerk, Trompsburg, 1890’s; foto 01/3575: swart gemeente van Thaba Nchu, ca. 1897.

90 *Daily News*, 10.4.1890, p. 3; *Daily Express*, 17.4.1890, p. 1.

Soms is spesiale werksklere ook vir manlike bediendes gemaak.[91] Waar swart mans op foto's van ou Bloemfontein voorkom, is hulle gewoonlik in Westerse klere geklee. Wat manlike werkers betref, was hulle gekleed in 'n hemp, baadjie, langbroek, skoene en soms hoede[92] (kyk figuur 15). Swart seuns in Bloemfontein het dieselfde klere as mans gedra, behalwe dat hulle dikwels kuitbroeke in plaas van langbroeke gedra het.[93]

Figuur 15: Arthur Tolkien, bestuurder van die Bank van Afrika, met sy gesin en bediendes by hulle huis in Bloemfontein, 1892. Die baba is die latere bekende skrywer J.R.R. Tolkien. Let op die kleredrag van die swart mansbediende regs agter. Foto: Nasionale Museum: 01/2212.

Swart en bruin mense in Bloemfontein het dus Westerse klere gedra. Daarenteen kon weinig inligting oor die kleredrag van die enkele Indiërs in Bloemfontein opgespoor word. Waar Indiërs wel op foto's tussen 1890 en 1900 voorkom, is dit manspersone en is hulle geklee in tradisionele Indiese drag, dit wil sê 'n langbroek met 'n lang kleed bo-oor en 'n tulband op die kop.[94]

3 Huisinrigting, meublement en gebruiksvoorwerpe

3.1 Inleiding

As mens 'n beeld van die leefwyse van Bloemfontein se inwoners in die Reitz-tydperk wil vorm, is hulle huisinrigting net so belangrik soos hul kleredrag, want beide kleredrag en huisinrigting vergestalt die stylkenmerke van 'n periode.

In die Victoriaanse tydperk het die huisgesin baie belangrik geword, die woonhuis is as 'n veilige hawe vir die gesinslewe beskou en is dus (volgens die Victoriane) gemaklik en gesellig ingerig. Die huis is as vertoonstuk gebruik en moes, net soos die kleredrag, die

---

91 *Daily News*, 31.12.1889, p. 1, 27.1.1890, p. 4 en 22.3.1890, p. 1.
92 K. Schoeman, *Bloemfontein in beeld 1860-1910*, pp. 82-83, 89, 175: foto's no.'s 180, 182, 202 en 456.
93 *Ibid.*, p. 129: foto no. 318.
94 Schoeman, *Bloemfontein*, foto no. 79.

middelklas-gesin se groter welvaart weerspieël.[95] Gedurende die Reitz-tyd het Bloemfontein se blankes hulle wonings volgens die Laat-Victoriaanse styl ingerig. Volgens Gustave Hallé, die Engelssprekende staatsingenieur en later inspekteur van openbare werke, het hy sy huis in die "London style" gemeubileer.[96] Die sitkamer, eetkamer en ander ontvangsvertrekke was die mooiste en bes ingerigte vertrekke in die woning.[97]

3.2 Stylkenmerke van interieurs in die Laat-Victoriaanse tydperk

Die hoofkenmerke van interieurs van die Victoriaanse tydperk was die herlewing en vermenging van vorige meubelstyle, asook 'n mate van smaakloosheid en oorversiering. Vertrekke was meestal oorvol gemeubileer en met ornamente en allerlei snuisterye gevul.[98] Kleure, patrone, tekstiele, materiale en prente het 'n belangrike rol by die inrigting van vertrekke gespeel. Vir die Victoriane was detail belangrik – lampskerms is met kant versier en selfs die skoorsteenmantel is met materiaal bedek.[99]

Voor die vensters was swaar gedrapeerde gordyne en dikwels ook kantgordyne of rolblindings, sodat min lig deurgelaat is en vertrekke bedags meestal halfdonker was. Dit het stof en hitte uitgehou en verhoed dat tapyte en bekleedsels verbleik. Gordynmateriale soos damas, woldamas of moreen en rips is meestal gebruik.[100] Volgens koerantadvertensies is daar in Bloemfontein ook van materiale soos moeselien, tapisserie, fluweel, fluweelkoord (chenille) en kreton vir gordyne gebruik gemaak.[101] Saans is die gordyne toegetrek en het die sagte beligting vertrekke met 'n warm gloed gevul, wat deur die ornamente en geslypte glas weerkaats is. Volgens die inwoners was die atmosfeer van die oorvol vertrekke een van knusse gemak, weelderigheid, huislikheid en geselligheid.[102]

Kleur was baie belangrik in hierdie tydperk. Mure is met verskillende kleure kalkverf (*distemper*) geverf of met muurpapier bedek. Geverfde mure is dikwels met sjabloonwerk in die vorm van randpatrone of herhalende patrone versier. Soms was 'n gedeelte van 'n muur geverf, terwyl 'n ander deel met plakpapier versier is. Ná 1840 is plakpapier in 'n groot

---

95 Miller en Miller, p. 176.
96 G. Hallé, *Mayfair to Maritzburg: reminiscences of eighty years*, p. 118.
97 Loubscher, p. 4; De Wet, p. 23.
98 Loubscher, p. 1.
99 Miller en Miller, pp. 176-179.
100 *The Friend*, 14.6.1892, p. 3; Miller en Miller, pp. 176-179.
101 *Daily News*, 27.1.1890, p. 4, 20.2.1890, p. 4 en 10.3.1890, p. 1; *Daily Express*, 22.5.1890, p. 1; *The Friend*, 13.11.1891, p. 1, 13.1.1894, p. 1 en 11.4.1895, p. 2.
102 Miller en Miller, pp. 176-181.

verskeidenheid soorte en patrone vervaardig. In die Laat-Victoriaanse tydperk is voorkeur aan sterk, opsigtelike, byna spoggerige muurkleure gegee.[103] In die 1890's was plakpapier met herhalende blompatrone daarop hoog in die mode. Die firma William Morris & Co. het sy bekende muurpapier in 1860 begin vervaardig. Die verdeling van 'n muur in dado, vuller en fries het veral ná 1860 modieus geword. Dikwels is verskillende patrone muurpapier op afsonderlike gedeeltes van 'n muur aangebring.[104] 'n Wye verskeidenheid ingevoerde plakpapier was reeds sedert die 1880's in Bloemfontein by plaaslike handelaars soos Barlow Brothers en G.A. Fichardt beskikbaar.[105] Binne-houtwerk is meestal geverf – ook kroonlyste, deure en argitrawe. Vloerlyste is gewoonlik geverf of donker gebeits. Tapyte met groot patrone en ryk kleure was gewild.[106]

In die Middel- en Laat-Victoriaanse tydperke het 'n hernieude belangstelling in en kennis van antieke meubels in Brittanje en Frankryk voorgekom.[107] Franse modes en gebruike was gewild en die Lodewyk XVI-styl hoog in die mode.[108] Sedert 1860 is toenemend van masjiene by die vervaardigingsproses van meubels gebruik gemaak. Dit het vervaardigers in staat gestel om spoggerige, byna oordadige versierings aan meubels aan te bring.[109] Die gewildste houtsoorte vir die vervaardiging van Victoriaanse meubels was mahonie-, okkerneut- en rooshout.[110] Satynhout is soms gebruik, terwyl eikehout meestal vir neo-Gotiese en uitvoermeubels gebruik is.[111] Plaaslik-vervaardigde stinkhoutmeubels is in die Kaapkolonie deur vakmanne vervaardig, byvoorbeeld deur die firma James Brister & Co. in Port Elizabeth.[112]

Die 19de eeu was 'n hoogs eksperimentele tydperk en vervaardigers was voortdurend op soek na nuwe materiale vir die vervaardiging van meubels. Sedert die 1850's is buighout- oftewel *bentwood*-meubels, veral stoele, in groot getalle vervaardig. Bogenoemde meubels, wat deur Michael Thonet en sy seuns van Wene (Oostenryk) aan die wêreld bekend gestel is, is meestal gemaak van beukehout-lengtes wat gestoom en geweek en daarna in ystervorms in die verlangde vorm gebuig en gedroog is. Sitplekke van *bentwood*-stoele is dikwels van soliede of

---

[103] Miller en Miller, pp. 180-181.
[104] *Cape Times*, 6.1.1897, p. 6; Miller en Miller, pp. 178-181.
[105] *The Friend*, 17.7.1889, p. 2 en 20.3.1891, p. 2; *Daily News*, 3.3.1890, p. 1.
[106] Miller en Miller, pp. 178-181.
[107] E. Lucie-Smith, *Furniture: a concise history*, p. 143.
[108] C.P. Woodhouse, *The Victoriana collector's handbook*, p. 132.
[109] *Ibid.*, pp. 132-133.
[110] *The Friend*, 8.5.1891, p. 3.
[111] Miller en Miller, p. 183.
[112] *The Friend*, 8.5.1891, p. 3.

geperforeerde laaghout gemaak.[113] Ander *bentwood*-meubelstukke het tafels, sambreelrakke, rusbanke, skommelstoele en selfs spieël- en wastafels ingesluit.[114] In Bloemfontein was buighout-meubels soos wiegstoele, eetkamerstoele en hoë kinderstoele by handelaars soos G.A. Fichardt en Otto Fraundorfer te koop.[115]

Sedert ongeveer 1865 was bamboes- en rottangmeubels baie gewild. Bamboes en rottang is veral vir die vervaardiging van stoele, tafels, kleiner werktafels, snippermandjies en ander kleiner meubelstukke gebruik. Rottang- en bamboesmeubels is geverf, verguld of natuurlik gelaat. Hoewel papierdeeg (*papier maché*) as materiaal reeds lank voor die 19de eeu in die Ooste gebruik is, het Henry Clay van Birmingham in 1772 ’n soort papierdeeg vervaardig wat, nadat dit gebak is, sterk genoeg was om in die konstruksie van meubels gebruik te word.[116] Dit is in die 19de eeu vir die vervaardiging van stoele, tafeltjies en ander kleiner meubelstukke gebruik. Papierdeegmeubels is dikwels swart geverf en met geverfde blom- of vrugtemotiewe of inlegwerk van perlemoen versier.[117]

Omdat mense in die Laat-Victoriaanse tydperk baie gesteld was op gerief en gemak,[118] is stoele, sofas, rusbanke en alle ander sitmeubels gestoffeer. Sitplekke van gestoffeerde meubels het ’n sagte, luukse en dik, geronde voorkoms gehad, terwyl sitplekoortreksels en bekleedsels meestal met knope versier is.[119] Tydens die Laat-Victoriaanse tydperk is pluche of wolfluweel dikwels vir die maak van bekleedsels en sitplekoortreksels gebruik, terwyl leerbekleedsels by meer gegoede mense gewild was.[120] Gestoffeerde meubels het onder meer ingesluit die ronde of reghoekige ottoman, waarop verskeie mense kon sit; die *chaise longue* of leuningsofa; verskillende soorte sofas en rusbanke; verskillende soorte stoele, asook die S-vormige bankie of *sociable*, wat soms ’n geselsbankie of skinderbankie genoem is.[121]

Beligting het ’n belangrike rol by die plasing van meubels gespeel. Omdat kerse, gas- en olielampe lig oneweredig versprei het, is meubels gedurende die Victoriaanse tydperk in ’n aantal klein gesellige groepies gerangskik. Bloemfontein se inwoners het in die 1890’s

---

113 J. Kench, *Cottage furniture in South Africa*, pp. 32-33, 169.
114 *Ibid*., pp. 19, 27, 31, 33, 63, 75, 79.
115 *Daily News*, 3.3.1890, p. 1; *Daily Express*, 27.11.1890, p. 2.
116 *Cape Times*, 6.1.1897, p. 6; B. Price, *The story of English furniture*, p. 134.
117 Loubscher, p. 6.
118 Houghton, p. 23.
119 Miller en Miller, p. 184.
120 Loubscher, p. 6.
121 Miller en Miller, p. 184.

hoofsaaklik van kerse, paraffien- en olielampe gebruik gemaak, asook in ’n mindere mate van gaslampe.[122] Gustave Hallé vertel in sy herinneringe dat die eetkamer van sy huis in Bloemfontein verlig is deur dik kerkkerse wat op swart eikehout-rakkies teen die mure geplaas is.[123] Die ontvangsvertrekke van die presidentswoning is verlig deur groot glaskandelabers of kroonlugters wat elkeen 25 kerse kon neem[124] (kyk figuur 16, p. 162 *infra*). Die Reitz-familie het ook van olielampe gebruik gemaak en die groot beeld van ’n vrouefiguur in die voorportaal van die Presidensie was waarskynlik ’n olielamp[125] (kyk figuur 17, p. 162 *infra*).

Aan die einde van die 19de eeu het ’n vryer en eenvoudiger plasing van meubels moontlik geword omdat die elektriese lig wat sedert 1890 (onder meer in Brittanje en die Kaap) algemeen gebruik is, ’n meer eweredige ligbron was.[126] Bloemfontein se elektriese stelsel daarenteen is eers in 1900 in werking gestel[127] en die veranderinge by die plasing van meubels het dus later hier ingang gevind.

’n Tipiese vertrek uit die Victoriaanse tydperk sou die volgende voorkoms hê: Die vertrek sou oorvol gemeubileer wees met heelwat gestoffeerde meubels. Die meublement sou nie noodwendig uit stelle meubels bestaan het nie. Dikwels het verskillende soorte sofas en ’n hele aantal los stoele voorgekom. Enige ruimte wat oorgebly het, is met klein siertafeltjies en ’n *what-not* (rakstaander) of twee gevul. Tussen die meubels sou groen blaarplante in potte wees en die mure is met skilderye gevul.[128]

Feitlik elke beskikbare ruimte in ’n vertrek is met een of ander voorwerp gevul, byvoorbeeld boeke, geraamde foto's, trofeë, lampe, vase, porseleinfiguurtjies, blikkies bedek met skulpwerk, koepelvormige glashouers wat wasblomme bevat het en allerlei snuisterye.[129] Ornamente uit die Victoriaanse tyd wat veral bekend is, is die Staffordshire-erdewerkfigure en die *fairings* (klein porseleinbeeldjies wat ’n storie vertel).[130]

---

[122] AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts: “Domestic life in Bloemfontein before 1900”, p. 2; *The Friend*, 18.6.1895, p. 1; L. Roodt, “Die restourasie van die Ou Presidensie” in P.J. Nienaber (red.), *Die Vrystaat en bewaring*, p. 140. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 146.
[123] Hallé, p. 118.
[124] “Skimme van ’n glorieryke verlede: mev. Steyn na 47 jaar in die ou Presidentswoning”, *Die Volksblad*, 26.5.1947, p. 1.
[125] A.J. Roodt, *Die argitektoniese bydrae van Francis Lennox Canning 1884-1895* (M.Arch.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1990), p. 341.
[126] W. Seale, *Recreating the historic house interior*, p. 99.
[127] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 174.
[128] *Ibid*., pp. 178-181.
[129] Miller en Miller, pp. 180-181.
[130] *Ibid*., pp. 184, 194-195.

3.3 Interieurs van Bloemfontein in die 1890's

Karel Schoeman beskryf die interieur-inrigting van die Laat-Victoriaanse tydperk in Bloemfontein so:

> "Bloemfontein het 'n sekere onmiskenbare lewenstyl begin ontwikkel [...]. Op geen beter manier word daardie welvaart en trouens daardie hele tydperk uitgebeeld nie as deur die oorgawe en oordaad waarmee die inwoners van Bloemfontein hulle huise ingerig het nie [...] uit die afslaeradvertensies van die tagtigerjare is dit dus moontlik om die oorvol Bloemfonteinse vertrekke van dié tyd opnuut te meubileer. Neuthout-sitkamerstelle oorgetrek met groen damas, karmosynkleurige satynrips of bruinrooi pluche, of 'n stel in swart en goud, die modekleure van dié jare, beklee met goudkleurige kasjmier met fraiings, eetkamerstelle van massiewe mahoniehout met twaalf stoele beklee met marokynleer, swart perdehaar rusbanke, okkerneuthout-skryftafels, ronde tafels met inlegwerk van neuthout, rooshout-kaarttafels, werktafels, marmerblad-sierlaaikaste, Weense buighoutstoele, rakstanders, kantgordyne en Brusselse tapyte het die huise gevul, benewens al die ontelbare snuisterye, ornamente, voëlstanders met opgestopte voëls, musiekstanders, stereoskoopstanders, bagatelbordstanders, vergulde klokke, bronslampe en ander huisgerei: 'n diepblou eetservies en een met blomme beskilder, 'n porseleinteeservies in blou en goud, of 'n stel verlakte okkerneuthout-skinkborde."[131]

Voor die koms van die eerste spoorlyn deur die Oranje-Vrystaat, wat Bloemfontein in Desember 1890 via Norvalspont met die Kaapkolonie verbind het,[132] moes meubels en gebruiksvoorwerpe, veral ingevoerde goedere, per wa van die naaste hawe, Port Elizabeth, gekarwei word.[133] Een van die handelaars wat gereeld in die Bloemfonteinse koerante geadverteer het, was die firma James Brister & Co. in Port Elizabeth wat 'n wye verskeidenheid ingevoerde meubels, matte en tapyte, lampe, beddens en gebruiksartikels soos porselein-, glas- en erdeware, asook eet- en kookgerei, in voorraad gehou het.[134] Dié firma het

---

[131] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 102.
[132] *The Friend*, 31.10.1890, p. 3 en 19.12.1890, pp. 3, 5-6.
[133] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 102.
[134] *The Friend*, 28.10.1890, p. 1 en 3.2.1891, p. 1.

later ’n tak in Kimberley geopen.[135] Ná die koms van die spoorlyn, sedert Januarie 1891, het Bloemfonteinse handelaars, soos G.A. Fichardt en Otto Fraundorfer, begin om ’n verskeidenheid "best English-made furniture" aan te hou wat in hulle vertoonlokale in Maitlandstraat ten toon gestel is. Dit het eetkamerstelle, sitkamerstelle, slaapkamermeubels, spieëlkaste, wastafels, klerekaste, spieëls, eetkamertafels, skryftafels, siertafeltjies, kaste en allerlei soorte stoele en sofas ingesluit. Die meubels was beskikbaar in ’n verskeidenheid houtsoorte, soos eike-, mahonie-, okkerneut- en essehout. Dié firma het verder ’n groot verskeidenheid gordyne, tapyte, linoleum en vensterblindings in voorraad gehou.[136]

In die Reitz-tydperk het Bloemfontein se huise nog nie lopende water of badkamers gehad nie. Water vir huishoudelike gebruik is in emmers deur swart huiswerkers by waterputte of die fontein gaan skep en na die huise toe aangedra.[137] Selfs die deftige presidentswoning het in die 1890’s nog nie lopende water gehad nie. Warm waswater is daagliks vir gaste van die Presidensie se kombuis met die trappe na die slaapkamers op die boonste verdieping opgedra en gaste moes in sitbaddens in hulle slaapkamers bad.[138] Huise het gewoonlik ’n groot houtbak met koperringe gehad waarin die emmers leeggemaak en water gestoor is. Blanke inwoners het minstens twee keer per week in baddens[139] in hulle kamers gebad.[140] Handelaars van Bloemfontein het ’n groot verskeidenheid baddens, soos sitbaddens, sponsbaddens, ronde baddens, ovaal baddens en selfs voetbaddens in voorraad gehad. Verder is in elke slaapkamer gewoonlik ’n wastafel met ’n waskom en beker geplaas, wat ook by handelaars in Bloemfontein te koop was.[141] Soos in ander huise, was die toilette in die Presidensie nie in die ampswoning nie, maar buitekant.[142] Omdat daar nie lopende water was nie, was die toilette aanvanklik sinkputte en in 1889 is ’n emmerstelsel ingestel.[143] Die nie-blankes se hutte en huisies het uiteraard ook nie lopende water gehad nie en hulle moes ook water gaan haal om in te was.

---

[135] *Ibid*., 8.5.1891, p. 3.
[136] *Ibid*., 13.1.1891, p. 1.
[137] G. Baumann, “Recollections: personal reminiscences of the Orange Free State. Village of Bloemfontein”, *The Friend*, 10.11.1911, p. 4; Bidwell, p. 37.
[138] “Skimme van ’n glorieryke verlede”, *Die Volksblad*, 26.5.1947, p. 1; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 127.
[139] Die baddens is meestal van sink gemaak.
[140] H. Schuur, “Those were the days in Old Bloemfontein”, *The Friend*, 18.2.1954, p. 3.
[141] *Daily News*, 3.3.1890, p. 1; *Daily Express*, 1.12.1890, p. 3.
[142] NMB, Departement Geskiedenis: fotokopie van brief, adv. Gladys Steyn –Yvonne Steyn, 4.9.1965.
[143] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 117. Sanitasie word in hoofstuk 4 meer volledig bespreek.

Interieurfoto's uit die Reitz-tydperk gee ’n goeie beeld van die binnenshuise inrigting van Bloemfonteinse wonings gedurende die 1890’s. Die belangrikste interieurfoto's wat opgespoor is, is hoofsaaklik van die Presidensie[144] uit die ampstydperk van pres. F.W. Reitz en Kaya Lami, die huis van die Bloemfonteinse sakeman, Gustav Fichardt in die 1890’s. Die Presidensie is in 1886 opgerig en agtereenvolgens deur die laaste drie presidente van die republiek Oranje-Vrystaat, J.H. Brand, F.W. Reitz en M.T. Steyn, bewoon. Wat die inrigting van die Presidensie betref, moet dit beklemtoon word dat die Vrystaatse Volksraad slegs enkele basiese meubelstukke vir die belangrikste ontvangsvertrekke soos die voorportaal, die sitkamer, die formele eetkamer en die balsaal aangekoop het.[145] Die res van die ampswoning moes elke president uit sy eie sak meubileer.[146] Tydens die Reitz-tydperk is daar wel feitlik jaarliks ’n bedrag van £100 bewillig om meubels vir die Presidensie aan te koop.[147] Dit wil dus voorkom asof die basiese meubelstukke wat deur die Volksraad aangekoop is, jaarliks aangevul is en na elke president se vertrek in die ampswoning agtergebly het, omdat dit staatseiendom was.[148] Die inrigting van die belangrikste vertrekke in ’n tipiese Laat-Victoriaanse Bloemfonteinse woning word vervolgens met behulp van interieurfoto’s van bogenoemde twee wonings kortliks bespreek.

Die Presidensie het nie weelderige binne-afwerkings gehad nie.[149] Die binnemure was in 1886 met kalkverf of *distemper* in pastelkleure geverf. Die houtwerk is .geverf om by die

---

[144] Ofskoon die Presidensie wat in 1886 opgerig is, die derde presidentswoning op die terrein was, is dit die enigste sodanige gebou wat nog bestaan. Met die gebruik van die naam "Presidensie" word dus eintlik vandag verwys na Bloemfontein se Derde Presidensie. Die gebou staan vandag bekend as die Presidensie Museum en gee aan besoekers 'n beeld hoe die Vrystaatse presidente tussen die jare 1886 en 1900 geleef het. Vir meer inligting oor die opeenvolgende presidentswonings op die terrein, raadpleeg S.M. Botes, *Van Residensie tot Presidensie: ’n kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein, 1846-1900*, M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1993.

[145] *The Friend*, 1.7.1886, p. 3; Roodt Vennootskap, p. 3.

[146] AREA, PV181/2/8/1/1/3: mev. Steyn – pres. Steyn, 24.5.1902; “Beautiful old furniture once graced the Presidency here: removed to Pretoria after the South African War”, *The Friend*, 4.6.1935, p. 7.

[147] *OVS Volksraadsnotule*, 18.6.1889, p. 430 en 22.6.1895, p. 806. Vergelyk ook *Volksraadsnotules* van 1890-1894.

[148] S.M. Botes, “Die Derde Presidensie, Bloemfontein, gedurende die verblyf van president F.W. Reitz, 1889-1895”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 15(4), Desember 1999, p. 75.

[149] L. Roodt, “Die Ou Presidensie, Bloemfontein”, p. 53.

kleurskema van die mure en sale aan te pas,[150] soos die gebruik van die tyd was. Sjabloonmotiewe en dekoratiewe rand-patrone wat deur die Presidensie se argitek, Lennox Canning, self met die hand aangebring is, het sommige vertrekke se mure versier[151] (kyk figuur 16). Tussen 1892 en 1900 is plakpapier op sommige van die mure aangebring. J.E.C. Bodley, wat pres. Brand in 1888 besoek het, het die interieur van die Derde Presidensie met dié van "a refined English home" vergelyk.[152] Uit bogenoemde beskrywing blyk die sterk Britse en Victoriaanse invloed duidelik.

Figuur 16: 'n Gedekte tafel in die eetkamer van die Presidensie, ca. 1900. Let op die sjabloonmotiewe en randpatrone wat die kroonlys en die muur net bokant die dado versier, asook die kroonlugter wat 25 kerse kon neem. Foto: Nasionale Museum: 01/1020.

Die binnenshuise inrigting en meubilering van die Presidensie moet gesien word teen die agtergrond van die kulturele milieu van die tydperk, die blootstelling van die inwoners aan die mode van die tyd, die sosiale kringe waarin hulle beweeg het en hulle algemene lewenspeil. Waarskynlik sou die presidentswoning, as ampswoning van die eerste burger van die republiek, weelderiger as die woonhuis van die gemiddelde Vrystaatse burger ingerig gewees het, aangesien daar van die presidentspaar verwag sou word om met die lewenstandaard leiding te gee.[153] Ofskoon die Presidensie volgens die mode van die Laat-Victoriaanse tydperk ingerig was, is die vertrekke in die ampswoning baie groter as die vertrekke van 'n gewone huis. Gevolglik was die vertrekke van die presidentswoning nie só oorvol gemeubileer soos wat 'n mens van 'n Victoriaanse interieur sou verwag het nie. In der waarheid het die ruim vertrekke in talle opsigte 'n byna spartaanse voorkoms gehad.[154]

---

[150] *The Friend*, 12.8.1886, p. 3 en 19.8.1886, p. 2.
[151] VAB, GS1117, p. 94: G. Hallé – staatspresident, 8.4.1886; *The Friend*, 12.08.1886, p. 3.
[152] J.E.C. Bodley, "A visit to President Brand", *Fortnightly Review* 44, 1888, p. 200.
[153] AREA, PV181/2/8/1/1/3: mev. Steyn – pres. Steyn, 24.5.1902; Roodt Vennootskap, p. 2.
[154] L. Roodt, "Die restourasie van die Ou Presidensie", p. 136.

3.3.1 Ingangsportaal

Spesiaal ontwerpte, meer eenvoudige portaalmeubels, gewoonlik van eikehout, is in die ingangsportaal of voorportaal van ’n Victoriaanse woning geplaas.[155] Die portaalrak[156] naby die voordeur was meestal met ’n spieël, hakies en ’n sambreelrak toegerus sodat besoekers hulle hoede, jasse, sambrele en wandelstokke daar kon laat. In die portaal was normaalweg ’n portaalbank, ’n paar stoele en ’n smal tafeltjie waarop besoekers hulle besoekerskaartjies kon plaas.[157] Portaalstoele het gewoonlik ’n soliede, ongestoffeerde voorkoms gehad. Die rugleuning van portaalstoele is met houtsneewerk versier en soms is ’n monogram of familiewapen daarop aangebring.[158] ’n Plantstaander met ’n plant en ’n staanhorlosie is dikwels in die voorportaal aangetref.[159]

Die enigste interieurfoto van ’n ingangsportaal in die tydperk wat opgespoor kon word, is ’n foto van ’n gedeelte van die voorportaal of trappesaal van die Presidensie in Bloemfontein (kyk figuur 17 *infra*). Hieruit blyk dit dat die mure van die voorportaal met geraamde foto’s en portrette, asook horings en selfs ’n hoefyster of twee, versier was.[160] Dit is nie duidelik wanneer dié versierings in die trappesaal aangebring is nie, maar dit was klaarblyklik reeds daar tydens die bewoning deur pres. Brand (1886-1888).[161] Dit is waarskynlik met verloop van tyd verder aangevul. Die gebruik van horings as versiering teen mure was blykbaar tipies van Bloemfontein, want dit word ook in ander Bloemfonteinse interieurs van die betrokke tydperk aangetref[162] (vergelyk figure 17 en 21 op pp. 164 en 170 onderskeidelik).

---

155 Miller en Miller, p. 183.
156 In Engels word dit ’n “hall-stand” genoem.
157 R.W. Symonds en B.B. Whineray, *Victorian furniture*, pp. 66-67.
158 Woodhouse, p. 122.
159 De Wet, p. 24.
160 NMB, Departement Geskiedenis: fotokopie van brief, adv. Gladys Steyn – Yvonne Steyn, 4.9.1965; E.L. Calverley, *A guide to Bloemfontein with a short history and description of the Orange River Colony*, p. 59.
161 VAB, GS1403, p. 97: L. Canning – staatspresident, 28.8.1889.
162 NMB, foto 01/332: eetkamer van Kaya Lami (woonhuis van G.A. Fichardt), Bloemfontein, 1890's, 01/326: foto, biljartkamer van Kaya Lami, Bloemfontein, ca. 1890’s.

’n Dogter van pres. Steyn, adv. Gladys Steyn, beskryf die voorportaal of trappesaal so: “In die portaal het die groot beeld gestaan, met ’n lamp in die hand [...].”[163] Hierdie stuk, wat klaarblyklik deel van die meubels was wat die Volksraad vir die presidentswoning aangekoop het, het behoue gebly. Die beeld bestaan uit ’n vergulde vrouefiguur met drapeersels op ’n voetstuk, wat ’n lamp bokant haar kop vashou (figuur 17). Op die foto van die trappesaal staan die vrouebeeld ongeveer in die middel van die vertrek. Verder verskyn ’n enkele stoel teenaan die agterste muur en is drie los matte op die foto sigbaar.[164] Volgens die inventaris van die meubels uit die Steyn-tydperk was daar ’n stofie en twee groot plantstaanders in die voorportaal,[165] maar dit is nie op die foto sigbaar nie.[166]

Figuur 17: ’n Gedeelte van die voorportaal van die Presidensie, ca. 1900. Let op die dierehorings en hoefysters teen die mure, die matte en die beeld van ’n vrouefiguur wat ’n lamp bokant haar kop vashou. Uit: E.L. Calverley, *A guide to Bloemfontein with a short history and description of the Orange River Colony*, p. 59.

3.3.2 Sitkamer

Die *drawing-room*, sitkamer of geselskapskamer was belangrik, omdat dit ’n ontvangsvertrek was. Die Victoriaanse sitkamer is dikwels as ’n vroulike vertrek beskryf, waarskynlik omdat die vrou hoofsaaklik vir die inrigting daarvan verantwoordelik was en haar gaste hier ontvang het. Die kleure van tekstiele en ander bykomstighede was sagter en ligter as dié wat in ander vertrekke gebruik is. Die ontwerp van meubels vir die sitkamer was fyner en saam met die ligter kleure en teksture het dit tot die vroulike karakter van die vertrek bygedra. Gaste het voor ’n dinee of eetmaal in die sitkamer bymekaargekom en na die ete het die dames hulle na die sitkamer teruggetrek, terwyl die mans nog ’n wyle in die eetkamer vertoef het om te rook of ’n glasie wyn te geniet. Later sou hulle by die dames in die sitkamer aansluit. Tydens ’n aandparty of onthaal was die sitkamer die vertrek waar gaste met musiek en sang vermaak is. Die klavier

---

[163] NMB, Departement Geskiedenis: fotokopie van brief, adv. Gladys Steyn - Yvonne Steyn, 4.9.1965.
[164] Calverley, p. 59.
[165] VAB, A1561/1/44a, Inventaris: meubels van die Presidensie gedurende die Steyn-tydperk.
[166] Die ingangsportaal van die Presidensie is ’n baie ruim vertrek en die hele vertrek is nie op die foto sigbaar nie.

of musiekkabinet was ’n belangrike element in die Victoriaanse sitkamer.[167] Klaviere uit die Victoriaanse tydperk is uit roos-, mahonie- of okkerneuthout vervaardig en was dikwels ryklik versier.[168] Die meeste blanke inwoners van Bloemfontein het klaviere in hulle sitkamers gehad, maar ander musiekinstrumente, soos Amerikaanse orrels of harmoniums, was ook beskikbaar.[169]

Omdat dit ’n “vroulike” ontvangsvertrek was, is die meubilering van Victoriaanse sitkamers deur ’n gevoel van luuksheid en elegansie gekenmerk, terwyl gemak en stewigheid van meubelstukke minder belangrik was. Die grootste aantal ornamente, foto-albums, prente en portrette, snuisterye en ander versierings is gewoonlik in die sitkamer aangetref, wat dit oorvol laat vertoon het.[170] ’n Opvallende kenmerk van die sitkamers in die Victoriaanse tydperk was die gebrek aan ’n formele rangskikking van die meubels. Die oorvol vertrek met sy los stoele, tafels, *what-nots* of rakstaanders en veelvuldige ornamente en snuisterye, het effe deurmekaar vertoon, asof die meubels op ’n lukrake manier neergesit is.[171] Die bekendste soort Victoriaanse sitkamerstoele is waarskynlik die sogenaamde ballonrug- of busselstoele. Verskillende soorte gestoffeerde meubels, veral sofas, S-vormige bankies, ottomans en ander rusbanke, was kenmerkend van hierdie vertrek.[172]

Die meeste Victoriaanse sitkamers was voorsien van ’n kaggel waarin vuur gemaak is om inwoners en besoekers in die koue winters warm te hou. Vuurskerms is gebruik om ’n mens teen die direkte hitte van die vuur te beskerm. Gestoffeerde voetbankies in verskillende vorms en groottes is gebruik om naby die vuur te sit of om die voete weg van die koue vloer af te laat rus. Bokant die kaggel was meestal ’n kaggelrak van mahonie- of rooshout aangebring. ’n Kaggelrak het soms ’n groot ovaalvormige of reghoekige spieël in ’n vergulde raam bevat, of het bestaan uit ’n raam van mahoniehout met houtrakke waarop ornamente uitgestal kon word.[173] Op die kaggelrak is ornamente soos ’n *ormolu*- of goudbronshorlosie en vase of silwerware uitgestal.[174] Ornamente is ook op *what-nots* of rakstaanders uitgestal.[175]

---

[167] Symonds en Whineray, pp. 71-72.
[168] Swedberg en Swedberg, pp. 25-27; *The Friend*, 8.5.1891, p. 3.
[169] *De Express*, 25.2.1890, p. 4; *Daily Express*, 25.4.1890, p. 2, 24.5.1890, p. 2 en 17.7.1890, p. 3; *The Friend*, 22.1.1890, p. 1, 19.2.1890, p. 1, 8.5.1891, p. 3 en 24.11.1891, p. 1.
[170] Leviseur, p. 25; Symonds en Whineray, p. 72.
[171] Loubscher, p. 8.
[172] *The Friend*, 8.5.1891, p. 3; Symonds en Whineray, p. 72; Swedberg en Swedberg, pp. 25-27.
[173] Swedberg en Swedberg, p. 29.
[174] Leviseur, p. 25; Roodt Vennootskap, p. 25.
[175] Swedberg en Swedberg, p. 29.

Verskillende soorte tafels het in die sitkamer voorgekom, soos werktafeltjies, kaarttafels, klein ronde tafeltjies en die bekende *Davenport*-lessenaars vir dames.[176] Die tafeltjies in die sitkamer is dikwels gebruik om voorwerpe soos ornamente, foto's en snuisterye op uit te stal.[177]

Twee interieurfoto's van sitkamers uit die Laat-Victoriaanse tydperk in Bloemfontein kon opgespoor word, naamlik ’n foto van die sitkamer van die Presidensie tydens die verblyf van pres. Reitz in ca. 1893, asook die sitkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustav Fichardt.[178] Dié foto is ook in die 1890’s geneem.

Omdat die sitkamer een van die belangrike ontvangsvertrekke was, sou ’n mens kon verwag dat die presidentspaar se sitkamer baie mooi en elegant ingerig sou wees, wat inderdaad die geval was (figuur 18 *infra*). Volgens die foto wil dit voorkom asof die mure geverf was. Hoewel geen fries op die foto waargeneem kan word nie, was die muur waarskynlik in die gebruiklike fries-, vuller- en dado-gedeeltes verdeel. Die dado-gedeelte van die muur is opvallend donkerder as die res van die muur geverf. Net bokant die dado kan geverfde versierings in die vorm van sjabloonmotiewe of dekoratiewe randpatrone waargeneem word.[179] Dit was waarskynlik die skilderwerk wat deur deur die argitek met die hand gedoen is.[180]

Die sitkamervloer is met ’n tapyt met ’n groot geometriese patroon bedek. Die vertrek is ingerig soos ’n tipiese Victoriaanse sitkamer met ’n mooi vleuelklavier en die klavierstoeltjie as fokuspunt (figuur 18). Tipies van die tyd, het die vertrek heelwat gestoffeerde sitgeriewe bevat. In die middel van die vertrek is ’n groot ronde rusbank of ottoman en daarnaas verskeie soorte los stoele, ’n sofa, gemakstoele en ’n klompie siertafeltjies.[181] Die ovaalvormige tafeltjie met sy gedraaide pote en materiaalbedekking met fraiings wat net agter die ottoman sigbaar is, is ’n *Gipsy*-tafel[182] genoem en het aan pres. Reitz behoort.[183]

---

[176] *Ibid*., pp. 28-29; Price, p. 125.
[177] Symonds en Whineray, p. 72.
[178] Huise en geboue uit die Reitz-tydperk word in hoofstuk 4 bespreek.
[179] NMB, foto 01/1024: sitkamer van die Presidensie, Bloemfontein, ca. 1893.
[180] Vir meer besonderhede, kyk S.M. Botes, “Die oprigting van die Derde Presidensie in Bloemfontein, 1885-1886”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 12(7), November 1996, p. 256.
[181] NMB, foto 01/1024: sitkamer van die Presidensie, Bloemfontein, ca. 1893.
[182] Price, p. 141.
[183] Presidensie Museum, President Brandstraat 17, Bloemfontein: Derde Presidensie, besoek 10.2.1993.

Omdat die sitkamer so groot is, vertoon dit nie so oorvol soos die tipiese Victoriaanse vertrek nie, maar die meubelstukke wat oral in die vertrek rondstaan en lyk asof dit sommer net lukraak daar geplaas en nie op enige formele wyse gerangskik is nie, is 'n tipiese kenmerk van die Victoriaanse binnenshuise inrigting.[184]

Figuur 18: Die sitkamer van die Presidensie tydens die verblyf van pres. Reitz, ca. 1893. Foto: Nasionale Museum: 01/1024.

Tog was dit steeds 'n vol vertrek as die grootte daarvan in ag geneem word. Teen die een muur is 'n buffetkassie met 'n groot spieël in 'n vergulde raam aangebring. Bo-op die buffetkassie is 'n klok en ander ornamente uitgestal. Tipies van die Victoriaanse tydperk is die mure gevul met geraamde portrette, skilderye en prente. Interessant is die los matjie met sy perdefiguur wat bo-op die tapyt geplaas is[185] (kyk figuur 18). Die matjie was waarskynlik velwerk.

Kaya Lami, die woning van Gustav Fichardt en sy vrou, Caroline, was in Kerkstraat 29, Bloemfontein, geleë. Dié huis is in die 1870's opgerig, maar in 1891 vergroot en verander.[186] 'n Interieurfoto van Kaya Lami se sitkamer wat in die 1890's geneem is, toon sterk Laat-Victoriaanse styleienskappe (figuur 19).

Laasgenoemde blyk duidelik uit die vertoonkas vol ornamente, snuisterye, potplante, gedrapeerde gordyne, plakpapier, geraamde portrette en kersblakers teen die mure. In een hoek is die onontbeerlike klavier met sy klavierstoeltjie. In teenstelling met die vleuelklavier van die Presidensie, was die klavier van die Fichardts 'n gewone, regop een. In die middel van die

---

[184] Loubscher, p. 8.
[185] NMB, foto 01/1024: sitkamer van die Presidensie, Bloemfontein, ca. 1893.
[186] K. Schoeman, *Vrystaatse erfenis: bouwerk en geboue in die 19de eeu*, pp. 63, 105, 111, 113, 116, 144.

vertrek staan ’n deftige, gestoffeerde ottoman, net soos by die Presidensie. Die ontwerp van die kas links word in die kaggelbostuk herhaal. Die sitkamer van Kaya Lami het ’n kaggelomranding van hout gehad en die bypassende houtkaggelrak met sy langwerpige spieël[187] wat die kaggelbostuk vorm, is ’n kenmerkende element van die tyd.

Figuur 19: Sitkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustav en Caroline Fichardt, 1890’s. Foto: Nasionale Museum: 01/328.

Die mure is met plakpapier geplak en ’n fries, vuller en dado kan onderskei word (kyk figuur 19). Die kleure van die muurverdeling stem met die Laat-Victoriaanse/ Vroeg-Edwardiaanse kleurskemas ooreen. Die dado is donkerder as die vuller-muurpapier en die kleure word ligter na bo.[188] Interessant genoeg wil dit voorkom asof die plafon ook met plakpapier geplak was.[189] Hier is reeds tekens te bespeur van ’n geleidelike oorgang van die Laat-Victoriaanse na die Edwardiaanse tydperk. Die sitkamer van Kaya Lami was een van die deftigste sitkamers van die 1890’s in Bloemfontein, waarskynlik omdat Fichardt ’n gegoede sakeman was.

3.3.3 Woonkamer

Welgestelde Victoriaanse gesinne se huise het ’n afsonderlike woonkamer, familiekamer of *parlour* gehad. Dit is soms ’n *morning room* genoem en was ’n meer huislike, informele sitkamer vir die gesin. Waar die eetkamer en meer formele sitkamer meestal vir formele etes en die onthaal van gaste gebruik is, was die woonkamer ’n belangrike vertrek vir die meer intieme gesinslewe en het dit dikwels ’n vuurherd gehad. Hier het die huisgesin ’n informele ontbyt genuttig, tee gedrink en hulle besig gehou met stokperdjies of ander aktiwiteite soos naaldwerk, teken, kaartspeel of die saamstel van ’n plakboek. Die belangrikste meublement in hierdie vertrek was gewoonlik ’n ronde of langwerpige tafel wat in die middel van die vertrek

---

[187] NMB, foto 01/328: sitkamer van die Fichardts, Kaya Lami, Bloemfontein, 1890's.
[188] P. Thornton, *Authentic dekor: the domestic interior 1620-1920*, p. 317.
[189] NMB, foto 01/328: sitkamer van die Fichardts, Kaya Lami, Bloemfontein, 1890's.

gestaan het, asook ’n paar stewige gemakstoele, soms ’n bykomstige rusbank en dikwels ’n kaarttafel.[190] By tye is stoele wat spesiaal vir dames en mans afsonderlik ontwerp is, in die woonkamer gebruik. Die damestoel was sonder armleunings, terwyl die manstoel wel armleunings gehad het. Dié twee stoele het meestal deel van ’n stel gevorm.[191]

Daar bestaan ’n interieurfoto van die woonkamer van Kaya Lami wat in die 1890’s geneem is (figuur 20). Volgens die foto was die Fichardts se woonkamer ingerig soos ’n tipiese Laat-Victoriaanse woonkamer. Dit was ’n gesellige, informele vertrek, met die klem op gemak. ’n Bypassende stel mans- en damesgemakstoele met gestoffeerde voetstoeltjies staan naby aan die kaggel. Op die ronde tafel in die middel van die vertrek wat met ’n tafeldoek en ’n kant-kleedjie bedek is, staan ’n aspidistraplant in ’n pot. Op die tapyt met sy plantmotief is ’n los vuurherdmatjie voor die kaggel sigbaar.

Figuur 20: Woonkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustav en Caroline Fichardt, 1890’s. Foto: Nasionale Museum: 01/329.

Tipies van die Victoriaanse tydperk hang ’n hele aantal geraamde portrette en prente teen die mure, terwyl foto's in raampies en ’n horlosie die kaggelrak versier. Die boonste oppervlakte van die kas met sy spieël is ook met foto's in raampies, ’n lamp, gedroogde gras, blomme en ander snuisterye volgepak. Agter die gemakstoele staan ’n tafel wat moontlik ’n kaarttafel kon gewees het. Bo-op die kaarttafel lê albums, boeke en ander voorwerpe (kyk figuur 19 *supra*).[192]

3.3.4 Eetkamer

Die eetkamer het ’n belangrike rol in die Victoriaanse gesinslewe gespeel. Die gesin het hier bymekaar gekom en maaltye het lank geduur. Die oorheersende element in die eetkamer was die indrukwekkende buffet van mahonie- of okkerneuthout wat dikwels met kerfwerk en

---

[190] Roodt Vennootskap, p. 25; Symonds en Whineray, p. 70.
[191] Swedberg en Swedberg, pp. 25-26, 36-37.
[192] NMB, foto 01/329: woonkamer van die Fichardts, Kaya Lami, Bloemfontein, 1890's.

deurpanele met inlegwerk en lyswerk versier is.[193] Eetgerei, silwer-, porselein- en glasware, asook tafeldoeke, is in die laaie en op die rakke van die buffet gebêre en uitgestal.[194]

In die middel van die eetkamer het die eetkamertafel gestaan. Die Victoriaanse eetkamertafel was gewoonlik reghoekig, met vierkantige of ronde pote. Party tafels kon verleng word deur ekstra blaaie wat uitgetrek kon word, indien meer ruimte benodig was. Dit was veral nuttig wanneer gaste onthaal moes word. Eetkamertafels is meestal van eike- of mahoniehout gemaak, maar soms ook van kiaathout.[195] Verskillende soorte eetkamerstoele is aangetref, waarvan die bekendste seker die ballonrugstoele met die gestoffeerde sitplekke is.[196]

Figuur 21: Eetkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustav en Caroline Fichardt, 1890's. Foto: Nasionale Museum: 01/332.

Kaya Lami se eetkamer (kyk figuur 21), met sy deftige voorkoms, is 'n goeie voorbeeld van die voorkoms van eetkamers tot en met die eeuwending. Die swaar meubels, gestoffeerde stoele, reghoekige eetkamertafel, trofee van bokhorings, oorvloed ornamente en die groot buffet waarop silwer- en glasware uitgestal is, is sprekend van die Laat-Victoriaanse smaak in binneversiering in Bloemfontein in die 1890's. Dit wil voorkom asof die buffet en eetkamerstoele bymekaar pas en waarskynlik deel van 'n stel was. 'n Groot, geraamde foto van G.A. Fichardt hang bokant die buffet. Tipies van die tyd, is die kaggelbostuk van hout regs met sy spieël en houtrakkies waarop ornamente, kerse en foto's uitgestal is. Langs die kaggel staan 'n potplant in 'n planthouer. In die hoek tussen die kaggelrak en buffet is 'n *what-not* of rakstaander waarop 'n vaas uitgestal is. Links van die eetkamertafel is twee gestoffeerde gemakstoele en 'n klein, ronde tafeltjie met 'n kanttafeldoek en 'n blompot met blomme.[197]

---

[193] *The Friend*, 8.5.1891, p. 3; Swedberg en Swedberg, p. 86.
[194] Swedberg en Swedberg, p. 86.
[195] *The Daily News*, 23.8.1882, p. 4; Miller en Miller, p. 183.
[196] Miller en Miller, p. 183; Swedberg en Swedberg, pp. 86-87.
[197] NMB, foto 01/332: eetkamer van die Fichardts, Kaya Lami, Bloemfontein, 1890's.

3.3.5 Slaapkamers

Victoriaanse slaapkamers was oor die algemeen minder oorvol gemeubileer as sitkamers. Beddens was groot en van hout gemaak of het ’n smeedyster- of koperraamwerk gehad. Teen die einde van die eeu het koper- en ysterbeddens algemeen voorgekom. Hemelbeddens en kapbeddens, waarvan net die koppenent met ’n kap bedek is, was gewild. As gevolg van ’n groter gesondheidsbewustheid het hemelbeddens geleidelik plek gemaak vir die sogenaamde *halftester*-bed wat, behalwe vir die kort sy-arms waaraan draperings gehang het, verder oop was. Onbedekte beddens met koperrelings het ook dikwels voorgekom.[198]

Laaikaste en groot klerekaste, waarvan verskillende dele losstaande was, is gebruik om klere in te bêre. Ander meubelstukke wat in slaapkamers voorgekom het, was ’n wastafel, ’n spieëltafel, ’n stoel of twee en ’n klein skryftafeltjie of lessenaartjie.[199] Die wastafel het meestal ’n wit marmerblad gehad met ryklik versierde en geglasuurde teëls op die rugkant.[200] Dit is nie duidelik waar die dame van die huis met haar naaimasjien gewerk het nie, maar die meeste huise het waarskynlik een gehad. In die 1890’s was veral die “Singer”- en “Wanzer A”-naaimasjiene in Bloemfontein gewild.[201]

’n Mooi foto van Caroline Fichardt se slaapkamer in Kaya Lami het behoue gebly. Dié foto is in die 1890's geneem (figuur 22). Ofskoon die vertrek eenvoudig ingerig is, is dié slaapkamer met sy koper- hemelbed en Victoriaanse meubels ’n goeie voorbeeld van hoe ’n Bloemfonteinse slaapkamer gedurende die Laat-Victoriaanse tydperk daar uitgesien het. Maude

Figuur 22: Slaapkamer van Caroline Fichardt in Kaya Lami, 1890’s. Foto: Nasionale Museum: 01/2200.

198 Swedberg en Swedberg, pp. 104-108.
199 *The Daily News*, 23.8.1882, p. 4 en 3.3.1890, p. 1; Swedberg en Swedberg, pp. 104-108.
200 Roodt Vennootskap, p. 26.
201 *The Daily News*, 3.3.1890, p. 1.

Bidwell (née Fichardt) het gedurende haar kinderjare in ’n bababed langs haar moeder se hemelbed met sy "snowy white canopy and curtains" geslaap.[202]

Maude onthou die kamer goed en beskryf die meubelstukke wat in 1883 daarin gestaan het. Aan die voet van die hemelbed het ’n sofa gestaan wat met leer oorgetrek was, terwyl die spieëlkas langs een van die wye komvensters gestaan het. Die hemelbed en leersofa, asook die spieëlkas, is duidelik op die foto sigbaar.[203] Sy beskryf die vergulde horlosie op die kaggelrak wat in 1868 ’n trougeskenk aan die Fichardts was: "It was covered with a dome of glass rather like a big, elongated bubble. A gilt shepherd, obviously without any sheep to tend, leant idly against a gilt support."[204] Op die foto is die horlosie met sy glaskoepel in die middel van die kaggelrak sigbaar, terwyl die kaggelrak verder gevul is met portrette van verskillende groottes in raampies, tipies van die tyd.

Bokant die kaggel hang ’n groot, geraamde afdruk van die Sistynse Madonna.[205] Los matte met ’n blompatroon bedek die plankvloer. Die mure is met plakpapier met ’n groot blaarpatroon bedek[206] (kyk figuur 22, p. 171, *supra*). Maude Bidwell beskryf die res van die meubels: "There was a large pier glass on a mahogany stand, but the most fascinating piece of furniture was the large, beautifully designed mahogany wardrobe that stood against the opposite wall to the fourposter bed and swinging cot."[207] Die penantspieël is wel op die foto net regs van die bed sigbaar, maar die groot mahoniehoutklerekas was waarskynlik agter die fotograaf se rug. Daar is geen teken van ’n bababedjie nie, maar die foto is in die 1890’s geneem toe die kinders reeds groter was en in ander kamers geslaap het.

’n Foto van die slaapkamer van mej. Reitz (blykbaar ’n suster van pres. Reitz) wat in ca. 1893 in die Presidensie geneem is, het ook bewaar gebly (figuur 23 *infra*). Dit wil voorkom asof die muur in twee kleure geverf is met die ligter kleur bo. Die vloer was met ’n tapyt met ’n

---

[202] Bidwell, p. 47.
[203] NMB, foto 01/2200: slaapkamer van Caroline Fichardt, Kaya Lami, Bloemfontein, ca. 1890.
[204] Bidwell, p. 49.
[205] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 102.
[206] NMB, foto: 01/2200: slaapkamer van Caroline Fichardt, Kaya Lami, Bloemfontein, ca. 1890.
[207] Bidwell, p. 49.

plantmotief bedek. Ofskoon die foto ’n bietjie dof is, kan twee *bentwood*-stoele, ’n klein skryftafel, ’n klein ronde tafeltjie en ’n spieëlkas (regs) wel op die foto onderskei word. Bokant die skryftafel is ’n boekrakkie met boeke. Drie dames in die vertrek is klaarblyklik besig om na foto's te kyk. Dit is ’n tipiese Victoriaanse vertrek, gevul met portrette, prente en ander snuisterye soos ’n waaier en gedroogde gras op die tafels en teen die mure.[208]

Figuur 23: Slaapkamer van mej. Reitz in die Presidensie, ca. 1893. Foto: Nasionale Museum: 01/1028.

3.3.6 Biljartkamer

Tydens die Victoriaanse tydperk het ’n nuwe gebruik ontstaan, naamlik die bou van vertrekke wat vir ’n spesiale doel gebruik is. Gedurende die 19de eeu het biljart ’n gewilde, modieuse spel en tydverdryf geword en welgestelde Victoriaanse gesinne het dikwels ’n afsonderlike biljartkamer gehad.[209] ’n Voorbeeld hiervan is by die Fichardt-gesin van Bloemfontein aangetref. Interessant

Figuur 24: Biljartkamer van G.A. Fichardt, ca. 1900. Foto: Nasionale Museum: 01/326.

[208] NMB, foto: 01/1028: slaapkamer van mej. Reitz, Presidensie, Bloemfontein, ca. 1893.
[209] Symonds en Whineray, p. 62.

genoeg het Fichardt se biljartkamer nie deel van die huis gevorm nie, maar was dit volgens Maude Bidwell ’n groot losstaande vertrek wat spesiaal vir dié doel in Kaya Lami se tuin gebou is.[210]

’n Interieurfoto van Gustav Fichardt se biljartkamer in ca. 1900 het behoue gebly (figuur 24 op p. 173). Dié pragtige vertrek vertoon nog sterk Laat-Victoriaanse stylkenmerke, hoewel ’n mate van oorgang na die Edwardiaanse tydperk reeds te bespeur is. Tipiese Victoriaanse stylkenmerke is die oorvloed geraamde portrette en prente teen die mure, potplante in houers en talryke ornamente, veral op die kaggelrak en boekrak. Teen die mure is dierehorings aangebring, soos tipies is van Bloemfonteinse interieurs uit die tyd (vergelyk figure 17 en 21 op pp. 164 en 170 onderskeidelik). Interessant is die kamerverdeler van hout wat die vertrek in twee verdeel. Die kamerverdeler met sy boë en vier klassieke pilare is met houtsnywerk versier. Die ontwerp van die muurafwerking is op die foto nie duidelik sigbaar nie. Twee tipes friese is gebruik – teen die mure is ’n Art Nouveau-tipe fries en tussen die plafon en die houtwerk van die kamerverdeler is ’n stilistiese plantmotief-fries gebruik. Die prentelys en dadolys is donker[211] (waarskynlik om by die houtwerk aan te pas) en was moontlik geverf of donker gebeits. Die inrigting van die vertrek skep ’n manlike indruk. Los reghoekige matte, ’n meer oop plasing van die meubels en die eenvoudiger gordyndrapering (sigbaar in die spieël) wat meer lig in die vertrek inlaat, dui op oorgang na die Edwardiaanse styl van binneversiering.[212]

3.3.7 Studeerkamer

Die studeerkamer of biblioteek was gedurende die Victoriaanse tydperk die man se domein. Dié vertrek is vir lees- en skryfwerk gebruik en die gesin se boekversameling is gewoonlik hier gehuisves. Hier het die hoof van die huis sy gesin se familiesake, korrespondensie en ander papierwerk afgehandel. Die studeerkamer het meestal ’n lessenaar en een of meer boekrakke in gehad. Tydens die Victoriaanse tydperk was boekrakke meestal losstaande. Naas die boekrakke en lessenaar met sy stoel is gemakstoele en ander tafeltjies in die studeerkamer of biblioteek geplaas.[213]

---

[210] Bidwell, p. 59.
[211] NMB, foto 01/326: biljartkamer van Gustav Fichardt, Kaya Lami, Bloemfontein, ca. 1900.
[212] Thornton, p. 320.
[213] Symonds en Whineray, p. 73.

’n Voorbeeld hiervan is pres. Reitz se studeerkamer in die Presidensie, ca. 1893 (figuur 25). Volgens die foto lyk dit asof die vullergedeelte van die mure met plakpapier met ’n blompatroon of plantmotief bedek is. Die fries is nie op die foto sigbaar nie, maar die dado[214] vertoon donkerder as die vullergedeelte[215] en is óf in ’n donkerder kleur geverf, óf met ’n donkerder muurpapier bedek. Waarskynlik was hierdie gedeelte geverf, want in 1892 is opdrag gegee dat die dado van die studeerkamer in ’n ander kleur as die res van die mure geverf moes word.[216]

Figuur 25: Studeerkamer van pres. Reitz in die Presidensie, ca. 1893. Foto: Nasionale Museum: 01/1029.

Uit die foto blyk dit dat dié vertrek gemeubileer was soos ’n tipiese Victoriaanse studeerkamer met ’n lessenaar, ’n aantal stoele, ’n klein ronde *Gipsy*-tafeltjie en ’n boekrak waarvan die voorkant met materiaal bedek was. Ofskoon die vertrek nie oorvol vertoon nie, het dit tog ’n definitiewe Victoriaanse voorkoms as gevolg van die groot aantal geraamde portrette en prente wat die mure en selfs die kaggelrak versier. Die studeerkamer het ’n mooi kaggel met ’n kaggelrak wat uit ’n spieël in ’n versierde, vergulde raam bestaan het. Die materiaalbedekking van die skoorsteenmantel, wat duidelik op die foto sigbaar is,[217] is ’n kenmerkende Victoriaanse element. Dit wil voorkom asof die materiaalbedekking van die skoorsteenmantel moontlik knoopwerk was.

3.3.8 Kombuis

Geen foto van ’n Bloemfonteinse kombuis tydens die Reitz-tydperk kon opgespoor word nie, maar uit koerantadvertensies kan wel afgelei word watter toestelle en gebruiksvoorwerpe algemeen in die kombuis aangetref is. Elke kombuis het gewoonlik een of twee koolstowe gehad en die “Mistress”-, “Fortress”- en “Queen”-stowe van verskillende grotes was by

---

[214] Onderste deel van binnemuur, geskilder of met paneel.
[215] Gedeelte van binnemuur tussen fries en dado. NMB, foto 01/1029: studeerkamer van pres. F.W. Reitz, Presidensie, Bloemfontein, ca. 1893.
[216] VAB, PWD28, p. 791: J.E. Vixseboxse – Robinson en Stevenson, 5.1.1892.
[217] NMB, foto 01/1029: studeerkamer van pres. F.W. Reitz, Presidensie, Bloemfontein, ca. 1893.

Bloemfonteinse handelaars verkrygbaar. Ander kombuistoestelle wat geadverteer was, is onder meer koffiemeule en vleismeule, asook ’n groot verskeidenheid eetgerei, porselein- en glasware, wat óf in die kombuis óf in die buffet in die eetkamer van huise gebêre is. Eetgerei van pleetwerk (*electroplated ware*) was blykbaar in die 1890’s gewild.[218]

3.3.9 Huisinrigting van ander kultuurgroepe

Die huise van Bloemfontein se blanke inwoners sou dus almal grootliks volgens die Laat-Victoriaanse stylkenmerke ingerig gewees het, ongeag aan watter kultuurgroep hulle behoort het. Tog het inwoners van sekere kultuurgroepe klaarblyklik hulle eie stempel op hul huisinrigting afgedruk deur die gebruik van voorwerpe en gebruike wat met hulle land van herkoms en kultuur verband gehou het.

’n Interessante voorbeeld hiervan was die Joodse inwoners van Bloemfontein wie se huise onmiddellik onderskei kon word deur die aanbring van die Mezuzah – ’n perkamentrol in ’n klein houer (figuur 26) – wat op die regter-deurkosyn van ’n Joodse huis aangebring is.[219]

Figuur 26: ’n Voorbeeld van ’n mezuzah, versier met die Ster van Dawid. Foto: “Images of Mezuzah”, <http://www.mezuzahshop.com/buy-mezuzah-online.php>, geraadpleeg 11.1.2012.

Dit is ’n nakoming van God se bevel aan die Jode in Deuteronomium 6: 4-9: “Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly […] Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.” Op die perkamentrol is bogenoemde woorde, asook ’n gedeelte van Deuteronomium 11:13-2, wat handel oor die mens se verantwoordelikheid om die Tien Gebooie na te kom, sowel as die materiële seëninge wat op die nakoming van die gebooie sou volg, geskryf.[220] Joodse gesinne het ook kandelare of blakers met spesiale Sabbatkerse gehad wat net op die Sabbat gebruik is. Dié kandelare, meestal van silwer of koper, was klaarblyklik ’n familie-erfstuk wat oor geslagte heen van moeder na dogter oorgedra is.[221]

Wat betref die huisinrigting van die nie-blankes in Bloemfontein in die 1890’s kon feitlik geen inligting opgespoor word nie. Tradisioneel is swart mense se hutte met slegs enkele

---

[218] *Daily News*, 3.3.1890, p. 1.
[219] S.M. Aronstam, *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein Jewish community with special reference to the conceptions of Jewish welfare work*, pp. 310-311.
[220] “Mezuzah: what, why and how of mezuzot”, <http://judaism.about.com/library/3_blessingsprayers/bl_mezuza.htm>, geraadpleeg 11.1.2012; Aronstam, p. 311.
[221] Aronstam, pp. 311-312.

meubelstukke en gebruiksvoorwerpe ingerig, soos nekstutte[222] en slaapmatjies op die vloere, asook kleipotte en tradisionele eet- en kookgerei, soos houtlepels.[223]

As ’n mens in ag neem in watter mate die nie-blankes van Bloemfontein reeds teen die 1890’s ten opsigte van kleredrag, taal, onderwys, godsdiens en eetgewoontes verwesters het, kan dit aangeneem word dat hulle reeds ook ten opsigte van binnenshuise inrigting en meubilering sterk deur die blankes beïnvloed is. Dit is dus baie waarskynlik dat hulle huise of hutte teen die 1890’s met enkele Westerse meubelstukke, soos stoele, beddens en dalk los matte, asook Westerse gebruiksvoorwerpe, wat oral in Bloemfontein se winkels te koop was, toegerus sou wees. Dit is ook baie moontlik dat die blanke inwoners van Bloemfontein van hulle ouer meubelstukke en gebruiksvoorwerpe vir hulle nie-blanke werkers en bediendes gegee het, soos vandag steeds soms die gebruik is. Karel Schoeman haal ’n reisiger aan wat reeds in die laat 1870’s van die “neat mud cottages nicely thatched” en “meestal met ’n paar meubelstukke uitgerus”[224] in die swart woonbuurt Waaihoek geskryf het.

Vervolgens word die eetgewoontes en tabakgebruik van Bloemfontein se inwoners bekyk en word daar ook ondersoek ingestel in watter mate die eetgewoontes van die blanke inwoners en die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van voedsel, drank en tabakprodukte in Bloemfontein die nie-blanke inwoners van die Vrystaatse hoofstad beïnvloed het.

4 Eetgewoontes en tabakgebruik

4.1 Dinees en onthale

Tydens die republikeinse tydperk het Bloemfontein se blanke inwoners ’n lewendige sosiale lewe gehad en etes, onthale, dinees, danspartye en pieknieks is gereeld in die Vrystaatse hoofstad gehou.[225] Suid-Afrikaners was in die 19de eeu veral bekend vir hulle gasvryheid en in die Vrystaatse hoofstad is besoekers altyd hartlik en met volop te ete verwelkom.[226] Ook by die Presidensie, die ampswoning van pres. en mev. Reitz, is gaste gulhartig verwelkom. Baron W.A. van Ittersum, ’n Nederlander wat Bloemfontein in 1890 besoek het, skryf dat die gasvryheid van Bloemfontein se inwoners ’n onuitwisbare indruk op hom gemaak het en dat

---

[222] Dit was gewoonlik ’n versierde stuk hout wat uitgehol is sodat die nek daarin kon rus en is in plaas van ’n kussing gebruik.
[223] A. Davis, *The native problem in South Africa*, p. 14.
[224] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.
[225] Hallé, p. 128. Bloemfontein se sosiale lewe in die 1890’s word in hoofstuk 5 meer breedvoerig bespreek.
[226] R.W. Murray, *South African reminiscences*, p. 146.

die presidentspaar vir hulle ’n feesmaal in die presidentswoning aangebied het, waarheen feitlik al die Nederlandse inwoners van Bloemfontein genooi is.[227]

Volgens Ella Fischer[228] was drank vrylik beskikbaar tydens dinees of onthale en is ’n verskillende soort wyn saam met elke gereg of gang bedien. Gewoonlik is met sjerrie begin en is die maaltyd met port, neute en sigare afgesluit.[229] Tydens onthale en dinees het die tafels gekreun van al die geregte. By ’n huweliksonthaal van 1889 was die spyskaart soos volg: sop, vis (salm en oesterpasteitjies), vleisgeregte (gebraaide en gesoute beesvleis, gekookte tong en ham), pluimvee (gebraaide eend, hoender en kalkoen, asook gekookte kalkoen met oestersous), verskeie soorte groente, terte en poedings (kersietert, kruisbessietert, rabarberpastei, blancmange, broodpoeding, wynkoek, vla en ’n verskeidenheid koekies), afgesluit met kaas en koffie.[230]

In Desember 1890 is die spoorlyn vanaf Kaapstad tot by Bloemfontein voltooi en die feesvieringe by die opening hiervan het drie dae geduur. As deel van die feestelikhede is ’n amptelike noenmaal vir nagenoeg 500 genooide gaste en hooggeplaastes van oor die hele Suid-Afrika in die oordekte marksaal op Markplein aangebied.[231] Dit was ’n besonder swaar en uitgebreide middagete in die Desember-hitte en die voorgereg was osstertsop gevolg deur verskeie soorte vleispasteie (wildsvleis, hoender en ham, kalfsvleis en ham). Hierna is verskeie vleisgeregte (kalkoen, hoender, eend, beeslende met peperwortel, skaapsaal met rooibessie-jellie, lamsvleis met kruisementsous, wildsvleis, beestong en Yorkham), saam met groente en vier soorte slaaie voorgesit. Vir nagereg was daar onder meer ’n verskeidenheid vrugteterte, koekstruif, vla, jellie, melktertjies, blancmange en aanklamkoek.[232] Gaste het ’n keuse gehad tussen verskeie soorte wyne, drie soorte whisky, Duitse en Engelse bier, Pomméry sjampanje, konjak, likeurs, sodawater, gemmerlim (ginger ale) en lemonade. Dié staatsdinee is met vrugte (Franse pruime, Smyrnavye, versuikerde vrugte en rosyntjies) asook neute (amandels en

---

[227] W.A. van Ittersum, “Een en ander over den Oranje-Vrijstaat”, *Elsevier’s Geïllustreerd Maandschrift* 18, Julie - Desember 1899, p. 540.

[228] Ella Fischer (née Fichardt) was die dogter van Gustav en Caroline Fichardt, bekende Duitse inwoners van Bloemfontein (kyk hoofstuk 2, afdeling 3.1.2), en was getroud met Percy Fischer, die seun van Abraham Fischer (kyk hoofstuk 2, afdeling 3.1.1). Ella en Percy was die ouers van Bram Fischer wat bekendheid vir sy kommunistiese aktiwiteite verwerf het.

[229] E. Fischer, “Introduction”, in Bidwell, p. 19.

[230] VAB, A507/6 (toevoeging A519): Du Preez – Schoeman, Maart 1979.

[231] *Daily Express*, 23.12.1890, p. 2.

[232] Aanklamkoek staan ook as wynkoek of “tipsy cake” bekend en het gewoonlik wyn of brandewyn bevat.

okkerneute) afgesluit.[233] Bogenoemde amptelike noenmaal is gehou as deel van die viering van ’n uitsonderlike gebeurtenis en alle onthale in die Vrystaatse hoofstad was nie só indrukwekkend en uitspattig nie.

Tog was selfs onthale wat deur gewone Bloemfonteinse inwoners in die 1890’s gereël is, steeds oordadig as mens dit met vandag se standaarde vergelyk. Die afskeidsdinee wat byvoorbeeld in Oktober 1890 deur ’n aantal Nederlandse inwoners in die Phoenix Hotel vir ds. R. de Jongh van Arkel by sy vertrek na Nederland aangebied is, se spyskaart het só daar uitgesien: as voorgereg was daar sop, gevolg deur oesterpasteitjies en skaaptjops, waarna verskillende vleisgeregte (gebraaide beesribbetjies, soutvleis met wortels, gebraaide lamsvleis met sous, Wesfaalse ham, eend en hoender) saam met groente en aartappels bedien is. Wat drank aanbetref, was verskeie soorte Kaapse wyn en sjampanje beskikbaar. Nagereg het onder meer uit blancmange, kruisbessiepastei, konfyttertjies en jellie bestaan, waarna kaas en slaai voorgesit is. Die ete is met koffie en tee afgesluit.[234]

4.2 Voedsel en gebak

Hoewel sommige vars produkte sekere tye van die jaar skaars in Bloemfontein was, was daar gewoonlik volop voedselsoorte beskikbaar en maaltye was groot en swaar. Goewermentsekretaris P.J. Blignaut en sy gesin het byvoorbeeld hulle middagete met ’n glasie sjerrie begin, waarna van Maandae tot Saterdae vyf geregte en op Sondae sewe geregte tydens middagete genuttig is.[235] Bloemfonteinse huisvroue van die 1890’s het Victoriaanse huishoudelike en kookboeke soos *Mrs. Beeton’s household management, Colonial household guide*, *Beeton’s every day cookery and housekeeping book*, *Tasty Dishes*, *Cape Cookery*, *Hilda’s “Where is it?” of recipes*, *Cassels dictionary of cookery* en mej. Dijkman se *De Zuid-Afrikaansche kook, koek & resepte boek* vir huishoudelike sake, kook- en bakwerk geraadpleeg.[236]

---

[233] NMB, GD474; VAB, A72/3: spyskaart, noenmaal tydens opening van die spoorlyn tussen Bloemfontein en Norvalspont, 17.12.1890.

[234] VAB, A433/1: spyskaart, Afscheids-diner, den WelEerw. zeer Gel. Heer R. de Jongh van Arkel bij gelegenheid van zijn vertrek naar Nederland aangeboden door eenige Hollandsche inwoners van Bloemfontein in het Phoenix Hotel op Woensdag 29 Oct. 1890.

[235] VAB, A507/7 (toevoeging A519): Du Preez – Schoeman, Maart 1979.

[236] *The Friend*, 23.6.1891, p. 2, 14.9.1894, p. 2 en 31.5.1895, p. 2; *De Burger*, 3.1.1894, p. 1 en 9.2.1895, p. 4. Vergelyk ook R. Coetzee, *Spys en drank: die ontstaan van die Afrikaanse eetkultuur gedurende die 17de en 18de eeu, met 167 reseppe van tradisionele geregte*, pp. 109-113.

Omdat gesinne destyds groot was,[237] is daar dikwels in groot maat gebak en gekook, sodat daar gewoonlik genoeg kos was, ook vir onverwagte gaste. Wat gebak aanbetref, was daar ’n groot verskeidenheid. Sophie Leviseur vertel in haar herinneringe dat haar ma (Caroline Baumann) ’n groot oond gehad het waarin gereeld groot hoeveelhede brood, rosyntjiebrood, mosbolletjies[238] en soetkoekies gebak is.[239] Dit is natuurlik moontlik gemaak met die hulp van die huisvrou se getroue bediendes en huiswerkers. Sommige van die inwoners, soos byvoorbeeld Caroline Fichardt,[240] het nie net vir haar huismense kos gemaak nie, maar het ook vir siekes en mense wat swaar gekry het in Bloemfontein gebak en gekook.[241]

Vars vleis was volop en Bloemfontein het ’n hele aantal slaghuise gehad, terwyl vars vleis, spek, biltong, pluimvee en vis ook op die oggendmark te koop aangebied is.[242] Vars en gesoute vis soos stompneus, makriel en snoek, sowel as gesoute vleis, spek, allerlei soorte ham en wors kon ook by handelaars soos Joseph Desimony in Douglasstraat, G.A. Fichardt in Kerkstraat en Alfred E. Gill in Maitlandstraat bekom word.[243] Die Duitse inwoners het natuurlik Duitse wors verkies.[244] Sedert die opening van die spoorweg in Desember 1890 is al hoe meer Kaapse soutwatervis en seekos in ys verpak en per trein na Bloemfontein vervoer.[245] Sommige inwoners het nog tot in die 1890’s een of twee koeie in krale in hulle agterplase aangehou,[246] terwyl hoenders en ander pluimvee in hokke geen vreemde gesig in huise se agterplase was nie.[247] Omdat yskaste in die 1890’s nog nie algemeen in gebruik was nie, is vleis in die warm somermaande dikwels tot drie keer per dag geëet om te voorkom dat die hitte dit bederf. Skaapvleis, varkvleis, wildsvleis en pluimvee het ’n groot deel van die Bloemfonteiners se dieet uitgemaak, terwyl beesvleis meestal net in die winter geëet is, omdat

---

[237] G. Baumann, “Recollections. Personal reminiscences of the Orange Free State. Village of Bloemfontein”, *The Friend*, 10.11.1891, p. 4.

[238] Mosbolletjies bevat gewoonlik broodmeel, suurdeeg en anyssaad. Dit is dikwels uitgedroog vir beskuit, maar is ook onuitgedroog geëet. Dalene, “Outydse mosbolletjies”, <http://www.boerekos.com/article.php/20070329190822220>, geraadpleeg 15.7.2011.

[239] Leviseur, pp. 41-42; Groenewald, p. 101.

[240] Caroline Fichardt (née Beck) was getroud met Gustav Fichardt, ’n bekende Duitse handelaar in Bloemfontein. (Kyk hoofstuk 2, afdeling 3.1.2.).

[241] E. Fischer in Bidwell, p. 15; Leviseur, p. 41.

[242] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak*, 1893, p. 68; *The Friend*, 13.12.1892, p. 3 en 26.3.1895, p. 3; *De Burger*, 23.1.1894, p. 2.

[243] *Daily News*, 3.1.1890, p. 1; *Daily Express*, 31.5.1890, p. 2, 10.6.1890, p. 2 en 21.6.1890, p. 3.

[244] E. Fischer in Bidwell, p. 19.

[245] *The Friend*, 1.9.1891, p. 3.

[246] VAB, A507/14: Herinneringe van Kathleen Ramsbottom, deel 3, p. 1. Soggens is die koeie uitgelaat om in die oop veld op die dorpsgrond te wei en saans is hulle weer in die agterplase toegemaak.

[247] M. Briedenhann en J. Haasbroek, “J.E. Harrison, argitek en eerste bewoner van Freshford en sy gesin se lewe in Bloemfontein (1895-1902)”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 9(7), Augustus 1993, p. 223.

die winterkoue gehelp het om die groot hoeveelhede vleis langer vars te hou. Wanneer ’n huishouding ’n oorvloed vleis bekom het, is daar biltong gemaak, wat as plaasvervanger vir vars vleis kon dien. Wat pluimvee betref, is daar meestal hoenders, eende, ganse en kalkoene geëet.[248]

Baie blanke inwoners het hulle eie groentetuine en vrugteboorde gehad, maar ’n groot verskeidenheid vrugte en groente kon ook op die oggendmark gekoop word, waarheen boere hul plaasprodukte gebring het. Vrugte wat van tyd tot tyd (afhangende van die seisoen) by die mark te koop was, was onder meer appels, appelkose, vye, druiwe, lemoene, suurlemoene, pere, perskes, kwepers, aarbeie, spanspek, waatlemoene en tamaties. Beskikbare groente was onder meer Skotse-kool, Boere-kool, kopkool, knolkool, blomkool, beet, wortels en witwortels, boontjies, ertjies, komkommers, preie, verskeie soorte pampoen, skorsies, murgpampoentjies, aartappels, uie, spinasie, radyse, rape en rabarber.[249] Groot hoeveelhede groente en vrugte is van die Kaapkolonie af ingevoer en groentehandelaars soos Joseph Desimony het ook vars groente en vrugte verkoop.[250] Groente en vrugte was volop in die somer, maar dikwels skaars in die wintermaande, as gevolg van minder reën en ryp snags. Dan is daar van geblikte groente en ingelegde of gedroogde vrugte gebruik gemaak. Melk en botter was moeilik verkrygbaar en duurder in die wintermaande wanneer weiding vir koeie minder was. Botter moes dikwels in die winter uit die Kaap of selfs Europa ingevoer word. Stampmielies of gestampte sorghum is feitlik daagliks geëet.[251]

Sondagmiddagetes in 19de eeuse Bloemfontein was gewoonlik ’n groot geleentheid, wanneer genooide en soms ongenooide gaste by die tafel aangesit het. Sophie Leviseur onthou dat daar in die Baumann-huis op Sondae dikwels vier eende of hoenders, sowel as ander vleisgeregte, gaargemaak is. Nagereg was gewoonlik ’n groot vrugtepoeding met rosyntjies, asook konfyttertjies en wynjellie. Dit is nogal interessant hoe die wynjellie gemaak is. Sophie beskryf die proses soos volg: “... the mixture of wine, brandy, gelatine and sugar, with dozens of egg-whites and -shells to clear it. After being run through the flannel bag the jelly had to be as clear as crystal.”[252]

---

[248] VAB, A507/6 (toevoeging A519): Marais – Schoeman, 12.5.1979; *De Burger*, 23.1.1894, p. 2. Vergelyk ook Leviseur, p. 26.
[249] *De Burger*, 27.6.1894, p. 2 en 10.10.1894, p. 4.
[250] *The Friend*, 22.11.1892, p. 2, 13.12.1892, p. 3 en 26.3.1895, p. 3; *De Burger*, 23.1.1894, p. 2; *Daily Express*, 22.8.1890, p. 2 en 24.10.1890, p. 2.
[251] Leviseur, pp. 26-27; *The Friend*, 27.10.1891, p. 3 en 28.6.1895, p. 2.
[252] Leviseur, p. 41.

Behalwe die gewone kos soos vleis, rys, mielies, groente en vrugte, is voedsel ook van Europa, die VSA, Rusland en ander Suid-Afrikaanse state ingevoer. In die tydgenootlike koerante word onder meer melding gemaak van meer eksotiese voedselsoorte soos verskillende soorte ham en kaas, vars pikkewyneiers, vars salm, oesters en kreef, palings in jellie, kaviaar, Brusselse spruitjies, asook Kaapse en Indiese blatjang. Vir die soettand was daar allerlei koekies, Franse pruime, nougat, Turkse lekkers,[253] sjokolade en ander lekkergoed, geglaseerde vrugte, rosyntjies en neute, asook nageregte soos jellies en blancmange en selfs kitspoedings wat met poeier aangemaak is.[254] Die gewildste koekies was Atwell's Biscuits, sowel as Huntley & Palmer se koekies met interessante name soos "Prince of Wales", "Sociable", "Queensdrop", "Riflenuts" en "Lemon Drops". Vir die Kerstyd het handelaars gewoonlik ekstra lekkernye bestel.[255]

Blikkieskos het onder meer soutbeesvleis (corned meat), vis, oesters, kreef, sampioene, kondensmelk, konfyt, heuning, stroop, asook verskeie soorte groente en vrugte soos ertjies, boontjies, tamaties, aspersies, appels, pynappels, perskes, appelkose en kersies ingesluit.[256] Hoewel baie huisvroue hulle eie brood en koek gebak en konfyt gekook het, kon brood, marmelade en konfyt ook by handelaars soos James Fitchat in Oos-Burgerstraat gekoop word. Vars brood, koek en fyngebak was ook by 'n aantal bakkerye soos byvoorbeeld dié van H.J. O'Brien in St. Andrewstraat en C.F. Dreischner in Fonteinstraat beskikbaar. Blykbaar is kerriegeregte ook gereeld in Bloemfontein geëet, want Kaapse kerriepoeier was in Bloemfontein beskikbaar.[257]

Swart mense se stapelvoedsel het tradisioneel uit pap en een of ander soort bykos bestaan. Mieliepap (*ho seal)* was die gewildste voedselsoort, veral by die Basotho, terwyl die Batswana weer aan sorghumpap (*ting*) voorkeur gegee het. Tog het die Basotho ook gegiste pap, gemaak van óf sorghum (*motoho*) óf gort (*ntswanatsike*), geëet.[258] Die bykos het bestaan uit vleis of verskeie soorte bredie wat saam met die pap genuttig is. Ander gewilde tradisionele

---

[253] Algemeen bekend as Turkish Delight.

[254] *Daily Express*, 15.8.1890, p. 2, 16.9.1890, p. 2, 11.9.1890, p. 2, 28.11.1890, p. 2, 15.12.1890, p. 3, 10.4.1891, p. 4 en 9.1.1892, p. 1; *The Friend*, 19.3.1890, p. 4, 13.10.1891, p. 1 en 9.2.1892, p. 3.

[255] *Daily Express*, 4.8.1890, p. 1, 18.9.1890, p. 2 en 23.12.1890, p. 2.

[256] *Ibid.*, 3.1.1890, p. 1, 15.8.1890, p. 2, 16.9.1890, p. 3 en 9.1.1892, p. 1.

[257] *Daily Express*, 5.6.1890, p. 2, 14.7.1890, p. 2, 16.9.1890, p. 3 en 11.10.1890 p. 4; *The Friend*, 12.7.1892, p. 2 en 11.9.1894, p. 3.

[258] H. Taylor, *Doctor to Basuto, Boer & Briton 1877-1906: memoirs of Dr. Henry Taylor* (red. Peter Hadley), p. 26; M. Fitzpatrick, *Lonely planet South Africa, Lesotho en Swaziland*, 2006, p. 97, <http://www.amazon.com/Lonely-Planet-Africa-Lesotho-Swaziland/dp/1740599705/ref=sr_1_2?s=booksenie=UTF8enqid=1310562417ensr=1-2#_>, geraadpleeg 13.7.2011.

disse is gekookte groenmielies of geroosterde fyngemaakte mielies met sout of suiker (*dipadi*), asook die bekende *samp*, wat ’n mengsel van stampmielies en boontjies is. Voedsel is normaalweg met die hand geëet. Gewoonlik is ’n stukkie pap met die hand geneem en saam met ’n bietjie bykos genuttig.[259] Vir afwisseling is kluitjies, gemaak van sorghum-, mielie- of kanariesaad (millet), in plaas van pap geëet. Die kluitjiedeeg is in water opgekook of bo-op vleisgeregte gestoom. Vleis is nie so dikwels geëet nie, maar tydens feesgeleenthede of begrafnisse is wel vleis of gestoofde osstert met kluitjies bedien, saam met songedroogde groentemengsel en beetslaai.[260]

In dorpe was swart mense se stapelvoedsel gewoonlik brood, mieliepap of gekookte mielies en dit is aangevul met suiker en koffie.[261] Vleis en groente is nie dikwels geëet nie; net wanneer hulle dit kon bekostig. Diegene wat dit kon bekostig, het hulle dieet met melk, konfyt, vleis, rys of stampmielies, boontjies, aartappels en goedkoop blikkieskos aangevul.[262]

Tradisioneel het swart mense ook insekte, soos termiete, miere, sandkrieke, wurms en selfs sprinkane geëet. Mopaniewurms en termiete is as ’n besondere lekkerny beskou. Gewoonlik is die kop, vlerke en pote van insekte verwyder, waarna dit in water opgekook of in ’n bietjie vet gebraai of oor vuur gerooster is.[263] Bloemfontein, met sy gereelde sprinkaanplae,[264] het dus vir swart mense gratis, bykomende proteïen in hulle dieet voorsien. In Oktober 1891 meld *The Friend* dat die swart inwoners van Waaihoek sprinkane bymekaarmaak en dit dan in ’n pot oor vuur kook of bak. Wanneer die sprinkane gaar is, is dit fyngestamp, met suiker gemeng en dan geëet of vir latere gebruik gestoor.[265] Die Batswana het gewoonlik sout by die heel, gaar gekookte sprinkane gegooi, dit dan in vet bruin gebraai en saam met gekookte, gedroogde mielies geëet. Daarenteen het die Basotho sprinkane meestal oor die kole gerooster en dan fyngestamp voordat dit geëet is.[266]

---

[259] J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, p. 110; Fitzpatrick, p. 97. Vergelyk ook Motheo District Municipality, <http://www.motheo.co.za/tourism/pdf/adv_attractculture.pdf>, geraadpleeg 8.1.2010.
[260] R. Coetzee, *Funa food from Africa: roots of traditional African food culture*, p. 144.
[261] S. Izedinova, *A few months with the Boers: the war reminiscences of a Russian nursing sister*, p. 67; J.D.R. Jones, “Social and economic condition of the urban native”, in I. Schapera (red.), *Western civilization and the natives of South Africa: studies in culture contact*, p. 177.
[262] Jones, p. 177.
[263] Coetzee, *Funa*, pp. 70, 87, 168-170.
[264] Kyk hoofstuk 1, afdeling 2.3.
[265] AREA, PV522/2/1/2: E.N. Roberts, “Locusts, ” pp. 4-5; *The Friend*, 16.10.1891, p. 2.
[266] Coetzee, *Funa*, pp. 168-169.

4.3 Drank

Wat drinkgoed en drank betref, het Bloemfontein se inwoners ’n redelik wye keuse gehad. Kaapse en ander wyne, asook sjerrie, was blykbaar gewild.[267] Tot 1900 was ’n plaaslike whisky ook vir Bloemfonteiners beskikbaar. “O’Sullivans Shannon Blend of Superior Whiskey” is aan die Rhenosterspruit, by Bishop’s Glen, net 12 kilometer van die destydse dorp af, gedistilleer.[268] Sterk drank is van Europa, Brittanje en die Kaap af ingevoer, onder meer verskeie soorte whisky,[269] Franse brandewyn, sjampanje, jenewer, gemmerbrandewyn, likeur, asook Duitse en Engelse bier en swartbier (stout).[270] Die Duitse inwoners het uiteraard graag Duitse bier gedrink en die Engelssprekendes Engelse bier.[271] Na die koms van die spoorlyn het drankwinkels soos paddastoele in Bloemfontein opgeskiet en sterk drank kon ook by sommige algemene handelaars en by hotelle gekoop word.[272] Volgens ordonnansie no. 12 van 1886 kon hotelle na 21:00 saans nie meer drank verkoop nie. In 1891 vra ’n aantal hoteleienaars toestemming om hul kroeë tot 23:00 oop te hou, aangesien daar gereeld na 21:00 nog treine in die Vrystaatse hoofstad aangekom het en die vroeë sluiting dus ongerieflik vir passasiers was.[273] Sedert 1892 was ys by verskeie hotelle in die Vrystaatse hoofstad beskikbaar. Bloemfontein het ook van tyd tot tyd sy eie bierbrouerye gehad, soos byvoorbeeld Krawehl se brouery en die Bloemfontein Brewery. By die Iron-apteek in Bloemfontein was ook ’n mengsel beskikbaar waarvan mens jou eie kruiebier kon brou.[274]

Ander drinkgoed wat in die 1890’s beskikbaar was, is onder meer lemonade, pynappel-koeldrank, nektar-koeldrank, gemmerlim, sjampanje-sider, sodawater, hop-, gemmer- en “tonic”-bier, asook die bekende Rose’s en Montserrat-lemmetjiesap en -stroop. Koeldrankstroop in suurlemoen, pynappel, framboos en nektar was by koeldrankfabrieke en handelaars beskikbaar waarby inwoners waarskynlik net water of sodawater gevoeg het. Seltzer en Apollinaire’s se mineraalwater, sodawater en lemonade was ook by sommige apteke

---

[267] VAB, A433: spyskaart vir afskeidsdinee ter ere van R. de Jongh van Arkel by sy vertrek na Nederland, 29.10.1890; A72/3: spyskaart vir feesmaal met opening van die Norvalspont-Bloemfontein-spoorlyn, 17.12.1890. Vergelyk ook *Daily Express*, 22.4.1890, p. 2.
[268] *Rose’s Buzz en Bubbler* 31, September 2008, p. 3.
[269] *The Friend*, 26.5.1891, p. 4, 31.3.1893, p. 1, 14.7.1893, p. 1, 18.6.1895, p. 2 en 22.11.1895, p. 2.
[270] *De Express*, 29.4.1890, p. 4 en 6.5.1890, p. 1; *Daily News*, 1.4.1890, p. 3; *Daily Express*, 15.5.1890, p. 2, 22.12.1890, p. 2 en 27.12.1890, p. 1. Vergelyk ook *The Friend*, 28.4.1893, p. 4 en 28.4.1893, p. 4.
[271] E. Fischer in Bidwell, p. 19.
[272] VAB, GS194: C. Schanz – goewermentsekr., 13.12.1891; *Daily Express*, 1.4.1890, p. 3, 22.4.1890, p. 2, 5.5.1890, p. 2, 22.12.1890, p. 2 en 27.12.1890, p. 1; *The Friend*, 28.4.1893, p. 4.
[273] VAB, GS190: hoteleienaars – pres. Reitz, 24.2.1891; *The Friend*, 12.5.1893, p. 4.
[274] *Daily Express*, 7.7.1890, p. 3 en 9.1.1892, p. 2; *The Friend*, 7.3.1893, p. 1.

te koop.[275] Melk was volop in die somer, maar skaarser in die winter, wanneer daar nie gras vir die koeie was nie.[276] Omdat alle inwoners nie koeie in hulle agterplase of op die dorpsgrond aangehou het nie, het Percy Gradwell van die plaas Rodenbeck net buite Bloemfontein in 1892 onderneem om daagliks vars melk by inwoners se huise af te lewer. Melkpoeier in blikkies was ook beskikbaar.[277] Verskeie soorte koffie (Java, Rio, ensovoorts), asook tee (Gilman's, Ceylon, Indiese, Natalse, Souchong, Assam Congou, rooibos, nektar en die bekende Mazawattee), was beskikbaar. Sjokoladedrankies, soos Epps-kakao en Schweitzer's Cocoatina is ook gedrink.[278]

Selfgebroude bier was tradisioneel die belangrikste dranksoort wat deur swart mense gedrink is. Die Basotho het bier tradisioneel van sorghum of ander graansoorte gebrou en dit het nie 'n hoë alkoholinhoud gehad nie, maar omdat dit baie vitamiene bevat het, was dit 'n voedsame drank. Heuningbier is dikwels deur die Batswana gemaak.[279] Tradisioneel het bier 'n baie belangrike rol in swart mense se sosiale lewe gespeel omdat dit by die meeste sosiale byeenkomste, soos feeste, rituele, vergaderings en selfs informele besoeke, gedrink is.[280] Klaarblyklik het die swart mense steeds in die stad hulle tradisionele bier gebrou, want daar word van bierpartye in Waaihoek melding gemaak.[281] In ordonnansie 12 van 1883 is bepaal dat swart mense in die Vrystaat wat kafferbier[282] (*juala*) wil brou met die voorneme om 'n bierparty te hou, toestemming van die landdros of vrederegter in wie se wyk hy of sy woon, moes verkry en 'n lisensie vir elke partytjie moes uitneem. Swart mense is deur hierdie regulasie ook verbied om op Sondae bierpartye te hou. Oortreding van hierdie ordonnansie kon gestraf word met £5 boete of twee maande tronkstraf.[283] Later is die verkoop van kafferbier in die munisipale gebied van Bloemfontein verbied en in Oktober 1894 is twee vroue beboet

---

[275] *Daily Express*, 17.4.1890, p. 3, 7.7.1890, p. 3, 15.8.1890, p. 2, 11.10.1890, p. 4 en 9.1.1892, pp. 1, 4; *The Friend*, 15.11.1892, p. 3, 20.11.1894, p. 1, 15.10.1895, p. 2 en 1.11.1895, p. 2.

[276] Leviseur, p. 27.

[277] *Daily Express*, 29.7.1890, p. 4 en 9.1.1892, p. 2.

[278] *The Friend*, 2.1.1889, p. 4, 23.2.1892, p. 1, 31.3.1893, p. 1, 12.5.1893, p. 2, 15.3.1895, p. 2 en 5.4.1895, p. 1; *Daily Express*, 30.6.1890, p. 1 en 16.9.1890, p. 3.

[279] Bruwer, p. 108.

[280] M.M. Winterbach, *Die tradisionele maatskaplike sorg van die swartes in Suid-Afrika: 'n literatuurstudie*, pp. 141-142.

[281] *The Friend*, 9.6.1891, p. 3.

[282] Historiese benaming van die tradisionele bier wat deur swart mense gebrou en gedrink is. Geen negatiewe konnotasie word aan die gebruik van dié benaming geheg nie.

[283] Ordonnantie no. 12—1883: Ter stremming van het brouwen en misbruik van Kafferbier (Juala), *OVS. Volksraadsnotule*, 1883 (agterin boek).

omdat hulle bier verkoop het.[284] Tradisioneel het swart mense ook graag water, melk, suurmelk, palmwyn en sider, gemaak van ’n verskeidenheid vrugte, gedrink.[285]

In Bloemfontein het swart mense ook met die blankes se drinkgoed soos koeldrank en Westerse sterk drank kennis gemaak en omdat hulle nie gewoond was aan die hoë alkoholinhoud nie, het dit tot allerlei sosiale probleme gelei. Daarom is daar reeds in 1883 ’n verbod op die verkoop van sterk drank aan nie-blankes in die Vrystaat geplaas. Ordonnansie no. 10 van 1883 het bepaal dat geen sterk drank aan nie-blankes verkoop mag word sonder ’n briefie van hulle werkgewer nie. Die bedoeling hiermee was om drankmisbruik onder swart mense te voorkom en die briefie was net bedoel sodat bediendes drank vir hulle werkgewers se gebruik kon aankoop. Hierdie ordonnansie was nie altyd so suksesvol nie, omdat sommige blankes wel sterk drank aan nie-blankes verkoop het.[286]

In Bloemfontein was daar ’n aantal restaurante waar die hoofstad se wit inwoners etes en verversings kon geniet, soos die stasierestaurant, Whelan se restaurant in die markgebou, asook Rosenblatt & Co. se restaurant “The Little Wonder” aan Markplein, waar veral koffie, tee, sjokoladedrankies, vars brood en botter, asook koek en fyngebak genuttig kon word. Daar was selfs in die dorpsgebied ’n restaurant vir nie-blankes, maar toe ’n swart man ’n restaurant in Waaihoek wou oopmaak, het die stadsraad toestemming daarvoor geweier.[287] Agter Markplein, in Oos-Burgerstraat, was ’n kantien vir swart mense, wat later verwyder is.[288]

Bloemfontein se inwoners het dus in die laat 19de eeu ’n wye verskeidenheid voedsel- en dranksoorte gehad om uit te kies, van die gewone tot die meer eksotiese. Terwyl die meeste blanke kultuurgroepe in Bloemfontein ’n wye verskeidenheid voedselsoorte genuttig het, het elke kultuurgroep vanselfsprekend sy eie voorkeure gehad.

Die Joodse inwoners is deur hulle tradisionele dieetkundige wette verbied om sekere kossoorte en veral die vleis van diere wat volgens Oud-Testamentiese voorskrifte as onrein beskou is, te eet. Volgens Levitikus 11 mag die Jode net vleis van diere eet wat gesplete kloue het en herkou. Ander diere, soos onder meer varke, kamele, hase en dassies, is as onrein beskou en is dus nie deur Jode geëet nie. Wat vis, seekos en ander waterdiere betref, is Jode toegelaat om alles te eet wat vinne sowel as skubbe het. Daar was ook voorskrifte in verband

---

[284] *The Friend*, 30.10.1894, p. 3.
[285] M. Shaw, “Material culture” in W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of southern Africa*, p. 100.
[286] VAB, A574: ’n beskrywing van die OVS deur R.B. Weedon, 1893, pp. 24-25.
[287] *Daily Express*, 11.10.1890, p. 3, 1.11.1890, p. 2 en 8.12.1890, p. 2; *The Friend*, 18.11.1892, p. 3.
[288] G. Baumann, “Recollections: personal reminiscences of the Orange Free State. Old Bloemfontein”, *The Friend*, 1.11.1911, p. 4.

met die eet van voëls, insekte, klein velddiertjies en wilde diere.[289] Verder is net ’n spesiaal opgeleide persoon, genoem ’n “Shohet”, toegelaat om diere te slag op so ’n wyse dat die meeste bloed uitvloei.[290] Dit was vir die Jode verbode om die bloed van diere te eet, omdat bloed met lewe geassosieer is.[291] Voordat vleis dus gaargemaak kon word, moes dit gedreineer en gesout word om sodoende soveel bloed as moontlik te verwyder. Dit was ook nie toelaatbaar om melk en vleis saam te kook of te eet nie. Klaarblyklik is die Joodse dieetkundige-regulasies redelik getrou deur die Joodse gemeenskap in Bloemfontein nagekom.[292]

Dit is verstommend hoe byna oordadig selfs gewone mense in dié tydperk geëet en gedrink het, in vergelyking met vandag. Omdat die lewe toe baie rustiger en stadiger was, was elke maaltyd vir hulle ’n genotvolle, uitgerekte kultuurbelewenis. Aangesien gesondheidsgevare en nadele van die rookgewoonte en tabakprodukte in die 19de eeu nog nie so bekend was nie, het die gebruik van tabakprodukte toe deel van die daaglikse lewe gevorm, veral onder die mans. Die rook van sigare, pyp of sigarette is dikwels deur mans as deel van sosiale samesyn geniet, veral na ’n genoeglike maaltyd. Blanke dames het klaarblyklik nie in die 1890’s gerook nie.

4.4 Tabak en sigarette

Wat tabak en sigarette betref, was daar ’n groot verskeidenheid in Bloemfontein beskikbaar. Tabak het saam met Jan van Riebeeck en die ander setlaars na Suid-Afrika gekom en is later ook in Suid-Afrika verbou. Verskeie soorte tabak, soos Kaapse en Transvaalse (Magaliesbergse) tabak, sowel as verskeie soorte pype, was by handelaars in Bloemfontein, by reisende handelaars[293] en selfs op veilings[294] te koop. Tabak is ook in die Vrystaat op plase naby Harrismith en Vredefort verbou en van die Harrismith-tabak is onder meer sigare gemaak.[295] Voorbeelde van tabak wat in Bloemfontein te koop was, was onder meer die

---

289 Levitikus 11; Aronstam, pp. 263-264.
290 Aronstam, p. 265.
291 Levitikus 17, verse 10-14.
292 Aronstam, p. 265.
293 T. van Wyk, “Om die pyp te rook”, *Culna* 41, September 1991, p. 18; *Daily Express*, 20.6.1890, p. 2 en 8.12.1890, p. 2.
294 *The Friend*, 30.8.1895, p. 2.
295 *De Burger*, 15.9.1894, p. 2; *The Friend*, 12.11.1895, p. 2.

handelsname Lion, Waterfall en Koodoo.[296] Duitse, Hollandse en Havana-sigare,[297] asook Indiese seroete,[298] was verder in Bloemfontein beskikbaar.

Ella Fischer vertel dat die mans na ’n eetmaal of dinee gewoonlik in die eetkamer agtergebly het om sigare te rook en te gesels, terwyl die dames na die sitkamer gegaan het. Volgens haar sou geen man in die teenwoordigheid van dames gerook het nie en daar is blykbaar nooit in die Fichardts se sitkamer gerook nie. Ella verklaar verder dat haar broers en hulle vriende gewoonlik hul pype en sigare in haar vader se rookkamer, die biljartkamer of buite in die tuin gerook het.[299]

Sy beweer dat sigarette nie algemeen in Bloemfontein gerook is nie,[300] maar as ’n mens al die koerantadvertensies vir sigarette in die eietydse koerante sien, was dit dalk net die geval in die kringe waarin sy beweeg het. Volgens koerantadvertensies is sigarette uit verskillende plekke in Suid-Afrika, asook ander wêrelddele soos Brittanje, Turkye en Egipte, ingevoer.[301] Voorbeelde van sigarette wat in Bloemfontein te koop was, was onder meer die handelsname Cameo, Dog’s Head, Gipsy Queen, Duke of Durham, Virginia Bright, Cameo en Murati’s Egyptian, Drury, Cupid, Port Elizabeth en Uncle Sam.[302] Dit is interessant dat daar in 1895 sigarette met die naam The President van Turkse, Egiptiese en Virginia-tabak in Bloemfontein met die hand vervaardig is. Dit is verpak in ’n houer waarop ’n foto van pres. Reitz aangebring is.[303] Hjalmar Reitz, een van pres. Reitz se seuns, skryf dat Reitz graag baie sterk tabak gerook het en dat die president gewoonlik ’n rol swart, klam tabak in sy broeksak rondgedra het en wanneer hy wou rook, die punt van die rol tabak afgesny het.[304]

’n Rookmengsel gemaak van kruie, wat volgens die advertensie die senuwees gekalmeer en ’n aangename geur versprei het, kon by die Iron-apteek gekoop word. In die 19de eeu is die rookgewoonte as onskadelik beskou[305] en snuif is ook dikwels gebruik. Verskeie soorte snuif was beskikbaar en dit is ook vir mediese en verkwikkende doeleindes gebruik. Drury-snuif was in verskillende geure, soos gewone, roosgeur, Kaapse geur en mondsnuif

---

296 *The Friend*, 12.11.1895, p. 2,
297 *Daily Express*, 7.6.1890, p. 4 en 27.11.1890, p. 2.
298 *The Friend*, 30.8.1895, p. 2.
299 E. Fischer in Bidwell, p. 19.
300 *Ibid*.
301 *The Friend*, 2.5.1893, p. 1 en 20.9.1895, p. 2.
302 *Daily Express*, 12.6.1890, p. 4, 27.11.1890, p. 2 en 15.12.1890, p. 3; *The Friend*, 2.5.1893, p. 2 en 22.5.1895, p. 2.
303 *The Friend*, 1.11.1895, p. 2 en 5.11.1895, p. 2.
304 H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, pp. 22, 224.
305 *Daily Express*, 20.11.1890, p. 2 en 7.2.1893, p. 1.

verkrygbaar, terwyl Landsberg se roossnuif vir verligting van tranende oë en hul sinkenssnuif vir kopverkoues aanbeveel is.[306]

Geen inligting oor die gebruik van tabakprodukte in Bloemfontein deur nie-blankes is gevind nie, maar daar is reeds aan die begin van die 19de eeu opgemerk dat beide swart mans en vroue dikwels tabak en dagga gerook of as snuif gebruik het.[307] Tabak en selfs dagga is tradisioneel deur swart mense vir eie gebruik verbou.[308] Dit is dus hoogs waarskynlik dat die nie-blankes van Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk ook tabak en sigarette gerook het, omdat dit vrylik beskikbaar was en as onskadelik en selfs as gesond beskou is.[309] Tradisioneel het veral die Basotho en Batswana horings, waarvan die oop end toegemaak en ’n klein opening in die kant gemaak is, as snuifdose gebruik om hulle tabak of snuif in te bêre. Die Basotho en Nguni het gewoonlik ’n klein lepeltjie van ivoor, been of horing gebruik om die snuif na die neus te bring. Ander swart groepe het snuif sommer in hulle hand uitgeskud. Tradisioneel is pype uit hout gekerf en dikwels by die Basotho en Xhosa met kerf- of kralewerk versier. Kenmerkend van hierdie tradisionele pype is dat die steel daarvan in ’n oop kraag of rand geopen het, waarin ’n afsonderlike mondstuk dan geplaas is.[310]

5 Huishoudelike en alledaagse lewe

Aangesien kleredrag, binnenshuise inrigting, asook voedsel, drank en tabakgebruik, reeds bespreek is, word nou slegs na die alledaagse en huishoudelike lewe van die inwoners gekyk. Omdat daar in die 1890’s nog nie lopende water in Bloemfontein was nie, is die meeste blankes se wasgoed voor 1895 deur nie-blanke wasvroue in die spruit of in poele water naby Kafferfontein gewas. Aan die begin van 1895 het inwoners gekla dat die water van bogenoemde plekke baie vuil is en dat ander maatreëls vir die was van wasgoed getref sou moes word.[311] Tydens ’n vergadering van die Bloemfonteinse Gesondheidsraad[312] in Januarie 1895 is besluit dat die hoofstad se wasgoed voortaan by die Brandkop-dam gewas moes word. ’n Aantal waskuipe sou voorsien word, asook ’n skuur waar wasgoed onder behoorlike toesig

---

306 *De Express*, 11.3.1890, p. 1; *The Friend*, 2.5.1893, p. 1.
307 L. Alberti, *De kaffers aan de zuidkust van Afrika, natuur en geschiedkundig beschreven*, pp. 42-43; Shaw, p. 112.
308 H.P.N. Muller, *Zuid-Afrika: reisherinneringen*, p. 286.
309 Reitz, p. 221.
310 Shaw, pp. 112-113.
311 *The Friend*, 25.1.1895, p. 3 en 29.1.1895, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 219.
312 Die Gesondheidsraad het uit die stadsraadslede en ’n aantal Bloemfonteinse inwoners bestaan en is spesiaal in die lewe geroep om die pokke-epidemie van 1895 te hanteer. (Kyk 9.2.6, *infra*.)

gelaat kon word. Vir maklike identifikasie sou etikette aan elke wasgoedbondel geheg word. Die was van klere in enige van die spruite of poele water sou voortaan streng verbode wees.[313]

Bloemfontein het in Mei 1895 sy eerste professionele wassery by Haldon oorkant die dorpsmeent gekry, geopen en bestuur deur die dames Little. Dié wassery is heel gepas "The Little Laundry" gedoop en het aan 'n groot behoefte voldoen, omdat selfs die was van wasgoed by die dam nie baie higiënies was nie.[314]

Volgens E.N. Roberts is net klere soos damesrokke en die mans se hemde, boordjies en broeke gestryk met metaalstrykysters wat op 'n koolstoof warm gemaak is. Mis, hout of steenkool is gebruik om vuur in stowe te maak. Alle linne, onderklere, en so meer is gewoonlik deur 'n strykmasjien (mangle)[315] gerol om die water uit te pers. Hierna is die linne netjies en glad in 'n reghoekige vorm opgevou en in 'n kombers toegemaak, waarna dit aan die deur gehang is wat die meeste deur die inwoners van 'n huis gebruik is, sodat gesinslede se kom en gaan die linne "gestryk" het. 'n Dag of twee later is die linne dan in die son uitgehang, waarna dit opgevou en gebêre is. Dit het baie strykwerk gespaar.[316]

Nog 'n huishoudelike taak was die kook, maak, sny en droog van tuisgemaakte seep, nadat vet vir weke of selfs maande lank vir hierdie doel opgegaar is. Hoewel seep in die 1890's in verskeie van Bloemfontein se winkels te koop was, het sommige huisvroue (waarskynlik met die hulp van hulle bediendes) nog hulle eie seep gemaak. In die somermaande, wanneer vrugte volop was, is daar 'n groot hoeveelheid konfyt en *preserves* gekook en gebottel, terwyl vrugte en groente in bottels ingelê is om as voedsel vir die wintermaande te dien. Dit was 'n groot werk, want die vrugte moes gepluk, skoongemaak, geskil, ontpit en in stukke gesny word voordat die kookproses kon begin. Wanneer visgevang is, is visse soos modder- en geelvisse, sowel as kleiner babers, in kerrie ingelê. Kerrievis is gesien as baie gesond en was 'n welkome afwisseling in die dieet van Bloemfonteiners in die 1890's.[317]

Dit was nie net fisiese en huishoudelike take wat Bloemfontein se inwoners besig gehou het nie – daar was ook genoeg fasiliteite en vaardighede in die klein gemeenskap om die inwoners intellektueel en op kunsgebied te stimuleer en te bevredig. Vir so 'n klein,

---

313 *The Friend*, 29.1.1895, p. 2.
314 *Ibid*., 31.5.1895, pp. 2-3.
315 " 'n Mangle" of strykmasjien het gewoonlik bestaan uit 'n metaalraamwerk met twee houtrollers wat met behulp van 'n handvatsel gedraai is. Die linne of klere is dan tussen die twee rollers geplaas om water uit te pers. Verskillende groottes "mangles" was beskikbaar.
316 AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts: "Domestic life in Bloemfontein before 1900", pp. 2-3.
317 *Ibid*., p. 2.

binnelandse gemeenskap was die lewenstandaard en ontwikkelingsvlak van die blanke inwoners van die Vrystaatse hoofstad in die 1890's verbasend hoog.

Bloemfontein het reeds so vroeg as 1863 sy eerste klein biblioteek en leeskamer gekry – 'n vertrek in die eerste markgebou wat vir dié doel gebruik is. Aanvanklik het die biblioteek nie veel aftrek gekry nie, maar soos Bloemfontein ontwikkel het, het belangstelling toegeneem en in 1875 is op 'n openbare vergadering besluit om 'n volwaardige leeskamer en biblioteek in te rig. Pres. Reitz het hierin 'n leidende rol gespeel en in 1877 is 'n begin gemaak met 'n uitleenbiblioteek bestaande uit sowat 250 Engelse en ongeveer 100 Nederlandse boeke. Die Nederlandse boeke in die biblioteek was grotendeels gewigtige werke van ernstige skrywers soos Van Lennep, Vondel, Cats, Ten Kate en Hooft.[318] Terwyl die Engelse boeke in Bloemfontein se biblioteek voortdurend aangevul is, was daar min Nederlandse boeke beskikbaar. Deur bemiddeling van baron W.A. van Ittersum[319] in Nederland is tussen 300 en 400 Nederlandse boeke van die beste skrywers, asook kinderboeke, in Nederland ingesamel en aan die biblioteek in Bloemfontein geskenk.[320]

In die 1890's is die biblioteek goed ondersteun en dit is interessant om te sien wat deur Bloemfonteiners gelees is. In 12 maande tussen 1890 en 1891 is daar byvoorbeeld 7 584 boeke by die biblioteek uitgeneem en wel oor die volgende onderwerpe: reis – 177, digbundels – 28, biografieë – 158, wetenskap – 60, allerlei – 300, fiksie – 6 900 en 39 boeke oor Frans, Duits en godsdiens of teologie.[321] Dit blyk dus dat die Bloemfonteinse inwoners graag fiksie vir ontspanning gelees het, maar tog ook boeke wat meer intellektuele inspanning geverg het by die biblioteek uitgeneem het. Hulle het ook graag die plaaslike koerante soos *The Friend*, *De Burger*, *De Express* en *The Daily Express* gelees.[322]

In die 1890's het die blanke inwoners graag gelees – buiten die biblioteekboeke wat geleen kon word, het die firma Barlow Brothers 'n groot verskeidenheid klassieke en ligte romans, asook nie-fiksie oor allerlei onderwerpe, in voorraad gehad wat kort-kort met nuwe boeke aangevul is. Boeke wat nie in voorraad was nie, kon van die Kaapkolonie of Brittanje bestel word.[323] Verder het hulle ook verskeie Europese en Britse tydskrifte, nuusblaaie en jaarboeke, soos *Leisure Hour*, *Illustrated London News*, *Sunday Magazine*, *Sunday at Home*,

---

[318] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 35, 53, 72-73, 103.
[319] 'n Nederlander wat Bloemfontein in die 1880's en 1890's besoek het en 'n groot kampvegter vir Nederlands.
[320] *The Friend*, 8.4.1892, p. 2.
[321] *Ibid.*, 19.5.1891, p. 3. Die somtotaal van die boeke, in terme van temas, is 7662. Moontlik kom ooreenstemming van temas voor.
[322] *Ibid.*, 19.6.1894, p. 2.
[323] *Ibid.*, 16.1.1889, p. 5, 6.1.1891, p. 3, 14.6.1892, p. 4 en 23.1.1894, p. 4.

Once a Week, *The Gentlemen's Magazine*, *London Journal*, *Truth* en *World* te koop aangebied.[324] Boeke van klassieke Engelse skrywers en digters soos Shakespeare, Milton, Dickens, Byron, Mark Twain, Scott, Tennyson, A. Conan Doyle, Rider Haggard, R.L. Stevenson en A. Dumas, Bybels, asook godsdienstige boeke en gesangeboeke, was beskikbaar. Nuwe ernstige skrywers soos Thomas Hardy en Henry James was ook gewild.[325] Dié boekwinkel het verder reisverhale, soos *In darkest Africa* van H.M. Stanley, boeke en romans oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, soos G. Rudolf se roman *Cécile: a tale of the great kafir war* (1853) en Clark Russel se boek *The wreck of the Grosvenor*, in voorraad gehad.[326] Vir Nederlandse lesers het hulle 'n goeie voorraad Nederlandse boeke aangehou.[327]

Barlow Brothers het ook vir die kinders voorsiening gemaak met skoolboeke, kinderboeke, avontuurverhale, kinderbybels, tydskrifte en jaarboeke soos *Boys' Own Annual*, *The Boy's Own Paper*, *Girls' Own Annual*, *The Girl's Own Paper*, *The Child's Companion*, *Little Folks*, *Chatterbox* en *Bo-Peep*.[328] Spesiaal vir die vroue is bekende Victoriaanse huishoudelike en kookboeke soos *Mrs. Beeton's household management*, *Colonial household guide*, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, *Cassels dictionary of cookery* en mej. Dijkman se *De Zuid-Afrikaansche kook, koek & resepte boek* aangehou.[329] Die firma van C. Borckenhagen het veral Nederlandse boeke soos Bybels, kinderbybels, psalm- en gesangeboeke en ander boeke soos Maclear se *Bijbelsche geschiedenis*, *Robinson Crusoe* en *De troon van David* verkoop.[330]

In 1877 is die Nasionale Museum deur 'n komitee onder voorsitterskap van F.W. Reitz in Bloemfontein gestig ten einde items en historiese skatte uit die verlede te bewaar. Daarbenewens het talle kuns- en kultuurverenigings in die 1880's en 1890's ontstaan, lesings en debatte het gereeld plaasgevind, besoekende vermaak- en musiekkunstenaars uit die buiteland het Bloemfontein kort-kort besoek en Bloemfontein het oor die algemeen 'n bedrywige sosiale lewe gehad.[331] Daar was dus op kultuurgebied genoeg stimulasie vir die blanke inwoners van Bloemfontein.[332]

---

[324] *Ibid.*, 6.1.1891, p. 3, 9.1.1891, p. 4, 18.12.1891, p. 2, 27.11.1894, p. 2 en 11.1.1895, p. 2.
[325] "Bloemfontein in die jare 1800", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 38; *The Friend*, 18.12.1889, p. 5, 19.3.1890, p. 4, 23.8.1892, p. 6, 23.6.1893, p. 4 en 30.3.1894, p. 2.
[326] *Ibid.*, 15.3.1895, p. 1 en 22.3.1895, p. 2.
[327] *De Burger*, 7.4.1894, p. 4 en 9.2.1895, p. 4; *The Friend*, 21.10.1890, p. 4.
[328] *The Friend*, 16.1.1889, p. 1, 9.1.1891, p. 4, 23.6.1891, p. 2, 3.5.1892, p. 5 en 6.2.1894, p. 2.
[329] *Ibid.*, 23.6.1891, p. 2 en 31.5.1895, p. 2; *De Burger*, 9.2.1895, p. 4.
[330] *Daily Express*, 3.10.1890, p. 2; *De Burger*, 3.1.1894, p. 4.
[331] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 35, 53, 72-73, 102-103, 128.
[332] Bloemfontein as geestelike kultuurtuiste word in hoofstuk 5 meer breedvoerig bespreek.

Ofskoon die wit gemeenskap van Bloemfontein in die 1890's grotendeels uit staatsamptenare, winkeliers, klerke, spoorwegwerkers en ambagsmanne bestaan het, wie se musieksmaak waarskynlik dikwels nie verder as populêre deuntjies gestrek het nie, was daar ook mense soos onderwysers, dokters, regsgeleerdes en predikante wat in meer ernstige musiek belanggestel het. Ook op musiekgebied het Bloemfontein in die 1890's 'n hoë standaard gehandhaaf en musiekuitvoerings is gewoonlik goed ondersteun.[333] Daarby het die Vrystaatse hoofstad 'n hele aantal begaafde plaaslike musici en sangers gehad.[334] Musiekkonserte en opvoerings in die Reitz-tydperk word in hoofstuk 5 in meer besonderhede bespreek. Hier word dus volstaan met enkele opmerkings en verwysings na die belangrikste Bloemfonteinse musici, sangers en orkeste.

Reeds sedert die 1870's was die drie Barratt-broers bekendes in Bloemfontein se musieklewe en veral Sam Barratt het 'n belangrike rol op musiekgebied gespeel. Hy het musiekkonserte gereël en in 1874 die Bloemfontein Choral Society gestig, wat 'n groot oplewing in ernstige musiek meegebring het. In die 1880's het die drie talentvolle Israel-broers van Duits-Joodse afkoms hulle in Bloemfontein gevestig en in 1885 die eerste kamerorkes in die Vrystaatse hoofstad gevorm. Rudolf Israel was 'n begaafde tjellis. Ivan Haarburger, wat in 1886 na Bloemfontein gekom het, het die Barratts en Israel-broers se goeie werk op musiekgebied voortgesit en het die Bloemfontein Orchestral Society gestig. Hierdie orkes het in 1894 sy eerste uitvoering gegee, met Haarburger as dirigent.[335] Later het nog 'n bekende kunstenaar, die klarinetspeler August Grader, wat voorheen in Von Bülow se simfonieorkes in Hamburg en by Covent Garden gespeel het, hom by die Bloemfontein-orkesvereniging aangesluit.[336]

Die Vrystaatse Artillerie het in 1871 sy eie blaasorkes gekry met instrumente wat uit Duitsland bestel is. Nadat Sam Barratt in 1873 as die hoof van dié orkes aangestel is, het die Artillerie-orkes by verskeie private en amptelike geleenthede opgetree. Barratt is in 1895 deur August Grader as dirigent opgevolg.[337]

Terwyl baie van die blanke inwoners die een of ander musiekinstrument kon bespeel, het musiekonderrig by die meisieskole St. Michael en die Damesinstituut Eunice ook bygedra om belangstelling in en waardering van klassieke musiek en opera te stimuleer. Daar is dikwels

---

[333] *The Friend*, 4.11.1890, p. 2, 13.12.1892, p. 2 en 16.12.1892, p. 3.
[334] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 128-129.
[335] *The Friend*, 9.8.1892, p. 3.
[336] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 74, 103, 128.
[337] *The Friend*, 27.8.1895, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 74.

ook musiekaande by private huise gehou. Verskeie persone in Bloemfontein het onderrig in sang en musiekinstrumente gegee. Haarburger het byvoorbeeld studente in viool- en klavierspel onderrig. Studente kon ook musiekeksamens in sang en musiekinstrumente in Bloemfontein aflê.[338] Die firmas C. Borckenhagen, Deale Brothers en C. Moeller het musiekinstrumente soos klaviere, orrels, kitare, konsertinas, akkordeons en benodigdhede soos vioolsnare en -strykstokke verkoop, terwyl Barlow Brothers handleidings vir die speel van verskeie musiekinstrumente, allerlei boeke oor musiek en bladmusiek in voorraad gehad het.[339]

Bloemfontein se amateursangers en -musici het gereeld in musiekkonserte en uitvoerings in die Vrystaatse hoofstad en selfs soms ook in ander Suid-Afrikaanse dorpe en stede soos Pretoria, Kaapstad en Johannesburg opgetree. Daar was onder meer mej. Schmedes van die Damesinstituut en Florence Fraser, die "Vrystaatse nagtegaal", wat 'n uitstekende sangeres was en oral in Suid-Afrika groot lof vir haar optredes ontvang het. Florence het in Oktober 1894 na Europa vertrek vir verdere musiekopleiding en het in Engeland en Duitsland studeer.[340] Haar suster, Bertha Krause, was ook 'n goeie sangeres.[341] Twee ander uitstekende amateurs was die pianis mej. Kieschke en die reeds genoemde dr. Max Stollreither as sanger. Van Kieschke is gesê dat haar klavierspel geniaal was en die bewegings van haar hande en vingers op die klavier is as "poetry in motion" beskryf.[342]

In die 1890's het Bloemfontein ook oor redelik talentvolle amateurtoneelspelers beskik wat van tyd tot tyd komedies en ander toneelstukke opgevoer het. Van die manlike akteurs was onder meer mnre. Grier, Coleman, Dale, Speedy en Van Iddekinge, terwyl me. Steyn, Johnson, Fanshaw en Brill die vroue verteenwoordig het.[343]

As hoofstad van die OVS het Bloemfontein 'n groot aantal dokters, regsgeleerdes, sakemanne, predikante, sendelinge, onderwysers en ander opgeleide mense gelok. Verder was die meerderheid inwoners immigrante of kinders van immigrante, wat gewoonlik hulle bande met hul Europese lande van herkoms behou het. Van Bloemfontein se inwoners het gereeld op lang reise oorsee gegaan, het hulle opleiding in die buiteland ontvang en het dikwels hul kinders in die buiteland laat studeer, veral vir gevorderde opleiding. Pres. Reitz het byvoorbeeld in Londen studeer, regter J.B.M. Hertzog in Amsterdam en regter (later pres.)

---

338 *The Friend*, 23.2.1892, p. 3, 10.4.1894, p. 4 en 6.3.1889, p. 4; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 74, 125.
339 *Daily Express*, 28.8.1890, p. 2; *The Friend*, 6.11.1889, p. 5, 4.12.1889, p. 4 en 24.5.1892, p. 1.
340 *The Friend*, 30.6.1891, p. 3, 10.7.1891, p. 3, 16.10.1894, p. 3 en 14.12.1894, p. 3; *De Express*, 18.3.1890, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 94, 128.
341 *Daily Express*, 22.4.1890, p. 2.
342 *Ibid*., 23.8.1890, p. 3.
343 *The Friend*, 14.11.1890, p. 3.

M.T. Steyn in Deventer en Londen. G.A. Fichardt se seun Everard het sy opleiding in Skotland, Engeland en Nederland ontvang, terwyl sy broer Charlie in Duitsland en Skotland studeer het. Die voortgesette kontak met die buiteland het die ontwikkelingspeil en leefwyse van Bloemfontein se inwoners opmerklik verhoog.[344]

Toe James Bryce Suid-Afrika in die 1890's besoek het, het hy 'n interessante opmerking oor die lewenswyse en karakter van die Suid-Afrikaanse gemeenskap gemaak: "... this little society is virtually one society, though dispersed in spots hundreds of miles from one another. [...] Cape Town, Kimberley, Bloemfontein, Johannesburg, and Pretoria, the five most important places (excluding the Natal towns), are for social purposes almost one city [...] All the persons of consequence in these places know one another and follow one another's doings." Hy noem verder dat die inwoners van al bogenoemde dorpe gereeld kontak met mekaar gehad het omdat Kapenaars dikwels vir sake na die binneland gekom het, terwyl die inwoners van die twee Boererepublieke weer met vakansie na Kaapstad gegaan of daarvandaan per skip na Europa vertrek het.[345] Sy opmerking is beslis waar van Bloemfontein se inwoners. Omdat dit in die 1890's nie veel meer as 'n dorp was nie, het feitlik almal mekaar geken, terwyl die meer gegoede inwoners Pretoria, Johannesburg en/of Kaapstad besoek het.

Wat die nie-blanke inwoners aanbetref, kon weinig inligting oor die leesstof van die swart en bruin inwoners opgespoor word. Soos reeds genoem, het heelwat nie-blankes van Bloemfontein danksy die werk van die verskillende kerkgenootskappe en sendelinge leer lees en skryf. Die Nuwe Testament en gesangeboeke is in Tswana vertaal[346] en van die nie-blankes het beslis die Bybel gelees. Verder het van hulle ook die plaaslike koerante gelees, want sommige het briewe aan die koerante geskryf, dikwels in goeie Engels.[347]

Eweneens is daar nie veel inligting oor die musieklewe van die nie-blanke inwoners nie. Daar word wel vermeld dat kategis (later priester) David Gabriel vier keer per week 'n aandskool vir nie-blanke mans in die Anglikaanse St. Patrick-kerk gehou het. Hier het ongeveer 20 leerlinge onderrig in lees en sang ontvang. In die "Industrial Boarding School for Native Girls", wat in 1876 deur die Anglikaanse Kerk in die lewe geroep is, het die leerlinge

---

344 *Ibid*., 28.5.1895, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 127-128.
345 J. Bryce, *Impressions of South Africa*, p. 390.
346 *The Friend*, 24.7.1894, p. 4; Sister Frances Louisa, *Gleanings in sunny Africa, 1873-1901*, p. 17.
347 T. Mgadla en S.C. Volz (reds.), *Words of Batswana: letters to Mahoko A Becwana, 1883-1896* (Van Riebeeck-vereniging. Tweede reeks no. 37), pp. 81-83, 101-102, 348; *De Burger*, 24.3.1894, p. 2; *The Friend*, 11.4.1893, p. 3 en 20.6.1893, p. 3.Vergelyk ook South African Native Races Committee, pp. 2-3.

ook sangonderrig in Engels en Tswana ontvang.[348] Dan het die swart en bruin mense natuurlik ook in die kerkdienste, wat spesiaal vir hulle gehou is, gesange, psalms en ander godsdienstige liedere gesing.[349]

Die meeste swart mense het tradisioneel graag gesing en sommige het ook tradisionele musiekinstrumente bespeel. Hierdie musiekinstrumente sluit in ’n wye verskeidenheid snaarinstrumente, gewoonlik uit hout of kalbasse gemaak, dromme, asook verskeie soorte fluite. Fluite is meestal van riete, been of horing gemaak en dromme van hout waaroor ’n stuk vel getrek is. Aan die begin van die 19de eeu het die Batswana die rietfluit-ensemble van die Korana oorgeneem, terwyl die BaSotho by die Venda met dié musiekinstrument kennis gemaak het. Dit is hoofsaaklik vir seremoniële doeleindes gebruik. Tydens danse is ratels, gemaak uit kokonne en gevul met klein klippies of harde sade, aanmekaar geryg en dan om die enkels gedra of met die hand geskud.[350] Hoewel dit nie vermeld word nie, het van die swart mense vermoedelik tradisionele musiekinstrumente met hulle saamgebring na die dorpe en stede toe en dit dus ook in Bloemfontein bespeel.

6 Tradisies en gebruike

6.1 Huweliksgebruike

Vir die meeste mense is hulle huweliksdag een van die belangrikste gebeurtenisse in hul lewens. Bloemfontein se inwoners was hier geen uitsondering nie en heelwat deftige huwelike het in die Vrystaatse hoofstad plaasgevind. Huweliksgebruike in 19de-eeuse Bloemfontein het groot ooreenstemming met gebruike in die res van Suid-Afrika getoon en sekere huwelikstradisies van die 17de- en 18de-eeuse Nederland het in die Boererepublieke voortgeleef. In die OVS is bepaal dat huwelike tussen 08:00 en 16:00 moes plaasvind.[351] Troues het gewoonlik op weeksdae plaasgevind en selde oor ’n naweek.[352] Huwelike het nooit op ’n Sabbatdag plaasgevind nie, terwyl Saterdae as ’n ongelukkige dag vir ’n troue beskou is.[353]

---

348 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 86.
349 *Gleanings in sunny Africa*, p. 17.
350 Shaw, pp. 106-111. Vir meer volledige inligting oor die swart mense se tradisionele musiekinstrumente, raadpleeg P.R. Kirby, *Musical instruments of the native races of South Africa*.
351 P.W. Grobbelaar (red.), *Boerewysheid: die Afrikaner en sy kultuur* 6, pp. 200-201.
352 *The Friend*, 18.6.1890, p. 3 en 10.4.1891, p. 3; *Daily Express*, 4.7.1890, p. 3.
353 M. Hoppe, “The Victorian wedding. Part one - preparation”, p. 1, <http://www.literary-liaisons.com/article 003.html>, geraadpleeg 7.11.2011.

Figuur 27 ’n Bloemfonteinse huweliksgroep tydens die huwelik van Charlie Fichardt en Katie Innes in 1895, met Arthur Fichardt (sittende) as strooijonker. Die bruidspaar staan in die middel agter. Let op die bruid se sluier en bruidsruiker en die bruidegom en strooijonker se huweliksdrag. Die strooijonker hou ’n pluiskeil vas. Links en regs van die bruidspaar is waarskynlik die strooimeisies en voor is die blommemeisies. In die middelste ry staan drie hofknapies. Foto: Vrystaatse Argiefbewaarplek: VA5366.

Die aard en deftigheid van ’n huweliksfees is uiteraard deur die welgesteldheid van die ouers van die bruid bepaal. Gewoonlik het welgestelde bruidspare ’n groter gevolg gehad, bestaande uit een of meer strooimeisies en strooijonkers, sowel as blommemeisies en hofknapies – hoe meer daar was, hoe meer welgesteld was die ouers van die bruid.[354] Soms was daar selfs tot sewe of agt strooimeisies en minder blommemeisies, soms net een of twee strooimeisies en meer blommemeisies,[355] afhangende van die bruid se keuse. Nie alleen die strooimeisies en blommemeisies was mooi en deftig uitgevat nie[356] (kyk figuur 27), maar ook die hofknapies, dikwels in Fauntleroy-pakkies of ander kostuums.[357] Strooimeisies het meestal ’n ruiker blomme gedra, terwyl blommemeisies mandjies met blomme daarin gedra het.[358] Dit was

[354] Grobbelaar, pp. 200, 203.
[355] *The Friend*, 9.1.1889, p. 3 en 9.7.1890, p. 3.
[356] *Daily Express*, 29.11.1890, p. 2; *The Friend*, 28.8.1891, p. 3 en 18.9.1891, p. 3.
[357] *The Friend*, 25.12.1889, p. 2, 9.7.1890, p. 3 en 22.3.1895, p. 5.
[358] *Daily Express*, 29.11.1890, p. 2; *The Friend*, 28.8.1891, p. 3 en 18.9.1891, p. 3.

destyds gebruiklik dat die bruidegom geskenke aan die strooimeisie(s) en strooijonker(s) gee, dikwels in die vorm van juweliersware.[359]

Die trourok en bruidsuitrusting was, soos vandag nog, natuurlik baie belangrik en elke bruid wou op haar mooiste lyk op haar spesiale dag. Terwyl sommige bruide hulle trourokke in die buiteland bestel het,[360] is ander s'n in Bloemfontein gemaak by kleremakers van bekende klerehandelaars, soos Sowden & Stoddart.[361]

Die bruid se trourok is in die 1890's dikwels van verswaarde sy[362] of satyn gemaak.[363] Ander materiale wat gedurende die Reitz-tydperk ook vir trourokke gebruik is, was onder meer Chinese sy (pongee),[364] koordsy,[365] gewaterde sy (moiré), sybokhaar (kasjmier), wolfluweel, krepon en moeselien.[366] Op haar kop het die bruid gewoonlik 'n kransie van lemoenbloeisels en 'n sluier van netsy (tulle) of ander geskikte materiaal gedra. In plaas van die tradisionele sluier het bruide soms 'n hoedjie gedra, dikwels van kant gemaak. Haar trouruiker het gewoonlik uit wit blomme en venusvaring bestaan.[367]

In navolging van koningin Victoria se huwelik in 1840[368] is gewoonlik in wit trourokke getrou, maar in Bloemfontein was roomkleurige, ivoorkleurige en wit pêrelkleurige trourokke ook gewild.[369] Trourokke is ontwerp in die styl van die 1890's,[370] dit wil sê die lyfies van rokke was nousluitend, is byna oordadig versier, die neklyn gewoonlik hoog en die moue gepof by die skouer. Die rompgedeelte was meer eenvoudig, het uit 'n aantal bane bestaan wat nousluitend om die middel en heup was en daarna na onder uitgeklok het[371] (kyk figure 27 en 28 op pp. 197 en 199 onderskeidelik).

---

359 Grobbelaar, p. 211.
360 A. Malan, "Victorian weddings in South Africa: evidence from personal recollections, letters and photographs", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 7(1), Februarie 1993, p. 7.
361 *De Burger*, 5.1.1895, p. 2.
362 Die sy is 'n paar dae in tin- of ystersout-oplossings laat week. Dié proses het 'n swaarder en duurder voorkoms aan die sy verleen, maar het die natuurlike vesels van die materiaal permanent beskadig sodat dit maklik kon skeur of breek. K. Finch en G. Putnam, *The care and preservation of textiles*, p. 17.
363 Havenga en Wessels, p. 138; *The Friend*, 9.1.1889, p. 3.
364 *Daily News*, 1.3.1890, p. 3.
365 *The Friend*, 17.7.1889, p. 3.
366 *Daily Express*, 4.7.1890, p. 3; *The Friend*, 9.7.1890, p. 3, 24.7.1891, p. 2, 20.12.1892, p. 3 en 25.10.1895, p. 3.
367 *The Friend*, 9.1.1889, p. 3 en 20.12.1892, p. 3.
368 Hoppe, p. 2.
369 *The Friend*, 17.7.1889, p. 3, 24.7.1891, p. 2 en 8.6.1894, p. 2; *Daily Express*, 19.9.1890, p. 3.
370 Kyk afdeling 2.2. vir meer besonderhede.
371 T. Kestell, "Modegrille wat vrouens se koppe laat draai het", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 25; Havenga en Wessels, p. 138.

Trourokke is dikwels met kant, pêrels, lemoenbloeisels en soms ook met gekleurde krale en linte versier.[372]

Die trouklere van die bruidegom is feitlik nooit in die tydgenootlike koerante beskryf nie, maar volgens die Laat-Victoriaanse gebruik en foto's was dit klaarblyklik 'n wit hemp, pant- of manelbaadjie met 'n gestreepte of effekleurige broek en blinkleer stewels of skoene en soms 'n swart pluiskeil. Sedert 1886 was dit hoog mode vir die bruidegom om handskoene te dra[373] (kyk figuur 28).

Figuur 28: 'n Goeie voorbeeld van huweliksdrag uit 1895. Let op die bruid se ligkleurige trourok met sy hoë neklyn, nousluitende lyfie en moue wat by die skouer gepof is. Sy dra 'n sluier en het wit handskoene aan. Die bruidegom het 'n wit hemp met 'n donkerkleurige manelbaadjie en langbroek aan, terwyl hy sy handskoene in die een hand vashou. Foto: Nasionale Museum: 01/4368.

Die tydgenootlike koerante, veral *The Friend*, het dikwels Bloemfonteinse troues in die fynste detail beskryf. As bogenoemde koerantberigte en ander bronne bestudeer word, is sekere algemene tendense en gebruike opvallend. Lemoenbloeisels was baie gewild vir troues en is gebruik in ruikers, om die bruid se hare en rok mee te versier, vir die blomkransie wat bruide dikwels op hulle koppe gedra het, asook vir die knoopsgatruikers[374] van die bruidegom en strooijonker.[375] Lemoenbloeisels is baie geurig, maar is ook simbolies van onskuld, kuisheid, ewige liefde, die huwelik en vrugbaarheid.[376]

Koningin Victoria van Brittanje het by haar huwelik Mendelssohn se troumars, "Huwelik van die feetjies", uit 'n *Midsummer night's dream* laat speel en gou het dié troumars baie gewild by huwelike in Suid-Afrika geword.[377] Die huwelikseremonie self het gewoonlik in 'n kerk of die bruid se ouerhuis plaasgevind[378] en het in die loop van die jare feitlik dieselfde

---

372 *Daily Express*, 4.7.1890, p. 3 en 17.7.1889, p. 3; Bidwell, p. 86. Vergelyk ook *The Friend*, 9.7.1890, p. 3, 11.8.1891, p. 3, 18.9.1891, p. 3 en 18.10.1895, p. 3.

373 "Proper attire for the Victorian groom", <http://www.victoriana.com/bridal/groom.htm>, geraadpleeg 7.11.2011; Hoppe, p. 3.

374 Die huidige rooi angelier vir knoopsgatruikers het eers later die lemoenbloeisels vervang.

375 *The Friend*, 9.1.1889, p. 3 en 17.7.1889, p. 3; Malan, pp. 6-7.

376 C. Powell, "Bridal flowers: history of wedding orange blossoms<http://www.victoriana.com/bridal/powell/blossoms.htm>, geraadpleeg 4.11.2011; "Book of symbols", <http://webhome.idirect.com/~gaga1/symbols.html>, geraadpleeg 4.11.2011.

377 Grobbelaar, p. 205; *Daily News*, 1.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 19.9.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 9.1.1889, p. 3.

378 M. Hoppe, "The Victorian wedding. Part two – the ceremony and reception", p. 1, <http://www.literary-liaisons.com/article 003.html>, geraadpleeg 7.11.2011; *The Friend*, 1.9.1891, p. 3 en 24.7.1891, p. 2.

gebly. Omdat die Jode nie ’n sinagoge of ’n prediker in Bloemfontein gehad het nie, het hulle in ’n huis getrou. Hulle rabbi, Samuel Rapaport, moes spesiaal van Port Elizabeth kom om Joodse huwelike en ander seremonies waar te neem, soos Bertha en Sophie Baumann[379] se troues.[380] Die kerkgebou of die huis waar die troue sou plaasvind, is gewoonlik met blomme en groenigheid versier en het feestelik daar uitgesien.[381] Die huweliksformulier is plegtig gelees, waarna die trouring aangesteek is. Voor en tydens die diens is gepaste musiek gewoonlik op die kerkorrel gespeel, terwyl kerkkore soms ook opgetree het. Die orrelspel is soms met vioolmusiek aangevul.[382] Die gebruik om konfetti by die kerk oor die bruidspaar te strooi, het eers later ontstaan. Omdat Bloemfontein in die 1890’s nie veel meer as ’n dorp was nie, het pres. Reitz baie van die inwoners van die dorp en omliggende areas geken en gevolglik het hy baie van die Bloemfonteinse troues bygewoon.[383]

Na die huwelikseremonie was daar gewoonlik ’n onthaal, dikwels in die vorm van ’n laat ontbyt in die geval van ’n oggendtroue. Soms is koek en wyn bedien en as die troue smiddags plaasgevind het, was daar ander versnaperinge.[384] In Bloemfontein het die onthaal gewoonlik by iemand se huis plaasgevind,[385] tensy ’n ander lokaal beskikbaar was. Lokale in die stadhuis soos die raadsaal en die stadsaal is soms vir onthale gehuur. Af en toe het van die onthale in ’n saal by die Bloemfonteinse skole plaasgevind.[386] Toe goewermentsekr. P.J. Blignaut (1841-1909) in 1894 tydens Reitz se besoek aan Europa as staatspresident waargeneem het, is sy dogter se huweliksonthaal in die Presidensie gehou.[387] By die onthale is daar geëet en gedrink, terwyl die gewone heildronke ingestel en toesprake gehou is, waarna die gaste die bruidspaar gelukgewens het. Daar word soms van die mooi troukoeke melding gemaak, hoewel dit nie verder beskryf word nie. Soms is die koek in Bloemfontein gemaak, maar ander bruide het hulle s’n van Kaapstad bestel.[388]

Sophie Leviseur maak melding van ’n interessante Victoriaanse huweliksgebruik, naamlik die middagete of funksie wat die bruid tradisioneel voor haar troudag uit dankbaarheid

---

379 Die later bekende mev. Sophie Leviseur.
380 Leviseur, pp. 71-72.
381 *Daily* Express, 16.8.1890, p. 2; Hoppe, “The Victorian wedding. Part two”, p. 1.
382 *The Friend*, 8.6.1894, p. 2 en 22.3.1895, p. 3.
383 *Ibid.*, 9.1.1889, p. 3, 7.7.1889, p. 3 en 18.6.1890, p. 3.
384 *Ibid*., 9.1.1889, p. 3; 18.6.1890, p. 3, 11.8.1891, p. 3 en 22.3.1892, p. 3.
385 *Daily News*, 1.3.1890, p. 3; *The Friend*, 11.8.1891, p. 3.
386 *Daily News*, 18.6.1890, p. 3; *Daily Express*, 4.7.1890, p. 3 en 5.7.1890, p. 4. Vergelyk ook *The Friend*, 10.4.1891, p. 3, 18.9.1891, p. 2; 22.3.1892, p. 3 en 5.4.1892, p. 2.
387 *De Burger*, 28.7.1894, p. 2.
388 *The Friend*, 24.7.1891, p. 2 en 28.8.1891, p. 3.

vir haar strooimeisie(s) aangebied het, waartydens die bruid geskenke aan haar strooimeisies uitgedeel het. Deel van hierdie geselligheid en pret was die sogenaamde strooimeisiekoek, wat baie verskillende vorms kon aanneem, maar gewoonlik pienk was en ’n muntstuk, ring of vingerhoed bevat het. Die koek is tydens die funksie gesny en ’n sny aan elke strooimeisie uitgedeel. Dié meisie wat die voorwerp in haar sny koek vind, sou volgens tradisie gelukkig wees met die liefde en waarskynlik volgende wees om te trou.[389]

Die gee van huweliksgeskenke was ’n vaste gebruik in die laat 19de eeu. Geskenke is gewoonlik by die onthaal oopgemaak en deur die gaste bewonder.[390] Die aand na die onthaal is daar dikwels ’n dans gehou, wat soms tot die vroeë oggendure aangehou het.[391] Die bruidspaar het soms net na die onthaal of voor die einde van die dans onder ’n stortreën van rys en ou skoene[392] per rytuig of per trein op hulle wittebroodsreis vertrek.[393] Rys is as simbool van vrugbaarheid beskou en daar is geglo dat dit baie geluk sal beteken indien een van die skoene in die bruidspaar se rytuig val.[394] In 1894 word ’n nuwe, interessante gebruik vermeld, naamlik dat missinjale uit vreugde afgevuur is wanneer die bruidspaar se trein vertrek het.[395]

Toe Reitz in Januarie 1889 as staatspresident ingehuldig is, was hy nog ’n wewenaar, maar in Desember van dieselfde jaar is hy weer getroud, naamlik met Cornelia Mulder, ’n Nederlandse onderwyseres van die Damesinstituut. Dit was vir die inwoners van Bloemfontein ’n groot en vreugdevolle sosiale geleentheid. Die hoofstad het feestelik vertoon en vlae het oral gewapper. Omdat die huwelik op ’n Woensdagmiddag plaasgevind het en staatsamptenare Woensdagmiddae nie gewerk het nie, kon baie inwoners die troue bywoon. Die huweliksplegtigheid het in die bekende Tweetoringkerk plaasgevind, wat vir die geleentheid met groenigheid en blomme versier is.[396]

Pres. Reitz het in ’n landauer, getrek deur vier perde, by die kerk aangekom, waar hy deur ’n erewag van die President Brand Rifles ontvang is, terwyl die President Brand Rifles-orkes die volkslied gespeel het. Toe die bruid, vergesel van dr. Brill, wat as bruidsvader opgetree het, die kerk binnekom, is ’n saluut van 50 kanonskote by die fort afgevuur. Die

---

389 Leviseur, p. 71; “The bridesmaids’ luncheon”, <http://weddings.weddingchannel.com/wedding-planning-ideas/bridal-party/articles/the-bridesmaids-luncheon.aspx?MsdVisit=1>, geraadpleeg 17.11.2011.
390 *The Friend*, 9.1.1889, p. 3, 11.8.1891, p. 3, 27.7.1894, p. 3 en 11.10.1895, p. 3.
391 *Ibid*., 11.8.1891, p. 3 en 4.1.1895, p. 2; *De Burge*r, 5.1.1895, p. 2.
392 Gewoonlik is sagte ou satynskoene hiervoor gebruik.
393 *Daily News*, 1.3.1890, p. 3; *The Friend*, 9.1.1889, p. 3 en 7.7.1889, p. 3. Vergelyk ook Grobbelaar, p. 211 en Malan, p. 4.
394 Hoppe, “The Victorian wedding. Part two”, p. 3.
395 *The Friend*, 9.11.1894, p. 3.
396 *Ibid*., 18.12.1889, p. 3 en 25.12.1889, p. 2.

bruid, geklee in ’n mooi rok van wit koordsy met ’n lang sleep wat deur twee klein hofknapies in robynrooi Fauntleroy-pakkies gedra is, het ’n ruiker van wit rose en venusvarings vasgehou. Haar sluier is rondom ’n blomkransie met lemoenbloeisels gedrapeer. Die bruid is deur ’n strooimeisie in ’n rok van perskebloeisel-pongeesy en ’n wit tullekappie bygestaan. Die kerk was te klein vir al die belangstellendes en van die mense moes tydens die diens buite staan. Die huweliksplegtigheid is deur die plaaslike leraar van die NG Kerk, ds. C.S. Morgan (1842-1919), waargeneem, bygestaan deur di. C.M. Fraser[397] (1837-1911) en P.A. Winter[398] (1851-1908). Na afloop van die seremonie is pres. en mev. Reitz deur die koor van die Damesinstituut toegesing, waarna die huwelikspaar die kerk onder die klanke van Mendelssohn se troumars verlaat het.[399]

Hierna het die nuwe egpaar se rytuig onder begeleiding van die President Brand Rifles vir die onthaal na die Damesinstituut vertrek, terwyl hulle deur die skare toegejuig is. Die presidentspaar se rytuig is deur ’n lang ry rytuie, ruiters en voetgangers gevolg. By die skool aangekom, het die onthaalsaal weer nie genoeg ruimte vir al die gaste gehad nie. By die onthaal is talryke heildronke ingestel, waarna Hubertus Elffers, ’n onderwyser van Smithfield en bekend as die “Vrystaatse digter”, ’n huweliksgedig voorgelees het. Nadat verskeie adresse en briewe, gerig aan die huwelikspaar, voorgelees is, is aan die heerlike ontbyt weggelê. Die presidentspaar het baie en duur geskenke van regoor Suid-Afrika ontvang, waarvan sommige uit Europa bestel is.[400] Dit het onder meer ’n silwer eetservies met die Reitz-wapen en ’n diamantborsspeld met 114 diamante, ’n geskenk van sir Donald Currie aan die bruid, ingesluit.[401] Tydens die onthaal het die orkeste van die Artillerie en die President Brand Rifles buite die onthaalsaal só geesdriftig musiek gemaak dat die gaste mekaar skaars kon hoor.[402] Teen laatmiddag het die bruidspaar onder ’n stortreën van rys en ou skoene vertrek, eers na die plaas Tempe, waar hulle sou oorslaap, om die volgende dag na Kaapstad vir hulle wittebrood te vertrek.[403]

Elke swart kultuurgroep het tradisioneel hulle eie huweliksgebruike gehad, maar die huweliksgebruike van Bloemfontein se swart inwoners, veral die meer gegoedes, het geleidelik verwesters, veral wat huweliksdrag aanbetref. Teen die 1890’s was daar ’n hele aantal swart

---

397 Predikant van die NG Kerk te Philippolis en moderator van die NG Kerksinode.
398 Leraar van die Lutherse gemeente van Bloemfontein.
399 *The Friend*, 18.12.1889, p. 3 en 25.12.1889, p. 2.
400 *Ibid*.
401 *De Express*, 29.4.1890, p. 2 en 24.6.1890, p. 3.
402 *The Friend*, 18.12.1889, p. 3 en 25.12.1889, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 110.
403 *The Friend*, 18.12.1889, p. 3 en 25.12.1889, p. 2.

mense wat volgens die Westerse gebruik in ’n kerk getrou het, geklee in Westerse huweliksdrag (kyk figuur 29 *infra*).

’n Voorbeeld van so ’n Westerse huwelik van swart mense was ’n troue wat in September 1891 plaasgevind het, waar beide die bruid en bruidegom in die jongste Paryse modes geklee was. Die bruid was Sanata Thsipinare Moroka, dogter van wyle opperhoof Thsipinare Moroka[404] van die Barolong van Thaba Nchu, en die bruidegom was Stephanus Mokgoti. Die bruid het ’n trourok van roomkleurige satyn, versier met kant en lemoenbloeisels gedra, met ’n lang sleep. Op haar kop was ’n blomkransie en sluier, terwyl sy ook ’n silwer armband gedra het. Haar mooi ruiker blomme was ’n geskenk van haar bruidegom. Die bruid is deur ’n strooimeisie geklee in ’n rok van pienk satyn bygestaan, terwyl sommige van die swart gaste ook in klere van satyn of sy geklee was. Dié bruidspaar se troukoek is eweneens van Kaapstad af bestel en na die Westerse huwelikseremonie was daar ’n onthaal waar talle heildronke ingestel is.[405]

Figuur 29: ’n Swart, Wesleyaanse huwelikspaar van Bloemfontein met hulle gevolg, almal deftig in Westerse huweliksdrag geklee, ca. 1895. Let op die bruid se lang sluier, lang sleep, asook die twee blommemeisies links van haar. Regs van die bruidspaar staan vier strooimeisies, ook almal geklee in rokke tipies van die 1890’s se kleredragstyl met die gepofte moue en nousluitende lyfies. Almal in die voorste ry het wit handskoene aan, van die blommemeisies tot die man heel regs wat blykbaar die koetsier was. Die persoon links agter was waarskynlik die priester of predikant as mens na sy wit boordjie kyk. Foto: Nasionale Museum: 01/2209.

[404] Seun van Moroka II.
[405] *Ibid*., 15.9.1891, p. 3 en 18.9.1891, p. 2.

Daarenteen het ’n verslaggewer van *The Friend* in Julie 1892 ’n tradisionele huwelikseremonie in die swart woonbuurt, Kafferfontein, waargeneem. ’n Groot aantal swart mense het die troue bygewoon en 50 of 60 swart mans, geklee in tradisionele drag, bestaande uit onder meer dierevelle, riete en skilde, het aan ’n huweliksdans deelgeneem. Hulle voorkoms het die indruk geskep dat hulle krygers is wat aan ’n oorlog gaan deelneem en die huwelikseremonie het dan ook in ’n groot “geveg”[406] geëindig, waartydens die mans kans gekry het om hulle gevegskuns ten toon stel. Daar word nie genoem of iemand in die proses beseer of gedood is nie. Die toordokter, met sy hooftooisel van sterte, halssnoer van kloue en ander bybehore, het veral ’n gevaarlike indruk geskep. ’n Aantal van Bloemfontein se blanke inwoners het die huwelikseremonie geïnteresseerd dopgehou. Tydens die dans het die bruid op die grond gekniel, met afgewende oë en sy het glad nie gelukkig gelyk nie. Voor haar was ’n saag en byl wat deur haar moeder daar neergesit is. Die verslaggewer het een van die swart vroue gevra wat die simboliek hiervan is en het gedink sy spot toe sy antwoord dat die byl gebruik word om die bruidegom se kop af te kap as die bruid nie met hom tevrede is nie.[407]

Bloemfontein se blanke inwoners het dus grootliks Laat-Victoriaanse gebruike en tradisies by hulle eie huwelike nagevolg, terwyl die swart mense se huweliksgebruike in die 1890’s reeds begin verwesters het, maar tradisionele huwelike het nog in Bloemfontein plaasgevind.

6.2 Begrafnisgebruike

Terwyl die huwelik ’n vreugdevolle gebeurtenis is, is die begrafnis van ’n geliefde uiteraard ’n baie hartseer geleentheid. Bloemfontein het van 1846 tot 1901 net een groot begraafplaas vir blankes[408] gehad, waarna dit gesluit is. Dit is die President Brand-begraafplaas[409] op die hoek van Kerk- en Presidentstraat en is deur al die kerkdenominasies gebruik. Elke denominasie het sy eie deel van die begraafplaas gehad waarin hulle ontslapenes te ruste gelê is. Klaarblyklik is net blankes hier begrawe, want geen grafsteen van bruin of swart mense kon gevind word nie.[410] Daar was ook ’n baie klein begraafplaas aan die voet van Naval Hill (agter die huidige

---

406 Dit is nie duidelik of dit net ’n skyngeveg was nie.
407 *The Friend*, 12.7.1892, p. 3.
408 Bloemfontein se begraafplase word in hoofstuk 4 meer volledig bespreek.
409 Het voorheen as die Fortheuwel-begraafplaas bekend gestaan.
410 M. Venter (samesteller), *President Brand-begraafplaas, Bloemfontein*, pp. i (voorwoord), 2; *The Friend*, 24.7.1889, p. 3, 11.9.1889, p. 3 en 11.3.1890, p. 3. Vergelyk ook Leviseur, p. 49.

Tweetoringkerk)[411] wat in die vroegste jare van Bloemfontein se bestaan vir wit lidmate van die NG Kerk gebruik is. Hier was net 48 grafte wat in 1893 opgegrawe en in die President Brand-begraafplaas herbegrawe is.[412]

Net soos die huweliksgebruike in die 1890's grootliks dieselfde was vir al Bloemfontein se blanke kultuurgroepe, was die begrafnisgebruike ook dieselfde, met hier en daar 'n klein verskil eie aan elke kultuurgroep en kerkdenominasie. Omdat pres. Reitz feitlik al Bloemfontein se inwoners geken het, het hy baie van die begrafnisse bygewoon. Marthinus Voorboom was die bekende begrafnisondernemer in die 1890's.[413] Volgens Hilda Schuur was dit gebruiklik dat net mans begrafnisse bywoon, geklee in swart klere met lanfer[414] roubande om die arms en pluiskeile met stroke lanfer.[415] Tog is daar 'n verwysing na 'n dubbele begrafnis van twee Bloemfonteinse vroue in 1894 wat deur etlike van hulle vriendinne bygewoon is,[416] terwyl kinders blykbaar ander kinders se begrafnisse bygewoon het.[417] Vroue het gewoonlik ook swart rokke aangetrek en lanfer is om hulle hoede gedrapeer. Lanfer is ook soms as sluiers gebruik. Meisies het wit rokke met swart strikke gedra.[418] Die kis is vervoer met 'n lykswa van hout wat deur pikswart perde getrek is en is gevolg deur die begrafnisgangers en draers wat agterna geloop het.[419] Draers het meestal swart manelle, pluiskeile met lanferstroke en swart handskoene gedra.[420] Daar was gewoonlik 'n kerkdiens, sowel as 'n korter diens by die begraafplaas. Gewoonlik is daar 'n ruk na die begrafnis 'n grafsteen by die graf van blanke inwoners opgerig.[421] Die bekende Bloemfonteinse firma W.M. Burns/Burns Bros. in Maitlandstraat was bekend vir die besondere grafstene wat hulle opgerig het. Hulle het van Italiaanse marmer, asook graniet uit Skotland, Rusland en Noorweë, gebruik gemaak.[422]

Met die oorlyde van 'n bekende inwoner of belangrike persoon is die vlae van verskeie openbare geboue en private wonings in Bloemfontein halfmas gehys sodra die nuus

---

411 Dit is nie seker presies waar dié vroeë begraafplaas was nie, maar die vermoede is dat die huidige park op die hoek van Hillstraat en Alexandralaan moontlik op die terrein aangelê is. Venter, p. 2.
412 Venter, pp. i, 2; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 4, 11, 120.
413 *Daily News*, 11.3.1890, p. 3 en 12.3.1890, p. 2.
414 Lanfer is 'n dun, wasige swart materiaal. Grobbelaar, p. 217.
415 H. Schuur, "Those were the days in 'Old Bloemfontein' ", *The Friend*, 18.2.1954, p. 5.
416 *The Friend*, 24.8.1894, p. 3.
417 *Ibid*., 12.8.1892, p. 2 en 16.8.1892, p. 2.
418 Grobbelaar, p. 217.
419 Schuur, p. 5.
420 Grobbelaar, p. 217.
421 *De Burger*, 2.2.1895, p. 2.
422 *The Friend*, 4.6.1895, p. 1.

ontvang is, selfs al het die persoon op ’n ander plek gesterf. Voorbeelde hiervan is die dood van J.J. Venter (1814-1889), voormalige Volksraadslid en waarnemende staatspresident, wat in Januarie 1889 op sy plaas in die distrik Bethulie oorlede is. Toe die nuus van sy afsterwe tien dae later in Bloemfontein ontvang is, is die vlag op die goewermentsgebou halfmas gehys. Ook met die dood van C.E. Fichardt, voormalige Volksraadslid, bekende inwoner van Bloemfontein en later konsul van die OVS in Duitsland, in Desember 1889 in Berlyn, is die vlae by die goewermentsgebou, die stadsaal, die Duitse konsulaat en ’n aantal private wonings halfmas gehys.[423]

Die tydgenootlike koerante beskryf sommige begrafnisse meer volledig as ander, veral as dit ’n bekende inwoner was. Een so ’n bekende inwoner was die Duitse dr. C.J.G. Krause wat op 30 Augustus 1889 op 64-jarige ouderdom in Bloemfontein oorlede is. Sy begrafnis het op ’n Sondagmiddag plaasgevind. Daar was ’n kort diens in dr. Krause se huis, waar eerw. James Scott van die Metodiste Kerk ’n indrukwekkende boodskap gelewer het. Hiervandaan het die lykstoet na die Lutherse kerk beweeg, waar die begrafnisdiens in Duits gehou is. Tydens die diens het George Israel[424] en sy seuns koraalmusiek gespeel. Die klein Lutherse kerkgebou kon net die helfte van die begrafnisgangers huisves.[425]

Meer as 800 mense het in die stoet geloop en die strate was vol skoolkinders en nie-blankes. Dit was die indrukwekkendste begrafnisstoet in Bloemfontein sedert die dood van pres. Brand in Julie 1888. Pres. Reitz, die hoofregter en ander regters, die hoofde van staatsdepartemente, kerkleiers, die burgemeester en stadsraadslede, die Artilleriekorps onder leiding van kapt. Albrecht, die skoliere van Grey-kollege, baie inwoners van Bloemfontein en selfs plattelanders wat in die hoofstad was om kerkdienste by te woon, het die oorskot na sy laaste rusplek gevolg. Ses jong vriende van Krause, almal oud-Grey leerlinge, het as draers opgetree, terwyl die kurators van Grey-kollege en die Damesinstituut, asook die rektor van Grey-kollege, dr. J. Brill, en mnr. Carmichael, hoof van Grey se laerskool, slippedraers was.[426]

Eerw. J.G. Grosskopf, die Lutherse predikant, het die diens in die kerk en by die graf waargeneem, terwyl Reitz hulde aan dr. Krause gebring het omdat hy die grootste deel van sy lewe aan die Bloemfonteinse gemeenskap gewy het. Hierna het ds. C.S. Morgan ook waarderend oor Krause se groot bydrae gepraat. Die kis was heeltemal met kranse en blomme

---

[423] *Ibid*., 6.2.1889, p. 3 en 10.10.1890, pp. 2.p. 3.
[424] ’n Duitse Jood en een van Bloemfontein se beste musikante. Hy was ’n uitmuntende vioolspeler.
[425] *The Friend*, 4.9.1889, pp. 2-3.
[426] *Ibid*.

bedek wat deur vriende, die Artilleriekorps en die Damesinstituut gestuur is. Trouens, die koerante berig dat die graf bykans met blomme en immergroen kranse gevul is.[427]

Volgens die tydgenootlike bronne het die volgende algemene tendense en gebruike in die 1890's voorgekom: begrafnisse het blykbaar op enige dag, selfs Sondae, plaasgevind. Dikwels is die ontslapenes op 'n Saterdag te ruste gelê. Die tyd van die begrafnis is gewoonlik deur die begrafnisondernemer in die koerante aangekondig en was in Bloemfontein meestal in die namiddag.[428] Daar word wel van enkele oggendbegrafnisse in die Reitz-tydperk melding gemaak.[429] Begrafnisgangers het gewoonlik by die sterfhuis bymekaargekom en dan het die stoet met die oorskot van dié huis na die kerk beweeg. Daar is meestal 'n kort diens deur die plaaslike predikant in die oorledene se kerk gehou, waarna die stoet van die kerk na die begraafplaas beweeg het.[430]

Gewoonlik is die kis met die voete eerste na die graf gedra en die draers het die kis met rieme in die graf laat sak. Die ou gebruik om gestorwenes met hulle kop na die westekant te begrawe, is steeds in die 19de en 20ste eeu eerbiedig, aangesien daar geglo is dat die ontslapene gereed moes wees om Christus se wederkoms in die ooste te aanskou. Moordenaars, persone wat hulle eie lewe geneem het en selfs buite-egtelike kinders is met hulle koppe na die ooste begrawe omdat hulle volgens die volksgeloof geen deel in Christus het nie.[431] By die graf het die predikant soms weer 'n kort boodskap gelewer, terwyl hulde aan die oorledene deur een of twee vriende, die staatspresident of ander belangrike inwoners gebring is.[432] Indien die oorledene 'n Vrymesselaar of Tempelier[433] was, is die begrafnisrede van sy organisasie voorgelees.[434] Gewoonlik is kranse en blomme op die kis geplaas en selfs in die graf gegooi nadat die kis laat sak is. Die predikant het met 'n gebed afgesluit waarna die graf toegegooi is.[435]

Daar word nie in die tydgenootlike bronne van begrafnisetes of verversings vir begrafnisgangers melding gemaak nie, maar blykbaar is daar 'n middagmaal na 'n oggendbegrafnis aangebied wat dikwels uit vleis, groente, sousboontjies, aartappels en die

---

427 *Ibid.*
428 *Daily Express*, 26.5.1890, p. 2 en 13.5.1890, p. 2; *The Friend*, 30.4.1890, p. 3 en 19.6.1894, p. 3.
429 *The Friend*, 21.8.1894, p. 2 en 8.10.1895, p. 3.
430 *Daily Express*, 26.5.1890, p. 2 en 13.5.1890, p. 2; *The Friend*, 30.4.1890, p. 3 en 19.6.1894, p. 3.
431 Grobbelaar, pp. 217, 223.
432 *The Friend*, 10.10.1890, p. 2; *Daily Express*, 29.4.1890, p. 2.
433 'n Lid van die International Order of Good Templars. Kyk hoofstuk 5 vir meer besonderhede.
434 *The Friend*, 19.6.1894, p. 3.
435 *Daily Express*, 29.4.1890, p. 2; *The Friend*, 10.10.1890, p. 2.

tradisionele geel- of "begrafnisrys" bestaan het.[436] So 'n groot begrafnismaal was algemeen na 'n oggendbegrafnis tot in die vroeë 20ste eeu. Wyn is selde in die Vrystaat by 'n begrafnis bedien. Indien die begrafnis in die namiddag plaasgevind het, is begrafnisgangers vir koffie en ligte verversings soos koek, tert en toebroodjies na die sterfhuis genooi.[437]

Dit wil voorkom asof die Vrystaatse regering 'n bydrae ten opsigte van die begrafnis van staatsamptenare gemaak het. In Oktober 1890 skryf mev. A. Canisius 'n brief aan pres. Reitz om te vra vir hulp met haar eggenoot se begrafniskoste. Hy was voorheen die ouditeur-generaal van die Vrystaat.[438] 'n Toelae van £20 is aan haar toegestaan om die begrafniskoste te help dek. Haar briewe was in swart omlyn,[439] waarskynlik 'n teken van rou.

Somtyds, veral as 'n Volksraadslid tydens 'n Volksraadsitting gesterf het, is 'n staatsbegrafnis vir die ontslapene gereël, soos vir P.W.C. Combrink, wat tydens die Volksraadsitting van Mei 1890 oorlede is. Hy is op Vrydag 23 Mei dood en is die volgende dag (Saterdag) met groot eerbetoon begrawe.[440] Die optog of begrafnisstoet is by die woning van die ontslapene opgestel en het daarvandaan na die Tweetoringkerk[441] beweeg, waar die diens deur ds. H.T. Kriel waargeneem is. Die volgorde van die stoet was soos volg: heel voor die balju van Bloemfontein te perd, met die Vrystaatse vlag, gevolg deur die Vrystaatse Artillerie met ontblote swaarde, die lykswa, die slippedraers en draers, familielede, pres. Reitz en ds. Kriel van die NG Kerk, die voorsitter en sekretaris van die Volksraad, Volksraadslede (twee-twee), hoofde van staatsdepartemente, die stadsraad van Bloemfontein, ander staatsamptenare, kerkleiers, skoolhoofde, asook onderwysers en vriende. Na die kerkdiens is die stoet in dieselfde volgorde na die begraafplaas. By die begraafplaas het Reitz, die voorsitter van die Volksraad en Volksraadslid B. Wessels hulde aan die oorledene gebring. Ds. Kriel het met 'n gebed afgesluit, waarna die graf toegegooi is.[442]

'n Interessante voorbeeld van begrafnisgebruike van die Anglikaanse Kerk is die begrafnis van deken D.G. Croghan van dié kerk in November 1890. Volgens die tydgenootlike koerante was sy begrafnis een van die grootstes wat nog in Bloemfontein gesien is en het byna

---

[436] Dit is rys wat met borrie geel gekleur is en waarby rosyne, bruinsuiker en pypkaneel gevoeg is. Grobbelaar, p. 224.
[437] *Ibid*.
[438] VAB, GS189: mev. A. Canisius – pres. Reitz, 13.10.1890; Moll, p. 38.
[439] VAB, GS189: mev. A. Canisius – pres. Reitz, 13.10.1890 en 20.10.1890; mev. A. Canisius – goewermentsekr., 20.10.1890.
[440] *Daily Express*, 24.5.1890, p. 3.
[441] Dit was die NG Kerk.
[442] *The Friend*, 28.5.1890, p. 3; *Daily Express*, 26.5.1890, p. 2.

al die inwoners van Bloemfontein die begrafnis bygewoon, insluitende pres. Reitz. Hy is op ’n Sondagmiddag begrawe en die lyk is ’n dag voor die begrafnis na die konsistorie van die Anglikaanse katedraal gebring. Aan die begin van die diens is die kis met die ontslapene van die konsistorie tot voor in die katedraal gedra. Aartsdeken William Crisp (1842-1910) het die diens in die katedraal waargeneem, terwyl eerw. Canon Bell die skrifgedeelte voorgelees het. Die koor het ’n paar liedere gesing, waarna die begrafnisstoet na die begraafplaas gestap het.[443]

Die volgorde van die stoet was soos volg: die kerkleiers en koor van die katedraal, die draers en slippedraers langs die lykswa, familielede, twee peetkinders van die oorledene, kerkopsieners en diakens van die katedraal, die Anglikaanse gemeentelede, kerkopsieners en diakens van St. Patrick-kerk, skoliere van St. Andrew-kollege en ander roubeklaers. Op pad na die begraafplaas is psalms opgesê. By die graf het die aartsdeken weer ’n boodskap gelewer, waarna die leerlinge van St. Michael-meisieskool die lied *I heard a voice* gesing het. Die aartsdeken het die diens afgesluit en onder koorsang deur die katedraal-koor het die kis, bedek met blomkranse, in die graf afgesak. Tydens die oggend- en aanddienste in die katedraal het die predikers gepaste huldeblyke aan wyle deken Croghan gebring.[444]

In die vroegste jare na Bloemfontein se ontstaan in 1846 was daar ’n swart woonbuurt aan die voet van Seinheuwel wat later verdwyn het. Swartes wat hier gewoon het, het hulle ontslapenes noord van die huidige Kellnerstraat, min of meer halfpad tussen Ramblers en Eerste Laan begrawe.[445] Tydens ’n mondelinge geskiedenisprojek in Batho[446] is vasgestel dat die gestorwenes van die historiese nie-blanke woonbuurt Waaihoek op ’n stuk grond tussen die huidige Fort Hare- en Lovedalestraat in Batho begrawe is. Verskeie informante het bevestig dat dit Waaihoek se ou begraafplaas was. Dit is vandag nog ’n oop stuk grond met heelwat klippe, hoewel geen grafstene gevind is nie.[447] Karel Schoeman bevestig ook dat daar ’n begraafplaas vir swart mense suid van die fort was.[448]

Oor die begrafnisgebruike van die swart en bruin mense in Bloemfontein in die Reitz-tyd kon baie min inligting opgespoor word. Daarom word hier ’n algemene beeld gegee van gebruike wat tydens ’n tradisionele begrafnis gevolg is. Begrafnisgebruike van swart mense het ook, veral onder invloed van die Christelike kerke, geleidelik verwesters. Nadat ’n persoon in

---

443 *Daily Express*, 25.11.1890, p. 2; *The Friend*, 25.11.1890, p. 3.
444 *Daily Express*, 25.11.1890, p. 2; *The Friend*, 25.11.1890, p. 3.
445 Leviseur, p. 11; Venter, p. 2.
446 Batho is tans Bloemfontein se oudste bestaande swart woongebied en baie van Waaihoek se inwoners is in Batho hervestig.
447 Onderhoud met mnr. Derek du Bruyn, historikus, Nasionale Museum, Bloemfontein, 11.11.2011.
448 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 174.

die swart gemeenskap oorlede is, is die sterfhuis se vensters tradisioneel soms met as gesmeer, terwyl al die portrette in die huis omgedraai en spieëls en ander weerkaatsende voorwerpe bedek is. In die dae voor die begrafnis het lede van die gemeenskap die sterfhuis besoek om treurende familielede te vertroos. Indien die familie Christene was, is troosdienste meestal in die sterfhuis gehou. Die aand voor die begrafnis is gewoonlik ’n nagwaak by die lyk gehou, terwyl treurende familielede vertroos en bemoedig is.[449]

Tradisioneel het begrafnisse dikwels snags, voor dagbreek plaasgevind, maar later is dit gewoonlik vroegoggend gehou. Die oggend na die nagwaak is die oorledene tradisioneel dikwels voete eerste uit sy huis of hut gedra, sodat hy simbolies wegwys van sy vorige tuiste. Sommige swart mense het geglo dat indien die korrekte begrafnisrituele nie gevolg is nie, die gestorwene terug kon kom om sy lewende familielede te pla. Gewoonlik is ’n os of ander dier op rituele wyse geslag, terwyl die vleis gebruik is om voedsel aan al die begrafnisgangers te verskaf. Daar is geglo dat die bloed wat vloei, verdere ongeluk en teëspoed sou voorkom. Die osvel is gebruik om die ontslapene in toe te draai, of later van tyd is dit bo-in die kis geplaas om as ’n “kombers” vir die oorledene te dien. Die liggaam is versigtig in die graf laat sak en is in ’n sittende posisie geplaas, sodat die persoon vinnig in die hiernamaals kon opstaan. Die gestorwene is met sy gesig na die ooste, na die opkomende son, in die graf geplaas. Die geloof is dat die hele persoon na sy dood as voorvadergees voortleef, net in ’n verbeterde liggaam. Daarom is daar gewoonlik saad, soos sorghum, mielies en soms pampoensaad, in die gestorwene se hande of in die vel geplaas sodat hy in die hiernamaals kon plant en eet. Dit is ook ’n tradisionele gebruik om die ontslapene se persoonlike artikels, soos eetgerei, snuifdosies, kieries, komberse en ander nuttige voorwerpe, in die graf te begrawe.[450]

Tydens die begrafnis was dit gebruiklik dat die onmiddellike familie van die oorledene bymekaar aan een kant van die graf bly staan. Wanneer die graf toegegooi is, was dit belangrik dat alle grond wat uitgegrawe is, weer terug in die graf gegooi word. Die terrein rondom die graf is gewoonlik skoongevee ten einde te verseker dat alle gronddeeltjies sovêr moontlik op die nuwe graf teruggegooi is, sodat booswigte nie van die orige grond kon gebruik om die oorledene kwaad aan te doen nie. Hierna is klippe op die graf gepak en ’n groter klip is aan die koppenent geplant om die posisie van die ontslapene se kop aan te dui. Na die begrafnis

---

[449] “African religions: burial and mourning customs”, <http://www.deathreference.com/A-Bi/African-Religions.html>, geraadpleeg 12.11.2011.

[450] *Ibid*.; K. Coetzee, “Die voorvaders roep …”, *Culna* 38, April 1990, pp. 20-21. Vergelyk ook J. Sechefo, “Basotho beliefs: superstitions, beliefs and customs”, <http://www.malealea.co.ls/basotho-culture/basotho-beliefs.html>, geraadpleeg 12.11.2011.

is begrafnisgangers na die gestorwene se huis genooi vir die begrafnismaal en dikwels is ’n reinigingsritueel gevolg voordat die huis binnegegaan is.[451]

Omdat Bloemfontein se swart inwoners teen die 1890’s reeds sterk deur die Westerse blanke kultuur beïnvloed is en baie van hulle die Christelike geloof in ’n mindere of meerdere mate aanvaar het, is Christelike en Westerse begrafnisgebruike al hoe meer nagevolg.

6.3 Ander tradisies en gebruike

’n Interessante gebruik wat dikwels in Bloemfontein voorgekom het, is die eeue oue gebruik van **verbranding in beeltenis**. Dit het behels dat ’n pop of ’n soort beeld wat die persoon voorgestel het wat in onguns by ’n aantal inwoners was, verbrand is.[452] Volgens Sophie Leviseur was dit ’n onskadelike manier om ontevredenheid met ’n saak of minagting vir iemand te wys. ’n Voorbeeld hiervan is toe F.X. Schermbrücker, die redakteur van die Afrikaansgesinde koerant *De Express*, na die Britse anneksasie van die ZAR in 1877 kwetsende opmerkings oor Brittanje en koningin Victoria in sy koerant gemaak het. ’n Strooipop van Schermbrücker met buskruit in die kop is vervaardig en deur ’n aantal Engelsgesindes oor Markplein na Monumentkoppie vervoer waar dit voor ’n skare van sowat 400 mense verbrand is, terwyl die dodemars uit *Saul* van Handel gesing is. Hierna is die skare na die *Express*-kantoor in Fonteinstraat waar daar drie keer hardop gekreun is.[453]

In 1893 word daar weer van bogenoemde gebruik melding gemaak. In Februarie 1893 het die winkel van ’n bekende en gewilde Bloemfonteinse handelaar J.C. Keast aan die brand geraak. Toe die openbare vervolger, W. van Gorkum, Keast sonder ’n dagvaarding en bewyse arresteer, het ’n groot groep ontevrede inwoners die volgende Saterdagaand op Markplein byeen gekom, terwyl ’n aantal jong manne ’n pop wat Van Gorkum voorgestel het deur die strate gedra het, elk met ’n fakkel in die hand. Van Markplein is die groep na die Van Gorkum-huis in Greenstraat waar die pop neergegooi is. Een van die fakkeldraers het ’n kort verklaring gegee waaroor die ontevredenheid gegaan het, naamlik die onregverdige wyse waarop hulle geagte medeburger Keast behandel is. Nadat die pop aan die brand gesteek is, is drie keer hardop gekreun. Van Gorkum het óf wyslik besluit om nie te reageer nie, óf was nie tuis nie en

---

[451] Sechefo, “African religions: burial and mourning customs”, <http://www.deathreference.com/A-Bi/African-Religions.html>, geraadpleeg 12.11.2011.

[452] “To burn in effigy”, <http://www.thefreedictionary.com/To+burn+in+effigy> geraadpleeg 20.11.2011; <http://dictionary.reference.com/browse/in +effigy>, geraadpleeg 20.11.2011.

[453] Leviseur, p. 57; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 93.

nadat die pop tot as verbrand het, het die skare vreedsaam uiteengegaan. Hierna het die belhamels na Keast se losieshuis gegaan en hom toegejuig. Hy het hulle toe almal genooi vir ’n drankie in die Phoenix-hotel, wat met gretigheid aanvaar is. [454]

Blykbaar was dit in Bloemfontein ook ’n gebruik om **Valentynsdag** op 14 Februarie te vier en “Valentines” is in 1889 by die firma Barlow Brothers geadverteer. Gewoonlik is kaartjies en klein geskenkies, soos gegeurde seep, per pos aan geliefdes en vriende gestuur. Volgens *The Friend* se verslaggewer het dié dag in 1889 minder aftrek as voorheen gekry en was die gebruik besig om in onbruik te verval.[455]

Daar was ook gebruike wat eie was aan sekere kultuurgroepe in Bloemfontein, soos **die besnydenis van Joodse seuns** wanneer hulle agt dae oud was. Die besnydenis is een van die belangrikste gebooie en ’n onderskeidende kenmerk van die Joodse geloof. Hierdie gebruik is deur Bloemfontein se Joodse inwoners voortgesit in gehoorsaamheid aan die verbond tussen God en Israel wat in Genesis 17:9-12 beskryf word. Na afloop van die besnydenis is daar ’n rituele seënwens uitgespreek waartydens die baba ook sy naam ontvang het. Deur hierdie prosedure is verseker dat die babaseuntjie deel van die Joodse volk word – met al die voorregte en verpligtinge wat daarmee saamgaan.[456]

’n Verdere Joodse gebruik wat getrou deur Bloemfontein se Joodse inwoners nagekom is, was die **“Bar Mitzvah”-seremonie** wat waarskynlik uit die 13de eeu dateer. Wanneer ’n Joodse seun 13 jaar oud word, aanvaar hy volle verantwoordelikheid vir sy besluite en dade, terwyl hy hierna toegelaat word om die Joodse wet te lees en deel te wees van die *Minyan*, die kworum van tien volwasse mans wat nodig is vir openbare gebed. Hierdie Joodse godsdienstige seremonie het ten doel om die seun as volwasse lid van die Joodse gemeenskap te verwelkom. Dit is gewoonlik ’n feesgeleentheid wat met ’n ete gepaard gaan en waartydens die seun ’n geskenk ontvang.[457]

Dan was daar natuurlik die tradisie van swart kultuurgroepe met hulle **inisiasieskole**. Geen inligting kon oor hierdie gebruike in Bloemfontein gevind word nie. Dit is blykbaar in tradisionele gemeenskappe gedoen, eerder as in dorpe, en swart jong mans het waarskynlik vir hierdie ritueel na hulle tradisionele gemeenskappe teruggekeer.

---

[454] *The Friend*, 21.2.1893, pp. 2-3.
[455] *Ibid*., 13.2.1889, p. 4 en 27.2.1889, p. 6.
[456] Aronstam, pp. 305-306.
[457] *Ibid*., pp. 307-308; “The Bar Mitzvah”, <http://www.beingjewish.com/cycle/barmitzva.html>, geraadpleeg 21.11.2011.

7 Maatskaplike probleme

7.1 Verstedeliking

In die 1890's het Bloemfontein se inwoners 'n aantal veranderinge beleef, soos onder meer die koms van die spoorlyn in 1890[458] en die gepaardgaande verstedeliking en bevolkingstoename. Verstedeliking is die proses waardeur mense uit landelike gebiede in groot dorpe en stede saamtrek en bring gewoonlik ook maatskaplike verandering en probleme mee.[459] Hoewel Bloemfontein in die 1890's steeds net 'n groot dorp was, het die Vrystaatse hoofstad geleidelik al hoe meer wit en swart mense uit die platteland getrek, veral met die aanleg van die spoorlyn in 1890. Swart en wit mense het in Bloemfontein kom werk soek en 'n hele aantal verarmde Afrikaners wat hulle landbougrond weens aanhoudende droogtes, onderverdeling van plase en sprinkaanplae verloor het, het na die Vrystaatse hoofstad gestroom om werk te soek, veral by die spoorweë. Reeds in Februarie 1890 het 'n verslaggewer van *The Friend* opgemerk dat daar heelwat nuwe inwoners in Bloemfontein was.[460] Die koms van hierdie verarmde Afrikanerboere het beteken dat Bloemfontein in die 1890's vir die eerste keer sedert sy ontstaan 'n noemenswaardige Afrikaanse bevolking gekry het.[461]

Die bou van die spoorlyn na Bloemfontein was die ingrypendste gebeurtenis sedert die ontdekking van diamante en het 'n vêrreikende uitwerking op die Vrystaatse hoofstad gehad. Gou was daar 'n tekort aan huise en Bloemfontein het 'n geweldige oplewing beleef. Die proses van verstedeliking en die toestroming van mense na Bloemfontein het nie net vir 'n oplewing gesorg nie, maar het ook besliste nadele gehad. Saam met die nuwe intrekkers het 'n aantal sosiale of maatskaplike probleme verskyn.[462]

7.2 Armoede

Naas die Afrikanerboere wat weens verlies van grond in die 1890's na Bloemfontein gekom het, het 'n hele aantal tog- en transportryers ook deur die koms van die spoorweg mettertyd hulle werk verloor. Gedurende die Reitz-tydperk het Bloemfontein se inwoners en die regering

---

458 Die aanleg van die spoorlyn en die koms van treine word in hoofstuk 4 bespreek.
459 "Verstedeliking – Sosiologiese, logistiese en omgewingsimplikasies", <http://myfundi.co.za/a/Verstedeliking:_Sosiologiese,_logistiese_en_omgewingsimplikasies>, geraadpleeg 21.11.2011.
460 *The Friend*, 19.2.1890, p. 2.
461 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 137.
462 *Ibid*., pp. 110-111.

geleidelik meer bewus geword van behoeftige blankes in ’n gemeenskap waar armoede voorheen feitlik onbekend was.[463] Reeds in 1889 het A.D. Howe ’n brief aan pres. Reitz geskryf oor ene mev. Peters, ’n arm weduwee van Bloemfontein wat onlangs gehoor het dat sy huur moes betaal vir die een kamer wat sy en haar man by die staat gehuur het. Sedert haar man se dood het sy die kamer bewoon sonder om huur te betaal. Volgens Howe was Peters baie arm, nie baie sterk nie en het sy gesukkel om genoeg te verdien vir voedsel vir haarself en haar klein kinders. Hy het dus versoek dat sy van huur vrygestel word, maar toegelaat word om in die kamer aan te bly.[464] Ongelukkig kon nie in die geraadpleegde bronne vasgestel word wat die president se antwoord was nie.

Vroeg in die 1890’s is die aanwesigheid van “arme blanken” in Bloemfontein reeds vermeld. Die erge armoede van wit mense het dikwels eers aan die lig gekom wanneer so ’n persoon siek geword het of beseer is in ’n ongeluk en die distriksgeneesheer dan ’n versoek moes rig dat die sieke op staatskoste na die Cottage-hospitaal[465] oorgeplaas en verpleeg moes word, aangesien hulle sonder enige inkomste was. Voorbeelde hiervan was Pieter Scheepers wat sy been in ’n wa-ongeluk gebreek het en Thijs Venter, ’n ou burger wat ingewandskoors opgedoen het.[466]

Die meeste van hierdie armblankes was Afrikaners wat om verskeie redes nie meer in staat was om uit boerdery ’n bestaan te maak nie. Omdat hulle min skoolopleiding gehad het, was dit vir hulle nie moontlik om ander beroepe in die dorp te beoefen nie.[467] Boonop was baie van hierdie Afrikaners gewoond aan ’n onafhanklike, selfversorgende bestaan op die plase en het hulle dit moeilik gevind om nou skielik vir iemand anders te werk. Daarby was hulle nie bereid om handearbeid te doen nie, aangesien hulle dit as benede hulle waardigheid en as ’n skande beskou het. Hulle het handearbeid as werk vir nie-blankes beskou, omdat die handearbeid op die plase gewoonlik deur nie-blankes gedoen is. Die gevolg hiervan was dat baie Afrikaners weens valse trots in armoede verval het.[468]

Die probleem van die armblankes is in 1895 in die Volksraad bespreek en ’n kommissie van vyf lede is aangestel om die saak te ondersoek en oplossings te probeer vind.

---

[463] *De Express*, 2.11.1894, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 136.
[464] VAB, GS183: A.D. Howe – pres. Reitz, 25.3.1889.
[465] Die Cottage-hospitaal was Bloemfontein se eerste volwaardige hospitaal en was ’n privaathospitaal. Hospitale en mediese sorg word in hoofstuk 4 bespreek.
[466] VAB, GS194: dr. J.W. Krause – pres. Reitz, 28.11.1891 en 30.11.1891.
[467] *The Friend*, 18.11.1892, p. 3; *De Burger*, 19.12.1894, p. 2. Vergelyk ook G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 4: *1881-1899*, p. 67.
[468] Scholtz, pp. 67-80; *De Express*, 25.12.1894, p. 5 en 22.2.1895, p. 6.

Enkele Volksraadslede was van mening dat sommige armblankes bloot te lui was om te werk, aangesien hulle nie te trots was om te bedel of te steel nie.[469] Die kommissie het in Mei 1895 sy verslag aan die Volksraad voorgelê en genoem dat dit ’n moeilike probleem is, maar dat daar genoeg werk vir die armes is, as hulle net bereid is om te werk. Hulle het ook ’n langtermyn-oplossing aanbeveel, naamlik ’n stelsel van verpligte onderwys, sodat die arm jongmense opgelei kon word om te werk en sodoende hulle lewenstandaard te verbeter.[470] Die Engelsgesinde *The Friend* was ook nie baie simpatiekgesind teenoor die arm Afrikaners nie en het geglo dat sommige net te lui is om te werk.[471]

Daar was ook baie armoede onder die swart en bruin mense,[472] aangesien hulle meestal karige lone ontvang het en sommige glad nie gewerk het nie. Die feit dat hulle werkloos was, was gewoonlik omdat hulle nie wou werk nie, aangesien daar altyd ’n aanvraag na ongeskoolde nie-blanke arbeid was. In 1885 moes 26 behoeftige nie-blankes byvoorbeeld deur die munisipaliteit begrawe word omdat daar nie geld vir hulle begrafnisse was nie.[473]

7.3 Oorbevolking en plakkers

Deur armoede en die tekort aan huise is nuwe, verarmde wit intrekkers dikwels gedwing om in krotte, saamgeflansde huise of pondokke en tente te woon. Agterbuurte en plakkery het dus in Bloemfontein ontstaan, veral aan die oostekant en buitewyke van die Vrystaatse hoofstad.[474]

Die suidekant van Fonteinstraat, naby die spruit, het in die 1890’s as gevolg van oorbevolking ’n swak reputasie gekry. Hier het nagenoeg 50 wit mense op een plek in agt of nege kamertjies gewoon.[475] Bloemfontein se stadsraad het armblankes toegelaat om erwe teen billike tariewe en betalingsvoorwaardes aan die oostekant van die dorp te koop. Dan kon hulle klein bedrae soos £1 of £2 per maand afbetaal, afhangende van hulle vermoë.[476]

Na die koms van die spoorweg het ook meer en meer swart mense op soek na werkgeleenthede na Bloemfontein gestroom, en in 1895 het die swart mense vir die eerste keer die blankes in getalle oortref. Dit het natuurlik weer tot oorbevolking in die swart woonbuurte gelei, veral in Waaihoek. In 1894 het Waaihoek uit 260 hutte en ’n aantal pondokkies bestaan

---

469 *OVS Volksraadsnotule*, 9.4.1895.
470 *Ibid.*, 10.5.1895.
471 *The Friend*, 11.4.1895, p. 3.
472 D. Bagot, *Shadows of the war*, p. 137.
473 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.
474 *De Express*, 2.2.1893, p. 5; *The Friend*, 3.2.1893, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 136.
475 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 136.
476 *De Express*, 2.2.1893, p. 5; *The Friend*, 3.2.1893, p. 3.

en dikwels is ’n hele aantal mense in een hut of pondokkie saamgehok.[477] ’n Reisiger na Bloemfontein in die laat 1890’s, Dosia Bagot, het die oorbevolkte wyse waarop swart mense in die swart woonbuurte hier gewoon het, so beskryf: “... the Kaffirs live principally in the outskirts of the town in the most extraordinary and cramped conditions.”[478]

7.4 Boemelaars

Alhoewel die koms van die spoorweg ’n nuwe tydperk van ontwikkeling vir Bloemfontein en sy inwoners ingelui het, was die negatiewe sy daarvan die minder wenslike elemente wat dit na die Vrystaatse hoofstad gebring het, soos die boemelaars of “sundowners” oor wie daar kort-kort gekla is. Hierdie mense het na Bloemfontein gekom om kwansuis werk te soek, maar was eintlik rondlopers en leeglêers wat nie lank ’n werk kon behou nie. Die boemelaars het deur die strate gedwaal, bedags gebedel en snags sterk drank gedrink wat weer tot gevolg gehad het dat misdaad soos rowery, inbrake, diefstal en gewelddadige aanrandings toegeneem het. Die bestaande polisiemag was te klein om hierdie misdadige elemente doeltreffend te beheer.[479]

Die boemelaars het op die marktafels gesit en brandewyn drink, in die oordekte markgebou geslaap, in ’n half besope toestand in die agterplase van hotelle[480] (veral die berugte Germania-hotel in Gordonstraat), rondgehang en die swart mense onwettig van drank voorsien. Dikwels is ’n hele aantal boemelaars, blankes sowel as swart mense, gearresteer, aangesien dit ’n oortreding van die dorpsregulasies was om op straat leeg te lê sonder ’n bewys dat hulle in iemand se diens is. In hulle dronkenskap het hul gereeld onder mekaar baklei. Sommige van hulle het selfs eiendom beskadig, soos die drie wit rondlopers wat in ’n kamertjie onder die pawiljoen by die resiesbaan ingetrek het en van die houtwerk in die vertrek afgebreek het om mee vuur te maak. Hulle is gearresteer en het tronkstraf gekry.[481]

Baie van hierdie boemelaars was wit mans wat te lui was om te werk en is dan deur die landdros van Bloemfontein beveel om die dorp onmiddellik te verlaat. As hulle nie hieraan gehoor gegee het nie, is hulle weer gearresteer en dikwels tronkstraf opgelê. Gedurende die eerste drie maande van 1891 is daar byvoorbeeld 84 boemelaars in Bloemfontein vir een of

---

477 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 130.
478 Bagot, p. 137.
479 *The Friend*, 14.8.1889, p. 3, 13.2.1891, p. 2 en 25.8.1891, p. 2; *Daily Express*, 24.05.1890, p. 3.
480 Bloemfontein se hotelle word in hoofstuk 4 bespreek.
481 *The Friend*, 6.3.1891, p. 2, 10.3.1891, p. 3, 17.3.1891, p. 3, 24.3.1891, p. 3, 14.8.1891, p. 2, 18.8.1891, p. 2, 23.2.1892, p. 3 en 22.3.1892, p. 3.

ander oortreding gearresteer. Dikwels het hulle vir ’n paar dae in die Vrystaatse hoofstad vertoef op pad na die noorde.[482]

7.5 Drank- en dwelmmisbruik

Dit was nie net die boemelaars wat probleme met drank ondervind het nie. ’n Hele aantal wit, bruin en swart inwoners van Bloemfontein het slagoffers van die drankduiwel geword. Aangesien drank geredelik beskikbaar was, het dit ’n groot sosiale probleem geword, veral onder die armes, ambagsmanne en spoorwegwerkers. Ook enkele Indiërs is aan dronkenskap skuldig bevind. Openbare dronkenskap is as ’n misdaad beskou.[483] Die probleem was uiteraard erger oor naweke en alkoholisme het beslis ’n rol gespeel, want dieselfde persone is herhaaldelik vir openbare dronkenskap voor die landdros gebring.[484] Gedurende 1890 is 286 blankes vir openbare dronkenskap gearresteer en die meeste was handearbeiders. Die *Daily Express* het beweer dat wit mense nie minder as nie-blankes gedrink het nie, maar dat hulle dit bloot tuis gedoen het.[485]

Die meeste misdaad, veral aanrandings en bakleiery, rusverstoring en leeglêery, was ook die gevolg van drankmisbruik. Daar word selfs melding gemaak van inwoners wat só dronk was dat hulle met ’n draagbaar na die polisiekantoor gedra moes word.[486] Daar was verskeie organisasies, soos die International Order of Good Templars (I.O.G.T.) en die Regabiete[487] wat drankmisbruik ontmoedig en geheelonthouding aangemoedig het. Indien persone wat vir dronkenskap gearresteer is, onderneem het om by een van hierdie organisasies aan te sluit, het die landdros hulle nie gestraf nie, maar nog ’n kans gegee, veral as dit hulle eerste oortreding was. Drankmisbruik het selfs soms lewens geëis, soos *The Friend* berig het toe twee wit ambagsmanne tussen 1890 en 1892 as gevolg ’n oormaat drank gesterf het.[488]

Vir blankes was drank by verskeie groothandelaars, drankwinkels en hotelkroeë beskikbaar. In 1892 was daar byvoorbeeld reeds tien hotelle, drie drankwinkels en verskeie groothandelaars in Bloemfontein wat drank verkoop het. Bloemfontein het ’n drankkommissie of lisensieraad gehad wat dranklisensies vir die verkoop van sterk drank aan hoteleienaars en drankwinkels toegestaan en hernu het. Bogenoemde kommissie het dranklisensies aan sekere

---

[482] *Ibid.*, 27.1.1891, p. 3, 13.2.1891, p. 3, 10.3.1891, p. 3 en 24.3.1891, p. 3.
[483] *Ibid*., 17.3.1891, p. 2, 9.6.1891, p. 2, 28.7.1891, p. 3, 18.8.1891, p. 3 en 8.9.1891, p. 3 en 25.9.1891, p. 2.
[484] *Ibid.*, 17.3.1891, p. 3 en 28.7.1891, p. 3, 18.8.1891, p. 3, 13.10.1891, p. 2 en 26.1.1892, p. 3.
[485] *Daily Express*, 24.5.1890, p. 2 en 6.1.1891, p. 3.
[486] *The Friend*, 17.3.1891, p. 3 en 9.2.1894, p. 2.
[487] Kyk hoofstuk 5.
[488] *Ibid*., 28.7.1891, p. 3, 9.4.1890, p. 2 en 20.9.1892, p. 3.

hotelle en drankhandelaars geweier indien probleme met onwettige drankvoorsiening deur voorgenoemde besighede ondervind is, soos in die geval van die berugte Germania-hotel. Dranklisensies is ook teruggetrek indien hoteleienaars of drankhandelaars die bepalinge van die drankwet oortree het. Gewoonlik was kroeë in Bloemfontein op Sondae gesluit, hoewel hotelkroeë Sondae tydens middagete en weer saans vir ’n uur of twee oop was ter wille van hotelgaste wat ’n drankie wou drink.[489] In 1895 is die drankwet verander sodat geen groothandelaars toegelaat is om op Sondae drank te verkoop nie. Hiervolgens kon die lisensieraad hotelle met ’n goeie reputasie ’n lisensie gee om hulle kroeë tot 23:00 oop te hou. Indien daar probleme was, kon die lisensie egter teruggetrek word.[490]

Swart mense het tradisioneel selfgebroude graanbier gedrink, maar in die dorpe het hulle met die blanke se sterk drank kennis gemaak. Omdat hulle nie gewoond was aan die hoë alkoholinhoud nie, het openbare dronkenskap gereeld in die nie-blanke gemeenskap voorgekom, selfs onder die vroue.[491] Daarom is daar reeds in 1883 ’n verbod op die verkoop van sterk drank aan nie-blankes in die Vrystaat geplaas. Ordonnansie no. 10 van 1883 het bepaal dat geen sterk drank aan nie-blankes verkoop mag word sonder ’n briefie van hul werkgewer nie. Die bedoeling hiermee was om drankmisbruik onder nie-blankes te voorkom en die briefie was net bedoel sodat bediendes drank vir hulle werkgewers se gebruik kon aankoop. Hierdie ordonnansie was nie altyd so suksesvol nie, omdat blankes wel sterk drank aan nie-blankes verkoop het.[492] Daar was ook klagtes dat bogenoemde wet nie streng genoeg toegepas is nie.[493]

Bogenoemde werkgewersbriefies is ook misbruik, omdat nie-blankes soms vir hulle werkgewer drank gaan koop het, maar die drank nooit by die werkgewer uitgekom het nie. Van die nie-blankes wat kon lees en skryf, het sommer self hulle briefies geskryf, of het dit teen betaling vir ander nie-blankes geskryf.[494] In 1889 was daar byvoorbeeld klagtes dat “Cape Smoke”[495] gereeld in Bloemfontein en Sannaspos aan nie-blankes verkoop is. Blanke werkgewers het dikwels gekla dat hulle nie-blanke werkers dronk is.[496]

---

[489] *Ibid*., 2.4.1890, p. 5, 11.12.1891, p. 2, 29.1.1892, p. 2 en 20.12.1892, p. 2.
[490] *Ibid*., 9.4.1890, p. 2, 29.1.1892, p. 2 en 20.9.1892, p. 3.
[491] *Ibid*., 26.1.1891, p. 3 en 24.3.1891, p. 3 en 28.7.1891, p. 3.
[492] VAB, A574: ’n beskrywing van die OVS deur R.B. Weedon, 1893, pp. 24-25.
[493] *The Friend*, 11.12.1891, p. 2.
[494] *Ibid*., 1.1.1890, p. 3 en 26.1.1892, p. 3.
[495] “Cape smoke” was ’n selfgebroude soort brandewyn wat blykbaar deur boere gebrou is en het ’n Kaapse oorsprong. Dit het ook as boerebrandewyn bekend gestaan. “Cape smoke”, <http://www.thefree dictionary.com/Cape+smoke>, geraadpleeg 25.11.2011; “Thirst quenchers”, <http://funkymunky.co.za/ thirsty.html>, geraadpleeg 18.11.201; *The Friend*, 7.8.1889, p. 3.

Daar was dus ’n onwettige drankhandel in Bloemfontein aan die gang. Soms het die owerhede drank gekonfiskeer wat sonder die nodige permitte na Bloemfontein en die res van die Vrystaat ingevoer is, soos in November 1891 toe daar op ’n hele besending drank sonder die nodige permitte by die spoorwegstasie beslag gelê is.[497] Soms is mense selfs in hegtenis geneem omdat hulle drank sonder die nodige permit ingevoer het.[498] Veral blanke handelaars, hoteleienaars, kroegmanne en -vroue, asook armblankes en boemelaars, het hulle aan die onwettige verkoop van drank aan nie-blankes skuldig gemaak. Daar was blykbaar ook nie-blankes wat op een of ander manier drank in die hande gekry het en dit dan verkoop het.[499] In 1892 is ’n lisensie vir ’n nuwe drankwinkel naby Waaihoek deur die stadsraad geweier, omdat dit die verkryging van drank en dronkenskap onder die nie-blankes sou aanmoedig. Ten spyte van bogenoemde ordonnansie en ander voorsorgmaatreëls was dronkenskap steeds ’n groot sosiale probleem onder nie-blankes en is daar kort-kort in die tydgenootlike koerante hieroor gekla.[500] In April 1890 word die volgende redaksionele kommentaar deur *The Friend* gelewer: “Everyday in the week, one meets drunken natives rolling about the streets …”[501] en in 1892 het dié koerant berig: “There are more drunken natives to be met in our streets than in either Colesberg or Grahamstown, our strict liquor law to the contrary notwithstanding.”[502] Volgens die nuwe drankwet wat in 1895 aanvaar is, is blankes opnuut verbied om aan nie-blankes ’n brief te gee om drank mee te koop, tensy dit vir die gebruik van die blanke huiseienaar en sy huishouding was.[503]

Swart mense is toegelaat om tradisionele graanbier in die swart woonbuurte te brou, onder sekere voorwaardes en vir eie gebruik. Die gebruik van tradisionele bier het dikwels tot onrus en bakleiery in die swart woonbuurte gelei. Hoewel bierpartye op Sondae verbied is, was daar byvoorbeeld op ’n Sondag in Junie 1891 ’n bierparty in Waaihoek wat in ’n bakleiery en gevegte onder die inwoners geëindig het. Dit was verbode om tradisionele sorghumbier binne die grense van Bloemfontein se munisipaliteit te verkoop en in 1894 is twee swart vroue byvoorbeeld elk met £1 beboet omdat hulle hieraan skuldig bevind is. In 1895 is ’n aantal

---

496 *The Friend*, 17.4.1889, p. 3 en 2.4.1890, p. 3.
497 *Ibid.*, 27.11.1891, pp. 2-3 en 15.12.1891, p. 3.
498 *De Burger*, 4.4.1894, p. 2.
499 *The Friend*, 3.2.1891, p. 3, 6.2.1891, p. 3, 10.3.1891, p. 3, 20.2.1891, p. 2, 18.9.1891, p. 2, 20.10.1891, p. 3 en 1.6.1895, p. 2.
500 *Ibid*., 7.8.1889, p. 3 en 20.10.1891, p. 3 en 20.12.1892, p. 2; *De Burger*, 28.4.1894, p. 2.
501 *The Friend*, 2.4.1890, p. 3.
502 *Ibid*., 18.3.1892, p. 2.
503 *Ibid*., 18.6.1895, p. 3 en 25.6.1895, p. 5.

swart vroue ook skuldig bevind aan die verkoop van sorghumbier en is ’n boete van £3 of een maand tronkstraf opgelê.[504]

Daar is in 1895 bepaal dat swart mense wat tradisionele sorghumbier wou brou, ’n lisensie teen 10/- per dag moes uitneem. Hulle is weer eens verbied om bierpartye op Sondae te hou. Lisensies kon ook deur amptenare geweier word indien hulle dit in belang van die publiek beskou het. Swart mense wat hierdie wet oortree het, kon ’n boete opgelê word of gevangenisstraf kry.[505]

Daar is nie juis van dwelmmisbruik in die 1890’s melding gemaak nie en dit was blykbaar dus nie ’n groot probleem nie. Daar was wel enkele verwysings na swart mense wat dagga gerook het.[506]

7.6 Selfdood en poging tot selfdood

Selfdood onder Bloemfontein se inwoners het in die 1890’s nie dikwels voorgekom nie, maar enkele gevalle is wel vermeld. Onder die blankes het daar gemiddeld een selfdood of poging tot selfdood per jaar voorgekom. Feitlik al die voorvalle was mans wat hulleself geskiet het. Dikwels was die rede vir die selfdood nie duidelik nie, maar daar kon wel afgelei word dat bedruktheid of depressie soms tot dié daad gelei het. Een van die ongelukkiges, D. Fitchat, was maar net 23 jaar oud en het op troue gestaan.[507] Ene Charles Sowden, ’n messelaar wat die nuwe poskantoorgebou help bou het, het in 1891 probeer om sy eie keel af te sny, maar het nie daarin geslaag nie. Ironies genoeg is hy vyf dae later aan ’n ander oorsaak in die Cottage-hospitaal dood.[508] Selfdood, wat voorheen blykbaar ’n onbekende verskynsel onder swart mense was, het in die 1880’s onder Bloemfontein se swart inwoners begin toeneem. In Junie 1891 het ’n swart man probeer om sy eie lewe te neem deur homself in sy huis in Waaihoek op te hang.[509]

---

[504] *De Burger*, 31.10.1894, p. 2; *The Friend*, 9.6.1891, p. 3, 30.10.1894, p. 3, 1.10.1895, p. 3, 12.11.1895, p. 3 en 3.12.1895, p. 3.
[505] *De Burger*, 13.2.1895, p. 2.
[506] *The Friend*, 24.4.1889, p. 5.
[507] *Daily Express*, 2.9.1890, p. 3; *De Express*, 9.9.1890, p. 10; *The Friend*, 27.2.1889, p. 3 en 24.12.1895, p. 3.
[508] *The Friend*, 18.8.1891, p. 3.
[509] *Ibid*., 9.6.1891, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.

7.7 Sedelike verval

7.7.1 Onsedelikheid en prostitusie

Veral na die koms van die spoorlyn in 1890, wat ook ongewenste elemente na Bloemfontein gebring het, het misdaad dramaties toegeneem en het Bloemfontein se inwoners nou meermale met verskynsels soos prostitusie of “loose women”, blanke jeugmisdadigers en sakkerollers kennis gemaak.[510] Die NG Kerk, wat ook die staatskerk van die Vrystaat was, het oor lidmate se sedelikheid gewaak en het euwels soos vuil taal, prente en boeke, asook Sabbatsontheiliging, losbandigheid, dobbelary, lotery, ondertrouery binne familieverband, geldsug, wêreldgesindheid en dans sterk afgekeur en probeer ontmoedig. Veral na 1890 het bogenoemde euwels geleidelik ook onder blanke lidmate van die NG Kerk in Bloemfontein begin toeneem. Die kerk en staat het nie veel invloed gehad op wat hulle as onsedelikheid onder die nie-blankes beskou het nie, omdat hulle geglo het dat dit deel vorm van die swart mense se tradisionele kultuur en gebruike.[511]

Die OVS het ’n wet gehad wat voorsiening gemaak het vir die oplegging van tot ses maande tronkstraf vir openbare onsedelikheid. In ’n polisieverslag is melding gemaak van 28 persone in 1891 en van 26 in 1892 wat in Bloemfontein vir “indecency in public streets” in hegtenis geneem is.[512]

In Januarie 1892 berig *The Friend* oor ’n voorval waar twee mans en ’n vrou op ’n Sondag in Januarie 1892 met ’n perdekar op pad was na Bloemfontein vir ’n besoek. By die Modderrivier gekom, sien hulle ongeveer tien wit mense in die rivier swem. Toe hulle die rytuig gewaar, het die jeugdiges almal uit die rivier gekom en nakend voor die kar gaan staan, tot groot verleentheid en afsku van die vrou. Dit was waarskynlik bloot jeugdige onbesonnenheid van die jong mans, maar daar kon nie vasgestel word of die skuldiges toe voor die hof moes verskyn en tronkstraf opgelê is nie.[513]

---

[510] *The Friend*, 1.5.1891, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 114-115.
[511] G.B.A. Gerdener, *Ons kerk in die Transgariep: geskiedenis van die Ned. Geref. kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*, pp. 216-217; J.J. Oberholster en M.C.E. van Schoor, *Die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die OVS*, pp. 91-92.
[512] *The Friend*, 19.1.1892, p. 2 en 6.1.1893, p. 3.
[513] *Ibid*., 19.1.1892, p. 2.

7.7.1 Sabbatsontheiliging

Die NG Kerk was daarop gesteld dat die Bybelse perspektief van die Sabbatdag in die Vrystaat onderhou moes word en dat Sondae [514]dus nie ontheilig moes word met allerlei wêreldse plesiere en aktiwiteite nie. Die Vrystaatse Volksraad het in Junie 1891 ’n wet uitgevaardig wat handeldryf op ’n Sondag verbied het. Bogenoemde wet was nie van toepassing nie op noodsaaklike besighede, soos apteke, hotelle en restaurante.[515]

Tydens die NG Kerksinode wat in Mei 1895 in Bloemfontein gehou is, was daar ’n hele bespreking oor die toenemende ontheiliging van die Sabbat wat veral na die koms van die spoorweg na Bloemfontein plaasgevind het. Afgevaardigdes na die sinode was veral gekant teen die loop van so baie plesier- en goederetreine, asook transportryery op ’n Sondag. Verder is daar dikwels op ’n Sondag krieket gespeel en perdewedrenne gehou. Die afgevaardigdes het versoek dat ’n memorie[516] aan die Volksraad gestuur word waarin versoek word dat die Sondagswet uitgebrei moes word sodat sport en speletjies en alle onnodige werk ook verbied word. Hulle het dus op ’n beter handhawing van die Sabbatdag aangedring.[517]

Toe die memorie in Mei 1895 in die Volksraad bespreek is, is dit na ’n kommissie van ondersoek, bestaande uit vyf Volksraadslede, verwys. Hierdie kommissie het die verskillende dorpe besoek om te probeer vasstel hoe groot die probleem van Sabbatsontheiliging in die Vrystaat is en oplossings te vind,[518] maar ’n strenger Sondagswet, wat die loop van onnodige treine, alle openbare vermaaklikhede, danspartye, sport en wedrenne op ’n Sondag verbied het, is eers in 1898 aangeneem.[519] Nie-blankes wat op ’n Sondag geraas het, is dikwels in hegtenis geneem en beboet.[520]

7.7.2 Dobbelary

Die Vrystaat het in die 1890’s wette gehad wat loterye, perdeweddenskappe en dobbelary verbied het,[521] terwyl die kerk dit ten strengste afgekeur het.[522] Hoewel dit nie ’n groot

---

[514] Hoewel die Hebreeuse Sabbat die sewende dag van die week is, is die Christelike siening dat die eerste dag van die week (Sondag) soos ’n Sabbat eerbiedig moet word.
[515] VAB, OR44: Hoofstuk CXLVI, p. 824; *The Friend*, 12.6.1891, p. 2.
[516] ’n Versoekskrif het in die tyd van die republiek Oranje-Vrystaat as ’n “memorie” bekend gestaan.
[517] *The Friend*, 17.5.1895, p. 3 en 28.5.1895, p. 3.
[518] *Ibid*., 28.5.1895, p. 2 en 22.10.1895, p. 2.
[519] Groenewald, p. 131.
[520] *The Friend*, 12.5.1891, p. 3.
[521] VAB, OR 44: Hoofstuk CXLIII, pp. 819-823 en hoofstuk CXLIV, p. 823.
[522] Oberholster en Van Schoor, p. 92.

probleem was nie, was daar tog mense wat bogenoemde wette verontagsaam het. In Junie 1890 moes die owerhede byvoorbeeld ’n einde maak aan dobbelary op Bloemfontein se perderesiesbaan, waar ongesofistikeerde boere, jong kinders en swart mense geleer is om te dobbel. Daar was selfs ’n roulette-tafel waar een of twee inwoners heelwat geld verloor het. Die oortreders, klaarblyklik mense van buite Bloemfontein, het goed geld gemaak in die kort tydjie voordat hulle bedrywighede as onwettig verklaar is.[523] In 1895 is C.E. Borckenhagen, eienaar van *De Express*, vir ’n oortreding van die loterywet beboet.[524]

8 Misdaad

Sommige maatskaplike probleme is ook as misdaad geklassifiseer, soos byvoorbeeld openbare dronkenskap en openbare onsedelikheid. Ofskoon misdaad in Bloemfontein in die 1890’s nie ’n ongewone verskynsel was nie, het dit nie hoogty gevier nie en was dit meestal nie ernstige misdade nie, maar dikwels meer geringe oortredings.[525] Met die koms van die spoorweg in 1890 het misdaad baie toegeneem.[526] In 1890 is 1 528 persone weens misdaad in hegtenis geneem teenoor die 662 van 1889 – dus ’n toename van 130% in een jaar. Van die misdadigers in 1890 was 1 062 nie-blanke mans, 283 blankes[527] en 183 nie-blanke vroue. In die volgende jaar het die misdaad met ’n verdere 51% toegeneem, tot ’n totaal van 2 316 voorvalle. Hiervan was 1 854 nie-blanke mans, 64 nie-blanke vroue, 394 blanke mans en vier blanke vroue. Interessant genoeg het misdaad in 1892 weer met 22% afgeneem en is net 1 800 persone in hegtenis geneem. Hiervan was 317 blanke mans, tien blanke vroue, 1 362 nie-blanke mans en 111 nie-blanke vroue.[528] Geen verklaring kon hiervoor gevind word nie, maar *The Friend* het wel genoem dat daar minder misdaad onder die nie-blankes voorgekom het.[529] In 1893 het misdade met ’n verdere 53% afgeneem toe net 847 persone (blank en nie-blank) gearresteer is.[530] Die volgende jaar, 1894, was daar weer ’n skerp styging in misdaad toe 1 638 persone in hegtenis geneem is – 255 blankes teenoor 1 383 nie-blankes. Die koerante vermeld ook dat daar in 1894 gemiddeld 44 gevangenes per dag in Bloemfontein se tronk was.[531]

---

[523] *The Friend*, 4.6.1890, p. 3.
[524] *De Burger*, 16.2.1895, p. 2.
[525] *Daily Express*, 25.11.1890, p. 3; *The Friend*, 6.1.1891, p. 3 en 3.7.1891, p. 3.
[526] *The Friend*, 1.5.1891, p. 3.
[527] Daar word nie vermeld hoeveel van die blankes mans en hoeveel vroue was nie.
[528] *Ibid.*, 6.1.891, p. 3; 9.1.1891, p. 2 en 5.1.1892, p. 2.
[529] *The Friend* 26.1.1892, p. 2.
[530] *Ibid.*, 19.1.1894, p. 3.
[531] *De Burger*, 30.3.1895, p. 4. Die statistiek vir 1893 en 1894 is nie so volledig uiteengesit soos in 1890-1892 nie.

Misdaad onder blanke vroue het selde voorgekom – in 1891 is daar byvoorbeeld net vier wit vroue gevonnis, teenoor 394 wit mans,[532] terwyl tien wit vroue in 1892 gearresteer is, in vergelyking met 317 wit mans.[533] Ook onder nie-blanke vroue was misdaad minder – in 1892 is byvoorbeeld net 111 nie-blanke vroue gevonnis, teenoor 1 362 nie-blanke mans in dieselfde jaar.[534] Misdade wat die meeste voorgekom het, is onder meer openbare dronkenskap, geringe diefstal, rusverstoring, drostery, asook oortreding van munisipale regulasies en die drankwet.[535] 'n Verslaggewer van *The Friend* was verstom dat blankes hulle aan geringe diefstal skuldig gemaak het deur 'n piesang, lemoen of klontjies botter tydens die oggendmark van die marktafels af te neem sonder om daarvoor te betaal.[536] Nie-blankes is dikwels ook in hegtenis geneem weens pligsversuim,[537] drostery,[538] omdat hulle nie passe gehad het nie,[539] of laat in die strate rondgeloop het.[540]

Daar het wel enkele ernstiger misdade, soos bedrog, inbrake, ontvoerings, aanrandings, messtekery, verkragting, manslag en selfs moord in die 1890's in Bloemfontein voorgekom.[541] In Julie 1890 het 'n blanke man, Paul Wilhelm Alexander von Blucher, wat tydelik in die weesheer se kantoor gewerk het, bedrog gepleeg. Hy het twee tjeks vervals en gesteel deurdat hy die weesheer se naamtekening nagemaak en die twee tjeks by die bank gewissel het.[542] Hy is gearresteer, skuldig bevind en tot 18 maande tronkstraf gevonnis. Daar is later vasgestel dat sy van nie regtig Von Blucher was nie.[543] Ernstige bedrog was gewoonlik witboordjie-misdade wat deur wit mans gepleeg is.[544] Wanneer nie-blankes self briefies geskryf het om drank in hande te kry, is dit ook as bedrog beskou en as sodanig gestraf.[545]

Sommige aanrandings was minder ernstig, maar wanneer aanranding so ernstig was dat dit aan poging tot moord gegrens het, is streng opgetree. In November 1890 het 'n nie-blanke met die naam Schildpad 'n ander man 23 keer met 'n mes gesteek en is die oortreder tot

---

[532] *The Friend*, 5.1.1892, p. 3.
[533] *Ibid.*, 6.1.1893, p. 3.
[534] *Ibid.*
[535] *Daily Express*, 27.11.1890, p. 4; *The Friend*, 6.1.891, p. 3, 9.1.1891, p. 2 en 29.1.1892, p. 2.
[536] *The Friend*, 18.9.1891, p. 3.
[537] *Daily Express*, 7.8.1890, p. 3; *The Friend*, 3.3.1891, p. 3, 13.3.1891, p. 3 en 28.4.1891, p. 3.
[538] *De Express*, 7.10.1890, p. 7; *Daily Express*, 16.8.1890, p. 2. Vergelyk ook *The Friend*, 28.4.1891, p. 3.
[539] *Daily Express*, 14.7.1890, p. 3 en 24.7.1890, pp. 3-4; *The Friend*, 13.3.1891, p. 3.
[540] *The Friend*, 6.1.1891, p. 3, 7.4.1891, p. 3, 6.1.1893, p. 3 en 14.8.1894, p. 3.
[541] *De Burger*, 30.3.1895, p. 2; *Daily News*, 6.2.1890, p. 3 en 11.2.1890, p. 4. Vergelyk ook *The Friend*, 10.2.1890, p. 3, 6.1.1893, p. 3, 2.10.1891, p. 3 en 6.3.1894, p. 2.
[542] VAB, GS188: weesheer – goewermentsekr., 19.7.1890.
[543] *De Express*, 29.7.1890, p. 3; *Daily Express*, 11.8.1890, p. 3.
[544] *The Friend*, 7.2.1890, p. 3, 16.8.1892, p. 5 en 19.3.1895, p. 2; *De Burger*, 3.1.1894, p. 2.
[545] *Daily Express*, 9.9.1890, p. 2.

drie jaar tronkstraf en 25 houe met die kats gevonnis.[546] Bakleiery in die nie-blanke woonbuurte Waaihoek en Kafferfontein het meer as een keer tot iemand se dood gelei, waarna die ander deelnemer gewoonlik van manslag of poging tot moord aangekla en gestraf is.[547] Bakleiery en gevegte tussen nie-blankes onderling en ook tussen wit en swart het gereeld plaasgevind, veral wanneer daar geld of drank by betrokke was.[548]

Misdadigers het dikwels by winkels ingebreek om artikels te steel wat hulle dan weer kon verkoop.[549] Huisinbrake het ook voorgekom, hoewel nie so dikwels nie.[550] Diefstal van posstukke en pakkies het nou en dan voorgekom. Indien ’n possak gesteel is, is briewe gewoonlik oopgemaak op soek na geld. Hierdie soort misdaad is meestal deur blankes gepleeg.[551] Diefstal op treine is ook vermeld[552] en selfs die kerke is nie misdaad gespaar nie. In Februarie 1895 was daar groot verontwaardiging onder Bloemfonteiners toe ontdek is dat daar by die Tweetoringkerk ingebreek en die nagmaalbord van silwer gesteel is. ’n Blanke man, ene Bell, alias Cramer, wat ’n nuwe aankomeling uit Johannesburg was, is vir die kerkdiefstal gearresteer en die gesteelde silwerware is op Bloemfonteinberg[553] (die latere Naval Hill) teruggevind. Cramer het later uit die tronk in Bloemfontein ontsnap en klaarblyklik spoorloos verdwyn.[554] ’n Paar maande later het ene Richard Hopkins die skamele bedrag van 1/6- uit die kollektebussie vir armes in die Rooms-Katolieke Kerk gesteel waarvoor hy gearresteer en voor die hof gedaag is.[555]

’n Misdaad wat in ’n baie ernstige lig beskou is, was die verwydering van dwarsbalke onder spoorstawe, wat tot ernstige treinongelukke kon lei. Dit is gedoen deur nie-blankes wat die dwarslêers vir vuurmaakhout wou gebruik en as afskrikmiddel is skuldiges swaar gestraf met tronkstraf sowel as lyfstraf.[556]

Ondanks misdaadvoorvalle in Bloemfontein, het die inwoners meestal veilig gevoel, selfs snags op straat. Na etlike voorvalle waartydens inwoners snags sedert 1890 op straat

---

[546] *Ibid.*, 11.11.1890, p. 3.
[547] *The Friend*, 26.8.1890, p. 3, 20.3.1891, p. 3, 7.4.1891, p. 3, 19.5.1893, p. 3 en 25.7.1893, p. 3; *Daily Express*, 13.11.1890, p. 3.
[548] *The Friend*, 7.11.1890, p. 3, 17.2.1891, p. 3, 20.3.1891, p. 3 en 25.7.1893, p. 3.
[549] *De Burger*, 10.11.1894, p. 2; *The Friend*, 6.12.1892, p. 2, 16.12.1892, p. 3 en 9.11.1894, p. 3.
[550] *Daily Express*, 24.5.1890, p. 3; *The Friend*, 28.5.1890, p. 3, 6.8.1890, p. 2 en 2.1.1894, p. 2.
[551] *The Friend*, 16.6.1891, p. 2, 18.12.1891, p. 2, 8.3.1892, p. 2 en 30.12.1892, pp. 2-3.
[552] *Ibid.*, 30.1.1891, p. 2, 21.4.1891, p. 3 en 3.2.1893, p. 2.
[553] Voor die Anglo-Boereoorlog het Naval Hill bloot as Bloemfonteinberg bekend gestaan, hoewel ander name soms ook gebruik is. Kyk hoofstuk 4, afdeling 4.1.
[554] *Ibid.*, 22.2.1895, p. 3, 12.3.1895, p. 2, 15.3.1895, p. 3, 22.3.1895, p. 3 en 11.4.1895, p. 3.
[555] *Ibid.*, 19.11.1895, p. 3 en 22.11.1895, p. 2.
[556] *Ibid.*, 3.7.1891, p. 2 en 14.7.1891, p. 2.

aangeval en beroof is, was daar tog klagtes dat Bloemfontein se polisiemag te klein was om die inwoners doeltreffend te beskerm.[557] Beskuldigdes wat aan ’n geringe misdaad of oortreding skuldig bevind is, het gewoonlik ’n keuse tussen ’n boete of gevangenisstraf ontvang. Indien hulle nie die boete kon betaal nie, moes hulle die tronkstraf uitdien. So was die straf vir dronkenskap gewoonlik £1 of 14 dae. Eerste oortreders is soms met ’n ernstige waarskuwing vrygelaat. Nie-blankes, veral herhaaldelike oortreders, is dikwels lyfstraf sowel as tronkstraf opgelê.[558]

Ernstiger misdade is gewoonlik met tronkstraf, met of sonder dwangarbeid, gestraf en sodanige misdadigers is meestal in voetboeie met kettings geslaan. Jan Seannie Masoet is byvoorbeeld in November 1889 twee jaar tronkstraf in voetboeie vir manslag opgelê.[559] A.C. Purdy, ’n Bloemfonteinse aandelemakelaar, wat aandele van ’n belegger gesteel het, is weer tot 11 maande tronkstraf met handearbeid gevonnis.[560] Ene George Williams is in Julie 1890 weens ’n poging tot sodomie tot 18 maande tronkstraf in voetboeie gevonnis.[561] Dikwels het gevangenes vertoë gerig dat hulle kettings verwyder word, of ’n gedeelte van hulle vonnisse kwytgeskeld word. Dit is gewoonlik op grond van siekte of goeie gedrag toegestaan.[562]

’n Aantal gevalle van verkragting het ook in Bloemfontein voorgekom[563] en die gemiddelde straf hiervoor was drie of vier jaar tronkstraf met handearbeid, asook lyfstraf indien die verkragters nie-blankes was.[564] In Julie 1891 is ’n swart man byvoorbeeld met drie jaar tronkstraf, asook 36 houe met die kats, vir verkragting gestraf. In 1895 was daar ook ’n voorval waar ’n swart man ’n wit dogtertjie van sewe jaar oud verkrag het.[565] Volwasse nie-blankes het dikwels lyfstraf met die kats vir oortredings ontvang, terwyl jeugdige nie-blankes met ’n kweperlat gestraf is.[566] Wit misdadigers is nie dikwels lyfstraf opgelê nie, behalwe wanneer hulle oortreding baie erg was, soos dié van ene Henry William Crane. Hy het probeer

---

[557] *Ibid.*, 29.1.1890, p. 5, 1.5.1891, p. 3 en 12.4.1892, p. 3.
[558] *Daily Express*, 9.5.1890, p. 4, 12.5.1890, p. 2, 13.5.1890, pp. 2-4 en 14.7.1890, p. 3.
[559] VAB, GS188: J.S. Masoet – pres. Reitz, 17.8.1890.
[560] *The Friend*, 4.11.1890, p. 3.
[561] VAB, GS189: vertoë, G. Williams – pres. Reitz, 11.11.1890.
[562] VAB, GS189: vertoë, W.H. Wallis – landdros De Beer, 9.11.1890, vertoë, G. Williams – pres. Reitz, 11.11.1890; GS193: tronkbewaarder – landdros van Bloemfontein, 14.10.1891.
[563] *The Friend*, 4.8.1891, p. 2.
[564] VAB, GS192: Amstavas (?) – pres. Reitz, 12.7.1891; GS 193: I. Persent – pres. Reitz, 21.9.1891.
[565] *The Friend*, 10.11.1891, p. 2, 27.8.1895, p. 3.
[566] *Ibid.*, 10.3.1891, p. 3 en 28.4.1891, p. 3.

om ’n blanke meisie van sewe jaar oud te verkrag en is tot drie jaar tronkstraf met dwangarbeid en 25 houe met die kats gevonnis.[567]

Die McKeone-familie was ’n blanke familie wat in Bloemfontein uiters berug was vir misdade wat hulle nie net in Bloemfontein en die Vrystaat gepleeg het nie, maar klaarblyklik ook in aangrensende gebiede. ’n Hele aantal manlike lede van die McKeone-familie was by misdade betrokke en van hulle het kort-kort uit tronke ontsnap om dan maar weer by misdaad betrokke te raak.[568] Name van die familielede wat genoem is, was onder meer Hugh McKeone, John Louis McKeone en James Patrick McKeone.[569] Een van die jonger McKeone-broers, Herbert, het ook by ’n misdaadbende betrokke geraak, wat as die McKeone-bende bekend gestaan het. Saam met twee ander misdadigers, Henry Harding en Charles Smith (*alias* Simmons), het hy perde gesteel en rooftogte op Vrystaatse hoofpaaie uitgevoer.[570] Herbert McKeone is in November 1890 vier jaar tronkstraf met dwangarbeid vir gewapende roof en nege maande tronkstraf vir diefstal opgelê.[571] Indien gevangenes ongehoorsaam was, is hulle dikwels met eensame opsluiting gestraf, met net ryswater elke tweede dag.[572] Gevangenes wat uit tronke ontsnap het en weer gevang is, is gewoonlik ’n verdere termyn tronkstraf met dwangarbeid opgelê.[573]

’n Ander berugte en gevaarlike Bloemfonteinse misdadiger was Steve Belmore wat ook kort-kort uit aanhouding in Bloemfontein se tronk ontsnap het. Hy was aan ’n hele aantal misdade skuldig, maar is veral vir inbrake en rooftogte gesoek.[574] Hy is telkens tot tronkstraf met dwangarbeid gevonnis, om dan maar net weer te ontsnap, sodat hy uiteindelik in swaarder kettings geslaan moes word.[575]

In Julie 1893 was daar groot opgewondenheid en angstigheid oor twee vreemde misdaad-voorvalle binne net twee dae in Bloemfontein. Die eerste was ’n voorval waarin ’n kwaaddoener die huis van J.J. Herfst, wat ’n week vantevore getroud en op sy wittebrood was,

---

[567] *Ibid.*, 19.1.1892, pp. 2-3, 12.2.1892, p. 3, 19.2.1892, p. 2 en 23.2.1892, p. 2.
[568] *Daily News*, 29.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 12.9.1890, p. 2. Vergelyk ook *The Friend* 6.12.1892, p. 2.
[569] VAB, GS188: lasbriewe onderteken deur goewermentsekr., Aug. 1890; *Daily News*, 29.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 2.10.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 12.9.1890, p. 3.
[570] *De Express*, 23.9.1890, p. 6 en 7.10.1890, p. 2; *Daily Express*, 20.9.1890, p. 3 en 30.9.1890, p. 3.
[571] *De Express*, 11.11.1890, p. 5.
[572] *Ibid*., 4.11.1890, p. 6.
[573] VAB, GS191: tronkbewaarder – landdros van Bloemfontein, 17.4.1891.
[574] *Daily News*, 20.2.1890, p. 3 en 4.4.1890, p. 3.
[575] *De Express*, 25.12.1890, p. 4 en 30.12.1890, p. 3; *The Friend*, 11.8.1891, p. 3.

binnegegaan en doelbewus al die trougeskenke en ’n aantal meubelstukke beskadig het, klaarblyklik uit wraak.[576]

Die volgende aand het ’n onbekende persoon by die huis van mev. A. Wocke probeer inbreek terwyl haar man op ’n jagtog weg was. Mnr. Wocke het voor sy vertrek een van hulle swart huiswerkers opdrag gegee om in die huis te slaap, maar die huiswerker het by sy vriende in Waaihoek gaan slaap. Hoewel net mev. Wocke en haar suster in die huis was, het eersgenoemde haar teenwoordigheid van gees behou en na haar man geroep om te skiet. Dit het die voornemende inbreker laat skrik en hy het gevlug.[577] Hierna het die twee vroue na die huis van haar swaer, Geo. Wocke, gehardloop, maar langs die pad het mev. Wocke weens skok flou geval en haar suster het gaan hulp soek. Mev. Wocke is toe na die huis van Geo. Wocke gedra en in die bed gesit. Die volgende aand, terwyl die Wocke-gesin besig was met aandete, het hulle glas hoor breek en mev. Wocke, wat nog in die bed was, hoor gil. Toe hulle gaan kyk, het hulle mev. Wocke bewusteloos op die vloer naby die deur aangetref. Sy het later vertel dat terwyl sy besig was om aandete te eet, sy skielik deur ’n man met ’n rooi doek om sy gesig aan die keel gegryp en deur die kamer gesleep is. Die skurk het haar vasgehou terwyl hy die lessenaar waarin geldkissies gehou is, oopgemaak en die kissies vir sy medepligtige buite die venster aangegee het. Toe sy gil, het die misdadiger die lamp in haar kamer gedoof en in die donkerte uitgeglip. *The Friend* het geskimp dat bogenoemde twee voorvalle met ’n liefdesdriehoek verband hou en later is vermeld dat ’n blanke man, S. Pritchard, in verband met die Wocke-saak gearresteer is.[578]

In Junie 1894 was daar groot ontsteltenis in die Vrystaatse hoofstad nadat ’n blanke man, W. Atherstone, van moord op ’n swart koetsier van Bloemfontein aangekla is. Atherstone was ’n Skot wat klaarblyklik van Kimberley na Bloemfontein gekom en homself as ’n ingenieur voorgedoen het. Hy het ’n paar dae in die Bloemfontein-hotel oorgebly en op 28 Mei het hy ’n kar en perde by die firma van die Waldeck-broers gehuur om die plaas Driepan van D.B. Lombaard net buite Bloemfontein te besoek. ’n Swart man met die naam Marthinus het as drywer saamgegaan. Atherstone het Lombaard se toestemming gevra om prospekteerwerk op die plaas te doen en die nag daar geslaap. Die volgende oggend het hy toestemming gevra on springbokke te gaan skiet en het ’n Martini Henri-geweer en ’n graaf van die boer geneem en is

---

[576] *The Friend*, 14.7.1893, p. 3.
[577] *Ibid.*, 14.7.1893, p. 2 en 21.7.1893, pp. 2-3.
[578] *Ibid.*, 14.7.1893, pp. 2-3 en 21.7.1893, pp. 2-3.

saam met Marthinus die veld in. ’n Ruk later het hy alleen na die plaashuis teruggekeer. Lombaard vertel dat Atherstone beweer het dat hy die drywer na die plaas van J.D. Palmer gestuur en toe self die kar en perde ingespan en weggery het. Dié aand het Atherstone sowat 23 km verder onder die naam Smit op die plaas van B. Fouché geslaap. Die volgende dag is die lyk van Marthinus in die veld van Driepan gekry. Hy is in die agterkop geskiet.[579]

Toe die saak twee dae later by die Bloemfontein-polisie aangegee is, het die kommissaris van polisie en die distriksgeneesheer dadelik na die misdaadtoneel vertrek om ondersoek in te stel. Intussen is berig ontvang dat Atherstone in Jagersfontein aangekom het waar hy een van die perde verkoop het, die kar en oorblywende perd onder die naam Wilkinson by ’n hotel gelaat en toe verdwyn het.[580] Hy is uiteindelik deur polisiekommissaris Markus net buite Colesberg in hegtenis geneem waar hy onder die skuilnaam Arthur Gore op die spoorlyn gewerk het. Wyle Marthinus se grys oorjas, stewels en laslappie-kombers is by die verdagte gevind.[581]

Atherstone is na Bloemfontein gebring om weens die moord tereg te staan en het eers voor die landdros van Bloemfontein en later in die rondgaande hof voor regter M.T. Steyn en ’n jurie verskyn. Die hofsaak het geweldig baie belangstelling in Bloemfontein uitgelok en het ’n hele paar dae geduur. Atherstone is deur advokaat Bukes verdedig en het onskuldig gepleit. ’n Hele aantal getuies het getuienis gelewer, terwyl die beskuldigde getuig het dat Marthinus se dood ’n ongeluk was. Hy wou ’n korhaan skiet, toe hy per ongeluk vir Marthinus raak skiet.[582] Die jurie het Atherstone na ’n kort beraadslaging aan moord skuldig bevind, waarna hy deur regter Steyn ter dood veroordeel is. Na die jurie se uitspraak het Atherstone weer verklaar dat hy onskuldig is. Omdat die saak hoofsaaklik op oorweldigende omstandigheidsgetuienis berus het, het die jurie tog aanbeveel dat hy begenadiging ontvang. Die saak is dus na pres. Reitz en die uitvoerende raad vir verdere oorweging verwys, waarna die vonnis na lewenslange tronkstraf verander is.[583] Eers in April 1895 het Atherstone se regte naam bekend geword, naamlik Forrest Sutherland.[584]

---

[579] *Ibid.*, 5.6.1894, p. 3 en 12.6.1894, p. 3; *De Burger*, 6.6.1894, p. 3.
[580] *The Friend.*, 5.6.1894, p. 3 en 12.6.1894, p. 3; *De Burger*, 6.6.1894, p. 3.
[581] *De Burger*, 13.6.1894, p. 3; *The Friend*, 12.6.1894, p. 3 en 24.7.1894, p. 3.
[582] *The Friend*, 17.7.1894, p. 3 en 6.11.1894, p. 2; *De Burger*, 25.7.1894, p. 3.
[583] *De Burger*, 7.11.1894, p. 2 en 14.11.1894, p. 2; *The Friend*, 6.11.1894, p. 2 en 13.11.1894, p. 3.
[584] *The Friend*, 26.4.1895, p. 3.

Ander misdade wat genoem is, is onder meer kindermoord of "verberging van geboorte",[585] meineed en minagting van die hof,[586] diamant- en dranksmokkelary,[587] dieremishandeling,[588] betreding, parmantigheid teenoor polisielede,[589] vandalisme of saakbeskadiging,[590] rusverstoring[591] en laster. Veral laster teen Volksraadslede is in 'n baie ernstige lig beskou.[592] Bloemfonteiners in die 1890's is nie net deur misdaad en sosiale probleme geteister nie, maar moes ook rekening hou met heelwat siektes wat soms noodlottig was.

9 Gesondheidstoestande, siektes en sterftes

9.1 Gesondheidstoestande in Bloemfontein

Ofskoon Bloemfontein bekend is vir sy uiters gunstige klimaat, veral vir persone met longsiektes,[593] het sanitêre reëlings in die tydperk onder bespreking dikwels te kort geskiet of is dit nie doeltreffend toegepas nie en het baie siektes gevolglik 'n oorsprong in sanitêre probleme gehad. Inwoners was dikwels ook agterlosig en oningelig oor higiëniese maatreëls en hoe om siektes te voorkom. Daar is dikwels vullis in die spruit en watersloot gestort sodat Bloemfontein se watervoorraad nie altyd skoon was nie en vullisverwydering was ook nie deurgaans doeltreffend nie.[594] Baie siektes en epidemies is deur vuil drinkwater veroorsaak en daarom het die spruit met sy staande, vuil water en stinkende moddergate in die 1880's die bynaam "the Old Offender" gekry. Selfs in die vroeë 1890's is daar nog krale en stalle by baie wonings aangetref en inwoners het 'n koei of twee vir melk, pluimvee, skape, bokke en varke, asook ryperde, in hulle agterplase aangehou. Toestande was dus nie altyd baie higiënies nie en die bevolkingstoename, veral na die koms van die spoorlyn, het sanitêre en gesondheidstoestande verder laat versleg.[595]

---

[585] Wanneer ongewenste babas vermoor of aan hulle lot oorgelaat is om te sterf. Dit het hoofsaaklik onder nie-blankes voorgekom. *The Friend*, 13.10.1891, pp. 2-3; VAB, GS190: M. Sekopamotse (?) – landdros van Bloemfontein, 14.1.1891.
[586] VAB, GS191: memorie, Klaas en Taaibosch – pres. Reitz, 18.6.1891; *The Friend*, 25.8.1895, p. 3.
[587] *Ibid.*, 2.2.1892, p. 3, 5.2.1892, p. 3 en 30.6.1893, p. 2.
[588] *Daily Express*, 24.7.1890, p. 3; *The Friend*, 8.11.1892, p. 3.
[589] *The Friend*, 10.3.1891, p. 3.
[590] *Daily Express*, 20.5.1890, p. 3, 22.5.1890, p. 2 en 8.7.1890, p. 2; *The Friend*, 29.12.1891, p. 3.
[591] *Daily Express*, 31.7.1890, p. 2, 14.8.1890, p. 4 en 28.8.1890, p. 3.
[592] *De Burger*, 13.6.1894, p. 3; *The Friend*, 15.6.1894, p. 3, 19.6.1894, p. 3, 29.6.1894, p. 2 en 18.12.1894, p. 3.
[593] Kyk hoofstuk 1, afdeling 2.3 en 2.5.
[594] Bloemfontein se sanitasie en watervoorsiening word in hoofstuk 4 bespreek.
[595] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 70, 104, 117-118.

Aanvanklik het Bloemfontein slegs sinkputte vir toilette gehad en eers in Januarie 1889, toe daar reeds meer as 300 sinkputte in die dorp was, het die stadsraad ’n emmerstelsel ingestel. Bloemfontein se begrafnisondernemer, Marthinus Voorboom, het die kontrak vir die verwydering van nagvuil gekry. Voorgenoemde diens is daagliks by hotelle en ander groot inrigtings soos skole en hospitale gelewer, terwyl private wonings en ander geboue twee keer per week of weekliks bedien is. Ofskoon alle inwoners nie dadelik van die emmerstelsel gebruik gemaak het nie, was dit tog ’n beduidende verbetering in die sanitasiestelsel, hoewel daar gereeld klagtes was oor die lawaai van die nagkarwerkers en die stank van die emmers wat snags op die sypaadjies geplaas is om leeggemaak te word. Tog het nie-blankes en armblankes steeds die spruit, die onderkant van brûe en die buitewyke van die dorp as toilette gebruik en die toestand van die spruit het nie verbeter nie,[596] sodat Bloemfontein se gesondheidstoestande in die 1890’s nog vêr van ideaal was. In 1889 het Bloemfontein se burgemeester, Robert Innes, sy teleurstelling uitgespreek dat die uitvoerende raad van die Vrystaatse regering nie die voorstel van die Bloemfonteinse stadsraad wou aanvaar dat die aanhou van koeie en varke in die dorpsgebied verbied word nie.[597]

9.2 Siektes en epidemies[598]

Die burgemeester het verder verslag gedoen dat Bloemfontein tussen 1888 en 1889 deur die gevreesde siekte witseerkeel geteister is, maar dat dit ’n minder ernstige vorm van dié siekte was en dat die maatreëls wat deur die stadsraad ingestel is, die behandeling en verspreiding van die siekte doeltreffend beheer het. Gevolglik het relatief min slagoffers aan witseerkeel beswyk.[599]

Dr. Stollreither berig verder dat kinkhoes, masels en skarlakenkoors tussen 1888 en 1889 gereeld in Bloemfontein voorgekom het, terwyl ingewandskoors en kraambedkoors ook enkele kere aangemeld is. Hy noem verder dat ingewandskoors endemies in Bloemfontein is en dat dit herhaaldelik voorkom. Dit is weer ’n bewys dat daar ’n gebrek aan skoon drinkwater in Bloemfontein is en dat die dreinering van die dorp ontoereikend is.[600]

---

[596] VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute. Year ending 31 August, 1889*, p. 5, Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 117-118. Vergelyk ook *The Friend*, 1.5.1889, p. 6.
[597] VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute. Year ending 31 August, 1889*, p. 5.
[598] Kyk tabel 1 aan die einde van hierdie hoofstuk vir meer inligting oor siektes wat van tyd tot tyd in Bloemfontein voorgekom het, asook oorsake van sterftes.
[599] VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute. Year ending 31 August, 1889*, p. 5.
[600] *Ibid*., p. 6.

Die blankes van Bloemfontein het geglo dat die onhigiëniese toestande in die nie-blanke woonbuurte en die Spoorwegkamp vir die dorp 'n bedreiging inhou, aangesien besmetlike siektes van daar na die "blanke" deel van die dorp kon versprei. Daarom is daar gereelde gesondheidsinspeksies in die nie-blanke woonbuurte gehou,[601] soos in 1890 toe dr. Krause berig het dat hy geen besmetlike siektes in die lokasie gevind het nie.[602]

Die jaar tussen 1 September 1890 en 31 Augustus 1891 was die gesondheidstoestand van Bloemfontein se inwoners redelik bevredigend. Die Vrystaatse hoofstad het epidemies in bogenoemde tydperk vrygespring en hoewel sporadiese gevalle van skarlakenkoors en witseerkeel voorgekom het, het voorsorgmaatreëls verhoed dat dit deur die dorp versprei.[603] Gevalle van skarlakenkoors en roosuitslag het ook in 1894 in Bloemfontein voorgekom.[604] Kindersiektes soos pampoentjies, waterpokkies, masels en kinkhoes was algemeen, maar in 'n minder ernstige graad.[605] Tydens die warm somermaande van Desember 1890 en Januarie 1891 was braking en diarree baie algemeen, waarskynlik as gevolg van die swak toestand van drinkwater. Gedurende Maart en April 1891 het ingewandskoors hoogty gevier, maar omdat dit 'n ligter graad van dié siekte was, het dit slegs twee sterfgevalle tot gevolg gehad.[606]

9.2.1 Ingewandskoors

Ingewandskoors het 'n jaarlikse probleem gebly[607] en tussen 1 September 1893 en 31 Augustus 1894 het baie gevalle van ingewandskoors in Bloemfontein, veral in die Spoorwegkamp, voorgekom wat weer eens aan besoedelde water[608] toegedig is.[609] Inwoners is versoek om alle water te kook en die uitgooi van vuil water is verbied, maar die siekte het versprei en daar was honderde siektegevalle.[610] Einde ten laaste het die siekte-voorvalle verminder, maar in 1895 is Bloemfontein opnuut deur ingewandskoors geteister.[611]

---

601 *The Friend*, 1.5.1894, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.
602 VAB, GS 186: dr. J.W. Krause – pres. Reitz, 13.1.1890.
603 *The Friend*, 23.9.1890, p. 2 en 4.9.1891, p. 3.
604 *Ibid.*, 5.10.1894, p. 3.
605 *Ibid.*, 25.12.1889, p. 3, 21.10.1890, p. 3 en 18.10.1895, p. 3.
606 *Ibid.*, 1.9.1891, p. 3 en 4.9.1891, p. 3.
607 *Ibid.*, 19.2.1892, p. 2, 24.3.1893, p. 2, 8.12.1893, p. 3 en 3.9.1895, p. 3.
608 Dit is nie net die fontein en spruit se water wat vuil was nie. Waterputte was nie bo verdenking nie en inwoners het ook reënwater in groot watertenks opgevang, wat dikwels nie te skoon was nie. *De Burger*, 28.4.1894, p. 2.
609 *The Friend*, 18.4.1893, p. 2 en 4.9.1894, p. 2.
610 *De Burger*, 28.4.1894, p. 2; *The Friend*, 27.4.1894, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 118.
611 Die plaaslike koerante het Bloemfonteiners weer eens gewaarsku om versigtig te wees waar hulle hul water vandaan kry. Skoolkinders het water uit die spruit gedrink wat veral in die warm somermaande dikwels besoedel was en dan ingewandskoors veroorsaak het. *The Friend*, 13.12.1895, p. 2.

9.2.2 Verkoue, griep en longinfeksies

Verkoue, griep en longinfeksies het gereeld jaarliks onder blankes en nie-blankes voorgekom en het soms sterftes tot gevolg gehad.[612] In 1892 is selfs twee van Bloemfontein se geneeshere, asook pres. en mev. Reitz, deur griep platgetrek. Reitz het trouens gesukkel om dit af te skud.[613] Komplikasies van griep, soos brongitis en longontsteking, het ook dikwels voorgekom.[614] In September 1892 het Bloemfonteiners aan erge seer kele gely en daar is gevrees dit is witseerkeel, maar gelukkig was dit nie. In die wintermaande van 1893-1894 het griep ook in Bloemfontein hoogty gevier en twee sterftes tot gevolg gehad.[615] Die nuwe Nederlandse koerant, *De Burger*, se redakteur moes selfs verskoning maak omdat die uitgawe van 1 Augustus 1894 so verwarrend is. Die verslaggewer verantwoordelik vir die buitelandse oorsig was heeltemal deurmekaar as gevolg van ’n hewige griepaanval en dit het tot ’n Babelse verwarring in die bladuitleg gelei.[616]

9.2.3 Hartsiektes

Hartaanvalle het nie dikwels voorgekom nie, maar was gewoonlik onverwags en noodlottig. Omdat die mediese wetenskap in die 1890’s nog nie sovêr gevorder was nie, kon daar blykbaar nie veel vir hartlyers gedoen word nie en dikwels was mense nie eers daarvan bewus dat hulle ’n hartkwaal gehad het nie. In Oktober 1890 was ’n swart poskantoorwerker besig om die vlag te hys wat sou aandui dat die pos vanaf Kimberley aangekom het, toe hy skielik dood neerval, klaarblyklik aan ’n hartaanval.[617] Ook by wit inwoners van Bloemfontein is verskeie onverwagse sterftes weens hartsiektes aangekondig.[618]

9.2.4 Kranksinnigheid

Aanvanklik is kranksinnige persone toegelaat om vrylik in Bloemfontein se strate rond te dwaal, omdat daar nog nie ’n psigiatriese hospitaal in Bloemfontein was nie. Gevaarlike

---

612 *The Friend*, 16.10.1889, p. 3, 17.10.1890, p. 2, 6.2.1891, p. 3, 19.5.1891, p. 3, 3.7.1891, p. 2 en 1.4.1892, pp. 2-3.
613 *The Friend*, 25.3.1892, p. 3, 16.4.1892, p. 2 en 13.5.1892, p. 3.
614 *Ibid.*, 25.3.1892, p. 3, 29.3.1892, p. 2 en 22.8.1894, p. 3.
615 *Ibid.*, 30.9.1892, p. 3 en 4.9.1894, p. 2.
616 *De Burger*, 4.8.1894, p. 3.
617 *De Express*, 14.10.1890, p. 3.
618 *The Friend*, 24.3.1891, p. 3, 1.12.1891, p. 2, 29.12.1891, p. 2 en 30.7.1895, p. 2.

kranksinniges is in die gevangenis opgesluit.[619] In 1883 is daar begin met die oprigting van ’n sielsieke of psigiatriese hospitaal, die latere Oranje-hospitaal. Aanvanklik is net vir blanke manlike pasiënte voorsiening gemaak, maar later is die hospitaal met afdelings vir vroue en nie-blankes uitgebrei.[620] Drr. B.O. Kellner en J.W. Krause het gewoonlik pasiënte ondersoek en dan aanbeveel dat hulle in die sielsiekehospitaal opgeneem moes word.[621] Hulle het ook besluit wanneer ’n pasiënt dermate herstel het dat hy of sy ontslaan kon word.[622]

Indien daar bewys kon word dat ’n psigiatriese of verstandelike gestremde pasiënt behoeftig is, het die Vrystaatse regering aan hom of haar geldelike ondersteuning verleen, veral as die persoon weens versteurdheid nie kon werk nie.[623] In November 1895 word melding gemaak van ’n tragiese geval waartydens ’n jong ma, mev. E. Rapson, in ’n oomblik van waansin haar kleuter met ’n mes vermoor en haar baba gewond het. Haar man is ’n tydjie terug aan ’n pynlike siekte oorlede en haar verdriet het haar blykbaar kontak met die werklikheid laat verloor. Omdat sy bang was dat die kinders bogenoemde siekte kon erf, wou sy hulle daarvan verlos deur hulle dood te maak. Sy is in die sielsiekehospitaal opgeneem.[624]

9.2.5 Melaatsheid

Melaatsheid het skynbaar net onder nie-blanke inwoners van Bloemfontein voorgekom en dan ook net in ’n minder ernstige vorm. In die res van die Vrystaat was daar wel enkele blankes met dié siekte.[625] Aanvanklik het melaatses vrylik in die dorp rondbeweeg en Gustav Baumann onthou ’n swart melaatse vrou, sonder tone en vingers, wat elke Saterdag in die dorp loop en bedel het.[626]

Dr. Krause het opdrag ontvang om ondersoek na melaatsheid in die Vrystaat in te stel. Hy het sy kommer uitgespreek omdat daar in Bloemfontein geen inrigting of hospitaal bestaan het waar melaatses behoorlik versorg en behandel kon word nie. Hy het bevind dat daar in Waaihoek drie nie-blankes is wat aan melaatsheid gely het, maar dat geen voorsiening vir hulle

---

619 G. Baumann, “Recollections: personal reminiscences of the Orange Free State. Village of Bloemfontein”, *The Friend*, 10.11.1911, p. 4.
620 VAB, GS192: Van Hoytema – goewermentsekr., 24.7.1891; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 100.
621 VAB, GS192: Van Hoytema – goewermentsekr., 30.6.1891, GS193: Verklarings deur drr. Kellner en Krause, 4.9.1891 en 18.9.1891.
622 VAB, GS192 en GS193: sertifikate van drr. Kellner en Krause, 30.6.1891, 29.9.1891; GS192: B.O. Kellner en J.W. Krause – goewermentsekr., 20.7.1891.
623 *Gouvernements Courant*, 23.8.1889, pp. 3-4; VAB, GS193: landdros De Beer – goewermentsekr., 7.11.1891.
624 *The Friend*, 26.11.1895, p. 3.
625 *Ibid.*, 16.10.1889, p. 3; *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892, p. 12.
626 Baumann, “Recollections”, *The Friend*, 10.11.1911, p. 4; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 51.

versorging gemaak is nie. Teen die einde van 1889 is Bloemfontein se melaatses op aanbeveling van dr. Krause in spesiaal opgerigte hutte op die dorpsgrond afgesonder en is hulle deur die distriksgeneesheer versorg. Hulle is deur die Vrystaatse regering van kos voorsien.[627] Krause se ander aanbeveling, dat daar op 'n sentrale plek in die Vrystaat, soos byvoorbeeld 15 of 20 minute se ry van Bloemfontein af, 'n melaatse-inrigting opgerig moes word waar alle melaatses in die staat afgesonder en versorg kon word,[628] is klaarblyklik nie aanvaar nie. Teen 1891 was daar ses melaatses in die distrik van Bloemfontein – drie mans en drie vroue.[629]

In 1890 is 'n nuwe hospitaal vir melaatses op Robbeneiland geopen.[630] Met die aanvaarding van ordonnansie 17 van 1891 is Vrystaatse melaatses sedert 1892 na Robbeneiland gestuur om daar in afsondering versorg te word. In Maart 1892 het 54 melaatses van oor die hele Vrystaat, vergesel deur dr. Krause, op Robbeneiland aangekom.[631] In Mei 1892 het pres. Reitz in sy openingsrede die Volksraad se toestemming gevra vir die bou van twee klein geboue op Bloemfontein se dorpsgronde vir die tussentydse afsondering en versorging van melaatses van oor die hele Vrystaat totdat daar genoeg is om na Robbeneiland te stuur. Dit was nie prakties en koste-effektief om hulle een-een na die eiland te stuur nie.[632]

In die bespreking oor die kwessie van melaatses was sommige raadslede van mening dat dit wreed en onmenslik is om Vrystaatse melaatses so vêr weg van hulle familie na Robbeneiland[633] te stuur om daar verpleeg te word. Hulle het dus versoek dat bogenoemde ordonnansie herroep word en die melaatses hier in die Vrystaat versorg word. Ander raadslede het weer gewys op die gevaar van die verspreiding van die siekte, terwyl dr. Kellner gemeld het dat geen melaatse sonder hulle toestemming weggestuur is nie en dat hulle verpleging en omstandighede daar baie beter was as wat dit in die Vrystaat sou wees. Na deeglike bespreking het die Volksraad besluit om ordonnansie 17 onveranderd te laat.[634]

In Desember 1892 het pres. Reitz se vrou, bygestaan deur H. Papenfus, 'n bedrag van £27/12/- onder Bloemfonteiners vir die melaatses ingesamel, terwyl elke Vrystaatse landdros in

---

627 *The Friend*, 16.10.1889, p. 3; VAB, GS185: dr. J.W. Krause – goewermentsekr., 5.11.1889.
628 VAB, GS187: dr. J.W. Krause – pres. Reitz, 30.4.1890.
629 VAB, GS192: landdros De Beer – goewermentsekr., 7.7.1891.
630 *The Friend*, 29.4.1890, p. 2; *Daily Express*, 28.7.1890, p. 3.
631 *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892, p. 12; *The Friend*, 11.3.1892, p. 2 en 15.3.1892, p. 3.
632 *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892, p. 12.
633 In die 1890's is die Kaapkolonie se gevaarlikste misdadigers en moordenaars vir gevangenisstraf na Robbeneiland gestuur en baie Vrystaters het gevoel dat dit onmenslik is om melaatses, wat reeds siek was, ook soontoe te stuur. *The Friend*, 2.12.1892, p. 2; *De Burger*, 13.1. 1894, p. 3. Daar was blykbaar ook ongeveer 300 kranksinniges op die eiland. *De Burger* 28.7.1894, p. 2.
634 *OVS Volksraadsnotule*, 10.5.1892, pp. 115-119; *The Friend*, 10.5.1892, pp. 2-3.

sy eie dorp ook ’n bedrag gekollekteer het. Altesaam £89/5/9 is só ingesamel. ’n Gedeelte van die geld is aan die Vrystaatse melaatses op Robbeneiland geskenk, ’n gedeelte is gebruik om plaaslike siekes op Kersfees en Nuwe Jaar te bederf, terwyl die res van die geld in ’n spaarrekening belê is om in die toekoms vir dieselfde doel gebruik te word.[635] In 1893 is daar berig dat daar 12 melaatses in die kwarantynhuis[636] te Bloemfontein is wat deur die regering versorg word totdat hulle na Robbeneiland kon vertrek. In Maart 1893 het die regering aangekondig dat pakkette en kospakkies vir melaatses op Robbeneiland kosteloos vanaf enige poskantoor in die Vrystaat na die eiland versend kon word.[637]

In die Volksraadsitting van Mei 1894 is die saak van die melaatses op Robbeneiland weer te berde gebring. Pres. Reitz het voor dié Volksraadsitting ’n besoek aan die melaatses op Robbeneiland gebring. Uit verslae van drr. Kohler en Kellner het dit geblyk dat daar ongeveer 500 melaatses op die eiland is, waarvan 77 van die Vrystaat afkomstig was. Van hierdie groep van 77 het 24 melaatses op die eiland gesterf. Die sterftesyfer onder die Vrystaatse melaatses was dus baie hoog.[638] Klaarblyklik was die meerderheid Vrystaatse melaatses nie-blank, want daar word net van een wit melaatse, naamlik J. Venter, melding gemaak.[639] Daar is verder genoem dat die Vrystaatse melaatses baie ongelukkig op die eiland was en na hulle tuisland terugverlang het. Ook het hulle borskwale ontwikkel as gevolg van die nat lug en die stofsand het hulle oë erg aangetas. Hulle het dus versoek om na die Vrystaat terug te keer. Na aanleiding van ’n voorstel deur Volksraadlid C.H. Wessels het die raad besluit daar kan nie aan die melaatses se versoek voldoen word nie.[640]

In 1894 is ondersoek ingestel na toestande op Robbeneiland en die verslag van die kommissie van ondersoek was nie juis positief nie. Daar was ook ontevredenheid onder die melaatse pasiënte op die eiland en oproer het van tyd tot tyd voorgekom, terwyl Vrystaatse melaatses steeds versoeke gerig het om terug te keer huis toe.[641]

---

635 *The Friend*, 16.12.1892, p. 3 en 20.12.1892, p. 2.
636 Lazaretto.
637 *Ibid*., 10.2.1893, p. 2, 21.3.1893, p. 1 en 11.7.1893, p. 2.
638 *De Burger*, 16.5.1894, p. 2.
639 *The Friend*, 7.8.1894, p. 2.
640 *De Burger*, 16.5.1894, p. 2.
641 *Ibid*., 21.7.1894, p. 3, 28.7.1894, p. 2, 1.8.1894, p. 3, 8.8.1894, p. 2, 18.8.1894, p. 3 en 2.12.1894, p. 3.

9.2.6 Pokke

Gedurende die 1880's en 1890's is Bloemfontein van tyd tot tyd deur pokke[642] geteister. In 1890 is daar enkele gevalle van pokke in Bloemfontein vermeld, maar die pasiënte is geïsoleer en die siekte het nie epidemiese afmetings aangeneem nie.[643] In 1893 het daar pokke by die seehawens van Suid-Afrika, asook in Johannesburg, uitgebreek. Om te verhoed dat dié gevaarlike siekte na die Vrystaat versprei, het die Volksraad bepaal dat entstof teen pokke na die verskillende Vrystaatse veldkornette gestuur moes word.[644] Ten spyte van bogenoemde voorsorgmaatreëls het pokke teen die einde van 1893 in verskillende distrikte van die OVS uitgebreek. Omdat die siekte ook na Thaba Nchu naby Bloemfontein versprei het, is alle swart mense wat in Waaihoek en Kafferfontein woonagtig was,[645] as voorsorgmaatreël teen pokke ingeënt. Omdat baie mense van treinvervoer gebruik gemaak het, was die vinnige verspreiding van pokke sedert 1890 'n wesentlike gevaar.[646]

In April 1894 is 'n enkele geval van pokke in Bloemfontein se Spoorwegkamp aangemeld. Die pasiënt, 'n swart man wat van Johannesburg na Bloemfontein gekom het, is onmiddellik in isolasie geplaas in 'n poging om die verspreiding van die siekte te voorkom.[647] As verdere voorsorgmaatreël is alle nie-blankes uit die ZAR verbied om oor die Vaalrivier te kom, tensy hulle 'n sertifikaat kon toon dat hul teen pokke ingeënt is.[648] Ten spyte van al hierdie voorsorgmaatreëls is aan die begin van 1895 berig dat pokke in die swart woongebied, Waaihoek, uitgebreek het.[649] Eienaardig genoeg het die verskillende geneeshere van Bloemfontein verskil van mening en was daar onsekerheid of dit werklik pokke was of nie. Die distriksgeneesheer, dr. Krause, het voet by stuk gehou dat dit wel die gevreesde siekte is, maar ander geneeshere het verklaar dat dit net 'n nie-aansteeklike veluitslag is.[650] Dit het later geblyk dat die siekte wel pokke is, hoewel in 'n minder ernstige vorm. Pokke het ook in die

---

642 Pokke (smallpox) of variola is 'n baie gevaarlike en aansteeklike virussiekte wat in die verlede wêreldwyd baie slagoffers geëis het, maar danksy inenting en ander maatreëls vandag as feitlik uitgeroei beskou word. J. Haasbroek, "Fumigasiehuise vs. pokke", *Culna* 50, April 1996, p. 31. In Nederlands is dit "kinderpokken" genoem (*De Burger*, 7.3.1894, p. 2), maar moet nie verwar word met waterpokkies (chicken pox) wat 'n minder ernstige kindersiekte is nie.

643 *De Express*, 7.10.1890, p. 5.

644 *The Friend*, 3.2.1893, p. 2, 7.3.1893, p. 3 en 30.5.1893, p. 2.

645 Klaarblyklik is die swart mense as 'n hoë risiko-groep beskou, omdat heelwat van hulle in Thaba Nchu en ander swart gebiede aan die siekte gely het.

646 *The Friend*, 5.12.1893, p. 2, 5.1.1894, p. 2 en 19.1.1894, p. 3 en 25.9.1894, p. 2.

647 *De Burger*, 21.4.1894, p. 2.

648 Proclamatie no. 670 – 1894, *De Burger*, 3.10.1894, p. 2.

649 *The Friend*, 8.1.1895, p. 2; *De Burger*, 9.1.1895, p. 2.

650 *De Burger*, 12.1.1895, p. 2 en 16.1.1895, p. 2.

ander swart woonbuurt, Kafferfontein, uitgebreek en alle gevalle is onmiddellik na die algemene kwarantynkamp naby Kafferfontein vervoer om verdere verspreiding van die siekte te probeer voorkom.[651]

In Januarie 1895 is ’n vergadering van blanke huiseienaars belê om die dreigende pokke-epidemie te bespreek en moontlike verspreiding daarvan te probeer beperk. ’n Gesondheidsraad bestaande uit die stadsraadslede en ’n aantal inwoners is ook aangestel om die situasie te hanteer en toesig oor maatreëls te hou.[652] Alle nie-blankes wat in die dorp geslaap het, asook alle arm wit kinders is gratis deur drr. Krause en Kellner teen pokke ingeënt.[653] Die pokke-epidemie het ’n hoogtepunt bereik toe altesaam 105 gevalle van pokke geïsoleer is en twee sterftes voorgekom het. Geleidelik het die siekte in Waaihoek afgeneem, maar verdere gevalle het in Kafferfontein voorgekom. Daarom is Kafferfontein met sy nagenoeg 569 inwoners drie maande lank onder kwarantyn geplaas, terwyl voedsel daagliks deur die stadsraad aan hulle voorsien is.[654] In April 1895 het ’n geval van pokke onder een van die wit gesinne in die Spoorwegkamp uitgebreek, waarskynlik omdat die vader van die gesin geweier het om sy kinders te laat inent.[655]

Teen Augustus 1895 kon Bloemfontein se dokters verklaar dat die voorkoms van pokke stadig besig is om af te neem, hoewel sporadiese gevalle onder die nie-blanke inwoners steeds van tyd tot tyd voorgekom het.[656]

9.2.7 Tuberkulose

Soos in hoofstuk 1 vermeld, het baie tuberkuloselyers, asook ander buitelanders met longprobleme, hulle in Bloemfontein gevestig vanweë die Vrystaatse hoofstad se gesonde klimaat.[657] Hoewel enkeles genees en sommige tuberkuloselyers se toestand (weens Bloemfontein se sonnige, droë klimaat) opvallend verbeter het, het baie te laat hierheen gekom. Aangesien hulle siekte reeds te vêr gevorder was en daar destyds nog nie doeltreffende behandeling bestaan het nie, is ’n hele aantal van hulle hier dood. Van ander dele van Suid-Afrika, veral van Natal, asook van ander wêrelddele, veral van Brittanje en Nieu-Seeland, waar

---

[651] *Ibid*., 23.1.1895, p. 2 en 26.1.1895, p. 2; *The Friend*, 25.1.1895, p. 3 en 9.8.1895, p. 3.
[652] *The Friend*, 25.1.1895, p. 1 en 29.1.1895, p. 2.
[653] *Ibid.*, 5.2.1895, pp. 2-3.
[654] *De Burger*, 23.2.1895, p. 2 en 13.3.1895, p. 2; *The Friend*, 17.5.1895, p. 2 en 9.8.1895, p. 2.
[655] *The Friend*, 2.4.1895, p. 3.
[656] *Ibid.*, 2.8.1895, p. 2, 9.8.1895, p. 2 en 13.8.1895, p. 3.
[657] Kyk hoofstuk 1, afdelings 2.3 en 2.5 *supra*.

die reënval baie hoog is, het tuberkuloselyers na Bloemfontein gekom.[658] Ook ’n neef van pres. Reitz, G.B. Reitz, het aan dié gevreesde siekte gely en is in Desember 1894 in Bloemfontein dood.[659]

9.2.8 Witseerkeel

Hoewel daar vandag baie min gevalle van witseerkeel voorkom, was dit in die 1880’s en 1890’s in Bloemfontein ’n uiters ernstige en aansteeklike siekte wat feitlik jaarliks in die Vrystaatse hoofstad uitgebreek het. Dit het beide kinders en volwassenes getref en klein kinders het dikwels daaraan gesterf,[660] aangesien daar nog nie doeltreffende behandeling teen dié gevreesde siekte was nie.

Pasiënte met witseerkeel moes so gou moontlik geïsoleer word, sovêr moontlik ook van ander gesinslede. Die simptome van witseerkeel is koorsigheid, styfheid van die nek en witgrys membrane agter in die keel en op die mangels. Die siekte het dikwels met ’n kroepagtige hoes of heesheid by ouer kinders gepaard gegaan. In Bloemfontein is mediese hulp gewoonlik ingeroep wanneer witseerkeel vermoed is, maar indien ’n dokter nie dadelik beskikbaar was nie, is swael in die pasiënt se keel ingeblaas of die sieke met ’n aftreksel van bloekomboomblare laat gorrel, terwyl die vertroude kasterolie ook toegedien is.[661]

Volgens geneeshere is witseerkeel gewoonlik deur besoedelde lug of water veroorsaak. Aangesien Bloemfontein se lug in die 1890’s redelik suiwer was, was hulle van mening dat vuil water die oorsaak van die siekte moes wees. Inwoners is dus aangeraai om alle water vir huisgebruik afkomstig van damme en die spruit eers te kook en dan te filtreer. Ander moontlike oorsake van dié siekte is gesien as vullishope, mishope, veekrale en gebrek aan behoorlike sanitasie binne Bloemfontein se dorpsgebied.[662]

Dan moes inwoners van die Vrystaat ook oor die oorsake van siektes ingelig word, aangesien baie van hulle, veral die plattelanders en plattelandse Volksraadslede, siekte nog as straf van God gesien het. Hulle wou dus nie maatreëls tref om die verspreiding van die siekte te keer nie. Dus het die Vrystaatse Volksraad in Junie 1889 ’n voorstel van dr. Kellner aanvaar om ’n kort pamflet met die feite oor witseerkeel, dit wil sê hoe om verspreiding daarvan te

---

[658] *The Friend*, 30.10.1889, p. 3; 16.9.1892, p. 3 en 20.7.1894, p. 3; *Daily Express*, 1.7.1890, p. 3; *De Express*, 24.10.1890, p. 2. Vergelyk ook *De Burger*, 4.8.1894, p. 3 en 15.8.1894, p. 3.
[659] *The Friend*, 2.1.1894, p. 2.
[660] *Ibid.*, 2.1.1890, p. 3 en 9.1.1889, p. 4.
[661] *Ibid.*, 10.4.1889, p. 3 en 1.5.1889, pp. 5-6.
[662] *Ibid.*, 10.4.1889, p. 3, 1.5.1889, p. 5 en 8.5.1889, p. 3.

voorkom en die siekte te behandel, op staatskoste te laat druk en gratis onder die Vrystaatse bevolking te versprei.[663] Tydens dieselfde sitting het die Volksraad besluit om Sondag, 7 Julie 1889, as dag van verootmoediging en gebed te verklaar om God te vra om witseerkeel uit die OVS weg te neem. Alle kerke en denominasies in Bloemfontein het aan hierdie dag deelgeneem.[664]

Ten spyte van bogenoemde aksies het witseerkeel deur die Vrystaatse hoofstad versprei en etlike kinders het daaraan gesterf. Teen September 1889 het dié siekte uit Bloemfontein gewyk,[665] maar het daarna jaarliks weer sy verskyning gemaak en weer eens 'n aantal kindersterftes tot gevolg gehad.[666] In 1892 is opgemerk dat vyf afsonderlike gevalle van witseerkeel in minder as 20 jaar in een spesifieke huis[667] voorgekom het, waarvan vier noodlottig was.[668] Ofskoon dr. Emil von Behring (1854-1917) van die bekende Robert Koch-instituut in Berlyn in 1890 'n geneesmiddel en entstof teen witseerkeel ontwikkel het, het dié siekte eers ná 1900 werklik begin afneem.[669]

9.2.9 Ander siektes

Ander siektes en kwale, soos maagkoors, rumatiekkoors, buikloop of disenterie, voedselvergiftiging,[670] rumatiek,[671] koors, maagpyn en diarree,[672] beroerte,[673] geelsug, alkoholisme, epilepsie, breinvliesontsteking, klem-in-die-kaak[674] en Bright's disease[675] ('n ernstige niersiekte), is ook vermeld. In Augustus 1890 het dodelike gevalle van cholera onder die Indiërs in Durban uitgebreek, maar danksy goeie voorsorgmaatreëls en selfs die tydelike sluiting van die grense tussen die Vrystaat en Natal, het die siekte die Vrystaat nooit bereik

---

663 *OVS Volksraadsnotule*, 5.6.1889; *The Friend*, 3.7.1889, p. 2.
664 *The Friend*, 10.7.1889, p. 3; *OVS Volksraadsnotule*, 5.6.1889.
665 *Ibid*., 17.7.1889, p. 3 en 31.7.1889, p. 3 en 25.9.1889, p. 3.
666 *De Express*, 14.1.1890, p. 4. Vergelyk ook tabel 1, p. 249.
667 Dit was die huis van adv. Bukes en daar is gespekuleer dat daar 'n sanitasie-probleem met dié huis of erf was. *The Friend*, 9.8.1892, p. 2 en 16.8.1892, p. 5.
668 *Ibid*., 9.8.1892, p. 2 en 16.8.1892, p. 5.
669 *De Express*, 9.12.1890, p. 8; "Emil von Behring", <http://www.enotes.com/emil-von-behring-reference/emil-von-behring>, geraadpleeg 26.12.2011.
670 *De Express*, 28.10.1890, p. 7; *The Friend*, 24.10.1890, p. 3, 3.2.1891, p. 3, 10.2.1891, p. 3 en 26.5.1891, p. 3.
671 VAB, A13/2: mev. C.M. de Wet – mej. Maynie Fleck, 29.1.1894; *The Friend*, 19.4.1892, p. 3.
672 *The Friend*, 6.11.1891, p. 2, 13.11.1891, p. 2, 16.12.1892, p. 3 en 8.12.1893, p. 3.
673 *Daily Express*, 7.6.1890, p. 3; *The Friend*, 19.4.1892, p. 3 en 23.1.1894, p. 3.
674 *The Friend*, 25.11.1890, p. 3, 8.12.1891, p. 3, 2.9.1892, p. 3, 20.9.1892, p. 2, 26.6.1894, p. 3 en 26.7.1895, p. 3.
675 *Ibid*., 4.9.1894, p. 2. Pres. Brand was in die 1870's ernstig siek met hierdie niersiekte.

nie.[676] Kanker is wel van tyd tot tyd by Bloemfonteiners gediagnoseer, hoewel nie dikwels nie.[677] Kindersiektes wat algemeen voorgekom het, is pampoentjies, masels en kinkhoes.[678]

Daar is ’n hele paar keer van senukwale soos swaarmoedigheid,[679] slaaploosheid en senuswakte melding gemaak. Volgens ’n sielkundige van die 19de eeu was bogenoemde simptome, net soos vandag, te wyte aan oorspanning en oorlading van die brein en is dit deur die “vinnige tempo” van die lewe in die 19de eeu veroorsaak.[680] In Februarie 1891 doen C.J. Muller, hoofklerk van die ouditeur-generaal se kantoor, aansoek om vier weke verlof weens gesondheidsprobleme. Hy lê ’n mediese sertifikaat van dr. Stollreither voor wat aandui dat hy as gevolg van oorwerktheid aan slaapprobleme ly. Die dokter het rus en ’n verandering van omgewing aanbeveel.[681] In Januarie 1894 het regter (later pres.) M.T. Steyn ook aan slaaploosheid gely nadat hy ’n aanval van koors gehad het.[682] Reitz het klaarblyklik in 1895, toe hy weens swak gesondheid as staatspresident moes bedank, aan depressie gely, want hy het gereeld probleme om te slaap, gebrek aan eetlus, hartkloppings en benoudheid ondervind, terwyl geen organiese probleem gevind kon word nie.[683]

9.3 Sterftes

In ’n verslag oor die gesondheidstoestand van Bloemfontein in 1889 het dr. Max Stollreither die volgende inligting verskaf: Die hoogste sterftesyfer het voorgekom onder babas en kleuters jonger as twee jaar. Die grootste oorsaak van dood in bogenoemde ouderdomsgroepe was kwale van die spysverteringstelsel, wat vir hom ’n aanduiding was dat daar onvoldoende kundigheid by ouers oor die voedingsbehoeftes van babas was en dat dit nie op wetenskaplike beginsels gegrond was nie. Die sterftesyfer onder skoolkinders was baie laer, wat waarskynlik te danke was aan goeie sanitêre toestande in Bloemfontein se skole.[684] Dit is interessant dat tandekry (teething) jaarliks as ’n oorsaak van ’n aantal kindersterftes aangedui is.[685] Dis

---

[676] *Daily Express*, 30.8.1890, pp. 3-4, 4.9.1890, p. 3 en 8.9.1890, p. 2.
[677] VAB, MBL3/1/2: Bloemfontein Corporation, *Mayor’s minute. Year ending 31 August, 1889*, p. 5; *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2; *The Friend*, 25.1.1895, p. 3. Vergelyk ook Bloemfontein Corporation, *Mayor’s minute from the 1st September, 1891 to the 31st August, 1892*, p. 5.
[678] *The Friend*, 25.11.1892, p. 2, 15.10.1895, p. 3 en 18.10.1895, p. 3.
[679] Staan vandag as depressie bekend.
[680] *De Burger*, 18.7.1894, p. 2.
[681] VAB, GS190: C.J. Muller – goewermentsekr., 10.2.1891.
[682] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, 12.1.1894 en 31.1.1894.
[683] *De Burger*, 3.4.1895, p. 2.
[684] VAB, MBL3/1/2: Bloemfontein Corporation, *Mayor’s minute. Year ending 31 August, 1889*, pp. 5-6.
[685] *The Friend*, 4.9.1894, p. 2

vreemd dat tandekry op sigself kinders kon laat sterf het, tensy hulle ’n baie hoë koors ontwikkel het of daar ’n ander verskuilde mediese probleem was.

Volgens dr. Stollreither het 36 volwassenes[686] tussen 1 September 1888 en 31 Augustus 1889 gesterf. Tien van hierdie sterftes was te wyte aan longsiektes[687] en kan waarskynlik verklaar word deur die feit dat baie tuberkuloselyers en persone met ander longsiektes hulle ter wille van hul gesondheid in Bloemfontein met sy gesonde klimaat kom vestig het.[688] Tussen 1 September 1889 en 31 Augustus 1890 was daar 31 sterfgevalle onder Bloemfontein se blanke inwoners en die sterftesyfer was dus 17,22 per duisend inwoners per jaar[689] (kyk tabelle 1 en 2, pp. 247 en 248). Vanaf 1 September 1890 tot 31 Augustus 1891 het 41 sterfgevalle onder die blanke inwoners van Bloemfontein voorgekom, kindersterftes ingesluit. Agt van hierdie sterfgevalle was buitelandse tuberkuloselyers.[690] Die burgemeestersverslag vir 1890-1891 kon nie opgespoor word nie en dit wil voorkom asof dit, net soos in 1895, nie statistieke oor die oorsake van sterftes, die gemiddelde sterftesyfer, ouderdomme en geslag van oorledenes, ensovoorts bevat het nie.

In 1892 het die burgemeester in sy verslag gemeld dat daar van 1 September 1891 tot 31 Augustus 1892 ’n totaal van 58 sterfgevalle in Bloemfontein was.[691] Tien van hierdie sterftes was die gevolg van tuberkulose en was buitelanders wat ter wille van hulle gesondheid na Bloemfontein gekom het. Soos reeds gemeld, het baie van bogenoemde mense te laat na die Vrystaatse hoofstad gekom en was dus reeds sterwend aan tuberkulose. Die burgemeester het verder daarop gewys dat indien bogenoemde tien sterftes van buitelandse tuberkuloselyers buite rekening gelaat word, dan is die getal sterftes in Bloemfontein 15,5 per 1 000 inwoners vir die jaar[692] wat as uiters gunstig vir die tyd beskou kon word.[693]

Vanaf 1 September 1892 tot 31 Augustus 1893 was daar slegs 55 sterfgevalle, terwyl 80 sterfgevalle vanaf 1 September 1893 tot 31 Augustus 1894 voorgekom het. Van hierdie sterfgevalle is 27 babas jonger as een jaar en 18 is buitelandse tuberkuloselyers. Indien die

---

686 Klaarblyklik het hierdie syfers slegs blanke inwoners ingesluit.
687 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute. Year ending 31 August, 1889*, pp. 5-6.
688 *The Friend*, 20.11.1889, p. 3, 27.11.1889, p. 2 en 21.11.1890, p. 3. Vir meer inligting oor Bloemfontein as gesondheidsoord, kyk hoofstuk 1, afdeling 2.3 en 2.5.
689 *Verslag van den burgemeester voor het jaar eindigende 31sten Augustus 1890*, p. 5.
690 *The Friend*, 4.9.1891, p. 3.
691 Bloemfontein Corporation, *Mayor’s minute from the 1st September 1891 to the 31st August 1892*, p. 5. Kyk tabel 1 en 2 pp. 249-250, vir meer inligting oor sterftes en die oorsake van sterftes.
692 Bogenoemde sterftesyfers is klaarblyklik slegs die amptelike sterftesyfers vir Bloemfontein se wit inwoners en het ook kindersterftes ingesluit.
693 *The Friend*, 6.9.1892, p. 2. Kyk tabel 1 en 2, pp. 249-250, vir meer inligting oor sterfgevalle en die oorsake van sterftes.

buitelandse tuberkuloselyers se sterftes ingesluit word, was die sterftesyfer vir laasgenoemde jaar 22,8 per 1 000 inwoners, maar indien die 18 sterfgevalle van tuberkuloselyers buite rekening gelaat word, is die sterftesyfer vir dié jaar slegs 18 per 1 000 inwoners.[694] In 1895 was die sterftesyfer 81, maar weens onreëlmatighede in die sterfteregister kon die burgemeester nie soos gewoonlik 'n gedetailleerde uiteensetting van die ouderdomme, oorsake van sterftes, gemiddelde sterftesyfer, ensovoorts gee nie.[695]

Weerlig,[696] ongelukke met rytuie of perde, asook vuurwapens, het soms sterftes veroorsaak, terwyl selfdood en verdrinkings ook voorgekom het[697] (kyk tabel 1, p. 247). Hoewel kindersterftes dikwels in Bloemfontein voorgekom[698] en baie inwoners in die 1890's relatief jonk gesterf het,[699] was daar tog persone wat 'n rype ouderdom bereik het. Michael Daly is byvoorbeeld op 75-jarige ouderdom oorlede, terwyl Jacobus Johannes Langelaan op die rype ouderdom van 83 jaar gesterf het.[700] W.F. Drinkwater, wat in Maart 1892 oorlede is, het 85 jaar oud geword.[701]

10 Slot

Die Reitz-tydperk in die Vrystaat het saamgeval met die Laat-Victoriaanse tydperk in Suid-Afrika. Stylkenmerke en kulturele invloede van Europa en veral Brittanje het 'n groot invloed op die leefwyse van Bloemfontein se inwoners en hulle kultuuruitinge tydens bogenoemde tydperk gehad. Dié invloede was veral in die inwoners se geestesingesteldheid, woningbou, meubels en binnenshuise inrigting, huwelikstradisies en kleredrag merkbaar.

Wat kleredrag betref, was Bloemfontein se inwoners meestal redelik deftig geklee, in Europese modes van die 1890's. 'n Mens kan jou skaars voorstel dat vroue in die 1890's in Bloemfontein se stofstrate afgeloop het met rompe wat op die grond sleep. Hoewel veral dames- en dogtersdrag in die 1890's nie juis prakties en gemaklik was nie, was dit stylvol en het dit baie tot die waardigheid, welvoeglikheid en hoflikheid van dié tydperk bygedra. Veral

---

694 *Ibid*., 4.9.1894, p. 2. Weer eens is sterfgevalle onder nie-blanke inwoners klaarblyklik nie hierby ingesluit nie.
695 *Ibid*., 3.9.1895, p. 3. Die burgemeestersverslag vir die jaar 1 Sept. 1894 – 31 Aug. 1895 kon nie opgespoor word nie.
696 *Ibid*., 18.1.1895, p. 3.
697 *Ibid*., 27.3.1889, p. 3, 15.11.1892, p. 3, 27.4.1894, p. 3; *Daily Express*, 15.11.1890, p. 3. Vergelyk ook Venter, pp. 8-9.
698 *De Express*, 18.11.1890, p. 4; *The Friend*, 7.4.1891, p. 1, 12.8.1892, p. 1, 29.11.1892, p. 1, 19.1.1894, p. 2 en 26.7.1895, p. 3.
699 *The Friend*, 29.12.1891, p. 3, 29.3.1895, p. 3 en 8.10.1895, p. 3.
700 *Daily Express*, 2.9.1890, p. 3 en 4.10.1890, p. 3.
701 *The Friend*, 29.3.1892, p. 3.

die damestabberds met hulle gepofte moue en versierde lyfies was dalk effe oordadig, maar tegelykertyd elegant en romanties. Die nie-blanke inwoners was ook in klere in die Europese styl uitgevat, met hier en daar ’n aanpassing, soos die dra van ’n kopdoek deur nie-blanke vroue in plaas van ’n hoed.

Die waardigheid en stylvolheid, maar tog ook oordadigheid van die 1890’s, blyk nie net uit die kleredrag nie, maar ook uit die huisinrigting van die Laat-Victoriaanse tydperk in Bloemfontein. Die meeste interieurfoto's van Bloemfontein voor die Anglo-Boereoorlog is tussen 1890 en 1900 geneem. Uit die bestudering van interieurfoto's van twee van Bloemfontein se bekendste wonings blyk die sterk Britse en Victoriaanse invloed duidelik. Die gebruik van plakpapier met blompatrone daarop, wat so tipies van die Laat-Victoriaanse tyd is, was in die 1890's nog algemeen in Bloemfontein. Tog dui die foto's op geleidelike verandering na die Edwardiaanse tydperk, aangesien stylkenmerke soos los matte, 'n vryer plasing van meubels, ligter interieurs en binneversiering, asook eenvoudiger gedrapeerde gordyne (wat meer daglig inlaat) op party van die foto's verskyn.

Die interieurfoto's wat wel opgespoor kon word, is meestal foto's van meer gegoede Bloemfonteinse families soos die presidentsgesin en die Fichardts, sodat tekens van welvaart, oorvloedigheid en weelde veral in die ontvangsvertrekke te bespeur is. Aangesien geen interieurfoto's van minder gegoede blanke of swart inwoners opgespoor kon word nie, is dit nie moontlik om die interieur-inrigting van die laer inkomstegroepe met dié van die meer gegoede inwoners te vergelyk nie.

Wat voedsel, drank en tabakprodukte aanbetref, het Bloemfontein se inwoners ’n groot verskeidenheid gehad om uit te kies. Terwyl die blankes se eetgewoontes byna oordadig was in vergelyking met vandag, het swart en bruin mense meer eenvoudig geëet en gedrink, kennelik omdat hulle nie duur en eksotiese kos en drank kon bekostig nie. Swart inwoners het steeds hulle tradisionele bier gebrou en gedrink, omdat dit ’n belangrike rol in hulle kultuur gespeel het.

Aangesien daar in die 1890’s nog nie lopende water in Bloemfontein was nie, het dit huishoudelike take en die alledaagse lewe van die inwoners bemoeilik. Water moes by die spruit, fontein of waterputte gaan haal en na die huise aangedra word. Omdat die water dikwels besoedel was, het dit weer tot allerlei siektes en praktiese probleme gelei. Die koms van Bloemfontein se eerste professionele wassery in 1895 het aan ’n groot behoefte voldoen, aangesien die was van wasgoed in die spruit, waterpoele en damme nie baie higiënies was nie.

Danksy kulturele instellings soos die openbare biblioteek en die Nasionale Museum was daar geleentheid vir intellektuele stimulasie vir die hoofstad se inwoners. Die ontwikkelingsvlak en lewenstandaard van Bloemfontein se inwoners was verbasend hoog vir ’n binnelandse dorp in die 1890’s. Hoewel die gewone werkers en ambagsmanne nie so ’n hoë ontwikkelingsvlak gehandhaaf het nie, was daar ’n hele aantal professionele, belese en ontwikkelde mense van Europese afkoms sodat daar nie ’n gebrek aan inisiatief en intellektuele stimulasie was nie. Die inwoners van die Vrystaatse hoofstad het graag gelees en ook op musiek- en toneelgebied is met hulle talente gewoeker. Verder het die swart mense die geleentheid gekry om te leer lees en skryf en hulle vaardighede te verbeter.

Ook wat huweliks- en begrafnistradisies, gebruike en kleredrag aanbetref, was die Laat-Victoriaanse en Britse invloed in Bloemfontein van die 1890’s duidelik te bespeur. Bogenoemde tradisies en gebruike het ook ooreengestem met dié van die res van Suid-Afrika uit dieselfde tydperk. Ofskoon sommige swart inwoners hulle tradisionele gebruike rondom huwelike behou het, het veral die meer gegoedes geleidelik al hoe meer verwesters en hulle het die blankes se huweliks- en begrafnisgebruike oorgeneem. Die Westerse kleredrag, huisinrigting, eetgewoontes, asook huweliks- en begrafnisgebruike wat geleidelik deur swart inwoners oorgeneem en aanvaar is, is ’n duidelike aanduiding van die kultuurbeïnvloeding waaraan hulle in die Vrystaatse hoofstad blootgestel is.

Die koms van die spoorlyn na Bloemfontein in 1890 het ’n groot toename in bevolking en verstedeliking gelei, sodat die hoofstad ’n tyd van vinnige groei beleef het. Die nadele hiervan was dat dit ook ’n aantal maatskaplike probleme, soos armoede, oorbevolking en plakkery, boemelaars, drank- en dwelmmisbruik, selfdood, sedelike verval en verhoogde misdaad, meegebring het.

Wat die gesondheidstoestande van Bloemfontein se inwoners in die Reitz-tydperk betref, was veral gistingsiektes soos die gevreesde witseerkeel en skarlakenkoors, wat weer met die drink van besoedelde water verband hou, ’n groot probleem. Dit is ook ’n aanduiding dat Bloemfontein se sanitasie nie altyd na wense was nie. Dan het hoogs aansteeklike siektes waarvoor daar nog nie regtig ’n kuur in die 1890’s was nie, soos pokke en witseerkeel, ook ’n hele aantal sterftes veroorsaak. Heelwat buitelandse tuberkuloselyers wat in Bloemfontein se gunstige klimaat genesing kom soek het, het ook hier gesterf omdat hulle siekte dikwels reeds te vêr gevorder was.

Aangesien die politieke en ekonomiese konteks van Bloemfontein, die belangrikste kultuurgroepe en hulle daaglikse lewenswyse in die voorafgaande hoofstukke bespreek is, word daar in die volgende hoofstuk gekyk na die fisiese voorkoms en infrastruktuur van die Vrystaatse hoofstad, naamlik Bloemfontein as stoflike kultuurmilieu tydens die Reitz-tydperk.

Tabel 1: Oorsake van sterftes onder Bloemfontein se blanke inwoners, 1888-1895

Jaar	1888-1889	1889-1890	1890-1891	1891-1892	1892-1893	1893-1894	1894-1895	Totaal
Oorsake van sterftes								
Aarontsteking		1						**1**
Alkoholisme		2		5				**7**
Asma		1		1				**2**
Beroerte	1	1		2	1	1		**6**
Breinvlies-ontsteking	2			2	1	1		**6**
Bright se siekte (niersiekte)				1	1	1		**3**
Brongitis	1	4				1		**6**
Dermontsteking						7		**7**
Disenterie (Buikloop)	2					2		**4**
Epilepsie					1			**1**
Griep				4		3		**7**
Hartsiekte	2	1		2	4	5		**14**
Ingewandskoors	1			4	1	1		**7**
Kanker	4			2				**6**
Kinkhoes	2							**2**
Kranksinnigheid					2	2		**4**
Kraambedkoors	1				1	1		**3**
Kroep		5		3	1	2		**11**
Laringitis	2							**2**
Longontsteking	2	5		6	10	13		**36**
Maagderm-ontsteking	3	1			2	2		**8**
Masels	3				4	1		**8**
Nierontsteking	1							**1**
Ongelukke	2					2		**2**
Roos					1			**1**
Rumatiek	1							**1**
Selfdood		1						**1**
Seniliteit		1		1				**2**
Skarlakenkoors	4	1						**5**
Stuiptrekkings		1		8	4	9		**22**
Tandekry				3	5	6		**14**
Tuberkulose		1		10	11	18		**40**
Verdrinking					2	1		**3**
Witseerkeel	3	5		4	3	1		**16**
Totaal	**37**	**31**	**41**	**58**	**55**	**80**	**81**	**383**

Nota: Klaarblyklik is die gewone gedetailleerde syfers vir die jare 1890-1891 en 1894-1895 nie beskikbaar nie omdat daar in genoemde jare ’n probleem met die byhou van munisipale registers oor sterfstatistieke in Bloemfontein was. *The Friend*, 3.9.1895, p. 3. **Omdat die gedetailleerde syfers van bogenoemde jare nie bekend is nie, stem die totaal in die vertikale kolom regs nie ooreen met die totaal in die horisontale kolom onder nie.**

Bronne: *Bloemfontein Corporation. Mayor’s minute from the 1st September, 1891 to the 31st August, 1892*, p. 5; *Bloemfontein Corporation. Mayor’s minute from the 1st September, 1892 to the 31st August, 1893*, p. 5; *The Friend*, 4.9.1891, p. 3 en *The Friend*, 4.9.1894, p. 2; VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute. Year ending 31 August, 1889*, p. 5; *Verslag van den burgemeester voor het jaar eindigende 31sten Augustus 1890*, p. 5.

Tabel 2: Sterfgevalle van Bloemfontein se blanke inwoners per jaar, 1888-1895.

Jaar	**1888-1889**	**1889-1890**	**1890-1891**	**1891-1892**	**1892-1893**	**1893-1894**	**1894-1895**
Totale aantal sterftes	37	31	41	58	55	80	81
Gemiddelde sterftesyfer per 1000 inwoners	28,5	17,22	–	15,5	13,8	18	–
Kinder-sterftes	21	18	–	28	28	37	40
Sterftes: Volwassenes	16	13	–	30	27	43	41
Manlik (Mans en seuns)	23	16	–	38	37	51	–
Vroulik (Vroue en dogters)	14	15	–	20	18	29	–

Notas:

- Die burgemeestersverslae vir 1890-1891, sowel as vir 1894-1895 kon nie opgespoor word nie. Klaarblyklik is die gewone gedetailleerde syfers vir die jare 1890-1891 en 1894-1895 nie beskikbaar nie. Daar was blykbaar in genoemde jare 'n probleem met die byhou van munisipale registers oor sterfstatistieke in Bloemfontein. *The Friend*, 3.9.1895, p. 3.
- Bostaande statistieke het blykbaar net blanke sterftes ingesluit en die syfers vir sterfgevalle onder nie-blankes is nie vermeld nie. Dit geld ook vir tabel 1, wat oor die oorsake van sterftes handel.

Bronne: *Bloemfontein Corporation. Mayor's minute from the 1st September 1891 to the 31st August 1892*, p. 5; *Bloemfontein Corporation. Mayor's minute from the 1st September 1892 to the 31st Augus, 1893*, p. 5; *The Friend*, 4.9.1891, p. 3, 4.9.1894, p. 2 en 1.2.1895; VAB, MBL3/1/2: *Mayor's minute. Year ending 31 August, 1889*, p. 5; *Verslag van den burgemeester voor het jaar eindigende 31sten Augustus 1890*, p. 5.

Hoofstuk 4

BLOEMFONTEIN AS STOFLIKE KULTUURMILIEU

1 Inleiding

In hoofstuk 4 word die fisiese voorkoms en infrastruktuur van Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk bespreek. Dit sluit onder meer dorpsuitleg en –verbetering, groen areas, swembaddens, begraafplase, verkeersweë en vervoer in, terwyl ook na dienste soos sanitasie, watervoorsiening, kommunikasie en die brandweer gekyk word. Bloemfontein se gesondheidsorg en mediese dienste word ook hier onder die loep geneem. Laastens word woongebiede, huise, hotelle en losieshuise, argitektuur en geboue, sowel as monumente en gedenktekens, bespreek.

Nadat kapt. (later maj.) H.D. Warden (1800-1856) hom met sy manskappe in Maart 1846 op die plaas "Bloem Fontein" gevestig het, het hier 'n klein militêre nedersetting ontstaan wat geleidelik uitgebrei en in die Vrystaatse hoofstad ontwikkel het. Warden se huis of residensie is aan die westekant naby die fontein gebou.[1] Vanuit die weste het Bloemspruit ooswaarts deur die nedersetting gekronkel.[2] Die eerste huise en geboue in Bloemfontein is langs die spruit gebou ten einde die beskikbare water te benut. Die waardevolste erwe was aan die suidelike wal van die spruit in St. George- en Douglasstraat geleë en het as "Water Erven" bekend gestaan,[3] omdat dit uit die spruit en deur middel van die watervoor en pypleidings uit die fontein natgelei kon word.[4]

---

1 Kyk hoofstuk 1, afdeling 1.

2 Bloemspruit is eers in 1904, na die groot vloed waarin 'n hele aantal mense dood en heelwat geboue beskadig is, geplavei en reguit gemaak (kyk figure 31 en 32, pp. 251a en 251b).

3 Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna AREA), Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, PV522/2/1/3: E.N. Roberts, "History of the Bloem Fontein" (Ongepubliseerde artikel), p. 10; *Daily Express*, 17.5.1890, p. 2.

4 *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad* (hierna *De Express*) 15.4.1890, p. 1; *Daily Express*, 17.5.1890, p. 2 en 10.7.1890, p. 2. Vergelyk ook P.M. Snyman, *Die grondslae van die historiese aardrykskunde en die toepassing van die "spesifieke periode"-metode op die historiese aardrykskunde van Bloemfontein tot 1900* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1969), p. 151.

Andrew Hudson Bain (1819-1894) het die eerste erwe in Bloemfontein opgemeet met die ysterketting en kopersekstant wat tans in die Eerste Raadsaal-museum in Bloemfontein bewaar word. Deur Bain se opmeting het ’n reëlmatige straatpatroon ontstaan met ’n aantal lang, reguit strate noord en suid van die spruit en parallel daarmee. ’n Aantal kleiner dwarsstrate wat van suid na noord geloop het, het die lang strate reghoekig deurkruis.[5]

2 Dorpsuitleg en verbeteringe

2.1 Dorpsgrense en -ingange

Die residensiële gebied en dorpsgrense van Bloemfontein het geleidelik noord van die spruit uitgebrei en teen 1875 was Fontein-, St. Andrew- en Maitlandstraat[6] reeds dig bebou. Teen 1889 is daar erwe sovêr noord as Charles- en Henrystraat verkoop, terwyl erwe in Zastronstraat teen 1890 in aanvraag was (kyk figure 31 en 32 op pp. 251a en 251b). Veral sedert die koms van die spoorlyn in 1890 het daar ’n geweldige uitbreiding op residensiële gebied plaasgevind.[7]

Na 1890 is woonhuise noord en wes van die Vierde Raadsaal in President Brandstraat gebou.[8] Hierdie nuwe residensiële gebied het as “West End” bekend geword[9] en in 1893 het hierdie nuwe woonbuurt reeds tot by Kellnerstraat gestrek. Aan die oostekant het Bloemfontein se blanke residensiële gebied tot verby die nuwe stasiegebou aan die oostekant van Maitlandstraat uitgebrei[10] (kyk figure 31 en 32 op pp. 251a en 251b). Arm wit mense en spoorwegwerkers het aan die oostekant van die stasiegebou gewoon.[11]

In 1891 het die blanke residensiële gebied suid van die spruit in die rigting van Fortheuwel en Monumentkoppie uitgebrei en gestrek vanaf Monumentweg tot by Eunicestraat naby die dam.[12] Suid- en Kazernestraat was in 1896 steeds die heel suidelike strate van die

---

5 Kyk figure 1 en 2, hoofstuk 1. W.F.S. Senekal, *Gedifferensieerde woonbuurtvorming binne die munisipaliteit van Bloemfontein: ’n faktor-ekologiese toepassingstudie* 2 (volume 10, Bloemfonteinprojek, verslag nr. 2, 1977), p. 99; K. Schoeman, *Bloemfontein: die ontstaan van ’n stad 1846-1946* (hierna slegs verwys as *Bloemfontein*), p. 6.

6 Maitlandstraat staan vandag as Charlotte Maxekestraat bekend.

7 Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna VAB), Bloemfontein, MBL1/1/5: Notule, stadsraadsvergadering, 7.1.1889; GS187: stadsklerk – goewermentsekr., 16.5.1890; Municipale kennisgeving no. 19-1889, *Gouvernements Courant*, 26.7.1889; *Daily Express*, 3.5.1890, p. 2. Vergelyk ook Snyman, p. 155.

8 *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette* (hierna *The Friend*) , 21.10.1892, p. 3.

9 *Ibid*., 9.5.1893, p. 3 en 11.2.1897, p. 2. Vandag staan dié woonbuurt naby Bloemfontein se middestad as Westdene bekend.

10 *Daily Express*, 21.7.1890, p. 3. Vergelyk ook Snyman, p. 156.

11 *The Friend*, 3.2.1893, p. 3.

12 *Ibid*., 18.9.1891, pp. 2-3. Die destydse Monumentweg staan vandag as Kerkstraat bekend. Monumentkoppie en Monumentweg is so genoem na aanleiding van die Basotho-monument wat in dié straat opgerig is, ter ere van burgers wat in die Vrystaat-Basotho-oorloë gesterf het.

blanke deel van Bloemfontein[13] (kyk figuur 31 op p. 251a).

Die nie-blanke[14] woongebiede, naamlik Waaihoek en Kafferfontein, (kyk figuur 30) was suidoos van die blanke gedeelte van die Vrystaatse hoofstad geleë. Waaihoek was baie naby aan die dorp en het oorkant die suidoostelike hoek van St. Georgestraat begin,[15] min of meer waar Fortstraat vandag is.[16] Kafferfontein, die kleiner nie-blanke woonbuurt, was suid van Waaihoek geleë[17] (kyk figure 30, 31 en 33).



Figuur 30: Ligging van Waaihoek en Kafferfontein. In die 1890's was Waaihoek en Kafferfontein die enigste twee lokasies wat bestaan het. Uit: C.J.P. le Roux, "Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948", *Contree* 25, April 1989, p. 5.

Sedert die vroeë 1850's was die omgewing van Markplein die sakekern van Bloemfontein, omdat boere hier uitgespan het om hulle produkte te verkoop. Met die totstandkoming van die munisipale mark in 1859 het sakelui hulle besighede en hotelle in die onmiddellike omgewing van Markplein opgerig sodat hulle met die Vrystaatse boerebevolking handel kon dryf. Omdat die erwe rondom Markplein grootliks sakepersele was, was dit baie duur.[18] Gou het Onder- en Bo-Kerkstraat ook 'n belangrike sakebuurt geword, terwyl die westelike deel van Maitlandstraat tot by Markplein ook sy kwota besighede gekry het. Met die koms van die spoorlyn, die voltooiing van die stasiegebou in 1890 en die oprigting van die poskantoor in 1892 het handelsbedrywighede ooswaarts in Maitlandstraat in die rigting van die stasie uitgebrei.[19] Besighede het ook in St. Andrewstraat en Oos-Burgerstraat in die omgewing van

---

13 Nasionale Museum (hierna NM), Bloemfontein, GD1255: Generaal plan van de stad Bloemfontein, saamgesteld en verkleind van de oorspronklyke en supplementaire plannen van de Heeren G. Baumann, E. Bourdillon & A.A. Ortlepp, Gouvt. Landmeters, door J.J. Herfst, Dec. 1896 (retraced by W. Josephs, July 1901); *The Friend*, 26.8.1892, p. 4. Vergelyk ook Schoeman, p. 119.

14 Soos in vorige hoofstukke genoem, is daar in die 19de eeu nie altyd 'n onderskeid tussen swart en bruin inwoners gemaak nie. Die term "nie-blank" word dus uit noodsaak gebruik en geen negatiewe konnotasie word hieraan geheg nie.

15 C.J.P. le Roux, "Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948", *Contree* 25, April 1989, kaart op p. 5.

16 *The Friend*, 14.8.1889, p. 4; Senekal, p. 99. Waaihoek was oos van die Fort en 'n groot gedeelte van dié nie-blanke woonbuurt was geleë waar die ou kragsentrale en koeltorings vandag staan. Snyman, p. 159.

17 Kyk 11.3 *infra*.

18 VAB, GS192: sekretaris, OVS Kamer van Koophandel − burgemeester en stadsraad, 21.7.1891.

19 Snyman, pp. 146-148.

Figuur 3M: Sentrale dorpsgebied van Bloemfontein in 1896: "Generaal plan van de stad Bloemfontein, saamgesteld en verkleind van de oorspronklyke en supplementaire plannen van de Heeren G. Baumann, E. Bourdillon & A.A. Ortlepp, Gouvt. Landmeters, door J.J. Herfst, Dec. 1896 (retraced by W. Josephs, July 1901)". Kaart: Nasionale Museum, GD1255.



Figuur 32: Die middestad van Bloemfontein omstreeks 1900. Uit: K. Schoeman, *Bloemfontein in beeld*, invoegkaart agterin boek.

Baumannplein voorgekom, terwyl sakepersele na die koms van die spoorlyn in Henry-, Charles-, Fichardt- en Hangerstraat verkoop is[20] (kyk figure 31 en 32 op pp. 251a en 251b). Nywerheidspersele[21] is hoofsaaklik naby Fort Drury aan die westekant van Bloemfontein, in die omgewing van Markplein en naby die stasie aan die oostekant van die hoofstad aangetref.[22]

Die koms van die spoorlyn het dus tot vinnige dorpsuitbreiding gelei en teen 1894 was Bloemfontein reeds 'n taamlike groot dorp.[23] 'n Stadskaart van Bloemfontein in 1896 (figuur 31 op p. 251a) dui die grenslyne van Bloemfontein so aan: die straat vêrste noord was Waverleyweg, terwyl die westelike grens die huidige Eerstelaan in Westdene was. Die stasie en Waaihoek, saam met die verlenging van Waverleyweg om Naval Hill, het die oostelike grens gevorm. Die gebou vêrste suid was die sielsiekehospitaal[24] met 'n groot stuk oop grond tussen die hospitaal en die kaserne by die Queen's Fort, die naaste geboue in Kazernestraat[25] (kyk figuur 31).

Die dorpsingange het vanaf Bloemfontein se vroegste dae tot 1900 min verander. Wanneer na foto's van Bloemfontein in 1866 (toe nog 'n klein dorpie) gekyk word, loop daar duidelik veldpaaie in verskeie rigtings, onder meer na Colesberg, Winburg en Thaba Nchu.[26] Indien bogenoemde veldpaaie met 'n kaart van 1900 vergelyk word, vertoon die dorpsingange grootliks dieselfde.[27] Die hoofpad na Winburg is via die Henrystraat-ingang en -uitgang bereik, terwyl die pad van die spoorwegstoor die dorp via Charlesstraat ingekom het. Die pad na Thaba Nchu het vanaf die oostelike end van St. Georgestraat na Waaihoek geloop, waar dit ooswaarts weggedraai het.[28]

Voor 1900 was daar twee paaie uit Bloemfontein na Reddersburg en Colesberg. Die eerste pad het vanaf St. Georgestraat aanvanklik die Thaba Nchu-pad gevolg, waarna dit suidwaarts na Reddersburg geswaai het. Die ander een het vanuit Monumentweg (later Kerkstraat) suidwaarts geloop. Bogenoemde twee paaie het bymekaar aangesluit.[29] Die pad na Jagersfontein en Fauresmith het destyds vanuit Euniceweg, verby die sielsiekehospitaal in die

---

20 *De Express*, 19.8.1890, p. 5; *Daily Express*, 8.11.1890, p. 2; *The Friend*, 18.9.1891, p. 2 en 29.9.1891, p. 2.
21 Dit sluit nywerheidsbedrywe in (kyk hoofstuk 1).
22 Senekal, p. 99; Snyman, pp. 148-150.
23 VAB, A199: Fred Shaw, 'Historiese skets van Bloemfontein', p. 19.
24 Die latere Oranje-hospitaal. Kyk 10.4.3 *infra*.
25 NM, GD1255: "Generaal plan van de stad Bloemfontein, Dec. 1896".
26 K. Schoeman, *Bloemfontein in beeld*, foto's 1A-1C op die voorste skutblaaie en die foto's op pp. 1-5.
27 Africana Biblioteek, Johannesburg (hierna ABJ): General plan of the city of Bloemfontein compiled from the best available sources by Wood and Ortlepp, July 1900.
28 ABJ: General plan, 1900; *Daily Express*, 8.11.1890, p. 2.
29 *Daily Express*, 8.11.1890, p. 2; A.C. Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1989), p. 4.

suidwestelike rigting geloop en is vandag die pad met die ingang na Curielaan. Die pad na Kwaggafontein en Petrusburg het ook vanuit Euniceweg in ’n westelike rigting geloop, waar die ingang in Haldonweg vandag is. Die Kimberleypad is destyds via Henrystraat aan die noordwestelike grens van die dorp bereik, maar vandag word dit via Nelson Mandelaweg[30] bereik.[31]

Bloemfontein word omring deur heuwels soos Naval Hill, Sein- en Grantheuwel in die noorde, Spitskop in die weste en Brandkop in die suidweste. Agter hierdie heuwels strek vlaktes in alle rigtings, met net enkele lae koppies en bome hier en daar. Vanaf die stasie aan die oostekant van Bloemfontein het die vlakte tot by Thaba Nchu-berg gestrek.[32]



Figuur 33: Kaart van Bloemfontein en omgewing, ca. 1910, waarop die heuwels en koppies rondom die hoofstad aangedui word. Nasionale Museum, Departement Argeologie 1915/1: “Orange Free State, Bloemfontein. Surveyed by the Colonial Survey Section. R.E. 1910. Cadastral work compiled in Surveyor General’s Office, Bloemfontein, 1912. Engraved by Messrs. W. & A.K. Johnston Ltd. Edinburgh and printed at the War Office, 1913.”

---

30 Het voorheen as Voortrekkerstraat bekend gestaan.
31 ABJ: General plan, 1900; Groenewald, pp. 4-5.
32 VAB, A199: F. Shaw, “Historiese skets van Bloemfontein”, p. 14; Groenewald, p. 5.

2.2 Dorpsmeent en dorpsgrond

Die dorpsmeent was suid van die beboude gedeelte van die dorp en dit was verbode om op die meent te jag of vuurwapens af te vuur.[33] Op die dorpsgrond was die dorpskamp wat as weiveld vir die vee van Bloemfontein se inwoners gebruik is. Die dorpskamp is in 1890 met olyfpale en draad omhein, waarna inwoners ’n geringe fooi moes betaal om hulle vee daar aan te hou. Dit het verhoed dat die vee wegloop en dat transportryers hulle vee daar laat wei. Volgens regulasies kon elke inwoner tot tien stuks vee in die dorpskamp aanhou.[34] Teen die einde van 1892 is die omheining van alle dorpsgrond uiteindelik voltooi.[35]

2.3 Openbare ontspanningsterrein

In 1888 het die stadsraad, op versoek van die Bloemfontein-krieketklub,[36] ’n stuk grond op die hoek van Aliwal- en Zastronstraat aan die rand van die destydse dorp, beskikbaar gestel om as openbare ontspanningsterrein[37] (die “recreation ground” of “sport grond” of “plezier grond”) te dien[38] (kyk figuur 31 op p. 251a). Danksy die krieketklub se inisiatief, en in samewerking met die Bloemfontein-atletiekklub, is die stuk grond met draad omhein en met gruis[39] bestrooi, terwyl hulle ook die helfte van die koste van ’n klein pawiljoen deur insamelings onder die publiek befonds het.[40] In April 1889 is die nuwe sportterrein in gebruik geneem en teen Augustus 1890 was die hele terrein omhein, met ’n hek op die suidwestelike hoek.[41]

Omdat die Bloemfontein-krieketklub so baie gedoen het om die sportterrein op te gradeer, het hulle voorkeur geniet wanneer hul die terrein vir krieketdoeleindes benodig het. Die ander sportsoorte se lede was ongelukkig hieroor, aangesien dit as ’n openbare sportterrein geoormerk is. Die bestuur en versorging van die ontspanningsterrein was in die hande van drie trustees of kurators wat bestaan het uit die burgemeester en twee ander persone wat

---

33 *The Friend*, 20.11.1889, pp. 3-4; R. Badenhorst, “Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871” in *Memoirs van die Nasionale Museum* 12, April 1979, p. 13.
34 *Daily Express*, 21.7.1890, p. 3 en 14.8.1890, p. 3; *The Friend*, 20.11.1889, p. 3 en 4.6.1890, p. 3.
35 VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 4.
36 Die verskillende sportsoorte en sportklubs word in hoofstuk 5 in meer besonderhede bespreek.
37 Die latere Ramblers-sportterrein.
38 VAB, MBL1/1/1/5: goewermentsekr. – burgemeester van Bloemfontein, 26.11889, MBL3/1/2: *Mayor’s minute 1888-1889*, p. 1 en VAB, MBL3/1/4: *Burgemeestersverslag, 1895-1896*, p. 5.
39 Dit was waarskynlik die fyner berggruis wat tydens die Reitz-tydperk in Bloemfontein se tuine gebruik is en nie growwe blougruis met die groter klippe wat vandag algemeen gebruik word nie.
40 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute, 1888-1889*, p. 1; *The Friend*, 18.9.1889, p. 3, 6.11.1891, p. 2 en 21.2.1893, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 103.
41 *The Friend*, 10.4.1889, p. 3, 17.4.1889, p. 3; 21.5.1890, p. 3 en 22.8.1890, p. 3; M. Botes, “Die geklop van perdepote … Perdewedrenne en renbane in Bloemfontein”, *Culna* 57, 2002, p. 23.

onderskeidelik deur die krieketklub en die stadsraad verkies is, maar die grond het steeds aan die munisipaliteit behoort. In 1891 was dié trustees die burgemeester, dr. B.O. Kellner (1836-1918), A.W. Beck en J.G. Fraser (1840-1927).[42]

Die renbaan waar perdewedrenne gehou is, is ook na die nuwe ontspanningsterrein verskuif. In Desember 1890 het die OVS-wedrenklub ’n groot pawiljoen of “grand stand” van hout en sink by die renbaan laat oprig.[43] Die terrein het ’n goeie fietsrybaan gehad en die atletiekklub het ook van die ontspanningsterrein gebruik gemaak. Ander sportsoorte wat daar beoefen is, was onder meer sokker, boks, skerm, fietsry en stap.[44] Tydelike verversingstalletjies of -tente is tydens sportbyeenkomste op die renbaan en sportgrond opgerig waar onder meer wyn, bier en ander verversings te koop was.[45] In 1892 is die draadheining van die sportterrein met ’n gegolfde sinkplaat-heining vervang, wat verhoed het dat mense wat nie toegangsgeld betaal het nie, buite die heining na wedstryde kon staan en kyk.[46]

Geleidelik is die terrein verder opgegradeer en verfraai deur die plant van bome en struike, asook die aanbring van geskikte sitplekke vir toeskouers en ’n waterput met ’n windpomp. Met die stigting van die Ramblersklub in 1896 is die ontspanningsterrein onder beheer van dié klub geplaas en het dit dus voortaan as die Ramblers-sportklub bekend gestaan.[47]

2.4 Ander sportterreine

Behalwe die openbare sportterrein was daar ook enkele ander sportterreine wat deur bepaalde sportklubs gebruik is. Toe die Pirates-voetbalklub in 1893 vir ’n stuk grond agter die Tweetoringkerk aansoek doen, is hulle toegelaat om dit as sportveld te gebruik, op voorwaarde dat dit in munisipale besit bly.[48]

Ook die Spoorweginstituut[49] het in 1895 op dieselfde voorwaarde toestemming gekry om ’n stuk grond naby die Spoorwegkamp[50] te omhein en as ontspanningsterrein te gebruik.[51]

---

42 *The Friend*, 6.11.1891, p. 2, 10.11.1891, p. 2, 16.12.1892, p. 3, 3.3.1893, p. 3 en 16.8.1895, p. 2.
43 VAB, OR56: *Burgemeestersverslag 1891-1892*, p. 2, *Daily Express*, 1.11.1890, p. 2; *De Express*, 4.11.1890, p. 3 en 23.12.1890, p. 3. Vergelyk ook Botes, p. 23.
44 *The Friend*, 2.6.1891, p. 2 en 21.2.1893, p. 3; W.A. Wright, *The Bloemfontein pictorial*, p. 53.
45 *Daily News*, 6.2.1890, p. 3; *De Express*, 16.12.1890, p. 4. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 53.
46 *The Friend*, 22.1.1892, p, 2; 26.2.1892, p. 2 en 4.3.1892, p. 2.
47 VAB, OR56: *Mayor’s minute, 1892-1893*, p. 3; MBL3/1/4: *Burgemeestersverslag, 1895-1896*, p. 5; *The Friend*, 2.9.1892, p. 3.
48 *The Friend*, 7.10.1892, p. 3 en 17.3.1893, p. 3.
49 Kyk 12.3.4.2 *infra*.
50 Die latere voorstad Hilton, waar die spoorwegwerkers gewoon het. Kyk afdeling 11.1 *infra*.
51 *The Friend*, 8.2.1895, p. 3.

Die terrein van die Spoorweginstituut word op kaarte as die *Recreation Ground* suid van die skouterrein in die Spoorwegkamp aangedui (kyk figuur 31 op p. 251a) en was tussen die spoorlyn na Pretoria en die ou Brandfort-pad, dit wil sê naby die latere Schoemanpark-sportterrein, geleë.[52]

In 1890 het die Bloemfonteinse landbougenootskap ’n versoek gerig om Baumannplein as skouterrein te gebruik. Omdat pleine en groen spasies noodsaaklik is vir inwoners se gesondheid, het die stadsraad ’n ander stuk grond aan die genootskap beskikbaar gestel.[53] Die tentoonstellingsterrein waarop besluit is, was in die middel van die Spoorwegkamp aan die oostekant van Bloemfontein, tussen Blignaut-, Breëstraat en Glenweg geleë[54] (kyk figuur 31).

In 1892 is die skougrond met gegolfde sink omhein terwyl ’n wolskuur van sink (45 m x 12 m) ook opgerig is. Die wolskuur is vir tentoonstellings sowel as vir die verkoop van wol gebruik. Omdat dit naby die spoorlyn en stasie geleë was, kon wol en ander uitstalgoedere maklik soontoe vervoer word, veral met die beoogde kort sylyn na die terrein. ’n Spesiale sirkelvormige baan is in die middel van die skouterrein aangebring waar perde ten toon gestel kon word.[55] In Maart 1892 het die eerste landbouskou op bogenoemde terrein plaasgevind en daarna was dit ’n jaarlikse gebeurtenis, terwyl sportsoorte soos rugby en krieket ook hier beoefen is. Toe die skouterrein in 1905 na die huidige terrein naby Curielaan verskuif is, is die Brebner-skool op die voormalige tentoonstellingsterrein opgerig.[56]

2.5 Pleine

Met die uitleg van Bloemfontein is daar vir ’n aantal oop ruimtes of pleine voorsiening gemaak wat in die 1890’s steeds bestaan het. Genoemde oop ruimtes was volgens die stadsvaders noodsaaklik vir die inwoners se gesondheid[57] en het as “a sort of lungs for the town” gedien.[58] Die oop ruimte oorkant die presidentswoning op die hoek van St. George- en President Brandstraat het as **Presidentsplein** bekend gestaan. Met die bou van die eerste NG Kerkie[59]

---

52 ABJ: “General plan”, 1900; Groenewald, p. 11.
53 *Daily News*, 10.2.1890, p. 3; *Daily Express*, 1.11.1890, p. 3.
54 VAB, Kaartversameling 2/664: “Supplementaire plan van de stad Bloemfontein. Bovenstaande erven in December 1894 gemeten door mij A. Ortlepp, Gouvts. Landmeter”; OR56: *Burgemeestersverslag 1889-1890*, p. 6.
55 *The Friend*, 2.2.1892, p. 2, 19.2.1892, p. 2, 23.2.1892, p. 3, 26.2.1892, p. 2 en 4.3.1892, p. 4.
56 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 175, 187, 201; Groenewald, pp. 10-11.
57 *Daily News*, 10.2.1890, p. 2.
58 *The Friend*, 9.10.1889, p. 3. Later is geboue op die meeste van dié pleine opgerig.
59 Die bekende Tweetoringkerk het die eerste NG Kerkie in 1880 vervang.

aan die bopunt van Kerkstraat in 1848 is ’n **Kerkplein** aangelê waar boere tydens nagmaal en handelsbesoeke aan Bloemfontein hul waens kon uitspan.[60]

Baumannplein is geleë tussen Charles-, Henry- en Oos-Burgerstraat naby die stasie (kyk figure 31 en 32 op pp. 251a en 251b) en is na Isaac Baumann,[61] een van Bloemfontein se bekende inwoners, vernoem. Baumannplein[62] was aanvanklik nie veel meer as ’n oop stuk grond en uitspanplek vir boere nie wat in reënweer “een schandalig gezicht oplevert”,[63] maar in 1889 is die dreinering van dié plein baie verbeter, terwyl daar ook twee waterputte op dié plein was.[64] **Hospitaalplein**[65] in Hospitaalweg[66] is waarskynlik só genoem omdat dit oorkant die Volkshospitaal[67] geleë was.

Wardenplein, geleë tussen Aliwal-, Charles-, Wes-Burger en Henrystraat (kyk figure 31 en 32), is na maj. H.D. Warden, die stigter van Bloemfontein, vernoem.[68] Teen Mei 1893 was Wardenplein omhein en is daar ’n aantal bome en blomme geplant wat natgelei is met water wat uit ’n put op dié plein gepomp is. In 1894 is ’n voltydse tuinier aangestel om die plein te versorg. Bloemfontein se inwoners het begin om dié mooi plein vir ontspanning en wandelings te gebruik, terwyl daar ook tennisbane op Wardenplein was.[69]

Markplein[70] was die middelpunt van Bloemfontein en het van vroeg af reeds ’n belangrike rol op handelsgebied gespeel, aangesien boere hulle waens vol produkte hierheen gebring het om te verkoop en die belangrikste besighede ook rondom Markplein geleë was. ’n Put is op Markplein gegrawe wat die besighede daar van water voorsien het.[71] Die weeklikse en

---

60 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 7, 159. In die 1950’s is die landdroskantoor op Presidentsplein gebou.

61 Kyk hoofstuk 2 vir meer inligting oor Bloemfontein se inwoners.

62 In 1925 is Bloemfontein se nuwe markgebou op Baumannplein opgerig. Dié markgebou bestaan nog en huisves vandag verskeie besighede.

63 *The Friend*, 29.3.1892, p. 2.

64 VAB, MBL3/1/2: Mayor’s minute, 1888-1889, p. 1; *The Friend*, 16.9.1892, p. 3.

65 Hospitaalplein is later na A.E. Viljoenplein herdoop. Groenewald, p. 9. Dié plein is vandag steeds ’n oop ruimte. <Google earth>, geraadpleeg 25.4.2012.

66 Hospitaalweg is later na Andries Pretoriusstraat herdoop en staan tans as Raymond Mhlabastraat bekend.

67 Kyk afdeling 10.4 *infra* vir meer besonderhede oor Bloemfontein se hospitale.

68 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 97. Vir meer besonderhede oor Warden en die stigting van Bloemfontein, kyk hoofstuk 1. Vandag staan die Nasionale Museum op die westelike helfte van Wardenplein, terwyl die Bloemfonteinse openbare biblioteek op die oostelike helfte van dié plein opgerig is.

69 *The Friend*, 16.9.1892, p. 3, 9.5.1893, p. 3, 2.1.1894, p. 2, 16.3.1894, p. 2, 4.9.1894, p. 2 en 21.12.1894, p. 3.

70 Kyk figure 31 en 32. In 1925, toe die mark na die nuwe gebou op Baumannplein verskuif het, is Markplein na Hoffmanplein herdoop.

71 VAB, GS192: sekretaris, OVS Kamer van Koophandel − burgemeester en stadsraad, 21.7.1891; H.S. Schuur, “Those were the days in ‘Old Bloemfontein’ ”, *The Friend*, 18.2.1954, p. 7.

latere daaglikse oggendmark is hier gehou en in die loop van jare is verskeie markgeboue op Markplein opgerig.[72]

Omdat Markplein na swaar reën in ’n groot modderpoel verander het, is dit in 1889 en 1890 gelykgemaak, verhard en gegruis, maar twee jaar later was daar klagtes oor die “vuile toestand” van Markplein.[73] In 1895 is twee groot slote op Markplein opgevul, terwyl stormwaterslote ook op die plein aangebring is om reënwater weg te voer.[74] Daar was so min bome op Markplein dat ’n Nederlandse besoeker, S. Kalff, dit as “eene uitgestrekte en eveneens schaduwlooze zandvlakte, waar tal van ossewagens stonden uitgespannen ...” beskryf het.[75] ’n Ander Nederlandse besoeker, J.A. Wormser, het Markplein beskryf as “een verbasend groote, zanderige, schaduwlooze uitgestrektheid, waar het heel levendig kan toegaan”.[76] In die 1890’s het Markplein ’n deftiger status begin kry nadat dit deur ’n aantal statige geboue, soos die nuwe poskantoor, Bloemfontein-klub en Mutual-gebou, omring is.[77]

2.6 Begraafplase

Die eerste begraafplaas in Bloemfontein, wat vandag as die President Brand-begraafplaas bekend staan, is in die destydse Monumentweg op Fortheuwel geleë. Tydens die besoek van Robert Gray (1809-1872), Anglikaanse biskop van Kaapstad, aan Bloemfontein in 1850 het hy die wydingsplegtigheid van dié begraafplaas op die hoek van die huidige Kerk- en Presidentstraat waargeneem. Daar was toe reeds 40 grafte, insluitend dié van ’n aantal Britse soldate. In die 19de eeu is die begraafplaas beskryf as ’n terrein beplant met bome (veral peperbome) en blomme soos minjonet, heliotroop en amarante wat oor die grafte gegroei het. Hierdie begraafplaas is deur alle kerkdenominasies, asook vir militêre begrafnisse gebruik, maar slegs blankes is hier begrawe. In dié begraafplaas is pres. Reitz se voorganger, J.H. Brand (1823-1888), wat in Julie 1888 in Bloemfontein oorlede is, ook ter ruste gelê.[78]

---

72 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute, 1888-1889*, p. 3, Schuur, “Those were the days in ‘old Bloemfontein’ ”, p. 7. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 98. Kyk 12.3.7.1 *infra* vir meer besonderhede oor die markgeboue.

73 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute, 1888-1889*, p. 3; OR56: *Burgemeestersverslag, 1889-1890*, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 9.10.1889, p. 3, 9.9.1890, p. 2 en 11.12.1891, p. 2.

74 *The Friend*, 12.2.1895, p. 3, 1.3.1895 en 21.5.1895, p. 3.

75 Kalff, *Onder een worstelend volk*, p. 58; *The Friend*, 21.4.1893, p. 3.

76 J.A. Wormser, *Van Amsterdam naar Pretoria: Acht maanden in Zuid-Afrika*, p. 90.

77 Kyk afdeling 12.3 *infra* vir meer inligting oor die geboue tydens die Reitz-tydperk.

78 M. Venter, *President Brand-begraafplaas, Bloemfontein*, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 4, 16-17, 102.

Agter die Tweetoringkerk, naby die spruit waar Alexandraweg vandag loop, was daar ’n kleiner begraafplaas vir blanke lidmate van die NG Kerk.[79] In 1892 was hier sowat 48 grafte (36 volwassenes en 12 kinders). Toe Bloemfontein na die noorde begin uitbrei het, is die NG Kerk-begraafplaas in 1893 ontruim toe die stoflike oorskot opgegrawe en in die Fortheuwel-begraafplaas herbegrawe is.[80] *The Friend* het hieroor berig: “De opgraving lokt vele nieuwsgierigen.”[81]

Die algemene begraafplaas op Fortheuwel is in blokke verdeel en elke denominasie het sy eie gedeelte gehad.[82] Met die dood van sy babaseun, Louis, in 1871 het Isaac Baumann, bekende Joodse inwoner van Bloemfontein, ’n stuk grond langs die Anglikaanse deel van die Monumentweg-begraafplaas gekoop en dit met traliewerk omring. Dit was die eerste Joodse begraafplaas in die Vrystaat.[83] ’n Ou inwoner van Bloemfontein, C.J. Carroll, vertel in sy herinneringe dat sy moeder verantwoordelikheid aanvaar het vir die instandhouding van die Rooms-Katolieke deel van die begraafplaas. Sy het geld vir die bou van ’n ringmuur ingesamel en daarvoor gesorg dat pragtige blomme rondom die grafte geplant is.[84]

Die begraafplaas is van tyd tot tyd vergroot, soos benodig. In 1890 was die gedeelte vir behoeftiges vol en is ’n nuwe stuk grond vir die teraardebestelling van armes deur die stadsraad beskikbaar gestel. ’n Nuwe gedeelte van die begraafplaas is dus met behulp van bandiete uitgelê en gegruis.[85] Alle kerke moes ’n jaarlikse bydrae lewer om die begraafplaas in stand te hou. Die Anglikaanse Kerk se gedeelte van die begraafplaas is ook in 1890 vergroot en in September van dieselfde jaar het die biskop van Bloemfontein, George Knight-Bruce (1853-1896), die wydingsplegtigheid van die nuwe gedeelte waargeneem.[86]

Hoewel daar reeds in 1868 ’n steenmuur met hekke om die begraafplaas aangebring is, het dele van die muur later ingeval. Diere het in die begraafplaas rondgedwaal, terwyl vandale skade aan die grafte aangerig het. Eers in 1882 is ’n opsigter of kurator vir dié begraafplaas

---

79 J. Wood, “Some reminiscences of old Bloemfontein, *The Friend*, 16.2.1946, p. 5; Venter, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 11. Volgens Martie Venter was die begraafplaas vermoedelik geleë waar die park aan die bopunt van Hillstraat vandag geleë is.

80 *The Friend*, 19.8.1892, p. 3, 8.11.1892, p. 2, 11.11.1892, p. 2 en 10.2.1893, p. 2.

81 *Ibid*., 10.2.1893, p. 2.

82 *Daily Express*, 29.4.1890, p. 2; *The Friend*, 19.2.1890, p. 2 en 29.3.1892, p. 3.

83 S. Leviseur, *Memories* (red. K. Schoeman), p. 49; S. Aronstam, *Address: South African Jewish Communities, Bloemfontein*, p. 2, <http://www.jewishgen.org/safrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 5.11.2010.

84 C.J. Carroll, “Bloemfontein in bygone days”, *The Friend*, 5.4.1927, p. 8.

85 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s Minute 1888-1889*, p. 7; *Daily News*, 22.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 5.5.1890, p. 2.

86 *Daily Express*, 23.5.1890, p. 3, 7.6.1890, p. 2 en 30.8.1890, p. 2.

aangestel. In 1895 is daar vir die eerste keer ook ’n ordentlike register van die grafte opgestel, wat heelwat verwarring voorkom het.[87]

Toestande in die Monumentweg-begraafplaas was swak aangesien die grafte te vlak was, met die gevolg dat die reuk van ontbindende lyke oor die omgewing gehang het. Omdat lae lei- en soliede klip van ongeveer 4½ voet (1,37 m) tot 6 voet (1,8 m) onder die grondoppervlak voorgekom het, was dit nie moontlik om die grafte veel dieper te grawe nie. Aangesien grafte soms na ’n aantal maande oopgemaak is om nog ’n lyk bo-op te begrawe, het dit toestande vererger.[88] Omdat die Monumentweg-begraafplaas reeds sedert die stigting van Bloemfontein in 1846 in gebruik was en ’n groot aantal Britse soldate ook na die Britse besetting van Bloemfontein in Maart 1900 in dié begraafplaas begrawe is, het die begraafplaas vol geword. Daarom is die Monumentweg-begraafplaas in Oktober 1901 gesluit en ’n nuwe begraafplaas suid van die dorp aangelê.[89]

Swart mense wat in die vroegste jare na Bloemfontein se ontstaan in ’n lokasie aan die voet van Seinheuwel gewoon het,[90] het hulle ontslapenes noord van die huidige Kellnerstraat, min of meer halfpad tussen Ramblers en Eerstelaan, begrawe.[91] Tydens ’n mondelinge geskiedenisprojek in Batho[92] is vasgestel dat die gestorwenes van die historiese nie-blanke woonbuurt Waaihoek op ’n stuk grond tussen die huidige Fort Hare- en Lovedalestraat in Batho begrawe is. Verskeie informante het bevestig dat dit Waaihoek se ou begraafplaas was. Dit is vandag nog ’n oop stuk grond met heelwat klippe, hoewel geen grafstene gevind is nie.[93] Die burgemeestersverslae van 1888-1889 en 1895-1896 meld dat daar ’n begraafplaas vir swart en bruin mense suidoos van die destydse dorp was, waarvan ’n gedeelte van die grond aan die Anglikaanse Kerk afgestaan is om hulle nie-blanke lidmate te begrawe.[94] Volgens Groenewald was dié begraafplaas tussen die huidige Memoriamweg en die Hamilton-skietbaan. In 1895 het die stadsraad ’n stuk grond langs die nie-blanke begraafplaas aan die Lutherse sendinggemeente geskenk vir die grafte van hulle swart en bruin gemeentelede.[95]

---

87 *The Friend*, 21.9.1894, p. 2, 18.1.1895, p. 3 en 3.9.1895, p. 3; Venter, pp. 3-4.
88 VAB, MBL3/1/6: *Burgemeestersverslag, 1897-1898*, pp. 33-34.
89 Venter, pp. 4-5; Groenewald, p. 39.
90 Dié woonbuurt het later verdwyn.
91 *Die Volksblad*, 5.9.1980, p. 7; Leviseur, p. 11.
92 Batho is tans Bloemfontein se oudste bestaande swart woongebied en inwoners van Waaihoek is sedert 1918 na Batho verskuif (kyk figuur 30 op p. 251).
93 Mondelinge onderhoud, mnr. Derek du Bruyn, oral historian. Nasionale Museum, Bloemfontein, 11.11.2011.
94 VAB, MBL3/1/2, *Mayor’s Minute, 1888-1889*, p. 7; MBL3/1/4: *Burgemeestersverslag, 1895-1896*, p. 3.
95 VAB, MBL3/1/4: *Burgemeestersverslag, 1895-1896*, p. 3; Groenewald, p. 38.

3 Watervoorsiening

3.1 Inleiding

Toe Johan Nicolaas Brits en later maj. Henry Douglas Warden hulle in die 19de eeu op die plaas Bloemfontein kom vestig het,[96] het die omgewing van die fontein en Bloemspruit heeltemal anders daar uitgesien as vandag. Noord van Brits se hartbeeshuisie[97] was ’n groep heuwels[98] waaruit ’n dolerietrantjie suidwaarts geloop het en dan ooswaarts gedraai het, tot by die hoogte waarop Queens Fort[99] in 1849 opgerig sou word. Wes van hierdie dolerietrantjie was ’n groot vlei, dig begroei met lang, digte gras, biesies en fluitjiesriet, waardeur verskeie spruite geloop het. Reënwater het in die vlei opgedam. Die grootste twee spruite het hulle ontstaan in die omgewing van Brandkop en in die Tempeheuwels in die noordweste gehad, waarna hulle bymekaar aangesluit en weer verdeel het om ’n aantal eilande te vorm. Op een van hierdie eilande, min of meer waar die gedenksuil vandag in die gekanaliseerde Bloemspruit staan, het die sterk, standhoudende fontein waaraan Bloemfontein sy naam te danke het, deur ’n swak plek of kraak in die doleriet opgeborrel.[100]

Die dolerietrantjie het as ’n soort keer- of damwal gefunksioneer waardeur die vlei se water onder die oppervlakte opgedam het, maar na baie reën het water na die oppervlakte begin deursyfer en diep watergate het in die vlei ontstaan wat geleidelik ’n pad begin oopspoel het om ’n spruit te vorm. Die spruit het dus vanuit die weste met kronkels en draaie ooswaarts deur die dorp geloop[101] (kyk figure 31 en 32, pp. 251a en 251b) totdat dit die Renosterspruit en uiteindelik die Modderrivier oos van Bloemfontein bereik het. Buiten die spruit het inwoners ook water van die fontein, waterputte en watertenks verkry.[102]

3.2 Fonteine en watervore

In 1846 het die stigter van Bloemfontein, maj. Warden, besluit om sy residensie of woonhuis langs die standhoudende fontein en spruit, ongeveer 300 m suidoos van die huidige Presidensie

---

96 Kyk hoofstuk 1.
97 Dit was op die terrein waar die Presidensie vandag staan.
98 Die grootste van hierdie heuwels staan as Seinheuwel bekend (kyk figuur 33 op p. 253).
99 Kyk afdeling 12.3.6.1 *infra*.
100 AREA, PV522/2/1/3: Roberts, *History of the Bloem Fontein*, pp. 1-6; VAB, A566/134: “Address to be given to ‘Rotary’ on 8 March 1957 by W. Rhodes-Harrison”, pp. 2-3.
101 Bloemspruit is eers na die groot vloed van 1904 gekanaliseer en reguit gemaak.
102 AREA, PV522/21/3/: Roberts, *History of the Bloem Fontein*, pp. 2-5; *The Friend*, 24.11.1891, p. 3. Vergelyk ook M.C.E. van Schoor en J.J. Oberholster, “Die fontein van Bloemfontein: voorstelle vir ’n monument”, *Historia* 5(3), September 1960, p. 169.

Museum, te bou omdat daar voldoende water was.[103] Hoewel Bloemfontein sy naam van voorgenoemde fontein verkry het, was dit nie die enigste fontein in die omgewing nie. Daar was nog ’n fontein naby die residensie, die “Park Springs”,[104] en ’n derde een aan die suidoostekant van die dorp by die latere swart woonbuurt Kafferfontein. Ofskoon water uit laasgenoemde twee fonteine ook deur die inwoners gebruik is, was die “Bloem Fontein” steeds die sterkste fontein wat ook die spruit gevoed het. [105]

Die oorspronklike plaaseienaar, J.N. Brits, het ’n watervoor van die “Bloem Fontein” af na sy tuin gegrawe om water daarheen te lei. Met die koms van Warden en sy garnisoen het Brits gehelp om die leivoor ooswaarts te verleng na die militêre kamp onder die latere Fortheuwel. Die watervoor het dus deur die tuin van die latere Presidensie en die watererwe naby die spruit geloop.[106] Deur ’n grondwal ongeveer 330 voet (100 m) benede die fontein in die spruit te bou, is ’n klein reservoir, bekend as “Major Warden’s dam”, gevorm waaruit water via die watervoor ooswaarts gelei kon word.[107] In tye wanneer water volop was, is eienaars van watererwe naby die spruit toegelaat om hulle tuine volgens vasgestelde beurte met fonteinwater via die watervoor nat te lei.[108]

Die eens digte plantegroei van die vlei rondom die “Bloem Fontein” en spruit is geleidelik deur gebruik van mense en oorbeweiding deur hulle vee beskadig en slote is in die grond uitgespoel. Mettertyd het die vroeëre waterryke vlei, wat die spruit en fontein gevoed het, al hoe droër geword en kon nie meer water absorbeer nie omdat reënwater weggespoel het. Die fontein het dus al hoe swakker gevloei.[109]

In die Reitz-tydperk is die watervoor met klippe uitgeplavei en vroeg in 1891 is ingevoerde ysterpype in die watervoor gelê om fonteinwater na die watererwe in St. Georgestraat en Douglasstraat te lei.[110] Krane is hier en daar in die pypleiding aangelê en

---

[103] Kyk hoofstuk 1 vir meer besonderhede.

[104] Hierdie fontein was waar die latere Victoriapark aangelê is. Snyman, p. 173. Die parkfontein het geleidelik al hoe minder water gelewer en in droogtetye blykbaar heeltemal ophou vloei. VAB, MBL7/1: koerantknipsel: Brief van M.B. Inst. C.E., ca. 1885.

[105] VAB, MBL7/1: koerantknipsel: Brief van M.B. Inst. C.E., ca. 1885; M.J. Boon, *The history of the Orange Free State*, p. 199; Snyman, p. 173. Sommige van Boon se inskrywings moet in ander bronne geverifieer word, want hy was baie hatig op die Vrystaat. Bostaande feite kon wel geverifieer word.

[106] M. Bidwell, *Pen pictures of the past* (red. K. Schoeman), p. 53.

[107] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 3.

[108] Bidwell, p. 53.

[109] *The Friend*, 17.4.1889, p. 6.

[110] VAB, A566/134: “Address to be given to ‘Rotary’ on 8 March 1957 by W. Rhodes-Harrison”, p. 4; *Daily Express*, 9.10.1890, p. 2 en 13.11.1890, p. 3. Vergelyk ook AREA, PV522/21/3/: Roberts, *History of the Bloem Fontein*, pp. 6-8, 10-11; *The Friend*, 12.3.1890, p. 3 en 10.10.1890, p. 4.

fonteinwater is dus ook vanaf die krane na die huise aangedra.[111] Noël Roberts skryf in sy herinneringe:

> This is as we children knew Bloemfontein: – The perpetual noisy gathering of native servants at the water taps and in the streets; maids with balanced buckets of water on their heads and boys with characteristic bent kneed [*sic*], swinging gate with two filled buckets suspended by wire or chains with hooks from the ends of a shoulder bar. [...] Water carrying was then a feature of town life. Alternatively little barrels were trundled or drawn like rollers back and forth for the day's supply of water.[112]

Die "Bloem Fontein" was die dorp se belangrikste en aanvanklik die enigste bron van water. Ten spyte daarvan dat fonteinwater langs die watervoor na die watererwe gelei is, was daar steeds 'n sterk stroom water wat van die fontein langs die spruit afgestroom het.[113] Aangesien die fontein deur menslike gebruik besoedel is, is daar in 1864 'n geboutjie oor die fontein opgerig om dit te beskerm. Water is uit 'n opening aan die basis van die struktuur uitgelaat. Later is die fontein omhein en 'n oop sementtenk is in die spruitbed langs die fontein aangebring en met fonteinwater gevul. Inwoners en bediendes kon uit die sementtenk water vir huishoudelike gebruik skep.[114] In 1891 is 'n beroep op die stadsraad gedoen om die pad na en rondom die fontein met klippe te plavei omdat die grond rondom die fontein baie glad en 'n modderige pappery was.[115]

3.3 Spruite

Die groot spruit wat deur Bloemfontein gekronkel en die dorp in twee gedeel het, was net so 'n kenmerkende deel van die Vrystaatse hoofstad soos die fontein vanwaar die dorp sy naam verkry het. Reeds in 1891 is daar van "the Bloemspruit" melding gemaak.[116] Daar was ook 'n kleiner spruitjie, blykbaar in die omgewing van die huidige Alexandrastraat, wat naby die stasie by Bloemspruit aangesluit het.[117]

---

[111] AREA, PV522/21/3/: Roberts, *History of the Bloem Fontein*, p. 18; Snyman, p. 170.
[112] AREA, PV522/21/3/: Roberts, *History of the Bloem Fontein*, p. 18.
[113] Openbare Biblioteek, Bloemfontein (hierna OBB), 9/78/4155: Talk by Mrs. Sophie Leviseur, p. 13.
[114] G. Baumann, "Recollections. Personal Reminiscences of the Orange Free State. Village of Bloemfontein", *The Friend*, 10.11.1911, p. 4; J. Wood, p. 5. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein,* pp. 49, 118.
[115] *The Friend*, 8.9.1891, p. 3.
[116] *Ibid*., 20.11.1891, p. 2.
[117] H. Schuur, "Quiet, peaceful days when one could dream", *The Friend*, 19.2.1954, p. 14.

Volgens Maude Bidwell het die omgewing van Bloemspruit voor die groot vloed van 1904 ’n skilderagtige voorkoms gehad, aangesien wilgerbome op die oewers van die spruit geplant is en daar aanvanklik houtbrûe met handrelings oor die spruit gespan was. Gras het op die walle en in die bedding van die spruit gegroei.[118]

Tog was bogenoemde idilliese prentjie nie die volle waarheid nie. Die spruit se water was dikwels vuil omdat seuns in die spruit geswem en inwoners hulle vullis daarin gegooi het. Aanvanklik is inwoners se klere ook deur swart vroue in poele van die spruit gewas. Dooie en verrottende diere (veral honde en katte) het soms weke lank in die spruit gelê.[119] Daar was kort-kort klagtes oor die vuil en onhigiëniese toestand van die spruit en in 1892 is selfs vermeld dat varke in die stinkende water van die spruit rondvroetel en dit verder besoedel. Dit is dus geen wonder dat die inwoners siek geword het wanneer hulle die spruit se water gedrink het nie. ’n Hewige reënbui het darem so nou en dan die spruit weer skoon gespoel.[120]

Omdat die vleigebied rondom die fontein en spruit weens oorbenutting en oorbeweiding beskadig is, het reënwater alles na die spruit afgespoel.[121] Gevolglik het vloedwaters reeds so vroeg as 1874 na swaar reën hoër op in die Tempe-heuwels in die spruit afgestroom. Die stormwater se krag was so groot dat die spruit vir homself ’n nuwe pad uitgespoel het sodat dit naby die latere Victoriapark verbygeloop het.[122] Wanneer die spruit sy oewers oorstroom en die stormwater die houtbrûe weggespoel het, soos in 1874 en 1891, was mense en rytuie soms aan een kant van die spruit gestrand en heelwat skade is aangerig.[123] Soms het rytuie en diere wat dit op die brûe of naby die spruit gewaag het terwyl dit in vloed was, ook weggespoel.[124] Van tyd tot tyd het die stadsraad verbeterings aan die spruit aangebring, soos in 1889 en in 1890 toe dele van die spruit met klip geplavei en gate in die spruitbedding opgevul is.[125]

---

[118] *Ibid*., 20.1.1893, p. 3; Bidwell, p. 53. Vergelyk ook Baumann, p. 4.
[119] OBB, 9/78/4155: Talk by Mrs. Sophie Leviseur, p. 14; *The Friend*, 22.1.1890, p. 3, 27.10.1891, p. 3 en 15.1.1892, p. 2. Vergelyk ook Leviseur, *Memories*, p. 28.
[120] “Walks about Bloemfontein, IV – The dam”, *De Express*, 10.8.1882, p. 3; *The Friend*, 11.9.1889, p. 3, 17.11.1891, p. 3, 15.1.1892, p. 2 en 13.12.1895, p. 2. Kyk hoofstuk 3 vir meer besonderhede oor die siektes in Bloemfontein.
[121] Kyk afdeling 3.2 *supra*.
[122] AREA, PV522/21/3/: Roberts, *The Bloemfontein*, pp. 21-22; *The Friend*, 20.11.1891, p. 2. Vergelyk ook Van Schoor en Oberholster, p. 172.
[123] *The Friend*, 20.11.1891, p. 2.
[124] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, pp. 2, 4; *The Friend*, 3.2.1891, p. 3. Vergelyk ook Leviseur, *Memories*, pp. 28-29 en Bidwell, p. 53.
[125] VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute, 1888-1889*, p. 2; *The Friend*, 28.8.1889, p. 4. Vergelyk ook *Daily Express*, 24.6.1890, p. 3 en 11.7.1890, p. 2.

In droogtetye was die voorkoms van die spruit bedrieglik, omdat dit dikwels net ’n dun stroompie water was of die spruitbedding selfs heeltemal droog was. Omdat die laaste groot vloed in 1874 was, het inwoners en veral nuwe intrekkers nie altyd besef hoe gevaarlik die spruit kon wees wanneer dit in vloed is nie. Veral namate die dorp meer en meer uitgebrei het, het van die inwoners rondom Bloemspruit begin om hulle huise en besighede al hoe nader aan die spruit te bou, ten einde alle moontlike grond te benut. Daar was geboue op die bank van die spruit en sommige geboue en tuinmure het selfs tot in die bedding van die spruit gestrek.[126]

In November 1891 het ’n hewige reënstorm[127] Bloemfontein getref en binne ’n uur is 3½ duim (89 mm) in die hoofstad gemeet. Die spruit het in volle vloed afgekom, sy walle vêr oorstroom en die stormwater het alles uit sy pad gevee. Huise, besighede en ander eiendom, asook tuine, voorrade, meubels, klere en ander besittings, het weggespoel of is erg beskadig. Al drie houtbrûe oor die spruit, asook rytuie, is weggespoel, terwyl vee, pluimvee en huisdiere deur die vloedwater meegesleur is. Stormwater het ook gruisstrate in die nabyheid van die spruit beskadig en wilgerbome ontwortel. Blykbaar is geen menselewens deur die vloed geëis nie, hoewel ’n aantal inwoners naelskraap van verdrinking ontkom het. Daar was ook vrese dat die groot dam suidwes van die Presidensie sou breek, maar gelukkig het die damwal gehou. Sóveel skade is aan eiendom en lewende hawe aangerig dat inwoners versoek is om bydraes te maak om die ongelukkige slagoffers van die vloed te help.[128]

Volgens ’n bekende siviele ingenieur van die tyd, ene maj. Robertson, het die feit dat inwoners so naby aan die spruit gebou het en dat mure op sommige plekke tot in die spruitbedding gestrek het, hindernisse in die pad van die vloedwater geplaas, sodat water plek-plek opgedam het en die spruit se oewers oorspoel het. Omdat die spruitbodem by die vier driwwe opgevul is, het water ook teen ’n hoër vlak in die strate opgestoot en meer skade as voorheen veroorsaak.[129]

Ná die 1891-vloed is die spruit breër en dieper gemaak en dele is met klip geplavei en reguit gemaak om toekomstige skade deur vloedwater te probeer voorkom.[130] Om te verhoed dat inwoners weer te naby aan die spruit bou of tuinmaak, is dele van private eiendom naby die spruit onteien. Die spruit is deeglik skoongemaak en omhein, terwyl die walle van die spruit

---

[126] *The Friend*, 20.11.1891, pp. 2-3.
[127] Dit was waarskynlik ’n wolkbreuk en een van die ergste reënstorms wat die hoofstad sedert sy ontstaan in 1846 getref het.
[128] *The Friend*, 20.11.1891, pp. 2-3.
[129] *Ibid*.
[130] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, pp. 2, 4; *Mayor’s minute, 1892-1893*, pp. 2-3. Vergelyk ook *The Friend*, 8.4.1892, p. 3, 20.5.1892, p. 3, 19.8.1892, p. 2 en 4.11.1892, p. 3.

met klippe opgebou is. Vroeg in 1892 is daar ook ’n kanaal of watervoor agter die fort gemaak om oorvloedige stormwater van die spruit weg te lei.[131]

Selfs wanneer Bloemspruit nie in vloed was nie, was daar soms ook ongelukke by die spruit, veral omdat kinders dikwels in die spruit gespeel het. In 1889 het ’n swart seuntjie amper in die spruit verdrink toe die stroom hom meegesleur het. In 1892 word gemeld dat ’n dogtertjie byna verdrink het toe sy in ’n diep gat vol water in die spruitbedding geval het. In 1895 het ’n vrou op pad na ’n byeenkoms van die Spoorweginstituut in die spruit geval. Sy het 12 voet (3,6 m) vêr geval en skok en ernstige kneusplekke opgedoen.[132]

3.4 Waterputte en boorgate

Daar was ook verskeie openbare en private waterputte in Bloemfontein, maar wanneer dit min gereën het, het sommige van die putte heeltemal opgedroog of was soggens vroeg al leeg getap.[133] Aanvanklik is water met behulp van emmers en ’n windas uit openbare putte verkry, maar teen die 1890’s was die meeste openbare putte reeds van ysterpompe voorsien. By die waterput op die ontspanningsterrein is selfs ’n windpomp aangebring, wat nie ’n groot sukses was nie.[134] Swart werkers en bediendes het daagliks water met emmers by die fontein of by openbare putte gaan haal en in ’n groot houtvat met koperhoepels, wat gewoonlik in elke blanke huis op ’n bankie gestaan het, gegooi. Water vir huishoudelike gebruik is dan in die watervat gestoor.[135]

Daar was onder meer openbare waterputte op Baumannplein, op Markplein, op die sport- of ontspanningsterrein, een aan die oostelike kant van St. Georgestraat oorkant die ou tronk, een op die hoek van St. Georgestraat en Monumentweg, een voor die presidentswoning en een in Gordonstraat. Die put op Markplein het blykbaar nooit opgedroog nie. Daar was ook openbare putte aan die bopunt van Maitlandstraat, sowel as op die hoek van President Brand- en St. Johnstraat.[136] In die 1890’s is verdere putte op die suidoostelike hoek van Wardenplein en by die stadhuis in Maitlandstraat gegrawe, terwyl swart en bruin mense hulle eie put in

---

131 *The Friend*, 26.2.1892, pp. 2-3, 8.4.1892, p. 3, 19.8.1892, p. 2, 4.11.1892, p. 3 en 8.11.1892, p. 2.
132 *Ibid*., 6.2.1889, p. 3, 9.2.1892, p. 2, 19.7.1895, p. 4 en 26.7.1895, p. 3.
133 VAB, MBL7/1: koerantknipsel: redaksionele kommentaar oor watervoorsiening, *The Friend*, 15.1.1885; *The Friend*, 28.9.1894, p. 1; Schuur, “Those were the days in ‘old Bloemfontein’ ”, p. 7.
134 *The Friend*, 27.11.1889, p. 4 en 27.9.1895, p. 3.
135 OBB, 9/78/4155: Talk by Mrs. Sophie Leviseur, p. 14; VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute year ending 31 August, 1889*, p. 4.
136 *The Friend*, 2.10.1889, p. 5, 25.3.1891, p. 3, 26.5.1891, p. 2, 30.6.1891, p. 3, 26.2.1892, p. 4 en 11.10.1892, p. 2. St. Johnstraat is later herdoop tot Voortrekkerstraat en is vandag Nelson Mandelarylaan.

Waaihoek gehad het.[137] Die openbare putte is met klippe uitgeplavei en met houtdeksels en plaatyster bedek om dit teen besoedeling te beskerm.[138]

Plek-plek is ook van boorgate gebruik gemaak om die watervoorraad aan te vul. Aangesien water vir diere op die gemeenskapsgrond baie skaars geword het, is daar byvoorbeeld in 1893 en weer in 1895 gate in die dorpsgrond geboor waar wel water naby "The Park"[139] gevind is. Die spoorweë het in 1895 toestemming verkry om waterpype van die boorgat by die nuwe tronk aan die Dewetsdorppad na die spoorweg aan te lê.[140]

Teen 1890 was daar 32 private waterputte in Bloemfontein – daar was selfs 'n put in een van die kamers van die Transvaal-hotel. Greenhill-kloosterskool, op die rantjie agter St. Georgestraat, het sy eie put gehad, terwyl ander skole, soos Grey-kollege in St. Georgestraat, deur 'n pypleiding van water voorsien is.[141] Een van Bloemfontein se bekendste inwoners, sakeman Gustav Fichardt, het 'n private put in die tuin agter sy huis gehad. Hy het inwoners toegelaat om water uit sy put te kom haal, mits hulle aan hom een emmer water gee vir elke twee emmers water wat hulle vir hulleself uit die put gehaal het.[142]

3.5 Reënwater-tenks

Heelwat van Bloemfontein se huise het reënwater-tenks vir huishoudelike gebruik gehad,[143] maar dit is gewoonlik nie vir drinkwater gebruik nie. Inwoners is gereeld gewaarsku teen die drink van water uit reënwater-tenks omdat dié water nie skoon was nie. Dikwels is selfs dooie sprinkane en ander insekte in die tenks aangetref.[144] Daar is melding gemaak van 'n huis in St. Johnstraat wat 'n ondergrondse tenk gehad het, terwyl daar in die omgewing van die nuwe tronk naby Waaihoek 'n openbare watertenk was.[145] Daar was ook 'n sogenaamde goewermentstenk in St. Georgestraat naby die ou tronk. In Augustus 1892 het die stadsraad die regering versoek om dié tenk na die munisipaliteit oor te dra sodat hulle die waterkarre, waarmee die stofstrate natgespuit is, hieruit kon volmaak.[146]

---

[137] Baumann, p. 4; Schuur, "Those were the days in 'old Bloemfontein' ", p. 7. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 118-119.
[138] VAB, MBL7/1: koerantknipsel, redaksionele kommentaar oor watervoorsiening, *The Friend*, 15.1.1885; *The Friend*, 22.9.1891, p. 1 en 11.10.1892, p. 2.
[139] Kyk 3.6 *infra*.
[140] *De Burger*, 27.2.1895, p. 2; *The Friend*, 13.6.1893, p. 3, 26.2.1895, p. 3, 16.8.1895, p. 2 en 6.9.1895, p. 2.
[141] *The Friend*, 30.10.1894, p. 2 en 22.3.1895, p. 2; Schuur, "Those were the days in 'old Bloemfontein' ", p. 7. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 118.
[142] Carroll, p. 8; Bidwell, p. 28.
[143] AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts, "History bits. Social life in pre-Boer War Bloemfontein", p. 1.
[144] *The Friend*, 25.3.1892, p. 2, 5.4.1892, p. 3 en 26.4.1892, p. 3; Wood, p. 5.
[145] *Daily Express*, 18.10.1890, p. 3; *The Friend*, 8.7.1892, p. 3.
[146] *The Friend*, 19.8.1892, p. 3 en 16.9.1892, p. 3. Kyk 5.1.1 *infra* vir meer besonderhede oor strate.

3.6 Damme

Behalwe maj. Warden se klein dammetjie onderkant die fontein, is daar in ongeveer 1856 met behulp van bandiete ook ’n dam bokant die fontein gebou, blykbaar waar die twee spruite uit die weste saamgevloei het. Hierdie dam is die “Upper” of “Park Dam” genoem, omdat die vleigebied effe hoogdrawend “The Park” genoem is.[147]

As gevolg van die bevolkingstoename is daar reeds in 1862 ’n tekort aan drinkwater in Bloemfontein ondervind, veral vir die inwoners se vee. Om hierdie rede is daar in ongeveer 1866 ’n groot opgaardam in die gebied suidwes van die Presidensie gebou (kyk figure 31 en 32, pp. 251a en 251b), wat vandag beslaan word deur ’n gedeelte van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, die Parkweg-polisiekantoor en ’n gedeelte van die huidige Parkweg en Eerstelaan.[148] Hier het die mans en seuns geswem, visgevang en inwoners hulle vee water gegee, terwyl daar ook roeibootjies op die dam was.[149] In dié dam het selfs ’n aantal inwoners verdrink.[150]

Aanvanklik het die dam agter die Presidensie blykbaar ’n hoefystervormige damwal gehad, maar dis later meer reguit gemaak en versterk omdat gevrees is dat die damwal mag breek wanneer die spruit in vloed is.[151] Die damwal is verskeie kere verhoog om meer water te hou. In erge droogtetye het die dam se water feitlik opgedroog. Met die droogte van 1892 was daar só min water in die dam dat die hoofstad se seuns groot babers uit die modder op die bodem gehaal en met kieries doodgeslaan het.[152] In 1889 skryf die burgemeester dat die dam agter die Presidensie só toegeslik het dat dit baie min water behou. Hy beveel aan dat verskeie damme op die dorpsgrond gebou moes word en vermeld ook dat die dam by Spitskop[153] ’n groot sukses is, veral omdat dit in ’n goeie weidingsgebied geleë is.[154] Volgens ’n ou inwoner, C.J. Carroll, was daar ook ’n dam in die omgewing van Oos-Burgerstraat wat omring was deur wilde wilgerbome. Dié dam, wat van plat klippe gebou was, met trappies aan die een kant, was

---

147 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 49.
148 J. Haasbroek, “Die swembadgeskiedenis van Bloemfontein”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 21(1), Junie 2007, p. 59; Van Schoor en Oberholster, p. 172.
149 “Walks about Bloemfontein IV – The dam”, *De Express*, 10.8.1882, p. 3; *The Friend*, 29.11.1892, p. 2.
150 AREA, PV522/2/1/1: E.N. Roberts, “*History bits. Changes I have myself seen in Bloemfontein*”, p. 1; Schuur, “Those were the days in ‘old Bloemfontein’ ”, p. 7. Vergelyk ook Carroll, p. 8.
151 “Walks about Bloemfontein IV – The dam”, *De Express*, 10.8.1882, p. 3.
152 VAB, MBL7/1: koerantknipsel: brief van M.B. Inst. C.E., ca. 1885; *The Friend*, 29.11.1892, pp. 2-3.
153 Spitskop was ’n entjie van die destydse dorp af, waar die woonbuurt Langenhovenpark vandag is (kyk figuur 33 op p. 253).
154 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s minute year ending 31 August, 1889*, p. 4.

ongeveer 12 voet (3,6 m) diep met ’n oppervlakte van ongeveer 40 voet (12 m) by 60 voet (18 m).[155]

Klaarblyklik was daar reeds voor 1872 ’n dam op ’n gedeelte van die dorpsgrond wat aan die plaas Rustfontein van A.D. Voigt noord van die destydse dorp gegrens het. Volgens *The Friend* het Voigt in 1872 met die stadsraad ’n kontrak gesluit waarvolgens hy die stuk dorpsgrond aangrensend aan sy plaas, wat onder meer die dam ingesluit het, vir ’n tydperk van 21 jaar gehuur het. In 1890 het die stadsraad ingestem om die stuk grond aan hom te verkoop. Die stadsraad het belowe om ’n nuwe dam op die dorpsgrond te bou in die plek van dié dam.

In 1891 en 1892 is twee nuwe munisipale damme op die gemeenskapsgrond gebou wat veral Bloemfontein se vee van drinkwater voorsien het.[156] Die een dam was op die dorpsgrond suidwes van die dorp, naby Brandkop, en die ander een aan die noordwestekant van Bloemfontein, naby die plaas Rustfontein, deel van Douglas Valley[157] (kyk figuur 34). Swart mense is verbied om in die Brandkop-dam te swem. Teen die einde van 1892 is die Brandkop-dam met klip uitgevoer en ’n gedeelte van die damwal versterk.[158]



Figuur 34: Detail van ’n kaart van Bloemfontein, 1900, wat onder meer die ligging van Rustfontein- en Brandkop-dam (gemerk met kruise) aandui. Nasionale Museum, Departement Argeologie: “Imperial map of South Africa. Compiled for Field Intelligence Department, Cape Town, by John Wood, April 1900.”

[155] Carroll, p. 8.
[156] *De Express*, 23.9.1890, p. 4; *The Friend*, 9.7.1890, p. 3, 13.8.1890, p. 3 en 4.9.1891, p. 3.
[157] VAB, MBL3/1/3: *Mayor’s minute, 1891-1892*, p. 4; *The Friend*, 9.6.1890, p. 3, 26.9.1890, p. 4, 4.9.1891, p. 3 en 29.1.1892, p. 7.
[158] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 4; *The Friend*, 18.3.1892, p. 1 en 11.10.1892, p. 2.

3.7 Waterskema

Teen die laat 1880's is besef dat daar dringend iets aan Bloemfontein se kwynende watervoorraad gedoen sou moes word. Meer waterputte is gegrawe en damme gebou, maar soos die inwonertal toegeneem het, het die stadsraad besef dat die hoofstad 'n bykomende, betroubare waterbron benodig. Daarom is die Bloemfontein-watervoorsieningsmaatskappy in 1889 gestig om die moontlikheid van 'n geskikte waterskema vir die dorp te ondersoek.[159] Die eerste persoon aan wie 'n konsessie toegestaan is "to supply the residents of the City of Bloemfontein with water pure and wholesome",[160] was Samuel Hartogh van Johannesburg.[161] Volgens die kontrak van Junie 1889 moes Hartogh binne ses maande met die werk begin en die projek binne drie jaar voltooi anders kon hy sy deposito van £1 000,[162] wat as waarborg vir die werk aan die stadsraad betaal is, verbeur.[163]

Aangesien Hartogh nie aan sy kontrakvoorwaardes kon voldoen nie, het hy sy deposito verbeur en is die "Bloemfontein Waterwerken Concessie" in April 1891 aan Henry Adler toegeken.[164] Ná die ondervinding met Hartogh was die huiseienaars lugtig om 'n nuwe konsessie toe te staan, maar omdat die bestaande watervoorraad in Bloemfontein nie voldoende was vir alle behoeftes nie, het hulle ingestem om 'n nuwe konsessie vir 'n aanvullende waterskema toe te ken. Net die spoorweë alleen, met hulle stoomlokomotiewe, het daagliks 'n enorme hoeveelheid water verbruik.[165] Adler het onderneem om die hoofstad van "zuiver en gesond" water te voorsien. Dit het alle huidige en toekomstige woonbuurte, beide in die blanke en nie-blanke gedeelte van die dorp, ingesluit. In elke straat moes 'n waterpyp gelê word, maar huiseienaars moes self die koste betaal indien hulle 'n pyp van die straatpyp tot by hulle erf of huis wou laat aanlê.[166]

Adler se plan was om water vanaf die nabygeleë Rhenosterspruit na Bloemfontein te pomp en 'n reservoir by die Rhenosterspruit te bou. Die konsessionaris het 'n deposito van

---

159 VAB, MBL7/1: koerantknipsel: redaksionele kommentaar oor watervoorsiening, *The Friend*, 15.1.1885; *The Friend*, 8.5.1889, p. 5.

160 "Memorandum of agreement", *Gouvernements Courant*, 10.5.1889, pp. 1-2; *The Friend*, 8.5.1889, p. 5.

161 VAB, MBL1/1/1/5: minutes of the special meeting of the town council held on Monday 15th January 1889, minutes of the special meeting of the town council held on Thursday 29th January 1889; MBL3/1/2: *Mayor's minute, 1888-1889*, p. 4.

162 Bronne verskil hier. Die amptelike argivale bronne dui aan dat die bedrag wat Hartogh as sekuriteit betaal het, £1 000 was, terwyl koerantberigte beweer dat dit £2 000 was. *Daily Express*, 8.12.1890, p. 2.

163 VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1889-1890*, p. 4; *The Friend*, 8.5.1889, p. 5.

164 VAB, MBL3/1/3: *Mayor's minute, 1891-1892*, p. 2; VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 2.

165 *The Friend*, 27.1.1891, p. 2 en 10.2.1891, p. 2.

166 VAB, MBL7/1; GS191: "Memorandum van termen en conditien" – ooreenkoms tussen Henry Adler en die stadsraad van Bloemfontein. Vergelyk ook *Gouvernements Courant*, 9.1.1891.

£1 000 as waarborg aan die stadsraad betaal.[167] Volgens die memorandum van ooreenkoms en kontrak moes die projek binne twee jaar voltooi wees.[168] Omdat grondeienaars onderkant die plek waar Adler se beoogde dam in die Rhenosterspruit gebou moes word, op grond van rivierregte teen die einde van 1892 ’n interdik teen die bou van die dam gekry het, het die konsessionaris se planne en skema onprakties geword. Gevolglik het ook Adler sy deposito verloor.[169]

Omdat die konsessionarisse telkens teleurgestel het, is daar in 1893 ’n openbare vergadering belê om die probleme rondom die waterskema te bespreek. Die burgemeester, dr. Kellner, het beklemtoon dat dit uit ’n sanitêre oogpunt noodsaaklik was om suiwer, goedkoop water aan alle inwoners beskikbaar te stel, veral aan die armes. Dit is aan ’n komitee bestaande uit ’n aantal stadsraadslede, asook bekende inwoners, te wete J.G. Fraser, R. Innes, dr. Max Stollreither, F.W. Salzmann en G.A. Fichardt opgedra om deskundige advies en alle inligting te verkry, ’n werkbare waterskema aan die publiek voor te lê en ondersoek na beter alternatiewe vir dorpsbeligting in te stel.[170] Thomas Stewart, ’n bekende ingenieur van die Kaapstadse munisipaliteit, het op versoek van die komitee in 1893 en 1894 na Bloemfontein gekom om ondersoek in te stel na moontlikhede om ’n bykomende watervoorraad aan die Vrystaatse hoofstad te voorsien.[171]

Luidens dié verslag wat in 1894 aan die stadsraad voorgelê is, was daar drie moontlike bronne naby Bloemfontein wat vir watervoorsiening oorweeg kon word, naamlik Rhenosterspruit, asook die Kaffer- en Modderrivier. Omdat die koste van enigeen van bogenoemde projekte baie hoog sou wees, is al drie voorstelle aanvanklik verwerp.[172] Teen die einde van 1894 is besef dat Bloemfontein se watersituasie nou kritiek begin raak en dat die hoofstad ten alle koste ’n bykomende, betroubare waterbron sou moes kry.[173] Die waterkomitee het aanbeveel dat die stadsraad ’n lening van £30 000 aangaan en dat ingenieur Stewart versoek word om planne en spesifikasies vir die eerste deel van die beoogde waterskema op te

---

[167] VAB, GS191: stadsklerk – goewermentsekr., 28.3.1891; *The Friend*, 27.1.1891, p. 2, 6.2.1891, p. 3, 10.3.1891, p. 2, 21.4.1891, p. 3, 28.7.1891, p. 3, 31.7.1891, p. 2 en 4.8.1891, p. 3.
[168] “Memorandum van termen en condition”, *Gouvernements Courant*, 6.2.1891, 13.2.1891 en 17.4.1891.
[169] *The Friend*, 29.11.1892, pp. 2-3 en 14.3.1893, p. 3; VAB, OR56: *Mayor’s minute, 1892-1893*, pp. 6-7.
[170] VAB, OR56: *Mayor’s minute, 1892-1893*, p. 7; *The Friend*, 27.1.1893, p. 2 en 31.1.1893, pp. 2-3.
[171] *De Express*, 30.8.1894, p. 3; *The Friend*, 11.7.1893, p. 3, 17.8.1894, p. 2, 28.8.1894, p. 3 en 25.9.1894, p. 3.
[172] *De Burger*, 29.8.1894, p. 2; *The Friend*, 28.8.1894, pp. 2-3, 17.5.1895, p. 2 en 20.8.1895, p. 2.
[173] *The Friend*, 2.11.1894, p. 3 en 22.2.1895, p. 2.

stel. Die spoorweë het onderneem om 40 000 gelling (ongeveer 151 000 liter) water per dag van die stadsraad te koop, wat sou help om die lening af te betaal.[174]

In Augustus 1895 is weer ’n openbare vergadering in die stadsaal gehou waar die burgemeester, dr. Kellner, beklemtoon het dat die spoorweë bereid was om ’n gedeelte van die koste van die beoogde waterskema te dra.[175] Hierna is besluit: “That in the opinion of this meeting the only means of securing an adequate supply of water for Bloemfontein is to obtain it from the Modder-river.”[176] Twee plekke in die Modderrivier, naamlik naby die spoorwegbrug en Sannahspost,[177] is vir die bou van ’n dam oorweeg. Omdat die water by Sannahspost van ’n beter gehalte was, is die dam daar gebou en in April 1899 het die eerste water uit die Modderrivier Bloemfontein binnegestroom.[178]

3.8 Swembaddens

Aanvanklik is die spruit met sy diep kuile en die groot dam agter die Presidensie[179] as swem- en roeiplek deur blanke mans en seuns gebruik. Daar was veral een baie diep kuil, omring deur fluitjiesriet, die Blaauwbosch, wat ’n baie gewilde swemplek vir Bloemfontein se seuns was.[180] In ooreenstemming met wêreldtendense van die Laat-Victoriaanse tydperk, het Bloemfontein se vroue nie in dié tyd geswem nie, maar het hulle wel die dam agter die Presidensie as bad- en piekniekplek gebruik. Die geslagte het meestal die dam afsonderlik besoek. Aanvanklik het die mans en seuns enige tyd van die dag in die dam gaan swem of bad, maar nadat die vroue hierteen protes aangeteken het,[181] was die munisipaliteit verplig om bad- en swemregulasies uit te reik waarvolgens swem in die dam tussen 06:00 (later 09:00) soggens en sononder verbied is.[182] Vrouens en meisies kon die dam dus bedags besoek.

Die nuwe munisipale damme by Brandkop en Rustfontein (kyk figuur 5, p. 269), wat teen die einde van 1891 voltooi is,[183] is ook as swemplek deur Bloemfontein se mans en seuns

---

174 VAB, MBL3/1/4: *Burgemeestersverslag, 1895-1896*, pp. 4-5; *De Burger*, 5.9.1894, p. 2. Vergelyk ook *The Friend*, 17.5.1895, p. 2, 2.8.1895, p. 2 en 20.8.1895, p. 2.
175 *De Burger*, 17.8.1895, p. 2; *The Friend*, 16.8.1895, pp. 2-3 en 6.9.1895, p. 2.
176 *The Friend*, 16.8.1895, p. 3 en 20.8.1895, p. 2.
177 Staan vandag as Sannaspos bekend.
178 Snyman, p. 176.
179 Kyk 3.6 *supra*.
180 Baumann, p. 4.
181 Swemklere was in dié tyd nie ’n algemene gebruik nie en mans en seuns het dikwels sonder klere geswem, wat dan ’n steurnis en verleentheid vir die vroue veroorsaak het. Leviseur, *Memories*, p. 33.
182 *Bloemfontein – a short history* (Brosjure), p. 18; Haasbroek, pp. 59-61.
183 Kyk 3.6 *supra*.

gebruik. Munisipale regulasies het bepaal dat net wit mense die dam by Brandkop as swemplek mag gebruik en dat die was van wasgoed of perde in dié dam verbode was.[184]

Die eerste doelgemaakte openbare swembad in Bloemfontein is in 1892 op die hoek van Douglas- en Gordonstraat geopen. Dit het voorsien in ’n behoefte wat lank reeds bestaan het en is goed ondersteun, maar is weereens net deur blanke mans en seuns gebruik.[185] Dié swembad is deur Sam Barratt, wat ’n belangrike rol in Bloemfontein se musieklewe gespeel het, gebou en was dus in privaat besit. Dit was 60 voet (18,28 m) lank en 18 voet (5,48 m) breed, terwyl die diepte tussen 3 voet 6 duim (1,06 m) en 7 voet (2,1 m) gewissel het. Die swembad was uitgelê met plaveiklip wat van die plaas Waterfall aan die Modderrivier verkry is. Die watervoor wat van die fontein af deur die watererwe geloop het, is op versoek van Barratt tot by die swembad verleng, terwyl die watervoorraad deur ’n put op die terrein aangevul is.[186]

Op 29 Oktober 1892 het die burgemeester, dr. B.O. Kellner, die bad ingewy deur in te duik en ’n lengte te swem, gevolg deur die onderburgemeester, S. Goddard, en ander bekendes. Hierna het die genooides ’n heildronk op die nuwe onderneming gedrink. Die Barratt-swembad is klaarblyklik later vergroot en verbeter en is deur inwoners gebruik totdat Bloemfontein se nuwe munisipale swembad, die Arthur Nathan-swembad, in 1907 gebou is.[187]

Eienaars van die watererwe het dikwels ’n soort dammetjie gehad om fonteinwater wat deur middel van die watervoor deur hulle erwe geloop het, op te vang en te stoor. Op die terrein van die Presidensie was daar ’n klein vierkantige dam of reservoir wat blykbaar ook as swembad gebruik is en waarin die Reitz-kinders kon swem. Die Presidensie se reservoir en “swembad” was ’n klein, bogrondse, vierkantige opgaardam van klip en sement met ’n verdeling in die middel sodat mans en seuns die een kant en vrouens en dogters die ander kant kon benut.[188] Hierdie struktuur staan vandag nog op die terrein van die Presidensie-museum.

---

184 VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 4; *The Friend*, 5.2.1892, p. 2 en 18.3.1892, p. 1.
185 *The Friend*, 1.11.1892, p. 3, 8.11.1892, p. 3 en 29.11.1892, p. 2.
186 *Ibid*., 16.9.1892, p. 3, 1.11.1892, p. 3 en 29.11.1892, p. 2. Vergelyk ook Schuur, “Those were the days in ‘old Bloemfontein’ ”, p. 7.
187 *The Friend*, 16.9.1892, p. 3, 1.11.1892, p. 3 en 29.11.1892, p. 2; Haasbroek, p. 62.
188 VAB, A566/441: foto: G.J. Reitz kyk na die ou swembad by die Presidensie; AREA, PV522/2/1/3: Roberts, *History of the Bloem Fontein*, p. 20.

4 Groen areas

4.1 Heuwels

Behalwe die reeds genoemde Fortheuwel, is die drie bekendste heuwels in die ou deel van Bloemfontein Naval Hill, Seinheuwel en Grantheuwel (kyk figuur 33 op p. 253). Voor die Anglo-Boereoorlog het **Naval Hill** bloot as Bloemfonteinberg bekend gestaan, hoewel name soos Tafelkop, Platberg en selfs Kruitberg[189] ook gebruik is. Na die besetting van Bloemfontein in Maart 1900 deur Britse troepe is ’n afdeling van die Britse vlootbrigade met ’n aantal vlootkanonne op die heuwel geplaas om die dorp te beskerm en is die heuwel na Naval Hill herdoop.[190]

Sedert die ontstaan van Bloemfontein was Naval Hill of Bloemfonteinberg (4 923 voet of sowat 1 500 m bo seevlak)[191] ’n belangrike landmerk van die Vrystaatse hoofstad. Voordat daar ’n pad na die kruin van Naval Hill gebou is, het inwoners soms die heuwel geklim om die mooi uitsig oor Bloemfontein en omgewing te besigtig, soos ’n inwoner wat in 1882 aan *De Express* geskryf het. Hy skryf dat die kruin van die heuwel plat, maar baie klipperig is, met bome, struike en gras, terwyl ’n halfdosyn variëteite varings aan die kante van die kruin gegroei het. Hy kon baie vêr sien, tot by Spitskop in die weste, met al die valleie en koppies tussenin.[192] In Junie 1891 word vermeld dat Bloemfonteinberg wit gesneeu was.[193]

Die latere Naval Hill was nie net ’n landmerk nie; daar was ook heelwat bouklip op die heuwel beskikbaar. In 1893 het die burgemeester, dr. Kellner, ondersoek laat instel na die moontlikheid om ’n pad tot by die kruin van die heuwel te laat bou, ten einde die verkryging van bouklip te vergemaklik. Op die stadsraadsvergadering van 23 Julie 1893 is besluit om ’n pad “at the back of the mountain” na die steengroef op Bloemfonteinberg te laat bou. In Julie 1895 het die stadsraad weer besluit om ondersoek in te stel na die koste om ’n pad tot bo-op Bloemfonteinberg te bou, wat reg rondom die heuwel sou loop. Toe is daar genoem dat die bestaande pad teen die berg op net verleng en verbeter kon word.[194]

---

189 Die name Tafelkop en Platberg het uiteraard na die plat kruin van Naval Hill verwys, terwyl Kruitberg verwys het na die kruitmagasyn wat vroeër aan die voet van Naval Hill gestaan het.
190 M. Botes, “ ’n Naval Hill in Bloemfontein?”, *Culna* 59, November 2004, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 162.
191 Snyman, p. 121.
192 “Walks about Bloemfontein VI – North Hills”, *De Express*, 17.8.1882, p. 3.
193 *The Friend*, 30.6.1891, p. 3.
194 *Ibid*., 25.7.1893, p. 3 en 19.7.1895, p. 2.

Die huidige **Seinheuwel** (4 800 voet of 1 463 m bo seevlak) was noordwes van die destydse dorp geleë en is aanvanklik Skutkraalheuwel genoem omdat daar ’n skutkraal op dié koppie gebou is. Teregstellings het ook ’n tyd lank in die openbaar teen Seinheuwel plaasgevind. Net soos Naval Hill het Seinheuwel sy huidige naam tydens die Anglo-Boereoorlog gekry toe die Britte daar ’n seinpos opgerig het.[195]

Grantheuwel (ongeveer 4 850 voet of 1 478 m bo seevlak) noordwes van Naval Hill, het blykbaar ook sy naam ten tyde van die Anglo-Boereoorlog gekry, maar die oorsprong daarvan is nie duidelik nie.[196] Geen verwysing na Grantheuwel in die 1890’s is gevind nie en dit was toe buite die destydse dorp geleë.

4.2 Parke en openbare tuine

Reeds in 1860 het C.E. Fichardt (1816-1889) £130 ingesamel om ’n park bokant die fontein naby die sogenaamde “upper dam”[197] uit te lê. Op hierdie stuk grond, wes van die bestaande dorp, het hy en dr. C.J.G. Krause (1825-1889) tussen 30 en 40 wilgerbome geplant wat hulle ter beskerming met wildebeesrieme afgekamp het. Na aanleiding hiervan is Bloemfontein se eerste ware park “The Willows”[198] genoem en dit was jare lank ’n baie gewilde piekniekplek.[199]

Die terrein voor die regeringskantore of Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat is, nadat die gebou in 1877 voltooi is, in ’n groot openbare tuin of park ontwikkel en daar is ’n hele aantal bome aangeplant. Paadjies en blombeddings is in die voorste deel van die tuin tussen die bome uitgelê.[200] Die Goewermentstuin of “Government Gardens” is versorg deur ’n komitee wat met die hulp van die Vrystaatse regering die tuin uitgelê, beplant en in stand gehou het. Die voorste gedeelte van die tuin is soms deur plaaslike orkeste vir promenade-konserte gebruik, terwyl die tennisbane van die Bloemfontein-tennisklub, sowel as ’n kroukiebaan, aan die agterkant (westekant) van die goewermentsgebou geleë was.[201]

---

[195] Snyman, p. 121; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 35, 52, 162.
[196] Snyman, p. 121; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 121. Heelwat later is Oliewenhuis, Vrystaathuis en ’n gedeelte van die woonbuurt Dan Pienaar op hierdie heuwel opgerig.
[197] Kyk afdeling 3.6 *supra*.
[198] Volgens Hilda Schuur was The Willows waar die dieretuin tans is. Schuur, “Quiet, peaceful days when one could dream”, *The Friend*, 19.2.1954, p. 14.
[199] “Walks about Bloemfontein I – the Park”, *De Express*, 27.7.1882, p. 3; Leviseur, *Memories*, p. 33.
[200] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; *The Friend*, 13.12.1893, pp. 2-3.
[201] *The Friend*, 13.12.1893, pp. 2-3. Vergelyk ook S.M. Botes, “Die Ou Goewermentsgebou in Bloemfontein: van regeringskantore tot letterkundige museum”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 5(4), 1991, p. 151.

Met die jare het hoogwaardigheidsbekleërs bome en struike in die Goewermentstuin geplant om bepaalde gebeure uit die Vrystaat se verlede te herdenk. Op 24 Februarie 1879 het pres. J.H. Brand ter herinnering aan die OVS se kwarteeufeesvieringe twee sipresbome in die tuin voor die goewermentsgebou geplant. Met die plant van die sipresbome, een namens homself en die ander namens Moritz Leviseur (1842-1923), uit wie se tuin die boompies gekom het, het pres. Brand hierdie geskiedenisryke tuin begin. Op 19 Desember 1890 het verteenwoordigers van die twee Boererepublieke en die twee Britse kolonies elk ’n sipresboom in dié tuin geplant ter herdenking van die amptelike opening van die eerste spoorlyn in die Vrystaat. Die vier verteenwoordigers was pres. Reitz (OVS), lord Loch (1827-1900) (Kaapkolonie), sir Charles Mitchell (1836-1899) (Natal) en dr. W.J. Leyds (1859-1940) namens pres. Paul Kruger (1825-1904) (Zuid-Afrikaansche Republiek of ZAR).[202]

In 1889 het die Bloemfonteinse Boomplantvereniging[203] by die stadsraad aansoek gedoen vir toestemming om bome op die stadsgrond aan te plant en te versorg. Bogenoemde stuk grond was geleë tussen die watervoor en die suidelike deel van die dorpsdam agter die Presidensie, met die westelike tuinmuur van die Presidensie as die oostelike grens. Die stadsraad het die grond aan die vereniging geskenk, op voorwaarde dat die publiek toegang tot voorgenoemde groen area of park sou hê.[204]

Met behulp van swart mense het die Boomplantvereniging die stuk grond omgeploeg en deur ’n paar honderd bome en struike hier te plant, is dit in ’n openbare park omskep. Die heining rondom die park is herstel en teenaan die heining op die damwal is ’n inheemse wilde variëteit van die *Lycium*-spesie[205] geplant, wat klaarblyklik goed hier geaard het. Verder is ongeveer 70 bloekombome wat deur G.A. Fichardt geskenk is, asook verskeie sipresse en dennebome, hier geplant, terwyl paadjies uitgelê en gras geplant is. Die grond is gelykgemaak en omhein en ’n hele aantal gate is gegrawe vir bome wat van die botaniese tuin in Grahamstad bestel is. Aanvanklik het die park agter die Presidensie en onderkant die dam nie ’n naam

---

[202] C.J.P. le Roux, *Die bome voor die Ou Goewermentsgebou* (Brosjure: Gedenktekens van die Vrystaat reeks 2, 1980), pp. 1-5; “Die beeldetuin is ook ’n boomtuin!”, *Wees Gegroet* (Nuusblad van die Vrystaatse Museumdiens) 7(1), Aug. 1979, p. 13.

[203] Kyk afdeling 4.5 *infra* vir meer besonderhede.

[204] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1889-1890*, p. 6; *Daily News*, 18.1.1890, p. 3 en 22.3.1890, p. 3.

[205] Staan ook as *Wolfberry* of *Boxthorn* bekend.

gehad nie, maar is daar bloot van “The Park” gepraat.[206] Eers ná 1900 is dit Victoriapark gedoop.[207]

Ander openbare tuine was onder meer die tuin by die nuwe Volkshospitaal,[208] wat in 1894 uitgelê is,[209] asook die tuin van die Vierde Raadsaal,[210] waarvoor die Volksraad in 1895 ’n prys van £10 vir die beste ontwerp uitgeloof het.[211]

4.3 Tuine

In Suid-Afrika en dus ook in Bloemfontein het die uitleg van tuine net soos kleredragstyle en interieurinrigting tydens die Reitz-tydperk met dié van Brittanje ooreengestem, hoewel die style hier effens later as dié van Brittanje verander het. Aangesien Bloemfontein tot ongeveer 1920 ’n meerderheid Engelssprekende inwoners gehad het, het die ontwerp van Europese en veral Britse tuine ook in die Vrystaatse hoofstad ’n groot invloed gehad.[212]

Gedurende die Victoriaanse tydperk (1837-1901) is daar na die verlede teruggegryp, veral na die Italiaanse tuine van die Renaissance. Voorgenoemde tuine het dikwels reghoekige, geometriese vorms met terrasse gehad. Omdat die Victoriaanse tydperk deur eklektisisme of stylvermenging gekenmerk is, is elemente van verskillende style, soos die Franse, Italiaanse, Klassieke en Oosterse tuine, in die Victoriaanse tuin vermeng. Groot koeltebome was belangrik in die tuinontwerp. Plante uit alle wêrelddele en eksotiese plante is gebruik. Tuinornamente van gegote yster, soos voëlhuisies, fonteine, tuinbankies, beeldjies en potte of vase, was hoog mode. Victoriaanse tuine het meestal ook sogenaamde *kitchen gardens* of groente- en kruietuine gehad,[213] terwyl rotstuine met varings sedert die 1850’s gewild geword het.[214]

Victoriaanse tuine is met grasperke, gruispaadjies en blombeddings uitgelê. Blombeddings met veelkleurige blomme wat in netjiese geometriese patrone geplant is, was kenmerkend. Lyne en vorm het ’n belangrike rol gespeel en ingewikkelde kleurpatrone het tot

---

[206] VAB, MBL1/1/1/5: Notule van stadsraadsvergadering, 4.2.1889; *De Express*, 18.11.1890, p. 4; *Daily Express*, 17.11.1890, p. 3.

[207] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 170. Later het bogenoemde park jare lank as woonwapark gedien, maar in ongeveer 2000 is studentewoonstelle op dié terrein opgerig en het dié park as groen area verdwyn.

[208] Kyk afdeling 10 *infra* vir meer inligting oor Bloemfontein se hospitale en mediese dienste.

[209] *The Friend*, 2.3.1894, p. 2; S.V. Potgieter, L. Hanekom en T.J. Ligthelm, *Volkshospitaal 1893 – Nasionale Hospitaal 1993*, p. 16.

[210] Bloemfontein het agtereenvolgens vier raadsale gehad, wat vir vergaderings van die Vrystaatse Volksraad gebruik is. Kyk afdeling 12.3.1.7 *infra* vir meer inligting oor die Vierde Raadsaal.

[211] *De Burger*, 4.7.1894, p. 3; *The Friend*, 25.6.1895, p. 3 en 10.9.1895, p. 2.

[212] M. Botes, “Die geur van nektar en rose...”, *Culna* 49, September 1995, p. 15.

[213] R.J. Favretti en J.P. Favretti, *Landscapes and gardens for historic buildings: a handbook for reproducing and creating authentic landscape settings*, pp. 52, 63; E. Hyams, *A history of gardens and gardening*, pp. 302-303.

[214] G.S. Thomas, *Great gardens of Britain*, p. 80; Hyams, p. 300.

stand gekom. Geknipte heinings (kyk figuur 35) van palmhout, liguster (*privets*) of ander groen plante het die raamwerk van die patroon gevorm, terwyl die spasies tussen die heinings met rose of ander blomme beplant is.[215]

Figuur 35: Roostuin van dr. B.O. Kellner by hulle woonhuis in Aliwalstraat, ca. 1900. Voor in die middel net voor die tuinboog, staan mev. Kellner. Nasionale Museum, fotoversameling: 01/6970.

Tydens die Victoriaanse tydperk het roostuine ook geometriese ontwerpe gehad. Roostuine is uitgelê met paadjies en beddings en is dikwels met geknipte heinings of baksteenomrandings omhein, ook in Bloemfontein.[216] Negentiende-eeuse rose het besondere geure gehad, maar het meestal net een maal per jaar geblom.[217] Bloemfontein was van vroeg af bekend vir sy oorvloed geurige rose.[218] So het byvoorbeeld dr. B.O. Kellner se huis in Aliwalstraat 'n pragtige roostuin gehad[219] (kyk figuur 35).

In 1850, skaars vier jaar na die stigting van Bloemfontein, het reisigers en skrywers reeds van die nedersetting se vrugteboorde melding gemaak, terwyl groentetuine ook aangelê is.[220] Bloemfontein was bekend vir sy mooi tuine in die 1890's. Veral die watererwe in St. George-, Green- en Douglasstraat het besonder mooi tuine met volop vrugtebome gehad. 'n Oud-inwoner, Noël Roberts, skryf hieroor: "These were 'Water Erwe' and enjoyed the benefits of periodic irrigation from the old Fountain. As a result every property in the area had a garden

---

[215] Smith Brothers, *Horticulture: a guide for the garden*, pp. 75-81; J. Anthony, *Discovering period gardens*, p. 18. Vergelyk ook Favretti, pp. 48-49, 52.
[216] NM, 01/1776: foto: huis en tuin van P. Elffers, Bloemfontein; 01/1997: foto van Rose Lodge, tuin van Carl Borckenhagen, 1890's.
[217] G.S. Thomas (red.), *Recreating the period garden*, pp. 65-66; Favretti, pp. 52, 54.
[218] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 23.
[219] NM, fotoversameling, 01/6970: roostuin van dr. B.O. Kellner.
[220] T.J. Lucas, *Camp life and sport in South Africa: experiences of Kafir warfare with the Cape Mounted Rifles* (Africana Reprint library 2), pp. 212-213; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 13.

– and what gardens! Not even in famous old Graaff Reinet have I seen better orchards, vinyards [*sic*], vegetable and glorious flower gardens."[221]

Die meeste tuine in Bloemfontein het vrugtebome gehad en is met hoë klipmure omring.[222] Nie almal was beïndruk met Bloemfontein se hoë klip-tuinmure nie. 'n Korrespondent het aan *The Friend* geskryf oor die "leelijke muur" rondom die Goewermentstuin. *The Friend* het die klipmuur rondom die Presidensie met 'n "kraalmuur" vergelyk.[223] Daar was selfs groter beswaar teen die gebruik van doringdraad as omheiningsmateriaal in Bloemfontein. *The Friend* was van mening dat dit 'n ernstige gevaar vir die inwoners en veral vir kinders inhou.[224]

Vrugtebome wat in die tuine aangetref is, was onder meer lukwart-, kweper-, granaat-, appel-, peer- perske-, vye-, pruim- en appelkoosbome. Druiwepriële was algemeen, terwyl kruisbessiebosse en aarbeiplante te koop aangebied is. Sitrusbome is ook in Bloemfonteinse tuine van die 1890's aangeplant.[225] Met die restourasie van die Presidensie in die 1980's is onder meer 'n druiweprieel, peer-, appel-, granaat- en moerbeibome, asook 'n kweperlaning in die tuin van die Presidensie aangetref, wat klaarblyklik reeds tydens die bewoning deur die Vrystaatse staatspresidente daar gestaan het.[226]

Rose, vrugtebome en allerlei sade kon per katalogus van Grahamstad se botaniese tuin of van die bekende kwekers, die Smith Brothers van Port Elizabeth, Chas. Ayres van Kaapstad en G.H. Wilkinson van Pietermaritzburg bestel word. Ene J. Summerton van Victoria-Oos in die Kaapkolonie het Bloemfontein ook jaarliks besoek met 'n hele aantal variëteite vrugtebome om te verkoop.[227] Sedert 1890 was sekere vrugtebome en -plante se sade, soos appel, peer, aarbei, kersies, framboos, kruisbessie, korente, spanspek en waatlemoen, ook by plaaslike handelaars in Bloemfontein beskikbaar.[228]

---

[221] AREA, PV522/2/1/1: E.N. Roberts, "History bits. Changes I have myself seen in Bloemfontein", p. 2.
[222] *De Express*, 15.4.1890, p. 1; *The Friend*, 26.10.1871, p. 1, 16.11.1871, p. 1, 5.3.1890, p. 1, 16.10.1891, p. 2 en 8.7.1892, p. 2. Vergelyk ook Schuur, "Those were the days in 'old Bloemfontein' ", p. 7.
[223] VAB, GS1113: G. Hallé – staatspresident, 26.9.1882; *Daily Express*, 28.11.1890, p. 3; *The Friend*, 16.10.1891, p. 2.
[224] *De Burger*, 3.2.1894, p. 2; *The Friend*, 27.11.1891, p. 2, 4.12.1891, p. 2, 8.12.1891, p. 5 en 16.12.1892, p. 2.
[225] *De Burger*, 14.8.1895, p. 2; Fischer, p. 16; Leviseur, *Memories*, p. 69. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 23, 69.
[226] VAB, A566/441, byskrif by foto van peerbome in Presidensie-tuin, 20.1.1984; Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN), Bloemfontein, 69.51: prof. P.J. Nienaber – direkteur, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, 16.4.1985.
[227] *De Express*, 3.6.1890, p. 9; *De Burger*, 17.1.1894, p. 1 en 27.6.1894, p. 1; *The Friend*, 5.6.1889, p. 1, 11.6.1890, p. 1, 5.2.1892, p. 1, 24.5.1892, p. 3 en 9.7.1895, p. 3.
[228] *Daily Express*, 27.7.1890, p. 2; *De Burger*, 10.10.1894, p. 4.

Sedert 1880 is daar dikwels van Bloemfontein se mooi blomtuine melding gemaak en in die somer was die tuine koel en groen oases in die droë hitte van die Vrystaat. Net soos in Brittanje het Bloemfontein se tuine in die Reitz-tydperk ook uit groot koeltebome, struike, gruispaadjies en blom-beddings bestaan.[229] (kyk figure 36 en 37). Blombeddings en roostuine het dikwels 'n baksteen-omranding gehad. Bome wat in die 1890's in Bloemfontein se tuine aangetref is, was onder meer sipresse, peperbome, denne en seders, asook soetdoring-, bloekom-, tamarisk, amandel- en okkerneutbome.[230] 'n Reisiger wat Bloemfontein in 1891 besoek het, het gemeld dat baie van die huise netjiese rotstuine met venusvarings gehad het.[231]

Figuur 36: Die voortuin van die Presidensie, ca. 1893. Let op die groot bome, die paadjies en geknipte heinings heel voor regs. Nasionale Museum fotoversameling: 01/996.

Een van Bloemfontein se bekende sakemanne, Moritz Leviseur, se erf, waarop sy woonhuis en winkel gestaan het, het bykans die hele blok oos van die Tweetoringkerk beslaan. Sy vrou, Sophie Leviseur, beskryf hulle tuin: "We had a lovely garden, with all kinds of flowers. Two deodar trees stand out in my memory, and cedars of Lebanon. We had a dam to catch rainwater, so gardening was easy: every evening after the business was closed Papa[232] got al the Kaffir boys who worked in the store to water the garden with buckets. We had a nice croquet-ground too."[233] Die Baumann's, wat minder water beskikbaar gehad het, het 'n kleiner, vierkantige blomtuin met kleurvolle blomme soos malvas, duisendkroon en jakobregops gehad.[234]

Die geure van sekere blom- en plantsoorte het vir Bloemfontein se inwoners in hulle latere lewe herinneringe van die dorp se tuine in die 1890's ingehou. Hoewel G.A. Fichardt nie

---

229 *Daily Express*, 24.6.1890, p. 4.
230 Fischer, pp. 16-17; Leviseur, *Memories*, pp. 67, 75; Bidwell, pp. 43, 53, 56.
231 *The Friend*, 30.6.1891, p. 3. Die venusvaring is 'n fynblaarvaring, wat in Engels as "maiden hair ferns" bekend staan. Rotstuine was gewild in die sogenaamde droë erwe wat nie toegang tot volop water gehad het nie.
232 Sophie verwys na haar man, Moritz Leviseur, as "Papa".
233 Leviseur, *Memories*¸ p. 75.
234 VAB, A507/2: outobiografiese fragment deur Elsa Leviseur (née Baumann).

’n watererf gehad het nie, het hy (waarskynlik danksy die put op sy erf) een van die grootste en mooiste tuine in Bloemfontein gehad, omring deur ’n klipmuur met gebreekte glas bo-op. Hy het onder meer bloekombome in sy tuin geplant wat tot groot, statige bome gegroei het. [235]

Ella Fischer (née Fichardt) beskryf haar ouers (Gustav en Caroline Fichardt) se besondere tuin: “Their front garden in Church Street [...] is associated in my memory with the sweet scent of the loquat blossom. In the violet season the garden paths were bordered with a blue carpet, and their fragrance spread up and down the street.”[236] Mev. Rachel Steyn, eggenote van pres. M.T. Steyn, het later vertel dat ’n mens op Markplein die geur van die viooltjies in die voortuin van Kaya Lami kon ruik.[237]

Figuur 37 Agtertuin en kroukiebaan van Kaya Lami, woonhuis van G.A. Fichardt, in Kerkstraat, ca. 1894. Let op die groot bome aan weerskante van die kroukiebaan. Nasionale Museum, fotoversameling: 01/2202.

Gustav Fichardt het tuinmaak geniet en sy tuin se hoefystervormige wandelpad was met rose beplant. Hy het ook massas geurige blomme in ’n spesiale blombedding geplant. Verder was daar ’n grasperk van kweekgras met groot tamariskbome wat vir skadu gesorg het.[238] In die groot, agterste deel van die Fichardt-tuin was daar ’n dam-metjie, ’n gesonke tennisbaan, ’n kroukiebaan van gras (kyk figuur 37), konservatoriums of glashuisies, twee somer- of tuinhuisies, struike, ’n druiweprieel en vrugtebome, ’n blomtuin, grasperke[239] met tuinpaadjies,

---

[235] Carroll, p. 8, Bidwell, p. 43. Maude Bidwell (née Fichardt) vertel dat vriende van Gustav Baumann hom uitgelag het toe hy bloekombome naby sy tuinmuur geplant het. Hulle het geglo dat bloekombome nie in Bloemfontein se droë klimaat sou groei nie. Gustav het diep gate gegrawe en die grond goed voorberei voordat hy die bloekombome geplant het. Hy het die bome na vriende wat hom gespot het, vernoem, en baie van dié bome het hul menslike naamgenote oorleef. Bidwell, p. 43.

[236] E. Fischer, “Introduction” in Bidwell, *Pen pictures of the past*, p. 16.

[237] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 144. Gustav en Caroline Fichardt se huis het as Kaya Lami bekend gestaan.

[238] Bidwell, pp. 31, 56.

[239] Net inwoners met ’n oorvloed water, soos eienaars van watererwe of met ’n waterput op die erf, het gras geplant. Grasperke het gewoonlik uit kweekgras bestaan.

swaaie vir die kinders, groot skadubome, ’n hoenderkampie en stal. Ella Fischer beskryf die Fichardts se tuin as “a place of fragrance and beauty”.[240]

St. Michael’s Home[241] het ’n lae klipmuur gehad wat die tuin omring het. Een van die Anglikaanse susters het die Home se tuin in die 1890’s só beskryf: “The home garden is a very pleasant place and so lovingly tended. There are peach and almond trees, with masses of lovely blossoms in the spring; and purple lilacs that remind one of home. Sweet violets, pansies, tall hollyhocks and other English flowers live with their foreign brothers and sisters.”[242] Verder het ’n massa Banksia-rose die balkon van die siekekamer van die Home afgeskerm.[243]

Carl Borckenhagen, redakteur van *De Express*, het sy huis in St. Georgestraat Rose Lodge genoem, na aanleiding van die mooi rose in sy tuin. Aangesien sy huis in St. Georgestraat gestaan het, was dit waarskynlik ook ’n watererf met volop water. Die tuin agter Borckenhagen se huis met sy ronde, baksteen omrande blombeddings en paraffienblikke met plante naby die stoep (kyk figuur 38), was tipies van Bloemfontein se tuine in die Reitz-tydperk.[244]

Figuur 38: Die agtertuin van Rose Lodge, woning van Carl Borckenhagen in Bloemfontein, ca. 1893. Let op die ronde baksteenomrandings van die roosbome en die paraffienblikke met plante naby die stoep waar die twee dogters staan. Nasionale Museum, foto-versameling:01/1997.

Ook by hulle sogenaamde buiteverblywe of wonings buite die destydse dorp het Bloemfonteiners blomtuine aangelê – ’n mens lees van pronkertjies en angeliere by Waverley en geurige rose, verbena, kamelias, mirt en roosmaryn op Brandkop.[245] Blomsaad en -bolle wat

---

[240] Fischer, pp. 17-18.
[241] Dit was die Anglikaanse Kerk se kloosterskool en -koshuis in Bloemfontein wat deur die Susterskap van St. Michael’s and All Angels bestuur is. Kyk hoofstuk 5 vir meer besonderhede.
[242] I. Loots en M. Vermaak, *Pioneers of professional nursing in South Africa*, p. 117.
[243] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 144. Banksia-rose was baie gewild in die Laat-Victoriaanse tydperk.
[244] NM, Fotoversameling, 01/1997: foto: Rose Lodge, tuin van Carl Borckenhagen.
[245] VAB, A507/6: Plan van die huis op G.A. Fichardt se buiteverblyf, Brandkop, geteken deur mev. Maude Bidwell (née Fichardt), 1889, met aantekeninge; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 144.

by plaaslike handelaars verkrygbaar was, het ingesluit minjonet, angeliere, leeubekkies, naelblomme, gesiggies, ridderspore, vuurpyle, floksies of vlamblomme, *Portulaca*-vygies, asters, krisante, *impatiens*, grafblomme, hanekam, grasklokkies of pypies, kannas, stokrose, heliotroop, koringblomme, madeliefies, gousblomme, papawers, ranonkels, vergeet-my-nietjies, vingerhoedjies, passieblomme, viooltjies, alpeviooltjies (*cyclamen*), sonneblomme, pronkertjies, begonias, anemone, lelies, kanferfoelie, narsings, petunias en primulas.[246]

Die meeste inwoners van Bloemfontein het ook groentetuine gehad, soos die groentetuin van die Presidensie waarin onder meer komkommers en pampoene geplant is.[247] 'n Groot verskeidenheid groentesade was in Bloemfontein by plaaslike handelaars verkrygbaar, onder meer boontjies, ertjies, beet, kool, blomkool, broccoli en Brusselse spruitjies, wortels en witwortels, mielies, pampoen en murgpampoentjies, seldery, tamaties, uie, rape en radyse, rabarber, komkommer, blaarslaai, spinasie, pietersielie, rissies, soetrissies en preie.[248] Kruietuine of die sogenaamde "kitchen gardens" is ook dikwels aangelê vir gebruik in kos en medisyne.[249] Kruie wat in Bloemfonteinse tuine aangeplant is, was onder meer marjolein, komkommerkruid, mosterd, tiemie, laventel, knoffel en salie.[250]

4.4 Wilde bome en boomaanplanting

Die koppies en veld rondom Bloemfontein was aanvanklik oortrek met doring- en olienhoutbome, maar soos die dorp uitgebrei het, het die bome al hoe minder geword. Die inwoners het ook bome aangeplant, hoofsaaklik bloekom-, peper-, doring- en okkerneutbome, terwyl sering- en doringbome langs die strate gegroei het.[251] Langs Bloemspruit en die watervoor wat van die fontein af verleng is, is wilgerbome geplant.[252] In die tuin van die Presidensie het daar 'n klompie eikebome gegroei en by die Cottage-hospitaal wilde aalwyne.[253] 'n Reisiger wat Bloemfontein besoek het toe die doringbome geblom het, het die Vrystaatse hoofstad as "the little city of acacias" beskryf.[254]

---

[246] *De Express*, 16.9.1890, p. 7; *The Friend*, 4.9.1889, p. 1 en 8.10.1895, p. 2; *Daily Express*, 15.9.1890, p. 2.
[247] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, 7.9.1888; *De Express*, 26.2.1880, pp. 2-3; *The Friend*, 26.2.1895, p. 2.
[248] *The Friend*, 4.9.1889, p. 1 en 8.10.1895, p. 1; *De Express*, 12.8.1890, p. 2 en 16.9.1890, p. 7.
[249] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, 6.1.1888; *The Friend*, 4.9.1889, p. 1.
[250] *De Express*, 12.8.1890, p. 2.
[251] OBB, 9/78/4155: Talk by Mrs. Sophie Leviseur, pp. 1, 22; *Daily Express*, 24.5.1890, p. 3 en 26.5.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 13.2.1889, p. 3, 24.5.1890, p. 3, 9.2.1892, p. 3 en 24.12.1894, p. 3.
[252] Carroll, p. 8.
[253] *The Friend*, 20.10.1891, pp. 2-3; Loots en Vermaak, p. 117.
[254] Bidwell, p. 53.

Daarenteen het ’n ander reisiger, S. Kalff, wat Bloemfontein in die 1890’s besoek het, opgemerk dat daar min bome langs die strate en op die pleine van Bloemfontein was.[255] *The Friend* berig in 1892 dat baie bome in die laaste jaar of twee afgekap is, as gevolg van die wyer maak van strate en die aanbring van sypaadjies.[256] Ten spyte van ’n gebrek aan lopende water in die 1890’s, is daarin geslaag om redelik baie bome in Bloemfontein aan die groei te kry.[257] In die 1890’s was daar ’n plaag van insekte wat as die “Australian bug” of *Dorthesia* bekend gestaan het en wat heelwat skade aan Bloemfontein se bome aangerig het. Omdat die lieweheersbesie of *ladybird* die natuurlike vyand van die *Dorthesia* is, is ’n klompie van hulle by die botaniese tuin in Grahamstad bestel en op aangetaste bome in Bloemfontein vrygelaat om die insekplaag uit te roei.[258]

In 1890 was daar klagtes oor die wilde tabakbome wat oral op die dorpsgronde opgeskiet het. Dié bome was giftig vir diere en daar is versoek dat die stadsraad dit moet uitroei.[259] In dieselfde jaar was daar probleme met die onkruid boetebossie of steekbos (*Xanthium spinosum*) wat welig op die dorpsgronde gegroei het en ook giftig was vir vee.[260]

In sy jaarverslag van 1892-1893 het die burgemeester, dr. B.O. Kellner, aangedui dat baie van Bloemfontein se inwoners heelwat bome in hulle tuine aangeplant het, wat die voorkoms van die hoofstad grootliks verbeter het. Tog beklemtoon hy dat daar nog baie aan boomaanplanting gedoen moet word sodat Bloemfontein sy naam as hoofstad waardig kon wees. Die stadsraad het hierna ’n aantal jong bome van die Kaapkolonie af ingevoer en dit aan enkele huiseienaars gegee om te plant en te versorg.[261] Teen 1893 was sade van verskeie soorte gombome (*Eucalyptus* spesie), bloekombome, sipresse, silwerbas- en dennebome, asook lewens- en plataanbome, in Bloemfontein by Barlow Brothers-handelaars beskikbaar.[262]

In Februarie 1893 het dr. Kellner in ’n stadsraadsvergadering aangekondig dat baie van die swart inwoners van Waaihoek belang gestel het om bome in dié swart woonbuurt te plant, mits die stadsraad die bome sou voorsien.[263] In September 1894 kon Kellner in sy

---

255 Kalff, p. 58.
256 *The Friend*, 22.3.1892, pp. 2-3 en 29.3.1892, p. 2.
257 VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1889-1890*, p. 4; *The Friend*, 29.3.1892, p. 2.
258 *Daily Express*, 23.5.1890, p. 3 en 24.5.1890, p. 3; *The Friend*, 14.8.1891, p. 2 en 26.4.1892, p. 3.
259 *De Express*, 21.1.1890, p. 6; *Daily News*, 18.1.1890, p. 4.
260 *The Friend*, 2.4.1890, p. 5.
261 VAB, OR56: *Mayor’s minute, 1892-1893*, p. 7; *The Friend*, 21.7.1893, p. 3 en 16.10.1894, p. 2.
262 *The Friend*, 3.1.1893, p. 2, 24.1.1893, p. 4 en 12.5.1893, p. 4. Sommige van bogenoemde saad was afkomstig van die kwekery van ’n baie bekende en gegoede Vrystaatse boer, Charles Newberry, van die plaas Prynnsberg in die distrik Clocolan. *The Friend*, 26.6.1891, p. 2 en 1.10.1895, p. 4.
263 *Ibid*., 21.2.1893, p. 3 en 16.10.1894, p. 2.

burgemeestersverslag aankondig: “Boomaanplant gaat goed vooruit.”[264] Die Vrystaatse Volksraad het *memories* of versoekskrifte van verskillende distrikte en landbougenootskappe ontvang wat die regering versoek het om boomaanplanting te bevorder en ’n boomkwekery tot stand te bring.[265] Bloemfontein se stadsraad is versoek om ’n stuk grond gratis vir die beoogde staatskwekery beskikbaar te stel en ’n jaarlikse bydrae gelykstaande aan die staat se bydrae vir die kwekery te begroot. Aan die begin van 1895 het die stadsraad ’n bedrag van £750 vir boomaanplanting bewillig, terwyl die Volksraad in dieselfde jaar ’n bedrag van £150 vir die kwekery vir die volgende finansiële jaar begroot het.[266]

In Oktober 1889 het ’n aantal inwoners De Bloemfonteinsche Vereeniging tot Aanplant en Bescherming van Boomen gestig met G.A. Fichardt as voorsitter. Die komiteelede was regter R. Gregorowski, regter A.J. McGregor, J. Collins, J. Brebner, M. Leviseur, C. Borckenhagen en regter M. de Villiers. Adv. H.G. Stuart sou as sekretaris optree. Daar is besluit om bydraes of donasies te vra ten einde die vereniging se doelstellings te bereik.[267] Die doelstellings van die vereniging was “the promotion of Arboriculture and the protection of existing trees and shrubs within the municipal limits of the town of Bloemfontein”.[268]

In 1890 is die voorsitterskap van die Boomplantvereniging of -genootskap deur regter Melius de Villiers oorgeneem.[269] Die stadsraad het die fondse wat vir boomaanplanting beskikbaar was, aan voorgenoemde vereniging oorgedra. Die Boomplantvereniging het in die eerste maand bydraes van £100 ingesamel wat gebruik sou word om die Bloemfonteinberg te omhein[270] en het by die stadsraad toestemming verkry om bome op die stadsgrond aan te plant en te versorg. Dié stuk grond was geleë tussen die watervoor en die suidelike deel van die dorpsdam agter die Presidensie, met die agterste tuinmuur van die presidentswoning as die westelike grens.[271]

In die eerste jaar van sy bestaan het die Boomplantvereniging die park agter die Presidensie,[272] wat later as Victoriapark bekend sou staan, uitgelê en beplant. Teen 1891 het belangstelling en bydraes van die inwoners in die Boomplantvereniging egter begin opdroog.

---

[264] *De Burger*, 5.9.1894, p. 2.
[265] *Ibid*., 4.7.1894, p. 3 en 7.7.1894, p. 2.
[266] *The Friend*, 14.6.1895, p. 3, 28.6.1895, pp. 2-3 en 2.8.1895, p. 2; *De Burger*, 16.1.1895, p. 2, 15.6.1895, p. 3 en 29.6.1895, p. 2.
[267] *The Friend*, 2.10.1889, p. 3; VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1889-1890*, p. 6.
[268] *The Friend*, 26.3.1890, p. 3.
[269] VAB, GS189: M. de Villiers – goewermentsekr., 1.11.1890.
[270] *The Friend*, 9.10.1889, p. 3 en 23.10.1889, p. 3.
[271] Corporation Notice no. 12-1890, *The Friend*, 21.5.1890, p. 2.
[272] Kyk afdeling 4.2 *supra*.

Vanweë kwynende belangstelling en geldelike probleme is daar in 1892 besluit dat die stadsraad die huurkontrak vir die stuk grond of park sou kanselleer en die Boomplantvereniging se pligte sou oorneem.[273]

5 Verkeersweë en vervoer

5.1 Strate en paaie

5.1.1 Strate

As gevolg van die oorspronklike plan waarvolgens Bloemfontein uitgelê is, het al die strate in die Vrystaatse hoofstad in die 1890's dieselfde gelyk. Die strate was pylreguit en het mekaar met 'n 90° hoek gekruis sodat dwarsstrate gevorm is. Verdere ontwikkelings het dieselfde patroon gevolg.[274] In die vroegste dae van sy bestaan was Bloemfontein se strate nie veel meer as veldpaaie of grondstrate nie. Maitlandstraat was die eerste straat wat met groot ysterklippe onder en verskeie lae gruis bo-oor uitgelê is.[275]

Bloemfontein se strate het in die Reitz-tydperk nog bestaan uit grond en klippe met gruislae. Sedert 1890 is probeer om strate te verhard deur van ysterklip en verskeie lae gruis gebruik te maak.[276] Omdat verkeer so toegeneem het dat die straatoppervlakte van die besiger strate dikwels tot stof uitgetrap is, is die strate sedert 1890 in droë weer daagliks met behulp van waterkarre, getrek deur muile, met water besprinkel.[277] In droë weer was stof 'n probleem en na reën het die strate dikwels in moddergate en 'n pappery verander. Die strate was na 'n reënbui meestal seepglad, terwyl daar dikwels ook groot gate en slote in die strate was.[278]

Huiseienaars moes erfbelasting betaal wat deur die munisipaliteit gebruik is om strate en ander openbare gebiede in die dorp in stand te hou. Opbrengste verkry met die verkoop van nuwe erwe is gebruik om nuwe strate, driwwe, brûe en ander verbeterings te finansier.[279] As gevolg van druk verkeer en verspoelings in reënweer moes strate gereeld gegruis word.[280]

---

[273] *The Friend,* 2.6.1891, p. 3, 17.6.1892, p. 3 en 19.8.1892, p. 3.
[274] "Walks about Bloemfontein V – Our streets", *De Express*, 17.8.1882, p. 3.
[275] Baumann, p. 4.
[276] *The Friend*, 19.3.1890, p. 3.
[277] VAB, GS183: versoekskrif: staatsamptenare – pres. Reitz, 18.2.1889; *The Friend*, 7.4.1891, p. 3, 5.8.1891, p. 3, 5.8.1892, p. 2, 16.8.1892, p. 5 en 16.9.1892, p. 3.
[278] AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts, "History bits. Social life in pre-Boer War Bloemfontein", p. 2; *De Express*, 8.7.1890, p. 5; *The Friend*, 30.4.1890, p. 2, 2.7.1890, p. 3; 7.4.1891, p. 3 en 21.4.1891, p. 3.
[279] *Daily News*, 24.2.1890, p. 3; *The Friend*, 12.2.1890, p. 3, 19.2.1890, p. 3 en 9.9.1890, p. 2.
[280] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1889-1890*, p. 3; *The Friend*, 4.9.1891, p. 3, 23.8.1892, p. 2 en 24.1.1893, p. 3.

Tussen strate en sypaadjies was daar op sommige plekke vlak, oop afleivore wat met ronde ysterklippe uitgelê was. Tog was daar nie genoeg watervore om al die reënwater weg te voer nie en soms was watervore deur vullis en onkruid verstop.[281]

Na die koms van die spoorlyn in Desember 1890 het Bloemfontein se bevolking baie gegroei, handelsbedrywighede en verkeer het toegeneem en strate het baie besiger geword. Kontak met die markte in die diamantstad, Kimberley, het handelsbedrywighede verder bevorder sodat die hoofstad se grond- en gruisstrate gouer uitgery is. Die stadsraad was dus genoodsaak om meer aandag aan die maak en instandhouding van strate te skenk. Na 1890 is jaarliks aandag aan die herstel en verbetering van die belangrikste strate in Bloemfontein gegee, ook deur die maak van sypaadjies.[282] Soos die dorp verder uitgebrei het, moes strate verleng word en nuwe strate is ook aangelê. Maitlandstraat is byvoorbeeld in 1890 van Oos-Burgerstraat tot by die spoorwegstasie verleng en verbeter, terwyl nuwe strate soos Goddard-, Salzmann-, Zuid- en Kazernestraat aangelê is.[283]

In 1892 het die strate reeds so verbeter dat *The Friend* kon berig dat Bloemfontein se strate goed met dié van enige ander dorp in Suid-Afrika vergelyk kon word. In 1892 en 1893 is verskeie strate in die hoofstad herstel en verbeter en daar is ook in die 1890's begin om van die belangrikste strate in Bloemfontein te macadamiseer.[284] Om die gruisblad van strate stewig vas te stamp en te verhard, is 'n straatroller in 1892 aangekoop. Ook in die swart woonbuurt, Waaihoek, is strate opgeknap. Tog het rytuie strate uitgery en het reënwater kort-kort gate oopgespoel, sodat 'n nuwe gruislaag telkens gelê moes word. Die munisipaliteit moes alle strate herstel en nuwes bou met die skamele begroting van £1 000 per jaar.[285]

---

[281] AREA, PV522/2/1/3: Roberts, "History bits. Social life in pre-Boer War Bloemfontein", p. 2; *The Friend*, 24.3.1891, p. 3 en 22.3.1892, p. 3.

[282] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 4.

[283] *Daily Express*, 11.7.1890, p. 2 en 21.7.1890, p. 3; *The Friend*, 21.5.1890, p. 3 en 18.9.1891, p. 3.

[284] *The Friend*, 29.1.1892, p. 2 en 4.11.1892, p. 3. Macadamiseer is 'n tipe straatkonstruksie wat deur die Skot John Loudon McAdam sedert ongeveer 1820 gebruik is. 'n Pad of straat word gemaak deur opeenvolgende lae gruisklip of ander gebreekte of klein klippies te lê en dan laag vir laag te kompakteer sodat 'n taamlike harde straatoppervlakte gevorm word. Later is die klippies of gruis met een of ander bindmiddel gemeng om die pad nóg harder te maak en langer te laat hou.

[285] VAB, OR56: *Mayor's minute 1892-1893*, p. 2; *The Friend*, 23.8.1892, p. 2 en 20.12.1895, p. 3.

Aanvanklik is straatname op mure van hoekgeboue vasgeheg, maar sedert 1891 is straatname op sinknaamborde aangebring. Tekenend van die Engelse karakter van Bloemfontein en die Engelsgesinde stadsraad is die meeste straatname in Engels aangedui.[286]

5.1.2 Straatbeligting

Bloemfontein se inwoners moes sedert sy ontstaan vir meer as drie dekades sonder straatbeligting klaarkom en mense het saans met lanterns deur die dorp beweeg. In Mei 1883 is die hoofstad vir die eerste keer verlig toe lamppale voor openbare geboue en op straathoeke opgerig is. Sedert 1883 is die dorp saans verlig deur paraffienlampe wat elke aand met sononder deur die munisipale lampopsteker aangesteek is.[287]

In 1890 is ene mnr. Bluhm deur die stadsraad as lampopsteker aangestel en hy het sy pligte aanvanklik uitstekend nagekom totdat die drankduiwel die oorhand gekry het en hy weggeloop en die hoofstad vir twee nagte in duisternis gelaat het. In Oktober 1891 is Albert Gibbs teen ’n salaris van £12 per maand as lampopsteker aangestel. Die lampopsteker en sy swart assistent was verantwoordelik vir die aansteek, blus en herstel van alle straatlampe.[288] Hilda Schuur beskryf die proses: “Every evening the lamp lighter, Alfred Gibbs, set out with his boy carrying a ladder and a long pole on which hung the lamps – these he would put in their iron lamp posts and light them one by one as he went along.”[289]

Die straatlampe was redelik vêr uitmekaar, maar het tog die strate en dorp saans in ’n mate verlig. Aanvanklik is straatlampe om 23:00 geblus, maar in September 1889 het die stadsraad besluit om die lampe tot middernag te laat brand. In 1890 en 1891 was daar klagtes omdat die straatlampe se lig so flou is en straatlampe dikwels aan die brand geraak het omdat dit nie behoorlik skoongemaak en in stand gehou is nie.[290] Daar was ook ontevredenheid omdat die straatlampe op helder maanlignagte nie aangesteek is nie aangesien die maan volgens die stadsvaders dan genoeg lig verskaf het.[291]

Sedert 1890 is feitlik jaarliks versoek dat meer lampe in die strate aangebring moes word, omdat sommige strate en selfs Markplein nie goed verlig was nie. In 1895 is melding

---

[286] “Walks about Bloemfontein. V – Our streets”, *De Express*, 17.8.1882, p. 3; *The Friend*, 10.11.1891, p. 4 en 17.11.1891, p. 4.
[287] *Daily Express*, 4.10.1890, p. 3 en 3.11.1890, p. 2; *The Friend*, 4.11.1890, p. 4. Vergelyk ook Snyman, p. 191.
[288] *De Express*, 23.9.1890, p. 4; *The Friend*, 13.2.1891, p. 2, 26.9.1890, p. 4, 6.10.1891, p. 3, 16.10.1891, p. 3 en 30.10.1891, p. 3.
[289] Schuur, “Those were the days in ‘old Bloemfontein’ ”, p. 7.
[290] *The Friend*, 25.9.1889, p. 3 en 9.1.1891, p. 3; *Daily Express*, 22.9.1890, p. 2, 18.10.1890, p. 3 en 24.10.1890, p. 4.
[291] VAB: A566/134: Address given to “Rotary” by W. Rhodes-Harrison, 8.3.1957, p. 5; *Daily News*, 20.3.1890, p. 4. Dit was uiteraard ’n poging om geld te bespaar.

gemaak van ’n ouer vrou wat weens die swak straatbeligting op pad na die Spoorweginstituut[292] in Bloemspruit geval en ernstig beseer is.[293] Die straatlampe moes spesiaal uit Brittanje bestel word. Nadat die nuwe brûe oor die spruit in 1892 voltooi is, het die stadsraad vier nuwe dekoratiewe straatlampe by elke brug laat aanbring, wat die omgewing rondom Bloemspruit beter verlig en ook versier het.[294]

Omdat die bestaande straatbeligting ondoeltreffend was vir die groeiende hoofstad, het die Bloemfonteinse munisipaliteit in November 1894 ’n ooreenkoms met die firma Delfos Brothers aangegaan om die dorp van elektriese beligting te voorsien. Volgens dié ooreenkoms sou 100 elektriese straatlampe, van ongeveer 16 kerskrag elk, Bloemfontein se strate verlig, terwyl daar ook vir die lewering van elektrisiteit aan private wonings voorsiening gemaak sou word.[295] Aangesien die oorspronklike elektriese kontrakteur nie die projek teen die ooreengekome datum kon voltooi nie,[296] is ’n nuwe ooreenkoms met die firma Reunert & Lenz gesluit om die Vrystaatse hoofstad van elektrisiteit te voorsien.[297] Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 het die projek onderbreek en eers teen November 1900 is die elektriese krag van die eerste openbare geboue en ’n aantal huise aangeskakel.[298]

5.1.3 Sypaadjies

Sedert 1890 het die Bloemfonteinse munisipaliteit met huis- en winkeleienaars saamgewerk om sypaadjies te maak, veral in die belangrikste handelsgebiede, en het die stadsraad die helfte van die koste daarvan betaal.[299] Voor 1891 het elke winkel sy eie stoep gehad, wat soms laag en soms hoër was. Die nuwe sypaadjies, wat nege tot tien voet (2,7 m tot 3 m) wyd was, was baie gerieflik en veiliger vir voetgangers, veral in nat weer wanneer die strate dikwels in modder verander het. Daar was kort-kort klagtes dat sypaadjies en selfs strate geblokkeer is deur boumateriaal, handelsware, swart mense wat op sommige plekke saamgedrom het, of vasgemaakte perde.[300] Daarom het die stadsraad in Junie 1892 ’n kennisgewing laat publiseer dat dit streng verbode is vir besighede om handelsware op hulle sypaadjies uit te stal.[301]

---

[292] Die terrein van die Spoorweginstituut word op die 1896-kaart van Bloemfontein as die *Recreation Ground* suid van die ou skougrond by die Spoorwegkamp en noordoos van die stasie aangedui (kyk fig. 31 op p. 251a).
[293] *De Burge*r, 20.4.1895, p. 3 en 20.7.1895, p. 2; *The Friend*, 4.10.1890, p. 3, 6.10.1891, p. 2 en 22.4.1892, p. 2.
[294] *Daily Express*, 4.10.1890, p. 3; *The Friend*, 1.4.1892, pp. 2-3.
[295] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag,1889-1890*, p. 3; *The Friend*, 17.1.1893, p. 2 en 30.11.1894, p. 2.
[296] VAB, MBL3/1/4: *Burgemeestersverslag, 1895-1896*, p. 4.
[297] Kyk afdeling 7 *infra* vir meer inligting oor die elektrisiteitsvoorsiening.
[298] Snyman, p. 191; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 124, 147-148, 174.
[299] *Daily News*, 8.3.1890, p. 3.
[300] *The Friend*, 12.5.1891, p. 3, 17.7.1891, p. 2, 6.1.1893, p. 3, 11.4.1893, p. 2 en 25.7.1893, p. 3.
[301] Corporation notice no. 19–1892, *The Friend*, 14.6.1892, p. 1.

Die aantal sypaadjies is jaarliks vermeerder en tussen 1892 en 1893 is sypaadjies langs ’n hele aantal van die belangrikste strate, asook aan die suid- en westekant van Markplein, aangelê. In 1892 en 1893 is tenders aangevra vir gekapte sandklip-randstene om die sypaadjies mee af te rond.[302]

5.1.4 Driwwe en brûe

Aangesien Bloemspruit die hoofstad in ’n noordelike en suidelike gedeelte verdeel het, het dit tydens reënstorms dikwels verkeer- en kommunikasieprobleme geskep. Aanvanklik was daar net drie driwwe wat die dele van Bloemfontein suid en noord van die spruit met mekaar verbind het. In Augustus 1891 is ’n verdere drif in die spruit by die Harveyweg-kruising aangebring wat veral nuttig was vir verkeer suid van die spruit op pad na die spoorwegstasie. Inwoners het te perd en met rytuie deur die driwwe beweeg, terwyl voetgangers die trapklippe by die driwwe gebruik het om die spruit oor te steek. Wanneer dit hewig gereën het, was dit dikwels onmoontlik om oor die spruit te kom.[303]

Vanweë bogenoemde probleme is daar tussen 1860 en 1875 voetgangerbrûe van hout oor die spruit by die driwwe in Kerk-, Green-, Fraser- en Gordonstraat opgerig. Hierdie houtbrûe het dikwels, wanneer die spruit afgekom het, weggespoel en moes dan weer herbou word, terwyl die driwwe ook onbegaanbaar was. Dit het groot ongerief vir inwoners veroorsaak omdat hulle dan nie aan die oorkant van die spruit kon kom totdat die watervlakke gesak het nie.[304]

In 1890, met die bou van die spoorlyn vanaf Norvalspont na Bloemfontein, is ’n treinbrug oor die spruit aan die oostekant van die hoofstad, naby die stasie, aangelê. As gevolg van die gereelde wegspoel van die houtbrûe het die stadsraad besluit om meer permanente en sterker strukture aan te bring. Daarom is daar in 1891 prysgeld van £30 vir die ontwerp van twee nuwe klip- en ysterbrûe oor die driwwe in Onder-Kerkstraat en Gordonstraat uitgeloof.[305]

---

[302] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag, 1891-1892*, p. 4, *Mayor’s minute 1892-1893*, p. 2; *The Friend*, 29.1.1892, p. 4, 18.3.1892, pp. 2-3 en 28.7.1893, p. 4.

[303] *The Friend*, 4.8.1891, p. 3; H.H.A. Groenewald en A.D Herholdt, *Bloemfontein tot 1900: ’n argitektuur-historiese studie*, pp. 386-388.

[304] H.S. Schuur, “Quiet, peaceful days when one could dream”, *The Friend*, 19.2.1954, p. 14; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 49, 69, 70.

[305] *The Friend*, 26.9.1890, p. 3; 13.2.1891, p. 1, 10.3.1891, p. 1 en 31.3.1891, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 111.

Figuur 39: Die brug oor Gordonstraat, ca. 1894. Let op die versierde straatlampe by die brug. Nasionale Museum fotoversameling: 01/1592.

’n Ontwerp van die opvlieënde Nederlandse argitek en ingenieur, J.H. Müller, is aanvaar. Volgens dié ontwerp sou die nuwe brûe ’n klipfondament hê,[306] met tien ysterkolomme wat die yster-bobou sou dra. Die ingevoerde ysterwerk sou in die klipwerk vasgemessel word. Die breedte van die brug tussen die ysterrelings was 33 voet (10 m) en het ’n klipryvlak met twee verhewe voetgangerpaadjies aan weerskante van die ryvlak ingesluit. Die lengte van die brûe tussen die twee betonpiere was 45 voet (13,7 m) en die klipwerk het uit ysterklip met sandsteen-hoekklippe bestaan. Müller is ook as toesighouer of inspekteur oor die bou van die nuwe brûe aangestel.[307]

Die messelwerk van die brûe is gedoen deur ene Frans William van der Houwen en die ysterwerk is deur die Belgiese firma Charles Brothers in Gent teen ’n bedrag van £900 vervaardig.[308] Die hoekstene van die nuwe brûe is sonder enige seremonie op 25 Augustus 1891 deur die burgemeester, F.W. Salzmann, gelê. Die hoekstene is van ligkleurige sandsteen gemaak met dié inskripsie daarop: “Gelegd door F.W. Salzmann, 25 Aug., 1891”.[309] Die feit dat hoekstene vir bogenoemde twee brûe gelê is, wys hoe belangrik dit vir Bloemfontein was.

Nadat ’n geskil tussen Müller en die stadsraad ontstaan het,[310] is hy deur die bekende Skotse argitek, Francis Lennox Canning, vervang.[311] Die kwaai reënstorm in November 1891 wat die spruit in volle vloed laat afkom het,[312] het die stadsraad laat besef dat die onvoltooide brûe te laag sou wees, omdat die klipwerk tydens die vloed heeltemal onder water was. Die

---

306 VAB, GS191: J.H. Müller – P.J. Blignaut, 8.4.1891; *The Friend*, 20.1.1891, p. 3; 23.1.1891, pp. 2-3 en 7.4.1891, p. 2. Müller was die vennoot van argitek J.E. Vixseboxse en verbonde aan die Departement Openbare Werke.

307 *De Express*, 7.4.1891, p. 3; *The Friend*, 3.3.1891, p. 3, 7.4.1891, pp. 2-3, 28.8.1891, p. 3 en 18.9.1891, p. 3.

308 *The Friend*, 9.67.1891, p. 2, 23.6.1891, p. 3 en 4.9.1891, p. 3.

309 *Ibid.*, 18.8.1891, p. 2, 21.8.1891, p. 2 en 28.8.1891, pp. 2-3.

310 Volgens Müller moes hy na baie dom opmerkings van die boukommissie, wat uit leke bestaan het, luister. Brief van Müller in *The Friend*, 2.10.1891, p. 2. Hy het die stadsraad ook beledig deur hulle in ’n brief te beskryf as ’n span esels wat tot die status van perde verhef is. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 123.

311 *The Friend*, 22.1.1892, p. 2 en 8.4.1892, p. 3. Canning het onder meer die Presidensie en die Vierde Raadsaal ontwerp. (Kyk afdeling 12 *infra* vir meer besonderhede oor dié geboue en bouwerk.)

312 Kyk 3.3 *supra* vir meer besonderhede.

klip-onderbou van die brûe moes dus verhoog word en in Januarie 1892 is die ysterwerk van die twee nuwe brûe vasgeheg.[313] 'n Korrespondent van *The Friend* was glad nie beïndruk deur die ingevoerde ysterwerk nie. Hy het dit beskryf as "gingerbread" en sy opinie was: "There is no solidity about the stuff; in fact it is a disgrace to all concerned."[314]

Die brûe oor Onder-Kerkstraat en Gordonstraat is in Maart 1892 sonder enige seremonie vir verkeer oopgestel, hoewel die stadsraad 'n heildronk op die voltooiing van die brûe en die vooruitgang van Bloemfontein gedrink het. Gou na die voltooiing is daar vier versierde straatlampe by elke brug aangebring wat baie daartoe bygedra het om die strate te verfraai en beter te verlig[315] (kyk figuur 39 *supra*).

In Desember 1892 het die stadsraad besluit om nog drie ekstra brûe oor die spruit te laat oprig, naamlik in Green- en Fraserstraat,[316] asook in Harveyweg, sodat die bestaande driwwe tot niet gemaak kon word.[317] Dit sou ook klip- en ysterbrûe wees waarvoor die ysterwerk van die firma Harkort & Kie van Duisburg in Duitsland ingevoer is. Die totale koste van die brûe, hulle vervoer en oprigting het net meer as £3 000 beloop en was beslis 'n groot aanwins vir die Vrystaatse hoofstad.[318]

Teen 1894 was al drie bogenoemde brûe, ontwerp deur argitekte Stücke en Harrison, voltooi. Op versoek van pres. Reitz is die hout-voetgangerbrug wat met die oprigting van die nuwe brug oor Fraserstraat verwyder is, oor die spruit by die Presidensie aangebring. Sodoende is maklike toegang vir die president en ander inwoners vanaf die presidentswoning[319] na die Goewermentsgebou in President Brandstraat[320] verleen. Die nuwe brug in Harveyweg naby die stasie het heelwat verkeer gedra wat voorheen eers deur 'n gedeelte van die dorp na die naaste brug moes beweeg om die stasie te bereik. Dit het dus verkeersvloei in die suidelike deel van die hoofstad verbeter.[321]

---

313 *The Friend*, 20.11.1891, p. 2, 27.11.1891, p. 2, 5.1.1892, p. 2 en 22.1.1892, p. 2.
314 *Ibid*., 26.1.1892, p. 3.
315 *Ibid*., 11.3.1892, pp. 2-3, 1.4.1892, pp. 2-3 en 5.4.1892, pp. 2-3; NM, 01/2218: foto; Kerkstraatbrug, ca. 1892, 01/1370: foto, Gordonstraatbrug oor spruit, ca. 1894.
316 Greenstraat word Aliwalstraat en Fraserstraat word Oos-Burgerstraat noord van die spruit. NM, GD1255: Generaal plan van de stad Bloemfontein, 1896.
317 VAB, OR56: *Mayor's minute, 1892-1893*, p. 3; *The Friend*, 16.12.1892, p. 3.
318 *The Friend*, 29.1.1892, p. 2, 316.12.1892, p. 3, 6.7.1894, p. 3, 3.8.1894, p. 3 en 4.9.1894, p. 2.
319 Die presidentswoning of Presidensie, soos die president se ampswoning bekend gestaan het, is net suid van die Bloemspruit geleë, aan die westekant van die destydse dorp. Dit is vandag die Presidensie-museum.
320 President Brandstraat het in die 1890's net tot by Fonteinstraat, aan die noordekant van die spruit gestrek en is eers later suid van die spruit verleng. NM, GD1255: Generaal plan van de stad Bloemfontein, 1896.
321 *The Friend*, 2.2.1894, p. 3, 6.4.1894, p. 3.19.10.1894, p. 3 en 20.10.1894, p. 2; Groenewald en Herholdt, p. 389.

5.1.5 Paaie

Die hoofpaaie wat vanuit Bloemfontein na ander dorpe gelei het, was aanvanklik nie veel meer as grondpaaie nie, hoewel daar effe oordrewe van hoofweë gepraat is. Daar was dikwels klagtes oor die swak toestand van die sogenaamde hoofweë en rytuie is dikwels deur die swak toestand van die paaie beskadig. Tydens die reënseisoen was die "hoofweë" nie veel meer as modderslote nie en met hewige reën was paaie en driwwe dikwels onbegaanbaar. Rytuie het die paaie uitgery en dit was dikwels vol slote en groot gate. Die swak toestand van die paaie was nie net vir reisigers ongerieflik en gevaarlik nie, maar dikwels kon poskontrakteurs pos nie betyds in die Vrystaatse hoofstad aflewer nie. Dit het ook soms tot ongelukke gelei.[322]

Om Bloemfontein en die Vrystaat se strate en paaie in stand te hou, moes rytuig-eienaars voertuigbelasting betaal, maar daar was dikwels klagtes dat daar nie genoeg gedoen word om paaie te verbeter nie.[323] In November 1889 is 'n kontrakteur aangestel om "alle wegen in het district Bloemfontein in orde te brengen en te houden tot 1 Mei 1890".[324] Terwyl Bloemfontein se munisipaliteit die instandhouding van die strate in die dorpsgebied behartig het, was die Vrystaatse regering verantwoordelik vir die maak en instandhouding van paaie of hoofweë in en om Bloemfontein.

Die ontdekking van diamante en goud, sowel as spoorwegontwikkeling, het groter druk op paaie in die omgewing van Bloemfontein geplaas. Groot hoeveelhede mynmasjinerie en -benodigdhede vir mynbedrywighede moes dikwels padlangs deur transportryers na die hoofstad gebring word om dan verder per trein na die myngebiede geneem te word. Boere het ook hulle plaasprodukte na Bloemfontein en Kimberley se markte gebring. Ook handelsreisigers of smouse het gereeld van die hoofweë gebruik gemaak om hulle goedere in Bloemfontein te verkoop. Dit was dus belangrik dat die paaie na Bloemfontein van goeie gehalte moes wees, maar blykbaar was die Vrystaatse Volksraad nie altyd bereid om voldoende fondse vir die verbetering en instandhouding beskikbaar te stel nie.[325] Die Vrystaatse regering het wel in 1890 'n paaie-inspekteur aangestel.[326]

---

[322] VAB, GS183: Kregör en Verster (poskontrakteurs) – goewermentsekr., 4.3.1889, GS186 Verklaring deur I. Bisseux, 18.2.1890; *Daily Express*, 7.10.1892, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 20.3.1891, p. 3, 21.4.1891, p. 2 en 16.2.1892, p. 3.
[323] *The Friend*, 11.12.1889, p. 3 en 5.2.1892, p. 2.
[324] VAB, GS185: J.L. de Beer – goewermentsekr., 21.11.1889.
[325] *The Friend*, 24.7.1889, p. 3, 28.7.1891, p. 2, 5.2.1892, p. 2 en 9.2.1892, p. 3.
[326] VAB, GS187: J.F. Waldeck – goewermentsekr., 27.6.1890, GS188: tesourier-genl. – goewermentsekr., 4.8.1890 en GS188: landdros S.P. de Beer – goewermentsekr., 25.7.1890.

In Junie 1891 het die Volksraad ’n bedrag van £25 000 vir die maak en verbetering van paaie bewillig. Later dié jaar is spesiale masjinerie, bekend as die “new Era Grader and Ditcher”, uit Chicago ingevoer om padmakery te vergemaklik. Dié werktuig het bestaan uit ’n spesiale soort ploeg wat die grond losgemaak en opgetel het en dit dan op ’n dwars vervoerband gelaai het, wat die grond van die uitgrawing na die kant van die nuwe pad verskuif het. Die ploeg is aan ’n soort rytuig met ’n stewige staalraamwerk en breë wiele vasgeheg en is deur 12 perde of muile getrek.[327]

Die hoofweë het bestaan uit grondpaaie wat geskraap en met ’n laag klipgruis bedek is en is volgens tenders aan kontrakteurs toegeken. Omdat die kontrak dikwels aan die goedkoopste tender toegeken is, was die gehalte van die padmakery meermale uiters swak en is die werk dikwels verknoei.[328]

In Julie 1892 is ’n nuwe wet deur die Volksraad aanvaar waarvolgens daar jaarliks ’n som geld vir die maak en instandhouding van verklaarde hoofweë of paaie in die Vrystaat beskikbaar gestel sou word. Vir elke distrik sou ’n distriksraad verkies word, wat met die instandhouding van paaie en toesig oor padkontrakteurs in die betrokke distrik belas sou word. Die landdros van elke distrik sou as voorsitter van die distriksraad optree.[329] Die distriksrade het nie oral goed gefunksioneer nie. In 1895 is al die paaie rondom die ingange na die Vrystaatse hoofstad weer opgeknap, aangesien dit in ’n baie swak toestand verkeer het.[330]

5.2 Vervoermiddele

5.2.1 Inleiding

Omdat Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk eintlik maar ’n groot dorp was, was die meeste plekke en geboue binne stapafstand, maar vir vervoer van voorrade en passasiers buite die destydse dorp, of tussen die hoofstad en ander dorpe, was ander vervoermiddele nodig. Voor die koms van die spoorlyn in Desember 1890 en selfs daarna het Bloemfontein se inwoners hoofsaaklik van perde en ’n verskeidenheid rytuie vir vervoer gebruik gemaak en alle voorrade moes met ossewaens of bokwaens deur transportryers van die naaste hawe, Port Elizabeth, en ander plekke na die Vrystaatse hoofstad aangery word. ’n Rit met ’n transportwa vanaf Port

---

[327] *The Friend*, 19.6.1891, p. 2, 13.10.1891, p. 3 en 29.11.1891, p. 3.
[328] *De Burger*, 25.7.1894, p. 3, 20.4.1895, p. 3.
[329] Wet no. 9 van 1892, *OVS Volksraadsnotul*e, 1892 (agterin boek, pp. 34-39); *The Friend*, 5.7.1892, p. 3.
[330] *De Burger*, 20.4.1895, p. 3; *The Friend*, 3.5.1895, p. 2.

Elizabeth tot by Bloemfontein het gewoonlik tussen 30 en 60 dae geduur, maar droogtes, swaar reën of teëspoed het dikwels vertragings veroorsaak.[331]

Baie van die inwoners het oor hulle eie perde en rytuie beskik, terwyl daar ook verskeie huurstalle was waar perde, rytuie en waens per uur of per dag gehuur kon word of besoekers en reisende handelaars hulle perde en rytuie kon laat. Voorbeelde hiervan was onder meer die huurstalle van Isaac Heneke en J. Green, asook die *Bloemfontein Livery & Bait Stables*, almal in Fonteinstraat. Baie van hierdie huurstalle het ook karweiwerk in die dorp gedoen.[332] Teen die 1890's het fietse ook gewild begin raak.[333]

Openbare of passasiersvervoer tussen Bloemfontein en ander dorpe was voor die koms van die spoorlyn in 1890 in die hande van die kontrakteurs wat pos vervoer het. Na die ontdekking van diamante het openbare vervoer baie toegeneem en in 1886 is 'n tweeweeklikse passasiersvervoerdiens tussen Bloemfontein en die diamantvelde ingestel. Passasiers- en goederevervoer het in alle rigtings uitgebrei en Bloemfontein is in die 1880's padlangs met onder meer Kaapstad, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Johannesburg en Pretoria verbind.[334]

5.2.2 Perde

Baie van die blanke inwoners van Bloemfontein het een of meer perde aangehou wat vir vervoer, veral in die dorp, gebruik is. Perde kon ook by die verskeie huurstalle gehuur word. Veral die mans en seuns, maar ook vroue, het perd gery, terwyl perde ook gebruik is om rytuie te trek.[335] In die 1890's is vermeld dat goeie trekperde en selfs ryperde baie skaars was in die Vrystaat, waarskynlik omdat die aanvraag na perde op die diamant- en goudvelde so groot was. Om goeie perde in Bloemfontein te bekom, was baie duur.[336]

5.2.3 Openbare vervoer

5.2.3.1 Poskarre en poskoetse

Aanvanklik is Bloemfontein se pos deur perderuiters vervoer, maar soos die hoofstad en kommunikasie verder ontwikkel het, is daar van poskarre en later ook van poskoetse gebruik

---

331 Schoeman, *Bloemfonte*in, pp. 13, 31.
332 *Daily Express*, 19.4.1890, p. 2, 7.7.1890, p. 3, 18.11.1890, p. 2 en 9.1.1892, p. 2.
333 Schoeman, *Bloemfonte*in, p. 117.
334 Snyman, pp. 193-195.
335 *Daily Express*, 19.4.1890, p. 2; *The Friend*, 13.3.1891, p. 3. Vergelyk ook Leviseur, pp. 69-70.
336 *The Friend*, 30.4.1890, p. 3 en 27.10.1891, p. 3; *Daily Express*, 19.4.1890, p. 2 en 11.10.1890, p. 2.

gemaak. Die karre of koetse is deur perde, muile, osse en selfs sebras getrek. [337]

Inwoners het dikwels vir vervoer tussen Bloemfontein en ander dorpe van poskarre en poskoetse gebruik gemaak. Reeds in 1880 is direkte passasiersvervoer tussen Bloemfontein en Kaapstad oor Kimberley ingestel.[338] Nadat die spoorlyn tussen Kaapstad en Bloemfontein teen die einde van 1890 voltooi is, kon Bloemfontein se inwoners natuurlik per trein tussen dié twee hoofstede en dorpe tussenin reis.[339] Murray se poskar het Woensdae van Bloemfontein na Aliwal-Noord via Dewetsdorp, Smithfield en Rouxville geloop en Bloemfonteiners kon Thaba Nchu, Ladybrand, Clocolan en Ficksburg Dinsdae en Vrydae deur middel van De Bruin se poskar besoek. De Bruin se poskontrak is in 1891 deur R.W. Glynn oorgeneem en sy meer gerieflike poskoets het voortaan Woensdae en Saterdae van Bloemfontein af vertrek.[340] Volgens Ada Fischer het poskarre sowel bedags as snags gery.[341]

Aanvanklik was poskarre sterk en swaar gebou, met kiste voor en agter waarin die pos gepak is en wat terselfdertyd as sitplek vir die drywers en sy passasiers gedien het. Later is ligter karre ook as poskarre gebruik terwyl die kapkar of tentkar vanaf 1860 die algemeenste poskar was. Dit was ’n tweewielkar met een of twee sitbanke en ’n vaste kap, wat aan die passasiers en pos ’n mate van beskerming teen die elemente verleen het, maar wanneer dit hard gereën of gesneeu het, was die arme passasiers dikwels deurnat. Die poskar was ook nie so gemaklik of sterk soos die poskoetse nie.[342]

Donaldson se poskoetse het passasiers van Bloemfontein twee keer per week na Johannesburg en terug vervoer, via Brandfort, Winburg, Ventersburg, Kroonstad, Vredefort en Parys. Dié reis het drie dae geduur en daar is nie snags gereis nie.[343] Na die voltooiing van die spoorlyn tot op Bloemfontein het die passasiersverkeer tussen die Kaapkolonie en die Witwatersrand via Bloemfontein baie toegeneem sodat Donaldson se koetse na Johannesburg elke keer volgelaai was. In 1891 het Donaldson baie goedkoper tariewe vir retoer-koetsreise na die Rand oor die Kersfees- en Nuwe Jaar-vakansietyd aangebied, waarvan besoekers en Bloemfonteiners deeglik gebruik gemaak het.[344] Nadat die spoorlyn deur Bloemfontein tot by Kroonstad in Februarie 1892 verleng is, het Donaldson ’n daaglikse koetsdiens tussen

---

[337] L.J. Conradie, *Spaanders wat vlieg: die romantiek van die poskantoor*, pp. 72-73; M. Botes, “Hoe ry die poskar hop hop so …”, *Culna* 62, November 2007, p. 10.
[338] Leviseur, pp. 52, 63-64; Bidwell, p. 52. Vergelyk ook Snyman, p. 194.
[339] *Daily Express*, 1.5.1890, p. 2.
[340] *Ibid*.; *The Friend*, 23.6.1891, p. 3, 4.8.1891, p. 1 en 1.9.1891, p. 1.
[341] VAB, A59/8/2: A. Fischer – mnr. Wiener (?), 10.8.1889.
[342] *The Friend*, 28.7.1891, p. 3; J. Malan, *Rytuie van weleer*, pp. 29, 36. Vergelyk ook Conradie, pp. 72-73.
[343] *Daily Express*, 1.5.1890, p. 2; *De Express*, 15.4.1890, p. 1.
[344] *The Friend*, 13.10.1891, p. 2, 10.11.1891, pp. 2-3, 8.12.1891, pp. 1-3 en 11.12.1891, p. 1.

Kroonstad en Johannesburg ingestel, maar kort hierna het die vervoerfirma Heys & Gibson Donaldson se koetsdienste gekoop.[345]

Swaar reën, vol riviere en paaie in ’n swak toestand het dikwels karre en koetse vertraag. Omdat alle riviere nog nie deur brûe oorspan is nie, moes poskoetse, poskarre en ander rytuie noodgedwonge by vol riviere of in dorpe wag totdat die vlak van riviere genoegsaam gesak het sodat hulle kon deurkom. Gevolglik het poskoetse en poskarre en hulle passasiers soms noue ontkomings gehad en was reis nie altyd gemaklik nie en selfs gevaarlik. Dit het veroorsaak dat pos en passasiers dikwels laat in Bloemfontein aangekom het.[346]

Die bekende Bloemfonteinse firma Kregör & Verster, poskontrakteurs van die Vrystaatse regering tydens die Reitz-tydperk, het passasiers tussen Bloemfontein en Kimberley met hulle poskoetse vervoer, terwyl reise na ander dele van Suid-Afrika op versoek teen spesiale tariewe onderneem is.[347] In 1889 het mnr. Kregör van bogenoemde firma Europa en die Verenigde State van Amerika (VSA) besoek waar hy ses nuwe, groot koetse, gemaak volgens die Cobb & Co.-metode,[348] bestel het. Dit was uiters gerieflike koetse wat van die firma Abbott Downing in New York af ingevoer is. In 1890 het Kregör & Verster ’n nuwe koetsdiens vanaf Bloemfontein na Johannesburg ingestel wat vir Bloemfontein se inwoners baie waardevol was, aangesien die spoorlyn van Bloemfontein na Johannesburg en Pretoria eers in 1892 voltooi is.[349] Kregör & Verster het verder passasiers na die Vrystaatse goudvelde, Potchefstroom en Klerksdorp vervoer. Vanaf 21 Maart 1892 het poskontrakteurs Kregör & Verster ook ’n passasiersdiens tussen Kroonstad en Johannesburg ingestel, maar kort daarna het die firma Heys & Gibson ook hulle besigheid gekoop, met die gevolg dat Heys & Gibson ’n monopolie op die passasiersdiens tussen Kroonstad en Johannesburg verkry het.[350]

5.2.3.2 Huurrytuie of kebs

Nadat die eerste spoorlyn tot in Bloemfontein verleng is, het sogenaamde huurrytuie of kebs, wat passasiers by die stasie gaan haal het en hulle na hulle verblyf geneem het, ook hulle verskyning in die Vrystaatse hoofstad gemaak. So het die Bloemfontein Livery & Bait Stables

---

345 *Ibid*., 22.1.1892, p. 2, 23.2.1892, pp. 1-3 en 26.2.1892, p. 3.
346 *De Express*, 18.2.1890, p. 7; *The Friend*, 26.2.1890, p. 3, 27.1.1891, p. 3, 13.1.1891, p. 3, 30.1.1891, p. 2, 21.4.1891, p. 3, 5.5.1891, p. 3 en 28.7.1891, p. 3.
347 *Daily Express*, 19.6.1890, p. 3 en 28.6.1890, p. 3.
348 Cobb & Co. was ’n bekende vervoermaatskappy en koetsmakers wat in 1853 gestig is deur Amerikaners wat hulle in Australië gevestig het, maar gou wêreldwyd takke oopgemaak het. “When Cobb & Co. was king”, <http://www.cobbandco.net.au/features/68-when-cobb-a-co-was-king.html>, geraadpleeg 4.8.2012.
349 *The Friend*, 14.8.1889, p. 2, 18.12.1889, p. 2, 9.7.1890, p. 3 en 10.2.1891, p. 3; *Daily Express*, 8.7.1890, p. 2.
350 *The Friend*, 17.7.1889, p. 3 en 22.3.1892, p. 3.

’n aantal huurrytuie gehad wat met die aankoms van treine by die stasie gewag het om passasiers te vervoer.[351]

Aanvanklik kon kebs hulle eie fooie vasstel, maar aan die begin van 1891 het die stadsraad begin om regulasies vir die huurrytuie op te stel en vaste tariewe vir sekere afstande te bepaal. Huurrytuie kon ook vir ’n sekere tydsduur gehuur word en kinders onder 12 het halfprys betaal.[352] Ofskoon huurrytuie beslis in ’n behoefte voorsien het, was daar klagtes dat die kebdrywers soms meer as die vasgestelde tarief vra, veral vir vreemdelinge. Daar is ook gekla dat sommige van die kebdrywers parmantig en onbeskof teenoor passasiers was en onverskillig gery het.[353]

Volgens bogenoemde regulasies moes alle huurrytuie voor 31 Julie 1891 by die munisipaliteit geregistreer wees en ’n lisensie hê. Die koms van huurrytuie het nuwe werksgeleenthede vir Bloemfontein se inwoners geskep, aangesien wit en swart mense huurrytuie besit en as kebdrywers opgetree het.[354] Drie stadsraadslede is in 1894 benoem om as komitee van toesig oor die huurrytuie te dien. Dié komitee moes toesien dat kebregulasies nagekom word en het ook, saam met die stadsklerk, die toestand van huurrytuie en die trekperde geïnspekteer voordat ’n lisensie vir ’n keb toegeken is. Staanplekke vir kebs was beskikbaar by die stasie, Markplein en op ander plekke wat van tyd tot tyd deur die kebkomitee aangewys is.[355]

5.2.3.3 Ander openbare vervoer

Volgens Ada Fischer het daar in 1889 ’n passasierskar tussen Bloemfontein en Kimberley geloop en het die reis een en ’n halwe dag geduur. Tussen Bloemfontein en Johannesburg het ’n passasierswa elke 14 dae geloop en dit het vier dae geneem om dié reis te voltooi. Daar is nie snags gereis nie en passasiers moes dus saans langs die pad oorslaap.[356]

Reeds teen die einde van 1890 het A. Peters, eienaar van die Phoenix-hotel, ’n elegante wagonette[357] by ’n wamaker in King Williamstown bestel om sy gaste in styl van die

---

[351] *Daily Express*, 9.1.1892, p. 3.
[352] *The Friend*, 6.1.1891, p. 3, 20.1.1891, p. 3, 13.2.1891, p. 3 en 9.6.1891, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 124.
[353] *The Friend*, 6.1.1891, p. 3, 6.3.1891, p. 2, 1.5.1891, p. 3 en 18.8.1891, p. 3.
[354] *Ibid*., 24.7.1891, p. 4, 31.7.1891, p. 1, 17.3.1893, p. 3 en 18.1.1895, p. 3.
[355] *The Friend*, 2.2.1894, p. 3, 27.3.1894, p. 2, 6.4.1894, p. 3 en 27.3.1894, p. 2.
[356] VAB, A59/8/2: A. Fischer – mnr. Wiener (?), 10.8.1889.
[357] ’n *Wagonette* is ’n ligte rytuig met vier wiele wat gewoonlik deur perde getrek is. Dit het agter ’n dwars drywersitplek twee sitplekke in die lengte wat na mekaar toe kyk. “Wagonette”, <http://www.thefreedictionary.com/wagonette>, geraadpleeg 1.8.2012; “Wagonette”, <http://www.merriam-webster.com/dictionary/wagonette>, geraadpleeg 1.8.2012.

spoorwegstasie na die hotel te vervoer.[358] Twee jaar later het W.G. Cox, eienaar van Bloemfontein-hotel, ook ’n wagonette vir dieselfde doel bestel. Dié wagonette is deur wamaker Jas. Ensor van Bloemfontein gemaak en kon nege sittende persone vervoer. Daar word ook in 1891 melding gemaak van ’n “omnibus[359] wagonette” wat deur die eienaars van die Vrystaat-hotel, C.P. Stock en sy seun, aangekoop is om hul gaste heen en weer tussen die stasie en die hotel te vervoer. Dié rytuig is uit Londen ingevoer en omdat dit vere en ’n luukse afwerking gehad het, was dit baie gemaklik vir die passasiers. Die Vrystaatse wapen is op die grondpaneel geverf, met die naam Vrystaat-hotel in klein letters bo-oor.[360]

5.2.4 Rytuie[361]

Baie van die rytuie wat in die 19de eeu in Europa, Brittanje en Amerika beskikbaar was, is in Suid-Afrika en dus ook in Bloemfontein gebruik. Sommige rytuie is van die buiteland af ingevoer, terwyl ander rytuie, veral waens, ook deur Suid-Afrikaanse wamakers gemaak is. Die Kaapkolonie en veral die Paarl was baie bekend vir wamakery en van hierdie waens en rytuie is ook in Bloemfontein verkoop. Bloemfonteinse sakemanne Frank Oldfield en George Reeler het waens en rytuie, gemaak deur bekende wamakers van Oudtshoorn, bestel en verkoop. Die ontdekking van diamante het die handel en die maak van rytuie en waens gestimuleer en daar was etlike wamakers in Bloemfontein en die res van die Vrystaat.[362]

In die vroeë 1890’s word daar van rytuigvervaardiger J. Ensor en wamaker H. Walther in Bloemfontein melding gemaak.[363] John Goller het sy wamakery in 1895 agter die Vrystaat-hotel in Bloemfontein bedryf, terwyl H. Keefe ’n rytuigskilder was.[364] Fred W. Essenwein het Amerikaanse rytuie en landbougereedskap in Bloemfontein verkoop, terwyl rytuie, saals en tuie ook by P.G. Marais van Luxemburg naby Bultfontein gekoop kon word.[365] Waar rytuie nie deur die eienaar self gedryf is nie, het swart mense gewoonlik as koetsiers opgetree.[366]

---

[358] *De Express*, 4.12.1890, p. 4; *Daily Express*, 5.12.1890, p. 2.

[359] *Omnibus* is ’n verouderde term vir ’n rytuig wat ’n hele aantal passasiers gelyk kon vervoer en vir openbare vervoer gebruik is. Vandag word daar bloot van ’n bus gepraat. “Omnibus”, <http://www.audioenglish.net/dictionary/omnibus.htm>, geraadpleeg, 1.8.2012.

[360] *The Friend*, 6.11.1891, p. 2.

[361] Negentiende-eeuse rytuie is ’n studieveld op sy eie. Daarom word die rytuie wat algemeen tydens die Reitz-tydperk in Bloemfontein voorgekom het, hier net oorsigtelik bespreek. Vir verdere inligting oor en foto’s van rytuie kan J. Malan, *Rytuie van weleer*, geraadpleeg word.

[362] *The Friend*, 20.2.1891, p. 2, 17.3.1891, pp. 1, 3.24.3.1891, p. 3 en 18.3.1892, p. 1. Vergelyk ook J. Malan, pp. 35, 61-76.

[363] *Vrijstaatsch Jaarboek en Almanak 1893*, p. 79; *The Friend*, 23.6.1891, p. 3.

[364] *De Express Almanak en Kalender, 1895* (geen bladsynommers).

[365] *De Express*, 18.3.1890, p. 9; *The Friend*, 10.3.1891, p. 1.

[366] A.B. Balfour, *Twelve hundred miles in a waggon*, p. 40; Schoeman, *Bloemfontein in beeld*, p. 160, foto 409.

5.2.4.1 Pres. Reitz se amptelike rytuig

Die tender van poskontrakteurs Kregör & Verster vir die vervoer van pres. Reitz deur die Vrystaat is in 1890 aanvaar. Dié firma het toe besluit om ’n spesiale, doelgemaakte rytuig vir die president te laat maak wanneer hy die Vrystaatse dorpe en distrikte besoek, soos periodiek gedoen is. Omdat die vervoer van Reitz deur die Vrystaat deel van Kregör & Verster se verantwoordelikheid was, moes hulle vir die rytuig betaal.[367] Dit was dus nie staatseiendom nie. Reitz se amptelike rytuig of koets het in Oktober 1891 per trein in Bloemfontein aangekom. Dit is vervaardig deur die bekende wamaker W.C. Cooper van Kaapstad, volgens ’n ontwerp en spesifikasies van poskontrakteur R.J. Verster. Die voorkoms van die rytuig was lig en elegant en die vakmanskap uitstaande. Die bakwerk is ’n karmosyn (dieprooi) kleur[368] geverf met geel skilderwerk, terwyl die onderstel geel geverf was, met swart skilderwerk. Beide sypanele is met die Vrystaatse wapen versier en agterop was ’n groot bagasierak vir die president se bagasie. Reitz se amptelike rytuig is getrek deur ses perde, wat deur twee jong swart mans (die drywer en sy helper) hanteer is.[369]

Wanneer Reitz deur die Vrystaat gereis het om die verskillende dorpe te besoek, kon hy soms as gevolg van swak paaie en vol riviere nie sy bestemming of selfs ’n plaashuis voor donker bereik nie. Omdat hulle nie in die donker verder kon reis nie, moes die president noodgedwonge die nag in die veld deurbring. Gevolglik is die presidensiële rytuig ontwerp met beweeglike sitplekke sodat die luukse binnekant van die koets in ’n gemaklike slaapkamer met ’n bed omskep kon word. Gordyne op rollers is reg rondom die binneruim aangebring, terwyl die voorkant skuifvensters gehad het. Die kussings was van bruin leer, afgewerk met kant. Die gordyne was van sy en die vloer is met ’n tapyt bedek. Pres. Reitz kon dus met ’n rytuig reis wat sy hoë amp waardig was.[370]

---

[367] VAB, GS188: Kregör & Verster – pres. Reitz, 24.7.1890; *The Friend*, 9.10.1891, p. 2.

[368] In die Engelse berig in *The Friend* word daar genoem dat die rytuig in “lake colour” geverf was. In Afrikaans word “lake colour” na karmosynkleur of dieprooi vertaal, maar dit is belangrik om daarop te let dat “lake colours” verskillende kleure kan wees, afhangende van watter natuurlike pigment vir die verf gebruik is. Dit sluit onder meer rooi, pers, geel, groen, blou en bruin in. “Lake colours”, <http://www.standardcon. com/lakecolours.htm>; “Pigments”, <http://www.visual-arts-cork.com/artist-paints/colour-pigmentshtm>, geraadpleeg, 2.8.2012. Histories is die term “lake colour” klaarblyklik vir ’n dieprooi kleur gebruik. “Lake”, <http:/www.thefreedictionary.com/Lake>, geraadpleeg 2.8.2012.

[369] Balfour, p. 40. Geen foto van Reitz se amptelike rytuig kon opgespoor word nie.

[370] *The Friend*, 9.10.1891, p. 2.

5.2.4.2 Karre[371]

Kapkarre was ’n gewilde rytuig onder Bloemfontein se inwoners en ’n jong man het by voorkeur ’n kapkar gebruik wanneer hy ’n meisie uitgeneem het.[372] ’n Kapkar is ’n tweewielkar met een of twee sitbanke en ’n vaste kap, wat gewoonlik deur perde of muile getrek word. Kapkarre kon ook gehuur word.[373] **Skotskarre** was ook algemeen in Bloemfontein beskikbaar. Skotskarre is sedert 1860 in Suid-Afrika bemark en is ’n eenvoudige kar wat deur osse, perde of muile getrek word.[374] Daar is ook dikwels gebruik gemaak van **perdekarre** wat deur een of meer perde getrek is. ’n Ander soort kar wat in die tydgenootlike koerante vermeld is, is ’n vulliskar wat deur die munisipaliteit van Bloemfontein gebruik is.[375]

5.2.4.3 Waens

Die bekende **ossewaens** was lank die belangrikste vervoermiddel waarmee goedere vervoer is, terwyl mense ook per ossewa gereis het.[376] Kinders wat die Sondagskole van die verskillende kerke bygewoon het, is dikwels met ossewaens vir hulle jaarlikse piekniek na piekniekplekke aangery. In 1890 is byvoorbeeld tien ossewaens benodig om die Sondagskoolkinders van die NG Kerk na die piekniekplek by Laer Tempe te vervoer.[377] Sophie Leviseur vertel ook in haar herinneringe dat toe haar man, Moritz Leviseur, begin herstel het van ’n ernstige siekte, hulle geneesheer ’n reis per ossewa of ’n seereis vir volle herstel aanbeveel het. Die gesin Leviseur het toe vir ses weke lank per ossewa deur die Vrystaat gereis en snags in die wa geslaap.[378]

Goedere en produkte is met ossewaens of transportwaens van die naaste hawe, Port Elizabeth, na Bloemfontein aangery. Goedere is ook voor die spoorverlenging na Johannesburg en Pretoria per ossewa van Bloemfontein na Johannesburg vervoer. Na die opening van die spoorlyn vanaf Kaapstad het verkeer met Kaapse dorpe baie toegeneem. Van die goedere was vir Bloemfontein bestem, maar groot hoeveelhede moes per ossewa na Johannesburg en Pretoria vervoer word, omdat die spoorlyn Johannesburg en Pretoria eers in 1892 bereik het.[379]

---

[371] In die 19de eeu was die term **kar** ’n oorkoepelende naam vir alle rytuie met twee wiele wat gewoonlik deur perde of muile getrek is. Malan, p. 135. Karre is soms ook deur donkies getrek. *De Burger*, 6.6.1894, p. 2.
[372] VAB, A507/6 (toevoeging A519): C. Skea – K. Schoeman, 16.3.1979; Leviseur, p. 70.
[373] *Daily Express*, 19.12.1890, p. 4; *The Friend*, 24.6.1892, p. 3 en 17.5.1892, p. 2. Volgens Jacques Malan is kapkar die korrekte Afrikaanse benaming vir “Kaapse kar”, wat dikwels in die ou literatuur en koerante gebruik is. In Engels word dit wel ’n “Cape cart” genoem. Malan, p. 135.
[374] *Daily Express*, 2.8.1890, p. 2; *The Friend*, 20.1.1891, p. 3, 18.10.1892, p. 1 en 11.4.1895, p. 2; Malan, p. 120.
[375] *The Friend*, 24.6.1892, p. 3 en 18.10.1892, p. 1.
[376] *Daily News*, 7.3.1890, p. 3.
[377] *Daily Express*, 13.10.1890, p. 2. Kyk hoofstuk 5 vir meer inligting oor die sosiale lewe en vryetydsbesteding.
[378] Leviseur, p. 82.
[379] *The Friend*, 4.9.1891, p. 3; Snyman, p. 196.

Selfs na die koms van treine is daar steeds van ossewaens gebruik gemaak om goedere en landbouprodukte tussen dorpe en state te vervoer, omdat dit dikwels goedkoper was.[380] **Bokwaens**, wat eintlik maar ’n tentlose ossewa is, is ook gebruik om goedere mee te vervoer.[381] In 1891 word melding gemaak van ses spesiale waens wat W. Reeler, Bloemfontein se goedere-vervoerkontrakteur, uit die Kaapkolonie bestel het. Dié waens was waarskynlik ossewaens of transportwaens, aangesien dit deur osse getrek is.[382]

In 1892 is **reiswaens** wat deur osse of muile getrek kon word, ook in Bloemfontein geadverteer. Jacques Malan definieer ’n reiswa as ’n osse- of perdewa wat soos die hedendaagse woonwa of karavaan ingerig was.[383]

Poswaens is spesiaal gebruik om pos binne dorpe te vervoer. Toe die bekende Bloemfonteinse vervoerfirma Kregör & Verster in 1890 die kontrak gekry het om die pos tussen Bloemfontein se spoorwegstasie en die poskantoor te vervoer, het hulle ’n poswa van Kaapstad af bestel. Dié poswa was die eerste van sy soort in die Vrystaat en op pres. Reitz se versoek is die Bloemfonteinse poswa oranje geverf, met die wapen van die Vrystaat op die kante geskilder. Nadat Kregör en Verster ook die kontrak gekry het om pos vanaf Bloemfontein na Johannesburg en Pretoria te vervoer, is nog twee soortgelyke poswaens vir hulle deur die Bloemfonteinse wamaker Jas. Ensor gebou.[384]

Daar is ook in Bloemfontein van ’n **lykswa** gebruik gemaak wat spesiaal ontwerp is om lyke vir begrafnisse te vervoer. Dit is gewoonlik ’n ligte, langwerpige rytuig met vier wiele en glas- of houtsykante wat deur perde getrek is.[385]

5.2.4.4 Die phaeton-familie

In die 1890’s is daar in Bloemfontein ook melding gemaak van verskeie rytuie wat volgens Jacques Malan tot die phaeton-familie behoort, onder meer die phaeton self, asook spaiders, hondekarre en buggies. Alle rytuie wat oop is aan die kante, met vier wiele en wat bedoel is om deur die eienaar self gedryf te word (dit wil sê sonder ’n koetsierbok), is lede van bogenoemde

---

[380] *De Burger*, 26.1.1895, p. 2.
[381] Malan, p. 133; *Daily Express*, 12.12.1890, p. 2.
[382] *The Friend*, 20.2.1891, p. 2.
[383] *Ibid*., 19.1.1892, p. 2 en 24.6.1892, p. 3; Malan, p. 135.
[384] VAB, GS189: ouditeur-genl. – pres. Reitz en Reitz se kommentaar op brief, 23.10.1890; *De Express*, 11.11.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 11.11.1890, p. 3, 20.3.1891, p. 3 en 26.8.1892, p. 3.
[385] Malan, pp. 135, 140; Eerste Raadsaal- en Waenhuismuseum, St. Georgestraat, Bloemfontein, besoek 10.6.2011.

familie. Hierdie rytuie het ’n ligte konstruksie met een of twee bankies wat vorentoe kyk, sonder of met ’n kap en is gewoonlik deur twee perde getrek.[386]

Phaetons self was in Suid-Afrika nie so algemeen nie en is gewoonlik in groter dorpe en stede gebruik.[387] Sakeman Arthur W. Beck en mev. H.F. Gill van Bloemfontein het albei oor ’n phaeton beskik.[388] In 1894 is daar in Bloemfontein ’n “*vis-à-vis* phaeton”[389] en in 1895 ’n ligte viersitplek-*vis-à-vis*, wat blykbaar deur ponies getrek is, te koop aangebied.[390]

In die laat 1870’s het ’n rytuig soortgelyk aan die ligter phaetons in Suid-Afrika beskikbaar geword en die beskrywende naam *spider* gekry omdat dit met sy groot wiele, ligte bakwerk en relatief hoë spoed soos ’n spinnekop lyk. In Afrikaans is dit ’n **spaider** genoem. Daar was ’n groot verskeidenheid spaiders, maar almal het vier wiele gehad en is deur een of meer perde getrek.[391] Spaiders was ’n algemene gesig in Bloemfontein, terwyl **hondekarre**, wat eintlik ook maar ’n tipe spaider is, in die 1890’s ook te koop aangebied is.[392]

5.2.4.5 Private koetse

In Suid-Afrika was daar hoofsaaklik drie soorte private koetse, naamlik die victoria, die landau en die brougham. Malan definieer ’n koets as ’n deftige vierwielrytuig getrek deur vier of meer perde wat deur ’n koetsier gedryf word. Die onderskeidende kenmerk vir ’n koets is die koetsiersbok of -bank heel voor en koetse het sitplek vir twee, vier of ses mense met ’n vaste of afslaanbare kap.[393]

Dr. C.J.G. Krause en regter (later pres.) M.T. Steyn het albei ’n **victoria** besit. Die victoria was in verskillende modelle beskikbaar, maar het almal koetsiersbokke, terwyl die bakvorm byna skuitvormig is. Victorias het ’n afslaanbare kap wat skuiling aan passasiers gebied het. Kenmerkend van die victoria is die vier lang, geboë modderskerms. Waar die voor- en agtermodderskerms in die middel van die rytuig bymekaarkom, is die trappe. Die tweesitplek-victoria was meer algemeen, hoewel die dubbel-victoria met vier sitplekke ook

---

386 *The Friend*, 17.4.1891, p. 3 en 27.5.1892, p. 3; Malan, p. 104.
387 Malan, pp. 104-105.
388 *The Friend*, 24.4.1889, p. 3 en 18.6.1895, p. 3.
389 Volgens Malan is die *vis-à-vis* nie werklik deel van die phaeton-familie nie, maar is dit eerder ’n ligte oopkoets met bankies wat na mekaar toe kyk en hoort dit eerder by die private koets-familie. *Vis-à-vis* is ’n Franse term wat “gesig-na-gesig” beteken. Malan, pp. 26, 40, 103, 136.
390 *The Friend*, 6.4.1894, p. 2 en 11.4.1895, p. 2.
391 Fischer, p. 19; Malan, p. 105.
392 *Daily Express*, 2.8.1890, p. 2; *The Friend*, 20.2.1891, p. 2, 1.3.1892, p. 4 en 11.4.1895, p. 2.
393 Malan, p. 100.

beskikbaar was.[394] Volgens ’n foto van pres. Reitz en sy gesin wat in die 1890’s voor die Presidensie geneem is, het Reitz ’n dubbel-victoria besit wat waarskynlik sy private koets was. Hierdie rytuig sou by Reitz se status gepas het en is deur net een perd getrek.[395]

Enkele **broughams**[396] is ook in Bloemfontein aangetref. Die brougham is ’n ligte toekoets wat klaarblyklik in 1839 deur die Britse staatsman lord Henry Brougham (1778-1868) ontwerp is vir een tot vier persone. Die brougham, met sy vaste kap, het deure en vensters en is binne nogal luuks. Dit is getrek deur een of meer perde en is gedryf deur ’n koetsier wat buite voor op die bok gesit het.[397]

5.2.5 Fietse

In ongeveer 1888 het ’n nuwe vervoermiddel, die fiets, sy verskyning in Bloemfontein gemaak en teen 1890 was hierdie nuutjie reeds baie gewild. Baie van die blanke inwoners het ’n fiets aangeskaf sodat daar teen 1895 reeds van ’n “bicycle mania” gepraat kon word.[398] Die eerste fiets was die sogenaamde *penny farthing* met ’n groot voorwiel en ’n baie klein agterwiel. Baie gou is die *penny farthing* deur ’n fiets met twee wiele van dieselfde grootte vervang, maar nog steeds met soliede rubberbande of “bone shakers”. In 1895 het Dunlop ’n nuwe soort fietsband ontwerp, naamlik die lugband, wat bestaan het uit ’n hol rubberband wat met lug gevul is. Die lugband was meer bestand teen lekplekke, het minder stamperig gery en danksy die riwwe op die rubber, het die bande nie so maklik gegly nie.[399]

Hoewel die eerste fiets in Frankryk ontwerp is, het die Amerikaners en Engelse die uitvinding verbeter en in Suid-Afrika is fietse aanvanklik vanaf die buiteland af ingevoer. Bekende fietsvervaardigers wat in Bloemfonteinse koerante geadverteer het was onder meer Rudge & Whitworth Cycles, met takke in Port Elizabeth, Johannesburg en Kaapstad, die Coventry Machinist’s Company wat die gewilde Swift-fiets vervaardig het en op soek was na agente om hulle fietse te verkoop, en laastens die bekende Raleigh Cycles wie se fietse sedert 1895 by G.A. Fichardt in Bloemfontein te koop was.[400]

---

394 *Daily Express*, 24.10.1890, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein in beeld*, p. 46, foto 100. Vergelyk ook Malan, pp. 41, 102.
395 VAB, foto 725: Pres. Reitz en sy gesin in koets voor die Presidensie, 1890’s.
396 Word uitgespreek as *broems*.
397 Malan, pp. 12, 41-42, 103.
398 *The Friend*, 26.2.1890, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 117.
399 AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts, “History Bits. Bicycles” (ongepubliseerde artikel), pp. 1-3; *The Friend*, 3.1.1895, p. 3.
400 *The Friend*, 19.6.1894, p. 3, 11.1.1895, p. 1, 22.2.1895, p. 3, 18.6.1895, 30.7.1895, p. 1 en 26.11.1895, p. 1.

Almal in Bloemfontein het fietsgery – mans, vroue en kinders. Teen 1895 was dames op fietse, steeds in rompe geklee, reeds ’n algemene gesig in Bloemfontein. Die vroue het lood in die some van hulle rytabberd se rompe vasgewerk sodat dit nie kon opwaai nie en soms was hul uitrusting met leeromboorsels afgewerk. Volgens Roberts het sommige waagmoedige vroulike fietsryers selfs rompe gedra wat tussen die bene vasgewerk was. Mans en seuns het meestal kuitbroeke met Norfolk-baadjies[401] en pette[402] vir fietsry gedra.[403] Die fietsverkeer in Bloemfontein het voortdurend toegeneem, want swart mense het ook begin fietsry.[404]

5.2.6 Spoorwegontwikkeling en treine

Tydens pres. Brand se bewind is daar aandag gegee aan die moontlikheid van ’n spoorlyn om Bloemfontein met die kus te verbind. Reeds in 1862 is die eerste spoorlyn in Suid-Afrika wat tussen twee dorpe geloop het, tussen Kaapstad en Wellington aangelê en in 1884 het die spoorlyn vanaf Kaapstad die Vrystaatse grens by die Oranjerivier bereik. Dit was ’n gulde geleentheid om die spoorlyn vanaf Norvalspont aan die Oranjerivier tot by Bloemfontein te verleng, maar sekere groepe in die Vrystaat was gekant teen die spoorwegontwikkeling. Ofskoon die kwessie sedert 1875 jaarliks in die Volksraad bespreek is, was die “remskoen-party” in die Volksraad daarteen gekant omdat hulle bang was dat die spoorlyn die OVS meer afhanklik van die Kaap sou maak. Daar was ook ’n vrees vir die onkoste en moontlike skuld wat spoorwegontwikkeling kon meebring. Die transportryers, wat goedere met waens tussen die hawens en Bloemfontein vervoer het, was uiteraard ook bang dat die koms van treine hulle hul bron van inkomste kon ontneem.[405]

Pres. Brand, wat die ekonomiese voordele van die spoorlyn besef het, was ’n voorstander daarvan, maar het heftige teenstand ondervind. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 en die markte wat dit geskep het, asook die druk verkeer deur die Vrystaat na die goudvelde, het tot handelsopbloei in die Vrystaat en veral in Bloemfontein gelei, wat weer die aanleg van die spoorlyn vanaf Norvalspont na Bloemfontein bespoedig het.

---

[401] ’n Norfolk-baadjie was ’n lospassende baadjie met een ry knope wat hoog teen die nek vasgemaak het, met stolpplooie (box pleats) op elke voorpant en in die middel van die rug, groot sakke op die heupe, met ’n gordel of halfgordel van dieselfde materiaal. Norfolk-baadjies is gewoonlik van tweed gemaak en die baadjie het tot in die middel van die dy gestrek. “Victorian Men’s Fashions, 1850-1900: Coats and Jackets”, <http://www.victorianweb.org/art/costume/nunn18.html>, geraadpleeg 30.7.2012.

[402] Pette, wat dikwels deur mans vir sportgeleenthede gedra is, is in die winter gewoonlik van tweed of wol gemaak en in die somer van ligter materiale soos katoen of linne.

[403] *De Burger*, 3.7.1895, p. 2; AREA, PV522/2/1/3: Roberts, “History Bits. Bicycles”, p. 3.

[404] Schoeman, *Bloemfontein*, p. 193.

[405] S. Leviseur, “My most memorable day in Bloemfontein: the coming of the railway”, *Supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 59; Snyman, p. 143.

In Julie 1888, skaars ’n week voor Brand se dood, het die Volksraad die aanleg van ’n spoorlyn in beginsel goedgekeur en in Januarie 1889 het die Volksraad, na ’n ellelange beraadslaging, met 35 stemme teen 17 besluit om die spoorlyn, wanneer dit Bloemfontein bereik het, na die Vaalrivier te verleng.[406] Die spoorlyn vanaf Norvalspont tot by Bloemfontein is deur die Kaapse spoorwegowerhede op hulle koste gebou en eers in 1897 het die Vrystaatse regering die spoorwegstelsel van die Kaapkolonie oorgeneem en bedryf.[407]

Bloemfontein se stadsraad en meeste inwoners was ten gunste van die spoorlyn omdat hulle die ekonomiese voordele van ’n spoorlyn deur Bloemfontein besef het. Die stadsraad het besluit om grond vir die spoorwegstasie en woonplek vir spoorwegwerkers “ten oosten van den stad en ten noorden van de Spruit, en zijn gelegen in Hanger- en Bergstraat”[408] beskikbaar te stel. Die naderende spoorlyn en bouwerk aan die stasiegebou[409] het groot opwinding onder Bloemfontein se inwoners veroorsaak. Op 10 Oktober 1890 het die eerste lokomotief die Vrystaatse hoofstad nie-amptelik binnegestoom. Die koms van die spoorlyn na Bloemfontein is een van die ingrypendste gebeure in die 19de eeuse geskiedenis van die Vrystaatse hoofstad en met die opening van die spoor is drie dae lank fees gevier.[410] Op 17 Desember 1890 het die eerste amptelike trein, sy lokomotief met Vrystaatse, Transvaalse en Britse vlae versier, die Bloemfontein-stasie onder ’n boog van immergroen plante binnegestoom en die sykoord wat oor die spoor gespan is, gebreek. Onder “blazen en snorken” van die lokomotief het pres. Reitz die spoorlyn oop verklaar, waarna die feestelikhede begin het.[411] Dit is interessant dat die eerste lokomotiewe wat in die Vrystaat diens gedoen het, ’n opsigtelike helder oranje kleur geverf is, om te pas by die naam van die republiek, naamlik Oranje-Vrystaat.[412]

Nadat die spoorlyn vanaf Norvalspont Bloemfontein bereik het, is daar dadelik begin met die verlenging na die Vaalrivier. Sedert die opening van die Bloemfontein-Norvalspont spoorlyn teen die einde van 1890 het goedere- en passasiersverkeer met die koloniale dorpe geweldig toegeneem.[413] Die Vrystaatse hoofstad is in September 1892 per spoor met

---

406 *OVS Volksraadsnotule*, 16-17 Januarie 1889. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 110; Snyman, pp. 142-144.
407 *Bloemfontein Directory 1898*, p. 31; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 138.
408 VAB, MBL1/1/1/5: Stadsraadsnotule, 7.11.1889.
409 Kyk 12.3.1.1 *infra* vir meer inligting oor die stasiegebou.
410 Kyk hoofstuk 5 vir meer besonderhede oor feesdae.
411 Leviseur, “My most memorable day”, p. 59; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 110-112.
412 *De Express*, 21.10.1890, p. 2; *The Friend*, 31.10.1890, p. 3. Vergelyk ook M. Botes, “Die Vrystaat se oranje choo-choo”, *Culna* 61, November 2006, p. 9.
413 Snyman, p. 196.

Johannesburg en in Januarie 1893 met Pretoria verbind[414] en in Junie 1893 kon *The Friend* berig dat baie mense per trein via Bloemfontein na die ZAR gereis het. Waar reise na die Kaapkolonie per ossewa soms maande geduur het, was Port Elizabeth per trein nou net 24 uur vêr, terwyl Kaapstad binne 34 uur bereik kon word.[415]

Hoewel die Kamer van Koophandel hom aktief vir die bou van ’n spoorlyn tussen Bloemfontein en Kimberley beywer het en die Volksraad in 1895 die bou van bogenoemde spoorlyn goedgekeur het, is dit eers na die Anglo-Boereoorlog voltooi.[416] Treine is dikwels vertraag deur ontsporings, ongelukke, spoorlyne en brûe wat beskadig is of weggespoel het, asook deur sprinkane of diere op die spoor.[417]

’n Reisiger wat Bloemfontein in 1894 besoek het, het per trein vanaf Kaapstad na Bloemfontein gereis. Alice Blanche Balfour vertel dat daar ’n stadige trein en ’n sneltrein was. Die stadige trein het bedags teen ongeveer vier myl per uur (6,4 km per uur) aangekruie, terwyl die sneltrein snags teen ongeveer 19 myl per uur (30,6 km per uur) voortgestoom het. Volgens Balfour was treinvervoer in Suid-Afrika in die 1890’s baie gemaklik, maar die treine was nie baie vinnig nie. Ook was daar dikwels oponthoude in die vorm van vee of sprinkane op die spoor, waarvoor die trein genoodsaak was om te wag. Sprinkane was so ’n plaag dat derduisende van hulle doodgery is, met die gevolg dat die spoor só glad begin raak het dat die treine moes wag totdat die spoor skoongemaak kon word, anders het die treinwiele gegly.[418]

5.2.7 Vervoermiddele van swart mense

Daar is min geskryf oor vervoermiddele wat deur swart mense gebruik is, maar in 1890 word daar melding gemaak van ’n “Kafir cart”, met eiervormige wiele en wat deur twee perde getrek is. Dit was waarskynlik ’n selfgeboude perdekar, want uit foto’s blyk dit dat swart mense ook van perdekarre gebruik gemaak het.[419] Swart mense het beslis fietsgery, terwyl foto’s toon dat daar in die swart woonbuurt Waaihoek van kapkarre en skotskarre gebruik gemaak is.[420] Dan het swart en bruin mense natuurlik ook per trein gereis.[421]

---

414 “Geweldige groei van spoorweë in OVS”, *OVS eeufees-bylaag tot Die Vaderland*, 13.2.1954, p. 7; G.J. Lamprecht, *Die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 tot 1899* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1953), p. 244.
415 *The Friend*, 2.2.1892, p. 2 en 13.6.1893, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 112-114.
416 *The Friend*, 21.5.1895, p. 1; “How Chamber of Commerce has served the Free State for 63 years”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 63.
417 *Daily Express*, 29.12.1890, p. 4; *The Friend*, 2.2.1892, pp. 2-3.
418 Balfour, pp. 34-35, 39.
419 *Daily Express*, 29.4.1890, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein in beeld*, p. 75, foto 162.
420 NM, 01/419: foto, straat in Waaihoek, ca. 1900.
421 *De Express*, 21.2.1891, p. 3; *The Friend*, 11.12.1892, p. 3.

5.3 Verkeerstoestande

5.3.1 Verkeerstoename en probleme

Met die aanlê van die spoor tot by Bloemfontein het handel ’n groot opbloei beleef sodat verkeer in die strate al hoe meer toegeneem het.[422] Tydens stadsraadsvergaderings is reeds in 1890 opgemerk dat rytuie en waens onverskillig ry en dikwels ’n gevaar vir voetgangers en ander padgebruikers is. Transportwaens vol produkte het strate en deurgange so geblokkeer dat ander rytuie baie moeilik kon verbykom, wat dikwels tot ongelukke gelei het. In 1895 was daar klagtes dat waens en osse die hele Markplein en Adderleystraat volgestaan het.[423] Bouers het dikwels die helfte van die straat waar hulle werk met boumateriaal beset, sodat rytuie en waens kwalik daar kon verbykom. Verder het inwoners soms rytuie met ingespande perde sonder toesig in die strate gelaat en wanneer perde dan vir iets geskrik en weggehardloop het, is rytuie dikwels beskadig en perde soms beseer.[424]

Omdat Bloemfontein se inwoners nie aan sulke hewige verkeer gewoond was nie, is daar gou gekla dat die strate van die hoofstad onveilig en selfs lewensgevaarlik vir veral voetgangers geword het. Daar is ook opgemerk dat die strate te nou was vir al die rytuie, dat leë waens dae lank voor winkels gestaan en die pad versper het, dat verkeersregulasies nie nagekom is nie en dat die drywers van rytuie en kebs uiters vinnig en onverskillig deur Bloemfontein se strate gejaag het. Verder is voetpaadjies deur handelsware en boumateriaal versper, sodat voetgangers met lewensgevaar in die besige strate moes loop.[425]

Rytuie in die strate het mekaar na willekeur links of regs verbygesteek, terwyl drywers van waens met die geklap van hulle lang swepe perde verskrik en voetgangers in gevaar gestel het. Gevolglik het perde op loop gegaan of verbygangers geskop, rytuie het soms omgeslaan, voetgangers is deur swepe raak geslaan en mense het onder rytuie se wiele beland. Hoewel die gebruik van swepe in die dorp deur verkeersregulasies verbied is, het sekere wadrywers hulle nie daaraan gesteur nie. Verder was die straatbeligting onvoldoende, veral in sommige strate in die middel van dorp wat baie verkeer gedra het. In 1894 was daar klagtes dat groepe mense, wit en swart, in die strate staan, wat weer die pad vir rytuie versper het.[426]

---

[422] *The Friend*, 13.3.1891, p. 2.16.10.1891, pp. 2-3 en 10.11.1891, pp. 2-3.
[423] *Ibid*., 4.8.1891, p. 2, 16.10.1891, p. 3 en 2.8.1895, p. 2.
[424] *Daily Express*, 23.5.1890, p. 3; *The Friend*, 15.1.1890, p. 3, 27.3.1891, p. 3 en 16.10.1891, pp. 2-3.
[425] *The Friend,* 13.3.1891, p. 2, 14.7.1891, p. 2, 31.7.1891, p. 2, 4.8.1891, p. 2, 8.9.1891, p. 3, 6.10.1891, p. 2, 13.10.1891, p. 2 en 11.3.1892, pp. 2-3.
[426] *De Burger*, 20.2.1895, p. 2; *The Friend*, 13.3.1891, p. 2, 14.7.1891, p. 2, 31.7.1891, p. 2, 4.8.1891, p. 2, 8.9.1891, p. 3, 6.10.1891, p. 2, 11.3.1892, pp. 2-3, 7.12.1894, p. 3 en 20.4.1894, p. 3.

5.3.2 Verkeersregulasies

Reeds in 1890 het artikel 130 van die munisipale regulasies bepaal dat geen rytuig of ander voorwerpe langer as 48 uur in enige openbare pad, plein, deurgang of plek mag staan nie. Verder moes rytuie in enige openbare straat of plek, veral na sononder, nie in die pad van enige ander verkeer wees nie en moes so na as moontlik aan mure of huise parkeer word, sonder om enige ingang te versper.[427]

In 1891 is verder bepaal dat geen rytuig of enige ander obstruksie tussen sonop en sononder in enige straat, voetpad, gang, of enige openbare deurgang gelaat mag word vir ’n tydperk langer as wat dit absoluut nodig was om goedere op of af te laai nie. Geen rytuig of ander obstruksie sou toegelaat word om enige straat, voetpad of enige ander openbare deurgang te blokkeer of toegang daartoe te belemmer nie, ook nie snags nie.[428]

In 1892 is die verkeersregulasies verder uitgebrei om te bepaal dat iemand wat besig was met bouwerk of die verkoping van goedere, nie meer as ’n vierde van die betrokke straat in beslag kon neem nie. Die geklap van swepe in openbare strate is streng verbied. Verder is bepaal dat perderuiters en drywers van enige tipe rytuig verplig was om straathoeke baie stadig te benader en deurgaans aan die linkerkant van die pad te hou, ook wanneer brûe oorgesteek word. Die stilhou of omdraai van rytuie op brûe of by die toegang tot brûe was verbode. Dit is ten strengste belet om met perde, kruiwaens, fietse en rytuie op enige sypaadjie of voetpad te beweeg. Persone wat verkeersregulasies oortree het, moes voor die landdros van Bloemfontein verskyn en is gewoonlik ’n boete of selfs gevangenisstraf opgelê.[429]

5.3.3 “Woest rijden”

’n Mens sou dink dat verkeerstoestande in die rustige Bloemfontein van die 1890’s baie beter was as in vandag se besige stede, maar uit bostaande bespreking blyk dit dat dit nie die geval was nie. Voor en nadat bogenoemde verkeersregulasies ingestel is, het koerantberigte met opskrifte soos *Woest Rijden*, *Furious Driving*, *Careless Driving*, *Sad Accident*, *Alarming Accident*, *Terrible And Fatal Post Cart Accident*, *A Narrow Escape*, *Amper Overreden* en *Serious Carriage Accident*, gereeld in die plaaslike koerante verskyn.[430]

---

[427] *Daily Express*, 28.11.1890, p. 3.
[428] *The Friend*, 22.5.1891, p. 2, 23.6.1891, p. 3 en 6.10.19891, pp. 2-3.
[429] “Regulatien voor de goede orde in de stad Bloemfontein”, *Gouvernements Courant*, 22.4.1892; *The Friend*, 20.2.1891, p. 2, 26.4.1892, p. 2 en 1.12.1893, p. 2.
[430] *The Friend*, 12.3.1890, p. 3, 20.2.1891, p. 2, 17.4.1891, p. 3, 4.9.1891, p. 3, 27.5.1892, p. 3, 16.9.1892, pp. 2-3, 27.1.1893, p. 3 en 8.5.1894, p. 3.

Perderuiters en drywers van rytuie het soms onverskillig en dikwels heeltemal te vinnig gery vir die verkeerstoestande van die tyd – dermate dat daar van "Woest Rijden" gepraat is. Reeds in die 1880's is spoedbeperkings ingestel wat bepaal het dat enige perd of rytuig wat deur perde getrek is, nie vinniger as agt myl (sowat 13 km) per uur op 'n reguit pad en nie vinniger as ses myl (sowat nege km) per uur oor 'n brug of om 'n hoek mog ry nie. Dit is uiteraard nie altyd nagekom nie. Verder was rytuie, asook trek- en rydiere, baie gevaarlike vervoermiddele indien hulle nie behendig hanteer is nie. Dit het dikwels gebeur dat perde met 'n rytuig op loop gesit het en dan het van die passasiers uitgeval en seergekry of is voetgangers verskrik of beseer. Rytuie het ook van tyd tot tyd omgeslaan met die gevolg dat passasiers uitgegooi en beseer is.[431]

5.3.4 Ongelukke

Daar was heelwat ongelukke met poskarre, veral snags wanneer die lig nie so goed was nie. Dan het poskarre soms oor miershope of slote gery en omgeslaan. Ongelukke met poskoetse het ook van tyd tot tyd voorgekom. Soms het die trekdiere op loop gesit en dan het van die koetsiers afgeval. Dikwels is koetse en poskarre ook deur vol riviere of spruite meegesleur wat die gevaar van verdrinking vir drywers, passasiers en trekdiere ingehou het.[432]

Ook private en huurrytuie in Bloemfontein was in ongelukke betrokke. In die tydgenootlike koerante lees mens dikwels van kebs, rytuie en waens wat omgeslaan het, of passasiers, veral kinders, wat uit rytuie geval en beseer is. Soms het insittendes of drywers van kebs, rytuie en waens wat uitgeval het, ook onder die wiele van die rytuig beland, met ernstige gevolge. Dikwels het insittendes net groot geskrik en 'n paar skrape opgedoen, maar soms is inwoners ernstig beseer of selfs gedood.[433] Botsings tussen rytuie het ook plaasgevind, wat gewoonlik weer die perde op loop laat sit het sodat verdere skade of beserings hierdeur veroorsaak is. Private rytuie is ook soms deur vol riviere of spruite meegesleur.[434]

---

[431] *De Burger*, 6.6.1894, p. 2; *The Friend*, 12.3.1890, p. 3, 2.4.1890, p. 5, 13.3.1891, p. 3 en 17.4.1891, p. 3. Vergelyk ook J. Haasbroek, "Vanmelewe se *woest rijden* in Bloemfontein", *Nasionale Museum Nuus* 26, April 1984, pp. 26-27 en Snyman, p. 196.

[432] *De Express*, 11.11.1890, p. 4; *De Burger*, 27.2.1895, p. 2; *The Friend*, 11.11.1890, p. 3, 20.3.1891, p. 3, 19.5.1891, p. 3, 4.9.1891, p. 3 en 16.8.1892, p. 2.

[433] *De Burger*, 5.5.1894, p. 2 en 19.9.1894, p. 2; *The Friend*, 30.1.1889, p. 3, 4.3.1892, p. 2, 27.5.1892, p. 3, 15.11.1892, p. 3, 19.1.1894, p. 3, 13.2.1894, p. 3, 13.11.1894, p. 3 en 26.7.1895, p. 3.

[434] *The Friend*, 19.5.1891, p. 3, 23.1.1894, p. 3, 26.1.1894, p. 2, 21.9.1894, p. 2 en 26.7.1895, p. 3; *De Burger*, 6.6.1894, p. 2 en 19.9.1894, p. 2.

Inwoners, ook kinders, wat perd gery het, is dikwels deur perde of donkies afgegooi of selfs geskop, terwyl perde soms ook voetgangers beseer het.[435] Ook fietsryers het soms met rytuie gebots of geval en onder perde se hoewe beland.[436]

Sedert 1890 was daar ook treinongelukke in die omgewing van Bloemfontein waarin passasiers, treindrywers en diere beseer of gedood is. Selfs wanneer ongelukke nie naby Bloemfontein plaasgevind het nie, was sommige van die passasiers, drywers en stokers wat beseer is, inwoners van Bloemfontein.[437]

Aanvanklik het trokke en waens van treine nogal gereeld ontspoor. Hoewel passasiers en spoorwegwerkers soms gedood of ernstig beseer is, het baie van hulle net met ligte beserings of skok daarvan afgekom. In Januarie 1893 het ’n grusame treinongeluk naby Kroonstad plaasgevind toe die treinbrug oor die Doornrivier meegegee en die lokomotief en agt trokke van die goederetrein in die rivier geval het. Beide die drywer en stoker is op slag dood of het verdrink. Ander treinbrûe het ook van tyd tot tyd verspoel.[438]

Swart en wit voetgangers, veral kinders, asook passasiers in rytuie, is soms deur treine raakgery en beseer of gedood. Inwoners was dus soms onverskillig en ’n paar keer het van die inwoners byna tussen die platform en die bewegende trein ingeval nadat hulle probeer het om passasiers in die bewegende trein vanaf die platform te groet. In 1892 het ’n beskonke swart man wel tussen die platform en bewegende trein ingeval en is redelik ernstig beseer.[439]

Wit en swart spoorwegwerkers is nogal dikwels beseer en selfs gedood wanneer hulle op die voetplaat of die baanruimer[440] buite die stadig bewegende trein gestaan of afgespring het om byvoorbeeld waens of trokke aan mekaar te koppel, of in die uitvoering van hulle pligte voor ’n trein beland het.[441] In 1894 het ’n rangeerder, ene Dedwydd, se voet byvoorbeeld tussen die spoor en ’n veiligheidstaaf vasgehaak terwyl hy by die Bloemfontein-stasie besig was om ’n trok aan ’n lokomotief te koppel en is sy been ernstig beseer.[442] Treine het soms beeste of

---

435 *Daily Express*, 31.7.1890, p. 3 en 1.8.1890, p. 3; *The Friend*, 6.8.1890, p. 2, 6.1.1891, p. 3, 10.2.1891, p. 3, 14.4.1891, p. 3 en 1.7.1892, pp. 2-3.
436 *Daily Express*, 17.4.1890, p. 3; *The Friend*, 22.4.1890, p. 10.
437 *The Friend*, 14.11.1890, p. 3, 6.1.1891, p. 3 en 13.8.1895, p. 3.
438 *De Express*, 11.11.1890, pp. 2-4; *The Friend*, 6.1.1891, p. 3, 23.1.1891, p. 3, 17.2.1891, p. 3 en 17.1.1893, pp. 2-3.
439 *The Friend*, 20.1.1891, p. 3, 3.2.1891, p. 3, 5.5.1891, p. 3, 12.1.1892, pp. 2-3 en 29.12.1891, pp. 2-3.
440 Staan in Engels as “cow catcher” bekend.
441 *The Friend*, 10.4.1891, p. 3, 26.6.1891, p. 3, 22.9.1891, p. 3, 17.11.1891, p. 2 en 27.12.1892, p. 3.
442 *De Burger*, 5.5.1894, p. 2; *The Friend*, 4.5.1894, p. 2.

ander diere op die spoor getref, veral snags wanneer sig swak was, terwyl botsings tussen treine wel van tyd tot tyd voorgekom het. Deur hierdie ongelukke is treine dikwels vertraag.[443]

6 Sanitasie

Reeds sedert die 1870's is swak sanitêre toestande in Bloemfontein vir die voorkoms van aansteeklike siektes soos maagkoors, ingewandskoors, skarlakenkoors en witseerkeel geblameer. Daar is gereeld in die tydgenootlike koerante gekla oor die spruit en fontein wat besoedel is, veekrale in die dorp, vullishope in erwe, op sakepersele en in die strate, poele vuil water, dooie honde, katte en ander diere wat oral rondlê, asook sinkputte naby huise of waterputte. Sommige inwoners het nie van die munisipale vulliskar gebruik gemaak nie, maar het hulle vullis in hul agterplase laat ophoop, wat 'n broeiplek vir siektes was.[444]

In Oktober 1880 is Bloemfontein se eerste gesondheidsinspekteur, George Wilson, aangestel, maar jare later was daar steeds ontevredenheid oor vullishope en stank binne die dorpsgebied, wat deur die somerhitte vererger is.[445] In 1889 is genoem dat die gesondheidsinspekteur besig was met inspeksies om toe te sien dat inwoners hulle vullis en as van hulle erwe verwyder. Twee jaar later is ene mnr. Beckley as gesondheidsinspekteur aangestel en in 1892 is hy deur J. Crawford vervang. 'n Korrespondent van *The Friend* was van mening dat die stadsraad nie die sanitêre regulasies streng genoeg toepas nie.[446]

Dis interessant dat daar reeds in 1887 'n aantal spoelklosette[447] in Bloemfontein was wat klaarblyklik met water gewerk het, maar volgens die stadsraad het bogenoemde toilette die lug besoedel en die grond met besmetlike stowwe deurweek. Daarom is in 1887 streng opdrag gegee dat die "receptacles" of houers waarin die spoelklosette leeggemaak is, gereeld skoongemaak moes word en dat enige vuil poele water met droë grond of ander ontsmettingsmiddels bedek moes word. Die inhoud van die houers moes gereeld verwyder

---

[443] *De Burger*, 2.5.1894, p. 2; *The Friend*, 17.2.1891, p. 3, 1.5.1891, p. 3, 17.7.1891, p. 2, 29.3.1892, p. 3, 1.4.1892, p. 2, 6.9.1892, p. 2, 10.1.1893, p. 3, 1.5.1894, p. 2, 13.8.1895, p. 3 en 8.10.1895, p. 2.

[444] *Daily Express*, 18.10.1890, p. 4 en 24.10.1890, p. 4; *The Friend*, 29.1.1890, p. 6, 15.1.1892, p. 2 en 1.5.1894, p. 2. Vergelyk ook Venter, pp. 7-8.

[445] *The Friend*, 20.3.1889, p. 3, 3.3.1891, p. 3, 20.3.1891, p. 3, 21.4.1891, p. 3, 4.9.1891, p. 3 en 8.1.1892, p. 2; Venter, p. 7.

[446] *The Friend*, 15.5.1889, p. 3, 3.3.1891, p. 3, 20.3.1891, p. 3, 21.4.1891, p. 3 en 21.10.1892, p. 3.

[447] Daar is van Water Closets of W.C.'s gepraat en dit is waarskynlik uit die buiteland ingevoer. Hoe hierdie toilette gewerk het, is nie seker nie, want daar was toe nog nie lopende water in Bloemfontein nie. Skynbaar het dit die inhoud van die toiletbak met water weggespoel na 'n gat in die grond of na 'n houer wat die water en menslike afval opgevang het. VAB, GS184: dr. C.J.G. Krause – goewermentsekr., 21.3.1887, Afskrif van "Additional sanitary regulations for the town of Bloemfontein".

word en op aangewese plekke, op ’n afstand van die dorp, begrawe word.[448] Behalwe die spoelklosette het sinkputte algemeen in Bloemfontein voorgekom.[449]

Met die toename in Bloemfontein se bevolking het sanitêre toestande verder versleg, maar eers in 1889 is die stortingsterrein vir vullis en nagvuil omhein.[450] In dieselfde jaar, toe daar reeds meer as 300 sinkputte in die hoofstad was, het die stadsraad uiteindelik ’n stelsel van emmersanitasie ingestel. Die plaaslike timmerman en begrafnisondernemer, Marthinus Voorboom, het die kontrak vir die verwydering van nagvuil gekry. Volgens die kontrak sou slopemmers daagliks by hotelle en ander groot instansies verwyder word en by privaatwonings twee keer per week. Ofskoon dit ’n groot verbetering in Bloemfontein se sanitêre geriewe was, was daar klagtes oor die geraas van nagkarwerkers en die stank van emmers wat snags op die sypaadjies geplaas is totdat dit in die vulliskarre leeggemaak kon word.[451]

In 1892 is die kontrak vir die verwydering van nagvuil en ander vullis vir ’n verdere drie jaar aan Voorboom toegeken, maar toe hy in 1895 geldelike probleme ondervind het, is die kontrak aan J. Bolt verkoop. Inwoners moes vir vullisverwydering betaal, maar is toegelaat om hulle eie vullis te verwyder, op voorwaarde dat hulle erwe skoongehou word.[452] Bloemfontein se munisipale stortingsterrein, waarheen stalmis, as en alle ander vullis verwyder moes word, was in 1892 suid van die spoorlyn, aan die oostekant van die dorp geleë. In 1894 is dit verder suidoos geskuif, nader aan ’n plek bekend as “Blauwbosch”.[453]

Reeds in 1882 is ’n aantal openbare toilette aan die buitewyke van die dorp vir swart mense opgerig,[454] maar in 1892 het die sanitêre komitee gewys op die noodsaaklikheid om toilette vir die swart woonbuurt Waaihoek te voorsien. Die inwoners van Waaihoek was gekant teen gemeenskaplike fasiliteite, maar bereid om toilette by hul afsonderlike huise te laat oprig. Om hulle te help, het die burgemeester, dr. Kellner, belowe om ’n emmer te voorsien vir elke inwoner wat ’n toilet laat oprig. In Maart 1894 het Kellner aanbeveel dat ses gemeenskaplike toilette met verwyderbare emmers in Waaihoek opgerig word en dat ’n swart man aangestel

---

448 VAB, GS184: dr. C.J.G. Krause – goewermentsekr., 21.3.1887, afskrif van “Additional sanitary regulations for the town of Bloemfontein”; *The Friend*, 16.1.1891, p. 3, 2.12.1892, p. 5 en 2.12.1892, p. 5.
449 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 116.
450 VAB, MBL1/1/1/5: Notule, stadsraadsvergadering, 4.2.1889.
451 *Daily News*, 18.1.1890, p. 3 en 10.3.1890, p. 3; *The Friend*, 3.3.1891, p. 3 en 20.4.1894, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 116-117.
452 *The Friend*, 30.10.1891, p. 3, 10.11.1891, pp. 1-3, 26.7.1892, p. 3, 22.2.1895, p. 2 en 22.3.1895, p. 2.
453 *Ibid*., 1.11.1892, p. 2 en 27.4.1894, p. 4.
454 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.

word om die nagvuil te verwyder. Teen April 1894 is sistematies begin om beter sanitêre geriewe vir die inwoners van Waaihoek te voorsien.[455]

Bogenoemde maatreëls het nie al Bloemfontein se sanitêre probleme opgelos nie, want swart mense en armblankes het nog gereeld die spruit, die onderkant van brûe en die buitewyke van die dorp as toilet gebruik, terwyl vuil water steeds buite huise uitgegooi is en stalle en veekrale nog oral op die dorp aangetref is. Die spruit is ook steeds as stortterrein gebruik.[456] In die spoorwegkamp het siektes weens swak sanitasie versprei, aangesien dooie diere en voëls in die vullishope op die oewers van die spruit naby die spoorwegkamp begrawe is. Veral die sanitasie van die huisvesting waarin swart spoorwegwerkers in die spoorwegkamp gewoon het, het veel te wense oorgelaat. Die spoorwegdepartement is op die vingers getik omdat hulle nie gesorg het dat die huisvesting van swart werkers skoon gehou word nie.[457]

Bloemfontein se inwoners het dikwels nie die veekrale en -hokke in hulle erwe skoongehou nie, waarskynlik omdat hulle nie die gevaar van onhigiëniese toestande in die verspreiding van aansteeklike siektes besef het nie. Die Bloemfonteinse stadsraad het dus in Mei 1889 ’n konsepordonnansie laat publiseer wat die aanhou van osse, bokke, skape of varke in krale of oop hokke binne die dorpsgebied verbied het. Inwoners sou slegs toegelaat word om ’n maksimum van drie melkkoeie in ’n stal wat met klippe uitgemessel is, aan te hou. Stalmis en ander vullis moes twee keer per week deur huisbewoners van hul erwe verwyder word.[458] Hoewel hierdie maatreëls noodsaaklik was vir Bloemfontein, is die konsepregulasies eers aan die uitvoerende raad[459] van die Vrystaatse regering voorgelê, wat vreemd genoeg, ’n aantal veranderinge voorgestel het wat bogenoemde maatreëls heelwat sou afwater.[460]

In Januarie 1893 is “verschillende vuile veekrale in het midden der stad” weer in die stadsraadsvergadering bespreek, maar nie veel aan die saak gedoen nie.[461] *The Friend* het die sanitêre toestand van Bloemfontein baie raak beskryf: “Wij zouden het Saniteit’s Bestuur den wenk willen geven de sanitaire toestand iets te verbeteren, daar vuile stanken en ongezonde en verpestende veekralen straffeloos in de dichts bevolkte plekken word geduld.”[462]

---

[455] *The Friend*, 8.4.1892, p. 3, 22.4.1892, p. 3, 16.3.1894, p. 2 en 24.4.1894, p. 2.
[456] *Daily Express*, 7.6.1890, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 118.
[457] *The Friend*, 2.2.1894, p. 3.
[458] VAB, GS183: Stadsraadskennisgeving no. 12-1889; *The Friend*, 13.1.1893, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 117.
[459] Pres. Reitz was ’n lid van die uitvoerende raad.
[460] VAB, GS184: stadsklerk – goewermentsekr., 7.9.1889; *The Friend*, 2.10.1889, p. 3 en 11.9.1889, p. 3.
[461] *The Friend*, 13.1.1893, p. 2.
[462] *Ibid*., 23.12.1892, p. 2.

In 1891 was daar ook klagtes oor die vuil toestand van Markplein, omdat dit baie siektes tot gevolg kon hê. In dieselfde jaar het die stadsraad ’n resolusie aanvaar waarvolgens geen huiseienaar toegelaat sou word om huis- en tuinvullis en stalmis op sy erf te laat ophoop nie. Alle inwoners moes ’n vasgestelde grootte houer of houers op eie koste aanskaf om vullis in te plaas. Die houers moes bedek word om dit teen reën te beskerm en inwoners moes vir vullisverwydering deur die munisipaliteit betaal.[463]

7 Elektrisiteitsvoorsiening

Vroeg in 1893 is ’n kommissie, bestaande uit die stadsraadslede, asook J.G. Fraser, G.A. Fichardt, R. Innes, S. Salzmann en dr. Max Stollreither, aangestel om ondersoek in te stel na die koste om Bloemfontein van elektriese beligting te voorsien en alle beskikbare inligting oor die saak in te win.[464]

In November 1894 het die stadsraad ’n ooreenkoms met Delfos Brothers van Pretoria gesluit om die Vrystaatse hoofstad teen ’n billike prys van elektrisiteit te voorsien en ook elektrisiteit op aanvraag aan private wonings te verskaf. Volgens die ooreenkoms sou ’n kragsentrale in Harveyweg opgerig word, waarna 100 elektriese straatlampe (80 van 16 kerskrag elk en 20 van 32 kerskrag elk) van ’n halfuur voor sononder tot middernag die hoofstad se strate sou verlig, behalwe op helder maanligaande.[465] Ooreenkomstig die kontrak moes die elektrisiteitsvoorsiening teen die einde van Januarie 1897 voltooi wees.[466]

Toe Delfos Brothers nie die sperdatum kon haal nie, is nuwe onderhandelings met die firma Reunert & Lenz aangeknoop. Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die werk aan die elektriese stelsel onderbreek en eers in November 1900 is die eerste aantal huise en geboue aangesluit.[467]

8 Brandbestryding

In die Reitz-tydperk het Bloemfontein nie ’n formele brandweerdiens, ’n brandweerwa of ander brandbestrydingstoerusting gehad nie. Indien ’n brand uitgebreek het, is die markklok en kerkklokke of die klok van die poskantoor gelui en dan het inwoners ’n menslike ketting tot by die naaste put of ander waterbron gevorm en is emmers water van hand tot hand aangegee en

---

[463] *Ibid*., 21.8.1891, p. 3, 11.12.1891, p. 2 en 18.12.1891, p. 3.
[464] *Ibid*., 1.1.1893, pp. 2-3 en 28.8.1894, p. 3.
[465] *De Burger*, 1.12.1894, p. 2; *The Friend*, 23.11.1894, p. 2 en 30.11.1894, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 124.
[466] *De Burger*, 10.8.1895, p. 2; *The Friend*, 3.9.1895, p. 3.
[467] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 124, 174.

op die vuur gegooi. Verder is ’n aantal emmers water altyd vir enige noodgeval in die polisiekantoor aan Markplein gereed gehou.[468]

Die meeste brande het snags uitgebreek, dikwels in winkels of store. Gevolglik het baie van die besighede versekering teen brandskade uitgeneem. In April 1891 het die winkel van algemene en groentehandelaar J. Desimone byvoorbeeld byna tot op die grond afgebrand, terwyl daar deur die loop van 1893 brande in die winkels van J.C. Keast en V.W. O’Brien uitgebreek het.[469] Daar was soms ook veldbrande, soos die een wat in Oktober 1890 uitgebreek het toe gras langs die spoorlyn, wat toe nog in aanbou was, aan die brand geraak het. In hierdie brand het wit en swart spoorwegwerkers van hulle besittings verloor deurdat hul tente afgebrand en klere en beddegoed vernietig is.[470]

In Januarie 1894 het ’n handelaar van Bloemfontein, Otto Fraundorfer, ’n demonstrasie van Muller se brandbestrydingsmengsel, waarvan hy die alleenagent in Suid-Afrika was, op Markplein aangebied. Dié mengsel was so doeltreffend dat ’n werknemer van Fraundorfer ’n brand wat in Junie 1894 in ’n sitkamer van ’n huis in St. Andrewstraat uitgebreek het, oombliklik met bogenoemde chemiese middel kon blus.[471]

Algaande is daar besef dat die gebrek aan ’n brandweerdiens en veral ’n brandweerwa ’n skande vir die Vrystaatse hoofstad was. Daarom het die stadsraad dit in 1894 oorweeg om ’n brandweerwa aan te koop, maar daar was vrae oor hoe doeltreffend ’n brandweerwa sonder ’n voldoende en volhoubare watervoorraad sou wees. Soos gewoonlik het die stadsraad weens gebrek aan fondse voete gesleep en eers in 1899 het Bloemfontein ’n brandweerwa, asook twee dosyn uniforms en helms gekry, waarna ’n vrywilligerskorps met 30 lede gestig is om ’n meer formele brandweerdiens te lewer.[472]

9 Kommunikasiewese

9.1 Posdiens

In die vroegste jare van Bloemfontein se bestaan, was posdienste swak en ongereeld. Die eerste posroete was tussen Bloemfontein en Colesberg via Fauresmith, daarna tussen Bloemfontein en Aliwal-Noord via Smithfield, en tussen Bloemfontein en Harrismith via Winburg. Tenders is

---

[468] *The Friend*, 27.2.1889, p. 3, 18.9.1889, p. 3 en 28.4.1891, p. 3; Schuur, “Those were the days in ‘old Bloemfontein’ ”, p. 7. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 124.
[469] *De Express*, 7.4.1891, p. 3; *The Friend*, 7.4.1891, p. 3, 17.2.1893, pp. 2-3 en 5.5.1893, pp. 2-3.
[470] *The Friend*, 3.10.1890, p. 3.
[471] *De Burger*, 6.6.1894, p. 2; *The Friend*, 19.1.1894, p. 3 en 5.6.1894, p. 3.
[472] *The Friend*, 5.1.1894, p. 2 en 2.11.1894, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 124.

gereeld vir poskontrakteurs aangevra wat vir die vervoer van pos met poskarre en poskoetse op die onderskeie posroetes verantwoordelik was. Teen 1868 was daar reeds ’n posverbinding tussen Bloemfontein en Kaapstad via Port Elizabeth, asook tussen Bloemfontein en Potchefstroom via Kroonstad.[473] In September 1891 is daar ’n nuwe oorland-roete vir pos tussen die Kaapkolonie en Natal via Bloemfontein ingestel.[474]

’n Tydtafel vir die ontvangs en wegstuur van pos van en na verskillende plekke is opgestel, maar weens verskeie redes, soos swaar reën, vol riviere en verspoelde brûe, grondpaaie in ’n baie swak toestand, ongelukke of roofdiere wat die trekdiere van die poskontrakteurs langs die pad aangeval of verskrik het, was die pos aanvanklik dikwels laat – soms selfs met tien dae.[475] Na die koms van die spoorlyn in 1890 is pos ook per trein vervoer en het die aankoms van pos op meer gereelde tye en baie vinniger plaasgevind, hoewel treine ook soms deur weggespoelde brûe, verspoelde spoorlyne, ongelukke en sprinkane of diere op die spoor vertraag is. Pos van Europa en Brittanje is per skip na Kaapstad vervoer en daarvandaan sedert einde 1890 per trein na Bloemfontein gebring.[476]

Met die ontdekking van goud en diamante en die gevolglike toename in posverkeer is die posdiens geleidelik uitgebrei en verbeter.[477] In 1888 is ’n groot toename in posverkeer deur die posmeester-generaal gerapporteer, wat daarna jaar vir jaar verder sou toeneem, veral na die koms van die spoorlyn. Die vinnige uitbreiding van die Vrystaatse poswese, waarin Bloemfontein se poskantoor as hoofkwartier ’n uiters belangrike rol gespeel het, het ook ’n groter inkomste vir die republiek verseker.[478]

In 1889 was die posmeester van Bloemfontein W.M. van Gorkum, maar omdat daar heelwat klagtes oor die posdiens onder sy bestuur was,[479] is hy in 1891 deur die voormalige landdrosklerk, W.M. Robertson, as posmeester vervang. Teen die einde van 1891 is Robertson

---

473 “Posdiens en telegraaf lewensare wat stad met buitewêreld verbind”, *Bloemfontein 150: bylae tot Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 30; *Kommunikasie: ’n naslaanwerk oor en opgestel in samewerking met die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese*, p. 20. Vergelyk ook Snyman, pp. 197-200.

474 *The Friend*, 22.9.1891, p. 3, 13.10.1891, p. 2 en 27.10.1891, p. 3.

475 VAB, OR57: *Verslag van die posmeester-genl., 1893-1894*, pp. 6-7; M. Botes, “Hoe ry die poskar hop hop so ...”, *Culna* 62, November 2007, p. 10. Vergelyk ook *Daily Express*, 24.10.1890, p. 3; *The Friend*, 30.10.1889, p. 3, 6.11.1889, p. 3, 19.3.1890, p. 3 en 26.3.1890, p. 3.

476 *The Friend*, 14.11.1890, pp. 2-3, 24.4.1891, p. 2, 22.5.1891, p. 3, 8.3.1892, p. 2, 17.1.1893, p. 2 en 16.5.1893, p. 2; *Daily Express*, 27.12.1890, p. 2. Vergelyk ook Lamprecht, pp. 157-158, 168.

477 *Daily Express*, 19.6.1890, p. 3; *The Friend*, 17.6.1892, p. 2. Vergelyk ook Snyman, p. 200 en Conradie, p. 39.

478 VAB: OR56: *Verslag van die posmeester-genl., 1892-1893*, p. 4; *The Friend*, 6.12.1892, p. 3. Vergelyk ook Lamprecht, pp. 157, 172.

479 *De Express*, 8.4.1890, p. 4 en 27.5.1890, p. 10; *Daily Express*, 12.5.1890, p. 3, 13.6.1890, p. 3 en 24.7.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 14.8 1889, p. 3, 18.9.1889, p. 3 en 8.1.1890, p. 3.

deur D.F.M. Marais as posmeester van Bloemfontein opgevolg.[480] In 1889 was die posmeester-generaal, wat aan die hoof van die hele Vrystaatse posdiens was, en sy hoofkwartier in Bloemfontein gehad het, A.C. Howard. In 1892 het pres. Reitz G.F.P. Hurford[481] tot posmeester-generaal benoem en na sy bedanking in 1894 is D.G.A. Falck[482] in Januarie 1895 as posmeester-generaal aangestel.[483]

In sy verslag oor die jaar 1893-1894 kon die nuwe posmeester-generaal, Hurford, aan die Volksraad rapporteer dat die Vrystaatse posdiens onder sy leiding ’n merkbare verbetering ondergaan het, beide wat organisasie en dienslewering aanbetref. Hy het ook opgemerk dat die Vrystaatse posdiens gunstig met ander posdienste in Suid-Afrika vergelyk en dit is deur die tydgenootlike koerante bevestig.[484] Dit was ook die geval met Bloemfontein se posdiens. In 1891 en 1892 het *The Friend*, wat voorheen dikwels oor die posdiens in Bloemfontein gekla het, berig dat die poskantoor se diens onder posmeester-genl. Hurford en posmeesters Robertson en Marais baie verbeter het.[485]

Aanvanklik moes inwoners hulle briewe en ander posstukke by die poskantoor gaan pos, maar vir die gerief van die publiek is ’n aantal briewebusse van yster in 1893 en 1894 deur die stadsraad op lamppale in verskillende strate in Bloemfontein aangebring. Vir reisigers is daar ’n bykomende briewebus by die spoorwegstasie opgerig. Dié briewebusse is daagliks deur briewebestellers geledig. ’n Daaglikse posdiens tussen Bloemfontein, Pretoria en Kaapstad is in 1893 ingestel, terwyl pos drie keer per week van en na Natal vervoer is, wat ’n groot verbetering in die posdiens meegebring het.[486]

In 1890 was Bloemfontein se poskantoor in die ou regeringskantore op Markplein gehuisves, maar omdat die gebou te klein geword het, is ’n nuwe poskantoor op dieselfde

---

480 *Daily Express*, 11.9.1890, p. 2 en 9.12.1890, p. 3; *The Friend*, 16.1.1889, p. 6, 5.5.1891, p. 3, 15.9.1891, p. 3 en 15.12.1891, pp. 2-3.

481 Voorheen posmeester van Grahamstad en baie bekwaam. *The Friend*, 4.8.1891, p. 2.

482 Falck was in 1894 die sekretaris van poswese in die OVS en het bykans 30 jaar se ondervinding in die pos- en telegraafwese gehad.

483 *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892, 5.5.1892; *Bloemfontein Directory 1898*, p. 23. Vergelyk ook *The Friend*, 27.11.1889, p. 4, 16.10.1894, p. 3 en 4.1.1895, p. 2; *De Burger*, 19.12.1894, p. 2 en 3.4.1895, p. 3.

484 VAB: OR56: *Verslag van die posmeester-genl., 1892-1893*, pp. 3-6, OR57: *Verslag van die posmeester-genl. 1893-1894*, p. 6; *De Burger*, 12.5.1894, p. 2.

485 *The Friend*, 6.1.1891, p. 3 8.9.1891, p. 3, 25.9.1891, p. 2, 22.12.1891, p. 3 en 2.12.1892, p. 2.

486 VAB: OR56: *Verslag van die posmeester-genl., 1892-1893*, pp. 3-6, OR57: *Verslag van die posmeester-genl., 1893-1894*, p. 5; *The Friend*, 27.12.1892, pp. 2-3, 7.2.1893, p. 2, 30.5.1893, p. 3 en 6.3.1894, p. 2; *De Burger*, 7.3.1894, p. 2 en 6.4.1895, p. 4.

perseel gebou, wat op 22 Junie 1892 vir die publiek oopgestel is.[487] Wit, swart en bruin inwoners van Bloemfontein is by hierdie poskantoor bedien.[488]

Aanvanklik is ’n klok gelui om die aankoms van ’n poskar of poskoets met pos in Bloemfontein aan te kondig, terwyl vlae by die poskantoor gehys is om aan te dui waarvandaan die pos gekom het. So byvoorbeeld het ’n vlag met ’n tekening van ’n diamant daarop aangedui dat die pos van Kimberley afkomstig was. Sodra die pos klaar gesorteer is, is ’n rooi vlag gehys en kon inwoners hulle pos by die poskantoor gaan afhaal.[489] Na die koms van die spoorlyn het pos van dorpe langs die spoorlyn op vasgestelde tye gearriveer, tensy treine vertraag is. Teen die 1890’s was private posbusse by die poskantoor te huur.[490]

Om ’n idee te vorm van die werksaamhede van die Bloemfonteinse poskantoor tydens die Reitz-tydperk kan die volgende statistieke genoem word: vanaf 1 Februarie 1891 tot 29 Februarie 1892 is byvoorbeeld ’n totaal van 1 425 008 posstukke[491] ontvang, terwyl 962 408 posstukke in bogenoemde finansiële jaar weggestuur is. Hierdie syfers het elke jaar toegeneem en veral pakketpos het baie vermeerder. In 1894 het die aantal posstukke wat deur Bloemfontein se poskantoor hanteer is sedert die vorige jaar met 25% toegeneem.[492] Wit, swart en bruin mense is by die poskantoor in diens geneem.[493]

Diefstal van geregistreerde briewe met geld en pakkies het soms in die Bloemfonteinse poskantoor voorgekom.[494] ’n Bydraende faktor tot dié diefstal was waarskynlik dat hoewel die posbeamptes baie hard en lang ure moes werk, sommige “een schandalig laag salaris”[495] ontvang het en hulle ook nie vir oortyd betaal is nie.[496] Posbeamptes moes dikwels oortyd werk omdat treine, poskoetse en poskarre dikwels saans na donker in Bloemfontein aangekom het en

---

[487] VAB, GS190: C. Lloyd – pres. Reitz, 15.2.1891; *The Friend*, 9.1.1891, p. 3 en 17.6.1892, p. 2. Vergelyk ook Snyman, p. 200; Conradie, p. 39. Kyk ook afdeling 12.3.1.2 *infra*.

[488] VAB, GS185: E. Pavey – posmeester-genl., 2.10.1889; *De Burger*, 6.4.1895, p. 4.

[489] VAB, A2/9/1: Seinen by ankomst den post te Bloemfontein gebruikt; W.A. van Ittersum, *De Vrijstaters en hun geschiedenis*, p. 44.

[490] *The Friend*, 8.1.1890, p. 3; *Kommunikasie*, p. 20.

[491] Hierdie posstukke het onder meer briewe, geregistreerde briewe, poskaarte, koerante, boeke en pakkies ingesluit. *The Friend*, 6.9.1892, p. 3.

[492] VAB, OR57: *Verslag van die posmeester-genl., 1893-1894*, pp. 9-10; *The Friend*, 6.9.1892, p. 3 en 5.4.1895, p. 2.

[493] VAB, GS190: T. Screech – landdros van Bloemfontein, 20.1.1891 en H. Krijgsman – goewermentsekr., 15.1.1891; *The Friend*, 3.5.1892, pp. 2-3.

[494] *The Friend*, 15.12.1891, pp. 2-3, 18.12.1891, p. 2, 3.1892, p. 2, 30.12.1892, p. 3 en 24.1.1894, p. 2.

[495] *Ibid*., 22.4.1892, p. 2.

[496] VAB: OR56: *Verslag van die posmeester-genl.*,1892-1893, pp. 3-5; *The Friend*, 3.2.1891, p. 3, 6.11.1891, p. 2, 22.4.1892, p. 2 en 30.12.1892, p. 2.

dan moes die pos gesorteer en uitgedeel word, anders was die publiek ontevrede. Omdat dié poskantoor uiters besig was, moes die posbeamptes dikwels ook op ’n Sondag werk.[497]

Toe posmeester-genl. Hurford in Mei 1892 aan die Volksraad verslag lewer, het hy ten sterkste aanbeveel dat posbeamptes se salarisse verhoog moes word, aangesien sommige poswerkers net £7/10- per maand verdien het, wat skaars genoeg was om vir hulle verblyfkoste en kos te betaal. Ten spyte hiervan het die posbeamptes se salarisse in die volgende twee jaar blykbaar nie veel verbeter nie, want in April 1894 word berig dat baie van die getroude posbeamptes weens hulle karige salarisse verplig was om skuld aan te gaan ten einde hulle gesinne te kon onderhou.[498]

9.2 Telegraafdiens

Telegraafdienste is in die 1870’s in die OVS ingestel nadat die uitbreiding van handel en toenemende verkeer groter eise aan kommunikasie gestel het. Die ontdekking van diamante en goud, die vermeerdering van die bevolking en die toename van nasionale welvaart het ’n groter behoefte aan telegrafiese verbindings laat ontstaan.[499] In April 1879 is die eerste telegraaflyn tussen Kaapstad, Bloemfontein en Kimberley oor Fauresmith voltooi. Sedert 1890 is die OVS met telegraaflyne deurkruis, sodat alle distrikte teen 1891 met die res van die Vrystaat verbind was. Teen 1895 is Bloemfontein telegrafies met al die hoofstede van sy buurstate verbind, sowel as met die meeste ander Vrystaatse dorpe.[500]

Die Bloemfonteinse telegraafkantoor was, saam met die poskantoor, in die ou regeringskantore op Markplein geleë en is na voltooiing van die nuwe poskantoorgebou in 1892 hier gehuisves.[501] In 1889 is die telegraafkantoor deur tien personeellede beman, naamlik die bestuurder, vyf telegrafiste, twee telegrambodes en twee lynmanne.[502] Die telegrafiste het, net soos die posbeamptes, ’n karige salaris van gemiddeld £150 per jaar ontvang en moes

---

497 *The Friend*, 24.12.1891, p. 2, 8.1.1892, p. 2, 12.10. 1894, p. 3 en 16.10.1894, p. 3.
498 *De Burger*, 28.4.1894, p. 2; *The Friend*, 6.5.1892, p. 2 en 30.12.1892, p. 2.
499 Lamprecht, pp. 174, 181. Vir meer inligting oor die geskiedenis van telegrafie in Suid-Afrika en die Vrystaat, asook die werking van ’n telegraafstelsel, raadpleeg Lamprecht, pp. 174-188 en Conradie, pp. 141-149.
500 *The Friend*, 20.1.1893, p. 3; Lamprecht, pp. 175-184.
501 Snyman, p. 201.
502 Die bestuurder en telegrafiste was wit mans, terwyl die telegrambodes klaarblyklik wit seuns en die lynmanne swart of bruin mense was. Destyds het ’n telegraaflyn bestaan uit ’n slap draad wat reguit van punt tot punt deur hout- of ysterpale gedra is. Swart mense is gewoonlik gebruik om instandhoudingswerk te doen en foute op die lyn te soek deur al langs die lyn af te loop. Dikwels moes die posmeester self die fout gaan regmaak. VAB, OR56: *Verslag van die telegrafie-bestuurder, 1892-1893*, p. 5; *OVS Volksraadsnotule*, 18.6.1889, p. 425. Vergelyk ook *De Burger*, 6.4.1895, p. 4 en *Kommunikasie*, p. 36.

indien nodig, nog oortyd ook werk. Dit is dus geen wonder dat Bloemfontein in Februarie 1889 sy eerste staking beleef het toe die telegrafiste om hoër lone gestaak het nie.[503]

Daar is fluks van die telegraafdiens gebruik gemaak. So het Bloemfontein se telegraafkantoor byvoorbeeld van 1 Maart 1892 tot 28 Februarie 1893 ’n totaal van 283 757 telegramme gedurende bogenoemde diensjaar hanteer.[504] Hierdie syfers, asook die inkomste uit telegramme, het jaarliks vermeerder.[505] Die telegraafdienste het beslis vir Bloemfontein se kosmopolitaanse bevolking voorsiening gemaak, want die volgende tale kon gebruik word: Afrikaans of Nederlands, Engels, Duits, Frans, Italiaans, Latyn, Portugees en Spaans.[506] Korrespondente van die tydgenootlike koerante was vol lof vir die werk van die telegraafdepartement.[507]

In 1894 is die twee departemente, naamlik poswese en telegraafwese, in die Vrystaat verenig onder die posmeester-generaal wat voortaan vir albei departemente verantwoordelik sou wees. Teen 1895 meld die nuwe posmeester-generaal, D.G.A. Falck, dat die drie telegrambodes in Bloemfontein te min is om al die telegramme af te lewer. Slegs een van die bodes het van ’n fiets gebruik gemaak en Falck het aanbeveel dat fietse ook vir die ander twee bodes aangekoop moes word, of andersins sou ’n vierde telegrambode aangestel moes word.[508]

Die koms van telegrafie het vir Bloemfontein en die res van die Vrystaat baie beteken. Veral die handel en openbare dienste in Bloemfontein het heelwat hierby gebaat, omdat bestellings vir artikels en voorraad voortaan telegrafies geplaas kon word en dus gouer uitgevoer kon word.[509] Die volgende stap sou wees om Bloemfontein ook van ’n telefoonstelsel te voorsien.

9.3 Telefoondiens

Teen 1890 het Bloemfontein nog nie ’n algemene telefoondiens gehad nie, maar in 1891 het die dorp wel ’n beperkte telefoonstelsel gehad wat die stasie, verskillende spoorweggeboue en staatsdepartemente met mekaar verbind het.[510] Teen die einde van die Reitz-tydperk was daar ’n dringende behoefte om die verskillende regeringsgeboue, soos die Presidensie, Vierde

---

503 *The Friend*, 20.2.1889, p. 3, 13.3.1889, p. 6 en 20.3.1889, p. 3.
504 Dit sluit in telegramme ontvang, versend en aangestuur.
505 *The Friend*, 2.12.1892, p. 2, 3.3.1893, p. 2 en 30.5.1893, p. 2; *De Burger*, 7.3.1894, p. 2.
506 W.W. Collins, *“Free Statia”; or, reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, South Africa*, p. 373; Lamprecht, p. 184.
507 *Daily Express*, 1.5.1890, p. 2; *The Friend*, 6.1.1891, p. 3, 8.9.1891, p. 3 en 18.3.1892, p. 3; *De Burger*, 7.3.1894, p. 2. Vergelyk ook Lamprecht, p. 184.
508 *De Burger*, 16.5.1894, p. 2 en 6.4.1895, p. 4; *The Friend*, 15.5.1894, p. 2.
509 Lamprecht, pp. 180, 187.
510 *The Friend*, 8.5.1891, p. 3, 15.5.1891, p. 3, 2.6.1891, p. 3 en 1.12.1891, p. 3.

Raadsaal, Goewermentsgebou, gevangenis, polisiekantoor, poskantoor en Volkshospitaal telefonies met mekaar te verbind, terwyl handelaars ook groot baat by ’n telefoondiens sou vind.[511]

Daarom het posmeester-genl. Falck onderneem om inligting in te win oor die beraamde koste vir die oprigting van telefoonlyne en die installering van telefone, asook hoeveel inwoners ’n telefoondiens sou ondersteun. Falck het in September 1895 aan die Kamer van Koophandel geskryf dat die Volksraad ’n bedrag op die begroting geplaas het vir die oprigting van ’n telefoonsentrale in die Vrystaatse hoofstad en verneem of die handelaars van Bloemfontein ’n bydrae sou kon lewer. Hoewel die Vrystaatse Volksraad die stadsraad in 1897 toestemming gegee het om ’n uitgebreide telefoonstelsel vir Bloemfontein in te stel, sou dit eers in 1905 verwesenlik word.[512]

10 Mediese dienste

10.1 Gesondheidsorg

Tydens die vroegste jare van Bloemfontein se bestaan, is siekes en beseerdes tuis verpleeg. Diegene wat nie vriende of familie gehad het nie, is by gebrek aan ’n hospitaal in die bouvallige gevangenis in St. Georgestraat verpleeg, wat hulle met misdadigers moes deel.[513] Daarom was die totstandkoming in 1877 van die eerste privaat hospitaaltjie, die St. George’s Cottage-hospitaal, met verpleging deur die Anglikaanse susters van St. Michael’s and All Angels ’n groot verbetering in Bloemfontein se gesondheidsorg. Later het daar ook ander hospitale in Bloemfontein tot stand gekom,[514] terwyl verskeie geneeshere, tandartse, aptekers en verpleegsters hulle mettertyd in Bloemfontein gevestig het,[515] waardeur gesondheidsorg in die hoofstad heelwat verbeter het.

Daar was selfs in die 1890’s ’n oogkundige in Bloemfontein. A. Deale het homself as oogkundige bekwaam en kon dus oogtoetse doen en inwoners van brille voorsien. Hy kon by die winkel van die gebroeders Deale, bekende fotograwe en boek- en musiekhandelaars, in Maitlandstraat geraadpleeg word. In die loop van 1894 het nog twee oogkundiges, J.H. Cowan

---

511 *De Burger*, 4.7.1894, p. 4; *The Friend*, 11.5.1894, p. 2.
512 *De Burger*, 6.4.1895, p. 4; *The Friend*, 10.9.1895, p. 3. Vergelyk ook *Kommunikasie*, p. 52; Snyman, p. 201.
513 VAB, A61/18: *St. George’s Cottage Hospital, Bloemfontein* (handgeskrewe manuskrip), p. 1; S.V. Potgieter, “The history of medicine in the Orange Free State 1854-1902”, *S.A. Mediese Tydskrif*, 23.12.1972, p. 2034.
514 Kyk afdeling 10.4 *infra* vir meer besonderhede.
515 Kyk afdeling 10.2 *infra* vir meer besonderhede.

en ene Davidson, deur die Vrystaat gereis en Bloemfontein ook besoek. Hulle het ’n tyd lank in Bloemfontein vertoef om inwoners se oë te toets en korrekte brille te verskaf.[516]

Nadat dit reeds in vorige jare verskeie kere bespreek is, is in 1894 ’n konsepwet gepubliseer “omtrent een Raad van Geneeskundig Toezicht” wat voortaan oor alle mediese sake en praktisyns toesig sou hou en die regering daaroor sou adviseer.[517] Nadat die wet aanvaar is, sou in die toekoms slegs persone wat aanvaarbare sertifikate van bekwaamheid en erkende kwalifikasies aan die mediese raad voorgelê het, toegelaat word om as “genees-, heel- en verloskundiges”, tandartse of vroedvroue in die Vrystaat te praktiseer. Daar was heelwat teenstand teen bogenoemde konsepwet, ook van die kant van die medici, veral omdat daar geen kontrole oor kwaksalwers of ongekwalifiseerde mediese praktisyns sou wees nie.[518]

Kwaksalwers het van tyd tot tyd hulle verskyning in die Vrystaat gemaak en liggelowige inwoners met hulle “wonderkure” en “medisyne” om die bos gelei.[519] Tydens die Reitz-tydperk het ’n paar van hierdie kwaksalwers ook na Bloemfontein gekom.

Die kleurvolste karakter van almal was seker ene Sequah, die sogenaamde medisyneman, wat glo talle kwale met sy “wondermedisyne” kon genees. Hy het Bloemfontein in 1892 besoek en demonstrasies op die oop stuk grond oorkant die Bloemfontein-hotel gehou. Sequah het ook gratis en kwansuis pynloos tande getrek.[520] Met sy veelkleurige wa,[521] Rooihuidmondering en orkes, toesprake en demonstrasies het Sequah ’n groot aantal toeskouers getrek.[522] Ofskoon hy homself nooit as ’n mediese dokter voorgedoen het nie, was *The Friend* bra skepties: “Echter schijnt het iets vreemd en onwaardiglijk van een dokter om met een opgesmukte wagen, muziek, vreemde kleeren en redevoeringen in den avond op publieke pleinen zijn geneeskunst uit te oefenen.”[523]

’n Ander bekende kwaksalwer was “prof.” Albert Richard, wat kwansuis die elektrisiteit in sy eie liggaam gebruik het om kwale te “genees”.[524] Die “professor” het blykbaar aanspraak gemaak op spesiale heelkundige kragte om kwale soos doofheid, blindheid, lamheid

---

[516] *De Burger*, 3.1.1894, p. 1 en 2.5.1894, p. 2; *The Friend*, 31.7.1894, p. 2.
[517] VAB, GS190: dr. J.W. Krause – goewermentsekr., 17.1.1891; Gouvernements kennisgewing 92–1894, *Gouvernements Courant*, 9.2.1894. Vergelyk ook *Daily Express*, 18.9.1890, p. 3.
[518] *Daily Express*, 18.9.1890, p. 3; *The Friend*, 13.2.1894, p. 3, 16.2.1894, p. 2, 20.3.1894, p. 2 en 1.5.1894, p. 3.
[519] *Daily News*, 11.3.1890, p. 3; *The Friend*, 25.12.1889, p. 3 en 16.5.1893, p. 2.
[520] *The Friend*, 15.1.1892, pp. 2-3 en 19.1.1892, p. 2-3.
[521] ’n Ou Bloemfonteiner het dit as ’n “blinkgevryfde koperwa” beskryf. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 129. *The Friend* daarenteen noem dit ’n “veelkleurige wagen”. *The Friend*, 15.1.1892, p. 2.
[522] *The Friend*, 15.1.1892, p. 2; V. Grobler, *The history of dentistry in South Africa, 1652-1900* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1974), p. 78. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 129.
[523] *The Friend*, 15.1.1892, p. 2.
[524] *De Burger*, 3.10.1894, p. 3; *The Friend*, 21.9.1894, p. 4.

en rumatiek op “bijna wonderdadige wijze te kunnen genezen door middel van electrisiteit”.[525] “Prof.” Richards sou Bloemfontein in November 1894 vir drie weke lank besoek het, maar het sy rieme in die Kaapkolonie styfgeloop toe hy daar as kwaksalwer en skelm ontmasker is. Toe hy in Oktober 1894 sy opwagting in Bloemfontein maak, was sy reputasie reeds daarmee heen en hy is gewaarsku om nie sy “geneeskundige” toertjies hier te probeer uithaal nie, waarna hy spoedig na Johannesburg vertrek het.[526]

10.2 Mediese praktisyns

10.2.1 Geneeshere

Reeds sedert 1864 is geneeshere in die OVS net toegelaat om te praktiseer indien hulle gelisensieerd was en aan sekere opleidingsvereistes voldoen het.[527] Bloemfontein het tydens die Reitz-tydperk oor ’n hele aantal bekwame, gekwalifiseerde geneeshere beskik, wat selfs redelik ingewikkelde operasies vir die tyd kon uitvoer. Hierdie medici is feitlik almal in Europa opgelei en het wit, swart en bruin inwoners behandel.[528] Bloemfontein se geneeshere was almal baie besig en moes dikwels na-ure werk, ook snags.[529]

Carl Johann Gottlieb Krause was die eerste geneeskundige wat hom in Bloemfontein gevestig het. Hoewel hy nie oor ’n mediese kwalifikasie beskik het nie, is dié voormalige Duitse sendeling se wye kennis en ervaring op mediese gebied deur die Vrystaatse Volksraad erken[530] en was hy ook die eerste persoon wat in 1856 in die OVS as geneesheer geregistreer en gelisensieerd is. Krause was jare lank die distriksgeneesheer en het ’n groot aandeel in die totstandkoming van die sielsiekehospitaal gehad. Dr. Krause se spreekkamer en apteek aan Markplein naby die NG Kerk se pastorie was ’n landmerk in Bloemfontein en die dokter wat sy rondtes doen in ’n kapkar, met sy swart drywer Palmer, was ’n bekende gesig in die hoofstad. Krause is in Augustus 1889 in Bloemfontein oorlede.[531]

Dr. George Saunders Clarke was ’n spoorwegdokter wat in Londen opgelei is, terwyl dr. John William Dalgleish in Londen en Durham studeer het. Dalgleish het goeie werk by die

---

525 *De Burger*, 3.10.1894, p. 3.
526 *Ibid*. en 24.10.1894, p. 2; *The Friend*, 21.9.1894, p. 4, 2.10.1894, p. 3 en 23.10.1894, p. 3.
527 *Daily Express*, 18.9.1890, p. 3; *The Friend*, 16.2.1894, p. 2. Vergelyk ook E.H. Burrows, *A history of medicine in South Africa up to the end of the nineteenth century*, p. 227.
528 *The Friend*, 25.10.1895, p. 3, 30.10.1890, p. 3 en 11.11.1892, p. 3; *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2.
529 Dit was in die 1890’s blykbaar nie baie lonend om ’n dokter in Bloemfontein te wees nie, aangesien hulle soms jare moes wag op hul betaling en soms glad nie betaal is nie. *The Friend*, 25.10.1895, p. 3.
530 Kyk hoofstuk 2, afdeling 3.1.2.
531 D.P. de Villiers, “A history of medical services in the Orange Free State”, *S.A. Tydskrif vir Geneeskunde*, 23.9.1944, p. 303; Burrows, pp. 228, 235.

St. George's Cottage-hospitaal gedoen en was daarvoor bekend dat hy altyd in 'n manel en pluiskeil geklee was. Dr. Joseph Vincent Manning, ook 'n spoorwegdokter, is in Dublin opgelei.[532] Dr. George Graves Eyre, wat in Edinburgh opgelei is, was 'n mediese offisier en geneesheer van die spoorweë. Hy het later in Claremont in die Kaapkolonie gaan praktiseer.[533]

Dr. William Johnson, wat ook in Edinburgh opgelei is, was 'n oog- en oorspesialis wat in 1889 na Bloemfontein gekom het. Hy het onder meer katarakte suksesvol van pasiënte se oë verwyder.[534] Dr. Bernard Otto Kellner, seker een van die bekendste geneeshere uit die Reitz-tydperk, het die eretitel van "vader van medisyne in die OVS" verdien. Hy is in Berlyn opgelei en het reeds in 1863 na Bloemfontein gekom. Kellner het 'n groot rol in al die hoofstad se hospitale gespeel en was ook distriksgeneesheer en burgemeester van Bloemfontein.[535]

John William Krause, seun van die bekende dr. C.J.G. Krause, wat sy vader se praktyk na sy dood in 1889 oorgeneem het, is ook in Berlyn opgelei en het Kellner as distriksgeneesheer opgevolg. Hy was ook pres. Reitz se geneesheer.[536] Dr. Maxmilian Emanuel Stollreither is in München opgelei en het hom in 1883 in Bloemfontein gevestig. Hy het ook as sanger opgetree en het oor 'n pragtige baritonstem beskik.[537] Ander Bloemfonteinse geneeshere waarvan daar ook in die Reitz-tydperk melding gemaak is, was onder meer drr. G. Michaelion (opgelei in die VSA), S.R. Savage, E.S. Snell en W.R. Scott.[538] Ten slotte was daar ook besoekende spesialiste, soos die bekende oogarts dr. F.C. Daumas wat in Februarie en Maart 1895 'n besoek aan Bloemfontein gebring het.[539]

---

[532] VAB, A533/21 (geplaas by A507): Recollections of the Anglo-Boer War by Dr. Hugh Bidwell of the OFS Ambulance, and a selection from his letters from the front, edited by Karel Schoeman; *South African. Medical directory for 1896*, pp. 59-60; De Villiers, p. 305.

[533] "Obituary. George Graves Eyre, M.B., C.M. (Edin.), Claremont", *South African Medical Record*, 24.8.1912, p. 354.

[534] *De Express*, 7.1.1890, p. 5 en 9.9.1890, p. 6; *The Friend*, 21.8.1889, p. 4; *Daily Express*, 8.8.1890, p. 3. Vergelyk ook *Vrijstaatsch jaarboek en almanak* 1893, p. 154 en *South African Medical directory for 1896*, p. 60.

[535] De Villiers, p. 304; *South African Medical directory for 1896*, p. 60. Vir meer inligting oor dr. Kellner, kyk hoofstuk 2, afdeling 3.1.2.

[536] VAB, GS188: dr. J.W. Krause – uitvoerende raad, 16.7.1890; *De Express*, 28.1.1890, p. 4 en 24.6.1890, p. 7; *De Burger*, 23.3.1895, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 11.9.1889, p. 1 en 19.2.1890, p. 2 en *S.A. Medical directory for 1896*, p. 60.

[537] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, pp. 154-155; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, pp. 215, 219, 222. Vergelyk ook Venter, p. 11.

[538] *De Express*, 3.6.1890, p. 2, 4; *De Burger*, 16.1.1895, p. 2; *Daily Express*, 10.5.1890, p. 4; *The Friend*, 27.3.1889, pp. 3-4 en 4.6.1890, p. 4. Vergelyk ook *South African Medical directory for 1896*, p. 61.

[539] *De Burger*, 26.1.1895, p. 2; *The Friend*, 1.2.1895, p. 3.

10.2.2 Tandartse

Die eerste tandarts van wie daar in Bloemfontein melding gemaak is, was Ernest R. Moses, wat distikstofoksied of laggas vir pynverdowing gebruik het. Hy is in Brittanje opgelei en was reeds sedert die 1860's in Bloemfontein bedrywig. Met die totstandkoming van die St. George's Cottage-hospitaal in 1877 het hy sy dienste gratis aangebied en teen 1892 het hy steeds in Bloemfontein gepraktiseer.[540]

'n Ander tandarts in die 1890's was William Straker wat in 1891 van Nieu-Seeland na Bloemfontein gekom het.[541] In 1893 het Walter Lowe hom as tandarts in Bloemfontein gevestig. Hy het ook valstande aan sy pasiënte voorsien en Kroonstad maandeliks besoek. Twee jaar later het Edward E. Hayes, wat voorheen aan die Liverpool tandheelkundige hospitaal en die Belfast Royal Hospital verbonde was, Lowe se vennoot geword en ook tandheelkundige werk in ander Vrystaatse dorpe gedoen.[542]

Dan was daar ook besoekende tandartse, soos J.A. Gordon van Port Elizabeth, wat Bloemfontein in 1894 besoek het. Joseph Nolan was 'n reisende tandarts wat in die maak van valstande gespesialiseer het en van plan was om hom permanent in Bloemfontein te vestig.[543] Dr. Kincaid-Smith, 'n bekende tandarts van Johannesburg, het Bloemfontein in 1893 besoek en inwoners kon hom raadpleeg vir die maak van "zelf-passende nagemaakte mineraal tanden […] zijn onverbeterlijk gemaakt op zacht Elastiek chemically bereid India Rubber Tandvleesch […] zonder springen of iets onaangenaams en hinderlijk in de mond."[544]

10.2.3 Verpleegsters

Toe biskop A.B. Webb (1839-1907) van die Anglikaanse Kerk in 1871 in Bloemfontein aangekom het om 'n biskoplike gebied te vestig, het hy besef dat daar 'n groot behoefte aan verpleegsters was.[545] Hy het 'n beroep op die Anglikaanse Kerk in Brittanje gedoen en suster Emma (?-1887) en vyf helpers was bereid om na Bloemfontein te kom om te help. Die later bekende suster Henrietta Stockdale (1847-1911) was deel van hierdie geselskap wat in April 1874 in die Vrystaatse hoofstad aangekom het. Dié susters het die gemeenskap van St. Michael

---

[540] *Daily Express*, 9.1.1892, p. 2; *The Friend*, 29.1.1890, p. 2 en 16.7.1890, p. 4.
[541] *The Friend*, 18.11.1890, pp. 2-3 en 2.1.1891, p. 2. Meer inligting oor Straker kon nie opgespoor word nie.
[542] *Ibid*., 20.6.1893, p. 1, 2.1.1894, p. 2, 20.2.1894, p. 2 en 11.1.1895, p. 2.
[543] *Ibid*., 5.1.1894, p. 4, 29.5.1894, p. 2 en 29.6.1894, p. 2.
[544] *Ibid*., 28.4.1893, p. 2.
[545] William Cullen Biblioteek en Argiefbewaarplek, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg (hierna WCB**)**, AB2644/51: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein, 1877-1909, p. 1; VAB, A61/4: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein, p. 1, A61/59: Koerantknipsel: "Historic institution in need of help. Some interesting facts", *The Friend*, 28.8.1908, geen bladsynommer.

and All Angels in Bloemfontein gevorm, siekes en armes in Bloemfontein en distrik verpleeg en tot 21 pasiënte per week besoek.[546] Suster Emma het die eerste moederowerste van die sustergemeenskap geword.[547] Nadat die eerste hospitaal in Bloemfontein, die St. George's Cottage-hospitaal,[548] in Junie 1877 geopen is, het die susters ook daar as verpleegsters diens gedoen.[549]

Buiten vir die Anglikaanse susters, was daar verpleegsters wat by die sielsiekehospitaal en die Volkshospitaal diens gedoen het, terwyl daar ook etlike verpleegsters in Bloemfontein was wat private verpleging gedoen het en inwoners met gesondheidsprobleme gehelp het. In 1892 adverteer ene mev. Andrews, 'n ervare verpleegster van die Kaapkolonie, dat sy haar in Bloemfontein gevestig het en geraadpleeg kon word. Nog 'n verpleegster, wie se naam nie genoem is nie, maar wat in 'n Londense hospitaal opgelei is, adverteer ook haar dienste in 1892. Ander verpleegsters wat in die 1890's in Bloemfontein privaat of tuisverpleging gedoen het, was onder meer me. Baillie, Donaldson en Pritchard.[550]

Kraamgevalle is dikwels deur vroedvroue behartig. Ofskoon opgeleide vroedvroue gewoonlik goeie werk gedoen het, het onkundiges soms groot skade aangerig. Kraambedkoors het van tyd tot tyd voorgekom weens 'n gebrek aan higiëniese en aseptiese toestande tydens geboorte. Dikwels moes 'n dokter ingryp wanneer kraamvroue verbrou het en geneeshere was nie altyd so beïndruk deur die werk van vroedvroue nie.[551]

10.2.4 Aptekers

Sedert 1887 is 'n komitee deur die staatspresident aangestel om die kwalifikasies, getuigskrifte en sertifikate van persone wat aansoek gedoen het om as aptekers in die Vrystaat te praktiseer, te ondersoek. Tydens die Reitz-tydperk het drr. B.O. Kellner, J.W. Krause en M. Stollreither op hierdie komitee gedien. Indien die komitee se aanbeveling positief was, het Reitz toestemming gegee dat die betrokke aptekers in die republiek mag praktiseer.[552]

---

[546] WCB, AB2644/51: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein, 1877-1909, p. 1; VAB, A61/5: Dokumente van die St. George's Cottage-hospitaal, 1876-1877. Vergelyk ook P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history 1652-1898: a medical and social study*, pp. 358-359.

[547] C. Searle, *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960: 'n sosio-historiese oorsig* (vertaal deur J.C. van Pletzen), p. 137.

[548] Kyk afdeling 10.4 *infra* vir meer besonderhede oor Bloemfontein se hospitale.

[549] VAB, A61/18: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein (handgeskrewe manuskrip), pp. 2-4; *The S.A. medical directory for 1896*, p. 63. Vergelyk ook I. Loots en M. Vermaak, *Pioneers of professional nursing in South Africa*, p. 50.

[550] *The Friend*, 29.1.1892, p. 1 en 9.2.1892, p. 1; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, pp. 213, 216, 221.

[551] Venter, p. 12; Searle, p. 98.

[552] VAB, GS191, kommissie van eksaminering – goewermentsekr., 31.3.1891; *The Friend*, 17.4.1889, p. 3.

Sommige Bloemfonteinse geneeshere, soos drr. Krause, Kellner, Johnson en Stollreither, het hulle eie resepterende apteke by hulle spreekkamers naby Markplein gehad waar hulle medisyne aan hulle pasiënte verskaf het. Dr. Krause se apteek het as die OVS Apotheek bekend gestaan.[553] Daar was ook ander apteke in Bloemfontein, soos die bekende B.G. Lennon & Co. aan Markplein oorkant die poskantoor, wat medisyne soos die bekende Lennon's medisynereeks, asook toiletware en fotografiese materiaal, verkoop het. Ander apteke was onder meer die bekende Iron Apotheek van N. Coaker in Laer-Kerkstraat, die apteek van Butters, Russel & Co., asook die apteek van A.F. Hochapfel in Zastronstraat.[554]

10.3 Genees- en skoonheidsmiddels

Behalwe die medisyne, pille en poeiers wat deur geneeshere voorsien of deur aptekers gemeng is, was daar tydens die Reitz-tydperk 'n hele aantal patente medisyne en skoonheidsmiddels wat by apteke en handelaars gekoop kon word. Die tydgenootlike koerante is vol advertensies van hierdie soort "wondermiddels" wat dikwels glo vir 'n verskeidenheid kwale gehelp het en wat meestal uit die buiteland ingevoer is. Natuurlik is die tradisionele kasterolie dikwels by die geringste teken van enige ongesteldheid vir die pasiënt ingegee, selfs by meer ernstige siektes soos witseerkeel.[555]

Baie inwoners het ook oor 'n "huis-apotheek" beskik waarin alle soorte medisyne vir alledaagse ongesteldhede was en dit het 'n belangrike plek in die volksgeneeskunde ingeneem.[556] Die "huis-apotheek" was gewoonlik vol sogenaamde Hollandse medisyne.[557] In 1895 was daar in *De Burger* advertensies vir "Dr. De Haase's oprechte Hallesche Medicijnen", wat volgens die oorspronklike resepte gemaak en by winkeliers te koop was.[558]

---

[553] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, pp. 218, 222; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 153; *Daily Express*, 28.10.1890, p. 2.

[554] *Daily Express*, 17.4.1890, p. 2; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, pp. 69, 80b, 153; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, pp. 19, 215, 217, 219.

[555] VAB, A156: 1/1/18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, Julie 1888; *Daily Express*, 31.5.1890, p. 2; *The Friend*, 16.1.1889, p. 5 en 19.6.1889, p. 3.

[556] R. Badenhorst, "Gesondheid en die mediese professie in die Oranje-Vrystaat, 1864-1871", *Suid-Afrikaanse. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 6(1), Januarie 1992, pp. 22-23; Searle, p. 98.

[557] Bronne verskil oor die herkoms van hierdie medisyne. Volgens Grobbelaar was dit Halliese medisyne van Duitse oorsprong, in trommeltjies verpak by 'n weeshuis in Halle, Duitsland, met 'n instruksieboekie daarby ingesluit. P.W. Grobbelaar, "Volksgeneeskunde" in P.W. Grobbelaar (red.), *Boerewysheid, Die Afrikaner en sy kultuur 6*, p. 126. Menko daarenteen, beweer dat voorgenoemde medisyne wel vanuit Nederland ingevoer is, maar dat die instruksieboekie vir die medisyne deur ene dr. Von Madi, 'n geneesheer verbonde aan die weeshuis in Halle, geskryf is en dat dit daarom as Halliese (Duitse) medisyne bekend geword het. H.S.N. Menko, *Contributions of the Netherlands to the development of South African medicine (1652-1902)*, p. 124.

[558] *De Burger*, 18.5.1895, p. 4 en 13.7.1895, p. 1.

So ’n “huis-apotheek” het bestaan uit ’n bliktrommeltjie waarvan die een helfte in 25 hokkies afgeskort is om die verskillende medisynebotteltjies te stoor, terwyl die ander helfte van die trommeltjie vir pleisters, verbande en salwe gebruik is. In die botteltjies was medisyne en kruie soos onder meer witdulsies en rooilaventel (vir hartkwale), versterkdruppels, borsdruppels, pynstillende druppels, Hoffmannsdruppels (vir hoofpyn), kasterolie, soetolie, bloekomolie en wynruit (vir verkoues en griep), balsem-kopiva (vir blaas- en nierkwale), balsem-sulphuris en kattekruid (vir brandwonde) en tiemie (vir watersug).[559] Buiten die Halliese medisynetrommeltjies, was daar in die 1890’s ook ander trommeltjies en kissies met medisyne te koop, soos die bekende Lennon’s-medisynes wat na die vervaardiger vernoem is. Voorbeelde van hierdie medisynes was onder meer *Lennon’s Orange Quinine Wine*, *Lennon’s Quinine and Iron Tonic*, *Lennon’s Eye Water* en *Lennon’s Coca Wine.*[560]

Vir die gevreesde siekte witseerkeel was daar baie sogenaamde rate en medisyne, wat dalk soms meer kwaad as goed gedoen het. ’n Skrywer aan *The Friend* het aanbeveel dat die witseerkeel-pasiënt eerstens kasterolie ingegee word, waarna hy of sy gereeld met die volgende mengsel moes gorrel: ½ ons (14,2 gram) kaliumpermanganaat in ’n ¼ bottel water. ’n Eetlepel van hierdie mengsel is dan in ’n drinkglas vol water gegooi en mee gegorrel.[561]

’n Sendeling van Newcastle, A. Prozesky, het aan pres. Reitz geskryf dat hy goeie resultate met sy geneesmiddel vir witseerkeel behaal: hy plaas ongeveer twee korrels blomswael in ’n gansveer of stukkie riet en blaas dit dan so diep as moontlik in die pasiënt se mond en keel in. Hy beveel verder aan dat die sieke sy mond met ’n mengsel van drie druppels karbolsuur in ’n drinkglas vol louwarm water uitspoel en daarmee gorrel. Volgens ’n koerantberig is drie druppels van Calvert se no. 1 karbolsuur (vir inwendige gebruik) in ’n wynglas vol water ook aanbeveel om griep in sy spore te stuit. Dieselfde raat van blomswael teen witseerkeel is in *The Friend* van 1891 teëgekom. Die blomswael is met water gemeng, gegorrel en dan ingesluk, of met ’n gansveer in die pasiënt se keel ingeblaas.[562]

---

[559] “Die Voortrekker en sy medisyne”, <https://:www.afrikanergeskiedenis.co.za/wp-content/uploads/2011/10/Voortrekkers-se-medisyne.pdf+baLSEM+COPIVA>, geraadpleeg 9.10.2012; Grobbelaar, p. 126. Vergelyk ook Menko, p. 125.

[560] *Daily Express*, 9.1.1892, p. 2; *The Friend*, 16.9.1892, p. 4, 6.1.1893, p. 4, 25.3.1892, p. 2 en 11.7.1893, p. 1. Vergelyk ook Grobbelaar, pp. 126-127. Coca Wine het kokaïen bevat en dit het glo vir hoofpyn, senupyn, uitputting, slapeloosheid en depressie gehelp. Tussen 1890 en 1910 is middels wat heroïen en kokaïen bevat, as medisyne vir kinders en volwassenes gebruik, onder meer as geneesmiddels vir asma, hoes, verkoue, griep, tandpyn en selfs om babas beter te laat slaap. M. Andrei, “Reasons why there wasn’t stress in the good old days”,<http://www.zmescience.com/other/9-reasons-why-there-wasnt-stress-in-the-good-old-days-000007/>, geraadpleeg 10.10.2012.

[561] *De Express*, 14.1.1890, p. 5; *The Friend*, 19.6.1889, p. 3.

[562] VAB, GS185: A. Prozesky – pres. Reitz, 17.9.1889; *The Friend*, 26.2.1892, p. 2 en 25.9.1891, p. 3.

Teen die einde van 1894 is ’n nuwe serum of teenmiddel teen witseerkeel en kroep in Europa vervaardig wat dié gevreesde siektes kon genees, mits dit nie reeds te vêr gevorder was nie. In Maart 1895 het die Vrystaatse regering ’n klein hoeveelheid van bogenoemde serum aangekoop en geneeshere kon dit by die distriksgeneesheer, dr. W. Krause, in Bloemfontein kry. Sedert 1895 was witseerkeel dus nie meer so ’n gevreesde siekte nie en kinders kon ook teen dié siekte ingeënt word om te voorkom dat hulle dit kry.[563]

’n Middel teen griep, verkoue, hoes, brongitis, asma en heesheid was *Compound Syrup of Cam*phor, terwyl *Camphor Cream* vir gebarste hande en lippe en droë vel gebruik is. Vir asma, brongitis en kroep was daar ook *Dr. Schiffmann se Asma Geneesmiddel*, ’n neussproei wat uit Brittanje ingevoer is. *Ayer’s Cherry Pectoral* het verligting van verkoues, hoes, keel- en longsiektes gebring.[564] Vir rumatiek- en jigverwante kwale was daar die bekende Suid-Afrikaanse geneesmiddel *Jones’ Rheumaticuro* wat in Kaapstad vervaardig is: “Never fails to cure Gout, Rheumatism, Rheumatic Gout, Lumbago, Sciatica, and Neuralgia”, het dié medisyne se advertensie gelui.[565]

’n Produk wat ons vandag nog gebruik, Eno se vrugtesout, is deur J.C. Eno gepatenteer en deur sy vrugtesout-maatskappy in Londen vervaardig. In die 1890’s was dit klaarblyklik ’n “wondermiddel” wat vir verskeie kwale gehelp het. In ’n 1895-advertensie is Eno selfs vir koors, tifus en witseerkeel aanbeveel.[566] Advertensies in *The Friend* beweer: “It allays nervous excitement, depression, and restores the nervous system to its proper condition (by natural means)”[567] en is ’n “cure for sluggish action of liver”.[568]

Kruie-geneesmiddels van Suid-Afrikaanse oorsprong was ook beskikbaar, soos byvoorbeeld *Orsmond’s Great African Preparations* wat in King Williams Town van Kaapse kruie gemaak is. Orsmond se reeks kruiemiddels het onder meer ingesluit die *Great African Remedy* wat ’n geneesmiddel was vir siektes “arising from impurities of the blood, such as scrofula, skin diseases, eruptions, dyspepsia, liver affections, lumbago, diseases of the urinary organs, languor, sleeplessness, nervous debility, chest affections, and the many affections peculiar to females”, asook die *Great African Blood Purifier* “specific for kidney and urinary

---

563 *De Burger*, 8.12.1894, p. 2, 27.3.1895, p. 2 en 13.7.1895, p. 3.
564 *Daily Express*, 17.4.1890, p. 2. *De Burger*, 16.6.1894, p. 2 en 25.7.1894, p. 2; *The Friend*, 18.7.1893, p. 2, 17.4.1894, p. 4, 23.4.1895, p. 4 en 21.5.1895, p. 4.
565 *The Friend*, 7.6.1892, p. 4.
566 *Ibid*., 17.12.1895, p. 4.
567 *Ibid*., 19.3.1890, p. 6.
568 *Ibid*., 16.6.1891, p. 4.

disorders".[569] Ander geneesmiddels in die Orsmond-reeks was die *Great African Fruit Pills* "for liver, stomach and bowels, piles and constipation", asook die *Great African Herbal Ointment* "for new and old sores, skin diseases, piles, rheumatism, sprains, pains in joints and muscles, inflammatory swellings".[570]

Nog 'n kruiemedisyne, genaamd *Mara*, is in Bloemfontein deur die Afrikaansche Kruiden-medicijn Fabriek Maatchappy vervaardig. *Mara* was 'n nuwe kruiemiddel wat hoofsaaklik as bloedsuiweringsmiddel gebruik is.[571]

Mother Siegel's Curative Syrup is deur Bloemfonteiners vir sooibrand, slegte spysvertering en bloedsuiwering gebruik.[572] Dit is nogal opmerklik hoeveel siektes en ongesteldhede in die 19de eeu aan onsuiwerhede en gifstowwe in die bloed en lewer toegeskryf is, want "blood purifiers" en lewerpille of -reinigers is oral aangetref. Klaarblyklik is daar toe geglo dat die belangrikste aspek van gesondheidsorg was om die maag, bloed en lewer "skoon" te kry en reg te laat funksioneer; dan sou dit baie gesondheidsprobleme uitskakel.

Sommige inwoners, veral die Afrikaners, het ook Boererate gebruik wat van geslag tot geslag oorgegee en versamel is. Boererate het gewoonlik uit kruie of bossies, die sogenaamde Hollandse medisyne of huishoudelike items soos koffie, tee, seep, ensovoorts bestaan. Dikwels is 'n krui of ander geneesmiddel in brandewyn laat trek en dan gebruik.[573] Daar is selfs Boererate en selfgemaakte skoonheidsmiddels in mej. Dijkman se resepteboek wat vir die eerste keer in 1891 verskyn het, gepubliseer.[574] In die 1890's is melding gemaak van die kankerbossie[575] wat in die Vrystaat groei en glo kanker genees. Dele van dié bossie (blykbaar die bas en blare) is vars of gedroog gebruik deur dit met 'n bottel brandewyn te meng, dit goed te laat trek en dan soggens en saans 'n bietjie van die mengsel te drink. Die bossie kon ook in

---

569 *Gouvernements Courant*, 26.7.1889; *De Express*, 6.5.1890, p. 10; *The Friend*, 19.3.1890, p. 4.
570 *The Friend*, 19.3.1890, p. 4, 27.1.1893, p. 3, 18.5.1894, p. 4 en 12.10.1894, p. 4.
571 *De Burger*, 9.3.1895, p. 2 en 3.10.1894, p. 1.
572 VAB, A156:1.1.18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, Julie 1888; *The Friend*, 31.7.1894, p. 4 en 5.2.1895, p. 3.
573 Grobbelaar, pp. 121, 125.
574 E.J. Dijkman, *Di Suid-Afrikaanse kook-, koek- en resepteboek* (heruitgawe van die 1891-uitgawe), pp. 122-135. Die spelling van hierdie boek is nog gedeeltelik Nederlands.
575 Die struik *Sutherlandia frutescens* staan in die volksmond as die kankerbossie bekend en kan volgens mediese navorsing simptome van kankersoorte van die blaas, prostaat en pankreas verlig en het anti-kanker eienskappe, maar is nie 'n algemene kuur vir kanker nie. Dit is 'n tonikum en bevorder eetlus en sterker immuniteit in kankerpasiënte. "Sutherlandia and cancer",<http://www.sutherlandia.org/cancer.html>, geraadpleeg 7.10.2012; "Kruielys. Kruie kraai koning", <http://www.kruiekraaikoning.co.za/herbsindex.html>, geraadpleeg 7.10.2012.

kokende water gegooi word om te trek en wanneer die mengsel afgekoel en deurgesyg is, was die medisyne gereed vir gebruik.[576]

Enkele ander volksgeneeskunde-rate is in die tydgenootlike koerante en argivale dokumente aangetref. Mev. Tibbie Steyn, eggenote van regter (later pres.) M.T. Steyn, het byvoorbeeld sodawater gedrink om sooibrand tydens haar swangerskap die hoof te bied.[577] Vir die voorkoming en behandeling van pokke het *De Burger* die volgende rate aanbeveel: een ons (28 gram) kremetart moes in een pint kokende water opgelos en gelaat word om af te koel, waarna dit met tussenposes gedrink kon word. Daar is ook geglo dat uie, sowel as koffiebone wat gerooster of gebrand is, die kieme van pokke sou vernietig. Die drink van karringmelk het weer vir rumatiek en siektes van die niere gehelp.[578] Enkele rare Boererate, waar daar buitengewone bestanddele soos beesmis, hondebloed en katvelle gebruik is, is aangetref.[579]

Wat skoonheidsmiddels betref, is daar ook ’n hele aantal middels in die tydgenootlike koerante geadverteer, waarvan net enkele voorbeelde hier vermeld word: Calvert se karbolsuur-seep is vir velprobleme, insekbyte en sere gebruik, terwyl hulle tandepoeier en tandepasta gebruik is om tande skoon te hou en die asem te verfris. Die bekende Pears- en Vinolia-toiletseep, Cremoline-toiletseep, Cremoline-skeerseep en Cremoline-velroom, asook Vaseline, kon reeds in 1890 by handelaars gekoop word.[580] By Lennon se apteek was daar salf te koop wat sproete verwyder het, asook Lennon’s se oogdruppels en kamille- en roosmaryn sjampoe vir hare.[581] “Hope’s Groote Haar Hersteller”, “Ayer’s Hair Vigor”, en “Homocea soap” het glo voorkom dat hare uitval en het hare weelderig help groei, terwyl “Homocea”-salf vir ekseem, puisies, snye en kneusplekke gebruik is en die gelaat mooi glad gemaak het.[582]

Wit, swart en bruin inwoners van Bloemfontein het almal toegang tot gesondheidsorg en hospitale gehad en is ook deur blanke geneeshere behandel. Hulle het dus ook toegang tot apteke en medisyne gehad. Ongelukkig kon geen spesifieke inligting opgespoor word oor medisyne en geneesmiddels wat deur bruin en swart mense in Bloemfontein gebruik is nie. Swart mense het gewoonlik ’n goeie kennis van natuurlike geneesmiddels en plante met

---

[576] SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (samesteller), *Volksgeneeskuns in Suid-Afrika: ’n kultuurhistoriese oorsig, benewens ’n uitgebreide versameling Boererate*, pp. 260, 264; *The Friend*, 23.4.1890, p. 3; *De Burger*, 5.9.1894, p. 3 en 29.5.1895, p. 2. Omdat volksgeneeskuns en Boererate ’n studieveld op sy eie is, word dit nie hier volledig bespreek nie. Vir meer inligting hieroor kan bogenoemde bron gebruik word.

[577] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, 23.2.1889.

[578] *De Burger*, 8.8.1894, p. 2 11.8.1894, p. 2 en 6.1895, p. 3.

[579] Vir verdere inligting, raadpleeg *Volksgeneeskuns in Suid-Afrika* en Dijkman.

[580] *Daily News*, 3.3.1890, p. 2; *Daily Express*, 30.6.1890, p. 1; *The Friend*, 1.7.1892, p. 2, 23.2.1892, p. 1 en 9.6.1893, p. 1.

[581] *The Friend*, 19.3.1892, p. 2 en 27.1.1893, p. 1.

[582] *De Burger*, 13.6.1894, p. 1; *The Friend*, 26.6.1894, p. 4, 26.3.1895, p. 2 en 3.5.1895, p. 4.

geneeskundige kragte gehad wat tradisioneel deur die verskillende swart groepe gebruik is. Waarskynlik het sommige van die swart inwoners steeds van hulle tradisionele geneesmiddels in Bloemfontein gebruik om alledaagse kwale te behandel. Omdat die swart inwoners van Bloemfontein onder invloed van die blankes reeds in die 1890's begin verwesters het, het hulle waarskynlik toe reeds begin om Westerse medisyne te gebruik. Blanke geneeshere sou ook Westerse medisyne aan hulle voorgeskryf of uitgereik het. Dan het die meeste swart groepe ook hulle eie tradisionele helers of "toordokters" en waarsêers of *diviners* gehad om te raadpleeg wanneer gesondheids- en ander probleme opgeduik het.[583] Aangesien dit 'n studieveld op sy eie is en geen verwysing na die gebruik van tradisionele medisyne of tradisionele helers deur Bloemfontein se swart gemeenskap tydens die Reitz-tydperk gevind is nie, word dit nie verder hier bespreek nie.[584]

10.4 Hospitale

Vanaf 1846 en tot so laat as die 1870's het Bloemfontein nie 'n hospitaal gehad nie. Siekes is deur familie of vriende in hulle eie wonings verpleeg, of as hulle dit kon bekostig, is privaatverpleegsters vir tuisverpleging gehuur. Arm siekes of siekes sonder familie en vriende is aanvanklik in die gevangenis gehuisves waar hulle verpleeg is.[585]

10.4.1 St. George's Cottage-hospitaal

Die eerste hospitaal noord van die Oranjerivier was die St. George's Cottage-hospitaal, 'n klein, private hospitaal wat deur die inisiatief van biskop A.B. Webb van die Anglikaanse Kerk in Bloemfontein tot stand gekom het.[586] In Junie 1877 is die hospitaal met net vier beddens in 'n huis in Monumentweg geopen. Die Anglikaanse susters van St. Michael's and All Angels[587] het aanvanklik sonder vergoeding as verpleegsters in die hospitaal diens gedoen en net kos en

---

583 C.J. Uys, *Native life in South Africa*, p. 27.

584 Die Basotho, wat 'n groot deel van Bloemfontein se swart inwoners in die 1890's uitgemaak het, het oor besondere kennis van plante met geneeskundige kragte beskik. Vir meer inligting hieroor, kan E.H. Ashton, "Medicine, magic and sorcery among the Southern Sotho", *Communications from the School of African Studies, University of Cape Town*, Nuwe reeks 10, Desember 1943, pp. 1-27, geraadpleeg word.

585 VAB, A61/18: *St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein* (handgeskrewe manuskrip), p. 1; S.V. Potgieter, "The history of medicine in the Orange Free State 1854-1902", *Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif* , 23.12.1972, p. 204. Vergelyk ook A.R. Badenhorst, "Gesondheid en die mediese professie in die Oranje-Vrystaat, 1864-1871", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 6(1), Januarie 1992, p. 22.

586 WCB, AB2644/51: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein, 1877-1909, p. 1; VAB, A61/4: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein, p. 1, A61/59: Koerantknipsel: "Historic institution in need of help. Some interesting facts", *The Friend*, 28.8.1908, geen bladsynommer.

587 Kyk 10.2.3 *supra*.

gratis inwoning ontvang,[588] terwyl dr. B.O. Kellner sy dienste as geneesheer gratis vir die hospitaal aangebied het.[589] Later het van Bloemfontein se ander geneeshere, soos drr. Stollreither, Clarke, Johnson en Dalgleish ook by die hospitaaltjie betrokke geraak.[590]

'n Paar maande later is 'n nuwe gebou op die erf langs die St. Michael's Home, waar die Anglikaanse susters en hulle leerlinge gewoon het, opgerig en op 7 Junie 1878 is die St. George's Cottage-hospitaal te Markgraaffstraat 3 deur pres. J.H. Brand geopen. Dit was steeds 'n klein hospitaal met slegs ses beddens vir pasiënte, 'n operasieteater, twee klein slaapkamers en sitkamer vir die verpleegsters, 'n kantoor, kombuis en spens, asook 'n aantal buitegeboue en 'n lykshuis naby die hek.[591] Die Cottage-hospitaal is hoofsaaklik deur subskripsies en donasies van die publiek, handelaars en openbare instellings, asook kermisse en basaars, befonds, hoewel die Vrystaatse Volksraad ook 'n klein toelae van tussen £100 en £150 per jaar aan hulle toegeken het.[592] Na die totstandkoming van die Volks- of Regeringshospitaal in 1893 is hierdie toelae na £50 per jaar verminder.[593]

Die Cottage-hospitaal is bestuur deur 'n komitee wat bestaan het uit die biskop, die burgemeester, die landdros en die aartsdeken van Bloemfontein, asook die goewermentsekretaris, die geneesheer in beheer en 12 mans uit alle klasse en gelowe, wat deur die bydraers van die hospitaal verkies is. Die bekende suster Henrietta Stockdale was matrone van die Cottage-hospitaal van 1878 totdat sy in 1897 na Kimberley oorgeplaas is.[594]

---

588 Later het hulle wel 'n geringe vergoeding vir hul werk ontvang.

589 WCB, AB2644/50: Letters of appreciation of the sisters. P. Carmichael – Mother Superior, St. Michael's Home, 14.2.1890, AB2644/51: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein, 1877-1909, p. 1; VAB, A61/5: Dokumente van die St. George's Cottage-hospitaal, 1876-1877. Vergelyk ook P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history 1652-1898: a medical and social study*, pp. 358-359.

590 VAB, A61/4: St. George's Cottage hospital and convalescent home. Minutes and accounts from January 1st 1885, pp. 36-37, 50, 58, 64.

591 VAB, A61/18: St. George's Cottage hospital, Bloemfontein (handgeskrewe manuskrip), pp. 2-4, A61/31: Transportakte, St. George's Cottage-hospitaal, 22.2.1878; *The South African medical directory for 1896*, p. 63. Vergelyk ook I. Loots en M. Vermaak, *Pioneers of professional nursing in South Africa*, p. 50.

592 WCB, AB2644/51: St. George's Cottage Hospital, Bloemfontein, 1877-1909, p. 2, AB2644/5: Transportakte no. 24952, 20.9.1880; VAB, A61/59: Koerantknipsel: "Historic institution in need of help. Some interesting facts", *The Friend*, 28.8.1908, geen bladsynommer; *The Friend*, 15.5.1889, p. 3, 2.4.1890, p. 2, 13.10.1891, p. 3 en 23.8.1895, p. 3.

593 VAB, A61/4: Minutes of a meeting of the committee of St. George's Cottage hospital, August 20th 1895, p. 2; *De Burger*, 7.7.1894, p. 2; *The Friend*, 14.7.1893, p. 2.

594 VAB, A61/4: St. George's Cottage-hospitaal, Bloemfontein, 31.12.1883, p. 1, A61/26: St. George's Cottage Hospital: Management rules, p. 1; Burrows, p. 256.

Inwoners en reisigers van alle bevolkingsgroepe en gelowe is in die hospitaal behandel. Behoeftige pasiënte is gratis of teen ’n verminderde tarief verpleeg.[595] ’n Gemiddeld van 36 pasiënte is jaarliks in dié hospitaaltjie opgeneem, maar dit was heeltemal te klein om aan alle behoeftes te voldoen.[596] Die St. George’s Cottage-hospitaal is heelwat vergroot[597] toe die nuwe Victoria-vleuel ter ere van koningin Victoria se diamantjubileum[598] in Maart 1898 amptelik geopen is. Die Cottage-hospitaal is in September 1909 finaal gesluit.[599]

10.4.2 Melaatse inrigting

Aanvanklik het melaatses ongehinderd in Bloemfontein rondgeloop en gebedel. Teen 1889 het hulle in hutte gewoon wat deur die stadsraad opgerig is en is deur die Vrystaatse regering van kos voorsien. Dit was meestal swart mense wat aan melaatsheid gely het.[600] In Mei 1890 is daar tenders aangevra vir die oprigting van ’n lazaretto of kwarantynhuis met twee kamers op die dorpsgrond[601] vir die “met Lazarus besmette zieken”.[602] A. Wocke se tender vir £110 is aanvaar en die kwarantynhuis is baie naby aan die swart woonbuurt Kafferfontein opgerig.[603]

Sedert 1892 is Vrystaatse melaatses na Robbeneiland gestuur om daar in die melaatsehospitaal versorg te word.[604] In Mei 1892 het pres. Reitz die Volksraad se toestemming gevra vir die bou van twee hutte op Bloemfontein se dorpsgronde vir die tussentydse afsondering en versorging van Vrystaatse melaatses totdat daar genoeg is om na Robbeneiland te stuur. Net ’n paar maande later is besluit om ’n nuwe kwarantynhuis of lazaretto langs die nuwe gevangenis aan die Dewetsdorppad te laat oprig.[605]

Omdat die Vrystaatse melaatses op Robbeneiland baie ongelukkig was so vêr van hulle familie af, is die lot van die melaatses in Mei 1894 weer in die Volksraad bespreek. Baie

---

595 WCB, AB2644/50: C.W. Cuyzer – the Mother Superior of the Community of St. Michaels and All Angels, Bloemfontein, 31.10.1894; VAB, A61/4: St. George’s Cottage Hospital Treasurer’s report for the period ending 31 May 1890, p. 2; Minutes of a meeting of the committee of St. George’s Cottage hospital, held on August 20th 1895, p. 2.

596 *The South African medical directory for 1896*, p. 63.

597 VAB, A61/4: Minutes of a meeting of the committee of St. George’s Cottage hospital, August 20th 1895, p. 1; Minutes of a meeting of the committee of St. George’s Cottage hospital, 28th January 1896, p. 2.

598 Dit was (in 1897) die 60ste herdenking van die troonbestyging van koningin Victoria van Brittanje.

599 WCB, AB2644/51: St. George’s Cottage Hospital, Bloemfontein, 1877-1909, p. 2; VAB, A61/36: St. George’s Cottage Hospital, Bloemfontein. Statement for the month of Sept. 1909.

600 *The Friend*, 3.5.1892, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 51.

601 *De Express*, 18.5.1890, p. 5; *Daily Express*, 12.5.1890, p. 3.

602 VAB, GS187: tenders van J. Lawler, A. Wocke, J.S. Robinson, J. Waldeck; landdros De Beer – goewermentsekr., 13.5.1890.

603 VAB, GS187: landdros De Beer – goewermentsekr., 13.5.1890; *The Friend*, 30.1.1891, p. 2.

604 Kyk hoofstuk 3 afdeling 9.2.5. *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892, *Daily Express*, 28.7.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 29.4.1890, p. 211.3.1892, p. 2 en 15.3.1892, p. 3.

605 *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892, p. 12; *The Friend*, 3.5.1892, p. 2 en 22.7.1892, p. 3.

Volksraadslede was van mening dat die wegstuur van melaatses na die eiland onmenslik was, terwyl ander weer oor die aansteeklikheid van die siekte besorg was. ’n Besoeker aan die staatsbeheerde kwarantynhuis en melaatsehospitaal naby die nuwe tronk in 1894 was verontwaardig oor die woontoestande van die swart melaatses daar omdat die kamertjies baie klein was en tot vyf swart vroue in ’n klein kamer met net twee strooimatrasse op die vloer moes tuisgaan. Die enkele blanke melaatses is klaarblyklik effe beter versorg, maar lekkernye en Nederlandse leesstof sou verwelkom word. Hy het dus ’n beroep op Bloemfontein se inwoners gedoen om die melaatses se lewens met skenkings te vergemaklik.[606]

In 1897 is die Vrystaatse melaatses op Robbeneiland na die republiek teruggebring en teen 1898 was daar 60 swart en bruin melaatse mans en vroue in die “leper location” of kwarantynhuis naby Bloemfontein se nuwe gevangenis. In dieselfde jaar is ’n nuwe melaatsehospitaal op die plaas Sydenham suidoos van Bloemfontein opgerig.[607]

10.4.3 Sielsiekehospitaal

Tydens die ontstaansjare van Bloemfontein is sielsiekes of kranksinniges in haglike toestande in ’n kamer langs die ou gevangenis in St. Georgestraat versorg. Daarom is daar in 1883 ’n sielsiekehospitaal[608] of “kranksinnige gesticht” buite die destydse dorp aan die Fauresmith-pad opgerig. Dit was aanvanklik ’n H-vormige enkelverdiepinggebou met twee losstaande geboue en ’n tuin wat met draad omhein is. In die begin was dr. C.J.G. Krause met die sielsiekehospitaal gemoeid en later dr. B.O. Kellner. Bome is op die terrein aangeplant en ’n put is gegrawe. Omdat Kellner geglo het aan handewerk en ontspanning as deel van die terapie, het pasiënte self ’n vrugteboord en groentetuin op die terrein aangelê. Aanvanklik is slegs blanke pasiënte van oor die hele Vrystaat in dié hospitaal opgeneem.[609]

In Mei 1889 het pres. Reitz in sy openingsrede tydens die Volksraadsitting aanbeveel dat ’n afdeling vir nie-blanke sielsiekes aangebou word omdat dit onaanvaarbaar was dat swart en bruin sielsiekes steeds in dorpstronke aangehou word. Dié afdeling is in 1890 voltooi.[610]

Die sielsiekehospitaal het dus sedert 1890 swart, wit en bruin sielsiekes as pasiënte opgeneem en het teen die einde van 1895 oor 60 beddens beskik. Die gemiddelde getal

---

606 *The Friend*, 15.5.1894, p. 2 en 7.8.1894, p. 4.
607 Burrows, p. 293; Groenewald, p. 37.
608 Dit was die latere Oranje-hospitaal wat met die jare baie uitgebrei het en vandag as die Free State Psychiatric Complex bekend staan.
609 VAB, GS192: Van Hoijtema – goew.sekr., 24.7.1891; *The Friend*, 21.8.1894, p. 3. Vergelyk ook Laidler en Gelfand, p. 473, Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 99-100 en Groenewald, p. 36.
610 *OVS Volksraadsnotule* 14.5.1889; *The Friend*, 8.5.1889, p. 3 en 15.5.1889, p. 3; *Daily Express*, 13.5.1890, p. 4.

jaarlikse pasiënte was 45 en geestesiektes het onder meer depressie, maniese depressie en seniliteit ingesluit, terwyl verstandelik gestremdes en epilepsie-lyers ook in dié hospitaal behandel is. Die sielsiekehospitaal is beheer deur ’n toesighoudende raad of komitee wat bestaan het uit die burgemeester en landdros van Bloemfontein, die mediese beampte in beheer (dr. Kellner) en vier ander raadslede.[611] Vermoënde pasiënte moes £5 per maand vir hulle verblyf en behandeling betaal, maar volgens wet was die Vrystaatse regering verantwoordelik vir die versorging van behoeftiges wat weens geestesiektes of ander gebreke nie ’n inkomste gehad het nie.[612]

Pasiënte is in 1889 deur drie manlike versorgers [613] opgepas, terwyl die bewaarder en hoofbewaarder vir die algemene bestuur van die sielsiekehospitaal verantwoordelik was.[614] In 1891 is ’n vroulike versorger of verpleegster aangestel om na die enkele vrouens in die hospitaal om te sien. In 1892 is ’n huis vir die hoofbewaarder en sy vrou op die terrein van die sielsiekehospitaal aangebou. Teen 1894 was daar twee blanke en twee nie-blanke bewaarders en het die hoofbewaarder se vrou as matrone opgetree.[615]

’n Verslaggewer van *The Friend* het die sielsiekehospitaal in 1894 besoek en was beïndruk deur die behandeling van die geestesiekes en die bestuur van die inrigting, veral weens beperkte beskikbare fondse. Hy beskryf die sielsiekehospitaal en behandeling van pasiënte soos volg: Die hospitaal en woonkwartiere van die blanke pasiënte was netjies, silwerskoon en gemaklik. Hoewel kamers effens klein was, was dit skoon, lig en lugtig en is toegerus met gemaklike beddens met binneveermatrasse. Een sel kon gebruik word om gewelddadige pasiënte af te sonder. Daar was twee gemaklike sitkamers met matte en gordyne, tafels, stoele en gemakstoele en versier met skilderye en blomme. Op die tafels was koerante en tydskrifte wat pasiënte kon lees. Die voedsel, wat deur ’n blanke kok voorberei is, was voldoende en van ’n goeie kwaliteit.[616]

---

[611] VAB, GS183: dr. C.J.G. Krause – pres. Reitz, 9.4.1889; OBB: Rapport over de werkzaamheden in het Krankzinnigen Gesticht gedurende het jaar 1898, p. 4. Vergelyk ook The *South African medical directory for 1896*, p. 63.

[612] Ordonnantie no. 2 – 1889, *Gouvernements Courant*, 7.6.1889.

[613] Dit was skynbaar bruin of swart mense.

[614] VAB, GS184: Van Hoijtema – goew.sekr., 29.8.1889, GS185: Van Hoijtema – goew.sekr., 24.9.1889 en GS188: Van Hoijtema – goew.sekr., 22.7.1890.

[615] VAB, GS192: Van Hoijtema – goew.sekr., 24.7.1891; *The Friend*, 22.11.1892, p. 1 en 21.8.1894, p. 3. Vergelyk ook S.V. Potgieter, L. Hanekom en T.J. Ligthelm, *Volkshospitaal 1893 – Nasionale Hospitaal 1993*, pp. 10-11.

[616] *The Friend*, 17.8.1894, p. 3 en 21.8.1894, p. 3; *De Burger*, 1.9.1894, p. 3 en 5.9.1894, p. 3. Bogenoemde artikel het in Nederlands sowel as Engels oor twee uitgawes van die koerante verskyn en is hier net kortliks opgesom.

In die omheinde tuin was daar banke waarop pasiënte in die son of onder ’n afdak in die koelte kon sit. Pasiënte is oor die algemeen goed behandel en dr. Kellner, wat die inrigting daagliks besoek het, was altyd bereid om na enige probleem te luister. Die swart en bruin mense is in ’n afsonderlike gebou, ’n entjie weg van die hoofgebou, gehuisves. Hoewel hulle kamers minder luuks was, was dit skoon en gemaklik. Swart en bruin pasiënte het hulle eie afgeslote tuingedeelte gehad waar hulle kon ontspan. Hoewel die geboue self enkele tekortkominge gehad het en daar meer gedoen kon word om pasiënte te vermaak, het hulle ligte handearbeid gedoen, is weeklikse kerkdienste gehou en pasiënte op wandelinge uitgeneem.[617]

In Augustus 1894 was daar 15 blanke en 16 nie-blanke mans, asook vyf blanke en vyf nie-blanke vroue, in die hospitaal – dus altesaam 41. In 1895 het hierdie getal tot 55 aangegroei – 29 blankes en 26 nie-blankes.[618] Teen 1898 was daar 89 blanke en nie-blanke pasiënte van oor die hele Vrystaat in die sielsiekehospitaal en was dit die grootste mediese inrigting in die republiek.[619]

10.4.4 Volkshospitaal

In sy openingsrede tydens die Volksraadsitting van Mei 1891 het pres. Reitz opgemerk: “De behoefte aan een Volkshospitaal wordt dagelijks meer gevoeld. Het gebruiken van een deel der gevangenis-gebouwen alhier, voor dit doel, komt mij voor zeer onwenschelijk te zijn.”[620] Hierna is ’n bedrag van £5 000 op die begroting geplaas vir die oprigting van ’n gemeubileerde Volks- of Staatshospitaal.[621]

Op 1 November 1893 is die nuwe Volkshospitaal met 50 beddens geopen met drr. B.O. Kellner as eerste en J.W. Krause as tweede geneesheer. Daar was ’n aparte gebou waar swart en bruin mense deur swart bediendes onder toesig van ’n wit verpleegster versorg is. Pres. Reitz het Amy Hinckley Gething as eerste matrone aangestel, asook twee opgeleide wit verpleegsters.[622] Die verpleegpersoneel het in kamers bokant die hospitaalsale, op die eerste vloer van die hospitaal, ingewoon.[623] Omdat daar aanvanklik nie ’n inwonende geneesheer op

---

617 *De Burger*, 1.9.1894, p. 3 en 5.9.1894, p. 3.
618 *Ibid*., 5.9.1894, p. 3; *The Friend*, 21.8.1894, p. 3 en 25.6.1895, p. 3.
619 OBB: Rapport over de werkzaamheden in het Krankzinnigen Gesticht gedurende het jaar 1898, p. 3; Potgieter, Hanekom en Ligthelm, p. 11.
620 *OVS Volksraadsnotule*, 4.5.1891: Aanspraak van pres. Reitz, p. 17.
621 *Ibid*., 5.5.1891 en 15.6.1891.
622 Die aantal verpleegsters is later tot sewe vermeerder. Potgieter, Hanekom en Ligthelm, p. 19.
623 *De Burger*, 16.5.1894, p. 2; Potgieter, Hanekom en Ligthelm, p. 16.

die terrein van die Volkshospitaal was nie, is ’n telefoonverbinding tussen die hospitaal en die wonings van drr. Kellner en Krause in 1894 deur die Volksraad goedgekeur.[624]

Die hospitaal het jaarliks ’n subsidie van £2 000 van die Vrystaatse regering ontvang, maar pasiënte moes ’n bedrag van 10/- per dag betaal vir ’n privaatkamer, 7/6 vir ’n semi-privaatkamer en 4/- vir ’n algemene saal. Swart en bruin mense het net ses pennies per dag betaal, terwyl pasiënte in noodgevalle gratis opgeneem is.[625] Volgens die verslag van die eerste geneesheer is daar van Mei 1894 tot Mei 1895 166 pasiënte in die Volkshospitaal opgeneem, waarvan 101 wit en 65 swart of bruin was. Van die 166 pasiënte het 16 gesterf.[626]

In Julie 1894 is ’n bestuurskomitee vir ’n termyn van drie jaar deur pres. Reitz benoem om die Volkshospitaal te bestuur en reëls en regulasies vas te stel, onderhewig aan goedkeuring deur die staatspresident.[627] Die lede van die eerste komitee was drr. B.O. Kellner (voorsitter), J.W. Krause en G.S. Clarke, asook C. van der Wath, R. Innes, G.D. Atherstone en O. Fraundorfer.[628]

Aangesien ’n aparte teater nog nie beskikbaar was nie, is operasies aanvanklik in die ruim apteek uitgevoer. Ofskoon die apteek redelik goed ingerig was vir operasies, het die daklig tydens swaar reën só erg gelek dat die dokters soms onder sambrele moes opereer. Wanneer dit in bewolkte of reënerige toestande te donker was, moes ’n verpleegster met ’n flits bykomende lig verskaf, aangesien elektriese lig nie voor 1900 beskikbaar was nie.[629]

In 1898 is ’n nuwe vleuel aangebou wat die grootte van die hospitaal bykans verdubbel het. Veral na die Britse besetting van Bloemfontein in 1900 is die term “National Hospital” en “Nasionale Hospitaal” toenemend vir die Volkshospitaal gebruik en in 1917 is die naam Nasionale Hospitaal aanvaar. In 1933 is die nuwe Nasionale Hospitaal op die huidige terrein voltooi en is vandag steeds ’n staatshospitaal.[630]

---

624 *The Friend*, 15.5.1894, p. 2 en 3.7 1894, p. 2.
625 *Bloemfontein directory 1898*, p. 47; *The South African Medical directory for 1896*, p. 63. Vergelyk ook Potgieter, Hanekom en Ligthelm, pp. 17, 20.
626 *De Burger*, 22.6.1895, p. 2; *The Friend*, 25.6.1895, p. 3.
627 Wet no. 21–1894, *Gouvernements Courant*, 20.7.1894; *De Burger*, 25.7.1894, p. 3.
628 *De Burger*, 8.8.1894, p. 2; *The Friend*, 7.8.1894, p. 2. Vergelyk ook Potgieter, Hanekom en Ligthelm, p.16.
629 Potgieter, Hanekom en Ligthelm, pp. 18-19.
630 *Bloemfontein directory 1898*, p. 47; Potgieter, Hanekom en Ligthelm, pp. 18-19.

11 Woongebiede, akkommodasie en verblyf

11.1 Blanke woonbuurte en huise

Sedert die ontstaan van Bloemfontein tot aan die einde van die Reitz-tydperk in 1895 het die hoofstad se blanke woongebied heelwat uitgebrei. Die eerste huis in Bloemfontein is aan die westekant naby die fontein, op die terrein van die huidige Presidensie, gebou[631] en daarna is die huise en geboue in Bloemfontein al langs die spruit in St. George- en Douglasstraat opgerig.[632]

Sedert die koms van die spoorlyn in 1890 het daar ’n geweldige uitbreiding op residensiële gebied plaasgevind. Bloemfontein se blanke woonbuurt het na die noorde en weste uitgebrei, sodat erwe in Zastronstraat teen 1890 in aanvraag was.[633] Na 1890 het woonhuise noord en wes van die Vierde Raadsaal in Pres. Brandstraat opgeskiet[634] “where quite a new suburb is being added to the capital”.[635] Hierdie nuwe woonbuurt, wat as “West End” of “Western Extension” bekend gestaan het, het in 1893 reeds tot by Kellnerstraat gestrek.[636] Sedert 1923 staan dié woonbuurt naby Bloemfontein se middestad as Westdene bekend.[637] Na die ooste het Bloemfontein se blanke residensiële gebied tot verby die nuwe stasiegebou aan die oostekant van Maitlandstraat uitgebrei en het spoorwegbeamptes huise in Hangerstraat bewoon.[638] Arm wit mense en spoorwegwerkers het aan die oostekant van die stasiegebou in die Spoorwegkamp gewoon, waar grond goedkoop was.[639] Die Spoorwegkamp was waar die woonbuurt Hilton vandag is.

In 1891 is 30 erwe in die omgewing van die Monumentkoppie verkoop waardeur Bloemfontein se blanke woonbuurte suid van die spruit in die rigting van Fortheuwel uitgebrei het.[640] Hierdie ruim “hill erven” is vir hoër klas behuising geoormerk en het strate soos

---

631 Kyk hoofstuk 1, afdeling 1.
632 AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts, “History of the Bloem Fontein” (Ongepubliseerde artikel), p. 10; *Daily Express*, 17.5.1890, p. 2.
633 VAB, MBL1/1/5: Notule, stadsraadsvergadering, 7.1.1889; GS187: stadsklerk – goewermentsekr., 16.5.1890. Vergelyk ook Municipale kennisgeving no. 19–1889, *Gouvernements Courant*, 26.7.1889.
634 VAB, GS191: stadsklerk – goewermentsekr., 14.3.1891; *The Friend*, 3.3.1891, p. 4 en 21.10.1892, p. 3.
635 *The Friend*, 1.11.1892, p. 3.
636 *Ibid*., 9.5.1893, p. 3, 31.7.1894, p. 2, 19.2.1895, p. 3 en 11.2.1897, p. 2.
637 *Ibid*., 3.9.1932, p. 5.
638 VAB, GS188: stadsklerk – goewermentsekr., 7.8.1890 en 12.8.1890; *Daily Express*, 21.7.1890, p. 3; *The Friend*, 15.8.1890, p. 1 en 3.7.1891, p. 3. Vergelyk ook Snyman, p. 156.
639 *De Burger*, 25.4.1894, p. 2; *The Friend*, 3.2.1893, p. 3 en 31.7.1894, p. 2.
640 *The Friend*, 18.9.1891, pp. 2-3 en 16.10.1891, p. 3. Monumentkoppie en Monumentweg is so genoem na aanleiding van die Basotho-monument wat in dié straat opgerig is, ter ere van burgers wat in die Vrystaat-Basotho-oorloë gesterf het. Die destydse Monumentweg staan vandag as Kerkstraat bekend.

Salzmann- en Goddardstraat ingesluit.[641] Genl. J.B.M. Hertzog (1866-1942) het byvoorbeeld in 1895 in Goddardstraat 19 vir hom ’n huis laat oprig. In 1892 en 1893 is daar klein landgoedjies of “villa plots”[642] oos van Naval Hill, asook tussen Naval Hill en Seinheuwel, uitgelê. Rondom die blanke gedeelte van die dorp het meer welgestelde inwoners ook buiteverblywe of landgoede gehad, soos byvoorbeeld die Fichardts se bekende Brandkop, Abraham Fischer se plaas Hillandale en die sakeman Frank Oldfield se huis Waverley.[643]

Tydens die Reitz-tydperk was die spogwoonbuurt steeds die “Water Erven” aan die walle van die spruit. Hier het baie van Bloemfontein se ou inwoners gewoon en die woonhuise is omring deur groot, gevestigde tuine en ou bome wat met water uit die spruit en deur middel van die watervoor en pypleidings uit die fontein natgelei is.[644] Die meeste van Bloemfontein se hoër middelklas-huise het name gehad, soos Green Lodge, Rose Lodge, Garden Lodge, Fern Lodge, Halevy House, Kelvedon, Kaya Lami en The Deodars. Hierdie woonhuise met hulle Engelse name was tipies van ou Bloemfontein.[645]

Na 1890 het groot ontwikkeling in Bloemfontein plaasgevind. Die koms van die spoorlyn het die waarde van eiendomme laat styg, sodat erwe se pryse en boukoste van huise dienooreenkomstig verhoog het. Die toestroming van armblankes op soek na werk by die spoorweë het die aanvraag na huise verhoog. Teen Desember 1890 was daar 402 huise en 17 hutte in die blanke gedeelte van die dorp en sy woonbuurte.[646]

Sedert 1890 is daar gereeld oor die tekort aan huise en gebrek aan voldoende akkommodasie gekla.[647] Bloemfontein se bevolking het sedert die koms van die spoorlyn jaar na jaar toegeneem en hoewel baie huise in die blanke gedeelte van die dorp gebou is, het huistekorte nog ’n hele paar jaar voortgeduur.[648]

Weens woningtekorte en hoë pryse is daar dikwels in die armer blanke gedeelte van die dorp, veral die oostekant en suidooste, sinkhuisies of pondokkies van hout en sinkplaat,

---

641 *Ibid*., 26.8.1892, p. 4.
642 Dit was baie groter as ’n gewone erf en waarskynlik gelykstaande aan vandag se kleinhoewes of plotte.
643 *The Friend*, 22.7.1892, p. 3, 16.8.1892, p. 5 en 8.9.1893, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 143.
644 AREA, PV522/2/1/3: E.N. Roberts, “History of the Bloem Fontein” (Ongepubliseerde artikel), p. 10; *De Express*, 15.4.1890, p. 1; *Daily Express*,17.5.1890, p. 2 en 10.7.1890, p. 2. Vergelyk ook Snyman, p. 151.
645 S. Botha, *Die verandering en ontwikkeling van die woonhuisargitektuur in Bloemfontein gedurende die tydperk 1846-1946 met bydraende faktore* (M.Arch.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1991), p. 45; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 142-143.
646 “Bloemfontein as it presents itself to the visitor at the opening of the first Free State railway between Norval’s Pont and Bloemfontein on the 17th day of December, 1890”, *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*, 23.12.1890, p. 2; *The Friend*, 16.1.1889, p. 3 en 3.7.1889, p. 3.
647 *Daily Express*, 12.5.1890, p. 3 en 30.5.1890, p. 3; *The Friend*, 14.5.1890, p. 3, 16.1.1891, p. 3, 17.7.1891, p. 2, 15.9.1891, p. 2, 30.10.1891, p. 2 en 1.12.1891, pp. 2-3.
648 *De Burger*, 17.3.1894, p. 2; *The Friend*, 9.2.1892, p. 3, 19.8.1892, p. 2, 29.11.1892, p. 2 en 24.3.1893, p. 2.

bestaande uit een of twee vertrekke, opgerig.[649] Soms is hierdie pondokkies ook tussen groter huise in die meer gegoede woonbuurte gebou en deur meer as een gesin bewoon.[650] In 1891 is daar byvoorbeeld in Zastronstraat twee kamers van 10 voet by 10½ voet (3,05 m by 3,2 m) opgerig waarin drie gesinne tuisgegaan het, asook ’n klein sinkhuisie waarin ’n verdere 13 mense gewoon het.[651] Omdat pondokkies en sinkhuisies die deftiger woonbuurte ontsier en die waarde van eiendom laat afneem het, het die stadsraad in 1893 besluit dat geen hutte, pondokkies of sinkhuisies voortaan in die meer gegoede woonbuurte opgerig mag word nie. Maar ’n jaar later was daar steeds klagtes oor die sinkhuisies, pondokkies, onooglike krotte of “shanties”, veral in die omgewing van die stasie en spoorlyn, wat afbreuk aan Bloemfontein se beeld gedoen het.[652]

Naby die stasie was daar ’n aantal “railway cottages” wat deur spoorwegwerkers bewoon is.[653] Die spoorwegowerhede het ook in die 1890’s sinkskakelhuisies in die Spoorwegkamp opgerig om as huisvesting vir hulle werknemers te dien. Dié skakelhuise, gebou van sink en halfstene, het elk uit twee huisies bestaan wat deur ’n steenmuur geskei is.

As gevolg van die veranderende sosio-ekonomiese omstandighede het die boubedryf in die Reitz-tydperk ’n groot oplewing beleef. Omdat Suid-Afrika sedert die 1880’s ’n bloeitydperk beleef het terwyl Brittanje deur werkloosheid geteister is, het ’n toenemende aantal Britse en Europese argitekte, ingenieurs en vakmanne na Suid-Afrika en ook Bloemfontein gekom. Hierdeur het nuwe boustyle en -metodes ook in die Vrystaatse hoofstad ingang gevind.[654]

---

649 *Daily Express*, 12.5.1890, p. 3, 30.5.1890, p. 3 en 6.6.1890, p. 3; *The Friend*, 16.1.1891, p. 3, 14.7.1891, p. 2, 17.7.1891, p. 2, 15.9.1891, p. 2, 9.10.1891, p. 2 en 30.10.1891, p. 2.

650 *Daily Express*, 12.5.1890, p. 3 en 6.6.1890, p. 3; *The Friend*, 24.10.1890, p. 1 en 26.10.1894, p. 3.

651 *Daily Express*, 7.6.1891, p. 2.

652 *De Express*, 10.6.1890, p. 5; *The Friend*, 27.10.1893, p. 2, 19.1.1894, p. 4 en 22.6.1894, p. 4.

653 *The Friend*, 17.11.1891, p. 4.

654 A.J. Roodt, *Die argitektoniese bydrae van Francis Lennox Canning 1884-1895* (M.Arch.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1990), p. 133; Botha, p. 41. Vergelyk ook K. Schoeman, *Vrystaatse erfenis: bouwerk en geboue in die 19de eeu*, p. 109.

Woonhuisargitektuur is ook deur bogenoemde veranderinge beïnvloed en buitelandse styl- tendense is nagevolg. Waar woonhuise voorheen simmetries was met die voordeur in die middel, het huise in die 1890's 'n asimmetriese fasade verkry, sodat die voordeur na eenkant toe verskuif is.[655] Volgens Radford is asimmetriese huise en geboue teen die 1890's reeds dwarsoor Suid-Afrika aangetref. Dit was ook die geval in Bloemfontein tydens die Reitz-tyd en hier is huise gewoonlik van ongepleisterde rooi bakstene gebou en is muurvlakke onderbreek deur hout-skuifraamvensters wat gewoonlik wit geverf is, in 'n donkergroen raam, terwyl sinkdakke algemeen was. Hout-buitedeure is meestal ook donkergroen geverf met wit afwerkings. Dakke is met gietyster-torinkies versier en skoorstene het algemeen voorgekom, soms meer as een per huis.[656] Huise het groter geword en meer dubbelverdiepings is gebou, veral in die gegoede woonbuurte.[657]

Figuur 40: Kaya Lami, die woning van G.A. Fichardt in Kerkstraat, ca. 1894, nadat dit vergroot is. Let op die asimmetriese voorkoms, die oneweredige dakvlakke, die skoorstene en daktorinkies en die ryk versierde veranda. Nasionale Museum fotoversameling: 01/148.

Die koms van die spoorlyn het 'n groot invloed op die boubedryf en argitektuur van Bloemfontein gehad. Boumateriaal en selfs steenkool kon nou vinniger en goedkoper per trein vervoer word, sodat oondgebakte bakstene na 1892 algemeen in die Vrystaatse hoofstad gebruik is. Meestal is die buitemure van 'n huis van oondgebakte bakstene gebou, terwyl roustene vir die binnemure gebruik is.[658]

---

655 D. Radford, "Popular architecture in the United States of America and South Africa: a case study of the late nineteenth century", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 7(1), Februarie 1993, p. 16. Vergelyk ook Botha, pp. 42, 44.

656 D. Radford, "Symmetry and asymmetry in the South African house", *Lantern* 33(2), April 1984, p. 31; K. Schoeman, "Die Fichardt-huis: 'n kleinood uit die Vrystaatse verlede", *Restorica* 12, Oktober 1982, p. 55. Vergelyk ook L. Roodt, *The architecture of the Orange Free State Republic: 1854-1902* (Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1987), p. 214.

657 AREA, PV522/2/1/1: E.N. Roberts, "History bits. Changes I have myself seen in Bloemfontein" 1, p. 3; *Daily Express*, 25.10.18990, p. 2; *The Friend*, 18.1.1895, p. 1. Vergelyk ook Botha, p. 42.

658 *The Friend*, 30.10.1894, p. 2; L. Roodt, p. 130.

Die Reitz-tydperk val saam met die Laat-Victoriaanse tydperk in Suid-Afrika (1890-1900). Die boustyl waarin huise tussen 1889 en 1895 gebou is, was meestal die Laat-Victoriaanse boustyl, wat gekenmerk is deur asimmetrie, eklektisisme of vermenging van stylelemente, erker-vensters en ryk versiering, veral aan die veranda.[659]

Figuur 41: Kelvedon, woonhuis van Alfred Barlow in die destydse St. Johnstraat (vandag Nelson Mandelaweg), ca. 1895. Met sy asimmetriese voorkoms, onreëlmatige dakvlakke, vele skoorstene, daktorinkies, versierde veranda en gietysterversierings op die nokke, is dit is 'n tipiese voorbeeld van die Laat-Victoriaanse boustyl in Bloemfontein. Nasionale Museum fotoversameling: 01/308.

Volgens Kuijers het die klem van die Laat-Victoriaanse boustyl op onreëlmatige daklyne, asimmetriese fasadekomposisies, erker-vensters en friese geval.[660] Uiteraard is sommige van die ouer, platdakhuise van die 1860's en 1870's steeds in Bloemfontein aangetref, terwyl ander volgens die Laat-Victoriaanse boustyl herbou is.[661]

Die Victoriaanse boustyl is by Suid-Afrikaanse weersomstandighede aangepas en die grootste aanpassing was die aanbring van stoepe en verandas (soms rondom die huis). Reeds sedert die 1870's het die stoep en veranda 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse en Bloemfonteinse woonhuisargitektuur gespeel. Onder die verandarand het daar gewoonlik houtversierings in die vorm van dekoratiewe figuursaagwerk voorgekom, terwyl die stoepdak en veranda deur hout- en later gietysterpilare ondersteun is. Later is ook van gietyster-versierings vir verandas gebruik gemaak.[662]

In die 1890's het 'n tipiese middelklas-huis in die Vrystaatse hoofstad gewoonlik 'n gewel gehad wat hoër as die dak van die stoep of veranda was. Hierdie gewel het meestal 'n

---

659 J.D. Smit, *Identifisering en evaluering van die argitektuur van Philippolis* (M.Arch.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1989), p. 82; Botha, p. 43.

660 A. Kuijers, *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom, ca. 1860 tot 1940* (M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1980), p. 98.

661 AREA, PV522/2/1/1: E.N. Roberts, "History bits. Changes I have myself seen in Bloemfontein" 1, p. 4.

662 A.J. Roodt, p. 69; Groenewald en Herholdt, pp. 413-414. 'n Stoep is 'n eenvoudiger vorm van 'n veranda, maar albei word as 'n verlenging van die woonhuis beskou. Engelssprekendes praat gewoonlik van 'n veranda, terwyl Afrikaanssprekendes meestal van 'n stoep praat, hoewel die twee terme dikwels vir dieselfde struktuur gebruik word. 'n Veranda word gewoonlik bedek deur 'n dak en is meestal meer ryklik versier, terwyl stoepe bedek of oop kan wees.

ventilasie-opening, bedek met houthortjies of gietyster, gehad. Die ruimte tussen die dak en plafon het dikwels as ’n solder gedien terwyl dit ook isolasie teen hitte en koue verskaf het.[663] Huise is nie meer so direk op die straat gebou nie, maar die hooffasade, wat gewoonlik ter wille van status en visuele impak die rykste versier is, is nog steeds na die straat gerig. Die huis is nou meer na ’n middelposisie op die erf verskuif, met die voortuin tussen die huis en die straat. In die agterplaas was daar onder meer perdestalle, ’n waenhuis, koeistalle of -krale en ander buitegeboue soos bediendekamers, waskamers en toilette en soms ook ’n waterput of watertenk.[664]

Die gemiddelde huis in Bloemfontein het twee of drie slaapkamers, asook ’n kombuis en spens gehad, maar daar was ook groter huise met meer as 20 vertrekke.[665] Groter huise het gewoonlik vier of vyf slaapkamers gehad, asook ’n eetkamer, sitkamer, kombuis en spens. Meer gegoede inwoners se huise het dikwels ekstra vertrekke soos ’n familiekamer, biblioteek of studeerkamer, biljart- of rookkamer gehad.[666] Houtwerk is dikwels in die interieur van die huis aangetref en by dubbelverdiepings het die houttrap, met sy versierde handrelings, ’n prominente plek beklee. Aangesien boumateriaal soos hout en sinkplate by handelaars verkrygbaar was, het baie van die huise teen die 1890’s houtplafonne en -vloere gehad. Vuurherde was van gietyster en kaggels is gewoonlik met ornamentele teëls versier.[667]

Behalwe huise wat te koop was of nuut gebou is, was daar uiteraard ook kamers, huise en kothuise te huur, gemeubileerd of ongemeubileerd.[668] Sommige inwoners het ook in losieshuise en hotelle tuisgegaan.

---

663 Groenewald en Herholdt, p. 414.

664 *Daily Express*, 7.5.1890, p. 2 en 12.12.1890, p. 2; *The Friend*, 6.2.1894, p. 1 en 28.9.1894, p. 1.

665 *The Friend*, 13.3.1891, p. 1, 15.11.1892, p. 1, 27.11.1891, p. 2, 2.1.1894, p. 2, 15.6.1894, p. 2, 9.8.1895, p. 2 en 26.11.1895, p. 2; *Daily Express*, 7.5.1890, p. 2, 4.10.1890, p. 2 en 12.12.1890, p. 2.

666 VAB, A507/6 (oorgeplaas vanaf A528): G.A. Fichardt se huis in Bo-Kerkstraat voor herbouing, ca. 1883, plan geteken deur mev. Maude Bidwell (gebore Fichardt); Plan van die huis op G.A. Fichardt se buiteverblyf op Brandkop, ca. 1888, geteken deur mev. Maude Bidwell; A507/6 (oorgeplaas vanaf A547.3): Rose Lodge, woning van Carl Borckenhagen ca. 1890’s; plan geteken deur mev. Margaret van Rooyen (gebore Fivaz), aangenome dogter van mev. Borckenhagen. Vergelyk ook *The Friend*, 9.8.1895, p. 2.

667 *Daily Express*, 18.6.1890, p. 2, 13.9.1890, p. 4 en 20.9.1890, p. 3; *The Friend*, 9.8.1895, p. 2. Vergelyk ook Groenewald en Herholdt, p. 414.

668 *Daily Express*, 27.5.1890, p. 3, 12.6.1890, p. 2, 19.6.1890, p. 2, 7.8.1890, p. 2, 22.8.1890, p. 2, 8.7.1890, p. 3 en 20.9.1890, p. 3; *The Friend*, 24.11.1891, p. 3, 14.8.1894, p. 2 en 26.11.1895, p. 2.

11.2 Hotelle en losieshuise

Bloemfontein het tydens die Reitz-tydperk verskeie goeie hotelle en losieshuise gehad. Die hotelle het veral met die koms van die spoorlyn in 1890 en die gevolglike toename in besoekers 'n bloeitydperk beleef. Baie van die hotelle is opgegradeer en vergroot, en nuwes is gebou.[669] *The Friend* het in 1891 die *Port Elizabeth Spectator* se kommentaar oor Bloemfontein se hotelle gepubliseer: "Bloemfontein can boast as comfortable hotels as any in South Africa."[670]

'n Baie bekende en gewilde hotel was die **Bloemfontein-hotel** wat in Maitlandstraat oorkant die poskantoor en naby aan die spoorwegstasie en Markplein geleë was. In 1889 het die hoofgebou van dié hotel 'n ruim eetkamer, sitkamer, leeskamer, biljartkamer en kroeg, asook sewe slaapkamers, badkamer, kombuis, spens en twee stoorkamers bevat. Agter die hoofgebou was 'n dubbelverdieping-baksteengebou met 'n balkon en agt slaapkamers. Die Bloemfontein-hotel is in 1889 opgeknap, verbeter en elegant hermeubileer, waarna dit in November 1890 onder die bestuur van W.G. Cox heropen is, kort voor die opening van die spoorlyn.[671] Die joviale Cox was 'n baie goeie gasheer en veral sy Sondag-aandetes, wat hy na kerk opgedis het, was iets besonders. Van tyd tyd is biljarttoernooie in die hotel gehou, wat goed ondersteun is.[672] Na Cox se dood in 1894 het sy eggenote, M. Cox, die hotel oorgeneem en F. Evans, voorheen van die Palmerton-hotel in Port Elizabeth, as bestuurder aangestel.[673]

Die **Criterion-hotel**[674] in Fonteinstraat naby Bloemspruit is in Januarie 1890 deur J. Barnard heropen en het ook vir meer permanente loseerders voorsiening gemaak. Gaste kon hulle tyd by die uitstekende biljarttafel verwyl.[675]

Die **Germania-hotel** van C. Diedrechsen in Gordonstraat het nie 'n baie goeie reputasie gehad nie omdat boemelaars en rondlopers gereeld daar rondgelê het. Dit het

---

669 *The Friend*, 3.7.1889, p. 3; *De Express*, 21.1.1890, p. 4, 2.9.1890, p. 1 en 9.12.1890, p. 4; *Daily Express*, 7.10.1890, p. 2. Vergelyk ook *The Friend*, 10.7.1889, p. 3 en 19.2.1890, p. 2; A. Macmillan, *The city of Bloemfontein: an historical, commercial and general review*, p. 85. Slegs blankes het in die hotelle en losieshuise tuisgegaan en die meeste hotelle het stalle gehad waar gaste se perde gehuisves kon word.

670 *The Friend*, 27.3.1891, p. 3.

671 *De Express*, 2.9.1890, p. 1; *Daily Express*, 29.8.1890, p. 2; *The Friend*, 27.2.1889, p. 4, 29.8.1890, p. 1 en 25.11.1890, pp. 1, 3. Vergelyk ook Macmillan, p. 85.

672 *De Express*, 25.11.1890, p. 4 en 2.12.1890, p. 2; *Daily Express*, 25.11.1890, p. 2; *The Friend*, 26.5.1891, p. 3.

673 *De Burger*, 6.6.1894, p. 1; *The Friend*, 18.5.1894, p. 2 en 23.7.1895, p. 3.

674 Na die Anglo-Boereoorlog het die Criterion-hotel as die Royal-hotel bekend gestaan, maar dié hotel het in 1904, met die groot vloed, toe Bloemspruit sy walle vêr oorspoel en groot skade en lewensverlies veroorsaak het, weggespoel. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 185.

675 *De Express*, 21.1.1890, p. 4; *Daily Express*, 19.4.1890, p. 3 en 7.10.1890, p. 2.

blykbaar aan minder gegoede mense verblyf verskaf. In 1890 is dié hotel deur A. Andresen by Diedrechsen oorgeneem.[676]

Die **Masonic-hotel** in Maitlandstraat naby die stasie is in 1890 gebou en in Januarie 1891 "in thorough English Style" geopen.[677] Dié hotel het 'n ruim sitkamer, eetkamer, rookkamer en kroeg gehad, terwyl 'n spesiale kelder gebou is om bier, koeldrank en minerale water koel te hou. Die eienaar, B. Levy, het 'n baie ervare Kaapse kok aangestel. Levy het spesiale tariewe vir maandelikse loseerders aangebied, terwyl ligte etes daagliks tussen 11:00 en 12:00 gratis vir gaste in die kroeg verskaf is. Vir die gerief van gaste is koloniale en buitelandse koerante, asook geriewe vir biljart, potspel en "pyramids" ('n tipe kaartspeletjie) voorsien.[678]

Die **Phoenix-hotel** het in 1878 aan die westelike kant van St. Andrewstraat naby die Goewermentsgebou en die stadsaal geopen en het aanvanklik as die Albion-hotel bekend gestaan. Die eienaar van die hotel, A. Peters, het in 1889 'n nuwe vleuel by die hotel laat aanbou met ruim slaapkamers wat veral vir besoekende gesinne voorsiening gemaak het. Peters het in Desember 1890 'n wagonette aangekoop om sy gaste van die spoorwegstasie na sy hotel aan te ry.[679] In 1894 is die Phoenix-hotel deur A. Neilson oorgeneem.[680]

Die **Railway-hotel**[681] aan die oostekant van St. Georgestraat is vroeg in 1890 deur E. Wilson geopen. Dit was 'n groot dubbelverdieping-gebou met 'n veranda en 'n balkon.[682]

F. Dovale se hotel, die **Star of Italy** in Fraserstraat, het verblyf verskaf aan mense wat nie 'n eersteklas hotel kon bekostig nie. Blykbaar is dié hotel teen die einde van 1891 gesluit, want in Januarie 1892 het Dovale die **Union-hotel** in Oos-Burgerstraat oorgeneem, wat oor 'n goeie biljarttafel en kegelbaan beskik het.[683]

F. H. Hudgson se **Transvaal-hotel** aan Markplein naby die poskantoor is in die 1890's opgeknap en het 'n haarkapper-salon asook spesiale kaart- en leeskamers gehad. Saans kon biljart en kegelspel gespeel word. Daar was selfs 'n private waterput in een van die hotel se

---

676 *Daily News*, 14.1.1890, p. 3 en 3.2.1890, p. 3; *Daily Express*, 27.5.1890, p. 3; *The Friend*, 11.12.1891, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 114.
677 *Daily Express*, 30.12.1890, p. 1; Macmillan, p. 97.
678 *The Friend*, 6.1.1891, p. 1, 20.11.1891, p. 1 en 28.5.1895, p. 1; *Daily Express*, 9.1.1892, p. 1.
679 Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 64. Kyk 5.2.3.3 *supra* vir meer inligting oor 'n wagonette.
680 *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, p. 25.
681 Die Railway-hotel is na die Anglo-Boereoorlog die Victoria-hotel genoem. *The Bloemfontein Pelican*, 16.7.1904, p. 8.
682 *Daily News*, 31.3.1890, p. 4 en 20.6.1890, p. 2; *The Friend*, 15.11.1892, p. 1 en 13.12.1895, p. 2. Vergelyk ook Wright, p. 29.
683 *The Friend*, 11.12.1891, pp. 2-3; *Daily Express*, 9.1.1892, p. 3; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p.154; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, p. 216. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 191.

kamers.[684] Na Hudgson se dood op 38-jarige ouderdom in Oktober 1890 het sy weduwee, Sarah Hudgson, die hotel en sy besigheid as wynhandelaar oorgeneem.[685]

Die oudste hotel in die OVS was die **Vrystaat-hotel**[686] wat in 1861 in Bloemfontein geopen is. Dié hotel was langs die poskantoor aan Markplein geleë en die eienaar en bestuurder in 1889 was C.P. Stock. In 1889 is die Vrystaat-hotel na ’n dubbelverdiepinggebou vergroot, waarskynlik met die oog op die koms van die spoorweg. Nadat Stock in Augustus 1892 oorlede is, is die hotel deur sy ouer broer en neef oorgeneem.[687]

Verder is daar van die volgende **losieshuise** tydens die Reitz-tydperk melding gemaak: Devonshire House (van mnr. en mev. Jeffery) en Hampshire House, albei in St. Andrewstraat; Caxton House van mev. M. Andrew in Henrystraat agter die Tweetoringkerk, en die Natal Boarding House van mev. Downes in Kerkstraat.[688] Ander losieshuise waarvan melding gemaak is, was dié van mevv. Bell en Brackley, albei in Elizabethstraat; mev. Marsh in Laer-Kerkstraat; mev. Ohlsen in Fonteinstraat; mevv. Hepburn, Palmer en Zoutendijk, al drie in Charlesstraat; mev. Roberts in Bergstraat; mevv. Hageman, Wright en Yelling, almal in Douglasstraat; asook mev. Bennett, op die hoek van St. John- en Oos-Burgerstraat. Dan het mevv. Hutchings, Robinson, Smit en Vels ook loseerders ingeneem, maar daar word nie genoem waar hulle losieshuise was nie.[689] Weduwees het dikwels slegs twee of drie loseerders ingeneem, maar in Desember 1894 was daar ’n losieshuis in Bloemfontein te koop wat 16 loseerders kon huisves.[690]

11.3 Nie-blanke woonbuurte

Sedert 1861 is swart en bruin mense deur die Bloemfonteinse munisipaliteit verplig om op etniese grondslag in drie woonbuurte of lokasies te woon. Die lokasie noordwes van die dorp, aan die voet van die huidige Seinheuwel, is in 1872 gesloop, maar die twee lokasies aan die

---

684 *Daily Express*, 17.4.1890, p. 4 en 16.10.1890, p. 2; *The Friend*, 11.12.1891, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 118.
685 VAB, GS189: Dinaar ? – goewermentsekr., 14.11.1890; *The Friend*, 17.10.1890, p. 3.
686 Na die Anglo-Boereoorlog het die Vrystaat-hotel as die Imperial-hotel bekend gestaan. Macmillan, p. 67.
687 *The Friend*, 9.1.1889, p. 4, 23.1.1889, p. 3, 28.10.1890, p. 1 en 16.8.1892, p. 5.
688 *Daily Express*, 16.5.1890, p. 2 en 10.7.1890, p. 2; *The Friend*, 25.5.1894, p.1, 3.8.1894, p. 2, 24.8.1894, p. 2, 21.9.1894, p. 2 en 19.11.1895, p. 2.
689 *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 152; *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894*, pp. 213-223; *Daily Express*, 31.7.1890, p. 2; *The Friend*, 16.5.1893, p. 1.
690 *The Friend*, 4.5.1894, p. 2, 3.8.1894, p. 2, 21.9.1894, p. 2 en 11.12.1894, p. 2.

suidoostekant van Bloemfontein, naamlik Waaihoek en Kafferfontein (kyk figuur 30 op p. 251), het bly voortbestaan en alle nie-blankes moes voortaan in laasgenoemde twee lokasies woon.[691]

Lewenstoestande in die lokasies het mettertyd verbeter, maar die blanke inwoners was nie baie gelukkig met die swart woonbuurte en hulle inwoners nie.[692] In 1890 het *De Express* se redaksionele kommentaar die meerderheid wit inwoners se siening so verwoord:

> *our* native locations are the last resort of all the scum who are too lazy to work on farms, and who find a convenient refuge on the town commonage. […] in spite of the number of able-bodied men and women crowding the different locations, living their own life of laziness, of dirt, of drunkenness, of immorality and disease, there is a scarcity of native labourers here, and especially on surrounding farms. […] the Bloemfontein locations grow day by day, and are crowded with vagrants.[693]

In November 1890 is ene Bluhm in die gesamentlike pos van lampopsteker en blanke superintendent of inspekteur van Waaihoek en Kafferfontein aangestel, maar daar was klagtes dat hy die lokasies nie gereeld besoek nie.[694] Hy is in September 1891 deur ene Crawford as inspekteur opgevolg. Om die inspekteur se werk te vergemaklik, is ’n klein kantoor vir hom in Waaihoek opgerig.[695]

In 1892 was daar klagtes omdat swart spoorwegwerkers hulle eie, afsonderlike lokasies gevorm het op grond wat vir spoorwegdoeleindes onteien is. Swart mense het ook onwettig by steenmakerye gewoon, omdat Waaihoek en Kafferfontein baie vêr van die steenmakerye af was. In 1894 het die burgemeester, dr. Kellner, in die stadsraadsvergadering verslag gedoen dat hy inspeksie van die Spoorwegkamp gedoen het en dat sanitêre toestande daar haglik was. Swart spoorwegwerkers het sonder die stadsraad se toestemming hutte in die Spoorwegkamp opgerig en die spoorwegowerhede het dit toegelaat. Die uiters vuil toestand van dié woonbuurt en die onooglike hutte was ’n skande vir Bloemfontein.[696]

Teen 1892 het die voorkoms en lewenstoestande in Waaihoek en Kafferfontein reeds baie verbeter. Die ou hutte en huise wat voorheen sommer lukraak en nie in reguit lyne gebou

---

691 A.M. Sekete, *The history of the Mangaung (black) township* (M.A.-skripsie, Universiteit van die Vrystaat, 2004), p. 3; P. Erasmus, “Waaihoek: resettlement without light”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 21(3), September 1998, p. 136. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 35, 84.

692 *De Express*, 21.1.1890, p. 3.

693 *Ibid*., 14.1.1890, p. 3.

694 *The Friend*, 4.11.1890, p. 4, 7.11.1890, p. 2 en 18.9.1891, p. 3.

695 J.M. Mentor, *Die histories-geografiese politieke ontwikkeling van Heidedal, Bloemfontein* (B.A. Hons.-skripsie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1983), p. 11.

696 *The Friend*, 3.6.1892, p. 3, 17.6.1892, p. 3, 16.9.1892, p. 3, 20.4.1894, p. 3, 18.5.1894, p. 3 en 20.9.1895, p. 3.

is nie, is gesloop, terwyl strate breër gemaak is. Erwe is volgens ’n plan uitgelê en inwoners is nou verplig om hulle huise in netjiese rye te bou. Erwe is geregistreer en bewoners moes ’n maandelikse erfbelasting van 2/6 betaal. ’n Swart hoofman of veldkornet en konstabel, wat verantwoordelik was vir die handhawing van orde en die skoonhou van die lokasie, is vir elke woonbuurt aangestel.[697]

11.3.1 Waaihoek

In die Reitz-tydperk was Waaihoek die belangrikste nie-blanke lokasie of woonbuurt van Bloemfontein en het dit verskeie verbeterings ondergaan. Besoekers het die eerste huise in Waaihoek beskryf as “neat mud cottages nicely thatched”.[698] Waaihoek was net agter die fort geleë, op die suid-oostelike grens van die blanke deel van die destydse dorp. Van die wit inwoners was van mening dat Waaihoek te na aan die blanke gedeelte van die dorp geleë was en dat dit ’n gesondheidsrisiko ingehou het. Hulle het die stadsraad versoek om Waaihoek meer suid te verskuif, maar die munisipaliteit het eerder probeer om Waaihoek op te gradeer en lewenstoestande daar te verbeter. In die 1880’s is die huise genommer en sedert 1890 is begin om huise te verbeter.[699] Volgens die burgemeestersverslag van 1888-1889 het Waaihoek toe 894 inwoners gehad wat in 195 huise gewoon het en was die oppervlakte van dié swart woonbuurt 437 by 416 jaart (399 by 380 m).[700]

Waaihoek was só naby aan die blanke deel van Bloemfontein dat daar geen duidelike grense tussen die dorp en die lokasie was nie. Vroeg in 1890 is weer ondersoek ingestel na die moontlikheid om Waaihoek te verskuif, aangesien die “huts and nondescript shanties of our Waaihoek”[701] vir blanke inwoners “an eyesore” so naby aan die dorp was en vullis in Waaihoek opgegaar is.[702] Tog het ’n vergadering van huiseienaars in September 1890 teen die verskuiwing van Waaihoek besluit.[703] Ene W. Adamson het aan die begin van 1891 Waaihoek opgemeet en ’n plan van dié swart woonbuurt vir die stadsraad opgestel. In dieselfde jaar was

---

697 *Ibid*., 7.10.1892, p. 3.
698 *Quarterly paper of the Bloemfontein Mission* (hierna *Quarterly Paper*), soos aangehaal deur Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.
699 *The Friend*, 16.9.1890, p. 2 en 19.9.1890, p. 2; Sekete, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.
700 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s Minute 1888-1889*, pp. 6-7.
701 *Daily Express*, 19.9.1890, p. 2.
702 *Daily News*, 8.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 9.6.1890, p. 2.
703 *De Express*, 23.9.1890, p. 4 en 14.10.1890, p. 2; *The Friend*, 30.9.1890, pp. 2-3; 29.1.1895, p. 2; *Daily Express*, 13.10.1890, p. 2.

daar klagtes in die stadsraad omdat Indiërs sinkgeboutjies in Waaihoek opgerig en dit teen ’n bedrag van £3/15/- aan swart en bruin mense verhuur het.[704]

Teen 1892 het die voorkoms en lewenstoestande in Waaihoek reeds baie verbeter en inwoners is verplig om hulle huise in netjiese rye te bou, sodat reguit strate in dié woonbuurt gevorm is. Beter en meer duursame steenhuise met sinkdakke is gebou om die ou, onooglike hutte te vervang. Bome is ook in Waaihoek se tuine en strate geplant en strate is wyer gemaak.[705] Volgens ’n sensus in 1892 het Waaihoek toe 1 131 inwoners gehad. In November 1892 kon *The Friend* berig: “Waaihoek, our native location, is being gradually rebuilt. Some very nice-looking houses have been erected there during the last twelve-month, and others are in course of transformation.”[706]

Figuur 42: Die swart woonbuurt Waaihoek gesien vanaf die fort, 1905. Op die voorgrond links is die Wesleyaanse skoolgebou met die groter kerkgebou direk daaragter. Nasionale Museum fotoversameling: 01/3114.

Die stadsraad, onder leiding van die burgemeester, dr. B.O. Kellner, het baie aandag aan die verbetering van Waaihoek geskenk. Omdat die inwoners van Waaihoek gekant was teen die gemeenskaplike toilette wat die stadsraad in 1892 daar wou oprig, het Kellner belowe om ’n emmer te voorsien vir elke inwoner wat ’n toilet by sy huis laat oprig. Teen April 1894 is daar begin om sistematies beter sanitêre geriewe vir die inwoners van Waaihoek te

---

704 *The Friend*, 24.2.1891, p. 3 en 18.9.1891, p. 3. Adamson se plan van Waaihoek kon nie opgespoor word nie.
705 VAB, OR56: *Burgemeestersverslag 1891-1892*, p. 2 en *Mayor’s Minute 1892-1893*, p. 7; *The Friend*, 3.7.1891, p. 3, 2.9.1892, p. 3, 7.10.1892, p. 3, 15.11.1892, p. 3 en 8.2.1895, p. 2. Vergelyk ook Sekete, p. 3 en Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.
706 *The Friend*, 15.11.1892, p. 3.

voorsien.[707] Maar in dieselfde jaar was daar probleme met die gedeelte van Waaihoek waar die bruin mense gewoon het, aangesien "some of the houses were broken and out of repair".[708]

In Oktober 1891 is Jan Mocher as hoofman of veldkornet in Waaihoek aangestel om die orde daar te handhaaf en te sorg dat die sanitasie- en ander regulasies nagekom word, terwyl 'n spesiale konstabel aangestel is om Mocher by te staan.[709] Teen 1894 het Waaihoek 1 200 inwoners gehad wat in 360 huise en hutte gewoon het. 'n Jaar later het Waaihoek ook oor 'n gemeenskapsaal beskik en sy eie swart bestuur gehad, in die vorm van die swart veldkornet (Mocher), wat deur ses nie-blanke blokmanne bygestaan is.[710] Die blokmanne was Jan Massinja, George Muthle, Jakob Lavers, Philip Tshavala, Gert Taaibosch en ene Mokalaka.[711] Die swart en bruin inwoners van Waaihoek het feitlik almal 'n vaste werk gehad en is óf as huiswerkers óf as winkelassistente deur blankes in diens geneem.[712]

In 1895 het 'n besoeker aan Bloemfontein die volgende positiewe kommentaar oor Waaihoek gelewer: " ... the admirable manner in which the beter class of natives employed in the town are encouraged to establish themselves in a superior class of location, in which [...] the huts are all small brick houses. The Bloemfontein Town Council afford in this matter to other municipalities a model which might well be more generally followed."[713]

Reeds in 1895 was daar kommer dat daar nie meer veel erwe in Waaihoek beskikbaar is nie.[714] Waaihoek het tot in die 1920's 'n belangrike swart woonbuurt gebly, maar dit was op 'n waardevolle sandsteenrif geleë wat die stadsraad as steengroef wou verhuur en die lokasie het te klein geword vir die groeiende bevolking. Aangesien ontevredenheid oor die nabyheid aan wit Bloemfontein ook voortgeduur het, is daar in 1918 begin om 'n nuwe swart woonbuurt uit te lê, wat 'n jaar later die naam Batho, wat "mense" beteken, gekry het. Die erwe in Waaihoek is geleidelik opgekoop en ontruim en die swart inwoners is na Batho oorgeplaas, terwyl die

---

707 *Ibid.*, 8.4.1892, p. 3, 22.4.1892, p. 3, 16.3.1894, p. 2 en 24.4.1894, p. 2.
708 *Ibid.*, 21.12.1894, p. 3.
709 VAB, OR56: *Burgemeestersverslag 1891-1892*, p. 2; *The Friend*, 6.10.1891, p. 3.
710 *The Friend*, 2.3.1894, p. 2, 1.5.1894, p. 3, 21.12.1894, p. 3 en 9.8.1895, p. 2.
711 Dit is te betwyfel of *The Friend* se spelling van "Massinja" korrek is. Was dit dalk Masinya? *The Friend*, 9.8.1895, p. 3.
712 *Ibid.*, 29.1.1895, p. 2.
713 *Ibid.*, 8.2.1895, p. 2.
714 Mentor, p. 12.

bruin mense na Heatherdale[715] verskuif is. Omdat geen bou- en herstelwerk meer toegelaat is nie, het Waaihoek geleidelik verval en in 1941 is die laaste huise in dié woonbuurt gesloop.[716]

11.3.2 Kafferfontein[717]

Kafferfontein, die nie-blanke woonbuurt suid van Waaihoek, het klaarblyklik uit ’n ou en nuwe gedeelte bestaan. In 1889 het “Ou Kafferfontein”, met ’n oppervlakte van 600 by 40 jaart (548 by 36 m) 131 inwoners gehad wat in 29 hutte gewoon het. “Nuwe Kafferfontein”, met ’n oppervlakte van 561 by 682 jaart (513 by 623 m) het toe 158 inwoners gehad, wat in 40 hutte of huise gewoon het.[718] Kafferfontein het nooit dieselfde status as Waaihoek geniet nie en in 1900 is dit beskryf as “a hideous collection of mud houses with tin roofs”[719] (kyk figuur 43 *infra*). In 1891 is ene Andries as veldkornet of opsiener vir Kafferfontein aangestel en teen 1892 het dié lokasie altesame 535 inwoners gehad.[720]

Figuur 43: Wasvroue naby die swart woonbuurt Kafferfontein, ca. 1902. Let op die reghoekige huise op die agtergrond. Nasionale Museum fotoversameling: 01/3106.

---

715 Heatherdale vorm nou deel van Bloemfontein se latere bruin woonbuurt, Heidedal.
716 VAB, A507/6 (voorheen A519): Korrespondensie met K. Schoeman i.v.m. die geskiedenis van Bloemfontein en swart woonbuurte, Fred (?) – K. Schoeman, 3.10.1979; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 284-285. Vergelyk ook Erasmus, pp. 137-138.
717 Historiese pleknaam.
718 VAB, MBL3/1/2: *Mayor’s Minute 1888-1889*, p. 7.
719 E. Childers, *In the ranks of the C.I.V.: a narrative and diary of personal experiences with the C.I.V. Battery (honourable artillery company) in South Africa*, p. 64.
720 *The Friend*, 6.10.1891, p. 3 en 7.10.1892, p. 3.

Kafferfontein was heelwat vêrder weg van die blanke gedeelte van die dorp en die inwoners was meestal Fingo's en bruin mense. Dié lokasie se inwoners was gewoonlik nie huiswerkers nie, maar was dikwels die ouers van nie-blankes wat by hulle werkgewers in die blanke deel van die dorp ingewoon het. Kafferfontein was ook die tuiste van 'n paar wasvroue en swart mans wat los werkies in en om Bloemfontein gedoen het. As gevolg van die streng bouregulasies in Waaihoek het armer swart en bruin mense hulle gewoonlik in die Kafferfontein-lokasie gaan vestig.[721]

Met die uitbreek van die pokke-epidemie in 1895 is die moontlikheid om Kafferfontein te verskuif en 'n nuwe lokasie nader aan Waaihoek en die blanke deel van die dorp op te rig ten einde beter toesig oor Kafferfontein se inwoners te kon hou, in die stadsraad bespreek, maar sovêr vasgestel kon word, het dit nie gebeur nie. Behalwe dat daar in dié jaar 61 gevalle van pokke in Kafferfontein uitgebreek het omdat die sanitasie swak was, het rusies, gevegte en ander onrus van tyd tot tyd in dié woonbuurt uitgebreek, veral na bierpartye.[722] Tydens die Anglo-Boereoorlog het swart vlugtelinge tydelike hutte van blikke, sakke, velle, sooie en rou stene in Kafferfontein opgerig en in die 1920's was dit 'n vervalle krotbuurt.[723]

11.3.3 Huise en hutte

In die OVS kon nie-blankes volgens wet nie grond en vaste eiendom besit of verhuur sonder toestemming van die betrokke munisipaliteit nie. Volgens ordonnansie 9 van 1880 het Bloemfontein se munisipaliteit regstreekse beheer oor sy lokasies gehad. Nie-blankes moes van die munisipaliteit toestemming verkry om 'n huis of hut te bou en die stadsraad het persele aangewys. Swart en bruin mense het dus slegs okkupasiereg in die lokasies gehad, maar geen besitreg nie. Swart mense het tradisioneel hulle eie hutte in die landelike gebiede gebou van waar hulle na die blanke dorpe en stede verhuis het, op soek na werksgeleenthede. Hoewel die beskikbaarheid van boumateriale in die stede en dorpe van die landelike gebiede soms verskil het, het hulle in die stedelike gebiede voortgegaan om hulle eie huise te bou.[724]

---

721 *Ibid.*, 29.1.1895, p. 2; Mentor, p. 14.
722 *The Friend*, 9.8.1895, p. 2, 3.9.1895, p. 3 en 18.10.1895, p. 3.
723 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 178, 285.
724 P. Morris, *A history of black housing in South Africa*, pp. 11-12; P. Smit en J.J. Booysen, *Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie*, p. 14. Vergelyk ook J.F. Venter, *Die ontwikkeling van die stelsel van bewegingsbeheer ten opsigte van nie-blankes in Suid-Afrika 1652-1910* 2 (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1974), p. 407.

Aanvanklik is in al die lokasies ronde matjieshutte en daarna kleihuise gebou[725] en in 1890 is nog gepraat van die "huts en nondescript shanties of our Waaihoek".[726] Volgens J. Dreyer het koepelvormige grashutte met 'n raamwerk van riete in die 19de en selfs vroeë 20ste eeu wydverspreid onder die Basotho in die Vrystaat en Basotholand (vandag Lesotho) voorgekom. Hierdie hutte se mure is dikwels binne tot op 'n sekere hoogte met klei gepleister. Rondawel-tipe hutte met mure van klei en grasdakke is ook algemeen by verskeie swart groepe aangetref. Later is reghoekige huise gebou, maar steeds met kleimure en daar is ook van sinkplaat vir dakbedekking gebruik gemaak, veral in die dorpe. Die vloere van swart mense se hutte of huise is gewoonlik van 'n mengsel van klei en beesmis gemaak, wat met die hand gesmeer en gestamp is tot 'n harde oppervlakte.[727]

Figuur 44: 'n Gedeelte van Waaihoek, ca. 1902. Let op die reghoekige huisies met hulle sinkdakke. Nasionale Museum fotoversameling: 01/419.

Teen 1892 is heelwat verbeterings veral in Waaihoek aangebring en is die kleihuise en -hutte met beter en meer duursame, reghoekige steenhuise met sinkdakke vervang (kyk figuur 44 *supra*). Hoewel die huise steeds baie klein was, is toilette wat met 'n emmerstelsel gewerk het, ook by baie van die huise aangebring.[728] Kafferfontein se wonings daarenteen was nog

---

[725] Sekete, p. 3; *Quarterly paper*, soos aangehaal deur Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.
[726] *Daily Express*, 19.9.1890, p. 2.
[727] J. Dreyer, "The Basotho hut: from Late Iron Age to the present", *SA Tydskrif vir Etnologie* 16(3), September 1993, pp. 80-85; M. Shaw, "Material culture" in W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of southern Africa*, pp. 88-89. Vergelyk ook J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, pp. 62-66.
[728] VAB, OR56: *Burgemeestersverslag 1891-1892*, p. 2 en *Mayor's Minute 1892-1893*, p. 7; *The Friend*, 8.4.1892, p. 3, 22.4.1892, p. 3, 2.9.1892, p. 3, 7.10.1892, p. 3, 15.11.1892, p. 3, 18.10.1895, p. 3 en 8.2.1895, p. 2. Vergelyk ook Sekete, p. 3 en Schoeman, *Bloemfontein*, p. 84.

steeds kleihutte met sink- of grasdakke, hoewel die meeste van hulle nou reghoekig van vorm was.[729]

12 Argitektuur, geboue en gedenktekens

12.1 Inleiding

Kort na die stigting van Bloemfontein in 1846 is bouwerk hoofsaaklik deur maj. Warden se soldate verrig en dit was meestal eenvoudige geboutjies wat opgerig is. Selfs 20 jaar na die ontstaan van Bloemfontein was geboue gewoonlik eenvoudige, langwerpige strukture van roustene,[730] met grasdakke, hout skuifraamvensters en misvloere. Later is misvloere met plankvloere vervang en geboue is met kalk afgewit. Teen die einde van die 1860's is die steil grasdakke geleidelik met plat brakdakke, met 'n effense afwaartse helling na agter, vervang.[731]

Die ontdekking van diamante op die Vrystaat se wesgrens in 1866, die vergoeding van £90 000 vir die verlies van die diamantvelde wat aan die Vrystaatse regering betaal is en die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het die handel bevorder en as stimulus vir bouwerk en 'n toename in die oprigting van nuwe, groter geboue gedien. Sedert die 1870's het die eerste dubbelverdieping-geboue in Bloemfontein begin verskyn en daar is begin om klip as boumateriaal te gebruik, terwyl die beskikbaarheid van sink as dakmateriaal tot die ontwikkeling van stoepe en verandas gelei het.[732]

Die koms van die spoorlyn het 'n groot invloed op die boubedryf en argitektuur van Bloemfontein gehad omdat boumateriaal nou vinniger en goedkoper van die hawens vervoer kon word. Die koms van treine het ook die handel en kommunikasie met die buitewêreld bevorder, sodat bouwerk sedert 1890 verder toegeneem en nuwe idees en boustyle vanuit die buiteland in Bloemfontein posgevat het.[733] Veral die Britse argitektuur het 'n groot invloed op die boukuns in Suid-Afrika en ook die Vrystaat gehad. Heelwat buitelandse argitekte het in die laat 19de eeu hulle vaderland verlaat en na Suid-Afrika gekom op soek na beter gesondheid in die droë klimaat of op soek na rykdom. Ook Bloemfontein het deur die loop van jare 'n hele

---

729 Childers, p. 84; NM, 01/2017: foto, Kafferfontein, ca. 1890's en 01/3106: foto, Kafferfontein, ca. 1894.
730 Dit is ongebrande stene wat in die son gelaat is om droog te word.
731 H. Gous, "Min van vroeë argitektuur vir nageslag bewaar", *Bylae tot Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 15; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 38-44.
732 H.M. Rex, "Die neo-renaissance-boukuns in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat" in Caltex Bpk., *Bewaring van ons erfenis* 1: *bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels*, p. 13; D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa including Edwardian & Transvaal republican styles 1850-1910*, p. 361. Vergelyk ook D. Greig, *A guide to architecture in South Africa*, p. 80.
733 *The Friend*, 4.9.1891, p. 3 en 8.9.1891, p. 2; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 109.

aantal professionele Europese argitekte verkry, veral van Brittanje en Nederland. Hierdie buitelandse argitekte, soos Lennox Canning (1856-1895), J.E. Vixseboxse (1863-1943) en D.E. Wentink (1867-1940), het die meeste van Bloemfontein se openbare geboue in die 1890's ontwerp en het dus die stadsbeeld tydens die Reitz-tydperk bepaal.[734]

Die buitelandse argitekte het die vermenging van style uit die verlede, of eklektisisme, wat in Europa gewild was, ook in Bloemfontein toegepas met aanpassings by die plaaslike warmer klimaat en die beskikbaarheid van boumateriale. Gevolglik het die Laat-Victoriaanse boukuns, wat saamgeval het met die Reitz-tydperk in Bloemfontein, 'n ander voorkoms in Suid-Afrika as in Brittanje en Europa gehad. Een van die besondere kenmerke van Laat-Victoriaanse geboue in Suid-Afrika, was die gebruik van gegolfde sinkplaat as dakmateriaal. In Europa is sink selde vir belangrike geboue gebruik, maar in die Vrystaat, met sy warmer klimaat, was hierdie versterkte materiaal ideaal vir dakbedekking. Stoepe en verandas was 'n verdere onderskeidende kenmerk van Laat-Victoriaanse boukuns in Suid-Afrika en so ook in Bloemfontein met sy warm somers.[735]

Behalwe stylvermenging is Bloemfontein se argitektuur in die 1890's verder gekenmerk deur asimmetrie en rykheid van versiering, bestaande uit verandas met houtsnywerk, asook dakke met gietysterwerk, skoorstene en torings. In Bloemfontein is openbare geboue meestal van klip (veral sandsteen) gebou, wat dikwels met ongepleisterde rooi baksteen afgewissel is. Houtwerk is gewoonlik geverf, terwyl houtvloere en -plafonne algemeen voorgekom het. Buite-houtwerk is dikwels wit en groen geverf.[736]

In 1881 is 'n inspekteur van openbare werke vir die OVS aangestel om oor die oprigting van openbare geboue toesig te hou en jaarliks aan die staatspresident verslag te doen. In 1891 was die inspekteur van openbare werke E. Thiange en in 1895 is G.A. Northcroft as inspekteur-generaal van openbare werke aangestel. Hy het 'n aantal jare as distriksingenieur vir die Kaapse spoorwegdepartement diens gedoen.[737] In 1890 is die Nederlandse argitek J.E. Vixseboxse as eerste staatsargitek verbonde aan die Departement van Openbare Werke aangestel.[738] Opgeleide vakmanne, sowel as ongeskoolde arbeiders in die boubedryf, is hoë

---

[734] *The Friend*, 20.9.1895, p. 3; P.J. Nienaber, J.D. Smit en S.M. Botes, *Vrystaatse argitektuur: histories-argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n oorsig*, p. 39; Picton-Seymour, p. 5. Vergelyk ook Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 109.

[735] Picton-Seymour, p. 5.

[736] Gous, p. 15; Nienaber, Smit en Botes, p. 39.

[737] Ordonnantie no. 14-1881, *OVS Volksraadnotule,1881* (wette en ordonnansies agterin boek); *The Friend*, 2.10.1889, p. 3 en 24.4.1891, p. 2; *De Burger*, 3.8.1895, p. 2.

[738] VAB, GS188: W.H. Stucke – goewermentsekr., 16.7.1890; *Gouvernements Courant*, 4.7.1890. Vergelyk ook *Daily Express*, 4.9.1890, p. 3; *The Friend*, 3.5.1892, p. 3.

lone betaal omdat hulle, weens die baie bouwerk wat in Bloemfontein onderneem is, in groot aanvraag was. Bloemfontein het sy eie boukommissie gehad wat ’n ogie oor die oprigting van geboue in die hoofstad gehou het. In 1895 het die stadsraad bepaal dat alle bouplanne deur die stadsraad goedgekeur moes word.[739]

12.2 Boumateriaal

Die gebruik van enige ander boumateriaal buiten klip of ’n mengsel van klip en bakstene vir die buitemure van ’n openbare of kerkgebou was vir die Victoriane ’n teken van armoede.[740] Ofskoon sinkplaat van Brittanje ingevoer moes word, is bakstene plaaslik in Bloemfontein vervaardig, hoewel plaaslik vervaardigde bakstene se gehalte dikwels swak was. Daar was ook verskeie klipgroewe in en om die Vrystaatse hoofstad. In 1889 word melding gemaak van ’n sandsteengroef aan die voet van Bloemfonteinberg (later Naval Hill), ongeveer 700 of 800 jaart (640 of 730 m) noord van die beoogde terrein van die spoorwegstasie.[741] Ander sandsteengroewe in en om Bloemfontein was onder meer klipgroewe by Brandkop, Spitskop, Tempe, Bishop’s Glen en die Skutkraalheuwel (later Seinheuwel), asook naby die park, tussen die fort en Waaihoek, by Slijpsteenberg (ongeveer 8 km suid van Bloemfontein) en op die plaas Rustfontein (later Bayswater) van dr. Max Stollreither. Goeie ysterklip kon binne ’n radius van een en ’n half myl (1,6 tot 2,4 km) van die destydse dorp verkry word.[742]

Boukalk is ook in Bloemfontein vervaardig, terwyl daar aan die voet van Bloemfonteinberg ’n steengroef was waar bougruis uitgehaal is. Kalk is gebruik om geboue mee af te wit, maar kon ook onder plankvloere gestrooi word om peste soos rotte, muise, slange en rysmiere weg te hou.[743] Boumateriaal soos sinkplaat, vensters, deure, rame, geute, nokke, balke, vloerplanke, plafonplanke, plaatyster, kroonlyste, vloerlyste, argitrawe, ruitglas, sement, verf en vernis was by plaaslike handelaars soos Blaine, Witt & Co., G.A. Fichardt & Co., C.W. Champion, M. Leviseur en Otto Fraundorfer te koop.[744]

---

739 *The Friend*, 26.3.1890, p. 3, 9.6.1891, p. 3. en 3.9.1895, p. 3.
740 D. Radford, “The ‘anarchy of iron’: official attitudes to wood and iron construction in South Africa”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 12(1), Mei 1998, p. 2.
741 *The Friend*, 25.9.1889, pp. 2-3, 9.10.1889, p. 3, 4.12.1889, p. 3 en 28.5.1890, p. 3.
742 *Daily Express*, 19.5.1890, p. 3, 7.6.1890, p. 2 en 4.11.1890, p. 3; *De Express*, 23.9.1890, p. 3; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 68-69.
743 *The Friend*, 24.2.1891, p. 2, 17.4.1891, p. 3 en 29.3.1895, p. 3.
744 *De Express*, 7.1.1890, p. 6 en 23.2.1892, p. 4; *Daily Express*, 20.6.1890, p. 2, 14.7.1890, p. 2 en 16.9.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 19.1.1892, p. 1 en 8.3.1892, p. 4.

12.3 Nuwe geboue tydens die Reitz-tydperk

12.3.1 Regerings-, munisipale en openbare geboue

12.3.1.1 Spoorwegstasiegebou

In 1889 was daar in Bloemfontein groot opgewondenheid oor die koms van die spoorlyn. Toe dit bekend word dat die stasie aan die oostelike end van Maitlandstraat gebou sou word, is nuwe erwe in Hangerstraat en omgewing verkoop en het Bloemfontein ook na die ooste begin uitbrei. Die planne van die stasiegebou is blykbaar in Kaapstad opgestel, maar al die veranderings en verbeterings is plaaslik in Bloemfontein gedoen, waarskynlik deur staatsargitek Vixseboxse. Die hoeksteen van die stasiegebou is in Junie 1890 deur pres. Reitz gelê, waarna daar met bouwerk begin is. Die stasiekompleks is deur die Kaapse regering gebou met behulp van opgeleide ambagsmanne uit Brittanje en plaaslike swart werkers.[745]

Toe die spoorlyn in Desember 1890 geopen is, was net ’n gedeelte van die stasiegebou en die perronne reeds voltooi. Die treinspore en perronne is later met ’n afdak van sink bedek.[746] In Mei 1891 is berig dat die kaartjiekantoor, die teekamer of kafeteria en die meeste kantore vir die spoorwegpersoneel in die stasiegebou voltooi is. Omdat Bloemfontein so sentraal geleë is, het sy spoorwegstasie ’n belangrike rol in die spoorwegbedryf gespeel en in 1894 is daar ook ’n aantal spoorwegwerkswinkels naby die stasie opgerig.[747]

Figuur 45: Die stasiegebou voordat dit vergroot is, ca. 1900. Nasionale Museum fotoversameling: 01/7212.

Die stasiegebou met sy sinkdak is grotendeels van blou ysterklip gebou, met hoekklippe, vensterbanke, venster- en deuromrandings van sandsteen (kyk figuur 45). Die ligte sandsteen vorm ’n mooi kontras met die blouklipmure en kiaat is vir die binne-houtwerk

---

[745] *Daily Express*, 7.6.1890, p. 2; *The Friend*, 5.3.1890, p. 3. Die spoorlyn vanaf Norvalspont tot by Bloemfontein is deur die Kaapse regering gebou. Daarom het hulle ook die stasiegebou laat oprig.
[746] *Daily Express*, 4.11.1890, p. 2; *The Friend*, 14.11.1890, p. 3, 24.7.1891, p. 2 en 4.8.1891, p. 3.
[747] *The Friend*, 8.5.1891, p. 3 en 12.5.1891, p. 2, 22.3.1892, p. 3, 2.3.1894, p. 2 en 8.6.1894, p. 2.

gebruik. Die middelste gedeelte van die stasiegebou het uit twee verdiepings bestaan, terwyl die twee vleuels aan weerskante net uit een verdieping bestaan het.[748] In 1891 het *The Friend* die stasie as "solid and substantial" beskryf.[749]

'n Stel sandsteentrappe het na die hoofingang gelei wat met 'n sink- en houtveranda bedek is (kyk figuur 45 *supra*). Die kaartjiekantoor met sy verniste dennehoutplafon is vanuit dié hoofingang bereik en is beskryf as "one of the handsomest of its kind in South Africa".[750] 'n Stewige, "magnificent staircase" van kiaathout het die kaartjieskantoor met die personeelkantore op die boonste verdieping verbind. Aan die perronkant van die stasiegebou was die wagkamers, terwyl die vertrekke noord van die perron deur die eetsalon in beslag geneem is. Die eetkamer was groot en luuks met ses tafels waaraan agt persone elk vir ete kon aansit. Buiten die eetkamer het die eetsalon ook 'n kroeg, sitkamer, kombuis en spens, toiletgeriewe en selfs stortbaddens met warm en koue water vir die gerief van treinreisigers bevat.[751]

Agter die stasiegebou en perron was die goedereloods, lokomotiefloods, steenkoolstoor, waterput en watertenk, asook ses "handsome cottages" wat vir die departementshoofde van die verskillende afdelings van die Spoorweë opgerig is.[752] Die stasiegebou het gou te klein geword en moes vergroot word. Die oorspronklike gedeelte het in veranderde vorm behoue gebly, terwyl 'n suidelike vleuel in 1910 en 'n noordelike vleuel in 1928 aangebou is.[753] Die vergrote stasiegebou bestaan vandag steeds, hoewel treinverkeer, veral wat passasiers betref, sedert ongeveer 1990 afgeneem het.

12.3.1.2 Poskantoorgebou

Reeds teen 1889 was daar 'n groot behoefte aan 'n nuwe, groter en meer doelmatige pos- en telegraafgebou. Die voormalige winkel van Paddison aan Markplein, wat eers in regeringskantore en toe in 'n poskantoor omskep is, was nie meer funksioneel nie. Die nuwe poskantoorgebou is ontwerp deur staatsargitek J.E. Vixseboxse en die boukontrakteurs was die Bloemfonteinse firma Robinson en Stevenson.[754]

---

[748] NM, 01/7212-042: Foto van Bloemfontein-stasiegebou, ca. 1900; *The Friend,* 19.8.1890, p. 3, 29.8.1890, p. 3, 24.4.1891, p. 2, 19.6.1891, p. 3 en 18.9.1891, p. 3. Vergelyk ook Wright, p. 42.
[749] *The Friend*, 19.6.1891, p. 3.
[750] *Ibid*.
[751] *Ibid*., 19.6.1891, p. 3 en 26.6.1891, p. 2.
[752] *Ibid*., 26.6.1891, p. 2.
[753] Nienaber, Smit en Botes, p. 38.
[754] *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2; *The Friend*, 5.3.1890, p. 3, 19.3.1890, p. 3, 13.1.1891, p. 3 en 10.11.1891, p. 2.

Die ou poskantoorgebou is gesloop om vir die nuwe plek te maak en die hoeksteen van die nuwe gebou is op 23 Februarie 1891 deur pres. Reitz gelê.[755] Die nuwe gebou was ’n groot, asimmetriese dubbelverdiepinggebou met afwisselende strepe van rooi bakstene en ligte sand-steenwerk in ’n Middeleeuse Vlaamse styl wat deur *The Friend* as “Free Old Dutch” beskryf is.[756]

Figuur 46: Vixseboxse se poskantoor aan Markplein, ca. 1894. Let op die trapgewel regs en die daktorinkie links. Nasionale Museum fotoversameling: 01/864.

Die gebou het bestaan uit twee uitgeboude vleuels aan weerskante van ’n oordekte stoep en veranda. Die balkon het ’n vloer van Nederlandse mosaïekteëls gehad en is deur ’n sterk balustrade beveilig. Die sinkdak van die een uitgeboude vleuel is met ’n kloktoring versier, terwyl die ander uitgeboude gedeelte in ’n Nederlandse trapgewel geëindig het. Tipies van die tyd was die daklyn onrustig en onreëlmatig, met gestreepte skoorstene, dakvensters, spits dakventilators en ’n uitsonderlike kloktoring (kyk figuur 46). In die kloktoring is ’n klok aangebring om die aankoms van die pos van die verskillende dorpe aan te kondig.[757] Nadat die buitekant van die nuwe poskantoor voltooi is, het *The Friend* opgemerk dat dit “een der prachtigste gebouwen van dien aard is in geheel ZA”.[758]

---

[755] VAB, A2/4/2/1: Departement van Openbare Werke OVS: Bestek en voorwaarden voor het bouwen van een Post- en Telegraafkantoor te Bloemfontein, 18.11.1890, p. 3, Oorkonde voorgelees tydens die hoeksteenlegging van die nuwe Pos- en Telegraafgebou, 23.2.1891; *The Friend*, 20.2.1891, p. 2.

[756] *The Friend*, 20.3.1891, p. 3.

[757] *Ibid.*, 19.3.1890, p. 3 en 20.3.1891, p. 3; Picton-Seymour, *Victorian buildings*, p. 365. Vergelyk ook Wright, pp. 20, 22.

[758] *The Friend*, 4.12.1891, p. 3.

Die nuwe poskantoor is op 16 Junie 1892 geopen, maar omdat die trapgewel strukturele probleme ontwikkel het, moes dit later gesloop en met ’n torinkie vervang word.[759] Die publieke areas soos die pos- en telegraaflokale op die grondvloer was ruim en doelmatig, terwyl kantore vir die posmeester-generaal, klerke en telegraafpersoneel op die tweede verdieping gehuisves is. Wit en swart mense se pos is in verskillende lokale uitgedeel en swart en bruin mense moes buite vir hulle pos wag. Die grondvloer het ook ’n aantal private posbusse, pakkamers, die sorteerkamer en die posmeester se kantoor bevat. Vixseboxse se poskantoor is in die 1940’s met ’n meer moderne gebou vervang.[760]

12.3.1.3 Polisiekantoor

Omdat die mure van die polisiekantoor (geleë net agter die poskantoor aan Markplein) teen 1890 besig was om te kraak en die ou gebou bouvallig en lewensgevaarlik geword het, is daar in 1892 tenders vir die bou van ’n nuwe polisiekantoor aangevra. Die ou polisiekantoor moes afgebreek word om vir die nuwe een plek te maak In April 1893 is berig dat die nuwe polisiekantoor voltooi is en dat dié stewige gebou ’n groot verbetering op die ou kantoortjie was.[761]

Figuur 47: Die polisiekantoor in Maitlandstraat agter die poskantoor, ca. 1900. Nasionale Museum fotoversameling:01/3320.

Net soos die nuwe poskantoorgebou, het staatsargitek Vixseboxse ook die polisiekantoor in ’n Middeleeuse Vlaamse styl ontwerp; ’n enkelverdiepinggebou met gegestreepte baksteenmure, gekleurde houtluike, spits dakvensters en trapgewels. Die nuwe polisiekantoor was die eerste gebou in Bloemfontein wat ’n dak van leiklipteëls gehad het. Omdat die poskantoor en polisiekantoor wat direk langs mekaar gestaan het in dieselfde

---

[759] *De Burger*, 9.6.1894, p. 4; *The Friend*, 17.6.1892, p. 2 en 15.7.1892, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 258 en Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 110.

[760] *The Friend*, 19.3.1890, p. 3 en 6.9.1892, p. 2; Picton-Seymour, *Victorian buildings*, p. 365. Vergelyk ook Wright, pp. 20, 22 en Schoeman, *Bloemfontein*, p. 258.

[761] *The Friend*, 15.3.1890, p. 3, 18.3.1892, p. 2, 26.8.1892, pp. 3-4, 15.11.1892, pp. 2-3 en 7.4.1893, p. 2.

mooi styl gebou is, het hulle ’n dekoratiewe eenheid op die oostelike hoek van Markplein en Maitlandstraat gevorm. Die polisiekantoor aan Markplein het nie lank bestaan nie, aangesien dit na die Anglo-Boereoorlog met uitbreidings aan die poskantoor vervang is.[762]

12.3.1.4 Vierde Raadsaal

Reeds in 1885 is ’n prysvraag vir die ontwerp van ’n nuwe presidentswoning en Volksraadsaal uitgeskryf. ’n Skotse argitek van Johannesburg, Francis Lennox Canning, se ontwerpe het albei toekennings ontvang.[763] Tydens die Volksraadsitting van Junie 1889 is besluit om tenders in te win vir die bou van ’n nuwe raadsaal in Bloemfontein volgens die bekroonde planne van die argiteksfirma Canning & Goad.[764] In Julie 1889 het die Vrystaatse regering tien erwe in die blok tussen Charles-, Elizabeth-, President Brand- en Aliwalstraat van die Bloemfonteinse stadsraad gekoop vir die oprigting van die nuwe raadsaal-gebouekompleks.[765] In 1890 is ’n bedrag van £27 184 vir die bou van ’n nuwe Volksraadsaal begroot en op 27 Junie 1890 het pres. Reitz die hoeksteen van die nuwe raadsaal gelê.[766] Die kontrakteur was T.R. Robertson van die firma Robertson & White van Johannesburg en sandsteen vir die bouwerk is van die klipgroewe by die Slijpsteenberg en dr. Stollreither se plaas Rustfontein verkry.[767]

In Desember 1891 is die bereiking van die hoogste punt met wapperende vlae van die raadsaal-toring en ’n sosiale byeenkoms in die Criterion-hotel gevier, waar 80 Britse ambagsmanne, wat aan die raadsaal gewerk het, teenwoordig was.[768] Net ’n paar maande later, in Maart 1892, het bouwerk aan die nuwe raadsaal tot stilstand gekom omdat die kontrakteur weens geldelike probleme nie sy kontraktuele verpligtinge kon nakom nie. Hierna het die Vrystaatse regering die tender van boukontrakteur J.J. Kirkness vir ’n bedrag van £13 610 aanvaar om die gebou te voltooi. Omdat Canning nie die regering daarop gewys het dat die oorspronklike tender te laag was nie, is hy as toesighoudende argitek ontslaan.[769]

---

[762] *The Friend*, 24.3.1893, p. 2, 7.4.1893, p. 2 en 25.4.1893, p. 2; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 110. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 121, 187.

[763] OVS Provinsiale Administrasie, *The Fourth Raadsaal, Bloemfontein* (brosjure), p. 3.

[764] *OVS Volksraadsnotule*, 18.6.1889 en 19.6.1889, *De Express*, 14.1.1890, p. 5; *The Friend*, 9.10.1889, p. 2.

[765] VAB, GS184: stadsklerk – goewermentsekr., 5.7.1889, 19.7.1889 en 12.8.1889; *The Friend*, 24.7.1889, p. 3.

[766] *Daily Express*, 26.6.1890, p. 2, 27.6.1890, p. 2 en 30.6.1890, p. 2; *The Friend*, 2.7.1890, pp. 2, 6.

[767] VAB, GS189: L. Canning – goewermentsekr., 14.11.1890, T.R. Robertson – goewermentsekr., 19.11.1890, T.R. Robertson – goewermentsekr., 24.11.1890, Ooreenkoms tussen dr. M. Stollreither en T.R. Robertson, November 1890. Vergelyk ook Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 69.

[768] *The Friend*, 15.12.1891, p. 3 en 29.12.1891, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 120.

[769] VAB, Rapport van de kommissie benoemen ten einde ondersoek in te stellen naar de zaak van de nieuwe Raadzaal, pp. 1-8; *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2 en 23.9.1890, p. 2; Aanspraak van ZHEd. den Staatspresident, *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892; *The Friend*, 11.3.1892, p. 3, 15.3.1892, p. 3, 5.4.1892, p. 2, 28.6.1892, p. 3 en 9.8.1892, p. 3. Vergelyk ook *The Fourth Raadsaal*, p. 5 en Picton-Seymour, *Historical buildings*, p. 126.

Op 5 Junie 1893 is die Vierde Raadsaal[770] feestelik in gebruik geneem deur pres. Reitz wat in die teenwoordigheid van ongeveer 700 inwoners die deur van die nuwe raadsaal met ’n silwer sleutel oopgesluit het. Die totale boukoste van die raadsaal, met die bykomende kantore, komitee-, rus- en lees-kamers, was uiteindelik ongeveer £43 000.[771]

Aanvanklik het ’n vergulde beeld van Mercurius die koepel van die Vierde Raadsaal bekroon, maar as gevolg van besware deur die inwoners[772] is die beeld ’n paar dae later verwyder en met ’n vlagstok vervang.[773]

Figuur 48: Die Vierde Raadsaal in President Brandstraat, ca. 1895. Nasionale Museum fotoversameling.

Die Vierde Raadsaal is die beste voorbeeld van die neo-Renaissance-styl uit die tyd van die republiek OVS en besit kenmerke van sowel die Griekse as die Romeinse boukuns, wat ’n mooi eenheid vorm. Die Raadsaal was indrukwekkend vir sy tyd en is beskou as die mooiste gebou in die Vrystaat en een van die mooiste in hele Suid-Afrika. Oberholster noem die Vierde Raadsaal tereg die argitektoniese juweel van die Vrystaat.[774] Sandsteentrappe lei na ’n portiek met suilegange van bewerkte sandklip. Die uitstaande kenmerk van die gebou is die statige vooraansig en hoofingang met sy suilegange, gegroefde,

---

[770] Bloemfontein het agtereenvolgens vier raadsale gehad. Die Eerste Raadsaal was die klein goewermentskooltjie wat in 1849 in opdrag van maj. H.D. Warden in St. Georgestraat opgerig is en vandag die Eerste Raadsaal-museum is. Die Tweede Raadsaal was aan Markplein geleë, terwyl die Derde Raadsaal deel van die Goewermentsgebou uitgemaak het. Die Derde Raadsaal was waar die ouditorium van die Nasionale Afrikaanse Letterkundig Museum en Navorsingsentrum (NALN) vandag is.

[771] *The Friend*, 21.6.1892, p. 3; FAK, *Afrikanerbakens*, p. 87.

[772] Volgens die Griekse mitologie was Mercurius die seun van Jupiter en Maia en was hy ’n dapper vegter, maar hy was ook die god van leuens, diewe en swendelaars. *The Friend*, 29.12.181, p. 3. Daar is dus gevoel dat sy beeld nie op die toring van die Volksraadsaal tuishoort nie.

[773] The *Friend*, 23.6.1893, p. 3; *De Burger*, 9.6.1894, p. 4. Vergelyk ook J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 207.

[774] J.A. Collins, *The struggles of an infant state: being some glimpses into the history of the late Orange Free State Republic*, p. 68; Oberholster, *The historical monuments*, p. 208. Vergelyk ook Rex, p. 13.

Ioniese suile en fronton van sandsteen wat ’n mens aan ’n klassieke Griekse tempel laat dink (kyk figuur 48 *supra*). Op die Griekse onderbou rus die agtkantige Romeinse koepeltoring met sy boogvormige openinge, lanternmotief en vlagpaal. Agter die hoofingang is halfmaanvormige portieke wat na die grootste gedeelte van die gebou toe lei – ’n langwerpige gedeelte van rooi bakstene, versier met pilasters en borswerings van sandsteen. Die ligte klipwerk vorm ’n baie mooi teenstelling met die donkerrooi baksteenmure. Die portieke lei weer na kleiner wandelgange of ingangsportale. Die vloer van hierdie ingangsportale is van ingevoerde Devonshire-marmer en in die middel van die vloer van die hoofingangsportraal is die Vrystaatse wapen met verskillende kleure van bogenoemde marmer in mosaïekvorm uitgelê.[775]

Buiten die raadsaal was daar ’n hele aantal vertrekke wat deur die president, die voorsitter en lede van die Volksraad gebruik is, rookkamers en selfs ’n biljartkamer, asook kantore vir die sekretaris van die Volksraad en ander amptenare. Die kantore, komitee- en rookkamers is met eikehoutpanele en koepelvormige plafonne versier en met spesiaal ontwerpte kaggels en kaggelrakke toegerus. In die nuwe gebou is selfs vir behoorlike toiletgeriewe voorsiening gemaak.[776]

Die raadsaal self is ruim en indrukwekkend; 100 voet (30,48 m) lank, 50 voet (15,24 m) breed en 34 voet (10,36 m) hoog (kyk figuur 49 *infra*). Die groot vlakke van die lang, hoë binnemure word onderbreek deur gegroefde pilasters met dekoratiewe Korinthiese kapitele. Die koepelvormige plafon met sy paneelwerk, dekoratiewe kroonlys en daklig van gekleurde glas wek ’n indruk van ruimte en statigheid. Die vensterruite is van kleurglas waarop die Vrystaatse wapen, ’n roset en ’n lier afwisselend voorkom. Die raadsaal is in die koue wintermaande verwarm deur ’n spesiaal-vervaardigde verwarmingstoestel, bestaande uit warm waterpype.[777]

Die vloer van die raadsaal het spesiale sitplekke vir die Volksraadslede gehad, asook sitplek vir die publiek (kyk figuur 49 *infra*). In Desember 1893 kon *The Friend* berig dat die raadsaal met gordyne en behangsels van wynrooi *pluche* of wolfluweel behang is, wat nie net luuksheid en warmte aan die vertrek verleen het nie, maar ook die akoestiek van die saal

---

[775] *Daily Express*, 26.6.1890, p. 2; *The Friend*, 6.11.1891, p. 2 en 17.11.1891, p. 2. Vergelyk ook Picton-Seymour, *Historical buildings*, p. 126 en Oberholster, *The historical monuments*, p. 208.

[776] *Daily Express*, 26.6.1890, p. 2; *The Friend*, 17.11.1891, p. 2. Vergelyk ook Wright, p. 20 en brosjure: *The Fourth Raadsaal*, pp. 16-17.

[777] *Daily Express*, 26.6.1890, p. 2; *The Friend*, 17.11.1891, p. 2 en 24.6.1892, p. 3. Vergelyk ook brosjure: *The Fourth Raadsaal*, pp. 12-13 en *Afrikanerbakens*, p. 87.

verbeter het. Die vloergedeelte van die saal waar die Volksraadslede gesit het, is bedek met Axminster- en Turkse tapyte wat uit Konstantinopel ingevoer is.[778]

Die okker-neuthout-meubels van die raadsaal is spesiaal deur die argitek Canning ontwerp om by die argitektuur van die gebou aan te pas en is in Duitsland vervaardig. Griekse stylelemente van die argitektuur, soos die gegroefde pilare, die driehoekige fronton of pediment en die kroonlys is in die ontwerp van die meubels herhaal.[779]

Figuur 49: Die deftige interieur van die Vierde Raadsaal. Let op die gordyne teen die mure, die pilasters en kroonlys, die baldakyn en Vrystaatse wapen teen die agterste muur, sitplekke vir die publiek heel voor en die Volksraadslede se lessenaars en stoele in die middel. Nasionale Museum fotoversameling: 01/2664.

Veral die baldakyn (*canopy*) aan die oostekant van die raadsaal is besonders. Dit vorm ’n permanente deel van die interieur en bestaan uit dekoratiewe houtpaneelwerk, versier met gegroefde, uitgekerfte pilasters, pediment en lyswerk, met ’n drieledige lessenaar en drie stoele voor die paneelwerk (kyk figuur 49 *supra*). Die stoel met die hoogste rugleuning was bedoel vir die president, terwyl die voorsitter van die Volksraad en die goewermentsekretaris in die stoele aan weerskante van die president plaasgeneem het. Die Volksraadslede se lessenaars of *davenports*, asook hulle stoele, is met klein, gegroefde suile versier, terwyl die pediment, gegroefde pilasters en lyswerk ook in sommige van die kaggels en kaggelrakke, boekrakke, tafels en sytafels herhaal is.[780]

---

[778] *The Friend*, 13.6.1893, p. 2, 5.12.1893, pp. 2-3 en 20.8.1895, p. 4; S.P.R. Oosthuizen, *Die Vierde Vrystaatse Raadsaal: gedenkboek 1893-1993*, p. 27.

[779] *The Friend*, 30.10.1891, p. 3, 13.1.1893, pp. 2-3 en 2.5.1893, p. 2; Greig, p. 83.

[780] *The Fourth Raadsaal*, pp. 14-17; Greig, p. 83. Vergelyk ook Oberholster, *The historical monuments*, pp. 209-210.

Gou na die opening van die Vierde Raadsaal was daar klagtes oor die swak akoestiek van die saal. Die komitee van toesighouding oor die raadsaal, bestaande uit J.G. Fraser, C. Wessels en J.A. Venter, het vinnig hiervan werk gemaak en deur gebruik te maak van behangsels, gordyne, tapyte, baaiskerms[781] en vlae is die akoestiek van die saal baie verbeter.[782] Hulle het ook die dekoratiewe smeeysterwerk en sierhekke rondom die gebou (kyk figuur 48 *supra*) van die Koch Broers van Parys, Frankryk, bestel.[783]

In Januarie 1894 kon *De Burger* met trots opmerk: "Deftig, lekker, geriefelijk, koel en gehoor goed, ziedaar de goede eigenschappen van die Nieuwe Raadzaal en wel een Zaal dat een nationale sieraad is, en waar elk oprechte Vrijstater met recht trotsch op kan zijn als een nationale pronkstuk."[784] Die Vierde Raadsaal staan vandag nog, is 'n verklaarde erfenisterrein en is onlangs gerestoureer en opgeknap. Die gebouekompleks dien tans (2014) as kantore en raadsaal vir die Vrystaatse wetgewer.

12.3.1.5 Nuwe gevangenis

Die koms van die spoorlyn en treine het ook ongewenste persone na Bloemfontein gebring en sedert 1890 het misdaad begin toeneem. Die "unsightly old Town Prison"[785] in St. Georgestraat wat nog uit die tyd van maj. Warden gedateer en later vergroot is, het te klein geword en misdadigers het maklik daaruit ontsnap. In Februarie 1892 is gemeld dat daar toe ongeveer 70 swart, wit en bruin gevangenes in die ou tronk aangehou is en omdat ruimte beperk is, was dit vanuit 'n gesondheidsoogpunt noodsaaklik dat 'n nuwe gevangenis gebou moes word.[786]

Met sy openingsrede in Mei 1891 het pres. Reitz die Volksraad daarop gewys dat Bloemfontein dringend 'n nuwe, groter gevangenis nodig gehad het. Intussen het hy die regeringsargitek, D.E. Wentink, versoek om 'n plan en kosteberaming vir 'n nuwe tronkgebou op te stel. Daar is besluit om voort te gaan met die bou van 'n nuwe gevangenis volgens Wentink se planne.[787]

Op aanbeveling van die stadsraad is besluit om die nuwe tronkgebou buite die dorp op te rig op 'n stuk grond wat deur hulle beskikbaar gestel is. In Junie 1892 is £10 000 vir die bou

---

781 Dit was klaarblyklik skerms wat van baai, 'n dik wolstof, gemaak is.
782 *The Friend*, 9.6.1893, pp. 2-3, 13.6.1893, p. 2 en 5.12.1893, pp. 2-3; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 121.
783 *De Burger*, 16.5.1894, p. 4 en 12.12.1894, p. 2; *The Friend*, 13.6.1893, p. 2, 5.12.1893, pp. 2-3 en 22.2.1895, p. 2. Vergelyk ook Oberholster, *The historical monuments*, p. 208.
784 *De Burger*, 13.1.1894, p. 2.
785 *The Friend*, 22.1.1892, p. 3.
786 *OVS Volksraadsnotule*, 4.5.1891; *The Friend*, 9.2.1892, pp. 2-3.
787 *OVS Volksraadsnotule*, 4.5.1891 en 5.5.1891; *The Friend*, 5.5.1891, p. 3 en 8.5.1891, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p.103.

van die nuwe gevangenis begroot.[788] Teen Mei 1893 het boukontrakteur J.J. Kirkness en sy werkers met bouwerk aan die nuwe gevangenis begin op ’n terrein net oos van die spoorlyn aan die Dewetsdorppad, naby Waaihoek. Teen Desember 1893 is bouwerk teen ’n koste van £16 000 voltooi en in Februarie 1894 is die nuwe gevangenis in gebruik geneem.[789]

Baie min is nog oor hierdie tronkgebou geskryf, maar kyk ’n mens na die grondplanne, ou foto’s en die gebou self, blyk dit dat die stewige hoofgebou van sandsteen gebou is, met ’n hele aantal torinkies of lugventilators op die sinkdak. [790]

Figuur 50: Die nuwe Bloemfontein-gevangenis in ca. 1894 voordat die ringmuur en wagtorings aangebou is. Nasionale Museum fotoversameling: 01/2188.

Dit was aanvanklik ’n T-vormige gebou met drie langwerpige vleuels wat aan drie kante waaiervormig van die sentrale, seshoekige uitkyktoring met sy eie seskantige sinkdak uitgebou is (kyk figuur 50 *supra*).[791] Die langwerpige vleuels het die selle bevat en volgens ’n latere verslag was daar 24 selle wat volgens die OVS-tronkregulasies 72 gevangenes kon akkommodeer. Volgens dié verslag was daar geen tronkhospitaal of -kombuis nie, terwyl die gevangenis ook nie vir akkommodasie vir bewaarders voorsiening gemaak het nie. Daar is wel in 1893 ’n huis vir die sipier naby die tronk opgerig. Die wasgeriewe of “Bathing Tank” en toilette was in afsonderlike geboutjies op die terrein geleë. Die terrein binne die ringmuur was groot en gevangenes kon buite vars lug inasem en oefening kry. Daar was ook ’n waterput met ’n pomp op die terrein. Met die voltooiing van die nuwe tronkgebou is die galg, waar

---

788 *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892; *The Friend*, 22.1.1892, p.3, 3.5.1892, pp. 2-3 en 24.6.1892, p. 3.

789 VAB, GS1125: tenders aangevra vir bou van nuwe tronk, 19.4.1893, GS1128, nuwe gevangenis voltooi, 9.12.1893, PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, pp. 27-28; *The Bloemfontein Post*, 26.3.1902, p. 4; *The Friend*, 28.11.1893, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.

790 Goeie ventilasie is noodsaaklik in tronkgeboue, omdat baie mense in ’n klein area saamgehok word. VAB, CO51/4611/01: Report on proposed prison extension, Bloemfontein by dr. G.P. Yule, 30.12.1901.

791 VAB, Kaart 1/282: Central Prison, Bloemfontein. Portion of site plan, Nov. 1904; Ramkraal gevangenis, Bloemfontein, besoek 1.3.2011.

moordenaars tereggestel is, ook op die gevangenisterrein naby die oorspronklike toilette aangebring.[792]

Figuur 51: Die Bloemfontein-gevangenis nadat die ringmuur en twee kasteelagtige wagtorings aangebou is, ca. 1896. Nasionale Museum-fotoversameling, Ramkraal-tronk 05.

In 1893 was die nuwe tronkgebou nog heeltemal buite die destydse hoofstad en was dit waarskynlik ’n indrukwekkende gesig in die veld, maar later is die gebou weggesteek deur ’n hoë ringmuur met twee groot kasteelagtige wagtorings wat in Oktober 1895 voltooi is[793] (kyk figuur 51). Dr. H.P.N. Muller het die nuwe tronk beskryf as “goed ingericht”.[794] ’n Tydgenootlike beskrywing van die tronk kon nie opgespoor word nie, maar in Maart 1902 is die gevangenis só beskryf: “On approaching the building gives one the impression of an ancient stronghold of [a] feudal baron of a past age, as [a] high stone wall forms the outer enclosure with two massive turrets as watch towers.”[795]

Die gevangenis is tydens en na die Anglo-Boereoorlog ’n hele paar keer vergroot en het as Bloemfontein se sentrale of staatsgevangenis diens gedoen totdat die Grootvlei-gevangenis in 1994 geopen is, waarna dit gesluit is.[796] Vandag staan dié tronk in die swart gemeenskap as die Ramkraal-tronk bekend. Tussen 1894 en 1994 is bekendes, soos onder meer Mahatma Gandhi (1869-1948) en genl. C.R. de Wet[797] (1854-1922) in dié gevangenis aangehou. Na die sluiting het die gevangenis begin verval en hoewel ’n kuns- en kunsvlytsentrum in die Ramkraal-tronk begin is, het dit later doodgeloop en is die gebou deur ’n aantal haweloses betrek. Daar is onlangs beplan om die ou gevangenis as museum in te rig, maar in Maart 2012

---

792 VAB: CO51/4611/01: Report on prisons in the Orange River Colony. “Bloemfontein, geen datum (ca. 1901); Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.

793 VAB, PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, pp. 27-28; H.P.N. Muller, “Reisbriewe van dr. Hendrik P.N. Muller: 1898” (ingelei en toegelig deur dr. F.J. du Toit Spies), *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 2, Desember 1955; p. 128. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 115.

794 Muller, p. 128.

795 *The Bloemfontein Post*, 26.3.1902, p. 4.

796 VAB: Kaart 2/254: Proposed extension. Central Prison, Bloemfontein, 1901; CO51/4611/01: Report on proposed prison extension, Bloemfontein by dr. G.P. Yule, 30.12.1901; S.M. Botes, “Een schreeuwend onrecht” – Bloemfontein se gevangeniswese tydens die republikeinse tydperk, 1854-1900” in S.W. le Roux en R.C. Fischer (reds.), *Festschrift ter ere van O.J.O. Ferreira*, p. 74.

797 Genl. De Wet is tydens die Rebellie van 1914 in hierdie tronk aangehou.

is die historiese tronkgebou deur ’n aantal stropers vir boumateriaal geplunder en erg beskadig; dus is die gebou se toekoms tans onseker.[798]

12.3.2 Kerkgeboue

12.3.2.1 Baptiste-kerkgebou

Die Bloemfonteinse gemeente van die Baptiste-kerk is in 1891 gestig. Aanvanklik is die Baptiste-kerk se dienste in die stadsaal in Maitlandstraat gehou met eerw. Harold Doggett as eerste predikant. In 1893 is twee erwe aan die oostekant van die hoofstad aangekoop. In dieselfde jaar het eerw. A.J. Edwards van Graaff-Reinet vir Doggett as leraar opgevolg en is kerkeiendom in Graaff-Reinet vir ’n bedrag van ongeveer £400 ten bate van die nuwe gemeente in Bloemfontein verkoop. Hierdie geld, tesame met ’n bedrag wat deur opvoerings en konserte ten bate van die boufonds van die Baptiste-kerk ingesamel is, is gebruik om die nuwe kerkgebou op die hoek van Hanger- en Maitlandstraat naby die spoorwegstasie op te rig.[799]



Figuur 52: Die Baptiste-kerk in Hangerstraat, ca. 1895. Nasionale Museum fotoversameling: 01/1497.

Die hoeksteen van die Baptiste-kerk is in Desember 1893 deur J.G. Fraser, voorsitter van die Volksraad, gelê en op 29 April 1894 is die nuwe kerkgebou deur eerw. G.W. Cross van Grahamstad ingewy. Pres. Reitz, asook die burgemeester en stadsraadslede, het die inwydingsdiens bygewoon.[800] Hierdie kerkgebou in die neo-Gotiese boustyl met sy spitsboogvensters is van bakstene gebou, met ’n sinkdak (kyk figuur 52). Die Baptiste-kerk was eenvoudig maar elegant en het sitplek vir tussen 250 en 300 mense gehad. Die kontrakteur was ene mnr. Bolt en die

---

[798] M. Gericke, “Gandhi in Ramkraal-tronk aangehou”, *Ons Stad*, 19.4.2012, p. 2; M. Gericke,“ ‘Museum’ geplunder: De Wet, Mandela dalk in dié historiese tronk aangehou”, *Volksblad*, 4.4.2012, p. 2; A. Damons, “Inwoners hulpeloos toe stropers toeslaan”, *Volksblad*, 8.3.2012, p. 2.

[799] “Stories of city’s churches tell of brave endeavour”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 75; *The Friend*, 3.3.1893, p. 3 en 7.6.1895, p. 3. Vergelyk ook Macmillan, p. 15.

[800] *The Friend*, 19.12.1893, p. 2; “Stories of city’s churches tell of brave endeavour”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 75.

kerk het £1 900 gekos. Die gemeente het £1 000 bymekaargemaak en het by voltooiing dus nog skuld van £900 gehad.[801]

12.3.2.2 NG-sendingkerk, Waaihoek

In 1892 is ’n NG-sendingkerk aan die bopunt van Harveyweg in Waaihoek opgerig en volgens *The Friend* was dit “een sieraad voor Waaihoek”.[802] John Fraser het die geld vir die kerkgebou geskenk en dienste daar is deur eerw. Morgan waargeneem. Dié sendingkerk wat op 2 November 1892 ingewy is, het ’n plankvloer, gepleisterde mure en gemaklike sitplekke gehad en was “een fraai gebouw zoowel van buiten als binnen”.[803] Geen foto van voorgenoemde kerkgebou kon opgespoor word nie.

12.3.2.3 St. Philip-kerk, Waaihoek

Teen die laat 1880’s het die Anglikaanse susters sending-werk onder bruin mense in Bloemfontein begin en so is die St. Philip-sending gebore. Kerkdienste en byeenkomste is aanvanklik in ’n lokaal gehou wat teen ’n klein bedrag van die Anglikaanse sustergemeenskap gehuur is. Suster Maria Burton het in 1892 met fondsinsameling vir ’n broodnodige kerkgebou of skoolkapel vir die bruin gemeenskap begin. Fondse is deur middel van donasies en verkope van handwerk ingesamel en in 1893 is die St. Philip-kerk op ’n stuk grond wat deur die stadsraad geskenk is, in Waaihoek opgerig.[804] In Julie 1893 het biskop J.W. Hicks (1840-1899) die nuwe St. Philip-sendingkerk plegtig ingewy. Dit was ’n eenvoudige sinkgebou wat met

Figuur 53: Die St. Philip-kerkgebou in Waaihoek, ca. 1914, toe die gebou al vergroot en verander is. Nasionale Museum fotoversameling: 01/7113.

---

[801] NM, foto 01/1497: Baptiste-kerk, ca. 1896; *De Burger*, 28.4.1894, p. 2; *The Friend*, 19.12.1893, p. 2, 27.4.1894, p. 3 en 1.5.1894, p. 3. Vergelyk ook Roodt, *The architecture of the OFS republic*, p. 231.

[802] *The Friend*, 16.9.1892, p. 2.

[803] *Ibid*., 4.11.1892, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 131.

[804] *Quarterly paper of the Bloemfontein Mission* 90, 15.10.1890, p. 321 en 94, 15.10.1891, p. 11; *The Friend*, 11.11.1892, p. 3.



Figuur 54: Interieur van die St. Philip-kerk in Waaihoek, ca. 1890. Nasionale Museum fotoversameling: 01/1672.

hout uitgevoer was, maar was "very suitable for the purpose" en het £300 gekos om te bou.[805] Die enigste eksterieurfoto van die St. Philip-kerkgebou wat opgespoor kon word, is 'n foto van 1914 en toe is die gebou al vergroot en verander (kyk figuur 53 *supra*).

Daar bestaan wel 'n foto van die interieur van die St. Philip-kerk uit die 1890's. Kyk 'n mens na hierdie foto's wil dit voorkom asof dit 'n eenvoudige kruiskerk was, met wit mure, neo-Gotiese boogvensters en deure, 'n sinkdak en 'n plafon van houtplanke. Die geboutjie net regs van die kerk is klaarblyklik 'n sinkgeboutjie en was waarskynlik die St. Philip-kerkskool[806] wat in 1895 ook na Waaihoek verskuif is (kyk figure 53 en 54). Skoolonderrig is aanvanklik in die kerkgebou aangebied en teen die einde van 1895 was dit reeds weer nodig om die St. Philip-kerk te vergroot.[807]

12.3.2.4 St. Patrick-kerk, Waaihoek

Die Anglikaanse Kerk het ook onder die swart inwoners van Bloemfontein sendingwerk gedoen en die eerste skoolkapel vir die swart St. Patrick-gemeente is in 1867 reg langs die Anglikaanse katedraal in St. Georgestraat opgerig. Weeksdae is hier skoolgehou en op Vrydagaande en Sondae is die kapel vir kerkdienste gebruik. In die 1880's is die St. Patrick-kapel in St. Georgestraat vergroot en in die middeskip van die kerkgebou het die swart kategis (later priester) Gabriel David (oorlede 1898) vier maal per week 'n aandskool vir mans gehou. In 1880 is die skool na Waaihoek verplaas. Teen 1893 was dié St. Patrick-kerkie heeltemal te klein en het die gemeente begin geld insamel om hulle kerk te vergroot. Verder was die huis

---

805 *Quarterly paper* 102, 15.10.1893, p. 163; W. Crisp, *Some account of the Diocese of Bloemfontein, in the province of South Africa, from 1863 to 1894*, p. 123.

806 Was voorheen as die Goeie Herder-skool bekend.

807 NM, foto 01/1672: St. Philip-kerk interieur, ca. 1894, foto 01/7113: St. Philip-kerk gesien vanaf die fort, ca. 1914; *Quarterly paper* 108, April 1895, p. 57 en 111, 25.1.1896, p. 22.

van priester David, wat blykbaar ook op die terrein van die St. Patrick-kerk was, heeltemal te klein vir hom en sy gesin.[808] Daarby het die stadsraad die Anglikaanse Kerk versoek om die St. Patrick-kerk uit die blanke deel van die dorp te verwyder.[809]

In 1894 het die stadsraad ’n stuk grond onder die fortheuwel en aan die buitewyke van Waaihoek geskenk, waar ’n nuwe, groter kerkgebou vir die St. Patrick-gemeente opgerig is, sowel as ’n groter huis vir priester David. Die nuwe kerkgebou is net ’n paar meter van die St. Philip-kerk vir bruin mense in Waaihoek opgerig. Kyk ’n mens na ’n vergroting van die foto waarop die St. Philip-kerk sigbaar is, is ’n eenvoudige geboutjie met ’n toring direk daaragter sigbaar, wat waarskynlik die tweede St. Patrick-kerk was (kyk figuur 55). [810]

Die nuwe St. Patrick-kerkgebou in Waaihoek is gebou van rooi bakstene met ’n sinkdak en ’n kloktoring van hout. Aan die westekant het dié kerk drie deure gehad, met twee neo-Gotiese spitsboogvensters bokant die grootste deur in die middel. Waar die ou kerkgebou net een syskip gehad het, het die nuwe sendingkerk twee gehad, terwyl die kanselruimte sowel as die middeskip van die nuwe kerk ook ’n paar voet (meter) langer was as die ou gebou s’n. Die interieur van die nuwe St. Patrick-kerk was nie luuks nie, maar waardig en paslik vir die doel waarvoor die kerk gebou is. Op die koorskerm van die nuwe kerk is ’n pragtige kruisbeeld van hout, afkomstig van die ou kerkgebou, aangebring. Die gemeente het geld ingesamel om met die bou van die nuwe kerk te help en het ook 20 nuwe kerkbanke, sowel as twee groot hanglampe, vir die nuwe gebou aangekoop. Op 5 Augustus 1894 is die nuwe St. Patrick-kerk in Waaihoek deur eerw. J.R. Vincent (oorlede 1914), deken van die Bloemfonteinse katedraal, ingewy. [811]

Figuur 55: Die kerkie in Waaihoek agter die St. Philip-kerk wat waarskynlik die tweede St. Patrick-kerk was. Nasionale Museum fotoversameling: 01/7113.

[808] WCB, AB764f: Sketch in a letter from brother Arthur Byrd, later from the Society of St. Augustine at Modderpoort, 1883; *Quarterly paper* 99, 15.1.1893, pp. 12-13 en *ibid.* 100, 15.4.1893, pp. 57, 66.
[809] *The Friend*, 2.6.1893, p. 3.
[810] *Quarterly paper* 106, Oktober 1894, p. 196 en 108, April 1895, p. 61; NM, foto 7113: St. Philip-kerk gesien vanaf die fort, ca. 1914.
[811] *Quarterly paper* 105, Julie 1894, pp. 143-144 en 106, Oktober 1894, pp. 195-196.

Ook hierdie tweede kerkgebou het mettertyd te klein geword en in 1923 is die indrukwekkende derde St. Patrick-kerk in Waaihoek ingewy. Dit was ’n besonderse kerkgebou, maar is later gesloop om vir die koeltorings van die kragsentrale plek te maak.[812]

12.3.3 Skoolgeboue

12.3.3.1 ‘Upper House’ van Damesinstituut (Eunice)

In 1874 is daar op inisiatief van die Protestantse kerke in Bloemfontein met die stigting van ’n skool vir Protestantse Nederlandstalige onderwys vir hoofsaaklik Afrikanerdogters begin. In 1875 is die eerste skoolgebou van die “Oranje Vrij Staat Dames Instituut”[813] oorkant die Presidensie in St. Georgestraat opgerig. Nadat die Vrystaatse regering beheer van die skool oorgeneem het, is die oorspronklike skoolgebou in 1889 en 1890 met aanbouings vergroot en met ’n klipmuur omring, maar het gou te klein geword.[814]

Daarom het die Volksraad in Mei 1890 ’n bedrag van £5 000 vir die bou van die ‘Upper House’ by die Damesinstituut begroot. In dieselfde jaar is ’n stuk grond van ongeveer 100 by 200 voet (30,48 m x 60,96 m), wat aan die destydse skoolterrein gegrens het, deur die stadsraad aan die skool geskenk. In Mei 1891 het die Volksraad ’n groter bedrag van £9 000 vir die nuwe gebou begroot. In Februarie 1892 is die hoeksteen van die ‘Upper House’, ontwerp deur regeringsargitek Vixseboxse, deur pres. Reitz gelê.[815] Die boukontrakteur was D. Godley en skrynwerk is deur die firma Robinson en Stevenson behartig.[816] Op 26 Januarie 1894 kon die ‘Upper House’ plegtig ingewy word, met toesprake en ’n aandonthaal.[817]

Vixseboxse se nuwe skoolgebou is op die rantjie bokant die eerste skoolgebou in sy kenmerkende Middeleeuse Vlaamse styl opgerig. Die rooi baksteengebou met sy vensteromrandings en sandsteenlae is op ’n stewige klipfondament gebou met ’n sinkdak, versier met skoorstene en verskeie spits lugventilators, bedek met hortjies. Met al die ventilators en skoorstene het die daklyn ingewikkeld en onrustig vertoon. Dit was ’n lang

---

812 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 220.

813 Dié skool het later as Eunice bekend geword en is vandag ’n skool vir hoofsaaklik Engelstalige meisies. Dit is later verskuif na ’n terrein langs die huidige Grey-kollege skool.

814 VAB, GS185: ds. C.S. Morgan – goewermentsekr., 2.12.1889; *The Friend*, 1.5.1889, p. 4; *De Express*, 10.6.1890, p. 4. Vergelyk ook Wright, pp. 26, 28 en Macmillan, pp. 18-19.

815 *Daily Express*, 11.8.1890, p. 2 en 23.8.1890, p. 3; *The Friend*, 29.1.1892, p. 2, 5.2.1892, pp. 2-3, 20.1.1893, p. 2 en 24.1.1893, p. 3.

816 *The Friend*, 20.1.1893, p. 2 en 24.1.1893, p. 3.

817 “Verslag van het Curatorium van het Dames Instituut ‘Eunice’ over het jaar van 1 April 1893 tot 31 Maart 1894”, *De Burger*, 4.7.1894, p. 3; *The Friend*, 15.11.1892, p. 2 en 30.1.1894, p. 3.

dubbelverdiepinggebou met twee uitgeboude vleuels aan weerskante van ’n sink-veranda, wat die eentonigheid van die rye enerse vensters in die fasade verbreek het.[818] (kyk figuur 56).

Figuur 56: Die nuwe “Upper House” van die Damesinstituut Eunice, ca. 1894. Nasionale Museum fotoversameling: 01/7367.

Die grondvloer het onder meer voorsiening gemaak vir sitkamers vir die onderwyseresse, die direktrise of skoolhoof se kantoor, ’n sitkamer vir die dogters, asook drie ruim klaskamers wat deur voudeure afgeskort is, maar in een groot saal omskep kon word. Verder was daar ’n ruim eetkamer, kombuis en spens, opwaskamer, stoorkamer, waskamer en bediendekwartiere op die grondvloer. ’n Gang het na buite gelei waar voorsiening gemaak is vir vyf gerieflike badkamers met water wat met pype van die tenks na die badkrane gelei is, asook vier musiekkamers. Drie stelle trappe het toegang tot die boonste verdieping verleen, waar 18 slaapkamers was wat elk tussen twee en ses leerlinge kon akkommodeer.[819]

Volgens *The Friend* was die nuwe ‘Upper House’ “zeer smaakvol en indrukwekkend”.[820] Tydens die Anglo-Boereoorlog is die gebou in ’n hospitaal omskep en in 1914 het dit afgebrand.[821]

12.3.3.2 Grey-kollegegebou

Grey-kollege, die oudste skool noord van die Oranjerivier, is in Oktober 1855 deur sir George Grey (1812-1898), goewerneur van die Kaapkolonie, met ’n skenking van £2 000 gestig. Vroeg in 1856 is drie erwe tussen Douglasstraat en Bloemspruit vir die skool aangekoop. Sir George Grey het die Kaapse regeringsingenieur, wat die skoolgeboutjie ontwerp het, na Bloemfontein

---

[818] *The Friend*, 20.1.1893, p. 2 en 24.1.1893, p. 3; Picton-Seymour, *Victorian buildings*, p. 366. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 122.
[819] *The Friend*, 20.1.1893, p. 2 en 24.1.1893, p. 3.
[820] *Ibid*. 15.11.1892, p. 2.
[821] Macmillan, p. 19; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 122.

gestuur en die gebou is in 1859 voltooi. Dit was ’n eenvoudige, langwerpige gebou met ’n spits sinkdak wat uit Brittanje ingevoer is.[822]

Mettertyd het die eerste skoolgebou te klein geword en ten spyte van aanbouings en los geboue wat met die jare opgerig is,[823] het die behoefte aan ’n nuwe, doelmatige skoolgebou en koshuis al hoe sterker geword. In Mei 1891 het pres. Reitz die Volksraad in sy openingsrede daarop gewys dat ’n nuwe skoolgebou dringend noodsaaklik was.[824] In dieselfde jaar het die stadsraad ’n stuk grond vir ’n nuwe skoolgebou aan die skool geskenk. Weens die koste van ’n nuwe gebou is die bou van ’n nuwe Grey-kollege van jaar tot jaar uitgestel. Eers in 1893 het die Volksraad die oprigting van ’n nuwe Grey-kollege goedgekeur.[825]

Figuur 57: Die nuwe Grey-kollege in Douglasstraat, ca. 1896. Nasionale Museum fotoversameling.

Die hele blok in Douglasstraat tussen Fraser- en Kerkstraat is nou aan Grey-kollege toegeken en die Volksraad het ’n bedrag van £10 00 vir die nuwe gebou begroot. Omdat dié bedrag nie genoeg was om ’n nuwe skoolgebou en koshuis te bou nie, is besluit om ’n prysvraag vir ’n volledige plan vir beide uit te skryf, maar eers net die koshuis te laat bou, omdat dit die grootste behoefte was. Die ontwerp van die Bloemfonteinse argitek W.H. Stucke (1865-1931) is as wenontwerp bekroon. Die tender van D. Godley vir die bedrag van £9 867/10/6 is aanvaar, terwyl £1 000 vir die meubilering van die koshuis begroot is.[826]

Die hoeksteen van die nuwe koshuis vir Grey-kollege is op 16 Mei 1894 deur pres. Reitz gelê.[827] Die koshuis is in 1895 geopen, maar eers in 1898 is die gebouekompleks volgens

---

822 *Grey Kollege. Vyf-en-sewentig jaar, 1855-1930*, p. 6; D.A. van der Bank, “Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935: stryd om identiteit en voortbestaan”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 11(11), Desember 1995, pp. 303-304. Vergelyk ook Schoeman, *Boukunsskatte*, p. 70.

823 *The Friend*, 19.6.1889, p. 3, 7.8.1889, p. 1 en 4.12.1891, p. 2; Van der Bank, p. 307.

824 VAB, GS191: J. Brill – pres. Reitz, 21.3.1891; *OVS Volksraadsnotule*, 4.5.1891; *De Express*, 10.6.1890, p. 4. Vergelyk ook *The Friend*, 3.5.1892, p. 2.

825 *De Express*, 24.6.1890, p. 3; 8.5.1891, p. 3 en 19.5.1891, p. 2; *The Friend*, 2.1.1894, p. 4 en 23.1.1894, p. 3.

826 “Rapport van het Grey College 1893-94”, *De Burger*, 4.7.1894, p. 3.

827 *De Burger*, 19.5.1894, p. 3; *The Friend*, 18.5.1894, p. 3.

Stucke se planne heeltemal voltooi.[828] Hierdie asimmetriese dubbelverdiepinggebou met sy sinkdak is van rooi, ongepleisterde bakstene gebou met sandsteenomrandings en -afwerkings. Dit is ’n baie interessante en sierlike gebou in ’n aangepaste Middeleeuse Vlaamse styl en is met hoektorings, gewels, daktorinkies en ’n kasteelagtige toring by die hoofingang versier[829] (kyk figuur 57 *supra*). Desiré Picton-Seymour beskryf die gebou as “a romantic fortress of learning”.[830]

Dié nuwe gebou van Grey-kollege het gou weer te klein geword en is net ’n paar jaar lank deur die skool gebruik. Omdat dit in die dorpskern was, was daar nie plek om aan te bou of genoegsame sportgeriewe te verskaf nie en in 1907 is ’n nuwe gebou, ontwerp deur sir Herbert Baker, aan die westekant van die destydse dorp opgerig, wat vandag steeds gebruik word. Die ou Grey-kollegegebou in Douglasstraat is later onder meer as onderwyskollege en tegniese kollege gebruik en die bakstene is oorgepleister.[831] Tans (2014) word die gebou deur die Motheo-kollege benut.

12.3.3.3 St. Margaret-skool

Vir die Engelssprekende werknemers van die Kaapse Spoorweë het die Anglikaanse Kerk in Julie 1893 die St. Margaret-skoolkapel in die Spoorwegkamp, in Langstraat, opgerig. Dit was ’n sinkgeboutjie wat op weeksdae as skool diens gedoen het en op Sondagaande is kerkdienste daar gehou. In 1895 is die skoolkapel vergroot en verander. Die St. Margaret-skool is in 1897 deur die Vrystaatse regering oorgeneem en het toe as die Spoorwegskool bekend gestaan.[832] Eers in 1903 is die hoeksteen van die groter St. Margaret-kerkgebou gelê wat vandag nog op die hoek van Raymond Mhlaba-[833] en Alexandrastraat staan,[834] hoewel dit in die loop van jare verander is.

---

828 VAB, PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, pp. 29-30; *The Friend*, 11.6.1895, p. 3. Vergelyk ook Roodt, *The architecture of the OFS*, p. 231 en Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, p. 31.
829 Nienaber, Smit en Botes, p. 41; Schoeman, pp. 122-123.
830 Picton-Seymour, *Victorian buildings*, p. 369.
831 Schoeman, Bloemfontein, pp. 188, 194.
832 *Quarterly paper* 102, 5.10.1893, p. 163, 103, Jan. 1894, p. 25 en 111, 25.1.1896, p. 21; Crisp, p. 127. Vergelyk ook Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, pp. 33-34.
833 Voorheen Andries Pretoriusstraat.
834 “St. Margaret’s Church, Bloemfontein”, <http://stmargaretschurch.co.za/about.html>, geraadpleeg 20.12.2012.

12.3.3.4 Goeie Herder- en St. Philip-skool

Reeds in 1871 is ’n dagskool vir bruin kinders gestig en nadat die Anglikaanse susters hierby betrokke geraak het, het die Good Shepherd- of Goeie Herder-skool in 1876 tot stand gekom.[835] Die Goeie Herder-skool was aanvanklik langs die St. Patrick-kerk vir swart mense in St. Georgestraat geleë, in ’n enkele vertrek met ’n kleivloer vol gate en ’n katoenplafon. In die 1880’s is die skooltjie met twee sinkvertrekke vergroot. In 1893 is die St. Philip-kerk vir bruin mense in Waaihoek opgerig, terwyl die Goeie Herder-skool in 1895 ook na Waaihoek geskuif is waar dit die naam St. Philip-skool gekry het. Dié skool is aanvanklik in die St. Philip-kerkgebou gehou en teen die einde van 1895 is ’n skoolkamer by die kerk aangebou waarin die bruin kinders kon skoolgaan (kyk figuur 53 op p. 371).[836]

12.3.3.5 St. Joseph-skool

Die Katolieke Kerk het in die vroeë 1890’s die St. Joseph-skoolkapel op die hoek van Oranje- en Breëstraat in die Spoorwegkamp opgerig, wat in 1902 afgebrand het.[837] Geen foto of verdere inligting oor dié skoolgebou kon opgespoor word nie.

12.3.4 Klubgeboue

12.3.4.1 Bloemfontein-klub

Die Bloemfontein-klub is op 23 Augustus 1881 gestig. Die voormalige huis van H.A.L. Hamelberg op die westelike hoek van Maitlandstraat en Markplein is as eerste klubgebou gehuur en later aangekoop. Dit was ’n langwerpige stoepkamer-gebou met ’n plat dak en het ’n stoep en houtveranda in die middel en twee uitgeboude vleuels aan weerskante gehad. In 1888 is die linkervleuel van die klubgebou afgebreek om ’n biljartkamer en kroeg aan te bou.[838]

Met die vooruitgang van Bloemfontein het daar ’n behoefte aan ’n groter en meer waardige klubgebou ontstaan. Die ontwerp van die Britse argitek W.H. Stucke[839] is in Augustus 1891 goedgekeur en die ou klubgebou is stuk vir stuk deur boukontrakteurs Robinson & Stevenson afgebreek om vir die nuwe dubbelverdiepinggebou plek te maak.

---

835 *Quarterly paper* 81, 16.7.1888, p. 110 en 89, 15.7.1890, p. 290.

836 WCB, AB764f: Sketch in letter from Brother Arthur Byrd, 1883; *Quarterly paper* 111, 25.1.1896, p. 22. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 132.

837 *The Friend*; 21.4.1893, p. 3 en 23.5.1893, p. 3; Groenewald en Herholdt, p. 188. Vergelyk ook Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, p. 33 en Schoeman, *Bloemfontein*, p. 113.

838 K. Schoeman, *Die Bloemfontein-klub 1881-1981: ’n eeufeesbrosjure*, pp. 3-9; Wright, p. 20.

839 Stucke het ook die ou Grey-kollegegebou in Douglasstraat, die S.A. Mutualgebou aan Markplein en Moritz Leviseur se huis (Halevy House) op die hoek van Charles- en Markgraaffstraat ontwerp.

Figuur 58: Die Bloemfontein-klubgebou aan Markplein, ca, 1892. Fotoversameling, Nasionale Museum.

Volgens Stucke se planne sou die nuwe klubgebou "a cellar, bar, lounge, chess-room, newspaper-room, drawing-room or committee-room, library, card-room, whist-room and manager's-room" bevat, terwyl die onlangs voltooide biljartkamer vergroot is.[840]

Die Bloemfontein-klub is gebou van bakstene met sement-voegwerk en het 'n sinkdak gehad. 'n Uitstaande kenmerk was die diep balkonne en stoepe met hulle verandas wat aan twee kante van die gebou geloop het. Hierdie asimmetriese gebou met sy mooi houtsnywerk aan die balkonne en die interessante hoektoring, met sy steil dak en gietysterkroon, is in 1892 voltooi. Die wit houtwerk het 'n mooi teenstelling met die rooi baksteenmure gevorm[841] (kyk figuur 58). Om die klubgebou verder te vergroot, is daar in 1898 'n spieëlbeeld van dié gebou op die hoek van Markplein en St. Andrewstraat opgerig, maar in 1930 is albei klubgeboue aan Hoffmanplein gesloop.[842]

12.3.4.2 Spoorweginstituut

Die Spoorweginstituut was bedoel vir die spoorwegwerkers en -beamptes wat hulle sedert 1890 in Bloemfontein gevestig het. Die hooftak van die instituut was in Bloemfontein, maar in 1895 het die Spoorweginstituut reeds 400 lede en agt sportklubs in die Vrystaat gehad. Die nuwe gebou vir die Spoorweginstituut is in Julie 1895 geopen en was net oorkant die spruit en spoorlyn geleë op die terrein wat op die 1896-kaart van Bloemfontein as die *Recreation Ground* suid van die skouterrein en Spoorwegkamp aangedui word[843] (kyk figuur 31 op p. 251a).

Die gebou het uit twee dele bestaan wat met 'n gang verbind is. Die voorste baksteengebou het 'n biblioteek en biljartkamer gehuisves en die mooi versierde biljartkamer

---

[840] *The Friend*, 10.7.1891, p. 3; Schuur, "Those were the days" *The Friend*, 18.2.1954, p. 7. Vergelyk ook Schoeman, *Die Bloemfontein-klub*, p. 10.
[841] *The Friend*, 22.3.1892, pp. 2-3; Wright, p. 20. Vergelyk ook Schoeman, *Boukunsskatte*, p. 68.
[842] Schoeman, *Die Bloemfontein-klub*, pp. 10-12.
[843] *The Friend*, 19.7.1895, p. 3. Vergelyk ook Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, pp. 11-12.

was gemaklik ingerig met ’n uitstekende biljarttafel. Die agterste sinkgedeelte het ’n groot saal bevat met sitplek vir 250 mense – die grootste saal in Bloemfontein na die stadsaal. Die saal van ongeveer 18,3 m by 7,6 m is van sinkplaat gebou en binne met houtplanke uitgevoer, met ’n groot konsertverhoog aan die oostekant. Die noordekant van die gebou het ’n veranda gehad. Die gebou het oor ’n goed toegeruste kombuis beskik, waar ’n koppie koffie of tee te enige tyd verkry kon word. Binne was ook ’n kamer vir die opsigter, terwyl die toilette en ander buitegeboue elders op die terrein was. Die instituut is deur die instandhoudingsdepartement van die Spoorweë opgerig en die Kaapse regering het finansiële bystand verleen. Die Vrystaatse regering het belowe om die gebou saam met die oorname van die spoorlyn van die Kaapse regering oor te neem.[844] Die Spoorweginstituut is later gesloop.

12.3.5 Hospitaalgeboue

12.3.5.1 Volkshospitaal

Omdat die private Cottage-hospitaal[845] heeltemal te klein was om in die groeiende hoofstad se behoeftes te voorsien, is in 1891 besluit om ’n Volkshospitaal op te rig. Teen die einde van 1891 was die planne vir die nuwe staatshospitaal, ontwerp deur regeringsargitek Vixseboxse, byna gereed en vroeg in 1892 is tenders vir die oprigting daarvan aangevra.[846] Omdat pres. Reitz en sommige Volksraadslede gekant was teen die geoormerkte terrein suid van die dorp naby die kruithuis en “tusschen een tronk en een gekkehuis”, asook oorkant die kerkhof,[847] is besluit om die Volkshospitaal op ’n stuk grond aan die oostelike hang van die latere Naval Hill op te rig, skuins onder die latere bekende Wit Perd. Die straat waarin die hospitaal gebou is, het heel gepas die naam Hospitaalweg[848] gekry.[849]

In Mei 1892 is ’n bedrag van £6 000 vir die bou en meubilering van die Volkshospitaal begroot, waarna die tender van boukontrakteur C. Jorey vir ’n bedrag van £5 565 aanvaar is.[850] In Julie 1893 het die Volksraad ’n verdere £1 000 vir meubels vir dié hospitaal begroot en op 1 November 1893 is die Volkshospitaal met plek vir 50 beddens geopen.[851]

---

844 *The Friend*, 19.7.1895, p. 3.
845 Kyk 10.4.1 *supra*.
846 *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892; *The Friend*, 7.8.1891, p. 3, 11.12.1891, pp. 2-3 en 15.3.1892, pp. 2-3.
847 *The Friend*, 3.5.1892, p. 2 en 8.7.1892, p. 3.
848 Hospitaalweg is later na Andries Pretoriusstraat herdoop en staan tans as Raymond Mhlabastraat bekend.
849 AREA, PV522/2/1/3: Roberts, “History bits. Social life in pre-Boer War Bloemfontein”, p. 3; *The Friend*, 22.7.1892, p. 3. Vergelyk ook Potgieter, Hanekom en Ligthelm, p. 16 en Schoeman, *Bloemfontein*, p. 117.
850 *The Friend*, 3.5.1892, p. 3, 4.6.1892, p. 2, 15.7.1892, p. 3 en 9.8.1892, p. 3.
851 *OVS Volksraadsnotule*, 11.7.1893; *The Friend*, 14.7.1893, p. 2, 15.11.1892, p. 2 en 7.11.1893, p. 3.



Figuur 59: Die Volkshospitaal teen die oostelike hang van Naval Hill, ca. 1894. Nasionale Museum fotoversameling: 01/2636.

Die Volkshospitaal was ’n lang, asimmetriese, rooibaksteen-gebou met ’n sinkdak, ’n stoep en veranda wat na Hospitaalweg gefront het. Aan weerskante van die lang gebou is twee dubbelverdieping-vleuels uitgebou, terwyl die linkerkantse vleuel ook ’n stoep en veranda gehad het. Agter die linkerkantse vleuel was ’n afsonderlike geboutjie waar bruin en swart mense verpleeg is. Die hospitaal was ’n eenvoudige, doelmatige gebou met skuifraamvensters en ’n hele aantal skoorstene en lugventilators op sy dak (kyk figuur 59). Omdat die hospitaal suid gefront het, was dit in die somer sonnig, maar in die koue winter het die sale en siekekamers geen son gekry nie. Die ontwerp van die gebou het dus nie die klimaat van Bloemfontein in ag geneem nie. Elke vertrek is wel van ’n kaggel en goeie ventilasie voorsien. Daar was openbare sale met agt beddens, asook kamers met twee beddens en privaat kamers. Die twee verpleegsters se kwartiere op die tweede verdieping was ruim en gemaklik ingerig. Daar was ’n afsonderlike saal vir aansteeklike siektes, asook ’n goed toegeruste teater. Vir herstellende pasiënte is ’n groot stoep en sitkamers voorsien, terwyl daar ook met ’n tuin by die hospitaal begin is.[852]

Die Volkshospitaal het onder staatsbeheer gestaan en na die Britse besetting van Bloemfontein is daar van die “National Hospital” gepraat. Sedert 1917 het dié hospitaal ook in Afrikaans as Nasionale Hospitaal bekend gestaan. In 1933 het die Nasionale Hospitaal na sy huidige terrein in Rothlaan verskuif en is die ou Volkshospitaal gesloop.[853]

12.3.5.2 Melaatse-hospitaal

Aanvanklik is hutte vir melaatses op die dorpsgronde gebou waar hulle afgesonder is, maar sedert 1892 is sommige van die Vrystaatse melaatses na Robbeneiland gestuur waar hulle saam met die Kaapse melaatses versorg is.[854]

---

[852] NM, 01/2636: foto, Volkshospitaal teen die hange van Naval Hill, ca. 1894; *The Friend*, 7.11.1893, p. 3 en 2.3.1894, p. 2. Vergelyk ook Wright, p. 38.
[853] Groenewald en Herholdt, p. 118.
[854] Kyk afdeling 10.4.2 *supra*.

In 1892 is ’n staatsbeheerde melaatse-hospitaal naby die plek waar die nuwe gevangenis gebou sou word, geopen. Tussen 1892 en 1898 is vier geboue op dié stuk grond (van ongeveer 137 m by 73 m) gebou. Tussen 1892 en 1894 is ’n gebou met agt kamers vir wit melaatses opgerig, terwyl ’n kombuis in 1894 aangebou is. In 1896 is ’n gebou met 12 kamers vir swart mans en twee strukture met vier kamers elk vir swart vroue voltooi,[855] en in 1897 is alle Vrystaatse melaatses van Robbeneiland af teruggebring. Geen verdere inligting oor die geboue van die melaatse-hospitaal kon gevind word nie, want volgens Groenewald was daar in 1898 60 nie-blanke melaatses (mans en vrouens) in die sogenaamde “leper location”, maar is die bestaan van die melaatse-hospitaal naby die gevangenis doodgeswyg. In 1899 is ’n nuwe melaatse-hospitaal op die plaas Sydenham suidoos van Bloemfontein gebou.[856]

12.3.6 Militêre geboue

12.3.6.1 Fort

Toe die Pruisiese oudsoldaat kapt. (later maj.) F.W.R. Albrecht (1848-1926) in 1880 as hoof van die Vrystaatse artillerie aangestel is, het hy die ou Queen’s Fort – wat in 1849 in opdrag van sir Harry Smith (1787-1860) op die koppie van Monumentweg suid van die destydse nedersetting opgerig is – in ’n swak en uiters ondoeltreffende toestand aangetref. Dié fort was toe bloot ’n klipmuur bo-op grondwalle met drie bastions opgestapel en ’n dwarswal binne-in, hoewel daar ook vir ’n wagkamer, kommissariaatdepot en kruithuis voorsiening gemaak is.[857]

Albrecht het die Vrystaatse artillerie op Pruisiese manier gereorganiseer, die korps uitgebrei en die bouvallige fort stelselmatig begin herbou. Omdat die ou fort op ’n baie strategiese plek geleë was, is die oorspronklike struktuur heeltemal gesloop en op dieselfde plek herbou en vergroot. [858] In die 1880’s is ’n kaserne met slaapsale, ’n klaskamer en kombuis aan die oorkant van Monumentweg as slaapplek vir die manskappe gebou, terwyl die stalle vir die perde vergroot is, die klipmuur verstewig en bergplek vir die kanonne opgerig is. In Junie 1889 het die Volksraad £1 285 vir aanbouings by die fort begroot.[859] In dieselfde jaar is daar met behulp van swart werkers en bandiete ’n smidswinkel en ’n ekstra “hulpbergplaas” vir die

---

855 VAB, PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, p. 17; *The Friend*, 22.7.1892, p. 3. Vergelyk ook Macmillan, p. 11 en Groenewaldt en Herholdt, p. 120.

856 Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede*, p. 37. Macmillan, p. 11. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 117.

857 “Walks about Bloemfontein III: the fort”, *De Express*, 3.8.1882, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 5-6.

858 *The Friend*, 25.9.1889, p. 5.

859 VAB, GS185: I. Bisseux – goewermentsekr., 17.10.1889; *OVS Volksraadsnotule*, 18.6.1889; *De Express*, 23.12.1890, p. 3. Vergelyk ook T.P.E. Swemmer, *Die geskiedenis van die Vrystaatse Artillerie* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1953), pp. 97-98.

kanonne by die fort aangebring, terwyl die fort ook omhein is.[860] Die ondoeltreffende ou kruitmagasyn is in 1892 met ’n nuwe een naby die sielsiekehospitaal vervang.[861]

Figuur 60 Queen’s Fort op die fortheuwel in Bloemfontein, ca. 1897. Nasionale Museum fotoversameling: 01/2147.

Gedurende 1892 is ’n groot gedeelte van die nuwe fort voltooi en ’n eetkamer en kombuis aangebou,[862] terwyl verbeterings ook aan die woonhuise van die offisiere op die terrein aangebring is. Volgens ’n lys van benodigde herstelwerk aan die artillerie se geboue, was daar in 1897 ’n “bommenkamer”, ’n arsenaal vir gewere, verskeie kruithuise, toilette asook ’n kantoor en ’n waghuis wat deel van die fort-kompleks uitgemaak het (kyk figuur 60 *supra*). Die fort het teen 1898 ook oor ’n klein hospitaal of siekeboeg beskik, asook oor ’n opelug-gimnasium waarin die manskappe geoefen het.[863] Maj. Albrecht het dus mettertyd die fort tot ’n sterk vesting opgebou. Tog is die fort nooit in ’n oorlogsituasie gebruik nie, want met die Britse opmars na Bloemfontein in Maart 1900 is besluit om die Vrystaatse hoofstad nie te verdedig nie.[864] In die 1980’s is die ou fort in ’n militêre museum omskep, wat dit vandag nog is.

12.3.7 Handelsgeboue

Die koms van die spoorlyn het die handel gestimuleer en gevolglik is nuwe handelsgeboue in die 1890’s opgerig, terwyl verskeie besigheidsgeboue ook opgeknap en vergroot is.[865]

---

[860] VAB, GS186, kapt. Albrecht – goewermentsekr., 10.12.1889, GS190, kapt. Albrecht – goewermentsekr., 15.1.1891; VR320: bylae tot Volksraadsnotule, 1.3.1889; *OVS Volksraadsnotule*, 16.6.1891.

[861] VAB, UR15, 19.1.1893, p. 500; PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, pp. 11-12; VR320: bylae tot die Volksraadsnotule, 1.3.1889 en VR352, 4.3.1891: Rapport Artillerie. Vergelyk ook Swemmer, p. 98.

[862] VAB, PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, pp. 7-8.

[863] *Ibid*., pp. 7-11; PWD163: Rapport omtrent noodige reparaties aan oude Artillerie Gebouwen, pp. 3-4; *Bloemfontein Directory, 1898*, p. 22.

[864] *Bloemfontein Directory, 1898*, pp. 20-22, Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 155-159. Vergelyk ook Swemmer, p. 98.

[865] *Daily Express*, 23.10.1890, p. 3 en 27.10.1890, p. 3; Macmillan, p. 5.

12.3.7.1 Marksaal

Figuur 61: Die markgebou met sy kloktoring op Markplein. Links is die oordekte marksaal, wat in 1890 aangebou is. Nasionale Museum fotoversameling: 01/2217.

Sedert die totstandkoming van die Bloemfonteinse mark in 1859 het dit ’n belangrike rol in die gemeenskap gespeel, veral omdat Bloemfontein in die 19de eeu die hoofstad van ’n hoofsaaklik landbougebied was en reeds in die 1860’s is ’n eenvoudige tweevertrekgeboutjie met ’n losstaande markklok op Markplein opgerig.[866] In 1882 is ’n groter en meer waardige markgebou, ontwerp deur boumeester Richard Wocke, op Markplein gebou. Die tweede markgebou, met sy kloktoring, markkantoor, biblioteek en leeskamer (kyk figuur 61), het ook vir ’n koffiehuis vir die boere en publiek voorsiening gemaak.[867]

In 1890 is ’n groot marksaal, ontwerp deur maj. F.W.R. Albrecht van die Vrystaatse artillerie, teen ’n bedrag van £2 065 langs die markgebou opgerig (kyk figuur 61). Die konstruksiewerk is deur E. Wilson, in samewerking met bekende boukontrakteurs Robinson & Stevenson, gedoen. Die marksaal het ’n ysterdak gehad wat op ysterpilare met ’n klipbasis gerus het, maar was oop aan die kante. In 1891 is die oostekant van die marksaal met seil bedek om die môreson van die marktafels en produkte af weg te hou.[868] Wocke se markgebou is skoongemaak en met sement oorgepleister, terwyl ’n sementvloer in Desember 1891 in die marksaal gelê is, wat ’n groot verbetering was. In 1892 is twee vrugtewinkels in die oordekte marksaal ingerig waar allerhande vrugte gekoop kon word.[869]

Die marksaal is soms ook vir sosiale geleenthede gebruik, soos met die amptelike opening van die spoorlyn deur die Vrystaat in Desember 1890 toe ’n spoggerige noenmaal in

---

[866] M. Botes, “ ’n Emmervol wortels vir twee sjielings: Bloemfontein se mark”, *Culna* 50, April 1996, p. 26; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 34-35, 60, 98.

[867] Wright, p. 46; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 98.

[868] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; *Daily Express*, 5.5.1890, p. 2, 8.8.1890, p. 3, 23.8.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 18.9.1891, pp. 2-3, 29.9.1891, p. 2 en 20.6.1893, p. 3.

[869] Schuur, “Those were the days in ‘old Bloemfontein’ ”, *The Friend*, 18.2.1954, p. 7; *Daily Express*, 6.11.1890, p. 2; *The Friend*, 13.11.1891, p. 2, 1.12.1891, pp. 2-3, 11.12.1891, pp. 2-3 en 1.3.1892, p. 2.

die onlangs voltooide marksaal gehou is. Die markgeboue op Markplein is tot in 1925 gebruik, toe ’n nuwe, groter markgebou op Baumannplein op die hoek van Oos-Burger- en Charlesstraat opgerig is.[870] ’n Ruk hierna is die ou markgebou op die voormalige Markplein, wat tot Hoffmanplein herdoop is, gesloop.

12.3.7.2 Mutualgebou

In 1893 is die kantoorgebou vir die S.A. Mutual Versekeringsmaatskappy, ontwerp deur W.H. Stucke, aan die noordwestelike kant van Markplein voltooi. Die boukontrakteur was die bekende firma Robinson & Stevenson en die subkontrakteur C.J. Fearnhead. Dit was ’n sierlike gebou in die neo-Queen Anne-styl en die eerste drieverdiepinggebou in Bloemfontein. Dié asimmetriese gebou met sy sinkdak het ook ’n kelderverdieping gehad. Die Mutualgebou is deur dakornamente soos soldervensters, spitsversierings en skoorstene, asook hoekstutte en hoektorinkies, pilasters, muurpanele met reliëfwerk en sierysterwerk voor die balkonne, versier. In die gebou se voorgewel wat bekroon is met die versekeringsmaatskappy se handelsmerk (’n arend met uitgestrekte vlerke) is ’n klokhorlosie aangebring. Die hoofingang na die Mutual-kantore op die grondvloer kon deur ’n ruimte onder die voorgewel bereik word. Die opening onder die voorgewel is op die tweede en derde verdieping deur balkonne oorbrug.[871]

Figuur 62: Die Mutualgebou in Maitlandstraat aan die noordwestekant van Markplein, ca. 1895. Nasionale Museum fotoversameling: 01/373.

Die voorste gedeelte van die grondvloer, met sy rondeboogvensters waar verkoopsware uitgestal kon word, is deur drie besighede gehuur en die agterkant het kantore en die raadskamer van die Mutual-maatskappy gehuisves. Op die tweede en derde verdiepings was verdere kantore vir die versekeringsmaatskappy, terwyl enkele kantore en kelders deur

---

[870] Botes, “ ’n Emmervol wortels”, p. 27; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 112.
[871] *The Friend*, 18.3.1892, p. 3, 9.8.1892, p. 2 en 27.10.1893, p. 3; Nienaber, Smit en Botes, p. 39. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 122 en *Vrystaatse erfenis*, pp. 105, 111.

buitestaanders gehuur kon word. Die twee goed ingerigte woonstelle in die gebou, bedoel vir die plaaslike sekretaris en inspekteur van die Mutual-maatskappy, het nogal heelwat aandag getrek, veral die geteëlde kombuise, kunstig versierde kaggels, spense, linne en breekgoedkaste, asook die balkonne. Water is deur middel van pype van ’n groot watertenk op die dak na die kombuise en slaapkamers van die woonstelle gelei.[872]

Die Mutualgebou het in 1893 £9 300 gekos[873] en is beskryf as ’n “handsome building [...] that immediately causes enquiry by all new-comers”.[874] In die 1930’s is ’n nuwe vyfverdiepinggebou vir die S.A. Mutual op ’n ander deel van die plein opgerig waarna die ou Mutualgebou as die Lurie-gebou bekend geword het en die fasade gemoderniseer is. Uiteindelik is die ou Mutualgebou gesloop en met ’n ander gebou vervang.[875]

12.4 Geboue verander en vergroot tydens die Reitz-tydperk

Behalwe dat verskeie nuwe geboue tydens die Reitz-tydperk opgerig is, is ’n hele paar geboue ook gedurende dié tydperk verander, opgeknap en/of vergroot.[876] In 1886 is die nuwe, deftige presidentswoning of **Presidensie** in President Brandstraat voltooi. Dit is deur argitek Lennox Canning in ’n eklektiese styl[877] ontwerp in die vorm van ’n Skotse kasteel met landelik-Italiaanse, Gotiese en klassieke stylelemente. Die Presidensie, met sy onreëlmatige erkers, hoektorings en ingangsboog na een kant van die fasade, was een van die eerste asimmetriese geboue in Bloemfontein.[878]

Die groot enkelboog oor die hoofingang van die Presidensie het kort na die voltooiing van die gebou begin deursak omdat dit nie sterk genoeg was om die gewig van die bobou te dra nie.[879] Om dié struktuur te verstewig, is daar in 1890, tydens die bewoning van pres. Reitz, drie kleiner halfsirkelvormige boë onder die hoofingangsboog ingebou.[880] Die Presidensie se dak het oorspronklik ’n lae profiel gehad wat aan vier kante ’n versonke dakgedeelte omsluit het. Die platdakgedeelte oor die trapportaal het maklik gelek en in Oktober 1888, na ’n hewige

---

872 *The Friend*, 18.3.1892, p. 3, 27.10.1893, p. 3, 22.12.1893, pp. 1, 3 en 2.1.1894, p. 1. Vergelyk ook Picton-Seymour, *Victorian buildings*, p. 371.
873 Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 105.
874 Wright, p. 59.
875 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 122, 257.
876 Slegs enkele voorbeelde word vervolgens genoem.
877 D.w.s. ’n vermenging van verskillende boustyle, soos tipies van die 19de eeu.
878 A.J. Roodt, pp. 307, 329-330; Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, p. 111. Vir meer inligting oor die Presidensie, raadpleeg S.M. Botes, “Die oprigting van die Derde Presidensie in Bloemfontein”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 12(7), November 1996, pp. 237-239.
879 L. Roodt, “Die Ou Presidensie, Bloemfontein”, *Restorica* 2, Augustus 1976, p. 49.
880 VAB, GS1404: l. Canning – P.J. Blignaut, 20.7.1890, GS1117: J.E. Vixseboxse – goewermentsekr., 13.10.1890; *OVS Volksraadsnotule*, 23.6.1890.

haelstorm en wolkbreuk, is groot skade aan die interieur van die Presidensie aangerig toe die hael die geute verstop en baie water deur die dak na binnegestroom het. Tydens die bewoning van pres. Reitz en sy gesin is die Presidensie se dak gevolglik verander na ’n hoë, opgeboude dakstruktuur wat die opeenhoping van hael sou verhoed en die afvoer van reënwater sou bevorder.[881] Die nuwe, hoë, opgeboude dakstruktuur het die res van die gebou oorskadu en het heelwat ongunstige kommentaar uitgelok.[882]

Hoewel daar reeds in 1875 planne vir ’n “Lunatic Asylum” opgestel is,[883] is daar eers in 1883 begin met die oprigting van ’n **sielsiekehospitaal**[884] of “kranksinnige gesticht” buite die destydse dorp aan die Fauresmith-pad. Soos vroeër aangedui was dit aanvanklik ’n H-vormige enkelverdiepinggebou met twee losstaande geboue en ’n omheinde tuin en net blankes is hier behandel.[885] Op aanbeveling van pres. Reitz is in 1890 ’n afsonderlike, nie-blanke afdeling met tien kamers aangebou. Dit was ’n steengebou met houtplafonne en -vloere, omring deur ’n klipmuur, met kalkvoegwerk.[886] In 1893 is ook ’n huis vir die hoofbewaarder en sy vrou op die terrein van die sielsiekehospitaal aangebou.[887]

In 1891 is ’n **nuwe, oostelike vleuel vir die Nasionale Museum**, wat sedert sy stigting in die voormalige Eerste Raadsaal[888] gehuisves is, aangebou. Die Eerste Raadsaal is in 1849 op bevel van maj. H.D. Warden deur sy afdeling soldate as regeringskool opgerig en is ’n eenvoudige, reghoekige geboutjie met witgekalkte mure van rousteen, driehoekige gewels, ’n grasdak en misvloer. In Bloemfontein se pioniersjare het die Eerste Raadsaal as skool, kerk, regeringskantore, raadsaal en selfs as onthaal- en konsertsaal gedien.[889]

’n Westelike vleuel van klip is in 1885 vir museumdoeleindes aangebou. Omdat hierdie ruimte gou te klein vir die Museum geword het, is daar in 1891 op aanbeveling van pres. Reitz

---

881 VAB, GS1117: E. Thiange – goewermentsekr., 27.9.1890; *De Express*, 23.10.1888, p. 3; *The Friend*, 24.10.1888, p. 3. Vergelyk ook S.M. Botes, “Die Derde Presidensie, Bloemfontein, gedurende die verblyf van pres. F.W. Reitz, 1889-1895”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 15(4), Desember 1999, pp. 81-83.

882 Muller, p. 129; L. Roodt, “Die restourasie van die Ou Presidensie”, in P.J. Nienaber (red.), *Die Vrystaat en bewaring*, p. 136.

883 VAB, A61/58: Specifications (with plans) for a Lunatic Asylum and Debtor’s prison (combined), 1875.

884 Dit was die latere Oranje-hospitaal wat met die jare baie uitgebrei het en staan vandag as die Free State Psychiatric Complex bekend.

885 VAB, GS192: Van Hoijtema – goewermentsekr., 24.7.1891; *The Friend*, 21.8.1894, p. 3. Vergelyk ook Laidler en Gelfand, p. 473 en Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 99-100.

886 VAB, GS189: I. Bisseux – goewermentsekr., 3.10.1890; *Daily Express*, 23.9.1890, p. 2 en 13.5.1890, p. 4.

887 VAB, PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, p. 21; *The Friend*, 22.11.1892, p. 1; MacMillan, p. 11. Vergelyk ook Groenewald en Herholdt, p. 119.

888 Die Eerste Raadsaal is in 1977 gerestoureer en huisves vandag die Eerste Raadsaal-museum, ’n satelliet van die Nasionale Museum met uitstallings oor die ontstaansgeskiedenis van Bloemfontein.

889 Schoeman, *Boukunsskatte*, pp. 19-20; Nienaber, Smit en Botes, pp. 25-26.

'n nuwe oostelike vleuel, ontwerp deur regeringsargitek J.E. Vixseboxse, aangebou.[890] Die nuwe vleuel is 'n eenvoudige, reghoekige struktuur van bakstene wat witgekalk is met 'n sinkdak. Die noordelike fasade is simmetries met 'n klassieke versiering, bestaande uit 'n driehoekige, uitgeboude pediment met klipbolle.[891]

Die **Nasionale Bank** van die OVS wat in 1877 gestig is, was op die hoek van St. Andrew- en Wes-Burgerstraat gevestig in 'n enkelverdiepinggebou in die vorm van 'n simmetriese stoepkamer-struktuur met twee uitgeboude vleuels aan weerskante van 'n veranda met boogvormige pilare van steen.[892] In 1890 is 'n tweede verdieping van sandsteen, ontwerp deur die Bloemfonteinse argitek Herbert J.C. Cordeaux, bo-op die stoep en veranda tussen die twee uitgeboude vleuels aangebou.[893] Die Vrystaatse wapen, uit Italiaanse marmer gebeitel deur William Burns,[894] is op die klein voorgewel aangebring.[895]

Die **Goewermentsgebou** aan die westelike punt van Maitlandstraat in Bloemfontein, ontwerp deur R. Wocke, is reeds in 1877 voltooi. Dit was 'n eenvoudige, E-vormige enkelverdieping-struktuur met twee kort syvleuels agter 'n oordekte stoep met 'n baie hoë, reghoekige toring wat die gebou effe wanstaltig laat vertoon het.[896] Toe 'n tweede verdieping op aanbeveling van pres. Reitz in 1895 aangebou is, het die toring en gebou het 'n hegter eenheid gevorm en dit het die gebou beter laat vertoon.[897]

Die **Derde Raadsaal** was geleë in die gedeelte van die Goewermentsgebou direk agter die toring. In Januarie 1889 is 'n nuwe galery met drie rye sitplekke in die Derde Raadsaal aangebring, sodat daar meer plek vir besoekers was. Die Vrystaatse Volksraad het in hierdie saal vergader totdat die Vierde Raadsaal in Junie 1893 geopen is.[898]

---

[890] Aanspraak van pres. Reitz, *OVS Volksraadsnotule*, 5.5.1890; *OVS Volksraadsnotule*, 13.5.1890; VAB, PWD160: Lijst van OVS Gebouwen, pp. 3-4. Vergelyk ook *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2; *De Express*, 20.5.1890, pp. 2, 4 en *The Friend*, 20.10.1891, pp. 2-3, 13. 11.1891, p. 2 en 9.2.1892, p. 3.

[891] NM, 01/1157: foto, Eerste Raadsaal met twee syvleuels, ca. 1900; Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 20. Die Nasionale Museum is in hierdie geboutjie gehuisves totdat die instansie sy nuwe gebou op die hoek van Aliwal- en Charlesstraat teen die einde van 1914 betrek het.

[892] VAB, VA6902/14: foto, Nasionale Bankgebou, ca. 1877 en VA5746: foto, Nasionale Bank, ca. 1892 met tweede verdieping aangebou. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein in beeld*, p. 46; *Bloemfontein*, p. 64.

[893] Daily *Express*, 5.8.1890, p. 2; *The Friend*, 6.8.1890, p. 1, 3.10.1890, p. 3 en 7.10.1890, p. 2; VAB, VA5746: foto, Nasionale Bank, ca. 1892 met tweede verdieping aangebou.

[894] Bekende klipbewerker en grafsteenmaker van Bloemfontein.

[895] *The Friend*, 1.4.1892, p. 2 en 5.4.1892, p. 3.

[896] D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 126; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 67.

[897] Aanspraak van ZHEd. den Staatspresident, *OVS Volksraadsnotule*, 2.5.1892; *The Friend*, 5.5.1891, p. 3, 3.5.1892, p. 2, 3.7.1894, p. 3; *De Burger*, 9.5.1894, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 67 en Schoeman, *Vrystaatse erfenis*, pp. 47-48, 119.

[898] *The Friend*, 2.1.1889, p. 3, 9.1.1889, p. 2 en 14.6.1892, p. 5; S.M. Botes, "Die Ou Goewermentsgebou in Bloemfontein: van regeringskantore tot letterkundige museum", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 5(4), 1991, p. 145.

St. Andrew-kollege, ’n Engelssprekende skool wat deur die Anglikaanse Kerk gestig en in stand gehou is, het in November 1863 as die “Diocesan Grammar school” in die Eerste Raadsaal of ou goewermentskool in St. Georgestraat tot stand gekom. ’n Nuwe skoolgebou en koshuis met ’n skoolsaal, twee slaapsale, ’n klein kapel en ’n huis vir die skoolhoof is in 1875 op die hoek van die huidige Kerkstraat en St. Georgestraat opgerig. In die 1880’s is twee nuwe slaapsale, ’n nuwe kombuis en kantore aangebou.[899]

Die geboue van St. Andrew-kollege is in 1891 opgeknap en verbeter. Die slaapkamers van die koshuis het nuwe plafonne gekry, die badkamers en toilette is opgeknap en herstel, terwyl die groot skoolsaal, klaskamers en skoolkapel ook nuwe plafonne gekry het en met houtpaneelwerk beklee is.[900] In 1894 moes sommige van die geboue van St. Andrew-kollege weer opgeknap en herstel word.[901]

Die **Wesleyaanse kerkgebou**, wat in 1875 op die hoek van Maitland- en Wes-Burgerstraat in gebruik geneem is, is in 1893 herstel en opgeknap, terwyl twee nuwe galerye aangebring is.[902]

12.5 Monumente en gedenktekens

12.5.1 Grafsteen van pres. Brand

In Junie 1889 het die Volksraad £400 vir die oprigting van ’n grafsteen op pres. J.H. Brand se graf begroot.[903] ’n Sarkofaag is in 1890 oor Brand se graf gebou, bestaande uit ’n granietbasis met ’n marmerblad waarop die volgende inskripsie aangebring is: “Ter nagedachtenis van Johannes Hendricus Brand, Staatspresident van den O.V.S. Geboren 6 December 1823, Gestorven 14 Juli 1888. Ingezworen als President 2 Februarij, 1864, 4 Mei, 1869, 5 Mei, 1874, 2 Mei, 1879, 9 Mei, 1884.” Die marmerblad is deur C. Wells,

Figuur 63: Grafsteen van pres. J.H. Brand en sy vrou, Johanna Sibella, in die Pres. Brand-begraafplaas. Nasionale Museum foto-versameling: 01/142.

[899] WCB, AB764f: Sketch in letter from Brother Arthur Byrd, 1883; *Quarterly Paper* 94, 15.10.1891, p. 10, en 95, 15.1.1892, p. 68. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 44, 62, 78.
[900] *Quarterly Paper* 94, 15.10.1891, p. 10 en 95, 15.1.1892, pp. 67-68.
[901] *Quarterly Paper* 107, Januarie 1895, pp. 16-17 en 110, Oktober 1895, p. 146
[902] *The Friend*, 11.7.1893, p. 2; Wright, p. 46. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 65.
[903] *OVS Volksraadsnotule*, 18.6.1889.

bekende grafsteenmaker van Kaapstad, vervaardig. Ystertraliewerk en ’n ysterhek is ook om die graf aangebring.[904] Later is ook Brand se vrou en ander familielede in die Brandfamilie-akker of sogenaamde presidentsakker begrawe, waar die grafte steeds besigtig kan word.

12.5.2 Standbeeld van pres. Brand

J.H. Brand was van 1864 tot met sy dood op 14 Julie 1888 staatspresident van die OVS. Omdat hy ’n baie goeie en geliefde president en volksfiguur was en sy heengaan vir die Vrystaters ’n groot verlies was, is daar vroeg in 1889 besluit om sy nagedagtenis met ’n standbeeld te vereer.[905] Om die bedrag van £1 100 wat onder die Vrystaatse burgers hiervoor ingesamel is, aan te vul, is daar, op voorstel van pres. Reitz, tydens die Volksraadsitting van Junie 1889 ’n verdere bedrag van £2 000 vir hierdie doel begroot.[906]

Figuur 64: Die standbeeld van pres. J.H. Brand voor die Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat. Nasionale Museum foto-versameling: 01/2838.

Die prys vir die beeldontwerp is aan beeldhouer J.W. Best junior van Amsterdam, wat die maket vir die beeld aan die hand van foto’s vervaardig het, toegeken. Die standbeeld wat in Gent van brons gegiet is, is voor die Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat[907] opgerig, waar dit vandag nog staan. Die beeld kyk af in Maitlandstraat in die rigting van die spoorwegstasie,[908] is ongeveer 2,6 m hoog en staan op ’n voetstuk van gepoleerde Aberdeense graniet (kyk figuur 64). Dié voetstuk is blykbaar deur argitek W.H. Stucke ontwerp en is 3,6 meter hoog. Die standbeeld toon pres. Brand, geklee in ’n langbroek

---

904 *Daily Express*, 31.10.1890, p. 3 en 7.11.1890, p. 3; *The Friend*, 4.11.1890, p. 2.
905 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 109.
906 VAB, GS185: J. Hoijtema – goewermentsekr., 14.10.1889; Aanspraak van pres. Reitz, *OVS Volksraadsnotule 6.5.1889*; *OVS Volksraadsnotule*, 18.6.1889.
907 Tans Charlotte Maxekestraat.
908 *The Friend*, 31.5.1892, p. 3, 17.1.1893, p. 2, 3.2.1893, p. 3, 10.2.1893, p. 3, 17.2.1893, p. 2 en 21.2.1893, p. 3; M.C.E. van Schoor, “J.H. Brand, Bloemfontein” in *Afrikanerbakens*, p. 90.

en jas of lang baadjie met sy Vrystaatse ampserp aan, terwyl hy ’n opgerolde dokument in sy regterhand vashou.[909]

Op die voorkant van die voetstuk is die woorde *J.H. Brand Staatspresident 1864-1888*, asook ’n lourierkrans van koper aangebring. Aan die suidekant is die woorde *Van de dankbare natie* en aan die noordekant *Hy was de vader des lands* ingegraveer, terwyl ’n brons Vrystaatse wapen op die agterkant aangebring is.[910] Met die onthulling van die standbeeld van Brand op 5 Julie 1893 het pres. Reitz voorgestel dat ’n inskripsie van Brand se leuse, naamlik “Alles zal recht komen”, op die agterkant van die voetstuk aangebring word.[911] Dit is dan ook later gedoen.

12.5.3 Marmerkruise as gedenktekens

Daar word in die 1890’s meer as een keer melding gemaak van die oprigting van marmerkruise by die grafte van geliefde en bekende inwoners van Bloemfontein. Die marmerkruise is deur die bekende Bloemfonteinse klipwerker en grafsteenmaker W. Burns gemaak.[912] In 1892 is daar byvoorbeeld ’n marmerkruis by die graf van aartsdeken D.G. Croghan 1832-1890) van die Anglikaanse Kerk opgerig ter herinnering aan die eerste aartsdeken van Bloemfontein. Fondse hiervoor is by ou gemeentelede en vriende van Croghan ingesamel.[913] Ander bekende en geliefde inwoners by wie se grafte marmerkruise opgerig is, was onder meer George Home, voorsitter van die Bloemfontein-bank, vrederegter en heemraad, wat in 1880 oorlede is en Friedrich R.K. Höhne, die voormalige goewermentsekretaris, wat in 1879 oorlede is.[914]

13 Slot

Met die bewind van pres. Reitz was die moeilike pionierstyd van Bloemfontein en die Vrystaat verby en danksy die ontdekking van diamante en goud het die Vrystaatse hoofstad en sy inwoners meer welvarend geword. Die koms van die spoorlyn na Bloemfontein teen die einde van 1890 was een van die ingrypendste gebeure in die 19de eeuse geskiedenis van die Vrystaatse hoofstad en het vêrreikende gevolge gehad. Dit het ’n invloed op feitlik alle

---

909 *The Friend*, 13.1.1893, p. 3 en 17.1.1893, p. 2; “Die standbeeld van president J.H. Brand”, *Restorica* 8, p. 67. Vergelyk ook Van Schoor in *Afrikanerbakens*, p. 90. Blykbaar was dit die eerste standbeeld van ’n gebore Suid-Afrikaner. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 109.

910 Van Schoor in *Afrikanerbakens*, p. 90.

911 *The Friend*, 27.6.1893, p. 1, 30.6.1893, p. 1 en 21.7.1893, pp. 2-3. Daar word gewoonlik vergeet van die tweede gedeelte van Brand se leuse. Dit was eintlik “Alles zal recht komen **als elkeen zijn plicht doet**”.

912 *The Friend*, 8.11.1892, p. 3 en 10.8.1894, p. 2.

913 *Quarterly Paper* 91, 15.1.1891, pp. 33-37 en 99, 15.1.1893, p. 22; *The Friend*, 8.11.1892, p. 3.

914 *The Friend*, 23.2.1894, p. 2 en 1.2.1895, p. 2.

lewensterreine gehad. Die spoorlyn het Bloemfontein met ander Suid-Afrikaanse state en kolonies verbind, wat Bloemfontein meer toeganklik gemaak het, ’n groot bevolkingstoename tot gevolg gehad en die handel en ekonomie bevorder het. Dit het op sy beurt weer tot die vinnige ontwikkeling en uitbreiding van Bloemfontein gelei.

Die koms van die spoorlyn het ’n groot invloed op die boubedryf en argitektuur van Bloemfontein gehad omdat boumateriaal nou vinniger en goedkoper van die hawens vervoer kon word. Die koms van treine het ook die handel en kommunikasie met die buitewêreld bevorder, sodat bouwerk sedert 1890 verder toegeneem het en nuwe idees en boustyle vanuit die buiteland het in Bloemfontein posgevat. Veral die Britse en Nederlandse argitektuur het ’n groot invloed op die boukuns in Suid-Afrika en ook die Vrystaat gehad. Heelwat buitelandse argitekte het in die laat 19de eeu hulle vaderland verlaat en na Suid-Afrika gekom op soek na beter gesondheid in die droë klimaat of op soek na rykdom.

Die buitelandse argitekte het die vermenging van style uit die verlede, of eklektisisme, wat in Europa gewild was, ook in Bloemfontein toegepas, met aanpassings by die plaaslike warmer klimaat en die beskikbaarheid van boumateriale. Gevolglik het die Laat-Victoriaanse boukuns, wat ook saamgeval het met die Reitz-tydperk in Bloemfontein, ’n ander voorkoms in Suid-Afrika as in Brittanje en Europa gehad. Die Reitz-tydperk kan beskou word as die bloeitydperk van die Vrystaatse argitektuur in Bloemfontein, aangesien verbasend baie nuwe geboue tydens die Reitz-tydperk in die hoofstad opgerig is, terwyl verskeie geboue ook verander en vergroot is. Die veranderde idees en groter verskeidenheid boumateriaal het ook ’n invloed op die ontwerp van woonhuise gehad, aangesien woonhuise in die 1890’s deftiger geword het en die styl sterk deur die Britse Victoriaanse styl beïnvloed is. Selfs die tuinuitleg is deur idees en style uit die buiteland beïnvloed omdat Bloemfontein se inwoners nou, danksy die spoorlyn, groter kontak met die buitewêreld gehad het.

Die koms van die spoorweg het ook ’n groot invloed op straatverbeterings en selfs die ontwikkeling van nuwe strate gehad, terwyl mediese dienste ook verbeter het omdat die bevolking baie toegeneem het en groter hospitale gebou moes word. Meer geneeshere, spesialiste en ander mediese diensverskaffers is ook deur die groter bevolking en die spoorwegwerkers gelok.

Selfs nadat die spoorlyn Bloemfontein in 1890 bereik het, is daar steeds van waens, karre en ander rytuie gebruik gemaak, ook vir vervoer binne die dorpsgebied van die

Vrystaatse hoofstad.[915] Hoewel sekere rytuie uit Amerika ingevoer is en ander uit die Kaapkolonie bestel is, het Bloemfontein se inwoners ook van rytuie gebruik gemaak wat deur Bloemfonteinse en Vrystaatse wa- en rytuigmakers vervaardig is.

Die koms van telegrafie het vir Bloemfontein en die res van die Vrystaat baie beteken. Veral die handel en openbare dienste in Bloemfontein het baie hierby gebaat, omdat bestellings vir artikels en voorraad voortaan telegrafies geplaas kon word en dus gouer uitgevoer kon word. Die telegraafwese het dus ’n belangrike bydrae tot Bloemfontein se kommunikasie, openbare dienste en handel gelewer en net soos die spoorlyn het die telegraafwese ook die inwoners se kontak met die buitewêreld vergroot en bespoedig. Dit is dus duidelik dat Bloemfontein as stoflike kultuurmilieu tydens die Reitz-tydperk baie verander en grootliks verbeter het. Vervolgens word Bloemfontein as geestelike kultuurtuiste in hoofstuk 5 bespreek.

---

915 *The Friend,* 17.3.1891, p. 3.

Hoofstuk 5

BLOEMFONTEIN AS GEESTELIKE KULTUURTUISTE

1 Inleiding

In hoofstuk 5 word gekyk na wat Bloemfontein sy inwoners as geestelike kultuurtuiste tydens die Reitz-tydperk gebied het. Baie vroeg na Bloemfontein se ontstaan in 1846 het die eerste kerke, skole en selfs koerante tot stand gekom. Soos die Vrystaatse hoofstad uitgebrei en ontwikkel het, het dit meer en meer inwoners gelok, ook talle Europeërs wat ’n hoë ontwikkelingsvlak bereik het, en geleidelik het Bloemfontein in ’n dorp ontwikkel wat ’n ryk en lewendige kultuurlewe gehad het.

In hoofstuk 5 is dus onder bespreking die verskillende kerke en skole, onderwys, godsdiens en sendingwerk, asook kulturele instellings soos die Nasionale Museum en openbare biblioteek. Die pers en koerantwese, verskillende organisasies, klubs, sosiale lewe, feesdae en feesgeleenthede, sowel as sport en ontspanning, word ook hier bespreek. Verder word kultuur-, kuns- en musiekverenigings, lesings en debatte, toneel- en musiekopvoerings, konserte, orkeste, besoekende en plaaslike kunstenaars en musici ook hier onder die loep geneem.

2 Godsdiens en kerke

Reeds sedert die vroeë 1820’s het sendelinge van verskillende kerkdenominasies sendingstasies in die gebied oorkant die Oranjerivier gevestig, wat geleidelik in nedersettings en dorpe ontwikkel het. Daar is dus lank voor die ontstaan van Bloemfontein met kerklike en sendingwerk in die latere Vrystaat begin. Enkele jare na die totstandkoming van Bloemfontein as militêre nedersetting in 1846 het daar ’n behoefte aan kerklike bediening ontstaan en het kerklui na die latere Vrystaatse hoofstad begin kom. Die eerste kerklike gemeente wat in Bloemfontein tot

stand gekom het, was die NG Kerk, wat in November 1848 gestig is en kort daarna gevolg is deur die Anglikaanse, Wesleyaanse en Rooms-Katolieke Kerk.[1]

Godsdiens het ’n besondere plek in die lewe van die blanke inwoners van Bloemfontein ingeneem en die Bybel en die kerk was meestal ’n integrale deel van hulle bestaan. Die meeste blanke inwoners se godsdiens was op die Calvinisties-Protestantse leer gebaseer.[2] Veral die Afrikaners was baie toegewy aan hul godsdiens, die Bybel en die NG Kerk.[3] Maar ook die ander blanke kultuurgroepe, soos die Engelssprekendes, Duitsers en Jode, was diep godsdienstig en hulle kerke en godsdiens was vir hul baie belangrik.[4]

Die swart inwoners van Bloemfontein het hulle eie godsdienstige beskouinge gehad. Die meeste swart kultuurgroepe in Suid-Afrika, ook die Basotho en Tswana, wat ’n groot deel van die hoofstad se swart bevolking uitgemaak het, glo aan ’n Opperwese, na wie gewoonlik as *Modimo* of *Molimo* verwys word. Tradisioneel is toegang tot *Modimo* verkry deur bemiddeling van ’n persoon se voorvadergeeste, die *balimo*, wat tydens rituele feeste vereer is. Daar word dus geglo dat die mens se siel onsterflik is en dat die voorvadergeeste ongeluk of siekte kan meebring vir ’n persoon wat van hulle vergeet of hulle nie met die nodige respek behandel nie.[5] As gevolg van die sendingwerk wat deur veral die Anglikaanse en NG Kerk onder die swart en bruin inwoners van Bloemfontein gedoen is, was daar ook ’n hele aantal nie-blanke inwoners wat die Christelike godsdiens in ’n mindere of meerdere mate aanvaar het en ywerige lidmate van die kerke was.[6]

Tydens die Reitz-tydperk was daar nege kerkgenootskappe[7] in Bloemfontein werksaam. Hoewel die NG Kerk deur die regering en Volksraad ondersteun is,[8]was daar in Bloemfontein

---

1 “Stories of city’s churches tell of brave endeavour”, *Bloemfontein’s Centenary 1846-1946, Supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 73; “Church pioneers in the Free State”, *Orange Free State centenary, supplement to The Friend*, Februarie, 1954, p. 63.

2 E. Fischer, “Introduction”, in M. Bidwell, *Pen pictures of the past* (red. K. Schoeman), p. 20; H.J. van Aswegen, “Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat 1854-1902”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 34(1), 1971, pp. 330-331.

3 C.C. Nepgen, *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, pp. 59-60; W. Crisp, *Some account of the Diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863 to 1894*, p. 46.

4 Fischer, “Introduction” in Bidwell, pp. 20-21; Bidwell, pp. 49-50.

5 M. Shaw, “Material culture” in W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of southern Africa*, p. 104; “Bloemfontein/Mangaung – Community histories: Sotho (South Sotho or Basotho)”, <http://www.sahistory.org.za/people-south-africa/sotho-south-sotho-or-basotho?page=4>, p. 3, geraadpleeg 28.5.2013; “Tswana religion”, <http://www.philtar.ac.uk/encyclopedia/sub/tswana.html>, geraadpleeg 30.5.2013.

6 Crisp, p. 123.

7 Die Heilsleër of Salvation Army beskou hulleself ook as ’n kerkgenootskap en omdat hulle in die 1890’s in Bloemfontein bedrywig was, word hulle vir die doeleindes van hierdie studie ook onder die afdeling godsdiens en kerke bespreek. Die Presbiteriaanse kerk het eers in 1897, na die Reitz-tydperk, ’n eie gemeente in Bloemfontein gestig.

8 *OVS Volksraadsnotule*, 18.5.1893 en 19.5.1893; J.J. Oberholster en M.C.E. van Schoor, *Die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die OVS*, p. 81.

groot verdraagsaamheid en oor die algemeen ’n goeie verhouding tussen die verskillende gelowe en kerkdenominasies, die regering en die stadsraad. Daar moet ook in gedagte gehou word dat Bloemfontein toe ’n sterk Engelse karakter gehad het.[9] Voordat die Baptiste byvoorbeeld hulle eie kerkgebou in 1894 gekry het, het die stadsraad toegelaat dat hulle hul dienste in die raadskamer van die stadsaal hou. Pres. Reitz, die burgemeester en stadsraadslede het ook by geleentheid die kerkdienste van ander kerkdenominasies bygewoon, soos met die inwyding van die nuwe Baptiste kerkgebou in April 1894.[10]

Ofskoon die NG Kerk as staatskerk die grootste subsidie van die Vrystaatse regering ontvang het, is kleiner toelaes ook jaarliks deur die Volksraad aan etlike van die ander denominasies toegeken. Hoewel die Skotse Presbiteriaanse gemeente in Bloemfontein eers in 1897 formeel gestig is, het die Vrystaatse Volksraad reeds in 1893 ’n toelae van £100 per jaar aan dié kerk toegeken.[11]

Buiten die plaaslike predikante of ander Suid-Afrikaanse predikante van die verskillende denominasies, het bekende besoekende predikante ook van tyd tot tyd in Bloemfontein gepreek. Van die bekendste predikante wat in die NG Kerk gepreek het, was onder andere ds. Colin Fraser (moderator van die Vrystaatse NG Kerk) wat in Desember 1889 dienste in die NG Kerk waargeneem het. [12] Sendelinge soos eerw. Peter Hargreaves (1833-1917), Britse sendeling van Pondoland, en eerw. Thomas Cook (1859-1912), bekende Britse Wesleyaanse evangelis, het in die Wesleyaanse kerk en stadsaal gepreek. *The Friend* noem dat daar tydens Cook se byeenkomste in Bloemfontein ongeveer 150 persone tot bekering gekom het.[13] In Junie 1894 word melding gemaak van ’n vroulike prediker, ene mev. Hoffman, wat op ’n Sondagaand in die Baptiste Kerk van Bloemfontein gepraat het.[14] Eerw. J.S. Gregson, bekende Baptiste predikant van die Keswick Convention,[15] het gedurende Oktober 1894 in die Wesleyaanse en Baptiste

---

9 Kyk hoofstuk 2 vir meer besonderhede oor die Engelse karakter van Bloemfontein.

10 *The Friend*, 20.4.1894, p. 3 en 1.5.1894, p. 3.

11 *Ibid.*, 14.6.1892, p. 2, 17.6.1892, p. 3 en 30.6.1893, p. 2.

12 *Ibid.*, 11.12.1889, p. 3.

13 *De Burger*, 31.3.1894, p. 2 en 7.4.1894, p. 2; *The Friend*, 17.11.1891, p. 3, 20.5.1892, pp. 2-3, 24.5.1892, p. 3, 27.5.1892, pp. 2-3, 31.5.1892, p. 3, 3.4.1894, p. 3, 30.3.1894, p. 2 en 6.4.1894, p. 2.

14 Mev. Hoffman was die eggenote van Bloemfontein se assistent-landdros. *The Friend*, 19.6.1894, p. 3.

15 Op inisiatief van eerw. T.D. Hartford-Battersby van die Anglikaanse Kerk is daar in 1875 ’n saamtrek of konvensie van Christene in die dorp Keswick in die noordweste van Engeland gehou, waarna daar jaarliks ’n Christen-byeenkoms hier gehou word met die doel om die Christelike godsdiens en godsdienstige herlewing te probeer bevorder. D. Graves, “The first Keswick Convention”, <http://www.christianity.com/church/church-history/timeline/1801-1900/the-first-keswick-convention-11630576.html>, geraadpleeg 28.5.2013; “Keswick Ministries. Background”, <http://www.keswickministries.org/about-us/who-we-are>, geraadpleeg 28.5.2013.

Kerk opgetree.[16] In Februarie 1895 het eerw. Charles Spurgeon junior[17] (1856-1926) by ’n paar geleenthede in die stadsaal en Baptiste Kerk gepreek.[18]

Tydens pres. Reitz se ampstermyn is verskeie spesiale biddae en landwye dae van verootmoediging gehou wanneer probleme soos droogtes en sprinkaanplae onoorkomelik gelyk het. Dan het die president ’n kennisgewing in die staats- en ander koerante laat plaas en ’n beroep op alle gemeentes en kerke gedoen om aan dié dag deel te neem. Sulke dae is gewoonlik goed deur alle Bloemfonteinse kerkdenominasies ondersteun.[19] So het pres. F.W. Reitz Sondag 3 November 1889 tot spesiale dag van verootmoediging en biddag vir reën verklaar. Alle kerkdenominasies in Bloemfontein het aan hierdie dag deelgeneem en nadat oorvloedige reën in die hele Vrystaat geval het, het die president aangekondig dat Sondag, 22 Desember 1889, as dankdag gevier sou word.[20] Ook met Reitz se siekte in 1895 is Sondag, 21 April, tot algemene biddag vir die beterskap van die president verklaar.[21]

Die kerk het ook ’n sterk invloed op die staat uitgeoefen, veral omdat die NG Kerk tot staatskerk verhef is. Dié kerk se invloed blyk duidelik uit maatskaplike wetgewing soos onder meer die drankwet en die wet op Sabbatsontheiliging.[22] Verder het beide die NG Kerk en die Anglikaanse Kerk ’n baie groot rol in sendingwerk, sowel as in die onderwys van Bloemfontein, gespeel.[23] Die 1890-sensus gee ’n aanduiding van die grootte van die blanke kerke in Bloemfontein:[24]

---

16 *The Friend*, 30.10.1894, p. 3.

17 Hy was ’n seun van die beroemde Britse Baptiste prediker en religieuse skrywer C.H. Spurgeon (1834-1892). W.Y. Fullerton, *Charles Haddon Spurgeon: a biography*, <http://www.spurgeon.org/misc/biopref.htm#toc>, geraadpleeg 28.5.2013; L. Drummond, *Spurgeon: prince of preachers: a new look at the 19th century greatest preache*r, p. 785, <http://books.google.co.za/books?id=u2I6TWXFEmQC&pg=PA785&lpg=PA785&dq=charles spurgeon+jr&source=bl&ots=q6wsHUIix4&sig=QJ487eXp3sUKl0xaHBxfJn1Ljk&hl=en&sa=&ei=d4-kUe7dG WQ7AbyyoCIDA&ved=0CGIQ6AEwBw#v=onepage&q=charles%20spurgeon%20jr&f=false>, geraadpleeg 28.5.2013.

18 *De Burger*, 13.2.1895, p. 3 en 27.2.1895, p. 2; *The Friend*, 19.2.1895, p. 2, 22.2.1895, p. 2 en 26.2.1895, p. 2.

19 Proclamatie no. 564–1892, *Gouvernements Courant*, 12.9.1892, Proclamatie no. 60–1895, *Gouvernements Courant*, 31.1.1895; *De Burger*, 6.2.1895, p. 4; *The Friend*, 6.11.1889, p. 3, 13.9.1892, p. 3 en 1.2.1895, p. 2.

20 *The Friend*, 6.11.1889, p. 3, 11.12.1889, p. 3 en 25.12.1889, p. 3.

21 *Ibid.*, 16.4.1895, p. 3 en 23.4.1895, p. 3.

22 *The Friend*, 12.6.1891, p. 2, 17.5.1895, p. 3 en 28.5.1895, p. 3. Vergelyk ook G.B.A. Gerdener, *Ons kerk in die Transgariep: geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*, pp. 216-217; Oberholster en Van Schoor, pp. 91-92. Kyk hoofstuk 3, afdelings 7 en 8, vir meer besonderhede oor maatskaplike probleme.

23 Gerdener, pp. 170, 175. Kyk afdelings 2.1 en 2.8 *infra*.

24 Hierdie syfers is net vir die dorp Bloemfontein en sluit nie die distrik van Bloemfontein in nie. Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna VAB), OR56.4: Sensus 1890, Schedule A: Stad Bloemfontein. Aangesien die Baptiste Kerk eers in 1891 en die Presbiteriaanse gemeente eers in 1897 gestig is, word hulle nie in die 1890-sensus genoem nie.

Kerkverband	Aantal lidmate
NG	413
Anglikaans	381
Rooms-Katoliek	194
Wesleyaans (Metodiste)	144
Luthers	101
Joods	37
Ander	200
Geen	547

Elke kerkgenootskap in Bloemfontein het sy eie aktiwiteite en karakter gehad. Daarom word die geskiedenis, aard en aktiwiteite van elke kerk kortliks beskryf.[25]

2.1 NG Kerk

Die plaaslike NG-gemeente, wat op 30 November 1848 deur ’n afvaardiging van die sinodale kommissie van die Kaapse NG Kerk in Bloemfontein gestig is, is die oudste kerk in die Vrystaatse hoofstad. Die hoeksteen van die eerste, eenvoudige kerkgeboutjie is in Januarie 1849 deur maj. H.D. Warden gelê. In 1874 is besluit om ’n nuwe, groter kerkgebou op te rig ten einde die groeiende aantal lidmate te kon huisves. Die oorspronklike kerkgeboutjie is vervang deur die bekende Tweetoringkerk wat in 1880 op dieselfde perseel ingewy is. Die indrukwekkende Tweetoringkerk is deur boumeester Richard Wocke ontwerp en gebou.[26]

Die NG Kerk was die staatskerk en grootste kerk in die OVS en het jaarliks ’n toelae van £6 000 en later £8 000 van die Vrystaatse regering ontvang. Die eerste predikante van die Bloemfontein-gemeente was dr. Andrew Murray (1928-1917) van 1851 tot 1860, ds. G. van de Wall (1828-1896) van 1862 tot 1870, ds. G. Radloff van 1870 tot 1881 en ds. C.S. Morgan (1842-1919) van 1882 tot 1893, bygestaan deur ds. A.G.T. Schoevers (?-1938) as hulpprediker.[27] Nadat die leraarspos van Bloemfontein se NG-gemeente 18 maande lank vakant was, is Morgan

---

[25] Omdat die kerkgeskiedenis van die verskillende kerkgenootskappe ’n studieveld op sy eie is en reeds grootliks in ander bronne beskryf is, word hier met kort beskrywings volstaan. Dit is nie die doel van hierdie studie om die volledige geskiedenis van elke kerk na te vors en te bespreek nie.

[26] W.A. Wright, *The Bloemfontein pictorial: an illustrated description of Bloemfontein, Orange Free State, South Africa*, p. 24; A. Macmillan, *The city of Bloemfontein: an illustrated review of the capital of the Orange River Colony – an historical, commercial and general review*, pp. 13, 15.

[27] *De Express*, 21.10.1890, p. 4 en 23.12.1890, p. 2; *Daily News*, 1.4.1890, p. 3; *The Friend*, 16.1.1889, p. 3, 8.5.1889, p. 3, 24.11.1891, p. 2, 14.2.1893, p. 2 en 23.5.1893, p. 2. Vergelyk ook Oberholster en Van Schoor, pp. 81-82, 107 en Wright, p. 24.

in Maart 1895 opgevolg deur ds. H.T. Kriel, wat tot in Oktober 1895 deur ds. Schoevers as hulpprediker bygestaan is. Somtyds het besoekende predikante van ander NG-gemeentes of selfs predikante van ander denominasies kerkdienste in Bloemfontein se Tweetoringkerk waargeneem, soos een Sondag in November 1890 toe ds. Grosskopf van die Lutherse Kerk die aanddiens gelei het.[28] Om die oorheersend Engelssprekende bevolking van Bloemfontein tegemoet te kom en in die behoeftes van die Presbiteriane in Bloemfontein te voorsien, is daar ook van tyd tot tyd Engelse dienste in die Tweetoringkerk gehou.[29]

In 1890 was daar 1 200 siele in die gemeente en in 1895 het dit tot 3 275 aangegroei, waarvan 1 386 belydende lidmate en die ander klaarblyklik kinders was.[30] In die dorp self was daar in 1895 ongeveer 751 siele in die gemeente, waarvan 319 lidmate was en 432 kinders uit 120 gesinne.[31] 'n Kinderdiens is maandeliks gehou, terwyl daar ook in 1889 'n Sondagskool met 130 kinders en 14 Sondagskool-onderwysers aan die NG-gemeente in Bloemfontein verbonde was. In 1894 was daar reeds 22 onderwysers wat vir 198 leerlinge Sondagskool gehou het.[32]

Lidmate van Bloemfontein se NG Kerk wat op omliggende plase en in die distrik gewoon het, het vanweë die groot afstande nie elke kerkdiens bygewoon nie, maar die driemaandelikse nagmaal en doopgeleenthede is gewoonlik goed bygewoon. Op Sondag, 1 Desember 1889, is byvoorbeeld 28 kinders in dié kerk gedoop.[33] Die sitting van die sinode van die Vrystaatse NG Kerk het elke tweede jaar in Bloemfontein plaasgevind en elke Vrystaatse gemeente is deur hulle predikant en een ouderling verteenwoordig.[34]

Die NG Kerk het ook sendingwerk onder swart en bruin mense in Bloemfontein gedoen en in Maart 1891 is die NG-sendinggemeente gestig. 'n Jaar later is die NG-sendingkerk aan die bopunt van Harveyweg, in die huidige Bastionstraat, in Waaihoek opgerig, wat in Oktober 1892 ingewy is.[35] J.G. Fraser (1840-1927) het die geld vir die kerkgebou geskenk en dienste daar is

---

28 *De Burger*, 19.1.1894, p. 2, 28.2.1894, p. 3, 14.3.1894, p. 2, 28.3.1894, p. 2, 30.5.1894, p. 3, 20.6.1894, p. 2 en 26.1.1895, p. 2; *The Friend*, 11.9.1889, p. 2, 14.11.1890, p. 2 en 12.5.1891, p. 2. Vergelyk ook Wright, p. 24 en R.M. Britz, *Waaksame skans: die Tweetoringkerk Bloemfontein 1848-1998*, pp. 65-66.

29 Britz, p. 57; Oberholster en Van Schoor, p. 97.

30 Hierdie getalle het waarskynlik die dorp se inwoners, sowel as kerkgangers uit die Bloemfontein-distrik en omliggende plase ingesluit.

31 NG-kerkargief, OVS, Bloemfontein (NGK), Kerkraadsnotule van Bloemfontein, 12.4.1895, p. 23; *De Express*, 23.12.1890, p. 2. Vergelyk ook Britz, p. 66.

32 *De Burger*, 7.11.1894, p. 2; Britz, p. 61.

33 *The Friend*, 24.4.1889, pp. 2-3, 2.4.1890, pp. 2, 5 en 12.1.1892, p. 3; *De Express*, 14.1.1890, p. 2.

34 *De Burger*, 11.5.1895, p. 3 en 18.5.1895, p. 3; *The Friend*, 15.5.1889, p. 3, 12.5.1891, p. 2, 15.5.1891, p. 3 en 12.5.1893, p. 2. Vergelyk ook *De Express*, 23.12.1890, p. 2.

35 *The Friend*, 31.5.1892, p. 2; Britz, p. 64. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.2.2, vir meer besonderhede oor dié sendingkerkie.

aanvanklik deur ds. Morgan waargeneem.[36] In 1893 is ’n werkkring gestig onder ’n groep bruin mense wat in Bloemfontein gewerk het en graag by die NG Kerk wou aansluit. Die bediening van die bruin mense is aanvanklik deur ds. Morgan en ander predikante waargeneem, maar later is ’n kategeet aangestel. Om die NG-sendinggemeente in die hoofstad uit te bou, is die jong godsdiensonderwyser, J.S. Louw, in 1895 aangestel om met die sendingwerk te help. Hy is in 1897 georden en as leraar van die sendinggemeente bevestig. Dié gemeente het bestaan uit ’n aantal bruin mense, sowel as ’n aantal Basotho-lidmate van die NG Kerk wat in Bloemfontein kom woon het. In 1895 was daar reeds 29 Basotho-lidmate wat Sondagoggende dienste bygewoon het, gelei deur ’n Sotho-man wat klaarblyklik sy opleiding by Franse sendelinge ontvang het. Vir die bruin mense was daar middagdienste in Afrikaans, behartig deur die leraar of een van die lidmate van die Tweetoringkerk.[37]

Die NG Kerk het ’n groot invloed op die onderwys gehad en was verantwoordelik vir die stigting en beheer van die bekende Bloemfonteinse skole Grey-kollege en die Damesinstituut (later Eunice). In die 1870’s het die kerk geldelike probleme ondervind en is die skole aan die Vrystaatse regering oorgedra, maar tog het die kerk sy inspraak in die beheer van die skole behou. In samewerking met die Wesleyaanse Kerk, was die NG Kerk ook verantwoordelik vir die stigting en beheer van die Bloemfonteinse Bewaarskool[38] vir jong kinders, wat in 1874 gestig is.[39] Verder het die NG Kerk hom ook beywer vir verpligte onderwys, asook vir die onderwys van behoeftige leerlinge en doofstommes.[40]

2.2 Anglikaanse Kerk

Die Anglikaanse Kerk in Bloemfontein het ook as die Engelse Episkopaalse Kerk of bloot as die Engelse Kerk bekend gestaan.[41] Die totstandkoming van ’n Anglikaanse of Engelse Kerk in Bloemfontein was te danke aan die ywer en inisiatief van biskop Robert Gray (1809-1872), eerste Anglikaanse biskop van Kaapstad, wat die latere Vrystaatse hoofstad in Mei 1850 besoek

---

36 *The Friend*, 16.9.1892, p. 2 en 4.11.1892, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 131.

37 D. Crafford, *Aan God die dank: geskiedenis van die sending van die Ned. Geref. Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende buurstate* 1, p. 127; Britz, pp. 64, 68.

38 Dit was die eerste staatsondersteunde kindertuin in die OVS en kinders kon tot graad 3 of standerd 1 hier skoolgaan. Kyk afdeling 3.7.8 *infra* vir meer besonderhede oor die Bewaarskool.

39 *De Express*, 23.12.1890, p. 2; I.S.J. Venter, “Die Bloemfonteinse Bewaarskool: die eerste staatsondersteunde kindertuin in die republiek van die Oranje-Vrystaat”, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika* C38, pp. 7, 10-12, 17-18. Vergelyk ook T.N. Hanekom (red.), *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk: gedenkboek by ons derde eeufees, 1952*, p. 145.

40 J.H. Coetzee, *Die Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys, 1848-1900.*(M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Januarie 1976), p. 146.

41 *The Friend*, 14.6.1892, p. 2 en 17.6.1892, p. 3; A.C. Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899*. (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Mei 1989), p. 81.

het. Tydens sy besoek het die oorwegend Engelse inwoners van die militêre nedersetting versoek dat ’n Anglikaanse predikant in Bloemfontein aangestel moes word en daar is met die insameling van fondse vir die bou van ’n kerk begin.[42]

In Julie 1850 het eerw. W.A. Steabler (?-1894) as eerste leraar van die Anglikaanse gemeente in Bloemfontein aangekom. In Oktober 1863 is die Vrystaatse bisdomlike gebied gestig toe Edward Twells (1823-1898) die eerste biskop van Bloemfontein geword en met die bou van ’n katedraal begin het. Teen 1866 was die katedraal van St. Andrew en St. Michael voltooi, hoewel dit ’n paar keer vergroot moes word. In dieselfde jaar is Bishop’s Lodge, die ampswoning van die biskop, ook skuins agter die katedraal opgerig.[43]

Twells is in 1871 deur A.B. Webb (1839-1907) opgevolg wat tot in 1883 as biskop van Bloemfontein gefunksioneer het. In 1886 is G.W.H. Knight-Bruce (1853-1896) as derde biskop van Bloemfontein aangestel en in 1892 is hy deur biskop J.W. Hicks (1840-1899) van Cambridge opgevolg.[44] Biskop Hicks is op 21 September 1892 in die St. George-katedraal in Kaapstad as vierde biskop van Bloemfontein ingeseën[45] en is agt dae later in die Bloemfonteinse katedraal ingehuldig. Dié diens en seremonie is deur pres. en mev. Reitz, ’n hele aantal Anglikaanse geestelikes en ander inwoners bygewoon. Na afloop van die verrigtinge by die katedraal het die nuwe biskop en sy gevolg op uitnodiging van Reitz middagete by die Presidensie genuttig. Dieselfde aand is ’n *conversazione*,[46] wat deur baie van Bloemfontein se inwoners van alle denominasies bygewoon is, in die stadsaal gehou om Hicks welkom te heet. Tydens die funksie is gaste met instrumentale musiek en sang deur plaaslike kunstenaars vergas, terwyl die dames van die Anglikaanse gemeente vir verversings gesorg het.[47]

---

[42] VAB, A510: “The White Book” 1: Journal of the Community of St. Michael and All Angels, and of St. Michael School, Bloemfontein, 1874-1908” (hierna “The White Book”), p. 2; *The Friend*, 10.4.1889, p. 6; C.T. Wood, *The Anglican Church in Bloemfontein: A short account*, p. 4. Vergelyk ook *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954. A hundred years of progress*, p. 80.

[43] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; I.S.J. Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat, 1854-1900*, pp. 26-30.

[44] William Cullen Biblioteek en Argiefbewaarplek, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg (hierna WCB**)**, AB2644/3 en 2644/25: briewe van biskop A.B. Webb; VAB, A510/1: “The White Book”, pp. 2, 109, 111; *The Friend*, 13.11.1891, p. 2, 13.11.1891, p. 3 en 30.7.1892, p. 2. Vergelyk ook “Stories of city’s churches tell of brave endeavour”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 73, 75 en Venter, pp. 30-32.

[45] WCB, AB2259/I9: A.J. Mason, “A sermon preached in the Cathedral Church of St. George, Cape Town on St. Matthew’s Day 1892 at the consecration of John, fourth Bishop of Bloemfontein”, p. 1; VAB, A510/1: “The White Book”, p. 111; *The Friend*, 2.8.1892, p. 3 en 27.9.1892, p. 3.

[46] ’n *Conversazione* word gedefinieer as ’n (sosiale) byeenkoms vir gesprekvoering, veral oor kuns, literatuur of wetenskap. “Conversazione”, <http://www.merriam-webster.com/dictionary/conversazione>, geraadpleeg 17.5.2013; “Conversazione”, <http://oxforddictionaries.com/definition/english/conversazione>, geraadpleeg 17.5.2013.

[47] *The Friend*, 23.9.1892, p. 3 en 30.9.1892, pp. 2-3.

Alhoewel hy in Bloemfontein gewoon het, het die biskop van Bloemfontein gereeld ander plekke in die bisdomlike gebied besoek. Die bisdomlike gebied was groot en het die hele OVS, asook Basoetoland (vandag Lesotho) ingesluit. Ander bekende Anglikaanse geestelikes in die Vrystaatse hoofstad was onder andere aartsdeken W. Crisp (1842-1910), deken J.R. Vincent, kanoniek F.R.T. Balfour en die vikaris van die katedraalse gemeente, eerw. A.H. Harcourt Vernon (1858-1936).[48]

Die Anglikaanse sustergemeenskap, wat in 1874 op inisiatief van biskop Webb in Bloemfontein tot stand gekom het, het ook ’n groot rol in die kerklike lewe, sendingwerk, onderwys en verpleegdienste van die Anglikaanse Kerk gespeel.[49] Die verhouding tussen die Anglikaanse gemeente en die Vrystaatse regering en ander dorpsinwoners was goed en die Anglikaanse Kerk in die Vrystaat het ’n jaarlikse toelae van £250 van die Vrystaatse Volksraad ontvang.[50] Dié goeie verhouding word ook geïllustreer deur die feit dat pres. Reitz en regters R. Gregorowski en M.T. Steyn in 1890 die opening van die sinode van die Bloemfonteinse bisdomlike gebied bygewoon het. Toe die biskop (later aartsbiskop) van Kaapstad, dr. W.W. Jones, en sy eggenote Bloemfontein in April 1892 besoek het, was hulle ook die gaste van pres. Reitz in die Presidensie.[51]

Die Anglikaanse Kerk in Bloemfontein het hom veral op onderwys en sendingwerk toegelê. Sondagmiddae en op godsdienstige feesdae is daar ’n spesiale kinderdiens vir blanke kinders gehou, terwyl Sondagskool-klasse ook aangebied is. Sondagskole het gewoonlik op godsdienstige onderrig gefokus. Daar is ook jaarliks ’n piekniek vir die gemeentekinders deur die Anglikaanse Kerk gereël, waartydens kinders met ’n wa na die betrokke piekniekplek aangery is. In 1890 het dié piekniek op die plaas Brandkop van die Fichardts plaasgevind.[52]

Vir die Engelssprekende werknemers van die Kaapse Spoorweë het die Anglikaanse Kerk in Julie 1893 die St. Margaret-skoolkapel[53] in Langstraat in die Spoorwegkamp[54] opgerig.

---

48 VAB, A510/1: “The White Book”, p. 111; *The Friend*, 27.3.1889, p. 3, 8.5.1889, p. 3, 23.10.1889, p. 3, 19.3.1890, p. 3, 25.11.1890, p. 3, 10.4.1891, p. 3, 9.8.1892, p. 3 en 4.10.1892, p. 3.

49 WCB, AB2644/51: “The community of St. Michael and all Angels, Bloemfontein”, p. 1 en “St. George’s Cottage Hospital, Bloemfontein, 1877-1909”, p. 1; VAB, A61/5: Dokumente van die St. George’s Cottage-hospitaal, 1876-1877. Vergelyk ook [Sister Frances Louisa], *Gleanings in sunny Africa, 1873-1901* en P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history 1652-1898: a medical and social study*, pp. 358-359. Kyk hoofstuk 4, afdeling 10.2.3, vir meer besonderhede oor die sustergemeenskap.

50 *The Friend*, 17.6.1892, p. 3 en 30.6.1893, p. 2.

51 *Ibid.*, 30.4.1890, p. 3, 22.4.1892, p. 2 en 16.8.1892, p. 5.

52 *De Express*, 5.4.1890, p. 4; *Daily Ne*ws, 15.4.1890, p. 3; *The Friend*, 32.1.1889, p. 3, 17.4.1889, p. 3, 2.4.1890, p. 3, 19.9.1890, p. 3, 9.2.1894, p. 3 en 5.4.1895, p. 2. Vergelyk ook Venter, p. 213.

53 Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.3.3.

54 Die Spoorwegkamp was waar die woonbuurt Hilton vandag geleë is. Hier het die meeste van die spoorwegwerkers gewoon.

Hierdie sinkgeboutjie, wat in 1895 vergroot en verander is, het op weeksdae as skool diens gedoen en op Sondagaande is kerkdienste en Sondagskool vir kinders daar gehou.[55] In 1894 kon die *Diocesan Magazine* berig dat die Sondagskool in die katedraal deur 156 kinders bygewoon is, terwyl Sondagskool vir ’n verdere 48 kinders in die St. Margaret-kapel aangebied is.[56]

Langs die Anglikaanse katedraal vir blankes was die St. Patrick-kerk van die swart Anglikaanse gemeente geleë. Die gemeente van St. Patrick, wat in 1867 deur aartsdeken D.G. Croghan gestig is, het sedert 1890 sy eie swart leraar, priester Gabriel David (oorlede 1898), gehad, wat dienste in Tswana[57] gehou het. Twee baanbrekers van die Anglikaanse sending in die Vrystaat, eerw. G. Mitchell en die reeds genoemde W. Crisp, het ’n deeglike studie van Tswana gemaak en ’n hele aantal godsdienstige werke (insluitende die Bybel, die Gebedeboek en die Kategismus), asook skoolboeke, is in Tswana vertaal of daarin opgestel.[58]

In 1893 het die Bloemfonteinse stadsraad die Anglikaanse Kerk versoek om die St. Patrick-kerk uit die blanke deel van die dorp te verwyder.[59] Aangesien die St. Patrick-kerkie langs die katedraal in elk geval heeltemal te klein vir die groeiende swart Anglikaanse gemeente geword het, is ’n nuwe, groter kerkgebou vir die St. Patrick-gemeente onder die Fortheuwel en aan die buitewyke van Waaihoek[60] opgerig, sowel as ’n groter huis vir priester David.[61] Die tweede St. Patrick-kerkgebou in Waaihoek, wat ook as skool gebruik is, moes net ’n paar jaar later weer vergroot word, sodat dit sitplek vir 550 mense gebied het. Toe eerw. Edgar Rose in 1899 as priester van die St. Patrick-gemeente aangestel is, het hy ’n vooruitstrewende gemeente aangetref, met 800 lidmate, drie buiteposte, vyf helpers en ’n skool met 64 kinders.[62] Teen 1895 het die Anglikaanse Kerk ook sendingwerk onder swart mense in die ander swart woonbuurt, Kafferfontein,[63] onderneem, asook onder die melaatses waarvoor daar in 1892 ’n melaatse- of afsonderingshospitaal[64] naby die gevangenis aan die Dewetsdorp-pad opgerig is.[65]

---

55 VAB, A510/1: “The White Book” 1, p. 113; *Quarterly paper of the Bloemfontein Mission* (hierna *Quarterly paper*) 102, 5.10.1893, p. 163, 103, Jan. 1894, p. 25 en 111, 25.1.1896, p. 21. Vergelyk ook Crisp, p. 127.

56 *Diocesan Magazine* 1(5), Junie 1894, p. 93; Venter, pp. 213-214.

57 Tydens die Reitz-tydperk het Tswana as Sechuana bekend gestaan. *De Express*, 23.12.1890, p. 2.

58 WCB, AB2259/Jb3: “Extract from notes made by Edgar Rose for a lantern lecture”, ca. 1904, p. 1; VAB, A507/7: “St. Patrick’s Mission, Bloemfontein”, p. 1; *De Express*, 23.12.1890, p. 2. Vergelyk ook *Gleanings in sunny Africa*, p. 17.

59 Die “flagrant indecency and unsanitary habits of the people connected with the church” het van die blanke inwoners en stadsraadslede teen die bors gestuit. *Daily News*, 10.2.1890, p. 3.

60 Kyk hoofstuk 4, afdeling 11.3.1, vir meer besonderhede oor dié swart woonbuurt.

61 *Daily News*, 10.2.1890, p. 3; *The Friend*, 2.6.1893, p. 3; *Quarterly paper* 106, Oktober 1894, p. 196 en 108, April 1895, p. 61. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.2.4.

62 VAB, A507/7: “St. Patrick’s Mission, Bloemfontein”, p. 1.

63 Kyk hoofstuk 4, afdeling 11.3.2, vir meer besonderhede oor dié swart woonbuurt.

64 Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.5.2 vir meer besonderhede oor dié hospitaal.

65 *Gleanings in sunny Africa*, pp. 17-20.

Teen die laat 1880's het die Anglikaanse Kerk ook onder die bruin mense van Bloemfontein sendingwerk begin doen en so is die St. Philip-sending gebore. Kerkdienste, skool en byeenkomste is aanvanklik in 'n lokaal gehou wat van die Anglikaanse sustergemeenskap gehuur is. Suster Maria Burton van die Anglikaanse sustergemeenskap het in 1892 met fondsinsameling vir 'n kerkgebou of skoolkapel vir die bruin gemeenskap begin. Fondse is deur middel van donasies, musiekkonserte en verkope ingesamel en in 1893 is die St. Philip-kerk in Waaihoek opgerig. Kerkdienste hier is deur eerw. H. Oldaker waargeneem en hy is met sendingwerk en onderwys deur twee susters van St. Michael's Home bygestaan.[66]

In die meeste Anglikaanse skole en kerke vir bruin en swart mense het die Sondagskool 'n belangrike deel van die opvoedkundige en religieuse werksaamhede uitgemaak. Bruin en swart leerlinge is in die Bybel, die Kategismus en die Gebedeboek onderrig, terwyl daar ook aandag aan lees- en skryfkuns gegee is.[67]

Wat blanke onderwys betref, was die Anglikaanse Kerk onder meer verantwoordelik vir die stigting van die St. Andrew-kollege vir blanke seuns en die St. Michael's Home-kerkskool vir blanke dogters in Bloemfontein. Die Home het sy eie kapel gehad.[68] Die Anglikaanse Kerk was ook betrokke by die stigting van die Goeie Herder-skool vir bruin kinders in 1876 langs die St. Patrick-kerk vir swart mense in St. Georgestraat. Die biblioteek van die Anglikaanse gemeente, waar gemeentelede Sondagmiddae boeke kon uitneem, was in die Goeie Herder-skool in St. Georgestraat geleë. In 1895 is die Goeie Herder-skool na Waaihoek geskuif, waar dit die naam St. Philip-skool gekry het.[69] Verder het die Anglikaanse susterskap verskeie dagskole in die Waaihoek-lokasie gestig en ook aandklasse vir jong swart vroue aangebied, terwyl Sondagskool ook vir bruin en swart mense gehou is.[70]

---

66 VAB, A510/1: "The White Book" 1, pp. 114, 123; *Quarterly paper* 90, 15.10.1890, p. 321 en 94, 15.10.1891, p. 11 en 102, 15.10.1893, p. 163; *The Friend*, 11.11.1892, p. 3 en 11.1.1895, p. 3. Vergelyk ook Crisp, p. 123. Kyk verder ook hoofstuk 4, afdeling 12.3.2.3.

67 Venter, p. 215.

68 WCB, AB2644/32: "Deed of Association of the Community of St. Michael and All Angels at Bloemfontein", 1893, AB2644/51: "The Community of St. Michael and All Angels, Bloemfontein"; *The Friend*, 9.10.1889, p. 6. Vergelyk ook *A brief history of the Bloemfontein Mission, South Africa, from its commencement to 1876*, pp. 14-15 en W.J. Carey, *The Bloemfontein diocese and its problems*, p. 18.

69 WCB, AB764f: "Sketch in letter from Brother Arthur Byrd, 1883"; *Quarterly paper* 111, 25.1.1896, p. 22; *Daily Express*, 31.7.1890, p. 2. Vergelyk ook K. Schoeman, *Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad 1846-1946* (hierna *Bloemfontein*), p. 132. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.3.4 vir meer besonderhede oor die skoolgeboue.

70 WCB, AB2259/Jb3: "The African Mission", "Extract from notes made by Edgar Rose for a lantern lecture", ca. 1904, p. 2; *Quarterly paper*, 48, April 1880, p. 32. Vergelyk ook Venter, p. 250.

Die sittings van die bisdomlike sinode is dikwels in Bloemfontein se Anglikaanse katedraal gehou, soos in 1890 en weer in 1893.[71] Die Anglikaanse Kerk het ook basaars gehou, waar fondse vir hulle onderskeie aktiwiteite ingesamel is. In 1891 moes die ou kerkorrel van die Anglikaanse katedraal herstel word en is daar begin met ’n insamelingsveldtog vir die aankoop van die nuwe orrel. In dieselfde jaar is onder meer ’n groot basaar, asook ’n musiekkonsert en ’n amateur-toneelopvoering, ten bate van die orrelfonds gehou. In Oktober 1895 is berig dat die Union Stoomboot-maatskappy aangebied het om die nuwe orrel gratis van Brittanje na Suid-Afrika te vervoer.[72]

2.3 Wesleyaanse Metodiste Kerk

Die Bloemfonteinse Wesleyaanse Metodiste gemeente is in 1850 gestig met eerw. Purdon Smailes (1809-1892) as eerste predikant.[73] In 1868 het die blanke Metodiste hulle eie kerkgebou tussen Maitland- en St. Andrewstraat gekry op die terrein waar die stadsaal in 1883 gebou sou word. In 1875 is ’n nuwe, groter Trinity Wesleyaanse kerkgebou op die hoek van Wes-Burger- en Maitlandstraat opgerig, met die pastorie langsaan. Dié kerkgebou is in 1893 opgeknap en vergroot.[74] In 1890 is daar met die oprigting van ’n gemeentesaal agter die kerk in Elizabethstraat begin. In 1891 is die Elizabeth Street School deur die Wesleyane in hierdie geboutjie gestig en vier jaar later het dit reeds 250 leerlinge gehad.[75]

Smailes se opvolgers het aanvanklik ook die Baptiste en Presbiteriane in Bloemfontein bedien totdat hulle eie kerkgenootskappe gemeentes in Bloemfontein gestig het. Een van die bekendste Wesleyaanse predikante in Bloemfontein was eerw. James Scott (1835-1911), wat van 1871-1878 en weer van 1888-1896 predikant van die Wesleyaanse gemeente in Bloemfontein was. Hy was in 1892 ook die president van die Wesleyaanse sinode in Suid-Afrika.[76] Scott is in die 1890’s deur eerw. W.A.P. Thompson en W. Hudson in Bloemfontein bygestaan.[77]

Net soos baie van die ander denominasies het die Wesleyaanse Metodiste Kerk ook die steun van die Vrystaatse Volksraad geniet en is ’n jaarlikse toelae van £250 aan dié kerk toegeken. In 1894 het die blanke gemeente in Bloemfontein 81 lidmate en 135 Nagmaalgangers

---

71 VAB, A510/1: “The White Book” 1, p. 98; *Daily Express*, 19.4.1890, p. 3; *The Friend*, 16.4.1890, p. 3, 23.4.1890, p. 3, 21.4.1893, p. 3, 25.4.1893, p. 3 en 28.4.1893, pp. 2-3.

72 *The Friend*, 4.8.1891, p. 2, 31.7.1891, p. 3, 11.9.1891, p. 3, 30.10.1891, pp. 2-3 en 23.4.1895, p. 2.

73 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; J. Whiteside, *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa*, p. 344.

74 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 11.7.1893, p. 3. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.4 vir meer besonderhede.

75 Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna AREA), PV522/2/1/1: N. Roberts, “History bits. juvenile affairs”, p. 2; *Daily Express* 27.9.1890, p. 3 en 3.10.1890, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 120.

76 AREA, PV522/2/1/1: N. Roberts, “History bits: juvenile affairs”, p. 2; *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 7.8.1891, p. 3, 26.1.1892, p. 3, 8.4.1892, p. 2 en 10.5.1892, p. 3. Vergelyk ook MacMillan, p. 15.

77 *The Friend*, 6.7.1894, p. 3 en 17.7.1894, p. 3.

gehad.[78] Die Wesleyaanse gemeente was ook verantwoordelik vir ’n florerende Sondagskool wat 170 leerlinge in 1890 en 251 leerlinge in 1895 gehad het. Spesiale dienste en ’n openbare vergadering oor die Sondagskool, wat gewoonlik deur pres. Reitz bygewoon is, asook ’n piekniek vir die kinders, is jaarliks gehou om die verjaardag van die stigting van die Wesleyaanse Sondagskool te herdenk.[79]

Die jaarlikse sinodesitting van blanke en swart predikante en verteenwoordigers van die Wesleyaanse Kerk in die distrikte van Bloemfontein en Kimberley is gereeld in Bloemfontein gehou en dan het van die besoekende predikante beurte gemaak om kerkdienste in die hoofstad se wit en swart Wesleyaanse kerke te lei. Dié distrikte het ook ander Vrystaatse dorpe, sowel as Kimberley, Beaconsfield en Colesberg ingesluit.[80]

In April 1894 is die 12de algemene sinodesitting van die Wesleyaanse in die Elizabeth Street School Room in Bloemfontein gehou wat deur nagenoeg 40 wit en 12 swart predikante en verteenwoordigers van regoor Suid-Afrika bygewoon is. By hierdie sinode is vier blanke en vier swart Metodiste predikante ook in hulle amp bevestig, naamlik A.W. Gragg, A. Graham, M.J. Letcher, J. Robb, W. Dikwayo, J. Jabavu, C. Nyombolo en J. Mafongqo. Tydens die sinodesitting wat 12 dae geduur het, is daar verskeie kerkdienste en sosiale funksies gehou, terwyl pres. Reitz die openbare sessie van die sinode, sowel as die onthaal in die stadsaal, bygewoon en die afgevaardigdes in die Vrystaatse hoofstad welkom geheet het.[81]

Sedert die stigting van die Wesleyaanse gemeente het die Metodiste sendingwerk onder Bloemfontein se swart mense gedoen. Die African Methodist Episcopal Church, of AME soos dit kortweg bekend gestaan het, was die swart gemeente van die Metodiste Kerk in Bloemfontein en het hulle eie kerkgebou op die hoek van St. George en Fraserstraat gehad. Teen 1891 was daar blykbaar ook ’n Metodiste-kerkie vir swart mense in Waaihoek.[82]

In die laat 1880’s is ’n kleiner gemeente onder Bloemfontein se bruin mense gestig. Die sendingkerke in Bloemfontein, tesame met dié op Brandfort en Reddersburg, het 770 lidmate en katkisante gehad en ook onder beheer van eerw. Scott gestaan. Hy is in 1890 deur twee swart

---

78 *Ibid.*, 14.6.1892, p. 2, 17.6.1892, p. 2, 30.6.1893, p. 2 en 2.3.1894, p. 3. Die lidmate was klaarblyklik gereelde kerkgangers wat in of naby Bloemfontein gebly het, terwyl die Nagmaalgangers waarskynlik vêrder weg (op die platteland) gewoon en die kerkdienste slegs elke drie maande tydens Nagmaal bygewoon het.

79 *Ibid.*, 13.10.1891, pp. 2-3, 11.10.1892, pp. 2-3, 20.3.1894, p. 3 en 2.4.1895, p. 3; *Daily Express* 27.9.1890, p. 3 en 3.10.1890, p. 3.

80 *Daily News*, 30.1.1890, p. 3; *The Friend*, 5.2.1890, p. 2, 22.1.1892, p. 2, 2.3.1894, p. 3 en 8.3.1895, p. 3.

81 *De Burger*, 17.3.1894, p. 2; *The Friend*, 16.3.1894, p. 2, 13.4.1894, p. 3, 17.4.1894, p. 3 en 20.4.1894, p. 2.

82 *The Friend*, 22.5.1891, p. 3 en 3.3.1893, p. 3; *De Express*, 23.12.1890, p. 3. Vergelyk ook MacMillan, p. 15 en Groenewald, p. 84.

predikante en een evangelis bygestaan. Daar was klaarblyklik ook ’n dagskool en Sondagskool vir swart mense aan die Wesleyaanse gemeente verbonde.[83]

Een van hierdie Wesleyaanse evangeliste was eerw. J.H. Hornebrook wat die swart gemeenskap bedien het. Hy vertel in sy herinneringe dat sy gemeente uit baie verskillende kultuurgroepe bestaan het. Sommige van die gemeentelede het Tswana gepraat en ander Nederlands of Afrikaans, terwyl ’n derde groep “Kaffir”[84] gepraat het. Hornebrook het tydens kerkdienste van drie tolke gebruik gemaak om sy Engelse preek in Tswana, Nederlands of Afrikaans en in “Kaffir” te vertaal. Verbonde aan die swart Wesleyaanse gemeente was ook ’n swart evangelis, Job Mosieleng, wat blind was, maar wat die Nuwe Testament en die gesangeboek uit sy kop geken het. In Januarie 1892 was die vierde uitgawe van die Sotho-gesangeboek in Bloemfontein beskikbaar.[85]

2.4 Rooms-Katolieke Kerk

Sedert die vroegste dae van Bloemfontein se ontstaan in 1846 was daar reeds ’n aantal Katolieke in Bloemfontein. In 1851 is dit aan vader Petrus Hoendervangers (1817-1876), ’n sendeling uit België, opgedra om verantwoordelikheid vir die Katolieke in Bloemfontein te aanvaar. In Januarie 1852 het hy in die latere Vrystaatse hoofstad aangekom, waar hy 65 Katolieke aangetref het.[86] Aanvanklik het Hoendervangers se klein huisie ook as kerk gedien. In dieselfde jaar het Katolieke soldate en burgers begin om die eerste Katolieke skoolkapel in St. Georgestraat te bou. Dit is nie duidelik presies wanneer bogenoemde kapel met sy misvloer voltooi is nie.[87]

Tydens sy ampstermyn van 1852 tot 1870 het vader Hoendervangers ook Katolieke in Bethulie, Fauresmith, Platberg, Harrismith, Glendower, Thaba Nchu, Vlakfontein, Rouxville en Potchefstroom besoek. Hy is in 1871 deur vader Victor Bompart (1830-1904) opgevolg, wat tot in 1904 in Bloemfontein sou arbei. In 1876 het die Katolieke sustergemeenskap in Bloemfontein tot stand gekom en hierna is die Greenhill-klooster en -kloosterskool gebou, terwyl ’n nuwe, groter kerkgebou, die Heilige Hart-kerk, in 1881 op Green Hill gebou is.[88] In 1893 het die

---

83 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 5.2.1890, p. 2. Vergelyk ook MacMillan, p. 15 en Groenewald, p. 84.

84 Dit is nie duidelik wat met hierdie taal bedoel is nie. Dit was waarskynlik Sotho of dalk Xhosa.

85 VAB, A507/11: Herinneringe van J.H. Hornebrook, Wesleyaanse predikant van Bloemfontein, pp. 4-5.

86 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; J.E. Brady, *From garrison town to archbishopric: the story of the church in Bloemfontein and the OFS 1850-1954, and of Rev. Fr. P. Hoendervangers, O. Praem. the first priest*, p. 15. Vergelyk ook K. Schoeman, “Die beginjare van die Katolieke Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1850-1869”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 25(4), Desember 1982, p. 139.

87 *Cathedral of the Sacred Heart, consecrated on 2nd May, 1964, by His Grace the Most Reverend W.P. Whelan, O.M.I., Archbishop of Bloemfontein* (brosjure), p. 9; Brady, pp. 17, 41-42.

88 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; E.C. Brown, *The Catholic Church in South Africa: from its origins to the present day*, p. 170. Vergelyk ook *Cathedral of the Sacred Heart*, pp. 11-12.

Katolieke Kerk ook ’n skoolkapel in die Spoorwegkamp opgerig, naamlik die St. Joseph-skool op die hoek van Oranje- en Breëstraat, wat in 1902 afgebrand het. Dié geboutjie is blykbaar ook vir kerkdienste gebruik.[89] Geen verdere inligting oor dié skool kon opgespoor word nie.

Die inwoners van die Calvinistiese Boererepubliek van die OVS en selfs die Vrystaatse Volksraad was tot in die 1870’s nog baie agterdogtig en selfs vyandiggesind teenoor die Katolieke weens die gevolge van die herroeping van die Edik van Nantes in die 17de eeu.[90]

Omdat die Katolieke in Bloemfontein met die stigting van die Greenhill-kloosterskool hulle deel vir die Vrystaatse onderwys gedoen het, het die agterdog teenoor hulle geleidelik verdwyn en sedert 1883 het die Rooms-Katolieke Kerk, net soos baie ander kerkgenootskappe, ook ’n toelae van die Vrystaatse Volksraad ontvang. Tog was daar steeds in die 1890’s Vrystaatse predikante en burgers wat in die tydgenootlike koerante teen die Rooms-Katolieke Kerk en hulle leer te velde getrek het.[91] Die toelae wat die Vrystaatse Katolieke Kerk ontvang het, was maar klein – net £50 per jaar of een sjieling per lidmaat teenoor die NG Kerk se toelae van ongeveer twee sjielings en nege pennies per lidmaat. Van tyd tot tyd het sekere Volksraadslede probeer om bogenoemde toelae te beëindig, soos tydens die Volksraadsitting van Junie 1892. In Junie 1895 is ’n beswaarskrif of memorie aan die Volksraad voorgelê wat teen die toelae aan die Katolieke Kerk beswaar gemaak het. Dit is onderteken deur 1 370 burgers, waarvan ’n aantal predikante van die NG Kerk was. Die Volksraad het met ’n klein meerderheid van 25 stemme teen 23 besluit dat die Katolieke Kerk sy toelae sou behou.[92]

Die Katolieke biskop van die OVS, Kimberley en Lesotho, vader Anthony Gaughran (?-1901), het Bloemfontein ’n paar keer besoek en het dan gewoonlik die Sondag se oggend- en

---

89 *The Friend*, 21.4.1893, p. 3 en 23.5.1893, p. 3; “Stories of city’s churches tell of brave endeavour”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 73.

90 *De Burger*, 3.10.1894, p. 3 en 17.10.1894, p. 3; Schoeman, “Die beginjare van die Katolieke Kerk”, pp. 140-141. Vergelyk ook Groenewald, p. 83. Om die godsdiensoorloë tussen Katolieke en Protestante in Frankryk te beëindig, het koning Hendrik IV in 1598 die Edik van Nantes afgekondig waarvolgens Protestante (Hugenote) in Frankryk godsdiensvryheid en sekere burgerlike regte in ’n grootliks Katolieke land verkry het. Toe die Katolieke koning Lodewyk XIV die Edik van Nantes in 1685 herroep, is die Protestante hulle regte en godsdiensvryheid ontneem en het baie van hulle uit Frankryk gevlug na onder meer Duitsland, Switserland, Brittanje, Nederland en uiteindelik ook na die Kaap die Goeie Hoop. Hier is die Hugenote in die Kaapse bevolking opgeneem en het hulle ’n aandeel gehad in die ontstaan van die Afrikaner- of Boerevolk. J. Ploeger, “Die verspreiding van die Franse Hugenote”, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 18(2), 1988, pp. 14-19.

91 VAB, A159/3/1: J.A. Mouton, *Die geskiedenis van Bloemfontein*, pp. 22-23; *Daily Express*, 11.10.1890, p. 4 en 8.11.1890, p. 4; *De Burger*, 12.9.1894, p. 3, 22.9.1894, p. 3 en 1.5.1895, p. 4.

92 VAB, A159/3/1: J.A. Mouton, *Die geskiedenis van Bloemfontein*, pp. 22-23; *The Friend*, 24.6.1892, p. 2, 26.3.1895, p. 3 en 28.6.1895, pp. 2-3. Vergelyk ook *De Burger*, 26.3.1895, p. 3 en 29.6.1895, p. 2.

aanddienste in die Rooms-Katolieke kerk waargeneem.[93] In Desember 1889 word melding gemaak dat die Katolieke kerk ’n nuwe orrel, wat uit Kanada ingevoer is, verkry het.[94]

2.5 Lutherse Kerk

Op 12 Desember 1869 is die eerste Duitse erediens in die Vrystaatse hoofstad gehou. Eerwaarde N. Meyfarth, wat by die Lutherse sendingstasie Bethanie sendingwerk gedoen het, het Bloemfontein een keer per maand besoek om ’n diens in die ou Eerste Raadsaal in St. Georgestraat te hou, hoewel dienste ook van tyd tot tyd in die Wesleyaanse kapel gehou is.[95]

In Februarie 1874 het pres. J.H. Brand die hoeksteen van die nuwe Lutherse kerkgebou op die hoek van Monumentweg[96] en St. Georgestraat gelê. In Desember 1875 is dié kerkie ingewy en in 1881 is ’n pastorie langs die kerk in St. Georgestraat aangebou. Die eerste predikant was eerw. Paul Winter, wat in 1879 deur eerw. J.G. Grosskopf (1851-1925) van die Berlynse Sendinggenootskap opgevolg is. Hy het ’n groot rol in dié gemeente gespeel en tot in 1907 as leraar diens gedoen. Grosskopf en sy tweede vrou, Marie,[97] het in die vroeë 1890’s begin om twee keer per week Duitse klasse vir die kinders en volwassenes van die gemeente in die pastorie te gee. In Desember 1890 het die Lutherse gemeente reeds 182 lidmate gehad.[98]

Grosskopf het ’n reusetaak gehad omdat hy ook lidmate in die res van die Vrystaat moes besoek en hy het op ’n gereelde grondslag in dorpe soos Winburg, Wepener, Smithfield en in die Rouxville-distrik dienste in Duits en Nederlands gehou. Omdat die werklas vir Grosskopf te veel geword het, het die Berlynse Sendinggenootskap in 1893 sendeling J. Arndt gestuur om hom te kom help. Hoewel die gemeente in die 1890’s nog klein was, was die gemeentelede geesdriftig en is daar selfs ’n liefdadigheidsvereniging gestig om hulpbehoewende Vrystaters te help. Danksy die goeie verhouding tussen die Lutherse gemeente, die NG Kerk en die regering, het Grosskopf ook soms in die NG kerk in Bloemfontein en ander Vrystaatse dorpe gepreek.[99]

Pres. Reitz, die die Volksraad en die Bloemfonteinse stadsraad was ook die Lutherse gemeente goedgesind. Dit blyk uit die feit dat die Volksraad ’n jaarlikse toelae van £200 aan die

---

93 *The Friend*, 8.5.1889, p. 3, 27.3.1889, p. 3, 31.7.1889, p. 3 en 1.1.1890, p. 2. A. Gaughran was biskop van 1886-1901.

94 *Ibid*., 25.12.1889, p. 3 en 1.1.1890, p. 2.

95 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; G.P.J. Trümpelmann, *Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat: Festgabe zur Feier des 75-jahrigen Bestehens der deutsch-lutherishen Gemeinde zu Bloemfontein* (bylae by *Die Eiche*, Beilage 8, 1950), pp. 19-21.

96 Vandag Kerkstraat.

97 Grosskopf se eerste vrou, Carla, is in 1882 oorlede en in 1885 is hy getroud met Marie Bertha Auguste Grützner (1864-1946). L. Zöllner en J.A. Heese, *The Berlin missionaries in South Africa and their descendants*, p. 105.

98 *De Expres*s, 23.12.1890, p. 3; Trümpelmann, pp. 19-21. Vergelyk ook J.A. Collins, *The struggles of an infant state: being some glimpses into the history of the late Orange Free State Republic*, p. 90.

99 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 8.3.1892, pp. 2-3. Vergelyk ook Trümpelmann, pp. 19-21.

Lutherse Kerk in die Vrystaat betaal het[100] en dat pres. Reitz, die burgemeester en ander prominente inwoners in Januarie 1894 die opening van die Lutherse Sinode in die Lutherse kerk van Bloemfontein bygewoon het.[101]

2.6 Baptiste Kerk

Voor 1891 het lidmate van die Baptiste Kerk in Bloemfontein die kerkdienste van die Wesleyaanse Metodiste kerk bygewoon. In 1891 het die Baptiste Unie twee afgevaardigdes na Bloemfontein gestuur om ’n Baptiste gemeente in die Vrystaatse hoofstad te stig. Eerw. G.W. Cross en eerw. H.J. Batts het hulle bekendstellingsbrief aan die president oorhandig waarna Reitz hulle hoflik ontvang en ’n dinee ter ere van hulle gereël het. Die Sondag na hulle aankoms is die eerste Baptiste kerkdiens in die stadsaal van Bloemfontein gehou met eerw. Cross as prediker. Pres. Reitz en sy gesin het ook dié diens bygewoon. ’n Jaar later is eerw. W.H. Doggett as eerste predikant van die nuwe Baptiste gemeente aangestel en kerkdienste is aanvanklik in die raadsaal van die stadsaal gehou.[102] In Oktober 1892 is die 100ste verjaardag van die Baptiste sendinggenootskap deur spesiale dienste in Bloemfontein gevier en daar is ook met Sondagskool-klasse begin.[103]

Die Baptiste Kerk in Bloemfontein het vinnig gegroei sodat daar in 1893 reeds 46 lidmate was. In dieselfde jaar is twee erwe in die sentrale dorpsgebied aangekoop, en Doggett is deur eerw. A.J. Edwards van Graaff-Reinet opgevolg, wat tot in 1897 die leraar was. Intussen is kerkeiendom in Graaff-Reinet ten bate van die Baptiste gemeente in Bloemfontein verkoop sodat ’n kerkgebou[104] op die hoek van Hanger- en Maitlandstraat[105] opgerig kon word. In April 1894 is die nuwe Baptiste kerk ingewy terwyl ’n pastorie ook aangekoop is. Omdat die nuwe kerkgebou naby die Spoorwegkamp was, het die Baptiste Kerk goeie werk onder die spoorwegwerkers gedoen.[106]

---

[100] VAB, A159/3/1: C.J. Uys, “Die kerk in die Oranje-Vrystaat”, in J.A. Mouton (sameroeper), *Die geskiedenis van Bloemfontein* (ongepubliseerde manuskrip), p. 25; *The Friend*, 14.6.1892, p. 2 en 17.6.1892, p. 3.
[101] *De Burger*, 27.1.1894, p. 3; *The Friend*, 19.1.1894, p. 3 en 26.1.1894, p. 2.
[102] *The Friend*, 11.3.1892, pp. 2-3 , 15.3.1892, p. 2, 18.3.1892, p. 2, 9.9.1892, p. 2 en 20.4.1894, p. 3; H.J. Batts, *The story of a 100 years, 1820-1920: being the history of the Baptist Church in South Africa*, pp. 106-108.
[103] *The Friend*, 4.10.1892, pp. 2-3.
[104] Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.2.1.
[105] Tans Charlotte Maxekestraat.
[106] *The Friend*, 20.4.1894, p. 3, 27.4.1894, p. 3 en 1.5.1894, p. 3; Batts, pp. 108-109.

2.7 Heilsleër

Ofskoon die koms van die spoorlyn baie vir Bloemfontein se ekonomie en vooruitgang beteken het, het dit ook onwenslike persone soos boemelaars en misdadigers na Bloemfontein gebring. Bogenoemde sosiale probleme[107] het die Heilsleër na Bloemfontein gelok. Die Heilsleër is in 1865 gestig toe William Booth (1829-1912), 'n Metodiste predikant van Londen, besluit het om die Christelike boodskap na die strate te neem waar dit die armes, die haweloses en die hongeriges kon bereik. Hierdie mense is ook versorg deur aan hulle kos en verblyf te gee, waar nodig. Die Heilsleër beskou hulleself as 'n integrale deel van die Christelike Kerk, hoewel hulle hul eie werkswyse en gesagstruktuur het. Die Heilsleër is op kwasi-militêre wyse georganiseer, met Booth as eerste generaal. Hulle het ook hul eie uniforms, vlae en eiesoortige musiek. Dié beweging, wat deur Booth gestig is, het van Brittanje na verskeie lande regoor die wêreld versprei, ook na Suid-Afrika.[108]

Die Heilsleër het in 1888 vir die eerste keer na Bloemfontein gekom, maar was toe nie baie suksesvol nie. Hulle is aanvanklik met agterdog deur die inwoners bejeën, waarskynlik omdat dit 'n nuwe, ongewone verskynsel vir Bloemfontein was, maar ook omdat die Heilsleër dronkaards, boemelaars en haweloses na hulle byeenkomste getrek het waar daar dikwels onderlinge gevegte uitgebreek het en eiendom soms beskadig is.[109]

In die koerante, veral in *De Burger*, was daar 'n hele polemiek oor die goeie en swak punte van die Heilsleër. Baie lesers was gekant teen die Heilsleër omdat hulle sekere belangrike elemente van die Christelike leer, soos die sakramente (doop en nagmaal), agterweë laat en omdat hulle, volgens die konserwatiewe Afrikaners, nie stigtelik genoeg was nie. Hulle geskreeu en harde musiek op straat het veral die Afrikaners dwars in die krop gesteek. Tog was daar ook diegene wat die goeie werk wat die Heilsleër ten opsigte van die versorging en bearbeiding van die armes en uitgeworpenes gedoen het, na waarde kon skat.[110]

In 1891 het die Heilsleër sy eie gebou of barakke in Douglasstraat gekry en is hulle pogings in Bloemfontein met groter welslae bekroon. Ofskoon inwoners wat naby aan die Heilsleër se barakke gewoon het oor 'n gesing en geskreeu gekla het, het die ontwikkelende dorp hulle dienste nodig gehad en is hulle en hul onortodokse werkswyse mettertyd aanvaar. Selfs

---

[107] Kyk hoofstuk 4, afdelings 7 en 8, vir meer inligting oor sosiale probleme en misdaad in Bloemfontein.

[108] *De Burger*, 17.2.1894, p. 2; "The Salvation Army. Southern Africa Territory. History", <http://www.salvationarmy.org.za/index.php/about-us/history>, geraadpleeg 8.4.2013; "The Salvation Army. Southern Africa. Organization", <http://www.givengain.com/cause/2443/about/>, geraadpleeg 8.4.2013.

[109] *De Express*, 18.11.1890, p. 5; *Daily Express*, 8.11.1890, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 116.

[110] *De Burger*, 17.2.1894, p. 2, 28.2.1894, p. 2, 14.3.1894, p. 3 en 18.4.1894, p. 4; *The Friend*, 24.5.1895, p. 2.

predikante van die meer konserwatiewe NG Kerk het vir Christelike verdraagsaamheid teenoor die Heilsleër gepleit.[111]

Tydens kommissaris Higgins, genl. Booth se internasionale verteenwoordiger, se besoek aan Bloemfontein in November 1894 het hy in die stadsaal 'n lesing oor die "Darkest England scheme"[112] gelewer. Regter (later pres.) M.T. Steyn het as voorsitter opgetree en die byeenkoms is deur 'n hele aantal inwoners bygewoon.[113] Toe die Heilsleër se stigter, genl. Booth, Bloemfontein op 29 en 30 Augustus 1895 as deel van sy Suid-Afrikaanse toer besoek het, het hy drie lesings oor "Practical religion", "Present position and prospects of the social scheme" en "Salvation and the Salvation Army" in die stadsaal gehou.[114] Ofskoon *De Express* se redakteur snedige opmerkings oor Booth en die Heilsleër gemaak het, is Booth hartlik deur die meeste van Bloemfontein se inwoners ontvang en is sy byeenkomste redelik goed bygewoon.[115]

2.8 Joodse gemeente

Isaac Baumann, 'n horlosiemaker, wat in Hesse-Kassel, Duitsland, gebore is en in 1848 as handelaar na Bloemfontein gekom het, was die eerste Jood wat hom in Bloemfontein gevestig het.[116] Sy suksesvolle vestiging in Bloemfontein het familielede en Joodse vriende in Duitsland aangemoedig om ook na die Vrystaat te kom.[117] Baumann het 'n belangrike rol op Joodse godsdienstige gebied gespeel, aangesien hy rabbi Samuel Rappaport van Port Elizabeth laat kom het vir belangrike Joodse seremonies, omdat daar toe nog nie 'n Joodse gemeente of sinagoge in Bloemfontein was nie.[118] Na 1888 is die Joodse gemeenskap in die Vrystaatse hoofstad deur nuwe immigrante uit Oos-Europa, Wes-Europa en Ierland aangevul.[119] Volgens die Maart 1890-

---

111 *The Friend*, 13.3.1891, p. 3, 9.6.1891, p. 3, 12.6.1891, p. 3, 8.9.1891, p. 3, 6.10.1891, p. 3, 3.11.1891, p. 3, 24.5.1895, p. 2 en 28.5.1895, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 116.

112 In genl. Booth se boek, *In darkest England and the way out*, wat in 1890 gepubliseer is, het hy "beskaafde" Brittanje vergelyk met "Darkest Africa", 'n kontinent wat toe as uiters arm en agterlik beskou is. Volgens hom was dele van Engeland of Brittanje in die 1890's ook deur uiterste armoede en ellende gekenmerk. Hy het 'n oplossing vir die probleem in Engeland voorgestel en hiermee terselfdertyd die moderne sosiale welsynstrategie van die Heilsleër uitgestippel.

113 *The Friend*, 9.11.1894, p. 2.

114 *De Burger*, 17.8.1895, p. 2; *The Friend*, 5.7.1895, p. 2, 27.8.1895, pp. 2-3 en 30.8.1895, p. 3.

115 *Daily Express*, 1.9.1895, p. 2; *The Friend*, 3.9.1895, p. 3 en 6.9.1895, p. 3.

116 G. Baumann & E. Bright, *The lost republic*, p. 205; M. Pencharz, "The history of the Bloemfontein Jewish community", *Hashomer*, September 1953, p. 17. Kyk hoofstuk 2, afdeling 3.1.4, vir meer besonderhede oor Bloemfontein se Joodse inwoners.

117 J. Brauer, "Bloemfontein has landmarks of Jewish origins", *Jewish Affairs*, September 1980, p. 115.

118 S. Aronstam, "South African Jewish communities: Bloemfontein. A history of the Jewish community archives", p. 3, <http://www.jewishgen.org/SAfrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 30.9.2010.

119 R. Ehrlich, "Recollections of early days in Bloemfontein", *Jewish Affairs*, Junie 1963, p. 26; S.M. Aronstam, *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein Jewish community with special reference to the conceptions of Jewish welfare work*.(D.Soc.Sc.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1974), pp. 73-75.

sensus het die Bloemfonteinse Joodse gemeenskap toe uit 37 lede bestaan[120] en teen 1900 het daar 150 Jode in Bloemfontein gewoon.[121]

Hoewel daar reeds vanaf 1877 kerkdienste vir Jode in huise, die Vrymesselaarslosie en later in Bloemfontein se stadsaal gehou is, is ’n volwaardige Joodse gemeente eers in 1893 in die Vrystaatse hoofstad gestig, met Ernest Moses as die eerste president. Hy is in 1894 deur B. Levy opgevolg. Eerw. Urdang was die eerste rabbi van die gemeente, wat deur rabbi Zitran en in 1896 deur M.L. Cohen opgevolg is.[122] In die 1890’s het die Bloemfonteinse Jode ’n Filantropiese Vereniging vir dames gehad wat hoofsaaklik welsynswerk verrig het, asook ’n *Chevra Kadisha* of Begrafnisvereniging.[123]

Omdat die Joodse gemeente tydens die Reitz-tydperk nog klein was, kon dienste en godsdienstige byeenkomste in huise en ander geboue gehou word, op voorwaarde dat daar ten minste tien mans ouer as dertien jaar (’n *Minyan*) teenwoordig moes wees.[124] Die Joodse sinagoge in Bloemfontein op die hoek van Zastron- en Oos-Burgerstraat is eers in 1904 in gebruik geneem.[125]

2.9 Ander kerkgenootskappe en godsdienste

Aangesien die **Presbiteriane** in Bloemfontein aanvanklik die dienste van die Wesleyaanse Metodiste kerk bygewoon het, terwyl eerw. Scott ook na hulle behoeftes omgesien het, is daar eers in 1897 ’n Presbiteriaanse gemeente in Bloemfontein gestig.[126]

Vanaf 1894 is dienste vir lidmate van die **Gereformeerde Kerk** in Bloemfontein deur di. A.A.J. de Klerk Coetzee van Reddersburg, Dirk Postma jr. (1861-1919) en Marthinus Postma (1855-1926) in die stadsaal van Bloemfontein gehou. ’n Gemeente van die Gereformeerde Kerk

---

120 VAB, Census 1890, schedule A.

121 Aronstam, “South African Jewish communities”, p. 3; Pencharz, p. 21. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 135.

122 Pencharz, pp. 17, 21; Aronstam, *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein Jewish community*, p. 77.

123 M. Pencharz & D.L. Sowden, “In the Orange Free State” in G. Saron & L. Hotz (reds.), *The Jews in South Africa: a history*, p. 329.

124 Aronstam, *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein Jewish community*, p. 77; Groenewald, p. 86. Volgens Joodse wette en gebruike is ’n *Minyan* ’n kworum van tien mans ouer as 13 jaar wat nodig is vir openbare gebed.

125 Marianna Botes Privaat-versameling: “Notes on early Bloemfontein by Mrs. Sophie Leviseur”, 27.2.1952, p. 1; Pencharz & Sowden, p. 321. Die Joodse sinagoge in Bloemfontein was die eerste wat in die Vrystaat opgerig is.

126 Stories of city’s churches tell of brave endeavour”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 75.

is eers in 1903 in die Vrystaatse hoofstad gestig.[127] Aangesien gemeentes van die Presbiteriaanse Kerk, sowel as die Gereformeerde Kerk, eers ná die Reitz-tydperk in Bloemfontein gestig is, word bogenoemde kerke nie hier verder bespreek nie.

Oor die **Indiërs s**e godsdiensbeoefening in Bloemfontein kon geen inligting opgespoor word nie. In die 1890's was die meeste Indiërs in Suid-Afrika óf Hindoes óf Moslems, terwyl daar ook enkele Christene was.[128] In elk geval was daar nooit baie Indiërs in Bloemfontein nie en het van diegene wat wel in die hoofstad gebly het, die Vrystaat, na die beperkende maatreëls van 1890, verlaat. Daar is nie tydens die Reitz-tydperk 'n moskee in Bloemfontein gebou nie.[129]

3 Onderwys en opvoeding

Voor 1870 was onderwystoestande in die OVS en selfs in die Vrystaatse hoofstad maar swak, hoofsaaklik omdat dit toe steeds 'n relatief arm pioniersgemeenskap was.[130] Ofskoon daar voor 1870 verskeie skole in Bloemfontein bestaan het, het die onderwys in Bloemfontein eers sedert die aanvaarding van die veelbesproke Onderwyswet van 1872 daadwerklike vordering begin toon. In 1890 het 544 kinders in Bloemfontein onderwys ontvang, waarvan 331 wit kinders in staatskole en 89 in private skole was, en 124 swart en bruin kinders in sendingskole.[131]

3.1 Blanke onderwys[132]

Die finansiële voorspoed wat die ontdekking van diamante tot gevolg gehad het, het beteken dat daar ook meer geld vir onderwys beskikbaar was. Danksy ordonnansie no. 5 van 1872, *Op het Onderwys voor Blanke Kinderen in den Oranje Vrijstaat* het toestande in blanke onderwys begin verbeter omdat dit die nodige eenvormigheid en sentralisasie in die onderwys meegebring het, terwyl die Volksraad ook voortaan jaarliks fondse vir onderwys begroot het. Die pligte van die staat, die inspekteur van onderwys en skoolkommissies is nou duidelik omskryf, leerplanne is uitgewerk en vir skole voorgeskryf en 'n mededingende beurseksamen is ingestel. Volgens dié

---

[127] *De Burger*, 6.6.1894, p. 2, 20.6.1894, p. 2, 6.2.1895, p. 2 en 23.2.1895, p. 4; "Stories of city's churches tell of brave endeavour", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 75. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 211.

[128] A.L. Müller, *Die ekonomiese posisie van die Asiaat in Suid-Afrika en enkele ander gebiede in Afrika* (D.Econ.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1963), p. 12.

[129] Kyk hoofstuk 2, afdeling 3.2.2, vir meer besonderhede oor die Indiërs in Bloemfontein.

[130] M. Horrell, *The education of the coloured community in South Africa, 1652-1970*, p. 28.

[131] *De Express*, 23.12.1890, p. 2.

[132] Aangesien die geskiedenis van onderwys en skole 'n studie op sigself is en reeds redelik volledig nagevors is, word die onderwys hier net kortliks bespreek. Verskeie bronne kan vir meer inligting oor die Vrystaatse onderwys tydens die Reitz-tydperk geraadpleeg word, onder meer P.S. Malan, *Openbare onderwys vir blankes in die Oranje-Vrystaat 1874-1899.* D.Ed.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit, 1951.

wet moes die inspekteur jaarliks aan die Volksraad oor die toestand van die onderwys verslag doen. Tog is daar eers twee jaar later ’n inspekteur van onderwys aangestel.[133]

Ordonnansie no. 1 van 1874 het die onderwyswet van twee jaar vroeër aangevul en enkele wysigings en verbeterings meegebring. Bogenoemde wette of ordonnansies was belangrik omdat dit tot 1899 die grondslag van onderwyswetgewing sou bly, hoewel dit in 1879, 1884 en 1891 met wysiginge en verbeterings aangevul is. Ordonnansie no. 1 van 1874 het onder meer ’n onderwysfonds in die lewe geroep, terwyl dit ook vir die opleiding van kwekelingonderwysers voorsiening gemaak het. Volgens dié ordonnansie moes alle onderwysers in staatskole in besit van onderwyssertifikate wees. ’n Eksamenkommissie sou die vereiste eksamens afneem en sertifikate van drie rangordes, naamlik klas 1, klas 2 en klas 3, toeken.[134]

Die eerste inspekteur van onderwys was die Skot dr. John Brebner (1833-1902) wat in Edinburgh as predikant gekwalifiseer het en 12 jaar ondervinding van onderwys in die Kaapkolonie gehad het. Onder sy bekwame leiding het die onderwys in die Vrystaat met rasse skrede vooruitgegaan.[135] In 1881 en weer in 1892 is Brebner na die buiteland om ondersoek in te stel na die onderwysstelsels in onder meer Brittanje, Nederland, Swede en die VSA en die beste model vir ’n landbouskool, asook om onderwysers vir die Vrystaat te werf. Brebner het ook gereeld inspeksies van alle staatskole onderneem.[136] In 1891 is Brebner tot superintendent van onderwys bevorder, terwyl ’n inspekteur van skole, dr. B.J. Haarhof, aangestel is om hom by te staan. In 1895 is ’n tweede inspekteur, J.F.W. Küpferburger, aangestel.[137]

Behalwe die moeilike taalkwessie[138] was die tekort aan opgeleide onderwysers die ander groot probleem waarmee die Vrystaatse onderwysdepartement geworstel het. ’n Stelsel wat voorsiening gemaak het vir kwekeling-onderwysers by Grey-kollege en die Damesinstituut is ingestel, maar dit was ’n langtermyn-proses en nie baie suksesvol nie. Die ideaal van ’n

---

[133] VAB, A6/1: koerantknipsel, onderhoud met dr. Brebner: “Education in the Orange Free State”, *The Dundee Advertiser*, 20.9.1897; D.P. Britz, “The development of education in the Free State”, *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954 – a hundred years of progress*, pp. 74-75.

[134] VAB, A433/1: dr. J. Brebner – P.J. Blignaut, 17.9.1901; A92/3; Onderwyser-sertifikaat 3de klas van Jane Brebner, 30.1.1889; Ordonnantie no. 2–1891, *OVS Volksraadsnotule*, 1891 (agterin boek, pp. 20-21); *De Burger*, 18.7.1894, p. 3. Vergelyk ook M.C.E. van Schoor, “Onderwys in die Oranje-Vrystaat” in J.C. Coetzee (red.), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, pp. 147-149.

[135] *The Friend*, 10.7.1894, p. 3; E.G. Pells, *European, coloured and native education in South Africa 1652-1938*, p. 64.

[136] *The Friend*, 21.8.1889, p. 3, 20.11.1889, p. 2, 15.3.1892, p. 2 en 1.7.1892, p. 3; “Onderwysgeskiedenis van Vrystaat”, *Die Volksblad*, 30.5.1931, p. 5.

[137] VAB, A6/1: koerantknipsel, onderhoud met dr. Brebner: “Education in the Orange Free State”, *The Dundee Advertiser*, 20.9.1897; *OVS Volksraadsnotule*, 23.5.1891, 9.6.1891 en 22.5.1895. Vergelyk ook D.P. Britz, “The development of education in the Free State”, *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954 – a hundred years of progress*, pp. 74-75 en Malan, pp. 144-146.

[138] Kyk afdeling 3.2, *infra*.

Vrystaatse onderwyserskollege vir die opleiding van onderwysers sou eers in 1898 verwesenlik word.[139] Gevolglik is die Vrystaat genoodsaak om dikwels Engelssprekende onderwysers van die Kaapkolonie aan te stel wat die bevordering van Nederlands as voertaal in die skole in die wiele gery het.[140] Die gebrek aan 'n pensioenfonds vir onderwysers in die OVS het ook nie bekwame onderwysers aangemoedig om na die republiek te kom nie.[141]

Reeds in 1877 was daar pleidooie vir die stigting van 'n onderwysersvereniging wat jaarliks in Bloemfontein kon vergader om onderwyssake te bespreek. Ten spyte hiervan is die eerste onderwyserskongres eers in Junie 1892 in Bloemfontein gehou. Die stigtingsvergadering is onder andere deur pres. Reitz en dr. Brebner bygewoon wat albei die vyftigtal onderwysers toegespreek het. Ofskoon die onderwysersvereniging met groot geesdrif begin is, het dit nie veel bereik nie en gevolglik het belangstelling in dié vereniging teen 1894 begin taan.[142]

Deur Brebner se toedoen het die Vrystaatse skoolleerplanne in die 1890's 'n sterk Brits-Skotse karakter vertoon.[143] In die 1890's is die volgende vakke onder meer by die staatskole Grey-kollege en die Damesinstituut in Bloemfontein aangebied: lees, skryf en reken; die tale Nederlands, Engels, Frans, Duits, Grieks en Latyn; Bybelse, algemene en "bijzondere"[144] geskiedenis, aardrykskunde, wiskunde (algebra en meetkunde), natuurkunde (biologie?), "Scheikunde", "Werktuigkunde" (houtwerk?), handwerk (vir meisies), sang en musiek, "Teekenen", gimnastiek en vir die kwekelinge opvoedkunde (teoreties en prakties).[145] In 1894 is kookkuns en kleremakery of naaldwerk by die leerplan van die Damesinstituut gevoeg.[146] Die onderwysstandaard in die Vrystaat was net so hoog of selfs hoër as dié van die Kaapkolonie.[147] Tog het vooraanstaande inwoners van Bloemfontein, soos die Fichardts en die Fischers hulle kinders (veral seuns) na skole in die Kaap en selfs Europa gestuur.[148]

---

[139] VAB, A6: De wet op het openbaar onderwijs voor blanke kinderen, volgens hoofstuk XLIX zooals gewijzigd door wetten nos. 19 en 20–1894; "Groei van Normaalkollege", *Die Volksblad*, 30.5.1931, p. 3.

[140] Ordonnantie no. 2–1891, *OVS Volksraadsnotule*, 1891 (agterin boek, pp. 22-24); P.B. Bernard, *'n Ondersoek na die implementering van die nasionale beginsel in die onderwysbeleid en -praktyk van die Vrystaat vanaf Republiekwording 1854 tot en met Uniewording, 1910* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Januarie 1972), pp. 103-104.

[141] *De Burger*, 6.6.1894, p. 2.

[142] *De Express*, 23.3.1894, p. 2; *De Burger*, 28.3.1894, p. 3; *The Friend*, 24.6.1892, p. 3; 28.6.1892, pp. 2-3 en 4.4.1893, p. 3. Vergelyk ook A.A. Linde, *Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat se Onderwysersvereniging* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Julie 1929), pp. 13-14, 64-65.

[143] Coetzee, *Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys*, p. 125.

[144] Dit was Suid-Afrikaanse geskiedenis. Bernard, p. 127.

[145] VAB, A6: De wet op het openbaar onderwijs voor blanke kinderen, volgens hoofstuk XLIX zooals gewijzigd door wetten nos. 19 en 20–1894; Ordonnantie no. 2–1891, *OVS Volksraadsnotule*, 1891 (agterin boek, p. 19).

[146] *Verslag van Superintendent van Onderwys, 1894-1895*, p. v; Calitz, p. 149.

[147] *Daily Express*, 21.7.1890, p. 4.

[148] *The Friend*, 29.1.1892, p. 2 en 5.2.1892, p. 2; *Daily Express*, 13.5.1890, p. 2.

In die staatskole is godsdiensonderrig en klasse in Bybelse geskiedenis slegs deur leerlinge bygewoon wie se ouers geen beswaar daarteen gehad het nie. Elke dag is met skriflesing, gebed en die sing van ’n psalm of gesang geopen, terwyl ’n halfuur per dag aan godsdiensonderrig afgestaan is.[149] Vasgestelde skooldrag was onbekend en kinders het in gewone klere skool toe gegaan. In 1895 het Volksraadslid C.H. Wessels voorgestel dat ’n uniform of skooldrag vir die leerlinge van die Damesinstituut ingestel word, maar die Volksraad het dit afgekeur. Kinders het ’n griffie en lei gebruik om op te skryf. ’n Nat lappie is gebruik om die lei mee skoon te vee.[150] Liggaamsoefeninge of gimnastiek is met begeleiding van musiek by die Damesinstituut Eunice gedoen, Grey-kollege se seuns het graag aan krieket en rugby deelgeneem, terwyl die swembad by die kollege in die somer feitlik daagliks benut is.[151]

Aanvanklik was daar nie skooleindeksamens nie en het die inspekteurs van skole leerlinge geëvalueer en na die volgende standerd bevorder. Teen 1889 is daar wel halfjaarliks eksamens by skole afgeneem en die Volksraadslede het self sommige van hierdie skooleksamens bygewoon.[152] Daar het lank reeds ’n behoefte aan ’n gepaste skooleksamen bestaan vir leerlinge wat die skool wou verlaat, maar nie vêr genoeg gevorder het om die matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit af te lê nie. Daarom is daar in die 1880’s ’n openbare skooleindeksamen vir skoolverlaters ingestel wat deur die Kommissie van Publieke Eksaminatore[153] afgeneem sou word.[154] In 1895 het 39 kandidate bogenoemde eksamen afgelê, hoewel net 16 geslaag het.[155]

’n Aantal Vrystaatse leerlinge het ook jaarliks aan die hoërskool-eksamen en die matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit deelgeneem. Die leerstof in Bloemfontein se twee staatskole het voorbereiding vir bogenoemde matrikulasie-eksamen, asook vir die onderwyserseksamen, ingesluit. Verder het leerlinge ook aan die afsonderlike, openbare wedstryd vir skole deelgeneem en vir staatsbeurse meegeding.[156] In 1890 het vier kandidate van Grey-kollege byvoorbeeld aan die Kaapse matrikulasie-eksamen deelgeneem, waarvan een met eervolle vermelding geslaag het.[157]

---

[149] VAB, OR44: *OVS Wetboek*, 1854-1891, hoofstuk XLIX: art. 102 en 105, pp. 326-327, A6: De wet op het openbaar onderwijs voor blanke kinderen, volgens hoofstuk XLIX zooals gewijzigd door wetten nos. 19 en 20–1894; Ordonnantie no. 2-1891, OVS Ordonnantie 22-1889, *OVS Volksraadsnotule*, 1889 (agterin boek). Vergelyk ook *The Friend*, 27.1.1891, p. 5.

[150] *The Friend*, 24.5.1895, p. 2; Groenewald, p. 91.

[151] *OVS Onderwysverslag, 1894-1895*, p. 6; Calitz, p. 149.

[152] *The Friend*, 12.6.1889, pp. 4-5.

[153] Kyk afdeling 3.6 *infra*.

[154] VAB, A6: De wet op het openbaar onderwijs voor blanke kinderen, volgens hoofstuk XLIX zooals gewijzigd door wetten nos. 19 en 20–1894; *OVS Onderwysverslag, 1889-1890*, p. 7.

[155] *OVS Onderwysverslag, 1895-1896*, p. viii.

[156] *OVS Onderwysverslag, 1890-1891*, pp. 18, 22; *OVS Onderwysverslag, 1893-1894*, pp. vi-vii, xv, xx.

[157] *Daily Express*, 28.7.1890, p. 4; *The Friend*, 1.6.1894, p. 3.

Pres. Reitz het ’n opregte belangstelling in onderwysaangeleenthede gehad. Voor sy verkiesing tot president het hy ’n groot rol in die onderwyssake van Grey-kollege gespeel en hy het ook op dié seunskool se kuratorium gedien.[158] Na sy verkiesing tot staatspresident het Reitz hom beywer om onderwysgeleenthede en goeie kwaliteit onderwys in die Vrystaat, en dus ook in Bloemfontein, te bevorder. Die president het dikwels sluitingsfunksies van die Bloemfonteinse staatskole bygewoon, soos in Junie 1893 toe Reitz die sluiting van Grey-kollege en die Damesinstituut vir die Julie-skoolvakansie bygewoon en die leerlinge en onderwysers ’n paar bemoedigende woorde toegevoeg het. Danksy die beter finansiële posisie van die OVS in die 1890’s, kon Reitz die Volksraad oorreed om groter finansiële steun aan die onderwys te verleen. Dit blyk duidelik uit die feit dat die staat se bydrae tot die onderwys in vyf jaar se tyd van £11 830 in 1890 tot £49 250 in 1895 gestyg het.[159]

Aanvanklik het die Vrystaatse onderwyswet nie vir verpligte onderwys voorsiening gemaak nie. Dit is aan ouers oorgelaat om te besluit hoeveel onderwys hulle kinders moes ontvang. In ooreenstemming met die algemene 19de eeuse opvatting was baie Vrystaatse ouers van mening dat hoë geleerdheid nie nodig was nie, veral nie op die plase en op die platteland nie. Dikwels is kinders, sodra hulle leer lees, skryf en reken het, uit die skool gehaal om met die boerdery of huishouding te help. Vir baie ouers was onderwys net belangrik om die kinders te leer lees en skryf sodat die kind vir “aanneming”, dit wil sê die aflegging van die Christelike geloofsbelydenis, voorberei kon word.[160]

Reeds sedert die 1870’s het daar stemme in die pers ten gunste van ’n stelsel van verpligte onderwys begin opgaan, terwyl dit vir die eerste keer in 1889 in die Vrystaatse Volksraad bespreek is. Dit sou ’n lang stryd wees omdat daar kampvegters vir en teen verpligte onderwys was.[161] Ten spyte van groot vooruitgang in die Vrystaatse onderwys in die 1890’s, het ’n relatief groot aantal blanke kinders nog nie onderwys ontvang nie. Daarom het die Volksraad in 1891 ’n spesiale onderwyskommissie aangestel om die toestand van onderwys in die republiek te ondersoek. Dié kommissie het bevind dat meer as 5 000 Vrystaatse kinders tussen die ouderdomme van sewe en 14 jaar nie kon lees of skryf nie.[162] Van die Volksraadslede was van

---

158 VAB, GS183: C.S. Morgan – goewermentsekr., 22.3.1889; *The Friend*, 8.5.1889, p. 3.

159 *The Friend*, 15.3.1892, p. 2, 3.5.1892, p. 3, 16.12.1892, pp. 2-3 en 23.6.1893, p. 3; J.C Moll, “Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 36, pp. 190-195.

160 *De Burger*, 13.10.1894, p. 3; *De Express*, 15.4.1890, p. 6; *Daily Express*, 21.7.1890, p. 4. Vergelyk ook *The Friend*, 4.12.1889, p. 2, 8.5.1894, p. 2 en 31.5.1895, p. 3 en P.D. Smit, “Hubertus Elffers se betekenis vir die Vrystaatse onderwys tussen die jare 1888-1893 – II”, *Historia* 12(1), Maart 1967, p. 40.

161 *OVS Volksraadsnotule*, 15.5.1889; Coetzee, *Die Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys*, pp. 135-137.

162 *Daily Express*, 15.5.1890, p. 2; E.G. Malherbe, *Education in South Africa (1652-1922)* 1, p. 373.

mening dat verpligte onderwys daartoe sou bydra om armblankes op te hef. Brebner het die bevindinge van bogenoemde kommissie gebruik om by die Volksraad vir ’n stelsel van beperkte verpligte onderwys te pleit. Uiteindelik is ’n stelsel van verpligte onderwys vir alle blanke kinders in die OVS in 1895 ingestel.[163]

Hierdeur is alle blanke kinders tussen die ouderdomme van 14 en 16 jaar sedert 1895 verplig om skool te gaan. Kinders tussen bogenoemde ouderdomme moes leer lees en skryf, eenvoudige rekenkunde kon doen, onderrig word in die aardrykskunde en geskiedenis van die OVS, asook in Bybelkennis, indien hulle ouers geen beswaar daarteen gehad het nie. Van die kinders is verwag om ’n staatseksamen in bostaande vakke te slaag. Twee jaar later is bepaal dat alle blanke kinders tussen die ouderdomme van tien en 16 skoolonderrig moes ontvang. Arm kinders het gratis skoolopleiding gekry.[164]

Hoewel die Vrystaatse regering grootliks vir blanke onderwys in die Vrystaat verantwoordelik was, het verskillende kerkdenominasies ook ’n groot rol in die onderwys gespeel, veral in Bloemfontein. Die NG Kerk was betrokke by die stigting van die Damesinstituut[165] in 1875, terwyl die Anglikaanse Kerk die St. Andrew-skool vir seuns en die St. Michael-skool vir dogters in Bloemfontein gestig en bestuur het.[166]

3.1.1 Taalkwessie in die onderwys

Sedert die ontstaan van die republiek het die taalkwessie in die blanke onderwys probleme veroorsaak, omdat sommige ouers Nederlands as onderwysmedium verkies het, terwyl ander weer verkies het dat hulle kinders in Engels onderrig word. Engels, as wêreldtaal, het besliste voordele gehad.[167]

Omdat die amptelike taal van die Boererepubliek Nederlands was, is daar in 1889 bepaal dat die voertaal in alle Vrystaatse staatskole sovêr moontlik Nederlands moes wees, terwyl die gebruik van Engels opsioneel was.[168] Volgens ’n 1891-ordonnansie moes die helfte van die skoolvakke vanaf standerd 3 en hoër in Nederlands as medium aangebied word, terwyl die ander

---

[163] VAB, A6: “Wet no. 14–1895, “Over onderwijs voor blanke kinderen in den Oranjevrijstaat”; *De Burger*, 24.1.1894, p. 2 en 17.4.1895, p. 3; *The Friend*, 13.6.1893, p. 2, 16.4.1895, p. 3 en 1.6.1895, p. 2. Vergelyk ook *OVS Volksraadsnotule*, 30.5.1893, 14.1.1894 en 29-30.5.1895.

[164] *De Burger*, 6.7.1895, p. 2; *The Friend*, 31.5.1895, p. 2, 1.6.1895, p. 2 en 21.6.1895, p. 3; Wet no.14-1895, *OVS Volksraadsnotule*, 1895 (agter in boek), pp. 19-22. Vergelyk ook Pells, p. 68.

[165] Vandag Eunice-skool.

[166] Pells, p. 73.

[167] *OVS Onderwysverslag, 1889-1890*, p. 14; *Daily News*, 5.4.1890, p. 4. Vergelyk ook D.P. Britz, p. 75.

[168] *De Express*, 28.1.1890, p. 2; *OVS Volksraadsnotule*, 22.6.1889. Vergelyk ook G. Baumann, “Recollections, old Bloemfontein. Early days of Grey College recalled”, *The Friend*, 1.11.1911, p. 4.

helfte in Engels aangebied kon word.[169] Ouers wat Engels as voertaal in die skole verkies het, was ontevrede met bogenoemde ordonnansie en die omstrede taalkwessie het veroorsaak dat uitstekende en gewilde staatskole soos Grey-kollege en die Damesinstituut teen 1892 heelwat leerlinge verloor het, wat na Kaapse en Natalse skole gestuur is.[170]

In die praktyk het bogenoemde taalbeleid nie altyd gewerk nie omdat kinders nou reeds Afrikaans gepraat het en nie meer Nederlands kon verstaan nie, terwyl baie van die onderwysers Engelssprekend was. Brebner is verwyt dat hy nie sterk genoeg opgetree het ter beskerming van Nederlands as voertaal nie. Ook die gebrek aan handboeke in Nederlands en onderwysers wat dié taal magtig was, het die pogings om Nederlands tot skooltaal te verhef, verydel. Dus het Engels steeds dikwels bo Nederlands voorkeur in die skole geniet.[171] Poultney Bigelow, 'n reisiger wat Grey-kollege in die 1890's besoek het, het opgemerk: "It was a novelty to see here two languages in use side by side, the text-books being some in Dutch and some in English."[172]

Daar was veral klagtes oor die oorheersing van Engels by die Damesinstituut, want sedert sy ontstaan in 1875 was Eunice 'n skool met sterk Engelse bande. Die eerste skoolhoof was 'n Skotse dame, mej. Elizabeth Laird,[173] wat geen Nederlands magtig was nie. Ofskoon die Damesinstituut gestig is met die doel om onderwys aan Nederlandssprekende dogters te verskaf, was die meeste skoolhoofde en onderwyseresse van dié skool Engelssprekend, terwyl Bloemfontein ook in die 1890's (soos tot in die 1920's) 'n oorwegend Engelse karakter gehad het.[174] Ook by die ander staatskool in Bloemfontein, Grey-kollege, is 'n hele aantal vakke net in Engels aangebied, terwyl selfs die kleuter- of Bewaarskool, waar jong kinders gevorm is, 'n sterk Engelse karakter gehad het.[175]

Die sterk invloed wat Engels in die onderwys van Bloemfonteinse staatskole gehad het, word treffend beskryf deur F.R. Statham, 'n Engelssprekende reisiger uit die ZAR. In 'n artikel in die *National Review* vertel hy dat hy in 1895 saam met 'n aantal seuns en meisies van Grey-kollege en die Damesinstituut Eunice per trein vanaf Bloemfontein na Pretoria gereis het. Die

---

[169] Ordonnantie no. 2–1891, *OVS Volksraadsnotule*, 1891 (agterin boek, p. 19); VAB, A6/1: koerantknipsel: onderhoud met dr. Brebner: "Education in the Orange Free State", *The Dundee Advertiser*, 20.9.1897. Vergelyk ook *The Friend*, 27.1.1891, p. 5.

[170] *De Burger*, 3.2.1894, p. 2 en 10.2.1894, p. 3; *The Friend*, 8.1.1892, p. 2, 5.2.1892, p. 2, 13.6.1892, p. 3, 17.6.1892, p. 2, 30.12.1892, p. 2, 4.4.1893, p. 3 en 9.2.1894, p. 2.

[171] *De Express*, 24.12.1889, p. 2, 15.4.1890, pp. 3, 6, 10.6.1890, p. 10 en 2.2.1894, p. 3; Van Schoor, pp. 150-151.

[172] P. Bigelow, *White man's Africa*, p. 98.

[173] Sy is later met dr. John Brebner getroud.

[174] *De Burger*, 23.6.1894, p. 2, 4.7.1894, p. 3 en 25.5.1895, p. 2; *The Friend*, 3.7.1894, p. 4. Vergelyk ook Venter, *Geskiedenis van die Damesinstituut Eunice*, pp. 151-152.

[175] *OVS Volksraadsnotule*, 5.6.1890; *De Burger*, 25.5.1895, p. 2; *The Friend*, 24.5.1895, p. 2. Vergelyk ook D.P. Britz, p. 75 en Venter, *Geskiedenis van die Damesinstituut Eunice*, p. 152.

skoliere, wat almal kinders van Nederlandssprekende gesinne en Transvaalse amptenare was, was vir die vakansie op pad huis toe. Hy skryf: "The schoolgirls [...] kept up a lively chatter all dinnertime. But not a word of Dutch was spoken; it was all English. They could all talk Dutch well enough, no doubt, but they preferred English ..."[176]

Geleidelik is meer Nederlandse handboeke in gebruik geneem en dit het gehelp dat Nederlands toenemend as voertaal gebruik is.[177] Voorbeelde van nuwe Nederlandse skoolhandboeke wat in die Vrystaatse skole gebruik is, was onder meer *Kijkes in onze geschiedenis* en 'n boek oor Bybelse geskiedenis, asook 'n boek oor algemene aardrykskunde[178] wat deur A. Francken opgestel is.[179]

Die redakteur van *De Express*, Carl Borckenhagen, was 'n groot voorstander van die Nederlandse taal en het gewaarsku dat indien leerlinge nie meer op skool Nederlands leer nie, hulle Engels sou verkies en dat Nederlands dan heeltemal sou verdwyn. Onderwysers was soms ook skuldig daaraan dat Nederlands op skool verwaarloos is.[180] Brebner het in 1890 in sy onderwysverslag vermeld dat baie ouers in die waan verkeer dat dit onnodig is dat hulle kinders Nederlands op skool leer, omdat hulle dié taal kon praat en gevolglik het hulle aanvaar "Hollandsch komt van zelf".[181]

Pres. Reitz was 'n groot voorstander van Afrikaans-Nederlands en het veral klem gelê op die noue verband tussen taal en nasionaliteit.[182] Namate die Afrikaner in die Vrystaat se nasionale bewussyn toegeneem het, het die taalkwessie, ook in die onderwys, al hoe meer 'n nasionale en politieke kleur begin kry. Daar was ook klagtes dat die onderwysstelsel, hoofsaaklik as gevolg van die taalkwessie, nie 'n nasionale gevoel by die leerlinge aanwakker nie, maar eerder die teenoorgestelde.[183]

3.1.2 Tegniese onderwys

Afgesien van onderrig in akademiese vakke, was daar ook 'n behoefte aan opleiding in tegniese of praktiese onderwys vir leerlinge wat 'n ambag wou volg. Teen die einde van 1892 is 'n Nederlandse onderwyser, J.F. Hondius, aangestel om die volgende jaar die Europese slöjd-

---

176 F.R. Statham, "The case for the Transvaal", *The National Review* 29(171), Mei 1897, p. 346.
177 *De Express*, 10.12.1889, p. 3 en 7.1.1890, p. 3; *OVS Volksraadsnotule*, 9.6.1891; *OVS Onderwysverslag 1891-1892*, pp. 10-11 en *OVS Onderwysverslag, 1893-1894*, p. VIII.
178 *Beknopt leerboek der algemeene aardrijkskunde ten dienste van de lagere school*. *De Burger*, 8.6.1895, p. 2.
179 *OVS Onderwysverslag, 1891-1892*, p. 10 en *1893-1894*, p. VIII.
180 *De Express*, 23.6.1891, p. 3, 31.3.1893, p. 3 en 19.10.1894, p. 2; Malan, pp. 174, 180.
181 *OVS Onderwysverslag, 1889-1890*, p. 14; *De Express*, 28.1.1890, p. 3.
182 *De Express*, 29.9.1891, p. 3; *The Friend*, 5.2.1892, pp. 2-3. Vergelyk ook Moll, pp. 185-189.
183 *De Express*, 28.1.1890, p. 2 en 2.2.1894, p. 3; Bernard, p. 130.

sisteem in ’n sinkgebou by Grey-kollege in werking te stel.[184] Hiervolgens is seuns in praktiese vakke onderrig om hulle vir ’n ambag voor te berei. Die doel met tegniese onderwys was om seuns en later ook meisies handvaardigheid, juistheid en netheid te leer en hulle hand-oog koördinasie te verbeter. Gedurende 1893 is ook begin om praktiese vakke soos handwerk, kartonwerk, teken en skilder vir die meisies van die Damesinstituut aan te bied.[185]

Onder leiding van Hondius het die tegniese onderwys vooruitgegaan en in die wintervakansie van 1893 is ’n kursus in tegniese onderwys aangebied wat deur 13 onderwysers bygewoon is. Hondius het ook sedert 1893 tekenlesse vir die seuns van Grey-kollege begin gee. In 1894 en 1895 is verdere kursusse in tekenwerk en tegniese onderwys vir Vrystaatse onderwysers in Bloemfontein aangebied.[186]

3.1.3 Musiekonderrig

Musiek- en sangonderrig het ook in Bloemfontein se skole aandag geniet. In 1891 was daar twee deeltydse onderwyseresse wat musiek- en sangonderrig by die Damesinstituut Eunice behartig het, naamlik mejj. H. Schmedes en L. Philip, terwyl mnr. C. Israel vioollesse aangebied het. ’n Jaar later was daar 26 leerlinge wat sangonderrig ontvang het, terwyl 50 leerlinge klavierlesse geneem het. By die Damesinstituut is musiekonderrig van ’n hoë gehalte gehandhaaf en skoolmusiekkonserte, wat gewoonlik aan die einde van die jaar gehou is, het dit weerspieël. In 1893 het ook mejj. F. Reitz[187] en I. Meyer musiekonderrig by die Damesinstituut aangebied, en klasse in die teorie en praktyk van musiek en sang is deur leerlinge bygewoon. In 1893 was die belangstelling in musiekonderrig by die Damesinstituut so groot dat ’n derde onderwyseres met musiekonderrig moes help. By Grey-kollege is die seuns deur A. Stewart in sang onderrig.[188]

Tydens die Reitz-tydperk was daar ook verskeie private musiekonderwysers in Bloemfontein wat onderrig in sang en ’n hele aantal musiekinstrumente gegee het. Die volgende musiekonderwysers word vermeld: H.H. Wilson (klavier en orrel), Thomas Ballantyne, medaljehouer van die Royal Academy of Musiek, Londen (viool, sang en stemvorming) en John T. Beavan, pianis verbonde aan die Trinity College en Society of Arts in Londen (klavier, viool,

---

[184] *De Express*, 26.5.1891, p. 6; *The Friend*, 16.12.1892, p. 2 en 11.4.1893, p. 2; *OVS Onderwysverslag 1892-1893*, p. 21.

[185] *OVS Onderwysverslag 1892-1893*, pp. iv, xviii en 1893-1894, pp. 31-32; Coetzee, *Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys*, pp. 125-126. Vergelyk ook Venter, *Geskiedenis van die Damesinstituut Eunice*, p. 103.

[186] *OVS Onderwysverslag, 1893-1894*, pp. v, xv en *1894-1895*, pp. vii, xiv, xxxi-xxxiii; *De Burger*, 30.6.1894, p. 4.

[187] ’n Suster van die president.

[188] *Daily Express*, 23.6.1890, p. 3; *The Friend*, 16.12.1892, p. 3 en 21.12.1894, p. 3; *OVS Onderwysverslag, 1891-1892*, pp. xiv, 18, *1892-1893*, p. xxi en *1893-1894*, pp. xx, 32. Vergelyk ook Calitz, p. 149.

orrel en harmonium, sang en stemvorming, musiekgeskiedenis, harmonie en kontrapunt). Daar word ook van private musiekonderwyseresse, soos mejj. Stettler en Dixon, melding gemaak.[189]

3.1.4 Openbare eksamens

In 1880 is ’n Algemene Kommissie van Publieke Eksaminatore in die Lettere en Wetenskap in die lewe geroep wat eksamens in die lettere en wetenskap, opvoedkunde, regsgeleerdheid, landmeetkunde, asook vertaalkunde en tolking (Nederlands, Frans, Duits en Engels), sou afneem. Kursusse is saamgestel, handboeke voorgeskryf en riglyne vir vakinhoude en eksamens opgestel. Dié kommissie was ook in beheer van die reeds genoemde openbare skooleindeksamen, die openbare wedstryd vir skole en die onderwyserseksamen.[190] Voordat Reitz in 1889 tot staatspresident verkies is, het hy as regsgeleerde in voorgenoemde kommissie gedien.[191] In 1887 is ’n eksamenraad vir aptekers ook in die lewe geroep om aptekers wat in die Vrystaat wou praktiseer, te eksamineer en hulle sertifikate na te gaan.[192]

Die openbare skooleindeksamen was bedoel vir skoolverlaters en dit was gelykstaande, met dieselfde vakinhoud, as die onderwyseksamen, derde klas. Kandidate van oor die hele Vrystaat wat gereelde onderwys ontvang het, kon bogenoemde eksamen aflê en sodoende ’n sertifikaat verwerf. Daarenteen was die openbare wedstryd vir skole ook gelykstaande aan die onderwyseksamen, derde klas, maar was net bedoel vir skoolgaande kinders jonger as 18 jaar buite Bloemfontein. Hulle kon hiermee meeding om beurse ten einde hulle skoolopleiding by een van Bloemfontein se spog-staatskole of ’n ander goedgekeurde skool voort te sit. Ofskoon kandidate van oor die hele Vrystaat aan bogenoemde eksamens deelgeneem het, is al die eksamens, buiten die openbare skooleindeksamen, in Bloemfontein afgelê.[193]

In die 1890’s het die eksamen in lettere en wetenskap ook as voorbereidende eksamen vir die Matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop[194] begin dien en het

---

189 *The Friend*, 8.11.1892, p. 2 , 7.2.1893, p. 2, 2.1.1894, p. 4, 17.4.1894, p. 2 en 24.9.1895, p. 3.

190 VAB, A5/2: “Regulaties voor de Algemeene Commissie van Publieke Examinatoren in de Letteren en Wetenschap, Oranjevrijstaat”; A6: “Algemeene Commissie van Publieke Examinatoren in Letteren en Wetenschap. Programma voor die verskillende examens”; *De Express*, 16.12.1890, p. 9; *The Friend*, 20.11.1889, p. 3, 10.11.1891, p. 2, 31.1.1893, p. 3 en 27.11.1894, p. 3. Vergelyk ook *De Burger*, 22.12.1894, p. 3.

191 VAB, GS184: Van Hoijtema – goewermentsekr., 24.8.1889.

192 *The Friend*, 24.3.1891, p. 3.

193 *Ibid*., 12.1.1892, pp. 2-3 en 26.1.1892, p. 2.

194 Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, wat in 1873 gestig is en bloot ’n eksaminerende universiteit was, is in 1916 opgeneem in die huidige Universiteit van Suid-Afrika of UNISA wat afstandonderrig aan studente van oor die hele wêreld bied. “Universiteit van Suid-Afrika”, <http://www.unisa.ac.za/140/index.php/history/>, geraadpleeg 4.9.2013. Vergelyk ook J.C. Coetzee, “Hoër Onderwys” in J.C. Coetzee (red.), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, pp. 356-362.

verskeie leerlinge, veral van Grey-kollege, die eksamen afgelê.[195] Dan was daar ook twee openbare skooleksamens wat onder die vleuels van bogenoemde universiteit in Bloemfontein afgelê kon word, naamlik die Elementêre Skooleksamen en die Hoër Skooleksamen. Die Hoër Skooleksamen is klaarblyklik geskryf deur kandidate wat verdere studies beoog het.[196] Dit moet nie verwar word met die Matrikulasie-eksamen wat ook deur bogenoemde universiteit afgeneem is en wat ook jaarliks deur 'n aantal Bloemfonteinse kandidate afgelê is nie.[197] Omdat Bloemfontein in die 19de eeu nog nie oor 'n eie universiteit beskik het nie, kon die hoofstad se inwoners ook voorbereidende eksamens in graadkursusse soos intermediêre B.A. en L.L.B. deur middel van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop aflê.[198] Verder moes persone wat om betrekkings in die staatsdiens wou aansoek doen, ook 'n kwalifiserende eksamen in "civiele dienst" slaag.[199]

In Augustus en September 1894 is daar vir die eerste keer 'n openbare musiekeksamen volgens die leerplan van die bogenoemde Kaapse Universiteit in Bloemfontein gehou, waaraan leerlinge van die Damesinstituut, die St. Michael-meisieskool en die Greenhill-kloosterskool, sowel as 'n aantal private musiekleerlinge,[200] deelgeneem het. Die doel met die eksamen was om kennis van en waardering vir goeie musiek in Bloemfontein te bevorder en kandidate moes eers 'n eksamen in musiekteorie slaag voordat hulle toegelaat is om aan die praktiese eksamen deel te neem. Bogenoemde eksamens in musiekteorie, viool, klavier en sang is deur die bekende orrelis van die St. George-katedraal in Kaapstad, dr. T. Barrow Dowling (1861-1926), afgeneem en uit die 47 Vrystaatse kandidate het 39 sertifikate vir die eksamen ontvang.[201]

In die loop van 1895 is musiekeksamens van die Kaapse Universiteit in musiekteorie, harmonie, klavier en sang in Bloemfontein afgeneem en verskeie leerlinge het geslaag.[202] Deur bemiddeling van J.T. Beavan is Bloemfontein teen die einde van 1894 geïdentifiseer as een van die sentrums in Suid-Afrika waar musiekeksamens van die Trinity College of Music in Londen

---

195 *OVS Onderwysverslag, 1893-1894*, p. VII.
196 *De Express*, 8.7.1890, pp. 2-3 en 15.7.1890, p. 5; *The Friend*, 1.6.1894, p. 3, 12.6.1894, p. 3 en 17.7.1894, p. 3.
197 *De Express*, 22.7.1890, p. 3; *De Burger*, 18.7.1894, p. 3, 21.7.1894, p. 2 en 4.8.1894, p. 2.
198 *The Friend*, 19.7.1895, p. 3 en 13.10.1895, p. 2.
199 VAB, GS190: J. Fleck – goewermentsekr., 30.1.1891.
200 Klaarblyklik was die deelnemers aan die eksamen almal dogters, waarskynlik omdat musiekopleiding in die 1890's as deel van meisies se opvoeding gesien is.
201 *De Burger*, 17.4.1895, p. 3; *The Friend*, 16.2.1894, p. 2, 9.3.1894, p. 2, 16.3.1894, p. 2, 23.3.1894, p. 2, 3.4.1894, p. 3, 13.4.1894, p. 3 en 23.10.1894, p. 2; *OVS Onderwysverslag, 1894-1895*, pp. vii, xxii en *1895-1896*, p. xxv.
202 *OVS Onderwysverslag, 1895-1896*, p. xxv; *The Friend*, 26.2.1895, p. 2 en 24.9.1895, p. 3.

voortaan afgelê kon word. Dit sou dus die standaard van musiek en musiekonderrig in die Vrystaatse hoofstad verder verhoog.[203]

3.1.5 Skole

In die 1890's was daar in die Vrystaatse hoofstad twee staatskole, naamlik Grey-kollege vir seuns en die Damesinstituut Eunice vir dogters. Albei bogenoemde skole het leerlinge vir die matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit voorberei.[204] Dan was daar die staatsondersteunde Bewaarskool wat as kindertuin of voorbereidende skool vir Grey en die Damesinstituut gedien het, die Artillerieskool, 'n aantal kerkskole vir wit seuns en dogters, sowel as 'n aantal kerkskole vir wart en bruin mense. Die staatskole en die Bewaarskool is gereeld deur die inspekteur van onderwys besoek, terwyl die Volksraadslede en pres. Reitz dikwels die halfjaarlikse eksamens[205] en skoolsluitingsfunksies van die verskillende Bloemfonteinse skole bygewoon het. Dikwels het die sluitingsfunksies die vorm van 'n konsert en uitstalling aangeneem waardeur die leerlinge se talente ten toon gestel is.[206]

3.1.5.1 Grey-kollege

Grey-kollege, die bekende Bloemfonteinse seunskool wat reeds in 1856 gestig is, is die oudste openbare skool noord van die Oranjerivier en die derde oudste skool in Suid-Afrika. Dit is vernoem na sir George Grey (1812-1898), die goewerneur van die Kaapkolonie, wat destyds 'n som geld vir die oprigting van 'n skool beskikbaar gestel het.[207] Dié skool het aanvanklik finansiële steun van beide die NG Kerk en die Volksraad ontvang, maar is in 1882 volledig aan die staat oorgedra.[208] Grey-kollege was in die blok tussen St. Georges-, Kerk- en Douglasstraat geleë en in 1894 is 'n nuwe koshuisgebou in Douglasstraat opgerig.[209]

---

[203] *The Friend*, 21.12.1894, p. 3, 3.9.1895, p. 2, 20.9.1895, p. 3, 27.9.1895, p. 2, 1.10.1895, p. 3 en 5.11.1895, p. 3.

[204] VAB, A6/1: koerantknipsel: onderhoud met dr. Brebner: "Education in the Orange Free State", *The Dundee Advertiser*, 20.9.1897.

[205] Bogenoemde eksamens was klaarblyklik mondelinge eksamens.

[206] *Daily Express*, 19.6.1890, p. 2 en 21.6.1890, p. 3; *The Friend*, 19.6.1889, p. 3, 18.6.1890, p. 3, 25.6.1890, p. 2, 16.6.1891, p. 3, 21.6.1892, p. 3 en 16.12.1892, p. 3; *De Burger*, 19.12.1894, p. 3 en 22.12.1894, p. 3.

[207] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; Baumann, p. 4; "Grey College", <http://www.gc.co.za/AboutGrey/History.aspx>, geraadpleeg 7.7.2010.

[208] K.S. van der Walt, *Die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die onderwys van blankes in die Oranje-Vrystaat tot 1900: 'n prinsipieel-historiese studie* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Januarie 1974), pp. 43, 45-46; Malherbe, pp. 354-356.

[209] Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.3.2,vir meer inligting oor Grey-kollege se geboue.

Tot 1872 het Grey-kollege ’n sukkelbestaan gevoer, beide op onderwys- en finansiële gebied.[210] Van 1873 tot 1907 was die bekende Nederlander, dr. J. Brill (1842-1924), die skoolhoof van Grey-kollege waar hy besonder baie tot die groei en ontwikkeling van die skool en die Vrystaatse onderwys in die algemeen bygedra het.[211] Die laer of voorbereidende afdeling van Grey-kollege het elementêre onderwys aangebied, terwyl die hoër afdeling leerlinge vir die Matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit en die Vrystaatse eksamens in Lettere en Wetenskap voorberei het.[212] In 1889 het vier leerlinge van Grey-kollege bogenoemde Matrikulasie-eksamen afgelê en al vier het met lof geslaag.[213]

Bloemfontein se Grey-kollege was in die 1890’s, soos vandag nog, oor die hele land bekend as ’n uitmuntende skool en seuns van oor die hele Suid-Afrika is hiernatoe gelok.[214] Reisiger Poultney Bigelow het opgemerk dat seuns die lang reis van Transvaal (ZAR) af onderneem het om klasse by Grey-kollege in Bloemfontein te kon bywoon, omdat dit so ’n goeie skool was. Dit is deur *The Friend* bevestig.[215] In 1888 het Grey-kollege reeds 142 leerlinge gehad wat in 1889 tot die rekordgetal van 157 gestyg het, waarvan 107 leerlinge in die laer afdeling was en 50 in die hoër afdeling.[216] Tog het die leerlinggetalle sedert 1891 afgeneem omdat sommige Vrystaatse ouers, wat van mening was dat hulle seuns vanweë die taalbeleid[217] nie genoegsame onderrig in Engels ontvang nie, hulle seuns uit Grey-kollege weggeneem en hulle na Kaapse skole of na die buiteland vir gevorderde opleiding gestuur het.[218] In 1892 het Grey-kollege slegs 90 leerlinge gehad, maar in 1895 het die getal leerlinge weer tot 150 gegroei, waarvan 75 kosgangers was.[219]

Soos die leerlingtal uitgebrei het, het die bestaande skoollokale te klein geword en was daar ’n dringende behoefte aan ’n nuwe skoolgebou, veral vir die hoër afdeling.[220] Daarom is ’n nuwe, groter en meer doelmatige skool- en koshuisgebou deur argitek W.H. Stucke ontwerp. In

---

[210] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; I.S.J. Venter, *Die geskiedenis van die Dames Instituut “Eunice”, Bloemfontein* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Desember 1950), p. 1.
[211] *De Express*, 18.6.1895, p. 7; *Vyf- en sewentig jaar 1855-1930* (Grey-kollege Gedenkbrosjure), pp. 11-12.
[212] *De Express*, 21.1.1890, p. 3 en 23.12.1890, p. 2; *OVS Onderwysverslag 1888-1889*, p. 5. Vergelyk ook “Beginjare van onderwys in OVS”, *Die Volksblad*, 23.5.1931, p. 10.
[213] *OVS Onderwysverslag*, *1889-1890*, p. 18; *The Friend*, 10.7.1889, p. 3.
[214] AREA, PV522/2/1/1: Noël Roberts, *History bits: juvenile affairs*, p. 1.
[215] Bigelow, p. 98; *The Friend*, 24.5.1895, p. 2.
[216] *OVS Onderwysverslag*, *1888-1889*, p. 4 en *1889-1890*, p. 18.
[217] Kyk afdeling 3.2 *supra*.
[218] *The Friend*, 13.6.1892, p. 3, 3.3.1893, p. 2 en 4.4.1893, p. 3. Kyk afdeling 3.2 *supra* vir meer inligting oor die taalkwessie in die onderwys.
[219] *Ibid.*, 16.12.1892, p. 2 en 16.4.1895, p. 3; *OVS Onderwysverslag*, *1894-1895*, pp. xv, xviii.
[220] *OVS Onderwysverslag*, *1889-1890*, p. 19; *OVS Volksraadsnotule*, 6.5.1889; *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2.

Maart 1894 is begin met die bou van die nuwe koshuis, met plek vir 65 kosgangers.[221] Hoewel die hele gebou volgens Stucke se planne eers in 1898 heeltemal voltooi is, het die groter beskikbare ruimte ’n groot rol in die skool se vooruitgang gespeel.[222]

Afgesien van die akademiese en tegniese opleiding is daar by Grey-kollege ook aan sport aandag gegee en die seuns het graag aan krieket, rugby en swem deelgeneem, terwyl daar in 1894 ’n begin met gereelde liggaamsoefeninge gemaak is. Kosgangers is ook twee keer per jaar op uitstappies in die natuur geneem. In dieselfde jaar het daar ook reeds ’n debatsvereniging en ’n kollege-tydskrif bestaan waarvan die meeste artikels deur die leerlinge geskryf is. Die debatte is afgewissel met voordragte, sang en musiek, terwyl die skool-biblioteek teen 1895 oor nagenoeg 300 Nederlandse en Engelse boeke beskik het.[223]

3.1.5.2 Damesinstituut Eunice

Die NG Kerk het in 1874 ’n memorie aan die Volksraad voorgelê om te versoek dat ’n kosskool vir ’n goeie en Christelike skoolopleiding van dogters gestig word. In 1875 het mev. Brand, eggenote van pres. J.H. Brand, die hoeksteen van die Oranje Vrij Staat Dames Instituut[224] in Bloemfontein gelê. Die skool is in Junie 1876 in President Brandstraat oorkant die Presidensie geopen en hiermee is voorsiening gemaak vir ’n Christelike, Protestantse skoolopleiding vir Vrystaatse dogters.[225]

Aanvanklik het die Damesinstituut, wat ook uit ’n voorbereidende en hoër afdeling bestaan het, onder beheer van die NG Kerk gestaan en is dit ook deur dié kerk finansieel bygestaan, maar in 1878 is beheer van die skool en sy geboue ten volle aan die Vrystaatse regering oorgedra. Ofskoon die Damesinstituut oorspronklik vir Afrikanerdogters gestig is, het dié skool sedert sy stigting ’n sterk Engelse inslag gehad, hoofsaaklik omdat die skoolhoofde en baie van die onderwyseresse Engelssprekend was.[226] Die meeste onderwyseresse is uit Skotland,

---

[221] *De Express*, 18.5.1894, p. 5; *OVS Onderwysverslag, 1895-1896*, p. vi.

[222] *OVS Onderwysverslag, 1893-1894*, p. xvi en *1895-1896*, p. vi; *De Burger*, 17.4.1895, p. 3 19.5.1894, p. 3 en 11.7.1893, p. 2. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.3.2. vir meer besonderhede oor die gebou.

[223] *De Burger*, 4.7.1894, p. 3 en 20.4.1895, p. 4; *The Friend*, 31.3.1891, p. 3, 21.12.1894, p. 3, 18.6.1895, p. 3 en 17.12.1895, p. 2; *OVS Onderwysverslag, 1893-1894*, p. xv en 1894-1895, pp. xiv, xvii-xviii.

[224] Ds. Gustav Radloff, die predikant van die NG Kerk wat gemoeid was met die totstandkoming van die skool, se voorstel dat dit na Eunice, die moeder van die Bybelse Timotheus (2 Timotheus 1:5) vernoem moet word, is aanvanklik verwerp, maar die naam Eunice het vasgesteek en tydens die Reitz-tydperk is daar dikwels na die Damesinstituut Eunice verwys. Vandag staan dié skool net as Eunice bekend. *De Express*, 23.12.1890, p. 2; “Eunice High School”, <http://www.eunice.co.za/welcome.html>, geraadpleeg 7.7.2010; H. O’Connor, *No other school so dear: a history of the Eunice Schools 1875-1970*, pp. 12, 16, 24.

[225] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; Wright, pp. 26, 28. Vergelyk ook O’Connor, pp. 12, 16-24.

[226] “Beginjare van Onderwys in OVS”, *Die Volksblad*, 23.5.1931, p. 10; Van der Walt, pp. 47-51.

Engeland en Duitsland verkry.[227] Dit is dus geen wonder dat die Damesinstituut Eunice later ’n Engelse skool geword het nie.

In 1881 het die Damesinstituut 93 leerlinge gehad. Teen 1890 het die getal leerlinge aan die Damesinstituut tot 113 aangegroei, waarvan 69 kosgangers was, terwyl daar agt onderwysers was.[228] Vanweë ’n toenemende aanvraag vir huisvesting van kosgangers is die Damesinstituut in 1893 met ’n nuwe gebou, die Upper House,[229] vergroot. Op 3 Februarie 1892 het pres. Reitz die hoeksteen van die nuwe gebou gelê en op 26 Januarie 1894 is die Upper House ingewy.[230]

Die Vrystaatse taalbeleid wat die gebruik van Nederlands op skool wou bevorder, het tot gevolg gehad dat die Damesinstituut sedert 1891 ’n hele aantal leerlinge verloor het.[231] In 1893 is me. A. Murray as skoolhoof aangestel en een van die onderwyseresse was mej. F. Reitz, ’n suster van die president.[232] In 1895 het die Damesinstituut 86 leerlinge gehad – 47 kosgangers en 39 dagskoliere.[233]

Na aanleiding van ’n voorstel in die Volksraad dat klasse in huishoudkunde, kookkuns en naaldwerk by die Damesinstituut aangebied moes word, is ’n bedrag van £100 hiervoor begroot.[234] Hierdie ideaal is verwesenlik en in 1895 is selfs ekstra klasse in huishoudkunde en naaldwerk vir jong meisies wat nie skoliere van die Damesinstituut was nie, gegee. Omdat daar klagtes was dat die skool nie vir liggaamsoefeninge en sport voorsiening gemaak het nie, is daar in 1893 ’n begin gemaak met liggaamsoefeninge met musiekbegeleiding.[235] In Mei 1895 is die Volksraad en die inwoners van Bloemfontein na ’n vertoning van siergimnastiek deur die dogters van die Damesinstituut genooi. Dit was duidelik dat die onderrig van gimnastiek en liggaamsoefeninge aan die skool onder leiding van ene mej. MacMillan met rasse skrede vooruitgegaan het. Volgens die pers kon die gehalte van die oefeninge en die presisie waarmee die dogters dit uitgevoer het, met dié van die beste skole in Europa vergelyk word.[236]

Buiten die staatskole was daar ook private kerkskole in Bloemfontein, soos die Anglikaanse St. Andrew-kollege vir seuns, St. Michael’s Home vir dogters en die Rooms-

---

[227] C.P. Calitz, *Die onderwys van die meisie in die Oranje-Vrystaat* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1949), p. 81.
[228] *Daily News*, 29.3.1890, p. 3; *OVS Onderwysverslag, 1889-1890*, pp. 22-26 en *1890-1891*, p. 6.
[229] Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.3.1.
[230] *OVS Onderwysverslag*, *1889-1890*, pp. 22-26, *1890-1891*, p. 6 en *1893-1894*, pp. v, xix; *De Burger*, 30.6.1894, p. 4 en 4.7.1894, p. 3; *The Friend*, 5.2.1892, pp. 2-3, 23.1.1894, p. 2, 26.1.1894, p. 3 en 30.1.1894, p. 3.
[231] *The Friend*, 13.6.1892, p. 3 en 4.4.1893, p. 3. Kyk afdeling 3.2 *supra* oor die taalkwessie in die onderwys.
[232] *De Burger*, 4.7.1894, p. 3; “Onderwysgeskiedenis van die Vrystaat”, *Die Volksblad*, 30.5.1931, p. 7.
[233] *The Friend*, 16.4.1895, p. 3.
[234] *OVS Volksraadsnotule*, 7.7.1893 en 28.6.1894; *De Burger*, 28.7.1894, p. 3.
[235] *OVS Onderwysverslag*, *1891-1892*, p. 44 en *1894-1895*, pp. v, xxi; *De Burger*, 30.6.1894, p. 2 en 17.4.1895, p. 3; *The Friend*, 29.6.1894, p. 3 en 23.7.1895, p. 2.
[236] *De Burger*, 15.5.1895, p. 3; *The Friend*, 14.5.1895, p. 2.

Katolieke Greenhill-kloosterskool. Vanaf 1875 het die Volksraad ’n toelae van £100 per jaar aan die Anglikaanse Kerkskole in die Vrystaat toegestaan.[237]

3.1.5.3 St. Andrew-kollege

Aangesien Grey-kollege in die 1860’s weens wanbestuur en ander omstandighede vir ’n ruk lank gesluit was, was daar toe geen skool in Bloemfontein nie en daar is opgemerk dat “the boys of Bloemfontein run wild ...”[238] Daarom is daar in 1863 ’n klein Grammar School, die voorloper van St. Andrew-skool, deur die Anglikaanse Kerk in die Goewermentskooltjie[239] in St. Georgestraat geopen met George Clegg (1834-1868) as eerste onderwyser en skoolhoof. In 1874 is dié skool na St. Andrew Diocesan College herdoop en het dit sy eie gebou op die hoek van St. Georgestraat en Monumentweg (vandag Kerkstraat) betrek.[240]

St. Andrew-kollege was ’n private kerkskool vir seuns onder beheer van die Anglikaanse Kerk en het leerlinge vir die matrikulasie-eksamen, toelating tot universiteite, sowel as vir handels- en professionele beroepe voorberei. Aanvanklik is die vakke lees en skryf, sang, Engelse grammatika, rekenkunde, fisika, sterrekunde, geskiedenis, Bybelgeskiedenis, aardrykskunde, fisika en natuurstudie deur middel van Engels as voertaal aangebied. Later het die Vrystaatse Volksraad ’n eenmalige bedrag van £500, asook ’n jaarlikse toelae van £100, aan St. Andrew-kollege toegeken op voorwaarde dat Nederlands ook aan die skool onderrig word.[241]

In 1874 het eerw. (later biskop) Douglas McKenzie (1841-1890) die skoolhoof geword. Tydens sy hoofskap het die skool baie vooruitgegaan en is musiek, Nederlands en Frans by die leerplan gevoeg. In dié tyd is nuwe klaskamers, koshuise, ’n woonhuis vir die skoolhoof en ’n klein skoolkapel aangebou. McKenzie het ook die beoefening van sport onder die skoolseuns bevorder en daar is aan krieket, atletiek, sokker en selfs rugby deelgeneem, terwyl ’n natuurhistoriese versameling of “museum” ook by die skool gevestig is. Teen 1895 het St. Andrew-kollege maandeliks ’n tydskrif uitgegee – die *St. Andrew’s College Magazine*.[242]

---

[237] *The Friend*, 6.7.1894, p. 2; M.W. Carter, *An historical survey of the contribution of the Church of the Province of South Africa towards European education in South Africa* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, *s.a.*), p. 145.

[238] Soos aangehaal deur D. Damant, *A centenary history of St. Andrew’s School*, p. 11. Vergelyk ook J.H. du Toit, *Die geskiedenis van die St. Andrew-skool, Bloemfontein.* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, November 1963), p. 28.

[239] Vandag bekend as die Eerste Raadsaal.

[240] WCB, AB764f: Sketch in letter from Brother Arthur Byrd, 1883; AREA, PV522/2/1/1: Noël Roberts, *History bits: juvenile affairs*, pp. 1-2. Vergelyk ook “St. Andrews Bloemfontein school magazines”, <http://ancestry24.com/st-andrews-bloemfontein-school-magazines/>, geraadpleeg 30.7.2013.

[241] *The Friend*, 1.1.1890, p. 5 en 3.7.1891, p. 2; Damant, pp. 11-25.

[242] *The Friend*, 26.3.1895, p. 3; Crisp, p. 29. Vergelyk ook Damant, pp. 15-19.

In 1888 het eerw. John Bell (1833-1906) op ’n kritieke tydstip[243] in die skool se bestaan hoof van St. Andrew-skool geword.[244] Onder sy leiding het St. Andrew-kollege verder ontwikkel sodat daar in 1891 reeds 51 leerlinge in die skool was.[245] In die 1890’s het die skool ’n “good general English Education” aangebied. [246] As kerkskool het St. Andrew-skool ’n sterk godsdienstige inslag gehad en daar is doelbewus Christelike karaktereienskappe en lojaliteit by die seuns gekweek.[247] In die 1890’s is Bell deur die onderwyser G.E. Jelf bygestaan, terwyl J.J. Herfst en D. Looijen die Nederlandse taal onderrig het.[248] Net soos by die ander Bloemfonteinse skole, is skoolsluitingsfunksies gewoonlik in Junie en Desember gehou en het dit meestal uit prysuitdelings en soms ook ’n verskeidenheidskonsert deur die leerlinge bestaan.[249] Leerlinggetalle het gevarieer en toe eerw. H.W. Orford[250] (1850-1940) Bell aan die begin van 1895 as skoolhoof opgevolg het, het hy ’n klein, doeltreffende skool met 46 leerlinge, waarvan 23 kosgangers was, hier aangetref. Hy is deur vier hulponderwysers bygestaan.[251]

3.1.5.4 St. Michael-skool

St. Michael-skool,[252] ’n meisieskool wat in 1874 deur die susterskap van die Anglikaanse Kerk gestig is, het leerlinge van enige kerkgenootskap ingeneem. Dié skool is begin in die voormalige huis van mnr. Goodale op die hoek van Markgraaf- en St. Andrewstraat.[253] Dit was die enigste kerk-kosskool vir meisies in die Bloemfonteinse bisdom, maar het ook dagleerlinge aanvaar.[254] Die doel met dié skool was om dogters ’n Christelike opvoeding te gee en hulle selfdissipline, netheid en ordelikheid te leer. Gratis onderwys en huisvesting is aan behoeftige en weeskinders

---

[243] Tussen 1882 en 1888 het Suid-Afrika, en dus ook die OVS, ’n erge ekonomiese resessie beleef en geld was skaars. Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, p. 145.

[244] *The Friend*, 10.7.1889, p. 1 en 18.12.1889, p. 1.

[245] *Quarterly paper* 94, 15.10.1891, p. 10 en 95, 15.1.1892, pp. 67-68; Damant, pp. 25-26.

[246] *The Friend*, 14.12.1894, p. 2.

[247] Du Toit, pp. 216-218; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, p. 147.

[248] *The Friend*, 19.6.1891, p. 3, 3.7.1891, p. 2, 26.1.1892, p. 1 en 15.7.1892, p. 2; Crisp, p. 105.

[249] *The Friend*, 25.12.1889, p. 3, 19.6.1891, p. 3, 18.12.1891, p. 3 en 20.12.1892, p. 3.

[250] Orford het sy opleiding aan Cambridge in Brittanje ontvang. *The Friend*, 14.12.1894, p. 3.

[251] *Quarterly paper* 94, 15.10.1891, p. 10 en 95, 15.1.1892, pp. 67-68; *The Friend*, 2.10.1894, p. 3 en 14.12.1894, p. 2. Vergelyk ook Crisp, p. 128 en Damant, pp. 25-26.

[252] Vir meer breedvoerige inligting oor St. Michael-skool kan die volgende bronne geraadpleeg word: M. Leith, ‘*One of the faith …*’: *a history of St. Michael’s School* en I.S.J. Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat, 1854-1900*.

[253] Carter, pp. 146-147; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, p. 108. Die ou St. Michael’s Home en skool was geleë op die plek waar die Sand du Plessis-teaterkompleks vandag staan. Die gebou waarin die skool begin is en waarin die susters van die Anglikaanse susterskap hulle intrek geneem het, het as St. Michael’s Home bekend gestaan.

[254] *The Friend*, 18.12.1889, p. 1 en 8.1.1890, p. 1; *Gleanings in sunny Africa*, p. 9. Vergelyk ook P.S. Malan, *Openbare onderwys vir blankes in die Oranje-Vrystaat 1874-1899* (D.Ed.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1951), p. 377.

verskaf, terwyl hulle ook praktiese opleiding in huiswerk, kookkuns, was en stryk en naaldwerk ontvang het.[255]

St. Michael-skool is een van die pionierskole vir meisies in Suid-Afrika en was die eerste meisieskool noord van die Oranjerivier.[256] Hoewel dié Engelse meisieskool in die hoofstad van 'n Boererepubliek geleë was, was beide presidente Brand en Reitz St. Michael-skool baie goedgesind en het pres. Brand selfs sy dogters na die skool gestuur.[257] Toe Reitz in 1889 as staatspresident ingehuldig is, "the Sisters 'send a letter of congratulation, hung out the flag and illuminated the house …' "[258]

3.1.5.5 Greenhill-kloosterskool

Die Rooms-Katolieke susterskap[259] van Bordeaux, Frankryk, het in 1820 tot stand gekom en na tien lande versprei, onder meer in November 1876 na Bloemfontein. Bogenoemde susterskap onder leiding van biskop C.C. Jolivet (1826-1903) was verantwoordelik vir die stigting van die Greenhill-kloosterskool[260] vir meisies, sowel as vir die Heilige Hart-skool vir kleuters (seuns en dogters) in die Rooms-Katolieke kapel.[261]

Die Greenhill-kloosterskool vir meisies was op die rantjie aan die bopunt van Greenstraat in St. Georgestraat geleë, skuins oorkant die Damesinstituut en voor die Katolieke kerk. Die kloosterskool het in Januarie 1877 tot stand gekom met 16 leerlinge in die laerskool en vyf kosgangers[262] in die hoërskool. Ten spyte van aanvanklike vooroordeel en agterdog teenoor die "Roomsche scholen" het Greenhill-skool tog vooruitgegaan en in 1879 het die skool reeds 58 leerlinge gehad.[263] Die kloosterskool het voorsiening gemaak vir 'n "solid English Education" met onder meer onderrig in die Franse taal, Engelse en Franse letterkunde, sterrekunde, plantkunde, teken, naaldwerk, sang en musiek.[264] Volgens Fuller was die meeste van die

---

[255] VAB, A510: "The White Book" 1, 1888, p. 7; *Gleanings in sunny Africa*, pp. 11-14. Vergelyk ook Leith, pp. 16-17 en Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, pp. 124, 137.

[256] *The Friend*, 16.7.1890, p. 3; Leith, p. 1.

[257] Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, p. 113; *St. Michael's School, Bloemfontein, jubilee, 1874-1924* (gedenkbrosjure), p. 8.

[258] Soos aangehaal deur Leith, p. 8.

[259] Hulle het as die Holy Family Sisters bekend gestaan. *Centenary Journal [Greenhill Convent, Bloemfontein], 1876-1976*, p. 12.

[260] Die Katolieke susters wou hulle gemeenskap Rocky Mount noem na die heuwel waarteen die klooster en kerk geleë was, maar biskop Jolivet het die naam Greenhill verkies, vernoem na Greenstraat.

[261] *The Friend*, 7.8.1889, pp. 3-4; *Centenary Journal [Greenhill Convent, Bloemfontein], 1876-1976*, pp. 12-15.

[262] Een van hierdie kosgangers was 'n niggie van pres. Brand. *Centenary Journal [Greenhill Convent, Bloemfontein], 1876-1976*, p. 16.

[263] *Daily Express*, 11.10.1890, p. 4; *The Friend*, 23.1.1889, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, Bloemfontein, pp. 62-63, foto no. 40.

[264] *Centenary Journal [Greenhill Convent, Bloemfontein], 1876-1976*, pp. 15-17.

leerlinge van Greenhill die kinders van boere en baie van hulle was Nederlandssprekend. Dit word bevestig deur die feit dat daar in 1889 selfs ’n Katolieke suster uit Nederland laat kom is om met die onderrig van Nederlands te help. [265]

Pres. Brand was ’n groot ondersteuner van die kloosterskool,[266] terwyl pres. Reitz ook sy ondersteuning bewys het deur van tyd tot tyd die skoolsluitingsfunksies van Greenhill by te woon, soos in Desember 1892 toe hy die pryse uitgedeel het. Die skoolsluitingsfunksies in Desember het dikwels die vorm van ’n konsert en prysuitdeling aangeneem. In 1892 is berig dat die musikale items tydens die konsert van goeie onderrig getuig, terwyl Engelse, Duitse en Nederlandse toneelstukke ook opgevoer is.[267] Met die koms van die spoorweg na Bloemfontein moes ’n nuwe Katolieke skool, die St. Joseph’s Railway School, in 1893 geopen word. In 1972 het Greenhill-skool na sy nuwe terrein in Dealeweg, Bayswater, verhuis.[268]

3.1.5.6 Elizabethstraat-skool

Die Vrystaatse taalbeleid, wat Nederlands as voertaal in die staatskole wou bevorder, het gelei tot die stigting in 1891 van nog ’n private skool, die Elizabeth Street School, deur die Wesleyaanse gemeente agter hulle kerk. Die skoolhoof was A.W. Smart wat voorheen by Grey-kollege skoolgehou het. Dié skool het van 80 leerlinge in 1891 tot 250 in 1895 gegroei.[269] Dié skool, wat aanvanklik in ’n klein saal gehou is, was in die 1890’s die enigste gemengde hoërskool in Bloemfontein, met beide seuns en meisies as leerlinge en Engels as voertaal.[270]

Vakke wat aangebied is, was, buiten godsdiensonderrig en Bybelgeskiedenis, onder meer skryf, lees, rekenkunde, wiskunde, aardrykskunde, Engelse taalkunde, Grieks, Latyn, sang, en naaldwerk vir die meisies. Nederlands kon as opsionele vak geneem word. Leerlinge is ook vir die skool- en matriekeksamens van die Kaapse Universiteit voorberei. ’n Openbare vergadering oor die werksaamhede van die Elizabethstraat-skool, wat dikwels ook deur pres. Reitz bygewoon

---

[265] *The Friend*, 23.1.1889, p. 3; A.F.J. Fuller, *Convent school education in South Africa.* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Mei 1943), p. 83.
[266] Fuller, pp. 82-83.
[267] *The Friend*, 16.12.1892, p. 3.
[268] *Centenary Journal [Greenhill Convent, Bloemfontein], 1876-1976*, pp. 17, 19. Greenhill-kloosterskool bestaan vandag nie meer nie en die geboue in Dealeweg word tans gebruik om die Brebner-skool in te huisves.
[269] *OVS Onderwysverslag, 1891-1892*, pp. 13-14; *The Friend*, 30.1.1891, pp. 2-4, 10.7.1891, p. 3, 19.1.1892, p. 3, 17.6.1892, p. 3 en 29.6.1894, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 120.
[270] AREA, PV522/2/1/1: Noël Roberts, *History bits: juvenile affairs*, p. 2; *OVS Onderwysverslag, 1891-1892*, pp. 13-14.

is, is jaarliks gehou.[271] In Julie 1895 is Smart deur ene mnr. Elson, voorheen skoolhoof van ’n groot skool in Worcester, Engeland, as skoolhoof opgevolg.[272]

3.1.5.7 Bewaarskool

Die Bewaarskool was ’n kleuterskool en kindertuin[273] wat vir elementêre en voorbereidende onderwys vir kleuters van alle kerkgenootskappe voorsiening gemaak het, maar het ’n sterk Engelse inslag gehad, veral omdat baie van die onderwyseresse van Engelse en Skotse afkoms was. Die voertaal was dus Engels, ofskoon die Nederlandse taal ook ’n vak was.[274] Die kinders is geleer lees, skryf, spel en reken. Verder is klasse in Bybelse geskiedenis gegee, terwyl die kinders ook gewone en gewyde liedere gesing, Engelse en Nederlandse resitasies geleer, liggaamsoefeninge gedoen en geteken het. Handwerk soos naaldwerk, vleg- en papierwerk het deel van die leerplan gevorm, terwyl die kinders ook meer oor die natuur geleer het. Sedert 1888 kon kinders tot by standerd een (graad drie) by die Bewaarskool vorder, waarna hulle na die Damesinstituut of Grey-kollege oorgeplaas is.[275]

Die Bewaarskool is in 1874 as privaat skool op die hoek van Fontein- en Greenstraat gestig, maar is in 1876 vanweë finansiële probleme by die Damesinstituut geaffilieer en in 1882 het die twee instellings ten volle verenig.[276] Teen 1892 is dié skooltjie in ’n tweevertrek-skoolgebou met ’n galery gehuisves, terwyl ’n muur rondom die speelgrond gebou is. Die leerlingtal van die Bewaarskool het van 65 leerlinge in 1888 na 104 leerlinge in 1890 gegroei.[277] Later het die getal leerlinge van die skool om onduidelike redes weer afgeneem sodat daar in 1893 net 51 en in 1894 ’n totaal van 65 leerlinge was.[278] Die skool is deur beide seuns en meisies bygewoon. Dit het as voorbereidende skool vir die Damesinstituut en Grey-kollege gedien en daarom is dit deur ’n kommissie bestaande uit kuratorium-lede van beide dié skole beheer.[279] Voordat Reitz president geword het, het hy op die kuratorium van die Bewaarskool gedien.[280]

---

[271] *The Friend*, 10.7.1891, p. 3, 17.6.1892, p. 3, 11.10.1892, p. 3 en 20.12.1892, p. 3.
[272] *Ibid*., 12.7.1895, p. 3 en 19.7.1895, p. 2.
[273] Vandag sal dit as pre-primêr bekend staan.
[274] Coetzee, *Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys*, p. 111; Venter, *Die geskiedenis van die Dames Instituut “Eunice”*, pp. 163-165.
[275] *The Friend*, 18.6.1890, p. 3; Venter, *Die geskiedenis van die Dames Instituut “Eunice”*, p. 165.
[276] *The Friend*, 21.8.1891, p. 2; I.S.J. Venter, “Die Bloemfonteinse Bewaarskool: die eerste staatsondersteunde kindertuin in die republiek van die Oranje-Vrystaat”, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika* C38, Pretoria, 1962, pp. 5, 12-14. Vergelyk ook Van der Walt, p. 57 en Van Schoor, p. 158.
[277] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; *OVS Onderwysverslag, 1888-1889*, pp. 7, 28, *1889-1890*, pp. 6, 44, *1891-1892*, p. 45 en *1895-1896*, p. 51.
[278] *OVS Onderwysverslag*, 1892-1893, p. xxiv, 21; *The Friend*, 3.7.1894, p. 4.
[279] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; *OVS Onderwysverslag, 1889-1890*, p. 28 en *1894-1895*, pp. v-vi.
[280] Venter, *Geskiedenis van die Damesinstituut “Eunice”*, p. 163; O’Connor, p. 224.

Sedert 1889 het dr. John Brebner, as inspekteur van onderwys, die Bewaarskool jaarliks in November geïnspekteer en geëksamineer.[281] Halfjaarliks is openbare "eksamens" by die Bewaarskool gehou wat gewoonlik deur pres. en mev. Reitz, Volksraadslede, ouers van leerlinge en hooggeplaaste inwoners van Bloemfontein bygewoon is. Vrae aan die kinders is met sang en voordragte afgewissel, terwyl voorbeelde van die leerlinge se handwerk ook uitgestal is.[282] Die kinders van die Bewaarskool het ook soms verskeidenheids- of musiekkonserte onder leiding van mej. Smart aangebied, soos die skoolkantate *The Springtide Holiday* wat in Junie 1894 in die stadsaal aangebied is. Die jaareind-eksamen is gewoonlik gevolg deur 'n prysuitdeling waarvan een of meer pryse gewoonlik deur die president voorsien is. Die werk van die Bewaarskool was van hoogstaande gehalte. Die karakter daarvan was oorwegend Engels, volgens die tradisionele Britse "kindergarten"-skole.[283] Tog het die goeie kwaliteit onderwyswerk van die Bewaarskool die grondslag gelê vir verdere onderwys wat aan Bloemfontein se laer- en hoërskole voortgesit kon word.[284]

Teen 1890 is die hoofonderwyseres, mej. Smart, deur twee assistente en onderwys-kwekelinge van die Damesinstituut bygestaan.[285] Die Bewaarskool is na die Britse besetting van Bloemfontein in 1900 gesluit, maar is in Januarie 1901 heropen. In 1908 is die skool na Eerste Laan in Westdene verskuif, waar dit in die President Brand-laerskool ontwikkel het.[286]

3.1.5.8 Skool vir behoeftige kinders

Omdat daar in die 1890's 'n toestroming van veral verarmde Afrikaners na Bloemfontein was, is daar in 1891 in Fonteinstraat vir behoeftige kinders, wat op 14 reeds moes begin werk, 'n aandskool begin. Dié skool is gemeubileer deur middel van vrywillige bydraes deur die hoofstad se inwoners. Die Vrystaatse regering en die kerkraad van die NG Kerk het die salaris van die onderwyser om die helfte betaal. Belangstellende inwoners van Bloemfontein het ook van tyd tot tyd gratis onderrig aan die kinders gegee.[287] Nadat verpligte onderwys in 1895 in die OVS

---

[281] *OVS Onderwysverslag, 1890-1891*, p. 44.
[282] *Daily Express*, 14.6.1890, p. 2 en 19.6.1890; p. 3; *The Friend*, 12.6.1889, p. 5 en 18.6.1890, p. 3. Vergelyk ook Venter, *Geskiedenis van die Damesinstituut "Eunice"*, pp. 166-167.
[283] *The Friend*, 22.6.1894, p. 4; Venter, *Geskiedenis van die Damesinstituut "Eunice"*, pp. 167, 172.
[284] Venter, "Die Bloemfonteinse Bewaarskool", pp. 31-32.
[285] *De Express*, 23.12.1890, p. 2; *The Friend*, 3.7.1894, p. 4; *OVS Onderwysverslag, 1889-1890*, p. 6.
[286] O'Connor, p. 225. Vandag word die Vrystaatse Musicon in die ou geboue van die President Brandskool gehuisves, nadat dié skool na die woonbuurt Pellissier in Bloemfontein verskuif het.
[287] *OVS Onderwysverslag, 1895-1896*, p. xiv; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 137.

ingestel is, het dit ’n dagskool geword en gehuisves in ’n ou gebou wat deur die inspekteur van onderwys as “zeer ongeriefelijk en bouwvallig” beskryf is.[288]

3.1.5.9 St. Margaret-spoorwegskool

Vir die Engelssprekende werknemers van die Kaapse Spoorweë en hulle kinders het die Anglikaanse Kerk vroeg in 1893 die St. Margaret-skoolkapel, wat in 1895 vergroot is, in Langstraat in die Spoorwegkamp opgerig. Dit was ’n sinkgeboutjie wat op weeksdae as skool diens gedoen het en op Sondagaande is kerkdienste daar gehou. Die eerste skoolhoof was ene mej. Hope wat aan die Anglikaanse susterskap verbonde was. Die St. Margaret-skool het onder beheer van ’n skoolkommissie gestaan wat deur spoorwegwerkers verkies is. Eers vanaf 1897 het dié skool ’n toelaag van £50 per jaar van die Volksraad ontvang. Dié elementêre dagskool is in 1897 deur die Vrystaatse regering oorgeneem en het toe as die Spoorwegskool bekend gestaan.[289] Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het dié skooltjie 60 leerlinge gehad, maar na die oorlog is dit nie weer heropen nie.[290]

3.1.5.10 Artillerieskool

Die Artillerieskool by die militêre fort het reeds sedert 1873 bestaan en hier is, naas artillerie-opleiding, ook gewone elementêre onderwys aan die artilleriste verskaf. In 1891 was daar 41 artilleriste wat dié skool bygewoon het. Die onderwyser was E.R. Landgraf en skoolure was net van 10:00 tot 13:00 omdat die manskappe nog ander pligte ook gehad het. Vanweë ander pligte, wapenskoue en toegestane verlof, het die artilleriste die skool van tyd tot tyd taamlik ongereeld bygewoon. In 1893 was daar 51 artilleriste in dié skool en is Landgraf deur J.J. Herfst as onderwyser vervang. Weens die min skoolure per dag en die ongereelde bywoning van klasse het die skool se uitslae swak gebly.[291] In 1895 het die hoof van die Artillerie, kapt. (later maj.) F.W.R. Albrecht, besluit dat offisiere en manskappe wat standerd vier of vyf bereik het, ’n uur langer moes skoolgaan.[292]

---

[288] Soos aangehaal deur Schoeman, *Bloemfontein*, p. 137.
[289] *Quarterly paper* 102, 5.10.1893, p. 163, 103, Jan. 1894, p. 25 en 111, 25.1.1896, p. 21; *The Friend*, 19.11.1895, p. 3 en 22.11.1895, p. 3. Vergelyk ook Crisp, p. 127.
[290] *Diocese of Bloemfontein 1863-1963* [Centenary brochure], p. 42.
[291] *OVS Onderwysverslag, 1889-1890*, p. 59, *1892-1893*, pp. 19-20 en *1893-1894*, p. 50; Van Schoor, p. 160.
[292] VAB, GS1047: kapt. Albrecht – goewermentsekr., 16.2.1895.

3.2 Onderwys vir bruin en swart mense

Onderwys vir bruin en swart mense in 19de eeuse Bloemfontein is hoofsaaklik deur die Anglikaanse Kerk en ander kerkdenominasies onderneem, omdat die Vrystaatse regering van staatsweë baie min voorsiening vir nie-blanke onderwys gemaak het.[293] Volgens Behr het die jong republiek nie voldoende geld, werkkrag en tyd gehad om aandag aan die onderwys van nie-blankes te gee nie,[294] maar dit was waarskynlik nie die enigste rede nie. Om die onderwys van blanke kinders op 'n bevredigende standaard te kry, was reeds vir die OVS 'n uitdaging en in daardie jare is onderwys vir nie-blankes vanuit 'n regeringsoogpunt nie as 'n prioriteit beskou nie. Verder het die sendelinge van die verskillende kerkgenootskappe ook reeds voor die ontstaan van die republiek 'n begin met onderwys vir bruin en swart mense gemaak.[295] Sekere sendingskole, soos in die distrikte Moroka, Bethanie en Witsieshoek, het wel 'n klein toelae van die Vrystaatse regering ontvang.[296]

Teen 1873 was daar in Bloemfontein reeds Anglikaanse dag- en aandskole vir swart kinders en volwassenes wat onderrig wou word.[297] Die Anglikaanse sustergemeenskap van St. Michael's Home was ook verantwoordelik vir die onderrig by die "Industrial Boarding School for Native Girls" waar swart meisies sedert 1867 onderrig ontvang het.[298] Volgens *The Friend* het baie swart mense teen die 1890's in onderwys begin belangstel, omdat hulle besef het dat dit tot hulle voordeel sou strek.[299] Sedert 1871 was daar 'n dagskool vir bruin kinders wat later as die Goeie Herder-skool bekend was.[300] Die klein Goeie Herder-skooltjie was aanvanklik langs die St. Patrick-kerk vir swart mense in St. Georgestraat geleë, maar het in 1895 ook na Waaihoek geskuif, waar dit die naam St. Philip-skool gekry het toe dit met die St. Philip-sending in Waaihoek saamgesmelt het.[301]

---

[293] S.A. Hlatshwayo, *Education and independence: education in South Africa, 1658-1988*. Contributions in Afro-American Studies 196, p. 33; A.L. Behr, "Onderwys aan nie-blankes" in J.C. Coetzee (red.), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, p. 443.

[294] Behr, p. 443.

[295] F.A. Bester, *'n Krities-historiese studie oor die naturelle- en kleurling-onderwys in die OVS.* (M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1945), pp. 1-2, 65.

[296] *The Friend*, 24.6.1892, pp. 2-3; *De Burger*, 30.6.1894, p. 2.Vergelyk ook Behr, p. 443.

[297] WCB, AB764f: Sketch in a letter from brother Arthur Byrd, later from the Society of St. Augustine at Modderpoort, 1883; *Quarterly paper* 99, 15.1.1893, pp. 12-13 en 100, 15.4.1893, pp. 57, 66. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 86.

[298] *A brief history of the Bloemfontein Mission, South Africa, from its commencement to 1876*, p. 15; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 86.

[299] *The Friend*, 1.5.1891, p. 2.

[300] *Quarterly paper* 81, 16.7.1888, p. 110 en 89, 15.7.1890, p. 290.

[301] WCB, AB764f: Sketch in letter from Brother Arthur Byrd, 1883; *Quarterly paper* 111, 25.1.1896, p. 22. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 132.

Die Berlynse sendinggenootskap het ook sedert 1875 ’n sendingskool vir swart mense in Bloemfontein gehad wat in 1893 reeds 290 leerlinge en twee jaar later 341 leerlinge gehad het. Benewens godsdiensonderrig het die swart en bruin mense ook onderrig in lees, skryf, sang, Sotho of Tswana, Engels en soms Nederlands ontvang.[302] In 1875 is ’n kerkgebou oorkant die ou Grey-kollege in St. Georgestraat vir swart lidmate van die Wesleyaanse Metodiste Kerk opgerig. Dit het in die 1890’s ook as ’n skool gedien, waar onderrig deur ’n swart Wesleyaanse onderwyser, ene Magalic, gegee is. In 1895 het die Bloemfonteinse stadsraad die Wesleyaanse Kerk versoek om dié skool na Waaihoek te verskuif, omdat die terrein in St. Georgestraat slegs vir kerkdoeleindes toegestaan is.[303] Die verskuiwing het eers na die Anglo-Boereoorlog plaasgevind, toe ’n nuwe Wesleyaanse kerk en skoolgebou[304] vir swart mense in 1904 in Fortstraat opgerig is.[305]

Die NG-sendinggemeente is in Maart 1891 gestig om sendingwerk onder swart en bruin mense van Bloemfontein te doen en die NG-sendingkerk is in 1892 aan die bopunt van Harveyweg, in die huidige Bastionstraat, in Waaihoek opgerig.[306] Verder het die NG Kerk in die 1890’s hulle veral op sending- en onderwyswerk onder swart mense by Witsieshoek[307] in die huidige QwaQwa toegespits.[308]

3.2.1 St. Gabriel en Cathedral Day School

In dieselfde tyd wat die St. Michael-meisieskool gestig is, is daar in 1874 ook begin met ’n St. Michael-dagskool wat elementêre onderrig aan kinders van die Bloemfonteinse middelklas en minder gegoede klasse verskaf het. Sedert 1875 het dié skool ook kosgangers uit die Vrystaatse platteland ingeneem en sy eie kleuterskool gekry. Om verwarring met die St. Michael-meisieskool te voorkom, is bogenoemde skool, wat naby die St. Patrick-kerk vir swart mense in St. Georgestraat gestaan het, in 1878 na St. Gabriel-skool herdoop. Dié skool is ook deur die susterskap van die Anglikaanse Kerk begin en beheer, maar het aanvanklik ’n sukkelbestaan gevoer totdat dit in 1893 ’n gemeentelike inrigting onder direkte beheer van die deken van die

---

302 Bester, p. 29; Behr, p. 443.
303 *The Friend*, 12.11.1895, p. 3; *Daily Express*, 25.7.1890, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 65.
304 Dit was dié gebou waar die ANC in 1912 gestig is. J. Haasbroek, “Founding venue of the African National Congress (1912): Wesleyan School, Fort Street, Waaihoek, Bloemfontein”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 18(7), November 2002, p. 129.
305 *Ibid*., pp. 141-142.
306 *The Friend*, 31.5.1892, p. 2; Britz, p. 64.
307 Staan vandag as Phuthaditjhaba bekend.
308 VAB, A6: *Rapport van de zending scholen, die Gouvernements ondersteuning genieten*, pp. 64-65; *De Burger*, 4.7.1894, p. 2. Vergelyk ook B.F. Nel, *Naturelle-opvoeding en -onderwys* 1. Die tweede trek-reeks nr. 19, p. 82 en Oberholster en Van Schoor, pp. 196-198.

Anglikaanse Kerk in Bloemfontein geword het, waarna dit as die Cathedral Day School bekend gestaan het. Hierna het die skooltjie ’n bloeitydperk beleef sodat dit in 1894 reeds 78 leerlinge gehad het. Die kleiner kinders het onderwys in lees en skryf, Engels, Nederlands en naald- en breiwerk ontvang, terwyl die groter kinders ook in rekenkunde, Bybelgeskiedenis en Kategismus onderrig is. Dié skool is in 1899 met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog gesluit.[309]

3.2.2 Skole van die St. Patrick-sending vir swart mense

Reeds in 1867 is die Anglikaanse St. Patrick-skoolkapel langs die Anglikaanse katedraal in St. Georgestraat opgerig en aanvanklik is in hierdie geboutjie kerkdienste gehou en onderrig aan swart mense gegee. Die St. Patrick-kapel is ’n paar keer vergroot en in hierdie kerkie het kategeet (later priester) Gabriel David in die 1880’s vier keer per week ’n aandskool vir swart mans gehou wat onderrig in lees en sang ontvang het. David het ook weeksdae swart kinders in die kerkgebou in godsdiens, lees, skrif, reken, Engelse grammatika en spelling, asook aardrykskunde, onderrig. Teen die 1870’s het die Anglikane ook in die swart woonbuurt, Waaihoek, twee dagskole vir swart kinders opgerig – een vir Fingo’s en een vir Batswana’s.[310]

In die 1890’s het ’n swart onderwyser, ene Sechotsani, ook by die St. Patrick-skool in Waaihoek skoolgehou.[311] Terselfdertyd is die onderwyswerk van die St. Patrick-sending ook na die ander swart woonbuurt van Bloemfontein, Kafferfontein, uitgebrei en is swart kinders hier in ’n klein dagskool deur ’n swart kategeet onderrig.[312] In 1895 is die laaste swart skool van die Anglikaanse Kerk op versoek van die stadsraad van St. Georgestraat na Waaihoek verskuif.[313] Daar was in 1895 klaarblyklik ook ’n swart Wesleyaanse skoolkapel in St. Georgestraat, want in ’n stadsraadsvergadering in November 1895 is vermeld dat dié stuk grond oorspronklik vir ’n kerk aan die Wesleyaanse kerk toegestaan is, maar dat dit later ook as skool vir swart mense gebruik is.[314]

---

[309] WCB, AB764f: Sketch in letter from Brother Arthur Byrd, 1883, AB2644/51: “St. Michaels and All Angels, Record of ‘Works’ ”; *The Friend*, 10.7.1891, p. 2 en 16.4.1895, p. 3. Vergelyk ook Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, pp. 156-159, 244 en Carter, pp. 159-160.

[310] WCB, AB764f: Sketch in a letter from brother Arthur Byrd, later from the Society of St. Augustine at Modderpoort, 1883; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, pp. 164-165.

[311] *Daily Express*, 25.7.1890, p. 2.

[312] *Quarterly paper* 113, 15.7.1896, p. 114; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, p. 166.

[313] *The Friend*, 22.3.1895, p. 2.

[314] *Ibid.*, 12.11.1895, p. 3 en 6.12.1895, p. 3.

3.2.3 Goeie Herder- en St. Philip-skool

Die Goeie Herder-dagskooltjie vir bruin mense wat in 1866 deur die Anglikaanse Kerk gestig is, was aanvanklik in ’n kleigeboutjie langs die St. Patrick-kerk vir swart mense in St. Georgestraat geleë en is in 1876 deur die susterskap oorgeneem. Teen die vroeë 1880’s was daar reeds om en by 90 leerlinge en is die skooltjie met twee sinkvertrekke vergroot. Aangesien die skoolgebou steeds te klein was en dit as gevolg van die baie stof nie moontlik was om buite skool te hou nie, moes die kinders beurte maak om klasse by te woon. Hulle het onderrig in Bybelgeskiedenis, kerkdogma, lees, skrif, reken, aardrykskunde, sang en naaldwerk ontvang.[315] In 1893 is die St. Philip-kerk[316] vir bruin mense in Waaihoek opgerig, terwyl die Goeie Herder-skool in 1895 ook na Waaihoek geskuif is, waar dit die naam St. Philip-skool gekry het. Die beheer van die skool is nou ook van die susterskap na die kerk oorgedra, hoewel die susters steeds klasse aangebied het.[317] Dié skool is aanvanklik in die St. Philip-kerkgebou gehou, maar in 1895 is ’n skoolkamer by die kerk aangebou waarin die bruin kinders kon skoolgaan.[318]

3.2.4 Industriële skool vir swart dogters

Die Anglikaanse sustergemeenskap van St. Michael’s Home was ook verantwoordelik vir die onderrig by die Industrial Boarding School for Native Girls waar swart meisies sedert 1876 onderrig ontvang het. Dit was aanvanklik geleë in ’n klein kamer op die terrein van St. Michael’s Home in Markgraaffstraat en is onderhou deur donasies wat ontvang is. Dié klein vertrek moes afgeskort word om as klas- en slaapkamer te dien totdat dit in die 1880’s vergroot is. Die eerste onderwyseres en skoolhoof was mej. G.D. Coplestone wat van Brittanje na Suid-Afrika gekom het om haar voltyds aan die Bloemfonteinse sendingwerk van die Anglikaanse Kerk toe te wy. Die dogters het onderrig in godsdiens, Engels, Tswana, lees, skrif, reken en naaldwerk ontvang, terwyl hulle in die Home praktiese ondervinding in was, stryk en koskook opgedoen het. Sondae

---

315 WCB, AB764f: Sketch in a letter from brother Arthur Byrd, 1883; *Daily Express*, 31.7.1890, p. 2 en 4.9.1890, p. 2. Vergelyk ook *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954: a hundred years of progress*, pp. 74-75 en Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, pp. 161-163.

316 Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.3.4, vir meer inligting oor die kerkgebou.

317 *Quarterly paper* 108, April 1895, p. 57; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, p. 164.

318 *Quarterly paper* 111, 25.1.1896, p. 22; *Gleanings in sunny Africa*, p. 15. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 132.

moes hulle kerkdienste in die St. Patrick-kapel bywoon.[319] Hulle kleredrag was kleurvol: pers katoenrokke met rooi kopdoeke en geel gehekelde tjalies met ’n rand van rooi en swart.[320]

4 Kulturele instellings

4.1 Nasionale Museum

Die Nasionale Museum in Bloemfontein is op 20 Julie 1877 tydens ’n openbare vergadering onder voorsitterskap van hoofregter (later pres.) F.W. Reitz gestig. Die Vrystaatse Volksraad het die gebou van die voormalige goewermentskool of Eerste Raadsaal in St. Georgestraat, wat in 1849 deur maj. Warden laat oprig is, vir die inrigting van ’n museum beskikbaar gestel. Reitz was ook die voorsitter van die eerste museumkomitee, terwyl dr. H. Exton die eerste erekurator van die museum was. [321] Exton is in 1883 oorsee en is tydelik deur dr. B.O. Kellner (1883) en dr. C.J.G. Krause (1883-1886) as erekurator opgevolg. Met Exton se terugkeer in 1886 het hy weer tot 1888 gedien waarna Kellner hom as erekuartor opgevolg en tot met sy dood in 1918 dié posisie beklee het.[322] Die Nasionale Museum is op 20 Mei 1878 amptelik in die Eerste Raadsaal geopen. Reitz was 11 jaar lank, van 1877 tot 1888 toe hy as staatspresident verkies is, die voorsitter van die museumkomitee en in hierdie tyd is die kern van die Nasionale Museum se versameling daargestel.[323]

Aanvanklik is die Nasionale Museum uit subskripsies van die publiek befonds, maar sedert 1879 is ’n jaarlikse toelae van die Vrystaatse Volksraad ontvang, wat teen die 1890’s reeds £400 bedra het omdat die museum as ’n “nuttige en leerzame instelling” beskou is.[324] In 1884 is J.C. Corbitt[325] (1824-1889) teen ’n salaris van £25 as opsigter of “custos” aangestel om die museum skoon te maak en dit Woensdae en Saterdae vir die publiek oop te hou. Hy moes

---

[319] WCB, AB2644/51: “St. Michaels and All Angels”, Record of ‘Works’ ” en AB2644/33: “Statements of Accounts. St. Michael’s Home Bloemfontein, 1893-1895”; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat*, pp. 167-168.

[320] D. du Bruyn, “Miss Coplestone’s schoolroom”, *Culna* 67, November 2012, pp. 10-11; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 86.

[321] VAB, A2/1/1: “A short history of the Orange Free State Museum”, pp. 1-3; *De Express*, 26.7.1877, p. 2; *The Friend*, 26.7.1877, p. 2 en 23.5.1893, p. 2. Vergelyk ook A.C. Hoffman, “Interesting aspects about the early history of the National Museum in Bloemfontein”, *SAMAB* 6(13), Maart 1958, pp. 332-333, 335-336 en M.A. du Toit, “Die Nasionale Museum, Bloemfontein”, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 28(1) (Nuwe reeks nr. 13), Januarie 1972, pp. 24-25.

[322] D.A van der Bank, “Nasionale Museum, deel 1: stigting en vroeë geskiedenis, 1877-1921”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 13(2), Julie 1997, p. 66.

[323] E. du Toit, “Die rol van F.W. Reitz in die stigting van die Nasionale Museum, Bloemfontein”, *Nasionale Museum Nuus* 28, Maart 1985, pp. 6-8.

[324] VAB, A2/1/1: “A short history of the Orange Free State Museum”, p. 2; *The Friend*, 14.7.1893, p. 3; *De Burger*, 7.7.1894, p. 2. Vergelyk ook Van der Bank, pp. 60-61, 63.

[325] Volgens Van der Bank was die opsigter W. Corbitt, maar in *The Friend* word hy as J.C. Corbitt aangedui. Van der Bank, p. 66; *The Friend*, 3.7.1889, p. 3.

ook die versameling onder toesig van die erekurator versorg.[326] Na Corbitt se dood in 1889 het suster Maria Burton van die Anglikaanse sustergemeenskap die museum twee jaar lank skoongemaak en in orde gehou. Teen 1889 was die museum daagliks oop van 15:00 tot 18:00 in die somer en van 15:00 tot 17:00 in die winter. Toegang was gratis, maar by die ingang was ’n houer vir vrywillige donasies.[327] In Junie 1892 is Max Rossteuscher as opsigter/kurator van die museum aangestel. Met dr. Kellner as erekurator en Rossteuscher as die eerste gekwalifiseerde opsigter/kurator het die Nasionale Museum ’n bloeitydperk beleef. Nadat Rossteuscher in September 1893 na Pretoria verhuis het, is J.R. Koller in sy plek as opsigter aangestel.[328]

In 1885 is ’n westelike vleuel van klip by die oorspronklike raadsaaltjie aangebou om die groeiende museumversameling te huisves. Ten spyte van die nuwe vleuel, was die ruimte nog nie voldoende om die versameling na behore te akkommodeer nie en in 1890 is vertoë tot die regering gerig vir die aanbou van ’n verdere vleuel aan die oostekant.[329] Hoewel stemme in die Volksraad opgegaan het dat ’n nuwe, groter gebou vir die museum opgerig moes word, was die meeste lede, en ook pres. Reitz, ten gunste daarvan dat die historiese ou raadsaaltjie as deel van die museum behou moes word. In Oktober 1891 is die nuwe oostelike vleuel, ontwerp deur regeringsargitek J.E. Vixseboxse, voltooi.[330]

Teen die vroeë 1890’s het die museum reeds ’n interessante versameling voorwerpe van natuurhistoriese en kultuurhistoriese aard gehad. Die museumversameling het toe onder meer uit die volgende voorwerpe bestaan: Geologiese voorwerpe van die Vrystaat, fossiele, slange, voëls, Suid-Afrikaanse en buitelandse seeskulpe, soogdiere, minerale, goudkwarts, steenkool, diamantdraende grond en gruis van die myne, voorbeelde van Basotho-erdewerk, inboorlingwapens en kuriositeite van onder meer Fiji en Nieu Seeland, verskeie soorte grane en grasse, dokumente, ou transportaktes, ou munte en papiergeld, asook voorbeelde van Suid-Afrikaanse houtsoorte en blaarvorms (geskenk deur pres. Reitz).[331] ’n Lys van nuwe skenkings met die name van die skenkers daarby is van tyd tot tyd in *The Friend* gepubliseer,[332] wat waarskynlik weer nuwe skenkings aangemoedig het. Die publiek het dus ’n groot aandeel gehad in die insameling van voorwerpe vir die museum.

---

[326] VAB, A2/4/1/1: dr. B.O. Kellner – goewermentsekr., 14.5.1889; *The Friend*, 3.7.1889, p. 3.
[327] *The Friend*, 25.9.1889, p. 1; *De Express*, 23.12.1890, p. 3. Vergelyk ook Van der Bank, p. 68 en Wright, p. 42.
[328] *The Friend*, 28.10.1892, p. 2, 7.3.1893, p. 2, 24.3.1893, p. 2, 3.10.1893, p. 2, 14.7.1893, p. 2 ,13.3.1894, p. 3 en 19.6.1894, p. 4; Van der Bank, p. 68.
[329] *De Express*, 23.12.1890, p. 3; J.J. Oberholzer, “’n Kort geskiedenis oor die stigting van Bloemfontein en die Nasionale Museum”, *SAMAB* 9(12), September 1970, p. 412. Vergelyk ook Van der Bank, pp. 61-63.
[330] *OVS Volksraadsnotule*, 12.5.1890 en 13.5.1890; *The Friend*, 14.5.1890, p. 3 en 21.5.1890, p. 2; *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2 en 15.5.1890, p. 2. Vergelyk ook Van der Bank, pp. 62-63. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.4.
[331] *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 25.6.1890, p. 3, 9.7.1890, p. 3, 2.1.1891, p. 3 en 9.1.1891, p. 3.
[332] *The Friend*, 23.9.1892, p. 2, 3.2 1893, p. 2, 9.5.1893, p. 4, 16.2.1894, p. 2 en 13.8.1895, p. 3.

Aanvanklik is veral uitheemse diere ingesamel, waarskynlik omdat dit as interessant en as rariteite beskou is. Later is wel meer voorbeelde van Suid-Afrikaanse en Afrika-soogdiere vir die museum se versameling verkry.[333] In 1895 is die name van die ondertekenaars van die Bloemfontein-konvensie in 1854, waarvolgens die OVS sy onafhanklikheid verkry het, in sierskrif op ’n papierrol aangebring en in die museum opgehang.[334]

Teen die einde van 1892 kon *The Friend* soos volg oor die Nasionale Museum berig: “Dit Museum strekt tot eer van den Vrijstaat en is een sieraad voor Bloemfontein …”[335] Kurator Rossteuscher wat met sy kundigheid baie tot die sukses en gewildheid van die museum bygedra het, het aan die begin van 1893 aan *The Friend* geskryf dat die Vrystaat se Nasionale Museum, ten spyte van sy finansiële beperkinge, baie goed met ander ou, meer gevestigde instansies in Suid-Afrika, soos die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad en die Albany Museum in Grahamstad wat baie meer fondse tot hulle beskikking het, vergelyk.[336]

In 1893 het die *Cape Times* ook die Nasionale Museum in Bloemfontein se lof besing: “The manner in which the Free State authorities are building up a national museum is worthy of emulation by all South African States.”[337] Die *Mercury* van King Williamstown se mening was: “The Free State Museum is one of the most interesting places of its kind in South Africa, and one which should be cherished by the citizens of Bloemfontein as a precious possession.”[338]

4.2 Openbare biblioteek

Bloemfontein het reeds vroeg in sy bestaan ’n biblioteek en leeskamer gehad in ’n vertrek van die eerste markgeboutjie wat in 1859 opgerig is. Vier jaar later is daar ’n vergadering gehou om reëls vir ’n biblioteek en leeskamer op te stel. Aanvanklik het die plaaslike biblioteek maar ’n sukkelbestaan gevoer, totdat daar in 1875 besluit is om ’n volwaardige leeskamer en biblioteek te stig. Onder leiding van regter (later pres.) F.W. Reitz kon die biblioteek en leeskamer teen die einde van dieselfde jaar in ’n houthuis agter die eerste stadsaaltjie[339] in St. Andrewstraat geopen word.[340]

---

333 *Ibid.*, 9.1.1891, p. 3; A.C.M. Coetzer, “Geskiedenis van die Nasionale Museum, 1877-1911”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 6(8), November 1989, p. 259. Vergelyk ook Van der Bank, pp. 55-56.
334 *The Friend*, 28.6.1895, p. 3.
335 *Ibid.*, 16.12.1892, p. 2.
336 *Ibid.*, 21.2.1893, p. 3 en 3.3.1893, p. 2.
337 *Ibid.*, 7.4.1893, p. 3.
338 *Ibid.*, 18.4.1893, p. 3.
339 Bloemfontein se eerste stadsaal was die ou Wesleyaanse kerkgeboutjie wat tot in 1883, toe die stadsaal in Maitlandstraat opgerig is, as stadsaal gebruik is.
340 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *Bloemfontein Directory 1898*, p. 46; B. Levy, “A library of distinction”, *Supplement to The Friend to mark the republican festival*, 12.5.1966, p. 32.

Aanvanklik is die biblioteek deur ’n komitee beheer, maar in 1889 is ene mej. Rose as bibliotekaresse aangestel. Sy het ’n behoorlike uitleenstelsel in plek gestel en die biblioteek volgens biblioteekkundige beginsels georganiseer, terwyl sy ook die vertrek met plante, blomme, foto’s en ander versierings verfraai het. Voor die bibliotekaresse se koms, is boeke blykbaar taamlik lukraak uitgeleen, met die gevolg dat naastenby 200 volumes weggeraak het. Pres. Reitz het groothartig die ontbrekende boeke uit Europa bestel en aan die biblioteek geskenk.[341]

Teen Desember 1890 het die Bloemfonteinse openbare biblioteek reeds meer as 200 intekenare gehad wat maandeliks met vyf of ses vermeerder het. Volgens *De Express* was die biblioteek in 1890 “the most popular and best patronized institution in Bloemfontein”.[342] Teen daardie jaar was daar na skatting tussen drie- en vierduisend boeke in die biblioteek en teen 1895 tussen vier- en vyfduisend. Die oorgrote meerderheid van die boeke was fiksie wat gretig deur Bloemfontein se lesers gelees is, maar daar was ook boeke oor geskiedenis, biografieë en reis. Hoewel die Engelse boeke in die meerderheid was, was daar ook ’n aantal Nederlandse boeke, sowel as enkele Duitse en Franse boeke. Ernstige werke oor die Nederlandse letterkunde van groot Nederlandse skrywers soos Van Lennep, Vondel, Ten Kate, Hooft en Cats is ook in die Bloemfonteinse biblioteek aangetref.[343]

Deur bemiddeling van baron W.A. van Ittersum van Nederland wat tydens ’n besoek aan Bloemfontein geskok was omdat daar so min Nederlandse boeke in die biblioteek was, is daar tussen 1891 en 1892 ongeveer 400 boeke in Nederland ingesamel en aan die Bloemfonteinse biblioteek geskenk.[344] In 1894 is besluit om maandeliks die belangrikste nuwe boeke vir die biblioteek aan te koop.[345]

Tydens die jaar 1889 is die volgende aantal boeke in elke kategorie by die Bloemfonteinse openbare biblioteek uitgeneem: Fiksie – 6 794; geskiedenis en biografieë – 383; aardrykskunde en reis – 284; allerlei – 214; wetenskap – 48; teologie of godsdiens – 31 en poësie – 40. Wat tale betref, is 222 Nederlandse boeke, 14 Duitse boeke en 12 Franse boeke uitgeneem, terwyl die res Engelse boeke was.[346]

Aanvanklik was die biblioteek nie so ’n groot sukses as leeskamer nie, aangesien slegs die drie koerante wat in Bloemfontein uitgegee is, in 1890 daar beskikbaar was. Verder was

---

[341] *Daily News*, 25.2.1890, p. 3; *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 13.2.1889, p. 3.
[342] *De Express*, 23.12.1890, p. 3.
[343] VAB, A5/1: Supplement van den catalogus van Hollandsche boeken, voorkomende in de Openbare Bibliotheek te Bloemfontein, Oranjevrijstaat; *De Express*, 23.12.1890, p. 3. Vergelyk ook Wright, p. 44.
[344] VAB, A5/1: F.W. Reitz – baron van Ittersum, 4.7.1891, “Alphabetische lijst der boeken verzameld voor de bibliotheek te Bloemfontein door Mr. W.A. Baron van Ittersum”; *The Friend*, 8.4.1892, pp. 2-3.
[345] *The Friend*, 23.2.1894, p. 2.
[346] *Daily News*, 25.2.1890, p. 3.

uitgawes van die twee tydskrifte wat op die tafels te vinde was, naamlik die *English Illustrated Magazine* en *Harper's*,[347] al 'n paar maande oud. Dit is as 'n leemte gevoel dat die leeskamer nie koloniale of Britse koerante en 'n groter verskeidenheid tydskrifte beskikbaar gehad het nie. In 1889 en 1890 het die biblioteek nagenoeg 130 besoekers per week of gemiddeld 24 per dag ontvang wat redelik goed was vir 'n relatief klein plek soos Bloemfontein.[348]

Sedert Junie 1889 het die Bloemfontein openbare biblioteek 'n jaarlikse toelae van £50 (later £100) van die Vrystaatse Volksraad ontvang, terwyl die Bloemfonteinse stadsraad ook 'n jaarlikse toelae van £15 aan die biblioteekkomitee toegestaan het om die salaris van 'n bibliotekaresse te finansier. Van tyd tot tyd is ook fondsinsamelingsfunksies ten bate van die biblioteek gehou.[349]

Die biblioteek was 'n ruim, gemaklik en lugtige vertrek, maar daar was klagtes oor die swak beligting. In 1890 is die ou plafon van die biblioteek met 'n nuwe houtplafon vervang, terwyl ander herstelwerk ook aan die vertrek gedoen is.[350] In die winter was normale biblioteekure soggens van 10:00 tot 13:00 en smiddae van 15:00 tot 17:00.[351] Kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is begin met bouwerk aan 'n nuwe biblioteekgebou op Wardenplein. Bouwerk is deur die Anglo-Boereoorlog onderbreek en die nuwe Fichardt-biblioteek is eers in 1905 voltooi.[352]

5 Pers en koerantwese

Bloemfontein het baie gou na sy ontstaan sy eie drukpers gekry en in Junie 1850 het die Vrystaat se eerste koerant, *The Friend of the Sovereignty and Bloem Fontein Gazette/De Vriend van de Soewereiniteit en Bloem Fonteinsche Courant* in Engels en Nederlands verskyn. Die firma Godlonton & White, uitgewers van *The Grahamstown Journal*, het 'n ou handpers, papier en ander benodigdhede in 1850 per ossewa vanuit Grahamstad laat kom en 'n drukkery en skryfbehoeftewinkel in 'n grasdak-gebou aan die westekant van Markplein geopen.[353]

---

[347] *Harper's Magazine* is 'n tydskrif wat al sedert 1850 maandeliks in die VSA verskyn.
[348] *The Friend*, 1.5.1889, p. 6 en 11.12.1891, p. 2; *Daily News*, 25.2.1890, p. 3; *De Express*, 23.12.1890, p. 3.
[349] VAB, MBL1/1/5: Stadsraadsvergadering, 4.12.1889; *De Burger*, 7.7.1894, p. 2; *Daily Express*, 26.8.1890, p. 2 en 28.8.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 26.6.1889, p. 3 en 6.7.1894, p. 2.
[350] *De Express*, 8.4.1890, p. 4 en 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 26.6.1889, p. 3 en 16.6.1891, p. 3; *Daily News*, 25.2.1890, p. 3, 8.3.1890, p. 3 en 13.3.1890, p. 3.
[351] *De Express*, 8.4.1890, p. 9; *Daily Express*, 14.6.1890, p. 2.
[352] P.J. Nienaber, J.D. Smit en S.M. Botes, *Vrystaatse argitektuur: histories-argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n oorsig*, p. 51.
[353] K. Schoeman, "*The Friend* through the formative years", *Africana Aantekeninge en Nuus* 25(2), Mei 1982, p. 63;

Tydens die republikeinse tydperk van die OVS (1854-1900) is daar vier koerante in Bloemfontein uitgegee, naamlik die reeds genoemde *The Friend*, asook *De Tijd*, *De Express*[354] en *De Burger*. Van bogenoemde vier nuusblaaie het *The Friend* die langste bestaan – van 1850 tot 1985, dit wil sê 135 jaar. Ofskoon daar ook kleiner koerantjies op ander Vrystaatse dorpe uitgegee is, het die Bloemfonteinse blaaie ook plattelandse nuus bevat en is dit ook deur lesers op ander Vrystaatse dorpe en plase gelees.[355] Die Bloemfonteinse koerante is ook na ander state in Suid-Afrika en selfs na Brittanje en Europa versprei en in 1890 het die regerings van die OVS en die Kaapkolonie 'n ooreenkoms aangegaan dat hulle onderskeie koerante posvry in albei state versend kon word.[356]

5.1 *The Friend of the Free State and Bloem Fontein Gazette*

Na die totstandkoming van die republiek Oranje-Vrystaat in 1854 het die naam van Bloemfontein se eerste koerant na *The Friend of the Free State* verander. Ofskoon die tweetalige *The Friend*, soos dit kortweg genoem is, hom ten doel gestel het om die belange van almal, afgesien van nasionaliteit, ras of kleur te behartig, was dié koerant in werklikheid die mondstuk van die Engelse party in die Vrystaat en dus, veral aanvanklik, vyandiggesind teenoor die republikeinse regering. Tog het *The Friend*, wat aanvanklik die enigste koerant in die Vrystaat was, baanbrekerswerk gedoen om die Vrystaat se blanke bevolking oor politieke kwessies in te lig en hulle belangstelling in staatkundige aangeleenthede te prikkel.[357]

In die 1890's is *The Friend* deur die bekende Bloemfonteinse firma Barlow Brothers & Co. gedruk en uitgegee en die redakteur was Alfred Barlow (1863-1906). Hierdie koerant het probeer om boerderybelange te bevorder en boere onder meer aangeraai om damme as teenvoeter vir die gereelde droogtes te maak. Die OVS, en veral Bloemfontein, is ook deur dié nuusblad geadverteer, wat weer immigrante na die gebied gelok het. Verder word die eerste voorbeelde van geskrewe Afrikaans in die OVS ook in *The Friend* aangetref.[358] Aanvanklik het *The Friend* net weekliks verskyn, maar sedert Augustus 1890 is dit twee keer per week uitgegee.

---

354 Buiten die weekblad *De Express* was die redaksie van dié koerant van 1882 tot 1890 ook verantwoordelik vir die verskyning van die Bloemfonteinse dagblaaie, die Engelse *Daily News* en vanaf 1890 die tweetalige *Daily Express*.

355 F.C.L. Bosman, *Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu*, p.11; P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*. Die tweede trek-reeksnr. 25, pp. 83, 86, 88-89. Vergelyk ook B.F. Reilly, "*The Friend* newspaper, Orange Free State, South Africa", <http://www.h-net.msu.edu/cgi-bin/logbrowse.pl?trx=vx&list=h-fresearch&month=0612&week=b&msg=rGSyFg7ajBdQWonA2aDgg&user=&pw=>, geraadpleeg 13.6.2013.

356 *The Friend*, 11.11.1890, p. 3, 23.6.1891, p. 4 en 31.5.1895, p. 2.

357 J.J. Janse van Rensburg, *Hollandse joernalistiek in die Oranje-Vrystaat, meer bepaald in Bloemfontein voor 1900* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1937), pp. 14-16; Nienaber, pp. 83-84.

358 *Daily News*, 14.3.1890, p. 3; *The Friend*, 2.1.1889, p. 2 en 19.3.1890, p. 4. Vergelyk ook Nienaber, pp. 84-85.

Soos van die ander Bloemfonteinse koerante, het die uitgewers van *The Friend* en *De Burger* jaarliks ’n tweetalige gids of jaarboek, naamlik *Vrijstaatsch Jaarboek en Almanak*/*Free State Annual and Trades Directory*, uitgegee waarin allerlei inligting, asook ’n naam en adreslys van inwoners, vervat is en waarin besighede, hotelle, ambagsmanne, ensovoorts kon adverteer.[359] Tussen 1894 en 1897 toe die Nederlandse eweknie van *The Friend*, naamlik *De Burger*, tot stand gekom het, het *The Friend* net in Engels verskyn.[360]

5.2 *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad*

Tussen Oktober 1862 en Februarie 1875 is ’n Nederlandstalige, sterk pro-republikeinse weekblad, *De Tijd*, in Bloemfontein uitgegee.[361] In Maart 1875 het ’n nuwe tweetalige, pro-republikeinse weekblad sy verskyning gemaak, naamlik *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad*, wat tot met die Britse besetting van Bloemfontein in Maart 1900 bly voortbestaan het. *De Express* was sterk pro-republikeins en ’n vurige voorstander van die Vrystaatse regering, sy president, die onafhanklikheid van die republiek en die nouer vereniging tussen die twee Boererepublieke. *De Express* was aanvanklik ’n sterk voorstander vir Nederlands en dus vyandiggesind teenoor Afrikaans, maar het later ’n kampvegter vir Afrikaans en selfs die mondstuk van die Afrikanerbond in die Vrystaat geword. In dié koerant, uitgegee deur die Oranje Vrijstaatsche Nieuwsblad Maatschappij van C.L.F. Borckenhagen (1852-1898), het baie Afrikaanse gedigte en samesprake verskyn, onder meer gedigte van pres. Reitz. Dit het dus die Afrikaner se nasionale bewussyn versterk.[362] Borckenhagen, wat ook die redakteur van *De Express* was, het dikwels kritiek ontvang omdat hy sterk menings gehad het en nie altyd onpartydig in sy kommentaar was nie, ofskoon hy hom op sy eerlikheid beroem het.[363]

Onder die vleuels van *De Express* het van 1882 tot 1890 die Engelse *Daily News* en vanaf 1890 die tweetalige *Daily Express* as dagblaaie, hoofsaaklik vir Bloemfontein, verskyn. In die 1890’s was Borckenhagen se OVS Nieuwsblad Maatschappij ook verantwoordelik vir die *Gouvernements Courant* of *Government Gazette* van die OVS, wat elke Vrydag verskyn het.[364]

---

[359] *The Friend*, 30.7.1890, p. 1, 10.3.1891, p. 2, 9.4.1891, p. 2 en 20.10.1891, p. 1.

[360] *Vrijstaatsch Jaarboek en Almanak*/*Free State Annual and Trades Directory* 1894-1895; *The Friend*, 2.1.1894, p. 2. Kyk 5.3. *infra*.

[361] P.J. Nienaber, “Besembos-taaiheid van Vrystaatse nuusblaaie”, *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 29.

[362] *De Express*, 26.8.1890, p. 1 en 23.12.1890, p. 3; Nienaber, “Besembos-taaiheid van Vrystaatse nuusblaaie”, p. 29. Vergelyk ook Janse van Rensburg, pp. 20-21, 55.

[363] *Daily Express*, 3.7.1890, p. 3 en 22.7.1890, p. 3, *The Friend*, 29.4.1892, p. 2, 11.11.1892, p. 2, en 16.6.1893, p. 3; *De Burge*r, 6.1.1894, p. 3.

[364] VAB, GS189: C. Borckenhagen – goewermentsekr., 19.9.1890, 10.10.1890 en 26.5.1891; *Daily News*, 14.4.1890, p. 3; *De Express*, 23.12.1890, p. 3.

5.3 *De Burger*

Sedert 1894 is die Engelse en Nederlandse gedeeltes geskei van wat eens ’n tweetalige *The Friend* was. *The Friend* het voortaan net in Engels verskyn en die nuwe Nederlandse koerant wat hierdeur tot stand gekom het, is *De Burger* genoem. Hierdie “Onafhankelyk Oranje Vrijstaatsch Nieuwsblad” sou voorsien in die behoefte aan ’n onpartydige Nederlandse blad, omdat daar klagtes was dat Engels *The Friend* oorheers het. *De Burger* sou die Nederlandse taal, landbou en nywerheid, sowel as die NG Kerk in die Vrystaat, ondersteun, maar sou eerlikheid en die waarheid nastreef. Beide *The Friend* en *De Burger* is in die 1890’s deur Barlow Brothers & Co. uitgegee en het twee keer per week verskyn.[365]

De Burger is baie goed deur die Afrikaans-Nederlandssprekende Vrystaatse burgers ondersteun en het baie intekenare gehad, ook van die Vrystaatse platteland. Dié nuwe nuusblad is ook in die Kaapkolonie, Natal en Transvaal versprei en het in September 1894 reeds ’n oplaag van ongeveer 2 300 gehad.[366] *The Friend* het nogal daarop gewys dat die feit dat afsonderlike Nederlandse en Engelse koerante uitgegee kon word ’n bewys is van die “progress of the country”.[367] Ten spyte hiervan het *De Burger* slegs ’n leeftyd van vier jaar gehad en net tot die einde van 1897 verskyn. Die droogte en runderpes wat die Vrystaat in die 1890’s getref het, het die boere wat dié Nederlandstalige nuusblad gelees het, laat verarm, sodat daar te min intekenare was om die koste van die koerant te dra en sy voortbestaan te verseker.[368]

5.4 Verhouding tussen die onderskeie koerante

The Friend en *De Express* het beslis nie langs die dieselfde vuur gesit nie, hoofsaaklik omdat *The Friend* pro-Brits was en *De Express* anti-Brits en sterk pro-republikeins. Die twee koerante het mekaar openlik gekritiseer en die een koerant het geen kans laat verbygaan om die ander af te kraak en selfs die onderskeie redakteurs te beledig nie.[369] *The Friend* was van mening dat *De Express* onmin tussen die Afrikaners en Engelse saai, terwyl *De Express* weer *The Friend* van moddergooiery, draadsittery en manteldraaiery beskuldig het.[370]

---

[365] *De Burger*, 3.1.1894, p. 2, 13.1.1894, p. 1, 23.6.1894, p. 2, 22.9.1894, p. 2, 28.11.1894, p. 3 en 20.4.1895, p. 2; *The Friend*, 20.10.1893, bylae, 24.11.1893, p. 2, 2.1.1894, p. 2, 12.1.1894, p. 2 en 10.5.1895, p. 4.

[366] *De Burger*, 3.3.1894, p. 3, 21.4.1894, p. 3, 4.7.1894, p. 1, 8.8.1894, p. 3, 5.9.1894, p. 2 en 8.9.1894, p. 2.

[367] *The Friend*, 2.1.1894, p. 2.

[368] Openbare Biblioteek, Bloemfontein (hierna OBB): “Geschiedkundig Overzicht van *De Burger*” by mikrofilmrolle van *De Burger*; p. 1; *The Friend*, 9.3.1894, p. 3 en 27.4.1894, p. 3.

[369] *Daily Express*, 9.5.1890, pp. 2-3; *The Friend*, 2.10.1891, p. 2, 1.12.1891, p. 3 en 29.6.1894, p. 2, 24.12.1894, p. 2 en 31.12.1894, p. 3;

[370] *De Burger*, 3.1.1894, p. 4, 7.2.1894, p. 2, 10.3.1894, p. 3, 10.11.1894, p. 3 en 8.12.1894, p. 2

Omdat *De Burger* ook deur die eienaars van *The Friend* uitgegee is, het lesers van beide bogenoemde koerante *De Express* en sy redakteur in die koerante gekritiseer. Die redaksie van *De Burger* was ook ontevrede omdat regeringsadvertensies en -kennisgewings in Nederlands in *De Express* verskyn het, maar nie in *De Burger* nie. *De Express* was op sy beurt weer negatief teenoor *De Burger*, omdat hy dit bloot as ’n verlengstuk van *The Friend* beskou het.[371] Toe die vergulde beeld van die Griekse god Mercurius, wat oorspronklik vir die Vierde Raadsaal bedoel was,[372] in Desember 1894 op die nuwe gebou van *De Express* geplaas is, het die redaksies van *The Friend* en *De Burger* hulle daarin verlekker dat die Griekse god van leuens, diewe en swendelaars nou op *De Express* se kantoorgebou pryk. Volgens *The Friend* was Mercurius nou “In his Right Place at Last”.[373]

5.5 Tydskrifte

Wat die publikasie van tydskrifte betref, was die OVS nie juis baie produktief nie. Die twee populêre tydskrifte wat in Bloemfontein gedruk en uitgegee is, het net enkele jare bestaan. Dit was ’n letterkundige tydskrif, *The Orange Free State Monthly Magazine*, van 1877 tot 1880 en ’n weekblad, *Het Oranje Vrijstaatsch Famielieblad*, wat klaarblyklik net van 1879 tot 1880 verskyn het. In hierdie twee tydskrifte het ook Afrikaanse gedigte verskyn.[374]

Die Vrystaatse tydskrif uit die republikeinse tydperk wat die langste bestaan het, was die amptelike orgaan van die NG Kerk, *De Fakkel – Maandblad voor Kerk en School in den Oranjevrystaat*, wat van 1876 tot 1909 in Bloemfontein uitgegee is, waarna dit in die huidige *Kerkbode* opgeneem is.[375] Omdat die leerplan van Vrystaatse skole voor 1875 hoofsaaklik uit skryf, reken en Bybelgeskiedenis bestaan het en die NG Kerk ’n groot invloed op sommige skole gehad het, het voorgenoemde tydskrif beide die kerk en skool bedien. Sedert 1878 is *De Fakkel* deur die firma C. Borckenhagen & Co, uitgewer van *De Express*, uitgegee. Die meeste bydraes in *De Fakkel* voor 1900 het van predikante van die NG Kerk gekom, aangesien baie gewone lidmate nog nie die selfvertroue gehad het om die pen op te neem nie.[376]

---

[371] *De Burger*, 22.12.1894, p. 3; *Daily Express*, 9.5.1890, pp. 2-3 en 25.8.1890, p. 2; *De Express*, 16.6.1892, p. 2 en 16.8.1892, p. 2; *The Friend*, 24.4.1889, p. 3, 12.4.1892, p. 2, 10.5.1892, p. 2, 28.6.1892, p. 2, 5.8.1892, p. 2 en 4.10.1895, p. 2.
[372] Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.1.5.
[373] *The Friend*, 24.12.1894, p. 2; *De Burger*, 26.12.1894, p. 2.
[374] Janse van Rensburg, p. 13; Nienaber, *’n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers*, pp. 92-93.
[375] Janse van Rensburg, p. 13; Nienaber, *’n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers*, pp. 92-93.
[376] Janse van Rensburg, pp. 11, 22.

6 Organisasies

Bloemfontein het tydens die Reitz-tydperk ook verskeie organisasies gehad wat hulle vir een of ander saak beywer het. Die volgende organisasies is in Bloemfontein aangetref:

6.1 Bloemfontein Benevolent Society

Die Bloemfontein Benevolent Society of Liefdadigheidsgenootskap is in September 1894 gestig met die doel om nood onder behoeftiges en siekes te verlig. Hulp is ook aan vrygelate gevangenes (veral wit gevangenes) verleen deur aan hulle klere en ’n klein bedrag geld vir treinkaartjies te gee, en indien moontlik aan hulle werk te verskaf. Insameling van fondse is deur die hoofstad se dames gedoen en inwoners kon lede van die organisasie word teen ledegeld van 1/- per maand. Die komitee van die Benevolent Society het bestaan uit ’n president en adjunk-president, al die Bloemfonteinse predikante, 12 addisionele manslede en 12 vroulike kollektante. Die eerste president van die liefdadigheidsgenootskap was hoofregter Melius de Villiers.[377]

Gedurende die eerste twee weke van die Benevolent Society se bestaan, is ’n bedrag van nagenoeg £80 ingesamel, terwyl verskeie geneeshere en ’n professionele vroedvrou ook hulle dienste gratis aangebied het. Indien behoeftiges hospitaalsorg nodig gehad het, is hulle in die Volkshospitaal[378] opgeneem en het die Liefdadigheidsgenootskap voorlopig uit hulle fondse daarvoor betaal. Een van die grootste restaurante in Bloemfontein het onderneem om oorskietkos aan die genootskap te skenk en ’n beroep is op ander restaurante en hotelle in die hoofstad gemaak om soortgelyke skenkings te doen. Verder is donasiehouers vir skenkings in die belangrikste hotelle en restaurante geplaas en ou klere is ook ingesamel. Konserte ten bate van die Liefdadigheidsgenootskap is soms gehou om fondse te versterk. Verblyf en klere is aan etlike hawelose en siek persone verskaf, maar keuring was streng om te voorkom dat die fondse van die genootskap misbruik word. Volgens die reëls van die Benevolent Society is leeglêers, rondlopers en persone wat onder die invloed van drank was gewoonlik nie gehelp nie.[379] Die Liefdadigheidsgenootskap het ook ’n werkverskaffingsburo begin om indien moontlik werklose persone te help om werk te kry.[380]

---

377 *The Friend*, 4.9.1894, p. 2, 15.3.1895, p. 2 en 27.8.1895, p. 3.
378 Kyk hoofstuk 4, afdelings 10.4.4, en 12.3.5.1.
379 *The Friend*, 14.9.1894, p. 2, 14.9.1894, p. 2, 12.10.1894, p. 2, 13.11.1894, p. 3, 14.12.1894, p. 2, 11.1.1895, p. 2, 8.2.1895, p. 2, 15.3.1895, p. 2 en 21.5.1895, p. 3.
380 *Ibid.*, 19.2.1895, p. 3, 8.3.1895, p. 2 en 15.3.1895, p. 2.

Die Benevolent Society het baie goeie werk onder behoeftiges en hulpbehoewendes in Bloemfontein gedoen, maar klaarblyklik is meestal net aan blankes hulp verleen. Teen 1898 het bogenoemde genootskap nog bestaan en sy goeie werk in Bloemfontein voortgesit.[381]

6.2 Orde van St. John

Die Vrystaatse afdeling van die bekende internasionale organisasie The Venerable Order of the Hospital of St. John of Jerusalem is op 16 Januarie 1894 op inisiatief van pres. Reitz in Bloemfontein gestig.[382] Nadat prof. Liebmann, sekretaris van die Kaapse tak van St. John's, 'n lesing oor dié organisasie gelewer het, is oorgegaan tot die stigting van 'n tak.[383]

Die Orde van St. John is tydens die kruistogte aan die einde van die 11de eeu in Jerusalem gestig as 'n godsdienstige organisasie met die doel om siekes te versorg. Die Britse Orde van St. John is in 1540 deur Henry VIII ontbind, maar het in die 19de eeu in Brittanje herleef en in 1888 het koningin Victoria die beskermvrou van die organisasie geword. Die Victoriaanse waardes van dissipline en onbaatsugtigheid het 'n groot rol in die ontwikkeling van die organisasie gespeel en lede was pligsgetrou in hulle diens teenoor hul medemens.[384]

Met die stigting van die Order of St. John in die Vrystaatse hoofstad het pres. en mev. Reitz die beskermheer en beskermvrou van dié organisasie in Bloemfontein geword, met dr. John Brebner as die eerste president.[385] Sedert die ontstaan van die organisasie in Bloemfontein het mans, vroue, seuns en dogters opleiding in noodhulp en tuisverpleging ondergaan en is hierdie kursusse deur Bloemfonteinse besighede gefinansier. Hulp is aan siekes, armes en diegene in nood verleen. In Suid-Afrika is die bekendste deel van die organisasie seker die St. John's Ambulance-brigade wat baie vir liefdadigheid en welsyn doen.[386]

---

381 *Ibid.*, 30.8.1895, p. 3; *Bloemfontein Directory 1898*, p. 50.

382 "The Priory in Southern Africa of the Grand Commandery in the British Realm of the Venerable Order of the Hospital of St. John of Jerusalem, Bloemfontein 1894-1954", *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954. A hundred years of progress*, p. 151; "The Order of St. John, working to improve the health and wellbeing of people across the world", <http://www.orderofstjohn.org/>, geraadpleeg 18.7.2013.

383 *De Burger*, 20.1.1894, p. 3; *The Friend*, 16.1.1894, p. 2.

384 *The Friend*, 16.1.1894, p. 2; P. Beighton en J.C. de Villiers, "The St. John Ambulance Brigade in the South African War, 1899-1902: casualties and memorials in South Africa", *Military History Journal* 10 (5), Junie 1997, <http://samilitaryhistory.org/vol105de.html>, geraadpleeg 18.7.2013, p. 1. Vergelyk ook "Spiritual and historical background of the Brotherhood of the Blessed Gérard", <http://www.bbg.org.za/org/code/background.htm>, geraadpleeg 18.7.2013.

385 *De Burger*, 20.1.1894, p. 3; *The Friend*, 16.1.1894, p. 2. Vergelyk ook "The Priory in Southern Africa of the Grand Commandery in the British Realm of the Venerable Order of the Hospital of St. John of Jerusalem, Bloemfontein 1894-1954", *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954. A hundred years of progress*, p. 151.

386 "The Priory in Southern Africa of the Grand Commandery in the British Realm of the Venerable Order of the Hospital of St. John of Jerusalem, Bloemfontein 1894-1954, *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954. A hundred years of progress*, p. 151; Beighton en De Villiers, p. 1.

6.3 Boys' Brigade

In Oktober 1894 het die Anglikaanse Kerk in samewerking met die Wesleyaanse Kerk 'n vergadering belê om 'n Boys' Brigade of Seunsbrigade in Bloemfontein te stig. Takke van bogenoemde jeugbeweging het toe reeds in Bethlehem en Ficksburg, asook in die Kaapkolonie en Natal, bestaan.[387]

Die Boys' Brigade het in 1883 in Glasgow, Skotland, ontstaan as 'n proefneming deur W.A. Smith, 'n Sondagskoolonderwyser van die Free College Church, om te kyk of hy nie 'n groter invloed op die ouer seuns kon uitoefen nie. As 'n offisier in 'n vrywillige militêre korps het Smith die idee gekry dat militêre driloefeninge seuns die geleentheid sou gee om 'n samehorigheidsgevoel te ontwikkel, terwyl hulle terselfdertyd Christelike waardes aanleer.[388]

Van Brittanje het die Boys' Brigade na die Britse kolonies, Indië, die VSA en Suid-Afrika versprei. Dié jeugbeweging was slegs vir seuns tussen die ouderdomme 12 en 17 en die doel van die beweging was "the advancement of Christ's Kingdom among boys, and the promotion of habits of obedience, reverence, discipline, self-respect and all that tends towards a true Christian manliness".[389] Die seuns het godsdiensonderrig ontvang en is vir die driloefeninge onder leiding van kapteins en luitenante in kompanjies verdeel. 'n Uniform van growwe linne ("haversack"), 'n veldmus en 'n lyfband of gordel is gedra.[390]

The Friend beskryf die verdere doelwitte en aktiwiteite van die Seunsbrigade so: "The Boys' Brigade does not stop at this; it combines the boys and helps them to form cricket, football, gymnastic and swimming clubs, and recreation and social meetings. A company ambulance class and a band are prominent features of many branches, while a Boys' Room, where indoor games, papers, &c., may be indulged in, is practically a necessity [...] Church parades and summer camps are also very popular with the boys."[391]

Nadat die Boys' Brigade in Bloemfontein gestig is, is die seuns in twee kompanjies van 15 seuns elk verdeel, naamlik die Anglikaanse kompanjie onder leiding van kapt. W. Coleman en die Wesleyaanse kompanjie onder aanvoering van luit. W. Goodman. Pres. Reitz het in Maart

---

[387] *The Friend*, 26.10.1894, p. 3, 30.10.1894, p. 3 en 21.12.1894, p. 4; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys*, p. 216.
[388] *The Friend*, 16.11.1894, p. 2 en 21.12.1894, p. 4.
[389] *Ibid.*, 16.11.1894, p. 2.
[390] *Ibid.*; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys*, pp. 216-217.
[391] *The Friend*, 16.11.1894, p. 2.

1895 ingewillig om as erepresident van die twee Bloemfonteinse kompanjies van die Boys' Brigade te dien.[392]

6.4 Landbougenootskap

Omdat die OVS 'n oorwegend landbou- of agrariese gemeenskap was, het landbouprodukte uit die staanspoor ook in Bloemfontein, as die hoofstad, 'n belangrike rol gespeel. Bloemfontein het reeds in 1859 'n varsproduktemark en vanaf 1865 'n jaarlikse wolmark gehad. In laasgenoemde jaar is die "Maatschappij voor landbouw, veeteelt en nijverheid" gestig, maar het klaarblyklik weer doodgeloop, want die Orange Free State Agricultural Society of Oranjevirijstaatsche Landbouwkundig Genootschap is in 1875 in die lewe geroep.[393] In 1894 het die genootskap by die Vrystaatse Volksraad aansoek gedoen om 'n verdere toelae van £200, wat toegestaan is op voorwaarde dat 'n gelyke bedrag van die publiek ingesamel word, met ander woorde volgens die £ vir £ beginsel.[394]

Die landbougenootskap was verder verantwoordelik vir die verkryging en bestuur van fondse, inskrywings, die pryse wat op die skou uitgeloof is en het beoordelaars gekry om produkte en vee tydens die skou te beoordeel. Gesiene Bloemfonteinse inwoners, soos hoofregter Melius de Villiers, regters R. Gregorowski en M.T. Steyn,[395] G.A. Fichardt, A. Fischer, R. Innes en C. Borckenhagen, asook drr. B.O. Kellner en M. Stollreither, was in die 1890's lede van die bestuurskomitee van die landbougenootskap. In 1891 is daar besluit om 'n uitvoerende komitee van vyf lede te kies wat die daaglikse bestuur van die genootskap sou hanteer.[396]

Die bestuurskomitee van die landbougenootskap het nie net die jaarlikse skou gereël nie, maar het ook die belange van landbou in die Vrystaat bevorder.[397] Sedert 1893 is ook jaarliks net na afloop van die Bloemfonteinse skou 'n landboukongres in die hoofstad gehou waarheen landbougenootskappe van Vrystaatse dorpe verteenwoordigers kon stuur.[398]

Aanvanklik is die jaarlikse landboutentoonstelling op Markplein en in die stadsaal gehou, totdat daar, op versoek van die landbougenootskap, in 1891 'n stuk grond in die Spoorwegkamp,[399] tussen Blignautstraat en Glenweg, aan die oostekant van die destydse

---

[392] *Ibid.*, 16.11.1894, p. 2, 23.11.1894, p. 3, 19.3.1895, p. 2 en 2.4.1895, p. 2; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys*, p. 217.
[393] *De Express*, 23.12.1890, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 43, 60.
[394] *De Burger*, 7.7.1894, p. 2; *The Friend*, 6.3.1894, p. 2.
[395] Die latere staatspresident.
[396] *Daily Express*, 20.10.1890, p. 4; *The Friend*, 19.2.1890, p. 3, 17.2.1891, p. 2, 16.6.1891, p. 3 en 14.10.1892, p. 2.
[397] *The Friend*, 22.9.1891, p. 3.
[398] *Ibid.*, 19.1.1894, p. 2, 6.3.1894, p. 2 en 9.3.1894, p. 3.
[399] Kyk hoofstuk 4, afdeling 11.1, vir meer inligting oor die Spoorwegkamp.

Bloemfontein, deur die stadsraad as skouterrein toegeken is.[400] Die skou het jaarliks vergroot en verbeter en in 1895 is die landbougenootskap met die groot verbetering en sukses van die skou gelukgewens.[401]

6.5 Spoorweginstituut

Die Spoorweginstituut was bedoel vir die Vrystaatse spoorwegwerkers en -beamptes van Norvalspont tot Viljoensdrif. Klaarblyklik is die Bloemfontein Spoorweginstituut aan die einde van 1893 gestig en ’n jaar later het dié organisasie 224 lede gehad. In 1893 het dié instituut reeds ’n rugbyklub en krieketklub in Bloemfontein gehad en in 1894 ook ’n skietklub. Die hooftak van die instituut was in Bloemfontein, maar in Julie 1895 het die Spoorweginstituut 400 lede, 13 komitees en agt sportklubs in die Vrystaat onder sy vleuels gehad, waaronder rugby-, tennis-, skyfskiet- en krieketklubs. [402]

Die nuwe gebou vir die Spoorweginstituut is in Julie 1895 geopen en was net oorkant die spruit en spoorlyn geleë op die terrein wat op die 1896-kaart van Bloemfontein as die *Recreation Ground* suid van die skouterrein en Spoorwegkamp aangedui word. Die gebou het onder meer ’n biblioteek en leeskamer, biljartkamer, groot konsertsaal en goed toegeruste kombuis gehuisves. Die instituut is deur die instandhoudingsdepartement van die Spoorweë opgerig en die Kaapse regering het finansiële bystand verleen. Die Vrystaatse regering het onderneem om die gebou oor te neem wanneer hulle die spoorlyn van die Kaapse regering bekom.[403]

6.6 Vrymesselaars

Bloemfontein het in die 1890’s twee Vrymesselaarslosies gehad, naamlik een Nederlandse en een Engelse losie. Vrymesselary het sy ontstaan by die bedryfslosies of -gildes van die Middeleeue gehad. Hierdie opgeleide beroepsmesselaars en vakmanne, wat die groot Europese geboue gedurende die Middeleeue van klip gebou het, was in beslote losies of gildes georganiseer ten einde werk teen ’n billike tarief te verkry en die geheime van hulle boupraktyke te bewaar. Met verloop van tyd het hierdie organisasies ’n meer filosofiese karakter begin ontwikkel en het filosofiese Vrymesselary die ou beroepsmesselaars vervang. Die filosofiese

---

[400] Nasionale Museum (hierna NM), Bloemfontein, GD1255: Generaal plan van de stad Bloemfontein, saamgesteld en verkleind van de oorspronklyke en supplementaire plannen van de Heeren G. Baumann, E. Bourdillon & A.A. Ortlepp, Gouvt. Landmeters, door J.J. Herfst, Dec. 1896 (retraced by W. Josephs, July 1901); *The Friend*, 13.2.1891, p. 3, 17.2.1891, pp. 2-3 en 7.8.1891, p. 3.

[401] *The Friend*, 8.3.1895, p. 3.

[402] *Ibid.*, 25.1.1895, p. 3 en 19.7.1895, p. 3. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.4.2, vir meer inligting oor die Spoorweginstituut-gebou.

[403] *Ibid.*, 19.7.1895, p. 3. Vergelyk ook Groenewald, pp. 11-12.

karakter van die Vrymesselaarorde het die ontwikkeling van ’n filosofie van morele idealisme tot gevolg gehad.[404]

Tydens ’n besoek van sir Christoffel Brand[405] (1797-1875) in 1864 is die eerste Nederlandse Vrymesselaarslosie in Bloemfontein met die naam Unie gestig en is ’n losiegebou in Douglasstraat opgerig. In dieselfde jaar is die Engelse losie Rising Star gestig en hulle losiegebou is in Oos-Burgerstraat opgerig. Pres. J.H. Brand, wat ook ’n toegewyde Vrymesselaar was, het gereeld byeenkomste van albei losies in Bloemfontein bygewoon.[406]

Die moeilike ekonomiese tyd wat weens die gevolge van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) tussen die ZAR en Brittanje, asook droogtes, wat tussen 1882 en 1886 in Suid-Afrika geheers het, het ook ’n invloed op die Vrymesselaarslosies in Suid-Afrika gehad. Ledegetalle van losies het oral gedaal omdat lede nie meer hulle jaarlikse ledegeld kon betaal nie en liefdadigheidsfondse het as gevolg van ’n groter aanvraag onder druk gekom. Binnelandse losies kon ook nie meer hulle geldelike verpligtinge teenoor die Nederlandse en Engelse grootlosies in Kaapstad nakom nie. Die eens florerende Nederlandse losie Unie in Bloemfontein se ledetal het van 111 in 1872 tot net 32 lede in 1884 gekrimp, maar met die verbetering in ekonomiese toestande in die 1890’s het ook Vrymesselary in Bloemfontein weer ’n nuwe bloeitydperk beleef.[407]

Hoewel pres. Reitz ’n lid en ampsdraer van die Unie losie was, het hy ook op uitnodiging byeenkomste van die losie Rising Star bygewoon. Ander bekende inwoners van Bloemfontein wat Vrymesselaars was, was onder meer hoofregter Melius de Villiers, drr. J.W. Krause en G.S. Clarke, eerw. A.H. Harcourt-Vernon, H.F.D. Papenfus, C.P. Beck, W. Maclagan, N.P. Raaff, I. Haarburger en C.J. Tate. Die lede van die twee Vrymesselaarslosies in Bloemfontein het jaarliks op 24 Junie die fees van Johannes die Doper[408] gevier. Tydens die vieringe van St. John-dag in 1889 en wat deur Reitz bygewoon is, is lede van die nuwe bestuur van die Rising Star-losie ingehuldig waarna verversings geniet en die gewone Vrymesselaar-heildronke ingestel is. In 1895 is dié fees, wat op ’n Maandag gevier is, voorafgegaan deur ’n kerkdiens in die

---

404 V. Zaayman, “Vertel my van Vrymesselary”, <http://www.freemason.org.za/Vertel%20my%20van.htm>, geraadpleeg 1.7.2010, p. 2.

405 Hy was die eerste speaker van die Kaapse parlement en die vader van pres. J.H. Brand.

406 *The Friend*, 23.6.1891, pp. 2-3; A.A. Cooper, *The effects of political, economic and social events on the Order of Freemasons in South Africa, with some reference to the movement for the formation of a United Grand Lodge, 1777-1961* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1983), pp. 20-21. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 52.

407 *The Friend*, 16.3.1894, p. 2 en 30.3.1894, p. 3.

408 Johannes die Doper is die oorspronklike beskermheilige van Vrymesselary. *The Friend*, 24.6.1892, p. 3 en 28.6.1892, p. 3.

Anglikaanse katedraal die vorige Sondagmiddag. Hierdie fees is jaarliks ook deur besoekende Vrymesselaars van ander Vrystaatse dorpe en Suid-Afrikaanse state bygewoon.[409]

Aangesien beide presidente Brand en Reitz, sowel as ander bekende inwoners, Vrymesselaars was, het dié organisasie ’n groot invloed op die Bloemfonteinse samelewing uitgeoefen, veral op sedelike en welsynsgebied. Geld vir liefdadigheidswerk is ingesamel en behoeftige en bejaarde persone is deur die Vrymesselaars se Board of Benevolence finansieel bygestaan.[410]

6.7 Matigheids- of afskaffersverenigings

Reeds tydens die vroegste jare van Bloemfontein se ontstaan is daar ’n matigheidsbond gestig, wat stellig in die pionierstyd, toe Bloemfontein nog hoofsaaklik ’n militêre nedersetting was, ’n noodsaaklikheid was. In die 1860’s het hierdie afskaffersbeweging onder leiding van kapt. John Goodman van die Vrystaatse Artillerie herlewe.[411] ’n Matigheids- of afskaffersbeweging is ’n sosiale organisasie wat gekant is teen die gebruik van alkoholiese drank. Terwyl sommige matigheidsbewegings net oormatige drankgebruik afkeur, is daar ander wat geheelonthouding van alkoholiese drank bevorder.[412] Gedurende die Reitz-tydperk was daar ’n hele aantal matigheidsbewegings in Bloemfontein.

6.7.1 International Order of Good Templars (IOGT)

Die International Order of Good Templars of IOGT, soos dit kortweg bekend staan, is ’n internasionale matigheids- of afskaffersbeweging wat in 1851 in New York gestig is[413] met die doel om matigheid, vrede en broederskap onder mense te bevorder. IOGT is ’n wêreldwye, onafhanklike organisasie met die doel om mense vry te maak om ’n voller, vryer en meer bevredigende lewe te lei. Die IOGT moedig dus mense aan om ’n alkohol- en dwelmvrye leefstyl te handhaaf. Vanuit die VSA het hierdie matigheidsbeweging na baie ander wêrelddele, ook na Suid-Afrika en Bloemfontein, versprei. Die IOGT, wat sekere elemente van die Vrymesselaars-organisasie geleen het, bied opvoedkundige programme, asook alkoholvrye kulturele en sosiale alternatiewe, aan. Lidmaatskap van die IOGT is beskikbaar vir mans en

---

409 *Ibid.*, 26.6.1889, p. 3, 9.7.1890, p. 3, 26.6.1891, p. 3, 24.6.1892, p. 3, 28.6.1892, p. 3, 27.6.1893, p. 3, 29.6.1894, p. 2 en 25.6.1895, p. 3; *De Burger*, 9.6.1894, p. 4. Vergelyk ook *Daily Express*, 23.6.1890, p. 2.

410 *De Express*, 7.1.1890, p. 5; Losie Oranje: Bloemfontein Vrymesselaars, “Wat is Vrymesselary / What is Freemasonry?”, <http://www.masoniclodges.co.za/index.php>, geraadpleeg 1.7.2010.

411 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 10, 52.

412 “Temperance movement”, <http://www.britannica.com/EBchecked/topic/586530/temperance-movement>, geraadpleeg 20.7.2013.

413 Sommige bronne dui die stigtingsdatum as 1852 aan.

vroue van alle rasse en gelowe en van lede word verwag om ’n onthoudingsbelofte te onderteken.[414]

In die 1890’s was daar ook twee losies van die IOGT[415] in Bloemfontein wat albei onder jurisdiksie van die Grand Lodge van die IOGT van Sentraal Suid-Afrika geval het.[416] Die Southern Cross Lodge No. 26 het klaarblyklik in 1888 tot stand gekom en het in 1891 reeds 152 lede gehad. Bekende inwoners van Bloemfontein was lede van hierdie losie, soos W.H. Poultney, J. Ensor, A. Deale, A. Falck en Jane Brebner, dogter van dr. John Brebner, die bekende Vrystaatse onderwysinspekteur.[417]

Die ander losie, die Home Signal Lodge No. 62, wat in 1892 gestig is, was spesiaal vir die spoorwegwerkers bedoel. Hierdie losie het in 1895 naastenby 100 lede gehad en ’n hele aantal van die lede was jeugdiges.[418] Die Home Signal Lodge was ook betrokke by die True Templars[419] of Native Temperance Society wat in Oktober 1894 in Bloemfontein gestig is en wat ’n jaar later reeds tussen 80 en 90 lede gehad het. Dit was ’n vereniging vir geheelonthouers van Bloemfontein se bruin en swart inwoners en binne ’n jaar het dié organisasie of vereniging reeds groot vordering gemaak. In dié jaar het slegs vier van die lede hulle plegtige belofte van geheelonthouding verbreek. Om die belofte van geheelonthouding na te kom, was veral moeilik vir swart Tempeliere, omdat hulle tradisionele bier, genaamd *Juala*, ook alkohol bevat het.[420]

Hoewel die besprekings en verrigtinge van die IOGT agter geslote deure plaasgevind het, het albei losies van tyd tot tyd oop vergaderings en ander sosiale geleenthede aangebied waar enigiemand welkom was. Sodanige geleenthede is dikwels gebruik om die gehoor meer van hulle werksaamhede te vertel, die saak van matigheid te bepleit en geld in te samel. Hierdie geleenthede is dikwels deur predikante, vooraanstaande inwoners en selfs pres. Reitz

---

414 “What is IOGT”, <http://www.iogt-usa.com/html/main.html>, geraadpleeg 31.52004; “A procession of the International Order of Good Templars in Berwick-on-Tweed in 1937”, <http://www.rosslyntemplars.org.uk/berwick_on_tweed.htm>, geraadpleeg 31.5.2004; “IOGT International”, <http://www.iogt.org/>, geraadpleeg 28.6.2013. Vergelyk ook *Consolidated Encyclopaedia* 10, p. 269.

415 Mense het soms spottenderwys gesê IOGT is ’n afkorting vir “I Often Get Tipsy”. J.L.K. Human, *Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boereoorlog* (M.Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1963), p. 16.

416 VAB, A92/3: IOGT Clearance Card for Miss J. Brebner, 19.6.1893; *The Friend*, 21.9.1894, p. 3, 13.11.1894, p. 3 en 10.5.1895, p. 3.

417 VAB, A92/3: IOGT Clearance Card for Miss J. Brebner, 19.6.1893; *The Friend*, 10.2.1891, p. 3, 3.11.1891, p. 3, 5.8.1892, p. 3, 14.2.1893, p. 3 en 16.11.1894, p. 3.Vergelyk ook *De Burger*, 4.8.1894, p. 2.

418 *The Friend*, 21.9.1894, p. 3, 12.7.1895, p. 3. Baie van hierdie jongmense en kinders se ouers was nie afskaffers nie. *The Friend*, 24.12.1894, p. 2.

419 The Independent Order of True Templars (IOTT) was ’n swart matigheidsorganisasie wat deur die IOGT in Suid-Afrika georganiseer is. M. Bantsijang, “Independent Order of True Templars IOTT”, <http://www.slideshare.net/Bantsijang/independent-order-of-true-templars>, geraadpleeg 21.7.2013.

420 *The Friend*, 4.10.1895, p. 3.

bygewoon.[421] Openbare lesings oor geheelonthouding en die gevolge en gevare van alkohol is ook van tyd tot tyd deur die losies in Bloemfontein gehou. Om meer mense te trek, is dié lesings gewoonlik deur musiek en sang opgehelder.[422]

Die Grand Lodge of Central South Africa van die IOGT wat in 1878 tot stand gekom het, het in 1890 en weer in 1893 in Bloemfontein hulle jaarlikse byeenkoms gehou.[423] Ofskoon die IOGT in Bloemfontein lof vir sy werk as ’n organisasie en die ontmoediging van drankmisbruik ontvang het, was daar ook kritiek teen die organisasie en sy lede omdat sommige lede dit as ’n soort godsdiens beskou het.[424]

6.7.2 Independent Order of Rechabites

Aanvanklik het onderlinge hulporganisasies wat die werkersklas met finansiële hulp vir mediese uitgawes, lewensversekering en begrafniskoste bygestaan het, in kroeë ontstaan, aangesien mense daar bymekaargekom het. Soos idees oor matigheid, geheelonthouding en die nadele van drankmisbruik in die 19de eeu deur Brittanje versprei het, het hulporganisasies verbonde aan matigheidsbewegings ontstaan. Een van hierdie organisasies, die Independent Order of Rechabites, het hulle naam gekry van die gelyknamige, nomadiese stam van die Ou Testament wat deur hulle leier, Jónadab, seun van Regab, verbied is om wyn te drink (Jeremia 35:14). Met hierdie gegewens as inspirasie, het die stigters van die Orde hulle eerste ‘tent’ of tak in Salford in Brittanje geopen as deel van die wyer Britse matigheidsbeweging om geheelonthouding van alkoholiese drank te bevorder. ’n Tak is ’n ‘tent’ genoem omdat die Bybelse Regabiete nomades was wat in tente gewoon het. Ook hierdie organisasie het die voorbeeld van Vrymesselaars gevolg, maar het hulle rituele, titels en struktuur op Bybelse en stamgebruike geskoei. Lede moes ’n plegtige belofte onderteken dat hulle en hulle gesinne geen alkohol sou drink nie.[425]

’n Vergadering in verband met die stigting van ’n tak of tent van die Independent Order of Rechabites is in Junie 1891 in Bloemfontein gehou, maar daar is blykbaar eers in Mei 1894 tot die formele stigting van ’n tak oorgegaan met dr. Max Stollreither as mediese offisier. Die

---

[421] *Daily Express*, 12.6.1890, p. 2; *The Friend*, 15.3.1890, p . 3, 14.10.1890, p. 3, 13.9.1892, p. 3, 17.3.1893, p. 3, 21.3.1893, p. 3, 25.4.1893, p. 2, 21.9.1894, p. 3, 18.6.1895, p. 3 en 12.7.1895, p. 3.

[422] *Daily News*, 29.3.1890, p. 3; *The Friend*, 14.6.1892, p. 5 en 19.6.1894, p. 3.

[423] VAB, A92/3: IOGT Clearance Card for Miss J. Brebner, 19.6.1893; *De Express*, 25.3.1890, p. 6; *Daily News*, 29.3.1890, p. 3, 28.3.1890, p. 3, 29.3.1890, p. 3 en 1.4.1890, p. 3.

[424] *The Friend*, 2.4.1890, p. 5 en 21.3.1893, p. 3.

[425] “Rechabites and others – the Temperance friendly societies”, <http://www.historyshelf.org/shelf/friend/12.php>, geraadpleeg 1.7.2013.

Bloemfonteinse tent van die Regabiete het siekte en begrafnisvoordele aan hulle lede betaal en die tent het in 1898 steeds bestaan.[426]

6.7.3 Matigheidsverbond

Die Suid-Afrikaanse Matigheidsverbond of Temperance Alliance[427] is gestig toe ’n groep besorgde persone van alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing en alle kerkdenominasies in Oktober 1889 in Cradock saamgetrek het. Die groep het uit wit, swart en bruin mans bestaan wat besorg was oor die toenemende misbruik van alkohol in Suid-Afrika.[428]

Die Vrystaatse tak van die Matigheidsverbond is in Desember 1890 onder leiding van regter R. Gregorowski en A. Wilmot (president van die Matigheidsbond) in Bloemfontein gestig[429] en het goeie werk in die Vrystaat gedoen. Daar is gereeld onder die vleuels van dié organisasie lesings oor geheelonthouding en die euwels van drankmisbruik in Bloemfontein gehou. In Oktober 1891 het die Matigheidsverbond ’n groot kongres in Kimberley gehou om hulle te beywer om ’n verbod op die verkoop van drank aan swart mense.[430]

6.7.4 Church Temperance Society

Die Church of England Temperance Society is in 1862 in Brittanje gestig en in 1873 herstig. In 1892 het vader Osborne, sekretaris van die Kaapse Church of England Temperance Society, Bloemfontein besoek met die doel om ’n tak van dié vereniging in Bloemfontein te stig.[431]

’n Jaar later het die Anglikaanse Kerk ’n tak van die Church Temperance Society in die Vrystaatse hoofstad gestig, met deken J.R. Vincent as president. Hierna is daar maandeliks ’n vergadering van die Society gehou waarby alle inwoners, mans sowel as vroue, welkom was. Teen 1894 was daar reeds twee takke van dié organisasie in Bloemfontein – een vir mans en een vir dames. Die twee takke het dikwels hulle maandelikse vergadering saam gehou. Hoewel daar gewoonlik tydens die vergadering ’n kort program van interessante praatjies, musiek en voorlesings was, was toegang gratis. In Mei 1894 het W.H. Poultney byvoorbeeld sy ondervindinge van sy seereis en sy reis deur die VSA met die gehoor gedeel. In September 1894

---

426 *The Friend*, 26.6.1891, p. 3, 26.6.1891, p. 3, 14.8.1894, p. 3, 28.5.1895, p. 3 en 2.7.1895, p. 2; *Bloemfonte*in *Directory 1898*, p. 50.
427 Staan vandag bekend as Alcohol and Drug Concerns.
428 “Alcohol and Drug Concerns; a brief history”, <http://adconcerns.wordpress.com/>, geraadpleeg 21.7.2013.
429 *Daily Express*, 26.12.1890, p. 3 en 27.12.1890, p. 3.
430 *Ibid.*, 26.12.1890, p. 3 en 27.12.1890, p. 3; *The Friend*, 15.9.1891, p. 3 en 12.4.1892, p. 3.
431 *The Friend*, 1.7.1892, p. 3 en 5.7.1892, p. 3; “Temperance movement”, <http://global.britannica.com/EBchecked/topic/586530/temperance-movement>, geraadpleeg 20.7.2013.

is ’n teeparty gereël waarna die eerste jaarvergadering van die Church Temperance Society in die raadsaal van die stadsaal gehou is.[432]

6.7.5 World’s Woman’s Christian Temperance Union

In 1874 is die Woman’s Christian Union in Cleveland, Ohio, gestig om vroue te bemagtig om hulle mans te motiveer om nie alkoholiese drank te drink nie. Dié organisasie het hom ook vir wetgewing teen alkoholiese drank beywer. Gedurende die 1880’s het die organisasie ook na ander lande, soos Brittanje en Suid-Afrika, versprei en in 1883 het die World’s Woman’s Christian Temperance Union (WWCTU) tot stand gekom.[433]

In Februarie 1893 het me. Alice Palmer, ’n bestuurslid van die WWCTU, Bloemfontein besoek en op uitnodiging van pres. en mev. Reitz ’n aantal mans en dames in die Presidensie oor bogenoemde organisasie toegespreek. ’n Maand later is ’n tak van die WWCTU in Bloemfontein gestig met me. Hutton as president.[434] Die Bloemfonteinse tak van die WWCTU was ’n aktiewe tak met ’n hele aantal van Bloemfontein se gesiene vroue wat aan dié organisasie behoort het.[435]

6.7.6 Wesleyan Band of Hope

Die Band of Hope, ’n matigheidsbeweging vir kinders en jongmense van die werkende klas, is in 1847 in Leeds in Brittanje gestig. Die doel van bogenoemde organisasie was om die beginsels van soberheid en geheelonthouding by kinders en jongmense te bevorder en alkohol-verwante probleme te voorkom. Alle lede moes ’n belofte van geheelonthouding aflê en is teen die “euwels van drank” gewaarsku. Kinders van ses jaar en ouer kon lede word en het een keer per week bymekaargekom om na praatjies, musiek en sang te luister en aan uitstappies en ander aktiwiteite deel te neem.[436]

In die 1890’s het die Wesleyaanse of Metodiste kerk in Bloemfontein ’n Band of Hope gehad. By die byeenkomste van dié Band of Hope het musiek, voorlesings en toesprake ook ’n belangrike rol gespeel om die boodskap van geheelonthouding van drank oor te dra. Die kinders en jongmense het ook aan die aktiwiteite deelgeneem deur sang of instrumentale musiek.[437]

---

[432] *The Friend*, 10.4.1894, p. 3, 15.5.1894, p. 3, 18.5.1894, p. 2, 19.6.1894, p. 3, 18.9.1894, p. 2, 21.9.1894, p. 2, 16.4.1895, p. 2, 14.5.1895, p. 3, 11.6.1895, p. 3 en 20.12.1895, p. 3.

[433] *The Friend*, 28.2.1893, p. 3; “Temperance movement”, <http://global.britannica.com/EBchecked/topic/586530/temperance-movement>, geraadpleeg 20.7.2013.

[434] *The Friend*, 28.2.1893, p. 3 en 21.3.18983, p. 3.

[435] VAB, A92/3: Membership Card Mrs. J. Scrivenor, Women’s Christian Temperance Union; *The Friend*, 25.5.1894, p. 2 en 17.5.1895, p. 3.

[436] “Band of Hope”, <http://oxforddictionaries.com/definition/english/Band-of-Hope>, geraadpleeg 20.7.2013; “Band of Hope”, <http://www.spartacus.schoolnet.co.uk/REhope.htm>, geraadpleeg 19.7.2013.

[437] *The Friend*, 1.4.1892, p. 3 en 10.12.1895, p. 3.

6.8 Onderlinge hulporganisasies

6.8.1 Independent Order of Oddfellows

Die Oddfellows wat in die laat 17de eeu in Londen begin het, is een van die grootste onderlinge hulporganisasies in Brittanje en het uit die Middeleeuse ambaggildes ontstaan. Dit het aan lede en hulle families finansiële hulp verleen in geval van siekte, beserings of dood en was ook ’n plek waar lede sosiaal kon verkeer. Die naam Oddfellows kom van die feit dat ’n aantal ambagsmanne van verskillende ambagte (“odd fellows”) saam een gilde gevorm het.[438]

Die Oddfellows-organisasie het van Brittanje na verskeie Britse kolonies en na die Kaap versprei, waarna daar later takke of losies in die binneland van Suid-Afrika gestig is.[439] ’n Tak of losie van bogenoemde organisasie, die Loyal Star of the Free State Lodge No. 6071, het in 1890 in Bloemfontein bestaan.[440] Geen verdere inligting oor dié organisasie se bedrywighede in Bloemfontein kon opgespoor word nie.

6.8.2 Royal Antediluvian Order of Buffaloes (RAOB)

Die Royal Antediluvian[441] Order of Buffaloes is in 1822 as ’n sosiale klub in die Harp Tavern kroeg in Londen deur ’n eksentrieke kunstenaar, Joseph Lisle, en ’n komediant, William Sinnett, gestig. Die uitsonderlike naam van die klub kom van ’n gewilde liedjie uit die tyd, *We’ll chase the Buffalo?*, en slegs mans kon lede van die klub word. Met verloop van tyd het dié sosiale klub in ’n broederbond of onderlinge hulporganisasie ontwikkel wat ook geld vir liefdadigheid ingesamel het en is meer takke of losies in Brittanje en in Britse kolonies soos die Kaap gestig. Die RAOB het tydens nood finansiële hulp aan sy lede verleen en is, wat sy rituele en samestelling betref, grootliks deur die Vrymesselaars beïnvloed.[442]

In Mei 1888 is ’n tak of losie van bogenoemde organisasie, die RAOB President Brand Lodge No. 7, in Bloemfontein gestig en was deur die grootlosie van Suid-Afrika by die groter internasionale organisasie geaffilieer. Die Bloemfonteinse losie het in Mei 1889 sy eerste

---

438 “History of the Oddfellows”, <https://www.oddfellows.co.uk/About-us/History>, geraadpleeg 16.7.21013.

439 *Ibid*.

440 *Daily Express*, 27.5.1890, p. 2 en 24.6.1890, p. 3.

441 “Antediluvian” beteken “voor die sondvloed”. Dié organisasie het eers as die “Loyal Order of Buffaloes” bekend gestaan, maar omdat die woord “Loyal” gereeld foutiewelik as “Royal” uitgespreek is, het dit later deel van die naam geword. “Royal Antediluvian Order of Buffaloes”, <http://www.stichtingargus.nl/vrijmetselarij/raob_en.html>, geraadpleeg 16.7.2013.

442 *Ibid*.; “Grand Lodge of England. The Royal Antediluvian Order of Buffaloes”,<http://www.raobgle.org.uk/about-2/>, geraadpleeg 16.7.2013; “An introduction to Buffaloism as practiced by the Grand Lodge of Southern Africa”, <http://www.raob.co.za/nintro.html>, geraadpleeg 16.7.2013.

bestaansjaar met ’n dinee vir 50 lede en gaste by die Phoenix-hotel gevier. Tydens die eetmaal is verskeie heildronke ingestel, terwyl ’n gesellige aand met musiek en sang afgesluit is.[443]

7 Georganiseerde kultuur en vryetydsbesteding

7.1 Sosiale omgang en onthale

7.1.1 Inleiding

Die republiek Oranje-Vrystaat was vir baie jare nie veel meer as ’n klein, agrariese gemeenskap nie. Ook Bloemfontein, as die hoofstad, was selfs in die Reitz-tydperk nog maar ’n dorp waarvan die inwoners mekaar feitlik almal geken het.[444] Die Vrystaatse president het die meeste van Bloemfontein se inwoners geken. ’n Kleiner gemeenskap bring nouer kontak tussen mense mee en die alledaagse en sosiale omgang in die Vrystaatse hoofstad was gewoonlik informeel, gemoedelik en gesellig. In die republikeinse tyd van die Vrystaat was die sosiale lewe op hoë vlak ook baie meer informeel as vandag en daar was nie ’n duidelike skeiding tussen burgers en hoë ampsdraers nie. Protokol en voorgeskrewe gebruike is net by uitsonderlike geleenthede en amptelike onthale streng nagekom.[445]

Pres. Reitz was besonder gewild onder die Vrystaatse burgers. Danksy sy gemoedelike geaardheid en gemaklike omgang met mense het hy tydens sy ampstydperk ’n groot vriendekring opgebou. Daarby was hy ’n minsame persoon wat opreg in die wel en wee van al die Vrystaters belang gestel het.[446] Reitz se gereelde besoeke aan die platteland het daartoe bygedra dat hy baie van die Vrystaatse burgers en hulle gesinne goed leer ken het. Gevolglik het baie van die Vrystaatse burgers sommer by die Presidensie kom besoek aflê wanneer hulle in Bloemfontein was. By die Presidensie was daar nie bepaalde ontvangsdae of spreekure nie. Besoekers was enige tyd welkom en koffie het altyd op die stoof gereed gestaan.[447] Saans het staatsamptenare dikwels ’n informele besoek aan die Presidensie gebring.[448] ’n Nederlandse besoeker aan die Presidensie, baron W.A. van Ittersum, het vertel dat dit nie nodig was om ’n

---

443 *The Friend*, 22.5.1889, p. 3.
444 Bidwell, p. 57.
445 S. van Rensburg, “Die sosiale lewe in die die Ou-Vrystaat” in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Vrystaat en sy mense*, pp. 40, 45; S.M. Botes, “Sosiale lewe in Bloemfontein se Derde Presidensie, 1886-1900”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 12(1), Mei 1998, pp. 27-28.
446 Moll, pp. 96-99.
447 M. Botes, “Always coffee on the President’s stove”, *Nasionale Museum Nuus* 35, Oktober 1988, p. 16.
448 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 107.

formele onderhoud met pres. Reitz aan te vra nie: “Hij staat iedereen te woord, hetzij [...] met persoonlijke grieven, hetzij over gewichtige Staatsaangelegenheid.”[449]

Ook buitelandse besoekers en besoekers van ander Suid-Afrikaanse state is hartlik in Bloemfontein ontvang. Bloemfontein se inwoners was oor die hele Suid-Afrika en selfs in die buiteland bekend vir hulle hartlikheid en gasvryheid. Belangrike besoekers van buite Bloemfontein en staatsgaste het dikwels in die presidentswoning tuisgegaan wanneer hulle Bloemfontein besoek het, of is ten minste deur die Vrystaatse presidentspaar in die Presidensie onthaal. Veral na die koms van die spoorlyn in 1890 kon buitelandse besoekers Bloemfontein maklik bereik. Besoekers aan die Vrystaatse hoofstad tydens die Reitz-tydperk het dan ook spesiaal melding gemaak van die vriendelikheid en gasvryheid van die Bloemfonteiners en hulle presidentspaar.[450]

Die reeds genoemde Nederlandse besoeker, baron Van Ittersum, het sy herinneringe aan ’n besoek aan Bloemfontein en die presidentspaar só verwoord:

> Van Bloemfontein hebben wij buitengewoon aangename herinneringen gehouden. [...] De aangename ontvangst ons daar door ieder, met wien wij het voorrecht hadden in aanraking te komen, bereid, heeft een onuitwischbaren indruk op ons gemaakt. Trouwens de Staatspresident Reitz en zijne beminnelijke echtgenoote, eene Hollandsche dame, gingen daarin voor en boden ons een feest aan in het ruime Presidentshuis waar nagenoeg alle in Bloemfontein wonende Nederlanders tegenwoordig waren.[451]

Bloemfontein het in die 1890’s ’n bedrywige sosiale lewe gehad en die omgang was vriendelik en gesellig. Inwoners het graag by mekaar gekuier en hieroor het H.P.N. Muller opgemerk: “Men bezoekt elkâar voortdurend en komt tijd te kort …”[452] Verder was daar baie onthale en sosiale funksies: Daar was dinees, tennis- en kroukiepartye, pieknieks, teepartye, kinderpartytjies, afskeidsgeselligheide, kaart- en musiekaande, amateur toneel- en musiekopvoerings, staatsbals en private danse, perde- en fietsritte, asook snipperjagte[453] en

---

[449] W.A. van Ittersum, *De Vrystaters en hun geschiedenis*, p. 44.
[450] *Daily News*, 28.3.1890, p. 3; *The Friend*, 30.7.1892, p. 2 en 26.8.1892, p. 3.
[451] Van Ittersum, p. 42.
[452] H.P.N Muller, “Reisbriewe, 1898” (Ingelei en toegelig deur dr. F.J. du Toit Spies), *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 2, Desember 1955, p. 130.
[453] Snipperjagte staan in Engels as “paper chase” of “hare and hounds” bekend. Kyk afdeling 7.3.3.3 *infra*.

jagtogte.[454] Gustav Hallé het die lewe in Bloemfontein so beskryf: "The town was a social one, and dances, picnics, riding and shooting parties, tennis and other sporting clubs flourished."[455]

Sportgeleenthede was tydens die Reitz-tydperk 'n belangrike deel van die sosiale lewe, soos krieketwedstryde, rugby en tennis, asook atletiek en boeresport op Onafhanklikheidsdag. Besoekende sportspanne van buite Bloemfontein is gewoonlik ook hartlik onthaal.[456]

Swart en wit mense het nie op sosiale gebied gemeng nie en min inligting kon in die geraadpleegde bronne oor die sosiale lewe van swart mense opgespoor word. Dit is wel bekend dat swart mense in Bloemfontein in die 1890's steeds hulle tradisionele sorghumbier (*jual*a) gebrou en danspartye in hulle woonbuurte gehou het.[457] Vele swart mense was ook betrokke by hulle onderskeie kerke en het hul daar op sosiale gebied uitgeleef. In 1892 het Jan Mocher, die hoofman van die swart woonbuurt Waaihoek, die Bloemfonteinse stadsraad versoek om 'n gemeenskapsaal in Waaihoek op te rig wat vir sosiale funksies en ander openbare byeenkomste gebruik kon word. Daar is toe genoem dat die onderskeie gemeentes in Waaihoek dikwels teepartye en ander sosiale byeenkomste wou hou, maar dat daar geen gemeenskapsaal of ander gebou was waarvan hulle gebruik kon maak nie. Die swart mense was dus verplig om sosiale byeenkomste in hulle huise te hou, wat nie ideaal was nie.[458] Sovêr vasgestel kon word, het die bou van só 'n saal nie gerealiseer nie.

Tradisioneel het selfgebroude bier, wat van sorghum, ander graansoorte of selfs heuning gebrou word, 'n baie belangrike rol in swart mense se sosiale lewe gespeel omdat dit by die meeste sosiale byeenkomste, soos feeste, rituele, vergaderings en selfs informele besoeke gedrink is.[459] Swart mense het steeds in Bloemfontein hulle tradisionele bier gebrou, want daar word van bierpartye in Waaihoek melding gemaak. Hoewel bierpartye op Sondae verbied is, was daar byvoorbeeld op 'n Sondag in Junie 1891 'n bierparty in Waaihoek wat in 'n bakleiery en gevegte onder die inwoners geëindig het.[460] Daar is reeds in 1883 en weer in 1895 bepaal dat swart mense wat tradisionele sorghumbier wou brou, 'n lisensie moes uitneem. Hulle is in 1895

---

[454] VAB, A156/1/1/18: mev. Fraser – Tibbie Steyn, 16.2.1889, 8.9.1893 en 22.9.1893; A156/6/1: Memoirs van mev. R.I. Steyn; *The Friend*, 20.4.1891, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 125.

[455] Hallé, G. *Mayfair to Maritzburg: reminiscences of eighty years*, p. 43.

[456] *The Friend*, 15.7.1892, p. 3 en 26.8.1892, p. 3; Botes, "Sosiale lewe in Bloemfontein se Derde Presidensie", p. 39.

[457] *De Burger*, 23.2.1895, p. 2; *The Friend*, 9.6.1891, p. 2.

[458] *The Friend*, 8.4.1892, p. 3.

[459] J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, p. 108; M.M. Winterbach, *Die tradisionele maatskaplike sorg van die swartes in Suid-Afrika: 'n literatuurstudie*, pp. 141-142. Kyk hoofstuk 3, afdelings 4.3 en 7.5, vir meer inligting hieroor.

[460] *De Burger*, 31.10.1894, p. 2; *The Friend*, 9.6.1891, p. 3, 30.10.1894, p. 3, 1.10.1895, p. 3, 12.11.1895, p. 3 en 3.12.1895, p. 3.

ook by herhaling verbied om bierpartye op Sondae te hou. Swart mense wat hierdie wet oortree het, kon ’n boete opgelê word of gevangenisstraf kry.[461]

7.1.2 Afskeidsgeselligheide

Wanneer ’n gesiene Bloemfonteinse inwoner die dorp verlaat of selfs net vir ’n paar maande na die buiteland vertrek het, is daar gewoonlik ’n afskeidsgeselligheid vir hom en sy gesin gereël. Dikwels is sodanige geselligheide, wat meestal uit ’n musiekaand met verversings, of ’n dinee of conversazione bestaan het, ook deur pres. en mev. Reitz bygewoon. Gewoonlik is die persoon van wie afskeid geneem is ook ’n geskenk aangebied.[462] In Maart 1890, met die vertrek van die geliefde NG-predikant ds. C.S. Morgan op ’n reis van ses maande na Europa, is verskeie afskeidsgeselligheide vir hom gereël. Nie net het sy gemeentelede roerend van hom afskeid geneem en hom ’n adres en geldgeskenk aangebied nie, maar ook die kuratoriums van beide Grey-kollege en die Damesinstituut, waarvan Morgan die voorsitter was, het met ’n musiekaand van hom afskeid geneem waartydens hy ook ’n adres aangebied is.[463]

Teen die einde van dieselfde jaar is daar deur ’n aantal Nederlandse inwoners en vriende afskeid geneem van eerw. R. de Jongh van Arkel wat in Bloemfontein aan die redaksie van *De Express* verbonde was, maar ’n beroep as predikant na Berkenwoude, naby Gouda in Nederland, aanvaar het. Dié afskeid het die vorm van ’n dinee by die Phoenix-hotel aangeneem en die name van sommige van die disse op die spyskaart was nogal vermaaklik en heel gepas: “Proponents Oester pasteitjes, Gebraden Ossenrib á la Reformation, Gezouten Vleesch met Wortelen á la pastorale” en “Gekookte Hoenders met Dopper pieterselie sous”.[464]

Somtyds is daar van ’n persoon afskeid geneem sonder dat daar noodwendig verversings betrokke was. Dan is daar gewoonlik tydens ’n klein seremonie net ’n handgeskrewe adres of ’n geskenk of albei aan die betrokke persoon oorhandig, soos in Oktober 1890 toe die huiseienaars van Bloemfontein in ’n mooi versierde adres hulle dankbaarheid uitgespreek het vir die goeie werk wat Robert Innes gedurende sy diensjare as burgemeester van Bloemfontein verrig het.[465] Dikwels het personeel van ’n sekere besigheid, staatsdepartement of instelling op bogenoemde

---

[461] Ordonnantie no. 12—1883: Ter stremming van het brouwen en misbruik van Kafferbier (Juala), *OVS. Volksraadsnotule*, 1883 (agterin boek); *The Friend*, 9.6.1891, p. 3; *De Burger*, 13.2.1895, p. 2.

[462] *Daily Express*, 1.5.1890, p. 2 en 17.11.1890, p. 3; *The Friend*, 1.4.1892, p. 2, 22.11.1893, p. 3; 21.7.1893, p. 3, 18.9.1894, p. 2 en 19.4.1895, p. 3.

[463] *De Express*, 1.4.1890, p. 4 en 18.11.1890, p. 3; *Daily News*, 29.3.1890, p. 3.

[464] VAB, 433/1: Uitnodiging en spyskaart: “Afscheids-diner, den WelEerw. zeer Gel. Heer R. de Jongh van Arkel, 29.10.1890; *De Express*, 18.11.1890, p. 3.

[465] *Daily Express*, 26.8.1890, p. 3 en 27.10.1890, p. 2; *The Friend*, 8.11.1892, p. 3 en 1.3.1895, p. 3.

manier van ’n medewerker of bestuurder afskeid geneem, soos in Desember 1894 toe G. Hurford, die posmeester-generaal, afgetree het.[466]

7.1.3 Verwelkoming en afskeid van die president en ander belangrike besoekers

Wanneer pres. Reitz die OVS verlaat het om op op reis te gaan, is daar gewoonlik met groot seremonie van hom afskeid geneem, terwyl hy ook met groot vreugde terug verwelkom is wanneer hy van ’n reis na Bloemfontein teruggekeer het. Wanneer Reitz na ’n afwesigheid uit Bloemfontein teruggekeer het, is hy gewoonlik ’n entjie buite die stad deur ’n aantal inwoners te perd en in rytuie ontmoet en vêrder na die hoofstad vergesel. Nadat die spoorlyn Bloemfontein in 1890 bereik het, is hy telkens deur ’n menigte inwoners by die stasie ingewag. In Bloemfontein aangekom, is hy gewoonlik deur wapperende vlae en met ’n kanonsaluut terug verwelkom. Somtyds is etlike van Bloemfontein se geboue en huise ook die aand van sy terugkoms verlig.[467]

In Junie 1894 het pres. Reitz verlof van die Volksraad ontvang om Europa vir drie maande te besoek. Dit sou ’n plesierreis wees, aangesien mev. Reitz haar familie in Nederland wou besoek en die president rus en ontspanning nodig gehad het. Tog het Reitz ook tydens die reis staatshoofde ontmoet en het hy terselfdertyd probeer om die staats- en handelsbelange van die OVS te bevorder. Mev. Reitz en van hul kinders het reeds teen die einde van Maart 1894 die lang reis na Nederland aangepak, maar weens ampsverpligtinge het die president en sy twee seuns, Deneys en Hjalmar, eers op 25 Junie onder blyke van groot belangstelling per trein uit Bloemfontein vertrek.[468]

Die spoorwegstasie is met vlae versier, terwyl ’n groot aantal inwoners by die stasie byeengekom het. Die orkes van die Vrystaatse Artillerie het die skare vermaak en heel gepas “Sal ons ou vriende ooit vergeet” gespeel. Toe Reitz se trein die platform nader, het ’n aantal inwoners vorentoe gestorm “and then ensued such a handshaking, as must have made His Honour’s arm fairly ache. Everybody wanted to shake hands with him, and wish him ‘God speed’.” Onder luide toejuiging, die speel van die Volkslied en die afvuur van missinjale, het Reitz se trein vertrek.[469]

Na hulle reis deur Europa het die Reitz-familie op 4 Oktober 1894 per trein na Bloemfontein teruggekeer waar hulle met ope arms terug verwelkom is. ’n Groot groep van

---

[466] *De Burger*, 19.12.1894, p. 3; *The Friend*, 18.12.1894, p. 2 en 21.12.1894, p. 2.
[467] VAB, A59/7/1: A. Fischer – P. Fischer, 1.9.1895; *De Burger*, 3.1.1894, p. 3 en 7.3.1894, p. 2; *The Friend*, 20.3.1889, pp. 2-3, 28.8.1889, pp. 2-3, 29.1.1890, p. 3, 24.4.1891, p. 2 en 3.9.1895, p. 2.
[468] *De Burger*, 4.4.1894, p. 2; *The Friend*, 26.6.1894, p. 3. Vergelyk ook Moll, pp. 209-210.
[469] *The Friend*, 26.6.1894, p. 3.

Bloemfontein se inwoners het die president en sy familie met ’n spesiale trein by die Kafferrivier-halte ontmoet en hulle na die hoofstad vergesel. Besighede was gesluit en kleurvolle vlae het oral in die dorp gewapper, terwyl twee ereboë met slagspreuke ook opgerig is – een by die poskantoor naby die stasie en een by die Presidensie. Ook die stasiegebou was met groen takke, Vrystaatse vlae en verwelkomingslagspreuke versier. ’n Groot skare mense het die president by die stasie ingewag. Onder saluutskote vanaf die fort het Reitz se trein die stasie binnegestoom. Die president is begroet deur die burgemeester, dr. B.O. Kellner, wat ’n adres van die stadsraad voorgelees het. Met ’n vol gemoed het Reitz slegs met ’n paar gepaste woorde op die adres geantwoord, waarna hy en sy gesin per rytuig, vergesel deur ’n erewag van die Vrystaatse Artillerie en ’n hele aantal Bloemfonteiners, na die presidentswoning beweeg het.[470]

By die Presidensie aangekom het naastenby 600 skoolkinders, begelei deur die Bloemfonteinse Orkesvereniging onder leiding van Ivan Haarburger, die Vrystaatse Volkslied gesing. Die presidentspaar is namens die verwelkomingskomitee deur C. Borckenhagen welkom geheet, terwyl mev. Reitz ’n groot ruiker blomme ontvang het. Die feesverrigtinge is die volgende aand met ’n deftige bal in die stadsaal afgesluit.

Ander belangrike besoekers, inwoners wat van ’n lang reis teruggekeer het en hoogwaardigheidsbekleërs is met groot geesdrif in Bloemfontein ontvang en gewoonlik ook deur ’n skare by die stasie ingewag en welkom geheet.[471] Belangrike besoekers, soos staatshoofde, is meestal ook met wapperende vlae, ’n kanonsaluut, ereboë met verwelkomingsbaniere en adresse welkom geheet, soos met die besoek van sir Henry Loch, goewerneur van die Kaapkolonie en Britse hoë kommissaris, in April 1890.[472]

7.1.4 Vertrek van die aandtrein

Die koms en vertrek van treine sedert die einde van 1890 was vir Bloemfontein se inwoners ’n opwindende gebeurtenis. Veral die vertrek van die aandtreine het ’n sosiale geleentheid geword wanneer klein en groot by die stasie byeengekom het om vriende en hooggeplaastes wat op reis gegaan het, te groet. Vernaamlik jong dames en kinders het dit opwindend gevind en selfs so laat soos 21:30 saans is jong kinders nog op die stasie aangetref.[473] Aanvanklik het ook swart mense

[470] *De Burger*, 29.9.1894, p. 3 en 6.10.1894, p. 2; *The Friend*, 21.9.1894, p. 2, 28.9.1894, p. 3 en 5.10.1894, p. 2.
[471] *The Friend*, 23.9.1892, p. 3 en 1.11.1892, p. 3; *De Burger*, 19.1.1894, p. 2.
[472] *Daily Express*, 25.4.1890, pp. 2-3.
[473] *The Friend*, 6.1.1891, p. 3, 4.8.1891, p. 3 en 20.12.1892, p. 3.

saans op die stasie saamgetrek om die kom en gaan van treine dop te hou, maar hulle is later verbied om op die perronne saam te drom.[474]

Die perronne was saans en veral Sondae dikwels oorvol met toeskouers. Die toeskouers was so geesdriftig dat daar telkens byna ongelukke plaasgevind het deur mense wat te naby aan die rand van die perronne gestaan het. Toeskouers was dikwels onverantwoordelik en het dit soms te naby aan die bewegende treine gewaag, sodat hulle keer op keer deur die spoorwegowerhede hierteen gewaarsku moes word. Toeskouers se onverantwoordelike gedrag op die perronne is ook dikwels in die tydgenootlike koerante bespreek.[475]

7.1.5 Besoekers

Gedurende die Reitz-tydperk is ’n magdom besoekers uit ander Suid-Afrikaanse state en die buiteland in Bloemfontein ontvang. Veral na die koms van die spoorlyn in 1890 was dit heelwat makliker om Bloemfontein te bereik. Tydgenootlike koerante het kort-kort van die groot aantal besoekers aan Bloemfontein melding gemaak. In 1892 het *The Friend* berig dat “Bloemfontein zwemt met besoekers uit alle gedeelten van Zuid-Afrika”.[476]

Omdat daar te veel besoekers was om almal te noem, word net ’n aantal van die belangrikstes hier vermeld en waar moontlik word hulle geboorte en sterfdatums aangedui: C. de Coutouly (1847-1911), konsul-generaal van Frankryk, in 1890;[477] sir Gordon Sprigg (1830-1913), premier van die Kaapkolonie, in 1889;[478] adv. A.E.J. Krause, staatsprokureur van die ZAR, in 1889 en 1891;[479] dr. W.J. Leyds (1859-1940), staatsekretaris van die ZAR, in 1890 en 1892;[480] G.Y. Lagden (1851-1934), sekretaris (en later kommissaris) van Basotholand (vandag Lesotho); Britse politici lord Charles Robert Carrington (1843-1928) en C. Sutherland-Levenson Gower (1851-1913), die markies van Stafford; sir James Sivewright (1848-1916), die kommissaris van kroonlande en openbare werke van die Kaapkolonie, in 1890, 1891 en 1892 en A. Siffert, die konsul-generaal van België, in 1891 en weer in 1894.[481]

In 1892 word daar onder meer van die volgende belangrike besoekers melding gemaak: I.N. van Alphen, posmeester-generaal van die ZAR; dr. W.W. Jones (1838-1908), die

---

[474] *Ibid.*, 9.2.1892, pp. 2-3.
[475] *Ibid.*, 14.7.1891, p. 2, 20.10.1891, p. 3, 9.2.1892, p. 2 en 9.5.1893, p. 3.
[476] *Ibid.*, 5.2.1892, p. 2.
[477] *Daily News*, 25.3.1890, p. 3 en 28.3.1890, p. 3.
[478] *The Friend*, 27.3.1889, p. 3 en 3.4.1889, p. 3.
[479] *Ibid.*, 2.1.1889, p. 3, 9.10.1889, p. 3, 6.10.1891, p. 2 en 16.10.1891, p. 3.
[480] *Ibid.*, 20.9.1892, p. 3.
[481] *De Burger*, 26.9.1894, p. 2; *The Friend*, 6.1.1891, p. 3, 25.8.1891, p. 3, 28.8.1891, p. 3, 8.9.1891, p. 3, 30.10.1891, p. 3, 24.11.1891, p. 3 en 20.9.1892, p. 3.

Anglikaanse aartsbiskop van Kaapstad; mej. F.L. Shaw (1852-1929), bekende Britse joernalis en korrespondent van die *London Times*; prof. N. Mansvelt (1852-1933), superintendent van onderwys in die ZAR en sir Marshall Clarke (1841-1909), administrateur van Basotholand.[482]

Cecil John Rhodes (1853-1902), bekende sakeman, mynmagnaat en eerste minister van die Kaapkolonie, het Bloemfontein nogal baie besoek. Hy was in 1890 twee keer hier en in 1893 en 1894 was hy die gas van pres. Reitz. In 1894 is Rhodes deur dr. L.S. Jameson[483] (1853-1917) vergesel.[484] Ook sir Henry B. Loch (1827-1900), goewerneur van die Kaapkolonie en Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, het Bloemfontein herhaaldelik besoek – insluitende twee keer in 1890 en weer in 1893 en 1894.[485] Pres. Paul Kruger van die ZAR het die Vrystaatse hoofstad in April 1893 besoek en in die Presidensie tuisgegaan.[486] 'n Verdere bekende besoeker in 1893 was sir Donald Currie[487] (1825-1909), bekende Britse skeepsmagnaat en parlementslid.[488] Bekende besoekers aan Bloemfontein in 1895 was onder meer dr. W.J. Leyds; genl. N.J. Smit (1837-1896), adjunkpresident van die ZAR, en sy tweede vrou, Susanna Maria, asook Edmund Garrett[489] (1865-1907), bekende skrywer en joernalis.[490]

Ook swart hoofde en leiers het in Bloemfontein besoek afgelê, soos hoofman Paulus Moperi, 'n broer van Mosjewsjwe, in 1890. In Februarie en Maart 1894 het 'n groot geselskap Basotholeiers, bestaande uit opperhoof Lerotholi Letsie (1891-1905), Jonathan Maloppo, Nehemia Mosjwesjwe**,** Joshua Letsie en verskeie minder belangrike hoofde en raadslede op reis tussen Basotholand en Kaapstad in Bloemfontein besoek afgelê. *De Burger* was verbaas dat al die leiers behalwe Lerotholi en Jonathan goed Engels kon praat.[491]

7.1.6 Onthale en dinees

Tydens die Reitz-tydperk is dikwels onthale en dinees gehou. Bloemfontein se dames het kort-kort mede-inwoners vir ete oorgenooi en meer belangrike besoekers aan die hoofstad is gereeld op dinees en bankette getrakteer. Dié onthale is dikwels op groot skaal gedoen, danksy die hulp

---

[482] *The Friend*, 29.1.1892, p. 2, 22.4.1892, p. 2, 7.6.1892, p. 3, 20.9.1892, p. 3 en 11.11.1892, p. 2.
[483] Hy was die leier van die berugte Jameson-inval in die ZAR in 1896.
[484] VAB, GS189, pp. 181-184: *Lijst der Uitgenoodigde Staatsgasten*; *Daily Express*, 25.4.1890, p. 3; 19.12.1890, p. 4 en 20.12.1890, p. 4; *The Friend*, 7.3.1893, p. 3 en 19.10.1894, p. 3.
[485] VAB, GS189, pp. 181-184: *Lijst der Uitgenoodigde Staatsgasten*; *De Express*, 1.4.1890, p. 4 en 15.4.1890, p. 5; *The Friend*, 7.5.1890, p. 3 en 16.6.1893, p. 2; *De Burger*, 27.6.1894, p. 2.
[486] *The Friend*, 14.4.1893, p. 3, 18.4.1893, p. 2 en 21.4.1893, p. 3.
[487] Sir Donald Currie het in 1890 'n Britse rugbyspan op een van sy skepe na Suid-Afrika gebring en die bekende goue trofee, die Curriebeker, vir interprovinsiale rugby- en krieketwedstryde aan Suid-Afrika geskenk. "Sir Donald Currie, <http://ancestry24.com/currie-sir-donald/>, geraadpleeg 24.10.2013.
[488] *The Friend*, 2.5.1893, pp. 2-3 en 5.5.1893, pp. 2-3.
[489] Skrywer van onder meer *In Afrikanerland*.
[490] *De Burger*, 16.3.1895, p. 3; *The Friend*, 4.6.1895, p. 3 en 11.6.1895, p. 3.
[491] *De Burger*, 28.2.1894, p. 3 en 14.3.1894, p. 2; *The Friend*, 28.5.1890, p. 3, 27.2.1894, p. 3 en 13.3.1894, p. 3.

van swart huisbediendes en kokke.[492] By bogenoemde eetmale is gewoonlik hoender of eend voorgesit, asook ander soorte vleis, saam met pasteie, vrugteterte, wynjellie en die gewone Kerspoeding (plum pudding).[493] In 1890 lees ’n mens van ’n interessante onthaal wat ene mej. Harrison, verbonde aan St. Michael’s Home, vir 40 Britse spoorwegwerkers aangebied het. Hierdie tradisionele Engelse spyskaart het gebraaide lendeskyf, skaapboud, soutbeesvleis, asook die gewone pasteie en Kerspoeding, tee en koffie ingesluit.[494]

Die stadsraad het ook van tyd tot tyd belangrike besoekers in die stadsaal onthaal, soos in Maart 1889 toe die afgevaardigdes na die Bloemfonteinse tolkonferensie tussen die OVS, Natal en die Kaapkolonie na ’n dinee en ’n conversazione genooi is. Pres. Reitz het ook bogenoemde funksies op uitnodiging van die stadsraad bygewoon. Die Kaapse en Natalse afgevaardigdes het aan die einde van die konferensie op hulle beurt ’n openbare banket vir die Vrystaters in die Bloemfonteinse stadsaal aangebied om die inwoners vir hulle gasvryheid te bedank.[495] Soms het funksies die vorm van ’n conversazione aangeneem, soos toe die aartsbiskop van Kaapstad, dr. W.W. Jones, Bloemfontein in April 1892 besoek het, asook met die inhuldiging van die nuwe Anglikaanse biskop van Bloemfontein, J.W. Hicks, in September van dieselfde jaar.[496]

Pres. en mev. Reitz het ook dikwels mense in die Presidensie onthaal. Dié onthale het meestal die vorm van ’n staatsdinee aangeneem en gaste het dan formele uitnodigings na die onthaal ontvang. Sommige onthale het so gereeld plaasgevind dat dit bykans ’n vaste instelling geword het.[497] Spesiale dinees of staatsbankette is gewoonlik ter ere van staatsgaste of ander hoë besoekers aangebied, soos tydens die besoek van die afgevaardigdes van Natal en die Kaapkolonie na bogenoemde tolkonferensie in 1889, sir Henry Loch in 1890 en 1894 en Cecil John Rhodes in 1893.[498]

Buiten die staatsbankette vir belangrike besoekers, het die presidentspaar ook jaarliks tydens die Volksraadsittings ’n dinee vir die Volksraadslede in die Presidensie gehou en dit het een van die belangrikste sosiale geleenthede van die jaar geword.[499] Dit het die vorm van ’n amptelike dinee aangeneem waarheen al die Volksraadslede, sowel as die hoofamptenare en ’n

---

[492] Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 125-126.
[493] S. Leviseur, *Memories* (red. K. Schoeman), p. 41. Kyk hoofstuk 3, afdelings 4.2 en 4.3, vir meer besonderhede oor voedsel en drank.
[494] *Daily Express*, 10.7.1890, p. 2.
[495] VAB, GS183: R. Innes – pres. Reitz, 19.3.1889; *The Friend*, 20.3.1889, p. 3, 27.3.1889, p. 3 en 3.4.1889, p. 3.
[496] *The Friend*, 29.4.1892, pp. 2-3, 27.9.1892, p. 2 en 30.9.1892, pp. 2-3.
[497] *Ibid.*, 24.2.1891, p. 3; Botes, “Sosiale lewe in Bloemfontein se Derde Presidensie”, p. 41.
[498] *The Friend*, 27.3.1889, p. 3, 23.4.1890, p. 3 en 7.3.1893, p. 2; *De Burger*, 27.6.1894, p. 2.
[499] A.R. Badenhorst, “Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871”, *Memoirs van die Nasionale Museum* 12, April 1979, p. 59.

aantal van Bloemfontein se belangriker inwoners uitgenooi is.[500] Tydens so ’n dinee was patriotiese toesprake aan die orde van die dag, terwyl verskeie heildronke ingestel is, sodat die dinee dikwels tot laat in die nag aangehou het. [501] As teenprestasie het die inwoners van Bloemfontein ook soms ’n dinee vir pres. Reitz aangebied, soos in Junie 1894, voor sy vertrek op ’n reis na Europa.[502]

Private onthale en dinees is dikwels in een van Bloemfontein se spoghotelle gehou. Besoekende sportspanne is gewoonlik ook op ’n dinee en soms ook ’n dans getrakteer, soos die Colesberg krieketspan wat in Februarie 1891 deur die Bloemfonteinse krieketklub met ’n dinee by die Bloemfontein-hotel onthaal is en die volgende aand die bal tere ere van Onafhanklikheidsdag by die Presidensie bygewoon het.[503]

7.1.7 Danse en bals

Buiten bogenoemde danse, is daar ook gereeld ander danse en bals in Bloemfontein gehou. Afskeidsgesellighede vir Bloemfonteinse inwoners het ook soms die vorm van ’n dans aangeneem, soos die dans en eetmaal wat in 1891 in die stadsaal vir mej. Steyn aangebied is. [504] Danse is dikwels in die privaat wonings van inwoners gehou, maar een keer per maand was daar klaarblyklik ’n openbare dansparty in die stadsaal. Na laasgenoemde danspartye is meisies altyd deur ’n chaperone vergesel.[505] Daar is klaarblyklik tydens die Reitz-tydperk baie in Bloemfontein gedans. Sophie Leviseur vertel dat die danse wat gedans is, onder meer die wals, mazurka, Skotse dans, polka en “two-step” ingesluit het.[506]

In haar herinneringe vertel Maude Bidwell (née Fichardt) dat aangesien Bloemfontein in die 1890’s maar eintlik nog ’n dorp was, vreemdelinge baie gou uitgeken, gulhartig welkom geheet en na sosiale funksies uitgenooi is. Aan die begin van Januarie 1894 het C. Hugh Bidwell, ’n mediese student in sy finale jaar, om gesondheidsredes vanuit Engeland in Bloemfontein aangekom. Maude vertel dat haar toekomstige man gedurende sy eerste week in Bloemfontein na drie private danse uitgenooi is: “It must have been a very pleasant surprise to a total stranger in a

---

[500] *De Burger*, 17.1.1894, p. 2; *The Friend*, 5.6.1889, p. 3, 28.5.1890, p. 3, 20.5.1892, pp. 2-3 en 5.5.1893, p. 2.
[501] *The Friend*, 28.5.1890, p. 3 en 16.12.1890, p. 2; Botes, “Sosiale lewe in Bloemfontein se Derde Presidensie”, p. 41.
[502] *The Friend*, 22.6.1894, p. 4 en 26.6.1894, p. 3.
[503] *Ibid.*, 24.2.1891, p. 2, 27.2.1891, p. 3, 3.3.1891, p. 3, 7.7.1891, p. 3, 18.8.1891, p. 3 en 18.9.1894, p. 2.
[504] Dit is nie duidelik of dit een van die latere pres. M.T. Steyn se dogters was nie en of dit dalk ’n ander mej. Steyn was nie. *Ibid.*, 14.8.1891, p. 2.
[505] *Ibid.*, 24.11.1891, p. 4, 26.2.1892, p. 1 en 30.3.1894, p. 3; Van Rensburg, p. 46.
[506] Leviseur, p. 68.

new and unknown land to receive invitations to three private dances during his first week in Bloemfontein."[507]

Danse is ook soms ten bate van klubs of instansies gehou, byvoorbeeld in 1889 ten bate van die Bloemfontein-krieketklub en die Bloemfontein-klub in Januarie 1890.[508] In 1890 word melding gemaak van 'n reeks danse wat as "Cinderella Dances"[509] bekend gestaan en in die raadskamer van die stadhuis plaasgevind het. Kaartjies moes blykbaar vir hierdie danse aangekoop word en dit is deur 'n komitee gereël,[510] maar geen verdere inligting kon in die geraadpleegde bronne hieroor opgespoor word nie. In Oktober 1894 is daar 'n bal vir volwassenes en een vir kinders in die stadsaal gehou om pres. en mev. Reitz se terugkoms na hulle reis deur Europa te vier.[511]

Belangrike besoekers en staatsgaste is ook dikwels met 'n bal in die Presidensie of in die stadsaal vergas. Pres. en mev. Reitz het gereeld 'n bal in die Presidensie aangebied, soos bykans jaarliks met die viering van Vrystaatse Onafhanklikheidsdag op 23 Februarie. Soms is tot 200 mense na so 'n bal genooi.[512] Die ruim balsaal van die Presidensie is voorsien van 'n vloer van gepoleerde, smal geelhoutplanke wat spesiaal vir dansdoeleindes ontwerp is.[513]

7.2 Feesdae, gedenkdae en feesgeleenthede

Tydens die Reitz-tydperk is daar verskeie feesdae en feesgeleenthede gevier. Aangesien die meeste inwoners Christene was, is die Christelike feesdae soos Kersfees, Paasfees en Hemelvaart algemeen met vakansiedae gevier, maar vanweë die groot aantal Joodse inwoners is Joodse feesdae ook herdenk. Dan was daar die tipiese Vrystaatse feesdae soos die inhuldiging van die staatspresident, pres. Reitz se verjaardag en Onafhanklikheidsdag of Vrystaatse Republiekdag wat jaarliks op 23 Februarie gevier is. 'n Groot feesgeleentheid was die opening van die eerste spoorlyn vanaf die Kaap tot in Bloemfontein, waartydens daar in Desember 1890 drie dae lank feesgevier is. Omdat Bloemfontein so 'n kosmopolitaanse bevolking gehad het, is die kulturele feesdae van elke kultuurgroep meestal gevier, hoewel dit gewoonlik nie 'n vakansiedag vir die res van die inwoners was nie.

---

[507] Bidwell, pp. 57-58.
[508] *Daily News*, 23.1.1890, p. 3; *The Friend*, 13.11.1889, p. 6 en 15.1.1890, p. 3.
[509] Daar is nie vermeld hoekom hierdie reeks danse as "Cinderella Dances" bekend gestaan het en watter vorm dit aangeneem het nie.
[510] *Daily E*xpress, 25.4.1890, p. 2, 24.6.1890, p. 3, 6.5.1890, p. 2, 4.9.1890, p. 2 en 23.9.1890, p. 2.
[511] *De Burger*, 10.10.1894, p. 2; *The Friend*, 5.10.1894, p. 2.
[512] *De Express*, 26.2.1889, pp. 2, 4; *The Friend*, 27.2.1889, pp. 2-3, 24.2.1891, pp. 2-3 en 26.2.1892, p. 2. Kyk 7.2.2.5 *infra* vir meer inligting oor Onafhanklikheidsdag.
[513] *The Friend*, 12.8.1886, p. 3; A.J. Roodt, *Die argitektoniese bydrae van Francis Lennox Canning 1884-1895* (M.Arch.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1990), p. 256.

7.2.1 Godsdienstige feesdae

7.2.1.1 Christelike feesdae

7.2.1.1.1 Kersfees

Reeds ’n maand voor Kersfees was Kerskaartjies, Kersversierings, spesiale geskenke, allerlei speelgoed en boeke in die Bloemfonteinse winkels te koop.[514] Kerskaartjies is gestuur en winkels was gesluit, dikwels van 25 tot 27 Desember. In Gustav Fichardt se tuin is ’n sipres elke jaar as ’n Kersboom versier en met geskenke en lekkers behang. Sophie Leviseur vertel dat lanterns van gekleurde sneespapier waarin kerse geplaas is, in die plek van elektriese Kersliggies gebruik is. Op Oukersaand het die bediendes gewoonlik geskenke gekry, asook borde met eetgoed soos koek, vrugte, neute en rosyne, terwyl die gesinslede hulle Kerskouse opgehang het.[515]

Op Oukersaand is daar gewoonlik Kersliedere in die Anglikaanse katedraal en die Lutherse kerk gesing, terwyl eredienste op Kersdag in alle Bloemfonteinse kerke gehou is. In die Lutherse kerk was daar gewoonlik ook ’n Kersboom behang met speelgoed vir die kinders op Oukersaand. Die Rooms-Katolieke kerk het gewoonlik om middernag van Oukersaand ’n mis gehou.[516] Eet- en drinkgoed soos vrugte, broodrolletjies, koek en lemonade is vir pasiënte in die hospitale oor Kerstyd ingesamel.[517] In 1892 en weer in 1894 word vermeld dat pres. en mev. Reitz op 26 Desember vir die kinders van Bloemfontein ’n Kersboom in die Presidensie gehou het. Die Kersboom was met geskenkies vir die kinders behang en hulle het die spesiale aand terdeë geniet.[518]

Kersdag in Bloemfontein is gewoonlik stil deurgebring met die bywoon van eredienste in die onderskeie kerke en ’n swaar Kersete met kalkoen en Kerspoeding, terwyl sommige inwoners die somerweer benut het om vir ’n paar dae langs die Modderrivier te gaan uitkamp en piekniek te hou. In die dorp self het almal tuis by hulle gesinne gekuier en strate was verlate.

---

[514] *Daily Express*, 20.11.1890, p. 1, 21.11.1890, p. 4 en 22.12.1890, p. 1; *The Friend*, 20.11.1889, p. 1, 25.12.1889, p. 1, 17.11.1891, p. 1, 20.12.1892, p. 2, 7.12.1894, p. 2, 14.12.1894, p. 1, 29.11.1895, p. 2 en 3.12.1895, p. 1.
[515] Leviseur, *Memories*, pp. 33-34.
[516] *The Friend*, 18.12.1889, p. 2, 25.12.1889, p. 3, 24.12.1891, p. 3, 29.12.1891, p. 3, 21.12.1894, p. 3 en 24.12.1895, p. 2; *De Express*, 23.12.1890, p. 3.
[517] *De Express*, 23.12.1890, p. 3.
[518] *The Friend*, 27.12.1892, pp. 2-3 en 29.12.1894, p. 2.

Pieknieks op 26 Desember was ook baie gewild en piekniekplekke tussen Bloemfontein en Glen en Edenburg en by die Modderrivier is dikwels per trein bereik.[519]

Die Kaapse Spoorweë het ook gereeld tydens die feesseisoen retoer-treinkaartjies teen enkeltariewe vir treinritte tussen Bloemfontein en Kaapstad, Port Elizabeth en Grahamstad aangebied. Baie Bloemfonteiners het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om vir familie of vriende in die Kaapkolonie te gaan kuier.[520]

7.2.1.1.2 Paasfees en Hemelvaart

Goeie Vrydag in Bloemfontein is gewoonlik op ’n gewyde manier gevier met kerkdienste in die verskillende kerke, terwyl alle besighede gesluit was. In 1889 word vermeld dat die Anglikaanse katedraal met immergroen plante en blomme versier was. Goeie Vrydag is aanvanklik met Nagmaal in die Tweetoringkerk deur die NG-gemeente van Bloemfontein gevier wat deur baie boere uit die omgewing bygewoon is, sodat handelaars gewoonlik op die Saterdag van die Paasnaweek goeie besigheid gedoen het. Later is die nagmaal na Paassondag verskuif.[521] Op Paassondag is eredienste gewoonlik ook in die onderskeie kerke gehou en in 1892 en 1893 word die Blommediens wat op Paassondag vir die kinders in die Anglikaanse katedraal gehou is, spesiaal vermeld. Na afloop van die diens het die kinders die blomme op die grafte in die begraafplaas gaan plaas. Op die Saterdag of Maandag van die Paasnaweek is dikwels ’n krieketwedstryd gespeel of ander sport beoefen, terwyl baie inwoners op Paasmaandag ook piekniek gehou, gejag of gehengel het. Omdat Bloemfontein gewoonlik in Maartmaand reën gekry het, is die buitenshuise vieringe van Paasmaandag dikwels deur reën in die wiele gery.[522]

Hemelvaart is in Mei as ’n godsdienstige vakansiedag gevier en is deur die Volksraad tot openbare vakansiedag verklaar. Besighede was gesluit en eredienste is in die verskillende kerke gehou, waarna baie inwoners per trein na piekniekplekke langs die Modder- en Kafferrivier vertrek het om piekniek te hou.[523]

---

[519] Leviseur, *Memories*, p. 85; *The Friend*, 25.12.1889, p. 3, 22.12.1891, pp 1, 3, 29.12.1891, p. 2, 27.12.1892, p. 2, 30.12.1892, p. 3, 28.12.1894, p. 2 en 29.12.1894, p. 2; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 71. Vergelyk ook P.H. Kapp, “Ons volksfeeste” in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur* 3, pp. 35, 40 en P.W. Grobbelaar, “Die herkoms van die Afrikaanse Kersfees”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 9(1), 1995, pp. 57-58.

[520] *The Friend*, 8.12.1891, p. 2, 29.12.1891, p. 3 en 28.12.1894, p. 2.

[521] *Ibid.*, 17.4.1889, p. 3, 24.4.1889, p. 3, 19.4.1892, pp. 2-3 en 31.3.1893, p. 2.

[522] *Ibid.*, 17.4.1889, p. 3, 9.4.1890, p. 3, 31.3.1891, pp. 2-3, 19.4.1892, p. 3, 31.3.1893, p. 3 en 4.4.1893, p. 3.

[523] *De Burger*, 2.5.1894, p. 3 en 5.5.1894, p. 2; *The Friend*, 5.6.1889, p. 3, 12.6.1889, p. 5, 5.5.1891, p. 3, 8.5.1891, pp. 2-3, 27.5.1892, pp. 2-3, 12.5.1893, p. 3 en 1.5.1894, p. 3.

7.2.1.2 Joodse feesdae

7.2.1.2.1 Rosh Hashanah (Joodse Nuwejaar)

Die Joodse Nuwejaar en Groot Versoendag is die plegtigste feeste van die Joodse kalender. Rosh Hashanah of die Joodse Nuwejaar word op die eerste en tweede dag van die Joodse maand Tishre (September-Oktober) gevier en is die begin van tien dae van verootmoediging en berou wat met die Groot Versoendag eindig. Hierdie tydperk is die belangrikste in die Joodse godsdienstige jaar. Volgens die Joodse geloof word die lot van elke mens vir die komende jaar gedurende hierdie tydperk deur God bepaal en hang dit af van die mate van berou vir verkeerde dade. Die dae van Rosh Hashanah word toegewy aan gebed, gewyde feesvieringe en rus van arbeid.[524]

Rosh Hashanah is ook deur die Jode van Bloemfontein gevier. Op 15 September 1890 is die Joodse Nuwejaar byvoorbeeld aan huis van mnr. Praeger gevier met mnre. Praeger en Smullins wat as rabbi's tydens die diens opgetree het. Die diens is goed bygewoon met 'n aantal plattelandse Jode wat spesiaal vir die jaarlikse feesviering na Bloemfontein gekom het.[525] Op 3 en 4 Oktober 1891 is die begin van die Joodse jaar 5 652 in die Vrymesselaarslosie in Bloemfontein onder leiding van 'n Joodse rabbi van Kimberley gevier. Hierna is Rosh Hashanah klaarblyklik jaarliks deur die Joodse gemeenskap in Bloemfontein gevier, hoewel dit nie in detail in die plaaslike koerante beskryf is nie.[526]

7.2.1.2.2 Yom Kippur (Groot Versoendag)

Aan die einde van bogenoemde tien dae van verootmoediging en berou, is die Yom Kippur of Groot Versoendag ook jaarliks in Bloemfontein gevier. Hierdie dag is die heiligste dag van die Joodse godsdienstige jaar. Die doel van Yom Kippur is die vergewing van sondes en versoening met God wat volgens Joodse geloof teweeggebring word deur die opregte berou tydens die voorafgaande tien dae van verootmoediging. Die Groot Versoendag word in gebed deurgebring en daar word op hierdie dag van sononder tot sononder die volgende dag gevas. Enige arbeid, sowel as die inneem van voedsel en drank, is gedurende hierdie 24 uur streng verbode. Die opdrag om hierdie feesdag te hou, kom voor in Levitikus 23: 27-32.[527]

---

[524] S.M. Aronstam, *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein Jewish community*, pp. 284-285.
[525] *De Express*, 23.9.1890, p. 6; *Daily Express*, 19.9.1890, p. 3. Vergelyk ook *The Friend*, 19.9.1890, p. 3.
[526] *The Friend*, 29.9.1891, p. 3, 6.10.1891, pp. 2-3 en 23.9.1892, pp. 2-3.
[527] *De Express*, 30.9.1890, p. 4; *De Burger*, 13.10.1894, p. 3; *The Friend*, 13.10.1891, p. 2 en 4.10.1892, p. 3. Vergelyk ook Aronstam, p. 285.

Yom Kippur is byvoorbeeld op 24 September 1890 in Bloemfontein in die huis van mnr. Praeger gevier, omdat daar toe nog nie ’n Joodse sinagoge in die hoofstad was nie. Die boekrol met die Joodse wette daarop is met spesiale vergunning van die rabbi van Kimberley vir die seremonie verkry. Volgens *De Express* is daar tydens die dag lange fees ook vir pres. Reitz en koningin Victoria gebid.[528] Op Maandag, 12 Oktober 1891, was alle Joodse besighede in Bloemfontein gesluit en is die Groot Versoendag of Yom Kippur in die Vrymesselaarslosie in die Vrystaatse hoofstad gevier. Die vastydperk en diens het die Sondag om sononder begin en die Maandag teen sononder geëindig. Tydens die feesvieringe was die Joodse mans in hulle tradisionele Joodse kleredrag geklee en die vroue in wit, wat baie indrukwekkend vertoon het.[529]

7.2.1.2.3 Sukkot (Loofhuttefees)

Die Loofhuttefees, Sukkot of Feast of Tabernacles word tradisioneel jaarliks in Oktober gevier, na aanleiding van die opdrag in Levitikus 23:33-36. Dié fees word gehou ter herinnering aan die 40 jaar lange omswerwing van die Israeliete in die woestyn ná die eksodus uit Egipte waartydens God hulle gelei en van voedsel voorsien het. Die Jode in Europa, wat die geleentheid daartoe het, leef vir agt dae in tydelike hutte of tente van plank of seil, versier met groen takke en blomme. Die dae word in gebed deurgebring, maaltye word in die tydelike hutte genuttig en besoekers word hier ontvang. Dit is nie duidelik of tydelike hutte in Bloemfontein vir die fees gebou is nie, maar die fees is klaarblyklik wel in die 1890’s deur die Bloemfonteinse Jode gevier.[530]

7.2.2 Vrystaatse feesdae

7.2.2.1 Inhuldiging van die president

F.W. Reitz is op 10 Januarie 1889 as die nuwe president ingehuldig en dié dag is tot openbare vakansiedag verklaar. Bloemfontein was in feesgewaad getooi met wapperende vlae en ’n ereboog wat voor die ingang na die Goewermentskantore opgerig is. Honderde gewapende burgers het op Markplein saamgetrek en vreugdeskote is afgevuur. Net na 09:00 is die burgers na die Goewermentsgebou, voorafgegaan deur die balju te perd met die Vrystaatse vlag. Die Vrystaatse Artillerie en die President Brand Rifles-korps het ook voor die Goewermentsgebou saamgetrek.[531]

---

[528] *Daily Express*, 26.9.1890, p. 3; *De Express*, 30.9.1890, p. 4.
[529] *The Friend*, 13.10.1891, p. 2.
[530] *Ibid.*, 20.10.1891, pp. 2-3 en 7.10.1892, pp. 2-3.
[531] *Ibid*., 9.1.1889, p. 2 en 16.1.1889, p. 2.

Die Volksraad, wat in sitting was, het dié oggend vlugtig bymekaargekom en ’n adres aan die verkose president voorgelees. Hierna is Reitz in ’n optog van die Derde Raadsaal in die Goewermentsgebou na die Tweetoringkerk, waar die eedaflegging sou plaasvind, begelei. Die optog het onder meer bestaan uit die balju met die Vrystaatse vlag, die President Brand Rifles-korps en die Vrystaatse Artillerie, die voorsitter en sekretaris van die Volksraad, saam met die leraar van die NG Kerk, die Volksraadslede drie by drie, die regters en die staatsprokureur, die lede van die uitvoerende raad en konsuls van ander lande, die waarnemende en verkose president en twee Volksraadslede in ’n rytuig, vergesel deur gewapende burgers, die leraars van die verskillende kerkgenootskappe en gemeentes, die burgemeester en stadsraadslede van Bloemfontein, die amptenare en onderwysers, verteenwoordigers van verskillende verenigings en organisasies en burgers te voet. Die optog is deur gewapende burgers te perd afgesluit.[532]

Nadat verrigtinge in die kerk met gebed geopen is, het Reitz die eed afgelê en is hy tot staatspresident van die OVS verklaar. Hierna is ’n psalm gesing, waarna die nuwe president die eed onder die gelui van die verskillende kerkklokke en die gebulder van kanonne vanaf die fort onderteken het. Die NG-predikant van Bloemfontein, ds. C.S. Morgan, het ’n boodskap gelewer, gevolg deur die sing van die Volkslied en vioolspel. Nadat Reitz die skare toegespreek het, is die Volkslied weer gesing, waarna die nuwe president onder orrelklanke na sy rytuig begelei is.[533]

Na die verrigtinge in die kerk het die optog in dieselfde volgorde na die Presidensie vertrek, maar naby die presidentswoning het die uitgelate burgers die perde van die presidensiële rytuig uitgespan en self die rytuig na die ingang van die Presidensie getrek, te midde van oorverdowende gejuig. By die Presidensie aangekom, is bier en vonkelwyn deur die aanwesiges geniet, terwyl die nuwe president opnuut toegejuig is. Dié aand is verskeie geboue en huise met lanterns versier en daar is spesiaal van die beligting van die Bloemfontein-klub en die stadsaal melding gemaak, terwyl die toring en bome in die tuin voor die Goewermentsgebou met kleurvolle Chinese lanterns en verligte transparante in ’n sprokieswêreld omskep is. Die aand is met ’n gratis promenadekonsert deur die President Brand Rifles-orkes in die tuin voor die Goewermentsgebou afgesluit.[534]

Op 10 Januarie 1894 is Reitz vir die tweede keer as staatspresident in die Tweetoringkerk ingehuldig. Dieselfde prosedure as in 1889 is gevolg en die volgorde van die optog wat die verkose president van die Vierde Raadsaal na die kerk en weer van die kerk na die Presidensie

---

[532] *Ibid.*, 16.1.1889, p. 2.
[533] *OVS Volksraadsnotule*, 16.1.1889; *The Friend*, 9.1.1889, p. 2.
[534] *The Friend*, 2.1.1889, p. 3 en 16.1.1889, pp. 2, 6.

begelei het, was ook min of meer dieselfde. By die Presidensie was daar ’n skare mense wat Reitz met sy tweede verkiesing tot staatspresident wou gelukwens. Ofskoon die spanning tydens die moeilike verkiesingstryd Reitz se gesondheid so nadelig beïnvloed het dat hy in Desember 1893 met vakansie na Muizenberg moes vertrek, was hy tydens die inhuldiging in Januarie 1894 weer sterk en gesond, “anders ware hij bezweken onder al dat handdrukken en gelukwenschen”.[535]

Hoewel die onthaal by die presidentswoning glad verloop het, kon die kroegmanne beswaarlik voorbly om die dorstiges te bedien: “En de ceremoniemeesters! Arme kerels, de groote zweetdropppelen stonden hun op het voorhoofd [...] zij sprongen rond van champagne bottel naar bierbottel en van gingerale-flesch naar waterkan gelijk geen waiter in het beste hotel het doen kan; maar het help niet. Zij waren omringd van een groot Dortsland waarin zij de Trekkers (kurken trekkers!) waren.”[536]

Geboue en huise is ook weer die aand verlig, terwyl twee fakkeloptogte en ’n prosessie van fietsryers “met lantarens aan hun ijzeren perden gehecht” na die Presidensie ook gereël is.[537] In 1894 was ook die geboue aan Markplein soos die poskantoor, die Mutual-gebou en die Bloemfontein-klub ’n see van liggies. Maitlandstraat, die stadsaal en die spoorwegstasie is met liggies versier, terwyl ’n vuurwerkvertoning ook plaasgevind het. Treine het teen spesiale tariewe tussen Bloemfontein en verskeie plattelandse dorpe geloop vir burgers wat die inhuldiging wou bywoon.[538]

7.2.2.2 Pres. Reitz se verjaardag

Pres. Reitz se verjaardag op 5 Oktober is jaarliks met groot vreugde gevier. Dit was gewoonlik ’n openbare vakansiedag en winkels, kantore en banke was gesluit. Indien 5 Oktober ’n Sondag was, was die daaropvolgende Maandag ’n vakansiedag, soos in 1890.[539]

Op die president se verjaardag is die hele dorp met vlae versier en dié dag is met ’n kanonsaluut by die fort aangekondig. Die oggend het die orkeste van die Vrystaatse Artillerie en die President Brand Rifles gewoonlik in die tuin van die Presidensie musiek gemaak, terwyl die staatsamptenare, die burgemeester en die stadsraad in ’n groep na die Presidensie gegaan het om die president geluk te wens. Op Reitz se 50ste verjaardag in 1894 het hy ’n kosbare fotoalbum

---

535 *De Express*, 12.1.1894, p. 3.
536 *Ibid.*
537 *Ibid.*
538 *De Burger*, 6.1.1894, pp. 1-2, 10.1.1894, p. 2 en 13.1.1894, pp. 2- 3; *The Friend*, 5.1.1894, p. 2 , 9.1.1894, pp. 2-3, 12.1.1894, p. 2 en 16.1.1894, p. 3.
539 *Gouvernements Courant*, 26.9.1890; *Daily Express*, 2.10.1890, p. 3; *The Friend*, 25.9.1889, p. 3, 2.10.1889, p. 3.

wat 50 pond (22,68 kg) geweeg het en 160 foto's bevat het, as geskenk van die staatsamptenare ontvang. Deur die dag het baie van die inwoners ook na die presidentswoning gegaan om Reitz met sy verjaardag geluk te wens.[540]

Op die president se verjaardag het daar meestal ook 'n krieketwedstryd, atletiekbyeenkoms, perdewedrenne of boeresport op die sportterrein of op Glen plaasgevind, terwyl sommige inwoners die vakansiedag gebruik het om langs die Modderrivier, Kafferrivier of Renosterspruit te gaan piekniek hou. Nadat die spoorlyn Bloemfontein in Desember 1890 bereik het, het spesiale treine vir die gerief van piekniekgangers ook op die president se verjaardag tussen Bloemfontein en Edenburg geloop. Hulle kon enige plek tussen die hoofstad en Edenburg afklim om piekniek te gaan hou. Die Goewermentsgebou was dikwels die aand van Reitz se verjaardag feestelik verlig.[541] Omdat Reitz se 50ste verjaardag net 'n paar dae na sy terugkoms in 1894 van Europa plaasgevind het, is 'n spesiale bal die aand voor sy verjaardag in die stadsaal gehou. Selfs in 1895 toe Reitz uitstedig was om ter wille van sy gesondheid 'n bietjie te ontspan, is sy verjaardag steeds gevier en mev. Reitz deur baie inwoners met haar eggenoot se verjaardag gelukgewens.[542]

7.2.2.3 Herdenking van pres. Brand se dood

Nadat J.H. Brand bykans 25 jaar lank president van die OVS was, is hy op 14 Julie 1888 in die Presidensie aan 'n hartaanval dood. Omdat hy so 'n geliefde president was, het Bloemfontein se inwoners sy dood jaarliks op die eerste Sondag na 14 Julie seremonieel herdenk. Op dié betrokke Sondag het die President Brand Rifles, Vrystaatse Artillerie, staatsamptenare en 'n aantal inwoners van Bloemfontein kranse en blomme op die graf van pres. Brand geplaas, terwyl die orkeste van die Rifles en Artillerie gewyde musiek gespeel het. Dié interessante huldeblyk is gewoonlik met drie salvo's geweervuur oor die graf beëindig.[543]

7.2.2.4 Opening van die eerste spoorlyn

Voor 1890 het die OVS geen spoorweg gehad nie. In 1884 het die spoorlyn vanaf Kaapstad die Vrystaatse grens by die Oranjerivier bereik. Dit was 'n gulde geleentheid om die spoorlyn vanaf Norvalspont aan die Oranjerivier tot by Bloemfontein te verleng en die Vrystaatse hoofstad

---

[540] *De Burger*, 6.10.1894, p. 3; *The Friend*, 9.10.1889, p. 3, 7.10.1890, pp. 2-3, 6.10.1891, p. 3, 7.10.1892, pp. 2-3 en 9.10.1894, p. 3; *De Express*, 5.10.1894, p. 4. Vergelyk ook *Daily Express*, 4.10.1890, p. 3 en 7.10.1890, p. 2.

[541] *De Burger*, 6.10.1894, p. 3; *The Friend*, 16.10.1889, p. 3, 7.10.1890, pp. 2-3, 29.9.1891, pp. 1, 3, 13.9.1892, p. 2, 7.10.1892, pp. 2-3 en 9.10.1894, pp. 2-3.

[542] *The Friend*, 9.10.1894, p. 3, 4.10.1895, p. 3 en 8.10.1895, pp. 2-3.

[543] *Daily Express*, 10.7.1890, p. 3 en 15.7.1890, p. 3; *The Friend*, 17.7.1889, p. 3, 16.7.1890, p. 3, 17.7.1891, p. 2, 21.7.1891, p. 3 en 19.7.1892, pp. 2-3.

sodoende met die kus te verbind. Op 10 Oktober 1890 het die eerste lokomotief die Vrystaatse hoofstad nieamptelik binnegestoom.[544] Die koms van die spoorlyn na Bloemfontein was een van die ingrypendste gebeure in die 19de eeuse geskiedenis van die Vrystaatse hoofstad en met die opening van die spoor is tereg drie dae lank fees gevier.[545] Om die amptelike opening van die spoorlyn te vier, is Woensdag, 17 Desember, en Donderdag, 18 Desember 1890, tot openbare vakansiedae verklaar.[546] Van oral in Suid-Afrika het gaste aangekom om die plegtigheid by te woon en spesiale treine vanaf Kaapstad en Port Elizabeth het bykans ’n duisend besoekers gratis na die Vrystaatse hoofstad vervoer. Terwyl gaste uit ander state en kolonies meestal in die wonings van Bloemfonteinse inwoners en hotelle tuisgegaan het, moes meer as 300 tente by die fontein opgeslaan word om huisvesting aan plattelandse besoekers te verskaf.[547]

Bloemfontein is paslik versier vir die groot geleentheid. Voor die Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat is ’n banier met die woorde “Alles is Recht gekomen” en by die spoorwegstasie baniere met die woorde “Welkom” en die slagkreet “Unity is Strength – Advance South Africa” aangebring, terwyl ’n ereboog voor die stadsaal in Maitlandstraat opgerig is. Tydens die fees is geboue soos die stadsaal, poskantoor, spoorwegstasie en die Goewermentsgebou saans verlig, terwyl Chinese lanterns en fakkels die belangrikste strate, huise en Markplein ook verlig het, wat ’n skouspelagtige atmosfeer aan die Vrystaatse hoofstad verleen het.[548]

Onder die belangrike gaste was dr. W.J. Leyds en dr. A.E.J. Krause, onderskeidelik staatsekretaris en staatsprokureur van die ZAR, wat pres. Paul Kruger verteenwoordig het;[549] sir Henry Loch, goewerneur van die Kaapkolonie en sy eggenote; Cecil John Rhodes, premier van die Kaapkolonie; sir Charles Mitchell, luitenant-goewerneur van Natal en sy vrou; J. Sivewright, kommissaris van Kroonlande; die skrywer Olive Schreiner; die bekende historikus George McCall Theal (1837-1919); lede van die Vrystaatse Volksraad; burgemeesters van stede en

---

544 Kyk hoofstuk 4, afdeling 5.2.6, vir meer inligting oor spoorwegontwikkeling.

545 VAB, VR-bylae, 1890, deel XIII, no. 344: *Officieël programma van feestelijkhede ter eere van de opening van de spoorweg*, pp. 1-14; *Daily Express*, 16.8.1890, p. 2.

546 *Gouvernements Courant*, 7.11.1890; *De Express*, 11.11.1890, p. 1.

547 VAB, GS189, p. 175. State Secretary - Head public Works, November 1890; *Daily Express*, 11.9.1890, p. 2 en 1.11.1890, p. 2; *The Friend*, 16.9.1890, p. 2. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 111.

548 *De Express*, 9.12.1890, p. 1; *The Friend*, 7.11.1890, p. 1. Vergelyk ook H. Schuur, “Those were the days in ‘Old Bloemfontein’ ”, *The Friend*, 18.2.1954, p. 5 en *Daily Express*, 20.12.1890, p. 4.

549 Pres. Kruger het klaarblyklik versuim om betyds verlof van die Transvaalse Volksraad te verkry om die ZAR te verlaat en kon dus nie die verrigtinge in Bloemfontein bywoon nie. *Daily Express*, 30.9.1890, p. 3; *De Express*, 7.10.1890, p. 5.

dorpe regoor Suid-Afrika en talle ander hoogwaardigheidsbekleërs.[550] Van hierdie hoogwaardigheids-bekleërs het 20 gaste by die Presidensie tuisgegaan.[551]

Die oggend van Woensdag, 17 Desember 1890, het die eerste amptelike trein, sy lokomotief met Vrystaatse, Transvaalse en Britse vlae versier, die Bloemfontein-stasie onder ’n boog van immergroen plante binnegestoom en die sykoord wat oor die spoor gespan is, gebreek. Onder “blazen en snorken” van die lokomotief en in die teenwoordigheid van die hoë staatsgaste het pres. Reitz die spoorlyn oop verklaar, waarna die feestelikhede begin het.[552]

Om 12:00 die middag is daar Boeresport op die resiesbaan gehou en om 13:30 is die genooide gaste in die somerhitte op ’n spoggerige noenmaal, wat drie ure geduur het, in die Marksaal getrakteer met toesprake deur onder meer pres. Reitz, Cecil John Rhodes, sir Henry Loch en dr. Leyds. Gelukkig was die oordekte Marksaal koel en goed geventileer. Die noenmaal was besonder swaar en uitgebreid met osstertsop gevolg deur verskeie soorte vleispasteie, kalkoen, hoender en eend, beeslende, lamsvleis, beestong en Yorkham, groente en slaai. Vir nagereg was daar ’n verskeidenheid vrugteterte, koekstruif, jellie, melktertjies en aanklamkoek (tipsy cake), afgerond deur vars en versuikerde vrugte, rosyne en amandels. Gaste kon kies uit verskillende soorte wyn, drie soorte whisky, Duitse en Engelse bier, Pomméry-sjampanje, konjak en likeurs, asook sodawater, lemonade en gemmerlim (ginger ale).[553]

Teen 16:30 was daar weer ’n onthaal by die Presidensie, waarna almal na die liggies en die fakkeloptog gaan kyk het. Die fakkeloptog het van die spoorwegstasie af deur die dorp beweeg en op die koppie van Monumentweg (vandag Kerkstraat) geëindig. Die aand is om 21:00 met ’n vuurwerkvertoning by die fort afgesluit.[554]

Die volgende dag is die feestelikhede voortgesit met skyfskiet, ’n atletiekbyeenkoms, middagete vir die spoorwegwerkers, ’n kinderparty in die Goewermentstuin en ’n “Groote Minnestreel’s Uitvoering” deur die Bloemfonteinse Snowball-geselskap met vrolike koorwerke, grappige en sentimentele liedere, karaktersketse en grappe. Daar is by die boeresport en atletiekbyeenkoms ook vir die deelname van swart mense voorsiening gemaak – by die boeresport kon hulle aan twee spesiale items deelneem, naamlik ’n waterdraer-wedloop en ’n

---

[550] VAB, GS189, pp. 181-184: *Lijst der uitgenoodigde staatsgasten*.
[551] *Daily Express*, 1.12.1890, p. 3.
[552] Leviseur, “My most memorable day”, p. 59; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 110-112.
[553] VAB, A72/3: Spyskaart Noenmaal: Opening van die Norvalspont – Bloemfontein Spoorweg.
[554] VAB, A433/1: *Official programme of the festivities in honour of the opening of the railway, December 1890*, GS189: Butter & Russel- goewermentsekr.; 25.11.1890; *Daily Express*, 19.12.1890, p. 4 en 20.12.1890, p. 4.

"truck-race",[555] terwyl hulle by die atletiekbyeenkoms aan 'n spesiale wedloop oor 1 myl (1,6 km) kon deelneem.[556] Dieselfde aand is 'n bal tere ere van die gaste in die stadhuis gehou. Die feesverrigtinge op Vrydag, 19 Desember, het perdewedrenne en 'n tuinparty in die tuin voor die Goewermentsgebou ingesluit. Nadat die spesiale treine om 19:00 vertrek het, is die feesvierings afgesluit met 'n promenadekonsert in die Goewermentstuin en die opvoering van Gilbert en Sullivan se komiese opera *The Mikado* deur 'n amateur-toneelgeselskap van Fauresmith en Jagersfontein in die stadsaal.[557]

Alhoewel die feesvierings met die opening van die spoorlyn die Vrystaatse regering £2 000 gekos het,[558] was die Vrystaters met reg trots op die sukses van die fees. 'n Kaapse besoeker het in die *Argus* die volgende kommentaar oor die fees gelewer: "It was the grandest event that has ever taken place in South Africa. [...] Nothing could have exceeded the glorious hospitality of the Free Staters." [559]

7.2.2.5 Vrystaatse Onafhanklikheidsdag

Op 23 Februarie 1854 met die ondertekening van die Bloemfontein-konvensie het die republiek Oranje-Vrystaat tot stand gekom. Sedert 1857 is die verjaardag van die Vrystaat gereeld op 23 Februarie gevier en dit het as Onafhanklikheidsdag bekend gestaan. Geleidelik het die feesvieringe van hierdie dag 'n vaste vorm begin aanneem en dit het 'n groot, georganiseerde byeenkoms geword met onder meer 'n kanonsaluut, boeresport en 'n skyfskietwedstryd. Aanvanklik is Onafhanklikheidsdag net in Bloemfontein gevier, maar later is daar ook feesvierings op ander Vrystaatse dorpe gehou.[560] Die president het sy ondersteuning van die dag getoon deur die meeste van die verrigtinge in die hoofstad by te woon. In die 1890's is daar ook jukskei en krieket op hierdie dag gespeel, in plaas van die gewone boeresport. Somtyds het 'n perderesies en pieknieks buite die dorp ook op hierdie dag plaasgevind.[561]

Dit was 'n groot saamtrek van jonk en oud. Talle mense uit die platteland het op hierdie dag na Bloemfontein gekom. Mense het vêr gereis om hierdie een dag gesellig te kon deurbring

---

[555] Wat presies met 'n "truck-race" bedoel word, is nie duidelik nie. Dalk het dit met 'n treintrok te doen, wat gestoot of getrek moes word.

[556] VAB, A433/1: *Official programme of the festivities in honour of the opening of the railway, December* 1890; Daily *Express*, 11.12.1890, p. 5, 12.12.1890, p. 4, 13.12.1890, p. 2 en 19.12.1890, p. 4.

[557] VAB, A433/1: *Official programme of the festivities in honour of the opening of the railway, December 1890, Daily Express*, 11.12.1890, p. 5, 12.12.1890, p. 4, 13.12.1890, p. 2 en 19.12.1890, p. 4.

[558] VAB, GS188; Van Hoijtema – goewermentsekr., 15.8.1890.

[559] *De Express*, 30.12.1890, p. 3 (soos oorgeneem uit die *Argus*).

[560] S.M. Botes, "Die viering van Onafhanklikheidsdag (Republiekdag) in die Oranje-Vrystaat 1854-1900", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 3(2), April 1989, pp. 83-84.

[561] *De Express*, 25.2.1890, p. 2; *The Friend*, 23.2.1892, p. 2, 26.2.1892, p. 3 en 24.2.1893, p. 2

en na hartelus te gesels. Plattelanders het met hulle waens en tente opgedaag en binne enkele ure het daar ’n laer verrys waar mense vrolik oor en weer gekuier het.[562] Dit is interessant om te lees wat die boeresport behels het. Buiten die gewone atletieknommers soos die 100 tree, halfmyl, hoogspring, verspring en hinderniswedren, was daar ook allerhande prettige nommers soos sakresies, blinddoekresies, driebeenresies en toutrek, wat vandag nog bekend is. Verder moes deelnemers probeer om teen ’n gesmeerde paal op te klim, ’n vark met ’n vetgesmeerde stert te vang en appels met die mond uit ’n vaatjie water te haal terwyl die hande agter die rug vasgebind was.[563]

Ook tydens die bewind van pres. Reitz is Onafhanklikheidsdag met groot geesdrif in Bloemfontein gevier en die presidentspaar het dikwels die aand ’n bal in die presidentswoning aangebied.[564] Kort nadat Reitz president geword het, het hy ter ere van die 35ste verjaardag van die republiek ’n bal in die Presidensie gehou. Ongeveer 200 gaste is genooi en die besoekers het “eenige hoogst aangename en genotrijken uren ten huize van de President” deurgebring.[565]

Die Vrystaat se verjaardag was ’n openbare vakansiedag en indien 23 Februarie op ’n Sondag geval het, is Onafhanklikheidsdag op die Maandag daarna gevier, soos in 1890.[566] Strate, openbare geboue en woonhuise is dikwels op hierdie dag met vlae en baniere versier.[567] Vir die mans was die jaarlikse skyfskietwedstryd die hoogtepunt. Gewoonlik het pres. Reitz die wedstryd geopen deur die eerste skoot af te vuur, soos in 1889.[568] Gratis rondtes is beskikbaar gestel en daar is op 300 en 400 tree geskiet. Om die skietkuns en militêre paraatheid in die Vrystaat te bevorder, het die Volksraad jaarliks sedert 1862 ’n bedrag van £10 vir elke dorp in die Vrystaat op die begroting geplaas. Hierdie bedrag is as regeringsprys aan die beste skut van die jaarlikse skyfskietwedstryd gegee. Soms is die bedrag van £10 onderverdeel in kleiner pryse vir eerste, tweede en derde plek.[569]

7.2.3 Kulturele feesdae

Aangesien Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk so ’n kosmopolitiese bevolking gehad het, het baie van die kultuurgroepe hulle eie feesdag gehad wat deur ’n spesifieke kultuurgroep gevier is.

---

[562] Van Rensburg, p. 50.
[563] *De Express*, 6.3.1879, p. 6; Botes, “Die viering van Onafhanklikheidsdag”, p. 87.
[564] *Daily News*, 25.2.1890, p. 3; *De Express*, 25.2.1890, p. 2. Vergelyk ook *The Friend*, 27.2.1889, p. 2, 20.2.1891, p. 2, 24.2.1891, pp. 2-3, 27.2.1891, p. 2 en 23.2.1892, p. 3.
[565] *De Express*, 26.2.1889, pp. 2, 4; *The Friend*, 27.2.1889, pp. 2-3.
[566] *De Express*, 25.2.1890, p. 2.
[567] *De Burger*, 24.2.1894, p. 2 en 27.2.1895, p. 2; *The Friend*, 23.2.1892, pp. 2-3, 23.2.1894, p. 3 en 26.2.1895, p. 3.
[568] *De Express*, 26.2.1889, pp. 2, 4; *The Friend*, 27.2.1889, pp. 2-3.
[569] *The Friend*, 6.3.1863, p. 3 en 27.2.1889, p. 3; *De Express*, 25.2.1890, p. 2. Vergelyk ook Van Rensburg, p. 50.

7.2.3.1 Geloftedag (Dingaansdag)

Volgens Swart en Kapp is die Gelofte van Bloedrivier na 16 Desember 1838 nie algemeen en op groot skaal deur Afrikaners nagekom nie, hoewel eerw. Erasmus Smit (1778-18963), "predikant" van die Voortrekkers, elke jaar op 16 Desember in Pietermaritzburg 'n dank- en biddag gehou het. Een van die grootste Geloftedag-feesvieringe het in Desember 1881 op Paardekraal in die ZAR plaasgevind as deel van 'n fees van dankbaarheid deur die Afrikaners vir hulle oorwinning oor Brittanje in die Eerste Vryheidsoorlog.[570]

In die OVS is Geloftedag of Dingaansdag, soos dit in die 19de eeu bekend gestaan het, eers in die Reitz-tydperk gereeld en op groot skaal gevier. In die 1890's het 'n vereniging bekend as die Jongelings Redenering en Schietoefening Vereening in verskeie Vrystaatse distrikte tot stand gekom as 'n kultuurorganisasie om die Afrikaanse kultuurlewe onder jongmense te bevorder. Om hulle doel te bereik, is onderneem om onder meer Geloftefeeste in die Vrystaat te reël. Die ondernemingsgees en geesdrif van die Vrystaatse jongmense het 'n nuwe waardering vir die fees onder die Vrystaters laat posvat en die republikeinsgesinde koerant, *De Express*, het hom daarvoor beywer om 16 Desember as 'n openbare feesdag in die Vrystaat erken te kry.[571]

In Junie 1894 is bogenoemde saak in die Volksraad bespreek en deur die proklamasie van wet no. 24 van 1894 is 16 Desember in Julie 1894 tot openbare feesdag verklaar.[572] In hierdie jaar is die fees oral in die Vrystaat gevier en omdat 16 Desember in 1894 op 'n Sondag geval het, het pres. Reitz aangekondig dat Maandag 17 Desember 'n vakansiedag sou wees.[573] Op 16 Desember 1894 en 1895 is kerkdienste bygewoon en godsdienstige toesprake gehou om die dag te herdenk, terwyl Bloemfontein se winkels op die vakansiedag Maandag 17 Desember 1894 gesluit was. Baie inwoners het ook gaan piekniek hou, terwyl krieketwedstryde ook op dié dag gespeel is.[574]

---

[570] M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 10-15; Kapp, pp. 46-52.
[571] *De Express*, 15.12.1893, p. 2; Kapp, p. 62.
[572] Wet no. 24-1894, *Gouvernements Courant*, 20.7.1894; *OVS Volksraadsnotule*, 19.6.1894. Vergelyk ook *De Burger*, 20.6.1894, p. 2, 23.6.1894, p. 2 en 25.7.1894, p. 3 en *The Friend*, 24.7.1894, p. 3.
[573] *De Burger*, 31.10.1894, p. 3 en 5.12.1894, pp. 2-4; *The Friend*, 4.12.1894, p. 2. Vergelyk ook Kapp, p. 62.
[574] *De Burger*, 31.10.1894, p. 3 en 19.12.1894, p. 2; *The Friend*, 17.12.1895, p. 3.

7.2.3.2 St. Andrew-dag

St. Andrew-dag,[575] die verjaardag van die beskermheilige van Skotland, is gereeld deur inwoners van Skotse herkoms op die aand van 30 November, of soms ook op 1 Desember, met ’n conversazione of ’n eetmaal en ’n dans in die stadhuis gevier. Die viering is deur die Skotte se kultuurvereniging, die Bloemfontein Caledonian Society, gereël en die verrigtinge is soms deur pres. en mev. Reitz bygewoon. Die feesvieringe is deur patriotiese toesprake, ’n hele aantal heildronke en die sing van Skotse en patriotiese liedere gekenmerk.[576] In 1894 is St. Andrew-dag ook by die St. Andrew-skool gevier, onder meer deur die sing van liedere, doedelsak-spelery en die opvoering van ’n klug, *A merry tea party*.[577]

7.2.3.3 St. Patrick-dag

Die Iere en Walliesers in Bloemfontein het gewoonlik op 17 Maart St. Patrick-dag gevier, ter ere van die sterfdag van Ierland se beskermheilige, St. Patrick.[578] Op hierdie dag het die Iere tradisioneel iets groen gedra. Die fees is gewoonlik die aand van 17 Maart met ’n banket gevier waar tradisionele Ierse en Walliese disse soos kalfskop, Ierse bredie, bubble & squeak en Welsh rabbit of rarebit (roosterbrood met gebraaide kaas en uie) geëet is. Na die ete is daar gewoonlik tradisionele Ierse en Walliese liedere gesing.[579]

7.2.3.4 Ander kulturele feesdae

Ander kulturele feesdae wat ook in die 1890’s in Bloemfontein gevier is, was onder meer die Skotse digter Robert Burns se verjaardag op 25 Januarie, die verjaardag van die Duitse keiser op 27 Januarie, die herdenking van die Amerikaanse verklaring van onafhanklikheid op 4 Julie, die herdenking van die troonbestyging van die koningin Wilhelmina van Nederland op 31 Augustus[580] en die verjaardag van koningin Victoria van Brittanje op 24 Mei. Die meeste van

---

[575] St. Andrew, of Andreas, was die broer van Petrus en een van Jesus se apostels. Hy was klaarblyklik die stigter en eerste biskop van die kerk van Byzantium in die eerste eeu na Christus en het as martelaar aan ’n kruis gesterf. Sedert die 10de eeu word hy as die beskermheilige van Skotland beskou en tans is St. Andrew-dag die nasionale dag van Skotland. “Feast of St. Andrew”, <http://www.saintandrew.us/st-andrews-day.html>, geraadpleeg 18.10.2013.

[576] VAB, A16/1: Uitnodigingskaartjie en program: St. Andrew’s Nicht; *De Express*, 28.10.1890, p. 8 en 9.12.1890, p. 8; *The Friend*, 1.12.1891, p. 3, 4.12.1891, pp. 2-3, 8.12.1891, p. 5 (supplement) en 2.12.1892, p. 2.

[577] *The Friend*, 4.12.1894, p. 3.

[578] St. Patrick-dag is ’n godsdienstige feesdag vir die Iere. St. Patrick is klaarblyklik uit Brittanje as jong seun ontvoer en as slaaf na Ierland geneem. Hy het ontsnap, maar is later as sendeling terug na Ierland om die Christelike evangelie aan die Iere te verkondig en het die beskermheilige van Ierland geword. ’n Bekende legende oor hom is dat hy alle slange uit Ierland verban het, maar dis blykbaar net ’n mite. “Who was St. Patrick?”, <http://www.history.com/topics/who-was-saint-patrick>, geraadpleeg 18.10.2013.

[579] *The Friend*, 12.3.1890, p. 3, 17.3.1891, p. 3, 27.3.1891, p. 3, 18.3.1892, pp. 2-3 en 17.3.1893, p. 3.

[580] *Ibid.*, 13.1.1891, pp. 3-4, 27.1.1891, p. 3, 30.1.1891, p. 2, 1.9.1891, p. 3, 26.1.1892, p. 3 en 6.7.1894, p. 3.

voorgenoemde feesdae is slegs gevier deur die vertoon van vlae by die geboue en wonings van die betrokke kultuurgroepe en enkele heildronke wat gedrink is.[581]

'n Vergete feesdag wat klaarblyklik in die 1890's weer herleef het, was St. George-dag op 23 April, die herdenking van die sterfdag van St. George, die beskermheilige van Engeland. Dié dag word ook in ander Christelike lande gevier en 23 April 1890 is tot openbare vakansiedag vir Bloemfontein en distrik verklaar.[582] Op 14 Junie het die Vrymesselaars St. John-dag gevier, die feesdag van hulle beskermheilige. Die Rising Star losie het 'n byeenkoms en seremonie gehou, waarna daar verversings geniet en talle heildronke gedrink is.[583]

7.2.4 Ander feesdae

7.2.4.1 Nuwejaarsdag

Nuwejaar is in die laat 19de eeu in Bloemfontein op 'n baie meer uitbundige manier as Kersfees gevier. Die winkels was vir 'n paar dae rondom Nuwejaarsdag gesluit, gewoonlik van 1 tot 4 Januarie of van 31 Desember tot 2 Januarie. In 1889 het die Vrystaatse regering ook 2 Januarie tot vakansiedag verklaar.[584]

Soms het die President Brand Rifles-orkes en die Bloemfonteinse Amateur-orkes inwoners tot middernag op Oujaarsaand op musiek vergas, terwyl kwajongens los voorwerpe weggesteek of verskuif[585] en ander kattekwaad aangevang het. Soms het die kwajongens te vêr gegaan en skade aan eiendom aangerig, soos in 1891. Daarom het die stadsraad in 1893 'n hele aantal spesiale konstabels aangestel om eiendom te beskerm.[586] Duitsers soos G.A. Fichardt en drr. Kellner en Krause het Oujaarsaand 'n eeue oue Duitse tradisie nagekom deur op die koppie van die huidige Kerkstraat bymekaar te kom en houtvaatjies, wat met teer gesmeer is, aan die brand te steek en dit dan al vlammend van die heuwel af in die rigting van Markplein te laat rol. Daar was 'n ou volksgeloof dat die man wie se vaatjie die vêrste rol, voorspoed in die nuwe jaar sou beleef.[587]

---

[581] *Ibid.*, 29.5.1889, p. 3, 28.5.1890, p. 3, 26.5.1891, p. 3, 25.5.1894, p. 3 en 24.5.1895, p. 2.
[582] *Ibid.*, 16.4.1890, p. 3, 23.4.1890, p. 3 en 30.4.1890, p. 2.
[583] *Ibid.*, 24.6.1892, p. 3 en 28.6.1892, p. 3.
[584] *De Burger*, 15.12.1894, p. 2; *Daily Express*, 22.12.1890, p. 1. Vergelyk ook *The Friend*, 2.1.1889, p. 2, 25.12.1889, p. 1, 1.1.1890, p. 2, 20.12.1892, p. 2 en 14.12.1894, p. 1.
[585] Dit is nie duidelik wanneer die gebruik om op Oujaarsnag los voorwerpe weg te steek of te verskuif in Suid-Afrika posgevat het nie, maar volgens Kapp het dit waarskynlik sy oorsprong in die ou Germaanse volksgeloof dat die werf op Oujaarsnag skoon en netjies moes wees, omdat bose geeste dan rondloop en soek na plekke waar hulle skade kan aanrig. Kapp, p. 178.
[586] *The Friend*, 2.1.1891, p. 3 en 3.1.1893, p. 2.
[587] Bidwell, p. 32.

Op Oujaarsaand was daar middernagdienste in die verskillende Bloemfonteinse kerke en om presies 12 uur middernag is ’n kanon van die fort afgevuur om die nuwe jaar aan te kondig. Die nuwe jaar is gewoonlik ingelui deur die gebeier van kerkklokke, sowel as die afvuur van geweerskote en klappers.[588]

Op Nuwejaarsdag het baie van Bloemfontein se inwoners piekniek langs die Modderrivier gehou en was die dorp se strate stil en verlate. Somtyds is daar ook ’n krieketwedstryd op Nuwejaarsdag gespeel, soos in 1890, of op 2 Januarie, soos in 1889, toe dié dag ’n openbare vakansiedag was. In 1893 is ’n sportdag op Brandfort gehou waarheen baie Bloemfonteiners per trein gereis het. Diegene wat wel op Nuwejaarsdag in die dorp agtergebly het, het gewoonlik vriende besoek.[589]

7.2.4.2 Pres. Kruger se verjaardag

’n Kanonsaluut ter ere van pres. Reitz se verjaardag op 5 Oktober is jaarliks by die fort in Pretoria afgevuur, terwyl die Vrystaters hierop geantwoord het met ’n kanonsaluut van die fort in Bloemfontein tere ere van pres. Kruger van die ZAR se verjaardag op 10 Oktober.[590]

7.2.4.3 Guy Fawkes-dag

In Bloemfontein is die bekende Guy Fawkes-dag[591] klaarblyklik net deur jong seuns gevier. Op die aand van 5 November het hulle beeltenisse (effigies) rondgedra wat later op Markplein en ander plekke verbrand is.[592]

---

[588] *De Burger*, 5.1.1895, p. 2; *The Friend*, 2.1.1889, p. 3, 8.1.1890, p. 3 en 2.1.1891, p. 3. Volgens Kapp is die gebruik om die nuwe jaar met geweerskote in te lui deur Jan van Riebeeck en sy mense uit Europa gebring en is vuur en geraas in die Germaanse volkslewe onlosmaaklik aan die nuwe jaar gekoppel. Die lui van kerkklokke is simbolies van die vreugdebetoon vir die verwelkoming van die nuwe jaar. Kapp, pp. 177, 179.

[589] VAB, A59/8/1: A. Fischer – P. Fischer, 22.12.1888; *The Friend*, 2.1.1889, p. 3, 1.1.1890, p. 3, 29.12.1891, p. 2, 2.1.1891, p. 3, 3.1.1893, p. 2 en 4.1.1895, p. 4. Vergelyk ook *De Burger*, 2.1.1895, p. 2 en 5.1.1895, p. 2.

[590] *The Friend*, 16.10.1889, p. 3, 10.10.1890, p. 3, 13.10.1891, p. 2, 11.10.1892, p. 2 en 12.10.1894, p. 2.

[591] Guy Fawkes (1570-1606) was ’n lid van die sogenaamde buskruit-komplot en is op 5 November 1605 gearresteer terwyl hy waggehou het oor die buskruit wat die samesweerders onder die House of Lords geplaas het om die parlement op te blaas en koning James I van Brittanje te vermoor. Die mislukking van die komplot word jaarliks op 5 November met die afvuur van vuurwerk en die verbranding van die beeltenis (effigy) van Guy Fawkes in Brittanje en ander Statebondslande gevier. “Guy Fawkes”, <http://www.bbc.co.uk/history/people/guy_fawkes>, geraadpleeg 19.10.2013.

[592] *The Friend*, 7.11.1890, p. 3, 6.11.1891, p. 3, 8.11.1892, p. 3 en 6.11.1894, p. 3.

7.3 Sport en ontspanning

7.3.1 Sport

Sport het sedert die vroegste dae van Bloemfontein se ontstaan ’n belangrike rol in die lewe van die inwoners gespeel.[593] Die gewildste sportsoorte tydens die Reitz-tydperk was krieket, rugby, tennis, sokker en perdewedrenne. Ander sportsoorte soos atletiek, biljart, boks, fietsry, gholf, gymkhana, hengel, jag, kroukie, ringgooi (quoits), skyfskiet, stap en watersport is ook beoefen. Sporttoerusting vir en boeke oor krieket, rugby, sokker, tennis en gholf was by die “Orange Free State Sport Emporium”, te wete Barlow Brothers, in Bloemfontein te koop.[594]

In 1888 het die stadsraad ’n stuk grond op die hoek van Aliwal- en Zastronstraat aan die rand van die destydse dorp beskikbaar gestel om as openbare ontspannings- of sportterrein[595] te dien. Nadat die stuk grond met berggruis bestrooi en ’n klein pawiljoen opgerig is,[596] is die nuwe sportterrein in April 1889 in gebruik geneem en teen Augustus 1890 was die hele terrein omhein.[597] Die renbaan waar perdewedrenne gehou is, is ook na die nuwe ontspanningsterrein verskuif en in Desember 1890 is ’n groot pawiljoen of “grand stand” van hout en sink by die renbaan opgerig.[598] Ander sportsoorte wat daar beoefen is, was onder meer atletiek, krieket, sokker, boks, skerm, fietsry en stap.[599]

Behalwe die openbare sportterrein was daar ook enkele ander sportterreine wat deur bepaalde sportklubs gebruik is, soos die sportveld van die Pirates-voetbalklub agter die Tweetoringkerk en die ontspanningsterrein van die Spoorweginstituut[600] naby die Spoorwegkamp.[601]

---

593 P.J.N. Janse van Rensburg, “Só het die stad se geriewe gegroei”, bylae tot *Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 27; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 14. Vergelyk ook Groenewald, p. 110.

594 *The Friend*, 30.11.1894, p. 4, 5.2.1895, p. 4, 15.3.1895, p. 2, 9.4.1895, p. 4 en 24.5.1895, p. 2.

595 Die latere Ramblers-sportterrein. Kyk hoofstuk 4, afdelings 2.3 en 2.4, vir meer inligting oor Bloemfontein se sportterreine.

596 VAB, MBL1/1/1/5: goewermentsekr. – burgemeester van Bloemfontein, 26.1.1889, MBL3/1/2: *Mayor’s minute 1888-1889*, p. 1; *The Friend*, 18.9.1889, p. 3, 6.11.1891, p. 2 en 21.2.1893, p. 3. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 103.

597 *The Friend*, 10.4.1889, p. 3, 17.4.1889, p. 3, 21.5.1890, p. 3 en 22.8.1890, p. 3; M. Botes, “Die geklop van perdepote … Perdewedrenne en renbane in Bloemfontein”, *Culna* 57, 2002, p. 23.

598 VAB, OR 56: *Burgemeestersverslag 1891-1892*, p. 2; *Daily Express*, 1.11.1890, p. 2; *De Express*, 4.11.1890, p. 3 en 23.12.1890, p. 3. Vergelyk ook Botes, “Die geklop van perdepote”, p. 23.

599 *The Friend*, 2.6.1891, p. 2 en 21.2.1893, p. 3; Wright, p. 53.

600 Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.4.2.

601 *The Friend*, 7.10.1892, p. 3, 17.3.1893, p. 3 en 8.2.1895, p. 3. Die Spoorwegkamp was geleë by die latere uitbreiding Hilton waar die spoorwegwerkers gewoon het. Kyk hoofstuk 4, afdeling 11.1.

7.3.1.1 Atletiek

Die eerste georganiseerde atletiekbyeenkoms in Bloemfontein is in 1875 gehou. Daarna is daar dikwels atletiekbyeenkomste in Bloemfontein gehou, hoewel nie altyd goed georganiseerd nie, waarskynlik omdat daar nog nie ’n sentrale bestuursliggaam was nie. Sedert 1890 is daar ook gereeld atletiekbyeenkomste op die nuwe ontspanningsterrein gehou. Tydens die atletiekbyeenkoms wat op 23 April 1890 op die nuwe ontspanningsterrein sou plaasvind, is perderuiters verbied om binne die omheining te kom, terwyl “all dogs will be mercilessly destroyed”.[602] Bogenoemde byeenkoms, wat onder die beskerming van die presidentspaar Reitz plaasgevind het, is deur die President Brand Rifles en ’n verkose komitee georganiseer. Behalwe die gewone atletieknommers het die program ook boeresport-items soos eier in ’n lepel-resies en toutrek ingesluit, terwyl daar ’n spesiale resies oor 1 myl (1,6 km) vir swart mans was. Baie swart mans het vir die resies ingeskryf, maar omdat hulle nie geweet het hoe om hulle pas te beheer nie, het baie aanvanklik te vinnig gehardloop en voor die wenstreep uitgesak.[603]

Ofskoon bogenoemde byeenkoms oor die algemeen ’n groot sukses was, was daar steeds klagtes omdat die atletiekbaan nie met toue afgekamp was nie en toeskouers oral heen-en-weer-gehardloop het, selfs tussen die atlete in.[604] Kort hierna, op 23 Mei 1890, is ’n vergadering van atlete en belangstellendes gehou en is die Bloemfonteinse Amateur-atletiekklub gestig. ’n Komitee, wat voortaan atletiekbyeenkomste sou organiseer, is verkies, met W. Maclagan as voorsitter, J.B. Skirving as sekretaris en pres. Reitz as erepresident.[605] Die eerste atletiekbyeenkoms onder beheer van die Amateur-atletiekklub is op 6 Oktober 1890, die dag na Reitz se verjaardag, gehou. Daarna is gereelde byeenkomste gehou en aangesien baie van dié sportdae op Onafhanklikheidsdag (23 Februarie) en Reitz se verjaardag gehou is, het die presidentspaar gereeld die atletiekbyeenkomste bygewoon. Items het onder meer ’n 100 tree-wedloop, ’n wedloop vir seuns onder 15 en seuns onder agt, ’n hindernis-wedloop, 1 myl-wedloop, hamergooi, ’n veteraan-wedloop (vir mans ouer as 40 jaar),’n fietsresies, toutrek en ’n wedloop oor 1 myl vir swart mans ingesluit. [606]

---

602 *The Friend*, 23.4.1890, p. 3. Vergelyk ook *De Express*, 8.4.1890, p. 4; *Daily News*, 8.4.1890, p. 3 en 8.4.1890, p. 3 en P.J.N. Janse van Rensburg, *’n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949), pp. 31-32. Klaarblyklik het perderuiters voorheen toeskouers se sig belemmer en honde het op die atletiekbaan gehardloop en wedstryde ontwrig.

603 *Daily News*, 18.3.1890, p. 3 en 8.4.1890, p. 3; *Daily Express*, 25.4.1890, p. 2; *The Friend*, 26.3.1890, p. 1.

604 *The Friend*, 30.4.1890, p. 3.

605 *Daily Express*, 23.5.1890, p. 3, 26.5.1890, p. 2 en 29.11.1890, p. 2, *The Friend*, 28.5.1890, p. 3.

606 *Daily Express*, 9.9.1890, p. 2 en 7.10.1890, p. 2; *The Friend*, 2.9.1890, p. 3, 7.10.1890, p. 3, 18.11.1890, p. 1, 28.8.1891, 6.10.1891, p. 3, 13.9.1892, p. 1, 7.10.1892, p. 3, 18.12.1894, p. 3, 26.2.1895, p. 3 en 20.9.1895, p. 3.

Vroue en meisies het klaarblyklik nie in die 1890's aan gewone atletiek deelgeneem nie. Daar is wel in 1895 melding gemaak van die deelname van vroue en dogters aan die sportdag wat tydens die jaarlikse spoorwegpiekniek by Glen gehou is. Dit was eerder 'n tipe boeresport as 'n ernstige atletiekbyeenkoms, aangesien dit items soos wedlope vir seuns en dogters, wedlope vir ongetroude vroue en getroude vroue, eier in die lepel-resies, sakresies en kruiwaresies ingesluit het.[607]

Teen 1895 is daar opgemerk dat daar 'n groot verbetering in die organisasie van atletiekbyeenkomste was. Daar was veral waardering vir die feit dat die atletiekbaan met toue afgekamp is, die nuwe musiekkoepel of "band stand" en die spesiale tent vir verslaggewers. Uit koerantberigte blyk dit dat nie net Bloemfonteiners aan die atletiekbyeenkomste deelgeneem het nie, maar dat atlete van Colesberg, die res van die Vrystaat en selfs Johannesburg ook om pryse meegeding het.[608]

7.3.1.2 Biljart

Biljart is reeds sedert die 1850's in Bloemfontein gespeel en teen die 1890's het verskillende hotelle en klubs biljarttafels gehad. Soms is vertoonwedstryde gehou, maar dikwels is wedstryde en toernooie gespeel waar groot bedrae geld op die spel was.[609] Daar is gereeld biljarttoernooie by verskillende Bloemfonteinse hotelle en klubs gehou en spelers kon vir prysgeld, silwerbekers en goue horlosies meeding.[610] Ook besoekers uit die buiteland het graag biljart gespeel en in 1891 het 'n besoeker van Engeland een van die goeie plaaslike spelers by die Bloemfontein-klub vêr gewen. Daar was 'n hele aantal goeie amateur biljartspelers in Bloemfontein en in Junie 1891 was daar groot opgewondenheid toe John Roberts, die wêreldkampioen in biljartspel, die Vrystaatse hoofstad besoek het. Drie jaar later, in Augustus 1894, het Roberts Bloemfontein weer besoek en twee vertoonwedstryde in die Bloemfontein-hotel gespeel.[611]

G.A. Fichardt het 'n biljartkamer, waarvan daar nog 'n foto bestaan (kyk hoofstuk 3, figuur 24), in die tuin van sy huis Kaya Lami laat aanbou waar hy, sy seuns en besoekers dikwels biljart gespeel het. Vroue het in die 1890's nog nie in Bloemfontein aan biljartspel deelgeneem nie.[612]

---

607 *The Friend*, 18.10.1895, p. 3.
608 *De Burger*, 3.8.1895, p. 2; *The Friend*, 26.2.1895, p. 3, 8.3.1895, p. 2, 2.8.1895, p. 3 en 8.10.1895, p. 3.
609 *Daily Express*, 14.11.1890, p. 2 en 12.12.1890, p. 1; *The Friend*, 28.11.1890, p. 3, 9.1.1891, p. 3 en 23.1.1891, p. 3. Vergelyk ook P.J.N. Janse van Rensburg, "Uitdaging van £10 500 om biljarttafel uitgespook", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 49.
610 *The Friend*, 6.1891, p. 3, 30.6.1891, p. 3, 31.7.1891, p. 2 en 11.9.1891, p. 3.
611 *De Burger*, 22.8.1894, p. 3; *The Friend*, 27.1.1891, pp. 2-3, 30.1.1891, p. 2, 14.8.1894, p. 2 en 21.8.1894, p. 3.
612 Bidwell, pp. 59-60.

7.3.1.3 Fietsry

Die fiets het teen ongeveer 1888 sy verskyning in Bloemfontein gemaak en op sosiale vlak was dit baie gewild. Almal het fietsgery – wit, bruin en swart mans, vroue en kinders. Fietse was by plaaslike handelaars soos G.A. Fichardt te koop en geleidelik het al hoe meer swart mense ook begin fietsry.[613] In 1895 is ’n fietsryklub, die City Cycling Club, in Bloemfontein gestig en op Sondae is plesierritte na plase en die Modderrivier onderneem.[614] Tydens spesiale geleenthede en op feesdae, soos pres. Reitz se verjaardag op 5 Oktober en Oukersaand, is optogte met fietse, wat deur Chinese lanterns verlig is, saans deur Bloemfontein se strate gehou.[615]

Fietsry is ook as sportsoort beoefen, maar is in die 1890’s as deel van atletiek beskou. In Februarie 1895 is fietswedrenne oor afstande van een, drie en vyf myl[616] as deel van die atletiekbyeenkoms van die Bloemfonteinse Amateur-atletiekklub op die ontspanningsterrein aangebied. Daar was ook wedrenne vir seuns en ’n spesiale wedren net vir padfietse. In Oktober 1895 was daar selfs ’n spesiale wedren oor ’n halfmyl (0,8 km) vir seuns onder 13 op driewiele. Omdat fietsresies so ’n nuwigheid was, was dit baie gewild onder die toeskouers.[617]

7.3.1.4 Gholf

In Mei 1894 is die eerste gholfklub, met 20 lede, in Bloemfontein onder leiding van Will Maclagan gestig. Dit was ’n aktiewe gholfklub en daar is maandeliks om ’n medalje meegeding. Bekende Bloemfonteinse inwoners, soos R. Innes, C. Borckenhagen, C.G. Fichardt, A.E. Fichardt, R. Gregorowski, drr. C.H. Bidwell, M. Stollreither en R. Savage, deken J.R. Vincent, argitek W.H. Stucke en A.R. Tolkien,[618] was lede van die Bloemfontein-gholfklub en daar is ook teen ander gholfklubs, soos dié van Kroonstad en Johannesburg, meegeding.[619] Onder leiding van dr. Hugh Bidwell is die eerste gholfbaan aangelê op die oop stuk veld wes van die destydse dorp, min of meer waar die dieretuin en Koningspark vandag geleë is,[620] en spelers moes oor ’n donga aan die westekant van die huidige Henrystraat afslaan.[621]

---

613 *The Friend*, 26.2.1890, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 117, 193.
614 *The Friend*, 17.9.1895, p. 3, 1.10.1895, p. 3, 25.10.1895, p. 3, 8.11.1895, p. 3 en 13.12.1895, p. 5.
615 *Ibid.*, 1.10.1895, p. 3, 29.11.1895, p. 3, 20.12.1895, p. 3 en 27.12.1895, p. 3.
616 Een myl is gelykstaande aan ongeveer 1,6 km.
617 *Ibid.*, 11.1.1895, p. 3, 18.1.1895, p. 3, 25.2.1895, p. 2, 22.2.1895, p. 3, 26.2.1895, p. 3, 14.5.1895, p. 2, 2.8.1895, p. 3 en 13.10.1895, p. 2; Janse van Rensburg, “Só het die stad se geriewe gegroei”, p. 27.
618 Hy was die vader van die bekende skrywer J.R. Tolkien.
619 *The Friend*, 30.1.1894, p. 2, 6.2.1894, p. 3, 8.6.1894, p. 3, 11.12.1894, p. 3, 11.1.1895, p. 3 en 20.9.1895, p. 3.
620 Daar is 2013 besluit om die dieretuin uit die stad na Kwaggafontein te skuif.
621 Bidwell, p. 60.

7.3.1.5 Krieket

Die koms van kapt. (later maj.) Warden met sy Britse soldate na Bloemfontein in 1846 was ook die begin van sportbedrywighede in die latere Vrystaatse hoofstad. Krieket, rugby en sokker is sportsoorte wat deur die Engelssprekendes na Bloemfontein gebring is. Reeds in die 1850's, kort na die stigting van die dorp, het die Bloemfontein-krieketklub sy ontstaan gehad. Aanvanklik is krieket op enige oop stuk grond gespeel, totdat die krieketklub in 1874 'n stuk grond by die stadsraad gekry het waar 'n behoorlike kolfblad aangelê kon word. In 1889, met die totstandkoming van die openbare ontspanningsterrein (die latere Ramblersklub) op inisiatief van die krieketklub, het die krieketveld na dié terrein verskuif.[622]

Tydens die Reitz-tydperk het daar verskeie krieketklubs in Bloemfontein bestaan, soos die reeds genoemde Bloemfontein-krieketklub, asook die Francolin-krieketklub, Press Cricket Club, Union Cricket Club, Civil Service-krieketklub, Railway Cricket Club, Wanderer's Club en die Mechanics Cricket Club, terwyl skole soos Grey- en St. Andrew-kollege ook krieketklubs gehad het.[623] Hierdie krieketklubs het gereeld teen mekaar wedstryde gespeel, asook teen spanne van ander dorpe soos Kroonstad, Colesberg, Kimberley, Bethulie, Winburg, Jagersfontein, Johannesburg, Krugersdorp en Pretoria. [624]

Afgesien van wedstryde tussen die verskillende krieketklubs is 'n hele aantal sosiale wedstryde ook gespeel en interessante ad hoc-spanne is saamgestel om teen mekaar te speel. Voorbeelde hiervan is 'n span van spelers wat in Brittanje gebore is wat teen spelers wat in die Britse kolonies gebore is, gespeel het, spelers ouer as 25 jaar teen spelers jonger as 25 jaar; "New-Comers teen Old Chums", "handsome vs. ugly", getroudes teen ongetroudes, "Veterans vs. Colts", "Dark vs. Fair", "Golfers vs. Non-Golfers" en "Cyclists vs. Non-Cyclists".[625] Hierdie sosiale wedstryde is klaarblyklik nie te ernstig opgeneem nie en die spelers het waarskynlik baie pret tydens dié wedstryde gehad.

Bloemfonteinse krieketspelers het ook vir die Vrystaatse span teen ander lande en provinsies gespeel. In Maart 1892 is 11 Bloemfonteinse spelers vir die Vrystaatse span gekies

---

[622] *The Friend*, 10.4.1889, p. 3 en 17.4.1889, p. 3; M.W. Luckin, *The history of South African cricket*, p. 55. Vergelyk ook Janse van Rensburg, *'n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein*, pp. 25-28.

[623] Bogenoemde klubs het nie almal tegelyk bestaan nie.

[624] *Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893*, p. 151 en *1894*, p. 213; *The Friend*, 20.2.1889, p. 3, 10.4.1889, p. 3, 12.6.1889, p. 5, 20.11.1889, p. 3, 8.1.1890, p. 3, 28.11.1890, p. 3, 28.8.1891, p. 3, 8.9.1891, p. 2, 16.10.1891, p. 3, 15.11.1892, p. 2, 3.1.1893, p. 3, 26.1.1894, p. 3, 18.12.1894, p. 3, 31.12.1894, p. 3 en 4.1.1895, p. 4. Vergelyk ook *Daily News*, 6.2.1890, p. 3, 17.3.1890, p. 3 en 30.1.1891, p. 2.

[625] *Daily News*, 28.1.1890, p. 3 en 18.3.1890, p. 3; *The Friend*, 2.1.1889, p. 3, 18.9.1889, p. 3, 23.1.1891, p. 3, 13.11.1891, p. 3, 11.10.1892, p. 3, 16.12.1892, p. 3, 21.3.1893, p. 3, 15.2.1895, p. 3 en 25.10.1895, p. 3.

wat teen ’n Engelse span in die Vrystaatse hoofstad gespeel het.[626] ’n Uitstekende Bloemfonteinse krieketspeler, A.E. Ochse, het in Februarie 1889 in die Suid-Afrikaanse krieketspan teen ’n Britse span (maj. R.G. Warton se span) in Port Elizabeth gespeel, terwyl C.G. (Charlie) Fichardt en J.F. du Toit van Bloemfontein vir die Suid-Afrikaanse elftal gespeel het wat in Maart 1892 in Kaapstad teen die besoekende Engelse span gespeel het.[627]

Aan die einde van 1890 het die Oriental Cricket Club vir swart mense in Bloemfontein tot stand gekom, maar hulle het nie teen die blankes krieket gespeel nie, want op sportgebied het swart en wit inwoners ook nie gemeng nie.[628] Op Kersdag 1890 het die Oriental Cricket Club in Bloemfontein teen ’n bruin krieketspan, The Progress, gespeel, terwyl die Orientals ook teen swart spanne van Thaba Nchu, Colesberg en Aliwal-Noord gespeel het. Wedstryde teen ander dorpe het gewoonlik op vakansiedae soos Kersdag, Nuwejaarsdag of Paasfees plaasgevind en is blykbaar op ’n stuk grond naby die spoorwegbrug gespeel. Tydens die wedstryd op Nuwejaarsdag 1892 is vermeld dat ’n tent op die krieketgrond opgerig is en dat heelwat swart vrouens die wedstryd bygewoon het. Baie van die swart spelers was ook in tradisionele krieketdrag uitgevat, met baadjies en flanelbroeke.[629]

7.3.1.6 Perdewedrenne

Nog ’n sportsoort wat sy ontstaan by Bloemfontein se Engelssprekende inwoners gehad het, was perdewedrenne wat sedert die vroegste jare van Bloemfontein se bestaan baie gewild was. Reeds in 1850 het die eerste perdewedrenne op koningin Victoria se verjaardag (24 Mei) op die vlakte oos van die dorpie[630] plaasgevind en veral die Engelssprekendes het ywerig daaraan deelgeneem. Keffende honde wat agter die perde aangestorm het, het aanleiding gegee tot ’n regulasie dat honde op die renbaan doodgeskiet sou word. In Februarie 1864 is die Free State Turf Club gestig

---

626 *The Friend*, 9.1.1889, p. 3, 23.2.1892, p. 3, 4.3.1892, p. 4 en 8.3.1892, p. 3.

627 *Ibid.*, 6.2.1889, p. 3, 20.2.1889, p. 3, 13.3.1889, p. 3 en 11.3.1892, p. 3; Fischer, “Introduction” in Bidwell, p. 20.

628 Die Oriental is ’n eienaardige naam vir ’n krieketklub vir swart mense, maar in die geraadpleegde bronne kon geen verklaring vir die oorsprong van die naam gevind word nie. Die swart tennisklub in Bloemfontein het ook as die Oriental Tennis Club bekend gestaan. Dit is nie duidelik of enige blanke inwoners betrokke was by die organisasie van dié sportklubs nie. Volgens ’n koerantberig is daar wel in die subskripsielys gevra vir bydraes van blankes, maar die reaksie hierop was taamlik sarkasties. *The Friend*, 28.11.1890, p. 3.

629 *Daily Express*, 9.1.1892, p. 3; *The Friend*, 27.12.1890, p. 3 en 1.3.1892, p. 3. Vergelyk ook A. Odendaal, *The story of an African game: black cricketers and the unmasking of one of cricket’s greatest myths, South Africa 1850-2003*, p. 69 en Schoeman, *Bloemfontein*, p. 131.

630 Dié renbaan was klaarblyklik tussen die gevangenis wat in 1893 opgerig is en die Dewetsdorppad geleë. Fischer, “Introduction” in Bidwell, p. 19.

wat tot ’n groter belangstelling in die tradisionele perdewedrenne op 24 Mei gelei het. Wedrenne is ook op ander dae gehou, soms ook op Onafhanklikheidsdag, 23 Februarie.[631]

Die perdewedrenne was ’n belangrike gebeurtenis op die sport- en sosiale kalender van Bloemfontein en was gewilde sosiale byeenkomste vir al die inwoners van die hoofstad – wit, bruin en swart. Barolongprinse van Thaba Nchu en ander swart opperhoofde het ook soms die perdewedrenne kom ondersteun, terwyl besoekers, deelnemers en perde-eienaars so vêr as Kaapstad die wedrenne bygewoon het. Toeskouers het in hulle rytuie langs die baan gesit, piekniekmandjies is gepak en daar het ’n karnavalgees geheers. Tydelike verversingstalletjies is opgerig waar onder meer versnaperinge, bier, wyn en spiritualieë verkoop is. Dikwels het die President Brand Rifles-orkes ook vir musiek gesorg. Handelaars het hulle besighede gesluit, terwyl die regeringskantore en die Volksraad ook hulle werksaamhede vroeër afgesluit het om belangrike perdewedrenne by te woon.[632]

Met die totstandkoming van die openbare ontspanningsterrein op die terrein van die latere Ramblersklub in 1889 is die perdewedrenbaan ook hiernatoe verskuif en is perdewedrenne op ’n gereelde grondslag voortgesit, onderhewig aan die reëls en regulasies van die jokkieklub van Suid-Afrika. Soms het die wedrenne oor twee dae gestrek, soos in Mei 1890, en inwoners kon geld op die perd van hulle keuse verwed.[633] In Mei 1890 het die program soos volg daar uitgesien: “First Day – Trial Stakes, President Brand Cup, Ladies’ Purse, Railway Plate, Pony Plate. Second Day – Merchant’s Plate, OFS Turf Club Handicap, Farmers’ Plate, Hack Race, Consolation Handicap.”[634]

Teen die einde van 1890 is ’n paviljoen of “grand stand” langs die renbaan opgerig.[635] Na die koms van die spoorlyn na Bloemfontein in 1890 het die spoorweë retoertreinkaartjies teen enkelkaartjies se pryse aangebied vir perde-eienaars wat hulle personeel, jokkies en perde van die Kaapkolonie na Bloemfontein wou vervoer, vir deelname aan perdewedrenne in die Vrystaatse hoofstad. Dit het daartoe gelei dat nog meer mense van buite Bloemfontein die perdewedrenne bygewoon het.[636]

---

631 *Daily News*, 11.2.1890, p. 3; *The Friend*, 12.6.1889, p. 5, 19.6.1889, p. 3 en 17.6.1892, p. 3. Vergelyk ook M. Botes, “Die geklop van perdepote: perdewedrenne en renbane in Bloemfontein”, *Culna* 57, Desember 2002, pp. 22-23 en Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 14, 43, 52-53.

632 *Daily Express*, 20.5.1890, p. 3, 30.5.1890, p. 2 en 22.12.1890, p. 2; *The Friend*, 28.4.1891, p. 3, 8.5.1891, p. 3, 26.5.1891, p. 3 en 14.6.1892, p. 5. Vergelyk ook Fischer, “Introduction” in Bidwell, pp. 19-20; Leviseur, *Memories*, p. 34 en Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 52-53, 127.

633 *De Express*, 25.2.1890, p. 1; *The Friend*, 19.6.1889, p. 3, 2.4.1890, p. 1, 21.5.1890, p. 1 en 26.5.1891, p. 2.

634 *The Friend*, 5.3.1890, p. 1.

635 *Daily Express*, 8.12.1890, p. 2 en 22.12.1890, p. 2; *The Friend*, 21.11.1890, p. 3.

636 *The Friend*, 15.5.1891, p. 3, 26.5.1891, p. 3 en 29.5.1891, p. 3.

In 1891 het ’n Gymkhana-klub in Bloemfontein tot stand gekom en die eerste byeenkoms is vir 7 Oktober op die renbaan gereël.[637] Hierna is gereelde byeenkomste van die Gymkhana-klub gehou. Dit het nie veel van die perdesport-byeenkomste verskil nie en die President Brand Rifles-orkes het gewoonlik vir musiek op dié dag gesorg.[638]

7.3.1.7 Rugby

Net soos met krieket is rugby as sportsoort ook deur immigrante van hoofsaaklik Brittanje, asook voormalige Kapenaars, in die 1870’s na Bloemfontein gebring. Die Bloemfonteinse seunskole, Grey- en St. Andrew-kollege, het toe ook goeie rugbyspelers gehad. Teen 1895 het Bloemfontein vyf rugbyklubs gehad, naamlik die Bloemfontein Football Club, Pirates, Railway Club, Grey-kollege en St. Andrew-kollege.[639]

Bogenoemde klubs het gereeld teen mekaar gespeel, maar daar was ook sosiale wedstryde waar ad hoc-spanne net soos by krieket saamgestel is. Voorbeelde van hierdie sosiale wedstryde, wat waarskynlik in ’n meer lighartige luim gespeel is, was onder meer “Free State Born” vs “The World” en “Free Staters” vs “All Creation”.[640] Tog was daar klagtes dat die spelers vuil taal op die veld gebruik het en nie die rugbyreëls geken het nie.[641] Daar is ook rugbywedstryde teen ander dorpe, soos Burgersdorp, Ladybrand, Jagersfontein, Kroonstad, Bethulie, Colesberg, Kimberley en Oos-Londen, gespeel. Wanneer Bloemfontein se spelers ander dorpe besoek het, is hulle gewoonlik deur die tuisspan onthaal en wanneer ander dorpe se spanne in die Vrystaatse hoofstad kom speel het, is hulle weer deur Bloemfontein se spelers op ’n ete, dans of konsert getrakteer. Voor die koms van die spoorlyn moes ander dorpe moeisaam per koets of rytuig besoek word. So ’n tog het gewoonlik ’n paar dae geduur en is ook sommer as sosiale geleentheid benut.[642] Die koms van die spoorlyn het dus ook rugby bevorder omdat ander dorpe nou makliker bereik kon word.

In September 1894 is ’n Vrystaatse span, wat meestal uit Bloemfonteinse spelers bestaan het, na Kaapstad gestuur om aan die Curriebeker-kompetisie deel te neem, maar die Vrystaters

---

637 *Ibid.*, 11.9.1891, p. 3, 18.9.1891, p. 3 en 6.10.1891, p. 2.
638 *Ibid.*, 1.3.1892, p. 2, 9.2.1892, p. 2, 26.2.1892, p. 3, 20.1.1893, pp. 2-3 en 9.10.1894, p. 3.
639 *Daily Express*, 6.5.1890, p. 2; *The Friend*, 12.6.1889, p. 5, 22.4.1892, p. 2, 10.3.1893, p. 3, 20.4.1894, p. 3 en 31.5.1895, p. 3. Vergelyk ook D.P. Mercier en H.G.E. de la Cornillere, “The OFS and Basutoland Rugby Football Union and the game in the Orange Free State” in I.D. Difford, *The history of South African rugby football (1875-1932)*, p. 151.
640 *Daily Express*, 20.5.1890, p. 3, 24.5.1890, p. 3 en 11.7.1890, p. 3; *The Friend*, 15.5.1889, p. 3 en 10.8.1894, p. 3.
641 *The Friend*, 1.5.1891, p. 3 en 15.5.1891, p. 3.
642 *De Express*, 22.7.1890, p. 3; *The Friend*, 30.7.1890, p. 3, 16.6.1891, p. 2, 21.7.1891, p. 3, 27.5.1892, p. 3, 8.7.1892, p. 3, 12.7.1892, p. 3, 15.7.1892, p. 3, 19.8.1892, p. 3, 9.9.1892, pp. 2-3 en 25.5.1894, p. 3.

het al hulle wedstryde verloor.[643] Weens hierdie vernedering en om rugby in die Vrystaat te bevorder, is die OVS-Rugby-unie in Maart 1895 in Bloemfontein in die lewe geroep, met C.G. Fichardt as eerste voorsitter. Daar is verder besluit om ’n jaarlikse Vrystaatse uitdaagreeks of liga in te stel waartydens daar vir ’n wisselbeker gespeel sou word, wat uiteraard die gehalte van rugby in die Vrystaat en, veral in Bloemfontein, baie verbeter het.[644] Dit het ook meer toeskouers gelok en in Junie 1895 het Pretoria ’n sterk span na die Vrystaatse hoofstad gestuur waar hulle deur die Bloemfonteinse span verslaan is. In September 1895 het Westelike Provinsie, wat daardie jaar wenners van die Curriebeker-reeks was, in Bloemfontein ’n wedstryd teen ’n Bloemfonteinse span gespeel en wat die besoekers gewen het.[645]

7.3.1.8 Skyfskiet

Aangesien die OVS tydens die republikeinse tydperk slegs ’n baie klein staandemag-leër gehad het, was dit belangrik dat burgers goed kon skiet, ingeval hulle in tye van oorlog vir krygsdiens opgeroep moes word. Soos genoem, het die Volksraad, in ’n poging om skietkuns en militêre paraatheid in die Vrystaat te bevorder, jaarliks ’n regeringsprys van £10 vir die beste skut van elke dorp tydens die jaarlikse skyfskietwedstryd op Onafhanklikheidsdag uitgeloof.[646]

In die 1870’s is ’n skietvereniging, die Bloemfontein Rifle Club, gestig, terwyl ’n skietbaan op die vlakte suid van die dorp naby die sielsieke-hospitaal tot stand gekom het. Later is die President Brand Rifles Club ook gestig met hulle bekende orkes wat by verskillende geleenthede musiek gemaak het.[647] In April 1890 is die Bloemfontein Rifle Club gereorganiseer en herdoop tot die Bloemfontein Rifle Association. Sedertdien is daar gereelde maandelikse skietoefeninge en -wedstryde gehou, waartydens vir goue- en silwermedaljes meegeding is.[648] Vier jaar later het die Spoorweginstituut ook ’n skietklub gehad, die Railway Rifle Club, wat teen die ander Bloemfonteinse klubs meegeding het.[649]

Soortgelyke verenigings het ook mettertyd in ander Vrystaatse dorpe ontstaan. Kroonstad het byvoorbeeld ’n uitstekende skietklub gehad en Bloemfontein se skietklubs het gereeld teen

---

643 *The Friend*, 21.8.1894, p. 3, 31.8.1894, p. 3, 4.9.1894, p. 3 en 11.9.1894, p. 4; “The history of sport is almost as old as city itself”, *Supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 67.
644 *The Friend*, 21.9.1894, p. 3, 12.3.1895, p. 3 en 29.3.1895, p. 3; Mercier en De la Cornillière, p. 152.
645 *The Friend*, 10.5.1895, p. 2, 7.6.1895, p. 2, 11.6.1895, p. 6, 3.9.1895, p. 3, 17.9.1895, p. 3 en 12.11.1895, p. 3.
646 *Ibid.*, 6.3.1863, p. 3, 27.2.1889, p. 3 en 9.6.1893, p. 3; *De Express*, 25.2.1890, p. 2.
647 *The Friend*, 7.8.1891, p. 3; Janse van Rensburg, *’n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein*, p. 3.
648 *Daily News*, 17.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 17.4.1890, p. 2, 13.5.1890, p. 2, 3.6.1890, p. 2 en 25.6.1890, p. 3.
649 *De Burger*, 31.10.1894, p. 3; *The Friend*, 30.10.1894, p. 3, 15.2.1895, p. 3, 8.3.1895, p. 2 en 29.3.1895, p. 3.

Kroonstad meegeding.[650] Ander dorpe teen wie daar op die skietveld meegeding is, was onder meer Dewetsdorp, Wepener, Heilbron, Senekal, Brandfort, Ficksburg en Clocolan, asook Pretoria, Potchefstroom, Klerksdorp, Richmond en Pietermaritzburg.[651]

In September 1894 het ’n aantal skuts van Bloemfontein en ander Vrystaatse dorpe teen ander provinsiale spanne in Kuilsrivier aan die South African Wimbledon Association Challenge Shield deelgeneem en uit die ses spanne het hulle vyfde geëindig. In Augustus 1895 is ’n lang gekoesterde ideaal verwesenlik, naamlik om ’n oorhoofse skietvereniging, die Orange Free State National Rifle Association, tot stand te bring waarby alle skietverenigings in die Vrystaat geaffilieer sou word.[652]

7.3.1.9 Sokker

Sedert 1876 is gereelde sokkerwedstryde tussen spanne van St. Andrew-kollege en die koor van die Anglikaanse katedraal gespeel. Volgens ’n briefskrywer aan *The Friend* was Bloemfontein se sportmanne in 1890 nog bevooroordeeld teenoor sokker omdat hulle dit nie as ’n baie manlike sportsoort beskou het nie. Bloemfontein was toe blykbaar nog nie baie aktief op die gebied van sokker of Association Football soos dit bekend gestaan het nie.[653]

In Julie 1893 het Bloemfontein se Spoorwegklub teen Heilbron sokker gespeel en ’n jaar later teen Jagersfontein.[654] Geleidelik het dié sportsoort in gewildheid toegeneem en in Augustus 1894 was daar ’n sokkertoernooi, bygewoon deur talle toeskouers, op die Spoorweginstituut se sokkerveld in Bloemfontein tussen spanne wat Heilbron, Jagersfontein, die Spoorweë en Savages verteenwoordig het. Gedurende bogenoemde toernooi is die Orange Free State Football Association (OFSFA) gestig, met Fredrick Ringer van die Heilbron sokkerklub as voorsitter en pres. Reitz as beskermheer.[655] In Julie 1895 het vier spanne, naamlik die Spoorwegklub en die nuut gevormde Rangersklub[656] van Bloemfontein, asook Heilbron en Jagersfontein, om die nuwe Orange Free State Challenge Cup van die OFSFA meegeding.[657]

---

[650] *The Friend*, 14.8.1889, p. 6 en 18.9.1889, p. 6.
[651] *Daily Express*, 2.9.1890, p. 3; *De Burger*, 7.3.1894, p. 2; *The Friend*, 9.7.1890, p. 3, 2.6.1891, p. 3, 16.2.1892, p. 2, 16.12.1892, p. 3, 13.4.1894, p. 3 en 1.3.1895, p. 3.
[652] *The Friend*, 11.9.1894, p. 4, 21.9.1894, p. 3 en 16.8.1895, p. 3; *De Burger*, 26.9.1894, p. 2.
[653] *The Friend*, 18.6.1890, p. 3
[654] *Ibid.*, 4.7.1893, p. 3; C. Bolsmann, “The 1899 Orange Free State football team tour of Europe: ‘Race’, imperial loyalty and sporting contest”, <http://eprints.aston.ac.uk/16771/1/The_1899_Orange_Free_State_Football_Team_Tour.pdf>, geraadpleeg 4.11.2013. p. 4.
[655] *The Friend*, 20.7.1894, p. 3, 31.7.1894, p. 3, 3.8.1894, p. 2, 7.8.1894, p. 3 en 19.2.1895, p. 3; Bolsmann, p. 4.
[656] *The Friend*, 19.2.1895, p. 3, 22.2.1895, pp. 2-3, 22.3.1895, p. 2 en 30.4.1895, p. 3.
[657] *Ibid.*, 22.2.1895, p. 3, 26.2.1895, p. 3, 12.7.1895, p. 3, 16.7.1895, p. 2 en 19.7.1895, p. 3.

Teen 1895 het die volgende amptelike sokkerklubs in Bloemfontein bestaan: Spoorweë, Bloemfontein Football Club en Rangers, terwyl Grey- en St. Andrew-kollege ook sokker gespeel het.[658]Al bogenoemde klubs het wit spelers gehad en in die geraadpleegde bronne kon weinig verwysings na die speel van sokker deur swart mense tydens die Reitz-tyd in Bloemfontein gevind word. Daar is wel een verwysing na die moontlike bestaan in 1897 van ’n swart Bloemfonteinse sokkerklub, te wete die Oriental,[659] asook enkele verwysings dat wit sokkerspanne teen swart spanne op Vrystaatse dorpe soos Kroonstad en Jagersfontein gespeel het.[660]

7.3.1.10 Stapbyeenkomste

Stapwedstryde het teen 1885 gewild geraak in Bloemfontein, maar is nog as deel van atletiek beskou. Tydens elke atletiekseisoen is groot stapwedstryde gereël wat deur honderde toeskouers bygewoon is, veral nadat die kampioenstapper van Suid-Afrika, J.S. Mellet, in die 1890’s op die toneel verskyn het. Mellet het met die feesvieringe tydens die opening van die spoorlyn na Bloemfontein in Desember 1890 vir die eerste keer sy stapvernuf gewys toe hy oor ’n stapafstand van 8 myl (12,8 km) teen agt amateurstappers meegeding het en daar na elke myl ’n nuwe amateurstapper die vorige een afgelos het.[661] Soms het Mellet ook in Bloemfontein teen ander baasstappers, soos J. Able, die langafstand-kampioenstapper, meegeding en gewoonlik het Mellet groot skares toeskouers gelok. Pres. Reitz het ook dikwels die stapwedstryde bygewoon.[662]

Afgesien van die kampioenstappers wat in Bloemfontein hulle vernuf kom wys het, was daar ook stapwedstryde vir amateurs van Bloemfontein en distrik wat vir silwerbekers, goue medaljes en ander pryse kon meeding.[663] Gewoonlik is ’n afstand van 2 myl (3,2 km) gestap, maar ander afstande is ook aangedurf. Omdat die organisasie van wedstryde selfs in die 1890’s dikwels nog veel te wense oorgelaat het en toeskouers soms tydens ’n wedstryd op die baan gestorm het, het sommige wedstryde gevolglik groot onaangenaamheid veroorsaak.[664]

---

[658] *Ibid.*, 5.4.1895, p. 3, 19.4.1895, p. 3, 3.5.1895, p. 3 en 24.9.1895, p. 3.
[659] Bolsmann, p. 13.
[660] *The Friend*, 10.7.1891, p. 3; Bolsmann, p. 6.
[661] *Daily Express*, 2.12.1890, p. 2.
[662] *The Friend*, 13.1.1891, p. 3. 10.2.1891, pp. 3-4, 24.2.1891, p. 3, 20.5.1892, p. 3 en 17.6.1892, p. 3.
[663] *Ibid.*, 17.4.1891, p. 3, 8.5.1891, p. 3, 13.10.1891, p. 3, 16.10.1891, p. 3 en 27.10.1894, p. 2.
[664] *De Express*, 11.11.1890, p. 7; *The Friend*, 8.5.1891, p. 3, 29.5.1891, p. 3 en 10.11.1893, p. 3. Vergelyk ook Janse van Rensburg, *’n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein*, p. 32.

7.3.1.11 Tennis

Die eerste tennisklub in Bloemfontein, die Bloemfontein Lawn Tennis Club, is in 1884 gestig. Tennis was een van die min sportsoorte wat vroue in die 1890's kon beoefen. In 1887 het die tennisklub reeds 50 lede gehad, waarvan 20 dames was. Net twee jaar later het die ledetal van die klub tot 93 aangegroei.[665] Tennisbane is agter die Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat aangelê en dit was dus tussen Elizabeth- en St. Andrewstraat geleë. In 1891 is geld ingesamel om ekstra tennisbane aan te lê en 'n paviljoen op die terrein op te rig.[666] In 1893 is 'n verdere tennisbaan op Wardenplein uitgelê vir gebruik deur die algemene publiek, veral vir werkende mans en dames.[667] Van die meer welgestelde inwoners van Bloemfontein het hulle eie tennisbane gehad, soos G.A. Fichardt se huis, Kaya Lami, waar sy vrou, Caroline Fichardt, tennis- en kroukiepartye aangebied het.[668]

Die Bloemfontein Lawn Tennis Club het gereeld kampioenskapstoernooie vir mans en vroue aangebied,[669] maar daar is ook op sosiale vlak tennis gespeel met prettige wedstryde soos "Married vs. Single". Woensdagmiddae, wanneer staatsamptenare net 'n halwe dag gewerk het, was oefen- en speeldae en dan het die dames verbonde aan die tennisklub gewoonlik vir tee en verversings gesorg.[670]

Die tennisdrag van die 1890's was uiters onprakties: Die mans was geklee in 'n langbroek en baadjie met 'n hemp en das en soms ook nog 'n horlosieketting. 'n Wit strooihoed en tennisskoene het hulle uitrusting afgerond. Vrouespelers was volgens die mode van die tyd uitgevat in 'n lang romp en 'n bloes met 'n hoë nek en lang moue. Ook hulle uitrusting is afgerond met 'n hoed en tennisskoene.[671] Ella Fischer (née Fichardt) beskryf hoe vroulike tennisspelers destyds gespeel het: "ladies tripping over the tennis-court, fancy hats set perilously high on their heads and long skirts daintily upheld in one hand to allow some freedom of motion, while with the other hand they returned, or quite often otherwise, their adversary's stroke, still

---

[665] *The Friend*, 2.10.1899, p. 5 en 4.8.1891, p. 3; Janse van Rensburg, *'n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein*, p. 37.
[666] *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 5.9.1890, p. 3 en 4.8.1891, p. 3.
[667] *The Friend*, 3.2.1893, p. 3. Later is Bloemfontein se openbare biblioteek en die Nasionale Museum op Wardenplein gebou. Kyk hoofstuk 4, afdeling 2.5, vir meer inligting oor Bloemfontein se pleine.
[668] VAB, VA5351: Foto van die tuin agter Kaya Lami, met tennisbaan en tennisspelers, ca. 1888; Fischer, "Introduction" in Bidwell, pp. 17-18. Vergelyk ook Bidwell, p. 56.
[669] *Daily Express*, 5.8.1890, p. 2; *The Friend*, 6.8.1890, p. 1.
[670] *Daily News*, 31.3.1890, p. 3; *The Friend*, 26.9.1890, p. 3.
[671] *The Friend*, 7.8.1891, p. 4 en 19.1.1892, p. 4; Van Rensburg, pp. 51-52.

retaining their hats on their heads."[672] Op sosiale vlak is dit as onbeskof beskou indien 'n man tydens gemengde dubbels 'n bal hard na 'n vrou slaan.[673]

Talentvolle Bloemfonteinse tennisspelers in die 1890's was L. Richardson en C. H. Collet, sowel as mevv. Gertrude Beck, Maclagan en Mary Tate.[674] Richardson en mev. Maclagan het so goed gespeel dat hulle ook aan toernooie buite Bloemfontein deelgeneem het. In Maart 1891 het Richardson aan 'n toernooi in Port Elizabeth deelgeneem waar hy die mansenkelspel-toernooi gewen het. In April 1892 het Richardson en mevv. Maclagan en Tate aan die Suid-Afrikaanse tennistoernooi in Port Elizabeth deelgeneem waar beide Richardson en mev. Maclagan enkeltitels verower het.[675]

Die Bloemfontein Lawn Tennis Club was net vir blanke tennisspelers bedoel, maar in November 1892 het ongeveer 30 swart mans en vroue van Waaihoek namens die Oriental Tennis Club 'n versoekskrif aan die stadsraad gerig waarin hulle 'n stuk grond gevra het om 'n tennisbaan in Waaihoek aan te lê, aangesien "it will tend to make us more united with our white brethren ..."[676] Na "a dissertation by Mr. Fouché on the latter day native" het die stadsraad besluit om die versoekskrif te ignoreer.[677] *The Friend* het die bewoording van die versoekskrif as "brutaal" beskou en was van mening dat as swart mense tyd en geld het om tennis te speel, hulle nie genoeg werk het nie. Aangesien sommige swart mense geweier het om te werk, het dié koerant die toestand as "ongezond" beskou.[678]

7.3.1.12 Swem

Op sosiale vlak is daar sedert die ontstaan van Bloemfontein in die spruit en damme geswem en met die opening van die eerste openbare swembad in Bloemfontein in 1892 het mans en seuns ook daar geswem. In ooreenstemming met 19de-eeuse gebruike het dames en meisies in die vroeë 1890's nie geswem nie.[679] Later in die 1890's het vroue wel begin om te swem, maar gemengde baaiery was taboe.[680] Aanvanklik is swem nie as 'n formele sportsoort beoefen nie, maar teen die einde van 1894 is 'n komitee onder leiding van W. Maclagan gevorm om 'n swemgala te reël waartydens om medaljes meegeding kon word. Die swembad is smaakvol met

---

672 Fischer, "Introduction" in Bidwell, pp. 18-19.
673 *Ibid*., p. 19.
674 *The Friend*, 26.9.1890, p. 3 en 3.10.1890, p. 3; Fischer, "Introduction" in Bidwell, p. 19.
675 *De Express*, 7.4.1891, p. 4; *The Friend*, 31.3.1891, p. 3 en 3.4.1891, p. 3.
676 *The Friend*, 11.11.1892, p. 3.
677 *Ibid*.
678 *Ibid*., p. 2.
679 Kyk hoofstuk 4, afdeling 3.8.
680 Bidwell, p. 61; Leviseur, p. 33.

vlae en Chinese lanterns versier. Nadat uitdunwedstryde die vorige Saterdagaand plaasgevind het, is die finaal op ’n Maandagaand in Januarie 1895 gehou en daar was verskeie swemnommers, asook ’n duikkompetisie vir seuns en mans, terwyl daar heelwat toeskouers was.[681]

7.3.1.13 Ander sportsoorte

Oor die kleiner sportsoorte soos boks, stoei, gimnastiek, hengel en jag is inligting in die geraadpleegde bronne beperk en dus word dit net kortliks bespreek.

Reeds in die 1870’s het **boks- en stoeigevegte** in Bloemfontein plaasgevind, veral na die ontdekking van diamante by Kimberley.[682] In Desember 1890 is melding gemaak van ’n “grand display of scientific boxing” tussen die kampioen middelgewig van Suid-Afrika, P. Donovan, en die kampioen liggewig van Johannesburg, Joe de Vries, wat in Bloemfontein sou plaasvind. Op dieselfde aand sou daar ook ’n boksgeveg tussen plaaslike mans in ’n tent in Maitlandstraat plaasvind waartydens ’n silwerbeker gewen kon word.[683]

Bloemfontein se inwoners het **gehengel** en daar is in Bloemspruit, Renosterspruit, die Modderrivier en Kafferrivier visgevang.[684] In November 1890 word vermeld dat die hoofamptenare van die staatsdiens op ’n hengelekspedisie na Kafferrivier vertrek het. ’n Ander hengelaar het in die winter van 1890 ’n ysige ondervinding gehad toe hy agter sy visstok naby ’n diep poel in Bloemspruit aan die slaap geraak en deur ’n yslike baber die koue water ingesleep is.[685]

In Junie 1892 is ’n gimnasium in die St. George-klub ingerig en met allerlei **gimnastiek**-apparate toegerus. Net drie maande later, op pres. Reitz se verjaardagvieringe op 6 Oktober,[686] het lede van die St. George-klub reeds ’n gimnastiekdemonstrasie van hoogstaande gehalte gelewer. In Desember van dieselfde jaar het lede van hierdie gimnasium weer ’n uitmuntende gimnastiekvertoning met gekleurde beligting in die stadsaal gehou. As deel van die vertoning het

---

681 *De Burger*, 30.1.1895, p. 2; *The Friend*, 30.11.1894, p. 2, 18.1.1895, p. 3, 25.1.1894, p. 3 en 29.1.1895, p. 3.
682 Janse van Rensburg, *’n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein*, p. 40; Janse van Rensburg, “Uitdaging van £10 500 om biljarttafel uitgespook”, p. 49.
683 *Daily Express*, 16.12.1890, p. 3; *The Friend*, 26.7.1895, p. 3.
684 Laasgenoemde staan vandag bekend as Tierpoortrivier.
685 *De Express*, 11.11.1890, p. 5; *Daily Express*, 17.6.1890, p. 3.
686 Omdat pres. Reitz se verjaardag, 5 Oktober op ’n Sondag geval het, was Maandag 6 Oktober ’n openbare vakansiedag en het die feesvieringe toe plaasgevind.

'n paar Zulu-inwoners van Bloemfontein, geklee in volle oorlogsmondering, 'n Zulu-oorlogsdans uitgevoer wat met groot applous begroet is.[687]

In die vroeë jare van Bloemfontein se bestaan, was **jag** die gewildste vorm van ontspanning, omdat wild so volop in die omgewing van die dorpie was dat van hulle dikwels deur die dorp gehardloop het.[688] Mettertyd het die wild in die onmiddellike omgewing van die dorp verminder. Die mans van Bloemfontein het nog van tyd tot tyd op die plase in die omgewing gaan jag, soos in Maart 1890 toe pres. Reitz en sy besoeker, C. de Coutouly, die konsul-generaal van Frankryk, gaan jag het.[689] In 1891 word 'n amusante voorval vermeld toe G.H. Williams, eienaar van die plaas Tempe buite Bloemfontein, die inwoners na 'n "tierjag"[690] uitgenooi het. Boere in die omgewing van Tempe het 'n groot aantal skape in aanvalle deur 'n roofdier verloor en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die roofdier 'n "tier" of 'n soortgelyke dier moes wees. Die "tier" kon nie opgespoor word nie en die 37 senuagtige jagters moes druipstert terugkeer huis toe.[691]

Tydens die Reitz-tydperk is daar ook **kroukie** gespeel, maar blykbaar meer op sosiale vlak. Dis 'n statige sport wat beide mans en vroue gelyktydig kon speel en hier het die lang rokke van die dames nie so gehinder nie. Dis klaarblyklik in inwoners se tuine gespeel, want beide Gustav Fichardt en die Leviseur's het 'n kroukiebaan in hulle tuin gehad. Sophie Leviseur vertel hoe sy en haar man, Moritz, op maanligaande tot ná 20:00 kroukie in hulle tuin gespeel het, terwyl hul aandete, tot groot misnoeë van hulle swart kok, Ayah, koud geword het. Daar is ook melding gemaak van kroukiepartye waar inwoners met kroukiebane gaste oorgenooi het om te kom speel.[692]

7.3.2 Klubs

Afgesien van die verskeie sportsoorte waaraan mans kon deelneem, het hulle ook by die verskeie klubs in Bloemfontein ontspan, maar vroue kon nie lede word nie. Dames is slegs met feesgeleenthede by die klubs toegelaat.[693]

---

687 *The Friend,* 21.6.1892, p. 3, 7.10.1892, p. 3 en 13.12.1892, pp. 2-3.
688 Leviseur, *Memories*, pp. 23-24, 36; S. Leviseur, "Chased by a wildebeest across Hoffman Square", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 35, 37. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, pp.15-16, 39.
689 *Daily News*, 25.3.1890, p. 3 en 28.3.1890, p. 3.
690 Dit was waarskynlik nie 'n tier nie, aangesien Suid-Afrika nie tiere se natuurlike habitat is nie. Daar het wel leeus en jagluiperds in die rantjies rondom Bloemfontein voorgekom, terwyl wildehonde en wildekatte in vroeëre jare op die rantjies en vlaktes rondom die hoofstad aangetref is. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 15.
691 *The Friend,* 28.7.1891, p. 3 en 31.7.1891, pp. 2-3.
692 Leviseur, *Memories*, p. 5; Fischer, "Introduction" in Bidwell, p. 17.
693 K. Schoeman, *Die Bloemfontein-klub 1881-1981: 'n eeufeesbrosjure*, p. 11.

7.3.2.1 Bloemfontein-klub

In 1881 is die Bloemfontein-klub vir "the encouragement of social intercourse amongst gentlemen"[694] met 50 lede in H.A.L. Hamelberg se voormalige huis aan die westekant van Markplein gestig; 'n huis wat vir dié doel aangekoop is. In 1888 is die linkervleuel van die huis afgebreek om vir 'n biljartkamer en kroeg plek te maak.[695] In 1889 kon vermeld word dat die klub reeds sowat 200 lede gehad het.[696] Afgesien van geriewe vir die speel van biljart of skaak, het die Bloemfontein-klub ook oor 'n gesellige leeskamer beskik waar lede die jongste koerante kon raadpleeg.[697]

Soos die ledetal van die klub gegroei het, het daar 'n behoefte aan 'n groter en meer waardige klubgebou ontstaan, en in Augustus 1891 is die ontwerp van die Britse argitek W.H. Stucke goedgekeur. Die ou klubgebou is stuk vir stuk afgebreek om vir die nuwe dubbelverdiepinggebou plek te maak.[698] Die nuwe klubgebou het onder meer vir 'n kroeg, leeskamer, biblioteek, sit- of komiteekamer, groter biljartkamer, asook vertrekke vir skaak- en kaartspeel, voorsiening gemaak. Bekende Bloemfonteinse inwoners, soos Robert Innes, Carl Borckenhagen, Wolff Ehrlich en eerw. George Scott het op die komitee van die Bloemfontein-klub gedien.[699]

7.3.2.2 Duitse klub

Afgesien van die Lutherse kerk het die Duitse klub vir die Duitse inwoners van Bloemfontein 'n bymekaarkomplek vir geselligheide en gemeenskaplike funksies gebied. Toe die ledetal nog klein was, het die Duitse inwoners om die beurt by verskillende huise bymekaargekom. Daar is gesing, gesels, "skat" (amper iets soos brug) gespeel en uitstappies onderneem. Soos die ledetal toegeneem het, kon 'n klubhuis in Fonteinstraat aangekoop word waar 'n kegelbaan gebou is. Dié gebou het 'n biljarttafel, asook musiekinstrumente soos 'n goeie klavier en harmonium, gehuisves. Hier is sosiale funksies en konserte gehou wat ook deur nie-Duitse inwoners bygewoon is, maar in Maart 1890 is die Duitse klub gelikwideer en die gebou verkoop.[700]

---

694 D. Marquard, *The Bloemfontein Club/Die Bloemfontein-klub, 1881-1969*, p. 3.
695 Schoeman, *Die Bloemfontein-klub 1881-1981*, pp. 7, 9.
696 VAB, GS185: Van Hoijtema – pres. Reitz, September 1889; *De Express*, 23.12.1890, p. 3.
697 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; *The Friend*, 20.11.1889, p. 4 en 23.4.1890, p. 2.
698 *The Friend*, 26.6.1891, p. 1. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.4.1, vir meer inligting oor die klubgebou.
699 *Ibid.*, 10.7.1891, p. 3, 27.11.1891, p. 3 en 19.11.1895, p. 2; Schuur, "Those were the days", *The Friend*, 18.2.1954, p. 7. Vergelyk ook Schoeman, *Die Bloemfontein-klub*, p. 10.
700 *De Express*, 18.3.1890, p. 4; *Daily News*, 28.3.1890, p. 3; *The Friend*, 26.3.1890, p. 2. Vergelyk ook G.P.J. Trümpelmann, *Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat: Festgabe zur Feier des 75-jahrigen Bestehens der deutsch-lutherishen Gemeinde zu Bloemfontein* (bylae by *Die Eiche*, Beilage 8, 1950), p. 24.

7.3.2.3 Working Men's Club

Bogenoemde klub vir werkende mans is in April 1890 in die voormalige huis van biskop Douglas McKenzie in Gordonstraat geopen. Aanvanklik het dié klub blykbaar 'n sukkelbestaan gevoer, want 'n maand later is dit gesluit, maar in Junie 1890 heropen.[701] Hierna het dit skynbaar beter gegaan met die klub, want in Augustus 1890 het dit reeds 'n aantal geboue in Douglas- en Gordonstraat gehuur en aan die begin van 1891 is besluit om in te teken op 'n hele aantal Suid-Afrikaanse en buitelandse koerante en tydskrifte wat in die leeskamer gelees kon word.[702] Teen 1895 het dié klub reeds 95 lede gehad. Rookkonserte[703] is gereeld hier gehou, terwyl die klub ook oor 'n goeie biljarttafel beskik het.[704]

7.3.2.4 Spoorweginstituut

Die Spoorweginstituut was bedoel as 'n klub en ontspanningsterrein vir die spoorwegwerkers en -beamptes wat hulle sedert 1890 in Bloemfontein gevestig het. By die Spoorweginstituut was krieket-, sokker-, rugby-, tennis- en skyfskiet-klubs geaffilieer. Die nuwe gebou vir die Spoorweginstituut is in Julie 1895 geopen en was net oorkant die spruit en spoorlyn by die ingang tot die Spoorwegkamp geleë. Die gebou het 'n biblioteek, leeskamer en biljartkamer gehuisves, asook 'n groot saal met 'n verhoog waar konserte, toneelstukke en danse gereeld aangebied is.[705]

7.3.2.5 St. George-klub

Reeds in 1874 is die St. George's Institute vir hoofsaaklik Anglikaanse lidmate gestig en in 1882 is 'n eie klubgebou oorkant die katedraal op die hoek van St. George- en Gordonstraat opgerig. Die instituut, wat bedoel was vir gesonde ontspanning vir werkende jong mans, het voorsiening gemaak vir 'n leeskamer met boeke, tydskrifte en koerante, asook vir geriewe vir die speel van biljart, skaak, dambord, kaart en ander speletjies. Teen 1890 het dit as die St. George's Club bekend gestaan en in 1891 was die voorsitter aartsdeken William Crisp.[706]

---

[701] *De Express*, 8.4.1890, p. 5; *Daily Express*, 7.6.1890, p. 3 en 14.8.1890, p. 2.
[702] *Daily Express*, 28.8.1890, p. 2; *The Friend*, 13.1.1891, p. 3.
[703] 'n "Smoking concert" was gewoonlik 'n musiekkonsert voor 'n gehoor wat net uit mans bestaan het en waar rook toegelaat is. Dit was veral tydens die Victoriaanse era gewild, ook in Suid-Afrika. "Smoking Concert", <http://www.merriam-webster.com/dictionary/smoking%20concert>, geraadpleeg 11.1.2014.
[704] *The Friend*, 6.7.1894, p. 3, 12.3.1895, p. 2 en 19.4.1895, p. 3.
[705] *Ibid.*, 16.7.1895, p. 2 en 19.7.1895, p. 3; Wright, p. 50. Kyk hoofstuk 4, afdeling 12.3.4.2, vir meer besonderhede oor die gebou.
[706] *Daily Express*, 19.7.1890, p. 2; *The Friend*, 23.1.1891, p. 3. Vergelyk ook Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys*, p. 216.

In Julie 1892 het die St. George-klub ook ’n gimnasium gekry en ’n paar maande later het lede van die klub ’n gimnastiekvertoning in die stadsaal gehou.[707] In 1894 is dié klub blykbaar herdoop tot die Gordon-klub, maar die Anglikaanse Kerk was steeds hierby betrokke, want deken J.R. Vincent was toe die voorsitter. Dié klub het in 1898 nog bestaan en biljart- en skaaktoernooie is van tyd tot tyd georganiseer, terwyl ’n baie suksesvolle rookkonsert een keer per maand gehou is.[708]

7.3.3 Ontspanning en tydverdrywe

Afgesien van al die sportsoorte en klubs was daar ook nog verskeie ander vorme van ontspanning en tydverdrywe waaraan Bloemfontein se inwoners kon deelneem. Jongmense het sekere aande bymekaargekom om speletjies te speel, te sing en musiek te maak en te gesels.[709]

7.3.3.1 Pieknieks

’n Gewilde buitelug-tydverdryf was pieknieks. Gewilde piekniekplekke in die omgewing van Bloemfontein was by Bishop’s Glen (kortliks Glen genoem), of langs die Modderrivier of Kafferrivier en Renosterspruit, terwyl daar ook op plase soos Rustfontein van dr. Max Stollreither, Tempe van mnr. Williams en Brandkop (die Fichardts se plaas) piekniek gehou is. Die Lutherse kerk het selfs by die Lutherse sendingstasie Bethanie naby Reddersburg gaan piekniek hou. Die verskillende kerke het gewoonlik jaarliks vir hulle Sondagskoolkinders en hulle onderwysers pieknieks gereël. Voor die koms van die spoorlyn is groot groepe piekniekgangers gewoonlik met ’n wa na die betrokke piekniekplek vervoer, terwyl daar later sovêr moontlik van treine gebruik gemaak is. Dit was gewoonlik ’n pretdag vir die kinders, waar verversings geniet en allerlei speletjies gespeel is.[710]

Ook ander groepe het gaan piekniek hou. Selfs pres. Reitz het dit geniet om nou en dan in die buitelug te gaan uitspan. In Desember 1890 het Reitz, ’n hele aantal Volksraadslede en ’n aantal staatsamptenare op ’n Saterdagmiddag langs die Kafferrivier gaan piekniek hou. Agt lede van die Volksraad het teen agt amptenare tougetrek en die Volksraadslede het gewen. Twee jaar later het die presidentspaar ook ’n piekniek langs die Modderrivier gereël.[711]

---

[707] *The Friend*, 21.6.1892, p. 3 en 13.12.1892, p. 3.
[708] *Ibid.*, 2.3.1894, p. 2, 6.7.1894, p. 3, 12.3.1895, p. 2 en 19.4.1895, p. 3; *Bloemfontein Directory*, 1898, p. 48. Vergelyk ook Wright, p. 50.
[709] Groenewald, p. 115.
[710] *De Express*, 15.4.1890, p. 4; *De Burger*, 10.11.1894, p. 2; *The Friend*, 16.4.1890, p. 3, 3.10.1890, p. 3, 16.1.1891, pp. 2-3, 6.11.1891, pp. 2-3, 29.4.1892, pp. 2-3, 14.10.1892, p. 2, 23.3.1894, p. 3 en 9.10.1894, p. 2.
[711] *De Express*, 16.12.1890, p. 4; *The Friend*, 14.10.1892, p. 3.

Die spoorwegdepartement het ook jaarliks in Oktober ’n groot piekniek vir hulle werknemers en hul gesinne gereël. Spesiale treine het die piekniekgangers na Glen geneem. Vermaaklikhede van die dag het ingesluit krieket, danse, ringgooi (quoits), ander speletjies, sowel as boeresport-items soos wedlope vir seuns en dogters, wedlope vir getroude en ongetroude mans en vroue, sakresies, kruiwaresies, eier-in-die-lepel-resies, hinderniswedlope en driebeenresies.[712]

Individuele gesinne of vriende het ook op hulle eie piekniek gehou en sommige het piekniekplekke nader aan die dorp verkies. Sophie Leviseur onthou dat hulle met Aliwalstraat noordwaarts geloop het tot by ’n spruit waar hulle dan piekniek gehou het, terwyl beide sy en Maude Bidwell (née Fichardt) vertel dat hulle oor Naval Hill geklim of gestap het en dan by ’n fontein in ’n boomryke kloof aan die noordelike hang van Naval Hill piekniek gehou het.[713] Soms het kinderpartytjies ook die vorm van ’n piekniek aangeneem, soos toe mev. Gregorowski vir haar dogtertjie ’n verjaardagpiekniek by Happy Valley[714] gereël het. Ongeveer 50 kinders kon na hartelus tee, koek en lekkers geniet.[715]

7.3.3.2 Rolskaats

Daar was reeds so vroeg as 1882 ’n rolskaatsbaan in Bloemfontein, maar hierdie gesonde ontspannings- en vermaaklikheidsvorm het eers na die koms van die spoorlyn in 1890 in die Vrystaatse hoofstad momentum gekry toe Bloemfontein se isolasie deurbreek is en die inwoners ook op vermaaklikheidsgebied meer met die buitewêreld te doen gekry het.[716]

Op 8 Mei 1891 het die bekende rolskaatsbaan-eienaars, R.H. Donnolly, en ene Webb, wat reeds jare se ervaring in die bestuur van rolskaatsbane in Amerika, Australië, Indië en ander dele van Suid-Afrika gehad het, ’n groot baan van 2 500 vierkante voet (232 m^2) en ’n verversingslokaal in die stadsaal in Maitlandstraat geopen. Pres. Reitz het die amptelike opening in die teenwoordigheid van ’n groot aantal genooide gaste waargeneem.[717]

Die nuwe Columbia Elite Roller Skating Rink in Bloemfontein se stadsaal was soggens, smiddae en saans op vasgestelde tye oop en skaatse kon by die baan verkry word. Die

---

712 *The Friend*, 9.10.1894, p. 2 en 18.10.1894, p. 3.

713 Leviseur, *Memories*, p. 34; Bidwell, p. 38. Dié kloof het later as Hangmanskloof bekend geword omdat misdadigers vroeër daar opgehang is.

714 Happy Valley is vandag ’n groen area en klein natuurreservaat geleë tussen die voorstede Westdene, Arboretum en Dan Pienaar in Bloemfontein. In die 1890’s was dié gebied nog buite die destydse dorp geleë.

715 VAB, A59/8/1: A. Fischer – P. Fischer, 11.8.1895.

716 *The Friend*, 12.5.1891, p. 3; J. Haasbroek, “Rolskaatsbane in Bloemfontein, 1909-1910”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 14(2), Junie 1998, p. 47.

717 *The Friend*, 5.5.1891, pp. 2-3 en 12.5.1891, p. 3; Haasbroek, “Rolskaatsbane in Bloemfontein”, p. 47.

rolskaatsgier het Bloemfontein behoorlik beetgepak en almal het geskaats – mans, vroue en kinders. Saans kon met orkesbegeleiding geskaats word en ander vermaaklikheids- en sportitems is ook aangebied, soos verskeie soorte rolskaatsresies. Daar was onder meer ’n 1 myl (1,6 km) resies vir mans, asook prettige items soos ’n lemoenresies waar dames moes poog om in die minste aantal rondtes die meeste lemoene uit ’n mandjie op te raap, ’n fiets-versus-skaats-resies en ’n resies vir paartjies (man en vrou). Opwindende polowedstryde vir mans en dames by die baan het vir verdere vermaak gesorg.[718] Iets wat in vandag se tyd onaanvaarbaar sal wees, was ’n rolskaatsresies tussen swart mans wat nog nooit voorheen geskaats het nie, tot vermaak van die wit toeskouers.[719]

Die winterseisoen is afgesluit met ’n feestelike karnaval onder beskerming van pres. Reitz waartydens skaatsers in kleurryke fantasiekostuums geklee was en die hoogtepunt hiervan was ’n groot mars waarby al die kostuumskaatsers betrokke was.[720] Na afloop van die skaatsseisoen was die stadsaal in so ’n gehawende toestand dat die stadsraad geweier het om dit weer vir dié doel te verhuur.[721]

In Julie 1892 het “prof.” R.D. Harris, voormalige bestuurder van Donnolly, ’n rolskaatsbaan in ’n stoorruimte van die spoorweë langs die Vrymesselaarslosie en naby die poskantoor in Oos-Burgerstraat geopen.[722] Twee jaar later, in Julie 1894, is die Bloemfontein Elite Roller Skating Rink van Barnett & Turvey met G. Beresford-Henrey as bestuurder in ’n ruim gebou oorkant die Phoenix-hotel aan die westelike end van St. Andrewstraat geopen. Die baan was elke dag, behalwe Sondae, oop.[723] In April 1895 het die broers J.R. en M. Val, bekend daarvoor dat hulle prinsesse en die elite van Londen afgerig het, die Elite Skating Rink in Bloemfontein heropen waar hulle besonder gewild was danksy hulle kennis van rolskaats en die asemrowende toertjies wat hulle gedoen het.[724]

By die Elite Skating Rink wat meestal goed deur die publiek ondersteun is, is daar ook gereeld vermaaklikheids- en sportprogramme soos skaatsresies, sier- en vertoonskaats, polowedstryde, sokker en toutrek op rolskaatse, musiekaande en karnavals aangebied. Daar was

---

[718] *The Friend*, 12.5.1891, p. 2, 19.5.1891, pp. 2-3, 26.5.1891, pp. 2-3, 2.6.1891, p. 3, 9.6.1891, p. 2 en 26.6.1891, p. 2; Haasbroek, “Rolskaatsbane in Bloemfontein”, p. 48.
[719] *The Friend*, 26.6.1891, p. 3 en 30.6.1891, p. 3; Haasbroek, “Rolskaatsbane in Bloemfontein”, p. 48.
[720] *The Friend*, 9.6.1891, p. 2, 16.6.1891, p. 2, 26.6.1891, p. 2 en 10.7.1891, p. 3; J. Haasbroek, “Rolskaats-gier het vroeg in eeu Bloemfontein beetgepak”, *Bylae tot Die Volksblad*, 8.5.1999, p. 10.
[721] *The Friend*, 6.11.1891, p. 2; Haasbroek, “Rolskaatsbane in Bloemfontein”, p. 48.
[722] *The Friend*, 8.7.1892, p. 2 en 15.7.1892, p. 2.
[723] *De Burger*, 7.7.1894, p. 2, 11.7.1894, p. 3 en 8.8.1894, p. 1; *The Friend*, 10.7.1894, p. 3.
[724] *De Burger*, 6.6.1894, p. 4 en 13.4.1895, p. 2, *The Friend*, 19.4.1895, p. 2, 23.4.1895, p. 2 en 2.8.1895, p. 1. Vergelyk ook Haasbroek, “Rolskaatsbane in Bloemfontein”, p. 49.

ook instrukteurs om beginners touwys te maak.[725] Na Augustus 1895 het die rolskaatsbaan in Bloemfontein gesluit en dié vermaakvorm het eers na die Anglo-Boereoorlog herleef.[726]

7.3.3.3 Ander ontspanning en tydverdrywe

Buiten pieknieks en rolskaats, was daar ook verskeie ander vorme van ontspanning en tydverdrywe. Die spruit met sy diep kuile en die groot dam agter die Presidensie,[727] sowel as die nuwe munisipale damme by Brandkop en Rustfontein, wat teen die einde van 1891 voltooi is, is as swem- en roeiplek deur blanke mans en seuns gebruik. Swart mense is belet om in die dam by Brandkop te swem.[728] Die eerste doelgemaakte, openbare swembad in Bloemfontein wat in 1892 op die hoek van Douglas- en Gordonstraat geopen is, is ook net deur blanke mans en seuns gebruik.[729] In ooreenstemming met wêreldtendense van die Laat-Victoriaanse tydperk het Bloemfontein se vroue nie in dié tyd geswem nie, maar het hulle wel die dam agter die Presidensie as bad- en piekniekplek gebruik. Die geslagte het meestal die damme afsonderlik besoek.[730]

Afgesien van swem in damme of in die swembad, het snipperjagte (in Engels bekend as "paper chase" of "hare and hounds") opwindende vermaak veral vir groter seuns en jong mans gebied. Aan die begin van die speletjie is een of twee persone as "hare(s)" aangewys, terwyl die ander die "hounds" was. Dié speletjie het behels dat die hase 'n ruk voor die ander begin hardloop en dan papiersnippers agterlaat, sodat die honde hulle spoor kon volg en moes probeer om die hase in te haal. Wanneer die wind gewaai het, het van die papiersnippers weggewaai wat die spoor moeilik gemaak het om te volg. Snipperjagte in Bloemfontein is ook te perd of op fietse onderneem wanneer dieselfde metode gevolg is.[731]

Ander ontspanning en tydverdrywe het onder meer dansklasse, kaartspeel en seëlversameling ingesluit.[732] In 1891 is berig dat 'n aantal dames 'n whist-klub gevorm het en twee keer per week gespeel het.[733] Bloemfonteinse dames het ook skoenlappers en geparste

---

[725] *De Burger*, 13.4.1895, p. 3 en 27.4.1895, p. 3; *The Friend*, 31.7.1894, p. 3, 17.8.1894, p. 3, 10.7.1894, p. 3, 27.7.1894, p. 3, 4.4.1895, p. 2, 23.4.1895, p. 3, 30.4.1895, p. 2, 17.5.1895, p. 2 en 26.7.1895, p. 3.
[726] Haasbroek, "Rolskaatsbane in Bloemfontein", p. 49.
[727] Kyk hoofstuk 4, afdeling 3.6.
[728] *The Friend*, 3.4.1889, p. 3, 6.2.1889, p. 3 en 18.3.1892, p. 1; Baumann, G. "Recollections: personal reminiscences of the Orange Free State. Old Bloemfontein", *The Friend*, 1.11.1911, p. 4.
[729] *The Friend*, 1.11.1892, p. 3, 8.11.1892, p. 3 en 29.11.1892, p. 2.
[730] Kyk hoofstuk 4, afdeling 3.6.
[731] AREA, PV522/2/1/3: N. Roberts, "History bits. Social life in pre-Boer War Bloemfontein", pp. 2-3; *The Friend*, 1.9.1891, p. 3 en 3.12.1895, p. 3.
[732] AREA, PV522/2/1/3: N. Roberts, "History bits. Social life in pre-Boer War Bloemfontein", p 3; *Daily Express*, 18.8.1890, p. 2 en 19.9.1890, p. 2 .Vergelyk ook *The Friend*, 11.6.1890, p. 4, 3.7.1891, p. 3 en 5.3.1895, p. 2.
[733] *The Friend*, 15.9.1891, p. 3. Whist is 'n tipe kaartspel.

blommetjies versamel, gebrei en naaldwerk gedoen. Mans het houtwerk gedoen, terwyl houtsnywerk ook beoefen is.[734] Teken of skilder is ook vir ontspanning gedoen en kunsbenodigdhede kon by plaaslike handelaar C. Borckenhagen & Co. gekoop word.[735]

7.4 Kuns en vermaak

Buiten bogenoemde ontspanning en tydverdrywe het Bloemfontein sy inwoners tydens die Reitz-tydperk ook heelwat afleiding op die gebied van kuns en vermaak gebied. Daar was basaars, die landbouskou en ander uitstallings, besoekende vermaakkunstenaars, kultuur-, kuns- en musiekverenigings, terwyl daar ook geen tekort aan toneelopvoerings, lesings, musiek- en verskeidenheidskonserte was nie. Met die koms van die spoorweg teen die einde van 1890 was dit nou heelwat makliker en geriefliker vir buitelandse vermaakkunstenaars, toneelgeselskappe, sangers en musici om Bloemfontein te bereik.

7.4.1 Algemene vermaak

7.4.1.1 Basaars en kermisse

Wanneer geld vir een of ander verdienstelike projek of instansie ingesamel moes word, is daar meestal ’n basaar of kermis gehou, soos vir sendingwerk en die bou van ’n kerk vir Bloemfontein se bruin mense, vir die aankoop van ’n nuwe orrel vir die Anglikaanse katedraal en die boufonds van die St. Margaret-spoorwegskool. Pres. en mev. Reitz was dikwels by hierdie basaars betrokke of het dit geopen, terwyl verskeie inwoners stalletjies beman het.[736]

7.4.1.2 Besoekende vermaakkunstenaars

Dan was daar ook interessante en uiteenlopende vermaakkunstenaars wat Bloemfontein veral na die opening van die spoorlyn besoek het, soos die bekende lugballon-vaarder “prof.” J.W. Price,[737] die wêreldbekende Suid-Afrikaanse koorddanser “prof.” O.C. Cogan wat asemrowende toertjies op baie dun, byna onsigbare gespande drade in die stadsaal uitgehaal het,[738] mons. Lambert d’Arc se marionette-vertoning,[739] Harvey se Royal Midgets (dwergies),[740] hipnotiseurs

[734] VAB, A507/7 (toevoeging A533.14), deel II, p. 6.
[735] *Daily Express*, 27.11.1890, p. 1.
[736] *The Friend*, 23.6.1891, p. 3, 18.9.1891, p. 1, 19.11.1895, p. 3, 23.10.1891, p. 3 en 8.11.1895, p. 2.
[737] *Ibid.*, 29.3.1892, p. 2 en 8.4.1892, pp. 2-3. Dis opvallend hoeveel van hierdie vermaakkunstenaars die titel professor vir hulleself toegeëien het, hoewel hulle geensins aan ’n akademiese instelling verbonde was nie.
[738] *Ibid.*, 23.8.1892, pp. 1-2, 30.8.1892, pp. 2-3 en 9.1.1894, pp. 2-3,
[739] *Ibid.*, 20.2.1891, pp. 2-3, 24.2.1891, p. 4, 27.2.1891, pp. 2-3, 3.3.1891, p. 3 en 10.3.1891, p. 3.
[740] *Ibid.*, 7.7.1893, p. 2, 11.7.1893, pp. 2-3 en 15.7.1893, p. 1.

en heldersiendes soos "prof." en mev. S.S. Baldwin[741] en "prof." T.A. Kennedy,[742] komediante soos Max O'Rell[743] en mej. Nellie Ganthony,[744] asook kulkunstenaars soos mnr. en mev. Carn Severn en Indiese "goëlaars".[745] Daar was ook besoekende groepe vermaakkunstenaars wat 'n wye verskeidenheid vermaak in een konsert of opvoering aangebied het – soos 'n verskeidenheidskonsert. Voorbeelde hiervan was die American Variety Company, Luscombe Searelle se Star Variety Company, Will Keenan se Grand Comedy & Variety Company, Harvey's Minstrels en die Bijou Novelty Company. Van hierdie groepe het swart vermaakkunstenaars ingesluit.[746]

Die volgende besoekende vermaakkunstenaars is veral deur kinders geniet: Carlo Popper se Amphitheatre met uitstekend afgerigte ape, honde en bokke, die marionette-vertoning en 'n besoeker met 'n draaiorrel en apie wat verskeie toertjies uitgevoer het.[747] Bloemfontein se kinders – wit, swart en bruin – is ook vermaak deur verskeie mallemeules, wat die Vrystaatse hoofstad in die loop van die jare besoek het.[748]

7.4.1.3 Landboutentoonstellings

Die Orange Free State Agricultural Society wat in 1875 onder voorsitterskap van Moritz Leviseur in die lewe geroep is,[749] het in Maart van dieselfde jaar Bloemfontein se eerste landboutentoonstelling gereël, wat daarna 'n jaarlikse instelling geword het en 'n subsidie van die Vrystaatse regering ontvang het.[750] Die skou is gewoonlik in Februarie of Maart gehou en dié betrokke dag is dan tot openbare vakansiedag verklaar. Pres. Reitz het dikwels die amptelike opening van die skou waargeneem, terwyl die orkes van die President Brand Rifles of die Artillerie-orkes deur die dag vir musiek gesorg het. Afgevaardigdes van die landbougenootskap van Port Elizabeth het dikwels die Bloemfontein-skou bygewoon.[751]

---

741 *Ibid.*, 31.7.1891, pp. 1-2, 4.8.1891, pp. 2-3, 7.8.1891, pp. 2-3 en 11.8.1891, p. 3.
742 *Ibid.*, 15.11.1892, p. 2, 18.11.1892, pp. 1, 3 en 22.11.1892, p. 2.
743 *Ibid.*, 7.4.1893, p. 3, 19.5.1893, p. 2 en 30.5.1893, p. 3. Max O'Rell was die skuilnaam van die Franse skrywer, joernalis en komediant Léon Paul Blouet. Een van sy bekende boeke wat in Engels vertaal is, is *John Bull and his island*.
744 *De Burger*, 3.2.1894, p. 2; *The Friend*, 8.12.1893, p. 3.
745 *De Burger*, 24.2.1894, p. 3; *The Friend*, 22.9.1891, p. 3 en 25.9.1891, p. 2.
746 *The Friend*, 7.8.1889, p. 2, 30.6.1893, p. 2, 3.8.1893, p. 2, 7.8.1894, p. 2 en 17.12.1895, p. 2.
747 *De Express*, 18.11.1890, p. 5; *Daily Express*, 10.11.1890, p. 2 en 13.11.1890, p. 2; *The Friend*, 9.2.1892, p. 3.
748 *De Burger*, 3.3.1894, p. 5; *The Friend*, 5.5.1891, p. 3, 8.3.1892, p. 3, 17.1.1893, p. 2 en 20.1.1893, pp. 2-3.
749 Kyk afdeling 6.3 *supra*.
750 *De Express*, 23.12.1890, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 43, 60.
751 *Daily News*, 18.2.1890, p. 3; *The Friend*, 12.2.1890, p. 3, 19.2.1890, p. 2, 3.3.1891, pp. 2-3, 17.2.1893, p. 3 en 9.3.1894, p. 2; *De Burger*, 10.3.1894, p. 2.

Aanvanklik is die jaarlikse landboutentoonstelling op Markplein en in die marksaal gehou, terwyl uitstallings ook in en buite die stadsaal in Maitlandstraat gehou is.[752] Op versoek van die landbougenootskap is daar in 1891 ’n stuk grond in die Spoorwegkamp, tussen Blignautstraat en Glenweg, aan die oostekant van die destydse Bloemfontein en naby die stasie, deur die stadsraad as skouterrein toegeken.[753] Dié terrein is met sinkplate en nieshoutpale omhein en van ’n saal, skure en veehokke voorsien, en in Maart 1892 is die eerste landboutentoonstelling op die nuwe skouterrein gehou. Die nuwe groot terrein het beteken dat baie meer uitstallers en toeskouers met gemak hanteer kon word en die nabyheid van die spoorwegstasie het vervoer van goedere, diere en mense vergemaklik. Koeldrank en ander verversings kon by ’n aantal stalletjies gekoop word.[754]

Allerlei landbouprodukte, soos skape, vee, perde, graan, groente, vrugte en blomme, asook tuisgemaakte produkte soos wol en sybokhaar, velle en velprodukte, vere, seep, botter, konfyt, heuning, blatjang, beskuit, biltong, gedroogde vrugte, ensovoorts is uitgestal en het vir die pryse in die verskillende kategorieë gekwalifiseer. Die verskillende perde-items het talle toeskouers gelok. Die Bloemfonteinse skou was van groot waarde vir die landbougemeenskap in die Vrystaat, omdat pryswenners vir harde werk beloon is en ander kon kom kyk en leer. Voor die koms van die spoorlyn in 1890 was dit moeilik om bekwame beoordelaars van veral die Kaapkolonie te kry.[755]

Sedert 1893 het besoekers van oor die hele Vrystaat, die Kaapkolonie en Bechuanaland (vandag Botswana) na die Bloemfonteinse landboutentoonstelling gestroom.[756] Die skou het jaarliks vergroot en verbeter en in 1895 is die landbougenootskap met die groot verbetering en sukses van die skou gelukgewens.[757]

---

[752] VAB, MBL1/1/1/5: notule, spesiale stadsraadsvergadering, 15.1.1889; *Daily News*, 13.2.1890, p. 3; *The Friend*, 13.2.1889, p. 3 en 13.2.1891, p. 3.

[753] NM, GD1255: Generaal plan van de stad Bloemfontein, saamgesteld en verkleind van de oorspronklyke en supplementaire plannen van de Heeren G. Baumann, E. Bourdillon & A.A. Ortlepp, Gouvt. Landmeters, door J.J. Herfst, Dec. 1896 (retraced by W. Josephs, July 1901); *The Friend*, 13.2.1891, p. 3, 17.2.1891, pp. 2-3 en 7.8.1891, p. 3.

[754] *The Friend*, 27.3.1891, p. 3, 16.6.1891, p. 3, 14.8.1891, p. 3, 19.1.1892, pp. 2-3, 9.2.1892, p. 2, 23.2.1892, p. 3, 26.2.1892, p. 2 en 4.3.1892, p. 2.

[755] *Ibid.*, 13.2.1889, pp. 2-3 en 19.2.1890, p. 2.

[756] *De Burger*, 9.3.1895, p. 2; *The Friend*, 17.2.1893, p. 2, 5.3.1895, p. 2 en 8.3.1895, pp. 2-3.

[757] *The Friend*, 13.2.1889, p. 2 en 8.3.1895, p. 3.

7.4.1.4 Ander uitstallings, tentoonstellings en vertonings

Nadat die OFS Fine and Industrial Arts Society onder leiding van dr. B.O. Kellner in Februarie 1893 gestig is[758] om die beoefening van kuns en handwerk te bevorder, is dié vereniging se eerste uitstalling in Junie van dieselfde jaar in die Bloemfonteinse stadsaal gehou. Artikels wat uitgestal is, het onder meer tekeninge, skilderye, fotografie, beeldhouwerk, erdewerk, hout- en metaalwerk, handgemaakte meubels, naald- en borduurwerk, tekstiele, leerwerk, drukwerk en boekbindery ingesluit. Inskrywings is van oor die hele Vrystaat en ook van buite die Vrystaat ontvang. Ook die handewerk en kunsitems van Bloemfontein se skoolkinders is uitgestal en op die eerste dag van die uitstalling is dit deur ongeveer 400 persone besoek.[759] In Oktober 1895 is die tweede uitstalling onder die vleuels van bogenoemde vereniging met pres. Reitz as beskermheer in die stadhuis van Bloemfontein gehou.[760]

Ander interessante uitstallings in die Vrystaatse hoofstad het ingesluit ’n poppeskou, ’n verkoopuitstalling van naald- en borduurwerk, kunsuitstallings, ’n vuurwerk-vertoning, ’n Magic Lantern-vertoning, [761] ’n vertoning van “Edison’s Latest Phonograph and Grand Diorama of the Paris Exhibition”, asook ’n uitstalling van lewensgetroue “wasfigure”,[762] geskoei op dié van Madam Tussaud.[763]

7.4.2 Kultuur-, kuns- en musiekverenigings

Tydens die Reitz-tydperk het Bloemfontein ’n kosmopolitaanse bevolking gehad en die blanke bevolking het uit inwoners van ’n wye verskeidenheid kultuurgroepe bestaan.[764] Teen 1890 was ongeveer 29% van Bloemfontein se wit bevolking van die buiteland afkomstig. Baie van die blankes was ontwikkelde, geletterde mense afkomstig uit Brittanje en die Europese vasteland, met ’n hoogs beskaafde en ontwikkelde kultuuragtergrond. Hulle het hierdie kultuurwaardes en kennis natuurlik met hulle saamgebring en hul bekwaamhede tot die voordeel van Bloemfontein

---

[758] Kyk afdeling 7.4.2.6 *infra*.

[759] VAB, A2/9/2: Sertifikaat toegeken aan Annie Searle deur die OFS Fine and Industrial Arts Society, 14.6.1893; *The Friend*, 21.10.1892, p. 3, 21.4.1893, p. 3, 13.6.1893, p. 3 en 20.6.1893, p. 3.

[760] *Prospectus of the exhibition of the OFS Fine and Industrial Art Association, October 1895*; *De Burger*, 17.7.1895, p. 2; *The Friend*, 8.3.1895, p. 3, 9.4.1895, p. 2, 4.10.1895, p. 5, 15.10.1895, p. 2 en 29.10.1895, p. 3.

[761] Die Magic Lantern, wat in die 17de eeu ontwerp is, was die voorloper van die latere skyfieprojektor en was baie gewild in die 19de eeu. “A history of the Magic Lantern”, <http://www.magiclantern.org.uk/busch-german/busch-german.html>, geraadpleeg 29.6.2013.

[762] Dit was nie werklik wasfigure nie, maar inwoners wat gegrimeer en aangetrek is om soos wasfigure van bekende persone uit die geskiedenis te lyk. Dit het baie van die deelnemers geëis om vir twee ure op ’n slag doodstil te staan. Dié besondere uitstalling is saam met ’n basaar ten bate van die orrelfonds van die Anglikaanse katedraal gehou. *The Friend*, 23.10.1891, p. 3.

[763] *Daily News*, 13.2.1890, p. 3; *Daily Express*, 23.8.1890, p. 2 en 25.10.1890, p. 2; *The Friend*, 20.10.1891, p. 3, 23.10.1891, p. 3, 19.1.1892, p. 3 en 21.7.1893, p. 3.

[764] Kyk hoofstuk 2.

en sy inwoners aangewend.[765] Omdat die ontwikkelingsvlak van die wit Bloemfonteiners redelik hoog was,[766] is daar vroeg reeds ’n aantal kultuur-, kuns- en musiekverenigings in die Vrystaatse hoofstad gestig, terwyl ’n redelik hoë standaard ook op musiek- en sosiale gebied gehandhaaf is.[767]

7.4.2.1 Caledonian Society

Gedurende die Reitz-tydperk het Bloemfontein ’n hele aantal Skotse inwoners gehad. Van die meer bekendes was dr. J. Brebner, Robert Innes, J.G. Fraser, W. Maclagan en W.B. Stoddart. In 1890 het daar reeds ’n eksklusiewe kultuurvereniging, die Caledonian Society, vir Bloemfontein se Skotse inwoners bestaan met Fraser as voorsitter. Hierdie vereniging, wat vandag steeds bestaan, het ten doel om sosiale en kultuurbyeenkomste vir mense van Skotse afkoms te hou waar hulle gesellig kan verkeer en hulle liefde vir Skotland en sy tradisies met mekaar kan deel.[768] Die Bloemfonteinse Caledonian Society het sosiale funksies, konserte, ensovoorts vir sy lede gereël en was ook verantwoordelik vir die organisasie van die jaarlikse viering van St. Andrew-dag, die verjaardag van die beskermheilige van Skotland, op 30 November.[769]

7.4.2.2 Toneelverenigings

Al die kultuurverenigings was nie eksklusief vir ’n spesifieke kultuurgroep bedoel nie, maar het oor kultuurgrense gestrek en blanke inwoners van alle kultuurgroepe met dieselfde belangstellings saamgesnoer. In November 1890 is die Bloemfontein Dramatic Society gestig,[770] terwyl daar in 1893 van die Amateur Theatricals en in 1895 van die Railway Dramatic Society melding gemaak is.[771]

Al bogenoemde verenigings het dikwels plaaslike toneelopvoerings gereël en dus ’n belangrike rol in die bevordering van toneel en drama in die Vrystaatse hoofstad gespeel. Ná die opening van die spoorlyn het rondreisende toneelgeselskappe van buite die Vrystaat Bloemfontein gereeld besoek en dus met die plaaslike toneelverenigings meegeding.[772]

---

765 *The Friend*, 28.5.1895, p. 3; Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 127-128.
766 *The Friend*, 19.6.1894, p. 2.
767 *Daily Express*, 23.8.1890, p. 3; *The Friend*, 6.1.891, p. 3, 14.6.1892, p. 2 en 23.1.1894, p. 4.
768 *Daily Express*, 30.10.1890, p. 2; “Bloemfontein/ Federated Caledonian Societies of South Africa”, <http://scotlandsa.co.za/category/bloemfontein/>, geraadpleeg 14.11.2013.
769 *De Express*, 11.11.1890, p. 5; *Daily E*xpress, 30.10.1890, p. 2; *The Friend*, 6.11.1891, p. 3 en 10.11.1891, p. 2.
770 *The Friend*, 14.11.1890, p. 3.
771 *Ibid.*, 15.9.1893, p. 3 en 5.11.1895, p. 3.
772 Janse van Rensburg, *’n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein*, p. 47.

7.4.2.3 Koorvereniging

Dit was nie net die toneellewe in Bloemfontein wat floreer het nie. Met die koms van die drie Barratt-broers na die Vrystaatse hoofstad in 1873 het die dorp se musieklewe ook ’n oplewing beleef. Veral Sam Barratt sou ’n belangrike rol op musiekgebied speel en hy was ook die stigter van die Bloemfontein Choral Society wat reeds in 1874 sy eerste uitvoering gegee het. Hierdie koorvereniging was besonder gewild en het in die 1870’s en 1880’s gereelde uitvoerings gegee, maar het later doodgeloop.[773]

Vroeg in 1894 het die Choral Society onder leiding van dirigent J.T. Beavan en erepresident F.W. Reitz herleef en op 24 Mei hulle eerste uitvoering in die stadsaal in Maitlandstraat gelewer met ’n koor wat uit 50 lede bestaan het. Die koor het F.H. Cowen se kantate *The Rose Maiden* uitgevoer en dit was ’n groot sukses.[774] In Desember 1894 het die Choral Society die moeilike oratorium van A.R. Gaul, *The Holy City*, uitgevoer en dit was nog meer suksesvol as hulle eerste optrede. In 1895 is J.F. Barnett se *Ancient Mariner* uitgevoer. Dié koorvereniging het van krag tot krag gegaan en in 1897 het dit steeds bestaan.[775]

7.4.2.4 Literary and Scientific Society

’n Kultuurvereniging wat gestig is om intellektuele gesprek te bevorder, was die Literary and Scientific Society wat in 1877 in Bloemfontein in die lewe geroep is en van 1878 tot 1880 hulle eie tydskrif, *The OFS Monthly Magazine*, uitgegee het. Die Literary and Scientific Society het in die 1890’s nog bestaan en lesings oor ’n wye verskeidenheid onderwerpe, soos elektrisiteit, Hamlet, Napoleon, argitektuur, The American Commonwealth, Banking en The Eye, is by dié vereniging se gereelde byeenkomste deur bekende inwoners soos dr. J. Brebner, C. Borckenhagen, W. Maclagan en argitek J.E. Vixseboxse gelewer. Bekende Bloemfonteiners soos pres. en mev. Reitz het die byeenkomste van hierdie vereniging bygewoon.[776]

Die Literary and Scientific Society het in 1890 besluit om sy debatsafdeling, die Young Men’s Debating Club of Parliamentary Debating Society, wat doodgeloop het, weer te laat herleef omdat dit so gewild onder jonger lede was.[777] Hierdie debatsvereniging het vir debatte tussen lede voorsiening gemaak, maar het by sekere byeenkomste ook soos ’n skynparlement met ’n “speaker”, “premier”, “opposisie”, ensovoorts gefunksioneer waartydens aktuele (en soms

---

[773] *The Friend*, 29.5.1889, p. 5; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 74.
[774] *De Burger*, 26.5.1894, p. 3; *The Friend*, 15.5.1894, p. 3, 22.5.1894, p. 3 en 25.5.1894, p. 3.
[775] VAB, A92/3: Program of the Grand Concert of British National Music met die viering van koningin Victoria se diamantjubileum, 22.6.1897; *The Friend*, 14.12.1894, p. 3 en 29.11.1895, p. 3; *De Burger*, 15.12.1894, p. 3.
[776] *Daily Express*, 19.6.1890, p. 2; *The Friend*, 7.8.1889, p. 3, 11.9.1889, p. 3, 16.6.1891, p. 2, en 17.5.1892, p. 3.
[777] *De Express*, 25.3.1890, p. 6; *Daily News*, 18.3.1890, p. 3 en 27.3.1890, p. 3; *The Friend*, 19.3.1890, pp. 3-4.

minder ernstige sake) van die dag bespreek is. Elke lid het dan ook ’n “kiesafdeling” verteenwoordig.[778] Een van die minder ernstige sake was die voorstel “that the time has come to counteract the deleterious influence which the effeminate game of Lawn Tennis is having on the more manly games of Cricket and Football”.[779] Pres. Reitz het soms die byeenkomste van die skynparlement bygewoon en het die besprekings baie geniet. Die dames van Bloemfontein het protes aangeteken omdat hulle nie aan die verrigtinge van die “parlement” kon deelneem of na die besprekings kon luister nie. Hierna is vroue en lede van die publiek wel na sommige van die besprekings genooi.[780]

7.4.2.5 OFS Fine and Industrial Arts Society

In Februarie 1893 is die OFS Fine and Industrial Arts Society onder leiding van dr. B.O. Kellner en onder die beskerming van pres. Reitz gestig om die beoefening van kuns en handwerk in die Vrystaat te bevorder. Die komitee van dié vereniging wat uit mans en vroue bestaan het, sou uitstallings van kuns- en handwerkitems reël en pryse en sertifikate aan verdienstelike inskrywings toeken. Inskrywings van oor die hele Vrystaat, maar ook van buite die Vrystaat was welkom. Om kuns en handwerk onder Bloemfontein se skoolkinders aan te moedig, is ’n afsonderlike kompetisie vir kinders en jongmense jonger as 19 jaar gehou. In Junie van dieselfde jaar is dié vereniging se eerste uitstalling in die stadsaal van Bloemfontein gehou en die tweede uitstalling in Oktober 1895. Die komitee het gewoonlik ook vir musiek- en orkesuitvoerings tydens die uitstallings gesorg.[781]

7.4.2.6 Young Men’s Literary Society

In Junie 1891 het ’n kultuurvereniging vir jong mans, die Elizabeth Street Young Men’s Society, op inisiatief van die Wesleyaanse kerk tot stand gekom, onder voorsitterskap van eerw. James Scott. ’n Jaar later het dié vereniging reeds nagenoeg 60 lede gehad en sedert 1893 het dit as die Young Men’s Literary Society bekend gestaan. Die doel van die vereniging was om jong mans, veral gedurende die lang winteraande, op ’n opbouende en gesellige wyse besig te hou. Die vereniging se byeenkomste is in die skoollokaal van die Elizabeth Street School gehou en hulle

---

[778] *Daily News*, 31.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 17.4.1890, p. 2.
[779] *Daily Express*, 19.4.1890, p. 2.
[780] *Daily News*, 31.3.1890, p. 4; *Daily Express*, 3.5.1890, p. 3, 22.5.1890, p. 3 en 24.5.1890, p. 2.
[781] *The Friend*, 21.10.1892, p. 3, 21.4.1893, p. 3, 4.10.1895, p. 5 en 22.10.1895, p. 2.

programme het ingesluit lesings, debatte, besprekings van interessante onderwerpe, asook sosiale byeenkomste met verversings en vermaak soos sang, voorlesings en die voordra van gedigte.[782]

Byeenkomste van die Young Men's Literary Society is weekliks gehou en interessante onderwerpe wat bespreek is, was onder meer "Is Woman Man's Equal?", "Use of Tobacco", "Evolution", "Moderate Drinking", "Animal Intelligence" en "Is Aggressive War Justifiable?", terwyl lesings oor onderwerpe soos Charles Dickens, George Elliot, Abraham Lincoln, sterrekunde, musiek en die studie daarvan, "University Life, Past and Present" en "The Planet Mars" gelewer is.[783] In 1894 kon *De Burger* berig dat die vereniging se ledetal tot 81 aangegroei het. Vroue het ook geleidelik begin om sommige van die besprekings van die Young Men's Literary Society by te woon, asook die sosiale en afsluitingsaande.[784]

7.4.2.7 Orkesvereniging en ander orkeste

7.4.2.7.1 Orkesvereniging

Die reeds genoemde Barratt-broers was ook verantwoordelik vir die Orkesvereniging wat in 1883 sy eerste uitvoering gelewer het. In 1890 het die Orkesvereniging nog bestaan, maar het daarna ontbind. In Oktober 1893 is die Bloemfontein Orchestral Society opnuut deur Ivan Haarburger gestig. Dié orkes het een keer per week geoefen en die eerste konsert is in Januarie 1894 in die stadsaal gehou. Onder leiding van dirigent Haarburger het die Orkesvereniging groot hoogtes bereik.[785]

Die tweede konsert van die Orkesvereniging in Junie 1894 het saamgeval met die perdewedrenne en die saal was stampvol met pres. Reitz in die gehoor. Die hoogtepunt van die program was die optrede van Florence Fraser, die bekende Bloemfonteinse sangeres, na 'n lang afwesigheid. Ander bekende Bloemfonteinse musici wat dié aand opgetree het, was Irene Bell en C. Israel (viool), J.T.Beavan en mev. C. Fischer (klavier), asook C.G. Fichardt (sang). Die orkes het sewe stukke gespeel, onder meer die bekende "Radetzky-mars" en die "Blou Donau" van Strauss, die "Gavotte" uit *Mignon* van Thomas, "Recollections of Carinthia" van Koschat en die "Kimberley-mars" van Kopetzky. Kort voor die vertrek van Florence Fraser in Oktober 1894 na Duitsland vir verdere musiekstudie, het die Orkesvereniging vir haar 'n afskeidskonsert gereël.

---

[782] *Ibid.*, 16.6.1891, p. 2, 19.6.1891, p. 2, 14.4.1893, p. 3, 21.4.1893, p. 3, 23.6.1893, p. 3 en 13.4.1894, p. 3.

[783] VAB, A507/9: Young Men's Literary Society, Bloemfontein, Syllabus for the session April 4th to August 29th 1894; *The Friend*, 10.7.1891, p. 3, 31.7.1891, p. 2, 21.8.1891, p. 3, 20.5.1892, p. 3, 17.6.1892, p. 3, 21.3.1893, p. 3, 5.5.1893, p. 3, 19.5.1893, p. 3, 27.4.1894, p. 3, 29.6.1894, p. 3, 14.6.1895, p. 2 en 16.7.1895, p. 3.

[784] *De Burger*, 14.4.1894, p. 2; *The Friend*, 2.9.1892, p. 3, 9.3.1894, p. 3, 22.6.1894, p. 4 en 24.5.1895, p. 2.

[785] *Daily News*, 1.4.1890, p. 3, 14.4.1890, p. 4 en 21.4.1890, p. 2; *The Friend*, 31.10.1893, p. 3, 23.1.1894, p. 3 en 20.4.1894, p. 3. Vergelyk ook Human, p. 7 en Schoeman, *Bloemfontein*, p. 103.

Sy en ’n aantal plaaslike kunstenaars, asook die orkes (wat toe uit 22 lede bestaan het) het opgetree.[786]

Hierna is gereelde konserte deur die Orkesvereniging gehou en soms het bekende buitelandse sangers en musici wat Bloemfontein besoek het saam met die Orkesvereniging opgetree. Tydens die Orkesvereniging se konsert van 14 Julie 1894 het Marguerite McIntyre, ’n bekende Skotse sopraan, ook gesing en is sy met groot applous deur die gehoor begroet.[787] August Gräder, wat op een stadium die kapelmeester van die Artilleriekorps was en ’n uitstekende klarinetspeler, [788] het by die Orkesvereniging se konsert op 23 Julie 1895 saam met die orkes as solis opgetree. Die beroemde Franse operasangeres madame Trebelli wat op besoek aan Bloemfontein was, het tydens dieselfde konsert gesing en was baie beïndruk deur die Orkesvereniging wat nou uit 28 lede bestaan het.[789]

Die Orkesvereniging het tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog voortbestaan en het teen 1895 selfs in Europese musiekkringe bekend geword. In 1895 is onder meer van die Bloemfonteinse Orkesvereniging in die Europese tydskrifte *The Strad* (Londen), *Allgemeine Muzik-Zeitung* (Berlyn) en die *Hamburger Fremdenblatt* melding gemaak.[790]

7.4.2.7.2 Ander orkeste

Afgesien van die Orkesvereniging was daar gedurende die Reitz-tydperk ook verskeie ander orkeste in Bloemfontein. Die oudste orkes was die **Vrystaatse Artillerie-orkes**. In 1871 het die Artillerie sy eie blaasorkes gekry met instrumente wat met die hulp van Vrystaatse konsul C.E. Fichardt uit Duitsland bestel is, en in 1875 het die Volksraad die orkes amptelike erken. Sedert Sam Barratt in 1874 as leier van die orkes aangestel is, het die standaard daarvan so verhoog dat dit by feitlik elke openbare geleentheid opgetree het – by konserte, onthale, amptelike plegtighede, lesings, uitstallings, pieknieks en selfs huwelike.[791]

Die **President Brand Rifles-orkes**, ’n strykorkes aanvanklik onder leiding van C.H. Acton en later E.H. Edwards, wat vroeg in 1889 tot stand gekom het, was ook baie gewild. Dié

---

[786] *De Burger*, 26.5.1894, p. 3 en 9.6.1894, p. 3; *The Friend*, 15.5.1894, p. 3, 8.6.1894, p. 3 en 9.10.1894, p. 3.
[787] *The Friend*, 17.7.1894, p. 3, 19.7.1895, p. 3 en 26.7.1895, p. 3.
[788] Gräder was voorheen klarinetspeler in Hans von Bülow se simfoniekonserte in Hamburg en later in die koninklike Italiaanse opera. *Ibid.*, 12.7.1895, p. 3.
[789] *Ibid.*, 12.7.1895, p. 3.
[790] *Ibid.*, 4.10.1895, p. 3.
[791] F. Jooste, “Excerpts and anecdotes of cultural-historical interest from the history of wind music in South Africa (c. 1770-1900)”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(2), November 2003, p. 107; Human, pp. 3-7. Vergelyk ook Schoeman, *Bloemfontein*, p. 74.

orkes het bestaan uit vrywilligers wat deel van die Rifle-korps uitgemaak het.[792] Ook hierdie orkes het gereeld konserte aangebied en by talle openbare geleenthede opgetree.[793] Edwards is in 1892 deur die bekwame W.J. Hand as kapelmeester opgevolg en in Februarie 1892 meld *The Friend* dat die President Brand Rifles-orkes toe uit 30 lede bestaan het en dat die orkes by die dag beter word. Daar is verder opgemerk dat die Bloemfonteinse stadsraad dié goeie orkes gerus meer finansiële steun kon bied.[794] Dit is nie duidelik tot wanneer bogenoemde orkes bestaan het nie, maar na 1894 is daar geen verwysing meer na openbare optredes van die President Brand Rifles-orkes in koerantberigte nie.

Die **Bloemfonteinse Amateurorkes** het in 1890 onder dirigentskap van C.H. Acton tot stand gekom.[795] Al drie bogenoemde orkeste het van tyd tot tyd konserte in die stadsaal sowel as promenadekonserte in die tuin voor die Goewermentsgebou, aangebied. Seisoenkaartjies kon vir die promenadekonserte gekoop word, terwyl gratis konserte ook dikwels op Markplein en die ontspanningsterrein gehou is.[796]

7.4.3 Lesings en debatte

Soos reeds aangedui, is lesings en debatte op ’n gereelde grondslag onder die vleuels van kultuurverenigings soos die Literary and Scientific Society, die Debatsvereniging en die Young Men’s Literary Society gehou.[797] Daarom word dit nie weer herhaal nie. Hier word dus net melding gemaak van enkele ander interessante lesings wat deur plaaslike en besoekende sprekers in Bloemfontein gehou is. Baie van hierdie sprekers het uit eie ervaring gepraat, byvoorbeeld oor reise wat hulle na ander lande en gebiede onderneem het.

In Mei 1889 het die biskop van Bloemfontein, G.W.H. Knight-Bruce, oor sy wedervaringe tydens sy reise na die Zambezi en omliggende gebiede gepraat, terwyl dr. Johnson in Julie 1890 ’n lesing oor Indië gehou het.[798] Die groot verskeidenheid in die lesings en die feit dat baie van Bloemfontein se inwoners belese en berese was, word goed geïllustreer deur die onderwerpe van vyf lesings wat in een week gedurende Julie 1892 gehou is: “America”, “Temperance”, “Banking”, “Greek Genius and Roman Government” en “Holland”. Verder merk

---

792 *The Friend*, 30.1.1889, p. 2 en 10.4.1889, p. 3; Human, p. 11. Kyk ook hoofstuk 1 se onderafdeling 3.8.3.
793 *De Express*, 18.2.1890, p. 7 en 23.12.1890, p. 3; *Daily News*, 25.1.1890, p. 3 en 28.1.1890, p. 3.
794 *The Friend*, 9.2.1892, pp. 2-3, 25.3.1892, p. 2, 15.4.1892, p. 2 en 7.6.1892, p. 3.
795 *Daily Express*, 24.6.1890, p. 3 en 14.10.1890, p. 2; *De Express*, 24.6.1890, p. 4 en 23.12.1890, p. 3.
796 *De Express*, 13.11.1889, p. 3 en 11.3.1890, p. 8; *Daily Express*, 14.10.1890, p. 2 en 29.11.1890, p. 2; *The Friend*, 13.11.1889, p. 3, 5.9.1890, p. 1, 12.9.1890, p. 3, 25.8.1891, p. 3 en 15.4.1892, pp. 2-3.
797 Kyk 7.4.2.2, 7.4.2.5 en 7.4.2.7 *supra*.
798 *The Friend*, 29.5.1899, p. 3; *Daily Express*, 24.7.1890, p. 3.

The Friend op dat "though the attendance at all of these lectures was not equally great, yet there was not one of them which was not of a high order of excellence".[799] Ander interessante lesings wat plaaslike sprekers gelewer het, was onder meer "Gedachten over een Afrikaner", "Light: its uses and beauties", "Travels in Egypt and Palestine", "Dreams and Dreaming", "The testimony of the Universe to the Being of God", "The Evidence of Purpose in Nature", "River Scenery" en "The Darwinian Hypothesis". Baie van hierdie lesings is met illustrasies, kaarte en Magic Lantern-vertonings opgehelder.[800]

Besoekende sprekers van verskillende dele van Suid-Afrika en die buiteland, en verteenwoordigers van verskillende organisasies, het ook lesings in Bloemfontein gelewer. Afgesien van 'n aantal lesings oor geheelonthouding, matigheid en die gevare van alkohol wat deur verskeie buitelandse sprekers gelewer is,[801] het eerw. E. Baker van Wynberg in April 1893 oor wyle eerw. C.H. Spurgeon gepraat, terwyl die seun van Spurgeon, eerw. C. Spurgeon, self in Maart 1895 'n lesing oor "Nails" in die Bloemfonteinse stadsaal gehou het. In Desember 1893 het mej. Darton, 'n gewilde spreker van Londen, onder die beskerming van die Young Men's Literary Society 'n lesing oor Tennyson gelewer.[802] In 1894 en 1895 is interessante lesings oor die bekering van Jode na die Christendom gehou toe onderskeidelik eerw. A. Weinstein en ene Malbert as Joodse Christene hulle eie lewensgeskiedenis aan Bloemfonteiners vertel het. Weinstein het die gehoor ook meer vertel van die vervolging van Jode in Rusland in die 19de eeu. Teen die einde van 1895 het die veteraan impresario E. H. Harvey Bloemfontein vergas met 'n humoristiese lesing oor sy eie lewensverhaal as impresario en direkteur van operageselskappe.[803]

7.4.4 Toneelopvoerings en ander vertonings

Inwoners van Bloemfontein het hulle lewe verder probeer veraangenaam deur plaaslike musiekuitvoerings en toneelopvoerings. In 1883 is die nuwe stadhuis in Maitlandstraat voltooi waarna die Vrystaatse hoofstad oor 'n meer geskikte saal en verhoog vir die opvoering van

---

799 *The Friend*, 8.7.1892, p. 3.
800 *Ibid*., 30.8.1892, p. 2, 3.2.1893, p. 3, 24.3.1893, p. 2, 11.7.1893, p. 2, 21.6.1895, p. 2, 30.7.1895, p. 3, 24.9.1895, p. 3 en 27.9.1895, p. 3.
801 *Daily Express*, 26.8.1890, p. 3, 12.4.1892, p. 2 en 15.4.1892, p. 3.
802 *The Friend*, 11.4.1893, p. 3, 5.12.1893, p. 2 en 1.3.1895, p. 3.
803 *De Burger*, 17.3.1894, p. 2; *The Friend*, 22.10.1895, p. 2, 13.12.1895, p. 5 en 17.12.1895, p. 3.

toneelstukke beskik het.[804] Soos genoem, het verskeie amateurtoneelverenigings in die 1890's in Bloemfontein bestaan.[805]

7.4.4.1 Plaaslike amateurtoneelopvoerings

Tydens die Reitz-tydperk het Bloemfontein 'n hele aantal goeie amateurtoneelspelers gehad en in November 1890 is die Bloemfontein Dramatic Society gestig.[806] Hierna is gereeld toneelopvoerings in die stadsaal gehou wat dikwels deur pres. en mev. Reitz bygewoon is. Bekende Bloemfonteiners wat aan die amateurtoneelopvoerings deelgeneem het, was onder andere C.G. Fichardt, W. Maclagan, J.H. van Iddekinge, Gilbert Speedy, Tom Dale, mev. Brill en mej. Sophia Steyn.[807]

Bloemfontein se inwoners het klaarblyklik ligte toneelstukke verkies, want komedies was gereeld te sien, soos in November 1890 toe die komedie *Dearest Mamma* en die klug *As Like as Two Peas* ten bate van die paviljoenfonds van die Bloemfontein-tennisklub opgevoer is.[808] In Oktober 1891 is Offenbach se komiese operette *The Rose of Auvergne* en J.H. Morton se klug *Slasher & Crasher* ten bate van die Anglikaanse katedraal se orrelfonds opgevoer. In 1892 word melding gemaak van drie verdere komedies, naamlik *Withered Leaves* (Alwyn Smith), *Cut off with a Shilling* en *Weak Woman* (Byron).[809]

In September 1894 word melding gemaak van Bloemfonteinse kinders wat die kindertoneelstuk *Rosebud* (beter bekend as *Sleeping Beauty*) en 'n tablo uit *Cinderella* ook ten bate van die katedraal se orrelfonds opgevoer het. In 1895 is nog 'n nuwe toneelvereniging, naamlik die Railway Dramatic Society, in Bloemfontein gestig.[810]

Afgesien van die toneelopvoerings deur bogenoemde plaaslike toneelverenigings, het verskeie Bloemfonteinse skole ook toneelstukke of uittreksels uit toneelstukke as deel van hulle halfjaarlikse sluitingskonserte opgevoer. In Junie 1891 het St. Andrew-kollege byvoorbeeld die aanwesiges laat lag met die klugte *My turn next* en *Ye Blackamoors*, terwyl skoliere van die

---

[804] K. Schoeman, "Die vroeë toneellewe van Bloemfontein: amateur opvoerings in die jare 1850-1890", *Africana Aantekeninge en Nuus* 25(5), Maart 1983, pp. 168-169.
[805] Kyk afdeling 7.4.2.2 *supra*.
[806] *The Friend*, 4.9.1889, p. 3, 14.11.1890, p. 3 en 4.8.1891, p. 3.
[807] *Daily Express*, 10.11.1890, p. 2 en 15.11.1890, p. 2; *The Friend*, 11.11.1890, p. 1 en 4.8.1891, p. 3. Sophia Steyn was 'n suster van die latere pres. M.T. Steyn en het gereeld aan toneelopvoerings deelgeneem. Schoeman, "Die vroeë toneellewe van Bloemfontein", p. 170.
[808] *Daily Express*, 10.11.1890, p. 2 en 15.11.1890, p. 2; *The Friend*, 11.11.1890, pp. 1, 3 en 4.8.1891, p. 3.
[809] *The Friend*, 23.10.1891, p. 1, 27.10.1891, p. 3, 8.7.1892, p. 3 en 26.7.1892, p. 3.
[810] *Ibid.*, 31.8.1894, p. 2, 4.9.1894, p. 3 en 5.11.1895, p. 3.

Elizabethstraat-skool Bloemfontein in November en Desember 1894 met ’n opvoering van die kinderoperette *Beauty and the Beast* vergas het.[811]

7.4.4.2 Besoekende toneelgeselskappe

Na die koms van die spoorlyn in 1890 is Bloemfontein oorstroom deur besoekende toneelgeselskappe. Die meeste van hierdie toneelgeselskappe was op pad na of van die Witwatersrand en het dan ’n paar dae in die Vrystaatse hoofstad oorgebly. Toneelgeselskappe wat in die 1890’s in Bloemfontein opgetree het, was onder meer mnr. Luscombe Searelle se toneelgeselskap en die uitstekende Thorne’s Dramatic Company. Laasgenoemde het met komedies soos *My Sweetheart*, *Sweet Lavender* en *The Butler*, sowel as meer ernstige dramas soos *The Colleen Bawn*, *Judah* e*n The Silver King*, in 1891 en 1892 Bloemfontein se toneelgangers betower.[812] In November 1891 het nog ’n goeie toneelgeselskap, Emilie Bevan’s Comedy & Dramatic Company, Bloemfontein besoek, maar die opkoms na hulle opvoerings was nie altyd goed nie.[813]

Nog ’n uitstekende toneelgeselskap, die Genevieve Ward and W.B. Vernon Dramatic Company, het in 1892 met hul komedies *The Queen’s Favorite* en *The Last Word!* asook dramas soos *Mammon* en *Forget-Me-Not*, vol sale in Bloemfontein getrek.[814] Vroeg in 1893 was daar klagtes oor ander “miserabele, armzalige toneel gezelschappen” wat Bloemfontein oorstroom het.[815] Nog toneelgeselskappe wat Bloemfontein in die 1890’s besoek het, was onder meer Wheelers London Comedy and Dramatic Company, die Booth-Pearson Comedy Company, Wheatman & Morgan’s Pantomime Company, asook die bekende aktrise mej. Fortescue en haar geselskap met die toneelstukke *The Passport* en *The Notorious Mrs. Ebbsmith*, maar haar optrede in die Vrystaatse hoofstad was nie so ’n sukses nie.[816]

Toneelopvoerings is ook dikwels deur pres. Reitz en sy gesin bygewoon, maar die vertonings is soms ontwrig deur die swak en uitbundige gedrag van ’n aantal jong mans in die galery van die stadsaal met hulle “whistling, cats’ calls, thumping of sticks, and shouting”.[817]

---

[811] *Ibid.*, 16.6.1891, p. 2, 23.11.1894, p. 3, 27.11.1894, p. 3, 7.12.1894, p. 3 en 11.12.1894, p. 3
[812] *Ibid.*, 30.9.1890, p. 3, 13.3.1891, p. 3, 24.3.1891, pp. 2-3, 27.3.1891, pp. 2-3, 31.3.1891, pp. 2-3, 3.4.1891, p. 3, 7.4.1891, p. 3, 21.4.1891, p. 3, 5.5.1891, p. 3, 11.11.1892, p. 3, 4.11.1892, p. 2 en 8.11.1892, p. 2.
[813] *Ibid.*, 13.11.1891, p. 2, 17.11.1891, p. 3, 24.11.1891, p. 2, 27.11.1891, pp. 2-3 en 1.12.1891, p. 3.
[814] *Ibid.*, 26.1.1892, p. 4, 29.1.1892, p. 2, 9.2.1892, pp. 2-3 en 16.2.1892, p. 3.
[815] *Ibid.*, 27.1.1893, p. 2.
[816] *Ibid.*, 20.6.1893, p. 2, 8.12.1893, p. 3, 16.1.1894, pp. 2-3, 8.11.1895, p. 3 en 12.11.1895, p. 3.
[817] *Ibid.*, 30.9.1890, p. 3.

7.4.4.3 Besoekende sirkusse

Daar is reeds in die 1860's melding gemaak van sirkusse wat Bloemfontein besoek het, maar sedert die koms van die spoorlyn het sirkusgeselskappe die hoofstad meer gereeld besoek. In November 1892 was daar groot opwinding toe die Cooke-familie se sirkus Bloemfontein besoek het en vir 'n paar weke vertonings op 'n oop stuk grond naby die Phoenix-hotel gelewer het, wat gereeld afgewissel is met nuwe items en toertjies.[818] Die vertonings is goed ondersteun en hierna het die Cooke's Refined English Circus gereelde besoekers aan Bloemfontein geword.[819]

Ander bekende sirkusse was onder meer Wirth se Australiese sirkus wat Bloemfontein in 1894 en 1895 besoek het, [820] asook die Australian Circus and Royal Japanese Exhibition, Fillis's Great Circus and Menagerie en Bert Willison se Great World Circus.[821]

7.4.5 Musiekuitvoerings en konserte

Daar was ook geen tekort aan musiekuitvoerings en -konserte in die Vrystaatse hoofstad nie. Afgesien van konserte deur plaaslike sangers, musici en orkeste, het 'n hele aantal buitelandse musikante, sangers en operageselskappe Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk besoek. Hoewel die oorgrote meerderheid van Bloemfontein se inwoners waardering vir goeie musiek gehad het, was daar, net soos met sommige toneelopvoerings, 'n aantal jong mans op die galery in die stadsaal wat hulle soms sleg gedra het. By 'n konsert van die Damesinstituut Eunice het 'n klompie belhamels so lawaai dat 'n klagte van rusverstoring teen hulle gelê is en hulle moes voor die landdros verskyn.[822]

7.4.5.1 Musiekuitvoerings en konserte deur plaaslike kunstenaars

Bloemfontein het gedurende die Reitz-tydperk 'n hele aantal plaaslike, begaafde amateursangers en -musici gehad wat dikwels saam in konserte opgetree het. Plaaslike musiekkonserte is meestal ten bate van een of ander verdienstelike instansie gehou, soos die konsert wat in 1889 deur die bekende Bloemfonteinse sopraan Florence Fraser ten bate van die biblioteekfonds gehou is. Sy is deur die bekende Israel-broers, asook deur Ivan Haarburger, as musici bygestaan is.[823]

---

[818] *Ibid.*, 18.11.1892, pp. 2-3, 22.11.1892, p. 1, 25.11.1892, p. 3, 2.12.1892, pp. 2, 5 en 6.12.1892, p. 3.
[819] *Ibid.*, 4.4.1893, p. 3, 7.4.1893, p. 2, 9.1.1894, pp. 2-3, 12.1.1894, pp. 2-3 en 19.1.1894, pp. 2-3.
[820] *De Burger*, 23.2.1895, p. 2 en 9.3.1895, p. 3; *The Friend*, 16.3.1894, pp. 1, 3, 20.3.1894, p. 2 en 23.3.1894, p. 3.
[821] *De Burger*, 26.9.1894, p. 2, 28.11.1894, p. 3 en 6.3.1895, p. 2; *The Friend*, 21.9.1894, p. 2, 23.11.1894, p. 2, 23.11.1894, p. 3, 30.11.1894, pp. 2-3, 4.12.1894, p. 3, 22.2.1895, p. 2, 26.2.1895, p. 2 en 3.9.1895, p. 2.
[822] *De Burger*, 22.6.1895, p. 3; *The Friend*, 18.10.1892, p. 3.
[823] *De Burger*, 21.11.1894, p. 2; *The Friend*, 27.3.1889, p. 3, 27.1.1891, pp. 2-3 en 25.1.1895, p. 2;

Die drie Israel-broers, George, Ferdinand en Charles, was in die 1880's en 1890's veral bekend vir hulle viool-, altviool- en tjellospel. Hulle was die seuns van George Israel van Bloemfontein wat self 'n vioolspeler was. Charles Israel was 'n besonder begaafde violis, Ferdinand het hoofsaaklik as altvioolspeler en tjellis opgetree, terwyl George Israel jr. ook jare lank lid van Bloemfontein se orkeste was. Ivan Haarburger (1873-1933) het onderrig in viool- en klavierspel ontvang en het as violis en dirigent van die Bloemfonteinse Orkesvereniging 'n groot rol in die musieklewe van Bloemfontein gespeel en verskeie musiekkonserte georganiseer.[824]

In 1890 het mej. M. Kieschke, 'n uitmuntende pianis van Duitse afkoms, haar in Bloemfontein gevestig en vir 'n tyd lank aan die Damesinstituut Eunice klavierlesse gegee. In dieselfde jaar het sy 'n reeks musiekkonserte in die Vrystaatse hoofstad aangebied wat van goeie smaak en diepgaande musiekkennis getuig het. In samewerking met die Israel-broers het sy baie vir die bevordering van kamermusiek gedoen.[825] Die gehalte en standaard van mej. Kieschke se konserte was baie hoog en klassieke komposisies, soos *Prelude* (Händel), *Fantasia* (Mozart), die *Allegro* van die Vioolkonsert (Beethoven), *Hungarian Dances* (Brahms), *Nocturne* (Chopin) *Intermezzo* (Schumann) en *Walkure* (Wagner) is in samewerking met ander Bloemfonteinse musici soos die Israel-broers uitgevoer.[826] Ander bekende pianiste in Bloemfontein was mev. M. Hopwood, 'n private musiekonderwyser, mej. F. Reitz ('n suster van die president) en mev. Carl Fischer (eggenote van die bekende Bloemfonteinse juwelier).[827] Die susters Irene en Edith Bell was ook talentvolle violiste.[828]

Florence Fraser (1868-1928) was voor die Anglo-Boereoorlog regoor Suid-Afrika en selfs in Londen as sangeres bekend en het as "Die Vrystaatse Nagtegaal" bekend gestaan. Sy het 'n groot deel van haar sangopleiding in Duitsland ontvang.[829] Ander Bloemfonteinse inwoners wat as sangers en sangeresse by konserte opgetree het, was onder andere mevv. Maclagan en Butters, die Gilfillan-susters (Zoë en Trixie), mejj. Scott, Stock, Innes, Schmedes en Ortlepp, mnre. Voysey, W. Maclagan, A.H. Vels, J.H. van Iddekinge, F. van Iddekinge, W. Martin, R.E. Fletcher, C. Hanger, asook drr. B.O. Kellner en Max Stollreither.[830]

---

824 *The Friend*, 2.4.1890, p. 5, 19.1.1894, p. 3 en 23. 1. 1894, p. 3; Human, pp. 175-179, 189-191.
825 *Daily Express*, 1.7.1890, p. 3, 12.7.1890, p. 2, 15.7.1890, p. 3 en 28.10.1890, pp. 2-3; Human, p. 197.
826 *Daily Express*, 8.7.1890, p. 3 en 12.7.1890, p. 2, 28.10.1890, p. 3 en 30.10.1890, p. 3.
827 *Daily News*, 22.2.1890, p. 3, 22.3.1890, p. 3, 10.4.1890, p. 3 en 9.5.1890, p. 2; *Daily Express*, 8.7.1890, p. 3 en 20.10.1890, p. 2. Vergelyk ook *The Friend*, 6.3.1891, p. 2 en 14.7.1891, p. 3.
828 *De Burger*, 10.1.1894, p. 1; *The Friend*, 23.10.1891, p. 3, 13.5.1892, p. 3, 9.5.1893, p. 3 en 4.8.1893, p. 2; Human, p. 195.
829 *The Friend*, 27.10.1891, p. 3, 11.12.1891, pp. 2-3, 18.12.1891, p. 2 en 21.9.1894, p. 3; Human, pp. 184-189.
830 *Daily News*, 22.2.1890. p. 3 en 22.3.1890, p. 3; *Daily Express*, 25.8.1890, p. 2; *The Friend*, 11.9.1889, p. 3, 25.9.1889, p. 3, 23.10.1891, p. 3 en 1.3.1892, p. 3. Vergelyk ook Human, pp. 194-198.

Verskeie soorte musiekkonserte soos rookkonserte, “Minstrel Entertainment”, konserte aangebied deur die Orkesvereniging en die Koorvereniging, amateurkonserte en verskeidenheidskonserte is aangebied. Die meeste van hierdie konserte het beide sang en instrumentale musiek ingesluit. Musiekopvoerings het gewissel van ligte vermaak soos die Minstrel-konserte tot meer ernstige klassieke musiekkonserte. Die presidentspaar het baie van hierdie konserte bygewoon.[831] Verder was daar ook die reeds genoemde promenadekonserte deur die President Brand Rifles-, Artillerie en Bloemfonteinse Amateurorkes wat gereeld in die somermaande in die tuin voor die Goewermentsgebou gehou is.[832]

7.4.5.2 Musiekuitvoerings deur besoekende sangers en musikante

Gedurende die Reitz-tydperk is Bloemfontein ook deur ’n aantal begaafde buitelandse sangers en musici besoek, heelwat hiervan deur die toedoen van die reeds genoemde Ivan Haarburger wat soveel gedoen het om goeie musiek in die Vrystaatse hoofstad te bevorder. Haarburger met sy ontwikkelde musieksmaak het hom daarop toegespits om slegs bona fide kunstenaars na Bloemfontein te bring.[833]

In Junie 1889 het Georg Witte, ’n bekende Nederlandse pianis, saam met Madame d’Arch, sangeres van die Melbourne-opera in Australië, ’n konsert in die Vrystaatse hoofstad gehou, bygestaan deur amateurmusici van Bloemfontein.[834] In 1891 word melding gemaak van die besoek van twee susters, die sangeresse Rose en Julie Albu, aan Bloemfontein, op reis van Johannesburg na Kaapstad. Hierdie professionele sangeresse het twee konserte in die stadsaal aangebied, bygestaan deur die Israel-broers, mev. Hopwood en Ivan Haarburger van Bloemfontein.[835]

In 1891 is vermeld dat ’n groep swart kunstenaars uit die VSA, die bekende Jubilee Singers, op hulle toer deur Suid-Afrika ’n hele aantal konserte in Bloemfontein se stadsaal gehou het. Hierdie talentvolle groep sangers en musici is hartlik in die Vrystaatse hoofstad ontvang en omdat die vermaak wat hulle aangebied het so uniek was, het hulle telkens vol sale getrek.[836]

---

831 *Daily News*, 22.2.1890, p. 3, 22.3.1890, p. 3, 10.4.1890, p. 3 en 9.5.1890, p. 2; *Daily Express*, 8.7.1890, p. 3 en 20.10.1890, p. 2. Vergelyk ook *The Friend*, 6.3.1891, p. 2, 14.7.1891, p. 3 en 4.3.1892, p. 2.

832 *De Express*, 23.8.1890, p. 3 en 16.9.1890, p. 5; *Daily Express*, 22.8.1890, p. 2; *The Friend*, 4.11.1890, p. 3, 8.9.1891, p. 3, 8.12.1891, p. 3 en 1.3.1892, p. 2. Kyk ook 7.4.2.7.2 *supra*.

833 Human, p. 69.

834 *The Friend*, 19.6.1889, p. 3 en 26.6.1889, p. 3; Human, p. 75.

835 *The Friend*, 30.1.1891, pp. 3-4, 3.2.1891, pp. 2-3 en 6.2.1891, p. 3; Human, pp. 76-77.

836 *Daily Express*, 22.7.1890, p. 2; *The Friend*, 11.8.1891, pp. 2-3, 21.8.1891, p. 2, 25.8.1891, pp. 1-3, 28.8.1891, p. 2 en 1.9.1891, p. 3.

Avon Saxon, wêreldberoemde Amerikaanse bariton en operasanger, het van 26 April tot 3 Mei 1892 ’n hele aantal konserte in Bloemfontein gehou en is weer deur plaaslike musici en sangers bygestaan.[837] In Mei en Junie 1892 het ene mej. Chèron, wat as die “Natalse Nagtegaal” bekend gestaan het, ook konserte in Bloemfontein gehou.[838] Die musikale hoogtepunt van 1892 was klaarblyklik die besoek van die Weense Orkes onder leiding van hulle dirigent, Josef Kopetzky, in Desember. Dié orkes, bestaande uit 30 spelers, was een van die beste orkeste wat nog ooit in Bloemfontein gehoor is en het die groot gehoor gaande gehad, terwyl die burgemeester van Bloemfontein, dr. B.O. Kellner, uit waardering selfs ’n groot blommekrans tydens die konsert op die verhoog gegooi het.[839]

Ander bekende, besoekende sangers en musici wat in die 1890’s in Bloemfontein kom konsert hou het, was onder andere die sopraan mej. Marie Stefani; die beroemde Italiaanse bassanger signor Foli; die bekende Skotse sangeres Margaret Macintyre; die begaafde Franse (later Amerikaanse) violiste Camilla Urso; die uitstekende Franse sopraan mademoiselle Antoinette Trebelli;[840] die gewilde Engelse bariton Norman Salmond en die Skotse doedelsakspelers The Black Watch Pipers in “full Highland costume”.[841] Een van die grootste musikale hoogtepunte van die 1890’s was die konsert van die wêreldberoemde sir Charles en lady Halle, onderskeidelik pianis en violiste, wat in September 1895 in Bloemfontein se stadsaal plaasgevind het. Hulle is vergesel deur die sopraan Marie Fillunger en ’n tenoor, William Wild. Volgens *The Friend* was dit “the finest musical performance ever given in Bloemfontein”.[842]

Aanvanklik het operageselskappe Bloemfontein nie juis besoek nie, waarskynlik weens die gebrek aan ’n geskikte saal vir opvoerings en ook omdat vervoer ’n probleem was. Na die voltooiing van die stadhuis in Maitlandstraat in 1883 het Bloemfontein vir die eerste keer oor ’n geskikte saal vir opera-opvoerings en konserte beskik en hierna het die aantal musiekkonserte en opvoerings in die Vrystaatse hoofstad bykans verdubbel.[843]

Die koms van die spoorlyn het uiteraard ook daartoe bygedra dat Bloemfontein makliker deur reisende operageselskappe bereik kon word. As deel van die feesvieringe met die opening

---

837 *The Friend*, 22.4.1892, pp. 2-3, 29.4.1892, pp. 2-3, 26.4.1892, p. 3 en 3.5.1892, pp. 2-3,
838 *Ibid.*, 20.5.1892, p. 2, 24.5.1892, p. 2 en 14.6.1892, p. 5.
839 *Ibid.*, 7.10.1892, p. 3, 14.10.1892, p. 3, 25.10.1892, p. 3 en 13.12.1892, pp. 2-3.
840 Antoinette Trebelli was die dogter van die beroemde Franse operasangeres Zelia (Gillebert) Trebelli wat in 1892 oorlede is. Antoinette Trebelli het na 1899 onder die naam Antonia Dolores gesing. Indien die van Gillebert van regs na links gespel en die G uitgelaat word, word die verhoognaam Trebelli verkry. “Trebelli (Gillebert), Zelia”, <http://themusicdictionary.org/trebelligilbert1-zelia/>, geraadpleeg 24.11.2013.
841 *De Burger*, 21.7.1894, p. 2, 22.8.1894, p. 3 en 6.2.1895, p. 3; *The Friend*, 11.11.1892, p. 3, 29.11.1892, p. 2, 4.7.1893, p. 3, 10.7.1894, p. 2, 20.7.1894, p. 3, 29.1.1895, p. 2, 3.5.1895, p. 3, 17.5.1895, p. 3 en 11.6.1895, p. 3.
842 *The Friend*, 6.9.1895, p. 3.
843 Human, pp. 25-26.

van die spoorlyn in Desember 1890 is Gilbert en Sullivan se bekende opera *The Mikado* deur amateurs van Jagersfontein en Fauresmith in Bloemfontein se stadsaal opgevoer. Dit is deur ongeveer 700 mense bygewoon en was ’n groot sukses.[844]

Tydens die Reitz-tydperk het ’n hele aantal operageselskappe Bloemfontein besoek. Verskeie van hierdie reisende operageselskappe het ’n week of langer in die Vrystaatse hoofstad vertoef en in dié tyd verskillende operas opgevoer, hoewel die klein verhoog van die stadsaal dekorgebruik beperk het. Pres. en mev. Reitz het dikwels van die operas bygewoon.[845]

In Oktober 1891 het die Sandiford-operageselskap die hoofstad besoek en ’n volle orkes en koor asook kostuums saamgebring soos nog nooit voorheen op ’n Bloemfonteinse verhoog gesien is nie. Die operas wat deur hulle uitgevoer is, het onder meer *The Little Duke*, *H.M.S. Pinafore*, *The Gondoliers*, *Fatinitza*, *Boccaccio*, *Madame Angot* en *Cloches de Corneville* ingesluit.[846] In Januarie 1893 het die Rand Grand Operatic Company in twee opvoerings areas uit die operas *Rip van Winkle*, *Faust*, *Maritana* en *Il Trovatore* opgevoer, maar dit was nie ’n reusesukses nie.[847]

Die Lyric Opera Company wat uit 40 uitstekende kunstenaars bestaan en Bloemfontein in Mei van dieselfde jaar besoek het, het met die opvoerings van die operas *The Mikado*, *La Cigale* en *Iolanthe* groter sukses behaal. Die verhoogbestuurder, Duncan Young, was baie gefrustreer met die klein afmetings van die verhoog in die stadsaal wat dit baie moeilik gemaak het om al hulle dekor en spelers op die verhoog ingepas te kry. Die ster van die operageselskap was die prima donna Leonora Braham.[848] Bogenoemde operageselskap het Bloemfontein weer in Maart 1894 besoek met opvoerings van die operas *La Mascotte*, *Dorothy*, *Haddon Hall*, *Rip van Winkle*, *Nuremberg Doll* en *Cavalleria Rusticana* en hulle sukses van die vorige jaar herhaal.[849] In April 1895 het die Royal Italian Opera Company die bekende Italiaanse operas *Il Barbiere di Siviglia*, *Cavalleria Rusticana*, *Il Trovatore*, *Faust* en *Carmen* in die Bloemfonteinse stadsaal opgevoer. Hierdie operas is nie so goed deur die Bloemfonteinse publiek ondersteun nie, waarskynlik omdat dit in Italiaans gesing is en nie soos die vorige operas in Engels vertaal is nie, terwyl die operageselskap weer oor die klein verhoog van die stadsaal gekla het.[850]

---

844 *De Express*, 23.12.1890, p. 2; *The Friend*, 9.12.1890, p. 3 en 23.12.1890, p. 3.
845 *The Friend*, 2.10.1891, pp. 2-3; Human, p. 40.
846 *The Friend*, 29.9.1891, p. 2, 2.10.1891, pp. 2-3 en 6.10.1891, pp. 2-3; Human, p. 40.
847 *The Friend*, 24.1.1893, p. 3 en 27.1.1892, pp. 2-3.
848 *Ibid.*, 5.5.1893, p. 3, 8.5.1893, p. 2, 9.5.1893, p. 2 en 16.5.1893, p. 3; Human, p. 43.
849 *The Friend*, 13.2.1894, pp. 2-3, 23.3.1894, p. 3, 30.3.1894, p. 3 en 3.4.1894, p. 3.
850 *De Burger*, 24.4.1895, p. 3 en 1.5. 1895, p. 3; *The Friend*, 19.4.1895, pp. 2-3, 23.4.1895, p. 2 en 30.4.1895, pp. 2-3.

7.4.5.3 Skoolkonserte en verskeidenheidskonserte

Die meeste Bloemfonteinse skole het in Junie en weer in Desember konserte gehou waaraan leerlinge en onderwysers deelgeneem het en wat deel van die skole se halfjaarlikse sluitingsfunksies uitgemaak het. Die standaard van hierdie skoolkonserte was nogal hoog, veral by die skole waar musiekonderrig verskaf is, soos by die Damesinstituut Eunice, Greenhill-kloosterskool en St. Michael-skool vir meisies. Die hoë gehalte van musiekonderrig aan die meisieskole is telkens vermeld. Die meeste van hierdie skoolkonserte het die vorm van ’n verskeidenheidskonsert aangeneem met sang, instrumentale musiek en soms selfs toneelstukke. Die skoolkonserte is gewoonlik deur die presidentspaar, die inspekteur van onderwys, ouers van die skoolkinders en ander belangstellende inwoners bygewoon. Soms is die konserte ook deur die uitvoerende komitee en, indien die Volksraad in sitting was, Volksraadslede bygewoon. Net soos met die meeste ander konserte is die verrigtinge gewoonlik met die sing van die Volkslied afgesluit.[851] Selfs die kinders van die Bloemfonteinse Bewaarskool of kleuterskool het ’n afskeidskonsert op die planke gebring met sang en resitasies wat voorgedra is.[852]

Daar is soms ook met ander geleenthede konserte deur skole gehou. In Desember 1891 het die leerlinge en musiekonderwysers van die Damesinstituut Eunice, in medewerking met die Israel-broers, ’n konsert ter ere van die Mozart-eeufeesviering by die skool uitgevoer en in 1892 is ’n konsert ten bate van die skool se nuwe Sendingvereniging gehou.[853] By die seunskole soos Grey-kollege en St. Andrew-kollege, asook by die enigste gemengde skool, die Elizabethstraat-skool, waar musiekonderrig nie deel van die leerplan was nie, het die afsluitingskonsert gewoonlik meer uit voordragte en sang bestaan.[854] Ook musiekleerlinge van private musiekonderwyseresse het van tyd tot tyd musiekkonserte gehou. In Oktober 1892 het mej. Von Stettler en haar leerlinge byvoorbeeld ’n konsert van klassieke musiek, sowel as Haydn se *Toy Symphony*,[855] met welslae uitgevoer.[856]

Plaaslike kunstenaars en amateurtoneelspelers het ook dikwels saamgespan om verskeidenheidskonserte met ligte vermaak aan te bied. Dit het waarskynlik meer in die smaak van die deursnee-inwoners, wat nie liefhebbers van klassieke musiek was nie, geval. Hier is

---

[851] *Daily Express*, 19.6.1890, p. 2; *De Burger*, 20.6.1894, p. 2; *The Friend*, 18.12.1889, p. 5, 16.6.1891, p. 2, 24.6.1892, p. 3, 4.10.1895, p. 2 en 20.12.1895, p. 3.
[852] *The Friend*, 16.6.1891, p. 2.
[853] *Ibid.*, 4.12.1891, pp. 2-3, 8.12.1891, pp. 2-3, 11.11.1892, p. 3 en 18.11.1892, p. 3.
[854] *Daily Express*, 20.6.1890, p. 3; *The Friend*, 18.12.1891, p. 3, 17.6.1892, p. 3, 16.12.1892, pp. 2-3 en 20.12.1892, p. 3.
[855] Daar is tans ’n dispuut oor wie die *Toy Symphony* se oorspronklike komponis is. Dit is in die verlede aan die komponis Franz Joseph Haydn toegeskryf, maar dit word nou deur musiekkenners betwis.
[856] *The Friend*, 21.10.1892, p. 3, 25.10.1892, p. 3 en 28.10.1892, p. 3.

instrumentale nommers en sang afgewissel met toneelstukke, gewoonlik ’n komedie of ’n klug. Dikwels het die vermaak die vorm van ’n “Minstrel”-konsert aangeneem waar meer ligte, populêre liedjies en ballades gesing is en die militêre orkeste ook musiek gemaak het. Soms het van die wit kunstenaars hulle gesigte en hande swart gesmeer om swart minnesangers voor te stel, soos die tipiese “Christy Minstrels” wat so gewild in die VSA was.[857] Ook klubs, verenigings en organisasies soos die Working Men’s Club, die St. George-klub, die Tempeliere (IOGT) en die Caledonian Society het verskeidenheidskonserte georganiseer om fondse in te samel, óf vir hulle organisasies óf vir ander verdienstelike sake.[858] In 1891 word selfs melding gemaak van ’n konsert wat deur ’n aantal swart en bruin lidmate van die Anglikaanse Kerk aangebied is en waarin hulle koor en die lidmate self onder leiding van suster Maria Burton as kunstenaars opgetree het. Die koor en kunstenaars het hulle goed van hulle taak gekwyt.[859]

Dan was daar ook reisende vermaakgeselskappe wat Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk besoek en verskeidenheidskonserte aangebied het. Hierdie buitelandse groepe het ’n wye verskeidenheid van vermaak met ’n hele aantal kunstenaars in een konsert aangebied. Hierdie besoekende groepe was onder meer Taylor’s Razzle Dazzle Company, mnr. en mev. H. Doughty van die Ward-Vernon Company, die World’s Fair Burlesque Company, Luscombe Searelle’s Variety Company, Nina Tulloch’s Comedy, Burlesque and Speciality Company, Eleventh Variety Company, Novelty Variety Company, Bijou Novelty Company en Lauck’s Novelty Combination wat Godayuo’s Tokio Troupe of Original Japanese ingesluit het.[860]

8 Slot

Tydens die Reitz-tydperk was daar nie minder nie as nege kerklike denominasies in Bloemfontein werksaam wat tekenend was van die belangrike rol wat godsdiens in die lewe van die inwoners gespeel het. Dit beklemtoon ook die feit dat absolute godsdiensvryheid in die republiek Oranje-Vrystaat toegelaat is en dat geen beperking op enige geloofsgenootskap gelê is nie. Ofskoon daar aanvanklik in die Boererepubliek en sy hoofstad ’n mate van agterdog teenoor kerkgenootskappe soos die Anglikane en die Rooms-Katolieke was, het dit teen 1889, toe Reitz

---

857 *Daily News*, 25.2.1890, p. 3; *The Friend*, 8.5.1889, p. 3, 12.6.1889, p. 5, 26.2.1890, p. 3 en 4.7.1890, p. 3.

858 *Daily Express*, 27.5.1890, p. 2, 16.6.1890, p. 4, 24.7.1890, p. 3 en 28.11.1890, p. 3; *The Friend*, 23.6.1891, p. 3 en 10.11.1891, p. 3, 15.11.1892, p. 2, 13.12.1892, p. 2, 17.2.1893, p. 3, 8.5.1894, p. 2 en 4.6.1895, p. 3.

859 *The Friend*, 22.12.1891, p. 3.

860 *De Express*, 23.2.1892, p. 2; *Daily Express*, 25.9.1890, p. 2; *The Friend*, 11.9.1891, p. 1, 13.5.1892, p. 2, 23.9.1892, p. 2, 20.12.1892, p. 3, 27.6.1893, p. 1, 5.4.1895, p. 2, 17.5.1895, p. 2, 13.9.1895, p. 3 en 20.12.1895, p. 3.

staatspresident geword het, reeds grootliks verdwyn en is die bydrae van elke kerkgenootskap in Bloemfontein erken en waardeer.

Die rol van die Anglikaanse Kerk op onderwysgebied was baie groot, want nie alleen was hulle verantwoordelik vir die stigting van twee van Bloemfontein se bekende blanke seuns- en meisieskole nie, maar indien dié kerk nie verantwoordelikheid vir die onderrig van swart en bruin mense aanvaar het nie, sou dit waarskynlik grootliks agterweë gebly het, omdat die Vrystaatse regering feitlik geen voorsiening vir die onderwysbehoeftes van nie-blankes gemaak het nie.[861] Die verskillende skole en kerke wat deur die Anglikaanse Kerk in Bloemfontein en die res van die Vrystaat tot stand gebring en onderhou is, het veral in die laaste 25 jaar van die republiek se bestaan 'n vêrreikende en diepgaande invloed op all terreine van die samelewing uitgeoefen.[862]

Ook die NG Kerk het 'n betekenisvolle rol in hoofsaaklik blanke opvoeding en onderwys gespeel. Daar was dus in die OVS vrugbare samewerking tussen veral die NG Kerk, die staat en die onderwys. Die NG Kerk het hom ook beywer vir verpligte onderwys, asook vir die onderwys van behoeftige leerlinge en doofstommes.

Na 1874 het die onderwys in die OVS onder leiding van dr. John Brebner met rasse skrede vooruitgegaan, sodat die Vrystaat in die 1890's ook op onderwysgebied die naam van "Modelrepubliek" waardig was. Die onderwysstelsel onder leiding van dr. Brebner het ongeletterdheid in die Vrystaat bekamp en was, ten spyte van struikelblokke, baie suksesvol.[863] In 1895 het die OVS die eerste staat in Suid-Afrika geword wat 'n stelsel van verpligte onderwys vir blanke kinders ingestel het.[864] Onder leiding van pres. Reitz en dr. Brebner het die Volksraad tydens die Reitz-tydperk vernuwing in die Vrystaatse onderwys teweeggebring en daarmee 'n nuwe bloeitydperk vir die onderwys tydens die laaste paar jaar van die republiek se bestaan ingelui.[865]

Bloemfontein, as die hoofstad van die OVS, het vanselfsprekend die beste en grootste skole in die Vrystaat gehad. Bowendien was Grey-kollege en die Damesinstituut Eunice in Bloemfontein die enigste twee staatskole in die Vrystaat wat ook sekondêre skoolopleiding aangebied het. Teen 1890 het dié twee staatskole so 'n goeie reputasie gehad dat daar nie plek

---

[861] Die staat het wel indirek 'n rol gespeel deurdat die Volksraad jaarliks 'n klein toelae van £250 aan die Anglikaanse Kerk in die Vrystaat toegeken het. *The Friend*, 14.6.1892, p. 2 en 17.6.1892, p. 3.
[862] *Quarterly paper* 107, Januarie 1895, p. 16; Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys*, p. 251.
[863] Venter, *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys*, p. 23; Van Schoor, p. 161.
[864] *Onze Courant*, soos aangehaal in *De Burger*, 12.6.1895, p. 2.
[865] Malan, p. 143; Pells, p. 68.

was vir al die leerlinge wat daar wou skoolgaan nie. Baie Vrystaatse ouers en ouers van buite die Vrystaat het hulle kinders na Bloemfontein gestuur om die twee spog-staatskole by te woon.[866]

In die Boererepubliek en sy hoofstad met Nederlands as amptelike landstaal het die Engelse taal ook in die onderwys ten koste van Nederlands bly veld wen. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat Nederlands nie meer die spreektaal van die Afrikaners was nie en aan die sterk Engelse karakter van Bloemfontein, asook die groot invloed wat die Anglikaanse Kerk en die Anglikaanse Kerkskole in die Vrystaatse hoofstad gehad het.

Tydens die Reitz-tydperk is verskeie Engelse en Nederlandse koerante in die Vrystaatse hoofstad uitgegee, terwyl die eerste koerant in Bloemfontein, *The Friend*, wat reeds in 1850 tot stand gekom het, ook die koerant was wat die langste bly voortbestaan het – vir 135 jaar.[867] Verder het die Bloemfonteinse koerante die hoofstad se inwoners en selfs plattelanders ingelig gehou en politiek bewus gemaak, hulle aangemoedig om te lees en te skryf en selfs in ’n beperkte mate letterkundige skeppinge, soos gedigte en rympies, voortgebring.

Wat organisasies aanbetref, was daar tydens die Reitz-tydperk verskeie organisasies waaraan inwoners kon behoort, soos die Benevolent Society of die Vrymesselaars. Dat Bloemfontein se inwoners besorg was oor alkoholmisbruik en die gevolge daarvan blyk duidelik uit die feit dat daar etlike organisasies was wat hierdie probleem aangepreek het, naamlik die International Order of Good Templars (IOGT), die Regabiete en die verskillende matigheidsverenigings van die kerke.

Net soos feesdae en sosiale funksies was sport, ontspanning en vermaak belangrike elemente van die kultuurlewe in Bloemfontein en het dit ’n unieke karakter aan die Vrystaatse hoofstad gegee. Bloemfontein het sy inwoners gedurende die tydperk 1889 tot 1895 ook heelwat op die terrein van sport, ontspanning en vermaak gebied. Sport het sedert die vroegste dae van Bloemfontein se ontstaan ’n belangrike rol in die lewe van die inwoners gespeel en die onderlinge sosiale omgang bevorder, terwyl dit ook die fisiese welstand van die gemeenskap verbeter het. Inwoners het dus die geleentheid gehad om ook buite gesins- en werksverband met mekaar te meng, sosiaal te verkeer en ’n gebalanseerde lewe te lei.

Ook buitelandse besoekers en besoekers van ander Suid-Afrikaanse state is baie hartlik in Bloemfontein ontvang. Bloemfontein se inwoners was oor die hele Suid-Afrika en selfs in die

---

[866] *De Express*, 11.2.1890, p. 3; *Daily Express*, 20.11.1890, p. 3; *The Friend*, 11.6.1890, p. 2. Vergelyk ook Coetzee, *Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys*, p. 142.

[867] “*The Friend* will celebrate its centenary in four years’ time”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 71; “Established before the republic: *The Friend of the Sovereignty*”, *supplement to The Friend*, Februarie 1954, p. 111.

buiteland bekend vir hulle hartlikheid en gasvryheid. Veral na die koms van die spoorlyn in 1890 kon buitelandse besoekers Bloemfontein maklik bereik. Besoekers aan die Vrystaatse hoofstad tydens die Reitz-tydperk het spesiaal melding gemaak van die vriendelikheid en gasvryheid van die Bloemfonteiners en hulle presidentspaar.[868]

Aangesien baie van die blanke inwoners van Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk ontwikkelde, geletterde mense afkomstig uit Europa en Brittanje met ’n hoogs beskaafde en ontwikkelde kultuuragtergrond was, is daar vroeg reeds ’n aantal kultuur-, kuns- en musiekverenigings in die Vrystaatse hoofstad gestig, terwyl ’n redelik hoë standaard ook op musiek- en sosiale gebied gehandhaaf is. Talentvolle plaaslike kunstenaars en musici, asook skole, het gereeld konserte en toneelopvoerings van ’n taamlike hoë standaard in Bloemfontein aangebied. Die koms van die spoorlyn het in hierdie tyd ook Bloemfontein se vorige isolasie heeltemal verbreek, sodat reisende vermaakkunstenaars, toneelgeselskappe, sirkusse, asook begaafde sangers en musici uit die buiteland, en selfs groot operageselskappe die Vrystaatse hoofstad in die 1890’s besoek en talle konserte aangebied het.

Met sy groot verskeidenheid kerke, skole, verenigings, kulturele instellings, organisasies, klubs, sport- en ontspanningsgeriewe, plaaslike en besoekende kunstenaars en aanbiedinge op die gebied van kuns en vermaak, was Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk inderdaad vir sy inwoners ’n ware kultuurtuiste.

[868] *Daily News*, 28.3.1890, p. 3; *The Friend*, 30.7.1892, p. 2 en 26.8.1892, p. 3.

Hoofstuk 6

SLOTPERSPEKTIEWE

Die Vrystaat is feitlik in die middel van Suid-Afrika en Bloemfontein, as hoofstad, is weer so te sê in die middel van die Vrystaat. Die hoofstad van die Boererepubliek Oranje-Vrystaat (OVS) was dus in die 19de eeu baie sentraal geleë, omring deur ’n ander onafhanklike staat (naamlik die Transvaalse Republiek) en twee Britse kolonies, te wete die Kaapkolonie en Natal. Vreemdelinge uit alle dele van Suid-Afrika en selfs van oor die hele wêreld het hulle in die Vrystaatse hoofstad gevestig en is gewoonlik met ope arms in die Bloemfonteinse gemeenskap verwelkom.[1] Hierdie kosmopolitiese bevolking van Bloemfontein was oor die algemeen lojaal tenoor die republiek en veral teenoor die hoofstad waar hulle gewoon het.

Bloemfontein het in ’n bestek van nagenoeg 45 jaar ontwikkel van ’n klein militêre nedersetting in 1846 tot ’n waardige, welvarende hoofstad van die modelrepubliek van die Oranje-Vrystaat in die 1890’s – al was die hoofstad, kragtens grootte en bevolking, nie veel meer as ’n groterige dorp nie. Bloemfontein was die middelpunt van politieke en ekonomiese gebeure in die Vrystaat en ook die hoofsentrum van die Vrystaatse handel, regstelsel en onderwys. Die Vrystaatse staatshoof en regering, asook die militêre mag, was in Bloemfontein as hoofstad gesetel en die Volksraad het jaarliks hier byeengekom.

’n Gunstige ligging, lang, ononderbroke dae van sonskyn en droë, versterkende vars lug het daartoe bygedra om van Bloemfontein ’n gesondheidsoord te maak wat oor die hele wêreld bekend geword het vir sy genesende eienskappe, veral vir mense wat aan longkwale gely het.[2] Volgens die Britse mediese tydskrif *Lancet* het Bloemfontein die ‘ideale’ klimaat – “one of the healthiest in the world” – gehad.[3] Die gesonde klimaat het selfs wondere gedoen vir die herstel van teringlyers mits hulle na Bloemfontein gekom het voordat die siekte te ver gevorder het.[4]

---

1 P. Bigelow, *White man’s Africa*, pp. 92-93.

2 *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad* (hierna: *De Express*), 23.12.1890, p. 2; *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette* (hierna: *The Friend*), 13.10.1894, p. 2.

3 *The Friend*, 26.10.1873, p. 3.

4 *De Express*, 23.12.1890, p. 2; G.G. Eyre, “Orange Free State” in W.C. Scholtz (red.), The South African climate: including climatology and balneology, and discussing the advantages, peculiarities and capabilities of the country as a health resort – more particularly with reference to affections of the chest, pp. 143-153.

Die ontdekking van diamante in Suid-Afrika tussen 1867 en 1871, asook die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het nuwe markte geskep wat Bloemfontein se handel bevorder het, terwyl die telegraafwese ook ’n belangrike bydrae tot Bloemfontein se kommunikasie, openbare dienste en handel gelewer het. Die beter vervoergeriewe wat die koms van die spoorlyn na Bloemfontein in Desember 1890 meegebring het, het verdere stimulus aan die ekonomie van Bloemfontein verleen. Die oplewing in die handel en gepaardgaande groter voorspoed het meegebring dat Bloemfontein in die 1890’s op alle terreine vooruitgegaan en ontwikkel het. Aangesien Bloemfontein die hoofsentrum van die OVS se poswese was, het die uitbreiding van spoorweë die posverkeer vinnig laat toeneem, wat weer groter inkomste vir die Vrystaat en sy hoofstad verseker het.

Met die koms van die spoorlyn in 1890 en die totale verbreking van Bloemfontein se vroeëre isolasie,[5] het die Vrystaatse hoofstad se ekonomie ook geleidelik begin verander van die eers hoofsaaklik landelike, plaaslike ekonomie, na ’n toenemend handelgedrewe ekonomie, wat ook die inwoners tot groter ondernemingsgees aangespoor en die lewenstempo vinnig laat toeneem het. Dis profeties dat pres. F.W. Reitz hierdie verandering wat die koms van die spoorweg na Bloemfontein sou meebring, reeds voor die voltooiing van die spoorlyn voorspel het. In ’n toespraak in Februarie 1890, nege maande voor die voltooiing van die spoorlyn na Bloemfontein, het *The Friend* gemeld: “His Honour, during his speech, compared this town with the Enchanted Princess, which after a sleep of a 100 years, was gently awakened by the kiss of the Fairy Prince. The Railway (a ‘Fairy Prince with white plume’) would have this vivifying effect on the capital.”[6]

Reeds ’n jaar later kon *The Friend* trots verklaar: “A spirit of enterprise, foreign to the Bloemfontein of the past, appears to have made an entrance from abroad and permeated our beautiful city…”[7] Twee jaar later, in 1893, het *The Friend* hierdie versnelde lewenstempo bevestig: “To the reflective it will be apparent that the Free State approached a period of translation [transition?] from a phase of passive tranquility to one of feverish activity, owing to the advent of the locomotive …”[8] Ofskoon die grondslag van die republiek grootliks tydens pres. J.H. Brand se bewind gelê is, het die Reitz-tydperk ’n tydvak van hernuwing en geweldige ontwikkeling op alle gebiede meegebring, waarin Bloemfontein as hoofstad uiteraard die voortou geneem het.

---

5 *The Friend*, 24.12.1894, p. 2.
6 *Ibid.*, 5.2.1890, p. 5.
7 *Ibid.*, 18.12.1891, p. 3.
8 *Ibid.*, 10.1.1893, p. 3.

Die koms van die spoorlyn na Bloemfontein was een van die belangrikste gebeure in die 19de eeuse geskiedenis van die Vrystaatse hoofstad. Die nuutjie van treinvervoer tussen Bloemfontein en Kaapstad en ook later tussen Bloemfontein en Johannesburg en Pretoria het die lewe in die Vrystaatse hoofstad ingrypend verander en het feitlik op elke lewensterrein ’n invloed gehad. Die spoorweg was ’n groot bedryf wat meer werksgeleenthede gebied en dus ’n bevolkingstoename en versnelde verstedeliking vir Bloemfontein tot gevolg gehad het. Gevolglik het die hoofstad ’n tyd van vinnige groei beleef. Die nadele hiervan was dat dit ook ’n aantal maatskaplike probleme, soos armoede, oorbevolking en plakkery, boemelaars, drankmisbruik, selfmoord, sedelike verval en verhoogde misdaad, meegebring het.

Die inwoners van die Vrystaatse hoofstad het vanselfsprekend in die nuwe ekonomiese voorspoed gedeel en hulle inkomste het dienooreenkomstig vergroot. Die telegraaf- en spoorverbinding het tot groter kontak met ander Vrystaatse dorpe, buurstate, die res van Suid-Afrika en selfs die buiteland gelei.

Die koms van die spoorweg het ’n groot invloed op straatverbeterings en selfs die ontwikkeling van nuwe strate en die bou van nuwe brûe gehad, terwyl mediese dienste ook verbeter het omdat die bevolking toegeneem het en groter hospitale gebou moes word. Meer geneeshere, spesialiste en ander mediese diensverskaffers is ook deur die groter bevolking en die spoorwegwerkers gelok.

Die koms van die spoorlyn het die boubedryf en argitektuur van Bloemfontein positief beïnvloed omdat boumateriaal nou vinniger en goedkoper van die hawens vervoer kon word. ’n Hele aantal Europese argitekte het hulle in die laat 19de eeu in Bloemfontein gevestig op soek na beter gesondheid of rykdom. Hierdie ambagsmanne met hulle opleiding, vaardighede en ondervinding in die buiteland het nuwe argitektuurstyle en idees ingevoer en groot, indrukwekkende geboue het in die Vrystaatse hoofstad verrys. Die buitelanders of “uitlanders” wat Bloemfontein in die 1890’s hulle tuiste gemaak het – veral die Britte, Duitsers en Nederlanders – het dus letterlik die Vrystaatse hoofstad opgebou omdat hulle so ’n groot rol in die boukuns van Bloemfontein gespeel het. Die buitelandse argitekte het die vermenging van style uit die verlede, of eklektisisme, wat in Europa gewild was, ook in Bloemfontein toegepas met aanpassings by die plaaslike warmer klimaat en die beskikbaarheid van boumateriale. Gevolglik het die Laat-Victoriaanse boukuns, wat ook saamgeval het met die Reitz-tydperk in Bloemfontein, ’n ander voorkoms in Suid-Afrika as in Brittanje en Europa gehad.

Tydens die Reitz-tydperk het Bloemfontein se argitektuur dus ’n bloeitydperk beleef en talle staatsgeboue, nuwe skoolgeboue, klub- en handelsgeboue is opgerig of vergroot en

verbeter. Baie van hierdie geboue was uit ’n estetiese oogpunt sierlik en indrukwekkend en het meegewerk om die stadsbeeld van die 1890’s te bepaal. Mettertyd het ’n boustyl tipies van Bloemfontein begin ontwikkel sodat daar, veral wat die staatsgeboue betref, van ’n kenmerkende Bloemfonteinse boustyl gepraat kon word. Hierdie boustyl is veral gekenmerk deur die geslaagde vermenging van rooi bakstene met sandsteenelemente. Trouens, die ligrooi of dieporanje steenmure en flitsende silwerdakke was tipies van die argitektuur van Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk, ook wat woonhuise aanbetref.[9]

Die veranderende idees en groter verskeidenheid boumateriaal het ook ’n invloed op die ontwerp van woonhuise gehad, aangesien woonhuise in die 1890’s deftiger geword het en die styl sterk deur die Britse Victoriaanse styl beïnvloed is.

Bloemfontein met sy sierlike geboue, deftige huise en mooi tuine was in die 1890’s ’n mooi dorp en het as “Bloemfontein the Beautiful” bekend gestaan.[10] In 1892 skryf *The Friend*: “Bloemfontein in tegenstelling van jonge dames wordt, hoe ouder zij groeit, steeds mooier en mooier. Nieuwen huizen en prachtige winkels springen als paddastoelen uit de grond.”[11] Die redakteur van die *Bechuanaland News* wat Bloemfontein in 1893 besoek het, was van mening dat Bloemfontein se geboue selfs dié van Kaapstad oortref: “The new Raadsaal, with its imposing dome, and massive stone columns forming the portico [...] is far more imposing to the eye than the brick and stucco, hotel-like erection at Capetown, for the Cape parliament. In its Town Hall, and the Post Office building also, Bloemfontein is far ahead of Capetown at the present moment.”[12] In 1894 is daar ook genoem dat Bloemfontein baie gunstig met groot plekke soos Durban en Grahamstad vergelyk.[13]

Van die groot argitektoniese bloeitydperk tydens die Reitz-tydperk het ongelukkig min bewaar gebly en groot dele van ou Bloemfontein se erfenis het in die niet verdwyn. Hoewel die stad sedert die 1890’s geweldig gegroei en ontwikkel het, het vele van die statige ou geboue en huise wat aan die Vrystaatse hoofstad sy kenmerkende karakter en voorkoms gegee het, onder die slopingshamer beland. Hierdeur het Bloemfontein heelwat van sy bande met die verlede verloor. Bloemfontein se inwoners het eers in die 1980’s meer bewaringsbewus begin word en ten minste word die enkele geboue wat dikwels onoordeelkundige slopings oorleef het tans deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, nr. 25 van 1999, beskerm.[14] Waardige staatsgeboue, soos die Vierde Raadsaal, die ou Goewermentsgebou en die Presidensie in

---

9 K. Schoeman, Bloemfontein: die ontstaan van ’n stad, 1846-1946, p. 143.
10 *The Friend*, 12.2.1892, p. 2.
11 *Ibid*., 17.5.1892, p. 2.
12 Soos aangehaal in *The Friend*, 7.3.1893, p. 3.
13 *De Burger*, 15.9.1894, p. 2.
14 Volgens bogenoemde wet word alle boustrukture in Suid-Afrika ouer as 60 jaar beskerm en mag dit nie gesloop of verander word sonder ’n permit van die Provinsiale Erfenis Hulpbron Agentskap nie.

President Brandstraat het bewaar gebly toe bogenoemde straat in die 1980's tot 'n bewaringsgebied verklaar is. 'n Hele aantal van hierdie sandsteengeboue is onlangs gerestoureer en tot hulle vorige glorie herstel. Enkele geboue en huise is ook in museums omskep wat beteken dat die geboue ten minste in stand gehou en herstel word.

Ofskoon Bloemfontein gedurende die Reitz-tydperk sy inwoners op stoflike kultuurgebied heelwat vir die tyd gebied het, moet onthou word dat die Vrystaatse hoofstad, gemeet aan vandag se standaarde, steeds nie veel meer as 'n groot dorp was nie, met soms modderige stofstrate en beperkte hulpbronne.[15] Bloemfontein het in die 1890's 'n rustige, landelike karakter gehad. Tog het Bloemfontein in hierdie tyd, veral na die koms van die spoorlyn, teen 'n verstommende tempo begin uitbrei. 'n Bekende inwoner, regter J. Buchanan (1841-1893), het toe reeds gewaarsku dat genoeg pleine en groen areas oopgelaat moet word waar besige inwoners 'n bietjie kan ontspan.[16] Dit was wyse woorde van 'n vêrsiende man, aangesien daar sedert die Anglo-Boereoorlog geleidelik begin is om al hoe meer groen areas in en om Bloemfontein toe te bou en vandag word selfs op Naval Hill gebou.

Na die koms van die spoorlyn het Bloemfontein na die ooste begin uitbrei, waar die stasiegebou geleë is. Terselfdertyd het 'n nuwe residensiële uitbreiding na die noordweste van die hoofstad gevolg, waar 'n hele nuwe woonbuurt tot stand gekom het, wat aanvanklik as West-end en later as Westdene bekend geword het. Tog was Bloemfontein in die 1890's nog 'n kompakte dorp met die sakesentrum steeds hoofsaaklik rondom Markplein en Kerkstraat geleë, met enkele besighede in Maitlandstraat. Hoewel daar kort na die koms van die spoorweg klagtes was oor die voorkoms van die swart woonbuurt Waaihoek wat vir treinreisigers sigbaar was, het dié swart woonbuurt ook tydens die Reitz-tydperk vooruitgegaan en verbeter. Huise is herbou en sanitasie opgegradeer, sodat Waaihoek in 'n stadium as 'n model-lokasie[17] vir sy tyd beskryf is.

Die Reitz-tydperk in die Vrystaat het saamgeval met die Laat-Victoriaanse tydperk in Suid-Afrika. Stylkenmerke en kulturele invloede van Europa en veral Brittanje het 'n groot invloed op die leefwyse van Bloemfontein se inwoners en hulle kultuuruitinge tydens bogenoemde tydperk gehad. Dié invloede was veral in die inwoners se geestesingesteldheid, argitektuur, woningbou, interieurinrigting en meubels, tuinuitleg, huwelikstradisies, eetgewoontes en kleredrag merkbaar.

Ten spyte van die hitte, droogtes en stof wat die Vrystaatse hoofstad dikwels geteister het, het inwoners hulle omgewing verfraai deur tuine aan te lê en koel skadubome te plant, en

---

15 *The Friend*, 21.3.1893, p. 3.
16 *Ibid*., 9.10.1894, p. 4, 8.2.1895, p. 2 en 6.8.1895, p. 2.
17 Historiese term. Geen negatiewe konnotasie word hieraan geheg nie.

reisigers en besoekers het Bloemfontein se groot getal vrugtebome en mooi blomtuine spesiaal vermeld. Die Bloemfonteiners se tuinuitleg is ook grootliks deur die Laat-Victoriaanse styltydperk in Brittanje beïnvloed en styltendense is nagevolg.

In die voorwoord van hierdie proefskrif is daar genoem dat die teoretiese benadering waarbinne die navorsing vir hierdie studie gedoen word, die metodologiese model vir Kultuurgeskiedenis van prof. Matilda Burden is. Die wisselwerking en wedersydse beïnvloeding wat geestelike en stoflike kultuurelemente op mekaar het, is ook aan die hand van Burden se model in die voorwoord bespreek. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die koms van die spoorlyn en treine wat as vervoermiddele onder stoflike kultuurelemente ressorteer, maar ook op geestelike kultuurterreine soos sosiale lewe, kuns, musiek, toneel en selfs die tydsgees ’n invloed gehad het. Boukuns is nog ’n voorbeeld waar die stoflike en geestelike kultuur mekaar beïnvloed. ’n Gebou of boukuns ressorteer onder stoflike kultuur, maar kan nooit losgemaak word van die argitek en sy idee (geestelike kultuur) toe hy die spesifieke struktuur ontwerp het nie.

In Bloemfontein, tydens die Reitz-tydperk, is beide die formele of patrisiërkultuur en die informele of volkskultuur aangetref.[18] So was daar huise van meer welgestelde blanke persone wat deur opgeleide argitekte en boukontrakteurs gebou is wat onder die patrisiërkultuur ressorteer, maar daar was ook pondokkies en sinkhuisies of “tin shanties” wat in die blanke gedeelte van die dorp deur inwoners sonder formele bou-opleiding opgerig is. Die huise van die swart en bruin mense in die nie-blanke woonbuurte is meestal deur swart en bruin inwoners self opgerig, sonder dat almal van hulle formele bou-opleiding gehad het. Hierdie kultuurverskynsel neig weer na die volkskultuur. Dit was soms ook die geval met geboue soos kerke en skole vir swart en bruin mense wat soms deur die bruin of swart gemeenskap self opgerig is en dus onder volkskultuur ressorteer. Dit was ook die geval met sang en musiek. Terwyl Bloemfontein formeel-opgeleide sangers gehad het, soos byvoorbeeld Florence Fraser, het swart, bruin en wit mense in kerke en skole gesing en as amateursangers tydens konserte opgetree, terwyl hulle nie almal formele sangopleiding gehad het nie. Terwyl opgeleide sangers soos Fraser patrisiërkultuur beoefen het, het die amateur- en kerksangers volkskultuur beoefen.

Indien ’n mens terugkyk na die voorwoord van die proefskrif, waar die teoretiese raamwerk en benadering van hierdie studie en die teoretiese model van prof. Burden bespreek is, is dit opvallend dat die hooftemas wat in hierdie proefskrif aangespreek is grootliks ooreenstem met die skematiese AB-as wat sy in haar opvolgartikel oor ’n klassifikasiestelsel

[18] Kyk na die voorwoord van hierdie studie vir verduidelikings van die terme patrisiër- en volkskultuur.

vir Kultuurgeskiedenis verduidelik. Indien hierdie studie se hooftemas volgens bogenoemde model skematies voorgestel word, vertoon dit soos volg:[19]



Figuur 65: Skematiese voorstelling van die proefskrif se hooftemas volgens Burden se model vir Kultuurgeskiedenis.

[19] Met erkenning aan: M. Burden en B. Ekermans, " 'n Klassifikasiestelsel vir Kultuurgeskiedenis", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 15(2), November 2001, p. 23.

Bloemfontein se inwoners in die 1890's was kosmopolities en het uit 'n groot verskeidenheid kultuurgroepe bestaan. Elke kultuurgroep het sy eie, betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling en kultuur van die Vrystaatse hoofstad gelewer en elke groep het sy eie leiersfigure gehad. Daar is in Bloemfontein geen onderskeid tussen die onderskeie blanke kultuurgroepe getref nie en vreemdelinge uit die buiteland is spoedig in die Bloemfonteinse gemeenskap opgeneem. In 1895 skryf die redakteur van *De Burger* oor die "verbroedering van vreemdeling en inwoners" en "hier, ongelijk als in Transvaal, wordt de vreemdeling met open armen ontvangen en beschouwd een van onze te zijn, zoodra hij zich dat waardig toont".[20]

Afrikaners het in die 1890's reeds 'n eie identiteit gehad en het veral 'n groot rol in die staatsdiens, regering, regstelsel en spoorweë gespeel. Omdat die OVS 'n Boererepubliek was, was al die staatspresidente wat in Bloemfontein as hoofstad gewoon het, uiteraard Afrikaners.

Die Duitse inwoners van Bloemfontein het op feitlik elke lewens- en werksterrein 'n belangrike rol gespeel, veral in dorpsake en op mediese gebied.[21] Verskeie van Bloemfontein se bekendste geneeshere was ook van Duitse afkoms, soos drr. C.J.G. Krause, B.O. Kellner en M. Stollreither.

Die Engelssprekende inwoners was nie net vir die stigting van Bloemfontein verantwoordelik nie, maar het ook 'n belangrike bydrae tot die handel en ekonomie, die boukuns, die onderwys en die politiek, asook op kerklike en godsdienstige gebied gelewer.

Die meeste Joodse inwoners van Bloemfontein was van Duitsland afkomstig en het veral 'n belangrike rol in die handel en ekonomie gespeel, maar ook by dorpsake en op musiekgebied 'n groot bydrae gelewer. Aangesien die Joodse intrekkers 'n vernuwende burgerlike en sosiale stimulus verleen het, het hulle die kulturele en ontwikkelingsvlak van die Bloemfonteinse gemeenskap verryk.[22]

Omdat sommige van die Nederlandse immigrante onbekwaam was, op die Afrikaners neergesien en hulle menings op die ander inwoners probeer afdwing het, was hulle dikwels ongewild in die Vrystaat en sy hoofstad. Tog het sommige van hulle, soos J.E. Vixseboxse, dr. J. Brill en C. de Jongh Bloem, veral 'n groot rol in die staatsdiens, argitektuur, die onderwys en die plaaslike pers gespeel.

Aanvanklik het Bloemfontein nie baie swart inwoners gehad nie, maar met die vinnige ontwikkeling van die Vrystaatse hoofstad en veral na die koms van die spoorlyn en die

---

[20] *De Burger*, 23.2.1895, p. 2.
[21] *The Friend*, 31.12.1894, p. 3.
[22] M. Pencharz en D.L. Sowden, "In the Orange Free State" in G. Saron en L. Hotz (reds.), *The Jews in South Africa: a history.* p. 322; Leviseur, p. 39. Vergelyk ook G.H. Calpin (red.), *The South African way of life*, p. 39.

toenemende werksgeleenthede het al hoe meer swart mense in die hoofstad gaan werk soek. Bruin en swart arbeiders, diensbodes en bediendes was deurentyd in aanvraag en in 1895 het die swart inwoners vir die eerste keer die blanke bevolking in getalle oortref.

Hoewel die bruin mense van Bloemfontein hulle in ’n soort lugleegte tussen wit en swart bevind het, het daar soms vermenging met beide die wit en swart inwoners plaasgevind. Die Anglikaanse kerk het geleidelik meer by die werk onder bruin mense betrokke geraak en het kerkdienste vir hulle gehou en onderrig aan hul verskaf.

Omdat swart en bruin mense die handearbeid in die Vrystaat en sy hoofstad verrig het, het hulle baie tot die ontwikkeling van Bloemfontein bygedra. Ofskoon die blankes die kundigheid en kapitaal verskaf het, het veral swart mense fisies geboue, paaie en spoorweë gebou. Hul handearbeid het dus gehelp om die grondslag van die huidige ekonomiese en industriële stelsel van die land te lê. In der waarheid het bruin en swart mense gehelp om die Westerse kultuur en beskawing in die Vrystaat en die res van Suid-Afrika op te bou.

Weens drastiese wetgewing en beperkings op die Vrystaatse Indiërs in die 19de eeu het Bloemfontein in die 1890’s ’n uiters klein Indiërbevolking gehad. Soos in hoofstuk 2 bespreek, het ordonnansie 29 van 1890 bepaal dat “geen Arabier, Chinees, Koelie of ander Aziatische kleurling” hulle in die OVS kon vestig of langer as twee maande in die republiek kon vertoef sonder toestemming van die staatspresident nie.[23]

Aangesien hulle nie handel kon dryf of grond kon besit nie, was dié wat wel in Bloemfontein woonagtig was, min in getal. Asiate is slegs in Bloemfontein en omgewing geduld indien hulle in diens van blanke inwoners was, byvoorbeeld as huisbediendes en kokke. Hoewel Indiërs nie heeltemal die Vrystaat belet is nie, soos dikwels beweer word, was bogenoemde wetgewing só doeltreffend dat ’n grootskaalse instroming en vestiging van Indiërs in die Vrystaat en dus ook in Bloemfontein verhinder is. Hulle het dus nie ’n groot rol in Bloemfontein gespeel nie. Dit is moeilik om die gevolge van die beperkinge wat in die 1890’s op die Indiërs gestel is, te bepaal. Dit het beslis hulle getalle in die Vrystaat en dus ook in Bloemfontein beperk. Die meeste Indiërs het Bloemfontein na 1890 verlaat om elders ’n heenkome te soek.[24] Selfs vandag, meer as 120 jaar later, is daar steeds min Asiate in Bloemfontein woonagtig. Op die langtermyn het dit waarskynlik gelei tot ’n mate van kulturele verarming in die Vrystaat en sy hoofstad, omdat die ryk geskakeerde Indiese of Oosterse kultuur nie hier gefigureer het nie.

---

[23] Gouvernements Courant, 11.7.1890.

[24] *The Friend*, 24.3.1891, p. 3 en 8.9.1891, p. 2; P.J.J. Bredenkamp, *’n Sosiologiese studie van sekere aspekte van die Indiërbevolking in Suid-Afrika* (M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), p. 21.

Genoemde ordonnansie teen die vestiging van Asiate het verder ’n groot invloed op die handel gehad, aangesien baie van die Asiate handelaars was. Gevestigde Indiër-handelaars in Bloemfontein, hoewel hulle min in getal was, is dus beslis ernstig deur dié ordonnansie benadeel. Op handelsgebied het die ordonnansie die blankes waarskynlik bevoordeel, aangesien die Asiërs vanweë bogenoemde beperkinge nie hier met die blankes kon meeding nie.

Wat die verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Bloemfontein betref, blyk dit duidelik uit die bespreking in hoofstuk 2 dat blankes van alle kultuurgroepe in Bloemfontein hartlik verwelkom en as deel van die gemeenskap aanvaar en daarin opgeneem is. Al die blanke kultuurgroepe het in vrede saamgeleef en suksesvol tot voordeel van die Bloemfonteinse gemeenskap saamgewerk. Daar was ook nie juis sprake van klasseverskille nie, hoewel sommige beter opgeleide blanke inwoners en handelaars meer welgesteld was as die gewone spoorwegwerkers, amptenare en winkelklerke. Ofskoon sommige Nederlandse immigrante nie besonder geliefd by die Afrikaans- en Engelssprekende inwoners was nie, het ander, soos byvoorbeeld dr. J. Brill, tog ’n belangrike rol in die Bloemfonteinse gemeenskap en kultuurlewe gespeel en is hulle deur die ander inwoners gerespekteer.

Die Nederlandse besoeker, baron W.A. van Ittersum, het die goeie verhouding tussen die blanke kultuurgroepe baie treffend beaam: “De samenleving in Bloemfontein was, zooals men van de hoofdplaats eener Republiek verwachten kan. Verschil van stand bestond nagenoeg niet. Ieder werd er gewaardeerd volgens hetgeen hij presteerde en het gevolg was een zeer aangename verhouding tusschen de bewoners.”[25]

Gedurende die Reitz-tydperk was daar ’n streng skeiding op feitlik alle sosiale en samelewingsvlakke tussen blanke en ander groepe in Bloemfontein, hoewel al die groepe ekonomies baie nou verweef was. Die verhouding tussen wit en swart in Bloemfontein in die 1890’s was dié van baas teenoor kneg. Die swart mense het hulle in ’n onderdanige posisie teenoor die blankes bevind. Ofskoon die blanke inwoners van Bloemfontein die swart mense as hulle diensknegte beskou het, het hulle tog hul swart werknemers oor die algemeen mensliewend en goed behandel, hoewel paternalisties. Die blanke inwoners van Bloemfontein het hulle swart werkers dikwels as “kinders” beskou en vir hulle verantwoordelik gevoel. Terwyl daar nie ’n groot verskil tussen die lewenswyse van die verskillende blanke kultuurgroepe in Bloemfontein was nie (behalwe natuurlik tussen die meer welvarendes en die armer blankes), het swart en bruin mense minder verdien sodat hulle lewenspeil noodwendig laer as dié van die wit inwoners was.

---

[25] W.A. van Ittersum, *De Vrijstaters en hun geschiedenis*, p. 44.

Die aanraking tussen wit en swart in Bloemfontein het vêrreikende gevolge vir beide wit en swart gehad. Dit het tot groot kultuurveranderings gelei, veral vir die swart mense, aangesien hulle aan die Europese of Westerse kultuur blootgestel en grootliks daardeur beïnvloed is. Op feitlik alle kultuurgebiede was die swart mense aan kultuurverandering en -beïnvloeding onderworpe.[26] Die blankes se kultuur is egter ook deur die kontak met nie-blankes beïnvloed, hoewel meer indirek. Aangesien die blankes hulle ekonomie op die ongeskoolde arbeid van bruin en swart mense gebou het, het hulle afhanklik van goedkoop nie-blanke arbeid geword.[27] Hierdie ekonomiese integrasie tussen blank en nie-blank het ’n proses begin wat later ’n geweldige invloed op Suid-Afrika se geskiedenis sou uitoefen en uiteindelik tot ingrypende veranderinge in die land gelei het.[28]

Die bruin inwoners van Bloemfontein is meer geredelik deur die wit inwoners aanvaar en het selfs in ’n mate met beide die swart en wit inwoners vermeng, maar het tog nooit ten volle deel van óf die wit óf die swart gemeenskap van Bloemfontein geword nie. Die Indiërs daarenteen, is deur die blanke inwoners as indringers met ’n vreemde kultuur beskou. Gevolglik was Bloemfontein se blanke inwoners nie ten gunste van hierdie nuwe, vreemde kultuurgroep nie en – soos reeds aangedui – is streng beheermaatreëls en beperkinge op die Indiërs geplaas om te voorkom dat hulle Bloemfontein en die Vrystaat oorstroom.

Die koms van die spoorlyn het meer besoekers en ’n groter verskeidenheid mense na Bloemfontein gebring. Gevolglik is die inwoners aan nuwe idees, konsepte en stimulasie van buite blootgestel, wat weer tot ’n verruiming van hulle lewensuitkyk en die geestesklimaat in die Vrystaatse hoofstad gelei het. *The Friend* skryf hieroor: “Indeed the changes have been nothing less than marvellous [*sic*], and one can hardly believe that the people of the country generally can be the same who not so very long ago opposed all modern improvements, such as telegraphs, railways, bridges, and the like.”[29] Die koms van die spoorlyn het ’n optimistiese en individualistiese tydsgees of geestesklimaat onder die hoofstad se inwoners laat posvat en hieroor berig *The Friend* in 1893: “There is also an air of freedom and independence about the inhabitants, such as one would expect to find in a well established Free State.”[30]

Ten spyte van die feit dat Bloemfontein die hoofstad van ’n Boererepubliek met Nederlands as ampstaal was, het Bloemfontein in die laat 19de eeu ’n oorheersend Engelse karakter gehad en is daar heelwat meer Engels as Nederlands gepraat, waarskynlik omdat daar

---

[26] A.L. Müller (red.), *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika*, pp. 160-163.
[27] South African Native Races Committee (red.), *The South African natives; their progress and present condition*, p. 4.
[28] E.H., Brookes, *The history of native policy*, p. 415.
[29] *Ibid.*, 12.7.1892, p. 3.
[30] *Ibid*., 7.3.1893, p. 3.

soveel Europeërs en verskillende kultuurgroepe in die hoofstad gewoon het en Nederlands selfs nie meer die spreektaal van die Afrikaanse inwoners was nie.[31] Die republikeinsgesinde koerant *De Express* wat ’n groot voorstander van Nederlands was, het reeds in 1880 hierop kommentaar gelewer: “… arm Bloemfontein! In weerwil van uwe vele scholen, zijt gij niet waard de hoofstad des Vrijstaats te zijn; gij zijt meer Engelsch gezind, dan de hoofstad der Engelsche Kaapkolonie!”[32] Dit is in 1894 deur ’n korrespondent van die *Volksbode* bevestig: “Hoewel Bloemfontein de hoofdplaats van een Hollandsche republiek is, heeft ze meer het voorkomen van een Engelsche plaats dan eenige dorp in die Engelsche Kolonie. Men hoort er weinig Hollandsch spreken en alle goederen in de winkels zijn in Engelsch gemerkt.”[33]

In 1895 het ook ’n Transvaalse koerant, *De Volksstem*, oor Bloemfontein se sterk Engelse karakter geskryf: “Tien jaren geleden was Pretoria wat bijvoorbeeld Bloemfontein nog heden is; een door en door Engelsche stad, met Engelsche winkels, Engelsche clubs, Engelsche manieren en een geheel Engelsche opvatting der samenleving.”[34]

Margaret Leith het terugskouend opgemerk: “A curious town this Bloemfontein. Predominately English in speech, in character and in cultural affiliations, it was nevertheless the capital of a state of predominantly Dutch-speaking inhabitants …”[35] Tog het Bloemfontein in die 1890’s geleidelik begin verafrikaans, veral met die koms van armblankes en plattelanders na die hoofstad.

Die blanke inwoners van Bloemfontein was oor die algemeen stylvol en ontwikkeld. Ook die swart inwoners van die Vrystaatse hoofstad het mettertyd begin vooruitgaan en danksy die werk van die onderskeie kerkgenootskappe al hoe meer geletterd geword. Wat kleredrag betref, was Bloemfontein se blanke inwoners meestal redelik deftig geklee in Europese modes van die 1890’s. ’n Mens kan jou skaars voorstel dat dames in die 1890’s in Bloemfontein se stofstrate afgeloop het met rompe wat op die grond gesleep het. Hoewel veral dames- en dogtersdrag in die 1890’s nie juis prakties en gemaklik was nie, was dit stylvol en het dit baie tot die waardigheid, welvoeglikheid en hoflikheid van dié tydperk bygedra. Veral die damestabberds met hulle gepofte moue en versierde lyfies was dalk effe oordadig, maar tegelykertyd elegant en romanties. Die vroue het selfs in bogenoemde drag aan sportsoorte soos tennis en kroukie deelgeneem, terwyl hulle hul hoede op hulle kop balanseer. ’n Reisiger wat Bloemfontein in 1891 besoek het, het opgemerk dat die Bloemfonteinse vroue en meisies gesond en sterk lyk en dat “the majority dress with great

---

31 *De Burger*, 7.4.1894, p. 3; *The Friend*, 17.4.1894, p. 3.
32 *De Express*, 8.1.1880, p. 2.
33 Soos aangehaal deur *De Burger*, 28.4.1894, p. 2.
34 Soos aangehaal deur *De Burger*, 31.7.1895, p. 3.
35 M. Leith, ‘One of the faith …’: a history of St. Michael’s School, p. 2.

taste".[36] Die swart en bruin inwoners het ook klere in die Europese styl gedra, met hier en daar 'n aanpassing, soos die dra van 'n kopdoek deur swart en bruin vroue in plaas van 'n hoed.

Die waardigheid en stylvolheid, maar tog ook weelderigheid en oordadigheid, van die 1890's blyk nie net uit die kleredrag nie, maar ook uit die huisinrigting van die Laat-Victoriaanse tydperk in Bloemfontein, veral wat ontvangsvertrekke aanbetref. Die sterk Britse en Victoriaanse invloed word duidelik in die interieurfoto's van Bloemfontein gedurende die Reitz-tydperk weerspieël. Die gebruik van plakpapier met blompatrone daarop wat so tipies van die Laat-Victoriaanse tyd was, was in die 1890's nog algemeen in Bloemfontein. Tog dui die foto's op geleidelike verandering na die Edwardiaanse tydperk, aangesien stylkenmerke soos los matte, 'n vryer plasing van meubels, ligter interieurs en binneversiering, asook eenvoudiger gedrapeerde gordyne op sommige van die foto's verskyn.

Ook wat huweliks- en begrafnistradisies, gebruike en kleredrag aanbetref, was die Laat-Victoriaanse en Britse invloed in Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk duidelik te bespeur. Bogenoemde tradisies en gebruike het ook ooreengestem met dié van die res van Suid-Afrika uit dieselfde tydperk. Ofskoon sommige swart inwoners hulle tradisionele gebruike rondom huwelike behou het, het veral die meer gegoedes geleidelik al hoe meer verwesters. Die Westerse kleredrag, huisinrigting, eetgewoontes, asook huweliks- en begrafnisgebruike wat geleidelik deur swart inwoners oorgeneem is, is 'n duidelike aanduiding van die kultuurbeïnvloeding waaraan hulle in die Vrystaatse hoofstad blootgestel is.

Bloemfontein se inwoners het 'n relatief groot verskeidenheid voedsel, drank en tabakprodukte gehad om uit te kies. Terwyl die blankes se eetgewoontes in vergelyking met vandag byna oordadig was, het swart en bruin mense meer eenvoudig geëet en gedrink, kennelik omdat hulle nie duur en eksotiese kos en drank kon bekostig nie. Tog het hulle kennismaking met die blankes se sterk drank tot voorheen onbekende sosiale probleme soos dronkenskap onder swart inwoners gelei. Hulle het egter steeds hul tradisionele selfgebroude bier gebrou en gedrink, aangesien dit 'n belangrike rol in hulle kultuur gespeel het.

Die feit dat daar in die 1890's nog nie lopende water in Bloemfontein was nie, het huishoudelike take en die alledaagse lewe van die inwoners bemoeilik. Water moes by die spruit, fontein of waterputte gaan haal en na die huise aangedra word. Omdat die water dikwels besoedel was, het dit weer tot allerlei siektes en praktiese probleme gelei. Die koms

---

[36] *The Friend*, 30.6.1891, p. 3.

van Bloemfontein se eerste professionele wassery in 1895 het aan ’n groot behoefte voldoen, aangesien die was van wasgoed in die spruit, waterpoele en damme nie juis higiënies was nie.

Wat die gesondheidstoestande van Bloemfontein se inwoners in die Reitz-tydperk betref, was veral gistingsiektes soos die gevreesde witseerkeel en skarlakenkoors, wat weer met die drink van besoedelde water verband hou, ’n groot probleem. Dit was ook ’n aanduiding dat Bloemfontein se sanitasie nie altyd na wense was nie. Dan het hoogs aansteeklike siektes waarvoor daar nog nie regtig ’n kuur in die 1890’s was nie, soos pokke, ook ’n hele aantal sterftes veroorsaak. Heelwat buitelandse teringlyers wat in Bloemfontein se gunstige klimaat genesing kom soek het, het ook hier gesterf omdat hulle siekte dikwels reeds te vêr gevorder was.

As presidentspaar van die republiek OVS het pres. en mev. Reitz op verskillende lewensvlakke leiding gegee, ook wat kleredrag, interieurinrigting en sosiale lewe betref. Hoewel Reitz as staatshoof uiteraard ’n belangrike politieke rol gespeel het, was hy ook in vele opsigte ’n kultuurleier. Hy het hom nie net vir beter en meer doeltreffende onderwys beywer nie, maar was ook ’n taalstryder vir Afrikaans en het selfs van die eerste gedigte in Afrikaans geskryf. Reitz was ook betrokke by die stigting en bevordering van kultuurverenigings, soos die Bloemfonteinse Letterkundige en Wetenskaplike Vereniging, of die Literary and Scientific Society, soos dit algemeen bekend gestaan het. Verder het hy ook ’n belangrike rol gespeel in die stigting en bevordering van kulturele instellings soos die Nasionale Museum en die Bloemfonteinse openbare biblioteek. Pres. en mev. Reitz het ook op sosiale gebied leiding gegee met die hou van dinees, danse en ander sosiale funksies, terwyl hulle dikwels sosiale geleenthede, sportbyeenkomste, konserte, toneelstukke en operas bygewoon het.

Uit hierdie studie blyk dat daar tydens die Reitz-tydperk verskeie denominasies in Bloemfontein werksaam was, wat tekenend is van die belangrike rol wat godsdiens in die lewe van die inwoners gespeel het. Dit beklemtoon ook die feit dat absolute godsdiensvryheid in die OVS toegelaat is en dat geen beperking op enige geloofsgenootskap gelê is nie. As godsdienstige, maatskaplike en intellektuele instellings het die verskillende kerkgenootskappe in die 1890’s ’n belangrike rol in Bloemfontein gespeel en hulle het ’n groot invloed op die inwoners en bestuur van die Vrystaatse hoofstad uitgeoefen.[37] Ofskoon daar aanvanklik in die Boererepubliek en sy hoofstad ’n mate van agterdog teenoor kerkgenootskappe soos die Anglikane en die Rooms-Katolieke was, het dit teen 1889, toe Reitz staatspresident geword

[37] I.S.J. Venter, *Die Anglikaanse kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat, 1854-1900*, p. 23.

het, reeds grootliks verdwyn en is die bydrae van elke kerkgenootskap in Bloemfontein erken en waardeer.

Die rol van die Anglikaanse kerk op onderwysgebied was besonder groot, want nie alleen was hulle verantwoordelik vir die stigting van twee van Bloemfontein se bekende blanke seuns- en meisieskole nie, maar indien dié kerk nie verantwoordelikheid vir die onderrig van swart en bruin mense aanvaar het nie, sou dit waarskynlik grootliks agterweë gebly het, omdat die Vrystaatse regering feitlik geen voorsiening vir die onderwysbehoeftes van nie-blankes gemaak het nie.[38] Die verskillende skole en kerke wat deur die Anglikaanse kerk in Bloemfontein en die res van die Vrystaat tot stand gebring en onderhou is, het veral in die laaste 25 jaar van die republiek se bestaan 'n vêrreikende en diepgaande invloed op alle terreine van die samelewing uitgeoefen.[39] Ofskoon blanke onderwys deur sowel kerkgenootskappe as staatskole bevorder is, het die verskillende kerkgenootskappe tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 verantwoordelikheid vir die onderwys van swart en bruin mense in Bloemfontein aanvaar.[40]

Ook die NG Kerk het 'n betekenisvolle rol in veral blanke opvoeding en onderwys gespeel. Daar was dus in die OVS 'n vrugbare samewerking tussen veral die NG Kerk, die staat en die onderwys. Die NG Kerk het hom verder beywer vir verpligte onderwys, asook vir die onderwys van behoeftige leerlinge en doofstommes.

Sedert 1874 het die Vrystaatse onderwys 'n bloeitydperk beleef en tot 1899 het beide kerk en regering 'n groot bydrae tot die uitbreiding en bevordering van die onderwys gemaak. Na 1874 het die staatsonderwys in die OVS onder leiding van dr. John Brebner met rasse skrede vooruitgegaan, sodat die Vrystaat in die 1890's ook op onderwysgebied die naam van "Modelrepubliek" waardig was. Die onderwysstelsel onder leiding van dr. Brebner het ongeletterdheid in die Vrystaat bekamp en was ten spyte van struikelblokke besonder suksesvol.[41] Die OVS het in 1895 die eerste staat in Suid-Afrika geword wat 'n stelsel van verpligte onderwys vir blanke kinders ingestel het[42] 'n Kaapse koerant, die *Port Elizabeth Telegraph*, het opgemerk: "Viewed from every possible standpoint, the educational system in the Free State is admirable, and its success is more and more pronounced each year."[43]

---

38 Die staat het wel indirek 'n rol gespeel deurdat die Volksraad jaarliks 'n klein toelae van £250 aan die Anglikaanse Kerk in die Vrystaat toegeken het. *The Friend*, 14.6.1892, p. 2 en 17.6.1892, p. 3.

39 *Quarterly Paper of the Bloemfontein Mission* 107, Januarie 1895, p. 16; Venter, p. 251.

40 Venter, p. 24.

41 *Ibid*., p. 23; M.C.E. van Schoor, "Onderwys in die Oranje-Vrystaat" in J.C. Coetzee (red.), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*, p. 161.

42 P.S. Malan, *Openbare onderwys vir blankes in die Oranje-Vrystaat 1874-1899* (D.Ed.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 1951), p. 143; E.G. Pells, *European, coloured and native education in South Africa 1652-1938*, p. 68.

43 Soos weergegee in *The Friend*, 10.7.1894, p. 3.

Bloemfontein as die hoofstad van die OVS het die beste en grootste skole in die Vrystaat gehad. Verder was Grey-kollege en die Damesinstituut Eunice in Bloemfontein die enigste twee staatskole in die Vrystaat wat ook sekondêre skoolopleiding aangebied het. Teen 1890 het hierdie twee staatskole so ’n goeie reputasie gehad dat daar nie plek was vir al die leerlinge wat daar wou skoolgaan nie. Aangesien talle leerlinge uit die res van die Vrystaat en selfs uit die Transvaal na Bloemfontein se spog-kosskole gekom het, het die hoofstad se skole ’n besliste bydrae tot die opvoeding van die jeug van die Vrystaat en selfs in ander dele van Suid-Afrika gelewer.

In vergelyking met die lewenstempo van vandag was die lewe in Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk heelwat rustiger. Verder was pres. Reitz, al was hy die staatshoof, glad nie so vêr verwyder van die gewone inwoners van Bloemfontein nie. Omdat die Vrystaatse hoofstad in die laat 19de eeu steeds nie veel groter as ’n dorp was nie, het Reitz feitlik elke blanke inwoner geken. Die feit dat pres. Reitz dikwels sosiale geleenthede en konserte, asook eksamens en skoolsluitingsfunksies van die verskillende Bloemfonteinse skole bygewoon het, is tekenend van die informele, landelike en rustige lewe van dié tyd.

Hoewel die daaglikse lewenstempo in Bloemfontein en sy inwoners rustig was en die hoofstad ’n landelike atmosfeer gehad het, moet dit nie verwar word met ’n doodse plek waar niks ooit gebeur het nie. Inteendeel, as hoofstad van die vooruitstrewende Boererepubliek was Bloemfontein die middelpunt van talle ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele gebeure. Op ’n ontspanne en ordelike wyse is daar veel besigheid in die hoofstad gedoen, hoewel teen ’n heelwat rustiger tempo as vandag, terwyl die inwoners ’n sekere lewenslustigheid uitgestraal het. Reeds in 1887 beskryf eerw. James Mackinnon Bloemfontein so: “The towns and villages […] are full of sprightly life, especially Bloemfontein, the capital, in whose sweet shade all the bustle and show of high life flourish.”[44] Volgens ’n korrespondent van die *Transvaal Times* het Bloemfontein in die 1890’s ook ’n belangrike politieke rol in die opbou van ’n verenigde Suid-Afrika gespeel.[45] H.P.N. Muller (1859-1941), Nederlandse sakeman en konsul-genearaal van die OVS in Nederland, wat Bloemfontein net twee en ’n half jaar na Reitz se bedanking besoek het, het toe steeds dieselfde rustigheid, maar ook lewendigheid hier aangetref: “Wijd uiteen gebouwd, met nog geen 4 000 zielen alles te zamen, is Bloemfontein rustig en tog niet doodsch als punt van zamenkomst in een vooruitgaande staat; telkens ziet men nieuwe gezichten. […] Doch men moet geduld hebben hier: Staaaaadig is het motto der

[44] J. Mackinnon, *South African traits*, p. 199.
[45] Soos oorgeneem uit die *Transvaal Times* in *The Friend*, 13.12.1892, p. 2.

Boeren en ik hoorde den president in den Raad aanbevelen 'soetjeser' te gaan, want dat was 'sekerder'.''[46]

Wat die pers en koerante betref, het die eerste koerant in Bloemfontein, *The Friend*, reeds so vroeg as 1850 tot stand gekom en dit was ook die koerant wat die langste bly voortbestaan het. Die Bloemfonteinse koerante het die hoofstad se inwoners en selfs plattelanders politiek bewus gemaak, hulle aangemoedig om te lees en te skryf en selfs in 'n beperkte mate letterkundige skeppinge, soos gedigte en rympies, gepubliseer. Omdat Bloemfontein se koerante ook op die Vrystaatse platteland en selfs in die res van Suid-Afrika gelees is, het dit mense buite die Vrystaatse hoofstad ook beïnvloed en Bloemfontein aan ander dele van Suid-Afrika bekend gestel. Vir die navorser is veral *The Friend* wat 135 jaar lank bestaan het 'n unieke bron van kultuurhistoriese inligting oor Bloemfontein en die Vrystaat se verlede – 'n kroniek van groot en klein gebeure, asook oor mense uit die Vrystaatse geskiedenis.

Net soos feesdae en sosiale funksies was sport, ontspanning en vermaak belangrike elemente van die kultuurlewe in Bloemfontein en het dit 'n unieke karakter aan die Vrystaatse hoofstad gegee. Sport het sedert die vroegste dae van Bloemfontein se ontstaan 'n belangrike rol in die lewe van die inwoners gespeel en die onderlinge sosiale omgang bevorder, terwyl dit ook die fisiese welstand van die gemeenskap verbeter het.[47] Sport is ook 'n gebied waar die stoflike en geestelike kultuur mekaar beïnvloed. Sport self is nie-tasbaar en ressorteer daarom onder geestelike kultuur, maar tog word sport met tasbare voorwerpe beoefen, byvoorbeeld 'n rugby- of sokkerbal, of 'n tennisraket en -bal, wat weer onder stoflike kultuur ressorteer.

Buitelandse besoekers en besoekers van ander Suid-Afrikaanse gebiede is baie hartlik in Bloemfontein ontvang. Veral na die koms van die spoorlyn in 1890 kon buitelandse besoekers Bloemfontein maklik bereik. Besoekers aan die Vrystaatse hoofstad tydens die Reitz-tydperk het spesiaal melding gemaak van die vriendelikheid en gasvryheid van die Bloemfonteiners en hulle presidentspaar, terwyl die lewe hier baie vryer en meer informeel was as in Europa of selfs in Kaapstad.[48]

Die opening van die spoorlyn na Bloemfontein in Desember 1890 was 'n grootse geleentheid en is deur drie dae van feesvieringe gevolg. Alles het glad verloop en die

---

[46] H.P.N. Muller, "Reisbriewe 1898" (ingelei en toegelig deur dr. F.J. du Toit Spies), *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 2, Desember 1955, p. 130.

[47] P.J.N. Janse van Rensburg, "Só het die stad se geriewe gegroei", bylae tot *Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 27; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 14. Vergelyk ook A.C. Groenewald, *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Mei 1989), p. 110.

[48] *Daily News*, 28.3.1890, p. 3; *The Friend*, 5.2.1892, p. 3, 30.7.1892, p. 2 en 26.8.1892, p. 3.

Bloemfonteinse komitee wat vir die reëlings verantwoordelik was, het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Dat die inwoners so ’n groot feesgeleentheid só suksesvol kon reël, spreek boekdele van hulle bekwaamheid en vermoëns. Besoekers van die Kaapkolonie was vol lof vir die uitsonderlike gasvryheid en goeie reëlings van die Bloemfonteiners en het aan die *Argus* geskryf: “It was the grandest event that has ever taken place in South Africa. […] Nothing could have exceeded the glorious hospitality of the Free Staters.”[49]

Danksy kulturele instellings soos die openbare biblioteek en die Nasionale Museum was daar geleentheid vir intellektuele stimulasie vir die inwoners van Bloemfontein. In der waarheid was die ontwikkelingsvlak en lewenstandaard van Bloemfontein se inwoners verbasend hoog vir ’n binnelandse dorp in die 1890’s. Daar was ’n hele aantal professionele, belese en ontwikkelde mense van Europese afkoms sodat daar nie ’n gebrek aan inisiatief en intellektuele stimulasie was nie. Daar is dus vroeg reeds ’n aantal kultuur-, kuns- en musiekverenigings in die Vrystaatse hoofstad gestig, terwyl ’n redelik hoë standaard ook op musiek- en sosiale gebied gehandhaaf is. Die inwoners van die Vrystaatse hoofstad het graag gelees en ook op musiek- en toneelgebied is daar met talente gewoeker. Verder het die swart mense die geleentheid gekry om te leer lees en skryf en hulle vaardighede te verbeter.

Buiten bogenoemde ontspanning en tydverdrywe, het Bloemfontein sy inwoners tydens die Reitz-tydperk ook heelwat stimulasie op die gebied van kuns en vermaak gebied. Daar was basaars, die landbouskou en ander uitstallings, asook besoekende vermaakkunstenaars, terwyl daar geen tekort aan toneelopvoerings, lesings, musiek- en verskeidenheidskonserte was nie. Met die koms van die spoorweg teen die einde van 1890 was dit nou baie makliker en geriefliker vir buitelandse vermaakkunstenaars, toneelgeselskappe, sangers en musici om Bloemfontein te bereik. Afgesien van konserte deur plaaslike sangers, musici en orkeste, het ’n hele aantal buitelandse musikante, sangers en operageselskappe Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk besoek. Daar was in die 1890’s so ’n groot verskeidenheid van vermaak dat Bloemfontein se inwoners later selektief begin raak het ten opsigte van konserte, opvoerings ensovoorts wat hulle wou bywoon.[50]

Hoewel heelwat van Bloemfontein se inwoners ’n hoë ontwikkelingsvlak gehandhaaf en waardering vir klassieke musiek en kuns gehad het, moet dit nie uit die oog verloor word dat ’n hele aantal van die blanke inwoners spoorwegwerkers, winkelklerke en amptenare was wat waarskynlik ’n ligter smaak in musiek gehad het en nie so hoog ontwikkeld was nie. Daar

---

[49] Soos aangehaal deur *De Express*, 30.12.1890, p. 3.
[50] *The Friend*, 13.12.1895, p. 5.

was byvoorbeeld klagtes dat sommige jong mans hulle aan wangedrag tydens musiekkonserte en toneelopvoerings skuldig gemaak het.[51]

Ten spyte van die feit dat die Vrystaatse hoofstad in 1945 stadstatus gekry het, is die genoemde rustige landelikheid vandag steeds een van die kenmerke van Bloemfontein. Dit is vandag ’n uitgebreide stad met alle moderne geriewe, instellings en verskeie sakesentrums versprei deur die stad, maar steeds met ’n rustige, landelike karakter en atmosfeer, veral gemeet aan ander groot Suid-Afrikaanse stede soos Johannesburg, Pretoria, Kaapstad en Durban.

Soos genoem, het die Reitz-tydperk ’n tyd van geweldige uitbreiding en groei vir die Vrystaatse hoofstad meegebring en daarom het hierdie tydperk uiteraard ook ’n belangrike rol in die kultuurgeskiedenis van Bloemfontein gespeel. In die 1890’s is daar selfs geglo dat Bloemfontein vanweë sy sentrale ligging en belangrikheid op spoorweggebied, ’n goeie kans het om die hoofstad van ’n verenigde Suid-Afrika te word. Hoewel Bloemfontein nooit die administratiewe hoofstad van Suid-Afrika geword het nie, speel dit tog ’n belangrike rol as die geregtelike hoofstad van die land en die setel van die appèlhof.

Bloemfontein se karakter en voorkoms tydens die Reitz-tydperk is uitstekend deur ’n reisiger, lord James Bryce, tydens sy besoek aan Bloemfontein in 1895 in ’n neutedop opgesom: “It is [...] a bright, cheerful little place with 3,300 white and 2,500 black inhabitants [...] The air is dry and bracing, and said to be especially beneficial to persons threatened with pulmonary disease. As it is one of the smallest, so it is one of the neatest and, in a modest way, best appointed capitals in the world. It has a little fort, originally built by the British government, with two Maxim guns in the Arsenal, a Protestant Episcopal and a Roman Catholic cathedral as well as Dutch Reformed churches, all kinds of public institutions, a spacious market square, with a good club and an excellent hotel, wide and well-kept streets, gardens planted with trees that are now so tall as to make the whole place seem to swim in green, a national museum, and a very handsome building for the legislature, whose principal apartment is as tasteful, well-lighted, and well-arranged as any I have seen in any British Colony or American State. The place is extremely quiet, and people live very simply, though not cheaply, for prices are high [...] No religious animosities divide Christians, for there is perfect religious freedom. [...] It looks, and one is told that it is, the most idyllic community in Africa.” [52]

Ten spyte van tekortkominge het Bloemfontein met sy sentrale ligging, heilsame klimaat, daaglikse mark, ’n relatief wye verskeidenheid winkels en sake-ondernemings,

---

[51] *De Burger*, 22.6.1895, p. 3; *The Friend*, 25.8.1891, p. 3 en 18.10.1892, p. 3.
[52] J. Bryce, *Impressions of South Africa*, pp. 313-314.

finansiële, militêre en politieke instellings, bedrywe en nywerhede, indrukwekkende argitektuur, deftige huise en mooi tuine as kultuurbodem en stoflike kultuurmilieu vir sy inwoners in die betrokke tydperk veel gebied om hulleself te kon uitleef en ’n redelike hoë lewenstandaard te kon handhaaf. Danksy al die ontwikkelings en verbeterings het die Vrystaatse hoofstad tydens die Reitz-tydperk heelwat vooruitgegaan en verbeter. Met sy groot verskeidenheid kerke, skole, verenigings, kulturele instellings, organisasies, klubs, sport- en ontspanningsgeriewe, plaaslike en besoekende kunstenaars, aanbiedinge op die gebied van kuns, vermaak, opvoerings en konserte was Bloemfontein tydens die Reitz-tydperk inderdaad vir sy inwoners ’n ware kultuurtuiste.

BRONNELYS

I. PRIMÊRE BRONNE

A. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1. Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

E.N. Roberts-versameling (PV522)

1/3/42: Persoonlike dokumente en korrespondensie met K.H. Roberts.

1/4/1: Korrespondensie met A.B. Roberts.

1/5/1: Korrespondensie met L.C. Boshoff.

2/1/1: Aantekeninge en herinneringe.

2/1/2 - 2/1/4: Artikels, geskrifte en aantekeninge.

Senator I.G. Visser-versameling (PV181)

1/1/2/1: Notules, 1885-1905.

2/1/1/1: Korrespondensie en telegramme, 1875-1902.

2/7/1/1/1: Korrespondensie, 1902-1905.

2/8/1/1/1 - 2/8/1/1/2: Korrespondensie,1884-1902.

2/8/1/1/3, vol. 1-2: Korrespondensie, 1902.

3/1/1/1: Toesprake, 1900-1905.

3/1/2/1: Onderhoude en vertellings, 1962.

3/1/3/1: Verklarings, 1901.

3/2/1/1/1: Toesprake.

4/1/1/1: Artikels.

4/1/2/1 - 4/1/2/3: Geskrifte.

2. Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Kaapstad

Argief van die British Resident, Bloemfontein (GH10/1-10/2)

GH10/1: British Resident, Griqualand: acceptance of situation – spot chosen for Residency, Feb. 1846.

GH10/2: British Resident, Orange River Sovereignty, Junie 1848.

3. Marianna Botes Privaat-versameling

Fotostate van dokumente oor die Joodse inwoners van Bloemfontein verkry van mnr. Mark Gevisser, Posbus 85479, Emmarentia, 2029

1: Onderhoud met mev. Sophie Leviseur deur mev. Dora Sowden, 27.2.1952.

2. Notes on early Bloemfontein by Mrs. Sophie Leviseur (copied from her handwritten notebook by Mrs. Dora Sowden), 27.2.1952 .

4. NG-kerkargief, OVS, Bloemfontein (NGK)

Kerkraadsnotules van Bloemfontein, 1889-1895.

5. Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein

Abraham Fischer-versameling (A59)

59/7/1: Persoonlike dokumente en briewe ontvang, 1878-1902.

59/8/1: Korrespondensie met regter P.U. Fischer, 1888-1903.

59/8/2: Korrespondensie met verskeie persone, 1889-1906.

59/9/3: Oranje en Blou Boeke en diverse dokumente i.v.m. OVS Spoorweë, 1889-1897.

59/9/13: Diverse dokumente en fragmente i.v.m. Suid-Afrika, ongedateer.

59/9/14: Diverse persoonlike dokumente, ongedateer.

59/9/18: Diverse dokumente: briewe, publikasies van Grey Kollege, ens., 1879-1957.

59/10/3: Koerantknipsels, 1878-1898.

Advokaat Gladys Steyn-versameling (A549)

549/8: Biografieë en outobiografieë, 1877-1977.

549/9: Familie-aangeleenthede, 1916-1983.

549/18: Toesprake.

549/20: Diverse.

549/21: Pamflette en tydskrifte.

Argief van die Genootskap Oud-Bloemfontein (A203)

203/1: Grondwet en lede; uitnodigings na vergaderings; agenda's en notules; navorsing oor geboue, straatname, ens., 1895-1954.

Argief van die Goewermentsekretaris (GS)

GS105: Kontrak vir die oprigting van 'n Goewermentshuis te Bloemfontein, 13.7.1861.

GS183: Inkomende stukke, Bloemfontein, Februarie - Junie 1889.

GS184: Inkomende stukke, Bloemfontein, Junie - September 1889.

GS185: Inkomende stukke, Bloemfontein, September - Desember 1889.

GS186: Inkomende stukke, Bloemfontein, Desember 1889 - April 1890.

GS187: Inkomende stukke, Bloemfontein, April - Junie 1890.

GS188: Inkomende stukke, Bloemfontein, Junie - September1890.

GS189: Inkomende stukke, Bloemfontein, September - November 1890.

GS190: Inkomende stukke, Bloemfontein, Desember 1890 - Maart 1891.

GS191: Inkomende stukke, Bloemfontein, Maart - Junie 1891.

GS192: Inkomende stukke, Bloemfontein, Junie - September 1891.

GS193: Inkomende stukke, Bloemfontein, September - November1891.

GS194: Inkomende stukke, Bloemfontein, November1891 - Februarie 1892.

GS195: Inkomende stukke, Bloemfontein, November1891 - Mei 1892.

GS196: Inkomende stukke, Bloemfontein, Mei - Augustus 1892.

GS197: Inkomende stukke, Bloemfontein, Augustus - November 1892.

GS198: Inkomende stukke, Bloemfontein, November 1892 - Februarie 1893.

GS199: Inkomende stukke, Bloemfontein, Februarie - Maart 1893.

GS200: Inkomende stukke, Bloemfontein, April - Junie 1893.

GS1113: Inkomende stukke: Departement Openbare Werke, September - Junie 1883.

GS1117: Inkomende stukke: Departement Openbare Werke, September 1885 - Oktober 1890.

GS 1523: Uitgaande korrespondensie, staatspresident, 1885-1891.

Argief van die Hoë Kommissaris (OSH)

OSH9: Inkomende briewe: assistent-kommissarisse, Desember 1851 - Julie 1853.

OSH10: Inkomende briewe: spesiale kommissaris, Augustus 1853 - April 1855.

OSH11: Uitgaande briewe, 1848 - 1852.

OSH12: Diverse dokumente, Desember 1834 - September 1850.

OSH13: Proklamasies en regeringskennisgewings, Februarie 1848 - April 1854.

Argief van die kommissaris van Openbare Werke, Lande en Myne (PWD)

PWD1 - PWD2: Briewe ontvang: Bloemfontein, Okt. 1890 - Des. 1892.

PWD4 - PWD6: Briewe ontvang: Goewermentsekretaris, Okt. 1890 - Des. 1896.

PWD27 - PWD30: Uitgaande briewe: Geboue, Sept. 1890 - Nov. 1892.

PWD40 - PWD44: Uitgaande briewe: Geboue, Nov. 1892 - Sept. 1897.

PWD101: Planne: Dames Instituut en Pos- en Telegraafkantoor, Bloemfontein, Des. 1890 - Sept. 1891.

PWD121: Kontrakdokumente, 1883-1908.

PWD158: Spesifikasies: Kranksinnige gestig, 1875.

PWD161 - PWD163: Register met notas wat met die oprigting, toestand en instandhouding van geboue verband hou, 1890-1897.

Argief van die republiek Oranje-Vrystaat (A574)

574/1: ’n Beskrywing van die republiek OVS deur R. Bentham Weedon.

Argief van die stadsklerk van Bloemfontein (MBL)

MBL1/1/11: Notule. Stadsraad, Augustus 1852-November 1873.

MBL1/1/1/5: Notule: Stadsraad, Apr. 1887 - Feb. 1891.

MBL1/1/1/6: Notule: Stadsraad, Feb. 1891 - Aug. 1894.

MBL1/1/7: Notule: Stadsraad, Aug. 1894 - Mei 1896.

MBL2/2/1/3: Uitgaande briewe: Stadsklerk, Maart 1886 - Mei 1890.

MBL2/2/1/4: Uitgaande briewe: Stadsklerk, Mei 1890 - Des. 1892.

MBL2/2/1/5: Uitgaande briewe: Stadsklerk, Des. 1892 - Sept. 1893.

MBL2/2/1/6: Uitgaande briewe: Stadsklerk, Sept. 1893 - Jun. 1895.

MBL2/2/1/7: Uitgaande briewe: Stadsklerk, Jul. 1895 - Jun. 1897.

MBL2/2/2/1: Uitgaande briewe: Sanitêre Inspekteur, Aug. 1890 - Aug. 1895.

MBL3/1/2: Burgemeestersverslag, 31 Aug. 1889 en 31 Aug. 1890.

MBL3/1/3: Burgemeestersverslag, 31 Aug. 1892.

MBL3/1/4: Burgemeestersverslag, 31 Aug. 1896.

MBL3/1/5: Burgemeestersverslag, 31 Aug. 1897.

MBL3/1/6: Burgemeestersverslag, Sept. 1898 – 31 Des. 1900.

MBL7/1: Koerantknipsels, 1880–1891.

MBL7/2: Koerantknipsels, 1889–1903.

Argief van die St. George's Cottage Hospitaal (A61)

61/1-61/6: Verklarings deur naasbestaandes i.v.m. vereffening van hospitaalrekenings, 1890-1897; notuleboeke van vergaderings van die hospitaalkomitee, 1877-1929.

61/7: Geskiedenis van die St. George's Cottage hospitaal.

61/8-61/16: Reëls vir personeel, besoekers en pasiënte, kwitansieboeke, subskripsielys.

61/17-61/57: Bankboekie, kasboek, 1894-1901; register van pasiënte; korrespondensie, 1898-1926.

61/58-61/63: Subskripsielys (kwitansieboek vir donasies), 1893-1898, 1904-1909; spesifikasies vir bou van Kranksinnige Gestig, 1875; koerantknipsels.

Bram Fischer-versameling (A749)

1/1: Briewe: algemeen, Harry Fischer - Percy Fischer, 1886-1893.

1/2: Briewe: algemeen, Ada Fischer - Percy Fischer, 1893-1900.

1/3: Briewe: algemeen, Ada Fischer - Percy Fischer, 1894-1901.

1/4: Briewe: algemeen, Ada Fischer - Percy Fischer, 1895-1902.

1/5: Briewe: algemeen, Harry Fischer - Percy Fischer, 1894-1899.

Bylaes tot die Volksraadsnotules (VR)

VR3 no. 301, 1887, pp. 50-53.

VR4 no. 277, 1885, pp. 166-168.

VR13 no. 344, 1890, *Officieël Programma van Feestelijkhede ter eere van de Opening van de Spoorweg*, pp. 1-14.

Community of St. Michael and All Angels-versameling (Anglikaanse Kerk, Bloemfontein) (A510)

Dagboek/Journal bekend as *The white book*, gehou deur Community of St. Michael and All Angels, 1874-1976.

510/1: *The white book*, Jan. 1875 – Nov. 1908.

510/4: *The white book*, Jan. 1959 – Des. 1976.

Dr. John Brebner-versameling (A6)

6/1: Dag- en memorandum-boeke van dr. Brebner, 1843-1888.

6/2: Korrespondensie met verskeie persone; toesprake en aantekeninge deur dr. Brebner; sertifikate, eksamenuitslae en getuigskrifte van dr. Brebner; koerantknipsels, 1861-1902.

6/3: Sertifikate van en adresse aan dr. John Brebner; plakboek met koerantknipsels, ca. 1870-1899.

Dr. Otto Krause-versameling (A45)

45/1: Diverse dokumente, 1810-1934.

Eerwaarde C.T. Wood-versameling(A27)

Aantekeninge uit die register van *Proceedings of the Diocese of Bloemfontein*, programme en aantekeninge oor en uittreksels uit die dagboek van Eerwaarde William Crisp, 1850-1943.

Fred Shaw-versameling (A199)

Fred Shaw, “Historiese sketse van Bloemfontein”

G.A. Fichardt-versameling (A5)

5/1: Korrespondensie van en met verskeie persone; toesprake deur o.m. pres. Brand; regulasies vir die kommissie van Openbare Eksaminatore in Lettere en Wetenskap; koerante en koerantknipsels; manuskrip van G.A. Fichardt se memoirs: “A voice from Bloemfontein”; diverse dokumente, 1845-1902.

5/2: Korrespondensie; staatspublikasies; alfabetiese lys van boeke versamel vir die biblioteek, Bloemfontein; katalogus van Nederlandse boeke in die Openbare Biblioteek, Bloemfontein; koerante en koerantknipsels; diverse dokumente, 1845-1902.

G.B. van Zyl-versameling (A17)

17/1: Handgeskrewe manuskrip oor die republiek OVS, ca. 1870-1900.

J.G. Grosskopf-versameling (A162)

1/1: Korrespondensie, 1886-1916; programme en koerantknipsels, ca. 1895-1916.

P.J. Blignaut-versameling (A433)

1/1: Korrespondensie, programme, spyskaarte, diverse dokumente

J.R. Williams-versameling (A534)

534/1: Artikels en briewe i.v.m. die uniform van die OVS Artillerie, ca. 1857-1897.

Kaartversameling

1/35: Plan van Bloemfontein, opgestel deur A. Bain, 1848.

3/31: Plan van Bloemfontein, opgestel deur J. Hopkins, 1850.

2/254: "Proposed extension. Central Prison, Bloemfontein, 1901; CO51/4611/01: Report on proposed prison extension, Bloemfontein by dr. G.P. Yule, 30.12.1901."

2/664: "Supplementaire plan van de stad Bloemfontein. Bovenstaande erven in December 1894 gemeten door mij A. Ortlepp, Gouvts. Landmeter."

Karel Schoeman-versameling (A507)

1: Korrespondensie met o.m. die Leviseur-familie; tikskrifte van radiopraatjies oor ou Bloemfontein deur Sophie Leviseur: "Memories" I-VIII, 1952.

2: Korrespondensie i.v.m. die geskiedenis van Bloemfontein en outobiografiese notas deur Elsa Leviseur; onvolledige manuskrip van Sophie Leviseur se outobiografie; "Memories", 1890-1952.

3: Koerantknipsels, 1890-1955.

4: Gedenkbylaes van *The Friend* oor Bloemfontein en die OVS, 1946-1954.

5: Brosjures oor Bloemfontein, die OVS, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en Suid-Afrika.

6: Korrespondensie i.v.m. die geskiedenis van Bloemfontein en herinneringe van ou inwoners van Bloemfontein, o.a. mev. J. Pritchard, mev. Blanca Marais en mej. Rose Ehrlich.

7: Fotokopieë, planne, artikels en illustrasiemateriaal i.v.m. die skryf van die boek, *Vrystaatse erfenis*, navorsingsmateriaal i.v.m. eerw. Edgar Rose en die St. Patrick-kerk, Bloemfontein.

8: Afdrukke van planne van die St. Patrick-kerk, Bloemfontein.

9: Navorsingsmateriaal i.v.m. Bloemfontein en die OVS; herinneringe van oud-inwoners; navorsingsmateriaal verkry vanaf R.N.G. en Stigting Simon van der Stel.

10: Gedenkbylaes en brosjures i.v.m. Bloemfontein se geskiedenis.

11: Dokumente en korrespondensie i.v.m. pres. en mev. Steyn en die skryf van die boek *In liefde en trou*; herinneringe en aantekeninge van oud-inwoners; Blanca Borckenhagen-versameling.

12: Plakboek met koerantberigte van George Edmonds, gewese stadsklerk van Bloemfontein.

13: Korrespondensie en inkomende stukke met inligting vir die samestelling van publikasies in die *Vrijstatia*-reeks, o.m. *Pen pictures of the past*.

14: Herinneringe van mev. J.C. Schoeman en Kathleen Ramsbottom.

Maynie Fleck-versameling (A13)

13/1: Persoonlike dokumente en korrespondensie met mev. pres. Steyn, 1894-1953.

13/2: Algemene korrespondensie – briewe aan en van Maynie Fleck, 1894-1953.

13/21: Korrespondensie van die Fleck-familie, ca. 1862-1902.

Mej. M.C. Rose-versameling (A589)

589/1: “I take a holiday”: Weergawe van ’n reis wat deur eerw. Edgar Rose vanaf Kimberley via Bloemfontein na Thaba Nchu onderneem is, ca. 1892.

Mev. J. Scrivenor-versameling (A92)

92/1: Korrespondensie; verslae, dokumente oor vrouestemreg, verklarings, koerantknipsels en dagboek-aantekeninge, 1891-1936.

92/2: Plakboek met koerantknipsels.

92/3: Onderwys- en ander sertifikate van Christina Jane Brebner, 1889. Programme, poskaarte, brosjures en foto’s.

Nasionale Museum-versameling (A2)

1/1: Dokumente i.v.m. die Nasionale Museum.

4/1/1: Amptelike staatsdokumente en korrespondensie.

4/2/1: Diverse dokumente en verslae.

5/1: Dokumente en programme.

7/1: Dokumente en kennisgewings.

8/1: Koerante en koerantknipsels.

9/1: Diverse dokumente.

9/2: Gemengde dokumente, verslae en sertifikate.

P.J. Blignaut-versameling (A433)

433/1: Briewe; programme; uitnodigingskaartjies; poskaarte en In Memoriam-kaarte, ca. 1870-1910.

433/2: Koeverte; telegramme; spotprente; gelukwensinge met 30 jaar diens as goewermentsekretaris, 1892; koerante en koerantknipsels, ca. 1890-1965.

President F.W. Reitz-versameling (A7)

7/1: Korrespondensie; adresse aan pres. Reitz; gedigte deur pres. Reitz, 1883-1923.

7/2: Adresse aan pres. Reitz; petisie van die inwoners van Kimberley en Beaconsfield vir die oprigting van ’n spoorlyn tussen Bloemfontein en Kimberley; spyskaarte, foto’s, tydskrifte en brosjures.

President M.T. Steyn-versameling (A156)

1/1/1: Inkomende briewe aan pres. Steyn, 1881-1899.

1/1/17: Inkomende briewe aan mev. R.I. Steyn van familie, 1887-1929.

1/1/18: Inkomende briewe aan pres. en mev. Steyn van hul ouers, 1885-1901.

1/1/20: Inkomende briewe aan pres. en mev. Steyn van broers en susters, 1882-1902.

1/1/24: Inkomende briewe aan pres. en mev. Steyn van familie, 1884-1952.

6/1: Memoirs van mev. Steyn, 1884-1947.

7/1: Diverse stukke, 1888-1936.

7/2: Spyskaarte, programme en die inventaris van die Presidensie tydens die verblyf van pres. Steyn, ca. 1900.

Regter Melius de Villiers-versameling (A75)

75/1: Korrespondensie, aantekeninge en memorandums oor regskwessies, koerantknipsels, 1885-1935.

75/2: Korrespondensie, lesings, aantekeninge, koerantknipsels en geskrifte, ca. 1910-1919.

75/3: Wette, geskrifte, publikasies en lesings oor regsake; handgeskrewe herinneringe van De Villiers.

Renier-versameling (A119)

555: Brief en artikel deur P.J. Retief i.v.m. die polisie in die republiek OVS, 9.2.1954.

576: Herinneringe aan die republikeinse dae van die OVS, opgestel deur J.J. van der Merwe, 16.2.1954.

577: Herinneringe aan die Volksraad van die republiek OVS, deur J. de Villiers (Oom Japie).

1101: Brief van mev. D. van der Bergh i.v.m. ’n verduideliking van die betekenis van die naam Bloemfontein.

1102: Brief en artikel deur prof. Verloren van Themaat: *Die regstelsel en staatsregtelike instellings van die OVS republiek.*

1141: Getikte artikel: Verdrae wat deur die republiek OVS gesluit is.

1187: Brief van Johan Krige, Reitz Hoërskool, i.v.m. die viering van Geloftedag in die OVS, 15.6.1960.

Sophie Leviseur-versameling (A72)

72/1: Korrespondensie en toesprake, 1896-1930.

72/2: Diverse korrespondensie en toesprake.

72/3: Foto’s, poskaarte en kaarte van ou Bloemfontein.

72/4: Korrespondensie en dokumente, 1891-1934.

72/5: Dagboeke van Sophie en Clara Leviseur i.v.m. oorsese besoeke; dagboek van J. Bagley: “My trip to Matabeleland” (Mafeking); korrespondensie, 1900-1946.

72/6: Brosjures, pamflette en tydskrifte.

T. Barlow-versameling (A418)

Manuskrip: A.G. Barlow, *They built a country*.

***The Friend*-versameling (A566)**

134: Praatjie deur argitek W. Rhodes Harrison oor ou Bloemfontein op 8.3.1957.

443: Photo's: Bloemfontein history

441: Byskrif by foto van peerbome in Presidensie-tuin, 20.1.1984.

Van Riebeeckfees-versameling (A159)

3/1: Mouton, J.A. (sameroeper), *Die geskiedenis van Bloemfontein* (opgestel in opdrag van die Uniale Poskoets-reëlingskomitee).

Wolff Ehrlich-versameling (A16)

16/1: Korrespondensie van Ehrlich met verskeie persone, telegramme, uitnodigings en spyskaarte, 1892-1915.

16/2: Plakboek met koerantknipsels oor Ehrlich en sy loopbaan, 1890-1902.

6. Openbare Biblioteek, Bloemfontein (OBB)

9/78/4155: Talk by Mrs. Sophie Leviseur, 1952. (Tikskrif-kopie.)

7. Nasionale Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN), Bloemfontein,

69.51: Prof. P.J. Nienaber – direkteur, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, 16.4.1985.

8. William Cullen Biblioteek en Argiefbewaarplek, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg (WCB)

Argief van die Archbishops of Cape Town (AB1363)

B17: Bloemfontein Diocese – Correspondence, brochures, notes and list of bishops and dates.

Argief van Arthur Byrd, architect and brother of the Society of Augustine (AB764f)

Letters to members of his family, 1881-1883. Describes his life in Bloemfontein; the Bloemfontein Cathedral and various streets and buildings in Bloemfontein.

Argief van die Community of St. Michael and All Angels, Bloemfontein (AB 2644)

4: Purchase documents relating to the old Markgraaff Street buildings in Bloemfontein, the first home of St. Michael's Community and School.

5: Important early papers re St. Michael's.

6: Deeds.

7: Documents relating to building St. Michael's Home (and School) and Chapel in the early days 1874-1888.

32: Deeds of Association from 1893 – records of early Sisters of St. Michael's.

33: Statements of accounts, St. Michael's Home, Anglican Schools, Bloemfontein, Kimberley, etc. 1886-1899, and oddments previous to this date.

35: Property documents, 1895-1917.

36: Documents relating to the embellishments to the old St. Michael's, Markgraaff Street.

50: Letters of appreciation of the Sisters and St. Michael's School, 1895-1921.

51: History and works of the Community of St. Michael and All Angels, Bloemfontein; Memoirs of Sophie Leviseur (Baumann) and other notes with regard to St. Michael's School; history of St. George's Cottage Hospital.

52: Letters of appreciation of St. Michael's School.

54: Documents on past issues in the history of the Community of St. Michael and All Angels, Bloemfontein.

69: Old photo album going back to early 1880's.

70: Old photo album of early "worthies", including nursing volunteers.

71: List of Wardens of St. Michael's Community and School, 1874-1997.

73: Old business documents re building projects at the original St. Michael's Home.

89: Early group of St. Michael's Sisters in the front garden of St. Michael's Home, Bloemfontein.

94: First day covers 15.8.1991. Celebrating the centenary of the State Registration of Nurses in South Africa. 1891. Largely brought about by Sister Henrietta Stockdale of the Community of St. Michael and All Angels, Bloemfontein.

103: Early history of St. Michael's. Manuscript by Mother Mary Ursula, third Superior, about 1955.

Argief van R.R. Langham-Carter, church historian (AB442f)

Notes on Bishop Knight-Bruce. Relate to his early life, years spent at Bloemfontein as bishop from 1886-1891 and also to the period 1891-1894.

Argief van William Crisp, Archdeacon of Bloemfontein (AB187)

187/1: Papers 1866-1900.

Dokumente van die Diocese of Bloemfontein, Anglican Church (AB2259)

Bc2: St. Cyprian's Theological College, 1878-1883.

Dd3: Correspondence with regard to the cathedral building.

Dd7: The Cathedral of St Andrew & St Michael, Bloemfontein. Report by Peter Hancock, Architect.

I3: Pamphlet: Ladies association – S.P.G. Leaflets no. 44 – Bloemfontein.

I9: Programme: Consecration of John, fourth Bishop of Bloemfontein.

I12: Pamphlet: A charge address by William Crisp, Archdeacon of Bloemfontein, to the clergy, churchwardens and sidemen in the Archdeaconry.

Jb3: Extract from notes made by Edgar Rose for a lantern lecture, ca. 1904.

Jb4: Notes on the history of the Bloemfontein Cathedral, collected by C.T. Wood, 1943.

B. TYDGENOOTLIKE KOERANTE

(Vir koerantartikels, kyk II.F)

The Bloemfontein Pelican, 24.6.1905.

De Burger, een onafhankelijk Oranje Vrijstaat Nieuwsblad, Januarie 1894-Desember 1895.

Cape Times, 6.1.1897.

The Daily Express, Mei 1890 - Desember 1895; 6.9.1897 (voorheen: *The Daily News*).

The Daily News, 23.8.1882, 14.3.1883, Januarie 1889 - April 1890 (later: *The Daily Express*).

De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad, 6.3.1879, 8.1.1880, 29.1.1885, Januarie 1889 - Desember 1895.

The Friend, 3.9.1932; 19.2.1954.

The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 25.2.1854, 3.6.1854, 17.6.1854, 1.4.1854, 17.6.1854, 1.4.1859, 29.4.1859, 6.5.1859, 8.7.1859, 28.2.1868, 26.10.1871, 16.11.1871, 9.11.1871, 28.11.1872, 19.6.1873, 26.10.1873, 29.1.1874, 19.2.1874, 26.11.1874, 3.2.1876, 16.3.1876, 24.8.1876, 28.9.1876, 19.10.1876, 24.10.1878,

27.7.1882, 17.1.1884, 5.2.1885, 29.1.1885, 30.4.1885, 1.7.1886, 12.8.1886, 18.7.1888, 25.7.1888, Januarie 1889 - Desember 1895, 11.2.1897, 29.6.1899.

The Friend of the Sovereignty and Bloemfontein Gazette, 10.6.1850, 25.2.1854, 1.4.1854.

Nelson Evening Mail, 9.3.1903.

C. AMPTELIKE PUBLIKASIES

1. Imperiale Blouboeke

Further correspondence relative to treatment of natives by the Boers (CD 88). Londen: HMSO, 1888.

2. Oranjeboeke

Albrecht, F.W.R. *Rapport van den kapitein der artillerie over het dienstjaar 1892-1893. S.l.*: geen uitgewer aangedui, *s.a.*

Cape of Good Hope. Memoranda relating to and estimates of cost for the lines of railway contemplated by the resolutions of the Volksraad of the OFS in 1895, and the further Railway Convention between the Cape Colony and the OFS in December, 1896. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Census 1890 (Verslag van den census genomen op 31 Maart 1890). Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1890.

Railway convention between the OFS and the Cape Colony, 1889. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Railway convention between the OFS and the Cape Colony, 1891. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Railway convention between the OFS and the Cape Colony, 1896. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van de arbeids-commissie, 1894. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van de kommisie benoemd ten einde onderzoek in te stellen naar de zaak van de nieuwe Raadzaal, 1892. S.l.: geen uigewer aangedui, *s.a*.

Rapport van den afgevaardigden naar de Zuid-Afrikaansche Republiek, 8 Mei. 1895. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van den inspecteur-generaal van openbare werken over het dienstjaar 1891-1892. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van den Inspecteur-generaal van Openbare Werken over het dienstjaar eindigende 31 December 1895. *S.l.*: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van den kommandant der rijdenden dienstmacht over het dienstjaar 1892-1893. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van den raad van toezicht op spoorwegen voor het dienstjaar 1893-1894. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van den raad van toezicht op spoorwegen voor het dienstjaar 1894-1895. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Rapport van den thesaurier-generaal van den Oranjevrijstaat, over het dienstjaar 1 Maart 1889 – Februari 1890. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1890.

Rapport van den thesaurier-generaal van den Oranjevrijstaat, over het dienstjaar 1 Maart 1890 – 28 Februari 1891 en begrooting van ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar 1 Maart 1891 – 28 Februari 1892. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1891.

Spoorweg-conventie tusschen den Oranjevrijstaat en de Kaap Kolonie, 1891. *S.l.*: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Spoorweg-conventie tusschen de Kaapkolonie en den Oranje Vrijstaat, September 1896.S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Spoorweg-conventie tusschen de Zuid-Afrikaansche Republiek en den Oranje Vrijstaat, September 1896. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1888-1889. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1889.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1889-1890. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1890.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1890-1891. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1891.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1891-1892. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1892.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1892-1893. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1893.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1893-1894. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1894.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1894-1895. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1895.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1895-1896. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1896.

3. Ander amptelike publikasies

Bloemfontein Corporation. *Mayor's minute 1st September 1891 to 31st August, 1892.* Bloemfontein: Barlow Brothers, 1892.

Bloemfontein Corporation. *Mayor's minute 1st September 1892 to 31st August, 1893.* Bloemfontein: Barlow Brothers, 1893.

De Gouvernements Courant, 1889-1895.

Kellner, B.O. *Rapport over de werkzaamheden in het Nationaal Museum gedurende het dienstjaar 1892-1893.* Bloemfontein: geen uitgewer aangedui, 1893.

Notulen der verrichtingen van den hoogedelen Volksraad van den Oranjevrijstaat, 1876. Bloemfontein: C. Borckenhagen, *s.a*.

Notulen der verrichtingen van den hoogedelen Volksraad van den Oranjevrijstaat, 1881. Bloemfontein, C. Borckenhagen, *s.a*.

Notulen der verrichtingen van den hoogedelen Volksraad van den Oranjevrijstaat, 1889-1895. Bloemfontein: C. Borckenhagen, *s.a*.

Ordonnantie-Boek van den OVS 1854-1884, 1-3. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1884.

OVS Ordonnanties, 1882-1885, deel 2. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1885.

Regulatien voor de gekleurde bevolking binnen de gronden der Bloemfonteinsche municipaliteit, *Gouvernements Courant van den OVS*, 7.5.1861.

Stadsraad, Bloemfontein. *Regulaties voor de stad Bloemfontein.* Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1881.

Stadsraad, Bloemfontein. *Verslag van den burgemeester van Bloemfontein, voor het jaar eindigende 31sten Augustus 1890.* Bloemfontein: Gebroeders Barlow, 1890.

Stadsraad, Bloemfontein. *Verslag van den burgemeester, van den 1sten September 1891, tot 31sten Augustus 1892.* Bloemfontein: Gebroeders Barlow, 1892.

Wetboek van den Oranjevrijstaat, 1854-1891. Bloemfontein: C. Borckenhagen, 1892.

D. ANDER BRONNE

Diocesan Magazine 1(5), Junie 1894.

The Quarterly Paper of the OFS Mission, Junie 1871, April 1880, Julie 1888 – Maart 1896.

II. SEKONDÊRE BRONNE

A. LETTERKUNDIGE BRONNE: MEMOIRS, HERINNERINGE EN REISBESKRYWINGS

Backhouse, J. *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa.* Londen: Hamilton, 1844.

Bagot, D. *Shadows of the war*. Londen: Edward Arnold, 1900.

Balfour, A.B. *Twelve hundred miles in a waggon* (Facsimile reprint of 1895 edition). Salisbury: The Pioneer Head, 1970.

Barlow, A.G. *Almost in confidence.* Kaapstad: Juta, 1952.

Baumann, G. "Recollections: personal reminiscences of the Orange Free State. Old Bloemfontein", *The Friend,* 1.11.1911.

G. Baumann, "Recollections: old Bloemfontein. Early days of Grey College recalled", *The Friend,* 1.11.1911.

Baumann, G. "Recollections: personal reminiscences of the Orange Free State. Village of Bloemfontein", *The Friend,* 10.11.1911.

Baumann, G. en E. Bright. *The lost republic: the biography of a land-surveyor*. Londen: Faber and Faber, 1940.

Bidwell, M. en C.H. Bidwell. *Pen pictures of the past* (red. K. Schoeman). Vrijstatia-reeks nr. 5. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Bigelow, P. *White man's Africa.* Londen: Harper & Brothers, 1898.

Bodley, J.E.C. "A visit to President Brand", *Fortnightly Review,* vol XLIV, 1888.

Bryce, J. *Impressions of South Africa*. Londen: Macmillan and Co., 1900.

Childers, E. *In the ranks of the C.I.V.: a narrative and diary of personal experiences with the C.I.V. Battery (honourable artillery company) in South Africa*. Londen: Smith, Elder & Co., 1901.

Carroll, C.J. "Bloemfontein in bygone days", *The Friend,* 5.4.1927.

Cook, T. *My mission tour in South Africa: a record of interesting travel and Pentecostal blessing.* Londen: Charles H. Kelly, 1893.

Collins, W.W. *"Free Statia"; or, reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, South Africa.* Bloemfontein: *The Friend*, 1907.

De Waal, J.C. *Die herinneringe van …* (red. K. Schoeman). Vrijstatia-reeks nr. 7. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Een Hollander [K.J. de Kok]. *Toen en thans: mededeelingen en beschouwingen omtrent de twee republieken in Zuid-Afrika.* Kaapstad: Jacques Dusseau & Co. Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1898.

Fraser, J.G. *Episodes in my life*. Kaapstad: Juta & Co., 1922.

Ehrlich, R. "Recollections of early days in Bloemfontein", *Jewish Affairs*, Junie 1963, pp. 18-26.

Hallé, G. *Mayfair to Maritzburg: reminiscences of eighty years*. Londen: John Murray, 1933.

Izedinova, S. *A few months with the Boers: the war reminiscences of a Russian nursing sister* (vertaal en geredigeer deur C. Moody). Johannesburg: Perskor, 1977.

Kalff, S. *Onder een worstelend volk.* Haarlem: H.D. Tjeenk Willink & Zoon, 1899.

Leviseur, S. *Ouma looks back.* Port Elizabeth: Unie-Volkspers, 1944.

Leviseur, S. *Sophie Leviseur memories* (red. K. Schoeman).Vrijstatia-reeks nr. 1. Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.

Lucas, T.J. *Camp life and sport in South Africa: Experiences of kafir warfare with the Cape Mounted Rifles*. Africana Reprint library 2 (Facsimile reproduction of the 1878 edition). Johannesburg: Africana Book Society, 1975.

Mackinnon, J. *South African traits*. Edinburgh: James Gemmell, George IV. Bridge, 1887.

Menpes, M. *War impressions. Being a record in colour* (Transcribed by Dorothy Menpes). Londen: A. and C. Black, 1903.

Mansvelt, N. *De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen.* Utrecht: C.H.E. Breijer, 1902.

Mgadla, P.T. en S.C. Volz (reds.). *Words of Batswana: letters to Mahoko A Becwana, 1883-1896*. Van Riebeeck-vereniging. Tweede reeks no. 37. Kaapstad: Van Riebeeck-vereniging vir die publikasie van Suid-Afrikaanse historiese dokumente, 2006.

Moody, C. (red.). *Sophia Izedinova. A few months with the Boers: the war reminiscences of a Russian nursing sister*. Johannesburg: Perskor Publishers, 1977.

"Mr. Salzmann's Memoirs. Reminiscences of early Bloemfontein". *The Friend* (89th year), 19.9.1938.

Muller, H.P.N. *Ouden tyden in den Oranje-Vrystaat; naar H.A.L. Hamelberg's nagelaten papieren beschreven*. Leiden: Brill, 1907.

Muller, H.P.N. "Reisbriewe van dr. Hendrik P.N. Muller: 1898" (ingelei en toegelig deur dr. F.J. du Toit Spies), *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 2, Desember 1955.

Muller, H.P.N. *Zuid-Afrika: reisherinneringen*. Leiden: A.W. Sijthoff, *s.a*.

Murray, R.W. *South African reminiscences: a series of sketches of prominent public events which have occurred in South Africa within the memory of the author during the forty years since 1854, and of the public men, official and unofficial, who have taken part in them.* Kaapstad: J.C. Juta, 1894.

Neil, C.L. (red.). *South Africa in peace and war*. Londen: Miles & Miles, *s.a*.

Nicholson, G. *Fifty years in South Africa: being some recollections and reflections of a veteran pioneer*. Londen: W.W. Greener, 1898.

Nixon, J. *Among the Boers: or, notes of a trip to South Africa in search of health.* Londen: Remington & Co., 1880.

Orpen, J.M. *Reminiscences of life in South Africa from 1846 to the present day, with historical researches* 1 & 2. Africana Collectanea Series 10. Kaapstad: Struik, 1964.

Reitz, D. *Commando: a Boer journal of the Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers, 1990.

Reitz, F.W. *Outobiografie met sy twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte.* Kaapstad: Tafelberg, 1978.

Reitz, H. *The conversion of a South African nationalist.* Kaapstad: Unie-Volkspers, 1946.

Salter-Whiter, J. *A trip to South Africa.* Sutton: William Pile, 1892.

Schuur, H. "Quiet, peaceful days when one could dream", *The Friend*, 19.2.1954.

Schuur, H. "Those were the days in 'Old Bloemfontein' ", *The Friend*, 18.2.1954.

[Shaw, F.]. *Letters from South Africa by The Times special correspondent*. Londen, geen uitgewer aangedui, 1893. (Herdruk van *The Times*, Julie-Oktober 1892.)

[Sister Frances Louisa]. *Gleanings in sunny Africa, 1873-1901*. Oxford: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

St. John, W.J. *The Bloemfontein diary of Lieut. …1852-1853* (red. K. Schoeman). Kaapstad: Human & Rousseau, 1988.

Taylor, H. *Doctor to Basuto, Boer & Briton: memoirs of Dr. Henry Taylor* (red. P. Hadley). Kaapstad: David Philip, 1972.

Trollope, A. *South Africa*. Londen: Chapman & Hall, 1879.

Van Ittersum, W.A. “Een en ander over den Oranje-Vrijstaat”, *Elsevier’s Geïllustreerd Maandschrift* 18, Julie - Desember 1899.

“Walks about Bloemfontein, I: The park”, *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*, 27.7.1882.

Walks about Bloemfontein, III: The fort”, *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*, 3.8.1882, p. 3

“Walks about Bloemfontein, IV: The dam”, *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*, 10.8.1882.

“Walks about Bloemfontein, V: Our streets”, *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*, 17.8.1882.

“Walks about Bloemfontein, VI – North hills”, *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*, 17.8.1882.

Wood, J. “Some reminiscences of old Bloemfontein”, *The Friend*, 16.2.1946.

Wormser, J.A. *Van Amsterdam naar Pretoria: Acht maanden in Zuid-Afrika*. Amsterdam: Höveker & Wormser, 1897.

Warden, G. “Die herinneringe van George Warden” (red. D.A. van der Bank), *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 5(6), Oktober 1985.

B. BOEKE

Alberti, L. *De kaffers aan de zuidkust van Afrika, natuur en geschiedkundig beschreven*. Amsterdam: Maaskamp, 1810.

Anthony, J. *Discovering period gardens.* Aylesbury, U.K.: Shire Publications, 1985.

Arkin, A.J. *The contributions of the Indians to the South African economy 1860-1970*. Durban: Instituut vir Sosiale en Ekonomiese navorsing, Universiteit van Durban-Westville (I.S.E.R. nr. 14), 1981.

Ashton, H. *The Basuto: a social study of traditional and modern Lesotho*. Londen: Oxford University Press, 1967.

Badenhorst, A.R. “Aspekte van die sosiale lewe in Bloemfontein, 1864-1871” in *Memoirs van die Nasionale Museum* 12, April 1979. Bloemfontein: Nasionale Museum, 1979.

Barnard, B.J. “ ’n Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 11(1), 1948. Kaapstad: Die Staatsdrukker, 1948.

Barlow, T.B. *President Brand and his times: the life and times of President Brand.* Kaapstad: Juta, 1972.

Batts, H.J. *The story of a 100 years, 1820-1920: being the history of the Baptist Church in South Africa*. Kaapstad: Maskew Miller, *s.a*.

Becker, P. *Inland tribes of Southern Africa*. Londen: Granada Publishing, 1979.

Becker, P. *Tribe to township.* Suffolk: Granada Publishing, 1974.

Bhana, S. en B. Pachai (reds.). *A documentary history of Indian South Africans: black and white perspectives on South Africa* 2. Kaapstad: David Philip, 1984.

Bhana, S. en J.B. Brain. *Setting down roots: Indian migrants in South Africa 1860-1911*. Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1990.

Binney, R. (red.). *The origins of everyday things.* Londen: Reader's Digest Association, 1998.

Bond, J. *They were South Africans.* Kaapstad: Oxford University Press, 1956.

Boon, M..J. *The history of the Orange Free State*. Londen: W. Reeves, 1885.

Bosman, F.C.L. *Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu.* Kaapstad: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Britz, R.M. *Waaksame skans: die Tweetoringkerk Bloemfontein 1848-1998.* Bloemfontein: NG Kerkraad, 2000.

Brookes, E.H. *The history of native policy in South Africa from 1830 to the present day*. Pretoria: J.L. van Schaik, 1927.

Brookes, E.H. *White rule in South Africa 1830-1910: varieties in governmental policies affecting Africans.* Pietermaritzburg: University of Natal Press, 1974.

Brown, E.C. *The Catholic Church in South Africa: from its origins to the present day.* Londen: Burns & Oates, 1960.

Bruwer, J.P. *Die Bantoe van Suid-Afrika.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel, 1963.

Buck, A. *Victorian costume and costume accessories.* The Victorian Collector series. Londen: Herbert Jenkins, 1961.

Bundy, C. *The rise and fall of South African peasantry*. Londen: Heinemann, 1979.

Burke, P. *What is Cultural History?* Cambridge: Polity Press, 2004.

Burrows, E.H. *A history of medicine in South Africa up to the end of the nineteenth century.* Kaapstad: A.A. Balkema, 1958.

Calpin, G.H. (red.). *The South African way of life: values and ideals of a multi-racial society*. Londen: William Heinemann, 1953.

Coertze, P.J. *Die Afrikanervolk en die kleurlinge*. Pretoria: HAUM, 1983.

Coertze, P.J. (red.). *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*. Johannesburg: Perskor, 1977.

Coetzee, J.A. *Nasieskap en politieke groepering in Suid-Afrika (1652-1968)*. Pretoria: Transvaalse Uitgewersmaatskappy, 1969.

Coetzee, R. *Funa food from Africa: roots of traditional African food culture.* Durban: Butterworth, 1982.

Coleman, F.L. (red.). *Economic history of South Africa.* Pretoria: HAUM, 1983.

Collins, J.A. *The struggles of an infant state: being some glimpses into the history of the late Orange Free State Republic.* Kaapstad: Juta, 1925.

Conradie, L.J. *Spaanders wat vlieg: die romantiek van die poskantoor.* Pretoria: J.L van Schaik, 1953.

Crafford, D. *Aan God die dank: geskiedenis van die sending van die Ned. Geref. Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende buurstate* 1. Pretoria: Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing, Universiteit van Pretoria, 1982.

Crisp, W. *Some account of the Diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863 to 1894.* Oxford: James Parker and Co., 1895.

Cronjé, G. *Afrika sonder die Asiaat: die blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiate-vraagstuk.* Johannesburg: Publicité Handelsreklamediens, 1946.

Cronwright-Schreiner, S.C. *The life of Olive Schreiner.* Londen: T. Fischer Unwin, 1924.

Cunnington, C.W. *English women's clothing in the nineteenth century.* Londen: Faber and Faber, 1948.

Damant, D. *A centenary history of St. Andrew's School*. Bloemfontein: St. Andrew-skool, 1963.

Davenport, T.R.H. *The beginnings of urban segregation in South Africa: The Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its background.* Grahamstad: Institute of Social and economic Research, Rhodes University , 1971.

Davey, A. *The British Pro-Boers 1877-1902*. Kaapstad: Tafelberg, 1978.

Davis, A. *The native problem in South Africa*. Londen: Chapman & Hall, 1903.

Departement van Inligting (samesteller). *The Indian South African.* Pretoria: Staatsdrukker, 1975.

De Vos, T.J. *Maatskaplike ontwikkeling van die stedelike kleurlingbevolking van Bloemfontein.* Bloemfontein: Instituut vir Sosiale en Ekonomiese navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1982.

Dijkman, E.J. *Di Suid-Afrikaanse kook-, koek- en resepteboek* (Heruitgawe van die 1891-uitgawe). Kaapstad: Human & Rousseau, 1979.

Duggan-Cronin, A.M., G.P. Lestrade & I. Schapera. *The Bantu tribes of South Africa* 2: *The Suto-Chuana tribes.* Cambridge: Deighton Bell & Co., 1933.

Duncan, P. *Sotho laws and customs: a handbook based on decided cases in Basutoland* (Faksimilee-herdruk van die oorspronklike 1960-uitgawe). Morija: Morija Museum and Archives, 2006.

Du Toit Spies, F.J. *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*. Amsterdam: N.V. Swets en Zeitlinger, 1941.

Du Toit Spies, F.J. *'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat: uit die nagelate papiere van dr. Hendrik P.N. Muller, oud-konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat*. Amsterdam: Swets en Zeitlinger, 1946.

[Elffers, P.]. *Aardrijkskunde en geschiedenis van den Oranje-Vrystaat*. Bloemfontein: OVS Nieuwsblad Maatschappij – C. Borckenhagen, 1894.

Erasmus, P.A. *Die invloed van die mate van etniese bewustheid op die volksontwikkeling van die stedelike Suid-Sotho.* Bloemfontein: Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1983.

Favretti, R.J. en J.P. Favretti. *Landscapes and gardens for historic buildings: a handbook for reproducing and creating authentic landscape settings*. Nashville: American Association for State and Local History, 1978.

Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. *Afrikanerbakens*. Aucklandpark: FAK, 1989.

Finch, K. en G. Putnam. *The care and preservation of textiles*. Londen: Batsford, 1985.

Fisher, J. *The Afrikaners.* Londen: Cassell, 1969.

Fuller, A. *South Africa as a health resort, with special reference to the effects of the climate on consumptive invalids, and full particulars of the various localities most suitable for their treatment, and also the best means of reaching the places indicated.* Londen: W.B. Whittingham, 1897.

Garner, P. *The world of Edwardiana* Londen: Hamlyn, 1974.

Gerdener, G.B.A. *Ons kerk in die Transgariep: geskiedenis van die Ned. Geref. kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1934.

Giliomee, H. *The Afrikaners: biography of a people.* Kaapstad: Tafelberg, 2003.

Greig, D. *A guide to architecture in South Africa.* Kaapstad: Howard Timmins, 1971.

Groenewald, H.H.A. en A.D. Herholdt. *Bloemfontein tot 1900: 'n argitektuur-historiese studie*. Bloemfontein: Departement Argitektuur, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977.

Grobbelaar, P.W., G. Cronjé, J.A. Heese en F.J. Potgieter. *Mens en land* in die boekereeks P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur* 1. Kaapstad: Tafelberg, 1974.

Grobbelaar, P.W. *Volkslewe van die Afrikaner*: *die verhaal van ons volkskunde*. Kaapstad: Tafelberg, 1974.

Haasbroek, J. "Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat 1885-1924". *Memoirs van die Nasionale Museum* 15, Desember 1980.

Haasbroek, J. "Die rol van die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat 1848-1859". *Memoirs van die Nasionale Museum* 15, Desember 1980.

Hanekom, T.N. (red.). *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk: gedenkboek by ons derde eeufees, 1952*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers, 1952.

Hattersley, A.F. *An illustrated social history of South Africa.* Kaapstad: A.A. Balkema, 1969.

Hillier, A. *South African studies*. Londen: Macmillan, 1900.

Hlatshwayo, S.A. *Education and independence: education in South Africa, 1658-1988.* Contributions in Afro-American studies 196. Westport, Connecticut: Greenwood Press, 2000.

Horrell, M. *The education of the coloured community in South Africa, 1652-1970.* Johannesburg: South African Institute for Race Relations, 1970.

Houghton, W.E. *The Victorian frame of mind, 1830-1870*. New Haven: Yale University Press, 1970.

Huttenback, R.A. *Gandhi in South Africa: British imperialism and the Indian question, 1860-1914*. Londen: Cornell University Press, 1971.

Hyams, E. *A history of gardens and gardening.* Londen: J.M. Dent & Sons, 1971.

Joshi, P.S. *The tyranny of colour: a study of the Indian problem in South Africa. S.l.*, geen uitgewer aangedui, 1942.

Kapp, P.H. *Ons volksfeeste* in die boekereeks van P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur* 3. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Kench, J. *Cottage furniture in South Africa*. Kaapstad: C. Struik, 1987.

Kestell, T. *Ons volksdrag en iets oor die kleredrag van ons voorgeslagte.* Die tweede Trek-reeks nr. 19. Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.

Kestell, T. *Wat het hulle gedra? 'n Baie kort handleiding in verband met kleredrag sedert 1652 tot 1910*. Bloemfontein: Nasionale Boekhandel, 1951.

Kommunikasie: 'n naslaanwerk oor en opgestel in samewerking met die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese. Johannesburg: Erudita, 1978.

Kuppusami, C. *Religions, customs and practises of South African Indians.* Durban: Sunray Publishers, 1983.

Laidler, P.W. en M. Gelfand. *South Africa, its medical history 1652-1898: a medical and social study.* Kaapstad: C. Struik, 1971.

Leith, M. '*One of the faith …*': *a history of St. Michael's School.* Kaapstad: Purnell, 1973.

Loch, Dowr. Lady and Miss Stockdale (reds.). *Sister Henrietta C.S.M. and A.A.* Londen: Longmans, Green, 1914.

Loots, I. en M. Vermaak. *Pioneers of professional nursing in South Africa.* Bloemfontein: NG Sendingpers, 1975.

Lucie-Smith, E. *Furniture: a concise history.* New York: Oxford University Press, 1979.

Luckin, M.W. *The history of South African cricket: including the full scores of all important matches since 1876.* Johannesburg: W.E. Hortor & Co., 1915

Malan, J. *Rytuie van weleer*. 'n Monografie van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria. Pretoria: J.L. van Schaik, 1981.

Malan, J.H. *Die opkoms van 'n republiek of die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1929.

S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse republiek.* Durban: Butterworth, [1982].

Malherbe, E.G. *Education in South Africa (1652-1922)* 1. Kaapstad: Juta, 1925.

Marquard, L. en J. Lewin, *The native in South Africa.* Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1944.

Maylam, P. *A history of the African people of South Africa: from the early Iron Age to the 1970s.* Londen: Croom Helm, 1986.

Meer, F. *Portrait of Indian South Africans.* Durban: Avon House, 1969.

Memoir of the life and work of Rev. John Brebner. Edinburgh: Lorimer and Chalmers, 1903.

Men of the times: old colonists of the Cape Colony and Orange River Colony. Johannesburg: The Transvaal Publishing Company, 1906.

Mendelsohn, R. en M. Shain. *The Jews in South Africa: an illustrated history.* Johannesburg: Jonathan Ball Publishers, 2008.

Menko, H.S.N. *Contributions of the Netherlands to the development of South African medicine (1652-1902)*. Amsterdam: J.H. de Bussy, 1954.

Mertens, A. en J. Broster. *African elegance*. Kaapstad: Purnell & Sons, 1973.

Midgley, J.F. "The Orange River Sovereignty (1848-1854)" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 12(2). Parow: Die Staatsdrukker, 1949.

Miller, J en M. Miller, *Period style*. Londen: Mitchell Beazley Publishers, 1990.

Molema, S.M. *Chief Moroka: his life, his times, his country and his people*. Kaapstad: Methodist Publishing House, [1951].

Moll, J.C. "Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 36. Pretoria: Die Staatsdrukker, 1978.

Morris, P. *A history of black housing in South Africa.* Johannesburg: Suid-Afrika Stigting, 1981.

Müller, A.L. (red.). *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika*. Pretoria: Academica, 1979.

Naicker, G.M. *A historical synopsis of the Indian question in South Africa.* Pietermaritzburg: The University of Natal Press, *s.a*.

Nederland–Oranje-Vrystaat: uitgegee ter herdenking van die Nederlandse fees te Bloemfontein 30 September – 1 Oktober 1942. Pretoria: Nederlandse Gesantskap, 1942.

Nederland–Zuid-Afrika: gedenkboek uitgegeven door de Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging bijgelegenheid van haar vijftig-jarig bestaan 1881-1931. Amsterdam: Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging, 1931.

Newman, B. *South African journey*. Kaapstad: Howard Timmins, 1965.

Nel, B.F. *Naturelle-opvoeding en -onderwys* 1. Die tweede Trek-reeks nr. 19. Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.

Nepgen, C.C. *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*. Stellenbosch: Christen-studentevereniging, 1938.

Nienaber, P.J. *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika.* Die tweede Trek-reeks nr. 25. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1943.

Nienaber, P.J., J.D. Smit en S.M. Botes. *Vrystaatse argitektuur: histories-argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n oorsig*. Bloemfontein: Stigting NALN, 1987.

Oberholster, J.J. en M.C.E. van Schoor. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. S.l.*: NG Kerk in die OVS, *s.a*.

Oberholster, J.J. *The historical monuments of South Africa*. Kaapstad: Rembrandt van Rijn Foundation for Culture, 1972.

O'Connor, H. *No other school so dear: a history of the Eunice Schools 1875-1970.* Bloemfontein: Eunice School, 1974.

Odendaal, A. *The story of an African game: black cricketers and the unmasking of one of cricket's greatest myths, South Africa 1850-2003*. Kaapstad: David Philip, 2003.

Olivier, P.L. (samesteller). *Ons gemeentelike feesalbum: 'n oorsig van die ontstaan en groei van gemeentes van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met geleentheid van die Van Riebeeck-fees 1952.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers, 1952.

Oosthuizen, S.P.R. *Die Vierde Vrystaatse Raadsaal: gedenkboek 1893-1993*. Bloemfontein, OVS Provinsiale Administrasie, 1993.

Parker, G.A. (red.). *South African sports*. Londen: Sampson Low, Marston & Co., 1897.

Pells, E.G. *European, coloured and native education in South Africa 1652-1938.* Kaapstad: Juta & Co., *s.a*.

Picton-Seymour, D. *Historical buildings in South Africa*. Kaapstad: Struikhof Publishers, 1989.

Picton-Seymour, D. *Victorian buildings in South Africa including Edwardian & Transvaal republican styles 1850-1910: a survey of houses, churches, schools, public and commercial buildings with notes on the materials used, the architects concerned, the use of prefabricated ironmongery and the influence of European styles*. Kaapstad: A.A. Balkema, 1977.

Plaatje, S.T. *Native life in South Africa.* Randburg: Ravan Press, 1982.

Potgieter, S.V., L. Hanekom en T.J. Ligthelm. *Volkshospitaal 1893 – Nasionale Hospitaal 1993/ Volks hospital 1893 – National Hospital 1993*. *S.l.*: geen uitgewer aangedui, *s.a.*

Price, B. *The story of English furniture*. Londen : British Broadcasting Corporation, 1980.

Priestly, J.B. *The Edwardians*. Londen: Heinemann, 1970.

Romein, J. *In de hof der historie: kleine encyclopaedie der theoretische geschiedenis*. Amsterdam: E. Querido, 1963.

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (samesteller). *Volksgeneeskuns in Suid-Afrika: 'n Kultuurhistoriese oorsig, benewens 'n uitgebreide versameling Boererate*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2010.

Schapera, I. (red.). *The Bantu-speaking tribes of South Africa.* Kaapstad; Maskew Miller, 1956.

Schmidt, W. *Deutsche Wanderung nach Südafrika im 19. Jahrhundert.* Berlyn: Dietrich Reimer, 1955.

Schoeman, K. *Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad, 1846-1946.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.

Schoeman, K. *Bloemfontein in beeld, 1860-1910.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1987.

Schoeman, K. *Boukunsskatte van die Vrystaat.* Roodepoort: CUM-Boeke, 1985.

Schoeman, K. *In liefde en trou: die lewe van president M.T. Steyn en mev. Tibbie Steyn, met 'n keuse uit hulle korrespondensie.* Kaapstad, 1983.

Schoeman, K. *Olive Schreiner: a woman in South Africa 1855-1881* (Vertaal deur H. Snijders). Johannesburg: Jonathan Ball Publishers, 1991.

Schoeman, K. *Vrystaatse erfenis: bouwerk en geboue in die negentiende eeu.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.

Scholtz, G.D. *Die konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902.* Amsterdam: Swets & Zeitlinger, 1937.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 4*: 1881-1899*. Johannesburg: Perskor, 1977.

Seale, W. *Recreating the historic house interior*. Nashville: American Association for State and Local History, 1979.

Searle, C. *Die geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960: 'n sosio-historiese oorsig* (Vertaal deur J.C. van Pletzen). Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging, 1972.

Senekal, W.F.S. *Gedifferensieerde woonbuurtvorming binne die munisipaliteit van Bloemfontein: 'n faktor-ekologiese toepassingstudie*1 (Volume 10 Bloemfonteinprojek). Bloemfontein: Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1983.

Smit, P. en J.J. Booysen. *Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie.* Kaapstad: Tafelberg, vir die Instituut vir Plurale Samelewings, Universiteit van Pretoria, 1981.

South African Native Races Committee (red.). *The South African natives; their progress and present condition.* Londen: John Murray, 1908.

Stow, G.W. *The native races of South Africa: a history of the intrusion of the Hottentots and Bantu into the hunting grounds of the Bushmen, the Aborigines of the country*. Londen: Swan Sonnenschein & Co., 1905.

Strutt, D.H. *Fashion in South Africa 1652-1900: an illustrated history of styles and materials for men, women and children, with notes on footwear, hairdressing, accessories and jewellery.* Kaapstad: A.A. Balkema, 1975.

Swart, M.J. *Geloftedag*. Kaapstad: HAUM, 1961.

Swedberg, R. en H. Swedberg. *Victorian furniture: styles and prices*. Des Moines: Wallace-Homestead, 1981.

Symonds, R.W. en B.B. Whineray. *Victorian furniture*. Londen: Country Life, 1962.

Telford, A.A. *Yesterday's dress: a history of costume in South Africa*. Kaapstad: Purnell, 1972.

Thomas, G.S. *Great gardens of Britain*. New York: Mayflower Books, 1979.

Thomas, G.S. (red.). *Recreating the period garden*. Londen: Collins, 1984.

Thornton, P. *Authentic dekor: the domestic interior 1620-1920*. Londen: Weidenfeld and Nicolson, 1984.

Truter, E. *Rachel Isabella Steyn, 1865-1955: haar lewe was haar boodskap*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1997.

Uys, C.J. *Rouxville (1863-1963). Eeufeesgedenkboek van die suidoostelike Vrystaat. S.l.*: Rouxville-stadsraad, *s.a*.

Van der Horst, S.T. *Native labour in South Africa*. Cass Library of African Studies: South African Studies 4. Londen: Frank Cass & Co., 1971.

Van der Merwe, N.J. *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing* 1. Kaapstad: De Nationale Pers, 1921.

Van der Merwe, P.J. *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770-1842)*. Pretoria: Die Staatsbiblioteek, 1988.

Van Aswegen, H.J. "Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat 1854-1902" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 34(1), 1971. Pretoria: Die Staatsdrukker, 1977.

Van Ittersum, W.A. *De Vrystaters en hun geschiedenis*. Leiden: E.J. Brill, 1900.

Van Schoor, M.C.E. "Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in die Transgariep tot 1854" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 26(2), 1963. Pretoria: Die Staatsdrukker, 1964.

Van Wyk, G.N. *African painted houses: Basotho dwellings of Southern Africa*. New York: Harry N. Abrams, 1998.

Venter, H.J. *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel, 1652-1958*. Kaapstad: HAUM, 1959.

Venter, I.S.J. *Die Anglikaanse Kerk en die onderwys in die Oranje-Vrystaat, 1854-1900*. Pretoria: J.L. van Schaik, 1959.

Walton, J. *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat*. Amsterdam: Balkema, 1955.

Weaver, G. (red.). *Antiques in the home: a guide to period design and price*. Londen: Marshall Cavendish, 1974.

Whiteside, J. *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa*. Kaapstad: Juta & Co., 1906.

Wilmot, A. *South Africa*. Kaapstad: J.C. Juta, 1881.

Woodhouse, C.P. *The Victoriana collector's handbook*. Londen: Bell, 1979.

Zöllner, L. en J.A. Heese. *The Berlin missionaries in South Africa and their descendants*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Instituut vir Geskiedenisnavorsing, 1984.

C. HOOFSTUKKE IN BOEKE

Bakkes, C.M. "Die kommandostelsel met spesiale verwysing na die historiese ontwikkeling van sy rangstruktuur" in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner* (Pretoria: HAUM, 1979), pp. 294-313.

Behr, A.L. "Onderwys aan nie-blankes" in J.C. Coetzee (red.), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960* (Pretoria: J.L. van Schaik, 1963), pp. 437-443.

Coetzee, J.C. "Hoër Onderwys" in J.C. Coetzee (red.), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960* (Pretoria: J.L. van Schaik, 1963), pp. 353-377.

Dalgleish, J.W. "Bloemfontein" in W.C. Scholtz (red.), *The South African climate: including climatology and balneology, and discussing the advantages, peculiarities and capabilities of the country as a health resort – more particularly with reference to affections of the chest* (Londen: Cassell and Company, 1897), pp. 182-186.

Dreyer, P.S. " 'n Tipering van Afrikanerskap" in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner* (Pretoria: HAUM, 1979), pp. 37-47.

Dubb, A.A."The impact of the city" in Hammond-Tooke, *The Bantu-speaking people of Southern Africa* (Londen: Routledge & Kegan Paul, 1974), pp. 444-453.

Eyre, G.G. "Orange Free State" in W.C. Scholtz (red.), *The South African climate: including climatology and balneology, and discussing the advantages, peculiarities and capabilities of the country as a health resort – more particularly with reference to affections of the chest* (Londen: Cassell and Company, 1897), pp. 143-153.

Hellmann, E. "The native in the towns", in I. Schapera (red.), *The Bantu-speaking tribes of South Africa*, pp. 405-411.

Houghton, D.H. "The process of economic incorporation" in W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*, pp. 397-409.

Jones, J.D.R., “Social and economic condition of the urban native” in I. Schapera (red.), *Western civilization and the natives of South Africa: studies in culture contact* (Londen: George Routledge and Sons, 1934), pp. 159-192.

Joubert, D.J. “Die ontwikkeling van die juridiese en die judisiële stelsel in Suid-Afrika” in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner* (Pretoria: HAUM, 1979), pp. 280-293.

Mercier, D.P. en H.G.E. de la Cornillière. “The OFS and Basutoland Rugby Football Union and the game in the Orange Free State” in I.D. Difford (red.), *The history of South African rugby football (1875-1932)* (Wynberg: The Specialty Press of S.A., 1933), pp. 151-155.

Oelofse, A.N. “Die Vrystaat, 1843-1909” in *Ons regserfenis* (Durban: Butterworth, 1982), pp. 65-78.

Pencharz M. en D.L. Sowden. “In the Orange Free State” in G. Saron en L. Hotz (reds.), *The Jews in South Africa: a history* (Londen: Oxford University Press, 1955), pp. 320-334.

Ramphal, R. “Social transition” in A.J. Arkin, K.P. Magyar en G.J. Pilay (reds.), *The Indian South African: a contemporary profile* (Pinetown: Owen Burgess Publishers, 1989), pp. 73-92.

Rex, H.M. “Die neo-renaissance-boukuns in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat” in Caltex Bpk., *Bewaring van ons erfenis* 1: *Bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels* (Kaapstad; Caltex, 1966), geen bladsynommers.

Roodt, L. “Die restourasie van die Ou Presidensie” in P.J. Nienaber (red.), *Die Vrystaat en bewaring* (Roodepoort: CUM-boeke, 1984), pp. 133-141.

Shaw, M. “Material culture” in W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of southern Africa* (Londen: Routledge & Kegan Paul, 1974), pp. 85-126.

Van der Merwe, H. “Volksgeneeskunde” in P.W. Grobbelaar (red.), *Boerewysheid. Die Afrikaner en sy kultuur* 6 (Kaapstad: Tafelberg, 1977), pp. 117-128.

Van Jaarsveld, “F.A. Die Afrikaners se Groot Trek na die stede 1886-1976” in P.G. Nel, (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner* (Pretoria: HAUM, 1979), pp. 162-192.

Van Rensburg, S. “Die sosiale lewe in die die Ou-Vrystaat” in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Vrystaat en sy mense* (Kaapstad: Tafelberg, 1980), pp. 40-55.

Van Schoor, M.C.E. “Onderwys in die Oranje-Vrystaat” in J.C. Coetzee (red.), *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960* (Pretoria: J.L. van Schaik, 1963), pp. 135-162.

Van Schoor, M.C.E. “Die Oranje-Vrystaat” in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Tweede, hersiene en geïllustreerde uitgawe; Pretoria: Academica, 1975), pp. 236-255.

Van Warmelo, N.J. “The classification of cultural groups” in W.D. Hammond-Tooke (red.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa* (Londen: Routledge & Kegan Paul, 1974), pp. 56-84.

Wells, J.C. “The war of degradation: black women’s struggle against Orange Free State pass laws, 1913” in D. Crummey (red.), *Banditry, rebellion and social protest in Africa* (Londen: James Currey, 1986), pp. 253-270.

D. SKRIPSIES, VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

Aronstam, S.M. *A historical and socio-cultural survey of the Bloemfontein Jewish community with special reference to the conceptions of Jewish welfare work.* D.Soc.Sc.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Januarie 1974.

Badat, J.G.H. *South African Indians and the right to freedom of movement.* LL.M.-verhandeling, Universiteit van Durban-Westville, Durban, Januarie 1985.

Badenhorst, C.H. *Witsieshoek: sy betekenis vir die opheffing van die Bantoe.* D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1944.

Bernard, P.B. *’n Ondersoek na die implementering van die nasionale beginsel in die onderwysbeleid en -praktyk van die Vrystaat vanaf republiekwording 1854 tot en met Uniewording, 1910.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Januarie 1972.

Bester, F.A. *’n Krities-historiese studie oor die naturelle- en kleurling-onderwys in die OVS.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1945.

Bester, J.J.H. *Die ekonomiese ontwikkeling van die Oranje-Vrijstaat 1888-1899.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1946.

Beylefeld, P.J. *’n Sosiologiese ondersoek na die maatskaplike vraagstukke van die kleurling-gemeenskap van die OVS.* M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Januarie 1966.

Botes, S.M. *Van Residensie tot Presidensie: ’n kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein, 1846-1900.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, Julie 1993.

Botha, S. *Die verandering en ontwikkeling van die woonhuisargitektuur in Bloemfontein gedurende die tydperk 1846-1946 met bydraende faktore.* M.Arch.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, November 1991.

Bredenkamp, P.J.J. *'n Sosiologiese studie van sekere aspekte van die Indiërbevolking in Suid-Afrika.* M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, September 1971.

Calitz, C.P. *Die onderwys van die meisie in die Oranje-Vrystaat.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1949.

Carter, M.W. *An historical survey of the contribution of the Church of the Province of South Africa towards European education in South Africa.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad, *s.a*.

Coetzee, J.H. *Die Brits-Skotse invloed in die Vrystaatse onderwys, 1848-1900.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Januarie 1976.

Cooper, A.A. *The effects of political, economic and social events on the Order of Freemasons in South Africa, with some reference to the movement for the formation of a United Grand Lodge, 1777-1961*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1983.

Du Toit, J.H. *Die geskiedenis van die St. Andrew-skool, Bloemfontein.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, November 1963.

Fuller, A.F.J. *Convent school education in South Africa.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Mei 1943.

Grobler, V. *The history of dentistry in South Africa, 1652-1900.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, Mei 1974.

Groenewald, A.C. *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896-1899*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Mei 1989.

Hickmore, R.B. *The history of the educational work of the community of St. Michael and All Angels, Bloemfontein.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Desember 1947.

Human, J.L.K. *Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boereoorlog*. Mus.M.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1963.

Janse van Rensburg, P.J.N.*'n Histories-sosiologiese studie van die ontwikkeling van vryetydsbesteding en ontspanning binne die stadsgebied van Bloemfontein.* M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1949.

Janse van Rensburg, J.J. *Hollandse joernalistiek in die Oranje-Vrystaat, meer bepaald in Bloemfontein voor 1900.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1937.

Krige, D.S. *Afsonderlike ontwikkeling as ruimtelike beplanningstrategie: 'n toepassing op die Bloemfontein-Botshabelo-Thaba Nchu-streek.* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Mei 1988.

Kuijers, A. *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met die verwysing na die argitektuur van Potchefstroom (ca. 1860 tot 1940).* M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 1980.

Labuschagne, E.C. *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, September 1988.

Lamprecht, G.J. *Die ekonomiese ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 tot 1899.* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, November 1953.

Linde, A.A. *Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat se Onderwysersvereniging.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Julie 1929.

Lombard, S. van B. *Die ontstaan, historiese ontwikkeling en noodsaaklikheid van parke en die toepassing daarvan op Bloemfontein*. M.S.S.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Oktober 1986.

Malan, P.S. *Openbare onderwys vir blankes in die Oranje-Vrystaat 1874-1899.* D.Ed.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 1951.

Mathewson, J.E. *Policies and practices of native participation in municipal government in Southern Africa.* D.Phil.-proefskrif, Potchefstroom Universiteit, Potchefstroom, 1958.

Mentor, J.M. *Die histories-geografiese politieke ontwikkeling van Heidedal, Bloemfontein.* B.A. (Hons.)-skripsie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Julie 1983.

Müller, A.L. *Die ekonomiese posisie van die Asiaat in Suid-Afrika en enkele ander gebiede in Afrika.* D.Econ.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1963.

Potgieter, E.F. *'n Volkekundige ondersoek na die proses van integrasie van die Bantoe by die blanke ekonomiese stelsel in Suid-Afrika*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria, Augustus 1954.

Roodt, A.J. *Die argitektoniese bydrae van Francis Lennox Canning 1884-1895*. M.Arch.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1990.

Roodt, L. *The architecture of the Orange Free State Republic: 1854-1902*. Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1987.

Rossouw, T. *Die Erasmuskasteel (1903) in Pretoria: 'n kultuurhistoriese studie.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, November 2003.

Schüler, G.M.K. *Die Barolong van Thaba Nchu, OVS: 'n studie van kultuurverandering*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, Februarie 1965.

Sekete, A.M. *The history of the Mangaung (black) township*. M.A.-skripsie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Mei 2004.

Smit, J.D. *Identifisering en evaluering van die argitektuur van Philippolis*. M.Arch.-verhandeling. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 1989.

Snyman, P.M. *Die grondslae van die historiese aardrykskunde en die toepassing van die "spesifieke periode"-metode op die historiese aardrykskunde van Bloemfontein tot 1900.* M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1969.

Swanepoel, J.N. *Spoorweë in die republiek Oranjevrijstaat: 'n histories-ekonomiese studie met spesiale verwysing na die dekade 1890-1899.* M.Com.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1953.

Swemmer, T.P.E. *Die geskiedenis van die Vrystaatse Artillerie.* M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1953.

Taljaard, J.C. *Die Naturelle-administrasie van die stad Bloemfontein.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, November 1953.

Van der Bank, D.A. *Die stryd om die behoud van die identiteit van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie, 1902-1910.* Ph.D-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Junie 1993.

Van der Walt, K.S. *Die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die onderwys van blankes in die Oranje-Vrystaat tot 1900: 'n prinsipieel-historiese studie.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Januarie 1974.

Van Rensburg, A.P.J. *Die rol deur landdroste, vrederegters en veldkornette in die distrik van Bloemfontein vanaf 1854-1880 gespeel.* M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1952.

Venter, J.C.M. *M.W. Pretorius as staatspresident van die Oranje-Vrystaat 1860-1863.* M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1964.

Venter, J.F. *Die ontwikkeling van die stelsel van bewegingsbeheer ten opsigte van nie-blankes in Suid-Afrika 1652-1910* 2. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1974.

Venter, I.S.J. *Die geskiedenis van die Dames Instituut "Eunice", Bloemfontein.* M.Ed.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Desember 1950.

Winterbach, M.M. *Die tradisionele maatskaplike sorg van die swartes in Suid-Afrika: 'n literatuurstudie.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, November 1983.

E. TYDSKRIFARTIKELS

Ashton, E.H. "Medicine, magic and sorcery among the Southern Sotho", *Communications from the School of African Studies, University of Cape Town,* Nuwe reeks 10, Desember 1943, pp. 1-27.

Badenhorst, A.R. "Gesondheid en die mediese professie in die Oranje-Vrystaat, 1864-1871", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 6(1), Januarie 1992, pp. 19-24.

Beighton, P. en J.C. de Villiers, "The St. John Ambulance Brigade in the South African War, 1899-1902: casualties and memorials in South Africa", *Military History Journal* 10(5), Junie 1997, pp. 1-12,<http://samilitaryhistory.org/vol105de.html>, geraadpleeg 18.7.2013.

Botes, M. "Always coffee on the President's stove", *Nasionale Museum Nuus* 35, Oktober 1988, pp. 15-16.

Botes, M. "Die geklop van perdepote: perdewedrenne en renbane in Bloemfontein", *Culna* 57, Desember 2002, pp. 22-24.

Botes, M. "Die geur van nektar en rose …", *Culna* 49, September 1995, pp. 15-17.

Botes, M."Die Vrystaat se oranje choo-choo", *Culna* 61, November 2006, pp. 8-9.

Botes, M. " 'n Emmervol wortels vir twee sjielings: Bloemfontein se mark", *Culna* 50, April 1996, pp. 26-28.

Botes, M. "Hoe ry die poskar hop hop so ...", *Culna* 62, November 2007, pp. 10-11.

Botes, M. "Kersvreugde", *Culna* 56, September 2001, pp. 10-11, 21.

Botes, M. " 'n Naval Hill in Bloemfontein?", *Culna* 59, November 2004, pp. 3-5.

Botes, S.M. "Die Derde Presidensie, Bloemfontein, gedurende die verblyf van president F.W. Reitz, 1889-1895", *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 15(4), Desember 1999, pp. 66-106.

Botes, S.M. "Die oprigting van die Derde Presidensie in Bloemfontein", *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 12(7), November 1996, pp. 206-264.

Botes, S.M. "Die Ou Goewermentsgebou in Bloemfontein: van regeringskantore tot letterkundige museum", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 5(4), 1991, pp. 143-160.

Botes, S.M. "Die stoommeule en bierbrouery op die terrein van Fort Drury, Bloemfontein, 1868-1920", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 15(2), November 2001, pp. 1-20.

Botes, S.M. “Die viering van Onafhanklikheidsdag (Republiekdag) in die Oranje-Vrystaat 1854-1900”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 3(2), April 1989, pp. 83-92.

Botes, S.M. “Laat-Victoriaanse invloed op die interieur-inrigting van twee van Bloemfontein se bekendste wonings, 1880-1900”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 17(1), Junie 2003, pp. 115-140.

Botes, S.M. “Sosiale lewe in Bloemfontein se Derde Presidensie, 1886-1900”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 12(1), Mei 1998, pp. 19-45.

Brauer, J. “Bloemfontein has landmarks of Jewish origin”, *Jewish Affairs*, September 1980, pp. 115-117.

Brauer, J. “Jewish fighters of the Free State republic”, *Jewish Affairs*, April 1980, pp. 41-43.

Briedenhann, M. en J. Haasbroek. “J.E. Harrison, argitek en eerste bewoner van Freshford en sy gesin se lewe in Bloemfontein (1895-1902)”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 9(7), Augustus 1993, pp. 213-243.

Burden, M. “Die metodologie van Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), November 2000, pp. 13-30.

Burden, M. en B. Ekermans. “ ’n Klassifikasiestelsel vir Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 15(2), November 2001, pp. 21-40.

Coetzee, K. “Die voorvaders roep ...”, *Culna* 38, April 1990, pp. 20-22.

Coetzer, A.C.M. “Geskiedenis van die Nasionale Museum, 1877-1911”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 6(8), November 1989, pp. 244-291.

Conradie, E. “The race to the Rand: some rare pictures”, *SA Rail/SA Spoor* 32(6), November-Desember 1992, pp. 202-203.

Curson, H.H. “President Brand Rifles”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 11(2), Maart 1954, pp. 48-49.

De Villiers, D.P. “A history of medical services in the Orange Free State”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde*, 23 September 1944, pp. 303-308.

De Wet, R. “Die Laat-Victoriaanse interieur 1880-1890”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(1), Januarie 1984, pp. 23-25.

“Die standbeeld van president J.H. Brand”, *Restorica* 8, *s.a.*, p. 67.

Doman, E.J. “The in-betweeners: a look at the coloured people of South Africa”, *Optima* 25(3), 1975, pp. 130-151.

“Die beeldetuin is ook ’n boomtuin!”, *Wees Gegroet* (Nuusblad van die Vrystaatse Museumdiens) 7(1), Augustus 1979, p. 13.

Du Bruyn, D. “Miss Coplestone’s schoolroom”, *Culna* 67, November 2012, pp. 10-11.

Du Toit, E. “Die rol van F.W. Reitz in die stigting van die Nasionale Museum, Bloemfontein”, *Nasionale Museum Nuus* 28, Maart 1985, pp. 6-8.

Du Toit, M.A. “Die Nasionale Museum, Bloemfontein”, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 28(1) (Nuwe reeks nr. 13), Januarie 1972, pp. 23-35.

Dreyer, J. “The Basotho hut: from Late Iron Age to the present”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 16(3), September 1993, pp. 79-86.

Dreyer, P.S. “Verband tussen geestelike en stoflike kultuur”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 1(1), Maart 1987, pp. 1-7.

Erasmus, P. “Beplande intervensies – onbeplande uitkomste: oorlewing van die Islam in die Vrystaat”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 26(2), Desember 2001, pp. 88-100.

Erasmus, P. “Waaihoek: resettlement without light”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 21(3), September 1998, pp. 135-139.

Ferreira, O.J.O. “Kultuurgeskiedenis by ’n kruispad”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 11(2), November 1997, pp. 116-126.

Ferreira, O.J.O. “Taak van die kultuurhistorikus”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 2(2), April 1988, pp. 97-107.

Ferreira, O.J.O. “Waarom Kultuurgeskiedenis?”, *Lantern*, Februarie 1991, p. 31.

Flockemann, H.F.A. “Medical reminiscences of the Free State”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde*, 23.9.1944, p. 323.

Geyser, O. “Bloemfontein: die hoofstad van ’n voormalige modelstaat”, *Die Taalgenoot*, Maart 1969, pp. 6-7, 28-30.

Grobbelaar, P.W. “Die betekenis van volkskundige navorsing vir die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(1), Januarie 1984, pp. 10-12.

Grobbelaar, P.W. “Die herkoms van die Afrikaanse Kersfees”, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 9(1), 1995, pp. 49-63.

Grobbelaar, P.W. “Dit is Kultuurgeskiedenis”, *Die Kultuurhistorikus* 5(1), 1990, pp. 54-55.

Grobler, J. “Ontspanning in die Suid-Afrikaanse swart gemeenskap: ’n kultuurhistoriese perspektief”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*1(4), Desember 1987, pp. 321-337.

Groenewald, C. “Die Duitse bydrae”, *Suid-Afrikaanse Panorama* 28(11), November 1983, pp. 12-17.

Haasbroek, J. “A.E.W. Ramsbottom, eerste administrateur van die Oranje-Vrystaat 1910-1915”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 8(2), Maart 1992, pp. 69-140.

Haasbroek, J. “Die rol van dr. B.O. Kellner in Bloemfontein 1863-1918”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 20(4), November 2004, pp. 65-112.

Haasbroek, J. “Die rol van Wolff Ehrlich in Bloemfontein”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 22(3), Julie 2006, pp. 77-110.

Haasbroek, J. “Die swembadgeskiedenis van Bloemfontein”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 21(1), Junie 2007, pp. 57-71.

Haasbroek, J. “Founding venue of the African National Congress (1912): Wesleyan School, Fort Street, Waaihoek, Bloemfontein”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 18(7), November 2002, pp. 125-160.

Haasbroek, J. “Rolskaatsbane in Bloemfontein, 1909-1910”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 14(2), Junie 1998, pp. 46-71.

Haasbroek, J. “Thomas Mtobi Mapikela: Vrystaatse leiersfiguur van nasionale aansien”, *Culna* 53, Mei 1998, pp. 27-28.

Haasbroek, J. “The Native Advisory Board of Bloemfontein 1913-1923”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 19(4), Julie 2003, pp. 65-92.

Haasbroek, J. “Vanmelewe se *woest rijden* in Bloemfontein”, *Nasionale Museum Nuus* 26, April 1984, pp. 26-27.

Harris, K.L. “The Chinese in the early Cape Colony: a significant cultural minority”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 23(2), November 2009, pp. 1-18.

Havenga, S. “Republiek Oranje-Vrystaat het nooit eie munte gehad nie”, *Culna* 61, November 2006, pp. 28-29.

Havenga, S. “The telephone: ‘talking by lightning’ ”, *Culna* 64, November 2009, pp. 17-18.

Havenga, S. “With this ring …”, *Culna* 56, September 2001, pp. 4-5.

Havenga, S. en A. Wessels. “Die veranderende silhoeët van bruidsuitrustings, 1830-1930”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 23(4), September 2007, pp. 122-144.

Hoffman, A.C. “Interesting aspects about the early history of the National Museum in Bloemfontein”, *SAMAB* 6(13), Maart 1958, pp. 332-336.

Jooste, F. “Excerpts and anecdotes of cultural-historical interest from the history of wind music in South Africa (c.1770-1900)”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(2), November 2003, pp. 89-110.

Kapp, P.H. “Ontstaan en ontplooiing van die Afrikaanse kultuur 2”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(1), Januarie 1985, pp. 11-13.

Katoleon, G. en A. Wessels. “Bloemfontein’s Greek Community: historical background, emigration and settlement, ca. 1885 – ca. 1985”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 23(2), November 2009, pp. 19-37.

Kirsten, J.M. “Verskuiwinge in die eietydse kultuurbegrip”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(1), Januarie 1985, pp. 4-5, 13.

Le Roux, C.J.P. “Rol van die naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948”, *Contree* 25, 1989, pp. 5-11.

Lynch, C.D. “Mangaung: place of the great cats”, *Nasionale Museum Nuus* 33, September 1987, p. 3.

Malan, A. “Victorian weddings in South Africa: evidence from personal recollections, letters and photographs”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 7(1), Februarie 1993, pp. 1-9.

Matthews, Z.K. “Marriage customs among the Barolong”, *Africa: Journal of the International Institute of African Languages and Cultures”* 13(1), Januarie 1940, pp. 1-14.

Nel, P.G. “Kultuurgeskiedenis as wetenskap”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1(1), Januarie 1984, pp. 4-6.

Nel, P.G, C. Pretorius en O.J.O. Ferreira. “Kultuurgeskiedenis as wetenskap”, *Handhaaf* 19(2), November 1981, pp. 7-8.

Nienaber, P.J. “Die ou Presidensie word gerestoureer”, *Restorica* 9, *s.a*., pp. 28-30.

Oberholster, A.G. “Grensafbakening tussen Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 3(2), Julie 1988, pp. 23-27.

Oberholzer, J.J. “ ’n Kort geskiedenis oor die stigting van Bloemfontein en die Nasionale Museum”, *SAMAB* 9(12), September 1970, pp. 409-415.

“Obituary. George Graves Eyre, M.B., C.M. (Edin.), Claremont”, *South African Medical Record*, 24 Augustus 1912, pp. 354-355.

Pencharz, M. “The history of the Bloemfontein Jewish community”, *Hashomer*, September 1953, pp. 17-34.

Pienaar, G. “Indiër- en kleurlingstemreg in Suid-Afrika: geskiedenis en riglyne wat daaruit voortvloei”, *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* 31(4), Oktober 1980, pp. 136-145.

Ploeger, J. “Die verspreiding van die Franse Hugenote”, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 18(2), 1988, pp. 12-22.

Ploeger, J. “Op brandwag: drie eeue militêre geskiedenis van Suid-Afrika”, *Militaria: Tydskrif vir Militêre Geskiedenis* 1(4), 1969, pp. 5-47.

Potgieter, S.V. “The history of medicine in the Orange Free State 1854-1902”, *S.A. Mediese Tydskrif* vol. 46, 23.12.1972, pp. 2033-2042.

Radford, D. “Popular architecture in the United States of America and South Africa: a case study of the late nineteenth century”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 7(1), Februarie 1993, pp. 14-19.

Radford, D. “Symmetry and asymmetry in the South African house. *Lantern* 33(2), April 1984, p. 30-35.

Radford, D. “The ‘anarchy of iron’, official attitudes to wood and iron construction in South Africa”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 12(1), Mei 1998, pp. 1-17.

Roodt, L. “Die Ou Presidensie, Bloemfontein”, *Restorica* 2, Augustus 1976, pp. 49-51.

Saron, G. “The Jews in South Africa”, *Lantern* 6(1), September 1956, pp. 31-40.

Schoeman, K. “Die beginjare van die Katolieke Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1850-1869”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 25(4), Desember 1982, pp. 130-142.

Schoeman, K. “Die Fichardt-huis: ’n kleinood uit die Vrystaatse verlede”, *Restorica* 12, Oktober 1982, pp. 55-56.

Schoeman, K. “Die vroeë toneellewe van Bloemfontein: amateur opvoerings in die jare 1850-1890”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 25(5), Maart 1983, pp. 167-171.

Schoeman, K. “*The Friend* through the formative years”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 25(2), Mei 1982, pp. 63-66.

Smit, P.D. “Hubertus Elffers se betekenis vir die Vrystaatse onderwys tussen die jare 1888-1893 – II”, *Historia* 12(1), Maart 1967, pp. 39-48.

Sowden, D.L. “Sophie Leviseur: a symbolic figure”, *Jewish Affairs*, Januarie 1962, pp. 24-27.

Steenkamp, J.A. “Prys van die plaas Bloem Fontein”, *Argiefnuus*, 15(4), Oktober 1972, pp. 23-24.

Statham, F.R. “The case for the Transvaal”, *The National Review* 29(171), Mei 1897, pp. 344-348.

Swart, M.J. “Wese van kultuur met besondere verwysing na die Afrikaner”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 1(4), Desember 1987, pp. 338-346.

Tempelhoff, J.W.N. “Studies oor ’n multi-kulturele samelewing weer *chic*” (Redaksionele kommentaar), *Historia* 48(1), Mei 2003, pp. 1-2.

Tylden, G. “President Brand Rifles”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 11(4), September 1954, pp. 138-139.

Van Aswegen, H.J. “Die Oranje-Vrystaat en die Asiate”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 1, November 1969, pp. 29-45.

Van Aswegen, H.J. “Die posisie van die nie-blankes in die Oranje-Vrystaat”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 5, November 1973, pp. 41-60.

Van Aswegen, H.J. “Die verstedeliking van die nie-blanke in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 2, November 1970, pp. 19-37.

Van der Bank, D.A. “Bloemfontein se stigtingsdatum”, *Culna* 39, Oktober 1990, pp. 29-30.

Van der Bank, D.A. “Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935: stryd om identiteit en voortbestaan”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 11(11), Desember 1995, pp. 302-376.

Van der Bank, D.A. “Nasionale Museum 1: Stigting en vroeë geskiedenis, 1877-1921”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 13(2), Julie 1997, pp. 46-98.

Van der Bank, D.A. “Polisiemagte van die Vrystaatse republiek 1854-1900”, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 20(2), April 2004, pp. 46-64.

Van der Bank, D.A. “ ‘Tonsil Towers’: Bloemfontein se eerste privaathospitale”, *Culna* 50, April 1996, pp. 14-15.

Van der Ross, R.E. “ ‘The coloured people’s place in the sun”, *Optima* 11(3), September 1961, pp. 143-151.

Van Schoor, M.C.E. en J.J. Oberholster. “Die fontein van Bloemfontein: voorstelle vir ’n monument”, *Historia* 5(3), September 1960, pp. 169-178.

Van Wyk, T. “Om die pyp te rook”, *Culna* 41, September 1991, pp. 18-19.

Venter, I.S.J. “Die Anglikaanse Kerk en sy stryd om staatsondersteuning in die Oranje-Vrystaatse Republiek”, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika* C4, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1958, pp. 1-64.

Venter, I.S.J. “Die Bloemfonteinse Bewaarskool: die eerste staatsondersteunde kindertuin in die republiek van die Oranje-Vrystaat”, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika* C38, Pretoria, 1962, pp. 1-35.

Walmsley, A.B. “Staats Artillerie van de OVS: uniform and organization”, *Africana Aantekeninge en Nuus* 16(4), Desember 1964, pp. 143-156.

Wessels, A. “Onkunde omtrent die verlede kan tot historiese geheueverlies lei”, *Woord en Daad* 400, Winter 2007, pp. 23-25.

Wessels, A. “Vervoer: ’n dinamiese kultuurverskynsel”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 12(1), Mei 1998, pp. 97-106.

Williams, J.R. “A little bit of Prussia on the veld”, *Kaiserzeit* 9(3), 1980, pp. 16-22.

Williams, J.R.“Orange Free State Artillery Corps, circa 1895”, *Dispatch* 95, Lente 1981, p. 10.

F. KOERANTARTIKELS

(Vir tydgenootlike koerantberigte, kyk I.B)

Barnard, B.J. “Die stigting en stigter van Bloemfontein”, *Bloemfontein se eeufees 1846-1946, bylae tot Die Volksblad*, 22.3.1946, p. 22.

“Beautiful old furniture once graced the Presidency here: removed to Pretoria after the South African War”, *The Friend*, 4.6.1935, p. 7.

“Beginjare van onderwys in OVS”, *Die Volksblad*, 23.5.1931, pp. 5, 10.

“Bloemfontein as it presents itself to the visitor at the opening of the first Free State railway between Norval’s Pont and Bloemfontein on the 17th day of December, 1890”, *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad,* 23.12.1890, pp. 2-3.

“Bloemfontein Board of Executors and Trust Company Ltd.: valuable part played in the development of the province”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 68.

“Bloemfontein Board of Executors & Trust Company Limited”, *Supplement to The Friend,* Februarie 1954, p. 36.

“Bloemfontein in die jare 1800. Handel en ekonomie in die ou dae”, *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad,* Februarie 1954, p. 38.

“Bloemfontein’s rainfall statistics over half a century”, *The Friend,* 1.1.1934, p. 6.

“Bushmen and wild animals were the farmer’s chief enemies”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 28-29.

Crawford, J. “When boys caught fish in St. John Street”, *Bloemfontein’s centenary 1846-1946: supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 39.

Damons, A. “Inwoners hulpeloos toe stropers toeslaan”, *Volksblad*, 8.3.2012, p. 2.

“Established before the republic”, *The Friend of the Sovereignty*”, *supplement to The Friend,* Februarie 1954, p. 111.

“Familie vereer vir sy rol in ‘dorp’ ”, *Ons Stad*, 8.10.1987, p. 5.

"G.A. Fichardt Beperk: 'n eeu van eerlike en getroue diens", *Die Volksblad*, 20.3.1948, pp. 3-4.

Gericke, M. "Gandhi in Ramkraal-tronk aangehou", *Ons Stad*, 19.4.2012, p. 2.

Gericke, M. " 'Museum' geplunder: De Wet, Mandela dalk in dié historiese tronk aangehou", *Volksblad*, 4.4.2012, p. 2.

"Geweldige groei van spoorweë in OVS", *OVS eeufees-bylaag tot Die Vaderland*, 13.2.1954, pp. 7-9.

Gouws, H. "Min van vroeë argitektuur vir nageslag bewaar", *Bylae tot Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 15.

"Groei van Normaalkollege", *Die Volksblad*, 30.5.1931, p. 3.

Haasbroek, J. "Rolskaats-gier het vroeg in eeu Bloemfontein beetgepak", *Bylae tot Die Volksblad*, 8.5.1999, p. 10.

"History of sport is almost as old as city itself", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 67, 69.

Hoffman, A.C. "National Museum has put the OFS on the scientific map", *Supplement to The Friend to mark the republican festival*, 12.5.1966, p. 36.

"How Chamber of Commerce has served the Free State for 63 years", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 63, 65.

Janse van Rensburg, P.J.N. "Só het stad se geriewe gegroei", *Bylae tot Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 27.

Janse van Rensburg, P.J.N. "Uitdaging van £10 500 om biljarttafel uitgespook", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 49.

Kestell, T. "Modegrille wat vrouens se koppe laat draai het", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 25.

Leviseur, S. "Chased by a wildebeest across Hoffman Square", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 35, 37.

Leviseur, S. "My most memorable day in Bloemfontein: the coming of the railway", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 59.

Levy, B. "A library of distinction", *Supplement to The Friend to mark the republican festival*, 12.5.1966, p. 32.

Miller, G.N. "As others see us: Bloemfontein", *Bloemfontein Post*, 5.6.1911, p. 4.

Nienaber, P.J. "Besembos-taaiheid van Vrystaatse nuusblaaie", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 29.

"Onderwysgeskiedenis van Vrystaat", *Die Volksblad*, 30.5.1931, pp. 5, 7.

"Our portrait gallery: Mr. Gustav Baumann", *The Bloemfontein Pelican*, 24.6.1905, p. 8.

"Part of library will have to be moved", *The Friend*, 18.02.1954, p. 6.

Pienaar, C.J. "Bloemfontein van 100 jaar gelede", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 43.

"Posdiens en telegraaf lewensare wat stad met buitewêreld verbind", *Bloemfontein 150. Bylae tot Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 30.

Prinsloo, J. " 'n Terugblik oor die handel in die Vrystaatse hoofstad", *Die Volksblad feesuitgawe*, 22.3.1946, p. 58.

Schoeman, K. "Bloemfontein se gister", *Die Volksblad*, 25.9.1980, p. 3.

Schoeman, K. "Die dood van 'n legende", *Die Volksblad*, 17.3.1983, p. 5.

Schuur, H. "Those were the days in 'Old Bloemfontein' ", *The Friend*, 18.2.1954, p. 7.

Schuur, H. "Quiet, peaceful days when one could dream", *The Friend*, 19.2.1954, p. 14.

Scrivenor, C.J. "Women's work in Bloemfontein during the past century", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 49.

Shaw, F. "Bloemfontein sixty years ago", *Orange Free State centenary: supplement to The Friend*, 23.02.1954, pp. 65, 67.

"Skimme van glorieryke verlede: mev. Steyn na 47 jaar in ou presidentswoning", *Die Volksblad*, 26.5.1947, p. 1.

"Stories of city's churches tell of brave endeavour", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 73, 75.

"Die stad Bloemfontein", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 2.

Smit, A. "Free State's six presidents were men of outstanding qualities: a simple account of the men who moulded 'the Model Republic' ", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 15, 21.

"Te perd teen 6 m.p.u. om 'n hoek was te vinnig …", *Bylae tot Die Volksblad*, 28.3.1996, p. 21.

"*The Friend*", *Supplement to The Friend to mark the republican festival*, 12.5.1966, p. 34.

"*The Friend* and the Free State have marched together for one hundred years", *A century of achievement 1850-1950: special centenary supplement to The Friend*, 10.6.1950, pp. 5-13.

"*The Friend* will celebrate its centenary in four years' time", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, p. 71.

"The history of sport is almost as old as city itself", *Supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 67, 69.

Van Schoor, M.C.E. "OVS presidente het luister aan die Modelrepubliek verleen", *Die republikeinse byvoegsel tot Die Volksblad*, Februarie 1954, p. 37.

"When city engineer was paid £5 per month: the rise of Bloemfontein's municipality makes a fascinating story", *Bloemfontein's centenary 1846-1946, supplement to The Friend*, 21.3.1946, pp. 43, 45.

"Vrystaat se oudste besigheid", *Die Volksblad*, 19.5.1931, p. 5.

G. JAARBOEKE EN GIDSE

Bloemfontein Directory, 1898. Bloemfontein: Barlow Brothers, 1898.

The Bloemfontein pictorial: an illustrated description of Bloemfontein, Orange Free State, South Africa. Bloemfontein: W.A. Wright, [1896].

Calverley, E.L. *A guide to Bloemfontein, with a short history and description of the O.R.C.* Bloemfontein: Argus P. & P. Co., 1905.

De Express almanak en kalender, 1895. Bloemfontein: C.F. Borckenhagen, [1895].

The Friend almanac 1893. Bloemfontein: Barlow Brothers , [1893]

Macmillan, A. *The city of Bloemfontein. An illustrated review of the capital of the Orange River Colony: an historical, commercial and general review.* Macmillan's South African Series. Bloemfontein: A. Macmillan, 1902.

Smith Brothers, *Horticulture: a guide for the garden*. Port Elizabeth: Smith Bros. FRHS, [1898].

The South African Jewish year book. S.l.: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

The South African medical directory for 1896 including the medical practitioners and dentists registered and resident in Cape Colony, with Bechuanaland and native territories, Orange Free State, South African Republic, with Swaziland, Natal, with Zululand, Rhodesia and the medical officers of the naval and military forces stationed in South Africa; also the hospitals, asylums and medical societies in South Africa. Kaapstad: Cape Times, 1896.

Het Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1893. Bloemfontein: Barlow Brothers, 1892.

Het Vrijstaatsch jaarboek en almanak 1894. Bloemfontein: Barlow Brothers, 1893.

H. BROSJURES, PAMFLETTE, GEDENKBYLAES, LESINGS, GELEENTHEIDSPUBLIKASIES EN NUUSBRIEWE

A brief history of the Bloemfontein Mission, South Africa, from its commencement to 1876, Londen: J.T. Hayes, 1876.

"The Anglican Church in Bloemfontein", *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954. A hundred years of progress.* (Bloemfontein, 1954), pp. 80-81.

Aspects of Jewish life in South Africa: three lectures delivered to the Friends of the Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, on 27-29 October 1980. Johannesburg: University of the Witwatersrand, 1980.

Bloemfontein: a short history. Bloemfontein: geen uitgewer aangedui, 1964.

Bloemfontein: a short illustrated history. Bloemfontein: geen uitgewer aangedui, 1977.

Bosman, F.C.L. *Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu.* Kaapstad: geen uitgewer aangedui, 1930.

Botes, S.M. "Een schreeuwend onrecht" – Bloemfontein se gevangeniswese tydens die republikeinse tydperk, 1854-1900" in S.W. le Roux en R.C. Fischer (reds.), *Festschrift ter ere van O.J.O. Ferreira* (Gordonsbaai: Adamastor, 2010), pp. 71-75.

Bourne, H.R.F. *Blacks and whites in South Africa: an account of the past treatment and present condition of South African natives under British and Boer control.* Londen: P.S. King, 1900.

Brady, J.E. *From garrison town to archbishopric: the story of the church in Bloemfontein and the OFS 1850-1954, and of Rev. Fr. P. Hoendervangers, O. Praem. the first priest. S.l.*: Catholic History Bureau, *s.a*.

Brink, S. *et al*. (reds.). *Die kultuurhistoriese bydrae van die Duitssprekendes in Suid-Afrika*. Bundel met kongresreferate. SAVK Kongres, Genadendal, 27-28 Augustus 1992. Pretoria: Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, 1992.

Britz, D.P. "The development of education in the Free State", *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954. A hundred years of progress*, Bloemfontein, 1954, pp. 74-77.

Brown, A.C. *150 years of service to God: a brief history of the Anglican Cathedral of St. Andrew and St. Michael (Bloemfontein, South Africa).* Bloemfontein: geen uitgewer aangedui, 2000.

Bruiduitstalling-brosjure, Freshford-huismuseum. Bloemfontein: Nasionale Museum, Maart, 2000.

Burns, R. "The fountain of flowers", *Free State cameos: a series of talks broadcast to mark the opening of the F.M. service in the OFS. S.l.*: SABC, *s.a.*

Carey, W.J. *The Bloemfontein diocese and its problems.* Londen: A.R. Mowbray, 1924.

Cathedral of the Sacred Heart, consecrated on 2nd May, 1964, by His Grace the Most Reverend W.P. Whelan, O.M.I., Archbishop of Bloemfontein. Bloemfontein: A.C. White, *s.a*.

Centenary journal [Greenhill Convent, Bloemfontein], *1876-1976.* [Bloemfontein]: geen uitgewer aangedui, [1976].

De Express festival number and visitor's guide; opening of the railway, Bloemfontein, OFS, on the 17thday of December, 1890.

Die Volksblad feesuitgawe, 22.3.1946.

Diocese of Bloemfontein 1863-1963 [Centenary brochure]. Bloemfontein: The Bloemfontein Diocesan Centenary Committee, 1963.

Diocese of Bloemfontein (Historical Sketches: new series). Westminister: The Society for the Propagation of the Gospel in Foreign Parts, *s.a*.

Friend, D.G. "The presence of German influence in the military history of South Africa", *Die kultuurhistoriese bydrae van die Duitssprekendes in Suid-Afrika*, (bundel met kongresreferate, SAVK Kongres, Genadendal, 27-28 Augustus 1992).

Le Roux, C.J.P. *Die bome voor die Ou Goewermentsgebou*. Gedenktekens van die Vrystaat reeks 2, 1980. Bloemfontein: Vrystaatse Provinsiale Museumdiens, *s.a.*

Le Roux, C.J.P. *Moroka II en die Barolong van Thaba Nchu*. Voortrekkermuseum Vrystaat 6. Bloemfontein: Vrystaatse Provinsiale Museumdiens, *s.a.*

Macnab, R. *The English-speaking South Africans: a series of talks broadcast on the English service of the South African Broadcasting Corporation. S.l.*: SABC, *s.a.*

Marquard, D. *The Bloemfontein Club/Die Bloemfontein-klub, 1881-1969*. Bloemfontein: Bloemfontein-klub, 1969.

O'Connor, H. *Bloemfontein*. Bloemfontein: Deale Brothers, *s.a*.

OVS Provinsiale Administrasie. *The Fourth Raadsaal, Bloemfontein*. Bloemfontein, OVS Provinsiale Administrasie, *s.a*.

Rose's Buzz & Babbler 32, Bloemfontein, Oktober 2008.

Rose's Buzz & Babbler 33, Bloemfontein, November 2008.

Rose's Buzz & Babbler 35, Bloemfontein, Januarie/Februarie 2009.

Schoeman, K. *Die Bloemfontein-klub 1881-1981: 'n eeufeesbrosjure/The Bloemfontein Club 1881-1981: a centenary brochure.* Bloemfontein: geen uitgewer aangedui, 1981.

Sister Cecilia. *Centenary Journal* [Greenhill Convent, Bloemfontein], *1876-1976.S.l.*: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

S. Michael's School, Bloemfontein, Jubilee, 1874-1924. *S.l.*: geen uitgewer aangedui, *s.a*.

Souvenir of the great Bloemfontein disaster: an album of realistic photographs with full description of the catastrophe. Kaapstad: Central News Agency, *s.a*.

"The story of *The Friend*: 100 years of Free State history", *The golden Free State: a centenary souvenir 1854-1954. A hundred years of progress.* Bloemfontein, 1954, pp. 113-114.

The Indian South African. Pretoria: Departement van Inligting: Staatsdrukker, 1975. *S.l.*: South African Railways and Harbours Administration, 1935.

Trümpelmann, G.P.J. *Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat: Festgabe zur Feier des 75-jahrigen Bestehens der deutsch-lutherishen Gemeinde zu Bloemfontein* (bylae by *Die Eiche*, Beilage 8, 1950). Pretoria: V & R, 1950.

Uys, C.J. *Native life in South Africa*. *S.l.*: South African Railways and Harbours Administration, 1935.

Vyf- en sewentig jaar 1855-1930 [Grey-kollege gedenkbrosjure]. Bloemfontein: A.C. White, 1930.

Wood, C.T. *A short history of Bloemfontein Cathedral.* Bloemfontein: geen uitgewer aangedui, 1944.

Wood, C.T. *The Anglican Church in Bloemfontein: A short account.* Bloemfontein: geen uitgewer aangedui, 1946.

I. BIOGRAFIESE WOORDEBOEKE, BIBLIOGRAFIEË EN ENSIKLOPEDIEË

Beyers, C.J. (red.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 4. Durban: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Butterworth, 1981.

Beyers, C.J. en J.L. Basson (reds.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 5. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987.

Consolidated encyclopaedia 10. Londen: Consolidated World Research Society, 1946.

De Kock, W.J. (red.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1968.

De Kock, W.J. en D.W. Krüger (reds.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 2. Kaapstad: Tafelberg, 1972.

De Vries, J. (red.). *Winkler Prins algemeene encyclopaedie* 16. Amsterdam: N.V. Elsevier Uitgevers-Maatschappij, 1938.

Krüger, D.W. en C.J. Beyers (reds.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3. Kaapstad: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.

Potgieter, D.J. (red.). *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 2 en 4 (Eerste uitgawe). Londen: Nasionale Boekhandel, 1970-1971.

Schoeman, K. (samesteller). *Bibliografie van die Oranje-Vrystaat tot 31 Mei 1910* (Suid-Afrikaanse Biblioteek Grey-Bibliografieë nr. 13). Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1984.

Workman, B. *Purnell's new English Encyclopedia* 12(13). Londen: Purnell & Sons, 1968.

J. ELEKTRONIESE BRONNE

"A. E. Viljoenplein", <Google earth>, geraadpleeg 25.4.2012.

"African religions: burial and mourning customs", <http://www.deathreference.com/A-Bi/African-Religions.html>, geraadpleeg 12.11.2011.

"African Renaissance", <http://www.satour.co.za/more/articles/africanrenaissance.php>, geraadpleeg 8.1.2010.

"The Afrikaners of South Africa", <http://strategyleader.org/profiles/afrikaner.html>, geraadpleeg 30.6.2010.

"A history of the Magic Lantern", <http://www.magiclantern.org.uk/busch-german/busch-german.html>, geraadpleeg 29.6.2013.

"Alcohol and drug concerns; a brief history",,<http://adconcerns.wordpress.com/>, geraadpleeg 21.7.2013.

Andrei, M. "Reasons why there wasn't stress in the good old days", <http://www.zmescience.com/other/9-reasons-why-there-wasnt-stress-in-the-good-old-days-000007/>, geraadpleeg 10.10.2012.

"Anglicaanse Kerk", <http://nl.wikipedia.org/wiki/Anglicaanse_Kerk>, geraadpleeg 22.12.2009.

"An introduction to Buffaloism as practiced by the Grand Lodge of Southern Africa", <http://www.raob.co.za/nintro.html>, geraadpleeg 16.7.2013.

"A procession of the International Order of Good Templars in Berwick-on-Tweed in 1937", <http://www.rosslyntemplars.org.uk/berwick_on_tweed.htm>, geraadpleeg 31.5.2004.

Aronstam, S. *Address: South African Jewish Communities, Bloemfontein*, p. 2, <http://www.jewishgen.org/safrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 5.11.2010.

Aronstam, "S.M. South African Jewish communities: Bloemfontein. A history of the Jewish community archives", <http://www.jewishgen.org/SAfrica/communities/8/index.htm>, geraadpleeg 30.9.2010.

"Band of hope", <http://www.spartacus.schoolnet.co.uk/REhope.htm>, geraadpleeg 19.7.2013.

Bantsijang, M. "Independent Order of True Templars IOTT", <http://www.slideshare.net/Bantsijang/independent-order-of-true-templars>, geraadpleeg 21.7.2013.

"The Bar Mitzvah", <http://www.beingjewish.com/cycle/barmitzva.html>, geraadpleeg 21.11.2011.

"The Basotho", <http://www.roediger.co.za/Touring%20Documents/basotho.pdf>, geraadpleeg 8.1.2010.

"Bloemfontein/Federated Caledonian Societies of South Africa", <http://scotlandsa.co.za/category/bloemfontein/ >, geraadpleeg 14.11.2013.

"Bloemfontein – history", <http://www.africatravelling.net/south_africa/bloemfontein/bloemfontein_history.htm>, geraadpleeg, 7.12.2010.

"Bloemfontein/Mangaung, 'one city, many histories' ", <http://www.sahistory.org.za/pages/places/villages/freeState/bloemfontein.php>, geraadpleeg 13.7.2010.

"Bloemfontein/Mangaung – community histories: Sotho (South Sotho or Basotho)", <http://www.sahistory.org.za/people-south-africa/sotho-south-sotho-or-basotho?page=4>, p. 3, geraadpleeg 28.5.2013.

Bolsmann, C. "The 1899 Orange Free State football team tour of Europe: 'Race', imperial loyalty and sporting contest", <http://eprints.aston.ac.uk/16771/1/The_1899_Orange_Free_State_Football_Team_Tour.pdf>, geraadpleeg 4.11.2013.

"Book of symbols", <http://webhome.idirect.com/~gaga1/symbols.html>, geraadpleeg 4.11.2011.

"The bridesmaids' luncheon", <http://weddings.weddingchannel.com/wedding-planning-ideas/bridal-party/articles/the-bridesmaids-luncheon.aspx?MsdVisit=1>, geraadpleeg 17.11.2011.

"Cape smoke", <http://www.thefreedictionary.com/Cape+smoke>, geraadpleeg 25.11.2011.

"Christys' hats",<http://www.christys-hats.com/>, geraadpleeg 4.7.2011.

"Conversazione",<http://www.merriam-webster.com/dictionary/conversazione>, geraadpleeg 17.5.2013.

"Conversazione", <http://www.oxforddictionaries.com/definition/english/conversazione>, geraadpleeg 17.5.2013.

Dalene, "Outydse mosbolletjies", <http://www.boerekos.com/article.php/20070329190822220>, geraadpleeg 15.07.2011.

"Definition of conversazione", <http://www.oxforddictionaries.com/definition/english/conversazione>, geraadpleeg 18.10.2013.

"Die Voortrekker en sy medisyne", <https://:www.afrikanergeskiedenis.co.za/wp-content/uploads/2011/10/Voortrekkers-se-medisyne.pdf+baLSEM+COPIVA>, geraadpleeg 9.10.2012.

Drummond, L. *Spurgeon: prince of preachers: a new look at the 19th century greatest preache*r, p. 785, <http://books.google.co.za/books?id=u2I6TWXFEmQC&pg=PA785&lpg=PA785&dq=charles+spurgeon+jr&source=bl&ots=q6wsHUIix4spurgeon+jr&source=bl&ots=q6wsHUIix4&sig=QJ487eXp3sUKl0xaHBxfJn1Ljk&hl=en&sa=X&ei=d4-kUe7dGuWQ7AbyyoCIDA&ved=0CGIQ6AEwBw#v=onepage&q=charles%20spurgeon%20jr&f=false>, geraadpleeg 28.5.2013.

"Emil von Behring", <http://www.enotes.com/emil-von-behring-reference/emil-von behring>, geraadpleeg 26.12.2011.

"Eunice High School", <http://www.eunice.co.za/welcome.html>, geraadpleeg 7.7.2010.

"Exchange rates table for South African Rand, South Africa", <http://www.x-rates.com/d/ZAR/table.html>, geraadpleeg 12.5.2010.

"Feast of St. Andrew", <http://www.saintandrew.us/st-andrews-day.html>, geraadpleeg 18.10.2013.

"Fingo people", <http://en.wikipedia.org/wiki/Fingo_people>, geraadpleeg 10.4.2011.

"The first Keswick Convention", <http://www.christianity.com/church/church-history/timeline/1801-1900/the-first-keswick-convention-11630576.html>, geraadpleeg 28.5.2013;

Fitzpatrick, M. *Lonely planet South Africa, Lesotho en Swaziland*, 2006, p. 97, <http://www.amazon.com/Lonely-Planet-Africa-Lesotho-Swaziland/dp/1740599705/ref=sr_1_2?s=booksenie =UTF8enqid=1310562417ensr=1-2#_>, geraadpleeg 13.7.2011.

Fullerton, W.Y. *Charles Haddon Spurgeon: a biography*, <http://www.spurgeon.org/misc/biopref.htm#toc>, geraadpleeg 28.5.2013.

"Grand Lodge of England. The Royal Antediluvian Order of Buffaloes", <http://www.raobgle. org.uk/about-2/>, geraadpleeg 16.7.2013.

Graves, D. “The first Keswick Convention”, <http://www.christianity.com/church/church-history/timeline/1801-1900/the-first-keswick-convention-11630576.html>, geraadpleeg 28.5.2013

“Grey College”, <http://www.gc.co.za/AboutGrey/History.aspx>, geraadpleeg 7.7.2010.

Hoppe, M. “The Victorian wedding. Part one - preparation”, <http://www.literary-liaisons.com/article 003.html>, geraadpleeg 7.11.2011.

Hoppe, M.“The Victorian wedding. Part two – the ceremony and reception”,<http://www. literary-liaisons.com/article 003.html>, geraadpleeg 7.11.2011.

“Images of Mezuzah”, <http://www.mezuzahshop.com/buy-mezuzah-online.php>, geraad-pleeg, 11.1.2012.

“Indian South Africans. From bondage to freedom – The 150th anniversary of the arrival of Indian workers in South Africa”, <http://www.sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/culture%20&%20heritage/cultural-groups/indian.htm>, geraadpleeg 22.11.2010.

“IOGT International”, <http://www.iogt.org/>, geraadpleeg 28.6.2013.

“J.R.R. Tolkien: a biographical sketch”, <http://www.tolkiensociety.org/tolkien/biography.html>, geraadpleeg, 10.11.2010.

“Keswick Ministries. Background”, <http://www.keswickministries.org/about-us/who-we-are>, geraadpleeg 28.5.2013.

“Kruielys. Kruie kraai koning”, <http://www.kruiekraaikoning.co.za/afrikaans/herbs/index.html>, geraadpleeg 7.10.2012.

“Lake”, <http:/www.thefreedictionary.com/Lake>, geraadpleeg 2.8.2012.

“Lake colours”, <http://www.standardcon.com/lakecolours.htm>, geraadpleeg, 2.8.2012.

Mancoe, J. “List of names of some of the deceased in reference to Bloemfontein”, *Bloemfontein Bantu and coloured people’s directory*. First edition, <http://www.sahistory.org.za/pages/library-resources/onlinebooks/Bloem/bantu-List%20of%20Some%20Deceased%20people.html>, geraadpleeg 27.3.2011.

“Mezuzah: what, why and how of mezuzot”, <http://judaism.about.com/library/3blessingsprayers/bl_mezuza.htm>, geraadpleeg, 11.1.20102.

“Mfengu”, <http://www.britannica.com/EBchecked/topic/379579/Mfengu>, geraadpleeg 18.4.2011.

“Miller Hats”, <http://www.millerhats.com/homburg_index/homburgindex.html>, geraad-pleeg 1.1.2012.

Motheo District Municipality, <http://www.motheo.co.za/tourism/pdf/adv_attract culture.pdf>, geraadpleeg 8.1.2010.

Ngcongco, L. “Origins of the Tswana”, <http://archive.lib.msu.edu/DMC/African%20Journals/pdfs/PULA/pula001002/pula001002003.pdf>, geraadpleeg 9.4.2011.

Nunn, J. “What Victorian children wore”, <http://www.victorianweb.org/art/costume/nunn14.html>, geraadpleeg 27.4.2011.

“Nyama: traditional food”, <http://www.etraffic.co.za/nyama-traditional-food.html>, geraadpleeg 8.1.2010.

“Omnibus”, <http://wwwaudioenglish.net/dictionary/omnibus.htm>, geraadpleeg, 1.8.2012.

The Order of St. John, working to improve the health and wellbeing of people across the world”, <http://www.orderofstjohn.org/>, geraadpleeg 18.7.2013.

“Pigments”, <http://www.visual-arts-cork.com/artist-paints/colour-pigmentshtm>, geraadpleeg, 2.8.2012.

Powell, C. “Bridal flowers: history of wedding orange blossoms”, <http://www.victoriana.com/bridal/powell/blossoms.htm>, geraadpleeg 4.11.2011.

“Proper attire for the Victorian groom”, <http://www.victoriana.com/bridal/groom.htm>, geraadpleeg 7.11.2011.

Rawal, T.S. “What is freemasonry? – A paper addressed to non-masons”,<http://www.freemasons-freemasonry.com/rawal.html>, geraadpleeg 9.1.2009.

“Rechabites and others – the temperance friendly societies”, <http://www.historyshelf.org/shelf/friend/12.php>, geraadpleeg 1.7.2013.

“Rolong tribe”, <http://en.wikipedia.org/wiki/Rolong_tribe>, geraadpleeg 10.4.2011.

“Rooms-Katholieke kerk”, <http://nl.wikipedia.org/wiki/Rooms-katholieke_Kerk>, geraadpleeg 22.12.2009.

Rosslyn Templars. “Masonic Parade? Berwick on Tweed – 19th June 1937”, <http://www.rosslyntemplars.org.uk/berwick_on_tweed.htm>, geraadpleeg 31.5. 2004.

“Royal Antediluvian Order of Buffaloes”, <http://www.stichtingargus.nl/vrijmetselarij/raob_en.html>, geraadpleeg 16.7.2013.

“Rudy’s list of archaic medical terms: Latin/English glossary of causes of death and other archaic medical terms”, <http://www.antiquusmorbus.com/International/Latin.htm>, geraadpleeg 12.12.2011.

“The Salvation Army. Southern Africa Territory. History”, <http://www.salvationarmy.org.za/index.php/about-us/history>, geraadpleeg 8.4.2013.

“The Salvation Army. Southern Africa. Organization”, <http://www.givengain.com/cause/2443/about/>, geraadpleeg 8.4.2013.

Sechefo, J. “Basotho beliefs: superstitions, beliefs and customs”, <http://www.malealea.co.ls/basotho-culture/basotho-beliefs.html>, geraadpleeg 12.11.2011.

Schubert, J. “Germans in South Africa: an introduction”,<http://www.safrika.org/intro_en.html>, geraadpleeg 14.7.2010.

“Sir Donald Currie”, <http://ancestry24.com/currie-sir-donald/>, geraadpleeg 24.10.2013.

“Smoking concert”, <http://www.merriam-webster.com/dictionary/smoking%20concert>, geraadpleeg 11.1.2014.

South African History Online, “Indian South Africans. From bondage to freedom – The 150th anniversary of the arrival of Indian workers in South Africa”, <http://www.sahistory.org.za/pages/cultural-groups/indian.htm>, geraadpleeg 22.11.2010.

South African History Online. “People of South Africa. Cultural groups in South Africa: Sesotho”, <http://www.sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/culture%20heritage/cultural-groups/sesotho.htm>, geraadpleeg 8.1.2010.

South African History Online. “People of South Africa. Cultural groups in South Africa: Tswana”, <http://www.sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/culture%20heritage/cultural-groups/tswana.htm>, geraadpleeg 9.6.2009.

South African History Online. “South African History Timelines. Anti-Indian Legislation 1859-1960”,<http://www.sahistory.org.za/pages/chronology/special-chrono/governance/anti-indian-legislation.html>, geraadpleeg 9.6.2010.

South African History Online. “The history of Indians in South Africa”, <http://www.sahistory.org.za/pages/artsmediaculture/culture%20&%20heritage/indian-history/index htm>, geraadpleeg 9.6.2010.

South African Tourism. “Basotho dishes: ancient, modern and delicious. Basotho dining deluxe”, <http://www.southafrica.net/sat/content/en/us/full-article?oid=19382&sn=Detail & pid=464>, geraadpleeg 13.7.2011.

“Spiritual and historical background of the Brotherhood of the Blessed Gérard”, <http://www.bbg.org.za/org/code/background.htm>, geraadpleeg 18.7.2013.

“St. Andrews Bloemfontein School Magazines”, <http://ancestry24.com/st-andrews-bloemfontein-school-magazines/>, geraadpleeg 30.7.2013 en 30.9.2013.

“St. Margaret’s Church, Bloemfontein”, <http://stmargaretschurch.co.za/about.html>, geraadpleeg 20.12.2012.

“St. Michael’s School for Girls”, <http://www.stms.co.za/default.aspx>, geraadpleeg 16.7.2010 en 2.10.2013.

Stoddard, P.O. “Culture of Lesotho”, <http://www.everyculture.com/Ja-Ma/Lesotho.html>, geraadpleeg 30.7.2010.

“Sutherlandia and cancer”, <http://www.sutherlandia.org/cancer.htm>, geraadpleeg 7.10.2012.

“Temperance movement”, <http://www.britannica.com/EBchecked/topic/586530/temperance-movement>, geraadpleeg 20.7.2013.

“Thiange, Eduard”, <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/arch_det.php?archid= 1698 &bldgorder=%60tblbldg%60.%60name%60&orderby=&initial=&source=1>, geraadpleeg 13.2.2011.

“Thirst quenchers”, <http://funkymunky.co.za/thirsty.html>, geraadpleeg 18.11.201.

“This day in history – 14 May 1836: Fingo leaders gather at Peddie”, <http://www.sahistory.org.za/pages/chronology/thisday/1835-05-14.html>, geraadpleeg 11.4.2011.

“To burn in effigy”, <http://www.thefreedictionary.com/To+burn+in+effigy>, geraadpleeg 20.11.2011.

“To burn in effigy”, <http://dictionary.reference.com/browse/in+effigy>, geraadpleeg 20.11.2011.

“Trebelli (Gillebert), Zelia,” <http://themusicdictionary.org/trebelligilbert1-zelia/>, geraadpleeg 24.11.2013.

“The Tswana”, <http://www.encounter.co.za/article/94.html>, geraadpleeg 9.4.2011.

“The Tswana people”, <http://setswana.blogspot.com/2005/10/tswana-people.html>, geraadpleeg 9.4.2011.

“Tswana religion”, <http://www.philtar.ac.uk/encyclopedia/sub/tswana.html>, geraadpleeg 30.5.2013.

“Tully, John Collingwood”, <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/arch_det.php?archid=1753&orderby=&initial=&source=1>, geraadpleeg 24.2.2011.

“Universiteit van Suid-Afrika”, <http://www.unisa.ac.za/140/index.php/history/>, geraadpleeg 4.9.2013.

Vaal Triangle Info Encyclopedia. “Freemasonry”, <http://www.vaaltriangleinfo.co.za/ wiki/index.php?title=Freemasonry>, geraadpleeg 9.9.2005.

“Verstedeliking – Sosiologiese, logistiese en omgewingsimplikasies”, <http://myfundi.co.za/a/Verstedeliking:_Sosiologiese,_logistiese_en_omgewingsimplikasies>, geraadpleeg 21.11.2011.

“Victorian boy’s wear”, <http://www.logicmgmt.com/1876/shopping/boyswear.htm>, geraadpleeg 27.4.2011.

"Victorian men's fashions, 1850-1900: coats and jackets", <http://www.victorianweb.org/art costume/nunn18.html>, geraadpleeg 30.7.2012.

"Wagonette", <http://www.merriam-webster.com/dictionary/wagonette>, geraadpleeg 1.8. 2012.

"Wagonette", <http://www.thefreedictionary.com/wagonette>, geraadpleeg 1.8.2012.

"Wentink, Dirk Egbert", <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes.php?archid =1867>, geraadpleeg 13.2.2011.

"What is IOGT", <http://www.iogt-usa.com/html/main.html>, geraadpleeg 31.52004.

"When Cobb & Co. was king", <http://www.cobbandco.net.au/features/68-when-cobb-a-co-was-king.html>, geraadpleeg 4.8.2012.

"Who was St. Patrick?", <http://www.history.com/topics/who-was-saint-patrick>, geraadpleeg 18.10.2013.

"Wocke, Richard Colnor Albert", <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes php?archid=1924>, geraadpleeg 14.2.2011.

Zaayman, V. "Vertel my van Vrymesselary", <http://www.freemason.org.za/Vertel%20my %20van.htm>, geraadpleeg 1.7.2010.

K. ONGEPUBLISEERDE VERSLAE, REFERATE EN ARTIKELS

Loubscher, S. *Middle and Late Victorian furniture*. Referaat gelewer tydens die Oos-Kaapse Konferensie van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging in Queenstown, 6-9 Oktober 1991. (Ongepubliseerde manuskrip.)

Philip, L. *Phase 1 impact assessment of the dormant Jagersfontein mine (Free State) in terms of archaeological and other heritage sites*. (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Museum, Bloemfontein, 31.3.2009.)

Roberts, E.N. *The Bloem Fontein*. (Ongepubliseerde artikel, Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein, ca. 1950.)

Roodt Vennootskap. *Restourasie van die Ou Presidensie. Vierde verslag: ameublement*. (Ongepubliseerde verslag, 1974.)

Venter, M. (samesteller), *President Brand-begraafplaas, Bloemfontein.* (Ongepubliseerde verslag, Bloemfontein, Julie 2005.)

L. MUSEUM- EN VISUELE BRONNE

Africana Biblioteek, Johannesburg

General plan of the city of Bloemfontein compiled from the best available sources by Wood and Ortlepp, July 1900.

Nasionale Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN), Bloemfontein

NALN69.51: Korrespondensie oor die restourasie en inrigting van die Museum Ou Presidensie, 1980-1985.

Nasionale Museum, Bloemfontein

Departement Geskiedenis, Fotokopie van brief, Advokaat Gladys Steyn – Yvonne Steyn, 4.9.1965.

GD474, spyskaart: Banket tydens opening van die spoorlyn tussen Bloemfontein en Kaapstad, Desember 1890.

GD534, spyskaart: Bloemfontein-banket ter ere van Joseph Chamberlain en mev. Chamberlain, Julie 1903.

GD1255: “Generaal plan van de stad Bloemfontein, saamgesteld en verkleind van de oorspronklyke en supplementaire plannen van de Heeren G. Baumann, E. Bourdillon & A.A. Ortlepp, Gouvt. Landmeters, door J.J. Herfst, Dec. 1896 (retraced by W. Josephs, July 1901).”

Departement Argeologie 1915/1: “Orange Free State, Bloemfontein. Surveyed by the Colonial Survey Section. R.E. 1910. Cadastral work compiled in Surveyor General’s Office, Bloemfontein, 1912. Engraved by Messrs. W. & A.K. Johnston Ltd. Edinburgh and printed at the War Office, 1913.”

Departement Argeologie: “Imperial map of South Africa. Compiled for Field Intelligence Department, Cape Town, by John Wood, April 1900.”

Mondelinge onderhoud, mnr. Derek du Bruyn, oral historian. Nasionale Museum, Bloemfontein, 11.11.2011.

01/328, foto: sitkamer van Kaya Lami, woonhuis van Gustaven Caroline Fichardt, 1890’s.

01/419: foto, straat in Waaihoek, ca. 1900.

01/1020, foto: ’n gedekte tafel in die eetkamer van die Presidensie, ca. 1900.

01/1024, foto: sitkamer van die Presidensie, Bloemfontein, ca. 1893.

01/1157, foto: Eerste Raadsaal met twee syvleuels, ca. 1900.

01/1370, foto: Gordonstraatbrug oor spruit, ca. 1894.

01/1497, foto: Baptiste-kerk, ca. 1896.

01/1672: St. Philip-kerk interieur, ca. 1894.

01/7113: St. Philip-kerk gesien vanaf die fort, ca. 1914.

01/1776, foto: huis van P. Elffers, Bloemfontein, ca. 1900's.

01/1997, foto: Rose Lodge, huis van Carl Borckenhagen, ca. 1890.

01/2103, foto: Anglikaanse bisdomsinode in Bloemfontein, 1880's.

01/2017, foto: Kafferfontein, ca. 1890's.

01/2135, foto: die Fichardt-seuns van Bloemfontein, ca. 1890.

01/2212, foto: Arthur Tolkien, bestuurder van die Bank van Afrika, met sy gesin en bediendes by hulle huis in Bloemfontein, 1892.

01/2218, foto: Kerkstraatbrug, ca. 1892.

01/2636, foto: Volkshospitaal teen die hange van Naval Hill, ca. 1894.

01/2695, foto: swart gemeente van St. Mary Magdeline by Bishop's Glen, laat 1890's.

01/2697, foto: swart gemeente van St. George's Kerk, Trompsburg, 1890's,

01/2808, foto: Anglikaanse susters en twee lekehelpsters voor St. Michael's Home, ca. 1877.

01/3106, foto, Kafferfontein, ca. 1894.

01/3575, foto: swart gemeente van Thaba Nchu, ca. 1897.

01/5985, foto: gesinsdrag 1890-1900. Man en vrou.

01/5998, foto: gesinsdrag 1890-1900. Man, vrou en seuntjie.

01/6000, foto: gesinsdrag 1890-1900. Ouerpaar, drie dogters en 'n seun.

01/6015, foto: gesinsdrag 1890-1900. Vader, dogter en twee seuns.

01/6021, foto: gesinsdrag 1890-1900. Ouerpaar en klein dogtertjie.

01/6026, foto: gesinsdrag 1890-1900. Ouerpaar met drie seuns en 'n dogter.

01/6229, foto: 'n Swart Vrystaatse kindermeisie met 'n wit baba op haar skoot.

01/6756, foto: die Innes-gesin van Bloemfontein aan die agterkant van hul woning in Kerkstraat, die dag voor Katie Innes se huwelik met Charlie Fichardt, 1895.

01/6970: foto: roostuin van dr. B.O. Kellner, 1890's.

01/7212-042: Foto van Bloemfontein-stasiegebou, ca. 1900.

Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein

VA725, foto: pres. Reitz en sy gesin in koets voor die Presidensie, 1890’s.

VA5746, foto: Nasionale Bank, ca. 1892 met tweede verdieping aangebou.

VA6902/14, foto: Nasionale Bankgebou, ca. 1877.

OPSOMMING

Francis William Reitz was vanaf Januarie 1889 tot Desember 1895 die vyfde staatspresident van die Boererepubliek Oranje-Vrystaat. Hierdie studie bespreek Bloemfontein as stoflike kultuurmilieu en geestelike kultuurtuiste, sowel as die leefwyse van die inwoners, gedurende die bewind van pres. Reitz. Tydens die Reitz-tydperk het Bloemfontein vinnig ontwikkel en die gemeenskap het ’n aantal vêrreikende veranderinge beleef. Die aanlê in 1890 van die eerste spoorlyn tot by Bloemfontein het nuwe markte geskep wat tot ’n toename in welvaart en bevolkingsgroei gelei en ’n tyd van vinnige ontwikkeling vir die Vrystaatse hoofstad meegebring het. So is meer huise gebou en die infrastruktuur ontwikkel, terwyl daar verbeterings op talle gebiede was. Teen die einde van die Reitz-tydperk was Bloemfontein ’n vooruitstrewende dorp met ’n wye verskeidenheid besighede, indrukwekkende openbare geboue, deftige huise, goeie skole, verskeie kerklike denominasies en ’n model swart woonbuurt of lokasie.

Die koms van die spoorlyn het Bloemfontein se vroeëre isolasie verbreek en kontak met ander dorpe en stede het toegeneem. Die blanke bevolking van die Vrystaatse hoofstad was kosmopolitaans en Nederlandssprekende Afrikaners, Engelssprekendes, Duitsers en Jode het ’n leidende rol in die gemeenskap gespeel. Oor die algemeen het inwoners van verskillende kultuurgroepe goeie verhoudinge gehandhaaf en blanke persone van alle kultuurgroepe is gewoonlik hartlik in die Bloemfonteinse gemeenskap verwelkom. Die verhouding tussen wit en swart inwoners was dié van baas teenoor kneg en swart en bruin mense was aan heelwat regulasies en beperkings onderworpe. Derhalwe was die lewensomstandighede van bruin en swart inwoners swakker as dié van die blankes. Hoewel Bloemfontein min Indiër-inwoners gehad het, is Asiate in 1890 verbied om in die Oranje-Vrystaat te boer of besighede te bedryf, met die gevolg dat die meeste Indiër-handelaars die Vrystaatse hoofstad in die 1890’s verlaat het, terwyl die vestiging van nuwe Asiërs ten sterkste ontmoedig is. Ofskoon Nederlands die amptelike taal van die republiek was, is daar hoofsaaklik Engels in Bloemfontein gepraat sodat die Vrystaatse hoofstad in die 1890’s ’n sterk Engelse karakter gehad het. Teen hierdie tyd was Nederlands reeds besig om geleidelik in Afrikaans te ontwikkel.

In die 1890’s was Bloemfontein met sy gesonde, droë klimaat wêreldwyd bekend as gesondheidsoord, veral vir persone met longkwale. Van oor die hele wêreld het pasiënte na

Bloemfontein gekom op soek na beter gesondheid. Ten spyte van die gesonde klimaat het swak sanitêre toestande en besoedelde water soms tot epidemies soos witseerkeel, maagkoors en pokke gelei wat ’n toename in die sterftesyfer tot gevolg gehad het. Droogtes, sprinkaanplae en die onderverdeling van eens groot plase het aanleiding gegee tot die toestroming van armblankes (veral Afrikaners) na die Vrystaatse hoofstad, op soek na werk.

Die sosiale lewe van die meer welgestelde deel van die blanke bevolking was informeel en bedrywig en daar was nie ’n tekort aan ontspanning en vermaak nie. Na die koms van die spoorlyn het vele buitelandse vermaakkunstenaars, sangers en toneelgeselskappe in Bloemfontein opgetree, terwyl die hoofstad ook oor sy eie talentvolle sangers en musici beskik het. ’n Verskeidenheid kultuurverenigings en organisasies het die inwoners se lewe verder verryk. Die sterk Laat-Victoriaanse invloed was veral merkbaar in die kleredrag, interieurinrigting, meubels, voedsel, tuinuitleg en sosiale tradisies van Bloemfontein se inwoners.

Die kerk en godsdiens het feitlik op elke terrein van die inwoners se lewe ’n invloed gehad, aangesien godsdiens vir die inwoners van kardinale belang was. Beide die kerk en staat was by die onderwys betrokke en in 1895 het die Oranje-Vrystaat die eerste Suid-Afrikaanse staat geword wat ’n stelsel van verpligte onderwys vir blanke kinders ingestel het. Die Anglikaanse Kerk het ’n belangrike rol in die onderwys van bruin en swart mense gespeel.

Sleutelwoorde: Bloemfontein, pres. F.W. Reitz, Laat-Victoriaans, kultuur, argitektuur, interieur, verenigings, vermaak, kerke, onderwys.

SUMMARY

Francis William Reitz served as the fifth State President of the Boer republic of the Orange Free State from January 1889 to December 1895. This study discusses both the material and non-material culture of Bloemfontein and the way of life of the inhabitants, during President Reitz's time in office. During the Reitz period the town of Bloemfontein developed rapidly and the community underwent far-reaching changes. The arrival of the first railway in Bloemfontein in 1890 was the main incentive for the town's rapid development and created new markets, resulting in greater prosperity and an increase in population. This in turn resulted in a growth in housing, the development of infrastructure and improvements in many areas. By the end of the Reitz period the Free State capital was a prosperous town with a relatively wide range of businesses, impressive public buildings, stately houses, several good schools, a wide range of religious denominations and a model black township.

The advent of the railway marked the end of the town's previous isolation, and contact with other towns and people was expanded. The white population was of cosmopolitan origin but the Dutch-speaking Afrikaners, English-speaking inhabitants, Germans and Jews, all played a leading role in the community. In general persons of different nationalities were on good terms with each other and white people of different nationalities were welcomed heartily to the Bloemfontein community of those days. The relationship between white and black inhabitants was that of master and servant and blacks were subjected to many regulations and restrictions. Therefore the social conditions of the brown and black people were inclined to be poor. Bloemfontein only had a very small Indian community, and in 1890 the Indians were prohibited from farming or conducting businesses in the Orange Free State, with the result that most of the Indian traders soon left Bloemfontein. New Indian settlement was largely discouraged. Dutch was the official language of the Boer republic, but English was so widely spoken in Bloemfontein that the Free State capital had a predominantly English character. By this time Dutch was already gradually developing into Afrikaans.

In the 1890s Bloemfontein, with its dry healthy climate, was widely known as a health resort, especially for people with lung diseases and consumption. Patients from all over the world came to the Free State capital in search of better health. But despite the healthy climate, poor

sanitary conditions and polluted water sometimes led to epidemics, such as diphtheria, typhoid fever and smallpox, and an increase in the death rate. Drought, locust plagues and the division of former large farms into smaller units, gave rise to an increased influx of poor-white people (especially Afrikaners) to the capital, in search of jobs.

The social life of the more prosperous part of the white population was informal and lively and there was no shortage of recreation and entertainment. After the coming of the railway many overseas entertainers performed in Bloemfontein. The capital also had its own talented singers and musicians, and a variety of cultural societies and organizations enriched the lives of the inhabitants further. The strong Late Victorian influence was reflected in the clothing, interior decoration, furniture, food, garden layout and social traditions of Bloemfontein's inhabitants. The church and religion influenced almost every aspect of the people's lives, as they regarded religion to be of prime importance. Both the government and church were involved with education and in 1895 the Orange Free State became the first South African country to implement a system of compulsory education for white children. The Anglican Church played a vital role in the education of brown and black people.

Keywords: Bloemfontein, President F.W. Reitz, Late Victorian, culture, architecture, interior decoration, societies, entertainment, churches, education.